

**‘N SPELTERAPIEPROGRAM VIR DIE ADOLESSENTE DOGTER WAT
SEKSUEEL MISBRUIK IS.**

ETNA KOTZE

**‘N SPELTERAPIEPROGRAM VIR DIE ADOLESSENTE DOGTER WAT
SEKSUEEL MISBRUIK IS**

deur

ETNA KOTZE

Voorgelê ter vervulling van ‘n deel van die vereistes vir die graad

DPhil

in

MAATSKAPLIKE WERK

in die

**Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria**

PROMOTOR: DR J.M.C. JOUBERT

PRETORIA

MEI 2006

DANKBETUIGINGS

My grootste dank gaan aan my Hemelse Vader vir die wonderlike geleentheid om verder te studeer en al Sy genade betoon teenoor my.

Baie dankie vir my man, Johan Kotze, vir sy onvoorwaardelike liefde en ondersteuning.

Vir my ouers, Wilna en Steve Mentz, wil ek baie dankie sê vir al hulle liefde en ondersteuning.

Baie dankie vir my vriende se belangstelling en begrip wanneer ek moes werk.

Baie dankie aan Dr. Joubert vir al die ondersteuning en aanmoediging om hierdie studie te voltooi.

Ek wil ook die personeel by PATCH (Prevention and Treatment of Child Abuse in the Helderberg) bedank vir hulle bemoediging en ondersteuning. Monica Fölscher (eenheidsbestuurder) wat dit vir my moontlik gemaak het om hierdie studie by PATCH te voltooi. Dankie aan Anne Baxter wat met die tikwerk gehelp het en Vuyokazi Ngalwa vir haar hulp tydens dienslewering aan die Xhosa adolessente.

Dankie aan Mnr. W. Rheeder vir sy hulp met die taalkundige versorging.

Dankie aan Mindi Flemming vir haar hulp met die illustrasie van die speltherapieprogram.

‘n Spesiale dankie aan die kinders wat deelgeneem het aan die navorsing; sonder julle sou die studie nie moontlik gewees het nie.

**Opedra aan my ouers,
Wilna en Steve Mentz, en
my man, Johan Kotze.**

OPSOMMING

‘N SPELTERAPIEPROGRAM VIR DIE ADOLESSENTE DOGTER WAT SEKSUEEL MISBRUIK IS.

deur

ETNA KOTZE

PROMOTOR: DR. J.M.C. JOUBERT

DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK EN KRIMINOLOGIE

DPhil: MAATSKAPLIKE WERK

Hierdie navorsing handel oor ‘n spelterapieprogram wat ontwikkel, geïmplementeer en geëvalueer is met adolessente dogters van verskillende etniese groepe, naamlik Xhosa, Kleurling en blank. Vyf dogters van elke etniese groep is by wyse van doelgerigte steekproeftrekking geselekteer. Die doelstelling van die studie was om ‘n spelterapieprogram vir dienslewering aan die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, te ontwikkel, te implementeer en te evalueer.

Ten einde hierdie doelstelling te bereik is inligting ingesamel en ‘n teoretiese raamwerk opgebou met behulp van ‘n literatuurstudie. ‘n Kritiese ondersoek is gedoen na bestaande intervensieprogramme vir adolessente wat seksueel misbruik is, ‘n spelterapieprogram vir die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, is ontwikkel, geïmplementeer, geëvalueer en aanbevelings is gemaak ten opsigte van benutting van die program met die verskillende etniese groepe, naamlik Xhosa, Kleurling en blank.

Toegepaste navorsing is gedoen deurdat die navorser reeds bestaande kennis geëksploiteer het ter verkryging van nuwe kennis ten einde die onmiddellike probleme aan te spreek wat die professionele persoon in die praktyk ervaar. Binne die konteks van toegepaste navorsing was die oogmerk van hierdie studie om intervensienavorsing te doen.

Die navorser het van ‘n enkelstelselontwerp, A-B-A-A, gebruik gemaak, ten einde die effektiwiteit van die spelterapieprogram met adolessente dogters van drie verskillende etniese groepe, naamlik Xhosa, Kleurling en blank, te bepaal. ‘n Navorsingshipotese is gestel, naamlik: Indien die spelterapieprogram geïmplementeer word met die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, dan sal dit lei tot verbetering van haar selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente.

Die navorser het van Creswell se gemengdemetodologie-ontwerpmodel gebruik gemaak. ‘n Gestandaardiseerde metingskaal, naamlik die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool, is gebruik om die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, se

selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente voor en na intervensie te meet. Die navorser het 'n semi-gestruktureerde onderhoud aan die hand van 'n onderhoudskedule, met die respondente se ouer(s) voor en na afloop van die intervensie gevoer. Die navorser het tydens die speltherapie sessies die respondente waargeneem, veldnotas gemaak en het elke sessie beskryf met behulp van verslagskrywing. Die navorser het drie maande na die na-meting 'n opvolgonderhoud met die adolessent en ouers(s) gevoer, ten einde die langtermyn effek van die speltherapieprogram drie maande na terminering te monitor.

Elke respondent wat deelgeneem het aan die navorsing en met wie die terapeutiese proses voltooi is, se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente het verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die speltherapieprogram dus suksesvol gebruik kan word met die drie etniese groepe, naamlik Xhosa, Kleurling en blank.

SUMMARY

A PLAY THERAPY PROGRAMME FOR THE ADOLESCENT GIRL THAT WAS SEXUALLY ABUSED.

by

ETNA KOTZE

PROMOTER: DR. J.M.C. JOUBERT

DEPARTEMENT OF SOCIAL WORK AND CRIMINOLOGY

DPhil (SOCIAL WORK)

This research deals with a play therapy programme that was developed, implemented and evaluated with fifteen adolescent girls from three different ethnical backgrounds, namely Xhosa, Coloured and white. Five girls from each respective ethnical background were selected by means of purposeful sampling. The goal of this research was to implement and evaluate a play therapy programme for die adolescent girl that was sexually abused.

In order to achieve this goal, information was gathered and a theoretical framework built with the help of a literature study. A critical investigation was done on existing intervention programmes for adolescents that were sexually abused, a play therapy programme for the adolescent girl that was sexually abused was developed, implemented, evaluated and recommendations were made for the use of the programme with the different ethnical groups, namely Xhosa, Coloured and white.

Applied research was done; the researcher exploited existing knowledge to gather new knowledge to address immediate problems that professional people experience in practice. Within the context of applied research the goal of this study was to do intervention research.

The researcher used a single-system design, A-B-A-A, to determine the effectiveness of the play therapy programme with adolescent girls from three ethnical groups, namely: Xhosa, Coloured and white. A Research hypothesis was made, namely: If the play therapy programme is implemented with the adolescent girl, her self-perception and trauma-dynamic-elements will improve.

The researcher used Creswell's mixed methodology design model. A standardized scale, namely the Child Functioning Inventory - High School, was used to measure the adolescent girls' self-perception and trauma-dynamic-elements before and after intervention. The researcher conducted a semi-structured interview, in conjunction with an interview schedule, with the respondent's parent(s) before and after intervention. The researcher observed the respondents during the therapy sessions, field notes were made

and every session were describe by means of report writing. The researcher had a follow-up interview three months after the post measurement with the adolescent and parent(s), to monitor the long-term effect of the play therapy programme after termination.

The self-perception and trauma-dynamic-elements of every respondent that took part in the research and completed the therapeutic process, improved. The conclusion can therefore be made that the play therapy programme can be used successfully with the three ethnical groups, namely Xhosa, Coloured and white.

SLEUTELTERME

SEKSUELE MISBRUIK

VERKRAKTING

ONSEDELIKE AANRANDING

STATUTÊRE VERKRAKTING

ADOLESSENT

KULTUUR

SELPERSEPSIE

TRAUMA-DINAMIKA

TRAUMA

SPELTERAPIE

GESTALTBENADERING

KEY TERMS

SEXUAL ABUSE

RAPE

INDECENT ASSAULT

STATUTORY RAPE

ADOLESCENT

CULTURE

SELF PERCEPTION

TRAUMA-DINAMICS

TRAUMA

PLAY THERAPY

GESTALT APPROACH

INHOUDSOPGAWE**HOOFSTUK 1****ALGEMENE INLEIDING TOT DIE ONDERSOEK**

1.1	Inleiding	1
1.2	Motivering vir die keuse van die onderwerp	2
1.3	Probleemformulering	5
1.4	Doel van die studie	9
1.4.1	Doelstelling	10
1.4.2	Doelwitte	10
1.5	Hipotese	11
1.6	Navorsingsbenadering	12
1.7	Soort navorsing	14
1.8	Navorsingsontwerp	15
1.9	Navorsingsprosedures en werkwyse	16
1.9.1	Fase 1: Probleemanalise en projekbeplanning	16
1.9.1.1	Identifisering en betrekking van kliënte	16
1.9.1.2	Verkry toegang en die samewerking van instellings	17
1.9.1.3	Identifiseer die bekommernisse en probleme van die gemeenskap	17
1.9.1.4	Analiseer geïdentifiseerde probleem	18
1.9.1.5	Doelstelling en doelwitte	18
1.9.2	Fase 2: Inligting insameling	18
1.9.2.1	Gebruik bestaande inligtingsbronne	18
1.9.2.2	Bestudeer natuurlike voorbeelde	19
1.9.2.3	Identifiseer funksionele elemente van suksesvolle modelle	20
1.9.3	Fase 3: Ontwerp	21
1.9.3.1	Ontwerp 'n waarneembare sisteem	21
1.9.3.2	Spesifiseer prosedure-elemente van die intervensie	22
1.9.4	Fase 4: Vroeë ontwikkeling en die voortoets	23
1.9.4.1	Ontwikkel 'n protokol of inleidende intervensie	23

1.9.4.2	Uitvoer van voortoets	23
1.9.4.3	Pas die ontwerp kriteria op die inleidende intervensie konsep toe	24
1.9.5	Fase 5: Evaluasie en gevorderde ontwikkeling	24
1.9.5.1	Selekteer 'n eksperimentele ontwerp	24
1.9.5.2	Versamel en analiseer data	24
1.9.5.3	Herhaal die intervensie onder veldomstandighede	25
1.9.5.4	Verfyn die intervensie	25
1.9.6	Fase 6: Verspreiding	26
1.10	Voorondersoek	26
1.10.1	Konsultasie met kundiges	26
1.10.2	Uitvoerbaarheid van die ondersoek	27
1.10.3	Toetsing van meetinstrument / onderhoudskedule / program	28
1.10.4	Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming	28
1.11	Etiese aspekte	30
1.12	Probleme ervaar tydens die navorsing	32
1.13	Definisie van hoofkonsepte	34
1.13.1	Seksuele misbruik	34
1.13.2	Adolesensie	35
1.13.3	Spel terapie	36
1.13.4	Selfpersepsie	37
1.13.5	Trauma dinamika	38
1.14	Indeling van navorsingsverslag	38

HOOFSTUK 2

ADOLESENSIE: KINDERONTWIKKELINGSTEORIEË EN DIE INVLOED VAN KULTURELE ASPEKTE OP ADOLESSENTE

2.1	Inleiding	40
2.2	Adolesensie	41
2.3	Die begrip kultuur	42
2.4	Adolesensie as ontwikkelingsfase	44
2.4.1	Liggaamlike en fisiologiese ontwikkeling	44

2.4.1.1	Puberteit	45
2.4.1.2	Implikasies van vroeë ontwikkeling en laat liggaamsrypheid	46
2.4.1.3	Adolesente groeitempo	48
2.4.1.4	Kulturele aspekte ten opsigte van die adolessent se liggaamlike en fisiologiese ontwikkeling	49
2.4.2	Kognitiewe ontwikkeling	51
2.4.2.1	Piaget se kognitief-ontwikkelingsteorie	52
2.4.2.1.1	Formeel-operasionele fase (11 jaar en ouer)	53
2.4.2.2	Kulturele aspekte ten opsigte van kognitiewe ontwikkeling	54
2.4.3	Morele ontwikkeling	55
2.4.3.1	Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling	56
2.4.3.1.1	Vlak 2: Konvensionele moraliteit / Die vlak van konvensionele reëlkonformering	56
2.4.3.1.2	Vlak 3: Postkonvensionele vlak	57
2.4.3.2	Kulturele aspekte ten opsigte van morele ontwikkeling	59
2.4.4	Seksualiteitsontwikkeling	60
2.4.4.1	Freud se psigo-seksuele ontwikkelingsteorie	65
2.4.4.1.1	Genitale fase (12 tot 18 jaar)	66
2.4.4.2	Kulturele aspekte ten opsigte van seksualiteit	67
2.4.5	Persoonlikheidsontwikkeling	70
2.4.5.1	Identiteitsvorming en die “self”	71
2.4.5.2	Selfpersepsie	72
2.4.5.3	Selfbeeld	74
2.4.5.4	Vorming van ‘n gevoel van identiteit	75
2.4.5.4.1	Erik Erikson se teorie oor adolessensie: Identiteit teenoor rolleverwarring	75
2.4.5.5	Faktore wat identiteitsvorming beïnvloed	78
2.4.5.6	Beroepskeuse	79
2.4.5.7	Kulturele aspekte ten opsigte van persoonlikheidsontwikkeling	80
2.4.6	Sosiale ontwikkeling	85

2.4.6.1	Ouers-adolesent verhouding	87
2.4.6.1.1	Kulturele aspekte ten opsigte van die adolesent-ouer verhouding	89
2.4.6.2	Die adolesente portuurgroep	90
2.4.6.3	Kulturele aspekte ten opsigte van adolesente se konflik-oplossingstrategieë	94
2.5	Ontwikkelingstake van die adolesent	95
2.6	Samevatting	95

HOOFSTUK 3

DIE IMPAK VAN SEKSUELE MISBRUIK OP DIE ADOLESENT WAT SEKSUEEL MISBRUIK IS

3.1	Inleiding	98
3.2	Vier faktore wat trauma veroorsaak by die adolesent wat seksueel misbruik is	99
3.2.1	Traumatiese seksualisering	102
3.2.2	Stigmatisasie	104
3.2.3	Verraad	106
3.2.4	Hulpeloosheid	108
3.3	Die gevolge van seksuele misbruik	110
3.3.1	Die emosionele gevolge	111
3.3.1.1	Depressie	113
3.3.1.2	Skuldgevoelens	113
3.3.1.3	Lae selfbeeld	115
3.3.1.4	Angs	116
3.3.1.5	Skaamte	119
3.3.1.6	Woede	125
3.3.2	Interpersoonlike gevolge	129
3.3.2.1	Gevoelens van stigmatisasie en om “anders te wees” as ander	129
3.3.2.2	Vrees vir intimiteit en vermyding van verhoudings	130
3.3.2.3	Onvermoë om ander te vertrou	131
3.3.2.4	Verswakte sosiale verhoudings	131
3.3.2.5	Verswakte verhoudings met mans, vroue en ouers	132

3.3.2.6	Swak verhoudings met ander kinders en gevoelens van isolasie	132
3.3.2.7	Hoë voorkoms van herhaling van seksuele misbruik	133
3.3.3	Gedragsgevolge	134
3.3.3.1	Selfskending (krap, byt, sny van dele van die liggaam)	135
3.3.3.2	Selfmoord	138
3.3.3.3	Eetversteurings (anorexia nervosa en bulimia)	139
3.3.3.4	Middelemisbruik	141
3.3.3.5	Regressiewe gedrag	142
3.3.4	Kognitiewe en perseptuele gevolge	142
3.3.4.1	Kognitiewe verdraaiing (vergrotting, verkleining, oorveralgemening, misinterpretasie, spring tot gevolgtrekkings, redenering, onakkurate en onrealistiese kennisies oor die self, ander en die wêreld)	142 emosionele
3.3.4.2	Dissosiasie (versteuring of verandering in die normale geïntegreerde funksies van identiteit, geheue, of bewustheid)	143
3.3.4.3	Amnesie (verswakking of onvermoë van kognitiewe, sensoriese, motoriese en effektiewe geheue)	145
3.3.4.4	Persoonlikheidsversteuring (die voorkoms in die persoon van twee of meer persoonlikhede of persoonlikheidsfasies)	147
3.3.4.5	Perseptuele versteurings / Hallusinasies (herhalende gehoor, visueel en tashallusinasies)	148
3.3.4.6	Ontkenning ('n verdedigingsmeganisme teen pynlike gevoelens en die weiering om sekere ervarings as die waarheid te aanvaar)	148
3.3.4.7	Projeksie ('n verdedigingsmeganisme waartydens gevoelens of gedrag wat onaanvaarbaar vir die self is, aan ander persone of voorwerpe toegeskryf word)	148
3.3.4.8	Aggressiewe gedrag (die direkte uitdrukking van 'n onbewustelike wens of impuls om sodoende bewustheid van gevoelens en stres te vermy)	148
3.3.4.9	Verplasing ('n sielkundige verdedigingsmeganisme wat die individu toelaat om tydelik afgelei te word deur aandag te fokus op iets anders wat 'n veilige afstand en onverwant is aan die kernkonflik)	149
3.3.4.10	Verdraaiing ('n metode waardeur die individu 'n vals persepsie oor hulself en ander bevorder)	149
3.3.4.11	Regressie na 'n toestand van disorganisasie (psigose) en 'n akute verlies aan beheer oor gedrag (die resultaat van blootstelling aan verskeie eksterne stres)	149
3.3.4.12	Nagmerries	149
3.3.5	Fisiese gevolge	150
3.3.6	Seksuele funksioneringsgevolge	152

3.3.6.1	Onvermoë om seks van affeksie te skei	155
3.3.6.2	Oorseksualisering, prostitusie en promiskuiteit	155
3.3.6.3	Verwarring oor seksuele oriëntasie	156
3.4	Samevatting	158

HOOFSTUK 4 SPELTERAPIE VANUIT DIE GESTALTBENADERING

4.1	Inleiding	160
4.2	Die oorsprong en ontwikkeling van gestaltterapie	161
4.3	Kernaspekte van gestaltterapie	164
4.3.1	Holisme	165
4.3.2	Figuur en agtergrond	165
4.3.3	Homeostase / Selfregulasie	167
4.3.4	Hier-en-Nou	169
4.3.5	Bou van 'n terapeutiese verhouding	170
4.3.6	Onvoltooidhede	172
4.3.7	Polariteite	173
4.3.8	Bewustheid	174
4.3.9	Verantwoordelikheid vir jou lewe	176
4.3.10	Kontak	177
4.3.10.1	Introjekte	179
4.3.10.2	Projeksie	180
4.3.10.3	Retrofleksie	182
4.3.10.4	Defleksie	183
4.3.10.5	Desensitasie	183
4.3.10.6	Samevloeiing	184
4.3.11	Die struktuur van die persoonlikheid	184
4.3.11.1	Die valse laag	184
4.3.11.2	Rollespel	185
4.3.11.3	Die impasselaag	185
4.3.11.4	Die implosiewe laag	186
4.3.11.5	Die eksplosiewe laag	186
4.4	Gestaltterapietegnieke	187
4.4.1	Die leë-stoeltegniek	187
4.4.2	Vergroting of oordrywing	188

4.4.3	Praat “met” die ander persoon	188
4.4.4	Bewuswordingstegnieke: Taal	188
4.4.4.1	Praat in die eerste taal	188
4.4.4.2	Uitskakeling van wysigings en ontkenning	189
4.4.4.3	Gebruik die aktiewe stem	190
4.4.4.4	Verander vrae in stellings	190
4.4.4.5	Wees konkreet en spesifiek	190
4.4.5	Bewuswordingstegnieke: Nie-verbale kommunikasie	191
4.4.5.1	Bewuswording van die liggaam	191
4.4.6	Drome	192
4.5	Beperkinge en positiewe aspekte van gestaltterapie	194
4.6	Speltherapie as kommunikasiemedium	195
4.7	Doelwitte van speltherapie	197
4.8	Die rol van die spelterapeut	198
4.9	Die spelterapieproses	201
4.10	Speltherapietegnieke	204
4.10.1	Kuns of skeppende spel: Klei / Tekeninge	204
4.10.2	Bibliospel	208
4.10.3	Ontspanningspel of assesseringspel: Bordspeletjies	211
4.10.4	Gedramatiseerde spel: Musiek en drama	213
4.11	Samevatting	214

HOOFSTUK 5

TERAPIEVAARDIGHEDEN EN BEGINSELS OM DIE TRAUMADINAMIKA-ELEMENTE EN SELFPERSEPSIE VAN DIE ADOLESENT WAT SEKSUEEL MISBRUIK IS TE VERBETER

5.1	Inleiding	218
5.2	Terapievaardighede	219
5.2.1	Waarneming	220
5.2.2	Om aktief te luister	222
5.2.3	Help die adolessent om haar storie te vertel	224

5.2.4	Die hantering van weerstand en oordrag	227
5.2.5	Die hantering van onaanvaarbare en selfdestruktiewe gedrag	230
5.2.6	Fasiliteer positiewe gedragsverandering	231
5.3	Algemene beginsels tydens werk met adolessente wat seksueel misbruik is	233
5.3.1	‘n Nie-beoordelende houding	233
5.3.2	Nooi die adolessent uit om te sê wat sy wil	234
5.3.3	Wees positief	235
5.3.4	Moenie aanvangstellings uitdaag nie	235
5.3.5	Dekodeer en ondersteun die motivering van die simptome	235
5.3.6	Doen aanvanklik eerder indirekte werk as direkte werk	236
5.3.7	Bespreek probleme op ‘n algemene manier	236
5.3.8	Gebruik “wat as” intervensies	237
5.3.9	Toon respek en behou duidelike grense	237
5.3.10	Vermy ‘n “magstryd”	238
5.3.11	Wees kreatief en dinamies	238
5.3.12	Maak gebruik van nie-verbale vorme van terapie	239
5.3.13	Werk “in konteks”	239
5.4	Ontwikkelingsaspekte van die adolessent wat die terapeutiese proses kan beïnvloed	240
5.4.1	Gee erkenning aan die adolessent se selfgesentreerdheid	240
5.4.2	Moedig samewerking aan	240
5.4.3	Moedig objektiwiteit aan	241
5.4.4	Gebruik vraagstelling	241
5.4.5	Daag digotomiese denke uit	242
5.4.6	Betrek ander betekenisvolle persone	242
5.5	Die terapeut moet in kontak met die “kind” in haar wees	243
5.5.1	Die politiek van volwasse-kinderverhoudings en die politiek van seksuele misbruik	244
5.5.2	Betroubaarheid en die terapeutiese proses	248
5.6	Terminering van terapie	249
5.7	Riglyne om die adolessent te assesser tydens gestaltspelterapie	250
5.8	Kritiese aspekte tydens terapie met getraumatiseerde kinders	253
5.8.1	Keer terug na die pyn	253
5.8.2	Terapie tydens verskillende ontwikkelingsfases	254
5.8.3	Betrokkenheid van die adolessent se versorgers	254

5.8.4	Direkte en oop benadering	257
5.8.5	Intensiteit en genot	258
5.8.6	Multidimensionele strategie	259
5.9	Samestelling van die Kinderfunksioneringsinventaris – Hoërskool (KFI-Hoër)	260
5.9.1	Selfpersepsie	260
5.9.1.1	Angstigheid en vrese	261
5.9.1.2	Skuldgevoelens	262
5.9.1.3	Gebrek aan selfwaarde	263
5.9.1.4	Isolasie	264
5.9.1.5	Verantwoordelikheid vir gevolge teenoor ander	265
5.9.1.6	Gebrek aan selfgelding	266
5.9.2	Trauma-dinamika	267
5.9.2.1	Geheueverlies	267
5.9.2.2	Frustrasie	267
5.9.2.3	Hulpeloosheid	268
5.9.2.4	Houding teenoor volwassenes	268
5.9.2.5	Wantroue	269
5.9.2.6	Stigma	270
5.9.2.7	Liggaamsbeeld	270
5.9.2.8	Persoonlike grense	271
5.9.2.9	Skoolprobleme	273
5.9.2.10	Alkoholgebruik	273
5.9.2.11	Dwelmgebruik	273
5.10	Samevatting	274

HOOFSTUK 6

‘N SPELTERAPIEPROGRAM VIR ADOLESSENTE WAT SEKSUEEL MISBRUIK IS

6.1	Inleiding	276
6.2	Die spelterapieprogram	278
6.2.1	Bou van ‘n terapeutiese verhouding	284
6.2.1.1	Die lewenslyn	287
6.2.1.2	My veiligheid	289
6.2.1.3	Insamel van inligting van die voorval	291
6.2.1.4	Die visbak	292
6.2.1.5	My liggaamgevoelens	293

6.2.1.6	Nie-verbale gevoelens	294
6.2.1.7	Weersverslag	295
6.2.1.8	Kleivoorstellings	296
6.2.2	Hulpeloosheid	296
6.2.2.1	Reaksies van belangrike persone in die adolessent se lewe na onthulling van die seksuele misbruik	297
6.2.2.2	Terugflitse	298
6.2.2.3	Sintuie van die liggaam	300
6.2.2.4	Kom ons maak ballonne van die stene in ons lewe	302
6.2.2.5	Positiewe denke	303
6.2.2.6	7 de Laan	304
6.2.2.7	Hofvoorbereiding	305
6.2.2.8	Kognisie	306
6.2.2.9	My Regte	308
6.2.2.10	Slaapprobleme	309
6.2.2.11	Persoonlike spasie	310
6.2.3	Stigmatisasie	312
6.2.3.1	Skuldgevoelens / ambivalente gevoelens	312
6.2.3.2	Meer van myself	314
6.2.3.3	My naam	315
6.2.3.4	Onvoltooide sinne	315
6.2.3.5	My selfbeeld	316
6.2.3.6	Boodskappe	317
6.2.3.7	Teenoorgesteldes in my	317
6.2.3.8	Selfgeldende gedrag	318
6.2.3.9	Hantering deur die professionele persone	319
6.2.4	Verraad	319
6.2.4.1	Meryl Maharajh se storie	320
6.2.4.2	Vertroue	321
6.2.4.3	Die Vulkan-aktiwiteit	322
6.2.4.4	Waar in jou liggaam “voel” jy kwaadgevoelens?	323
6.2.4.5	Die verkeersligaktiwiteit	324
6.2.4.6	Konflikhantering	326
6.2.4.7	Uitlaatklep	327
6.2.4.8	Musiektekeninge	328
6.2.4.9	Ontspanningsoefeninge	329
6.2.5	Traumatiese seksualisering	332

6.2.5.1	Hartsnare	332
6.2.5.2	Interpersoonlike verhoudings	333
6.2.5.3	Liefdestale	334
6.2.5.4	Ken mekaar	335
6.2.5.5	Reg of verkeerd	336
6.2.5.6	Afspraakverkragting / “Date rape”	337
6.2.5.7	Verkragtingsdwelm / “Date rape drug”	338
6.2.5.8	Feite en mites oor seksuele misbruik	339
6.2.6	Terminering	339
6.2.6.1	Bordspeletjie	340
6.2.6.2	Natoets	341
6.2.6.3	Opvolg natoets	341
6.3	Samevatting	341

HOOFSTUK 7

EMPIRIESE GEGEWENS EN NAVORSINGSBEVINDINGS TEN OPSIGTE VAN DIE KLEURLING ADOLESSENTE

7.1	Inleiding	343
7.2	Die navorsingsproses	344
7.2.1	Doelstelling van die studie	344
7.2.2	Doelwitte van die studie	344
7.2.3	Hipotese	345
7.2.4	Navorsingsbenadering	345
7.2.5	Soort navorsing	346
7.2.6	Navorsingsontwerp	346
7.2.7	Universum en responskoers	347
7.3	Werkswyse wat in die uitvoering van die studie gevolg is	348
7.4	Kwalitatiewe data van die studie	349
7.5	Kwantitatiewe data	350
7.5.1	Data-insameling	350
7.5.2	Analisering van die data	351
7.6	Bespreking van die gevallestudies	351
7.6.1	Biografiese inligting van gevallestudie een: Lucy Reef	351
7.6.1.1	Agtergrondinligting van Lucy Reef	351
7.6.1.2	Impak van die beweerde verkragting op Lucy volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Lucy se moeder, mev. Reef	352

7.6.1.3	Verloop van sessie een. Teenwoordig: Lucy Reef en mev. Reef	353
7.6.1.4	Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Lucy	354
7.6.1.5	Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Lucy	355
7.6.1.6	Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Lucy	355
7.6.1.7	Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Lucy	357
7.6.1.8	Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Lucy	357
7.6.1.9	Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Lucy	359
7.6.1.10	Verloop van agt. Teenwoordig: Lucy	359
7.6.1.11	Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Lucy	360
7.6.1.12	Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Lucy en mev. Reef	361
7.6.1.13	Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Lucy	362
7.6.1.14	Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Lucy	363
7.6.1.15	Verloop van sessie dertien en veertien. Teenwoordig: Lucy	364
7.6.1.16	Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Lucy	364
7.6.1.17	Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Lucy	365
7.6.1.18	Verloop van sessie sewentien en agtien. Teenwoordig: Lucy (sessie sewentien) en Lucy en mev. Reef (sessie agtien)	366
7.6.1.19	Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: Lucy	367
7.6.1.20	Verloop van sessie twintig. Teenwoordig: Lucy	367
7.6.1.21	Verloop van sessie een-en-twintig. Teenwoordig: Lucy	368
7.6.1.22	Verloop van sessie twee-en-twintig. Teenwoordig: Lucy	369
7.6.1.23	Verloop van sessie drie-en-twintig. Teenwoordig: Lucy	369
7.6.1.24	Verloop van sessie vier-en-twintig. Teenwoordig: Lucy	370
7.6.1.25	Verloop van sessie vyf-en-twintig. Teenwoordig: Lucy, mev. Reef, die maatskaplike werker van die betrokke welsyn.	371
7.6.1.26	Verloop van sessie ses-en-twintig en sewe-en-twintig. Teenwoordig: Lucy.	371
7.6.1.27	Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Reef na afloop van die terapeutiese dienslewering aan Lucy.	372
7.6.1.28	Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die spelterapiëprogram	373
7.6.1.29	Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge	376
7.6.2	Biografiese inligting van gevallestudie twee: Julie Dowling	377
7.6.2.1	Agtergrondinligting van Julie Dowling	377
7.6.2.2	Impak van die beweerde seksuele misbruik op Julie volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Julie se moeder, mev. Dowling	377
7.6.2.3	Verloop van sessie een. Teenwoordig: mev. Dowling, Julie en familielid wat die saak rapporteer het	379
7.6.2.4	Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Julie en mev. Dowling	379
7.6.2.5	Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Julie	380
7.6.2.6	Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Julie	381
7.6.2.7	Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Julie	382
7.6.2.8	Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Julie	383
7.6.2.9	Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Julie	383

7.6.2.10	Verloop van sessie agt. Teenwoordig: Julie en mev. Dowling	384
7.6.2.11	Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Julie en mev. Dowling	385
7.6.2.12	Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Julie	386
7.6.2.13	Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Julie	387
7.6.2.14	Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Julie	387
7.6.2.15	Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Julie	388
7.6.2.16	Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Julie	389
7.6.2.17	Verloop van sessie vyftien en sestien. Teenwoordig: Julie, mev. Dowling en maatskaplike werker van betrokke welsyn (sessie vyftien) en Julie (sessie sestien)	390
7.6.2.18	Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: Julie	391
7.6.2.19	Verloop van sessie agtien. Teenwoordig: Julie	391
7.6.2.20	Verloop van sessie negentien en twintig. Teenwoordig: Julie	392
7.6.2.21	Verloop van sessie een-en-twintig. Teenwoordig: Julie	393
7.6.2.22	Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Dowling na afloop van terapeutiese dienslewering aan Julie.	393
7.6.2.23	Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram	395
7.6.2.24	Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge	397
7.6.3	Biografiese inligting van die gevallestudie drie: Mischka Beukes	398
7.6.3.1	Agtergrondinligting van Mischka Beukes	398
7.6.3.2	Impak van die beweerde seksuele misbruik op Mischka volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Mischka se moeder, mev. Beukes	398
7.6.3.3	Verloop van sessie een. Teenwoordig: Mischka en mev. Beukes	400
7.6.3.4	Verloop van sessie twee en drie. Teenwoordig: Die skoolhoof, mev. Beukes, die klasonderwyser, en Mischka (sessie twee) en Mischka, mev. Beukes en die ondersoekbeampte (sessie drie)	400
7.6.3.5	Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Mischka	401
7.6.3.6	Verloop van sessie vyf en ses. Teenwoordig: Mischka en mev. Beukes (sessie vyf) en mnr. Beukes (sessie ses)	402
7.6.3.7	Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Mischka	402
7.6.3.8	Verloop van sessie agt en nege. Teenwoordig: Mischka	403
7.6.3.9	Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Mischka	404
7.6.3.10	Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Mischka	405
7.6.3.11	Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Mischka	406
7.6.3.12	Verloop van sessie dertien en veertien. Teenwoordig: Mischka	407
7.6.3.13	Verloop van sessie vyftien en sestien. Teenwoordig: Mischka	408
7.6.3.14	Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: Mischka	409
7.6.3.15	Verloop van sessie agtien. Teenwoordig: Mischka	410
7.6.3.16	Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: Mischka	411
7.6.3.17	Verloop van sessie twintig. Teenwoordig: Mischka	411
7.6.3.18	Verloop van sessie een-en-twintig. Teenwoordig: Mischka	412
7.6.3.19	Verloop van sessie twee-en-twintig. Teenwoordig: Mischka	412

7.6.3.20	Verloop van sessie drie-en-twintig. Teenwoordig: Mischka	413
7.6.3.21	Verloop van sessie vier-en-twintig. Teenwoordig: Mischka en mev. Beukes	414
7.6.3.22	Verloop van sessie vyf-en-twintig en ses-en-twintig. Teenwoordig: Mischka	414
7.6.3.23	Verloop van sessie sewe-en-twintig. Teenwoordig: Mischka	415
7.6.3.24	Verloop van sessie agt-en-twintig. Teenwoordig: Mischka	415
7.6.3.25	Verloop van sessie nege-en-twintig. Teenwoordig: Mischka en mev. Beukes	416
7.6.3.26	Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram	417
7.6.3.27	Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge	419
7.6.4	Biografiese inligting van die gevallestudie vier: Gillian Johnson	420
7.6.4.1	Agtergrondinligting van Gillian Johnson	420
7.6.4.2	Impak van die beweerde seksuele misbruik op Gillian volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Gillian se voog, mev. Koen	421
7.6.4.3	Verloop van sessie een. Teenwoordig: Gillian	422
7.6.4.4	Verloop van sessie twee en drie. Teenwoordig: Gillian	422
7.6.4.5	Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Gillian	423
7.6.4.6	Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Gillian	424
7.6.4.7	Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Gillian	424
7.6.4.8	Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Gillian	425
7.6.4.9	Verloop van sessie agt. Teenwoordig: Gillian	426
7.6.4.10	Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Gillian	427
7.6.4.11	Verloop van sessie tien en elf. Teenwoordig: Gillian	427
7.6.4.12	Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Gillian	428
7.6.4.13	Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Gillian	429
7.6.4.14	Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Gillian	429
7.6.4.15	Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Gillian	430
7.6.4.16	Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Gillian	431
7.6.4.17	Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: mev. Koen, Gillian se voog	431
7.6.4.18	Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram	432
7.6.4.19	Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge	435
7.6.5	Biografiese inligting van die gevallestudie vyf: Natalie Bruwer	435
7.6.5.1	Agtergrondinligting van Natalie Bruwer	436
7.6.5.2	Impak van die beweerde seksuele misbruik op Natalie volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Natalie se moeder, mev. Bruwer	437
7.6.5.3	Verloop van sessie een. Teenwoordig: Natalie en mev. Bruwer	438
7.6.5.4	Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Natalie	438
7.6.5.5	Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Natalie en mev. Bruwer	439

7.6.5.6	Verloop van sessie vier en vyf. Teenwoordig: mev. Bruwer (sessie vier) en Natalie (sessie vyf)	439
7.6.5.7	Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Natalie	440
7.6.5.8	Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Natalie	441
7.6.5.9	Verloop van sessie agt. Teenwoordig: Natalie en mev. Bruwer	442
7.6.5.10	Verloop van sessie nege en tien. Teenwoordig: mev. Bruwer (sessie nege) en Natalie (sessie tien)	442
7.6.5.11	Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Natalie	443
7.6.5.12	Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Natalie	443
7.6.5.13	Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Natalie en mev. Bruwer	444
7.6.5.14	Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Natalie	445
7.6.5.15	Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Natalie	445
7.6.5.16	Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Natalie en mev. Bruwer	446
7.6.5.17	Verloop van sessie sewentien en agtien. Teenwoordig: Natalie	446
7.6.5.18	Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: mev. Bruwer	447
7.6.5.19	Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram	449
7.6.5.20	Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindings	451
7.7	Samevatting	451

HOOFSTUK 8

EMPIRIESE GEGEWENS EN NAVORSINGSBEVINDINGS TEN OPSIGTE VAN DIE XHOSA ADOLESSENTE

8.1	Inleiding	453
8.2	Bespreking van die gevallestudies	453
8.2.1	Biografiese inligting van gevallestudie een: Lea Theron	453
8.2.1.1	Agtergrondinligting van Lea Theron	453
8.2.1.2	Impak van die beweerde onsedelike aanranding op Lea volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Lea se pleegouers, mnr. en mev. Dunn	454
8.2.1.3	Verloop van sessie een. Teenwoordig: Lea, mnr. en mev. Dunn	455
8.2.1.4	Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Lea	456
8.2.1.5	Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Lea en mev. Dunn	457
8.2.1.6	Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Lea	458
8.2.1.7	Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Lea	458
8.2.1.8	Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Lea	459
8.2.1.9	Verloop van sessie sewe en agt. Teenwoordig: mnr. en mev. Dunn (sessie sewe) en Lea (sessie agt)	460
8.2.1.10	Verloop van sessie nege en tien. Teenwoordig: Lea	461
8.2.1.11	Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Lea	462
8.2.1.12	Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Lea	462
8.2.1.13	Verloop van sessie dertien en veertien. Teenwoordig: Mnr. en mev. Dunn, en die maatskaplike werker van die betrokke	463

	welsynsorganisasie (sessie dertien) en Lea (sessie veertien)	
8.2.1.14	Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Lea en mev. Dunn	464
8.2.1.15	Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Lea	464
8.2.1.16	Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: Lea	465
8.2.1.17	Verloop van sessie agtien. Teenwoordig: Lea	466
8.2.1.18	Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: Lea	467
8.2.1.19	Verloop van sessie twintig. Teenwoordig: Lea	467
8.2.1.20	Verloop van sessie een-en-twintig. Teenwoordig: Lea	468
8.2.1.21	Verloop van sessie twee-en-twintig. Teenwoordig: Lea en die maatskaplike werker van die betrokke welsynsorganisasie	469
8.2.1.22	Verloop van sessie drie-en-twintig en vier-en-twintig. Teenwoordig: Lea	469
8.2.1.23	Verloop van sessie vyf-en-twintig. Teenwoordig: Lea	470
8.2.1.24	Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mnr. en mev. Dunn na afloop van die terapeutiese dienslewering aan Lea.	470
8.2.1.25	Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram	472
8.2.1.26	Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge	474
8.2.2	Biografiese inligting van gevallestudie twee: Mandy Lewis	475
8.2.2.1	Agtergrondinligting van Mandy Lewis	475
8.2.2.2	Impak van die beweerde verkragting op Mandy volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met haar oom, mnr. Lewis	476
8.2.2.3	Verloop van sessie een. Teenwoordig: Mandy, twee vriendinne en Vuyokazi	477
8.2.2.4	Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi	478
8.2.2.5	Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi	478
8.2.2.6	Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi	479
8.2.2.7	Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi	479
8.2.2.8	Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi	480
8.2.2.9	Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi	481
8.2.2.10	Verloop van sessie agt en nege. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi	481
8.2.2.11	Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi	482
8.2.2.12	Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi	482
8.2.2.13	Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi	483
8.2.2.14	Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi	483
8.2.2.15	Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi	484
8.2.2.16	Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi	484
8.2.2.17	Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi	485
8.2.2.18	Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: Mandy en mnr. Lewis, haar oom.	486
8.2.2.19	Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram	487
8.2.2.20	Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge	489

8.2.3	Biografiese inligting van die gevallestudie drie: Mia Koense	490
8.2.3.1	Agtergrondinligting van Mia Koense	490
8.2.3.2	Impak van die beweerde statutêre verkragting op Mia volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Koense	490
8.2.3.3	Verloop van sessie een. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi	492
8.2.3.4	Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi	493
8.2.3.5	Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Mia en Jackie (tolk)	494
8.2.3.6	Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi	494
8.2.3.7	Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi	495
8.2.3.8	Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi	496
8.2.3.9	Verloop van sessie sewe en agt. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi	496
8.2.3.10	Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi	497
8.2.3.11	Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi	498
8.2.3.12	Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi	499
8.2.3.13	Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi	499
8.2.3.14	Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi	500
8.2.3.15	Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Mev. Koense en Vuyokazi	501
8.2.3.16	Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram	503
8.2.3.17	Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge	505
8.2.4	Biografiese inligting van die gevallestudie vier: Kate Xaki	506
8.2.4.1	Agtergrondinligting van Kate Xaki	506
8.2.4.2	Impak van die beweerde verkragting op Kate volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Xaki	507
8.2.4.3	Verloop van sessie een. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi	508
8.2.4.4	Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi	509
8.2.4.5	Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi	509
8.2.4.6	Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi	510
8.2.4.7	Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi	511
8.2.4.8	Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi	511
8.2.4.9	Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi	512
8.2.4.10	Verloop van sessie agt. Teenwoordig: Mev. Koense	513
8.2.4.11	Verloop van sessie nege en tien. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi	514
8.2.4.12	Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi	515
8.2.4.13	Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Kate en Jackie (tolk)	515
8.2.4.14	Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram	516
8.2.4.15	Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge	518
8.2.5	Biografiese inligting van die gevallestudie vyf: Adri Samuals	519
8.2.5.1	Agtergrondinligting van Adri Samuals	519
8.2.5.2	Impak van die beweerde verkragting op Adri volgens die onder-	520

	houd aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Samuals	
8.2.5.3	Verloop van sessie een. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi	521
8.2.5.4	Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi	522
8.2.5.5	Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi	522
8.2.5.6	Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi	523
8.2.5.7	Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi	524
8.2.5.8	Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi	525
8.2.5.9	Verloop van sessie sewe en agt. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi	525
8.2.5.10	Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi	526
8.2.5.11	Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi	526
8.2.5.12	Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi	527
8.2.5.13	Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Adri, mev. Samuals en Vuyokazi	528
8.2.5.14	Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Adri, mev. Samuals en Vuyokazi	528
8.2.5.15	Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Adri	529
8.2.5.16	Verloop van verdere dienslewering	530
8.2.5.17	Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram	530
8.2.5.18	Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge	532
8.3	Samevatting	533

HOOFSTUK 9

EMPIRIESE GEGEWENS EN NAVORSINGSBEVINDINGS VAN DIE BLANKE ADOLESSENTE

9.1	Inleiding	535
9.2	Bespreking van die gevallestudies	535
9.2.1	Biografiese inligting van gevallestudie een: Nicolette Kotze	535
9.2.1.1	Agtergrondinligting van Nicolette Kotze	535
9.2.1.2	Impak van die beweerde seksuele misbruik op Nicolette volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Nicolette se pleegmoeder, mev. Kotze	536
9.2.1.3	Verloop van sessie een. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	538
9.2.1.4	Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	538
9.2.1.5	Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	539
9.2.1.6	Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	540
9.2.1.7	Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Nicolette en die beweerde oortreder se seun, Jason	541
9.2.1.8	Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	541
9.2.1.9	Verloop van sessie sewe en agt. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	542
9.2.1.10	Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	544
9.2.1.11	Verloop van sessie tien en elf. Teenwoordig: Nicolette en mev.	544

	Kotze	
9.2.1.12	Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	545
9.2.1.13	Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	546
9.2.1.14	Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	546
9.2.1.15	Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Nicolette, mev. Kotze en haar nuwe vriend	547
9.2.1.16	Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	547
9.2.1.17	Verloop van sessie sewentien en agtien. Teenwoordig: Nicolette	548
9.2.1.18	Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	549
9.2.1.19	Verloop van sessie twintig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	550
9.2.1.20	Verloop van sessie een-en-twintig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	551
9.2.1.21	Verloop van sessie twee-en-twintig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	552
9.2.1.22	Verloop van sessie drie-en-twintig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	552
9.2.1.23	Verloop van sessie vier-en-twintig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	553
9.2.1.24	Verloop van sessie vyf-en-twintig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	554
9.2.1.25	Verloop van sessie ses-en-twintig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	555
9.2.1.26	Verloop van sessie sewe-en-twintig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	555
9.2.1.27	Verloop van sessie agt-en-twintig. Teenwoordig: Nicolette, mev. Kotze en haar verloofde	556
9.2.1.28	Verloop van sessie nege-en-twintig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	557
9.2.1.29	Verloop van sessie dertig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	558
9.2.1.30	Verloop van sessie een-en-dertig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze	558
9.2.1.31	Verloop van sessie twee-en-dertig. Teenwoordig: Nicolette	559
9.2.1.32	Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Kotze	559
9.2.1.33	Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram	562
9.2.1.34	Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge	565
9.2.2	Biografiese inligting van gevallestudie twee: Jessie Barnard	566
9.2.2.1	Agtergrondinligting van Jessie Barnard	566

9.2.2.2	Impak van die beweerde verkragting op Jessie Barnard volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Barnard	566
9.2.2.3	Verloop van sessie een. Teenwoordig: Jessie en mev. Barnard	569
9.2.2.4	Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Jessie en mev. Barnard	569
9.2.2.5	Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Jessie en haar suster	570
9.2.2.6	Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Jessie en mev. Barnard	571
9.2.2.7	Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Jessie en mev. Barnard	572
9.2.2.8	Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Jessie en mev. Barnard	573
9.2.2.9	Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Jessie Barnard	574
9.2.2.10	Verloop van sessie agt. Teenwoordig: Jessie en mev. Barnard	574
9.2.2.11	Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Jessie en haar oudste suster	575
9.2.2.12	Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Jessie en mev. Barnard	576
9.2.2.13	Verloop van sessie elf. Teenwoordig: mev. Barnard	577
9.2.2.14	Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Jessie en mev. Barnard	577
9.2.2.15	Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Jessie Barnard	578
9.2.2.16	Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Jessie Barnard	579
9.2.2.17	Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Jessie Barnard	579
9.2.2.18	Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Jessie Barnard	580
9.2.2.19	Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: Jessie Barnard	581
9.2.2.20	Verloop van sessie agtien. Teenwoordig: Jessie Barnard	582
9.2.2.21	Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: Jessie Barnard	583
9.2.2.22	Verloop van sessie twintig. Teenwoordig: Jessie Barnard	583
9.2.2.23	Verloop van sessie een-en-twintig. Teenwoordig: Jessie Barnard	584
9.2.2.24	Verloop van sessie twee-en-twintig. Teenwoordig: Jessie Barnard	584
9.2.2.25	Verloop van sessie drie-en-twintig. Teenwoordig: Jessie Barnard	585
9.2.2.26	Verloop van sessie vier-en-twintig. Teenwoordig: Jessie Barnard	586
9.2.2.27	Verloop van sessie vyf-en-twintig. Teenwoordig: Jessie en die dominee	586
9.2.2.28	Verloop van sessie ses-en-twintig en sewe-en-twintig. Teenwoordig: Jessie Barnard	587
9.2.2.29	Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Barnard	587
9.2.2.30	Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram	590
9.2.2.31	Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge	592
9.2.3	Biografiese inligting van die gevallestudie drie: Imke van Rensburg	593
9.2.3.1	Agtergrondinligting van Imke van Rensburg	593
9.2.3.2	Impak van die beweerde seksuele misbruik op Imke volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Imke se moeder, mev. Van Rensburg	594
9.2.3.3	Verloop van sessie een. Teenwoordig: Imke en mev. Van Rensburg	595

9.2.3.4	Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Imke van Rensburg	596
9.2.3.5	Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Imke en mev. Van Rensburg	597
9.2.3.6	Verloop van sessie vier en vyf. Teenwoordig: Imke (sessie vier) en mev. Van Rensburg (sessie vyf)	597
9.2.3.7	Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Imke en mev. Van Rensburg	598
9.2.3.8	Verloop van sessie sewe en agt. Teenwoordig: Mev. Van Rensburg (sessie sewe) en mnr. Van Rensburg (sessie agt)	599
9.2.3.9	Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Imke van Rensburg	599
9.2.3.10	Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Imke en mev. Van Rensburg	600
9.2.3.11	Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Mev. Van Rensburg	601
9.2.3.12	Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Imke van Rensburg	601
9.2.3.13	Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Imke van Rensburg	602
9.2.3.14	Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Imke van Rensburg	603
9.2.3.15	Verloop van sessie vyftien en sestien. Teenwoordig: Mnr. Van Rensburg (sessie vyftien) en Imke en mev. Van Rensburg (sessie sestien)	604
9.2.3.16	Verloop van sessie sewentien en agtien. Teenwoordig: Imke van Rensburg	604
9.2.3.17	Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: Imke van Rensburg	605
9.2.3.18	Verloop van sessie twintig. Teenwoordig: Imke van Rensburg	606
9.2.3.19	Verloop van sessie een-en-twintig en twee-en-twintig. Teenwoordig: Imke, mev. Van Rensburg, die navorser en die psigiater (sessie een- en-twintig) en Imke (sessie twee-en-twintig)	606
9.2.3.20	Verloop van sessie drie-en-twintig en vier-en-twintig. Teenwoordig: Imke en mev. Van Rensburg (sessie drie-en-twintig) en die hele Van Rensburg gesin en die psigiater (sessie vier-en-twintig)	607
9.2.3.21	Verloop van sessie vyf-en-twintig. Teenwoordig: Imke van Rensburg	608
9.2.3.22	Verloop van sessie ses-en-twintig. Teenwoordig: Imke van Rensburg	609
9.2.3.23	Verloop van sessie sewe-en-twintig en agt-en-twintig. Teenwoordig: Imke van Rensburg	609
9.2.3.24	Verloop van sessie nege-en-twintig. Teenwoordig: Imke van Rensburg	610
9.2.3.25	Verloop van sessie dertig en een-en-dertig. Teenwoordig: Imke van Rensburg	611
9.2.3.26	Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Van Rensburg	611
9.2.3.27	Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram	613
9.2.3.28	Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge	614

9.2.4	Biografiese inligting van die gevallestudie vier: Kirsten White	615
9.2.4.1	Agtergrondinligting van Kirsten White	615
9.2.4.2	Impak van die beweerde verkragting op Kirsten volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Kirsten se moeder, mev. White	616
9.2.4.3	Verloop van sessie een. Teenwoordig: Kirsten en mev. White	618
9.2.4.4	Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Kirsten	618
9.2.4.5	Verloop van sessie drie en vier. Teenwoordig: Mev. White (sessie drie) en Kirsten (sessie vier)	619
9.2.4.6	Verloop van sessie vyf en ses. Teenwoordig: Mev. White (sessie vyf) en Kirsten en mev. White (sessie ses)	620
9.2.4.7	Verloop van sessie sewe en agt. Teenwoordig: Mev. White (sessie sewe) en Kirsten (sessie agt)	621
9.2.4.8	Verloop van sessie nege en tien. Teenwoordig: Mev. White (sessie nege) en Kirsten en mev. White (sessie tien)	622
9.2.4.9	Verloop van sessie elf en twaalf. Teenwoordig: Mev. White (sessie elf) en Kirsten (sessie twaalf)	623
9.2.4.10	Verloop van sessie dertien en veertien. Teenwoordig: Mev. White (sessie dertien) en Kirsten (sessie veertien)	624
9.2.4.11	Verloop van sessie vyftien en sestien. Teenwoordig: Mev. White (sessie vyftien) en Kirsten (sessie sestien)	625
9.2.4.12	Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: Kirsten en mev. White	625
9.2.4.13	Verloop van sessie agtien en negentien. Teenwoordig: Kirsten en mev. White	626
9.2.4.14	Verloop van sessie twintig en een-en-twintig. Teenwoordig: Kirsten en mev. White	627
9.2.4.15	Verloop van sessie twee-en-twintig. Teenwoordig: Kirsten en mev. White	627
9.2.4.16	Verloop van sessie drie-en-twintig. Teenwoordig: Kirsten en mev. White	628
9.2.4.17	Verloop van sessie vier-en-twintig en vyf-en-twintig. Teenwoordig: Kirsten (sessie vier-en-twintig) en Kirsten en mev. White (sessie vyf-en-twintig)	628
9.2.4.18	Verloop van sessie ses-en-twintig. Teenwoordig: Kirsten	629
9.2.4.19	Verloop van sessie sewe-en-twintig. Teenwoordig: Kirsten en mev. White	629
9.2.4.20	Verloop van sessie agt-en-twintig. Teenwoordig: Kirsten en mev. White	630
9.2.4.21	Verloop van sessie nege-en-twintig. Teenwoordig: Kirsten	631
9.2.4.22	Verloop van sessie dertig en een-en-dertig. Teenwoordig: Kirsten (sessie dertig) en mev. White (sessie een-en-dertig)	631
9.2.4.23	Verloop van sessie twee-en-dertig. Teenwoordig: Kirsten	632
9.2.4.24	Verloop van sessie drie-en-dertig. Teenwoordig: Kirsten en mev. White	632
9.2.4.25	Verloop van sessie vier-en-dertig. Teenwoordig: Kirsten	633

9.2.4.26	Verloop van sessie vyf-en-dertig. Teenwoordig: Kirsten	634
9.2.4.27	Verloop van sessie ses-en-dertig. Teenwoordig: Kirsten	634
9.2.4.28	Verloop van sessie sewe-en-dertig en agt-en-dertig. Teenwoordig: Kirsten	634
9.2.4.29	Verloop van sessie nege-en-dertig. Teenwoordig: Kirsten en mev. White	636
9.2.4.30	Verloop van sessie veertig. Teenwoordig: Kirsten	636
9.2.4.31	Verloop van sessie een-en-veertig. Teenwoordig: Kirsten	637
9.2.4.32	Verloop van sessie twee-en-veertig en drie-en-veertig. Teenwoordig: Kirsten	638
9.2.4.33	Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. White	638
9.2.4.34	Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram	640
9.2.4.35	Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge	642
9.2.5	Biografiese inligting van die gevallestudie vyf: Romana Buys	643
9.2.5.1	Agtergrondinligting van Romana Buys	643
9.2.5.2	Impak van die beweerde seksuele misbruik op Romana volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Romana se moeder, mev. Buys	643
9.2.5.3	Verloop van sessie een. Teenwoordig: Romana	645
9.2.5.4	Verloop van sessie twee en drie. Teenwoordig: Mev. Buys (sessie twee) en Romana (sessie drie)	646
9.2.5.5	Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Romana	647
9.2.5.6	Verloop van sessie vyf en ses. Teenwoordig: Mev. Buys (sessie vyf) en Romana (sessie ses)	648
9.2.5.7	Verloop van sessie sewe en agt. Teenwoordig: Mev. Buys (sessie sewe) en Romana (sessie agt)	650
9.2.5.8	Verloop van sessie nege en tien. Teenwoordig: Mev. Buys (sessie nege) en Romana (sessie tien)	650
9.2.5.9	Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Romana	651
9.2.5.10	Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Romana	652
9.2.5.11	Verloop van sessie dertien en veertien. Teenwoordig: Mev. Buys	653
9.2.5.12	Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Romana en mev. Buys	653
9.2.5.13	Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Romana	654
9.2.5.14	Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: Romana	655
9.2.5.15	Verloop van sessie agtien. Teenwoordig: Romana	656
9.2.5.16	Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: Romana	657
9.2.5.17	Verloop van sessie twintig. Teenwoordig: Romana	657
9.2.5.18	Verloop van sessie een-en-twintig. Teenwoordig: Romana	658
9.2.5.19	Verloop van sessie twee-en-twintig. Teenwoordig: Romana	659
9.2.5.20	Verloop van sessie drie-en-twintig. Teenwoordig: Romana	660
9.2.5.21	Verloop van sessie vier-en-twintig. Teenwoordig: Romana	661
9.2.5.22	Verloop van sessie vyf-en-twintig. Teenwoordig: Romana	661
9.2.5.23	Verloop van sessie ses-en-twintig. Teenwoordig: Romana	662

9.2.5.24	Verloop van sessie sewe-en-twintig. Teenwoordig: Romana	663
9.2.5.25	Verloop van sessie agt-en-twintig. Teenwoordig: Romana	664
9.2.5.26	Verloop van sessie nege-en-twintig. Teenwoordig: Romana	665
9.2.5.27	Verloop van sessie dertig. Teenwoordig: Romana	666
9.2.5.28	Verloop van sessie een-en-dertig. Teenwoordig: Mev. Buys	666
9.2.5.29	Verloop van sessie twee-en-dertig. Teenwoordig: Romana	667
9.2.5.30	Verloop van sessie drie-en-dertig. Teenwoordig: Mev. Buys	667
9.2.5.31	Verloop van sessie vier-en-dertig en vyf-en-dertig. Teenwoordig: Romana	668
9.2.5.32	Verloop van sessie ses-en-dertig. Teenwoordig: Romana	668
9.2.5.33	Verloop van sessie sewe-en-dertig. Teenwoordig: Romana	669
9.2.5.34	Verloop van sessie agt-en-dertig. Teenwoordig: Romana	669
9.2.5.35	Verloop van sessie nege-en-dertig. Teenwoordig: Romana	670
9.2.5.36	Verloop van sessie veertig. Teenwoordig: Romana	670
9.2.5.37	Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Grey	671
9.2.5.38	Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram	673
9.2.5.39	Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge	676
9.3	Samevatting	677

HOOFSTUK 10

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

10.1	Inleiding	679
10.2	Doelstelling van die studie	679
10.3	Doelwitte van die studie	679
10.3.1	Om 'n teoretiese raamwerk op te bou	679
10.3.2	Om 'n kritiese ondersoek te doen na bestaande intervensie- programme vir adolessente wat seksueel misbruik is	680
10.3.3	Om 'n speltherapieprogram vir adolessente dogters wat seksueel misbruik is, te ontwikkel	681
10.3.4	Om die speltherapieprogram met adolessente dogters wat seksueel misbruik is, te implementeer	683
10.3.5	Om die impak van die speltherapieprogram te evalueer en aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van die program met verskillende etniese groepe, naamlik Xhosa, Kleurling en blank	686
10.4	Hipotese	690
10.5	Navorsingsproses	691
10.6	'n Samevatting van die navorsingsresultate, samevattende gevolgtrekkings en aanbevelings	692
10.6.1	Adolessensie en die impak van seksuele misbruik op die adolesent	692
10.6.1.1	Aanvaarding van 'n veranderde fisiese voorkoms	692

10.6.1.2	Ontwikkeling van kognitiewe vaardighede en die insameling van kennis	693
10.6.1.3	Identiteitsvorming	694
10.6.1.4	Vervullings van 'n manlike of vroulike sosiale rol	695
10.6.1.5	Aanleer van sosiale vaardighede, om 'n aanvaarbare lid van 'n groep te word, aanknoop en handhawing van vriendskappe en hantering van sosiale situasies	696
10.6.1.6	Die verwerkliking van nuwe en meer volwasse verhoudinge met persone	697
10.6.1.7	Vestiging van emosionele onafhanklikheid van ouers	698
10.6.1.8	Ontwikkeling van 'n sterk emosionele band met 'n ander persoon	699
10.6.1.9	Die ontwikkeling van morele konsepte en waardes wat kan dien as riglyne vir gedrag	700
10.6.2	Terapievaardighede en beginsels tydens spelterapeutiese dienslewering vanuit die gestaltbenadering	702
10.6.3	Die spelterapiëprogram	703
10.6.3.1	Aanbevelings vir die implementering van die program met die Xhosa adolessent	706
10.6.3.2	Aanbevelings vir die implementering van die program met die Kleurling adolessent	709
10.6.3.3	Aanbevelings vir die implementering van die program met die blanke adolessent	709
10.6.4	Verdere aanbevelings op mikro, meso en makrovlak	710
10.6.4.1	Aanbevelings op mikrovlak	710
10.6.4.2	Aanbevelings op mesovlak	711
10.6.4.2.1	Die skoolsisteem	711
10.6.4.2.2	Multi-dissiplinêre samewerking (Departement van Welsyn, Suid-Afrikaanse Polisie diens en Nie-Staat organisasies.)	713
10.6.4.2.3	Tersiêre instellings	714
10.6.4.3	Aanbevelings op makrovlak	715
10.6.4.3.1	Die staat	715
10.6.4.3.2	Wetgewing	717
10.6.4.3.3	Die kriminele geregsisteem	719
10.6.5	Aanbevelings vir verdere navorsing	720
10.7	Samevattende slotgedagtes	721
	BRONNELYS	723

LYS VAN FIGURE

Figuur 7.1: KFI-HOËR – Selfpersepsie (Lucy Reef)	374
Figuur 7.2: KFI-HOËR – Trauma Dinamika (Lucy Reef)	376
Figuur 7.3: KFI-HOËR – Selfpersepsie (Julie Dowling)	396
Figuur 7.4: KFI-HOËR – Trauma Dinamika (Julie Dowling)	397
Figuur 7.5: KFI-HOËR – Selfpersepsie (Mischka Beukes)	418
Figuur 7.6: KFI-HOËR – Trauma Dinamika (Mischka Beukes)	419
Figuur 7.7: KFI-HOËR – Selfpersepsie (Gillian Johnson)	433
Figuur 7.8: KFI-HOËR – Trauma Dinamika (Gillian Johnson)	434
Figuur 7.9: KFI-HOËR – Selfpersepsie (Natalie Bruwer)	449
Figuur 7.10: KFI-HOËR – Trauma Dinamika (Natalie Bruwer)	450
Figuur 8.1: KFI-HOËR – Selfpersepsie (Lea Theron)	473
Figuur 8.2: KFI-HOËR – Trauma Dinamika (Lea Theron)	474
Figuur 8.3: KFI-HOËR – Selfpersepsie (Mandy Lewis)	488
Figuur 8.4: KFI-HOËR – Trauma Dinamika (Mandy Lewis)	489
Figuur 8.5: KFI-HOËR – Selfpersepsie (Mia Koense)	504
Figuur 8.6: KFI-HOËR – Trauma Dinamika (Mia Koense)	505
Figuur 8.7: KFI-HOËR – Selfpersepsie (Kate Xaki)	517
Figuur 8.8: KFI-HOËR – Trauma Dinamika (Kate Xaki)	518
Figuur 8.9: KFI-HOËR – Selfpersepsie (Adri Samuals)	531
Figuur 8.10: KFI-HOËR – Trauma Dinamika (Adri Samuals)	532
Figuur 9.1: KFI-HOËR – Selfpersepsie (Nicolette Kotze)	563
Figuur 9.2: KFI-HOËR – Trauma Dinamika (Nicolette Kotze)	564
Figuur 9.3: KFI-HOËR – Selfpersepsie (Jessie Barnard)	591
Figuur 9.4: KFI-HOËR – Trauma Dinamika (Jessie Barnard)	592
Figuur 9.5: KFI-HOËR – Selfpersepsie (Imke van Rensburg)	613
Figuur 9.6: KFI-HOËR – Trauma Dinamika (Imke van Rensburg)	614
Figuur 9.7: KFI-HOËR – Selfpersepsie (Kirsten White)	641
Figuur 9.8: KFI-HOËR – Trauma Dinamika (Kirsten White)	642
Figuur 9.9: KFI-HOËR – Selfpersepsie (Romana Buys)	674
Figuur 9.10: KFI-HOËR – Trauma Dinamika (Romana Buys)	676

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1:	Volgorde van ontwikkeling van primêre en sekondêre geslagskenmerke	45
Tabel 3.1:	Vier faktore wat trauma veroorsaak by die adolessent wat seksueel misbruik is	99
Tabel 4.1:	Die terapeutiese proses	201
Tabel 5.1:	Riglyne om die adolessent te assesseeer tydens gestaltherapie	250
Tabel 6.1:	Die spelterapieprogram	281
Tabel 7.1:	Agtergrondgeskiedenis van Lucy Reef	352
Tabel 7.2:	Kwalitatiewe data van sessie een met Lucy Reef	353
Tabel 7.3:	Kwalitatiewe data van sessie twee met Lucy Reef	354
Tabel 7.4:	Kwalitatiewe data van sessie drie met Lucy Reef	355
Tabel 7.5:	Kwalitatiewe data van sessie vier met Lucy Reef	356
Tabel 7.6:	Kwalitatiewe data van sessie vyf met Lucy Reef	357
Tabel 7.7:	Kwalitatiewe data van sessie ses met Lucy Reef	358
Tabel 7.8:	Kwalitatiewe data van sessie sewe met Lucy Reef	359
Tabel 7.9:	Kwalitatiewe data van sessie agt met Lucy Reef	360
Tabel 7.10:	Kwalitatiewe data van sessie nege met Lucy Reef	360
Tabel 7.11:	Kwalitatiewe data van sessie tien met Lucy Reef	361
Tabel 7.12:	Kwalitatiewe data van sessie elf met Lucy Reef	362
Tabel 7.13:	Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Lucy Reef	363
Tabel 7.14:	Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Lucy Reef	364
Tabel 7.15:	Kwalitatiewe data van sessie sestien met Lucy Reef	365
Tabel 7.16:	Kwalitatiewe data van sessie negentien met Lucy Reef	367
Tabel 7.17:	Kwalitatiewe data van sessie twintig met Lucy Reef	367
Tabel 7.18:	Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Lucy Reef	368
Tabel 7.19:	Kwalitatiewe data van sessie twee-en-twintig met Lucy Reef	369
Tabel 7.20:	Kwalitatiewe data van sessie vier-en-twintig met Lucy Reef	370
Tabel 7.21:	Kwalitatiewe data van sessie ses-en-twintig met Lucy Reef	371
Tabel 7.22:	Lucy Reef se huidige funksionering volgens mev. Reef	372
Tabel 7.23:	Agtergrondgeskiedenis van Julie Dowling	378
Tabel 7.24:	Kwalitatiewe data van sessie een met Julie Dowling	379
Tabel 7.25:	Kwalitatiewe data van sessie twee met Julie Dowling	379
Tabel 7.26:	Kwalitatiewe data van sessie drie met Julie Dowling	380
Tabel 7.27:	Kwalitatiewe data van sessie vier met Julie Dowling	381
Tabel 7.28:	Kwalitatiewe data van sessie vyf met Julie Dowling	382
Tabel 7.29:	Kwalitatiewe data van sessie ses met Julie Dowling	383
Tabel 7.30:	Kwalitatiewe data van sessie sewe met Julie Dowling	384
Tabel 7.31:	Kwalitatiewe data van sessie agt met Julie Dowling	385
Tabel 7.32:	Kwalitatiewe data van sessie nege met Julie Dowling	385

Tabel 7.33:	Kwalitatiewe data van sessie tien met Julie Dowling	386
Tabel 7.34:	Kwalitatiewe data van sessie elf met Julie Dowling	387
Tabel 7.35:	Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Julie Dowling	388
Tabel 7.36:	Kwalitatiewe data van sessie dertien met Julie Dowling	388
Tabel 7.37:	Kwalitatiewe data van sessie veertien met Julie Dowling	389
Tabel 7.38:	Kwalitatiewe data van sessie sestien met Julie Dowling	390
Tabel 7.39:	Kwalitatiewe data van sessie sewentien met Julie Dowling	391
Tabel 7.40:	Kwalitatiewe data van sessie agtien met Julie Dowling	392
Tabel 7.41:	Kwalitatiewe data van sessie negentien met Julie Dowling	392
Tabel 7.42:	Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Julie Dowling	393
Tabel 7.43:	Julie se huidige funksionering volgens mev. Dowling	394
Tabel 7.44:	Agtergrondgeskiedenis van Mischka Beukes	399
Tabel 7.45:	Kwalitatiewe data van sessie een met Mischka Beukes	400
Tabel 7.46:	Kwalitatiewe data van sessie vier met Mischka Beukes	401
Tabel 7.47:	Kwalitatiewe data van sessie sewe met Mischka Beukes	402
Tabel 7.48:	Kwalitatiewe data van sessie nege met Mischka Beukes	404
Tabel 7.49:	Kwalitatiewe data van sessie tien met Mischka Beukes	404
Tabel 7.50:	Kwalitatiewe data van sessie elf met Mischka Beukes	405
Tabel 7.51:	Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Mischka Beukes	406
Tabel 7.52:	Kwalitatiewe data van sessie veertien met Mischka Beukes	407
Tabel 7.53:	Kwalitatiewe data van sessie sestien met Mischka Beukes	408
Tabel 7.54:	Kwalitatiewe data van sessie sewentien met Mischka Beukes	409
Tabel 7.55:	Kwalitatiewe data van sessie agtien met Mischka Beukes	410
Tabel 7.56:	Kwalitatiewe data van sessie negentien met Mischka Beukes	410
Tabel 7.57:	Kwalitatiewe data van sessie twintig met Mischka Beukes	411
Tabel 7.58:	Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Mischka Beukes	412
Tabel 7.59:	Kwalitatiewe data van sessie twee-en-twintig met Mischka Beukes	412
Tabel 7.60:	Kwalitatiewe data van sessie drie-en-twintig met Mischka Beukes	413
Tabel 7.61:	Kwalitatiewe data van sessie ses-en-twintig met Mischka Beukes	414
Tabel 7.62:	Kwalitatiewe data van sessie sewe-en-twintig met Mischka Beukes	415
Tabel 7.63:	Kwalitatiewe data van sessie agt-en-twintig met Mischka Beukes	416
Tabel 7.64:	Mischka se huidige funksionering volgens mev. Beukes	416
Tabel 7.65:	Agtergrondgeskiedenis van Gillian Johnson	421
Tabel 7.66:	Kwalitatiewe data van sessie een met Gillian Johnson	422
Tabel 7.67:	Kwalitatiewe data van sessie drie met Gillian Johnson	423
Tabel 7.68:	Kwalitatiewe data van sessie vier met Gillian Johnson	423
Tabel 7.69:	Kwalitatiewe data van sessie vyf met Gillian Johnson	424
Tabel 7.70:	Kwalitatiewe data van sessie ses met Gillian Johnson	424
Tabel 7.71:	Kwalitatiewe data van sessie sewe met Gillian Johnson	425
Tabel 7.72:	Kwalitatiewe data van sessie agt met Gillian Johnson	426

Tabel 7.73:	Kwalitatiewe data van sessie nege met Gillian Johnson	427
Tabel 7.74:	Kwalitatiewe data van sessie elf met Gillian Johnson	428
Tabel 7.75:	Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Gillian Johnson	428
Tabel 7.76:	Kwalitatiewe data van sessie dertien met Gillian Johnson	429
Tabel 7.77:	Kwalitatiewe data van sessie veertien met Gillian Johnson	430
Tabel 7.78:	Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Gillian Johnson	430
Tabel 7.79:	Kwalitatiewe data van sessie sestien met Gillian Johnson	431
Tabel 7.80:	Gillian se huidige funksionering volgens mev. Koen	431
Tabel 7.81:	Agtergrondgeskiedenis van Natalie Bruwer	436
Tabel 7.82:	Kwalitatiewe data van sessie een met Natalie Bruwer	438
Tabel 7.83:	Kwalitatiewe data van sessie twee met Natalie Bruwer	438
Tabel 7.84:	Kwalitatiewe data van sessie drie met Natalie Bruwer	439
Tabel 7.85:	Kwalitatiewe data van sessie vyf met Natalie Bruwer	440
Tabel 7.86:	Kwalitatiewe data van sessie ses met Natalie Bruwer	440
Tabel 7.87:	Kwalitatiewe data van sessie sewe met Natalie Bruwer	441
Tabel 7.88:	Kwalitatiewe data van sessie agt met Natalie Bruwer	442
Tabel 7.89:	Kwalitatiewe data van sessie tien met Natalie Bruwer	443
Tabel 7.90:	Kwalitatiewe data van sessie elf met Natalie Bruwer	443
Tabel 7.91:	Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Natalie Bruwer	444
Tabel 7.92:	Kwalitatiewe data van sessie dertien met Natalie Bruwer	444
Tabel 7.93:	Kwalitatiewe data van sessie veertien met Natalie Bruwer	445
Tabel 7.94:	Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Natalie Bruwer	445
Tabel 7.95:	Kwalitatiewe data van sessie sestien met Natalie Bruwer	446
Tabel 7.96:	Kwalitatiewe data van sessie sewentien met Natalie Bruwer	447
Tabel 7.97:	Natalie se huidige funksionering volgens mev. Bruwer	447
Tabel 8.1:	Agtergrondgeskiedenis van Lea Theron	454
Tabel 8.2:	Kwalitatiewe data van sessie een met Lea Theron	456
Tabel 8.3:	Kwalitatiewe data van sessie twee met Lea Theron	456
Tabel 8.4:	Kwalitatiewe data van sessie drie met Lea Theron	457
Tabel 8.5:	Kwalitatiewe data van sessie vier met Lea Theron	458
Tabel 8.6:	Kwalitatiewe data van sessie vyf met Lea Theron	459
Tabel 8.7:	Kwalitatiewe data van sessie ses met Lea Theron	459
Tabel 8.8:	Kwalitatiewe data van sessie agt met Lea Theron	461
Tabel 8.9:	Kwalitatiewe data van sessie elf met Lea Theron	462
Tabel 8.10:	Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Lea Theron	463
Tabel 8.11:	Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Lea Theron	464
Tabel 8.12:	Kwalitatiewe data van sessie sestien met Lea Theron	465
Tabel 8.13:	Kwalitatiewe data van sessie sewentien met Lea Theron	465
Tabel 8.14:	Kwalitatiewe data van sessie agtien met Lea Theron	466
Tabel 8.15:	Kwalitatiewe data van sessie negentien met Lea Theron	467
Tabel 8.16:	Kwalitatiewe data van sessie twintig met Lea Theron	468
Tabel 8.17:	Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Lea Theron	468
Tabel 8.18:	Kwalitatiewe data van sessie drie-en-twintig met Lea Theron	469
Tabel 8.19:	Kwalitatiewe data van sessie vyf-en-twintig met Lea Theron	470
Tabel 8.20:	Lea Theron se huidige funksionering volgens mev. Theron	471

Tabel 8.21:	Agtergrondgeskiedenis van Mandy Lewis	476
Tabel 8.22:	Kwalitatiewe data van sessie een met Mandy Lewis	477
Tabel 8.23:	Kwalitatiewe data van sessie twee met Mandy Lewis	478
Tabel 8.24:	Kwalitatiewe data van sessie drie met Mandy Lewis	478
Tabel 8.25:	Kwalitatiewe data van sessie vier met Mandy Lewis	479
Tabel 8.26:	Kwalitatiewe data van sessie vyf met Mandy Lewis	480
Tabel 8.27:	Kwalitatiewe data van sessie ses met Mandy Lewis	480
Tabel 8.28:	Kwalitatiewe data van sessie sewe met Mandy Lewis	481
Tabel 8.29:	Kwalitatiewe data van sessie agt met Mandy Lewis	481
Tabel 8.30:	Kwalitatiewe data van sessie tien met Mandy Lewis	482
Tabel 8.31:	Kwalitatiewe data van sessie elf met Mandy Lewis	482
Tabel 8.32:	Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Mandy Lewis	483
Tabel 8.33:	Kwalitatiewe data van sessie dertien met Mandy Lewis	483
Tabel 8.34:	Kwalitatiewe data van sessie veertien met Mandy Lewis	484
Tabel 8.35:	Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Mandy Lewis	484
Tabel 8.36:	Kwalitatiewe data van sessie sestien met Mandy Lewis	485
Tabel 8.37:	Mandy Lewis se huidige funksionering volgens mev. Lewis	486
Tabel 8.38:	Agtergrondgeskiedenis van Mia Koense	491
Tabel 8.39:	Kwalitatiewe data van sessie een met Mia Koense	492
Tabel 8.40:	Kwalitatiewe data van sessie twee met Mia Koense	493
Tabel 8.41:	Kwalitatiewe data van sessie drie met Mia Koense	494
Tabel 8.42:	Kwalitatiewe data van sessie vier met Mia Koense	494
Tabel 8.43:	Kwalitatiewe data van sessie vyf met Mia Koense	495
Tabel 8.44:	Kwalitatiewe data van sessie ses met Mia Koense	496
Tabel 8.45:	Kwalitatiewe data van sessie agt met Mia Koense	497
Tabel 8.46:	Kwalitatiewe data van sessie nege met Mia Koense	497
Tabel 8.47:	Kwalitatiewe data van sessie tien met Mia Koense	498
Tabel 8.48:	Kwalitatiewe data van sessie elf met Mia Koense	499
Tabel 8.49:	Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Mia Koense	500
Tabel 8.50:	Kwalitatiewe data van sessie dertien met Mia Koense	500
Tabel 8.51:	Mia Koense se huidige funksionering volgens mev. Koense	501
Tabel 8.52:	Agtergrondgeskiedenis van Kate Xaki	507
Tabel 8.53:	Kwalitatiewe data van sessie een met Kate Xaki	508
Tabel 8.54:	Kwalitatiewe data van sessie twee met Kate Xaki	509
Tabel 8.55:	Kwalitatiewe data van sessie drie met Kate Xaki	509
Tabel 8.56:	Kwalitatiewe data van sessie vier met Kate Xaki	510
Tabel 8.57:	Kwalitatiewe data van sessie vyf met Kate Xaki	511
Tabel 8.58:	Kwalitatiewe data van sessie ses met Kate Xaki	511
Tabel 8.59:	Kwalitatiewe data van sessie sewe met Kate Xaki	512
Tabel 8.60:	Kate Xaki se huidige funksionering volgens mev. Xaki	513
Tabel 8.61:	Kwalitatiewe data van sessie elf met Kate Xaki	515
Tabel 8.62:	Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Kate Xaki	516
Tabel 8.63:	Agtergrondgeskiedenis van Adri Samuals	520
Tabel 8.64:	Kwalitatiewe data van sessie een met Adri Samuals	521
Tabel 8.65:	Kwalitatiewe data van sessie twee met Adri Samuals	522
Tabel 8.66:	Kwalitatiewe data van sessie drie met Adri Samuals	522

Tabel 8.67:	Kwalitatiewe data van sessie vier met Adri Samuals	523
Tabel 8.68:	Kwalitatiewe data van sessie vyf met Adri Samuals	524
Tabel 8.69:	Kwalitatiewe data van sessie ses met Adri Samuals	525
Tabel 8.70:	Kwalitatiewe data van sessie sewe met Adri Samuals	525
Tabel 8.71:	Kwalitatiewe data van sessie nege met Adri Samuals	526
Tabel 8.72:	Kwalitatiewe data van sessie tien met Adri Samuals	526
Tabel 8.73:	Kwalitatiewe data van sessie elf met Adri Samuals	527
Tabel 8.74:	Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Adri Samuals	528
Tabel 8.75:	Kwalitatiewe data van sessie dertien met Adri Samuals	529
Tabel 8.76:	Kwalitatiewe data van sessie veertien met Adri Samuals	529
Tabel 9.1:	Agtergrondgeskiedenis van Nicolette Kotze	536
Tabel 9.2:	Kwalitatiewe data van sessie een met Nicolette Kotze	538
Tabel 9.3:	Kwalitatiewe data van sessie twee met Nicolette Kotze	538
Tabel 9.4:	Kwalitatiewe data van sessie drie met Nicolette Kotze	539
Tabel 9.5:	Kwalitatiewe data van sessie vier met Nicolette Kotze	540
Tabel 9.6:	Kwalitatiewe data van sessie vyf met Nicolette Kotze	541
Tabel 9.7:	Kwalitatiewe data van sessie ses met Nicolette Kotze	542
Tabel 9.8:	Kwalitatiewe data van sessie agt met Nicolette Kotze	543
Tabel 9.9:	Kwalitatiewe data van sessie nege met Nicolette Kotze	544
Tabel 9.10:	Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Nicolette Kotze	545
Tabel 9.11:	Kwalitatiewe data van sessie dertien met Nicolette Kotze	546
Tabel 9.12:	Kwalitatiewe data van sessie veertien met Nicolette Kotze	546
Tabel 9.13:	Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Nicolette Kotze	547
Tabel 9.14:	Kwalitatiewe data van sessie sestien met Nicolette Kotze	548
Tabel 9.15:	Kwalitatiewe data van sessie agtien met Nicolette Kotze	549
Tabel 9.16:	Kwalitatiewe data van sessie negentien met Nicolette Kotze	549
Tabel 9.17:	Kwalitatiewe data van sessie twintig met Nicolette Kotze	550
Tabel 9.18:	Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Nicolette Kotze	551
Tabel 9.19:	Kwalitatiewe data van sessie twee-en-twintig met Nicolette Kotze	552
Tabel 9.20:	Kwalitatiewe data van sessie drie-en-twintig met Nicolette Kotze	553
Tabel 9.21:	Kwalitatiewe data van sessie vier-en-twintig met Nicolette Kotze	553
Tabel 9.22:	Kwalitatiewe data van sessie vyf-en-twintig met Nicolette Kotze	554
Tabel 9.23:	Kwalitatiewe data van sessie ses-en-twintig met Nicolette Kotze	555
Tabel 9.24:	Kwalitatiewe data van sessie sewe-en-twintig met Nicolette Kotze	555
Tabel 9.25:	Kwalitatiewe data van sessie agt-en-twintig met Nicolette Kotze	556
Tabel 9.26:	Kwalitatiewe data van sessie nege-en-twintig met Nicolette Kotze	557
Tabel 9.27:	Kwalitatiewe data van sessie dertig met Nicolette Kotze	558
Tabel 9.28:	Kwalitatiewe data van sessie een-en-dertig met Nicolette Kotze	558

Tabel 9.29: Kwalitatiewe data van sessie twee-en-dertig met Nicolette Kotze	559
Tabel 9.30: Nicolette Kotze se huidige funksionering volgens mev. Kotze	559
Tabel 9.31: Agtergrondgeskiedenis van Jessie Barnard	567
Tabel 9.32: Kwalitatiewe data van sessie een met Jessie Barnard	569
Tabel 9.33: Kwalitatiewe data van sessie twee met Jessie Barnard	569
Tabel 9.34: Kwalitatiewe data van sessie drie met Jessie Barnard	570
Tabel 9.35: Kwalitatiewe data van sessie vier met Jessie Barnard	571
Tabel 9.36: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Jessie Barnard	572
Tabel 9.37: Kwalitatiewe data van sessie ses met Jessie Barnard	573
Tabel 9.38: Kwalitatiewe data van sessie sewe met Jessie Barnard	574
Tabel 9.39: Kwalitatiewe data van sessie agt met Jessie Barnard	575
Tabel 9.40: Kwalitatiewe data van sessie nege met Jessie Barnard	575
Tabel 9.41: Kwalitatiewe data van sessie tien met Jessie Barnard	576
Tabel 9.42: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Jessie Barnard	577
Tabel 9.43: Kwalitatiewe data van sessie dertien met Jessie Barnard	578
Tabel 9.44: Kwalitatiewe data van sessie veertien met Jessie Barnard	579
Tabel 9.45: Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Jessie Barnard	579
Tabel 9.46: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Jessie Barnard	580
Tabel 9.47: Kwalitatiewe data van sessie sewentien met Jessie Barnard	581
Tabel 9.48: Kwalitatiewe data van sessie agtien met Jessie Barnard	582
Tabel 9.49: Kwalitatiewe data van sessie negentien met Jessie Barnard	583
Tabel 9.50: Kwalitatiewe data van sessie twintig met Jessie Barnard	583
Tabel 9.51: Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Jessie Barnard	584
Tabel 9.52: Kwalitatiewe data van sessie twee-en-twintig met Jessie Barnard	585
Tabel 9.53: Kwalitatiewe data van sessie drie-en-twintig met Jessie Barnard	585
Tabel 9.54: Kwalitatiewe data van sessie vier-en-twintig met Jessie Barnard	586
Tabel 9.55: Kwalitatiewe data van sessie vyf-en-twintig met Jessie Barnard	586
Tabel 9.56: Kwalitatiewe data van sessie ses-en-twintig met Jessie Barnard	587
Tabel 9.57: Jessie Barnard se huidige funksionering volgens mev. Barnard	587
Tabel 9.58: Agtergrondgeskiedenis van Imke van Rensburg	594
Tabel 9.59: Kwalitatiewe data van sessie een met Imke van Rensburg	595
Tabel 9.60: Kwalitatiewe data van sessie twee met Imke van Rensburg	596
Tabel 9.61: Kwalitatiewe data van sessie drie met Imke van Rensburg	597
Tabel 9.62: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Imke van Rensburg	598
Tabel 9.63: Kwalitatiewe data van sessie ses met Imke van Rensburg	598
Tabel 9.64: Kwalitatiewe data van sessie nege met Imke van Rensburg	599
Tabel 9.65: Kwalitatiewe data van sessie tien met Imke van Rensburg	600
Tabel 9.66: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Imke van Rensburg	601

Tabel 9.67:	Kwalitatiewe data van sessie dertien met Imke van Rensburg	602
Tabel 9.68:	Kwalitatiewe data van sessie veertien met Imke van Rensburg	603
Tabel 9.69:	Kwalitatiewe data van sessie sestien met Imke van Rensburg	604
Tabel 9.70:	Kwalitatiewe data van sessie agtien met Imke van Rensburg	605
Tabel 9.71:	Kwalitatiewe data van sessie negentien met Imke van Rensburg	605
Tabel 9.72:	Kwalitatiewe data van sessie twintig met Imke van Rensburg	606
Tabel 9.73:	Kwalitatiewe data van sessie twee-en-twintig met Imke van Rensburg	607
Tabel 9.74:	Kwalitatiewe data van sessie vyf-en-twintig met Imke van Rensburg	608
Tabel 9.75:	Kwalitatiewe data van sessie ses-en-twintig met Imke van Rensburg	609
Tabel 9.76:	Kwalitatiewe data van sessie agt-en-twintig met Imke van Rensburg	610
Tabel 9.77:	Kwalitatiewe data van sessie nege-en-twintig met Imke van Rensburg	610
Tabel 9.78:	Imke van Rensburg se huidige funksionering volgens mev. Van Rensburg	611
Tabel 9.79:	Agtergrondgeskiedenis van Kirsten White	616
Tabel 9.80:	Kwalitatiewe data van sessie een met Kirsten White	618
Tabel 9.81:	Kwalitatiewe data van sessie twee met Kirsten White	619
Tabel 9.82:	Kwalitatiewe data van sessie vier met Kirsten White	620
Tabel 9.83:	Kwalitatiewe data van sessie ses met Kirsten White	620
Tabel 9.84:	Kwalitatiewe data van sessie agt met Kirsten White	622
Tabel 9.85:	Kwalitatiewe data van sessie tien met Kirsten White	623
Tabel 9.86:	Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Kirsten White	624
Tabel 9.87:	Kwalitatiewe data van sessie veertien met Kirsten White	624
Tabel 9.88:	Kwalitatiewe data van sessie sestien met Kirsten White	625
Tabel 9.89:	Kwalitatiewe data van sessie sewentien met Kirsten White	625
Tabel 9.90:	Kwalitatiewe data van sessie negentien met Kirsten White	626
Tabel 9.91:	Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Kirsten White	627
Tabel 9.92:	Kwalitatiewe data van sessie twee-en-twintig met Kirsten White	628
Tabel 9.93:	Kwalitatiewe data van sessie drie-en-twintig met Kirsten White	628
Tabel 9.94:	Kwalitatiewe data van sessie ses-en-twintig met Kirsten White	629
Tabel 9.95:	Kwalitatiewe data van sessie sewe-en-twintig met Kirsten White	629
Tabel 9.96:	Kwalitatiewe data van sessie agt-en-twintig met Kirsten White	630
Tabel 9.97:	Kwalitatiewe data van sessie een-en-dertig met Kirsten White	631
Tabel 9.98:	Kwalitatiewe data van sessie twee-en-dertig met Kirsten White	632
Tabel 9.99:	Kwalitatiewe data van sessie drie-en-dertig met Kirsten White	632

Tabel 9.100: Kwalitatiewe data van sessie vier-en-dertig met Kirsten White	633
Tabel 9.101: Kwalitatiewe data van sessie vyf-en-dertig met Kirsten White	634
Tabel 9.102: Kwalitatiewe data van sessie ses-en-dertig met Kirsten White	634
Tabel 9.103: Kwalitatiewe data van sessie agt-en-dertig met Kirsten White	635
Tabel 9.104: Kwalitatiewe data van sessie nege-en-dertig met Kirsten White	636
Tabel 9.105: Kwalitatiewe data van sessie veertig met Kirsten White	637
Tabel 9.106: Kwalitatiewe data van sessie een-en-veertig met Kirsten White	637
Tabel 9.107: Kirsten White se huidige funksionering volgens mev. White	638
Tabel 9.108: Agtergrondgeskiedenis van Romana Buys	644
Tabel 9.109: Kwalitatiewe data van sessie een met Romana Buys	645
Tabel 9.110: Kwalitatiewe data van sessie drie met Romana Buys	646
Tabel 9.111: Kwalitatiewe data van sessie vier met Romana Buys	648
Tabel 9.112: Kwalitatiewe data van sessie ses met Romana Buys	649
Tabel 9.113: Kwalitatiewe data van sessie agt met Romana Buys	650
Tabel 9.114: Kwalitatiewe data van sessie tien met Romana Buys	651
Tabel 9.115: Kwalitatiewe data van sessie elf met Romana Buys	652
Tabel 9.116: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Romana Buys	652
Tabel 9.117: Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Romana Buys	654
Tabel 9.118: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Romana Buys	654
Tabel 9.119: Kwalitatiewe data van sessie sewentien met Romana Buys	655
Tabel 9.120: Kwalitatiewe data van sessie agtien met Romana Buys	656
Tabel 9.121: Kwalitatiewe data van sessie negentien met Romana Buys	657
Tabel 9.122: Kwalitatiewe data van sessie twintig met Romana Buys	657
Tabel 9.123: Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Romana Buys	658
Tabel 9.124: Kwalitatiewe data van sessie twee-en-twintig met Romana Buys	659
Tabel 9.125: Kwalitatiewe data van sessie drie-en-twintig met Romana Buys	660
Tabel 9.126: Kwalitatiewe data van sessie vier-en-twintig met Romana Buys	661
Tabel 9.127: Kwalitatiewe data van sessie vyf-en-twintig met Romana Buys	662
Tabel 9.128: Kwalitatiewe data van sessie ses-en-twintig met Romana Buys	662
Tabel 9.129: Kwalitatiewe data van sessie sewe-en-twintig met Romana Buys	663
Tabel 9.130: Kwalitatiewe data van sessie agt-en-twintig met Romana Buys	664
Tabel 9.131: Kwalitatiewe data van sessie nege-en-twintig met Romana Buys	665
Tabel 9.132: Kwalitatiewe data van sessie dertig met Romana Buys	666
Tabel 9.133: Kwalitatiewe data van sessie ses-en-dertig met Romana Buys	668
Tabel 9.134: Kwalitatiewe data van sessie sewe-en-dertig met Romana Buys	669
Tabel 9.135: Kwalitatiewe data van sessie nege-en-dertig met Romana Buys	670
Tabel 9.136: Romana se huidige funksionering volgens mev. Grey	671
Tabel 10.1: Gemeenskaplikhede en verskille in die kwalitatiewe data van die adolessente van die drie kultuurgroepe (Xhosa, blank en Kleurling)	704
Tabel 10.2: Gemeenskaplike en verskillende terapeutiese behoeftes volgens die kwantitatiewe data van die adolessente van die drie kultuurgroepe (Xhosa, blank en Kleurling)	705

LYS VAN BYLAES

Bylaag 1: Die ses fases van intervensienavorsing.

Bylaag 2: Skriftelike toestemming van PATCH se direksie.

Bylaag 3: Die navorsingsontwerp.

Bylaag 4: Die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool metingskaal.

Bylaag 5: Onderhoudskedule.

Bylaag 6: Skriftelike toestemmingsbrief van die respondent se ouer / versorger.

Bylaag 7: Skriftelike toestemmingsbrief van die respondent.

Hoofstuk 1: Algemene inleiding tot die ondersoek

1.1 Inleiding

“The cries of the children would deafen us if we allowed ourselves to hear them. The silent screams of sexually abused children are all around us. But we don’t hear them. Perhaps we can’t hear them – perhaps we have become immune to that ultimate treachery. Perhaps we can’t believe that in a civilised world such degradation goes on around us, under our noses, in our streets, in our churches, in our schools, but mostly and most destructively, in our families. Surely it can’t be happening?” (Brown, 1998:11).

Dit was eers vandat die navorser aangestel is as maatskaplike werker in Somerset-Wes by PATCH (Prevention and Treatment of Child Abuse in the Helderberg) in 2001, dat die navorser ‘n werklike beeld kon vorm van die omvang en skokkende hoeveelheid verwysings van seksuele misbruik van kinders. Geweld teenoor kinders is egter nie ‘n nuwe verskynsel nie (Pienaar, 2000:19). Vanaf die 1980’s, het seksuele misbruik van kinders, ‘n onderwerp wat selde ter sprake was, tot ‘n beduidende tendens ontwikkel. Volgens die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:60) is die werklike omvang van kindermishandeling en kinderverwaarlosing nie bekend nie as gevolg van ‘n ongekoördineerde registersisteem, onderaanmelding, ‘n tekort aan ‘n sentrale register en wisselvallige navorsing.

Intervensie kan nie maklik voorgeskryf en aangebied word soos resepte in ‘n kookboek nie. Beide die kliënt en die terapeut as individue het kwaliteite wat die terapeutiese proses affekteer. Terapeutiese dienste aan slagoffers van seksuele geweld is ‘n kritiese behoefte landwyd. Die emosionele wonde van kinderslagoffers van seksuele misbruik, is veel erger as die fisiese wonde (Winton & Mara, 2001:162). Intervensie is belangrik, want dit kan ‘n positiewe impak en verandering in die kind se ontwikkeling – emosioneel, persoonlik, sosiaal en geestelik – teweeg bring.

Die navorser hoop dat met die ontwikkeling van 'n spelterapieprogram vir dienslewering aan die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, baie slagoffers van seksuele misbruik sal baat by die navorsing, asook ander maatskaplike werkers wat van die program gebruik sal maak tydens dienslewering aan die seksueel misbruikte kind. In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan die motivering vir die keuse van die onderwerp, die probleemformulering, doel van die studie, hipotese, navorsingsbenadering, soort navorsing, navorsingsontwerp, navorsingsprosedure en werkswyse, die voorondersoek, etiese aspekte, definisies van die hoofkonsepte en die indeling van die navorsingsverslag.

1.2 Motivering vir die keuse van die onderwerp

Gemotiveer deur die hoë voorkomssyfer van seksuele misbruik van kinders en die gevolge daarvan op die kind, het die navorser besluit om 'n spelterapieprogram vir dienslewering aan die adolessente slagoffer van seksuele misbruik te ontwikkel, te implementeer en te evalueer. Volgens Advokaat Thoko Majokweni (2000:4) is kindermishandeling, onder andere seksuele misbruik van kinders, 'n epidemie wat almal in die samelewing beïnvloed. Dit is 'n sosiale probleem wat die normale funksionering van gemeenskappe benadeel en die groei en ontwikkeling van kinders tot verantwoordelike lede van die samelewing in die nabye toekoms mag verhinder.

Die navorser het tweedens besluit om op die ontwikkelingsfase adolessensie te konsentreer omdat PATCH (Prevention and Treatment of Child Abuse in the Helderberg) se jaarverslae, 1 April 2000 tot 31 Maart 2001, 1 April 2001 tot 31 Maart 2002, 1 April 2002 tot 31 Maart 2003, 1 April 2003 tot 31 Maart 2004 asook die jaarverslag daarna, 1 April 2004 tot 31 Maart 2005, aantoon dat die meeste innames, kinders in die ouderdomsgroep 13-15 jaar was. Die navorser het adolessente vir die navorsing geselekteer wat nie langer as vier maande voor die verwysing na PATCH, seksueel misbruik is. Vanuit professionele praktykervaring met seksueel misbruikte kinders, het dit onder die aandag van die navorser gekom, hoe moeilik dit vir sommige adolessente is om verwante sake en gevoelens ten opsigte van die seksuele misbruik aan te spreek.

Die navorser het besluit om adolessente dogters as respondente te selekteer, aangesien die meerderheid adolessente wat seksueel misbruik is, wat na PATCH verwys word, vroulik is. Baie min adolessente seuns onthul seksuele misbruik en word na PATCH verwys. Die navorser is van mening dat 'n moontlike verklaring hiervoor kan wees dat sommige adolessente seuns bang is dat indien hulle onthul dat hulle deur dieselfde geslag persoon seksueel misbruik is, dat mense sal dink dat hulle homoseksueel is. 'n Ander geloof wat die manlike adolessent kan internaliseer, is dat alle seksuele aktiwiteite goed is vir 'n man. Wanneer 'n volwasse vrou dus 'n onervare seun seksueel misbruik, kan dit gesien word as voordelig deur sy vriende. Die navorser is ook van mening dat die geloof dat manlike slagoffers oortreders word, ook die adolessente seun kan weerhou om seksuele misbruik te onthul.

Die navorser is derdens daarvan oortuig dat adolessente wat seksueel misbruik is professionele hulp benodig om die traumatiese gebeure en meegaande emosionele trauma te verwerk. Kindermishandeling kan gesonde groei en ontwikkeling beïnvloed (Gil, 1996:3). Terapeutiese intervensie aan getraumatiseerde kinders, is van kardinale belang en huidige kennis beveel aan dat verskeie tipes terapeutiese dienste nodig is (West, 1996:42). Volgens Killian & Brakarsh (2004:367) word seksuele misbruik as 'n ernstige probleem erken, weens die hoë voorkoms daarvan en die verhoogde bewyse van die traumatiese impak wat seksuele misbruik op die kind, gesin en breër gemeenskap het.

SAPSAC ("The South African Professional Society on the Abuse of Children") streef daarna om onder andere seksuele misbruik van kinders akkuraat, effektief en aanvaarbaar te identifiseer, en om intervensie en behandeling te bevorder (Maree & Prinsloo, 2001:10). Maatskaplike werkers is in die posisie om adolessente te bemagtig sodat hulle die realiteit van hul situasie kan hanteer. Terapeutiese intervensie kan ook voorkom dat die seksuele misbruik 'n struikelblok in die kind se ontwikkeling word. Respondente asook ander kliënte van PATCH sal voordeel uit die navorsing trek, want die program sal daagliks tydens terapeutiese dienslewering aan slagoffers van seksuele geweld gebruik word.

Vierdens lewer PATCH slegs dienste in die Helderberg area. Maatskaplike werkers in die gesinsorgopset moet 'n wye verskeidenheid probleemareas binne die verskillende diensvelde hanteer en vind dit moeilik om 'n spesialis op enige gebied te word. Die navorser ontvang gereeld telefoonoproepes van maatskaplike werkers in die plattelandse gebiede wat raad en hulp vra in die hantering van seksuele misbruik van kinders. Die navorser het ook 'n behoeftebepaling gedoen deur vraelyste aan maatskaplike werkers te stuur ten einde te bepaal of hulle 'n behoefte aan 'n speltherapieprogram vir dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is, het. Daar is 'n definitiewe behoefte aan 'n speltherapieprogram onder maatskaplike werkers wat buite PATCH se diensarea val. Die navorser het ook 'n besprekingsforum met elf kundiges soos maatskaplike werkers in privaatpraktyk en van welsynsorganisasies asook sielkundiges wat betrokke is in die hantering van kinders wat seksueel misbruik is, gereël om behulpsaam te wees met die ontwikkeling van die program. Tydens hierdie forum het die behoefte aan so 'n program weereens baie sterk na vore gekom.

Volgens Reamer (1998:271) het maatskaplike werkers meer belangstelling begin toon om 'n bydrae tot professionele literatuur te lewer. As 'n professie het maatskaplike werkers dus meer bemagtig en toegewyd geraak om kennis oor praktiese werkbare programme te versprei. Maatskaplike werkers wat dus dienste moet lewer aan kinders wat seksueel misbruik is, behoort deur hierdie navorsingsondersoek verder bemagtig te word. Hierdie speltherapieprogram sluit duidelike riglyne vir die maatskaplike werker in om hom of haar beter toe te rus vir beraad met adolessente wat seksueel misbruik is. Tydens die doktorsale seminaar is kollegas van welsynsorganisasies asook maatskaplike werkers en sielkundiges in privaatpraktyk genooi vir die bekendstelling van die program. Kollegas het te kenne gegee dat hulle baie graag die speltherapieprogram vir dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is, wil benut.

Vyfdens het die navorser 'n persoonlike belangstelling in terapeutiese dienslewering aan die seksueel misbruikte kind. Die persoonlike belangstelling van die navorser is gewoonlik volgens Williams, Tutty & Grinnell (1995:50) die hoof motiverende faktor in

die keuse van die navorsingsprobleem. Die belangstelling van die navorser vorm die basis van 'n suksesvolle studie. Die seleksie van die navorsingsprobleem word ook beïnvloed deur die navorser se spesifieke vermoëns.

Die navorser is 'n maatskaplike werker by PATCH en lewer daaglikse spelterapeutiese dienste aan slagoffers van seksuele misbruik. Die navorser het dus die afgelope vyf jaar professionele praktykervaring in daaglikse werk met slagoffers van seksuele misbruik verkry wat haar dan ook genoodsaak en gemotiveer het om die program te ontwikkel. 'n Magister Artium (Maatskaplike Werk) met spesialisering in Speltherapie met kinders wat seksueel misbruik is, dien as voorstudie vir hierdie navorsing. Die navorser is dus goed bekend met die gevolge van seksuele misbruik op die slagoffers en hoe dit hulle funksionering beïnvloed. Die navorser het met kennis en ervaring vanuit die praktyk 'n kreatiewe en gebruikersvriendelike speltherapieprogram ontwikkel, geïmplementeer en geëvalueer.

1.3 Probleemformulering

Brown (1981:35) beklemtoon dat die oriëntasie van die praktisyn-navorser voorstel dat die tema vir maatskaplikewerk-navorsing vanuit dag-tot-dag aktiwiteite en interaksies in die werksituasie moet kom. Kennis van 'n spesifieke verskynsel, soos seksuele misbruik van kinders, wat die navorser hanteer in praktyk, het die navorser bewus gemaak dat PATCH, die slagoffers, toekomstige kliënte en maatskaplike werkers sal baat vind by 'n speltherapieprogram wat sal bydra tot effektiewe dienslewering aan adolessente wat seksueel misbruik is. Die toename in kommer van die regering en die publiek oor seksuele misbruik van kinders vanaf die laat 1980's, het gelei na welsynsdienste wat oorspoel word deur verwysings en verhoging van die gevaar van oneffektiewe dienste en sekondêre seksuele misbruik.

Volgens Campbell & Collins (2000:4) het Suid-Afrika een van die hoogste statistieke van seksuele misbruik in die wêreld. Volgens Dawes, Borel-Saladin & Parker (2004:182) is slegs 10% van die oortreders in aangemelde verkragting en pogings tot verkragtingsake

vanaf Januarie tot September 2001 in Suid-Afrika, skuldig bevind. Volgens Earl-Taylor (2002) word amper 60 kinders elke dag in Suid Afrika verkrag. Daar is gemiddeld 8 innames per maand van adolessente (13-17 jaar oud) wat seksueel misbruik is, by PATCH. Vanaf April 2004 tot Maart 2005 was daar 87 innames van adolessente (13-17 jaar oud) wat seksueel misbruik is. Die aanmeldingsyfer is heelwat hoër as die innamesyfer, aangesien sommige adolessente wat seksueel misbruik is, verwys word as hulle buite PATCH se diensarea woonagtig is of weens verdere behoeftes na 'n geskikte terapeut verwys word.

Superintendent Anneke Pienaar, die Nasionale Direkteur van die Kinderbeskermings-Eenheid van Suid-Afrika, het in die Parlement beweer dat daar jaarliks 'n verhoging van 29% van seksuelemisbruiksake in Suid-Afrika is (Potgieter, 2002:9). PATCH lewer slegs dienste in die Helderberg omgewing in die Wes-Kaap; weens die hoë aanmeldingsyfer is dit nie moontlik om kinders buite PATCH se diensveld van hulp te wees nie, maar 'n spelterapiëprogram kan dan as riglyn dien vir maatskaplike werkers buite die Helderberg omgewing. Onderaanmelding van adolessente wat seksueel misbruik is, kom voor weens die publiek se persepsies wat verander soos kinders ouer word. Die publiek se persepsies kan onder andere wees dat adolessente 'n verhoogde vermoë het om terug te baklei of om weg te hardloop, of dat die adolessent die straf verdien of hul word meer beskou as potensiële oortreders as slagoffers (Gil, 1996: 11). Die probleem, naamlik adolessente wat seksueel misbruik is, word dus baie keer geminimaliseer of geïgnoreer.

Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:6) lui die nuwe welsynsbedeling vir Suid-Afrika in. Dit is opgestel met die oog daarop om algemene beleidsriglyne vir die omvorming van die welsynsisteem van Suid-Afrika te verskaf en behels die grondbeginsels waarop 'n nuwe welsynsbeleid en welsynsprogramme berus (Lombaard, 1996:64). Bevoorregte mense was onder apartheid die teken van die welsynsbeleide en programme, en die welsynsbehoefte en regte van die behoeftigste en magtelose mense is verwaarloos. (Vergelyk Lombaard, 1996:168; Mazibuko, 1996:157.)

Die teikengroep van maatskaplike ontwikkeling sluit alle Suid Afrikaners in, insluitende gemeenskappe, gesinne, groepe en individue. Geskiedenis het getoon dat maatskaplike ontwikkeling veral mense wat in armoede leef, die wat kwesbaar is en die met spesiale behoeftes, as teiken moet hê. In hierdie navorsing word daar dus gefokus word op 'n teikengroep wat kwesbaar is en spesiale behoeftes het, naamlik adolessente wat seksueel misbruik is, van verskillende etniese groepe. PATCH lewer gratis dienste aan slagoffers van seksuele misbruik.

Die internasionale aanvaarding van 'n ontwikkelingsparadigma vir maatskaplike welsyn verkry nou ondersteuning in Suid-Afrika. Ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsyn word gedefinieer as 'n proses waardeur die kwaliteit van lewe van die meerderheid mense van 'n nasie geleidelik verbeter en volgehou word (Mazibuko, 1996:156). Nog 'n probleem van die vorige welsynsistiem was dat (geografies en struktureel) die grootste deel van die populasie nie bereik was deur welsynsdienste nie, veral nie in plattelandse gebiede nie. PATCH het in die Wes-Kaap behalwe vir die kantoor in Somerset-Wes, ook ses satellietkantore in Nonzamo, Lwandle, Sir Lowry's Pass, Strand, Rusthof en Macassar oopgemaak. Sodoende word die dienste toeganklik gemaak ook vir daardie gemeenskappe wat nie vervoer na Somerset Wes kan bekostig nie.

Seksuele misbruik kan die adolessent se emosionele, gedrag, kognitiewe, sosiale en sielkundige funksionering negatief beïnvloed (Majokweni, 2000: 4). Seksuele misbruik wat afgedwing word op die fisiese onvolwasse liggaam en psige, kan veroorsaak dat die adolessent nie geskikte oplossings vind vir probleme wat ervaar word tydens identiteitsvorming nie (Gil, 1996: 16). As 'n resultaat is die adolessent kwesbaar vir stres en kan 'n sielkundige afwyking ontwikkel, naamlik selfmoordgedagtes, depressie, eetafwykings, vervreemding, seksuele probleme, uitreagerende gedrag, en middelmisbruik.

Die woord "trauma" verwys na 'n oorweldigende, onbeheerbare ervaring wat 'n sielkundige impak op die slagoffer het, deur gevoelens van hulpeloosheid, kwesbaarheid, tekort aan veiligheid en selfbeheersing te veroorsaak (Hartman, 1995:52). Volgens James (1989:4) moet daar tydens terapie aan 'n getraumatiseerde kind, aandag aan die

fisiese, kognitiewe, emosionele en spirituele aspekte van die kind gegee word, aangesien al hierdie areas geaffekteer kan word. Trauma kan dus as 'n dinamiese proses gesien word, wat die adolessent wat seksueel misbruik is, se kognitiewe en emosionele oriëntasie tot die wêreld verander en trauma skep deur die kind se konsep van haarself, haar wêreld-siening en vermoë om emosie te toon, te verwing. Hierdie verwinging resulteer baie keer in gedragsprobleme en word algemeen opgemerk by slagoffers van seksuele geweld (Müller & Hollely, 2000: 116).

Die navorser meet in die onderhawige navorsing die volgende trauma-dinamika-elemente, wat daarop dui dat die adolessent onlangs trauma ervaar het, naamlik: geheueverlies, frustrasie, hulpeloosheid, houding teenoor volwassenes, wantroue, stigma, liggaamsbeeld, persoonlike grense en skoolprobleme. Die impak van die seksuele misbruik op die adolessent moet dus holisties benader word, naamlik die impak op die adolessent se fisiese, gedrag, kognitiewe, sosiale, seksuele en sielkundige funksionering. Die navorser meet ook die volgende selfpersepsie-elemente, naamlik angstigtheid, skuldgevoelens, gebrek aan selfwaarde, isolasie, verantwoordelik vir gevolge teenoor ander en gebrek aan selfgeldig.

Seksuele misbruik het egter nie net 'n impak op die adolessent nie, maar op die hele gesinsisteem. PATCH bied ook ondersteuning aan die ouers van die kinders wat blootgestel was aan seksuele misbruik. Vanuit die kliënte se agtergrondinligting is dit vir die navorser duidelik dat baie van die seksueel misbruikte kinders wat kom vir terapeutiese dienste by PATCH, se moeders ook as kinders slagoffers van seksuele misbruik was. Hulle noem telkens aan die navorser dat daar nie plekke soos PATCH beskikbaar was tydens hul kinderjare wat terapeutiese dienste gelewer het en om hulle te ondersteun deur die kriminele prosedures nie. Indien die moeder van die kind self 'n slagoffer van seksuele misbruik as 'n kind was, beskik hierdie moeders baie keer nie oor die vermoë om die trauma van herbelewing van haar slagofferervaringe saam met haar kind te hanteer nie. Die adolessent wat seksueel misbruik is, kan dus ook verder negatief beïnvloed word wanneer haar ouer(s) nie ondersteunend is en / of belangstelling toon nie.

Groeiende navorsing oor die impak van seksuele misbruik op die kind, sal maatskaplike werkers ingelig hou oor die tipes en mate van langtermyngevolge vir slagoffers van verskillende ouderdomme en geslagte. Die navorser is van mening dat soos die dinamiese proses van leer oor die adolessente-populasie wat seksueel misbruik is voortgaan, moet verdere pogings aangewend en navorsingskomponente geïnkorporeer word ten einde maatskaplike werkers se begrip te verdiep en om dienslewering te evalueer.

‘n Literatuursoektog is met behulp van Universiteit Pretoria se biblioteekdienste op die volgende databasisse gedoen, naamlik: UP Explore, SABINET, Siteinfo, Ebschohost en “Current and Completed Research Projects”. Die soektog is gedoen ten einde te bepaal wat reeds oor die onderwerp nagevors is. Hierdeur kon die navorser dus haar visie verbreed en herhaling voorkom. Alhoewel daar reeds navorsing gedoen is oor seksuele misbruik en adolessensie, en veral oor groepwerk met adolessente, het die navorser nie tydens die soektog spesifiek ‘n empiries, wetenskaplik getoetste speltherapieprogram vir dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is, opgespoor nie.

Vanuit die bogenoemde bespreking kom die volgende navorsingsprobleem na vore: Seksuele misbruik kan die adolessent se ontwikkeling – emosioneel, persoonlik, sosiaal, kognitief, gedrag en sielkundig – negatief beïnvloed. Die navorser is van mening dat daar ‘n gebrek is aan ‘n wetenskaplik, empiries getoetste speltherapieprogram vir dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is. Die navorser hoop dus dat nie net PATCH se maatskaplike werkers baat sal vind by ‘n speltherapieprogram nie, maar ook maatskaplike werkers van ander organisasies, wat adolessente slagoffers van seksuele misbruik moet ondersteun.

1.4 Doel van die studie

In die lig van die probleemformulering word daar vervolgens aandag gegee aan die doelstelling en doelwitte van hierdie studie. Volgens Fouchè (2002a:107) beteken die

doel van die studie: “The end toward which effort or ambition is directed,” terwyl doelwitte die stappe is wat een vir een geneem moet word om dit te bereik. Doelwitte behels ‘n meer konkrete, meetbare, spesifieke en bereikbare plan wat geïmplementeer word om die uiteindelijke breër doel te bereik. Dit impliseer dus die stappe wat een-vir-een gevolg moet word binne ‘n bepaalde tydperk om die “droom” te bereik (De Vos, Strydom, Fouchè & Delpont, 2002:7).

Die studie is beskrywend van aard. Bless & Higson-Smith (2000:154) meen beskrywende navorsing is: “Social research with the primary aim of describing (rather than explaining) a particular phenomenon.” Beskrywende navorsing poog om ‘n waarheidsgetroue beeld van die waargenome te gee en wil ‘n beeld van die werklikheid gee (Neuman, 2000:23). Die studie is beskrywend van aard aangesien die navorser adolessensie as ontwikkelingsfase, die impak van seksuele misbruik op die adolessent en die intervensie met die respondente (implimentering van die speltherapieprogram) beskryf ten einde ‘n waarheidsgetroue beeld van die waargenome te gee.

1.4.1 Doelstelling

Die doelstelling van die studie is:

Om ‘n speltherapieprogram vir dienslewering aan die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, te ontwikkel, te implementeer en te evalueer.

1.4.2 Doelwitte

Om die doelstelling te bereik, is die volgende doelwitte nagestreef, naamlik om:

- ‘n Teoretiese raamwerk op te bou ten opsigte van:
 - ✓ Die kort- en langtermyngevolge van seksuele misbruik op die adolessent,
 - ✓ Trauma dinamika-elemente en selfpersepsie van die adolessent wat seksueel misbruik is,

- ✓ Speltherapie met die adolessent wat seksueel misbruik is,
 - ✓ Adolessensie as lewensfase en kinderontwikkelingsteorieë,
 - ✓ Die gestaltbenadering.
-
- Om 'n kritiese ondersoek te doen na bestaande intervensieprogramme vir adolessente wat seksueel misbruik is.
 - Om 'n speltherapieprogram vir adolessente dogters wat seksueel misbruik is, te ontwikkel.
 - Om die speltherapieprogram met adolessente dogters wat seksueel misbruik is, te implementeer.
 - Om die impak van die speltherapieprogram te evalueer en aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van die program met verskillende etniese groepe, naamlik Xhosas, blankes en Kleurlinge.

1.5 Hipotese

'n Hipotese word deur Monette, Sullivan & De Jong (1994:32) beskryf as 'n tentatiewe aanname oor die verband tussen twee of meer veranderlikes, wat getoets kan word. 'n Hipotese word soos volg omskryf: "An expectation about the future of things derived from a theory. It is a statement of something that ought to be observed in the real world if the theory is correct. A hypothesis is essentially a statement that postulates that a certain relationship (correlation or causality) exists between two or more variables." (Vergelyk Babbie & Mouton, 2001:643; Babbie, 2004:44.) 'n Hipotese is dus 'n tentatiewe oplossing van 'n geformuleerde probleem. Met die probleemstelling in gedagte en in ooreenstemming met die doel, word die volgende as hipotese gestel:

Indien die spelterapieprogram geïmplementeer word met die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, dan sal dit lei tot die verbetering van haar selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente.

1.6 Navorsingsbenadering

Die navorser het van 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings gebruik gemaak. Volgens Fouchè & Delpont (2002: 79) verskil die kwantitatiewe benadering van die kwalitatiewe benadering. Die kwantitatiewe benadering is gebaseer op positivisme, wat wetenskaplike verduidelikings numeries weergee. Die hoofdoelwitte is om die sosiale wêreld objektief te meet, om hipoteses te toets en om menslike gedrag te voorspel en te beheer (Fouchè & Delpont, 2002: 79). Die kwantitatiewe benadering beoog om die sosiale wêreld objektief te meet terwyl die kwalitatiewe benadering ten doel het om die sosiale lewe van die mens en die waarde wat hy of sy aan die alledaagse bestaan heg, te verstaan. Van der Merwe (1996:288) sluit hierby aan en omskryf die belangrikste verskille tussen die twee benaderings as die afstand wat tussen die navorser en navorsingssubjek in kwantitatiewe benadering bestaan, terwyl die klem in kwalitatiewe benadering gelê word op 'n beter begrip van menslike gedrag en ervaring.

Die kwalitatiewe benadering berus op 'n anti-positivisme en verklarende benadering; dit is idiografies en die hoofdoelwit is om die sosiale lewe en die betekenis wat mense aan die alledaagse lewe heg te verstaan (Fouchè & Delpont, 2002:79). Bless & Higson-Smith (2000:156) definieer kwalitatiewe navorsing as: "Research conducted using a range of methods which use qualifying words and descriptions to record and investigate aspects of social reality."

Royse (1991:218) definieer 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering soos volg: "An approach which provides detail and adds richness and depth to our understanding of any phenomenon being investigated." Kwalitatiewe navorsing voorsien beskrywende data in die deelnemers se eie geskrewe of verbale woorde. Die kwalitatiewe navorser probeer eerder verstaan as verduidelik, doen eerder natuurlike waarnemings as gekontroleerde

meetmetodes en verder is dit 'n subjektiewe ontdekking van die werklikheid van die perspektief van 'n binneganger.

Creswell (1994:173-190) het tussen verskillende modelle van 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing onderskei. Die navorser het van Creswell (1994:177-178) se gemengdemetodologie-ontwerpmodel gebruik gemaak. Hierdie model verteenwoordig die hoogste graad van gemengde paradigmas van die drie ontwerpe. Volgens De Vos (2002:366) meng die navorser aspekte van die kwalitatiewe en kwantitatiewe paradigma tydens al die of baie van die metodologiese stappe in die ontwerp.

In hierdie studie behels die kwantitatiewe benadering die meting van die adolessent wat seksueel misbruik is se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente met behulp van 'n gestandaardiseerde metingskaal, voor en na intervensie. Sodoende was die navorser dus in staat om te bepaal of daar verbetering plaasgevind het in die adolessent wat seksueel misbruik is, se selfpersepsie en die trauma-dinamika-elemente, en of die speltherapieprogram effektief was of nie.

Die tweede komponent van hierdie studie is vanuit die kwalitatiewe benadering. Die navorser het 'n semi-gestruktureerde onderhoud aan die hand van 'n onderhoudskedule, met die respondente se ouer(s) voor en na afloop van die intervensie gevoer. Inligting wat met behulp van die onderhoudskedule ingesamel is, fokus op die respondent se agtergrondinligting en impak van die seksuele misbruik op die proefpersoon se emosionele, interpersoonlike, fisiese, gedrags-, kognitiewe en seksuele funksionering.

Die navorser het tydens die speltherapie sessies die respondent waargeneem, veldnotas gemaak en het elke sessie beskryf met behulp van verslagskrywing. Gedurende die proses van interaksie tussen die navorser en die proefpersone word die proefpersone se wêreld ontdek en geïnterpreteer deur middel van respondentwaarneming en ongestruktureerde onderhoude as kwalitatiewe metodes.

Ten einde die verandering te verifieër is van triangulasie gebruik gemaak. Triangulasie word beskryf as 'n metode waartydens die kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings gekombineer word. Triangulasie verwys na die gebruik van verskeie metodes van data-insameling om die betroubaarheid van die waarneming te verhoog (De Vos, 2002: 359).

1.7 Soort navorsing

In hierdie studie is van toegepaste navorsing gebruik gemaak. Toegepaste navorsing is die eksploitering van reeds bestaande kennis ter verkryging van nuwe kennis (Smit, 1983: 4). Die tipe navorsing word gestimuleer deur die praktiese nut van die navorsing. Toegepaste navorsing spreek die onmiddellike probleme aan wat die professionele persoon in die praktyk ervaar (Fouchè, 2002a: 108). Nuut verkreeë kennis en insigte kom dus tot vergestaltung in praktiese navorsing.

Collins (1993:28) beskryf toegepaste navorsing as volg: “When research is based on the solving of practical problems relevant to the social work profession and is aimed at discovering how behaviour can be supported or changed, it can be described as applied research. Applied science is thus aimed at the practice and entails the use of existing knowledge from research or personal experience to develop and enhance service, processes and methods.” Toegepaste navorsing kan ook beskryf word as 'n tipe navorsing waartydens 'n spesifieke program of teorie onder 'n spesifieke of gegewe situasie toegepas word (Grinnell, 1981:36).

Binne die konteks van toegepaste navorsing was die oogmerk van hierdie studie om intervensienavorsing te doen. Die navorser het 'n spelterapiëprogram as intervensie vir adolessente dogters wat seksueel misbruik is, ontwikkel, geïmplementeer en geëvalueer. Reid (1995:2041-2042) stel in sy oorsig van navorsing dat nuwer strategieë en intervensies, hoop om meer direkte en soliede verbintenisse tussen navorsing en praktyk te smee.

1.8 Navorsingsontwerp

Navorsingsontwerp kan gedefinieer word as ‘n plan vir die navorsing wat gedoen gaan word – die operasionalisering van veranderlikes sodat dit gemeet kan word, die selektering van ‘n steekproef, insameling van inligting om te gebruik as ‘n basis om die hipotese te toets en die analisering van die resultate (Fouchè & De Vos, 2002:137). Die navorsingsontwerp is dus die vooropgestelde plan waarvolgens die navorser sistematies en gestruktureerd te werk gaan om data in te win, om die hipotese of navorsingsvraag te ondersoek en die doel van die projek te verwesenlik.

Die oogmerk van hierdie studie was om intervensienavorsing te doen. As ‘n vorm van toegepaste navorsing is intervensienavorsing daarop gerig om lig te werp op of moontlike oplossings te voorsien vir praktiese probleme. Navorsingstudies wat uitgevoer word om dienslewering aan maatskaplikewerkkliënte te evalueer, word enkelstelselontwerpe genoem (Williams, Tutty & Grinnell, 1995:161). Enkelstelselontwerpnavorsing kan inligting voorsien oor hoe effektief ‘n diensleweringprogram met individue werk, sodat alternatiewe of aanvullende strategieë aangeneem kan word indien nodig.

Die navorser het van die A-B-A-A ontwerp gebruik gemaak, met individuele respondente van drie verskillende etniese groepe, naamlik blankes, Kleurlinge en Xhosas. Die resultate van die verskillende etniese groepe kon dus ook met mekaar vergelyk word, waarna die navorser in staat was om aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van die program met verskillende etniese groepe. Navorsingsresultate kan onmiddellik bruikbaar wees vir organisasies in terme van verbetering van die organisasie se dienslewering. Navorsing wat bruikbaar is op hierdie manier is toegepaste navorsing (Williams, Tutty & Grinnell, 1995:52).

Ten einde kwalitatiewe data in te samel het die navorser van ‘n kwalitatiewe navorsingstrategie, naamlik die gevallestudie, gebruik gemaak. ‘n Gevallestudie kan gesien word as die ondersoek of in-diepte analise van ‘n “gebonde sisteem” of ‘n enkele of verskeie gevalle, oor ‘n periode (Fouchè, 2002b:275). Die respondente wat die

navorser bestudeer het, verwys in hierdie studie na adolessente dogters wat seksueel misbruik is. Die ondersoek en beskrywing van elke respondent het plaasgevind deur in-diepte data insamelingsmetodes, byvoorbeeld onderhoude en respondentwaarneming.

Die navorser het besluit om nie van 'n bandopnemer gebruik te maak nie, aangesien die navorser vind dat dit sommige adolessente selfbewus maak en spontaneïteit beperk. Baie adolessente is byvoorbeeld besorg oor hoe hulle stem op die bandopname klink. Die navorser het 'n kollektiewe gevallestudie uitgevoer ten einde die navorser se begrip van die populasie wat bestudeer word, te verhoog. Volgens Fouchè (2002b: 276) word daar tydens kollektiewe gevallestudies, gevalle gekies sodat vergelykings gemaak kan word tussen gevalle en konsepte sodat teorieë uitgebrei kan word. 'n Verslag is na afloop van elke sessie geskryf en veldnotas is tydens die sessie geneem, waar moontlik.

1.9 Navorsingsprosedure en werkswyse

Die navorser sal vervolgens die ses fases van intervensienavorsing, ook opgesom in bylaag 1, bespreek soos uiteengesit in Rothman & Thomas (1994:9) en De Vos (2002:394-418):

1.9.1 Fase 1: Problemanalise en projekbeplanning

Die navorser het dit alreeds onder punt 1.3. bespreek.

1.9.1.1 Identifisering en om kliënte by die navorsing te betrek

As deel van die die navorser se daaglike taak, is adolessente kliënte wat seksueel misbruik is, tussen dertien en sewentienjarige ouderdom, van verskillende etniese agtergronde, wat terapeutiese dienste by PATCH ontvang, geïdentifiseer.

1.9.1.2 Verkry toegang en die samewerking van instellings

Die navorser het die navorsing uitgevoer by die organisasie PATCH, waar sy ook aangestel is as maatskaplike werker en daaglikse terapeutiese dienste lewer aan slagoffers van seksuele misbruik. PATCH se direksie ondersteun die navorsing en die navorser het skriftelike toestemming verkry dat sy die navorsing kan voortsit. Die toestemmingsbrief is vervat in bylaag 2. PATCH werk ook nou saam met die Suid-Afrikaanse Polisie-Diens, klinieke, skole en ander welsynsorganisasies in die Helderberg. Die navorser is ook lid van die “SAPSAC” (South African Professional Society on the Abuse of Children) Vereniging en het sodoende ook kontak met en ondersteuning van ander professionele persone wat dienste aan kinders lewer.

1.9.1.3 Identifiseer die bekommernisse en probleme van die gemeenskap

Aangesien die navorser in Januarie 2001 aangestel is as maatskaplike werker by PATCH, het die probleme en bekommernisse van die verskillende gemeenskappe in die Helderberg, Wes-Kaap, onder die navorser se aandag gekom. Die navorser het net nadat sy aangestel is as maatskaplike werker by PATCH in Januarie 2001, bewus geword dat die ouers en slagoffers van seksuele geweld nie die vervoerkostes na PATCH se kantoor in Somerset Wes kan bekostig nie. PATCH het intussen ses satellietkantore geopen in Nonzamo, Lwandle, Sir Lowry's Pass, Strand, Rusthof en in Macassar.

Tweedens het dit onder die navorser se aandag gekom dat veral die Xhosa-sprekende ouers baie keer oorweeg om die saak terug te trek of om die kind na uitgebreide familie in die Oos-Kaap te stuur, uit vrees vir die beweerde oortreder en sy familie. Die navorser volg dus op wat die beweerde oortreder se borgvoorwaardes is en stel die polisie in kennis indien die beweerde oortreder sy borgvoorwaardes oortree of die slagoffer en haar familie intimideer.

1.9.1.4 Analiseer geïdentifiseerde probleem

Seksuele misbruik van kinders is 'n epidemie wat almal in die samelewing beïnvloed. Daar is nie grense wat ras, klas, geslag of voorkoms betref nie. Dit is 'n sosiale probleem wat die normale funksionering van die kind, haar ouers, gesin en gemeenskappe benadeel. Die navorsingsprobleem is onder punt 1.3 bespreek.

1.9.1.5 Doelstelling en doelwitte

Na afloop van die probleemanalise het die navorser 'n doelstelling en doelwitte geformuleer soos uitgelig onder punt 1.4.

1.9.2 Fase 2: Inligting insameling

Wanneer 'n intervensienavorsingsprojek beplan word, is dit noodsaaklik om ondersoek in te stel wat alreeds gedoen is ten einde die probleem te verstaan en aan te spreek (De Vos, 2002:405).

1.9.2.1 Gebruik bestaande inligtingsbronne

Hersiening van literatuur is 'n fundamentele fase in die ontwikkeling van enige navorsingsprojek. Gedurende hierdie fase samel die navorser inligting in, in verband met die huidige kennisbasis in die area van belang, verfyn konseptualiserings en operasionaliserings, en identifiseer probleme wat kan voorkom gedurende studies (Thyer, 2001:401). Die navorser poog om die produktiefste metodes te vind om die probleem te hanteer, gebaseer op die hersiening van relevante literatuur.

'n Literatuurstudie is dus 'n sistematiese en volledige soektog vir gepubliseerde materiaal oor 'n spesifieke onderwerp. Gedurende hierdie fase samel die navorser inligting in oor die huidige kennisbasis in die area van belang, verfyn konseptualiserings en operasionaliserings, en identifiseer probleme wat gedurende studies kan voorkom (Thyer, 2001:401). Die literatuurstudie bied aan die navorser die geleentheid om toepaslike

literatuur oor die betrokke onderwerp te bestudeer, die probleem duidelik te formuleer en om leemtes in die terreine te identifiseer. Volgens Thyer (2001:402) help die literatuurstudie om die navorser se begrip van die geskiedenis, oorsprong en omvang van die probleem te verbreed. Dit help die navorser ook bepaal watter antwoorde reeds bestaan in verband met die probleem en watter potensiële antwoorde nog nie ondersteun is nie.

‘n Literatuurstudie is met behulp van Universiteit Pretoria se biblioteekdienste op die volgende databasisse gedoen, naamlik: UP Explore, SABINET, Siteinfo, Ebschohost en “Current and Completed Research Projects.” Beskikbare literatuur oor die navorsingsonderwerp is nagegaan. Biblioteekdienste by die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Stellenbosch is gebruik om ‘n literatuursoektog oor die onderwerp te doen. Suid-Afrikaanse en oorsese literatuur is bekom. Bronne vanuit die ander vakwetenskappe soos geneeskunde, sielkunde en opvoedkunde word benut. Verskeie bronne, waaronder boeke, vaktydskrifte en skripsies is geraadpleeg. Die doel van die literatuurstudie is om ‘n breë agtergrond oor die veld van ondersoek te bekom. Die literatuurstudie word gedoen om te bepaal wat reeds oor die onderwerp nagevors is. Hierdeur kan die navorser dus haar visie verbreed en herhaling voorkom.

Die navorser het ‘n literatuurstudie gedoen en het toepaslike literatuur oor die betrokke onderwerp bestudeer, om sodoende die probleem van seksuele misbruik van kinders duidelik te formuleer en om leemtes in die terreine te identifiseer.

1.9.2.2 Bestudeer natuurlike voorbeelde

Waarnemings van hoe gemeenskapslede poog om die probleem van seksuele misbruik te hanteer, is ‘n waardevolle bron van inligting. Tydens die afgelope vyf jaar het dit onder die navorser se aandag gekom dat die verskillende etniese groepe die probleem van seksuele misbruik van kinders verskillend hanteer. Die navorser het bewus geword van verskillende probleemoplossende vaardighede wat verskillende etniese groepe soos Xhosas, blankes en Kleurlinge ontwikkel het, wanneer hulle kinders slagoffers van seksuele misbruik word.

1.9.2.3 Identifiseer funksionele elemente van suksesvolle modelle

Wanneer inligting ingesamel is, analiseer die navorser die kenmerke van die modelle, programme en praktyke wat voorheen die probleem van seksuele misbruik aangespreek het en identifiseer potensieel bruikbare elemente van die intervensie (De Vos, 2002: 407). Die navorser het ook kollegas genader en in gesprek met hulle getree oor moontlik bestaande programme. Die samevatting van bestaande kennis help om die ontwerp en ontwikkeling van aktiwiteite te lei.

Die navorser het ondersoek ingestel na reeds bestaande navorsing, beskikbare maatskaplike werk, sielkunde en opvoedkundige tydskrifte en boeke. Die navorser het tydens die soektog die volgende bruikbare riglyn gevind, naamlik: Karp, C.L.; Butler, T.L. & Bergstrom, S.C. 1998. *Treatment Strategies for Abused Adolescents – from Victim to Survivor*. California: SAGE Publications. Alhoewel die inhoud van die navorser se spelterapiëprogram verskil van die inhoud van die riglyn, vind die navorser die formaat van die riglyn baie sinvol en duidelik, en is dit benut tydens uiteensetting van die spelterapiëprogram. Die navorser het ook in die spelterapiëprogram eers die doelwitte van elke aktiwiteit, watter materiaal benodig word en dan die instruksies bespreek, soos in die bogenoemde riglyn. Die aktiwiteite wat die navorser in die spelterapiëprogram voorstel om probleme van hulpeloosheid, verraad, stigmatisasie en traumatiese seksualisering aan te spreek, verskil van die aktiwiteite in die bogenoemde riglyn.

Die navorser het ook tydens die soektog gevind dat daar riglyne vir tieners is wat die tiener self kan deurwerk, om seksuele misbruik te oorkom. Die navorser beskik self oor twee soortgelyke boeke, naamlik: “*A teens guide to overcoming sexual abuse. It happened to me*” en “*High Tops – A guideline for children that have been sexually abused.*” Die navorser het die eersgenoemde boek aangekoop teen R270, baie minder bevoorregte adollesente wat seksueel misbruik is, kan dit nie bekostig nie.

1.9.3 Fase 3: Ontwerp

‘n Navorsingsontwerp is ‘n plan van hoe die navorser beoog om die navorsing uit te voer (Fouche & De Vos, 2002:137).

1.9.3.1 Ontwerp ‘n waarneembare sisteem

Die navorser moet volgens De Vos (2002: 408) ‘n metode ontwerp om die omvang van die probleem en die gevolge na die intervensie te ontdek.

Opstel van ontwerp: Dit verwys na die navorser se program (sien bylaag 3 vir ‘n uiteensetting van die navorsingsontwerp) en plan om data in te samel en te analiseer en sluit in wie dit sal insamel, hoe, van wie, wanneer en waar. Die A-B-A-A ontwerp is van toepassing op die aangebode navorsing. Die A verteenwoordig die voor-meting, die B stel die intervensie voor en die laaste twee A’s dui op twee na-metings. Die navorser het die A-B-A-A enkelstelselontwerp toegepas met drie verskillende etniese groepe, naamlik Kleurlinge, blankes en Xhosas. ‘n Gestandaardiseerde metingskaal, vir die meting van die selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente van die adolessent wat seksueel misbruik is, is voor en na toepassing van die spelterapieprogram deur vyftien respondente (vyf van elke etniese groep) voltooi, waarna die berekening daarvan deur die navorser self gedoen is. ‘n Voorbeeld van die gestandaardiseerde metingskaal, die Kinderfunksioneringsinventaris - Hoërskool, is aangeheg as bylaag 4. Die navorser het drie maande na die eerste na-meting ‘n opvolgonderhoud met die adolessent en ouer(s) gevoer, ten einde die effek van die spelterapieprogram drie maande na terminering te monitor.

Die navorser het van ‘n kwalitatiewe navorsingstrategie, naamlik die gevallestudie, gebruik te maak. Die ondersoek en beskrywing van die respondent het plaasgevind deur in-diepte-data-insamelingsmetodes, naamlik onderhoude en respondentwaarneming. Die navorser het ‘n semi-gestruktureerde onderhoud aan die hand van ‘n onderhoudskedule met die ouer(s) van die adolessent wat seksueel misbruik is, gevoer, voor en na afloop

van die navorsing. Die onderhoudskedule is aangeheg as bylaag 5. Afdeling A van die onderhoudskedule is net tydens die basislynfase gebruik, maar afdeling B is in beide die basislynfase en opvolgfases gebruik. 'n Onderhoudskedule is 'n vraelys wat geskryf is om die onderhoud te rig (Greeff, 2002: 302). Dit forseer dus die navorser om te dink oor wat sy hoop, gedek sal word tydens die onderhoud. Tydens hierdie fase is die program en meetinstrumente dus gereed gemaak vir die voorondersoek.

Definieer die afhanklike veranderlike: Dit is die veranderlike waarin die navorser verandering verwag (Strydom, 2002a: 154). Die navorser het verwag dat daar 'n verbetering in die adolessent wat seksueel misbruik is, se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente sal plaasvind. Die selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente van die adolessent wat seksueel misbruik is, is dus die afhanklike veranderlike.

Definieer die onafhanklike veranderlike: Dit is die veranderlike wat die navorser verwag die afhanklike veranderlike sal affekteer (Strydom, 2002a: 155). Die navorser het verwag dat die speltherapieprogram, die selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente van die respondent sal verbeter. Die speltherapieprogram is dus die onafhanklike veranderlike.

Ontwikkel 'n hipotese: Sien punt 1.5. Die navorser ontwikkel 'n hipotese oor die maniere waarop sekere veranderlikes die probleem kan affekteer, en die beste manier waarop hierdie veranderlikes of die verhouding tussen hulle verander kan word. Die hipotese van die navorsing is dat indien die speltherapieprogram geïmplementeer word met die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, dan sal dit lei tot die verbetering van haar selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente.

1.9.3.2 Spesifiseer prosedure-elemente van die intervensie

Die ses fases van intervensienavorsing is uiteengesit in bylaag 1, ten einde die navorsingsprosedures en werkswyse te illustreer. Die navorser het ook die A-B-A-A ontwerp reeds onder punt 1.9.3.1 bespreek. Sien ook bylaag 3 vir die navorsingsontwerp.

1.9.4 Fase 4: Vroeë ontwikkeling en die voortoets

Ontwikkeling is die proses waartydens 'n nuwe intervensie geïmplementeer word en op 'n toetsbasis gebruik word, om die geskiktheid te toets en om herontwerp te word indien nodig.

1.9.4.1 Ontwikkel 'n prototipe of inleidende intervensie

Die navorser het 'n besprekingsforum met kundiges in 'n vroeë stadium van die studie gereël, voordat die literatuurstudie voltooi is. Tydens hierdie geleentheid het die navorser 'n oorsig oor die beoogde studie gegee, ten einde kommentaar van die afgevaardigdes te bekom. Afgevaardigdes het bestaan uit akademië en kenners van die betrokke onderwerp. Prosedure en beplande meetinstrumente van die empiriese studie is aan hulle voorgelê vir bespreking. Waardevolle kommentaar en aanbevelings is deur die afgevaardigdes gemaak wat die navorser in ag geneem het tydens die ontwikkeling van die program.

1.9.4.2 Uitvoer van 'n voortoets

Fawcett et al., (1994:36-37) is van mening dat 'n voortoets nodig is ten einde te bepaal of die intervensie gaan werk of nie. Dit is belangrik dat die voortoets in min of meer dieselfde omstandighede en omgewing as die intervensie sal geskied. Die effektiwiteit van die intervensie sal sodoende bepaal kan word sowel as elemente identifiseer waar aanpassings gemaak moet word.

Voortoetse word uitgevoer om te bepaal of die intervensie effektief is en watter elemente moontlik verander moet word. Aangesien die navorser daaglikse terapeutiese dienste aan slagoffers van seksuele geweld lewer, dien dit ook as voorstudie, aangesien die navorser tydens dag-tot-dag dienslewering kon bepaal watter speltherapie tegnieke effektief is. Die navorser het egter die speltherapieprogram ontwikkel, en dit geïmplementeer met een adolessent uit elke etniese groep en 'n voortoets uitgevoer, voordat respondente vir die studie geselekteer is. Die voorondersoek word verder bespreek onder 1.10.

1.9.4.3 Pas die ontwerp kriteria op die inleidende intervensie konsep toe

Die ontwerp proses word geleidelik deur algemene riglyne en waardes vir intervensie navorsing. Relevante vrae sluit in: Is die intervensie effektief? Is dit bruikbaar vir ander? Is dit maklik om te gebruik? Is dit prakties? Is dit aanpasbaar in verskeie kontekste? (De Vos, 2002:412). Die navorser het die speltherapieprogram baie prakties saamgestel. Die navorser het ook die speltherapieprogram getoets met verskillende etniese groepe.

1.9.5 Fase 5: Evaluasie en gevorderde ontwikkeling

1.9.5.1 Selekteer 'n eksperimentele ontwerp

Gedurende die voortoets en meer formele evaluasies van 'n intervensie, word data voortdurend ingesamel en geanaliseer. Deurdat spesifieke gedrag en ander uitkomstedeurgaans gemonitor word, help dit om te bepaal of die inisiële intervensie geïmplimenter moet word en of supplementêre prosedures nodig is (De Vos, 2002:413). Soos reeds beskryf is, is die A-B-A-A ontwerp gebruik om te bepaal of die intervensie effektief was of aangepas moet word.

1.9.5.2 Versamel en analiseer data

Die navorser het kwantitatiewe data met behulp van 'n gestandaardiseerde metingskaal versamel en die kwalitatiewe data met semi-gestruktureerde onderhouds en respondentewaarneming. Die kwalitatiewe data is geanaliseer deur die data wat ingesamel is tydens die semi-gestruktureerde onderhouds met die ouers met behulp van 'n onderhoudskedule, voor en na afloop van die intervensie, met mekaar te vergelyk. Die navorser het ook waarnemings en veldnotas tydens speltherapie sessies gemaak en het beskrywende verslae oor die sessies geskryf. Creswell (2003:191-195) se prosedure vir analise van kwalitatiewe data sal gebruik word om die data te ontleed, te verwerk en te beskryf. In hierdie prosedure word soos volg te werk gegaan: transkribeer elke

onderhoud / sessie; lees deur al die transkripsies om 'n geheelbeeld en algemene indruk te bekom; kodeer die materiaal en identifiseer kernwoorde; identifiseer temas tydens die koderingsproses deur byvoorbeeld ooreenstemmende temas met dieselfde kleure te merk; beskryf die temas woordeliks en visueel met figure en tabelle en interpreteer die data deur bestaande literatuur te gebruik.

Die kwantitatiewe data is geanaliseer deur die verwerkte data van die gestandaardiseerde metingskaal, voor en na afloop van die intervensie met mekaar te vergelyk. Die ingesamelde data is opgesom in die vorm van grafiese voorstellings. Analise beteken die kategorisering, ordening, manipulering of opsomming van die data ten einde antwoorde op navorsingsvrae te kry (De Vos, Fouchè & Venter, 2002: 223). Interpretasie van die data is nodig ten einde betekenis te vind.

Die navorser het die intervensie geïmplementeer met adolessente uit verskillende etniese groepe en het die data wat ingesamel en geanaliseer is van die verskillende etniese groepe, met mekaar vergelyk.

1.9.5.3 Herhaal die intervensie onder veldomstandighede

Die primêre doel van intervensienavorsing is om effektiewe intervensies te ontwikkel ten einde verandering in 'n probleemsituasie te bewerkstellig (De Vos, 2002: 413). Die navorser het onder punt 1.9.3 die ontwerp bespreek en omskryf onder punt 1.11 steekproeftrekking. Die navorser het die intervensie geïmplementeer met vyf respondente respektiewelik vanuit drie etniese groeperings, naamlik blank, Kleurling en Xhosa.

1.9.5.4 Verfyn die intervensie

Die resultaat van veldtoetse is om probleme met die meetsisteen en intervensie op te los. Aanpassings in die taal, inhoud en intervensiemetodes kan die gewenste

gedragsveranderinge produseer. Die prototipe program sal dus verfyn word voor verspreiding.

1.9.6 Fase 6: Verspreiding

Gedurende hierdie fase sal 'n navorser die produk voorberei vir verspreiding deur 'n naam te kies vir die produk, 'n prys vas te stel en standarde vir gebruik op te stel. Die navorser kan dan die potensiële mark vir die intervensie identifiseer en 'n aanvraag vir die intervensie skep en gepaste aanpassings aanmoedig en tegniese ondersteuning aanbied. Fase 6 is egter nie deel van hierdie navorsing nie.

1.10 Voorondersoek

Die term “voorondersoek” word in die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (in Strydom, 2002b: 211) soos volg gedefinieer: “Die proses waarvolgens die navorsingsontwerp vir 'n bepaalde ondersoek getoets word.” Die voorondersoek is dus 'n belangrike deel van die navorsing wat vervolgens kortliks bespreek sal word:

1.10.1 Konsultasie met kundiges

Onderhoude met mense wat die probleem ervaar het, soos kliënte, of professionele persone met kennis oor die probleem, kan die navorser help om insig te ontwikkel oor watter intervensie suksesvol kan wees en watter nie, asook bewuswording skep van die veranderlikes wat die sukses daarvan kan beïnvloed (De Vos, 2002: 212). Die navorser het met kundiges deur gesprekvoering kontak gemaak. Dit het die navorser in staat gestel om noodsaaklike inligting in te win en die beplanning en praktiese uitvoerbaarheid van die navorsing te bepaal. Die navorser het met die volgende kundige persone gesprekke gevoer:

- Mev. van der Merwe, maatskaplike werker in privaatpraktyk oor krisisintervensie en korttermyn terapie met getraumatiseerde kinders. Die navorser was verskeie kere by mev. van der Merwe vir supervisie en sy het praktiese wenke ten opsigte van

terapeutiese dienslewering aan kinders wat seksueel misbruik is, aan die navorser gegee.

- Dr. Ludwig, psigiater in privaatpraktyk. Die navorser het Dr. Ludwig vir twee supervisie-sessies gespreek. Tydens die sessies is daar hoofsaaklik gefokus op post-trauma simptome, trauma en "Eye Movement Desensitization and Reprocessing."
- Lizaan Lenox, forensiese maatskaplike werker in privaatpraktyk. Die navorser het ook 'n supervisie-sessie met Me. Lenox gereël, waartydens die hofverrigtinge, hofverslae en die deskundige getuie, bespreek is.
- Die navorser het ook telefonies verskeie maatskaplike werkers van welsynsorganisasies (PAWK, Kinder-en-Gesinsorg en CMR) gekontak. Soos reeds bespreek, het die maatskaplike werkers 'n behoefte aan 'n spelterapieprogram vir dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is, geïdentifiseer.
- Die navorser het 'n onderhoud met Vuyokazi Ngalwa, Xhosa maatskaplike werker by PATCH, gevoer ten einde meer inligting in te samel oor adolessensie en die Xhosa kultuur.
- Die navorser het ook 'n gespreksforum met elf kundiges gehou voordat die program gefinaliseer is. 'n Seminaar is aangebied voor die finale afronding van die proefskrif. Kundiges het waardevolle bydraes tydens beide byeenkomste gemaak.

1.10.2 Uitvoerbaarheid van die ondersoek

Die navorser het skriftelike toestemming van die Direksie van PATCH gekry dat die navorsing wel by PATCH uitgevoer mag word, aangeheg as bylaag 2. Die navorser is 'n maatskaplike werker by PATCH en het self die respondente, vanuit haar gevallelading selekteer. Die navorser het skriftelike toestemming van die respondent en ouers verkry voordat die respondente by die navorsing betrek is. 'n Voorbeeld van die skriftelike toestemmingsbrief is aangeheg as bylaag 6 en 7.

Die navorser het van die speelkamers by PATCH se kantore in Somerset Wes, Rusthof, Lwandle, Nonzamo, Sir Lowry's Pass en Macassar vir die sessies gebruik gemaak. Elke respondent is een keer 'n week of elke tweede week, vir 'n sessie van 'n uur lank gesien.

Daar was geen kostes aan verbonde nie. Die spelterapieprogram is met elke respondent individueel geïmplementeer. Die intervensie het oor ongeveer nege maande tot 12 maande met elke respondent gestrek, afhangende daarvan of die respondent weekliks of elke tweede week gesien is, of soos dit aan die behoefte van die respondent voldoen het. Die empiriese navorsing het tussen Februarie 2004 en Januarie 2006 plaasgevind.

1.10.3 Toetsing van meetinstrument / onderhoudskedule / program

Die navorser het van 'n gestandaardiseerde metingskaal, naamlik die Kinderfunksioneringsinventaris - Hoërskool, gebruik gemaak om die selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente van die adolessent wat seksueel misbruik is, voor en na intervensie te meet. Volgens Faul & Van Niekerk (1998:95) sal dit die kind slegs 20-30 minute neem om die skaal te voltooi. Daar word na die meting as “gestandaardiseerd” verwys as dit geldig en betroubaar is. Dit was dus nie nodig vir die navorser om die meetinstrument uit te toets nie, aangesien dit 'n gestandaardiseerde metingskaal is. Nadat die voorlopige program ontwikkel was, het die navorser die hele program, metingskaal, semi-gestruktureerde onderhoud en onderhoudskedule gevoortoets met een adolessent uit elke kultuurgroep – dus drie adolessente en hul ouers. Hierdie persone is dus nie by die hoofondersoek betrek nie.

1.10.4 Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming

Die “universum” verwys na alle potensiële respondente wat oor die eienskappe beskik, waarin die navorser belangstel. Die “populasie” is 'n term wat grense daarstel op die studie-eenheid; dit verwys na individue in die universum wat oor spesifieke eienskappe beskik (Strydom & Venter, 2002: 198). 'n Steekproef is die segment van die populasie wat oorweeg word vir verteenwoordigende insluiting van die studie (Strydom & Venter, 2002:199). Die populasie waaruit die steekproef vir hierdie studie verkry is, het adolessente dogters (13-17 jarige ouderdom) van verskillende etniese groepe, wat seksueel misbruik is en wat terapeutiese dienste by PATCH ontvang, ingesluit. Kinders

wat geselekteer is vir die studie het nie met meer as vier jaar in ouderdom van mekaar verskil nie.

Die navorser het steekproeftrekking gedoen wat op 'n nie-waarskynlikheidsseleksie berus. Al die mense in die populasie, in die nie-waarskynlikheidsseleksie, het nie dieselfde waarskynlikheid om ingesluit te word in die seleksie nie en vir elkeen van hulle is die waarskynlikheid van insluiting onbekend. (Vergelyk Thyer, 2001:49; Williams, Tutty & Grinnell, 1995: 228.) Die navorser het 15 respondente by wyse van doelgerigte steekproefneming geselekteer en wel vyf respondente respektiewelik vanuit die etniese groepering Xhosa, blank en Kleurling. 'n Doelgerigte steekproefneming is gebaseer op die oordeel van die navorser, deurdat die navorser 'n steekproef saamstel uit persone wat volgens die navorser se oordeel die kenmerkende eienskappe van die populasie openbaar (Strydom & Venter, 2002: 207). Die volgende kriteria was vir die keuse van die respondente benut, naamlik:

- Seksueel misbruikte adolessente dogters,
- Tussen dertien en sewentienjarige ouderdom,
- Die respondente moet alreeds die seksuele misbruik onthul het,
- Die seksuele misbruik moet nie langer as vier maande voor die verwysing na PATCH plaasgevind het nie,
- Die respondente moet nie met meer as vier jaar in ouderdom van mekaar verskil nie,
- Respondente moet van verskillende etniese groepe wees, naamlik Xhosas, blankes en Kleurlinge,
- Die respondente moet terapeutiese dienste by PATCH ontvang en is vanaf Februarie 2004 geselekteer.

Na seleksie is skriftelike toestemming van die respondente en ouers van die potensiële respondente verkry, voordat hulle betrek is by die navorsing.

1.11 Etiese aspekte

Etiek is 'n stel morele beginsels wat deur die individu of groep voorgestel en aanvaar word en lê reëls en gedragsverwagtinge neer vir die besluit oor die mees korrekte optrede teenoor kliënte, werkgewers, navorsers, borge, assistente en studente (Strydom, 1995: 15). Etiese kodes rig professionele persone in hul werk en voorsien standarde om hulle te ondersteun tydens gebeure wanneer hulle aksies verdedig moet word (Thompson & Rudolph, 2000: 7). Kodes van etiek is gevestig deur professionele liggame om 'n regulerende raamwerk te voorsien vir die beskerming van kwesbare kliënte (Woolfe & Dryden, 1996: 560).

Die navorser is geregistreer by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diens Beroepe en respekteer die etiese kode van die beroep. Etiese riglyne dien ook as standaard en basis waarvolgens elke navorser sy eie optrede behoort te beoordeel en as 'n aspek waarna voortdurend gestreef moet word. Vir die doel van hierdie studie het die navorser tussen die volgende etiese kwessies onderskei, soos deur Strydom (2002c: 62-75) bespreek:

- Ingeligte toestemming impliseer dat alle moontlike inligting of voldoende inligting ten opsigte van die doel van die ondersoek, die prosedures wat tydens die ondersoek gevolg sal word, die moontlike voordele, nadele en gevare waaraan respondente blootgestel mag word en die geloofwaardigheid van die navorser, aan potensiële proefpersone verstrekkend word. (Vergelyk Thyer, 2001:434 & Strydom, 2002c: 65.) Die navorser was bewus daarvan dat die adolessent wat seksueel misbruik is, wat betrek is by die navorsing asook die ouers van die kinders, ingelig moes word oor bogenoemde ten einde skriftelik, ingeligte toestemming te verkry. Die navorser het die respondente verseker dat dit hul reg is om toestemming te weier of te enige tyd van die navorsing te onttrek (Thyer, 2001:437).
- Steekproeftrekking moet aandagtig deur die navorser gedoen word. Weens kultuur, etnisiteit en maatskaplike verskeidenheid, moet maatskaplike werkers verseker dat

hul steekproewe 'n verskeidenheid groepe en kliënte insluit (Thyer, 2001:434). Aangesien die navorser 'n doelgerigte steekproeftrekking vanuit die navorser se gevallelading gedoen het, het die navorser sodoende verseker dat respondente vanuit verskillende etniese groepe geselekteer is. Die navorser het vyf kinders van elke etniese groep (Xhosa, blank en Kleurling), geselekteer.

- Skade aan proefpersone kan van 'n fisiese of emosionele aard wees (Strydom, 2002c: 64). Die navorser is eties verplig om die aard van die navorsing te verander eerder as om die respondente aan die skraalste moontlikheid van fisiese of emosionele benadeling bloot te stel. Sover die navorser se kennis strek was nie een van die respondente blootgestel aan enige vorm van fisiese of emosionele skade gedurende die terapeutiese proses nie en verwysings na 'n ander terapeut was dus nie nodig nie.
- Misleiding van proefpersone is wanneer inligting weerhou word of verkeerde inligting voorsien word, om deelname te verseker (Strydom, 2002c: 66). Die navorser het verseker dat geen inligting van die proefpersone weerhou word nie deur die proefpersone en versorger(s) die ingeligte toestemmingsbrief te laat teken nadat die doel van die navorsing verduidelik is. Indien die navorser bewus word van enige misleidende inligting, sal dit reggestel word.
- Skending van die privaatheid van die proefpersone moet vermy word. Navorsers moet die respondente se privaatheid beskerm en navorsingdata konfidensieel hanteer. (Vergelyk Thyer, 2001:440 en Strydom, 2002c: 67.) Die privaatheid van proefpersone kan onder meer benadeel word deur die gebruikmaking van versteekte aparate soos videokameras, eenrigtingspieëls en mikrone (Strydom, 1995: 19). Soos reeds bespreek het die navorser besluit om nie van 'n bandopnemer gebruik te maak nie. Die navorser het van skuilname gebruik gemaak tydens bespreking van die gevallestudies en die empiriese gegewens ten einde die skending van die privaatheid van die proefpersone te vermy. Die proefpersone is individueel ingeskakel by die sessies. Streng vertroulikheid is gehandhaaf.

- Die navorser moet bevoeg en bedrewe wees om die voorgestelde ondersoek te loods (Strydom, 2002c: 69). Die navorser is bewus daarvan dat die totale navorsingsproses op 'n eties-korrekte wyse moet verloop. Eties-korrekte optrede, houding en klededrag vir elke spesifieke navorsingsprojek behoort onder alle omstandighede vir die bekwame navorser te geld en dit behoort deel van haar mondering as navorser uit te maak (Strydom, 1995: 21). Aangesien die navorser reeds haar MA (MW) Speltherapiegraad voltooi het, beskik die navorser oor die nodige kennis en vaardighede om die studie uit te voer. Die navorsing vloei dus voort uit die maatskaplike werker as navorser se daaglikse werk met kinders wat seksueel misbruik is.
- Die bevindinge van die ondersoek moet skriftelik aan die leserspubliek bekend gestel word, anders beteken selfs 'n hoogs wetenskaplike ondersoek baie min en kan dit nie as navorsing beskou word nie (Strydom, 2002c: 71). Die navorser is bewus daarvan dat alvorens 'n navorsingsverslag en artikel ingedien mag word, dit moet voldoen aan die vereistes, soos opgestel deur die Afdeling Akademiese Administrasie van die Universiteit van Pretoria.
- Ontlonting vir proefpersone na die studie, is 'n geleentheid vir proefpersone om deur hulle ervaringe te werk (Strydom, 2002c: 73). Die navorser is steeds beskikbaar indien enige van die respondente weer die terapeutiese sessies wil voortsit of is bereid om die nodige verwysings na ander professionele persone te doen indien nodig.

1.12 Probleme ervaar tydens die navorsing

Die navorser het probleme ervaar met die selektering van die blanke respondente. Alhoewel daar wel blanke dogters tussen 13 en 17 jarige ouderdom na PATCH verwys is, het twee dogters nie aan die kriteria vir die keuse van respondente voldoen nie, aangesien die seksuele misbruikvoorvalle langer as vier maande voor die verwysing na PATCH plaasgevind het. Drie ander adolessente het nie belang gestel in langtermyn terapie en om aan die navorsing deel te neem nie en een ander adolessent moes beveilig word en is in

veiligheid buite PATCH se diensarea geplaas. Die navorser is van mening dat onderaanmelding en geheimhouding 'n probleem is met blanke slagoffers van seksuele misbruik. Die gebrek aan geskikte respondente het die navorsing vertraag, aangesien die navorser moes wag totdat blanke dogters wat aan die kriteria voldoen na PATCH verwys word.

Die navorser het ook probleme ervaar met die voltooiing van die spelterapeutiese proses met die Xhosa respondente. Die Xhosa respondente was baie keer nie betyds vir die sessies nie en sou of te vroeg of te laat vir hulle sessies opdaag. Dit het dienslewering bemoeilik aangesien die navorser dan soms nie beskikbaar was nie weens ander verpligtinge of ander afsprake. Volgens PATCH se Xhosa maatskaplike werker, Vuyokazi Ngalwa (2003), ervaar sy dieselfde probleem met haar Xhosa kliente deurdat hulle nie altyd betyds vir hulle sessies opdaag nie. Twee van die Xhosa respondente se ouers het tydens die terapeutiese proses besluit om hulle kinders na uitgebreide familie in die Oos-Kaap te stuur en het dus die voltooiing van die terapeutiese proses telkens onderbreek en voltooiing voorkom. Die navorser moes telkens nuwe respondente selekteer wanneer dit gebeur het en het altesame nege Xhosa respondente oor die verloop van tyd geselekteer. Die navorser was met deursettingsvermoë daartoe in staat om met vier Xhosa respondente die terapeutiese proses te voltooi.

Die vyfde Xhosa respondent het gedurende die terapeutiese proses onthul dat sy toestemming gegee het en nie verkrag is nie. Aangesien die respondent ten tye van die voorval 13 jaar oud was, kan sy volgens die wet nog nie ingeligte toestemming vir seksuele omgang gee nie en was die voorval dus statutêre verkragting en nie verkragting nie. Sy het na die onthulling nie terapie voortgesit nie en het die verkragtingsaak teruggetrek. Die navorser het egter besluit om die betrokke respondent steeds deel te maak van die navorsing aangesien dit ook in praktyk kan gebeur dat 'n adolessent onthul dat sy toestemming gegee het en nie verkrag is nie. Die navorser was soms nie in staat om die respondente weekliks te sien nie weens hulle ander verpligtinge soos sport en gedurende die eksamens. Die navorser het die terapeutiese sessies dus aangepas by elke kind se individuele behoeftes en het soms die respondente elke tweede week gesien

wanneer nodig. Aangesien die navorser 15 respondente vir ongeveer dertig individuele sessies elk gesien het, was dit moeilik om die empiriese gegewens bondig weer te gee en ter selfder tyd 'n waarheidsgetroue beeld te skets. Die navorser het daarom noodgedwonge tegniese aanpassings in hoofstuk ses, sewe, agt en nege gemaak.

1.13 Definisie van hoofkonsepte

1.13.1 Seksuele misbruik

Winton & Mara (2001:48) definieer seksuele misbruik vanuit die “Third National Incidence Study of Child Abuse and Neglect”, wat drie vorme van seksuele misbruik identifiseer, naamlik:

- Indringing – bewyse van orale, anale of genitale (geslags) penetrasie, of anale of genitale digitale (vinger) of ander penetrasie.
- Seksuele misbruik met geslagskontak – dae waartydens sommige vorme van geslagskontak plaasgevind het, maar waar daar geen spesifieke aanduiding van indringing is nie.
- Ander of onbekende seksuele misbruik – nie-spesifieke dae, wat nie-geslagskontak insluit nie (bv. betasting van die borste of boude, blootstelling) en vir beweerde onaanvaarbare of onvoldoende supervisie van 'n kind se vrywillige seksuele aktiwiteite.

Volgens Gil (1996:12) verwys seksuele misbruik na die betrokkenheid van 'n kind in seksuele aktiwiteite ten einde seksuele bevrediging of finansiële voordeel aan die oortreder te voorsien, insluitende kontak vir seksuele doeleindes, prostitusie, pornografie, blootstelling en ander seksueel uitbuitende aktiwiteite. Volgens Mash & Woolfe (2002:383) sluit seksuele misbruik die betasting van die kind se genitalië, geslagsomgang, bloedskanie, verkragting, sodomie, tentoonstelling en kommersiële blootstelling deur prostitusie of die voortbrenging van pornografiese materiaal in.

Volgens Tower (1996:132) sluit die term seksuele misbruik die volgende in: "...(i) the employment, use persuasion, inducement, enticement or coercion of any child to engage in any sexually explicit conduct (or any stimulation of such contact) for the purpose of producing any visual depiction of such contact, or (ii) the rape, molestation, prostitution, or other form of sexual exploitation of children, or incest with children, under circumstances which indicate the child's health or welfare is harmed or threatened thereby."

Die navorser is bewus daarvan dat die oortreders nie noodwendig volwassenes is nie en dat kinders ook kinders seksueel kan misbruik. Volgens die navorser verwys seksuele misbruik na:

- Die kind se onrype ontwikkeling en onvermoë tot toestemming,
- Die oortreder se misbruik van mag en die slagoffer se gevoel van hulpeloosheid,
- Seksuele aktiwiteite wat ontoepaslik vir die kind se ontwikkelingsouderdom is,
- Verkragting, onsedelike aanranding, bloedskande, betasting, orale seks en digitale (vinger) penetrasie, blootstelling, seksueel uitbuitende aktiwiteite en pornografie.

1.13.2 Adolessensie

Adolessensie is die periode van verandering tussen middelkinderjare en lewe as 'n volwassene; dit dek basies die tienerjare. Biologies word dit gekenmerk deur die begin van puberteit en na puberteit is 'n persoon seksueel volwasse en kan potensieël 'n ma of pa van 'n kind word. Sosiaal word adolessensie gekenmerk deur 'n verhoging van onafhanklikheid van ouers, soos die jong persoon voorberei om die huis te verlaat, om opvoeding te voltooi, om seksuele verhouding te vorm en om 'n soort werk te vind (Smith, Cowie & Blades, 1998:231).

As gevolg van sowel individuele as kultuurverskille wissel die bepaling van die aanvangsfase van adolessensie tussen 11 en 13 jaar, terwyl die einde van adolessensie tussen ouderdomme 17 en 21 jaar val (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:384). Dit is dus beter om die adolessente ontwikkelings stadium in terme van spesifieke

ontwikkelingskenmerke te beskryf as bloot op grond van ouderdom. Volgens Thom (1990:393) kan dus gesê word dat adolessensie tydens puberteit (vinnige liggaams groei, voortplantingsorgane begin funksioneer en geslagsrypheid word bereik) 'n aanvang neem.

Die einde van adolessensie word egter deur minder opvallende eienskappe gekenmerk as die begin. Sosiaal gesien, eindig adolessensie wanneer die individu onafhanklik en selfonderhoudend is en volwasse rolle begin vervul, in die huwelik tree en met 'n gesin begin. Wetlik eindig adolessensie in Suid-Afrika op 21 jarige ouderdom, wanneer die noodsaaklikheid van ouerlike toestemming verval en die persoon verantwoordelik gehou kan word vir kontrakverpligtinge. Psigologies eindig adolessensie wanneer die persoon redelik seker van sy identiteit is, emosioneel onafhanklik van sy of haar ouers is, 'n eie waardestelsel het en in staat is om 'n volwasse liefdesverhouding en vriendskapsverhoudings aan te knoop (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:384). Volgens Gil (1996:5) word adolessensie oor die algemeen gedefinieer as die lewensperiode tussen die ouderdom 10 en 21 jaar, alhoewel daar geringe variasies gerapporteer word. Sewentienjarige kinders word volgens die wet gesien as minderjariges, terwyl agtienjariges wetlik gesien word as volwassenes.

Vir die doel van hierdie studie, word adolessensie gedefinieer as jong persone tussen die ouderdom van 12 en 18 jaar oud. Die navorser is egter van mening dat adolessensie ook in die breër konteks gesien moet word insluitende fisiese, kognitiewe, emosionele, persoonlikheids-, morele, seksuele en geestelike ontwikkeling. Gedurende adolessensie vind daar baie groei en verandering plaas en die adolessent ervaar baie keer ambivalente dryfkragte, byvoorbeeld biologiese ontwikkeling teenoor morele ontwikkeling.

1.13.3 Speltherapie

Speltherapie word deur West (1996:15) gedefinieer as : "...a holistic approach, using play as a means of 'helping' in a non-invasive way, the physical, spiritual, emotional and cognitive aspects, both conscious and unconscious, taking account of the past, present

and future of the ‘whole child.’” Webb (1999:30) beskryf spelterapie as ‘n hulpvaardige interaksie tussen ‘n opgeleide volwassene en ‘n kind wat poog om die kind se emosionele bekommernisse te verlig deur die simboliese kommunikasie van spel.

In 1997 het die Raad van Direkteure van die Internasionale Vereniging vir Speltherapie die volgende definisie vir speltherapie ontwikkel, naamlik: “Play therapy is the systematic use of a theoretical model to establish an interpersonal process wherein trained play therapists use the therapeutic powers of play to help clients prevent or resolve psychosocial difficulties and achieve optimal growth and development.” (O’Connor, 2000:7). Speltherapie is gebaseer op die feit dat spel ‘n kind se natuurlike metode van self-uitdrukking is (Cattanach, 1992:29). Dit is ‘n geleentheid wat aan die kind gegee word om haar gevoelens en probleme uit te speel.

Speltherapie kan dus volgens die navorser gedefinieer word as die terapeutiese metode en hulpmiddel wat die terapeut benut, om deur middel van verskillende spelvorme en spelmediums, die geleentheid tot kommunikasie met die kind te bewerk, op die nie-bedreigende manier.

1.13.4 Selfpersepsie

Vanaf ‘n baie jong ouderdom af, begin ‘n kind ‘n beeld of ‘n prent van haarself vorm. Volgens Geldard & Geldard (1999: 164) word daar verwys na hierdie beeld of prent as die kind se selfpersepsie, en is hoofsaaklik gebaseer op die manier waarop die kind deur betekenisvolle persone in haar lewe behandel is. Hierdie mense, deur hul reaksies, gee aan die kind inligting van haarself en oor haar gedrag. As ‘n gevolg, sal die kind beide positiewe en negatiewe houdings teenoor haarself ontwikkel.

Volgens Botha, Van Ede & Piek (1990: 296) is selfpersepsie, die persoon se siening of beeld van homself en sluit dit kognitiewe, emosionele en evaluatiewe aspekte in. Dit beteken dat die persoon nie net “kennis” oor sy eienskappe het nie, maar ook gevoelens oor en evaluasies van haarself en haar eienskappe.

Selfpersepsie kan dus gedefinieer word as die persoon se beeld van haarself, gebaseer op reaksies en boodskappe van betekenisvolle persone in die persoon se lewe, en dit sluit kognitiewe, emosionele en evaluatiewe aspekte in.

1.13.5 Trauma dinamika

Die woord “trauma” verwys na ‘n oorweldigende, onbeheerbare ervaring wat ‘n sielkundige impak op die slagoffer het, deur gevoelens van hulpeloosheid, kwesbaarheid, tekort aan veiligheid en selfbeheersing veroorsaak (Hartman, 1995: 52).

Seksuele misbruik van kinders is egter uniek wanneer ‘n traumatiese ervaring gedefinieer word, aangesien daar sommige kere ‘n subtiele proses betrokke is, wat nie noodwendig gewelddadige oorreding insluit nie. Die oortreder kan van omkoopgeskenke gebruik maak en eers nadat ‘n “vertrouensverhouding” met die kind gebou is, kan die gebeure ‘n meer seksuele aard inneem. Die kind ervaar verwarring oor haar gevoelens van die gebeure en dit is die fondament van die komplekse reaksie tot ‘n traumatiese ervaring (Müller & Hollely, 200: 106).

Volgens die navorser kan trauma as ‘n dinamiese proses gesien word, wat die adolessent wat seksueel misbruik is, se kognitiewe en emosionele oriëntasie tot die wêreld verander en trauma skep deur die kind se konsep van haarself, haar wêreld-siening en vermoë om emosie te toon, te verwing. Hierdie verwinging resulteer baie keer in gedragsprobleme en word algemeen opgemerk by slagoffers van seksuele misbruik.

1.14 Indeling van navorsingsverslag

Die navorser besef dat ander terapeute (maatskaplike werkers en sielkundiges) moontlik vanuit verskillende benaderings werk en wil dit daarom noem dat die navorser vanuit die gestaltbenadering werk. Die navorser het besluit om te begin deur die adolessent se normale ontwikkeling te bespreek (hoofstuk 2) en om daarna te fokus op die impak van

seksuele misbruik op die adolessent (hoofstuk 3), aangesien dit onveranderd bly wat ookal die benadering van die terapeut is. Die navorser het in die hoofstuk wat daarop volg (hoofstuk 4) spesifiek speltherapie vanuit die gestaltbenadering bespreek aangesien dit die grondslag gevorm het vir die ontwikkeling van die speltherapieprogram. Daarna het die navorser gefokus op beginsels en vaardighede (hoofstuk 5) wat toegepas moet word tydens die toepassing van die speltherapieprogram (hoofstuk 6).

Die navorsingsverslag word in tien hoofstukke ingedeel en sien as volg daaruit:

- Hoofstuk 1 is die algemene inleiding tot die ondersoek. Die volgende belangrike aspekte word inleidend aangespreek: 'n algemene inleiding, motivering vir die keuse van die onderwerp, probleemformulering en afbakening, doel van die studie, hipoteseformulering, navorsingsmetodologie, die voorondersoek, omskrywing van universum en definisies van die hoofkonsepte.
- Hoofstuk 2 fokus op adolessensie, kinderontwikkelingsteorieë en die invloed van kulturele aspekte op die adolessent.
- Hoofstuk 3 fokus op die impak van seksuele misbruik op die adolessent wat seksueel misbruik is.
- Hoofstuk 4 beskryf speltherapie vanuit die gestaltbenadering.
- Hoofstuk 5 beskryf terapievaardighede en beginsels om die trauma-dinamika-elemente en selfpersepsie van die adolessent wat seksueel misbruik is, te verbeter.
- Hoofstuk 6 bespreek 'n speltherapieprogram vir adolessente wat seksueel misbruik is.
- Hoofstuk 7 bespreek die empiriese gegewens en navorsingbevindings van die Kleurling respondente.
- Hoofstuk 8 bespreek die empiriese gegewens en navorsingbevindings van die Xhosa respondente.
- Hoofstuk 9 bespreek die empiriese gegewens en navorsingbevindings van die blanke respondente.
- Hoofstuk 10 is die slothoofstuk waarin die ondersoek en verslag saamgevat word. Gevolgtrekkings en aanbevelings word gemaak.

Hoofstuk 2: Adolessensie: kinderontwikkelingsteorieë en die invloed van kulturele aspekte op adolessente

2.1 Inleiding

Alhoewel die ontwikkeling van die individu een voortdurende proses van bevrugting tot die dood is, is dit die gebruik om dit in fases te verdeel (Meyer, 1998:13). Die verdeling van die lewenspan in fases is gebaseer op die feit dat elke fase spesifieke karaktereenskappe het. Die navorser sal in hierdie hoofstuk op adolessensie as lewensfase konsentreer. Die aanvangsouderdome van adolessensie varieer van 11 tot 13 jarige ouderdom en dit eindig tussen 17 en 21 jarige ouderdom. (Vergelyk Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:384; Gil, 1996:5.)

‘n Indiepte kennis van ontwikkelingsteorieë is noodsaaklik wanneer dienste aan adolessente gelewer word, aangesien seksuele misbruik voor of tydens hierdie fase, die ontwikkelingsproses kan versteur. Die ontwikkelingsteorieë sluit kennis van die algemene en besondere basiese behoeftes en ontwikkelingsake wat die adolessent moet bemeester, in. Volgens Gil (1996:23) stel Finkelhor dit dat die kind se risiko om ‘n slagoffer van seksuele misbruik te word, kan varieer oor die ontwikkelingspan, gebaseer op die eienskappe van die kind (haar geskiktheid as ‘n teiken en vermoë om haarself te beskerm) en die eienskappe van die kind se omgewing (die teenwoordigheid van oortreders en die teenwoordigheid van bekwame versorgers).

Die impak van die seksuele misbruik kan varieer tydens verskillende fases van ontwikkeling. Dit is die navorser se opinie dat dit belangrik is om te probeer verstaan hoe die adolessent die seksuele misbruik ervaar het en hoe die seksuele misbruik die adolessent affekteer het. Dit is ook uiters belangrik om die kulturele aspekte, omgewingsaspekte en sosio-ekonomiese posisie van die adolessent en die gesin in ag te neem en om nie te veralgemeen vanaf die een na die ander nie. Adolessente word groot in verskillende ekonomiese, sosiaal-historiese en politieke kontekste. Verskille in die adolessente se ervaringe is meer as die gemene. Kruis-kulturele en kruis-nasionale

verskille is goed gevestig, en binne nasies, verskil adolessente in terme van etnisiteit, geslag, ekonomiese voordele en nadele, fisiese en kognitiewe vermoëns, ouderdom, familiestrukture, opvoedingsgeleenthede, seksuele voorkeure, plek van woning (stedelik of plattelands), en blootstelling aan nasionale en internasionale media. Al hierdie faktore beïnvloed die adolessent se lewe, waardes en verwagtinge vir die toekoms (Comunian & Gielen, 2000:403).

In hierdie hoofstuk sal 'n holistiese beeld van adolessensie as lewensfase uitgebeeld word, kinderontwikkelingsteorieë sal geïntegreer word asook sienings van kundiges wat internasionaal erken word. Die navorser sal ook die invloed van kulturele aspekte op die adolessent bespreek, aangesien die respondente uit drie kultuurgroepe geselekteer word.

2.2 Adolessensie

Die ontwikkeling van die konsep “adolessensie”, het politieke en sosiale oorspronge wat ongeveer 100 jaar oud is (Gil, 1996:4). In vorige eeue is daar van individue (nou bekend as adolessente) verwag om te werk sodra hulle fisies sterk genoeg was. Sodoende het die individue bygedra tot hulle families se ekonomiese en sosiale stabiliteit. Huwelike is baie keer deur families gereël, sonder dat adolessente inspraak gehad het.

Die Industriële Revolusie het geresulteer in sosiaal politieke hervorming. Die jeug en volwasse geregsistiem was apart, hoërskool is verpligtend gemaak en die kinderarbeidswet het ingetree (Gil, 1996:4). Nuwe industriële beroepe het die arbeidsmark kleiner gemaak en om te voorkom dat die adolessente met volwassenes kompeteer vir werk, is kindskap verleng. Individue het daarom later die arbeidsmag betrek omdat hulle langer op skool was. Hierdie verandering het die gebruik van die konsep “adolessensie” bespoedig.

Soos kinders van die babajare na volwassendheid vorder, gaan hulle deur dinamiese en veranderende tydperke. Wat tydens hierdie proses gebeur, het 'n kritiese effek op die kind se toekomstige funksionering (Karp, Butler & Bergstrom, 1998:1). Die ouderdom

waarop adolessensie 'n aanvang neem, varieer van elf tot dertienjarige ouderdom en eindig tussen 17 en 21jarige ouderdom (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:384). Adolessensie word baie keer beskryf as die “tyd van verandering” vanaf middelkinderjare na volwassenheid. Dit kan 'n uitdagende periode vir die adolessent wees, want hy / sy word nie meer as 'n “kind” gesien nie, maar word ook nie as 'n “volwassene” gesien nie. Dit kan interne konflik veroorsaak as die adolessent daarna streef om van hul ouers te skei en individualiteit vorm (Karp, Butler & Bergstrom, 1998:4).

Adolessensie is 'n groeiproses na volwassenheid, wat in alle kulture as die optimale doelwit van menslike ontwikkeling gesien word (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:384). Dit moet egter in gedagte gehou word dat alhoewel sekere aspekte van ontwikkeling universeel voorkom, ontwikkeling steeds gekarakteriseer word deur kultuur en individuele verskille. Daar is verskeie, normale “probleme” wat adolessente ervaar, byvoorbeeld 'n uitermatige sin van lojaliteit teenoor vriende, wantroue teenoor volwassenes en om uitermatig selfbewus te wees (Gil, 1996:8).

Dit sal daarom moeilik wees om wat 'n persoon “sien” en “hoor” van 'n adolessent te verstaan, indien 'n persoon nie die ontwikkelingsbehoefte van 'n adolessent verstaan nie. Die navorser poog met hierdie hoofstuk om adolessensie as ontwikkelingsfase in 'n breër konteks, insluitende fisiese, kognitiewe, seksuele en sosiale ontwikkeling, te beskryf. Begrip van adolessente se take en fases kan die terapeut help om realistiese doelwitte te stel en om meer empaties en geduldig met die adolessent te wees deur hulle gedrag in die breër konteks te sien.

2.3 Die begrip kultuur

Sosioloë en antropoloë definieer kultuur as die gedeelde produkte van 'n menslike groep of samelewing (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:25). Hierdie gedeelde produkte sluit nie net waardes, taal en kennis in nie, maar ook materiële voorwerpe. Die mense van so 'n groep of samelewing deel nie-materiële kultuur naamlik abstrakte en gemengde menslike skeppings, byvoorbeeld definisies van reg en verkeerd, kommunikasiemediums

en kennis van die omgewing en maniere waarop dinge gedoen moet word. Hulle deel ook materiële kultuur, naamlik 'n liggaam van fisiese voorwerpe wat die nie-materiële kultuur se betekenis reflekteer. Elemente van materiële kultuur sluit geld, klere en kunswerke in (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:25).

Kultuur kan gesien word as 'n stel riglyne (eksplisiet en implisiet) wat individue as lede van 'n spesifieke samelewing erf, wat hul inlig hoe om na hulle wêreld te kyk, hoe om dit emosioneel te ervaar en hoe om daarin op te tree in verhouding tot ander mense, bonatuurlike magte of gode en die natuurlike omgewing (Swartz, 2002:6). Kultuur voorsien ook aan mense 'n wyse om hierdie riglyne na die volgende generasie oor te dra – deur die gebruik van simbole, taal, kuns en rituele. Kultuur kan dus gesien word as die proses van wees en wording van 'n sosiale wese, oor die reëls van 'n samelewing en die maniere waarop dit voorgeskryf, ervaar en oorgedra word. Volgens Swartz (2002:7) kan kultuur nie staties wees nie, maar verander soos interpretasies van reëls verander oor tyd met verskillende omstandighede. Dit is die navorser se mening dat Suid-Afrika 'n goeie voorbeeld is van kultuur wat nie staties is nie, as in ag geneem word hoe verwestering en industrialisasie kulture in Suid-Afrika beïnvloed het.

Friedman (1999:1) glo dat mense die reg het om te erken dat die adolessent se gesondheid baie afhanklik is van gedrag en dat gedrag baie afhanklik is van die fase van menslike ontwikkeling wat die jong persoon bereik het. 'n Westerse raamwerk vir menslike ontwikkeling, wat intellektuele en ekonomiese prestasies waardeer, kan nie op alle samelewings gebaseer word nie. As 'n resultaat word die fout begaan om die aanname te maak dat samelewings wat ekonomies suksesvol is en wat akademiese en wetenskaplike prestasies waardeer, kultureel op 'n hoër vlak is en daarom beter in staat is om die adolessent se ontwikkeling en gesondheid te bevorder.

Volgens Friedman (1999:2) is daar twee nadelige gevolge van hierdie aannames. Eerstens, deur klem te plaas op sekere prestasies, kraak mense onbewustelik die kulture in die samelewings af wat klem plaas op ander prestasies. Hierdie risiko verminder die respek wat jong mense vir die primêre bron van hul kulturele erfenis het, naamlik hul

families. Dit kan weer 'n afstand veroorsaak tussen jonger en ouer mense en resulteer in 'n verlies van selfbeelde in beide groepe: die ouer mense, want hul voel onvolwaardig, en die jonger mense, want hul voel dat hul benadeling geërf het.

Dit is dus volgens die navorser belangrik dat sekere aspekte van menslike ontwikkeling, soos besnyding of die begin van menstruasie, wat waardevol is vir spesifieke individue, samelewings en kulture nie geïgnoreer moet word nie. Die navorser het 'n onderhoud met Vuyokazi Ngalwa (2003), Xhosa maatskaplike werker by PATCH, gevoer ten einde meer inligting in te samel oor adolessensie en die Xhosa kultuur. Die navorser sal telkens tydens bespreking van kulturele aspekte verwys na wat Vuyokazi Ngalwa (2003) aan die ondergetekende meegedeel het.

2.4 Adolessensie as ontwikkelingsfase

In hierdie afdeling gaan die navorser poog om die misterie van ontwikkeling van die adolessent te ontrafel. Die navorser sal na verskeie ontwikkelingsteorieë verwys. Volgens Louw, Louw & Schoeman (1993:513) kan 'n ontwikkelingsteorie beskou word as 'n poging om die ontwikkeling van die mens sistematies vanuit 'n bepaalde teoretiese raamwerk te beskryf en te verklaar.

2.4.1 Liggaamlike en fisiologiese ontwikkeling

Dramatiese fisiese veranderinge vind tydens adolessensie plaas. Die adolessent groei vinnig en neem die liggaamsgrootte van 'n volwassene aan (Sigelman, 1999:125). Die adolessent ervaar puberteit, die proses van biologiese veranderinge wat resulteer in seksuele rypheid en die vermoë om voort te plant (Lefrancois, 1999:316). Die fisiese metamorfose van puberteit is van die opvallendste veranderinge van adolessente en kan daarom ook 'n bron van kommer, ans en preokkupasie wees (Gil, 1996:35). Puberteit kan dus volgens die navorser, as die eerste fase van adolessensie beskou word.

2.4.1.1 Puberteit

Puberteit is 'n dinamiese periode van ontwikkeling, gekenmerk deur vinnige veranderinge in liggaamsgrootte, vorm en samestelling (Rogol, Roemmich & Clark, 2002:192). Puberteit verwys na vinnige fisiese veranderinge en groei wat plaasvind tydens adolessensie (Louw, 1997:506). Puberteitsveranderinge vind plaas tydens die eerste aantal jare van die adolessente stadium wat gekenmerk word deur uiterlike liggaamlike en inwendige fisiologiese veranderinge. Volgens Louw, Louw & Schoeman (1993:561) kom die volgende puberteitsveranderinge universeel by adolessente voor: vinnige liggaamlike groei, hormoonveranderinge, toenemende seksuele behoeftes en die bereiking van geslagsrypheid. Die verhoogde vlakke van sekere hormone in die adolessent se bloed kan dus die fisiese voorkoms en emosionele toestand van die adolessent beïnvloed.

Geslagsverskille kom voor deurdat meisies oor die algemeen vroeër puberteitsgroei as seuns ervaar (Comunian & Gielen, 2000:404). Ofskoon individuele verskille voorkom, val die puberteitsfase gewoonlik tussen elf en vyftien jaar. Die adolessent se selfvertroue, liggaamsbeeld, psigo-emosionele en sosiale ontwikkeling word geaffekteer deur die individuele verskille van aanvang en spoed van puberteitsontwikkeling, veral as die adolessent anders is van wat as normaal gesien word (Gil, 1996:37). Professionele persone vanuit verskillende professies dui aan dat puberteit huidig reeds op 'n vroeër ouderdom voorkom. Dit kan toegeskryf word aan gesonder diëte, beter mediese dienste, verbeterde sanitasie en minder kindersiektes as gevolg van immunisering (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:390).

Tabel 2.1: Volgorde van ontwikkeling van primêre en sekondêre geslagskenmerke.

VROULIK	MANLIK
Vergroting van borste	Vergroting van testes, skrotum en seminale blasies
Verskyning van reguit gepigmenteerde	Verskyning van reguit gepigmenteerde

okselhare	skaamhare
Vinnige liggaams groei	Groei van penis
Verskyning van gekrulde skaamhare	Stem breek
Vergroting en ontwikkeling van vagina, klitoris en uterus	Groei van baard
Menstruasie (aanvanklik onreëlmatig, ovulasie onstabiel)	Groei van gekrulde skaam- en okselhare
Gelokaliseerde vetneerslae	Eerste ejakulasie (saadtelling laag, onvrugbaar)
Toenemende aktiwiteit van sebaceousklier (smeerklier)	Spermatogenese (saadselvorming)
Toenemende rypheid van voortplantingsorgane	Semenale emissies (saadstorting)
Stabiele ovulasie	Verhoging in die produsering van olie, moontlikheid van aknee
Verhoging in die produsering van olie, moontlikheid van aknee	Groei van borshare

(Vergelyk Thom, 1990:401; Lefrancois, 1999:315.)

2.4.1.2 Die implikasies van vroeë en laat liggaamsrypheid

Puberteit by meisies begin wanneer die seksorgane, soos die eierstokke, uterus, vagina en klitoris, begin om te vergroot as gevolg van hormonale werking (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:390). Adollesente is baie bewus van die fisiese veranderinge wat hulle ervaar. Meisies wat vroeg liggaamsrypheid bereik, is meer geneig om 'n swak selfpersepsie te ontwikkel, om depressief te voel en vroeër te begin uitgaan met seuns en om betrokke te raak in onaanvaarbare gedrag, soos om te veel te drink of skoolafwesigheid, en om besorg te wees oor hul gewig. (Vergelyk Gil, 1996:38; Lefrancois, 1999:316.) Vervroegde fisiese ontwikkeling voorsien 'n moontlike verduideliking waarom adollesente sekere dinge doen, byvoorbeeld betrokke raak in seksuele aktiwiteite tydens 'n vroeër ouderdom as hul ouers (Chapin, 2000:799). Adollesente ontwikkel fisies vroeër as wat hulle emosionele rypheid bereik, kognitief

ontwikkel, en norme geassimileer is. Adolescente is dus beïnvloedbaar en kan swig onder portuurgroepdruk.

Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:390) is dit nodig om daarop te let dat puberteit op al hoe vroeër ouderdom voorkom, dat adolescente vroeër hul volwasse lengte bereik en langer word as voorheen. Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:390) kan die neiging toegeskryf word aan gesonder diëte, beter mediese dienste, verbeterde sanitasie en minder kindersiektes as gevolg van immunisering. Weens die ontstaan van vroeër fisiese ontwikkeling, wil adolescente ook vroeër seksueel en finansiële onafhanklik word, selfs al bly hul langer gedeeltelik finansiële afhanklik van hul ouers. Die begin van die maandstonde blyk vroeër 'n aanvang te neem by stedelike meisies as by plattelandse meisies. Dit blyk dat voeding, liggaamsgewig, en oefening die belangrikste bepalende faktore is van ouderdomvariasies in die aanvang van puberteit (Comunian & Gielen, 2000:404).

Puberteitsveranderinge in meisies is ongemaklik, en het nie 'n gunstige sosiale waarde soos by seuns nie (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:395). Seuns wat vroeg liggaamsrypheid bereik, word as manlik en aantreklik gesien, maar meisies wat vroeg liggaamsrypheid bereik, voel uitgesluit en "anders" as hul portuurgroep. Meisies wat vroeg ryp word, is dikwels aantreklik vir seuns, maar is nie altyd emosioneel ryp vir die intiemer verhoudings wat met haar ryper liggaamlike voorkoms geassosieer word nie. Die meisies kan dus uitgesluit voel van hul portuurgroep se aktiwiteite. Aangesien meisies oor die algemeen twee jaar meer gevorderd in hul liggaamlike rypheid as seuns is, kan die gaping tussen die meisies wat vroeg liggaamsrypheid bereik het en seuns, strek tot omtrent vier jaar, wat nie positief bydra tot die meisies se sosiale lewe nie (Lefrancois, 1999:316). Soos die jeug fisies al hoe vroeër rypwording bereik, word hul gekonfronteer met sterk biologiese dryfkragte sonder die ooreenstemmende kognitiewe vermoëns en sosiale rypheid (Chapin, 2000:801).

Wanneer haar portuurgroep egter begin om liggaamsrypheid te bereik, kan die meisies wat liggaamsrypheid reeds vroeg bereik het, hul ewe skielik in 'n bevoordeelde situasie

bevind, aangesien liggaamsrypheid nou bewonder word. Vroeë liggaamsrypheid by seuns word as voordelig ervaar. Hulle tree selfversekerd op, en het 'n beter liggaamsbeeld as seuns wat later ryp word (Thom, 1990:405). Meisies wat of te vroeg of te laat geslagsrypheid bereik, word nie heeltemal aanvaar deur hul portuurgroep nie en daarom moet hulle noodgedwonge hanteringsvaardighede ontwikkel. Hierdie vaardighede dra by tot hul buigsaamheid, onafhanklikheid, duidelike doelwitte en algemene stabiliteit in latere jare.

2.4.1.3 Adollesente groeitempo

Die fisiese groeitempo (toename van lengte en massa) van die individu, neem vinnig toe tydens adolessensie. Die groeiversnelling by meisies begin by ongeveer tienjarige ouderdom en bereik 'n hoogtepunt op twaalfjarige ouderdom. Seuns is ongeveer twee jaar later as meisies en hul groeitempo neem vinnig toe op dertienjarige ouderdom en bereik 'n hoogtepunt op veertienjarige ouderdom. (Vergelyk Gil, 1996:37 & Sigelman, 1999:125.) Verskillende liggaamsdele groei teen verskillende tempo's. Die adolessent kan lomp en ongekoördineerd voorkom, byvoorbeeld groot voete hê, voordat die ander liggaamsdele opvang. Spiere ontwikkel vinnig in beide geslagte. Seuns ontwikkel gewoonlik meer spiermassa as meisies en meisies kry meer vet, hoofsaaklik by hul borste, heupe en boude (Sigelman, 1999:125). Groei en rypwording word beïnvloed deur verskeie faktore, naamlik voeding, genetiese en hormonale faktore. Voeding, insluitende energie en spesifieke voedingstofinname, is 'n hoof bepalende faktor van groei (Rogol, Roemmich & Clark, 2002:192).

Die groeitempo tydens adolessensie word beïnvloed deur faktore soos die volgende: genetiese faktore, endrokriene (afskeiding van groeihormone), omgewingsfaktore (soos sosio-ekonomiese status en opvoeding) en emosionele faktore (ernstige psigiese spanning kan voeding versteur en ook aanleiding gee tot 'n oorproduksie van adrenale steroïede wat die afskeiding van die groeihormoon belemmer). Dit is die navorser se opinie dat adolessente wat seksueel misbruik is, se groeitempo dus beïnvloed kan word, as spanning weens die seksuele misbruik of vrees vir die oortreder of hofsaak, die adolessent se

voeding versteur en ook aanleiding gee tot 'n oorproduksie van adrenale steroïede wat die afskeiding van die groeihormoon belemmer.

Armoede kan die adolessent se toegang tot mediese dienste, verbeterde sanitasie en gesonder diëte beperk en daarom kan die sosio-ekonomiese status die groeitempo van die adolessent beïnvloed. Persone wat in armoede in afgeleë gebiede woon, het nie altyd fondse vir vervoer na die hospitaal nie of het nie altyd water in hul huise nie. Dit is daarom die navorser se opinie dat dit belangrik is om die sosio-ekonomiese status van die adolessent wat seksueel misbruik is, in aanmerking te neem wanneer dienste gelewer word.

Liggaamlike voorkoms en sosiale aanvaarding is vir adolessente 'n bron van kommer, asook vrees vir akademiese mislukking op skool, gesinsake en selfbeeldprobleme. Patrone van kommer is egter verskillend vir adolessente van verskillende sosio-ekonomiese klasse. Vir adolessente wat in armoede leef, is gesinsake byvoorbeeld 'n groter bron van kommer as akademiese mislukking (Lefrancois, 1999:317). Die maatskaplike werker moet dus binne die konteks van die kind dienste lewer, bewus wees van die kind se voorgrondbehoefte, wat belangrik is vir die kind en besef dat daar individuele en kulturele verskille voorkom.

2.4.1.4 Kulturele aspekte ten opsigte van die adolessent se liggaamlike en fisiologiese ontwikkeling

- **Liggaamlike veranderinge**

Verskille in groei en ontwikkeling varieer as 'n funksie van geslag en etniese oorsprong (Rogol, Roemmich & Clark, 2002: 194). Daar is individuele en kulturele verskille ten opsigte van adolessente se reaksie op die fisiese veranderinge wat hul ondergaan tydens puberteit (Louw, 1997:507). Terwyl sommige meisies die fisiese ontwikkeling verwelkom, kan ander weer skaam daarvoor voel. In sekere Afrika kulture word die aanvang van menstruasie gevier deur spesiale seremonies. Wanneer klem geplaas word

op familieverhoudings en ouer tradisies, kan emosionele, sosiale en spirituele ontwikkeling voorkeur kry bo fisiese en intellektuele ontwikkeling met minder klem op opvoedkundige en ekonomiese verwagtinge (Friedman, 1999:2).

Norme van 'n spesifieke samelewing bepaal wat as aantreklik gesien word. In die meeste kulture word manlike aantreklikheid geassosieer met lengte, breë skouers en 'n gespierde liggaam (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:393). In die Westerse kulture, word aantreklikheid by vroue geassosieer met 'n slanke liggaam. Dit beteken dus dat mans wat vroeg en meisies wat laat geslagsrypheid bereik, sal inpas by hierdie standaarde.

- **Puberteit**

Die ervaring van puberteit en die betekenis vir die individue en kulture varieër, vanaf feesvieringe in sommige kulture tot stilswye en skaamte in ander kulture (Comunian & Gielen, 2000:404). Volgens Ngalwa (2003) was fisiese voorkoms vroeër jare nie so belangrik in die Xhosa-kultuur nie; hedendaags speel kleredrag en 'n slanke voorkoms egter 'n groter rol. Wanneer puberteitsrituele voorkom, is die doel daarvan om die jong persone te help om hul volwasse identiteit te begryp en te aanvaar. Die einde van die adolessensie verskil kultureel. In hedendaagse geïndustrialiseerde samelewings is 'n hoofkriteria vir die einde van adolessensie, deelname aan die werksmag en ekonomiese onafhanklikheid (Comunian & Gielen, 2000:405).

Volgens Ngalwa (2003) kry die Xhosa adolessente hedendaags inligting by hul ouers van menstruasie, seksualiteit en fisiese veranderinge wat hul sal ondergaan, wat vroeër jare nie die geval was nie. Volgens haar gaan die adolessente meisies ook na klinieke ten einde meer inligting te kry ten opsigte van voorbehoedmiddels. Volgens Ngalwa (2003) is daar nie enige spesifieke feesvieringe verbonde aan fisiese veranderinge of menstruasie van Xhosa dogters nie. Wanneer adolessente dogters egter die einde van adolessensie bereik, op 21 jarige ouderdom is die tradisionele manier om dit in te wy “ukuthomba”.

“Ukuthomba” behels dat die 21 jarige Xhosa meisie vir sewe dae saam met haar pa se susters wat haar versorg, in die huis moet bly. Haar pa se susters is die verbinding tussen die dogter en haar ouers. Sy moet slegs rus en ‘n ander meisie kook spesiaal vir haar. Haar gesig word geverf sodat dit ‘n helder kompleksie het, genaamd “imbola”. Geen mans word in die huis toegelaat nie. Aan die einde van die sewe dae is daar ‘n fees, ‘n koei en bok word geslag en daar word gedans en gesing. Mans woon die fees aan die einde by. Volgens Ngalwa (2003) vier nie alle Xhosa gemeenskappe meer “ukuthomba” nie en sal baie Xhosa-gesinne soos in die blanke en Kleurlingkultuur, ‘n een-en-twintigste verjaarsdagpartytjie saam met vriende en familie reël.

In die Xhosa-kultuur word besnyding van die mans hoog aangeskryf (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:298). Hospitale in die Oos-Kaap druk al hoe meer hul kommer uit oor die gevolge van die praktyk op die ingewydes, aangesien die verkeerde prosedures kan lei tot infeksies, oordrag van MIV-infeksies, die amputasie van die penis en selfs die dood. Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:399) is daar voorgestel dat mediese praktisyns die prosedure uitvoer, maar dit is teengestaan, aangesien dit teenstrydig is met kulturele gewoontes en dit sal gesien word as ondergeskik aan tradisionele gewoontes. Volgens Ngalwa (2003) mag daar volgens tradisionele gewoontes geen vroue betrokke wees tydens besnyding nie. Baie Xhosa gemeenskappe protesteer dus teen besnyding in hospitale omdat daar moontlik ‘n suster in die hospitaal betrokke kan wees tydens die besnyding. Volgens Ngalwa (2003) verskil die maniere hoe besnyding uitgevoer word in verskillende Xhosa gemeenskappe.

2.4.2 Kognitiewe ontwikkeling

Kognisie verwys na die innerlike prosesse en produkte van die geheue wat lei na “om te weet”. Dit sluit alle geestelike aktiwiteite in – geheue, simbolisering, kategorisering, probleemoplossing, om te skep, fantaseer en selfs om te droom (Berk, 2000:222). Volgens Meyer & Van Ede (1998:70) verwys kognisie na hoe ‘n persoon inligting verkry, hoe inligting verander en voorgestel word as kennis, en hoe ‘n persoon daardie

kennis stoor, herroep en gebruik om gedrag te rig. Kognisie verwys dus na die prosesse en produkte van die verstand.

2.4.2.1 Piaget se kognitief-ontwikkelingsteorie

Piaget sien menslike kognisie as 'n netwerk van sielkundige strukture, geskep deur 'n aktiewe organisme wat konstant daarna streef om sin te maak van sy of haar ervarings (Berk, 2000:222). Volgens Meyer & Van Ede (1998:71) sien Piaget kognitiewe ontwikkeling as die resultaat van die individu se interaksie met die omgewing. Piaget het geglo dat kinders deur die volgende fases van ontwikkeling beweeg: senso-motories, pre-operasioneel, konkreet-operasioneel en formeel-operasioneel. Tydens hierdie fases verander die baba se verkennende gedrag en die laerskoolkind se konkrete denke in abstrakte, logiese intelligensie van adolessente en volwassenes. (Vergelyk Gil, 1996:31; Berk, 2000:222.) Alhoewel Piaget van mening was dat die volgorde van die ontwikkeling geneties bepaal word, beklemtoon hy dat baie ander faktore soos oorerflikheid en omgewing die spoed waarmee kinders deur die fases beweeg, affekteer. Piaget sien intellektuele ontwikkeling as 'n aanhoudende proses van assimilasië en akkommodasië (Thomas, 2000:251).

Piaget stel voor dat aangesien adolessente oor meer ingewikkelde probleme kan dink, hul sosiale lewe gekarakteriseer word deur meer denke oor hul toekoms en sosiale inskakeling. Hierdie denke lei na idealistiese denke, insluitende abstrakte beginsels soos liefde en geregtigheid (Gil, 1996:32). Adolessente begin dus om te droom oor hipotetiese situasies en samelewings en die samestelling van 'n perfekte wêreld. 'n Ander tipe egosentrisme as by jonger kinders ontwikkel weens die breë spektrum moontlikhede wat deur die adolessent se denkprosesse geskep word. Indien adolessente se denke nie in realiteit getoets word nie, kan adolessente glo dat hul onbepaalde mag het en dat hulle die wêreld en hul toekoms deur hul denke kan verander. Volgens Gil (1996:32) kan hierdie egosentrisme lei tot risiko-gedrag, aangesien die adolessent glo dat daardie gedrag nie in 'n katastrofe sal ontaard nie.

Piaget glo dat die veranderinge in kognitiewe vermoëns na 'n selfondersoek en identiteitsoektog by adolessente lei. Adolessente kan aan onbepaalde grense dink in terme van wie hulle nou is en wie hulle gaan wees (Gil, 1996:32). Die adolessent se morele besluitneming verander van gevolge tot intensies. Die adolessent neem dus die ander persoon se onderliggende motiewe en intensies in ag ten einde te bepaal of die persoon verkeerd is. Adolessente oorweeg dus meer moontlikhede in probleemoplossing en dink logies en buigbaar.

2.4.2.1.1 Formeel-operasionele fase (11 jaar en ouer)

Volgens Piaget begin die kapasiteit vir abstrakte denke vanaf ongeveer elfjarige ouderdom. Piaget het tussen die volgende kenmerke met betrekking tot formeel-operasionele denke onderskei:

- **Abstrakte denke.** Formele operasies word veral gekenmerk deur die vermoë om abstrak te dink. Met ander woorde, konkrete dinge en gebeure is nie meer 'n vereiste nie, adolessente kan met nuwe en meer algemene logiese reëls na vore kom, deur interne refleksie. (Vergelyk Berk, 2000:222; Lefrancois, 1999: 324.) Volgens Louw (1997:511) stel abstrakte denke adolessente in staat om te dink oor verhoudings tussen abstrakte begrippe (byvoorbeeld liefde en haat), om verwantskappe tussen abstrakte begrippe (byvoorbeeld massa, energie en krag) te verstaan en om simbole deur ander simbole te vervang, om bestaande politieke, sosiale en religieuse stelsels te ondersoek, om verbande tussen gedrag en waardes te bevraagteken en om oor hulself te dink. Wanneer die adolessent die formeel-operasionele fase van kognitiewe ontwikkeling bereik, beteken dit dat die adolessent abstrak en oor moontlikhede kan dink waaroor ander mense moontlik dink (Vartanian, 2000:641).
- **Die werklikheid teenoor die moontlike.** Die adolessent dink oor die “moontlike”, dus nie net oor die “is” of die “hier en nou” nie, maar ook oor die “kan of mag wees” (Meyer & Van Ede, 1998:80).

- **Proposionele denke.** Die adolessent kan op grond van stellings of proposisies redeneer sonder om die werklikheid in ag te neem (Berk, 2000:254).
- **Wetenskaplike denke.** Die adolessent ontwikkel die vermoë om al die faktore in 'n situasie of al die moontlike oplossings vir 'n probleem te oorweeg (Meyer & Van Ede, 1998:81).
- **Hipotetiese-deduktiewe denke.** Die adolessent ondersoek die gegewens en 'n aantal hipoteses oor moontlike oplossings word gestel en sekere afleidings word dan gemaak (Smith & Cowie, 1993:336). Die adolessent is in staat om sowel die logiese verhouding tussen hipoteses as die feitlike verhouding tussen 'n hipotese en 'n empiriese of werklike gegewe te oorweeg.
- **Begrip van proporsionaliteit.** Die adolessent kan die verhouding tussen massa van die gewig en afstand verstaan, en die probleem van balans op 'n abstrakte wyse oplos sonder om noodwendig met 'n werklikheid te eksperimenteer (Berk, 2000:254).
- **Kombinatoriese denke.** Kombinatoriese denke stel die adolessent in staat om aan alle moontlike kombinasies van elemente in 'n versameling te dink (Thom, 1990:421).

2.4.2.2 Kulturele aspekte ten opsigte van kognitiewe ontwikkeling

Baie adolessente en volwassenes is nie ten volle formeel-operasioneel nie. Volgens Berk (2000:256) is die rede daarvoor dat mense geneig is om abstrak te dink in situasies waarin hul uitgebreide ervaring het. Adolessente kan opgelei word tot 'n hoë vlak van prestasie in formeel-operasionele take. Formeel operasionele denke word nie deur almal bemeester nie. Piaget erken dat weens die tekort aan geleentheid om hipotetiese probleme op te los, formele operasies afwesig kan wees in sommige samelewings. Kruiskulturele navorsing het egter vroeër soos die volgende laat ontstaan: "Is die hoogste vlak regtig die gevolg van kinders se onafhanklike pogings om sin te maak van hulle wêreld?"

Of is dit ‘n kultureel oordraagbare manier van denke, wat spesifiek is tot opgeleide samelewings en wat geleer word in skole?’ (Berk, 2000:257).

Kultuur blyk ook ‘n rol te speel in die bereiking van formeel-operasionele denke (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:415). Formeel-operasionele denke word hoog gerespekteer in Westerse kulture en individue word aangemoedig om hierdie tipe van denke te bereik. Ander kulture waardeer ander tipes vaardighede. Mwamwenda (in Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:415) noem dat baie persone in die swart gemeenskappe nie so goed presteer as persone van die Westerse kulture wanneer hul formeel-operasionele denke met Piaget se take geassesseer word nie. Tydens besprekings met hierdie samelewings is gevind dat hulle gebruik van metafore en analogie, wanneer probleemoplossing aangedui word, op ‘n hoë vlak van abstraksie is.

Volgens Piaget is die belangrikste bron van kognisie die kind self. Vygotsky (Berk, 2000:269) het ook geglo dat kinders aktiewe soekers van kennis is, maar het hulle nie as alleen agente gesien nie. In sy sosio-kulturele teorie, affekteer sosiale en kulturele konteks hoe die kind se kognitiewe wêreld gestruktureer word. In Vygotsky se teorie, werk die kind en die sosiale omgewing saam om die kognisie te vorm op kultureel aangepaste maniere (Berk, 2000:269).

2.4.3 Morele ontwikkeling

Morele redenering verwys na hoe ‘n persoon redeneer of ‘n aksie reg of verkeerd is; dit is egter anders as morele gedrag. (Vergelyk Louw, 1997:512; Smith & Cowie, 1993:197.) Een van die belangrikste take van die adolessent is om ‘n persoonlike waardestelsel te ontwikkel (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:459). Dit bring mee dat die adolessent sekere waardes bevraagteken en sekere waardes aanvaar ten einde haar of sy eie morele waardestelsel te vorm. Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:402) glo die meeste navorsers dat dit belangrik is dat adolessente verantwoordelike waardekeuses moet maak ten opsigte van hul eie seksuele aktiwiteite en moet adolessente die volgende in aanmerking neem wanneer hulle dit doen:

- Die waardes moet van 'n verskeidenheid van beskikbare alternatiewe gekies word,
- Die waardes moet uit vrye keuse gekies word en nie as gevolg van eksterne druk nie,
- Adollesente moet bewus wees van die implikasies van hul keuses,
- Die adollesent moet in staat wees om te identifiseer met en getrou wees aan sy of haar gekose waardesisteem.

2.4.3.1 Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling

Kohlberg het die kognitiewe ontwikkelingsteorie geformuleer wat dominant geword het in die bestudering van morele ontwikkeling. Kohlberg se doel was om te verstaan “hoe” 'n individu dink (Sigelman, 1999:337). Kohlberg het tussen drie vlakke van morele redenering onderskei, asook tussen twee fases binne elke vlak, naamlik die pre-konvensionele vlak, die konvensionele moraliteit en die post-konvensionele moraliteit. Hierdie vlakke van morele ontwikkeling hou verband met die stadia van kognitiewe ontwikkeling wat Piaget onderskei.

Volgens Kohlberg ontwikkel die meeste adollesente en volwassenes nie verder as vlak twee nie, terwyl slegs 'n klein persentasie volwassenes vlak drie bereik (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:460 & Sigelman, 1999:337). Die navorser sal vervolgens die basiese temas en kenmerke van vlak twee en drie verduidelik:

2.4.3.1.1 Vlak twee: Konvensionele moraliteit / Die vlak van konvensionele reëlkonformering

Wanneer hierdie vlak bereik word, het die individu al baie morele waardes geïnternaliseer. Die persoon streef daarna om die reëls van ander (ouers, onderwysers, portuurgroep, die regering) te gehoorsaam, ten einde hul goedkeuring en erkenning te wen vir goeie gedrag of om sosiale orde te handhaaf. (Vergelyk Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:461; Sigelman, 1999:337.) Die perspektiewe van ander persone word duidelik erken en word sterk oorweeg.

- **Fase drie: “Goeie meisie” of “slegte meisie” moraliteit.** Kinders in hierdie fase is meer bewus van die behoeftes van ander (Gil, 1996:34). Die persoon tree op, op maniere wat ander tevrede stel of wat ander help en goedgekeur. Vir die eerste keer word die individu se intensie belangrik (Thomas, 2000:479). “Om goed te wees” is belangrik en dit behels om goeie motiewe te hê, om besorg te wees oor ander en om respek, dankbaarheid en vertroue te toon (Smith & Cowie, 1993:203).
- **Fase vier: Die “wet en orde”-oriëntasie.** Tydens die vierde fase is die kind ook in staat om die behoeftes van die samelewing as ‘n geheel te oorweeg ten einde te bepaal waarom sekere reëls en wette nodig is (Gil, 1996:34). Korrekte gedrag word in hierdie stadium geassosieer met pligsvervulling, respek vir outoriteit en handhawing van die bestaande sosiale wet en orde. (Vergelyk Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:461; Thomas, 2000:479.)

2.4.3.1.2 Vlak drie: Postkonvensionele vlak

Morele waardes en beginsels wat geldig is en toegepas kan word, word nou, onafhanklik van die gesag van groepe of persone wat hierdie beginsels handhaaf, deur die individu gedefinieer. (Vergelyk Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:461; Sigelman, 1999:337.)

- **Fase vyf: Sosiale ooreenkoms-oriëntasie.** Individue is in staat om onderskeid te tref tussen sosiale reëls en wette aan die een kant en basiese menseregte en waardes wat belangriker is as sosiale wette aan die ander kant (Gil, 1996:34). Morele gedrag word gedefinieer in terme van algemene individuele regte en volgens standarde wat krities ondersoek is en waaraan die samelewing goedkeuring gegee het (Thomas, 2000:479). Die individu se persoonlike waardes en menings dien ook as maatstaf vir wat korrek en verkeerd is. As daar egter konflik tussen die individu se standarde en die vasgestelde reëls of wette is, sal laasgenoemde aanvaar word, omdat die siening bestaan dat dit moreel verpligtend is om die samelewing se reëls te handhaaf (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:462).

- **Fase ses: Die oriëntasie volgens universeel-etiese beginsels.** Die individu is bewus van universele beginsels van moraliteit, en is in staat om die relatiewe aard van geregtigheid te verstaan. Die individu oordeel gedrag nie net volgens die bestaande norme nie, maar ook volgens sy/haar gewete of selfverkose geïnternaliseerde abstrakte etiese beginsels. Hierdie beginsels is universele beginsels oor geregtigheid, gelykheid van menseregte en respek vir die waardigheid van die mens as individu. (Vergelyk Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998: 462; Thomas, 2000: 479; Sigelman, 1999: 338.)

Morele ontwikkeling kan beïnvloed word deur kinders se ervaring van seksuele misbruik, want sake soos geregtigheid, reg en verkeerd, en regverdigheid word duidelik deur die oortreder geskik. Die oortreder kan dus aan die kind vertel en oortuig dat alle vaders hulle dogters se maagdevlies breek. Adolessente wat seksueel misbruik is, leer van teenstrydighede tussen diè wat mag het en diè wat nie mag het nie en hul identifiseer baie keer met die rol van die aggressor, wat gesien kan word as meer belonend (Gil, 1996:33). Kinders se moraliteit is geneig om beïnvloed te word wanneer hul grootword in 'n omgewing wat gekarakteriseer word deur chaos, tekort aan grense, om forseer te word en teenstrydighede.

Kohlberg se vlakke van morele ontwikkeling hou verband met die stadia van kognitiewe ontwikkeling wat Piaget onderskei. Die individu moet die stadium van konkrete operasies bereik voordat die konvensionele vlak van morele oordeel bereik kan word. Formele operasies is weer noodsaaklik vir die bereiking van die postkonvensionele vlak van moraliteit (Sigelman, 1999:338). Volgens Thom (1990:429) verseker die bereiking van 'n sekere stadium van kognitiewe ontwikkeling egter nie dat die individu 'n hoër vlak van morele ontwikkeling sal bereik nie. 'n Persoon kan ook nie 'n sekere vlak oorslaan in sy/haar ontwikkeling nie en die hoogste vlak van morele ontwikkeling word nie deur almal bereik nie. Behalwe vir 'n persoon se vlak van kognitiewe redenering, kan persoonlike en situasiefaktore ook 'n persoon se morele gedrag in dag-tot-dag lewe, beïnvloed (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:466).

2.4.3.2 Kulturele aspekte ten opsigte van morele ontwikkeling

Kohlberg se teorie blyk kultureel gebaseer te wees (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:465). Kohlberg glo dat die fases universeel oor kulture toepasbaar is, aangesien, ten spyte van mense se verskillende gelowe, hul onderliggende metodes van redenering dieselfde is. Die pas waarteen individue egter deur die verskillende fases beweeg, kan verskil en morele redenering kan op verskillende fases termineer.

Die sosio-ekonomiese klas en intelligensie beïnvloed die vlak van morele oordeel wat die individu bereik en die ouderdom waarop dit bereik word (Thom, 1990:429). Dit is dus belangrik dat die navorser die adolessent se sosio-ekonomiese status en intelligensie in gedagte moet hou tydens dienslewing aan die adolessent wat seksueel misbruik is. Volgens Berk (2000:481) word morele ontwikkeling gesien as 'n saak van internalisering naamlik die aanneem van samelewingstandaarde om die regte optrede te assimileer. Internalisering is egter nie 'n eenvoudige proses nie; verskeie faktore affekteer gesamentlik die kind se bereidwilligheid om samelewingstandaarde aan te neem, naamlik:

- Die ouers se styl van dissiplinerig, wat varieer ten opsigte van die oortreding,
- Die kind se karaktereienskappe, insluitende ouderdom en humeur,
- Die ouers se karaktereienskappe,
- Die kind se siening van beide die oortreding en die regverdigheid van die ouers se eise.

Dit is dus belangrik dat die navorser ook bogenoemde faktore in ag moet neem, wanneer daar dienste gelewer word aan adolessente van verskillende etniese groepe wat seksueel misbruik is. Die beste morele ontwikkeling kom voor wanneer die kind nie gedwing word om aan te pas nie, maar toegelaat word om sy/haar eie verskille op te los en sy/haar eie opinies te ontwikkel (Gil, 1996:34). Indien die adolessent egter nie gestimuleer word nie, kan hoër fases van redenering moontlik nie bereik word nie. Jong mense wat in etniese minderheidsgroepe in hul samelewing leef, kan vasgevang voel tussen twee

kulture (Friedman, 1999:5). Die waardes van hul families kan anders wees as daardie van die hoofstroom samelewing waarin hulle lewe of werk. Dit kan veral die geval wees wanneer die adolessent van 'n kultuur kom wat meer tradisioneel is en waarde plaas op die respek vir ouer mense en die verskille van geslagsrolle.

2.4.4 Seksualiteitsontwikkeling

'n Belangrike ontwikkelingstaak van die adolessente is om hulle seksuele behoeftes op 'n sosiaal aanvaarbare wyse uit te leef sodat dit positief bydra tot identiteitsontwikkeling (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:400). Adolessente se seksualiteit moet ook in interpersoonlike verhoudings geïntegreer word. Alhoewel puberteit 'n deel van 'n individu se seksuele en voortplantingsontwikkeling is, is dit nie die begin van seksualiteit nie. Seksualiteit is 'n normale proses dwarsdeur kindskap wat 'n meer sentrale fokus aanneem tydens adolessensie (Gil, 1996:35). Aangesien emosionele, kognitiewe en intellektuele ontwikkeling stadiger is as fisiologiese ontwikkeling, kan adolessente seksueel aktief word voordat hul gereed is om die gevolge te hanteer:

- **Tradisionele seksuele standaard teenoor seksuele vryheid**

Die tradisionele dubbele seksuele standaard, naamlik: “Seuns sal seuns wees, maar meisies, meisies moet hulle gedra”, het hoofsaaklik verkrummel met tydsverloop (Lefrancios, 1999:354). Die meer tradisionele siening is dat te vroeë seksuele verkeer angs, skuldgevoelens en ongewenste buite-egtelike swangerskappe tot gevolg kan hê. Die siening berus op die aanname dat jong adolessente dikwels nie emosioneel ryp genoeg is om die liggaamlike en psigiese aspekte van geslagsgemeenskap te hanteer nie (Thom, 1990:412). In die 1960's het slegs 40% vroue teenoor 60% mans voorhuwelikse seks gerapporteer, teen die 1980's was persentasies amper gelyk, teen ongeveer 75% - 80%, en teen die 1990's het die vrouens se persentasie gestyg tot ongeveer 80% - 85%. In die afgelope dekade was daar dramatiese veranderinge in houdings teenoor seksualiteit. Dit word ook gereflekteer deur die verhoogde openlikheid oor seksualiteit en 'n wyer aanvaarding van seks voor die huwelik (Lefrancois, 1999:355).

Met die voorstelling van effektiewe voorbehoedmiddels op 'n groot skaal en mediese vordering in die behandeling van seksueel oordraagbare siektes, het die moontlikheid van vrye seksuele eksperimentering sonder ongewenste swangerskap en siektes verhoog. Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:401) het hierdie aspek gelei tot die aanmoediging van seksuele ongebondenheid, veral vanaf die 1960's. Veiliger seksuele verkeer het ook gelei tot voorhuwelikse seks en 'n afname in die dubbele standaard ten opsigte van seksuele aktiwiteite tussen twee geslagte. As 'n resultaat was daar dus 'n groot teenstrydigheid tussen die waardes van die tradisionele oplossing van beperking van seksuele gedrag, en die wat seksuele vryheid aanmoedig.

- **Die adolessent se waardes ten opsigte van seksualiteit**

Selfs as die ouers nie vroeë seksuele ervarings goedkeur nie, bepaal die adolessente hulle eie morele waardes oor verantwoordelike gedrag in gegewe situasies (Gil, 1996:39). Adolessente se standaard van hantering van seksuele gedrag kan anders wees as dié van hul ouers, wat konflik kan veroorsaak en besprekings oor voorbehoedmiddels, veilige seks, en die voorkoming van seksueel oordraagbare siektes, verhinder (Gil, 1996:39). In baie gevalle het die dubbele standaard ontwikkel. Volwassenes wat rigiede reëls ten opsigte van beheer en onderdrukking van die adolessent se seksualiteit voorgestaan het, het egter self anders opgetree en betrokke geraak in seksuele aktiwiteite wat nie toegelaat word volgens die norme van hulle eie voorgestelde rigiede reëls nie. Dit het daartoe gelei dat sommige adolessente skuldgevoelens ervaar ten opsigte van hul groeiende seksualiteit en dat hul begeerte om dit te ondersoek, onderdruk word. Ander sal die ondersoek op 'n rebelse manier voortsit wat nie die voordeel of leiding van volwassenes insluit nie (Louw, Van Ede & Louw, 1998:401).

Dit beteken egter nie dat adolessente seks as voor die hand liggend sien nie. Die meerderheid adolessente dink dat dit nie geskik is om geslagsomgang te hê wanneer sy of hy soms saam met verskeie persone uitgaan nie, maar meer as die helfte dink dis geskik wanneer hulle lief is vir die persoon en slegs met die een persoon uitgaan. Die kritiese

faktor vir adolessente is volgens Lefrancois (1999:355) of hulle omgee en 'n getroue verhouding met hul maat deel. Die nuwe standaard is dat seksuele aktiwiteite toelaatbaar is vir beide geslagte solank daar affeksie tussen die paartjie is. Seuns se houding teenoor voorhuwelikse seks is egter steeds meer liberaal as diè van meisies.

Alhoewel meer openlikheid ten opsigte van seksualiteit huidig bestaan, vind adolessente dit steeds moeilik om keuses te maak ten opsigte van seksuele gedrag, weens die teenstrydige boodskappe van die verskeie bronne (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:401). Ouers en gesagsfigure ontkoedig seksuele aktiwiteite tussen adolessente, maar voorsien hulle nie met voldoende inligting en leiding ten opsigte van seksuele houdings en gedrag nie. Adolessente draai daarom na die media en portuurgroep vir inligting wat soms foutiewe inligting en halwe waarhede is.

- **Voorafgaande seksuele gebeure**

Voorafgaande seksuele gebeure sluit die biologiese verandering, veranderinge in hormoonvlakke wat seksuele opwekking direk beïnvloed, veranderinge in sekondêre seksuele karaktereïenskappe, of spesifieke gebeure soos ouers wat skei of middelmisbruik en portuurgroepdruk, in (Lefrancois, 1999:356). Die geneigdheid dat die adolessent seksueel aktief kan word, word nie net beïnvloed deur sy of haar vlak van fisiese rypheid en die vlak van seksuele rypheid van sy of haar portuurgroep nie, maar ook deur hoe seksueel aantreklik die adolessent is (Gil, 1996:40). Die sosiale, fisiese, gedrag en sielkundige aspekte van seksualiteit moet geïntegreer word met vorige ervaringe, verwagtinge en subjektiewe betekenis, emosies en persoonlike motiewe. Adolessente wat seksueel misbruik is, moet ook 'n gesonde respek vir hul eie behoeftes, begeertes, en regte integreer, veral die reg tot aanvaarding of verwerping van ander se seksuele aandag (Gil, 1996:40).

- **Portuurgroepdruk**

Weens sekere houdings en druk van die portuurgroep, kan adolessente onder die indruk wees dat hulle nie “normaal” is as hul nie seksueel aktief is nie. Hulle word dus seksueel aktief om deur die portuurgroep aanvaar te word (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:403). Daar is bewyse dat adolessente seksueel aktief raak op ‘n vroeër ouderdom as voorheen. Daar is geslagsverskille ten opsigte van die belangrikste redes waarom hul seksueel aktief is. Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:405) word seuns seksueel aktief om hul normaliteit te toon, weens portuurgroepdruk of weens fisiese plesier. Meisies raak seksueel aktief weens druk van die persoon met wie hul ‘n verhouding het, groepsdruk en omdat hul meegevoer word deur die passie.

- **Die impak van seksuele misbruik op die adolessent se seksualiteit**

Seksuele misbruik het ‘n onbetwisbare impak op die kind se seksualiteitsontwikkeling, alhoewel die mate en tipe van gevolge varieer van kind tot kind. Volgens Gil (1996:36) het verskeie studies gevind dat kinders wat seksueel misbruik is, versteurings in seksuele identiteit en seksuele funksionering en in hul seksuele oriëntasie ervaar. Alhoewel seksualiteit en seksuele ontwikkeling tydens geboorte begin en uitbrei dwarsdeur die lewenspan, het baie mense hul eerste interpersoonlike seksuele ervaring tydens adolessensie en romantiese verhoudings is geneig om te ontwikkel in middel-adolessensie (Gil, 1996:38). Verandering in hoe die adolessent lyk, dink, optree in sosiale konteks, sosiale en wetlike status, en in hul verhoudings met hul familie en portuurgroep, in hul prestasies, gevoel van identiteit en onafhanklikheid karakteriseer adolessente (Gil, 1996:39). Seksuele ontwikkeling het ‘n impak in omtrent al hierdie areas. Seksualiteit is dus nie ‘n fisiese of ‘n gedragfenomeen nie, dit is multi-dimensioneel en is deel van identiteitsvorming.

Ses vereistes om ‘n gesonde sin van seksualiteit te ontwikkel word as volg deur Gil (1996:40) opgesom: leer oor intimiteit by die portuurgroep, verstaan persoonlike rolle en verhoudings in en buite die huis, aanpas van liggaamskema of begrip soos fisiese grootte,

vorm, en vermoëns verander, aanpassing by en inkorporering van erotiese gevoelens en ervaringe, aanleer van sosiale praktyke en standaarde van seksuele uitdrukking en begrip en waardering van die voortplantingsproses. Dit is dus belangrik dat die terapeut moet bepaal of die seksuele misbruik die adolessent se ontwikkeling van 'n gesonde sin van seksualiteit beïnvloed het en of die adolessent probleme ervaar met sy/haar seksuele identiteit en funksionering.

- **Individuele verskille ten opsigte van seksuele houdings en gedrag**

Dit is die navorser se opinie dat adolessente leiding van hul ouers, onderwysers of ander belangrike persone in die adolessent se lewe, benodig om verantwoordelike, ingeligte besluite te neem. Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:406) noem die volgende redes waarom daar individuele verskille in seksuele houdings en gedrag voorkom:

- **Sosio-demografiese area:** Meeste studies toon aan dat voorhuwelikse seks meer in stedelike as landelike en meer in tegnologies ontwikkelde as tradisionele gemeenskappe voorkom, moontlik weens blootstelling aan portuurgroepdruk en groter seksuele ongebondenheid. In Suid-Afrika is landelike adolessente soms meer seksueel aktief en redes hiervoor kan onvoldoende seksuele opvoeding, tekort aan skoolastiese opvoeding en sportgeleenthede wees.
- **Ouderdom:** Ouer adolessente is meer seksueel aktief, moontlik omdat ouer adolessente meer betrokke is in stabiele en ernstige verhoudings as jonger adolessente.
- **Kultuur:** Aangesien seksuele houdings meestal aangeleer is en gebaseer is op die voorskrif van sekere samelewings, kan kulturele verskille verwag word.
- **Geslagsverskille:** Seuns word in die algemeen op 'n vroeër ouderdom seksueel aktief as meisies, het meer gereeld seksuele omgang, met meer persone en masturbeer meer as meisies.
- **Sosio-ekonomiese klas:** Seksuele aktiwiteit blyk meer voor te kom in die laer sosio-ekonomiese groepe. Sommige meisies verkoop seks aan ouer mans vir geld.

- Familie-faktore: Faktore soos egskeiding, enkel-ouerskap, gesinsdisintegrasië weens middelmisbruik, seksuele misbruik of tekort aan ouerlike betrokkenheid, swak ouer-kind kommunikasie kan die adolessent se houdings en gedrag beïnvloed.
- Opvoedkundige status: Adolessente wat swak op skool presteer, wat beperkte opvoedkundige inspirasies het en skool vroeg verlaat het, neig om meer seksueel aktief te wees.
- Persoonlike faktore: Adolessente met 'n lae selfbeeld en wat ongeskik en geïsoleerd voel, neig om seksueel aktief te word in 'n poging om hul gevoel van selfwaarde te verhoog.

'n Belangrike ontwikkelingstaak tydens adolessensie is die ontwikkeling van outonomie. Ouerlike beheer neig om vinnig te verminder gedurende adolessensie en betrokkenheid by die portuurgroep vermeerder. Dit is dus nie verrassend dat adolessente dus uitreik na ander bronne van inligting as ouers nie (Chapin, 2000:801). Die massamedia voorsien 'n aantreklike alternatief. Ten opsigte van seksuele sosialisering, is die massamedia belangrike voorsiener van seksopvoeding, byvoorbeeld voorbehoedmiddels (Chapin, 2000:801). Adolessensie word gekarakteriseer deur 'n soektog na inligting ten opsigte van ontwikkelingstake. Aangesien adolessente streef na groter onafhanklikheid van hul ouers, is die massamedia 'n aantreklike alternatiewe bron van inligting (Chapin, 2000:801). Verskillende adolessente gee aandag aan verskillende mediaboodskappe en interpreteer dit verskillend afhangende van watter ontwikkelingstaak huidig die fokus is, asook die adolessent se vlak van biologiese, kognitiewe, en sosiale rypheid. Alhoewel adolessente kennis dra van VIGS en seksueel oordraagbare siektes, neem adolessente in die algemeen nie die nodige voorbehoedmiddels nie (Chapin, 2000:800).

2.4.4.1 Freud se psigo-seksuele ontwikkelingsteorie

Volgens Freud se siening, word alle gedrag deur drange en morele reëls in die persoonlikheid bepaal (Meyer & Van Ede, 1998:43). Volgens Freud is menslike gedrag primêr instinktief en hoofsaaklik deur onbewuste prosesse gemotiveer (Hergenhahn &

Olson, 1999:20). Freud se teorie van ontwikkeling sluit twee belangrike elemente in, naamlik die ontwikkeling van struktuur van persoonlikheid en veranderinge in seksuele drange. Corey (1996:97) is van mening dat begrip vir die psigo-analitiese siening van ontwikkeling noodsaaklik is as daar in diepte met kliënte gewerk word. Dit voorsien die terapeut met die konseptuele hulpmiddels om die kern ontwikkelingstake van verskeie fases, normale en abnormale persoonlike en sosiale funksionering, kritiese behoeftes en frustrasies en die oorspronge van foutiewe persoonlikheidsontwikkeling wat lei na aanpassingsprobleme tydens ontwikkeling, te verstaan.

Volgens die psigoseksuele teorie, verdeel Freud die individu se lewenspan in die orale, anale, latente en genitale fase. Elke fase word gekarakteriseer deur 'n spesifieke vorm van seksuele drange (Meyer & Van Ede, 1998:45).

2.4.4.1.1 Genitale fase (12 tot 18 jaar)

Die genitale fase is die finale fase van ontwikkeling volgens Freud en begin tydens puberteit (Hergenhahn & Olson, 1999:42). Met die begin van puberteit, word seksuele drange weereens belangrik. Adollesente herbeleef weer die falliese fase in 'n groot mate, maar die verskil is dat adollesente nou 'n goed ontwikkelde ego en superego het (Meyer & Van Ede, 1998:47). Hulle is dus meer in staat tot realistiese denke en het 'n verskeidenheid van sosiale verhoudings gevestig buite die gesin.

Sigmund Freud se psigo-analitiese teorie poog om impulse, fantasieë en gevoelens te verduidelik. Freud stel voor dat sielkundige verandering (en dus ontwikkeling) beheer word deur interne kragte soos biologiese rypheid (Gil, 1996:41). Sosiale faktore is ook belangrik in sy teorie deurdat hy meen dat seksuele en aggressiewe magte veroorsaak deur biologiese rypheid aangepas moet word vir gebruik in die samelewing. Hierdie fase begin met puberteit, ongeveer op elfjarige ouderdom vir meisies en op dertienjarige ouderdom vir seuns. Gedurende hierdie periode, die vyfde en finale genitale fase, ervaar die adollesent volwasse-gelyke seksuele energie en dit bedreig die gevestigde verdedigingsmeganismes van die adollesent.

Ten spyte van samelewingsbeperkings en tabo's, kan adolessente seksuele energie hanteer deur te belê in verskeie aanvaarde sosiale aktiwiteite soos die bou van vriendskappe, deelname aan kuns of sport of deur voor te berei vir 'n beroep (Corey, 1996:101). Adolessente ontwikkel belangstelling in die teenoorgestelde geslag, raak betrokke in sommige seksuele eksperimentasie en begin om volwasse verantwoordelikheid aan te neem. Die oedipus gevoelens probeer nie net om in die bewustheid in te breek nie, maar die adolessent is nou fisies groot genoeg om dit te bevredig. Seksuele belangstelling is op die genitale area gefokus. Freud het die grootste verantwoordelikheid van die adolessent gesien as om vry te word van hul ouers (Gil, 1996:43). Die emosionele skeiding is pynlik en die meeste mense bereik nooit onafhanklikheid ten volle nie.

Volgens Freud se siening is die heteroseksuele verhoudings waarin die individu betrokke raak 'n herhaling van die onbewuste wense van die falliese fase (Meyer & Van Ede, 1998:47). Freud het byvoorbeeld geglo dat wanneer die persoon verlief raak en trou, is dit slegs 'n plaasvervanging vir die ouer van die teenoorgestelde geslag. Freud se primêre belangstelling was hoofsaaklik die impak van die oplossing van seksuele sake gedurende die eerste ses jaar van die lewe. Hy het nie in fyn besonderhede die krisisse beskryf wat adolessente ervaar nie (Meyer & Van Ede, 1998:45). Erikson se sienings oor ontwikkeling het egter voortgebou waar Freud opgehou het, soos later onder "identiteitsvorming" verder bespreek sal word.

2.4.4.2 Kulturele aspekte ten opsigte van seksualiteit

Alhoewel seksuele aktiwiteite 'n normale gevolg is van fisiese ontwikkeling, speel sosiale faktore 'n belangrike rol in die uitdrukking van seksuele aktiwiteite. Elke kultuur staar die probleem in die gesig van hoe om die seksuele behoeftes te kanaliseer op 'n manier wat gesonde ontwikkeling toelaat, maar nie fisiese probleme (soos seksueel oordraagbare siektes), sielkundige probleme (soos oormatige belangstelling in

seksualiteit) en sosiale probleme (soos seksuele misbruik) skep nie (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:400).

Seksuele houdings en gedrag word aangeleer, daarom sal kulturele verskille voorkom. Aangesien die blanke Suid-Afrikaanse kultuur op tradisionele Westerse waardes gefundeer is, kan gepostuleer word dat die blanke Suid-Afrikaanse adolessent ook in 'n groot mate opgevoed is om sy/haar seksuele gedrag te inhibeer (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:400). Volgens Thom (1990:408) word die tyd waarop die adolessent met verhoudings en afsprake begin, ook in 'n groot mate deur die sosiale of kulturele norme voorgeskryf. Dit is dus nie die adolessent se vlak van seksuele rytheid wat deurslaggewend is nie, maar wel die kulturele norme. Voorhuwelike geslagsgemeenskap kom ook dikwels meer en op 'n vroeër ouderdom voor by die adolessent met beperkte akademiese opleiding as by diè met hoër akademiese opleiding. Voorhuwelike seksuele ervarings kom ook meer voor by stedelike as by plattelandse jeugdige (Thom, 1990:409).

In kontras met die konserwatiewe sienings van adolessente seksualiteit in die Westerse samelewings, word seksuele ondersoek aangemoedig in baie tradisionele Afrika samelewings. Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:401) spandeer Xhosa, Zulu en Sotho adolessente baie tyd met hul portuurgroep waartydens seksuele ondersoek 'n normale deel van die lewe is. Die seuns is geleer om seksuele verhoudings met meisies te hê sonder penetrasie en die meisies is geleer om hul bene styf toe te hou om penetrasie te voorkom. Met ander woorde, seksuele intimiteit word uitgeoefen deur interbeen seks (tussen die bobene van die meisie sonder penetrasie), genaamd "ukumetsha" in Xhosa. Meisies is tradisioneel ondersoek om te verseker dat geen ontering plaasgevind het nie. Voorhuwelike seksuele omgang word verbied in die meeste tradisionele swart etniese groepe. Volgens Ngalwa (2003) word voorhuwelike penetrasie verbied in die tradisionele Xhosa kulture. Indien 'n man skuldig bevind word dat hy dit wel gedoen het, sal hy moet betaal in die vorm van koeie wat aan die meisie se ouers gegee word.. Volgens Ngalwa (2003) is baie Xhosa adolessente hedendaags seksueel aktief en gaan na klinieke vir kondome en voorbehoedmiddels.

Daar is egter tradisionele praktyke wat nie ooreenstem met wetgewing in Suid-Afrika nie. Volgens Ngalwa (2003) was daar onlangs 'n koerantberig van 'n Xhosa man wat 'n 14 jarige Xhosa meisie se ouers in die Oos-Kaap genader het en hul toestemming gekry het om met haar te trou. Die man het "lobola" betaal, ter waarde van R10 000. Die man en sy 14 jarige vrou het na Kayelitsha verhuis, waarna die gemeenskap opgemerk het dat die meisie nog te jonk is en dit by die polisie gerapporteer het. Die man is aangekla van statutêre verkragting en ontvoering. Die familie van die meisie verskil egter met die aanklagte en voel dat hulle "lobola" aanvaar het en toestemming gegee het dat hy met die meisie mag trou. Volgens Ngalwa (2003) is die ouers in tradisionele Xhosa gemeenskappe vroeër jare genader ten einde toestemming te kry om met hul dogters te trou; dit is egter nie meer in alle hedendaagse Xhosa gemeenskappe die praktyk nie.

Om demokrasie te laat werk vir almal in Suid-Afrika is 'n uitdaging, veral waar demokratiese waardes gewoontes en tradisies uitdaag. Voorstanders van gewoontes en tradisies fokus op verskillende aspekte. Volgens Mfono (2000:76) is die keuse van 'n eggenoot tradisioneel nie die Xhosa dogter se voorreg nie, maar is 'n strategiese aksie tussen twee families. Die keuse van die eggenoot vir sy dogter, word tradisioneel deur die vader gemaak en reëlins vir die troue word deur die ouers getref. Die dogter het min of geen sê nie. Alhoewel daar aangeneem word dat die "thwala"-gewoonte van bruidontvoering, verdwyn het weens sosiale veranderinge, is dit steeds die praktyk in sommige landelike Xhosa gemeenskappe in die Transkei, en moontlik in ander area's ook.

Sommige jong mans het 'n manier gevind om hulle uit gedwonge huwelike wat deur hul ouers gereël word, te kry, maar vir meisies is die tradisie steeds teenwoordig. Dit beteken dat 'n skoolmeisie ontvoer kan word deur vreemdelinge tussen die huis en skool, en in die bed van 'n vreemdeling kan eindig (Mfono, 2000:76). In teenstelling met verkragting, kom sulke ontvoerings egter met die toelating van die meisie se ouers voor, wat bruidrykdom ontvang as 'n prys vir hierdie soort van verraad. Toeskouers mag nie betrokke raak nie en moet die besluit van die families respekteer.

Mfono (2000:77) beskryf die storie van Funeka wat ontvoer is toe sy 12 jaar oud was en hoe sy haar 16 jarige suster, wat ook ontvoer is en toe weggehardloop het, se plek moes vul. Funeka se familie het haar as plaasvervanger gegee, eerder as om die vier koeie wat betaal was as deel van die “lobola” vir haar suster, terug te gee. Sy het geboorte geskenk aan ‘n seun op 15 jarige ouderdom, ‘n jaar later aan haar tweede kind en twee jaar later aan ‘n derde kind. Funeka het weggehardloop van haar man en sy familie wou die koeie terugeis, wat probleme tussen die families veroorsaak het. Volgens tradisie is Funeka se familie nie geregtig op die kinders indien hulle die koeie terugvat nie. Die konfrontasie tussen kultuur en sosiale verandering wat versterk word deur wetgewing, is verblindend in sommige aspekte in die Suid-Afrikaanse lewe. Dit is ‘n uitdaging om sulke sensitiewe konfrontasies te hanteer (Mfono, 2000:77).

Faktore soos verwestering en verstedeliking, en die afname in ouerlike beheer en supervisie het veroorsaak dat tradisionele Afrika praktyke verdwyn (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:401). Die resultaat is die toename in tienerswangerskappe, wat veral ‘n sosiale probleem in Suid-Afrika is. ‘n Studie wat uitgevoer is in die Oos-Kaap wat alle populasiegroepe (verdeel in Engels en Afrikaans) ingesluit het, het aangedui dat Engelssprekende adolessente meer seksueel aktief is as Afrikaanssprekende adolessente, terwyl ouer adolessente meer seksueel aktief is as jonger adolessente (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:405). Navorsing wat uitgevoer is in die plattelandse gebiede in die Oos-Kaap het aangedui dat 90.1% van Xhosa-sprekende adolessente seuns seksueel aktief is en 76% van die meisies. Ngalwa (2003) is van mening dat portuurgroepdruk ook wel ‘n rol speel wanneer ‘n Xhosa adolessent besluite neem ten opsigte van seksuele gedrag.

2.4.5 Persoonlikheidsontwikkeling

Hill (in Chapin, 2000:801) identifiseer vyf lewenstake wat van spesifieke belang tydens adolessensie is, naamlik:

- Identiteit: die ontdekking en begrip van die self as ‘n individu,
- Intimiteit: vorming van nabye verhoudings met ander,
- Outonomieit: vestiging van ‘n gesonde sin van onafhanklikheid,
- Seksualiteit: Om vrede te maak met puberteit en uitdrukking van seksuele gevoelens,
- Prestasie: Om ‘n suksesvolle en ‘n bevoegde lid van die samelewing te word.

Alhoewel hierdie take nie uniek is tot adolessensie nie, neem dit ‘n betekenisvolle belang in weens die uitgebreide biologiese, sielkundige en sosiale veranderinge tydens adolessensie (Chapin, 2000:801). In hierdie afdeling sal daar gefokus word op identiteitsvorming, selfpersepsie, selfbeeld, vorming van ‘n gevoel van identiteit, faktore wat identiteitsvorming beïnvloed, beroepskeuse en kulturele aspekte ten opsigte van identiteitsvorming.

2.4.5.1 Identiteitsvorming en die “self”

Identiteit verwys na die individu se bewustheid van haarself as ‘n onafhanklike, unieke persoon met ‘n spesifieke plek in die samelewing (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:425). Alhoewel identiteitsontwikkeling tydens die babajare begin en voortduur gedurende die lewenspan, gebeur die hoogste graad van identiteitsontwikkeling gedurende adolessensie weens die baie fisiese, seksuele, kognitiewe, sosiale en morele veranderinge. Hierdie ontwikkelinge veroorsaak verandering wat die adolescent se gevoel van ongeskondenheid en sekuriteit van wie sy is, bedreig. Die integrasie van hierdie ontwikkelinge is daarom ‘n belangrike ontwikkelingstaak van adolessente ten einde hul identiteit te ontwikkel.

Die vader van sielkunde, William James, beskryf die “self” as ‘n bewustheid van jou karaktereenskappe (Lefrancois, 1999:340). Idees van die self sluit ook verskeie evaluerende aspekte in, naamlik gevoelens van selfwaarde (selfbeeld). Die term identiteit word baie keer as ‘n sinoniem vir die woord “self” gebruik. Die term “identiteit” is meer verwant aan Erikson se werk, wat diè konsep as ‘n deel van die geheel sien, wat begin tydens kindskap en die grootste waarde tydens adolessensie bereik. Die menslike

kapasiteit vir refleksiwiteit (om bewus te wees van jou as objek) vorm die basis vir die idee van die self (Lefrancois, 1999:341). Volgens Foster (1993:793) is daar twee aspekte verbonde aan refleksiwiteit, naamlik: om bewus te wees van die self en om bewus te wees daarvan dat ander mense bewus is van die self. Dit is deur sulke refleksies dat die volgende deur ‘n persoon gekonstrueer word, naamlik: idees, beelde en oortuigings (kognisies); gevoelens en emosies soos eiewaarde (affekte) en bedoelens en begeertes.

2.4.5.2 Selfpersepsie

Die adolessent se identiteitsontwikkeling beïnvloed sy/haar siening van hom/haarself. Soos ‘n identiteit ontwikkel, sal die siening van die self verander (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:433). Selfbeskrywings van kinders word meer sielkundig en minder fisies soos kinders ouer word. Die adolessent se selfportret word minder konkreet en meer abstrak. (Vergelyk Siegelman, 1999:278; Comunian & Gielen, 2000:410.) Adolessente reflekteer ook meer oor hoe hulle is en is meer selfbewus. Hulle nuwe vermoë om te dink oor hul eie en ander se denke en gevoelens kan hul selfbewus maak.

Die aanname het ontstaan dat adolessente glo dat ander altyd na hulle kyk en hulle evalueer en dat hulle spesiaal en uniek is, genaamd die verbeeldingstoeskouers en persoonlike feëverhaal (Vartanian, 2000:639). Hierdie twee aannames word gebruik vir verduidelikings van selfbewustheid en die neem van risiko’s. Die persoonlike feëverhaal reflekteer die geloof dat die persoon se gevoelens en ervarings uniek en anders is as die van ander (Vartanian, 2000:641). Die adolessent kan daarom glo dat “ander nie kan verstaan waardeur hul gaan nie”, “dat dit nie met my sal gebeur nie” of “ek kan alles hanteer”.

Die kind se “sosiale-self”, wat aanvaarding van die portuurgroep reflekteer, verdeel in spesifieke aspekte soos aanvaarding deur die groter portuurgroep, aanvaarding deur nabye vriende, en aanvaarding in romantiese verhoudings. Ouer adolessente blyk in staat te wees om hul verdeelde selfpersepsies in ‘n meer geïntegreerde, koherende selfportret te kombineer. In plaas daarvan om net hul eienskappe te lys, organiseer hulle hul

selfpersepsies, insluitende wat kontrasterend is, in 'n geïntegreerde prent (Sigelman, 1999:279). Selfbegrip word dus meer sielkundig, abstrak, gedifferensieerd en geïntegreerd, en selfbewustheid verhoog van kindskap tot adolessensie. Adolessente ondergaan baie fisiese, kognitiewe en sosio-emosionele veranderinge (Vartanian, 2000:641). Dit is te verstane dat sulke veranderinge die middelpunt van die persoonlike denke inneem. Daar word voorgestel dat adolessente glo dat hul voorkoms en gedrag net so belangrik is vir ander soos vir hulself en ook dat ander se evaluasies van hulle ooreenstem met hul self-evaluasies.

Volgens Comunian & Gielen (2000:411) het Watkins in sy studie gedemonstreer dat adolessente van spesifieke kulturele groepe baie verskillende “self”-gebiede kan hê as daardie wat gerapporteer word in die literatuur. Watkins het adolessente van plattelandse en ekonomies gedepriveerde gebiede gevra om te beskryf wat die belangrikste areas in hulle lewens is en om aan te dui of daardie dinge hulle gewoonlik goed of sleg laat voel. Agt gebiede van die self het na vore gekom, naamlik kos, geld, skool, vriende, familie, klere, godsdiens en ontspanning. Drie van hierdie gebiede, naamlik kos, geld en klere, word baie min kere aangespreek in selfbeeldnavorsing. Volgens Maslow se motiveringsteorie skuif 'n bevredigende behoefte wat aanvanklik op die voorgrond was, na die agtergrond en 'n nuwe onbevredigende behoefte verskyn op die voorgrond (Möller, 1993:226). Maslow verdeel basiese en metabehoeftes in vyf groepe en volgens die mate van dringendheid vir die bevrediging daarvan, naamlik fisiologiese, veiligheids-, affiliasie- en liefdes-, selfagtings- en waarderings-, en selfaktualiseringsbehoeftes. Adolessente se “self” kan as veelvoudig gesien word, wat apart oorweeg en geëvalueer kan word, naamlik:

- Sielkundige self. Reflekteer die adolessent se emosies, konsepte van hul liggame en vermoë om impulse te beheer.
- Sosiale self. Bestaan uit die adolessent se persepsies van hul verhoudings met ander, as ook hul waardes en doelwitte.
- Seksuele self. Reflekteer houdings en gevoelens oor seksuele ervaringe en gedrag.

- Familie self. Bestaan uit die adolessent se gevoelens en houdings teenoor ouers en ander familielede.
- Hantering self. Reflekteer sielkundige aanpassing en hoe effektief die adolessent funksioneer in die buitewêreld.

2.4.5.3 Selfbeeld

Om die laerskool te verlaat as die oudste studente na wie die meeste verwys word en om die groter wêreld van die hoërskool binne te gaan as die jongste en ongeletterde, beskuldig soms die kind se selfbeeld tydelik (Sigelman, 1999:279). Dit affekteer egter nie almal nie. Meisies wat bogenoemde en puberteitsveranderinge in die gesig staar, se selfbeelde kan meer geneig wees om beïnvloed te word. Die meeste adolessente se selfbeelde is op dieselfde vlak tydens aanvang van die ontwikkelingsfase as teen die einde. Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:433) ervaar sommige adolessente soms 'n tydelike afname in hul selfbeeld wanneer puberteitsveranderinge en kognitiewe en sosiale veranderinge voorkom en hulle moet aanpas in die hoërskool-omgewing. Wanneer hul egter aangepas is by hul fisiese, kognitiewe en sosiale veranderinge, herstel hul gevoel van selfwaarde weer.

Gedurende adolessensie verander die selfbeeld van die adolessent verder aangesien nuwe dimensies soos veranderende fisiese voorkoms, seksualiteit, veranderinge in hul sosiale verhoudings, romantiese verhoudings en die keuse van beroep, voorkom (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:433). Volgens Lefrancois (1999:340) word die evaluasie van die self meer kognitief tydens adolessensie. Dit is meer gebaseer op 'n objektiewe (eerder as emosionele) begrip van wie en wat die self is. Jong adolessente neig om sienings oor hulself te organiseer rondom selfaanvaarding en sosiale verhoudings. Tydens latere adolessensie word persoonlike waardes, beginsels en gelowe belangrike organiserende invloede vir die adolessent se ontwikkelende sienings van die self. Maak nie saak hoe die adolessent die sienings organiseer nie, sienings van selfbeeld bly van kritieke belang (Lefrancois, 1999:341).

Lae selfbeelde word geassosieer met depressie, middelmisbruik, selfmoord en swakke prestasies op skool. Alhoewel selfbeeld relatief stabiel is vir baie adolessente, kan dit verander by ander. Vir daardie adolessente wie se selfbeeld versterk is, is die risiko vir negatiewe ontwikkelingsgevolge minder as vir daardie persone wie se selfbeelde verswak (Lefrancois, 1999:342).

2.4.5.4 Vorming van ‘n gevoel van identiteit

‘n Belangrike ontwikkelingstaak van die adolessent volgens Erik Erikson is die vestiging van ‘n unieke individuele identiteit (Comunian & Gielen, 2000:407). Erik Erikson het geglo dat adolessensie ‘n tyd van dramatiese verandering in die self is. Erikson het adolessensie gekarakteriseer as ‘n kritiese periode in die lewenslange proses van die persoon se identiteitsvorming en hy het voorgestel dat adolessente die psigososiale konflikte van identiteit teenoor rolverwarring ervaar (Sigelman, 1999:280). Die konsep van die self verwys na ‘n ferm en koherende definisie van wie die individu is, waarheen die individu gaan en waar die individu in die samelewing inpas. Volgens Mdikana (2000:1) kan die onvermoë om die ontwikkeling van ‘n identiteit te hanteer, die psigososiale funksionering van die individu in die samelewing beïnvloed. Effektiewe persoonlike ontwikkeling is baie afhanklik van die ontwikkeling van ‘n persoonlike identiteit.

Adolessensie is ‘n tyd van verandering tussen kindskap en volwassendheid. ‘n Tyd om grense te toets, afhanklike bande te breek en ‘n nuwe identiteit te vorm. Groot konflikte word dikwels ervaar soos die adolessent selfidentiteit, lewensdoelwitte en lewensbetekenis uitklaar. Mislukking om ‘n gevoel van identiteit te bereik, resulteer in rolverwarring (Corey, 1996:101).

2.4.5.4.1 Erik Erikson se teorie oor adolessensie: Identiteit teenoor rolverwarring

Erikson se hoofokus in menslike ontwikkeling was die periode van adolessensie en jong volwassendheid (Mdikana, 2000:22). Dit kan daarom geargumenteer word dat Erikson

veral klem op die adolessensieperiode van menslike ontwikkeling geplaas het en dat sy teorie geskik is om 'n persoon se begrip van die adolessent se identiteitsontwikkeling te verhoog. Vir Erikson is die belangrikste fase van menslike ontwikkeling adolessensie en hy verwys daarna as die “omkeerpunt” (Mdikana, 2000:23). Erikson se siening van ontwikkeling het voortgebou op Freud se idees. Erikson het sy teorie uitgebrei deur die belang van die psigososiale aspekte van ontwikkeling nà vroeë kinderjare te beklemtoon. Sy teorie stel voor dat psigoseksuele en psigososiale groei saam voorkom, en dat 'n persoon in elke fase van die lewe die taak in die gesig staar om 'n balans tussen die self en die sosiale wêreld te vestig (Corey, 1996:97).

Erikson beskryf ontwikkeling in terme van die hele lewenspan, opgedeel in spesifieke krisisse wat opgelos moet word. Erikson het die lewenspan in agt fases verdeel wat geneties bepaal word en onveranderd is. (Vergelyk Hergenhahn & Olson, 1999:164; Meyer & Van Ede, 1998:51.) Elke krisis word veroorsaak deur 'n spesifieke manier van interaksie tussen die individu en die samelewing. Die individu se ego word gedefinieer deur verhoudings met familieledede, portuurgroepe, betekenisvolle ander persone en deur interaksie met die groter samelewing (Comunian & Gielen, 2000: 449). Volgens Erikson is die hoofontwikkelingskonflik van die adolessentjare verwant aan die vorming van 'n persoonlikheidsidentiteit. (Vergelyk Hergenhahn & Olson, 1999:172; Meyer & Van Ede, 1998:53; Corey, 1996:105.) Die taak om 'n gevoel van identiteit te ontwikkel, bestaan volgens Meyer & Van Ede (1998:53) uit drie komponente, naamlik:

- Die individu se sekerheid van sy of haar eie karaktereienskappe: “Wie is ek?”
- Sekerheid oor sy of haar sosiale identiteit: “Aan watter groep behoort ek?”
- Sekerheid oor sy of haar eie waardes en idees: “Wat hoop ek om te bereik?”

Volgens Erikson is die primêre ontwikkelingskrisis vir adolessente die konflik tussen aanvaarding en keuse of ontdekking van 'n identiteit en die verwarring van die adolessent se energie wat resulteer in konflik en onsekerheid met betrekking tot 'n keuse van 'n identiteit (Lefrancois, 1999:344). Adolessente sukkel om te definieer wie hulle is, waarheen hulle op pad is en hoe hulle daar gaan kom. As die adolessent misluk om 'n

gevoel van identiteit te bereik, is rolverwarring die resultaat. Aangesien hul druk ervaar – deur ouers, vriende, samelewing en portuurgroep – vind adolessente dit baie keer moeilik om ‘n duidelike gevoel van identiteit te ontwikkel. Identiteitsontwikkeling impliseer dus dat die adolessent moet definieer wie hy/sy is, wat belangrik vir hom/haar is, en watter rigting hy/sy in die lewe wil neem. Erikson verwys na hierdie identiteitsontwikkeling as ‘n identiteitskrisis – ‘n tydelike periode van verwarring, waartydens die adolessent ondersoek instel, bestaande waardes bevraagteken en eksperimenteer met alternatiewe ten einde ‘n eie stel van waardes en doelwitte te ontwikkel (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:426).

Adolessente het die taak om ‘n sisteem van waardes wat aan hulle lewe rigting sal gee, te integreer. In die vorming van ‘n persoonlike filosofie van die lewe, moet hul kernbesluite neem ten opsigte van godsdiens, geloof, seksuele etiek en waardes. In die soeke na identiteit is rolmodelle veral belangrik (Corey, 1996:105). Om ‘n gevoel van identiteit te vorm, moet die adolessent die aparte persepsies wat deel is van die selfkonsep, integreer in ‘n koherende sin van die self en moet sy voel dat hy/sy dieselfde persoon gister, vandag en môre, by die huis, skool en werk, is (Sigelman, 1999:280).

Adolessente kan ‘n ongemaklike gevoel ervaar as hulle nie ‘n gevoel van wie hulle is, kan uitwerk nie. Volgens Erikson ervaar baie adolessente ‘n identiteitskrisis wat deur verskeie redes veroorsaak word, naamlik liggaamsveranderinge, kognitiewe groei en sosiale eise (Sigelman, 1999:280). Identiteitsverwarring kom dus voor wanneer die adolessente besluiteloos is oor hulleself en hulle rolle (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:427). Die samelewing ondersteun adolessente deur hul toe te laat om tydens hul hoërskool- en kollegejare redelik vry te wees van verantwoordelikheid en deur geleentheid vir eksperimentering met verskillende rolle, tyd gegun word om hulself te vind. Dit maak egter ook die vestiging van identiteit moeiliker as in ander kulture, aangesien daar baie opsies aan die adolessent gegee word en aan hulle ‘n keuse gelaat word om enige iets te wees wat hulle wil wees.

Erikson se teorie oor adolessente-identiteitsontwikkeling is van Westerse oorsprong, en dit is toegepas in verskillende kulturele opsette en samelewings (Mdikana, 2000:5). Daar is geen twyfel nie dat Erikson se teoretiese werk 'n rykdom van insig oor die onderwerp identiteitsontwikkeling voorsien het en dat dit baie navorsing oor die jare gestimuleer het.

2.4.5.5 Faktore wat identiteitsvorming beïnvloed

Identiteit is die storie wat mense vertel van hulself (Ungar, 2000:168). Die adolessent se vordering ten einde identiteit te bereik, is 'n produk van ten minste vier faktore, naamlik kognitiewe groei, verhoudings met ouers, ervaringe buite die huis en die breër kulturele konteks. (Vergelyk Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:430; Sigelman, 1999:282.)

Kognitiewe ontwikkeling blyk die adolessent in staat te stel om die moontlike toekomstige identiteite te verbeeld en te oorweeg. Wanneer Piaget se beskrywing van die kenmerke van formeel-operasionele denke in oënskou geneem word, is dit moontlik om die verband tussen hierdie kenmerke en die proses van identiteitsontwikkeling soos volg aan te dui: die vermoë om abstrak te dink oor sekere hipotetiese situasies of alternatiewe stel die adolessent in staat om verskillende beroepe te oorweeg en 'n beroepskeuse te maak, om te dink oor verskillende idees, waardes en ideologieë en daaruit 'n persoonlike waardestelsel op te bou en om oor sy of haar kenmerke te dink. Die adolessent kan dus haar identiteit formuleer en haar rol in die samelewing bepaal.

Identiteitsvorming word tydens adolessensie bevorder deur belonende en versorgende optredes van die ouers wanneer die ouers van dieselfde geslag 'n persoonlike en sosiaal effektiewe rolmodel is en wanneer ouers van die teenoorgestelde geslag 'n effektiewe ouermodel is en die rolmodel van dieselfde geslag ouer goedkeur (Thom, 1990:466). Adolessente wat te geheg aan hul ouers is, wie se ouers oorbeskermend is en hulle kinders beheer, het min geleenthede om hul eie besluite te neem en mag nooit ouerlike gesag bevraagteken nie of die behoefte ontwikkel om 'n aparte identiteit te ontwikkel nie. Adolessente moet tydens gesinsgesprekke 'n gevoel van wederkerige respek en nabyheid ervaar asook vry voel om te verskil van hul ouers.

Ervaringe buite die huis, byvoorbeeld op kollege, stel die adolessent bloot aan 'n verskeidenheid idees en bemoedig hul om onafhanklik oor sake te dink. Vorming van identiteit word laastens beïnvloed deur die breër kultuur waarin dit voorkom – 'n punt wat Erikson sterk beklemtoon. Die aanname dat adolessente 'n persoonlike identiteit moet kies nadat alle opsies versigtig ondersoek is, kan wel waar wees vir Westerse samelewings van die twintigste eeu. Dit is egter ook waar dat baie adolessente in tradisionele samelewings vandag volwasse rolle aanneem wat van hul verwag word. In sommige kulture is vroeë moederskap algemeen en hierdie adolessent het minder opsies. Adolessente betree dus te vinnig die volgende lewensfase voordat ontwikkelingstake van adolessensie voltooi kon word.

Om 'n identiteit te vorm, word geassosieer met 'n goeie selfbeeld, komplekse denke oor morele en ander sake asook 'n bereidwilligheid om saam met ander mense te werk en hulle te aanvaar (Sigelman, 1999:284). In teenstelling kan die adolessente wat misluk om 'n gevoel van identiteit te ontwikkel, 'n lae selfbeeld ontwikkel en doelloos rondswerf. Die adolessent is dus vasgevang in die identiteitverspreidingstatus. Erikson sien adolessensie as die kerntydperk waartydens die adolessent moet definieer wie hy of sy is (Sigelman, 1999:284).

'n Deel van die proses van identiteitsvorming is om die self te aanvaar as manlik of vroulik. Indien die geslagsidentiteit gevorm is, dra dit by tot die oplossing van die identiteitskrisis en stel dit die adolessent in staat om intieme verhoudings aan te knoop (Thom, 1990:464).

2.4.5.6 Beroepskeuse

Beroepskeuse en die voorbereiding vir 'n beroep is een van die belangrikste take van die adolessent (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:435). Hierdie taak dra by tot die definiëring van 'n identiteit en die eerste stap tot die vervulling van 'n volwasse rol. Volgens Ackerman & Botha (1997a:180) sien Erikson die ontwikkeling van 'n

beroepsidentiteit as 'n groot uitdaging in die identiteitsonwikkelingsproses gedurende adolessensie. Om 'n beroepkeuse te maak is egter 'n moeilike taak vir die meeste adolessente en volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:435) moet verskeie faktore in aanmerking geneem word, naamlik:

- Die individu se vermoëns, belangstellings, waardes en persoonlike eienskappe,
- Inligting van verskeie beroepe en die nodige kwalifikasies moet ingesamel word,
- Die karaktereienskappe van die beroep moet ooreenstem met diè van die individu,
- Ten spyte van die beroep wat gekies word, moet ander ook oorweeg word.

2.4.5.7 Kulturele aspekte ten opsigte van persoonlikheidsontwikkeling

Volgens Ackerman & Botha (1997a:180) word beroepsontwikkeling van adolessente van verskillende kulture en etniese groepe beïnvloed deur verskillende faktore. Adolessente van verskillende kulturele agtergronde verskil in hulle verwagtinge, motivering en waardes in die beroepsontwikkelingsproses. As 'n resultaat staar hulle probleme en struikelblokke in die gesig wat hulle moet oplos en hulle houdings ten opsigte van die beroepsontwikkelingsproses verskil. Die keuse van 'n beroep het 'n komplekse taak vir swart Suid-Afrikaanse adolessente geword as gevolg van veranderende sosio-politiese situasies in Suid-Afrika asook die ekonomiese behoeftes van die land wat swart adolessente meer loopbaangeleenthede bied (Ackerman & Botha, 1997b:72).

Volgens Ackerman & Botha (1997a:180) is 'n groot struikelblok van ekonomies benadeelde adolessente die tekort aan blootstelling van kennis oor beroepe en beroepskeuses. Die afwesigheid van beroepsriglyne in skole kan bydra tot beroepsonsekerheid. Laer opvoedkundige standaarde en 'n tekort aan opvoedkundige fasiliteite sal daarom beroepsontwikkeling beïnvloed. Volgens Mdikana (2000:2) is swart skole in die verlede nie aangemoedig om beroepe en kulturele identiteit te verbeter nie. Die gevolg was dus die afwesigheid van riglyne en beroepsvoorligting in swart skole. Die apartheidsopvoedkundige sisteem het nie positiewe kulturele identiteit aangemoedig nie, maar het in teenstelling negatiewe teenoor die swart kultuur

aangemoedig. Swartmense is nie aangemoedig om hul eie kultuur te waardeer nie, maar is wel aangemoedig om die Westerse kultuur te waardeer (Mdikana, 2000:2). Hierdie situasie kan gesien word as 'n psigo-sosiale krisis wat 'n direkte invloed op persoonlikheidsontwikkeling mag hê.

Navorsingsresultate van Ackerman & Botha (1997a:184) beklemtoon dat daar 'n dringende behoefte is aan 'n baie breër ontwikkelingsbenadering tot beroepsriglyne en berading, wat moet fokus op aspekte soos selfkennis, effektiewe besluitnemingsvaardighede, die vermoë om relevante inligting te integreer en om dit in die besluitnemingsprosesse en beroepsbeplanningsvaardighede toe te pas. Dit is veral belangrik vir Xhosa adolessente indien die tekort aan effektiewe voorligting en berading van die verlede in ag geneem word (Mdikana, 2000:3).

Volgens Ackerman & Botha (1997b:75) is die klem baie keer te veel op die voorsiening van inligting oor beroepe, gevolg deur 'n keuse wat gebaseer is op hierdie inligting, terwyl die proses van beroepsondersoek, insameling en prosessering van inligting en besluitneming, min aandag geniet. Effektiewe beroepsvoorligting moet dus nie die student ondersteun om dadelik 'n spesifieke beroepskeuse te maak nie, maar moet eerder die adolessent se selfkennis verhoog, wat as 'n fondament vir toekomstige beroepsontwikkelingstake kan dien (Ackerman & Botha, 1997b:75). In die lig van die veranderende sosio-politiese situasie is hierdie prosesse veral belangrik vir daardie (hoofsaaklik swart) adolessente wat beperkte blootstelling aan die beroepswêreld in 'n breër konteks in die verlede gehad het.

'n Studie uitgevoer deur Boulter in 1995 het aangetoon dat die drastiese veranderinge wat in die skoolsisteme in Suid-Afrika geïmplimenter word, asook gesins-, sosiale- en persoonlike veranderinge, adolessente aan grootskaalse aanpassings blootstel (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:387). Boulter bevind met sy navorsing dat Suid-Afrika se adolessente sukkel met sake soos selfvertroue, selfbeeld, emosionele stabiliteit, gesondheid, gesinsinvloede, persoonlike vryheid, groepsosialisering en morele sin. Dit is die navorser se opinie dat dit erken moet word dat die uitgebreide fisiese, kognitiewe,

persoonlikheid en sosiale ontwikkeling wat voorkom tydens adolessensie, die adolessent aan baie aanpassings blootstel.

Die vorming van 'n identiteit blyk 'n universele vereiste tydens adolessensie te wees, alhoewel die spesifieke maniere waarop 'n identiteit gevestig word, van kultuur tot kultuur sal verskil (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:425). Volgens Comunian & Gielen (2000:407) is empiries kruis-kultureel getoetste studies verrassend skaars. Navorsing het bevind dat response op die vraag: "Wie is ek?", in kategorieë val soos fisies of beskrywend; sosiale status of groep; persoonlike styl en hoedanighede en algemene stellings. Volgens Louw, Louw & Schoeman (1993:567) kan verhoudings in hierdie onderskeie kategorieë met verloop van tyd verander of tussen sosiale groeperings wissel. Daar is byvoorbeeld aanduidings dat swart Suid-Afrikaners in 'n groter mate gebruik maak van sosiale etikette as blanke Suid-Afrikaners wat oorwegend reageer op grond van persoonlike hoedanighede. Volgens Comunian & Gielen (2000:419) is dit belangrik om aandag te gee aan adolessente se eie persepsies van belangrike sake in hulle lewens.

Volgens Lefrancois (1999:343) word daar geargumenteer dat daar 'n "storm en drang" periode vir die meeste adolessente in alle kulture is, aangesien die gemoedsveranderinge, die geïrriteerdheid en die konflik van dië periode direk verwant is aan 'n dramatiese styging in seksuele hormone. Buchanan, Eccles en Becker het egter tydens hulle navorsing gevind dat die belangrikste bepalende faktore wat die adolessent se gemoedsveranderinge en gedrag beïnvloed, nie hormone is nie, maar wel nie-biologiese, konteksuele faktore (Lefrancois, 1999:343).

'n Gevoel van identiteit word bevorder deur konsekwente optrede van die ouers teenoor die adolessent. Hierbenewens blyk dit ook uit navorsing met swart en blanke Suid-Afrikaanse adolessente dat identiteitsontwikkeling bevorder word deur demokratiese ouerbeheer en wanneer die kwaliteit van die ouer-adolessentverhouding gekenmerk word deur wedersydse begrip, 'n gevoel van nabyheid, kommunikasie en die neerlê van riglyne vir gedrag (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:431). Hierdie bevindings bevestig ook

Erikson se teorie dat interaksie tussen die ouer en kind asook dat wedersydse erkenning belangrik vir identiteitsontwikkeling is.

Navorsers in Suid-Afrika kon geen verskil in die identiteitsontwikkeling van stedelike swart en wit adolessente vind nie (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:432). Dit beteken dat beide swart en wit adolessente deur 'n periode van verandering in hulle selfbeelde gaan, wat later stabiel en geïntegreerd word. Adolessente in die oorgangskultuur vorm 'n identiteit teen die agtergrond van 'n sintese tussen twee kulture. Volgens Thom (1990:465) bied tradisionele kultuur gewoonlik groter duidelikheid ten opsigte van gedragsriglyne waarby die adolessent baat. Met betrekking tot die swart kultuur in Suid-Afrika, kan dit dan ook die geval wees en belemmer die oorgangskultuur dan nie adolessente se identiteitsontwikkeling in so 'n mate dat dit van die blanke adolessente verskil nie.

Sosio-ekonomiese faktore affekteer identiteitsontwikkeling in 'n groot mate (Mdikana, 2000:3). Die meerderheid van die Suid-Afrikaanse populasie leef steeds in armoede, alhoewel dit geleidelik verander. Die implikasies vir swart adolessente is dat armoede hulle dwing om gou beroepsbesluite te neem, wat dus oningelig gedoen kan word. Die adolessent bind homself of haarself sonder om effektief ondersoek in te stel of om alternatiewe te oorweeg. Adolessente van die middel en hoër ekonomiese klasse aan die ander kant, is meer in staat om geleenthede te ondersoek en alternatiewe te oorweeg en om ingeligte besluite te neem (Mdikana, 2000:3). Dit kan dus wees omdat daar minder sosio-ekonomiese faktore is wat druk op hulle uitoefen.

Hauser het ook gevind dat die patroon van identiteitsvorming van swart en blanke Suid-Afrikaanse adolessente uit 'n laer sosio-ekonomiese klas verskil (Thom, 1990:466). Die swart adolessente se selfsienings het opvallend dieselfde gebly vanaf die begin tot aan die einde van hul hoërskooljare. Die blanke adolessente se patroon van identiteitsvorming is hierteenoor gekenmerk deur veranderinge in die selfsiening wat dan later toenemend gestabiliseer het en geïntegreer is tot 'n geheelbeeld.

Die invloed van kultuur op die identiteitsontwikkeling van Suid-Afrikaanse adolessente blyk uit die volgende bevindinge van Thom (in Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:432): Afrikaanssprekende adolessente tussen 15 en 17 jaar is in 'n groter mate as Engelssprekende adolessente seker van hul identiteit. Kulturele kenmerke wat moontlik vir hierdie verskil verantwoordelik is, kan eerstens die groter mate wees waarin Afrikaanse kinders gesosialiseer word om met die tradisionele waardes en norme te konformeer. Dit kan daartoe bydra dat adolessente dan vroeër 'n identiteit vorm wat vooruit beslis word. Die adolessent vorm in hierdie geval dus sy/haar identiteit volgens ouerlike en kulturele verwagtings (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:432).

Die verskil kan tweedens toegeskryf word daaraan dat Engelse adolessente moontlik meer in ooreenstemming met die Westerse waardes wat nie konformering nie, maar individuele vryheid en selfaktualisering beklemtoon, opgevoed word. Dit kan daartoe bydra dat hul identiteitsvorming langer neem. Engelse adolessente verkeer dus langer in die identiteitsmoratoriumstatus waartydens selfondersoek en eksperimentering plaasvind ten einde 'n individuele identiteit te vorm.

Wanneer die blanke kultuurgroep (Afrikaanse en Engelssprekende adolessente) met adolessente in die swart kultuurgroep met betrekking tot hul identiteitsontwikkeling vergelyk word, blyk dit dat albei groepe in dieselfde mate reeds 'n identiteit gevorm het (Thom, 1990:465). Dit kan daaraan toegeskryf word dat die blanke en swart kulture moontlik ooreenkom in die opsigte dat albei kulture as veranderingsgeoriënteerde kulture gesien kan word. Die blanke kultuur as gevolg van die invloed van vinnige tegnologiese en sosiale veranderinge en die swart kultuur omdat die kultuur in 'n oorgangstadium tussen die tradisionele en Westerse kulture verkeer. Suid-Afrika is 'n multi-kulturele land. Suid Afrika was in die verlede verdeel volgens ras, etnisiteit en geslagslyne en beroepsgeleentehede vir swartmense was beperk (Mdikana, 2000:2). Dit moet egter ook in aanmerking geneem word dat die identiteitsontwikkeling van wit adolessente ook geaffekteer is, aangesien hulle nie toegelaat is om met swart adolessente te sosialiseer nie.

Die tradisionele Afrika kulture neig om nie individuele besluitneming aan te moedig nie, en besluite word gewoonlik kollektief geneem en die vader, as hoof van die gesin, dui gewoonlik die rigting van die besluitnemingsproses aan (Mdikana, 2000:4). Dit kan swart adolessente dwing om verantwoordelikhede aan te gaan sonder voldoende ondersoek en oorweging van alternatiewe. Dit verander egter geleidelik weens verstedeliking en industrialisasie, waartydens mense nuwe norme en waardes aanneem. Die Westerse kultuur, aan die ander kant, moedig egter individuele besluitnemingsprosesse aan, wat die ondersoek en oorweging van alternatiewe en geleenthede toelaat.

Mdikana (2000:97) het in sy navorsing gevind dat bestaande literatuur nie 'n duidelike aanduiding van verskille en ooreenkomste in die identiteitsvormingsprosesse van adolessente van verskillende kulturele kontekse aandui nie. Die meerderheid van literatuur neig om swart adolessente te lokaliseer in òf die identiteitsverwarring òf uitsluitingstatus selfs al verander hierdie patrone geleidelik en kom dit voor asof meer onlangse studies dui op minder verskille ten opsigte van identiteitsonwikkeling tussen verskillende kulture.

2.4.6 Sosiale ontwikkeling

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat alle aspekte van adolessente ontwikkeling, naamlik fisiese, kognitiewe, seksuele, persoonlikheids-, sosiale en morele ontwikkeling, binne 'n sosiale konteks plaasvind wat of die ontwikkeling kan bevorder of strem (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:444). Sosialisering verwys na die totale stel van ervarings waarin die adolessente deelneem en wat hul toelaat om produktiewe lede van hul kultuur te word (Comunian & Gielen, 2000: 271). Sosialisering is die proses van interaksie en leer, dit is noodsaaklik vir oorlewing en ontwikkeling van die individu asook vir die oorlewing en effektiewe werking van die samelewing (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:80). Sosialisering hou dus verband met die adolessent se verhoudings en rolle binne al die sisteme waarvan hy/sy deel is.

Die sosialisingsproses word ondersteun deur individue soos ouers, grootouers, familieledes, onderwysers en godsdiensteleiers. Verskeie faktore dra by tot die komplekse verhoudings tussen familie, kultuur en sosialisering, insluitende kulturele konteks, sosiale gelowe, familiestrukture, en ouerskapstyle (Comunian & Gielen, 2000:271). Kruiskulturele navorsing dui daarop dat kultuur 'n belangrike rol speel in sosialisering op alle vlakke, van geboorte tot die finale jare van die lewenspan. Wat konstant blyk te wees, is dat adolessensie 'n periode van verandering is, van die sosiale rolle van die kind tot die kompleksere en sosiaal geïntegreerde rolle van 'n volwassene.

Elke kultuur stel die adolessent bloot aan 'n verskillende stel van gelowe wat gevorm word deur ekologiese omstandighede, 'n algehele wêreldsiening, die skoolsisteem, familie en portuurgroep (Gomunian & Gielen, 2000:401). Adolessente kyk na ouers, ander belangrike volwassenes en hul portuurgroep as moontlike rolmodelle vir volwasse rolle en gedrag. Dit blyk egter dat adolessente van verskillende kulture hul sosiale netwerke anders waarneem.

Die sosialisering van die adolessent word hoofsaaklik beïnvloed deur ander faktore as die familie en portuurgroep in die groter kulturele konteks. Die groter kulturele invloed sluit die skool, gemeenskap, media, groter sosiale sisteme en algehele kulturele gelowe in (Gomunian & Gielen, 2000:401). Dit kom voor asof adolessente van tradisionele kulture meer klem plaas op sake verwant aan die familie, waar daardie wat in meer moderne en industriële kulture lewe meer bekommerd is oor hoër kwalifikasies en beroepskeuses. Jong mense vanuit verskillende kulture deel egter algemene bekommernisse oor hulle lewens, wêreld en hulle toekoms.

Ten einde as individue te ontwikkel en om 'n bydrae te maak tot die samelewing, moet adolessente in staat wees om bevredigende verhoudings met ander te ontwikkel, te skuif van 'n egosentriese tot 'n sosiosentriese oriëntasie (Gil, 1996:46). Oor die laaste twee dekades het die hoeveelheid kinders wat verwaarloos of gemolesteer is, geleidelik verhoog (Terrell, Terrell & Von Drashek, 2000:611). In respons hierop, het baie ouers, onderwysers en ander volwassenes begin om kinders te leer om nie vreemdelinge te

vertrou nie. Deur egter aan kinders te leer om nie vreemdelinge te vertrou nie, het hulle die fondament weggespoel vir goeie toekomstige interpersoonlike verhoudings. Erikson het onder andere geargumenteer dat die ontwikkeling van 'n sin van vertroue vroeg in die lewe noodsaaklik is vir gesonde sielkundige funksionering (Terrell, Terrell & Von Drashek, 2000:611).

Volgens Erikson sal kinders wat misluk om 'n basiese sin van vertroue te ontwikkel later in hulle lewens, die wêreld as vyandig beskou en mense as onbetroubaar. Kinders wat dus geleer word om nie vreemdelinge te vertrou nie, kan later probleme ervaar met die vestiging van intieme verhoudings en kan gevoelens van eensaamheid in latere jare beleef. 'n Moontlike alternatief vir die opleiding van kinders om nie vreemdelinge te vertrou nie, is om hulle te leer om slegte gedrag in ander te erken (Terrell, Terrell & Von Drashek, 2000:611). Dit kan veral bruikbaar wees, aangesien vorige verslae aandui dat die meerderheid kinders seksueel misbruik word deur familieledes of iemand wat hulle ken. Die navorser vind in praktyk dat baie adolessente meisies seksueel misbruik word deur ouer, bekende manspersone (20-25 jaar oud) wat meer ervare is en misbruik maak van die jonger meisies se onskuld. Daardie adolessente meisies ervaar daarna probleme met vertroue en veral om weer mans te vertrou. Die navorser is dus van mening dat ook adolessente kan baat by opleiding in selfgeldende gedrag en hoe om slegte gedrag in ander te erken.

2.4.6.1 Ouers-adolessent verhouding

Die belangrikste agente van sosialisering was nog altyd die gesin (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:92). Sosialisering begin by die huis, waar kinders leer wie hulle is, wat hulle kan en moet verwag van die samelewing en wat die samelewing van hulle verwag. Die adolessent se verhouding met sy/haar ouers bly belangrik tydens adolessensie. Kinders se suksesvolle aanpassing en moontlik hul oorlewing, hang van verhoudings af. 'n Hegte verhouding of binding met 'n ouer of ander versorger is noodsaaklik vir normale kinderontwikkeling (Mash & Wolfe, 2002:23). Indien die verhouding met die

bindingsfigure konstant en betroubaar is, sal adolessente beter in staat wees om hul emosies te reguleer en om stres meer effektief te hanteer.

Adolessente benodig steeds daardie sekuriteit wat voorsien word deur ondersteunende ouers ten einde meer onafhanklik en outonome individue te word (Sigelman, 1999:383). Baie jeugdiges wat byvoorbeeld kollege toe gaan, kan 'n potensiële stresvolle toets van hulle vermoë om 'n vreemde situasie te hanteer, ervaar. Vir 'n adolessent om skeidingsangs te beleef in hierdie situasies is heeltemal normaal en aanvaarbaar. Preokkupasie met ouers verminder gewoonlik tydens die eerste kwartaal. Adolessente wat 'n hegte binding met hulle ouers geniet, blyk sterker selfbeelde en sterker identiteite te vorm en kan beter emosioneel aangepas wees as ander adolessente wat nie 'n sterk binding met hul ouers het nie (Sigelman, 1999:383). Binding met ouers voorsien adolessente met 'n sekuriteitsbasis vanwaar hulle ondersoek kan instel na hulle wêreld en die verhoogde sosiale eise kan bemeester (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:447).

Die term generasiegaping verwys na sekere generasieverskille wat tussen adolessente en volwassenes bestaan (Thom, 1990:435). Die aard van die generasiegaping word deur die omvang van die verskille in opinies, waardes, houding en belangstellings en die ouderdomsverskil wat tussen die adolessent en volwassene bestaan, sosiale veranderinge en kultuur bepaal. Wanneer die fisiese en kognitiewe veranderinge plaasvind en die adolessent streef na onafhanklikheid, kan konflik tussen die ouer en die adolessent ontstaan (Louw, 1997:517). Konflik kan ook veral voorkom wanneer adolessente voel dat hulle nie oor voldoende vryheid beskik om hul eie besluite ten opsigte van hulle kleredrag, haarstyle en vriende te neem nie. Konflik ontstaan ook wanneer adolessente teen die ouers se gesag rebelleer, wanneer hulle òf die ouers se belangstelling en aandag wil verseker òf wanneer hulle voel dat hulle te veel gekritiseer en tereggewys word (Thom, 1990:437). 'n Mate van konflik tussen ouer en adolessent impliseer nie noodwendig vervreemding nie, maar vorm deel van die ontwikkelingsproses. Adolessente neig om grense te toets wanneer hulle hul portuurgroep aan hulle gesin voorstel en begin om meer tyd buite hulle gesin te spandeer (Gil, 1996:46).

Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:444) dui studies aan dat die ouer-adolesent baie betekenisvolle veranderinge en herorganisering ondergaan tydens vroeë adolessensie. Hierdie veranderinge in die ouer-adolesent-verhouding word primêr gekarakteriseer deur die bevraagtekening van die waardes, reëls en regulasies wat deur die ouers gestel word en die adolesent wat meer betrokke raak by vriende. Ouers voel baie keer ontsteld deur hierdie veranderinge en reageer deur meer beheer te neem, wat in meer konflik resulteer. Konflik blyk meer tussen die adolesent en hulle moeders voor te kom. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die moeders as primêre versorgers, meer betrokke is in die dag-tot-dag aktiwiteite van die adolesent.

Volgens Lefrancois (1999:347) kan die sosialisering van die adolesent in terme van drie fases beskryf word, gebaseer op die veranderende rolle van ouers en portuurgroepe. Die eerste voor-adolessensiefase word gekenmerk deur die kind se hoë sosiale, emosionele en fisiese afhanklikheid van ouers asook lae konflik. Die tweede vroeë adolessensiefase, betrek verhoogde onafhanklikheid, verhoogde emosionele afstand, en soms verhoogde konflik. Die derde latere adolessensiefase word gekenmerk deur 'n afname in konflik en die bereiking van relatiewe onafhanklikheid (Lefrancois, 1999:347).

Die uitdrukking “emosionele afstand” is 'n bruikbare beskrywing van die adolesent-ouer verhouding, as 'n aanduiding van adolessente se emosionele afhanklikheid van ouers relatief tot die karaktereienskappe van die voor-adolesent. Adolessente en ouers bly tipies emosioneel naby verbind. Hierdie verbinding help as 'n buffer vir adolessente en help om hulle te beskerm teen die stressors en angs van grootword en aanpassing in 'n komplekse wêreld. Aanhoudende sterk binding met ouers word ook verbind met die ontwikkeling van positiewe selfbeelde (Lefrancois, 1999:347).

2.4.6.1.1 Kulturele aspekte ten opsigte van die adolesent-ouer verhouding

Die swart bevolkingroepe in Suid-Afrika is nog net gedeeltelik by die verstedeliking-, industrialiserings- en moderniseringsproses van die Suid-Afrikaanse samelewing betrokke en die multigenerasiesgesin word nog hier aangetref (Thom, 1990:433). Die

navorsers vind dat in die Wes-Kaap baie Kleurlingkinders in die Strand-area en Xhosakinders in die Lwandle-Nonzamo area deur hul grootouers grootgemaak word of dat 'n multigenerasiegesinstruktuur aangetref word. Die kerngesin kom oorwegend by die hoër sosio-ekonomiese klas (blank, Kleurling en Xhosa) voor. Die ouers in die kerngesin is dikwels geografies geïsoleer van hul familie weens verstedeliking. As gevolg van sosiale veranderinge kan die ouer ook nie haar eie adolessentjare as voorbeeld neem nie en die adolessent moet dus haar ontwikkelingstake sonder 'n duidelike verwysingsraamwerk van haar ouers bemeester (Thom, 1990:434).

Volgens Ngalwa (2003) verhoog die konflik tussen moeders en dogters ook tydens adolessensie in die Xhosa kultuur. Vroeër jare, in die tradisionele gemeenskappe is kinders voorgesê, maar in baie hedendaagse Xhosa gemeenskappe word kinders opgelei in kinderregte en is hulle bewus dat hulle ook op 'n eie mening geregtig is.

Mdikana (2000:98) het in sy navorsing oor identiteitsverwante besluitneming tussen Xhosaspreekende adolessente bevind dat ouers steeds 'n belangrike invloed in die adolessent se lewe het, maar wanneer dit kom by meer spesifieke besluitneming, blyk dit dat die rol van die ouer afneem. Daar is bewyse dat kollektiwiteit minder belangrik word wanneer besluite oor belangrike sake soos die huwelik geneem moet word, en 'n meer individualistiese oriëntasie blyk te ontwikkel.

2.4.6.2 Die adolessente portuurgroep

Portuurgroep verwys na 'n groep mense wat naastenby gelyke status het en wat gewoonlik van ooreenstemmende ouderdomme is (Popenoe, Cunningham & Boulte, 1998:93). Adolessente se sosiale gedrag word gekarakteriseer deur 'n verhoogde belangstelling in en betrokkenheid by hulle portuurgroep (Louw, 1997:518). Adolessente het 'n behoefte om "te behoort aan". Die portuurgroep kan gesien word as 'n groep met waardes en norme (Gil, 1996:46).

Die portuurgroep dien ook as 'n hoofbron van die adolessent in die hantering van sy of haar ontwikkelingstake en speel gewoonlik 'n baie belangrike rol in die proses van identiteitsformasie (Mdikana, 2000:25). Twee gevare van identifikasie met die portuurgroep kan egter voorkom. Eerstens kan die adolessent 'n negatiewe identiteit vorm wat in konflik met die samelewing se waardes en norme is, indien die portuurgroep 'n negatiewe invloed op die adolessent uitoefen. Die ander gevaar is dat ooridentifikasie met die gedrag, norme en waardes van die portuurgroep, die soeke na 'n individuele identiteit kan beperk.

Wanneer kinders adolessensie bereik, begin hulle meer tyd saam met hulle vriende spandeer sonder volwasse supervisie (Van Beest & Baerveldt, 1999:194). Tydens vroeë adolessensie heg die adolessent al hoe meer waarde aan aanvaarding deur sy of haar portuurgroep en sal al hoe meer na hulle vriende draai vir advies en ondersteuning. Adolessente distansieer hulself soms van hulle ouers en fokus meer op hul portuurgroep. Volgens Lefrancois (1999:348) bevredig die portuurgroep en vriende nie net emosionele behoeftes nie, maar is hulle ook 'n belangrike bron van inligting en geleentheid vir sosialisering. Die adolessente portuurgroep is op baie maniere soos 'n aparte kultuur wat verandering vanaf kindskap tot volwassendheid vergemaklik. Alhoewel volwassenes blyk om die hoofbron van ondersteuning vir kinders te wees, is dit al gedemonstreer dat kinders ondersteuning en hulp kan voorsien om stres teen te staan (Van Beest & Baerveldt, 1999:194).

Portuurgroepe beïnvloed sosialisering al hoe meer soos 'n kind ouer word. Portuurgroepe is veral beïnvloedbaar tydens adolessensie, aangesien portuurgroepe adolessente help om hulle plek te vind in 'n samelewing van gelykes (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:93). Adolessente portuurgroepe is ook baie belangrik om jong mense te help om hulle afhanklikheid van volwassenes te verminder. Sommige adolessente word as gevolg van sekere karaktereenskappe meer aanvaar deur hul portuurgroep as ander. Hierdie karaktereenskappe sluit simpatie, geduld, opgewektheid, buigbaarheid, energiekheid, entoesiasme, aantreklikheid, intelligensie, 'n sin vir humor, selfvertroue en prososiale gedrag in (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:451).

Daarteenoor word adolessente wat skaam, teruggetrokke, onsensitief en 'n swak selfbeeld het, soms nie aanvaar nie.

Adolessente portuurgroepe kan verkil in grootte, belangstellings, sosiale strukture en sosiale agtergronde. Baie adolessente kan aan verskeie groepe terselfdertyd behoort (Lefrancois, 1999:348). Portuurgroepe kan onder andere geëtiketteer word as “die populêre groep”, “die uitgeworpe groep”, “die druggies” of die “nerds”. Ouers speel 'n baie belangrike rol in die keuse wat hulle kinders maak ten opsigte van portuurgroepe. Ouers is instrumente in die vorming van die kind se sosiale vaardighede en waardes en hulle beïnvloed die kind se keuse van vriende of portuurgroep deur hul keuse van 'n buurt waar hul woon asook hul keuse van skool, sport en ontspanningsoefeninge waaraan die kind deelneem. (Vergelyk Berk, 2000:602; Lefrancois, 1999:350.)

Vir die adolessent om te identifiseer met haar portuurgroep is sentraal tot die ontwikkeling van die adolessent se selfbeeld en sosiale vaardighede (Gil, 1996:46). Waar vriendskappe tydens vroeë kinderjare sentreer om algemene aktiwiteite en tydens latere kinderjare om gemeenskaplike lojaliteit, verhoog adolessente se hunkering na intimiteit en self-onthulling (Sigelman, 1999:383). Adolessente neig om vriendskappe te vorm met hul portuur wat dieselfde as hulle is en gevoelens van lojaliteit teenoor hulle vriende uitdruk. Adolessente blyk vriende te kies wie se sielkundige kwaliteite – belangstellings, waardes, houdings en persoonlikhede – by hul eie pas. Alhoewel dieselfde geslag vriendskappe belangrik bly dwarsdeur adolessensie, word adolessente al hoe meer betrokke by naby heteroseksuele verhoudings (Sigelman, 1999:384).

Adolessente se vriendskappe word al hoe meer op emosionele gebondenheid, vertrouwe, begrip en opregte belangstelling in mekaar gebaseer, terwyl hulle ook hul gevoelens en denke met mekaar deel (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:454). Adolessente sal byvoorbeeld veel eerder fisiese toenadering en seksualiteit met hul vriende bespreek as met hul ouers. Nabye vriendskappe hou die voordeel in dat dit die adolessent help om stres te hanteer, eensaamheid aan te spreek terwyl kommunikasie tussen vriende die geleentheid om mekaar beter te leer ken, voorsien.

Konformiteit as gevolg van portuurgroepdruk kom meer voor gedurende adolessensie as tydens vroeë kinderjare, wat nie verrassend is as daar in ag geneem word hoe baie tyd adolessente saam spandeer nie (Blerk, 2000:612). Portuurgroepdruk is nie altyd negatief nie en kan ook negatiewe anti-sosiale gedrag teëstaan. Adolessente is egter meer geneig as jonger kinders of volwassenes om in te gee onder portuurgroepdruk, weens hul groot kommer oor wat vriende van hul dink. Thom (1990:441) stel die volgende negatiewe invloede wat lidmaatskap van ‘n groep op die adolessent kan hê, naamlik:

- Wanneer die adolessent gespot of verwerp word, kan sy angs toon in soortgelyke situasies, byvoorbeeld in die aanknoop van ‘n heteroseksuele verhouding,
- Onder groepsdruk kan die adolessent betrokke raak in antisosiale gedrag,
- Snobisme teenoor ander wat nie aan die groep behoort nie,
- Konflik met ouers oor die portuurgroep of vriende,
- Die portuurgroep kan waardes beklemtoon wat nie vir die volwasse lewe geld nie.

Interaksie en konformering met die portuurgroep kan volgens Thom (1990:440) ook die volgende positiewe invloede hê, naamlik:

- Die adolessent kry binne die portuurgroep geleentheid om nuwe rolle aan te leer en daarmee te eksperimenteer,
- Geleentheid vir hegte vriendskappe en kommunikasie met beide geslagte,
- Bron van seksvoorligting,
- Ontwikkel groepsidentiteit,
- Dra by tot die adolessent se formulering van haar identiteit.

Portuurgroepe speel dus ‘n baie belangrike rol ten opsigte van sosialisering en is ‘n bron van inligting vir die adolessent. Baie ouers druk egter ook hulle kommer uit indien die adolessent die “verkeerde” vriende het volgens hulle, want die adolessent is beïnvloedbaar deur die portuurgroep. Volgens Oregon Judicial Department (2003) het adolessente behoefte aan redelike, regverdig en ferm riglyne asook dat hulle ouers

begrip moet toon en buigbaar moet wees ten opsigte van tyd wat hulle saam met hulle vriende spandeer.

2.4.6.3 Kulturele aspekte ten opsigte van adolessente se konflikoplossingstrategieë

Navorsingsresultate van De Kock (1995:28) het bevind dat verskillende taalgroepe verskillend klem plaas op verskeie konflikoplossingstrategieë. Xhosa-sprekende adolessente se voorkeur was “vermyding”, “integrasie”, “samerwerking” en “skikking”. Engelse adolessente het ‘n voorkeur vir “vermyding” en “welwillendheid” getoon, waar Afrikaanssprekende adolessente ‘n voorkeur vir “integrasie” en “welwillendheid” getoon het. ‘n Moontlike verklaring hiervoor kan die verskille in opvoedingspraktyke van die drie groepe wees of die invloed van verskillende lewensomstandighede of sosio-ekonomiese status.

Volgens De Kock (1995:29) dui die navorsingsbevindinge daarop dat die wit Afrikaanse en wit Engelse adolessente se voorkeur vir konflikoplossing redelik ooreenstem. Die Kleurling adolessent se voorkeur kan volgens De Kock (1995:29) by die laasgenoemde twee inpas, maar die Xhosa groep blyk ‘n meer unieke benadering tot konflikhantering te hê. Dit is volgens die navorser belangrik dat hierdie kulturele diversiteit ten opsigte van konflikhantering in gedagte gehou moet word wanneer ‘n spelterapeutiese program vir die adolessent wat seksueel misbruik is, ontwikkel word.

Sommige konflikstrategieë kan meer bruikbaar wees as ander, afhangende van die sosiale en lewensomstandighede en hanteringsopsies. Die Xhosa-adolessent kom potensieel van ‘n gevaarlike of hoë risiko omgewing. ‘n Bekende Xhosa gesegde is: “Die een wat bang is, se familie lag; die een wat braaf is, se familie huil”, kan dus meer toepasbaar wees in so ‘n area ten opsigte van die keuse van ‘n konflikoplossingstrategie (De Kock, 1995:29). Die Xhosa-woord vir “vrede” beteken letterlik “om stil te bly”. Dit werp dus lig op die Xhosa-adolessent se voorkeur vir die “vermydingstrategie”.

2.5 Ontwikkelingstake van die adolessent

Die ontwikkelingstake van adolessente is veeleisend genoeg op hul eie; plaas dus die eise van 'n komplekse samelewing by, en dis geen wonder waarom dit oorweldigend raak vir adolessente nie (Carrell, 2000:7). Ontwikkelingstake van die adolessent kan as volg opgesom word, naamlik:

- Aanvaarding van 'n veranderde fisiese voorkoms. Aanvaarding en gebruik van die eie liggaam insluitende begrip vir puberteitsveranderinge, versorging van die liggaam en aanvaarding van fisiese voorkoms,
- Die ontwikkeling van kognitiewe vaardighede en die insameling van kennis,
- Identiteitsvorming en ontwikkeling van 'n lewensfilosofie.
- Die verwerkliking van nuwe en meer volwasse verhoudinge met persone van beide geslagte, en vervullings van 'n manlike of vroulike sosiale rol,
- Die aanvaarding en aanpassing by sekere groepe,
- Aanleer van sosiale vaardighede, byvoorbeeld om 'n aanvaarbare lid van 'n groep te word, aanknoop en handhawing van vriendskappe, hantering van sosiale situasies, ervaring van liefdesverhoudinge, besluitneming en konflikhantering,
- Vestiging van emosionele onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes,
- Ontwikkeling van 'n sterk emosionele band met 'n ander persoon, voorbereiding vir huweliks- en gesinslewe asook vir 'n loopbaan en finansiële selfstandigheid,
- Strewe na en verwerkliking van sosiaal verantwoordelike gedrag,
- Die ontwikkeling van morele konsepte en waardes wat kan dien as riglyne vir gedrag,
- Ontwikkeling van 'n waardesistiem gebaseer op 'n realistiese en wetenskaplike wêreldsiening,

(Vergelyk Louw, Louw & Schoeman, 1993:568; Gil, 1996:29-47.)

2.6 Samevatting

Ontwikkeling kan gedefinieer word as die sistematiese veranderinge en deurlopendheid in die individu wat voorkom tussen geboorte en die dood. Die ouderdom waarop

adolessensie 'n aanvang neem varieer van 11 tot 13 jarige ouderdom en eindig tussen 17 en 21 jarige ouderdom. Die navorsers het in hierdie hoofstuk ontwikkelingsteorieë bespreek en het spesifiek verwys na die adolessent se liggaamlike en fisiologiese ontwikkeling, seksuele ontwikkeling, morele ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling, sosiale ontwikkeling en identiteitsvorming. 'n In diepte kennis van ontwikkelingsteorieë is noodsaaklik vir daardie persone wat dienste aan adolessente lewer.

Puberteitsveranderinge vind plaas tydens die eerste aantal jare van die adolessente stadium wat gekenmerk word deur uiterlike en liggaamlike veranderinge en inwendige fisiologiese veranderinge. Veranderinge in die adolessent se kognitiewe vermoëns lei na selfondersoek en 'n identiteitsoektog by die adolessent. Adolessente oorweeg meer moontlikhede in probleemoplossing as jonger kinders en dink logies en buigbaar. 'n Belangrike ontwikkelingstaak van adolessente is om hul seksuele behoeftes op 'n sosiaal aanvaarbare manier uit te leef sodat dit positief bydra tot hul identiteitsontwikkeling. Alhoewel meer openlikheid ten opsigte van seksualiteit huidig bestaan, vind adolessente dit steeds moeilik om keuses te maak ten opsigte van seksuele gedrag, weens die teenstrydige boodskappe van die verskeie bronne. Morele ontwikkeling word in gevaar gestel deur kinders se ervaring van seksuele misbruik, want sake soos geregtigheid, reg en verkeerd, en regverdigheid word duidelik geskik.

Die hoogste graad van identiteitsontwikkeling kom voor tydens adolessensie, weens die baie fisiese, kognitiewe, seksuele, sosiale en morele veranderinge. Sosialisering van die adolessent word hoofsaaklik beïnvloed deur die familie, portuurgroep, skool, gemeenskap, media, groter sosiale sisteme en kulturele gelowe. Vir die adolessent om te identifiseer met die portuurgroep, is sentraal tot die ontwikkeling van die adolessent se selfbeeld en sosiale vaardighede.

Adolessente van verskillende kulture kan verskille toon in terme van etnisiteit, geslag, ekonomiese voordele en nadele, fisiese en kognitiewe vermoëns, ouderdom, familiestrukture, opvoedingsgeleenthede, seksuele voorkeure, plek van woning (stedelik of plattelands), en blootstelling aan internasionale media. Al hierdie faktore beïnvloed

die adolessent se lewe, waardes en verwagtinge vir die toekoms. Nasionale demografieë, die preporsie van die populasie wat adolessente uitmaak en die publieke beleid kan ook die lewe van adolessente affekteer. Kulturele veranderinge soos industrialisasie en modernisering het ook belangrike gevolge vir adolessente, beide omdat die adolessent die eerste kan wees wat die verandering in die gesig staar en omdat hul suksesvolle intrede in volwassenheid vereis dat hul aanpas by veranderende kondisies.

Kultuur verskil ten opsigte van wat adolessente die meeste waardeer van die vinnige veranderinge wat plaasvind tydens adolessensie. Formeel-operasionele denke word hoog waardeer in Westerse kulture en individue word aangemoedig om hierdie tipe denke te bereik. Baie persone in die swart gemeenskappe se gebruik van metafore en analogie, wanneer probleemoplossing aangedui word, is op 'n hoë vlak van abstraksie, al presteer hul nie so goed in formeel-operasionele denke nie. Seksuele houdings en gedrag word aangeleer, daarom sal kulturele verskille voorkom. Faktore soos verwestering en verstedeliking, en die afname in ouerlike beheer en supervisie het veroorsaak dat tradisionele Afrika praktyke verdwyn. Tradisionele praktyke in sommige Xhosa gemeenskappe verdwyn en verwestering kom voor.

Die sosio-ekonomiese klas en intelligensie beïnvloed die vlak van morele oordeel wat die individu bereik en die ouderdom waarop sy dit bereik. Die vorming van 'n identiteit blyk 'n universele vereiste van adolessensie te wees, alhoewel die spesifieke maniere waarop 'n identiteit gevestig word, van kultuur tot kultuur sal verskil. Konflikoplossingstrategieë van adolessente van verskillende kulturele agtergronde verskil en moet in ag geneem word tydens die ontwikkeling van 'n speltherapieprogram vir die adolessent wat seksueel misbruik is.

Noudat normale adolessente-ontwikkeling bespreek is, sal daar in hoofstuk drie gefokus word op die impak van seksuele misbruik op die adolessent se kognitiewe, emosionele, fisiese, sosiale, perseptuele en seksuele ontwikkeling.

Hoofstuk 3: Die impak van seksuele misbruik op die adolessent wat seksueel misbruik is

3.1 Inleiding

Wanneer 'n adolessent onthul dat hy / sy 'n geskiedenis van seksuele misbruik het, moet die assessering die volgende aspekte insluit, naamlik: 'n ondersoek en waarneming van die idiosinkratiese impak van die seksuele misbruik, hoe dit deur die adolessent geprosesseer is, en of dit normale funksionering beïnvloed of ontwikkeling versteur (Gil,1996:79). Dit is belangrik dat die terapeut nie-beoordelend moet wees ten opsigte van die impak wat die seksuele misbruik op die adolessent het. Alhoewel ervaring en opleiding daarop dui dat seksuele misbruik 'n negatiewe impak op die adolessent het, moet erken word dat sekere adolessente seksuele misbruik hanteer deur gebruik te maak van verskeie interne en eksterne bronne wat hulle toelaat om die meeste negatiewe gevolge van die seksuele misbruik te vermy.

Studies het konsekwent bevind dat kinders se geslag en ouerdom verwant is aan die risiko van mishandeling, maar nie etniese identiteit nie (Mash & Woolfe, 2002:385). Seksuele misbruikvoorvalle by kinders word relatief konstant aangemeld vanaf driejarige ouderdom, wat dui op kinders se kwesbaarheid vanaf vroeë, voorskooljare en dwarsdeur die kinderjare. Volgens Mash & Woolfe (2002:386) is meisies 25% meer geneig om slagoffers van enige vorm van mishandeling te wees, en ongeveer 80% van die slagoffers van seksuele misbruik is meisies.

Volgens Gil (1996:79) is dit belangrik om die impak van die seksuele misbruik dwarsdeur die terapeutiese proses te assesseer, aangesien sekere verdedigingsmeganismes van die adolessent, soos ontkenning, die negatiewe impak kan vermom. Die adolessent kan aanvanklik dus nie gereed wees om dit te bespreek wat sy moontlik as privaat sien of as irrelevant beskou nie. Volgens die navorser is dit dus noodsaaklik om die betekenis wat die adolessent aan die seksuele misbruikervaringe heg, te verstaan en om te bepaal of haar seksuele misbruikagtergrond verbind is aan haar huidige probleemgedrag. Seksuele

misbruik, soos ander vorme van mishandeling, kom onder alle sosio-ekonomiese groepe, in alle kulture en gesinsagtergronde voor (Nevid, Rathus & Greene, 1997:549).

‘n Terapeut sal nie in staat wees om kliënte effektief te help nie en intervensie kan selfs skadelik wees, indien die terapeut nie baie goed ingelig is oor alle aspekte van seksuele misbruik nie. (Vergelyk Bannister, 1998:7; Winton & Mara, 2001:125.) Geen behandeling kan toegepas word sonder ‘n volledige kennis van wat behandel word nie. Finkelhor & Browne (1986:185) se teoretiese model stel voor dat hulpeloosheid, stigmatisasie, verraad en traumatiese seksualisering belangrike aspekte is wat aandag verdien in die behandeling van die persone wat slagoffers van seksuele geweld was. Hierdie model sal vervolgens bespreek word.

3.2 Vier faktore wat trauma veroorsaak by die adolessent wat seksueel misbruik is

Verskeie emosionele en gedragsprobleme is verwant aan ‘n geskiedenis van seksuele misbruik. Volgens Finkelhor & Browne (1986:185) voorsien die traumageniese dinamiek ‘n wyse waarop hierdie waargenome gevolge georganiseer en geteoretiseer kan word (Finkelhor & Browne, 1986:185). In hierdie afdeling sal die gevolge wat geassosieer word met die vier faktore, naamlik traumatiese seksualisering, stigmatisasie, verraad en hulpeloosheid, kortliks bespreek word. Finkelhor & Browne (1986:185) het die gevolge van seksuele misbruik in sielkundige impak en gedragsmanifestasies verdeel, alhoewel hulle meen dat dit nie in alle gevalle moontlik is om die twee te skei nie.

Tabel 3.1: Vier faktore wat trauma veroorsaak by die adolessent wat seksueel misbruik is

1. TRAUMATIESE SEKSUALISERING:		
Dinamiek:	Sielkundige impak:	Gedragsmanifestasies:
Kind word beloon vir seksuele gedrag wat onaanvaarbaar is tot die kind se	Verhoogde opvallendheid van seksuele sake	Seksuele preokkupasie en kompulsiewe seksuele gedrag

ontwikkelingsvlak		
Oortreder verruil aandag en affeksie vir seks	Verwarring oor seksuele identiteit	Vroegrypheid
Seksuele dele van die kind verafgod	Verwarringe oor seksuele norme	Aggressiewe seksuele gedrag
Oortreder dra miskonsepsies van seksuele gedrag en seksuele moraliteit oor	Verwarring van seks met liefde en sorg ontvang of gee	Promiskuiteit, onaanvaarbare seksualisering van ouerskap
Kondisionering van seksuele aktiwiteite met negatiewe emosies en herinneringe	Negatiewe assosiasie met seksuele aktiwiteite en opwekking sensasies	Prostitusie, fobiese reaksies tot seksuele intimiteit
	Weersin ten opsigte van seks of intimiteit	Seksuele dissatisfaksie, terugflitse, probleme in opwekking, orgasme vermyding
2. STIGMATISASIE:		
Oortreder blameer, maak die slagoffer sleg	Skuldgevoelens	Isolasie
Oortreder en ander forseer die kind tot geheimhouding	Skaamte	Middelmisbruik
Kind neem houding van skaamte oor aktiwiteite aan	Lae selfbeeld	Kriminele betrokkeheid
Ander toon geskokte reaksies na onthulling	Voel anders as ander	Selfmutilasie
Ander blameer kind vir gebeure		Selfmoord
Slagoffer word gestereotipeer as “beskadigde goed”		
3. VERRAAD:		
Manipulering van vertroue en kwesbaarheid	Rou en depressie	Vasklou
Skending van verwagtinge dat ander sorg en beskerming sal	Uitermatige afhanklikheid	Kwesbaar vir verdere uitbuiting en daaropvolgende

voorsien		misbruik
Kind se welstand verontagsaam	Verswakte vermoë om die vertrouenswaardigheid van ander te oordeel	Laat toe dat eie kinders slagoffers word
Tekort aan ondersteuning en beskerming van ouers	Wantroue, veral van mans	Isolasie
	Woede, uitreagerende gedrag	Ongemak in intieme verhoudings
		Huweliksprobleme
		Aggressiewe gedrag
		Misdaad
4. HULPELOOSHEID		
Persoonlike spasie ingedring teen die kind se wense	Vrees en angs	Nagmerries en fobies
Kwesbaar vir indringing duur voort met verloop van tyd	Verlaagde sin van doeltreffendheid	Psigo-somatiese klagtes
Oortreder gebruik geweld of omkoperij om die kind te betrek	Persepsie van self as slagoffer	Eet- en slaapversteuring
Kind voel nie daartoe in staat om haarself te beveilig en die seksuele misbruik te stop nie	Behoefte aan beheer	Depressie en dissosiasie
Herhaalde ervaringe van vrees	Identifiseer met die aggressor	Weghardloop, skoolprobleme en skoolafwesigheid
Kind is nie daartoe in staat om ander dit te laat glo nie		Kwesbaar vir sekondêre seksuele misbruik
		Aggressiewe gedrag, afknouerige gedrag
		Misdaad
		Word 'n oortreder

(Finkelhor & Browne, 1986:185.)

Volgens Bannister (1998:3) het terapeute tydens gesamentlike onderhoudvoering met kinders wat seksueel misbruik is, daarvan bewus geword dat daar nie 'n "neutrale" onderhoud kan wees in sulke omstandighede nie. Wanneer daar gewerk word met 'n kind wat seksueel misbruik is, is die gevoelens van hulpeloosheid en verraad alreeds teenwoordig. Hierdie kinders is baie sensitief vir enige interaksie wat hulle nie verstaan nie en wat die hulpeloosheid, vrees of stigma verhoog. Dit is daarom die navorser se opinie dat die persoon wat terapieë met die kind werk, 'n goeie vertrouensverhouding met die adolessent wat seksueel misbruik is moet bou. Die adolessent moet daarvan bewus wees dat die terapeut daar vir haar sal wees in goeie en slegte tye. Die adolessent moet weet dat die terapeut sy / haar storie glo.

Volgens Bannister (1998:13) het hulle gevind dat dit algemeen is onder terapeute, in hulle vroeë fases van betrokkenheid met kinders wat seksueel misbruik is, om sake van hulle eie houdings oor seksuele aspekte te ontdek, wat eers aangespreek moet word. Dit sluit baie keer verdedigende of manipulerende reaksies tot die vier dinamieke van hulpeloosheid, stigmatisasie, verraad en seksualiteit, in. 'n Terapeut wat seksueel opgewek of afkeer ervaar gedurende 'n sessie, moet in staat wees om dit te beheer totdat sy of hy dit kan bespreek met sy of haar kollegas of supervisor. Die terapeut sal skuldig voel indien sy opgewek is, maar dit kan die terapeut gerusstel om te weet dat dit nie abnormaal is nie. Volgens Bannister (1998:13) kry die terapeut gewoonlik nie weer die gevoel wanneer sy dit openlik met iemand anders gedeel het nie. Indien dit weer voorkom, is dit 'n teken dat die terapeut nog moet werk aan haar eie seksualiteit.

3.2.1 Traumatiese seksualisering

Traumatiese seksualisering verwys na 'n proses waarin 'n kind se seksualiteit (insluitende seksuele gevoelens en seksuele houdings) gevorm word op 'n onaanvaarbare, disfunksionele ontwikkelings- en interpersoonlike manier as gevolg van die seksuele misbruik. (Vergelyk Mash & Woolfe, 2002:392; Finkelhor & Browne, 1986:181.) Volgens Webb (1999:110) verwys traumatiese seksualisering na die benadeling van gesonde seksuele funksionering weens die seksuele aard van die trauma. Die graad van

die benadeling sluit verwarring tussen seksualiteit en affeksie, verwarring oor seksuele norme, onaanvaarbare seksuele kennis vir die spesifieke ouderdom kind en seksuele gedrag, negatiewe assosiasie oor seksuele gevoelens, 'n geneigdheid om erotiese bindings te vorm, seksuele disfunksionering en verwarring oor seksuele identiteit in.

Traumatiese seksualisering kan op verskeie maniere voorkom as gevolg van seksuele misbruik. Die tekens van traumatiese seksualisering is meer geneig om voor te kom indien 'n seksuele respons van 'n kind ontlok is of indien die kind geforseer is tot deelname (Mash & Woolfe, 2002:392). Traumatiese seksualisering kan voorkom wanneer 'n kind herhaaldelik beloon word deur die oortreder vir seksuele gedrag wat onaanvaarbaar is vir sy of haar vlak van ontwikkeling. Dit kan voorkom in die vorm van uitruil van liefde, aandag, voorregte en geskenke vir seksuele gedrag. Sodoende leer die kind dat seksuele gedrag 'n strategie is om ander te manipuleer om haar ander geskikte ontwikkelingsbehoefte te bevredig te kry. Dit kom voor wanneer 'n sekere deel van 'n kind se anatomie verafgod word en 'n afwykende belang en betekenis daaraan geheg word (Finkelhor & Browne, 1986:181). Dit is die navorser se opinie dat weens traumatiese seksualisering baie adolessente slagoffers van seksuele misbruik, promisku begin optree of selfs betrokke raak by prostitusie, aangesien hulle verward voel oor seksuele houding en gevoelens en selfwaarde weens hulle ervarings tydens die seksuele misbruik.

Traumatiese seksualisering kom ook voor wanneer die oortreder miskonsepsie en verwarring oor seksuele gedrag en seksuele moraliteit oordra aan die kind. Dit gebeur wanneer vreesaanjaende herinneringe en gebeure in die kind se geheue geassosieer word met seksuele aktiwiteite. Volgens Mash & Woolfe (2002:392) word seksuele gedrag vir sommige slagoffers van seksuele geweld geassosieer met sterk emosies, soos vrees, afkeer, skaamte en verwarring. Hierdie gevoelens kan vertaal word in versteurde siening oor die liggaam en seksualiteit, en kan in sommige gevalle lei na eetversteurings, swak fisiese gesondheid en fisiese self-destruktiewe gedrag.

Ervaringe van seksuele misbruik kan dramaties varieer in terme van die hoeveelheid en die soort van traumatiese seksualisering wat dit veroorsaak. Die graad van die kind se begrip, wanneer die kind verlei word om deel te neem, en wanneer die oortreder pogings aanwend om 'n seksuele respons van die kind te ontlok, kan die graad van seksualisering affekteer. Die navorser vind dat baie adolessente wat seksueel misbruik is, skaam en skuldig voel indien hul enigszins seksueel reageer het tydens die seksuele misbruik. Ervaringe waartydens die kind as gevolg van jong ouderdom of ontwikkelingsvlak, min van die seksuele implikasies van die aktiwiteite verstaan, kan minder seksualiserend wees as wanneer die kind 'n volle bewustheid het. Adolessente se bewustheid van die seksuele implikasies van die aktiwiteite kan egter traumaties geseksualiseer word.

Kinders se traumaties geseksualiseerde gedrag spruit voort uit ervaringe met 'n onaanvaarbare repertoire van seksuele gedrag, wat verwarring en miskonsepsies oor hul seksuele selfkonsepte en ongewone emosionele assosiasies tot seksuele aktiwiteite, insluit (Finkelhor & Browne, 1986:182). Dit is soms baie moeilik vir 'n kind wat seksueel getraumatiseer is om grense te behou (Bannister, 1998:12). Die oortreder verruil aandag of liefde vir seks en sodoende leer kinders om dit te gebruik as 'n ruilmiddel. Soms is daar egter heeltemal afkeer van alle seksuele sake, veral as seks gebruik is as 'n sekere soort straf.

3.2.2 Stigmatisasie

Stigmatisasie verwys na die negatiewe konnotasies - byvoorbeeld skaamte, skuldgevoelens, om sleg te wees - wat gekommunikeer word aan die kind oor die ervaringe en wat dan geïnkorporeer word in die kind se selfbeeld. (Vergelyk Webb, 1999:110 ; Finkelhor & Browne, 1986:184.) Hierdie negatiewe betekenis word op verskeie maniere gekommunikeer. Dit kan direk van die oortreder kom wat die slagoffer kan blameer vir die aktiwiteite, of selfs deur sy onderduimsheid kan 'n gevoel van skaamte oor die gedrag oorgedra word. Depressie, lae selfbeeld en 'n swak selfkonsep is baie keer gevolge van stigmatisasie (Webb, 1999:110).

Wanneer daar druk vir geheimhouding vanaf die oortreder voorkom, kan dit ook 'n sterk boodskap van skaamte en skuldgevoelens oordra. Stigmatisasie word egter ook versterk deur houdings van ander persone in die familie of gemeenskap (Finkelhor & Browne, 1986:184). Die navorser stem hiermee saam aangesien baie Kleurling adolessente wat seksueel misbruik is, aan die navorser noem dat ander mense hulle “met aandag aankyk” na onthulling van die seksuele misbruik.

Ongeloof is 'n vorm van blaam (Bannister, 1998:10). Stigmatisasie kan dus voortvloei vanuit die kind se vorige kennis of gevoel dat die aktiwiteit as 'n taboe of afwykend gesien word. Dit word egter versterk indien mense na onthulling met skok of histeriese optredes reageer of indien die kind geblameer word (Finkelhor & Browne, 1986:184). Die kind kan ook verder gestigmatiseer word deur mense in haar omgewing wat dan as 'n resultaat van die seksuele misbruik ander negatiewe karaktereenskappe aan die slagoffer toeskryf soos lae waardes of “bedorwe kind”.

Die navorser vind in die praktyk dat adolessente baie keer na onthulling verder gestigmatiseer word deur die gemeenskap se reaksies. Die slagoffers word baie keer daarvan beskuldig dat hulle “daarvoor gesoek het, want waarom dra hulle sulke uitlokkende klere” of “sy hou haarself groot of ouderwets” of dat die slagoffer betrokke is by prostitusie. Die adolessent wat seksueel misbruik is, word dus weereens 'n slagoffer, ervaar skaamte en skuldgevoelens. Daar word baie keer druk op die adolessent uitgeoefen om nie voort te gaan met die hofsak nie.

Stigmatisasie kom in verskeie grade in verskillende situasies, waartydens die kind uitgebuit word, voor. Sommige kinders word as “sleg” en “verantwoordelik vir die seksuele misbruik” hanteer deur die oortreders en sommige nie. Sommige kinders is te jonk om bewus te wees van sosiale houdings en ervaar dus min stigmatisasie. Ander met sterk godsdienstige en kulturele norme, moet hierdie taboes saam met die gewone stigma hanteer (Finkelhor & Browne, 1986:184). Om die geheim van die seksuele misbruik te hou, kan die gevoel van stigma verhoog, omdat dit die gevoel van “anders wees” vergroot.

Dit is die navorser se opinie dat veral adolessente verder getraumatiseer word as gevolg van stigmatisasie, aangesien adolessente ingestel is op hul voorkoms en wat ander van hulle dink en sê. Om dus 'n gevoel van “ek is anders” te ervaar en om verantwoordelik en skaam te voel, kan dus 'n negatiewe impak op die adolessent se funksionering hê. Dit is dus belangrik dat die terapeut dit duidelik maak vir die adolessent dat die terapeut nie voel dat dit skandelik is om 'n slagoffer van seksuele geweld te wees nie, maar dat die skuld by die oortreder hoort.

Volgens Bannister (1998:11) moet daar duidelikheid oor konfidensialiteit wees. Die kind se veiligheid kom voor konfidensialiteit, maar die terapeut moet altyd haar menings en intensies met die kliënt deel sodat daar geen geheimhouding tussen die kliënt en die terapeut is nie. Aangesien die terapeut baie keer as 'n “veilige vesting” vir gevaarlike gevoelens van die kliënt dien, is konfidensialiteit van daardie gevoelens noodsaaklik in die terapeutiese verhouding.

Om die adolessent se selfbeeld te bou is ook belangrik ten einde skaamte en skuldgevoelens te verminder (Bannister, 1998:11). Die adolessent kan byvoorbeeld eerste gegroet word wanneer sy vir sessies gebring word. Baie kliënte wat probleme met stigmatisasie ervaar, toon middelmisbruikprobleme, selfmoordneigings en selfdestruktiwe gedrag (Bannister, 1998:11). Skuld en skaamte kan ook aangespreek word deur die adolessent te help verstaan dat die “gereedmaking vir die seksuele misbruik”, doelbewus uitgevoer is deur die oortreder en dat die oortreder die slagoffer versigtig voorberei het vir die seksuele misbruik deur omkooppresente, beloftes of dreigemente. Die slagoffers besef dan dat hulle klaarblyklieke toestemming onvermybaar was en nie omdat hul “swak” of “sleg” was nie.

3.2.3 Verraad

Verraad verwys na die dinamiek waartydens die kind ontdek dat iemand van wie sy afhanklik is, haar skade aangedoen het (Finkelhor & Browne, 1986:182). Dit kan op

verskeie maniere in 'n ervaring van seksuele misbruik voorkom. Volgens Webb (1999:110) kan dit lei na probleme in interpersoonlike verhoudings, probleme om verhoudings te bou, suspisie, ambivalensie en die keuse van verhoudings waarin die persoon uitgebuit word.

Die kind kan byvoorbeeld agterkom dat iemand wat sy vertrou, haar gemanipuleer het deur leuens of misinterpretasies oor morele standaarde. 'n Adollesente slagoffer van seksuele geweld het tydens 'n terapisessie aan die navorser genoem dat haar vader vir haar gesê het dat alle pa's hulle dogters se maagdelikheid breek voordat 'n ander man by haar mag wees. In hierdie geval het die dogter dus verraai gevoel omdat haar pa vir haar 'n leuen vertel het, haar misbruik het en morele standaarde gemisinterpreteer het.

Kinders ervaar nie net verraad teenoor oortreders nie, maar kan ook verraai voel deur familie wat hulle moes beskerm het. 'n Familielid wat die kind vertrou het en wat nie die kind beskerm of geglo het nie of wie se houding teenoor die kind verander het na onthulling, kan ook bydra tot die dinamiek van verraad. Die navorser vind in praktyk dat die adollesente dogters baie keer verder getraumatiseer word indien hulle ouers hulle, na die onthulling van die seksuele misbruik, nie geglo en ondersteun het nie. Dit is ook veral die geval in bloedskandegedvalle, wanneer die kind verraai voel deur haar moeder indien die moeder bewus was van die situasie en niks gedoen het om die seksuele misbruik te stop nie.

Die risiko vir ervaring van verraad is hoër as seksuele misbruik deur familieledede of persone wat die kind vertrou het, gepleeg is as wanneer vreemdelinge betrokke is. Daar kan egter die hipotese gestel word dat die graad van verraad geaffekteer word deur hōe om die bos gelei die kind voel, wie ook al die oortreder is. Die kind wat van die begin af agterdogtig was oor die pa se aktiwiteite, sal minder verraai voel as die kind wat die kontak aanvanklik as sorgsaam en liefdevol ervaar het en dan skielik beseft wat gebeur. Die graad van verraad is ook nou verwant aan die familie se reaksie op die onthulling (Finkelhor & Brown, 1986:183). Kinders wat nie geglo word nie en wat geblameer word, ervaar in 'n groter mate 'n gevoel van verraad as daardie kinders wat ondersteun

word. By die meeste gevalle wat by PATCH aangemeld word (ongeveer 90%), is die oortreder bekend aan die kind of is familie van die kind.

Een van die gevolge van verraad is die onvermoë om te vertrou. Aangesien vertroue die hart van die terapeutiese verhouding is, kan sulke gevoelens die begin van bruikbare werk inhibeer (Bannister, 1998:11). Om 'n vertrouensverhouding met iemand te bou wat seksueel misbruik is, beteken om sensitief te wees vir die feit dat die kliënt bang kan wees vir byvoorbeeld alle mans met baarde of vrouens wat wit jasse dra. Die kliënt kan bang wees om alleen saam met die terapeut, wat aanvanklik 'n vreemdeling is, te wees. Dit is daarom belangrik dat die terapeut die kliënt daarop wys dat familie of 'n vriend naby en bereikbaar in die wagkamer is.

Die impak van verraad is baie keer uitermatige woede, wat net so vreesaanjaend deur die kind ervaar kan word as deur ander op wie die adolessent haar woede uithaal (Bannister, 1998:12). Grense vir so 'n adolessent sal duideliker en strenger neergelê moet word as vir die kliënt wat uitermatige rou en hartseer ervaar as gevolg van die verraad. Volwassenes wat verraad ervaar het, het baie keer probleme in hul intieme verhoudings of met hul verhoudings met hul kinders.

3.2.4 Hulpeloosheid

Hulpeloosheid verwys na die proses waartydens die kind se wil, begeerte en sin van effektiwiteit heeltemal oortree word (Finkelhor & Brown, 1986:183). Volgens Webb (1999:110) kan angssimptome en afwykings (soos fobies) en regressiewe gedrag voorkom as gevolg van die hulpeloosheid wat die slagoffer ervaar. Baie aspekte van die seksuele misbruik dra by tot hierdie dinamiek. Finkelhor & Browne (1986:183) teoretiseer dat 'n basiese mate van hulpeloosheid in seksuelemisbruik voorkom wanneer 'n kind se gebied en persoonlike spasie herhaaldelik teen die kind se wil ingedring word.

Hulpeloosheid word vererger deur manipulasie en dwang wat die oortreder afdwing as deel van die seksuele misbruikproses. Hulpeloosheid word versterk wanneer 'n kind sien

dat sy of haar poging om die seksuele misbruik te stop, die beweerde oortreder frustreer. Hulpeloosheid verhoog ook wanneer die kind vrees ervaar, wanneer sy nie in staat is om volwassenes te laat glo dat seksuele misbruik gebeur nie of wanneer sy besef hoe kondisies van afhanklikheid haar vasgevang hou in 'n situasie.

Finkelhor & Browne (1986:183) stel die hipotese dat 'n outoritêre oortreder wat die kind se deelname deur dreigemente van ernstige skade eis, meer gevoelens van hulpeloosheid ontlok. Enige situasie waarin 'n kind egter vasgevang voel, soos wanneer die kind aan die gevolge van onthulling dink, kan 'n gevoel van hulpeloosheid ontlok. Wanneer die kind vertel en nie geglo word nie, veroorsaak dit hulpeloosheid. Indien die kind egter die seksuele misbruik sodoende stop en gevolglik in beheer geplaas word, kan sy minder hulpeloos voel.

Dit is die navorser se opinie dat die reaksie van belangrike persone in die adolessent se lewe, na onthulling, 'n groot bepalende faktor is ten opsigte van die ervaring van hulpeloosheid asook herstel. Die navorser vind in praktyk dat die hulpeloosheid wat sommige adolessente na onthulling as gevolg van ander se reaksies ervaar en besluite wat die adolessent ten opsigte van die kriminele saak moet neem, soms meer op die voorgrond is as die seksuele misbruikvoorval self.

Volgens Herman (1998:96) kan herhaaldelike trauma in die volwassene se lewe die struktuur van 'n reeds gevormde persoonlikheid verweer, maar herhaaldelike trauma tydens die kinderjare kan die persoonlikheid vorm en misvorm. Die kind wat vasgevang is in 'n mishandelende omgewing staar die take van aanpassing in die gesig. Sy moet 'n manier vind om 'n gevoel van vertrouwe te bou met mense wat onvertrouenswaardig is, veiligheid soek in 'n situasie wat onveilig is, beheer verkry in 'n situasie wat onvoorspelbaar is en gesag handhaaf in 'n situasie van hulpeloosheid.

Volgens Bannister (1998:8) kan gevoelens van hulpeloosheid verhoog word in 'n terapeutiese verhouding wat nie 'n mate van beheer aan die kliënt bied nie. Om die adolessent se agenda te volg, om teen die adolessent se pas te beweeg en om grense neer

te lê in plaas van beheer te neem, is baie belangrike aspekte van die terapeut se werk. ‘n Ander element van beheer is die misbruik van geslag, ras of klas in die terapeutiese verhouding (Bannister, 1998:8). Volwasse kliënte kan ‘n keuse van ‘n terapeut, manlik of vroulik, maak. Die vraag ontstaan of kinders ingeligte toestemming kan gee of keuses ten opsigte van terapie en ‘n bepaalde terapeut kan maak.

Uitermatige gevoelens van hulpeloosheid kan lei tot dissosiasie as ‘n bruikbare verdedigingsmeganisme wat die geheue gebruik om aan onverdraaglike situasies te ontsnap (Bannister, 1998:10). Die persoon voel asof sy “buite haar liggaam is”, en voel nie die pyn nie of wys min emosie oor die seksuele misbruik. Om sensoriese stimulasies te voorsien en veilige maniere te vind waarop emosies uitgedruk kan word, is dus ‘n belangrike deel van terapie.

‘n Kind internaliseer ervarings van die self in verhouding met ander gedurende kindskap (Potgieter, 2000:34). Indien ‘n volwassene nie ‘n kind se behoeftes en mate waarin die kind in beheer wil wees van haar interaksie met ander, in ag neem nie, ervaar die kind indringing in hierdie gebiede (Potgieter, 2000:34). Seksuele misbruik bring mee dat die slagoffer ervaar dat sy persoonlike beheer verloor en ondergeskik aan ander mense bly (Spies, O’ Neil & Collins, 1998:370). Volgens Fox (1996:6) is ‘n traumatiese komponent van seksuele misbruik die magteloosheid wat deur die kind ervaar word, aangesien sy totale onvermoë om die oortreder se gedrag te beïnvloed, ervaar.

Die navorser sal vervolgens fokus op die gevolge van seksuele misbruik op die adolessent se funksionering.

3.3 Die gevolge van seksuele misbruik

Vir elke terapeut wat met seksuele misbruik van kinders te doen kry, bly die kernvraag: Hoe beïnvloed seksuele misbruik die ontwikkeling van kinders en adolessente? Volgens Mash & Woolfe (2002:387) volg normale ontwikkeling ‘n voorspelbare, georganiseerde roete, wat begin met bemeestering van fisiologiese regulasie (slaap en eet) en duur voort

dwarsdeur die ontwikkeling van ingewikkelde vaardighede, soos probleemoplossing en portuurgroepverhoudinge. Onder abnormale en ongewone omstandighede, soos in die geval van seksuele misbruik, word voorspelbaarheid en georganiseerdheid versteur en van koers af gegooi, wat resulteer in die mislukking van ontwikkelingsmylpale en beperkte aanpassing.

Volgens Webb (1999:4) is dit belangrik om die spesifieke betekenis wat die traumatiese gebeure vir die gegewe kind inhou, te bepaal. Verskillende mense wat aan dieselfde traumatiese gebeure blootgestel word, kan verskillend geaffekteer word, weens verskille in hulle ervaring daarvan. Individuele karaktereienskappe wat na vore kom in die sielkundige prosessering van die traumatiese gebeure, verskil van persoon tot persoon. Hierdie prosessering kan ook in verskillende herstelomgewings plaasvind. Of die seksuele misbruik wel 'n impak op die adolessent gaan hê, en hoe dit gaan manifesteer, gaan afhang van die unieke samestelling en omstandighede van die individu (Cole & Theron, 1994:107). Navorsing dui daarop dat die gevolge van seksuele misbruik beide diepgaande en langtermyn van aard kan wees, en kan die kwaliteit van lewe van die slagoffer lewenslank affekteer (Wright, 1996:6).

Die gevolge van seksuele misbruik kan as volg in kategorieë verdeel word, naamlik emosionele gevolge, interpersoonlike gevolge, gedragsgevolge, kognitiewe- en persepsuele gevolge, fisiese gevolge en seksuele funksioneringgevolge. Die navorser is van mening dat kennis van die gevolge van seksuele misbruik noodsaaklik is ten einde die adolessent effektief te kan ondersteun en negatiewe kort- en langtermyngevolge te verstaan en te probeer voorkom.

3.3.1 Die emosionele gevolge

Die emosionele gevolge van seksuele misbruik van adolessente kan ernstig en langdurig wees. Dit kan na emosionele probleme en probleme in die ontwikkeling van intieme verhoudings lei (Nevid, Rathus & Greene, 1997:549). Die emosionele wonde van seksuele misbruik kan baie dieper wees en langer voortduur as die fisiese wonde van

seksuele misbruik (Nevid, Rathus & Greene, 1997:544). Emosionele regulasie verwys na die vermoë om die intensiteit en uitdrukking van gevoelens en impulse op 'n aanvaarbare manier te verander en te reguleer (Mash & Woolfe, 2002:388). Emosies dien as 'n belangrike interne monitor en riglynsisteem, wat ontwerp is om gebeure as voordelig of gevaarlik te beoordeel, en om motivering vir aksie te voorsien.

Omdat emosie belangrike tekens voorsien oor 'n persoon se interne en eksterne wêreld, moet adolessente leer hoe om dit op 'n aanvaarbare manier te interpreteer en daarop te reageer (Mash & Woolfe, 2002:388). Meeste kinders leer dit natuurlik deur emosionele uitdrukking en verduidelikings deur hul versorgers. Kinders wat seksueel misbruik is, lewe egter in 'n wêreld van emosionele verwarring en uiterstes, wat dit moeilik maak vir hulle om hul interne toestande te verstaan, te benoem en te reguleer. Volgens Mash & Woolfe (2002:388) kan die uitdrukking van gevoelens, soos huil, afkeur of vermyding verdere seksuele misbruik ontlok, en daarom toon kinders wat seksueel misbruik is meer die geneigdheid om hul emosionele uitdrukking en regulasie te onderdruk. Oor 'n verloop van tyd, kan hierdie onvermoë om emosies te reguleer, geassosieer word met geïnternaliseerde afwykings soos depressie en angs, asook eksterne afwykings soos aggressie, woede en verskeie vorme van uitreagerende gedrag (Mash & Woolfe, 2002:388).

Baie vroulike slagoffers van seksuele geweld is senuweeagtig in die weke wat volg na die voorval van seksuele misbruik, hulle huil baie en ervaar slapeloosheid. Hulle rapporteer 'n verlies aan eetlus, hoofpyn, angs en depressie en ongereelde menstruasie (Nevid, Rathus & Greene, 1997:547). Volgens Winton & Mara (2001:48) ervaar sommige slagoffers van seksuele geweld verskeie negatiewe emosies en gedrag soos woede en skuldgevoelens. 'n Algemene bevinding in die literatuur is dat daar 'n emosionele of affektiewe siklus by seksueel misbruikte kinders is, naamlik:

3.3.1.1 Depressie

Algemene sielkundige gevolge van seksuele misbruik sluit 'n lae selfbeeld, depressie en selfmoordgedagtes in (Nevid, Rathus & Greene, 1997:544). Sommige persone is van mening dat seksuele misbruik kinders tot in hulle siel affekteer, omdat dit so baie belangrike kindskaperinneringe en ervarings verstuur (Mash & Woolfe, 2002:391). Dit is moontlik 'n verklaring waarom simptome van depressie, emosionele stres en selfmoordgedagtes algemeen by adolessente wat seksueel misbruik is, voorkom. Op 'n meer positiewe noot, kan hierdie gevolge vermy word indien adolessente voorsien word van beskikbare ondersteuning van hul ouers of familie en geleenthede om gesonde strategieë te ontwikkel asook sosiale ondersteuning. Indien simptome van depressie en kognitiewe verstuurings egter nie erken word nie, is dit geneig om te vermeerder in laat adolessensie, veral indien die adolessent vanaf vroeë kinderjare seksueel misbruik is (Mash & Wolfe, 2002:391). Hierdie simptome kan lei tot lewensbedreigende selfmoordpogings en selfdestruktiwede gedrag.

3.3.1.2 Skuldgevoelens

Volgens Williams & Poijula (2002:105) is die kans goed dat die slagoffer van seksuele geweld skuldgevoelens sal ervaar indien sy verantwoordelik voel vir die gebeure wat sy ervaar het. Slagoffers van seksuele misbruik voel baie keer verantwoordelik vir die seksuele misbruik en blameer hulleself (Conradie, 2000:12). Die strategieë wat die oortreder baie keer gebruik om die adolessent te betrek by die seksuele misbruik, laat die adolessent verantwoordelik voel vir die seksuele misbruik. Die oortreder kan byvoorbeeld aan die adolessent sê dat sy so verleidelik was dat hy haar nie kon weerstaan nie.

Weens die samelewing se geneigdheid om die slagoffer te blameer vir die seksuele misbruik, het baie slagoffers misplaaste gevoelens van skuld, skaamte en selfblam (Nevid, Rathus & Greene, 1997:544). In die geval van verkragting deur 'n vriend of metgesel kan die adolessente slagoffer skuldig voel indien sy byvoorbeeld die oortreder

gesoen het. Baie mense glo die mite dat indien 'n man opgewek raak, hy homself nie kan beheer nie. Dit is egter nie waar nie. Volgens Williams & Poijula (2002:105) kom skuldgevoelens voor wanneer die slagoffer van seksuele geweld sleg voel oor haar gedrag: wat sy gedoen het of nie gedoen het nie voor, tydens en na die seksuele misbruik. Selfblaaam kan lei na 'n lae selfbeeld en depressie.

Vir alle vroue en meisies van alle ouderdomme, rasse en sosio-ekonomiese vlakke bestaan die risiko om 'n slagoffer van seksuele geweld te word. Vir adolessente meisies is die risiko egter hoog. Hoe jonger die meisie is, hoe meer geneig is sy om bekend te wees met die oortreder. "Metgeselverkragting" is 'n soort van "kennismaking" verkragting. Mans wat "metgeselverkragting" pleeg, neem aan dat, omdat die vrou hom gewillig huis toe vergesel het of die aanvaarding van die afspraak, dit toestemming tot seksuele aktiwiteite beteken of dat die meisie verplig is tot geslagsomgang na 'n goeie tyd of ete (Nevid, Rathus & Greene, 1997:546). In teenstelling met verkragting deur 'n vreemdeling, volg "metgeselverkragting," 'n ketting van opeenvolgende stappe van sagte aanmoediging tot meer intense voordele tot buitensporige fisiese samewerking.

Die navorser vind in praktyk dat baie adolessentemeisies se eerste seksuele ervaring, die vorm van "metgeselverkragting" aanneem, waarna die meisies worstel met skuldgevoelens, aangesien hulle voel dat hulleself te blameer is. Hulle voel ook baie verward ten opsigte van hulle gevoelens teen die beweerde oortreder en onseker of hulle die saak moet rapporteer, aangesien hulle gedeeltelik verantwoordelik voel.

Dit blyk in praktyk vir die navorser dat dit makliker vir meeste moeders van adolessenteslagoffers van seksuele misbruik is om die adolessent 'n leuenaar te noem as om die gesin op te breek, die moontlikheid van finansiële probleme in die gesig te staar en om gevoelens van mislukking en skuld te ervaar. Die adolessent se skuldgevoelens kan ook vermeerder indien 'n hofsak wel gemaak word en sy die impak, emosioneel en finansiëel, op die gesin sien. Die adolessent voel baie keer skuldig oor die negatiewe impak van die onthulling van die seksuele misbruik op die oortreder, gesin en haarself. (Vergelyk Faller, 1988: 297; Straus, 1990:97.)

3.3.1.3 Lae selfbeeld

Een van die gevolge van seksuele misbruik is 'n lae selfbeeld en 'n gevoel van waardeloosheid. (Vergelyk Doyle, 1994:209; Bolger, Patterson & Kulpersmidt, 1998:1171.) Trauma kan die positiewe gevoelens wat 'n persoon van haarself het, uitdaag en lei tot negatiewe denke en emosies van waardeloosheid en om "sleg" te wees (Williams & Poijula, 2002:162). Die persoon kan glo dat sy "beskadig" is. Vanaf 'n baie vroeë ouderdom begin 'n kind 'n beeld van haarself vorm. Na hierdie beeld word gewoonlik verwys as die kind se selfkonsep en is hoofsaaklik gebaseer op die manier waarop die kind deur belangrike persone in haar lewe behandel word (Geldard & Geldard, 2002:207). Selfbeeld is dus 'n indikasie van die mate waartoe 'n adolessent haarself waardeer.

Die oortreder dra soms die boodskap aan die adolessent wat seksueel misbruik word oor dat sy nooit suksesvol sal wees nie, dat sy dom is en slegs goed is vir seks of dat sy niemand van die seksuele misbruik mag vertel nie. (Vergelyk Spies, O' Neil & Collins, 1998:371; Fox, 1996:6.) Met sulke boodskappe is dit moeilik vir die adolessent om in haarself te glo. Sonder 'n positiewe selfbeeld, het kinders nie die basis om besluite in hul beste belang te neem nie (Allen, 1995:4). Volgens Collins & Spies (1998:201) verloor die kind persoonlike beheer en 'n gevoel van veiligheid, gedurende seksuele misbruik, wat die selfbeeld negatief beïnvloed.

Dit is die navorser se opinie dat die adolessent met 'n lae selfbeeld wat seksueel misbruik is, kwesbaar vir sekondêre misbruik is. Volgens Doyle (1994:209) is die kans minder dat kinders in die toekoms teikens vir seksuele misbruik sal wees, as hulle gehelp word om 'n gevoel van waarde te bou en selfversekerd voorkom. Volgens Shapiro (1993:60) het onderhoude met oortreders van seksuele misbruik van kinders daarop gedui dat hulle kinders as slagoffers kies wat maklik is om te manipuleer en wat hulle as kwesbaar sien.

Seksuele misbruik is baie meer as net fisiese pyn en kortstondige vrees van 'n adolessent. Voorvalle van seksuele misbruik bedreig die adolessent se gevoel van waarde en veiligheid, sy / haar leefwêreld en welstand (Mash & Woolfe, 2002:387). Persone met 'n geskiedenis van seksuele misbruik, is meer geneig om 'n kroniese verswakking in selfbeeld, selfkonsep en emosionele en selfregulerende gedrag te ontwikkel, insluitende uiterste resultate soos posttraumatiese-stres, depressie en afwykende toestande.

3.3.1.4 Angs

Een van die grootste vrese wat adolessenteslagoffers van seksuele geweld kan ervaar, is om hul ouers van die seksuele misbruik te vertel (Benedict, 1994:190). Die adolessent kan moontlik nie 'n positiewe verhouding met haar ouers hê nie of nie gewoonlik haar private lewe met hulle bespreek nie en kan daarom skaam wees om met hulle te praat oor haar liggaam en seks. Die adolessent kan vrees dat haar ouers vir haar gaan kwaad wees en byvoorbeeld gaan sê: "Ek het jou gesê dat jy nie so laat moet uitbly nie". Volgens Bannister (1998:190) kan 'n adolessent ook vrees dat haar ouers so kwaad gaan wees dat hulle haar gaan hok of voordele soos sakgeld of selfoon gaan wegneem.

Die adolessent kan veral vrees ervaar om haar ouers te vertel indien sy dink die seksuele misbruik het gebeur omdat sy 'n reël verbreek het soos om vir haar ouers te sê dat sy by 'n vriend oorslaap, maar toe uitgegaan het (Bannister, 1998:191). Nog 'n rede waarom adolessente vrees kan ervaar om hulle ouers in te lig van die seksuele misbruik, is omdat die adolessent dalk nie wil hê dat haar ouers iets van haar lewe moet weet nie. Die adolessent is dalk nie meer 'n maagd nie of gebruik dwelms en wil daarom nie hê dat haar ouers dit moet uitvind nie, veral nie in die konteks van iets so gewelddadig soos verkragting nie (Bannister, 1998:191). Baie adolessenteslagoffers vertel nie hulle ouers van die seksuele misbruik nie, omdat hulle onafhanklik wil wees en omdat hulle privaatheid so belangrik vir hulle is dat hulle glo dat dit beter is om eerder die geheim te hou.

Guma & Henda (2004:95) haal die volgende stelling van Mandela (1996) aan: “In days gone by, and possibly even today in many instances, the view has prevailed that children should ‘be seen and not heard’. The time has come for our children to be seen, and to be very clearly heard. The cries of our abused and exploited children must no longer fall on death ears or closed minds.” Die adolessenteslagoffer van seksuele misbruik kan vrees om met ‘n onbekende volwasse terapeut te praat oor die seksuele misbruik. Die terapeut kan onbewustelik weens geslag, grootte, etnisiteit of ouderdom die oortreder verteenwoordig. Die adolessent kan vrees dat sy nie geglo sal word nie of dat daar nie na haar geluister sal word nie (Morgan, 1995:9).

Die oortreder sê baie keer vir die adolessent dat as sy enige iemand gaan vertel wat gebeur het, dan sal die oortreder in die moeilikheid kom en tronk toe gaan (Morgan, 1995:9). Dreigemente is daarom nog ‘n rede waarom adolessente slagoffers vrees ervaar en nie die seksuele misbruik onthul nie (Bannister, 1998:192). Volgens Gil (1991:5) kan dreigemente, vrees en angs by die adolessent tot gevolg hê. Die oortreder kan byvoorbeeld dreig om haar weer te verkrag of haar en haar familie dood te maak indien sy vertel. Die adolessent meen dus dat sy ‘n belofte of ‘n geheim gaan verbreek as sy die seksuele misbruik openbaar maak. Die kind kan aan die een kant die dreigemente van die oortreder vrees en terselfdertyd vrees dat die aandag en liefde van die oortreder sal stop. Die kind of adolessent voel daarom dat sy die persoon moet beskerm. Volgens Morgan (1995:9) is die onthulling van die seksuele misbruik ‘n emosionele dilemma vir die adolessent, wat kan glo dat dit beter is om aandag van die oortreder te kry al is dit verwarrend of maak dit haar bang, as om geen aandag of liefde te kry nie.

Slagoffers van seksuele geweld onthul baie keer nie die seksuele misbruik nie, uit die vrees vir weerwraak van die oortreder en soms omdat hul vrees dat hul blameer sal word vir die seksuele misbruik (Nevid, Rathus & Greene, 1997:551). Volgens Mash & Woolfe (2002:392) voldoen 25% tot 50% van kinders en adolessente wat ‘n geskiedenis van seksuele misbruik het, aan die kriteria van ‘n posttraumatiese-stresversteuring. Hierdie versteuring kan begin tydens kinderjare met spesifieke vrese, soos om alleen te wees of vrees vir mans of vir spesifieke gebeure of om alleen te slaap. Post traumatiese

stressimptome is meer geneig om voor te kom wanneer die seksuele misbruik kronies was en wanneer die oortreder gebruik gemaak het van skelmstreke of dwang om samewerking te kry.

Baie slagoffers van seksuele misbruik vrees dat hulle die MIV/VIGS virus kon opgedoen het as gevolg van die seksuele misbruik (Nevid, Rathus & Greene, 1997:548). Die uiterste stres wat geassosieer word met kinders wat seksueel misbruik word, kan veranderinge in breinontwikkeling en struktuur veroorsaak, wat sommige van die simptome van sielkundige trauma verduidelik (Mash & Woolfe, 2002:392). Veranderinge in die hippokampus – die deel van die brein wat korttermyngeheue hanteer asook die kodering en herroep van langtermyngeheue - kan voorkom as gevolg van hormone wat die brein oorfloei voor en na 'n stresvolle voorval. Die hippokampus is veral sensitief vir hoë vlakke van kortisol, wat vir ure of dae na stres sirkuleer (Mash & Woolfe, 2002:392). Lae kortisolvlakke is verwant aan emosionele afstomping, en spasma wanneer die kortisolvlakke ooreenstem met steurende herinneringe.

Na verlengde stres word kortisolvlakke uitgeput, en die terugvoersisteem wat die hormoonvlakke in die brein beheer, word disfunksioneel. Stres oorspoel die brein met kortisol, en die brein in ruil, herset die aanvangs waartydens die kortisol geproduseer word, sodat dit ten laaste sirkuleer op dramatiese lae vlakke (Mash & Woolfe, 2002:392). Die neuro-endokriene sisteem word baie sensitief vir stres, net soos by individue wat aan posttrauma-stres lei.

Om getuienis af te lê, is 'n stresvolle ervaring vir die adolessent wat seksueel misbruik is. Die persoon moet getuienis aflê in die teenwoordigheid van mense, wat voorheen onbekend was, en die inligting kan intieme besonderhede wat die adolessent laat verleë laat voel insluit (Müller, 2000a:68). Indien die persoon die klaagster in die saak is, bestaan die moontlikheid dat sy voor die beskuldigde getuienis moet aflê. Die kruisondervraging kan vyandig en verwarrend wees, en kan gebruik word om voor te stel dat die getuie die beweerde oortreder valslik beskuldig. Die navorser tree soms as tussenganger by die streekhof op en kinders het al verskeie kere nadat hulle getuig het,

gehuil en aan die ondergetekende genoem dat dit voel asof hulle nie geglo word nie weens die kruisondervraging. Die hofkamer kan ook vreemd wees, met die hoofspelers wat lang swart jasse dra. 'n Prosedure word gevolg wat nie deur 'n leke persoon verstaan word nie en is soms baie gespesialiseerd. Die atmosfeer is formeel en kan selfs intimiderend wees (Müller, 2000a:68).

Sekondêre trauma kan veroorsaak word deur enige iets van die aanvanklike trauma weer op te roep op 'n onbeheerde manier of op 'n onbeskermende manier (Sadan, 2004: 239). Kinders ervaar sekondêre trauma wanneer die seksuele misbruik ontdek word. Die kind sukkel om haar private inligting te onthul met die ongeloof, blaam en verwerping wat die onthulling van die seksuele misbruik inhou. Volwassenes kan die kind beskuldig daarvan dat sy lieg, manipuleer of die gebeure fantaseer. Dieselfde proses kan weer opgeroep word wanneer die kind getuigenis moet aflê by die hof. Om te getuig in die hof kan stresvol wees vir volwassenes en jong kinders is meer kwesbaar vir die stressors wat geassosieer word met die verskyning in die hof (Sadan, 2004:239).

3.3.1.5 Skaamte

Een van die emosies wat slagoffers van seksuele misbruik ervaar en wat dikwels voorkom, is skaamte (Williams & Poijula, 2002:116). Skaamte is 'n gevoel wat verby skuldgevoelens strek en is ook moeiliker om te oorkom. Skaamte beteken dat die slagoffer sleg voel vir wat of wie sy is. Dit is 'n baie diep gevoel wat voortspruit uit gevoelens van mislukking wanneer die slagoffer glo dat slegs perfeksie aanvaarbaar is. Volgens Williams & Poijula (2002:116) is skaamte soms die resultaat wanneer 'n persoon op 'n onaanvaarbare of degraderende manier gebruik is.

Seksuele sake word in die algemeen nie openlik in die samelewing bespreek nie (Morgan, 1995:11). Kinders leer van 'n jong ouderdom af dat hulle nie in die winkel mag masturbeer nie, nie "dokter-dokter" met hul vriende mag speel nie of nie kaal rond hardloop nie. Dit sal daarom vir die adolessent ook moeilik wees om skielik in terapie oor seksuele aspekte te praat.

Baie slagoffers voel dat mense weet dat hulle seksueel misbruik is deur net na hul te kyk (Knauer, 2000:74). Volgens Morgan (1995:11) is slagoffers van seksuele geweld baie keer selfbewus oor hul liggame en dink dat hul “anders lyk” weens hul ervaringe. Die slagoffer neem dus die skaamte aan in plaas daarvan om dit te plaas by die oortreder by wie dit eintlik hoort. Die rede waarom dit gebeur, is omdat die oortreders baie keer so ontkenkend is oor hoe skadelik hul gedrag is of die kind intimideer om stil te bly oor hul gedrag wat so vreemd is vir die kind, dat die kind instinktief weet dat iets skandelik gebeur het. Wanneer die oortreder nie die skandelikheid van hul gedrag erken nie, besef die slagoffer dit en dra die skaamte vir die oortreder se part (Knauer, 2000:74).

Skaamte word verskillend uitgedruk. Baie keer sal die slagoffer af kyk, en min oogkontak met ander maak. Baie slagoffers dink dat ander mense weet wat gebeur het deur slegs na hul te kyk. Baie slagoffers sal moeite doen om hul voorkoms te verander met grimering en klere. Volgens Knauer (2000:75) is daar sekere karaktereienskappe wat baie keer by slagoffers gevind word, maar daar is geen profiel van 'n slagoffer nie. Skaamte is 'n vorm van selfmarteling wat gevoelens van onvolwaardigheid, ondergeskiktheid en teleurstelling insluit, en kan lei tot die vorming van 'n skaamgebaseerde identiteit. Dit is 'n situasie waarin die persoon se hele selfkonsep op skaamte gebaseer is (Williams & Poijula, 2002:116).

Skaamte skei die slagoffer van ander mense in haar lewe (Knauer, 2000:76). Slagoffers van seksuele geweld is ook soms bekommerd oor wat ander kinders sal sê as hulle uitvind van die seksuele misbruik (Morgan, 1995:11). Vriende en broers of susters kan baie wreed wees met mekaar, en mekaar skaam maak met byname. Hierdie skaamte maak dit moeilik vir slagoffers om goed te voel oor hulself en kan maak dat die adolessent so 'n lae selfbeeld het, dat sy enige iets sal aanvaar wat oor haar pad kom insluitende beroepskeuse, huweliksmat en vriende. Slagoffers kan so 'n lae selfbeeld ontwikkel, dat hulle baie ver sal gaan om ander tevrede te stel. Selfs 'n terapeut kan op 'n manier op die slagoffer se storie reageer, wat die slagoffer se skaamte kan vermeerder (Knauer, 2000:77).

Volgens Bannister (1998:193) kan die adolessenteslagoffer ook skaam voel omdat sy haar gesin so omvergewerp het met haar onthulling van die seksuele misbruik. Die adolessent kan begin oorpresteer met positiewe optrede en gedrag, in die hoop dat geen verdere slegte dinge met haar sal gebeur nie. Die skaamte wat die adolessenteslagoffer ervaar, kan egter ook die teenoorgestelde effek hê, en die adolessent kan voel dat omdat sy verkrag is, beteken dit dat sy “sleg” is. Sy begin dus onaanvaarbare gedrag openbaar. Sy regverdig haar onaanvaarbare gedrag deur dit as ‘n straf te sien vir haar familie omdat hulle haar nie beskerm het teen die seksuele misbruik nie asook ‘n manier om haarself te straf. Dit vererger egter net die lyding. Om verkeerd en onaanvaarbaar op te tree, kan ook ‘n kreet om hulp wees en ‘n manier om aandag te kry.

Knauer (2000:77) beskryf die voorbeeld van 'n man wat as kind herhaaldelik 'n slagoffer van seksuele geweld was en as 'n volwasse man na 'n psigiater gegaan het vir terapie. Wanneer die man na 'n paar sessies gereed gevoel het om dieper in te gaan op die seksuele misbruik, het die psigiater telkens die onderwerp na 'n meer neutrale grond gebring. Die psigiater se eie onvoltooidhede het hom dus verhinder om die slagoffer te help. Nadat die man 'n ander terapeut gevind het, het hy vordering getoon.

Indien die terapeut egter nie sy of haar eie struikelblokke in die terapeutiese proses erken nie, en die kliënt blameer vir weerstand, sal die skuld weereens op die slagoffer verplaas word en die slagoffers se skaamte verhoog. Bloedskande kan veral skaamte veroorsaak. Dit is die navorser se opinie dat die terapeut, in die geval van bloedskande, versigtig moet wees om nie die gesin te blameer nie. Polariteite is by alle persone ‘n realiteit. Die adolessent kan gevolglik begin skaam word vir die liefde vir haar pa nadat die terapeut uitgewys het hoe skadelik sy dade was.

Die terapeut moet nooit aanneem dat hy of sy weet hoe die slagoffer teenoor die oortreder voel nie, veral nie wanneer die oortreder 'n familielid is nie (Knauer, 2000:78). Dit sal help as die terapeut die slagoffer self vra om haar gevoel vir die oortreder te beskryf.

Deur die slagoffer te vra wat sy waardeer van die oortreder, kan aan die terapeut insig gee ten opsigte van verhouding van die slagoffer en oortreder.

Skaamte blyk nie te verminder wanneer die slagoffer huil of deur die uitdrukking van woede nie. Volgens Williams & Poijula (2002:116) kan gevoelens van skaamte na aggressie teenoor die oortreder verander omdat die oortreder haar innerlike standaarde van aanvaarbare gedrag, verbreek het. Die slagoffers wat skaamte ervaar, voel dat sy blootgestel word aan die wêreld as “sleg”.

Skaamte kom ook voor by slagoffers wat sê dat hulle "vuil" bly voel nadat hulle seksueel misbruik is. Sommige slagoffers sal hulself aanhoudend was (Knauer, 2000:78). 'n "Vuil" gevoel laat ook die slagoffer "anders as ander" voel. Die skaamte wat seksuele misbruik veroorsaak, kan lewenslank voorkom. Sommige slagoffers is bang om te onthul dat hulle seksueel misbruik is, weens die mite dat indien 'n persoon seksueel misbruik is, sy ander persone seksueel sal misbruik. Sommige slagoffers weier om kinders van hul eie te hê, want hul glo die mite en dink dat hulle hul eie kinders seksueel sal misbruik. Hierdie slagoffers glo dat die enigste manier om hul kinders te beskerm, is deur nie kinders te hê nie (Knauer, 2000:78). Alhoewel sekere slagoffers wel sal voortgaan om kinders seksueel te misbruik, is die persentasie slagoffers wat dit doen relatief klein teenoor die hoeveelheid mense wat seksueel misbruik word. Meeste slagoffers sal nooit iemand wil seermaak op die manier waarop hul seergemaak is nie.

Dit is slegs die slagoffers wat nie hul woede en hulpeloosheid teenoor hul eie oortreder hanteer het nie, wat kan voortgaan om ander seksueel te misbruik (Knauer, 2000:78). Dit is asof hulle daardeur dit wat met hul gebeur het weer kan uitspeel, maar diè keer is hul in beheer en kan die uitkoms van die seksuele misbruik verseker. Dit is baie keer die skaamte oor die seksuele misbruik wat die oortreder as slagoffer ervaar het, wat hulle geïsoleerd hou asook die onvermoë om hul eie seksuele misbruik te hanteer.

Die oortreders stuur baie keer vir die slagoffers boodskappe voor en na die seksuele misbruik wat die slagoffer skaam laat voel, byvoorbeeld: “Jy het gehou van wat met jou

gebeur het” (Williams & Poijula, 2002:116). Die slagoffers aanvaar baie keer daardie boodskappe as waar en as ‘n deel van hulleself eerder as om die boodskappe te sien as vals en dat dit van buite haar kom. Hierdie boodskappe word “introjekte” genoem, en is leuens wat die slagoffer nie moet aanvaar as waarhede nie.

Die vraag ontstaan of die gevoel van skaamte verminder wanneer die oortreder verantwoordelikheid vir die seksuele misbruik aanvaar. In die gevalle waar die oortreder verantwoordelikheid vir die seksuele misbruik aanvaar het, het dit volgens Knauer (2000:79), voorgekom asof die slagoffer wel beter in terapie gedoen het en 'n beter selfbeeld het, as in die meeste gevalle wanneer die seksuele misbruik deur die oortreder ontken word. Dit is asof die gevoel van skaamte êrens moet gaan en wanneer die oortreder dit opneem, is die slagoffer beter in staat om 'n selfbeeld te bou as die onskuldige eerder as die verdiende teiken.

Skaamte kom veral voor wanneer die oortreder en die slagoffer van dieselfde geslag is. (Vergelyk Morgan, 1995:11; Knauer, 2000:80.) Dieselfde-geslag seksuele misbruik bring die saak van homoseksualiteit na vore. Adolesseente en ouer kinders is baie bewus van die stigma rondom enige iemand wat "buite" die norm gesien word. Die meeste slagoffers van dieselfde-geslag onthul nie die seksuele misbruik so geredelik soos slagoffers van die teenoorgestelde geslag as die oortreder nie. Wanneer slagoffers van dieselfde-geslag as die oortreder, seksuele misbruik onthul, is hulle gewoonlik ouer.

Sommige slagoffers van dieselfde-geslag seksuele misbruik word homoseksueel, maar die meeste word nie (Knauer, 2000:81). Die grootste aanduiding van ‘n geneigdheid tot homoseksualiteit blyk te wees wanneer dieselfde-geslag oortreder baie vaardig was met die seksuele misbruik en dit fisies aanloklik vir die slagoffer gemaak het. In die gevalle waar die slagoffer plesier ervaar het, kan die seksuele misbruik meer skadelik wees as wanneer die seksuele misbruik geforseerd en fisies was. Wanneer die seksuele misbruik fisiese plesier verskaf het, voel die slagoffer dat sy deelgeneem het aan die seksuele aktiwiteit en beleef nie die seksuele misbruik as sulks nie (Knauer, 2000:81).

Alhoewel in die meeste gevalle wat gerapporteer word, die oortreder manlik is, is daar moontlik baie meer vroulike oortreders as wat vermoed word. Vroue kan fisiese aktiwiteite as versorging voordoene wat in werklikheid kindermolestering is. Deur die kind te bad of die kind se privaatdele te ondersoek vir beserings, kan vroue kinders seksueel misbruik, maar niemand sal dit vermoed nie. Wanneer 'n seun ongemaklik voel oor wat 'n ouer vrou doen, sal die seun gewoonlik niks sê nie, aangesien die samelewing boodskappe aan mans gee dat hulle al die seks neem wat hulle kan kry (Knauer, 2000:81).

Die slagoffers van seksuele misbruik kan skaamte ervaar indien hulle in situasies is waarin hulle geen gesag het om keuses te maak nie (Williams & Poijula, 2002:116). Die adolessente slagoffer van seksuele misbruik voel dan verkeerd, sleg en van geen waarde nie en asof sy nie goed genoeg is nie weens die slegte dinge wat met haar gebeur. Skaamte is 'n pynvolle emosie omdat dit baie negatiewe, kritiese oordele oor die self betrek wat lei na gevoelens van vernedering, onvolwaardigheid en 'n lae selfbeeld in stand hou. Gevoelens van skaamte kan ook lei tot gevoelens van isolasie en alleenheid. Die wortels van skaamte lê in die seksuele misbruik of verraad en in die slagoffer se beskadigde sin van die self (Williams & Poijula, 2002:116).

Die beste manier waarop adolessente slagoffers wat skaamte ervaar gehelp kan word, is deur hul te laat beseft dat hul nie alleen is nie, dat dit ook met ander gebeur het (Knauer, 2000:82). Slagoffers moet aangemoedig word om in hul eie behoeftes te voorsien, nie net altyd in ander se behoeftes nie. Slagoffers kan gehelp word om te verstaan dat die skaamte wat hul ervaar by die oortreder hoort. Hulle moet aangemoedig word om oor hulle gevoelens met iemand wat hulle vertrou en veilig by voel te praat (Knauer, 2000:82). Indien beskikbaar, moet die slagoffer aangemoedig word om deel te neem aan 'n groep vir slagoffers van seksuele geweld. Die hele gesin kan ingeskakel word by gesinsterapie, waartydens die slagoffer en gesinslede hulle pad na herstel kan begin.

3.3.1.6 Woede

Woede is een van die moeilikste emosies vir slagoffers. Slagoffers het 'n geneigdheid om woede te ignoreer of om uit te bars en uit te reageer wat beide die slagoffer en ander om hulle kan seermaak (Knauer, 2000:83). By jonger slagoffers van seksuele geweld kan woede na vore kom in 'n skielike uitbarsting deur ander te slaan of om besittings te beskadig. Kinders druk soms hulle woede weens 'n tekort aan ervaring, op onaanvaarbare maniere uit. In adolessensie kan woede uitgedruk word as afwykende gedrag of die gebruik van alkohol of dwelms (Knauer, 2000:83). Woede word of uitgedruk op 'n heeltemal onbeheerste manier of dit word glad nie uitgedruk nie. Slagoffers het nie 'n balans wanneer dit by woede kom nie. Die adolessent kan vir haarself, die oortreder of vir haar ouers kwaad wees (Benedict, 1994:195). Dit is die navorsers se opinie dat slagoffers geleer kan word om woede te ervaar ten opsigte van die regte doelwit. In die veilige ruimte van die terapiekamer, kan aan die adolessent strategieë geleer word om woede op 'n aanvaarbare wyse te ervaar en te hanteer.

Volgens Benedict (1994:195) is sommige slagoffers kwaad vir hul ouers omdat hulle voel dat hul ouers hul in die steek gelaat het en dat hulle veronderstel was om hulle beskermers te wees. Of die adolessent kan dink dat as haar ouers nie so streng was nie dan sou sy nie by ander persone deur wie sy in gevaarlike situasies geplaas is, troos gaan soek het nie.

'n Slagoffergroep kan effektief wees om die adolessent wat intense woede ervaar, te help. As gevolg van hulle behoefte om aanvaar te word deur hulle portuurgroep, sal adolessente slagoffers wat kwaad is en woede ervaar dit verdra wanneer die groep hul wys op hulle gedrag en sal steeds terugkeer na die groep (Knauer, 2000:83). Soms is die rede waarom teruggekeer word na die groep slegs om die groep te wys dat hulle nie die slagoffer kan voorskryf wat om te doen nie en sodoende ervaar die slagoffer dus beheer.

Die pad vanaf woede na aanvaarding en om die beste van 'n situasie te maak is nie 'n maklike pad nie. Woede is erkenning dat daar iets teenoor jou verkeerd gedoen is

(Knauer, 2000:84). Vir jare het terapeute geglo dat daar nie herstel kan wees voordat die slagoffer die oortreder vergewe het nie. Om die slagoffer te vra om die oortreder te vergewe, is nie regverdig nie. Indien die oortreder aan die slagoffer verskoning kan vra sonder om iets terug te verwag, kan dit helend vir die slagoffer wees. Deur verskoning te vra en om dan van die slagoffer te verwag dat sy moet vergewe, kan deur die slagoffer ervaar word as blamering vir die seksuele misbruik.

Adolescente en jonger kinders het nie die woordeskat om die intense woede wat hul ervaar, op 'n konstruktiewe manier uit te druk nie (Knauer, 2000:84). Woede is nie 'n slegte emosie nie, dit kan helend wees as dit op 'n positiewe manier uitgedruk word. Vir die meeste slagoffers gaan woede gepaard met vrees, omdat dit in hul families gebruik is om hul te beheer en te intimideer. Die terapeut moet die slagoffers leer dat die woede wat hul ervaar nie verkeerd is nie, maar dat dit aanvaarbaar uitgedruk moet word as 'n belangrike faktor in die helingsproses (Knauer, 2000:85). Wanneer die woede nie op 'n konstruktiewe manier hanteer word nie, kan die slagoffers voortgaan om van ander persone slagoffers te maak.

Die terapeut moet die adolessent toelaat om die woede oor die onregverdigheid van die seksuele misbruik uit te druk, en die woede erken, maar grense moet steeds gestel word. Deur gebruik te maak van rolspel kan die slagoffer geleer word om negatiewe gedrag aanvaarbaar te hanteer (Knauer, 2000:85). Die beste manier om adolessente te leer hoe om hul pyn te hanteer is deur te illustreer hoe die terapeut haar of sy eie pyn hanteer. Kinders hou die terapeut dop en sal dieselfde hanteringsmeganismes wat gedemonstreer word, naboots. Dit is noodsaaklik dat indien die terapeut ook 'n slagoffer was en selfonthulling gebruik, dat die terapeut haar eie sake al op so 'n manier hanteer het dat haar eie gevoelens nie op die slagoffers geprojekteer word nie (Knauer, 2000:86).

Die adolessent wat seksueel misbruik is, moet daarvan bewus wees dat herstel 'n proses is. Daar word van niemand verwag om al die antwoorde te hê nie; almal leer en herstel voortdurend (Knauer, 2000:86). Daar is ruimte vir foute en eksperimente. As een metode nie werk nie dan kan 'n ander metode probeer word. Elke persoon word waardeur

vir haar unieke ervaringe en idees. Nie een persoon word gesien as die magspersoon wat die regte manier het om enige probleem of situasie te hanteer nie.

Die grootste probleem as woede vir lank opgekrop word, is dat die woede so intens is dat dit moeilik is om te fokus of om die uitdrukking op 'n gesonde en aanvaarbare manier te beheer. Wanneer die kliënt gereed en bereid is om die woede aan te spreek, is dit onmoontlik om te voorspel wat die katarsis gaan ontlok en op wie dit gerig gaan wees (Knauer, 2000:87). Slagoffers het baie keer probleme om woede uit te druk as gevolg van die boodskappe wat hulle voor of tydens die seksuele misbruik ontvang. Die seksuele misbruik leer die slagoffer dat gevoelens nie saak maak nie, dat die oortreder se behoeftes en wense prioriteit kry bo die behoeftes en wense van die slagoffer. Hierdie boodskappe inhibeer die adolessent om geregtig te voel om haar woede uit te druk oor die onregverdigde gebeure waaraan sy blootgestel was.

Woede wat nie uitgedruk word nie, kan resulteer in eetversteurings, selfmoord en depressie, om slegs 'n paar voorbeelde te noem (Knauer, 2000:88). Baie slagoffers word geïntimideer deur woede. Hulle het sulke negatiewe ervaringe van ander mense se woede dat hul nooit iemand anders so wil laat voel nie. Omdat seksuele misbruik nie oor die seks is nie, maar wel oor beheer en intimidasie, beleef die slagoffer woede as 'n skrikwekkende emosie (Knauer, 2000:87). Om te erken dat hierdie selfde emosie in hulself bestaan, veroorsaak angst by die slagoffer. 'n Slagoffer sal so ver gaan om die bestaan van die woede te ontken.

Die slagoffer moet aangemoedig word om die woede op 'n gesonde en aanvaarbare manier uit te druk. Dit is een van die dinge wat gedoen kan word om aan die slagoffer selfgeldende vaardighede te leer (Knauer, 2000:88). Selfgeldende gedrag is anders as om aggressief te wees. Selfgeldende gedrag beteken om grense te kan stel oor wat vir die persoon aanvaarbaar en onaanvaarbaar is. Een persoon se grense kan verskil van dié van 'n ander persoon. Die beste manier om die geskiktheid van grense te bepaal, is deur te fokus op hoe ander persone se gedrag teenoor die adolessent is en hoe dit haar laat voel.

Wanneer ander persone se gedrag konstant pyn en stres veroorsaak, moet die adolessent weet dat daardie persone een van haar grense wat neergelê was vir selfbeskerming, oorskry het. Aangesien baie slagoffers gewoon is daaraan om baie emosionele pyn te verdra, is die slagoffer se grense geneig om meer liberaal te wees as iemand wat nie seksueel misbruik is nie (Knauer, 2000:88). Die slagoffer moet geleer word dat selfversorging en selffokus gesond is. 'n Persoon het geen werklike beheer oor ander se gedrag nie. 'n Persoon het slegs beheer oor hoe ander se gedrag vir haar gaan affekteer en hoe sy gaan reageer op hulle gedrag (Knauer, 2000:88). Die slagoffer van seksuele misbruik probeer dikwels hard om die oortreder se gedrag te beheer. Dis slegs wanneer die seksuele misbruik onthul word, dat die slagoffer 'n bietjie beheer ervaar. Wanneer die adolessenteslagoffer, in die geval van bloedskande, die ma se rol inneem en die gesin probeer beskerm deur geheimhouding, veroorsaak dit baie woede (Knauer, 2000:89).

Die nie-oortredende ouer is gewoonlik die moeder. 'n Groot persentasie slagoffers sê gewoonlik dat hul meer woede teenoor die moeder (nie-oortredende ouer) ervaar as teenoor die vader (oortredende ouer). Die rede vir hierdie woede is dat die slagoffer voel dat die moeder bewus was van wat gebeur het en haar nie beskerm het nie (Knauer, 2000:89). Slagoffers ervaar woede omdat hulle die seksuele misbruik moet ontken om hulle moeders te beskerm. Adolessente kan die woede teenoor hulleself draai deur byvoorbeeld dwelms of alkohol te misbruik.

Indien 'n persoon seksueel misbruik is, gee dit nie daardie persoon die reg om ander te mishandel nie. Dieselfde standaard wat die ouers van 'n kind verwag wat nie seksueel misbruik is nie, moet ook verwag word van die kind wat seksueel misbruik is (Knauer, 2000:90). Die slagoffers moet aangemoedig word om te praat oor hulle woedegevoelens. Indien die slagoffer dit te moeilik vind om te praat, kan tekeninge of storievertelling gebruik word. Die doel van terapie is om aan die adolessent binne die veilige ruimte van die terapiekamer en met 'n nie-bedreigende professionele verhouding, die geleentheid te bied om haar storie te vertel en haar gevoelens uit te druk.

3.3.2 Interpersoonlike gevolge

Daar is genoegsame bewyse dat die slagoffers van seksuele geweld ‘n verskeidenheid interpersoonlike gevolge ervaar wat hoofsaaklik deur die volgende gekarakteriseer word, naamlik:

3.3.2.1 Gevoelens van stigmatisasie en om “anders te wees” as ander

Na die seksuele misbruik is dit nie ongewoon vir die slagoffer om te voel asof sy “beskadigde goed” is nie (Brown, 1991:170). Dit verwys na die samelewing, familie en die kind se persepsie dat sy swak, kwesbaar en “gebruik” is en gedeeltelik verantwoordelik is. Vir ouer kinders, strek die “beskadigde goed sindroom” na denke van swangerskap, MIV / VIGS en seksueel oordraagbare siektes.

Slagoffers besef gou dat alles nie eindig by die aanvanklike viktimisering nie. Die proses (afneem van verklaring, die hofverrigtinge, reaksies van betekenisvolle persone) wat die adolessent na onthulling van die seksuele misbruik ondergaan, word gesien as sekondêre viktimisering (Brown, 1991:24). Versorgers en die sisteem kan die pyn wat die slagoffer van seksuele geweld ervaar, verder vermeerder. Baie slagoffers se pyn vermeerder elke keer wanneer hulle na die hof moet gaan, en in baie gevalle word die sake net uitgestel na ‘n volgende datum. Die navorser vind in praktyk dat baie ouers van die slagoffers gefrustreerd en kwaad word oor die sake wat herhaaldelik uitgestel word en wil dan net die sake terugtrek. Baie van die slagoffers en hul ouers het nie vervoer nie en moet van publieke vervoer gebruik maak om die hofsaak by te woon. Dit gebeur baie keer dat die oortreder dan op dieselfde trein as die slagoffer en haar ouers is.

Die navorser vind ook in praktyk dat baie slagoffers en hul ouers nie ingelig word oor die verloop van die hofsaak nie en baie is nie eers ingelig oor die uitslag van die hofsaak of dat die saak teruggetrek is nie. Sekondêre viktimisering is baie pynlik vir slagoffers, aangesien hierdie pyn toegedien word deur persone wat die slagoffer besluit het om te vertrou en met wie hulle ‘n terapeutiese of emosioneel afhanklike verhouding gebou het

(Brown, 1991:25). Die pyn van die slagoffer kan ook vermeerder weens ander se aanmerkings soos: “Sy is oor dit”, “Sy moet aanbeweeg of oor dit kom” of “Sy oorreageer”. Pyn word dus toegedien wanneer die slagoffer se pyn oorsien word, geminimaliseer word of geïgnoreer word. Sekondêre viktimisering kom ook voor wanneer die slagoffer deur ander blameer word en nie ondersteun word nie.

Sekondêre viktimisering kan veroorsaak word deur familie, vriende, onderwysers, werkgewers, bure, dominees, terapeute, maatskaplike werkers, hospitale, dokters, die kriminele sisteem, polisie, prokureurs, die media en beraders. Die navorser sien daaglik in praktyk hoe adolessente slagoffers van seksuele geweld verdere viktimisering ondergaan weens die sisteem en ander persone se aanmerkings en optrede.

Stigmatisasie is alreeds volledig bespreek onder Finkehor & Browne (1986:184) se teoretiese model, sien punt 3.2.2.

3.3.2.2 Vrees vir intimiteit en vermyding van verhoudings

Deur traumatiese ervarings te ondergaan en te oorleef kan lei tot probleme met binding, intimiteit en interpersoonlike verhoudings (Williams & Poijula, 2002:177). Probleme wat die persoon kan ervaar sluit in: gevoelens van “anders wees”, wantroue, isolasie, verlies aan plesier in die lewe, verlies aan die vermoë om sensueel en seksueel te voel, herhaalde destruktiewe verhoudings en probleme met die vasstel en behou van grense.

Die onvermoë om intieme emosionele verhoudings te ontwikkel met mans is algemeen onder vroueslagoffers van seksuele geweld (Brown, 1991:9). Slagoffers van seksuele geweld kan skaam voel indien hulle seksuele gevoelens ervaar, en seks kan ‘n sneller word wat geassosieer word met vernedering, gevaar en die behoefte om ‘n geheim te hou (Williams & Poijula, 2002:138). Die slagoffer van seksuele geweld kan terugflitse gedurende seksuele verhoudings kry.

3.3.2.3 Onvermoë om ander te vertrou

Na verkracting deur iemand wat die adolessent vertrou het, kan sy dit moeilik vind om weer mense te vertrou (Benedict, 1994:200). Indien die adolessent dus deur 'n persoon in die verlede verraai is, kan dit lei tot probleme met vertroue in die hede (Williams & Poijula, 2002:178).

3.3.2.4 Verswakte sosiale verhoudings

Die belangrike proses van binding kan versteur word deur voorvalle van seksuele misbruik, en inmeng met kinders se vermoë om ondersteuning te soek en om hul eie sielkundige en emosionele prosesse te reguleer (Mash & Woolfe, 2002:388). As 'n resultaat is seksueel misbruikte en mishandelde kinders dus meer geneig om 'n afwesigheid van 'n georganiseerde bindingstrategie te toon.

Verteenwoordigingsmodelle van 'n persoon self en van ander is belangrik, want dit bevat ervaring, kennis en verwagtinge wat oorgedra word in nuwe situasies. 'n Adolessent kan byvoorbeeld internaliseer dat haar ma haar gewoonlik bystaan in nood of dat ander vir haar lief is, en dit vorm haar geloof oor haarself en ander en dit reflekteer 'n gevoel van waarde en kontak met ander (Mash & Woolfe, 1998:388). Adolessente wat seksueel misbruik is, het in teenstelling baie keer 'n tekort aan sulke kernoortuigings oor hulleself en hulle wêreld.

Hulle kan in teenstelling negatiewe verteenwoordigingsmodelle van hulleself en ander ontwikkel gebaseer op 'n gevoel van innerlike "sleg wees", selfblam of woede, wat verder hul vermoë om hul affekiewe response te reguleer verswak (Mash & Woolfe, 2002:393). Sosiale afsprake, 'n gunstelingtydverdryf vir adolessente, kan 'n toetsgrond wees waartydens 'n persoon se kennis en verwagtinge van 'n verhouding uitgespeel word. Adolessente wat geleer het om aan te pas by geweld en intimidasie as 'n manier van lewe, en wat 'n tekort het aan geskikte alternatiewe rolmodelle of ervarings, is meer geneig om die sosiale arena te betree met onaanvaarbare verwagtinge oor verhoudings

(Mash & Woolfe, 2002:393). Adollessensie kan die modelfase wees of die aanvangsperiode, in die vorming van 'n gewelddadige dinamiek in intieme verhoudings.

3.3.2.5 Verswakte verhoudings met mans, vroue en ouers

Die boublokke van intimiteit – gee en ontvang, vertrou en om vertrouenswaardig te wees – word geleer tydens kindskap (Spies, O'Neil & Collins, 1998:372). Indien kinders konstante liefdevolle aandag ontvang, ontwikkel hulle vaardighede om versorgende verhoudings te bou en te behou. In die geval van seksuele misbruik, waar die oortreder 'n volwassene is, misbruik die oortreder die kind se onskuld. Gevolglik word die kind groot met verwarrende boodskappe oor die verhoudings tussen seks, liefde, vertrou en verraad (Spies, O'Neil & Collins, 1998:372). Baie slagoffers vrees dit om hul lewensmaat of vriend in te lig omtrent die seksuele misbruik en vrees dat hul blameer sal word of as ontrou gesien sal word (Nevid, Rathus & Greene, 1997:548). 'n Adollessent se vermoë om te vertrou en te ondersoek word op die sekuriteit en kongruensie van vorige verhoudings gebaseer.

3.3.2.6 Swak verhoudings met ander kinders en gevoelens van isolasie

Portuurgroepverhoudinge speel 'n unieke rol in menslike ontwikkeling. Gesonde portuurgroepverhoudinge verbeter die ontwikkeling van morele redenering, samewerking en wederkerigheid (Bolger, Patterson & Kupersmidt, 1998:1172). Slechte portuurgroepverhoudings tydens kindskap kan huidige en latere probleme in aanpassing, insluitende antisosiale gedrag, tot gevolg hê. Volgens Doyle (1994:96) voel sommige adollessente wat seksueel misbruik is dat hulle anders is as ander kinders en onttrek hulle van ander mense. Seksueel misbruikte kinders ervaar baie keer probleme om gesonde bande met ander te vorm (Nevid, Rathus & Greene, 1997:544). Hulle kan 'n tekort aan empatie toon of misluk om 'n gevoel van besorgheid oor die welsyn van ander te ontwikkel. Hulle kan uitreageer op maniere wat die wreedheid wat hul ervaar het in hul lewens, weerspieël. Volgens Cattanach (1992:24) onttrek baie adollessente wat seksueel misbruik is hulle van verhoudings met ander kinders en word geïsoleer.

Baie adolessente slagoffers van seksuele geweld is baie bekommerd oor hoe dit hul lewens by die skool gaan affekteer (Benedict, 1994:195). Skole is geslote samelewings, leerders skinder en dit kan moeilik wees om nuus soos verkragting stil te hou. Baie adolessente sien op daarteen om terug te gaan – en is baie bang vir die kyke wat sy sal kry, die gefluister en om gespot te word. Meisies kan bekommerd wees dat hulle as “slette” deur die seuns gesien sal word, en seuns is bang dat hul “homoseksueel” genoem sal word. Adolessente is bang om of as “weird” of voorwerpe van bejammering gebrandmerk te word.

Baie vriende van slagoffers van seksuele geweld se aanmerkings kan onsensitief wees, soos byvoorbeeld: “Waarom het jy nie terug baklei nie?.” Dit kan die slagoffer skaam en kwaad laat voel (Bannister, 1998:196). Baie vriende onttrek hulself van die slagoffer, omdat hulle nie weet hoe om dit te hanteer nie en dit nie verstaan nie. Hulle is ook moontlik bang dat hulle die verkeerde dinge sal sê.

3.3.2.7 Hoë voorkoms van herhaling van seksuele misbruik

Die navorser vind in praktyk dat adolessente wat slagoffers van seksuele geweld was, soms herverwys word nadat hulle weer slagoffers daarvan was. Die navorser is van mening dat adolessente wat seksueel misbruik was en geen hulp of ondersteuning ontvang het nie, kwesbaar is om weer seksueel misbruik te word.

Aangesien seksuele misbruik die slagoffer se selfbeeld kan verlaag, kan dit daartoe lei dat slagoffers baie afhanklik word van ander mense en dat hul eerder in ‘n mishandelende verhouding sal bly as om die risiko te loop om alleen en kwesbaar te wees (Knauer, 2000:130). Die slagoffer draai na dit wat bekend is aan haar. Die moontlikheid ontstaan dat ‘n persoon wat altyd boodskappe gekry het dat sy net van waarde is in die seksuele misbruiksituasies, sy van waarde sal voel wanneer sy in so ‘n situasie is (Knauer, 2000:98).

3.3.3 Gedragsgevolge

Beide kliniese literatuur en empiriese navorsing toon dat baie slagoffers van seksuele misbruik negatiewe gedragsgevolge ervaar wat tot in volwassenheid kan duur. Dit is soms moeilik vir mense om te verstaan waarom adolessente slagoffers van seksuele geweld hulself in situasies plaas waarin hul 'n hoë risiko is om weer seksueel misbruik te word of waarin dit wel weer gebeur (Knauer, 2000:91). Dit is egter belangrik om in ag te neem dat mense deur die bekende aangetrek word, selfs al is die bekende seksuele misbruik. Die tipe gedrag wat die adolessent uitreageer, kan varieer, naamlik middelmisbruik, verkragting, selfdestrukiewe gedrag, eetversteuring of selfmoord.

Hoe word 'n persoon gehelp om vir haarself om te gee, wanneer al die boodskappe wat sy in haar lewe gekry het sê dat wat met haar gebeur, nie saakmaak nie (Knauer, 2000:93). Adolessente wil baie keer weet: "Waarom het hy my gekies of waarom het dit met my gebeur?". Dit kan 'n goeie beginpunt wees. Meeste oortreders kies eenvoudig net die kind wat die kwesbaarste en behoefstigste is, en daarom nie sommer die seksuele misbruik sal onthul nie. Dit is ook gewoonlik die adolessent wat die meeste nadelig beïnvloed sal word deur die seksuele misbruik.

Die navorser vind in praktyk dat baie slagoffers hulself blameer vir die seksuele misbruik en dink dat dit iets was wat hulle gedoen het, wat die seksuele misbruik veroorsaak het. Baie keer wanneer die seksuele misbruik gestop is, voel die slagoffers dat iets kort in hul lewens (Knauer, 2000:95). Die slagoffer plaas haarself daarom weer in 'n misbruiksituasie, aangesien sy weet hoe om die misbruik te hanteer omdat dit al is wat sy ooit geken het. Dit is die konsep dat die adolessent nie seksueel misbruik word nie, wat haar angsvlakke verhoog, want sy wag vir die seksuele misbruik om te begin en wanneer dit nie gebeur nie, kan sy nie die onsekerheid verdra nie (Knauer, 2000:95). Die slagoffer dink dat sy tog een of ander tyd seksueel misbruik gaan word, daarom wil sy dit net agter die rug kry.

Seksuele misbruik laat baie keer geen fisiese tekens nie, maar veranderinge in die adolessent se gedrag kan baie keer opgemerk word (Shapiro, 1993:60). Die adolessent kan byvoorbeeld onttrek van ander, 'n skielike belangstelling in seksuele dade toon, verandering in skoolprestasie kan voorkom en die adolessent se gemoedstoestand kan verander. Dit is moeilik vir slagoffers van seksuele misbruik om direk daarvoor te praat en hulle toon daarom hulle nood op verskeie maniere. Die adolessent kan direk aandag vestig op 'n fisiese besering of kan ook indirek 'n besering aandui in die hoop dat iemand haar ongemak sal opmerk.

Iemand wat nie seksueel misbruik is nie, sal dit moeilik vind om te verstaan waarom 'n persoon wat seksueel misbruik is, situasies sal toelaat en aanmoedig waarin hul weer en weer seksueel misbruik word. Hier word gefokus op selfdestruktiewe gedrag wat lewensbedreigend kan word. Meeste selfdestruktiewe gedrag word uitgedruk deur:

3.3.3.1 Selfskending (krap, byt, sny van dele van die liggaam)

Selfskending is 'n spesiale tipe selfbesering. Selfskending is gerig, beheersd en herhalend, het nie die bedoeling van selfmoord nie, is nie verwant aan geestelike of kognitiewe verswaktheid (soos gestremdheid of outisme) nie en dit is sosiaal onaanvaarbaar (Williams & Poijula, 2002:132). Die vraag ontstaan waarom slagoffers van seksuele geweld hulleself sny of brand. Die meeste slagoffers van seksuele geweld wat selfdestruktiewe gedrag toon, doen dit omdat hulle dan self die pyn veroorsaak en nie die oortreder nie (Knauer, 2000:99). Aangesien die slagoffer dan in beheer van die mishandeling is, kan sy die tydskuur en graad daarvan beheer. Volgens Williams & Poijula (2002:132) kom selfskending gewoonlik voor wanneer die slagoffer 'n diep gevoel van verlies ervaar wat lei na gevoelens van spanning, angs, woede of vrees en hierdie gevoelens word uitgedruk deur haar liggaam op 'n baie beheersde manier te beskadig.

Sommige slagoffers is eers tevrede wanneer hulle bloed sien, terwyl ander net van die pyn hou wat hulself veroorsaak. Soms word die pyn gebruik om die slagoffer se gedagtes

af te trek van emosionele sake wat baie pynlik is as gevolg van die seksuele misbruik waarvoor die slagoffer geen beheer het nie (Knauer, 2000:98). Deur hulleself fisies te beseer, trek dit die slagoffers se aandag van die emosionele pyn af. Dit is dus asof die selftoegepaste pyn 'n afleiding is van die werklike emosionele pyn wat die seksuele misbruik veroorsaak. Selfdestruktiewe gedrag kan die slagoffer se poging wees om die emosionele pyn te beheer, indien die slagoffer hulpeloosheid tydens die seksuele misbruik ervaar het (Swanton & Tebbutt, 1997:609).

Volgens Williams & Poijula (2002:133) kan selfskending vir die slagoffer van seksuele geweld dien as 'n manier om haar liggaam en geheue te herverbind. Sommige slagoffers sê dat hulle in staat is om te glo en erken dat hulle werklik en lewend is as hulle bloed sien. Vir hulle, kalmeer selfskending hulle indringende, trauma-gebaseerde denke deur aan hulle die endorfienvrystelling te gee wat kalmte bring en opwekking verminder. Selfskending is 'n manier van herviktimisering. Die mees algemene manier van selfbesering is wanneer die persoon haarself sny. Volgens Williams & Poijula (2002:132) is selfskending in die algemeen:

- 'n manier om pynlike emosies te hanteer wat die persoon nie in woorde kan uitdruk nie deur iets konkreet en aktief te doen,
- 'n manier om gevoelens te stop en dit so te beheer,
- 'n manier om te bewys dat sy lewend is,
- 'n verslawende aksie wat kompulsief kan word,
- 'n manier om die trauma weer vas te stel,
- 'n oortreding van grense van die liggaam,
- 'n uitdrukking van selfblaam,
- 'n manier om 'n emosie te kommunikeer,
- 'n uitdrukking van self-haat,
- 'n manier om weerstand te toon om haarself op 'n positiewe manier te versorg,
- 'n manier om aan pyn van verwerping te ontsnap,
- 'n manier om fisiese bewyse te hê van emosionele besering,

- 'n manier om 'n afstand te skep en grense daar te stel tussen haarself en ander wat haar sal verwerp weens die selfskending,
- 'n manier om dissosiasie te voorkom,
- 'n manier van self-straf vir sekere gedrag of sekere gedagtes of gevoelens wat tydens kindskap deur ander gestraf is.

Vir sommige slagoffers help dit om 'n rooi pen te vat en te maak of hulle die arm van 'n pop sny (Knauer, 2000:99). Die rooi ink is simbolies van hul eie bloed. Ander slagoffers neem rooi, wasbare ink en merk hulle eie arms. Die gekleurde ink blyk dieselfde satisfaksie te voorsien as wanneer hul hulself sny. Volgens Knauer (2000:99) noem slagoffers dat wanneer hulle oor 'n lang periode seksuele misbruik ervaar het en dit ewe skielik stop, dit voel asof daar 'n leemte is. Hierdie slagoffers is geneig om selfdestruktiewe gedrag te toon.

Die meeste selfskendende gedrag is die resultaat van hoë vlakke van emosionele stres met min beskikbare middelle om dit te hanteer (Williams & Poijula, 2002:132). Die slagoffer van seksuele geweld kan selfskending gebruik of ervaar as 'n manier om beheer te kry oor haar liggaam, en om daardie persone om haar uit te daag om genoeg om te gee om dit raak te sien en iets daaraan te doen. Selfskending kan vir die slagoffer van seksuele misbruik as 'n plaasvervanger vir woede teenoor iemand anders dien, asook as 'n begeerte (bewustelik of onbewustelik) om pyn op 'n persoon af te dwing.

Slagoffers wat ook nooit veilig genoeg gevoel het om die woede teenoor die oortreder of ander wat gewet het van die seksuele misbruik, uit te druk nie, draai daardie woede na binne en druk dit teenoor hulself uit deur selfskending (Knauer, 2000:99). Of die selfdestruktiese gedrag in die vorm van sny, brand, middelmisbruik, promiskue gedrag of om hulself in gevaarlike situasies te plaas voorkom, die intensie is steeds dieselfde. Die slagoffer is die persoon wat die graad, tyd en duur kan bepaal (Knauer 2000:99). Vir baie slagoffers is dit dan die eerste keer dat hulle beheer in hulle lewe het.

Soms is die begeerte om haarself seer te maak 'n manier om depressie en angs te beveg, of 'n manier om haarself af te skakel deur 'n tipe van selfmedikasie. Soms is selfskending die slagoffer van seksuele misbruik se manier om te wys hoeveel sy haarself haat (Williams & Poijula, 2002:133).

3.3.3.2 Selfmoord

Van alle vorme van self-mishandeling is die een wat die meeste deur terapeute gevrees word, selfmoord. Van alle vorme van mishandeling is seksuele misbruik die nouste verwant aan selfmoord (Knauer, 2000:100). Groepwerk, die "buddy"-sisteem kan hulpvol wees in die hantering van selfmoord, aangesien lede besef dat selfmoord ander lede van die groep sal seermaak en die groepstabiliteit sal beïnvloed. Groeplede is bewus daarvan dat indien een suksesvol is in 'n selfmoordpoging die ander lede dit ook kan poog, daarom help groepe om tieners te weerhou van selfmoord (Knauer, 2000:101).

Die mees algemene antwoord op die vraag waarom 'n persoon selfmoord pleeg, is dat slagoffers van mening is dat selfmoord die beste manier is waaraan hul kan dink om die pyn van die seksuele misbruik te stop (Knauer, 2000:101). Indien die slagoffer 'n definitiewe plan het van hoe sy gaan selfmoord pleeg (byvoorbeeld om haarself te skiet of om haar polse te sny) en die middele het om dit uit te voer (byvoorbeeld 'n geweer of lemmetjies), dan verhoog die risiko vir selfmoord dramaties (Knauer, 2000:102). Indien die slagoffer dinge begin weggee wat sy voorheen waardeer het, is dit nog 'n duidelike indikatie van die moontlikheid van selfmoord. Indien die slagoffer skielik, en vir geen rede nie, gelukkig word en baie verlig voorkom, kan dit wees omdat sy besluit het om selfmoord te pleeg en verlig voel.

Indien die slagoffer vorige selfmoordpogings uitgevoer het, verhoog die risikofaktor met elke opeenvolgende poging (Knauer, 2000:103). Elke selfmoordpoging beteken dat die slagoffer beter en meer bedrewe sal word. Vroue poog meer om selfmoord te pleeg, maar mans voer dit meer kere suksesvol uit (Knauer, 2000:103). Dit kan wees omdat

mans baie keer gewere gebruik, terwyl vrouens baie keer 'n oordosis pille neem en gered word.

Terapeute moet aanhoudend die risiko van selfmoord assessee. Die adolessent wat seksueel misbruik is, is meer geneig tot selfmoord wanneer seksuele misbruik onthul word, indien die nie-oortredende ouer nie ondersteunend is wanneer die hofsaak voorkom nie of wanneer die adolessent uit die sorg van hul ouers verwyder word (Knauer, 2000:103). Indien 'n adolessent selfmoordneigings het, kan die ouer(s) of versorgers die kind na 'n psigiater neem, laat hospitaliseer op aanbeveling van 'n psigiater, alle moontlike wapens verwyder wat die kind kan gebruik om haarself seer te maak en moet die adolessent glad nie alleen gelaat word nie.

3.3.3.3 Eetversteurings (anorexia nervosa en bulimia)

Baie slagoffers ontwikkel eetversteurings soos anorexia nervosa, bulimia en kompulsiewe, oormatige eetgewoontes. Volgens Nevid, Rathus & Greene (1997:544) word seksuele misbruik geassosieer met die verhoogde risiko om bulimia te ontwikkel. Behalwe vir die skade wat 'n eetversteuring aan 'n persoon se liggaam en gesondheid berokken, beïnvloed dit ook 'n persoon se selfbeeld en verhoudings met ander (Knauer, 2000:62). Indien 'n persoon nie in staat is om haar ware self en gevoelens uit te druk nie, is intimiteit in 'n verhouding baie moeilik. Die persoon met die eetversteuring word die fokus van die verhouding. Baie van die energie in die verhouding word dan spandeer op pogings om die eetversteuring te beheer of om 'n ware sin van intimiteit in die verhouding te verkry (Knauer, 2000:70).

Wanneer bulimiese adolessente te veel eet, kan dit 'n poging wees om hulle gemoed te reguleer of om gevoelens, byvoorbeeld woede of frustrasie, uit te druk wat net te moeilik is om te verbaliseer (Knauer, 2000:62). Die woede wat die seksuele misbruik veroorsaak en die onvermoë wat slagoffers van seksuele misbruik ervaar om hulle gevoelens uit te druk, maak dit logies dat 'n eetversteuring soos bulimia kan ontwikkel. Volgens Knauer (2000:65) toon onlangse navorsing dat daar ook 'n biologiese komponent in

eetversteurings is en dis waarom eetversteurings ook die potensiaal het om moeilik behandelbaar en dodelik te wees.

In die geval van obesiteit, voorsien kos aan die adolessent troos en vertroeteling wat dalk tekort skiet in die adolessent se daaglikse lewe (Knauer, 2000:66). Kos laat die kind nooit in die steek nie. Die gewig wat die adolessent optel, kan dien om haar te beskerm teen die ongevraagde seksuele misbruik. Volgens Knauer (2000:67) vul gewig die leemtes wat die slagoffer ervaar.

Die eerste fase wat slagoffers van seksuele geweld in die gesig moet staar in hulle herstel van die oorgewig en die seksuele misbruik, is ontkenning (Knauer, 2000:67). Die professionele persoon moet die slagoffer ook emosioneel voorberei op die fisiese veranderinge wanneer sy byvoorbeeld baie gewig verloor. Die adolessent se probleme gaan nie noodwendig net verdwyn as sy gewig verloor nie. Slegs een probleem naamlik gewig, is dan verloor. Wanneer slagoffers uiteindelik begin om die leemtes aan te spreek wat die kos tydelik gevul het, is die pyn so groot dat die slagoffer na ander bronne sal draai om die pyn te verlig, byvoorbeeld middelmisbruik (Knauer, 2000:67). As slagoffers in staat is om die leemtes in die gesig te staar sonder om gedrag te beoefen wat hul gevoelens doodsmoor, is die insig wat hul sal ontdek die sleutel tot hul herstel. Dit is 'n stadige en pynlike proses wat die slagoffer moet deurgaen.

Dit is nie altyd maklik om vas te stel dat 'n adolessent 'n eetversteuring ontwikkel nie. Anorexia nervosa is makliker om waar te neem. Alhoewel 'n adolessent wat anorexia nervosa het, oormatig ondergewig is, sien die adolessent dit nie self raak nie en dink steeds dat sy oorgewig is (Knauer, 2000:68). Tekens van anorexia nervosa sluit die vrees om gewig op te tel, oormatige oefening, verlies van maandstonde, gemoedsveranderinge, fyn haargroei, en hoofpyn in. 'n Adolessent wat lei aan bulimia sal 'n oormatige hoeveelheid kos inneem op een slag, en sal na die tyd opgooi. Hulle sal groot hoeveelhede lakseermiddels neem. Ander tekens sluit gemoedsveranderinge, depressie, seer keel, duiseligheid, maagprobleme en hardlywigheid in (Knauer, 2000:69).

Tekens van obesiteit is die aankoop van groot hoeveelhede kos, wanneer die persoon eet vir emosionele redes, vinnige en oormatige optel van gewig, hoë bloeddruk en kolesterol en hardlywigheid (Knauer, 2000:69). Wanneer adolessente se eetversteurings aangespreek word, sal slagoffers soms baie kwaad word, veral as daar voorgestel word dat hul eetgewoontes ongesond is en moet verander (Knauer, 2000:69).

Wanneer 'n adolessent 'n eetversteuring het, is die laaste ding wat sy wil doen, erken dat sy 'n probleem het. Die probleem wat voortvloei uit die gebruik van middele om die leemte wat hul binne hul ervaar te vul, is dat die troos wat die middele voorsien later net so baie seer veroorsaak as die seksuele misbruik wat die slagoffer probeer stil (Knauer, 2000:72). 'n Eetverstering kan veroorsaak dat die slagoffer van seksuele geweld in 'n eindlose sirkel van pyn vasgevang word.

Beheer is die werklike rede vir eetversteurings (Knauer, 2000:72). Slagoffers wat 'n eetversteuring ontwikkel, doen dit onbewustelik in 'n poging om beheer te kry in ten minste een aspek van hul lewens. Dit sal nie help om met die adolessent te baklei dat sy nie moet opgooi of te veel moet eet nie. Volgens Knauer (2000:72) is die beste om 'n afspraak vir die adolessent by 'n dieetkundige en sielkundige te maak. Indien daar 'n probleem is, is gesins- of individuele terapie die beste optrede.

3.3.3.4 Middelemisbruik

Adolessente met 'n geskiedenis van seksuele misbruik loop 'n groot risiko om middele te misbruik, wat weer die risiko van ander aanpassingsprobleme verhoog (Mash & Woolfe, 2002:391). Adolessente poog moontlik, as 'n resultaat van die kroniese emosionele pyn, om die onaangename herinneringe en huidige stressors te hanteer deur middele te misbruik. Middelemisbruik kan tydelike gevoelens van isolasie verminder. Beide dwelms en drank is 'n vorm van self-medikasie (Knauer, 2000:97). Net vir 'n klein rukkie is sy dan in staat om te vergeet van die pyn in haar hart, wanneer sy onder die invloed is.

3.3.3.5 Regressiewe gedrag

Jonger kinders gebruik meer primitiewe maniere om hulle angs te hanteer as ouer kinders. 'n Jonger kind kan byvoorbeeld angs hanteer deur na 'n vroeër fase van ontwikkeling te regresseer (Geldard & Geldard, 2002:108). Deur dit te doen glo die kind dat hulle waardeer en versorg sal word. Seksueel misbruikte kinders toon ook baie keer regressiewe gedrag soos om hul duim te suig of bed nat te maak (Nevid, Rathus & Greene, 1997:544).

3.3.4 Kognitiewe en perseptuele gevolge

As 'n kind ervaar die adolessent haar liggaam as 'n kanaal waardeur sy vertrou, intimiteit, beskerming en versorging leer (Collins & Spies, 1998:202). Die adolessent wat seksueel misbruik is, leer egter deur haar liggaamservaringe dat die wêreld nie 'n veilige plek is nie en sy moet dus leer om 'n veilige plek vir haarself te skep deur die gebruik van sekere oorlewingsvaardighede. Die volgende langtermyn kognitiewe en perseptuele gevolge word gerapporteer in die literatuur van slagoffers van seksuele geweld, naamlik:

3.3.4.1 Kognitiewe verdraaiing (vergroting, verkleining, oorveralgemening, misinterpretasie, oorhaastige gevolgtrekkings, emosionele redenering, onakkurate en onrealistiese kennisies oor die self, ander en die wêreld)

Kinderslagoffers van seksuele geweld maak van verskeie verdedigingsmeganismes gebruik deur die wandaad van bewustheid en die geheue te weerhou. Kognitiewe weerhouding asof dit nie regtig met haar gebeur het nie of minimalisering, rasionalisering of verskoning, sodat dit wat gebeur het nie regtig seksuele misbruik is nie (Herman, 1998:102). Die kinderslagoffer van seksuele misbruik verkies om te glo dat die daad nie regtig gebeur het nie en probeer daarom om die seksuele misbruik 'n geheim vir haarself te hou.

Verdeling of polarisering laat die slagoffer toe om die seksuele misbruik in twee te verdeel. Indien die slagoffer se pa die oortreder is, is die konsep dat die primêre versorger die oortreder is, oorweldigend vir die slagoffer. Daarom verdeel die slagoffer die seksuele misbruik in twee konsepte: my pa en die oortreder (Brown, 1991:13). Die slagoffer konseptualiseer dan dat dit nie haar pa is wat dit aan haar doen nie, maar wel iemand wat lyk soos haar pa. Hierdie verdedigingsmeganisme verander die slagoffer se persepsie en stoor van die trauma. Tydens self-fragmentasie internaliseer die slagoffer aparte konsepte van die self (Brown, 1991:13).

3.3.4.2 Dissosiasie (versteuring of verandering in die normale geïntegreerde funksies van identiteit, geheue, of bewustheid)

Dissosiasie is 'n manier waarop 'n slagoffer 'n afstand tussen haarself en die seksuele misbruikgebeure skep. Tydens die seksuele misbruik, verwyder die slagoffer haarself emosioneel van die gebeure deur te visualiseer dat sy êrens anders is waar sy veilig is, ten einde haar emosionele kern te beskerm (Brown, 1991:12). Weens die emosionele of fisiese pyn van die seksuele misbruikervaring, kan adolessente vrywillig of nie vrywillig nie, in 'n veranderde toestand van bewustheid beweeg bekend as dissosiasie. Dissosiasie kan toegepas word, wanneer ontsnapping of weerstand nie moontlik is nie (Mash & Woolfe, 2002:392). Die proses laat die slagoffer toe om afgesonder van haar liggaam of haar self te voel, asof dit wat gebeur nie met haar gebeur nie.

Volgens Williams & Poijula (2002:145) is dit moontlik om te dissosieer op een of meer vlakke tydens enige oomblik, naamlik die vlak van fisiese sensasie, op die vlak van denke (skei verskillende aspekte van die ervaring en onthou slegs sekere dele) of op 'n emosionele vlak (voel ewe skielik net gevoelloos in 'n moeilike situasie). Amnesia in verskillende grade is die bekendste soort dissosiasie, waartydens 'n persoon 'n gedeelte van wat sy byvoorbeeld gesien het tydens 'n ongeluk dissosieer. Of die persoon kan haar fisiese pyn of sommige emosies wat sy ervaar het tydens die seksuele misbruik dissosieer. Volgens Williams & Poijula (2002:146) kan Levine se "SIBAM" - model van

dissosiasie gebruik word om dissosiasie te verstaan, naamlik “Sensation, Image, Behaviour, Affect, Meaning”:

- Sensasie beteken die persoon se fisiese reaksie en liggaam (somatiese geheue),
- Beeld beteken die prente wat in die persoon se geheue bly,
- Gedrag beteken wat die persoon gedoen het tydens die trauma,
- Gevoelens beteken die persoon se emosies,
- Betekenis beteken hoe die persoon sin gemaak het van alles.

Een of meer van die elemente kan gedissosieer word gedurende ‘n traumatiese gebeurde eerder as om in kontak met die hele herinnering te bly. Die slagoffer van seksuele geweld kan byvoorbeeld ‘n sterk waarskuwende emosie / gevoel verwant aan die oortreder se teenwoordigheid, ervaar. Die teenwoordigheid van die oortreder beteken “gevaar” vir haar. Sy reageer op die gevaar deur vir haarself te sê dat sy moet wegkom, met ander woorde haar gedragsdoelwit is om weg te kom. Sy kan byvoorbeeld ook ‘n hoofpyn of hoendervleis kry wanneer die oortreder naby is. Soos sy egter sin maak van haar gevoelens van gevaar, kan sy egter geen visuele geheue (beeld wat vir haar sê waarom die oortreder se teenwoordigheid gevaar ontlok) hê nie. Hierdie model neem egter nie in aanmerking dat die persoon bloot sekere aspekte van die gebeurde kon vergeet het nie, eerder as om dit te dissosieer nie.

Dissosiasie is ‘n manier waarop ‘n oorweldigende gebeurde weerstaan kan word, dit is ‘n oorlewingstrategie om tydens daardie gebeurde te gebruik (Williams & Poijula, 2002:146). Omtrent alle mense dissosieer op klein skaal, soos dagdroom. Slagoffers van seksuele misbruik moet staatmaak op hierdie vorm van sielkundige ontsnapping in so ‘n mate dat diepgaande versteuring tot die self en geheue kan voorkom. Oor tyd kan die fragmentasie van die ervaring en gevoel vorder tot ‘n grenslyn- of veelvoudige persoonlikheidsversteuring (Mash & Woolfe, 2002:393).

Volgens Herman (1998:103) beskik nie alle slagoffers van seksuele geweld oor die vermoë om die werklikheid te verander deur te dissosieer nie. Die slagoffers wat wel oor

die vermoë beskik, kan nie altyd daarop staatmaak nie. Wanneer dit dus onmoontlik is om die realiteit van die seksuele misbruik te vermy, moet die kind 'n sisteem van betekenis saamstel wat dit regverdig. Daarom maak baie slagoffers van seksuele geweld dan die gevolgtrekking dat dit gebeur omdat sy “sleg” is.

3.3.4.3 Amnesia (verswakking of onvermoë van kognitiewe, sensoriese, motoriese en effektiewe geheue)

Traumatiese amnesia is die algehele onderdrukking van herinneringe wat geassosieer word met 'n traumatiese gebeurtenis en dit is 'n uiterste verdedigingsreaksie tot ontsnapbare trauma (Williams & Poijula, 2002:147). Dit is belangrik vir 'n persoon om amnesia te voorkom indien die persoon simptome wil oplos wat blyk asof dit geen oorsprong het nie, insluitende herhaalde nagmerries wat die traumatiese gebeurtenis simboliseer, drome dat die persoon gejaag of doodgemaak word, eetversteurings, seksuele disfunksie en kroniese angsaanvalle. Williams & Poijula (2002:147) is van mening dat dit belangrik is om slegs wat absoluut nodig is vir heling, te herroep.

Die geheue is nie 'n videokamera nie en 'n persoon se geheue is nie onfeilbaar nie. 'n Persoon kan vind dat sy terugflitse in situasies kry wat op 'n manier die traumatiese gebeurtenis voorstel (Williams & Poijula, 2002:147). Een manier waarop gepoog kan word om uit te vind wat nie onthou kan word nie, is om te kyk na die moontlike bronne van 'n simptome. Byvoorbeeld: “Waarom kry die persoon pyn in haar privaatdele wanneer sy dink aan haar oupa?” of “Waarom het die persoon probleme met asemhaling in die stort wanneer sy dink aan haar oom?.” Dit beteken egter nie dat aangesien die persoon sekere simptome ervaar, dat sy noodwendig 'n slagoffer van seksuele geweld was nie. Indien ander wat die slagoffer ken, inligting aan die slagoffer gee wat haar laat besef dat sy wel 'n slagoffer was, al het sy geen geheue daarvan nie, sal sy met daardie onvoltooide inligting en onvolledige geheue moet saamleef.

Volgens Brown (1991:9) is begrip vir hoe die trauma in die geheue van die slagoffer geprosesseer word, belangrik. Daar word na die prosessering en berging van trauma in

die geheue verwys as enkodering. Breinfunksionering verander as gevolg van trauma en dit affekteer die manier waarop die persoon in staat is om inligting te proses (Brown, 1991:9). Trauma versteur die prosesering van inligting en die inkomende sensoriese stimuli in die limbiese sisteem van die brein. Wanneer die brein se limbiese sisteem vernietig is weens hoë hoeveelhede stres of trauma, is die persoon nie in staat om die stressors te hanteer nie en gebruik daarom oorlewingstegnieke soos sielkundige gevoelloosheid (Brown, 1991:9). Om te verstaan hoe inligting geprosesseer word in die slagoffer se geheue, help om die gestoorde herinneringe te herroep wat nie maklik toeganklik is nie. Brown (1991:9) haal Ann Burgess se verduideliking aan van hoe slagoffers van seksuele geweld trauma op verskillende maniere gestoor en geënkodeer het.

Die prosesering van trauma kan vergelyk word met hoe 'n rekenaar inligting stoor. Die trauma moet op dieselfde manier herroep word as wat in die geheue gestoor is. Daarom moet die terapeut die regte wagwoord hê om die inligting te herroep. Die wagwoord is hoe die inligting geënkodeer is. Enkodering is die verandering van boodskappe in seine. In die geval van seksuele misbruik, sal dit wees hoe die seksuele misbruik in die geheue gestoor is en hoe daardie boodskap in geheue-seine verander is. Die inligting / trauma kan as volg gestoor word:

- Kognitief (en verbaal herroep word),
- Sensories (gestoor word as reuk, smaak of tas),
- Visueel,
- Ouditief,
- Interpersoonlik.

Volgens Brown (1991:10) verduidelik dit waarom sekere slagoffers terugflitse kry as gevolg van 'n aanraking op 'n sekere manier, 'n spesifieke reuk, of smaak wat hul herinner aan die seksuele misbruik. Net so kan sekere frases of plekke 'n herinnering opwek by die slagoffer.

3.3.4.4 Persoonlikheidsversteuring (die voorkoms in die persoon van twee of meer persoonlikhede of persoonlikheidsfasies)

Herhaalde voorvalle van oorweldigende trauma kan 'n impak op alle dele van die persoon self hê: die manier hoe sy haarself sien (identiteit), haar liggaamsbeeld (liggaamsensasies), haar geïnternaliseerde boodskappe van ander, haar waardes en haar doel en betekenis (Williams & Poijula, 2002:155). Verlies van 'n sin vir die self, as 'n persoon, kan daartoe lei dat sy glo dat sy nie regtig 'n persoon is nie. Sy kan in teenstelling haarself sien as 'n tipe waardelose vullis en as duiwels.

Persone met grenstipepersoonlikheidsversteuring misluk daarin om 'n stabiele of samehangende selfbeeld te ontwikkel. Hulle blyk onseker te wees oor hulle waardes, doelwitte, beroepe, keuse van vriende en soms selfs seksuele oriëntasies (Nevid, Rathus, & Greene, 1994:291). Hierdie onstabieleit in selfbeeld of identiteit laat die persoon met gevoelens van leegte en verveeldheid. Die persoon kan dit nie verdra om alleen te wees nie en sal desperate pogings aanwend om gevoelens van verlatenheid te vermy. Die persoon met 'n grenstipepersoonlikheidsversteuring neig om vasklouerig en veeleisend te wees in haar sosiale verhoudings en dit stoot mense weg van wie sy afhanklik is. Die primêre kenmerke van grenstipepersoonlikheidsversteuring is dus onstabieleit in verhoudings, selfbeeld, gemoedstoestand en beheer oor impulse.

Dissosiatiewe versteurings kan veranderinge of versteurings in identiteit, geheue of bewustheid wat die vermoë om 'n integrale sin van die self te behou, affekteer (Nevid, Rathus & Greene, 1994:237). Dissosiatiewe versteurings sluit dissosiatiewe identiteitsversteurings en dissosiatiewe amnesia in. 'n Persoon met dissosiatieweidentiteitversteuring, twee of meer afsonderlike persoonlikhede, elk met goed gedefinieerde kenmerke en geheues, bestaan binne die persoon en neem herhaaldelik beheer van die persoon se gedrag .

3.3.4.5 Perseptuele verstourings / Hallusinasies (herhalende gehoor, visueel en tas hallusinasies)

Hallusinasies is die mees algemene vorm van perseptuele verstourings by persone met skisofrenie en is beelde wat gesien word in die afwesigheid van eksterne stimulasie (Nevid, Rathus & Greene, 1994:418).

3.3.4.6 Ontkenning ('n verdedigingsmeganisme teen pynlike gevoelens en die weiering om sekere ervarings as die waarheid te aanvaar)

Ontkenning kan 'n kragtige verdedigingsmeganisme en hanteringsmeganisme wees. Ontkenning help die slagoffer om van die werklikheid van 'n traumatiese gebeurte te ontsnap (Brown, 1991:12). Met behulp van onderdrukking voorkom die slagoffer onbewustelik dat die herinnerings na 'n bewustelike vlak kom (Brown, 1991:13). Sodoende bly die ontkenning intakt en kan die herinnerings in toom gehou word.

3.3.4.7 Projeksie ('n verdedigingsmeganisme waartydens gevoelens of gedrag wat onaanvaarbaar vir die self is, aan ander persone of voorwerpe toegeskryf word)

Projeksie is wanneer die persoon haar eie onaanvaarbare impulse op 'n ander persoon oorskuif sodat dit blyk asof die ander persoon daarvoor beskik. 'n Seksueel gefrustreerde persoon interpreteer byvoorbeeld onskuldige dade van ander as seksuele pogings (Nevid, Rathus & Greene, 1994:43).

3.3.4.8 Aggressiewe gedrag (die direkte uitdrukking van 'n onbewustelike wens of impuls om sodoende bewustheid van gevoelens en stres te vermy)

Reeds bespreek onder woede, sien punt 3.3.1.6.

3.3.4.9 Verplasing (‘n sielkundige verdedigingsmeganisme wat die individu toelaat om tydelik afgelei te word deur aandag te fokus op iets anders wat ‘n veilige afstand en onverwant is aan die kernkonflik)

Die oordra van idees en impulse van bedreigende of onaanvaarbare voorwerpe na minder bedreigende voorwerpe (Nevid, Rathus & Greene, 1994:43). Die adolessent baklei met haar moeder nadat sy deur haar onderwyser by die skool gekritiseer is.

3.3.4.10 Verdraaiing (‘n metode waardeur die individu ‘n vals persepsie oor hulself en ander bevorder)

3.3.4.11 Regressie na ‘n toestand van disorganisasie (psigose) en ‘n akute verlies van beheer oor gedrag (die resultaat van blootstelling aan verskeie eksterne stres)

Volgens Nevid, Rathus & Greene (1994:43) vind regressie plaas wanneer die persoon terugkeer, onder stres, na ‘n vorm van gedrag wat kenmerkend is van ‘n vroeëre ontwikkelingsfase. Die adolessent sal byvoorbeeld huil wanneer sy verbied word om die gesin se motor se gebruik.

3.3.4.12 Nagmerries

Die navorser vind in praktyk dat baie adolessente slagoffers van seksuele misbruik kla oor nagmerries na die voorval. Baie ouers van slagoffers van seksuele misbruik noem ook dat die kinderslagoffers baie keer onrustig slaap of praat in hulle slaap. Volgens Williams & Poijula (2002:58) kan drome oor die traumatiese gebeure soms inligting aan die slagoffer gee oor wat gebeur het.

3.3.5 Fisiese gevolge

In die meeste gevalle van seksuele misbruik is daar geen of min fisiese tekens aangesien kinders baie vinnig herstel (Gräbe, 2000:18). Dit is dus uiters belangrik om na die algehele beeld te kyk en nie te gou gevolgtrekkings te maak as dit blyk dat daar nie fisiese bewyse is nie. In praktyk het die navorser al verskeie kere die opmerking gehoor, naamlik: "...maar die dokter kon niks verkeerd vind nie...". Die eerste plek om die verskynsel van seksuele misbruik te begin aanspreek, is om die algemene publiek se opvoeding daarvoor te verbreed (Gudorf, 1992:7). Onderwysers, dokters, verpleegsters, sielkundiges en maatskaplike werkers moet kennis dra van verdagte tekens van seksuele misbruik.

Daar kan as somatisering verwys word as die maniere waarop die liggaam die trauma onthou (Williams & Poijula, 2002:151). Persone wat langtermyn trauma ervaar het, het baie keer probleme met hul verteringsstelsel, het baie keer kroniese pyn en seksuele simptome. Sommige hiervan kan herleide simptome wees, waar probleme verwant aan die trauma en seksuele misbruik verbind is aan die liggaamsdele wat beseer is tydens die trauma. Liggaamsgeheue (word ook somatiese geheue genoem) is deel van wat bekend is as implisiete geheue. Persone kan ook "beelde, sensasies en gedragimpulse" beleef, wat nie verbind is aan die konteks, konsepte en begrip van die trauma nie. Hierdie konseptuele leidrade, begrip en konsepte is dele van die eksplisiete geheue.

Die sensoriese stelsel kommunikeer somatiese geheue van trauma tussen die brein en ander dele van die liggaam. Wanneer die herinneringe van die trauma as sensasies gestoor word, kan soortgelyke sensasies aanleiding gee tot die herinneringe, en veroorsaak wat bekend is as toestand-afhanklike herroepping van die trauma. Die persoon se liggaam kan 'n trauma "onthou" wat die persoon se bewustelike geheue nie onthou nie. Daarom ervaar die persoon 'n implisiete (liggaam) herinnering of trauma sonder die eksplisiete (denke) herinnering wat benodig word om sin daarvan te maak (Williams & Poijula, 2002:151). Verskeie liggaamsdele kan pyn of simptome presenteer

wat op 'n manier aan die trauma verwant is, terwyl die persoon geen kennis het van hoe daardie dele van die liggaam by die trauma betrokke was nie.

Vroulike slagoffers van seksuele geweld is meer geneig as ander vroue, om gesondheidsprobleme te rapporteer (Nevid, Rathus & Greene, 1997:548). Baie studies toon aan dat slagoffers van seksuele geweld 'n hoër vlak van somatisering het. Psigo-somatiese klagtes ontstaan wanneer emosies fisies uitgedruk word in die liggaam (Knauer, 2000:65). Die navorser vind in praktyk dat baie slagoffers van seksuele geweld oor hoofpyn, soms pyn van die genitale areas of van herhaalde infeksies kla. Alhoewel hierdie fisiese gevolge nie uitsluitlik vir slagoffers van seksuele geweld is nie, het navorsing getoon dat dit meer algemeen is by slagoffers van seksuele geweld as by ander persone.

Aangesien sommige slagoffers van seksuele geweld nie veilig genoeg voel om openlik die seksuele misbruik te onthul nie, is dit asof die fisiese klagtes namens hulle praat. Fisiese klagtes is baie keer die enigste manier waarop slagoffers van seksuele geweld hulself toelaat om hul pyn uit te druk. Hul rapporteer baie keer 'n verskeidenheid van fisiese en psigo-somatiese probleme en klagtes wat die volgende kan insluit, naamlik:

- Maagpyn,
- Hoofpyn,
- Enkorporese,
- Enurese,
- Blaasinfeksies,
- Krampe,
- Seer keel,
- Verandering in eetlus,
- Slaapversteurings en verandering in slaappatrone,
- Velafwykings,
- Ipekonders,

- Pyn kan ook voorkom in sekere areas wat blootgestel word aan die seksuele misbruik soos seer keel wanneer die kind gedwing word om orale seks toe te pas,
- Vaginale pyn, beserings, teerheid of bloeding van eksterne genitalieë, vagina of anale area,
- Pyn of jeukkerigheid van genitalieë, vaginale infeksies, ongewone genitale reuke en probleme om te loop of sit,
- Baie slagoffers hiperventileer wat voorkom dat hul ontspan, selfs wanneer hulle slaap, en dit versoorzaak spierspanning en verwante pyn.

Volgens Nevid, Ratus & Green (1997:551) is daar gevind dat meisies wat seksueel misbruik is, oormatige vlakke van streshormone (epinfriene en norepinefriene) produseer en die neurotransmitter dopamien, wat as 'n teken kan dien dat die liggaam gestres of hiperopgewek is.

3.3.6 Seksuele funksioneringsgevolge

Studies toon dat die slagoffers van seksuele misbruik later probleme met hulle seksuele aanpassing rapporteer. Baie keer word hierdie probleme gereflekteer in 'n algemene dissatisfaksie insluitende: verswakte motivering, seksuele fobias, verswakte opwekking, verswakte orgasme, vaginale spiersametrekking wat pyn veroorsaak tydens penispenetrasie en pyn gedurende geslagsomgang.

Om werklik intiem met iemand te kan verkeer, moet 'n persoon oor die vermoë beskik om die ander persoon te kan vertrou. Slagoffers van seksuele misbruik ervaar probleme om ander te vertrou (Knauer, 2000:127). Vertroue, waar seks betrokke is, is veral moeilik. Slagoffers van seksuele misbruik word geleer om te wees wat hul oortreder hul begeer om te wees en dat die oortreder tevrede gestel moet word. Slagoffers kry nie die geleentheid om te leer wat hul eie seksualiteit vir hulle beteken nie (Knauer, 2000:127).

'n Oortreder ontnem die slagoffer van sy / haar erfreg om self sy / haar seksualiteit te ontdek (Knauer, 2000:127). 'n Algemene kenmerk van slagoffers van seksuele misbruik,

is hul vrees om verwerp te word. Slagoffers ervaar 'n leemte in hulself omdat hulle herhaaldelik die boodskap van die oortreder kry wat sy voel of dink nie saakmaak nie (Knauer, 2000:128). Dit is uiters belangrik om adolessente wat seksueel misbruik is, aan te moedig om te praat oor wat hul wil hê en wat hul behoeftes is (Knauer, 2000:130). Aangesien seksuele misbruik die slagoffer se selfbeeld kan verlaag, ontwikkel baie slagoffers nooit hulle talente of vermoëns nie. Dit kan veroorsaak dat slagoffers baie afhanklik word van ander mense en dat hul eerder in 'n mishandelende verhouding sal bly as om die risiko te loop om alleen en kwesbaar te wees (Knauer, 2000:130).

Baie ouers vrees dat hulle adolessent seksuele gevoelens kan ervaar na die seksuele misbruik. Wanneer 'n slagoffer seksuele misbruik ervaar het, is dit nie moontlik om te verwag dat die slagoffer dieselfde moet wees as voor die seksuele misbruik nie (Knauer, 2000:131). Dit is nie vreemd indien 'n adolessent seksueel aktief word na seksuele misbruik nie. Vandag se adolessente word oorlaai met boodskappe van voorhuwelikse seks, veral deur die media.

Dit is belangrik om met adolessenteslagoffers van seksuele misbruik te praat en hulle te laat verstaan dat hulle van waarde is en dat daar mense is wat vir hulle omgee. Dit is belangrik om die adolessent te laat beseft dat die seksuele misbruik nie haar skuld was nie. Om te vereis dat die adolessent kondome gebruik indien sy seksueel aktief is, is ook belangrik. Ouers moet openlik oor seksueel oordraagbare siektes met hul kinders praat.

Ouers het min beheer daarvoor of hul kinders seksueel aktief is of nie. Indien die seksuele misbruik oor 'n lang periode voorgekom het en wanneer die seksuele misbruik indringing soos penetrasie behels het, is die kans groter dat die adolessent seksueel sal uitreageer (Knauer, 2000:131). Indien die adolessenteslagoffer seksueel aktief word, kies die slagoffer gewoonlik 'n maat en situasies wat 'n mishandelende neiging het en wat dus bekend is vir die adolessent.

Dit is nie ongewoon vir slagoffers van seksuele misbruik om nie in kontak met hulle liggame te wees nie (Knauer, 2000:132). Baie slagoffers moet intellektueel bly ten einde

hulleself te beskerm teen die seksuele misbruik. Sommige slagoffers word so goed daarin om nie in hul liggame te wees nie, dat hul probleme ervaar wanneer dit nie meer vir hulle nodig is om hierdie verdedigingsmeganisme te gebruik nie (Knauer, 2000:132). Baie adolessenteslagoffers van seksuele misbruik ervaar probleme om te “voel”, veral van ‘n seksuele aard. Hierdie onvermoë om te voel, kan direk verbind word aan hoe hulle hul gevoelens moes blokkeer om te oorleef tydens die seksuele misbruik. Dit is nie ongewoon wanneer ‘n adolessent betrokke raak in verskeie seksuele verhoudings as ‘n poging om ‘n maat te vind wat hulle fisies iets laat “voel”. Wat die adolessent nie beseft nie is dat die onvermoë om te voel van binne hulself kom. Sommige adolessente wat nie meer “voel” nie, het ook nie meer ‘n idee waar hul eie grense is nie. Daar is baie slagoffers wat so “vuil” voel dat hul enige iets sal doen om gewaardeer te voel (Knauer, 2000:132).

Baie slagoffers glo dat indien hul fisies reageer het op die seksuele misbruik, dat hul gedeeltelik verantwoordelik was vir die seksuele misbruik. Sommige slagoffers glo dat omdat hul liggame gereageer het, dat hul gewillig deelgeneem het aan die seksuele misbruik (Knauer, 2000:132). Dit is moeilik om vir adolessente te verduidelik dat hulle liggame nie die verskil weet tussen aanvaarbare seksuele aanraking en onaanvaarbare seksuele aanraking nie. Indien die oortreder baie vaardig is in seks, sal die slagoffer se liggaam reageer. Indien die oortreder nie verantwoordelikheid aanvaar vir die seksuele misbruik nie en die slagoffer fisies gereageer het op die seksuele kontak, kan lewenslange probleme met die slagoffer se selfbeeld en seksualiteit voorkom (Knauer, 2000:133).

Slagoffers wat praat oor die seksuele misbruik is baie beter daartoe in staat om dit wat met hul gebeur het, te hanteer (Knauer, 2000:134). Wanneer adolessente slagoffers promisku word, is dit belangrik om te beseft dat die seksuele misbruik ‘n rol daarin kan speel dat die adolessent haarself nie as waardevol sien nie. Individuele en groepwerk kan help om die adolessent ‘n gevoel van selfwaarde te leer (Knauer, 2000:136). Meisies wat seksueel misbruik is kan ook hormonale en moontlike immunologiese probleme ervaar (Nevid, Rathus & Greene, 1997:551). Adolessente wat seksueel misbruik is as kinders, is meer geneig as hul portuurgroep om seksueel aktief te word en

selfmoordneigings te toon. Baie slagoffers van seksuele geweld ontwikkel seksuele dissatisfaksie soos 'n tekort aan seksuele begeerte en verswakte seksuele opwekking (Nevid, Ratus & Greene, 1997:548).

Die bogenoemde probleme kom hoofsaaklik voor tydens laat adolessensie en volwassenheid. Ander probleme kan die volgende insluit:

3.3.6.1 Onvermoë om seks van affeksie te skei

Adolesent kan probleme ondervind om die verskil tussen verkragting en seks te verstaan (Benedict, 1994:197). Adollesente kan ook bitter voel omdat hulle op 'n wrede manier by seksuele aktiwiteite ingelyf is. Indien die oortreder die adolessent goed laat doen het wat sy nog nooit vantevore van gehoor het nie, kan dit bydra tot haar skaamte en vernedering wat sy ervaar. Verkragting het niks met liefde te doen nie, terwyl seks 'n uitdrukking van liefde is. Benedict (1994:198) haal die volgende woorde van 'n adollesente slagoffer aan: "Om verkragting met seks te vergelyk, is om 'n hou op die mond met 'n soen te vergelyk."

3.3.6.2 Oorseksualisering, prostitusie en promiskuiteit

Wanneer kinders seksueel misbruik word, word hulle natuurlike seksuele kapasiteit gesteel. Volgens Spies, O' Neil & Collins (1998:373) het hulle nooit die kans gehad om natuurlik ondersoek in te stel nie en seksuele opwekking word verbind met gevoelens van skaamte, pyn en vernedering. Alhoewel geseksualiseerde gedrag meer algemeen is tussen jonger kinders wat seksueel misbruik is, verskyn dit egter soms weer gedurende adolessensie in die vorm van promiskuiteit, prostitusie, seksuele aggressie en om ander te viktimizeer (Mash & Woolfe, 2002:392). Wanneer iets sleg soos verkragting of seksuele misbruik met 'n persoon gebeur het, is dit vir daardie persoon moeilik om die wêreld as veilig en as 'n liefdevolle plek te sien (Knauer, 2000:97). Dit is veral die geval wanneer 'n kind deur sy of haar versorger of ouer seksueel misbruik word wat veronderstel is om sorg en liefde te voorsien. Baie slagoffers van seksuele misbruik is daartoe in staat om

hulself emosioneel en fisies gevoelloos te maak, wanneer seksuele dae herinneringe ophaal van ‘n seksuele misbruikvoorval in die verlede (Knauer, 2000:97).

Die vraag ontstaan waarom daardie persoon na seks draai as ‘n middel om weer van voor af seer gemaak te word. Weer kan dit genoem word dat mense aangetrek word deur die bekende (Knauer, 2000:98). As iemand vir ‘n persoon die boodskap gegee het dat sy net waarde het in die seksualemisbruiksituasie, dan ontstaan die kans dat die slagoffer net van waarde sal voel in sulke situasies. Die bekende verklaar ook moontlik waarom so baie vroue huwelikmaats kies wat voortgaan om die vrou se kinders seksueel te misbruik. Dit kan wees dat iets die vrou onbewustelik herinner het aan onopgeloste konflikte van haar eie kinderjare (Knauer, 2000:98). Die feit dat die slagoffer van seksuele geweld baie keer deelneem aan self-destruktiwe seksuele gedrag dui daarop hoe die idee van die slagoffer se sin van selfwaarde deel van haar seksuele waarde is. Volgens Knauer (2000:97) sê baie slagoffers dat hul niks “voel” wanneer hul seks het nie, en sy glo dat baie slagoffers in staat is om hulself fisies en emosioneel af te stomp.

3.3.6.3 Verwarring oor seksuele oriëntasie

Gedurende hierdie ontwikkelingsfase begin baie adolessente besef dat hul homoseksueel, lesbies of biseksueel is (Karp, Butler & Bergstrom, 1998:7). Kinsey (in Karp, Butler & Bergstrom, 1998:7) is van mening dat seksualiteit van mense op ‘n kontinuum lê en dat baie min volwassenes uitsluitlik heteroseksueel of homoseksueel in hul gedrag is; maak nie saak hoe hulle hulself benoem nie, die meeste mense val êrens tussen-in. Dit is baie belangrik dat ‘n terapeut ‘n nie-veroordelende houding inneem ten opsigte van seksuele oriëntasie. Dis belangrik om in gedagte te hou dat seksuele oriëntasie ‘n integrale deel van die persoonlikheid is.

Stereotipes, onkunde en verkeerde inligting kan steeds ‘n omgewing skep waarin diskriminasie voorkom. Vrees vir verwerping deur die portuurgroep en ouers plaas baie adolessente in ‘n risiko vir selfmoordgedagtes en –gedrag (Karp, Butler & Bergstrom, 1998:6). Terapeute is in die posisie om mispersepsies met kennis te vervang en om

beskadigende mites uit te daag wat inmeng met die seksueel misbruikte adolessent se terapie.

Homoseksuele en lesbiese adolessente is bewus van die ontvangs wat hulle sal kry wanneer hulle seksuele status onthul (Karp, Butler & Bergstrom, 1998:7). Hulle weet dat baie mense van mening is dat dit 'n geestesiekte of 'n ontwikkelingsfase is. Wanneer adolessente verwerping verwag, is hulle op hul hoede en dit kompliseer terapie. Adolessente seuns en meisies kan ook bang wees om seksuele misbruik deur dieselfde geslag oortreder te onthul, uit die vrees dat mense sal dink hulle is homoseksueel of lesbies (Karp, Butler & Bergstrom, 1998:7). Hulle eie geïnternaliseerde homofobia kan intense skuldgevoelens en skaamte veroorsaak. Nog 'n mite is dat 'n vrou lesbies geword het omdat sy deur 'n man seksueel misbruik is. Die fokus van enige bespreking van identiteitontwikkeling moet wees oor hoe om oor die weg te kom met jouself en ander op 'n verantwoordelike manier (Karp, Butler & Bergstrom, 1998:7). Die fokus moet eerder wees op die algemene ervarings as gevolg van die seksuele misbruik, as oor sake van seksuele oriëntasie.

Huidig weet niemand duidelik waarom sommige mense homoseksueel en ander heteroseksueel is nie (Karp, Butler & Bergstrom, 1998:8). Die groeiende navorsing daarvoor toon 'n geneties-biologiese verbinding met homoseksualiteit aan. Homoseksuele gedrag kan as 'n simptoom gesien word, as 'n onderliggende homoseksuele oriëntasie of verwarring oor seksuele identiteit. Die sekondêre voordele van hierdie gedrag kan bestaan wat ookal die adolessent se seksuele oriëntasie is. Hierdie voordele kan 'n gevoel van waarde en om benodig te word (veral as die adolessent seksueel misbruik was toe sy jonger was) wees of kan geldwaarde hê (Karp, Butler & Bergstrom, 1998:8).

Alkohol en dwelmmisbruik kan een manier wees waarop die adolessent die persoonlike konflik as gevolg van die seksuele misbruik hanteer, en die terapeut moet besef dat middelemisbruikers prostitusie as 'n winsgewende manier vind om vir hul stokperdjie te betaal, wat ookal hul seksuele oriëntasie (Karp, Butler & Bergstrom, 1998:8). Wanneer adolessente wat seksueel teenoor mense optree, inskakel vir terapie, moet die terapeut dit

duidelik maak dat die verhouding nie-seksueel sal wees. Sommige adolessente sal dan bewus wees dat hulle nie in staat is om die terapeut te manipuleer nie en sal verkies om die terapie te verlaat, wetende dat hul nie beheer oor die verhouding sal hê nie. Hulle kan nie-seksuele nabyheid met die terapeut of portuurgroep as 'n risiko ervaar (Karp, Butler & Bergstrom, 1998:8).

3.4 Samevatting

Wanneer 'n adolessent onthul dat sy 'n geskiedenis van seksuele misbruik het, moet die assessering die volgende aspekte insluit, naamlik: 'n ondersoek en waarneming van die idiosinkratiese impak van die seksuele misbruik, hoe dit deur die adolessent geprosesseer is, en of dit normale funksionering beïnvloed of ontwikkeling versteur. Geen behandeling kan toegepas word sonder 'n volledige kennis van wat behandel word nie. Finkelhor & Brown se teoretiese model stel voor dat hulpeloosheid, stigmatisasie, verraad en traumatiese seksualisering belangrike aspekte is wat aandag verdien in die behandeling van die persone wat slagoffers van seksuele geweld was.

Traumatiese seksualisering verwys na 'n proses waarin 'n kind se seksualiteit (insluitende seksuele gevoelens en seksuele houdings) gevorm word op 'n onaanvaarbare, disfunksionele ontwikkelings- en interpersoonlike manier as gevolg van die seksuele misbruik. Stigmatisasie verwys na die negatiewe konnektasies - byvoorbeeld skaamte, skuldgevoelens, om sleg te wees - wat gekommunikeer word aan die kind oor die ervaringe en wat dan geïnkorporeer word in die kind se selfbeeld. Verraad verwys na die dinamiek waartydens die kind ontdek dat iemand van wie sy afhanklik is, haar skade aangedoen het. Hulpeloosheid verwys na die proses waartydens die kind se wil, begeerte en sin van effektiwiteit heeltemal oortree word.

Dit belangrik om die spesifieke betekenis wat die traumatiese gebeure vir die gegewe kind inhou, te bepaal. Die gevolge van seksuele misbruik kan as volg in kategorieë verdeel word, naamlik emosionele gevolge, interpersoonlike gevolge, gedragsgevolge, kognitiewe- en persepsuele gevolge, fisiese gevolge en seksuele funksioneringgevolge.

Die emosionele wonde van seksuele misbruik kan baie dieper wees en langer voortduur as die fisiese wonde van seksuele misbruik. Slagoffers besef gou dat alles nie eindig by die aanvanklike viktimisering nie. Die proses (afneem van verklaring, die hofverrigtinge, reaksies van betekenisvolle persone) wat die adolessent na onthulling van die seksuele misbruik ondergaan, word gesien as sekondêre viktimisering. Versorgers en die sisteem kan die pyn wat die slagoffer van seksuele geweld ervaar, verder vermeerder.

Seksuele misbruik laat baie keer geen fisiese tekens nie, maar veranderinge in die adolessent se gedrag kan baie keer opgemerk word. Die adolessent kan byvoorbeeld onttrek van ander, 'n skielike belangstelling in seksuele dade toon, verandering in skoolprestasie kan voorkom en die adolessent se gemoedstoestand kan verander. Die adolessent ervaar haar liggaam as 'n kanaal waardeur sy vertrou, intimiteit, beskerming en versorging leer. Die adolessent wat seksueel misbruik is, leer egter deur haar liggaamservaringe dat die wêreld nie 'n veilige plek is nie en sy moet dus leer om 'n veilige plek vir haarself te skep deur die gebruik van sekere oorlewingsvaardighede soos dissosiasie.

Daar kan as somatisering verwys word as die maniere waarop die liggaam die trauma onthou. Persone wat langtermyn trauma ervaar het, het baie keer probleme met hul verteringsstelsel, het baie keer kroniese pyn en seksuele simptome. Aangesien sommige slagoffers van seksuele geweld nie veilig genoeg voel om openlik die seksuele misbruik te onthul nie, is dit asof die fisiese klagtes namens hulle praat. Oortreder neem die reg wat slagoffers behoort te erf om hul eie sin van wat geskikte seksualiteit is te ontwikkel. 'n Algemene kenmerk van slagoffers van seksuele misbruik, is hul vrees om verwerp te word. Wanneer kinders seksueel misbruik word, word hulle natuurlike seksuele kapasiteit gesteel.

Die navorser sal in hoofstuk vier aanvanklik fokus op die oorsprong en ontwikkeling van gestaltterapie, die kernkonsepte van gestaltterapie asook beperkinge en positiewe aspekte van gestaltterapie. Daarna sal aandag gegee word aan wat speltherapie is, die doelwitte van speltherapie, die rol van die spelterapeut en verskillende spelterapiemetodes.

Hoofstuk 4: Speltherapie vanuit die gestaltbenadering

4.1 Inleiding

Die terapeut se praktyk moet gebou word op 'n soliede basis van teoretiese kennis. Daar is daarom 'n verwagte verhouding tussen praktyk en teorie (Turner, 1986:2). 'n Teorie spruit voort uit die proses waartydens feite op 'n betekenisvolle manier georden word. Die verhouding tussen feite word met ander woorde bepaal deur waarneming, spekulاسie, inspirasie en ervaring, en soos hierdie verhoudings waargeneem en uitgeklaar word, ontwikkel die teorie (Turner, 1986:3). Teorie is 'n poging om 'n spesifieke verskynsel te verduidelik en / of te voorspel (De Vos, 2002:40).

'n Teorie is meer as 'n opsie, 'n spekulاسie, 'n siening of 'n versameling beginsels, metodes of tegnieke (Patterson, 1980:4). 'n Teorie is 'n poging om kennis te organiseer en te integreer en om die vraag: "Hoekom", te beantwoord. 'n Teorie organiseer, interpreteer en stel in die vorm van wette of beginsels die feite en kennis in 'n area of veld (Patterson, 1980:4). Effektiewe gebruik van 'n teorie sluit in om die kliënt se gedrag te verstaan, om moontlike verandering en doelwitte te assessee, om voorspellings te maak, om die impak van die geselekteerde intervensie te oordeel en om die gevolge te evalueer (Passons, 1975:9).

Gestaltherapie is 'n humanistiese en prosesgeoriënteerde vorm van terapie wat bewustheid in die hier-en-nou en die onmiddellike ervaring beklemtoon (Enright, 1978:73). Gestaltherapie sluit beginsels van verskeie teoretiese benaderings soos psigoanalise, gestaltsielkunde en humanistiese teorieë, in. (Vergelyk Oaklander, 1994:281; Magill & Rodriguez, 1996:743.) Gestaltherapie, ontwikkel deur Fritz Perls, is gebaseer op die beginsel dat individue hulle eie proses in die lewe moet vind en persoonlike verantwoordelikheid moet aanvaar (Corey, 1995:293). Die doel van gestaltherapie is om kontak en normale interaksie tussen die persoon en die omgewing te herstel en om abnormale retrofleksie, introjeksie, projeksie en samevloeiing te vervang deur assimilasie.

Die moontlikhede van die gebruik van speltherapie word slegs deur die adolessent en die terapeut se verbeelding en kreatiwiteit beperk (Webb, 1999:40). Spel voorsien die geleentheid vir fisiese, emosionele, kognitiewe en sosiale groei en is baie keer spontaan, kreatief en genotvol (West, 1996:13). Spel kan angs en spanning verminder en kan dien as ontspanning en vermaak. 'n Spelmedium fasiliteer 'n adolessent se kommunikasie en uitdrukking en laat uitlating van gevoelens en frustrasies toe (West, 1996:13). Voor die adolessent egter by speltherapie betrek word, is dit uiters belangrik om te bepaal of die verwysing na die terapeut en vir speltherapie geskik is.

In hierdie hoofstuk sal die navorser aanvanklik aandag gee aan die oorsprong en ontwikkeling van gestalttherapie, die kernkonsepte van gestalttherapie asook beperkinge en positiewe aspekte van gestalttherapie. Daarna sal aandag gegee word aan wat speltherapie is, die doelwitte van speltherapie, die rol van die spelterapeut en verskillende spelterapiemetodes.

4.2 Die oorsprong en ontwikkeling van gestalttherapie

Die woord “gestalt” het nie 'n voldoende Engelse ekwivalent nie, die naaste voorstel kan gesien word as “whole” (Hatcher & Himmelstein, 1976:225). 'n Australiese sielkundige, Christian van Ehrenfels, is die eerste persoon wat die term gebruik het (Ouweneel, 1983:18). Die respons op 'n situasie moet die totaliteit van die persoon betrek, die geheel (O'Leary, 1998:10). 'n Analise van die verskillende dele van 'n individu kan nie begrip van die geheel voorsien nie. Die individu word as 'n eenheid gesien, nie net in haarself nie, maar ook met haar omgewing. Die konsep “gestalt” kan gesien word as 'n geheel waarvan die totaal meer is as die som van die dele (Simkin, 1978:3).

Die ontstaan en ontwikkeling van gestalttherapie is te danke aan die werk van Friedrich Salomon Perls en sy vrou Laura. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 1996:163; Patterson, 1980:429; Simkin, 1978:3; Corey, 1996:224; Hough, 1998:122 en Sinay, 1997:5.) Volgens O'Leary (1998:1) sal 'n bespreking van gestalttherapie sonder om te verwys na

Fritz Perls en sy agtergrond soos 'n produksie van Hamlet wees sonder die Prins van Denemarke. Daar is nie 'n tydsbeperking aan Perls se bydraes nie, sy idees veroorsaak steeds debattering, stimuleer navorsing en word internasionaal toegepas in die terapeutiese opset.

Perls, gebore in Berlyn, het sy aanvanklike opleiding in psigoanalise ontvang en sy denkwyse was deur verskeie psigoanaliste beïnvloed insluitende Freud, Rank en Jung. Perls was ook sterk deur gestaltpsigoleë soos Kurt Lewis, Kurt Goldstein en Wilhelm Reich beïnvloed. (Vergelyk Passons, 1975:12; Patterson, 1980:429.) Laura Perls (1992:52) stel voor dat individue wat gestaltterapie ten volle wil verstaan Wertheimer se werk oor produktiewe denke, Lewin se werk oor die onvoltooide gestalt en Goldstein se werk oor die persoon as 'n onverdeelbare geheel moet bestudeer.

Perls het die ontvouing van gestaltterapie op dieselfde manier gesien as wat hy menslike gedrag gesien het, naamlik as 'n konstante proses van groei, verbetering en ontwikkeling. Hy was baie buigbaar in die formulering van die gestaltterapie en het voorstelle verwelkom van verskeie bronne (Thompson & Rudolph, 1996:109). Perls het deel van sy leeranalise by Wilhelm Reich deurloop (Hatcher & Himmelstein, 1976:225). Wilhelm Reich se invloed op gestaltterapie is te vinde in die fokus om met 'n persoon se liggaam te eksperimenteer, byvoorbeeld om met die persoon se asemhaling of vlak van energie te werk (Corey, 1996:224). Perls het as assistent van Dr. Kurt Goldstein aan die Instituut van breinbeseerde soldate gewerk gedurende 1926, waartydens Goldstein se organismiese siening van die mens hom beïndruk het (Louw, 1990:629).

Perls was 'n Jood en moes met die opkoms van Hitler en Nazisme in 1933 uit Duitsland na Holland vlug. Van daar het hy 'n pos as leeranalisis aanvaar in Suid-Afrika waar hy en sy gesin hulle vir die volgende twaalf jaar sou vestig. Perls het die Suid-Afrikaanse Instituut vir Psigoanalise in Johannesburg gestig. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het Perls vir 'n tyd lank by die Suid-Afrikaanse Weermag se mediese dienste aangesluit. Perls wat alreeds met sy kontak met Goldstein te doen gekry het met die holistiese benadering tot die mens, is verder beïnvloed deur Generaal Jan Smuts, destydse eerste

minister van Suid-Afrika en eksponent van Holisme, wat nie die totale organisme as objek van studie betrek nie, maar wel die organisme as geheel soos wat hy of sy in die omgewing ingebed is. (Vergelyk Patterson, 1980:430; Louw, 1990:629.)

Fritz Perls en sy vrou, Laura, is oorspronklik opgelei en het gepraaktiseer as psigoanaliste. Die negatiewe reaksie op Perls se pogings om 'n bydrae tot psigoanalise te lewer en 'n gevoel van persoonlike verwerping deur Freud het daartoe gelei dat Perls finaal sy bande met die formele psigoanalise verbreek het en sy eie tipe psigoterapie geformuleer het naamlik die gestaltteorie. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 1996:163; Louw, 1990:629.) Gedurende Perls se verblyf in Suid-Afrika, het hy sy eerste werk, naamlik: "Ego, hunger and aggression – A Revision," geskryf, waarin Perls reeds begin het om die grondslae vir sy eie benadering te lê wat later sou uitloop op die Gestaltterapie. (Vergelyk Patterson, 1980:430; Louw, 1990:629.) Volgens Turner (1986:70) het Perls die volgende kritiek op Freud gelewer, naamlik:

- Die behandeling van sielkundige feite asof dit in isolasie bestaan van die organisme as 'n geheel,
- Die gebruik van liniêre assosiasiesielkunde as 'n basis vir 'n vierdimensionele sisteem,
- Die verwaarlosing van die verskynsel van differensiasie.

As 'n resultaat het Perls volgens Blugerman (1986:70) die volgende hersienings voorgestel, naamlik:

- Vervanging van die sielkundige deur die holistiese organisme inhoud,
- Vervanging van die assosiasiesielkunde deur die veldteorie van gestaltsielkunde,
- Toepassing van gedifferensieërde denke.

Perls en sy vrou Laura het verhuis na New York in 1946 waar die "formele geboorte" van die Gestaltterapie plaasgevind het (Thompson & Rudolph, 1996:163). Perls en Laura het die Instituut van Gestaltterapie in New York gestig kort na hulle aankoms in Amerika

(Patterson, 1980:430). Volgens Louw (1990:630) was een van Perls se grootste ideale om 'n gestaltgemeenskap te stig waar die idees van sy filosofie in die praktyk toegepas kan word. Perls se ontevredenheid met sy eie bestaan en die wyse waarop die huidige sosiale orde die bestaan van die mens beïnvloed het, het hom aangespoor om na antwoorde te soek, waartydens hy nie geskroom het om homself te gebruik nie (Louw, 1990:629).

Gestaltterapie was op baie maniere 'n reaksie op sommige van die beperkinge van ander skole (Hough, 1998:123). Gestaltterapie bestaan nie uitsluitlik uit nuwe en revolusionêre idees nie, daar was 'n wye invloed vanuit ander teoretiese modelle (Louw, 1990:1030). Op 14 Maart 1970 is Perls oorlede as gevolg van pankreaskanker. Gedurende sy leeftyd het Perls verskeie boeke geskryf wat 'n hoeksteen vir die gestaltterapie gevorm het. Volgens Georg & Stridde-Cristiani (1981:71) is van die beste boeke wat Perls geskryf het "Gestalt Therapy Verbatim" (1969); "In and out of the garbage pail" (1969) and Gestalt therapy: Excitement and Growth in the Human Personality." Laura Perls (1992:3) sien die laasgenoemde boek as noodsaaklik vir 'n voldoende begrip van die gestaltterapie.

'n Bespreking van die ontwikkeling van gestaltterapie sal nie voltooi wees sonder om die naam van Violet Oaklander te noem nie. In Oaklander (1988) se boek "Windows to our children" demonstreer sy die uitbouing van die gestaltteorie. Haar werk is veral van belang vir terapeute wat belangstel daarin om gestaltterapie met fantasie te kombineer. Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die kernaspekte van gestaltterapie.

4.3 Kernaspekte van gestaltterapie

Wanneer 'n terapeut vir die eerste keer kontak maak met gestaltterapie kan die baie onbekende konsepte en frases baie verwarrend wees. Daarom sal die navorser vervolgens die kernaspekte van gestaltterapie verduidelik.

4.3.1 Holisme

‘n Fundamentele beginsel van holisme is dat alle elemente in die wêreld, soos plante, diere, mense en organismes, oorleef in ‘n uitruilproses van gekoördineerde aktiwiteite. In Hardy (1991:5) word verwys na navorsing wat daarop dui dat die mens nie sy omgewing as aparte dele ervaar nie, maar eerder geneig is om dit as betekenisvolle eenhede te groepeer. ‘n Universele strewe na holisme word duidelik uitgewys. (Vergelyk Hardy, 1991:5 & Harman, 1989:13.) Patterson (1980:432) haal Wertheimer se formulering van gestaltteorie as volg aan: “There are wholes, the behaviour of which is not determined by that of their individual elements, but where the part-processes are themselves determined by the intrinsic nature of the whole.”

Alhoewel individue as ‘n geheel funksioneer, kan hulle nie sonder die omgewing oorleef nie, omdat hulle die omgewing benodig om hulle behoeftes te bevredig. Vanuit die siening van gestaltterapie kan die persoon gesien word as ‘n holistiese geheel, wat beteken dat die somtotaal van die persoon se fisiese, emosionele en spirituele aspekte, tale, denke en gedrag meer as hulle komponente is. (Vergelyk Papalia, 1985:560; Passons, 1975:13; Yontef, 1993:84.) Gedurende terapie moet die adolessent gelei word om bewus te wees van haar ervarings ten opsigte van al die komponente ten einde te oorleef, nie as ‘n gefragmenteerde geheel nie, maar eerder as ‘n geïntegreerde geheel.

4.3.2 Figuur en agtergrond

Blugerman (1986:74) haal die volgende woord van Perls aan wat van mening is dat die bewustheidsproses die kern van Gestalt is, naamlik: “Everything is in flux. Only after we have been stunned by the infinite diversity of processes constituting the universe, can we understand the importance of the organizing principle that creates order from chaos; namely the figure, background formation. Whatever is the organism’s foremost need makes reality appear as it does. It makes objects stand out as figures which correspond to diverse needs. It evokes our interest, attention, carhexis or whatever you choose to call it.”

Die sentrale idee van die gestaltterapie is dat die geheel anders as die som van die dele is (Sinay,1997:5). Figuur en agtergrond vorm 'n geheel bekend as gestalt. 'n Persoon word deur geluide en vorme omring wat nie 'n enkele betekenis het nie. Op 'n sekere stadium en 'n spesifieke tyd, is dit 'n persoon se persepsie wat vorme en geluide 'n betekenis en 'n dominante vorm gee. 'n Figuur, vorm of gestalt kom dus voor vanuit 'n agtergrond, 'n persoon se bewussyn. 'n Figuur word gesien as dit wat op daardie oomblik vir die kind die belangrikste is, met ander woorde dit wat die kind se aandag die meeste trek (Blom, 2004:12). Onbevredigde behoeftes vorm 'n onvoltooide gestalt (Simkin, 1978:5).

Wanneer 'n behoefte bevredig word, word die gestalt voltooid en is die organisme vry om weer 'n nuwe vorm van gestalt te vorm (Hatcher & Himmelstein, 1976:227). Die belangrikste feit van die figuur-agtergrond formasie is dat wanneer 'n behoefte voldoende bevredig word, verander die situasie (Simkin, 1978:5). Ten einde daarom verandering te bewerkstellig, word die kliënt geleer om haar bewustheid te fokus wat die primêre hulpmiddel is vir effektiewe verandering in gestaltterapie. Vanuit die gestaltterapie se siening, is die gesonde persoon-in-sy-omgewing aanhoudend besig om aandag te gee aan sake van belang om te oorleef of om in stand te hou (Enright, 1978:14). Hierdie sake van belang is organisme-en-omgewingsuitruiling wat die balans in stand hou of herstel.

'n Persoon wat goed funksioneer, fokus op een behoefte (figuur) op 'n slag, terwyl ander behoeftes na die agtergrond verplaas word. Wanneer die behoefte bevredig is, die gestalt voltooi is, word dit verplaas na die agtergrond en 'n nuwe behoefte word die fokus (die figuur). Agtergrond verwys na die agtergrond van die kind se ervaring op daardie spesifieke oomblik, byvoorbeeld musiek wat speel terwyl die kind eet. Wanneer 'n persoon byvoorbeeld honger is, is kos noodsaaklik. Wanneer die behoefte bevredig is, beweeg dit na die agtergrond terwyl 'n ander behoefte dominant word (O'Leary, 1998:11). Die agtergrond gee betekenis aan die figuur of vorm (Sinay, 1997:7).

Volgens Hoghughi, Lyons, Muckley & Swainston (1989:157) plaas gestaltterapie klem op die behoefte vir integrasie van denke, gevoelens en aksies. Dit fokus op die

bewustheid van die hele self; die individu kom dus in aanraking met haarself asook die eksterne omgewing. Dit stem ooreen met die opinie van Lennox (1982:172) wat stel dat die individu streef na 'n voltooidheid of 'n geheel en indien enige iets dit voorkom, sal dit aanleiding gee tot onvoltooide sake. Hierdie onvoltooide saak beheer gedrag en die dringendste behoefte bepaal die aksies, denke en optrede van die individu. Wanneer daardie behoefte bevredig is, beweeg die individu na die volgende dringendste behoefte.

Die proses van figuur/voorgond verskuiwing kan stadig oor jare van opleiding voorkom, byvoorbeeld die behoefte om te kwalifiseer as 'n mediese dokter. Dit kan egter ook skielik voorkom wanneer 'n adolessent skielik nuwe insig ontwikkel, soos 'n fundamentele ooreenkoms wat sy benodig van haar ma en wat sy ook benodig van haar vriend. So 'n insig kan heeltemal die verhouding verander tussen die verlede en die toekoms, verwagtinge en begrip, figuur en voorgond (Redgrave, 2000:12).

Volgens O'Leary (1998:11) is een beginsel van gestaltterapie dat die individu in staat moet wees om te kan onderskei tussen belangrike en minder belangrike stimuli in die omgewing op enige gegewe tyd (O'Leary, 1998:11). Op enige gegewe tyd sal daar verskeie eise vir aandag wees, en daardie wat die belangrikste vir die persoon se oorlewing of selfaktualisering is, sal die figuur word. Met 'n neurotiese persoon is die verhouding tussen haarself en haar omgewing so dat sy nie enige dominante behoeftes wat opkom, kan bevredig nie (O'Leary, 1998:11).

4.3.3 Homeostase / Selfregulasie

Vanuit die siening van gestaltterapie word alle gedrag deur 'n proses genaamd homeostase of organismiese selfregulasie gereguleer. Selfregulasie is om te weet en om te besit, met ander woorde wanneer die persoon identifiseer met haar gevoelens, behoeftes, waarnemings en sintuie. Homeostase word beskryf as die proses waartydens die organisme in balans in verskillende omstandighede bly. (Vergelyk Simkin, 1978:5; Blom, 2004:11.) Die proses van selfregulering is 'n manier waarop individue hulle behoeftes bevredig. Die omgewing skep aanhoudend nuwe behoeftes wat ongemak

verhoog, totdat die individu maniere vind om die behoeftes te bevredig sodat hulle kan groei (Clarkson & Mackewn, 1994:48-49).

Die doel van gestaltterapie is om die individu in staat te stel om kennis en bewustheid van die self te verkry terwyl die individu na integrasie vorder (Georg & Stridde-Cristiani, 1981:72). Selfregulasie en kontak met die omgewing is nodig vir gesonde kommunikasie (O' Leary, 1998:93). Goeie kontak word deur bewuswording gefasiliteer. Gestaltterapie bring ervaring in die bewustheid. Interne prosesse word oopgemaak terwyl daar op liggaamsensasies en beweging gefokus word (O' Leary, 1998:93). Volgens die gestaltteorie is die liggaam en emosies van die individu beter aanduidings van die waarheid as die woorde wat die individu gebruik om haarself uit te druk. Die liggaam produseer tekens soos hoofpyn of 'n veluitslag om aan te dui dat die individu haar gedrag moet verander (Perls, 1975:11). Met behulp van bewustheid kan 'n toestand van selfregulasie ontwikkel en dan alleenlik kan die persoon beheer neem.

Doelwitte van gestaltterapie is persoonlike verantwoordelikheid en om selfregulasie te bereik (O' Leary, 1998:18). Selfregulasie is moontlik wanneer individue identifiseer met hulself as groeiend en veranderend; dit beteken dat die individu dan haarself erken soos sy is en nie soos sy graag wil wees nie - vry van onvoltooide sake en nie bedruk deur die verwagtinge van die toekoms nie.

Perls het geglo 'n gesonde individu opereer binne 'n geskikte balans van alle dele (O'Leary, 1998:12). Die balans moet behou word binne sekere grense vir oorlewing, dit is die beginsel van homeostase. Daar is 'n innerlike dryfkrag in die individu om hierdie ekwilibrium te behou ten einde te groei en te ontwikkel tot haar volle potensiaal: die individu doen dit deur haar gevoelens en ervarings wat in haar opkom, te aanvaar.

'n Persoon staar elke oomblik onenigheid in die gesig, of deur 'n eksterne eis of deur 'n interne behoefte, sodat die balans nooit in stand is nie. Ten opsigte van eksterne faktore, kan die persoon kies om haar gedrag aan te pas by die omgewing, of om die omgewing by haar aan te pas (O' Leary, 1998:12). Mense herstel die ekwilibrium deur van hierdie

behoefte en eise te bevredig of te elimineer, en Perls verwys na hierdie proses as organismiese selfregulasie. Die konsep van homeostase en selfregulasie impliseer dus dat die kind aanhoudend behoeftes van 'n verskillende aard ervaar soos fisiese, emosionele, sosiale, spirituele en intellektuele behoeftes. Dit veroorsaak ongemak, totdat aksie geneem word om hierdie behoeftes te bevredig en homeostase herstel is. Die proses waartydens aksie geneem word om behoeftes te bevredig, is selfregulasie (Oaklander, 1994:282).

4.3.4 Hier-en-Nou

Omdat die verlede en die toekoms gesien word as fantasie, is dit om in aanraking te wees met die werklikheid, dieselfde as om in aanraking met die “hier-en-nou” te wees (Greenwald, 1978:103). “Nou” verwys na “op hierdie oomblik” (Yontef, 1993:149). Die gestalttegnieke werk vanuit die hier-en-nou en beklemtoon sensasies, met die doel dat die adolessent bewus sal word van hoe sy vir haarself voorkom om haar behoeftes te bevredig en om die gestalt te vorm (Sinay, 1997:88). Om in die hier-en-nou te werk is belangrik in die bereiking van bewuswording. Die rol van die terapeut is om die kliënt se aandag te vestig op haar gedrag, gevoelens en ervarings en nie om dit te interpreteer nie (Patterson, 1980:449). Die basiese sin wat die kliënt moet herhaal, is: “Noudat ek bewus is van” of “Wat ek nou sien of voel of doen is.....”

Volgens Yontef (1993:7) is 'n sentrale deel van gestaltterapie manier van dink: “Wat doen jy nou en hoe doen jy dit?.” Die teenwoordige is van belang, want die verlede is verby en die toekoms het nog nie gearriveer nie (O’Leary, 1998:17). Die verlede en die toekoms is net belangrik as dit gewortel is in die huidige. Dit is nie die inhoud van kinderjareherinnerings wat belangrik is nie, maar die gevoelens of houdings daarvoor. Terapie vanuit die gestaltbenadering poog om die individu se bewustheid van wat sy voel van oomblik tot oomblik te verhoog. Die teenwoordige tyd, die hier en die nou, is die terapisituasie self (Patterson, 1980:448). Die kliënt beleef die probleem in die onderhoud. Die klient word nie toegelaat om te praat “oor” die probleem in die verlede tyd nie, maar wel om dit nou te ervaar.

Volgens Blugerman (1986:75) is die hier-en-nou die punt van maksimale kontak. Gestaltterapie poog om die persoon van die middele te voorsien sodat sy haar probleme in die hier-en-nou kan oplos. Die fundamentele hulpmiddel daarvoor is selfondersteuning (Sinay, 1997:123). Die selfondersteuning word tot so 'n mate versterk dat die persoon geleidelik bewus word van haar verbale, fisiese en fantasieaksies te alle tye. Elke opgeloste probleem fasiliteer die oplossing van die volgende en verhoog selfondersteuning. Daarom word gestaltterapie gesien as 'n hier-en-nou terapie. Enige veranderinge of selfregulasies wat die persoon maak, kan slegs in die "hier-en-nou" voorkom. Die persoon kan nie haar verlede oordoen nie of kan nie dit verander wat sy nog nie ervaar het in die toekoms nie (Passons, 1975:46). Veranderinge in waardes, gevoelens, gedagtes en gedrag kan slegs in die huidige voorkom.

4.3.5 Bou van 'n terapeutiese verhouding

Volgens Schoeman (1996a:29) het Buber 'n model in gestaltterapie ontwikkel wat "healing through meeting" genoem word. Genesing verwys na 'n herstel van die geheel, met die hele betrokkenheid wat plaasvind in die hier en nou. Daarom is die "ek-jy" verhouding baie belangrik. Die model wat Perls gekies het vir die terapeutiese verhouding is die "ek-jy" verhouding. Dit is gebaseer daarop dat twee mense saamkom in 'n atmosfeer waar die terapeut die kliënt respekteer (Blugerman, 1986:71). Volgens Sinay (1997:89) word die "ek-jy" verhouding (kliënt-terapeut) oorweeg sonder om elke persoon se onafhanklikheid en verantwoordelikheid te belemmer. Volgens Yontef (1993:67) behou die gestaltterapeut haar reg om onafhanklik in die "ek-jy" verhouding te wees. Hierdie onafhanklikheid kan help om die terapeut se versterking van disfunksionele gedrag te verwyder, en die terapeut toelaat om selfondersteunend, selfgerig en selfaktualiserend te wees.

Dit is eerstens nodig om die adolessent se vriend te word wanneer 'n verhouding met 'n adolessent gebou word (Schoeman, 1996a:30). Die terapeut moet 'n vriend wees wat ook gewillig is om van haarself te deel. Volgens Oaklander (1988:185) vra sy voor die kind

aan die ouer tydens die eerste sessie om vir haar te vertel wat die probleem is. Oaklander (1988:185) is van mening dat dit belangrik is vir die kind om teenwoordig te wees ten einde enige fantasieë oor wat die probleem is uit die weg te ruim. Die kind weet dat iets verkeerd is en dink baie keer dat dit erger is as wat dit regtig is. Dit is ook die begin van die vestiging van 'n vertrouensverhouding met die kind. Volgens Oaklander kry sy sodoende die geleentheid om die dinamiek tussen die ouer en kind asook die kind se reaksie, waar te neem. Schoeman (1996a:29) identifiseer die volgende doelwitte van die terapeut in die bou van 'n vertrouensverhouding, naamlik:

- Dit is nodig om te weet wat die probleem veroorsaak het,
- Dit is nodig om die adolessent in kontak met haar sensoriese, emosionele en kognitiewe behoeftes te bring,
- Die adolessent moet gehelp word om in haar eie behoeftes te kan voorsien en moet weet of sy realistiese verwagtinge het,
- Die adolessent moet weet dat daar pynvolle situasies kan wees, maar dat dit nodig is vir herstel,
- Die adolessent moet weet dat sy besluite sal moet neem en verantwoordelikheid vir haar eie lewe sal moet neem,
- Die terapeut moet 'n studie van die adolessent se proses maak,
- Die terapeut moet die adolessent bemagtig sodat sy verantwoordelikheid vir haar eie lewe neem.

Die navorser is van mening dat 'n vertrouensverhouding tussen die adolessent en die terapeut noodsaaklik is ten einde die adolessent wat seksueel misbruik is effektief by terapie te betrek. Die navorser is van mening dat die terapeut haar rol duidelik aan die adolessent en haar ouers tydens aanvang van die terapie moet verduidelik ten einde enige verwarring later te voorkom. Die navorser samentydens vestiging van 'n terapeutiese verhouding met die adolessent aanvanklik nie-bedreigende inligting in en plaas telkens die adolessent in beheer met behulp van keusevryheid. Die adolessent kan byvoorbeeld met behulp van die lewenslyn kies watter inligting sy gereed voel om met die terapeut te

deel. Die navorser is ook van mening dat die adolessent bemagtig moet word om besluite te neem, maar ook om verantwoordelikheid vir die gevolge van haar besluite te neem.

4.3.6 Onvoltooidhede

Enige onvoltooide gestalt is 'n onvoltooide saak wat oplossing vereis (Yontef, 1993:78). Die persoon kan 'n onvervulde behoefte, 'n onuitgedrukte gevoel of 'n onvoltooide situasie, wat belangrik vir haar is, ervaar (Passons, 1975:18). Onvoltooidhede neem gewoonlik die vorm van onvoltooide en onopgeloste uitgedrukte gevoelens aan. Onvoltooide ervarings en gevoelens bly in die geheue van die waarnemer (O'Leary, 1998:14). Dis 'n geneidheid van enige organisme om enige situasie of transaksie wat onvoltooid is, te voltooi.

'n Onvoltooide taak kan die persoon se bewustheid domineer en aandag vereis (Passons, 1975:19). Om "vasgevang" te wees op hierdie manier kan die vloeï van aandag en opgewondenheid vertraag word om ander behoeftes wat nog te voorskyn gaan kom vanuit die agtergrond te hanteer. Neurosis is volgens Perls die gevolg van 'n reeks onvoltooidhede (versteurde en onbevredigde behoeftes) (Sinay, 1997:84). Onopgeloste kinderjaresituasies word baie keer ervaar as onvoltooide situasies wat later selfs die volwasse persoon se lewe kan versteur (Redgrave, 2000:7). Onvoltooidhede neig om inbreuk op gedrag, persepsies en denke verwant aan effektiewe funksionering in die hier-en-nou te maak.

Onvoltooide sake is moontlik die hoofgevolg van die blokkasie van bewustheid (Enright, 1978:20). Onvoltooide sake verwys na geblokkeerde emosies wat op een of meer tye gedurende 'n verhouding ervaar is. In plaas daarvan dat die persoon haarself toelaat om die gevoel wat die traumatiese gebeure vergesel het te ervaar, verhoed onvoltooide sake die individu om dit te doen (O'Leary, 1998:15). Vermydning is die middel wat individue gebruik om hulleself te voorhoed om die onvoltooide sake te voltooi.

4.3.7 Polariteite

Die konsep en gebruik van polariteite het volgens Fantz (1978:87) nie 'n oorsprong in die werk van Perls nie, alhoewel Perls baie klem daarop gelê het. Die teenoorgesteldes van “goed en sleg”, van “God en die duiwel”, het duidelik na vore gekom in die Christelike Bybel asook in die Buddhismedenke van die “Ying en die Yang”. Fantz (1978:87) het die eerste keer van polariteite geles in die werk van Jung. Jung het beklemtoon dat die basiese aspekte van die psige wat 'n persoon in haar bewustelike lewe ontken, neig om te groei in die onderbewussyn. Of Perls se idee van polariteite vanuit Jung se idees kom of nie, beide Perls en Jung het dieselfde beginsel van differensiasie en integrasie beklemtoon (Fantz, 1978:88).

Volgens die gestaltteorie bestaan die persoonlikheid uit polariteite en 'n groot gedeelte van die daaglikse lewe word aan die oplossing van hierdie konflikte wat ontstaan vanuit hierdie polariteite toegewy (Thompson & Rudolph, 2000:166). Polariteite kan gesien word as dele wat teenoorgesteldes is wat mekaar komplimenter of ontvou. Harmonieuse integrasie van karaktereenskappe van menslike gedrag (liefde-haat, moed-vrees, aggressie-teerheid) is doelwitte van terapie vanuit die gestaltbenadering. Die uitwissing van die een bo die ander word nie aangemoedig nie, die komplimentering word nagestreef (Sinay, 1997:170). Die erkenning en integrasie van die teenoorgestelde polariteite is een van die gestaltterapie se doelwitte (Sinay, 1997:82).

Polariteite kom voor wanneer die individu hoofsaaklik met een stel van die polariteiteienskappe identifiseer en spandeer dus baie meer energie om die pool in stand te hou. Gedurende terapie moet die kind gelei word om bewus te word van haar polariteite en dat beide kante van haar polariteite deel van haar is (Blom, 2004:33). Die kind moet ook gelei word om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar ten einde meer realistiese besluite te neem betrekkende haar optrede as wanneer hierdie dele van die self ontken word.

Kinders funksioneer ook deur middel van teenoorgesteldes en selfs emosies word geklassifiseer in teenoorgesteldes, byvoorbeeld gelukkig en hartseer. Volgens Blom (2004:34) voel kinders verward as gevolg van polariteite in hulle, byvoorbeeld wanneer die kind die oortreder lief het en haat. Kinders vind dit ook moeilik om daardie aspekte in hulleself te aanvaar wat hulle onaanvaarbaar vind, of dit wat hulle ouers kritiseer. Laasgenoemde dra tot fragmentasie van die self by (Blom, 2004:34). Die leë stoeltegniek wat ontwikkel is deur Fritz Perls, is 'n tegniek in die hantering van polariteite (Oaklander, 1988:152).

Fritz Perls praat van die versoening van 'n persoon se teenoorgestelde dele sodat dit herenig kan word op 'n produktiewe kombinasie en interspel, en sodat energie nie meer opgebruik word in 'n sinnelose stryd teen mekaar nie (Oaklander, 1988:152). Die integrasie van polariteite is dus 'n voorvereiste vir 'n dinamiese en gesonde lewensproses. Aktiwiteite soos teken, kleiwerk en stories kan gebruik word om die kind te ondersteun om polariteit in haar lewe te integreer. Perls het ook van die "Top Dog, Under Dog" tegniek gebruik gemaak om hierdie teenoorgesteldes aan te spreek. Volgens Fantz (1978:88) was Perls van mening dat 'n oplossing gevind kan word in 'n gesprek tussen die twee polariteite wat verteenwoordig word deur die "Top Dog en die Under Dog", en dat dit kan lei na integrasie.

4.3.8 Bewustheid

'n Algemene probleem van baie mense is 'n tekort aan bewustheid. 'n Persoon kan kontak verloor met die "wat" en die "hoe" van haar gedrag en kan daarom nie in staat wees om gevoel van bemeestering te bereik nie wat nodig is om effektief te lewe (Passons, 1975:18). Bewustheid en taal is die twee primêre terapeutiese hulpmiddels in gestaltterapie (Yontef, 1993:139). Bewustheid is volgens Yontef (1993:139) 'n vorm van ervaring wat gedefinieer kan word as wanneer die persoon in aanraking met haar eie bestaan is, met "wat is". Bewustheid is die kapasiteit om te fokus, om aandag te gee (Passons, 1975:21). Indien 'n persoon nie bewus is van wat sy doen nie, dan neem sy nie verantwoordelikheid vir wat sy doen nie.

Bewustheid is die proses van erkenning en waarneming van wat die persoon doen, voel, dink asook wat haar liggaamsensasies is (Passons, 1975:47). Volgens O’Leary (1998:13) het Perls geglo dat ‘n persoon in staat moet wees om ten volle bewus te wees van haar behoeftes en moet daarvolgens optree. Perls het geglo dat bewustheid nie net die basis van kennis en kommunikasie is nie, maar dat dit die proses is van erkenning van wat die individu dink, voel, aanvoel en doen. Bewustheid sluit dus selfkennis en kennis van die omgewing in. Bewustheid beteken kontak met die self, ander en die omgewing deur verantwoordelike keuses wat gemaak word, selfaanvaarding en die vermoë tot kontak (Yontef, 1993:145). Volgens Hatcher & Himmelstein (1976:229) fokus gestaltterapie op “hoe” en “wat” die persoon doen. Gestaltherapeute is oortuig dat die enigste manier om gedrag te verander is deur bewus te wees van wat ‘n persoon doen.

Volgens O’Leary (1998:121) is die basis van gestaltterapie dat selfbewustheid noodsaaklik is vir die integrasie van die individu. Integrasie is die bewuste aanvaarding van die geheel van die persoon met haar uiteenlopende elemente – gevoelens, denke en fisiese kondisies. Bewuswording kan gedefinieer word as ‘n doelbewuste bewustheid oor wat gebeur (fisiese sensasie, gevoelens, verbeelding) vir die persoon en wat gebeur in die omgewing waarin die persoon geïntegreer is (Sinay, 1997:89). Volgens Sinay (1997:89) spruit bewuswording voort uit die volgende vier vrae, naamlik:

- Wat doen jy?,
- Wat voel jy nou?,
- Wat probeer jy nou vermy?,
- Wat wil jy nou hê?.

Bewustheid is ‘n vorm van ervaring. Dit is die proses waartydens die persoon waaksaam in kontak met die belangrikste gebeure in haar omgewing is met senso-motoriese, emosionele, kognitiewe en energieke ondersteuning (Schoeman, 1996a:30). Bewustheid is die manier waarop die individu haarself kan reguleer deur keuses. Volgens Hamilton (1997:46) beteken ervaring wat in die persoon gebeur: liggaamsensasies, emosies,

gevoelens en denke. Individue is konstant besig om betekenis aan ons ervaring van die wêreld te gee (Clarkson, 1995:7). Volgens Yontef (1993:6) groei beide die terapeut en die kliënt deur aktief teenwoordig en betrokke te wees tydens terapeutiese sessies. Gestaltherapie beklemtoon wat mense weet en wat mense kan leer deur hulle bewustheid te fokus.

Die kern van terapie vanuit die gestaltbenadering is die verhoging van bewuswording. (Vergelyk O'Leary, 1998:14; Sinay, 1997:104.) Vir die bereiking van bewustheid, beklemtoon die terapeut die gebruik van vraagstelling. Bewustheid fokus op die voor die hand liggende. Dit konsentreer op die persoon se beweging, houding, taalpatrone, stem, en interaksies (O' Leary, 1998:13). Die ervaring van verhoogde bewustheid word baie keer vergesel deur 'n vermindering van spanning wat genotvol is, al is dit besef van 'n pynvolle situasie. Op hierdie manier, is bewuswording verbind aan die groeiende kennis en begrip van hoe 'n persoon onaangename herinneringe onderdruk en vermy of ervaar – onvoltooidhede soos dit genoem word in gestalttherapie. Bewustheid lei na ontwikkeling en verandering (Enright, 1978:35).

4.3.9 Verantwoordelikheid vir jouself

Perls het die idee ontwikkel dat 'n persoon verantwoordelikheid moet neem vir haar eie lewe (Blugerman, 1986:71). Om verantwoordelikheid te neem vir jouself is die kern van terapie vanuit die gestaltbenadering (O'Leary, 1998:17). Die individu word gehelp om van 'n posisie van afhanklikheid van ander, na 'n toestand van selfondersteuning te beweeg. Die individu word aangemoedig om baie dinge onafhanklik te doen. Aanvanklik sien die individu haar gevoelens, emosies en probleme as buite haarself en neem nie verantwoordelikheid vir wie sy is nie en dit voel vir haar asof daar niks is wat sy kan doen aan haar situasie nie.

Die basiese aanname van gestalttherapie is dat mense voldoende hulle eie lewensprobleme kan hanteer indien hulle weet wie hulle is en al hulle vermoëns in aksie bring om dit op te los (Enright,1978:22). Gestaltherapie glo in die duidelike onderskeiding tussen wat die

persoon kies en wat gegee is (Yontef, 1993:141). ‘n Persoon is verantwoordelik vir haar keuses. Mense is verantwoordelik vir morele besluite.

Die individu word gehelp om te beseft dat sy verantwoordelik is vir wat met haar gebeur. Dit is sy wat moet besluit of sy haar lewensituasie gaan verander of dit gaan toelaat om onveranderd te bly. Sommige individue hou vas aan die verlede ten einde hulle onwilligheid om verantwoordelikheid vir die huidige te aanvaar, te regverdig (O’Leary, 1998:18). Volgens Yontef (1993:78) is ‘n tegniek wat gebruik kan word om aan die adolessent te vra om na elke stelling by te voeg: “...en ek neem verantwoordelikheid daarvoor.”

4.3.10 Kontak

Kontak is die hart van gestaltterapie. Volgens Yontef & Jacobs (2000:305) verwys kontak daarna om in aanraking te wees met wat hier-en-nou gebeur, oomblik vir oomblik. Kontak vind plaas wanneer ‘n persoon die omgewing gebruik om behoeftes te bevredig (Patterson, 1980:435). ‘n Gesonde individu is buigbaar en neem ten volle deel aan die proses van interaksie met die omgewing (O’Leary, 1998:29). Kontak, die werk wat resulteer in assimilasië en groei, is die vorming van ‘n figuur van belangstelling teen ‘n agtergrond of konteks van die organisme / omgewing (Hatcher & Himmelstein, 1976:216).

Die persoon moet uitreik na die omgewing om haar behoeftes te bevredig, deur die sensoriese proses van oriëntasie en die motoriese proses van manipulasie (Patterson, 1980:436). Blom (2004:19) maak die afleiding dat gesonde kontak gesien kan word as die individu se vermoë om kontak met die omgewing te maak deur gebruik te maak van haar sintuie, bewustheid van en die geskiktheid van haar liggaam, die vermoë om emosies op ‘n gesonde manier uit te druk en die gebruik van haar intellek op verskeie maniere soos om idees, denke en behoeftes uit te druk.

Gestaltterapie is ook ‘n terapie van kontak. Die persoon word gevra om aandag te gee aan wat sy nou doen, om in kontak te wees met haar beweging, gevoelens, sensasies,

stemtoon en haar denke (Sinay, 1997:123). Interpretasies word vermy en vraagstelling lei die persoon na bewuswording. Alle stappe is daarop gerig om bewuswording te verhoog. Selfondersteuning is die proses waardeur die persoon haar eie bronne en oplossings vind deur die verkryging van bewustheid van haar gedragsmeganismes en die ontwikkeling van haar potensiaal (Sinay, 1997:127). Die terapeut moedig die persoon aan om te praat in die eerste persoon, die terapeut bly bewus van haar eie sensasies, gevoelens en denke en kan selfs doelbewus van dit deel.

Die persoon moet haar behoeftes in haar omgewing bevredig. Die punt van interaksie tussen die individu en die omgewing is die kontakgrens (Patterson, 1980:436). Intrapersoonlike kontak (kontak tussen kind en aspekte van haarself) en interpersoonlike kontak (kontak tussen kind en die omgewing) is belangrik in die gestaltheorie. Die kontakgrens kan gesien word as die punt waar die kind die “ek” in verhouding tot “nie ek nie” ervaar, met ander woorde dit wat in (deel van) en buite (vreemd) is tot die persoon (Blom, 2004:19). Die kontakgrense het twee funksies, naamlik dat dit mense met mekaar verbind, maar ook ‘n vorm van skeiding vorm tussen mense. Sodoende behou kinders hulle identiteit (Clarkson & Mackewn, 1994:56).

Weerstand is die meganisme wat persone gebruik om bewustheid van hulle gedrag te blokkeer. Hierdie weerstand voorkom dat die individu voldoende kontak en balans tussen haarself en die omgewing bereik (Sinay, 1997:106). Dit verwar die grens tussen die self en ander en dit is hoe neurose ontstaan. Neurose is ‘n onderbreking of ‘n stagnasie van groei of ‘n versteuring in ontwikkeling (Patterson, 1980:440). Hierdie versteuring betrek die individu se verhouding tot die samelewing, wat ‘n konflik behels tussen die individu se behoeftes en eise en daardie van die samelewing. ‘n Neurotiese persoon is dus nie daartoe in staat om enige behoeftes te bevredig nie en is nie daartoe in staat om haar gedrag te organiseer in verband met ‘n hiërargie van behoeftes nie (Patterson, 1980:440).

‘n Neurotiese persoon is nie in staat om haar behoeftes duidelik te sien, te onderskei en te organiseer sodat dit een op ‘n slag hanteer kan word nie (Patterson, 1980:440). ‘n

Kontakgrensversteuring of neuroses kom dus voor wanneer die individu nie meer in staat is om 'n gesonde balans tussen haarself en die wêreld te vorm nie (Blom, 2004:20). Hierdie kinders is nie meer in staat om te reageer op hulle werklike behoeftes nie. Die grens tussen die self en die omgewing gaan dus tot niet en versteur kontak en bewustheid (Vergelyk Yontef, 1993:137; Blom, 2004:20.)

Perls is van mening dat 'n neurotiese persoon nie die voor die hand liggende sien nie (Blugerman, 1986:75). Dit kan dus wees dat beide die kliënt en die terapeut die voor die hand liggende vermy het. Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die maniere waarop areas van self-funksionering uit die bewustheid gehou word en aan die gevolge van hierdie blokkasies. Ses tipes weerstand, maniere waarop kontak geblokkeer word, word onderskei, naamlik:

4.3.10.1 Introjekte

Introjeksie is wanneer die individu inhoud van haar omgewing sonder kritiek en bewustheid aanneem. (Vergelyk Patterson, 1980:438; Blugerman, 1986:76; Yontef, 1993:137; Hatcher & Himelstein, 1976:133.) Hierdie inhoud word nie geassimileer nie en bly vreemd en ongeprosesseer (Enright, 1978:19). Introjeksies is wanneer die persoon al die inligting en opdragte wat na haar toe kom inkorporeer en dan daarvolgens optree (Sinay, 1997:107). Introjeksie is die onbevraagtekende aanvaarding van die houdings en idees van betekenisvolle persone. 'n Introjek kan 'n idee, houding, geloof of gedrag insluit. Introjekte kan identifiseer word met taal soos: "Ek moet..." of "Ek is veronderstel..." (Blugerman, 1986:76).

Introjeksie is dus die proses waartydens die individu ander se gelowe en standarde kritiekloos vanuit haar omgewing inneem. 'n Krisis ontstaan egter wanneer die individu se omgewing verander en haar geintrojekteerde waardes nie meer by haar omgewing inpas nie. Aangesien introjekte optree asof hulle glo ander mense daarvan sal hou om so op te tree, word spontaneïteit onmoontlik (O' Leary, 1998:41). Die gevaar van kritieklose en algehele aanvaarding van ander mense se waardes as 'n persoon se eie, is

dat persoonlike integrasie kan voorkom. Die oorsprong van introjeksie is in die kinderjare.

Ten einde konflik met belangrike persone te vermy of om te voel dat sy aanvaar word, aanvaar kinders die betekenisvolle persone se teregwysings kritiekloos. Die kind voel, en is in 'n mate, swak en verdeeld en voel gedruk en getrek deur magte buite haar (Enright, 1978:21). Met baie min energie oor om te lewe, stapel baie onvoltooide sake opeen. Die gevolg is dat die kind beoordelende houdings teenoor haarself ontwikkel (O'Leary, 1998:40). Dit is belangrik dat dit wat vanuit die omgewing ontvang word aan 'n kritiese beoordeling onderwerp moet word sodat die individu dit kan verwerp wat vir haar as persoon sleg is en dit wat goed is, kan aanvaar.

Ten einde introjekte van 'n persoon se persoonlikheid te elimineer, moet die persoon bewus word van wat nie waarlik sy is nie en die persoon moet 'n selektiewe en kritiese houding inneem oor wat aan haar aangebied word (Hatcher & Himmelstein, 1976:134).

4.3.10.2 Projeksie

Projeksie is 'n verdedigingsmeganisme, maar ook 'n tegniek wat in speltherapie gebruik kan word. Die vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:52) se omskrywing van projeksie is as volg: "Projeksie is 'n verdedigingsmeganisme waartydens gedagtes of gedrag wat onaanvaarbaar vir die self is op 'n aanvaarbare manier na vore gebring word, deur dit aan ander mense of voorwerpe toe te skryf." Volgens Schoeman (1996b:64) is gesonde projeksie 'n kuns en kom dit selde voor, maar patologiese projeksie vind plaas indien 'n adolessent nie bewus is van die projeksie nie en / of wanneer die adolessent nie verantwoordelikheid wil aanvaar vir dit wat geprojekteer word nie.

Projeksie kan gesien word as die geneigdheid om sommige aspekte van die persoonlikheid te onteien en om die omgewing verantwoordelik te hou vir wat gebeur met die self (Blugerman, 1986:76). Met behulp van projeksie kan 'n kind haar eie persoonlike ervaring ontken. Projeksie voorsien tydelike verligting maar voorkom

kontak, identifikasie en verantwoordelikheid (Patterson, 1980:439). Projekisie impliseer volgens Schoeman (1996b:64) dat die kind nie verantwoordelikheid vir hulle eie emosies of gedrag aanvaar nie, maar wel ander verantwoordelik daarvoor hou. Schoeman (1996b:64) identifiseer die volgende doelwitte wat projekisie in 'n adolessent se lewe kan dien, naamlik:

- Projekisie bied aan die adolessent die nodige ruimte om die wêreld se verwagtinge te ondersoek,
- Projekisie is 'n poging deur die adolessent om dit wat sy nog nie kan hanteer nie uit die weg te ruim,
- Projekisie bied aan die adolessent die geleentheid om haar selfrespek te behou,
- Projekisie bied aan die adolessent 'n ontsnappingsruimte indien sy nie gereed is om kritiek en verwerping te hanteer nie.

Die navorser is van mening dat projekisie aan die adolessent 'n gevoel van beheer oor haar lewe gee. Dit is veral van belang vir die adolessent wat seksueel misbruik is en wat gevoelens van hulpeloosheid en "buite beheer" ervaar het. Dit dien dus as 'n tydelike verdedigingsmeganisme vir die adolessent. Dit is egter volgens die navorser belangrik dat die terapeut die adolessent moet help om bewus te word van hierdie aspekte wat sy projekteer en om geleentheid vir uitlating van gevoelens te bied. Om die adolessent se werklike probleemarea te bereik moet sy dus gehelp word om projekties terug te bring na die hede en dit wat haar nou ongelukkig maak. Volgens Blugerman (1986:76) is die taak in die hantering van projekisie om die heraanneming van die onteiene aspekte van die individu te fasiliteer. Indien die kliënt dus besef hoe sy haar vermoëns en mag weggee, kan sy dalk kies om dit op 'n ander manier te gebruik.

Individue wat van projekisie gebruik maak blameer gewoonlik ander (O'Leary, 1998:41). Die interessante aspekte van projekisie is dat die persone op wie die gevoel geprojekteer word, gewoonlik oor die eienskap beskik. Dit laat dus toe dat die ware situasie geklamoeftel word. Die waargenome grense tussen die individu en die ander is vervaag. Wanneer die kliënt haarself verbeel dat 'n ander persoon 'n sekere gevoel of eienskap

het, kan sy gevra word om te bepaal of dit 'n projeksie is deur eksperimentering. Die persoon kan dus gevra word om te eksperimenteer deur daardie gevoel of eienskap te ervaar (Yontef, 1993:79). Die kliënt ontdek dan baie keer dat sy wel dieselfde gevoel ervaar as wat sy in ander sien en dat sy dieselfde eienskap wat sy in ander verwerp, besit en verwerp.

4.3.10.3 Retrofleksie

Retrofleksie is wanneer 'n persoon gedrag retroflekter en aan haarself doen wat sy vir ander wil doen of om vir haarself te doen wat sy graag wil hê ander moet vir haar doen. (Vergelyk Perls, Hefferline & Goodman, 1977:183; Blugerman, 1986:77; Yontef, 1993:137.) Kroniese, onbewuste retrofleksie is 'n struikelblok vir kontak en gebeur gewoonlik wanneer die individu die uitdruk van gevoelens as gevaarlik beskou. Die begeerte om op 'n spesifieke manier op te tree, byvoorbeeld om iemand 'n drukkie te gee, word geblokkeer en omgesit in spierspanning (O'Leary, 1998:41).

Retrofleksiewe weerstand kom in twee vorme voor, naamlik: doen dit aan haarself wat sy wens ander vir haar moet doen, of om vir haarself te doen wat sy graag aan ander wil doen (Patterson, 1980:439). Die retrofleksies druk hulself uit as manipulerings van die liggaam, soos spanning van die skouers en kners op tande wanneer woede onderdruk word. Die stywe bolip en om trane terug te hou is voorbeelde van retrofleksie (Enright, 1978:19).

Retrofleksies verdeel die persoonlikheid in die "doener" en die "ontvanger". Oorspronklik poog die individu om haar behoeftes te bevredig deur interaksie met die omgewing, maar die omgewing is vyandig tot haar pogings en daarom onttrek sy in haarself (O' Leary, 1998:43). Volgens Sinay (1997:111) trek die individu wat gebruik maak van retrofleksie 'n duidelike lyn tussen haarself en die omgewing. Dit is egter asof die individu die lyn deur haarself trek en sien sy haarself en "haar self" as twee verkillende objekte. Die individu sal byvoorbeeld se: "Ek is skaam vir myself". Dit klink asof sy van twee verskillende persone praat.

Die twee vorme van retrofleksie kan dus tot groter onafhanklikheid aanleiding gee, maar daar moet gewaak word teen isolasie. 'n Balans moet gehandhaaf word tussen die vermoë om jouself te onderhou en om ander vir ondersteuning te vra.

4.3.10.4 Defleksie

Defleksie verwys na die vermyding van direkte kontak met ander mense, met ander woorde vermindering van bewustheid van die omgewing, byvoorbeeld vermy oogkontak tydens 'n gesprek of om die onderwerp te verander. Defleksie kom voor wanneer 'n individu wegstroom van haar emosies of in die plek van 'n intense emosie slegs 'n oppervlakkige emosie ervaar. Defleksie kom voor wanneer kontak met ander persone versteur of vermy word. Dit word gekarakteriseer deur die vermyding van oogkontak, vriendelikheid, uitermatige gebruik van taal en die vermindering van emosionele uitdrukking (O'Leary, 1998:43). Ander voorbeelde van defleksie sluit in om vaag te wees en om "van" eerder as "met" te praat (Yontef, 1993:138). Volgens Sinay (1997:113) betrek of verbind die persoon nie haarself met enige iets nie en manipuleer om die eksterne wêreld te vermy. Energie word dus bestee aan pogings om die onderwerp te verander of om op inligting te fokus wat nie werklik van belang of van toepassing op haar emosies is nie.

4.3.10.5 Desensitasie

Desensitasie is die proses waardeur die persoon haar verstyf tot die sensasie van die liggaam. Die ervaring van pyn of ongemak word dus uit bewustheid gehou (Clarkson & Mackewn, 1994:77). Die kind maak nie sensoriese of fisiese kontak met haarself nie, wat verwant is aan pyn en ongemak. Kinders wat seksueel misbruik is, desensiteer hulself dikwels ten einde hulself te beskerm daarteen om seer te kry. Hulle funksioneer ook sonder kontak met hulle liggame. Volgens Blom (2004:30) is kinders wat hulself verstyf tot sensasie van die liggaam nie in staat om emosionele kontak te maak nie, omdat hulle nie kan onderskei tussen die fisiese ervaring en die emosionele nie.

4.3.10.6 Samevloeiing

Samevloeiing veroorsaak dat die persoon geen grense tussen haarself en haar omgewing ervaar nie (Patterson, 1980:439). Samevloeiing kom dus voor wanneer die onderskeiding tussen die self en ander so onduidelik word, dat die grens verlore word. (Vergelyk Blugerman, 1986:77; Yontef, 1993:138.) Hulle kan nie verskille verdra nie, met die gevolg dat hulle ingee vir ander mense of probeer om hulself te verander om meer dieselfde te wees vir hulself. Individue wat van samevloeiing gebruik maak, praat eerder van “ons” as van “ek” (O’ Leary, 1998:42). Hulle verloor hulle eie identiteit en eie behoeftes, en die grens tussen hulself en hulle omgewing word nie ervaar nie. (Vergelyk O’Leary, 1998:42; Sinay, 1997:109.) Die individu verloor dus sin van die self.

4.3.11 Die struktuur van die persoonlikheid

Volgens Perls bestaan die struktuur van die persoonlikheid uit vyf lae, wat aandui hoe mense hulle lewens kan fragmenteer en sodoende nie sukses bereik nie (Thompson & Rudolph, 2000:166). ‘n Proses is verwant aan beweging en verandering. Volgens O’Leary (1998:18) ondersteun groeiende bewustheid die individu om deur vyf lae van funksionering te vorder, naamlik:

4.3.11.1 Die valse laag

Die laag verteenwoordig die rol wat mense in ‘n persoon se lewe speel. Kinders in hierdie laag probeer om te wees wat hulle nie is nie (Blom, 2004:35). Kinders in hierdie laag tree op volgens wat hulleself of ander van hulle verwag en dus nie volgens hulle ware self nie. Die selfbewustheid en emosionele gedrag van kinders in hierdie laag word baie keer direk en indirek beïnvloed deur hulle omgewing soos hulle ouers se hantering van emosies en die reëls vir uitdrukking van emosies in die relevante kultuur.

Die laag bestaan uit oppervlakkige kontak soos: “Goeiemôre, mooi dag, is dit nie?”. Deur in refleksiewe gedrag betrokke te word, vermy mense kommunikasie met hulself en met ander.

4.3.11.2 Rollespel

Individue in hierdie laag speel rolle eerder as om kontak met hulle ware self te maak, byvoorbeeld die toegewyde dogter. Hierdie laag kan gesien word as die vlak van speletjies en rolle. Die kind tree dus op volgens die rol wat verwag word van haar, byvoorbeeld die nar of die hulpelose slagoffer (Clarkson & Mackew, 1994:78). Hierdie rolle kom gewoonlik na vore van die self-ideaal. Individue gee dus voor wat hulle graag wil wees (O’Leary, 1998:19). Sodoende vermy individue dit wat hulle nie van hulself hou nie. Verkeerdelik neem hulle dan aan dat mense van hulle sal hou wat hulle voorgee om te wees, eerder as vir wie hulle regtig is.

4.3.11.3 Die impasse laag

Die individu hou op om speletjies en rolle te speel, en dit resulteer baie keer daarin dat die persoon nie weet wat om volgende te doen nie (O’Leary, 1998:19). Individue is dus verward deur ‘n vakuum van leemte en word vasgevang deur hulle eie groei. In die impasse laag gee mense hulle eie oë en ore op en probeer om ander te manipuleer om te sien en te hoor vir hulle part. Die impasse is dus ‘n funksie van fantasie of weerstand waarin die persoon betrokke is (O’Leary, 1998:19). Dit kan geassosieer word met ‘n gevoel van paniek soos die individu sukkel met die twyfel wat sy het, en dat sy nie oor die voldoende hulpbronne beskik om te oorleef sonder rollespel nie.

Volgens Yontef & Simkin (in Blom, 2004:37) kan die impasse laag gesien word as ‘n situasie waarin eksterne ondersteuning nie te voorskyn kom nie en die persoon glo dat sy nie haarself kan ondersteun nie. Kinders soek eksterne ondersteuning om hulle probleme op te los en glo dat hulle nie in ‘n selfondersteunende manier kan optree nie. Kinders in

die impasse laag is bewus van die rolle wat hulle speel, maar toon weerstand wat hulle voorhoed om op 'n selfondersteunende manier op te tree.

4.3.11.4 Die implosiewe laag

Gedurende die implosiewe laag word die individu bewus van hoe sy haarself beperk (Blom, 2004:38). Die individu het egter geen energie wat vereis word van die gedrag om haarself te bevry van die impasse nie en 'n vorm van katatoniese verlamming kom voor. Die kind kan verlam voel van vrees vir die onbekende en ervaar verlamming as gevolg van hierdie teenoorgestelde kragte (Clarkson, 1989:112). Die implosiewe laag word gekarakteriseer deur vrees (O'Leary, 1998:24). Daar is twee ewe sterk magte in die individu. Beide druk hul eie gevoelens baie sterk uit, wat interaksie tussen die twee dele toelaat.

Tydens hierdie laag kan kinders begin om te eksperimenteer met nuwe gedrag en blyk ten volle bewus te wees van hulle eie gedrag en emosies. Hulle ervaar egter 'n tekort aan energie om die verantwoordelikheid hiervoor te aanvaar ten einde iets daaromtrent te doen.

4.3.11.5 Die eksplosiewe laag

Die eksplosiewe laag is die beweging van insig vir die individu, waar die "skille van haar oë afval." Dit is om ten volle mens te wees en om ten volle te lewe. Die individu herontdek verlore emosies, en sielkundige energie word gestoor. Die doodsheid van die impasse laag word vervang deur 'n gevoel van lewendigheid. Ervaring kan varieer van 'n ligte bewing tot 'n ervaring wat die hele liggaam betrek (O' Leary, 1998:27).

Volgens Aronstam (1989:636) word die individu bewus van die emosies wat sy onderdruk of uitdruk. Wanneer die eksperimentering van nuwe gedrag suksesvol toegepas word, word die eksplosiewe laag bereik wanneer kinders in kontak met

opgebergde energie kom wat voorheen vagevang was ten einde die valslag in stand te hou.

4.4 Gestaltterapietegnieke

Vervolgens sal van die gestaltterapietegnieke wat ook tydens terapie met die adolessent wat seksueel misbruik is, benut kan word, kortliks uitgelig en bespreek word.

4.4.1 Die leë-stoeltegniek

Die leë-stoeltegniek is 'n metode waartydens 'n dialoog gefasiliteer word tussen die kliënt en 'n ander persoon of tussen dele van die kliënt se persoonlikheid (Patterson, 1980:451). Tydens die leë-stoeltegniek plaas die adolessent enige karakter in haar lewe met wie sy onvoltooide sake het, denkbeeldig in die leë stoel. Die adolessent kan dan aan daardie persoon sê of vra wat sy wil, maar word dan ook gevra om die rol van die karakter in te neem en moet sy antwoord asof sy die persoon is. Volgens Sinay (1997:91) kan die leë-stoeltegniek gevoelens aktiveer en die adolessent toelaat om onvoltooide karakters of situasies te ontmoet ten einde dit in die hier-en-nou te sien.

Die leë-stoeltegniek bring ook 'n klassieke konsep in die gestaltbenadering na vore, naamlik die "top-dog" en die "underdog". Die "topdog" verteenwoordig die persoon se behoeftes, begeertes en potensiaal. Die "underdog" identifiseer die verskonings, dekmantels en struikelblokke wat die persoon in haar pad plaas (Sinay, 1997:92). Die terapeut kan slegs waarneem of kan die kliënt daarop wys wanneer om van stoel te verander, kan 'n sin voorstel wat die kliënt kan sê of kan die kliënt se aandag fokus op wat gesê is of kan aan die kliënt vra om woorde of aksies te oordryf (Patterson, 1980:451).

4.4.2 Vergroting of oordrywing

Die terapeut vra aan die adolessent om aan te hou met 'n spesifieke gestalt of beweging, om dit geleidelik te versterk en om elke keer meer te oordryf. (Vergelyk Yontef, 1993:80 & Sinay, 1997:94.) Dit verhoog die persepsie van sekere meganismes wat die adolessent gebruik in die kontak met haar omgewing ten einde haar gevoelens en sensasies te blokkeer. Deur die beweging en gebaar te vergroot en deur dit hardop te sê wat fout is, hoor die persoon haarself en breek verwarde innerlike alleenspraak. Dit word 'n onthullende en veranderende ervaring.

4.4.3 Praat “met” die ander persoon

Dit is noodsaaklik in die gestaltbenadering. Die terapeut ontmoedig daardie frases wat emosionele kontak vermy en wat nie gerig is op 'n spesifieke persoon nie (Sinay, 1997:95). Die adolessent moet dus nie haar gevoelens, wense, vrese of fantasieë op ander projekteer nie. Die fokus is dus om meer direkte kontak te skep, sonder vooroordeel, verduidelikings, argumente, verskonings of intensies om te oorreed. Hierdie soort kommunikasie vereis eerlikheid – die vermoë om te sê wat jy voel, dink en aanvaar wat jy hoor sonder om dit te oordeel.

4.4.4 Bewuswordingtegnieke: Taal

O'Leary (1998:46-52) onderskei tussen die volgende bewuswordingtegnieke deur te fokus op die adolessent se taalgebruik, naamlik:

4.4.4.1 Praat in die eerste persoon

Volgens die gestaltbenadering is die persoon verantwoordelik vir haar dade, denke, gevoelens en emosies (Sinay, 1997:96). Dit behoort aan haar. Wanneer sy in die eerste persoon praat word sy bewus van alles wat sy is, en beoefen sy verantwoordelikheid vir haar gedrag, denke en gevoelens. (Vergelyk O'Leary, 1998:46; Sinay, 1997:96.)

Verantwoordelike individue blameer nie ander mense of situasies vir hulle eie tekortkominge nie. Wanneer die persoon eerstepersoonstellings maak, maak die persoon primêr die stelling met die doel van selfuitdrukking (Greenwald, 1978:104). Volgens O’Leary (1998:46) word die individu dus aangemoedig om “ek” stellings in plaas van “ons” of “hulle” te gebruik. Deur die gebruik van “dit” te vervang met “ek” leer die adolessent om meer met die spesifieke gedrag te identifiseer en om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.

4.4.4.2 Uitskakeling van wysigings en ontkenning

Wysigings en ontkenning laat die individu toe om toegewydheid tot hul gevoelens, denke of aksies te vermy. Sommige ontkennings sluit in: “miskien”, “ek veronderstel”, “soort van”, “moontlik”, “maar” of “’n bietjie” (O’Leary, 1998:47). Deur die gebruik van wysigings soos “soort van” vermy die adolessent die hele ervaring van die teleurstelling. Die gebruik van die woord “ek kan” dui op ‘n sekere mate van weerstand om byvoorbeeld haar teleurstelling met iemand te gaan deel. Volgens Yontef (1993:75) is “maar” ‘n goeie voorbeeld wat ‘n dubbele boodskap aan ‘n stelling gee. In die stelling: “Ek is lief vir jou, maar ek is kwaad vir jou,” maak die woorde na “maar” die woorde voor “maar” negatief. “En” is ‘n verbinding wat meer akkuraat die werklikheid kan uitbeeld. ‘n Meer akkurate kommunikasie sal dus wees: “Ek is lief vir jou en ek is kwaad vir jou.”

Deur die taal wat die adolessent gebruik te herhaal, verhoog die terapeut die adolessent se bewustheid van hoe ontkenning kommunikasie verminder (O’Leary, 1998:47). Die adolessent kan ook direk uitgenooi word om wysigings te gebruik en sodoende word die ambivalente boodskappe verander in duidelike en direkte stellings. Die adolessent kan ook aangemoedig word om “maar” met “en” te vervang en sodoende elke deel wat gesê word te aanvaar en gelyke klem daarop te plaas. Elke gedagte, gevoel, verbalisasie en aksie is ‘n uitdrukking van die persoon se identiteit op daardie oomblik. Ten einde meer bewus te word van haar identiteit, word die persoon aangemoedig om alles wat sy sê of doen te besit deur in die eerste persoon te praat (Greenwald, 1978:103).

4.4.4.3 Gebruik die aktiewe stem

Deur 'n passiewe stem te gebruik vermy die adolessent verantwoordelikheid vir haar gedrag. Individue kan so praat omdat hulle voel dat hulle gemanipuleer en beheer word. Die terapeut stel dus voor dat daar geëksperimenteer word met 'n sin deur 'n aktiewe stem te gebruik, en sodoende word die adolessent bewus van hoe die magtelose situasie in stand gehou het.

4.4.4.4 Verander vrae in stellings

Vrae vermy betekenisvolle interaksie (Greenwald, 1978:105). Vrae vereis gewoonlik van 'n persoon om 'n deel van haarself of bestaan te verduidelik, te verdedig of te bewys. Stellings is 'n meer effektiewe metode van kommunikasie as vrae. Stellings betrek gewoonlik denke, gevoelens en dae van die adolessent in die hier-en-nou van hulle verantwoordelikheid en bewustheid. Volgens O'Leary (1998:51) moet die terapeut die adolessent uitnooi om haar eie interne raamwerk van verwysing te ondersoek ten einde te ontdek wat die onderliggende sake is, eerder as om te interpreteer of 'n antwoord te voorsien. Volgens Yontef (1993:74) word die kliënt tydens gestaltterapie gevra om vrae te verander in stellings wat begin met die woord "ek". Hierdie prosedure is 'n uitbreiding van die ek-jy verhouding aangesien kommunikasie direk, openlik en eerlik gemaak word. Die kliënt word aangemoedig om selfgeldend en selfondersteunend te wees.

4.4.4.5 Wees konkreet en spesifiek

Probleme in kommunikasie kom dikwels voor wanneer die adolessent veralgemeen en intellektualiseer (O'Leary, 1998:51). Die terapeut moet dus die adolessent uitnooi om weg te beweeg van hierdie oorveralgemenings na meer spesifieke sake. Die terapeut kan ook die adolessent vra aan watter aspek sy graag sal wil werk, wanneer sy verskeie onderwerpe belig en sodoende die adolessent help om te fokus op 'n spesifieke saak en terselfdertyd selfgerig bly.

4.4.5 Bewuswordingstegnieke: Nie-verbale kommunikasie

O’Leary (1998:53-56) onderskei ook tussen die volgende bewuswordingstegnieke waartydens daar gefokus word op die adolessent se nie-verbale kommunikasie, naamlik:

4.4.5.1 Bewuswording van die liggaam

O’Leary (1998:53) haal Perls se beskrywing aan hoe die terapeut aandag gee aan die proses van psigosomatiese taal: “Moenie luister na die woorde nie, luister na wat die stem vir jou sê, wat die liggaamshouding en beeld vir jou vertel, die gesigsuitdrukking, die psigosomatiese taal. As jy jou oë en ore gebruik, dan sal jy opmerk dat elkeen haarself uitdruk op ‘n manier.” Bewustheid van die liggaam word gefasiliteer op die volgende maniere, naamlik:

- Om liggaamsensasies van die adolessent te ontlok,
- Benoem die gevoel,
- Gee terugvoer aan die adolessent,
- Weerspieël liggaamstaal,
- Oopmaak van retrofleksies.

Volgens Yontef (1993:60) is waarneming die kern van gestaltterapieeksperimentering. Die waarneming konsentreer op die maniere waarop bewuswording van die vreemde of ontoeganklike vermy word. Wanneer die kliënt nie kongruent is nie, maar fokus op een aspek van die totale kommunikasie en nie op ander nie, moet die kliënt daarop gewys word. Volgens Yontef (1993:60) gebeur dit baie keer dat die verbale inhoud nie kongruent met die stemtoon en liggaamshouding van die kliënt is nie. In gestaltterapie word daar geluister na die totale kommunikasie eerder as net streng verbaal. Die relevante verlede is teenwoordig hier-en-nou, indien nie in woorde nie, maar wel in liggaamspanning en aandag kan dit hopelik tot bewuswording bring.

4.4.6 Drome

Volgens Sinay (1997:97) was Perls van mening dat drome die spontaanste uitdrukking van 'n persoon se bestaan is. Volgens O'Leary (1998:75) is die droom se verskillende dele van die persoonlikheid, sommige wat verstoot is. Perls het geglo dat 'n droom 'n belangrike boodskap bevat van wat kort in die persoon se lewe of wat die persoon vermy om te doen of om uit te leef. Volgens Yontef (1993:80) word drome in Gestaltterapie gebruik om te integreer, drome word nie geïnterpreteer nie. Drome verteenwoordig of bevat in 'n sekere vorm 'n onvoltooide situasie (Patterson, 1980:452).

Die droom word herroep asof dit nou gebeur. Die persoon voer dit op asof dit nou gebeur sodat dit deel van die persoon word. Perls sien elke deel van die droom as 'n projeksie, elke fragment van die droom (persoon of gemoedstoestand), word as 'n vervreemde deel van die individu gesien. (Vergelyk Enright, 1978:30; Yontef, 1993:81.) Waar dit moontlik is om dit te onthou, sal die droom lewendig en beskikbaar wees en sal 'n onvoltooide situasie bevat (Sinay, 1997:97). In die droom sal 'n bestaande probleem gevind word, die deel wat die persoonlikheid kort. Alles is daar. Die droom is 'n uitstekende geleentheid om die persoonlikheidsgapings te ontdek. Om 'n droom te verstaan beteken om bewus te wees van hoe baie keer die voor die hand liggende geïgnoreer word (Sinay, 1997:97).

Die persoon word gevra om elke element te beskryf. Die terapeut kan selfs voorstel dat die drome neergeskryf word en om die elemente op te som. Deur die droom te herervaar en weer en weer oor te vertel in die teenwoordige tyd, van die standpunt van elke beeld, kan die kliënt begin om hierdie vervreemde dele te herervaar, te aanvaar, om weer besit daarvan te neem en om saam daarmee te lewe en dit op 'n meer aanvaarbare manier uit te druk (Enright, 1978:31). Die rol van die terapeut is slegs om die orde waarin die beelde aangespreek word voor te stel, gewoonlik van minder na meer belangrik. Die terapeut help ook die hantering van weerstand, die geneigdheid om te praat van en om te interpreteer in plaas daarvan om die ervaring van die beeld binne te tree, en om die drome en gevoelens terug te bring in die konteks van die kliënt se huidige bestaan.

Die terapeut kan die adolessent uitnoui om die droom se verskillende elemente op te voer en om te praat asof sy elkeen van hierdie elemente is (Sinay, 1997:99). Dit is baie belangrik dat hierdie voorstelling nie-verbaal is, maar dat die adolessent die emosionele en liggaamlike bronne uitbeeld. Dit is ook moontlik om die droom te dramatiseer. Drome kan dus gesien word as gekamoeefleerde boodskappe. Die boodskap bestaan, dit is 'n boodskap oor hoe die persoon bestaan, oor die aard van die persoon se bestaan. Sinay (1997:100) maak die volgende voorstelle wanneer daar gewerk word met 'n persoon se droom:

- Vertel die droom in die eerste persoon en teenwoordige tyd, asof jy dit nou droom,
- Watter deel van die droom is minder soos jy? Watter deel is die moeilikste om mee te identifiseer?,
- Gaan terug na die droom en praat soos daardie deel, in die teenwoordige tyd en die eerste persoon,
- Gee die droom jou enige boodskappe? Is daar enige iets van die droom wat jy erken in jouself?,
- Wanneer die droom sy betekenis aan jou gekommunikeer het, plaas dit in die leë stoel en druk jou dankbaarheid uit daarteenoor. Is daar enige ander iets wat jy wil sê vir jou droom, doen dit.

Rainwater (O'Leary,1998:77) stel voor dat die persoon die gevoel van die droom opmerk: deur die gevoelstoon te identifiseer kan die sleutel tot die betekenis wees. Die dromer kan op die volgende vrae fokus, naamlik:

- Wat voel jy? Wat doen jy in die droom?,
- Wat wil jy hê in die droom?,
- Wat is jou verhouding met ander objekte of persone in die droom?,
- Watter aksie kan jy nou inneem?,
- Wat sê jou droom vir jou?.

4.5 Beperkinge en positiewe aspekte van gestaltterapie

Volgens Hatcher & Himmelstein (1978:727) is die meeste onmiddellike beperking van gestaltterapie die terapeut se vaardighede, opleiding, ervaring en oordeel wat sy benodig om gestaltterapie suksesvol te praktiseer. Sonder die nodige vaardighede kan die terapeut die individu onvoltooid, oop en kwesbaar laat voel. Lennox (1982:73) stem ook saam met hierdie siening.

Nog 'n vraag wat ontstaan, is wanneer, met wie en in watter omstandighede gestaltterapie gebruik moet word. Gestaltterapie is effektief met beperkte individue. Volgens Thompson & Rudolph (2000:182) moet 'n ander benadering as gestaltterapie gebruik word indien die individu ernstig versteur is.

Laura Perls (1992:56) noem dat gestaltterapie misverstaan word deur individue wat op die uitkyk vir wonderwerkresultate is, want “wonderwerke” kan 'n tekort aan respek vir die individu se huidige situasie toon en lei baie keer na 'n negatiewe terapeutiese respons. Die terapeut moet dus versigtig wees om nie te vinnig die individu te manipuleer na waarheen die terapeut dink die individu moet wees nie.

Positiewe aspekte en groter optimisme vir gestaltterapie word gevind in boeke van Oaklander (1988). In haar boek beskryf Oaklander (1988) verskeie tegnieke wat sy aangeneem het vir terapie met kinders en beveel projeksie aan met behulp van kuns en verskeie ander vorme van media as metodes om die kind se bewustheid te verhoog. Pavio & Greenberg (1995:423) het in 73% van hulle respondente wat gestaltterapie ontvang het, 'n beduidende verbetering in onopgeloste, onvoltooide sake gevind. Dit dui dus daarop dat indien gestaltterapie reg toegepas word, dit 'n effektiewe benadering is tot interpersoonlike probleme.

'n Maatskaplike werker luister baie keer na 'n kliënt se onthullings van een pynvolle ervaring na die ander in die sy / haar lewe. Om die kliënt egter te vra, soos vanuit gestaltterapie, wat sy nou ervaar, wil hê, en voel kan egter waardevolle inligting na vore

bring (Turner, 1986:73). Dit moedig ook aanvaarding in die ek-jy verhouding aan en vereis deelname van die terapeut ten einde dit te voorkom dat die terapeut soos 'n robot optree met nie-kreatiewe intervensiemetodes.

4.6 Speltherapie as kommunikasiemedium

In 1997 het die Raad van Direkteure van die Internasionale Vereniging vir Speltherapie die volgende definisie vir speltherapie ontwikkel, naamlik: “Play therapy is the systematic use of a theoretical model to establish an interpersonal process wherein trained play therapists use the therapeutic powers of play to help clients prevent or resolve psychosocial difficulties and achieve optimal growth and development.” (O'Connor, 2000:7). Dit beteken dat die spelterapeut poog om die kind se vermoë om deel te neem aan gedrag wat genotvol, persoonsgeoriënteerd, buigbaar, nie-instrumenteel en natuurlik is, te verhoog.

Speltherapie word deur West (1996:15) as volg beskryf: “Playtherapy is a holistic approach, using play as a means of ‘helping’, in a non-invasive way, the physical, spiritual, emotional and cognitive aspects, both conscious and unconscious, taking account of the past, present and future of the ‘whole’ child”. Speltherapie is 'n psigoterapeutiese tegniek waartydens die terapeut poog om die kind die geleentheid te gee om haar gevoelens verbaal en nie-verbaal uit te druk (Blom, 2004:5). Aangesien spel gesien kan word as 'n sentrale ontwikkelingsproses, voorsien dit 'n belangrike verbinding tussen begrip vir gesonde ontwikkeling en die kliniese proses (Tudor, 1991:15).

Speltherapie is 'n hulpinteraksie tussen 'n opgeleide volwassene en 'n kind wat poog om die kind se emosionele nood te verlig deur die simboliese kommunikasie van spel (Webb, 1999:30). Die aanname is dat kinders hulle emosionele konflikte sal uitdruk en deurwerk binne die metafoor van spel. Die terapeut help nie net om verligting van kliniese simptome te bring nie, maar werk ook na die verwydering van stremminge vir die kind se verdere ontwikkeling, sodat die vooruitsig vir die kind se toekomstige groei bevorder word. Speltherapie betrek ook die adolessent se gevoelens, nie net die adolessent se gedrag nie (West, 1996:15).

Die terapeutiese doel van speltherapie is baie meer as net om met 'n kind of adolessent te speel. Deur die interpersoonlike interaksie met die terapeut, ervaar die adolessent aanvaarding, katarsis, vermindering van problematiese gevolge, nasending van impulse en 'n middel tot emosionele ervaring (Webb, 1999:30). Deur die kind en adolessent te ondersteun om te verbaliseer is een van die doelwitte van speltherapie. Die kind of adolessent se vermoë om te verbaliseer hang af van die kind of adolessent se ouderdom en vlak van kognitiewe ontwikkeling. Spel is 'n veilige toevlug wanneer die kind of adolessent angstig word en die behoefte ontwikkel om van verbale verbindings van haar lewe te onttrek.

Adolessente is kundig daarin om weg te skram van emosionele pyn en om sake verwant aan die pyn te vermy. Vir terapie om egter effektief te wees, moet die adolessent gehelp word om te fokus op die relevante sake met verhoogde bewustheid en om die geassosieerde pyn te ervaar (Geldard & Geldard, 2002:100). 'n Kind sal slegs gefokus bly op die sake en emosies relevant aan haar storie, indien die terapeut geskikte terapievaardighede gebruik sodat die kind se bewustheid van die relevante sake en emosies verhoog word. Aangesien kinders dit moeilik vind om oor problemsituasies te praat moet die terapeut teen die kind se pas beweeg en die kind uitnooi om haar storie te vertel, maar moet ook terselfdertyd 'n omgewing skep waarin die kind in staat voel om haar storie te vertel selfs al is dit pynvol (Geldard & Geldard, 1999:100).

Die balans tussen verbale interaksie en spelinteraksie sal geleidelik verskuif soos 'n kind ouer word (Webb, 1999:32). In die voorskoolse jare sal spel gewoonlik domineer bo verbalisasie, waar die teenoorgestelde situasie moontlik sal voorkom wanneer die kind puberteit bereik. Daar is egter geen vaste reëls hieroor nie; kunstegnieke kan byvoorbeeld as 'n medium vir terapie gebruik word dwarsdeur die lewenspan, so ook bordspeletjies en visualiseringstegnieke. Die geleentheid om te speel moet beskikbaar wees om die simboliese uitdrukking van ervarings wat te moeilik is om te verbaliseer, te fasiliteer.

Speltherapie bied aan die adolessent die unieke verhouding met 'n objektiewe volwassene wat haar aanvaar en wat gewoonlik nie betrokke is in ander aspekte van die adolessent se lewe nie (West, 1996:16). Speltherapie kan dus volgens die navorser gesien word as die terapeutiese metode en hulpmiddel wat die terapeut benut, om deur middel van verskillende spelvorme en spelmediums, die geleentheid tot kommunikasie met die adolessent te bewerk.

4.7 Doelwitte van speltherapie

Die primêre doelwitte van speltherapie is om die adolessent te help om haar konflikte en angs uit te druk deur die medium van spel in die konteks van 'n terapeutiese verhouding (Webb, 1999:32). Die terapeut se bewuste leiding van die kind se spelaktiwiteit gee dit doel, betekenis en waarde in die behandeling. Amster (in Webb, 1999:32) noem die volgende doelwitte van speltherapie:

- Ondersteun assesserings,
- Help in die vestiging van 'n terapeutiese verhouding,
- Voorsien 'n medium om deur verdedigingsmeganismes te werk en om angstigheid te hanteer,
- Help die kind of adolessent om onbewustelike materiaal uit te druk en om die gepaardgaande stressors te verlig.

Elke adolessent se situasie is uniek en daarom sal die werk met elke individuele adolessent verskillende beklemtoning hê, afhangende van die adolessent se probleem, situasie en behoeftes (Webb, 1999:32). Blom (2004:50-53) identifiseer die volgende doelwitte van gestaltspeltherapie, naamlik:

- Om die adolessent se bewustheid te verhoog, ten einde hulle vermoë om te lewe in die hier-en-nou te verhoog,
- Om die adolessent te leer om selfondersteunend te wees deur verantwoordelikheid vir haarself te aanvaar en om die bereiking van persoonlike integrasie te fasiliteer.

Die terapeut moet doelwitte stel wanneer daar met kinders terapie gedoen word en moet ook duidelike idees hê oor hoe hierdie doelwitte bereik kan word. Die bereiking van doelwitte is nie net afhanklik van die media wat gebruik word nie, maar is ook afhanklik van die kind-terapeut verhouding. Geldard en Geldard (2002:6) identifiseer 4 vlakke waarin doelwitte gestel kan word, naamlik:

- Vlak een doelwitte is fundamentele doelwitte wat van toepassing is op alle kinders in terapie. Byvoorbeeld: “Om die kind in staat te stel om pynvolle emosionele sake te hanteer en om die kind in staat te stel om goed te voel oor haarself.”
- Vlak twee doelwitte is doelwitte wat deur die ouers gestel word wanneer hulle die kind bring vir terapie. Byvoorbeeld: “Om die kind se aggressiewe gedrag teenoor haar suster te verminder.”
- Vlak drie doelwitte sluit doelwitte in wat deur die terapeut geformuleer word. Die terapeut kan dus die hipotese stel dat die aggressiewe gedrag ‘n gevolg is van die seksuele misbruik en daarom die doelwit stel om die kind se onvoltooide sake ten opsigte van die seksuele misbruik aan te spreek.
- Vlak vier is die kind se doelwitte wat na vore kom tydens terapeutiese sessies. Dit is dus volgens die navorser belangrik dat die terapeut die kind se voorgrondbehoefte tydens sessies in ag moet neem.

4.8 Die rol van die spelterapeut

Die spelterapeut is ‘n unieke volwassene in kinders se lewens, uniek omdat die terapeut reageer terwyl sy die begeerte om te rig, te leer of te druk beheer en daarteenoor reageer op ‘n manier wat die kind se natuurlike behoefte tot selfdireksie toelaat (Landreth, 1991:87). Spel terapie moet nooit ligtelik opgeneem word nie, voldoende opleiding en supervisie is noodsaaklik, asook die regte persoonlike kwaliteite wat die terapeut in staat stel om die adolessent te ondersteun en te aanvaar (West, 1996:148).

Die terapeut moet in staat wees om op die kind of adolessent se vlak van funksionering te werk. Volgens Van der Merwe (1996a:9) moet die terapeut se eie kindskap nie ver weg en onwerklik voel nie, maar moet sy in staat wees om haar eie vrese, gevoelens en vrae duidelik te herroep. Die terapeut moet dus in kontak met die kind in haar (“inner child”) wees en moet in staat wees om weer die rol van ‘n kind in te neem. Die terapeut moet die kuns van professionaliteit gekombineerd met genot en spontaneïteit vervolmaak. Speltherapeute is “snaakse” mense, nie omdat hulle humor skep nie, maar “snaaks” omdat hulle ‘n nuwe en ander soort volwasse verhouding skep vir die kind om te ervaar. Die teenwoordigheid van spelmedia dra by tot die skepping van hierdie verhouding wat die unieke geleentheid vir kommunikasie en verhoudingontwikkeling, voorsien (Landreth, 1991:88). Afhangende van die adolessent se behoeftes neem die terapeut of ‘n passiewe waarnemende of ‘n aktiewe deelnemende rol in. Webb (1999:41) bespreek die volgende funksies van die speltherapeut, naamlik:

- Ontwikkel ‘n terapeutiese verhouding,
- Help die adolessent met begrip,
- Verbind begrip met gevoelens,
- Verminder problematiese gevoelens,
- Werk deur verdedigingsmeganismes,
- Vind meer aanvaarbare maniere om emosies uit te druk.

Terwyl hierdie rollefunksies uitgevoer word, kan die terapeut in die volgende aktiwiteite betrokke raak, naamlik:

- Waarneming van die adolessent,
- Vra aan die adolessent om die spelaktiwiteit te beskryf,
- Stel motivering of gevoelens voor in die konteks en metafoor van spel,
- Fokus op die adolessent se gevoel of gedrag,
- Word deel van die spel,
- Stel grense wanneer dit nodig word.

Die rol van die terapeut is kompleks. Die terapeut moet poog om die temas en onderliggende betekenis van die adolessent te verstaan ten einde kommunikasie te voorsien wat die adolessent se gevoelens waardeer, terwyl 'n nuwe visie ook gedeel word om die adolessent te help deur haar wroeginge (Webb, 1999:41). Volgens Landreth (1991:91) is die effektiewe spelterapeut objektief genoeg om die kind toe te laat om 'n aparte persoon te wees en is buigbaar in die aanvaarding en aanpassing tot die onverwagte met 'n houding van gewilligheid om ontvanklik vir die nuwe te wees. Die terapeut het 'n opregte waardering vir die wêreld van die kind en haar ervarings. Die waardering word gekarakteriseer deur 'n sensitiewe begrip van, belangstelling in, en sorg vir kinders. Die effektiewe spelterapeut erken persoonlike grense en aanvaar dit sonder om bedreig en nie goed genoeg te voel nie. Van der Merwe (1996a:10) identifiseer karaktereenskappe van terapeute wat met kinders en adolessente werk as volg:

- Die terapeut moet emosioneel volwasse en gebalanseerd wees, met goeie sosiale funksionering,
- Die kind of adolessent se gedrag is kompleks en die terapeut moet kyk vir weggesteekte boodskappe,
- Die terapeut moet geduldig wees, dit neem tyd om die adolessent se vertroue te wen en om kommunikasievloei daar te stel,
- Die terapeut moet verantwoordelik wees,
- Vriendelikheid en spontaneïteit is nodig vir die bou van 'n vertrouensverhouding,
- Die terapeut moet kalm en eerlik wees asook vertrouenswaardig en betroubaar,
- Die terapeut moet oor selfvertroue beskik en oor die vermoë beskik om goeie besluite te neem,
- Die terapeut moet sensitief wees vir die adolessent se behoeftes en moet ook goeie kommunikasievaardighede beskik,
- Selfkennis bring beheer, begrip en aanvaarding na vore,
- Die terapeut moet kreatief wees en oor die vermoë beskik om te luister.

Volgens West (1996:148) moet die spelterapeut in staat wees om met kinders te kan kommunikeer, moet opreg, empaties, warm en betroubaar wees en moet in staat wees om

op haar eie kindwees te reageer. Kennis waaroor die spelterapeut moet beskik, sluit in: ontwikkelingsfasies van kinders, gevolge van trauma, verlies, mishandeling en verwyderings, kennis van verskillende teorieë en benaderings, bewustheid van sake soos ras, geslag, gestremdheid en mag, asook etiese en wetlike aspekte (West, 1996:148).

Wat belangrik is, is nie die terapeut se wysheid nie, maar wel die wysheid van die kind, nie die terapeut se leiding nie, maar die kind se leiding, nie die terapeut se oplossing nie, maar wel die kind se kreatiwiteit (Landreth, 1991:98). Die kind word daarom aanvaar vir al wat sy is ten einde die kind vry te laat voel om uniek te wees. Die terapeut behou 'n aktiewe rol in die proses van speltherapie, nie in die sin van rigtinggewing of beheer van ervarings nie, maar deur direk betrokke te wees en opreg belangstellend in al die kind se gevoelens, aksies en besluite.

4.9 Die speltherapieproses

Die terapeut betrek die adolessent in 'n terapeutiese proses deur gebruik te maak van vaardighede tesame met media en ander strategieë (Geldard & Geldard, 2002:43). Wanneer daar verwys word na die terapeutiese proses, word daar egter verwys na verskillende prosesse wat in werking gestel moet word voordat terapeutiese verandering sal plaasvind. Geldard & Geldard (2002:43) het die volgende raamwerk saamgestel om 'n oorsig van die totale proses van terapie voor te stel.

Tabel 4.1 Die terapeutiese proses

DIE AANVANKLIKE ASSESSERINGSFASE: (Aanvanklike assessering en voorlopige hipotetiese formulering)		
	• Ontvang verwysingsinligting.	
	• Gesamentlike gesinsessie.	
	• Konstraksluiting met	

	die ouers.	
GESTALTTERAPIE VIR DIE ADOLESENT: (Terapie gaan voort met voortdurende assessering en evaluering.)		
<ul style="list-style-type: none"> • Bou van terapeutiese verhouding. • Vestig veiligheid. 	<ul style="list-style-type: none"> • Selekteer die geskikte media. 	
<ul style="list-style-type: none"> • Adolessent se proses. 	<ul style="list-style-type: none"> • Sluit by die adolessent aan. 	
<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik projeksie. • Gebruik vaardighede en kies media om inligting te verkry. • Bring kind in kontak met emosies. • Herevalueer die tipe media wat gebruik word. 	<ul style="list-style-type: none"> • Nooi die adolessent uit en stel haar in staat om haar storie te vertel 	<ul style="list-style-type: none"> • Hanteer weerstand. • Hanteer oordrag.
<ul style="list-style-type: none"> • Tydens projeksie assesser kontakgrensversteurings en onvoltooidhede. 	<ul style="list-style-type: none"> • Stel die adolessent in staat om uitlating aan emosies te gee en om onopgeloste sake op te los. 	
<ul style="list-style-type: none"> • Hanteer weerstand. 	<ul style="list-style-type: none"> • Bemagtig die adolessent. 	
<ul style="list-style-type: none"> • Bespreek alternatiewe • Hanteringstrategieë. 	<ul style="list-style-type: none"> • Help die adolessent om anders te dink. 	
<ul style="list-style-type: none"> • Neem verantwoordelikheid vir eie lewe. • Selfvertroeteling • Benut ander rolle en steunstelsels 	<ul style="list-style-type: none"> • Help die adolessent om anders op te tree. 	

HERSIEN VAN TERAPEUTIESE RESULTATE		
• Perls se lae van funksionering.	• Finale assessering en evaluasie.	
	• Terminering.	

(Geldard & Geldard, 2002:43) soos aangepas.

Volgens West (1996:101) beweeg kinders tydens spel terapie gewoonlik deur vier fases, waarvan die volgorde van die eerste drie soms kan varieer. Die terapeutiese proses kom nie outomaties na vore nie en hang gedeeltelik van die terapeutiese verhouding tussen die kind en die terapeut af. In praktyk is die kind se beweging deur die fases nie altyd so duidelik nie. Die terapeut moet konstant en sensitief tot die kind se gevoelens reageer, die kind se houding aanvaar, in die kind glo en die kind respekteer. West (1996:101-102) onderskei tussen die volgende vier terapeutiese fases, naamlik:

- Fase 1: Die kind se gedrag is oordadig of beperk, vanpas en onvanpas. Die terapeutiese taak is om 'n terapeutiese verhouding te bou.
- Fase 2: Die kind se gevoelens fokus op definitiewe persone en dinge buite die kind. Dit kan blyk dat die kind se gedrag vererger.
- Fase 3: Positiewe gevoelens begin te toon, maar baie ambivalensie kom voor.
- Fase 4: Realistiese denke kom sterker voor. Die kind voel beter binne en is meer in staat om die lewe se veranderinge te hanteer. Die kind ontwikkel 'n ouderdoms- vanpaste verhouding met die terapeut.

Volgens Landreth (1991:17) is fases in die spel terapie proses die resultaat van gedeelde interaksie tussen die terapeut en die kind, in die nie-bedreigende omgewing van die speelkamer. In hierdie unieke verhouding waarin die unieke aard en individualiteit van die kind aanvaar en waardeer word, ervaar die kind toestemming om die horisonne van die self uit te brei. Hierdie ervaring en uitbreiding van die moontlikhede van die self kom baie keer voor in die fases van verandering in die ontwikkelende spel terapie proses.

4.10 Speltherapietegniese

Verskillende speltherapietegniese wat in die empiriese studie met adolessente benut gaan word, sal vervolgens kortliks bespreek word:

4.10.1 Kuns of skeppende spel: Klei / Tekeninge

Kuns is alreeds vanaf die 1940's erken as 'n nuwe vorm van terapie (Shapiro, 1994:48). Kuns (visuele kuns, drama, musiek en dans) kan die kind help om haar gevoelens uit te druk en kan die kind help om ervaringe te bemeester en te hanteer. Kuns kan die geleentheid voorsien om visuele, gehoor en motoriese areas te versterk. Met behulp van kuns kan die kind haar wêreld orden, sin maak van wat sy weet, ervaringe van die verlede in verhouding bring met die hede en spieraktiwiteite omsit in denke, en idees omsit in aksies (Shapiro, 1994:49).

Grafiese en plastiekkunste kan op verskeie maniere toegepas word en belangstelling lok by kinders en volwassenes van alle ouderdomme (Webb, 1999:34). Deur die adolessent byvoorbeeld by bespreking van visuele prente van gevoelens te betrek, kan die adolessent geleidelik bewus word van geassosieerde gevoelens en dit verlig die adolessent van die druk om herhaaldelik haar gevoelens te onderdruk. Die kern van terapie vanuit die gestaltbenadering is die verhoging van bewuswording. (Vergelyk O'Leary, 1998:14; Sinay, 1997:104.)

Bewustheid is die proses van erkenning en waarneming van wat die persoon doen, voel, dink asook wat haar liggaamsensasies is (Passons, 1975:47). Vir die doeleindes van die sessies met die adolessent het die navorser ook die meeste aktiwiteite laat illustreer deur 'n kunstenaar. Sodoende word die adolessent se belangstelling dadelik geprikkel, inligting word visueel bevestig, bewuswording word verhoog en kan sake op 'n nie-bedreigende manier bespreek word. Die illustrasies van die karakters is ook dié van adolessente en daarom kan die adolessent daarmee identifiseer. Voorgestelde kunstoerusting wat

gebruik word in die speltherapieprogram is inkleurpotlode, kryte, papier, 'n skêr, prit, ink en tydskrifte waaruit prente geknip kan word en klei.

As 'n spieël van die adolessent se innerlike wêreld is materiaal soos klei van onskatbare waarde (West, 1996:83). Hierdie materiaal vereis nie gesproke taal nie en lewer die adolessent se innerlike, kreatiewe drange op. Klei voorsien 'n veilige uitlatingsklep vir aggressiewe gevoelens, aangesien klei gedruk, gesteeek of gesny kan word om die vorm in te neem wat die adolessent begeer (Webb, 1999:35). Klei stel die adolessent in staat om kreatief te wees. Gedurende hierdie kreatiewe aktiwiteit, is gevoelens geneig om na vore te kom en om deur die aktiwiteit uitgedruk te word (Geldard & Geldard, 2002:156).

Projeksie is 'n verdedigingsmeganisme, waartydens gedagtes of gedrag wat onvaarbaar vir die self is op 'n aanvaarbare manier na vore gebring word, deur dit aan ander mense of voorwerpe toe te skryf (Patterson, 1980:311). Deur die adolessent te vra om kleivoorstellings te maak om mense, voorwerpe, gevoelens en enige iets in haar lewe te simboliseer, word die adolessent met die geleentheid voorsien om haar storie te vertel (Geldard & Geldard, 2002:156). Aangesien klei aan die adolessent die geleentheid bied om uitdrukking aan interne prosesse te gee wat voorkom soos sy haar storie vertel, voorsien dit 'n verbinding tussen die innerlike prosesse van die adolessent met die terapeut. Die terapeut kry dus die geleentheid om die adolessent aan te moedig om haar emosies uit te druk en dit sodoende aan te spreek.

Die navorser maak gebruik van klei in die speltherapieprogram. Tydens 'n selfbeeldaktiwiteit waartydens die adolessent se naam bespreek word, vra die navorser aan die adolessent om 'n kleivoorstelling van haar naam te maak. Die navorser modelleer gewoonlik die aktiwiteit en maak 'n berg wat "Mount Etna" die vuurspuwende berg in Italië voorstel, aangesien die navorser se naam Etna is. Daarna kry die adolessent die geleentheid om 'n kleivoorstelling van haar naam te maak en te verduidelik waarom sy die spesifieke voorstelling gemaak het. Klei is geskik vir projeksie aangesien dit ongestruktureerd is (Schaefer & Cangelosi, 1993:144). Nog 'n aktiwiteit waartydens die navorser van klei gebruik maak in die speltherapieprogram, behels kleivoorstellings. Die

navorser gee aan die adolessent die opdrag om 'n kleivoorstelling te maak van iets wat haar onderskeidlik hartseer, gelukkig, bly of bang laat voel en bespreek dit dan met die adolessent.

Klei stel die adolessent in staat om kreatief te wees en laat die adolessent toe om 'n wye verskeidenheid emosies uit te druk. (Vergelyk Oaklander, 1988:69; Geldard & Geldard, 2002:156.) Die terapeut kan ook die adolessent se proses waarneem, byvoorbeeld werk sy versigtig en saggies met die klei of werk sy aggressief en frustreerd. Die emosie wat die adolessent onderdruk is dus geneig om na buite uitgedruk te word deur middel van klei met 'n katarsiseffek. Werk met klei word nie beperk deur ouderdom of geslag nie, dit laat sensoriese-motoriese terapie toe en bevorder visuele-motoriese koördinasie, ruimtelike waarneming en kommunikasie (Yaretzky & Levinson, 1996:77). Klei is goedkoop, maklik verkrygbaar, maklik om te stoor en die resultate met klei is onmiddellik en veranderlik. Vanuit 'n emosionele standpunt is kleiwerk stimulerend en laat verligting van spanning en uitdrukking van gevoelens toe.

In die speltherapieprogram word die adolessent betrek deur eenvoudige tekeninge te maak. In 'n aktiwiteit waartydens die reaksie van betekenisvolle persone na onthulling van die seksuele misbruik bespreek word, maak die navorser van tekeninge gebruik. Die navorser vra byvoorbeeld aan die adolessent om die gevoel in te teken wat sy ervaar het as gevolg van haar moeder se reaksie. Die buitelyne van die gesig, hare en ore is reeds geteken, die adolessent moet net die oë, neus en mond inteken om die gevoel uit te beeld. Sodoende word bewustheid van gevoelens in die hier-en-nou verhoog met behulp van 'n tekening. Van der Merwe (1996c:138) lys die volgende voordele van kreatiewe spel, naamlik:

- Kreatiewe spel vestig gesprek tussen die terapeut en die adolessent en bevorder kommunikasie,
- Dit is 'n manier om inligting in te samel oor die adolessent se wêreld. Dit kan inligting wees wat die adolessent nie kan verbaliseer nie,
- Kreatiewe spel kan gebruik word vir assessering of vir direkte terapie,

- Kreatiewe spel bied aan die adolessent geleentheid vir ondersoek en ontlading van gevoelens, dit word baie keer gevolg deur persoonlike groei aangesien dit verandering aktiveer en lei na begrip,
- Wanneer 'n adolessent geprys word vir haar kreatiwiteit kan haar selfbeeld verbeter en kan sy 'n gevoel van sukses ervaar,
- Deur kreatiewe spel, kan die terapeut die adolessent wat emosioneel geblokkeer is, bereik,
- Kreatiewe spel kan dien as 'n terapeutiese metafoor.

Volgens Oaklander (1988:53) is haar doel met tekeninge om die kind te help om bewus te word van haarself en haar bestaan in haar wêreld. Oaklander (1988:53) maak die volgende voorstelle wanneer die tekeningetegniek gebruik word ten einde te demonstreer dat die moontlikhede oneindig is waarop die sessie aan die een kant gerig en gelei kan word en om aan die ander kant die kind se leiding te volg. Die terapeutiese proses kan volgens Oaklander (1988:53) soos volg ontwikkel:

- Om aan die kind te vra om haar ervarings om te teken te deel – hoe sy gevoel het oor die taak en hoe sy dit benader en voltooi het, haar proses. Dit behels om te deel van haarself.
- Om die kind te vra om die prent op haar manier te beskryf.
- Op 'n dieper vlak, om die kind se selfontdekking verder te bevorder deur aan haar te vra om uit te brei oor die dele van die prent, om dele meer duidelik te maak en om kleure, vorme, voorwerpe en mense te beskryf.
- Om aan die kind te vra om die prent te beskryf asof die prent die kind was, deur die woord “ek” te gebruik.
- Om spesifieke aspekte in die prent te kies waarmee die kind kan identifiseer: “Wees 'n blou vierkant en beskryf jouself verder, byvoorbeeld wat jou funksies is.”
- Vra aan die kind vrae om die proses te ondersteun: “Wat doen jy?” of “Wie gebruik jou?”.
- Fokus die kind se aandag en verhoog haar bewustheid deur dele van die prent te vergroot of te oordryf.

- Betrek die kind by kommunikasie tussen twee dele van haar prent.
- Moedig die kind aan om aandag te gee aan kleure: “Wat beteken helder kleure vir jou?” of “Wat beteken donker kleure vir jou?”
- Luister vir leidrade in die kind se stemtoon, liggaamshouding of gesigsuitdrukking, asemhaling of stiltes. Stilte kan vrees, om te dink, repressie of om te onthou beteken.
- Om te werk met identifikasie, kan die kind help om te “besit” wat bespreek is oor die prent, byvoorbeeld: “Het jy al so gevoel?”
- Om die prent daar te laat en om te werk op die kind se lewensituasie en onvoltooide sake wat voortgekom het uit die prent. Die terapeut kan byvoorbeeld vra: “Is dit so in jou lewe?”
- Wees op die uitkyk vir verlore dele of spasies in die prent en gee aandag daaraan.
- Bly by die kind se voorgrondvloei of gee aandag aan jou eie voorgrond (waarin jy belangstel, of geniet) of maak gebruik van teenoorgesteldes.

Om te skryf kan ook verskeie terapeutiese funksies vervul. Dit kan insig met betrekking tot die adolessent se kognitiewe strukture, gebruik van taal, verbale vermoëns en verbeelding voorsien (Shapiro, 1994:49). Om te skryf kan die adolessent help om gevoelens, beelde en vae denke te formuleer wat andersins buite die adolessent se bewustheid bly. Dit kan ‘n nuwe dimensie in die terapie voeg as ‘n hulpmiddel tot selfbewustheid en interpersoonlike kommunikasie (Shapiro, 1994:49).

4.10.2 Bibliospel

Stories kan vertel, gelees of gekyk word. Hierdie tegniek betrek afstand, identifikasie en projeksie (Webb, 1999:37). Die navorser maak verskeie kere gebruik van bibliospel en vind dat dit baie effektief is tydens werk met adolessente wat seksueel misbruik is. Die navorser stem saam met Webb (1999:37) dat met behulp van storievertelling ‘n veilige afstand geskep word waartydens die adolessent met verskeie aspekte van die storie kan identifiseer en bewuswording geskep word asook die geleentheid om dit op ‘n nie-

bedreigende manier te bespreek. Pardeck (1991:203) beskryf die volgende beginsels van bibliospel, naamlik:

- Die terapeut moet bekend wees met die materiaal wat sy gebruik,
- Die terapeut moet bewus wees van die lengte van die materiaal en baie ingewikkelde materiaal moet vermy word,
- Die adolessent se probleem moet oorweeg word, en die leesmateriaal moet toegepas kan word volgens die probleem, maar dit hoef nie identies te wees nie,
- Die adolessent se leesvermoë moet bekend wees aan die terapeut en moet die keuse van die materiaal rig,
- Die adolessent se emosionele en kronologiese ouderdom moet gereflekteer word in die vlak van die gesofistikeerdheid van die materiaal,
- Audio-visuele materiaal moet oorweeg word indien leesmateriaal nie beskikbaar is nie.

In die spelterapiëprogram maak die navorser onder andere gebruik van 'n lewensverhaal van Meryl, wat deur haar kêrel verkrag is en wat haar ervaringe en gevoelens beskryf asook hoe sy dit bemeester het. Die adolessent kry dus weereens op 'n nie-bedreigende manier die geleentheid om te identifiseer met Meryl se gevoelens, byvoorbeeld wantroue of skuldgevoelens, en kan bespreek op watter maniere sy dieselfde of anderse ervaringe en gevoelens as Meryl gehad het. Die storie verhoog dus bewuswording van gevoelens in die hier-en-nou en insig in die hantering daarvan. Dit is die navorser se opinie dat dit belangrik is dat die adolessent moet kan identifiseer met die karakters in die storie. Die aktiwiteit gee ook aan die terapeut die geleentheid om die impak van die voorval op die adolessent te assesser, om verdere doelwitte vir die terapie daar te stel en om alternatiewe probleemoplossingstrategieë te bespreek.

Alhoewel die tegnieke om die adolessent se innerlike wêreld met behulp van kuns en stories te ontdek bedrieglik eenvoudig voorkom, sal die terapeutiese bestuur van en reaksie op die adolessent se onthullings afhang van 'n indiepte begrip van kinderontwikkeling, die adolessent se tipiese reaksies op stres, en die aard van simboliese

kommunikasie (Webb, 1999:38). Die terapeut moet dus voortgaan met “oop oë”, en met respek vir die waarde van die adolessent asook die mag van kuns. Die terapeut moet ook deurgaans bewus wees van die adolessent se nie-verbale kommunikasie.

Die navorser betrek ook in praktyk adolessente by storievertelling deur aan die adolessent ‘n prent te gee en te vra om ‘n storie daarvoor op te maak en dit te vertel. Om die ys te breek, neem die navorser ook ‘n prent en vertel eerste ‘n storie. Een adolessent wat van te vore by die navorser was, het gevra dat die navorser haar storie moet tik en sy het dit by ‘n talentaand voor ander kinders gelees. Sy het ‘n prys gewen met haar storie. Volgens Oaklander (1988:85) is die adolessent se storie ‘n projeksie en sal iets van die adolessent se lewensituasie reflekteer. Elke storie moet afsluit met ‘n les of moraal wat voortvloei vanuit die storie. Wanneer die tegniek gebruik word moet die terapeut egter iets weet van die adolessent se lewe om vinnig die hooftema van die adolessent se storie te verstaan.

In die spelterapiëprogram betrek die terapeut ook die adolessent by hipotetiese situasies deur aan die adolessent ‘n prent te gee wat ‘n situasie uitbeeld en sy moet soveel moontlike verduidelikings vir die gebeure noem. Die terapeut kry sodoende ook geleentheid om die adolessent se kognitiewe vermoë te assesser. Volgens Meyer (1998:203) is die ses hoofdoelwitte van biblioterapie die volgende:

- Om inligting te voorsien,
- Insig te ontwikkel,
- Om oplossings te bereik,
- Om bespreking van probleme te stimuleer,
- Om nuwe waardes en houdings te kommunikeer,
- Om die kliënt te help om te sien hoe ander soortgelyke probleme moes hanteer.

4.10.3 Ontspanningspel of assesseringspel: Bordspeletjies

Soos die kind ouer word, neem fantasiespel natuurlik en geleidelik af in die middelkinderjare soos sy meer werklikheid-georiënteerd word en begin sy voorkeur aan georganiseerde speletjies gee (Webb, 1999:39). Volgens Van der Merwe (1996b:81) word daar wyd erkenning gegee aan bordspeletjies weens die terapeutiese en ontspanningswaarde daarvan, en bring dit 'n baie belangrike element, naamlik genot, na die terapie. Bordspeletjies vereis selfdissiplinerings (wag tot dit jou beurt is), samewerking en die gehoorsaming van reëls. Baie terapeute is onbewus van die terapeutiese potensiaal van bordspeletjies vir skoolgaande kinders en adolessente, en baie terapeute assosieer speltherapie met die kliniese gebruik van sensories-motoriese en fantasiespel met jong kinders. Volgens Geldard & Geldard (2002:202) kan speletjies deur terapeute gebruik word om:

- 'n Terapeutiese verhouding te bou met 'n adolessent wat weerstand toon,
- Die adolessent te help om beperkinge en haar verwagtinge van ander te ondersoek,
- Die adolessent die geleentheid te bied om haar sterk- en swakpunte met betrekking tot haar fyn- en grootmotoriese vaardighede 'n visueel-perseptuele vaardighede, te ontwikkel,
- Die adolessent met die geleentheid te voorsien om haar vermoë om te konsentreer asook haar uithouvermoë, te ondersoek,
- Die adolessent te help om sosiale vaardighede soos samewerking en geskikte response op teleurstellings, mislukkinge en sukses, in te oefen,
- Die adolessent te help om probleemoplossings- en besluitnemingsvaardighede in te oefen,
- Aan die adolessent die geleentheid te bied om te leer oor spesifieke sake of lewensgebeure soos die verkragtingsdwelms.

Die waarde van die gebruik van bordspeletjies met kinders en adolessente word in professionele literatuur aangevoer (Webb, 1999:39). Kinderterapeute sien bordspeletjies as 'n manier om te assesser (deur te kyk hoe die adolessent speel), as 'n geleentheid om

egofunksies te verhoog (deur die adolessent te help om selfbeheer en frustrasievlakke te bemeester) en as 'n natuurlike toets om die adolessent se sosialiseringvaardighede te verbeter. Volgens Van der Merwe (1996b:98) is dit moontlik om die adolessent se denke, gevoelens en gedrag, verbale vaardighede, aandagspan, persepsie, liggaamstaal, vermoë om gevoelens uit te druk en ontwikkelingsvlak met bordspeletjies waar te neem. Volgens Geldard & Geldard (2002:200) is speletjies, vanuit 'n terapeutiese perspektief, 'n bruikbare manier om kinders wat skaam is of weerstand toon te betrek by die terapeutiese verhouding.

Gestandaardiseerde kommersiële bordspeletjies of bordspeletjies wat spesifiek vir terapeutiese doelwitte ontwerp is, kan gebruik word. Kinders en adolessente se reaksie daarop, om te wen of om te verloor en pogings om die reëls te verander of om selfs te verkul, word alles sake wat bespreek kan word tydens terapie. (Vergelyk Van der Merwe, 1996b:81; Webb, 1999:39.) Volgens Webb (1999:39) voorsien bordspeletjies 'n interaksie-ervaring wat gesamentlik geniet kan word en dit kan die kind en adolessent se ego verbeter. Bordspeletjies help ook met die ontwikkeling van kommunikasie tussen die terapeut en die adolessent (Van der Merwe, 1996b:81). Speletjies is 'n goeie manier om die adolessent se egosterkte uit te daag en te ontwikkel (Geldard & Geldard, 2002:200). In speletjies moet die adolessent sake in die gesig staar soos om te verloor, om te verkul, beurte te maak, om by reëls te hou en om te misluk.

Die navorser maak gebruik van bordspeletjies as ysbrekers tydens aanvang van die sessies ten einde die adolessent se energievlakke te lig en belangstelling te prikkel. Die navorser maak ook soms van 'n speletjie gebruik, naamlik "Don't panic", waartydens die kind of adolessent binne 12 sekondes na kaarte kyk en moet lees wat geskryf is of watter prent op die kaart is. Die sekondes wat hard aftik, maak die spel senutergend, maar ook uitdagend. Die adolessent kan weer en weer probeer om meer prentkaarte per 12 sekondes te identifiseer en word sodoende bemagtig wanneer sy dit bemeester. Die terapeut kry ook die geleentheid om waar te neem hoe die adolessent stres hanteer en of sy begin paniekerig word. Volgens Yontef (1993:60) is waarneming die kern van gestaltterapieeksperimentering.

Die navorser het ook as deel van die speltherapieprogram 'n bordspeletjie ontwerp, waartydens al die verskillende temas wat tydens die terapie bespreek is, byvoorbeeld selfgeldende gedrag, hantering van woede of die verkrachtingsdwelm, weer op 'n genotvolle manier bespreek word. Indien die adolessent byvoorbeeld die stappe vir selfgeldende gedrag kan noem, kan sy 'n tekenmunt kry en aan die einde kan sy beloon word.

4.10.4 Gedramatiseerde spel: Musiek en drama

Musiek is 'n magtige medium van kommunikasie. 'n Vorm van musiek is deel van omtrent elke persoon se lewe (Shapiro, 1994:53). Deur die gebruik van musiek in 'n veilige en nie-bedreigende omgewing kan die terapeut die adolessent uitnoui om haar gevoelens uit te druk. Musiek kan kommunikasie tussen die adolessent en die terapeut bevorder en kan dus gebruik word in die vestiging van 'n vertrouensverhouding.

Die navorser maak van musiek in die speltherapieprogram gebruik. Die navorser speel verskillende liedjies aan die adolessent en bespreek dan (of sy kan teken of skryf) waaraan die verskillende liedjies haar laat dink of hoe die liedjies haar laat voel en waarom. Die adolessent kry dus geleentheid om kontak te maak met haar gevoelens. Die kommunikasie tussen die terapeut en die adolessent word dus bevorder en die adolessent het keusevryheid ten opsigte van haar response volgens haar ervaringe.

Die terapeut en adolessent identifiseer dan verskillende liedjies wat positiewe gevoelens ontlok en die adolessent word dan aangemoedig om daarna te luister wanneer sy ontsteld of kwaad is, as hanteringsmeganisme. Musiek kan volgens Birkhead (1990:18) gebruik word om ontspanning te bevorder. Musiek kalmeer emosies en kan daarom lei na die uitwissing van innerlike spanning en hewige emosionele response.

Die navorser speel ook gewoonlik sagte agtergrondmusiek tydens sessies om 'n gemaklike atmosfeer te skep. Volgens Schoeman (1996c:45) skep bekende

agtergrondmusiek 'n atmosfeer van veiligheid vir die adolessent. Musiek ontwikkel ook die adolessent se sensoriese persepsie van haar bewustheid van geluide, toonhoogte, spoed, volume of durasie.

Die navorser maak gebruik van drama in die speltherapieprogram deur die gebruik van Perls se leë-stoeltegniek. Die leë-stoel kan 'n ander persoon of 'n deel van die persoon self verteenwoordig met wie die adolessent 'n onvoltooide saak het of interne of eksterne konflik beleef. Deur die adolessent te betrek by kommunikasie met die leë stoel in die hier-en-nou, druk die persoon haar gevoelens teenoor daardie persoon uit. Die navorser moedig ook tydens die speltherapieprogram rollespel aan waartydens sekere aspekte, byvoorbeeld selfgeldende gedrag of voorkomingsfrases wanneer 'n meisie op 'n eerste afspraak gaan, inge oefen word. Van der Merwe (1996d:128) lys die volgende voordele van dramatiese spel, naamlik:

- Dit gee aan die adolessent geleentheid om haar gevoelens te ontlaai terwyl sy nie-bedreigend voel weens die afstand wat die dramatiese spel skep van haar probleem,
- Deur haar ervarige op te voer, kom sy in kontak met realiteit,
- Nuwe en spesifieke rolle kan aangeleer word wanneer dit inge oefen word met behulp van dramatiese spel,
- Dramatiese spel is 'n spesiale middel van kommunikasie tussen die terapeut en die adolessent,
- Die adolessent kan insig ontwikkel in sekere aspekte van haar lewe.

4.11 Samevatting

Gestaltterapie is 'n humanistiese en prosesgeoriënteerde vorm van terapie wat bewustheid in die hier-en-nou en die onmiddellike ervaring beklemtoon. Gestaltterapie, ontwikkel deur Fritz Perls, is gebaseer op die beginsel dat individue hulle eie manier in die lewe moet vind en persoonlike verantwoordelikheid moet aanvaar. Vanuit die siening van gestaltterapie kan die persoon gesien word as 'n holistiese geheel, wat beteken dat die

somtotaal van die persoon se fisiese, emosionele en spirituele aspekte, tale, denke en gedrag meer as hulle komponente is.

‘n Persoon wat goed funksioneer fokus op een behoefte (figuur) op ‘n slag, terwyl ander behoeftes na die agtergrond verplaas word. Wanneer die behoefte bevredig is, die gestalt voltooi is, word dit verplaas na die agtergrond en ‘n nuwe behoefte word die fokus (die figuur). Goeie kontak word gefasiliteer deur bewuswording. Gestaltterapie bring ervaring in die bewustheid. Interne prosesse word oopgemaak terwyl daar gefokus word op liggaamsensasies en beweging. Die gestalttegnieke werk vanuit die hier-en-nou en beklemtoon sensasies, met die doel dat die adolessent bewus sal word van hoe sy haarself voorhoed om haar behoeftes te bevredig en om die gestalt te vorm.

Die model wat Perls gekies het vir die terapeutiese verhouding is die “ek-jy” verhouding, dit is gebaseer daarop dat twee mense saamkom in ‘n atmosfeer waar die terapeut die kliënt respekteer. Speltherapie moet nooit ligtelik opgeneem word nie, voldoende opleiding en supervisie is noodsaaklik, asook die regte persoonlike kwaliteite wat die terapeut in staat stel om die adolessent te ondersteun en om aanvaar te word. Die fases in die speltherapieproses is die resultaat van gedeelde interaksie tussen die terapeut en die kind, in die nie-bedreigende omgewing van die speelkamer. In hierdie unieke verhouding waarin die unieke aard en individualiteit van die kind aanvaar en waardeer word, ervaar die kind toestemming om die horisonne van die self uit te brei.

Enige onvoltooide gestalt is ‘n onvoltooide saak wat oplossing vereis. Onvoltooidhede neem gewoonlik die vorm van onvoltooide en onopgeloste uitgedrukte gevoelens aan. Polariteite kom voor wanneer die individu hoofsaaklik met een stel van die polariteit eienskappe identifiseer en spandeer dus baie meer energie om die pool in stand te hou. Gedurende terapie moet die kind gelei word om bewus te word van haar polariteite en dat beide kante van haar polariteite deel van haar is.

Perls het geglo dat bewustheid nie net die basis van kennis en kommunikasie is nie, maar dit is die proses van erkenning van wat ons dink, voel, aanvoel en doen. Bewustheid sluit

in om die omgewing te ken, verantwoordelikheid te neem vir keuses wat gemaak word, selfkennis, selfaanvaarding en vir vermoë tot kontak. Kontak is die hart van gestaltterapie. Kontak verwys daarna om in aanraking te wees met wat hier-en-nou gebeur, oomblik vir oomblik. Kontak vind plaas wanneer 'n persoon die omgewing gebruik om aan haar behoeftes te voldoen.

Speltherapie is 'n psigoterapeutiese tegniek waartydens die terapeut poog om die kind die geleentheid te gee om haar gevoelens verbaal en nie-verbaal uit te druk. Aangesien spel gesien kan word as 'n sentrale ontwikkelingsproses, voorsien dit 'n belangrike verbinding tussen begrip vir gesonde ontwikkeling en die kliniese proses. Speltherapie is 'n hulpinteraksie tussen 'n opgeleide volwassene en 'n kind wat poog om die kind se emosionele nood te verlig deur die simboliese kommunikasie van spel. Die primêre doelwitte van speltherapie is om die adolessent te help om haar konflikte en angs uit te druk deur die medium van spel in die konteks van 'n terapeutiese verhouding. Die terapeut se bewuste leiding van die kind se spelaktiwiteit gee dit doel, betekenis en waarde in die behandeling.

As 'n spieël van die adolessent se innerlike wêreld is materiaal soos klei van onskatbare waarde. Hierdie materiaal vereis nie gesproke taal nie en lewer die adolessent se innerlike, kreatiewe drange op. Om te skryf kan ook verskeie terapeutiese funksies vervul. Dit kan insig met betrekking tot die adolessent se kognitiewe strukture, gebruik van taal, verbale vermoëns en verbeelding voorsien. Met behulp van storievertelling kan 'n veilige afstand geskep word waartydens die adolessent met verskeie aspekte van die storie kan identifiseer en bewuswording geskep word asook die geleentheid om dit op 'n nie-bedreigende manier te bespreek. Die waarde van die gebruik van bordspeletjies met kinders en adolessente word in professionele literatuur aangevoer. Kinderterapeute sien bordspeletjies as 'n manier om te assesser (deur te kyk hoe die adolessent speel), as 'n geleentheid om egofunksies te verhoog (deur die adolessent te help om selfbeheer en frustrasievlakke te bemeester) en as 'n natuurlike toets om die adolessent se sosialiseringsvaardighede te verbeter.

Die navorser sal in hoofstuk vyf fokus op terapievaardighede, beginsels wanneer gewerk word met adolessente, die politiek van seksuele misbruik en ontwikkelingsaspekte wat oorweeg moet word ten einde die selfpersepsie-elemente en trauma-dinamika-elemente van die adolessente wat seksueel misbruik is, te verbeter. Die verskillende elemente van selfpersepsie en trauma-dinamika wat met die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool gemeet word sal ten slotte ook uiteengesit word.

Hoofstuk 5: Terapievaardighede en beginsels om die trauma-dinamika-elemente en selfpersepsie van die adolessent wat seksueel misbruik is te verbeter.

5.1 Inleiding

Adolessent kom na terapie met verskillende persoonlikhede en probleme, tydens verskillende ouderdomme. Die terapeut moet besluit wat die beste manier is om met elke individuele adolessent te werk. Volgens Wilson, Kendrick & Ryan (1997:66) moet die terapeut tydens aanvangsbeplanning die volgende drie besluite neem, naamlik: die eerste besluit betrek die kind, die aard van haar probleem en of sy gehelp kan word met behulp van individuele terapie, die tweede besluit betrek die aard van die verwysing, en die motivering en verwagtinge van die verwysingsbron en die derde besluit behels die situasie van die terapeut en of dit wat sy die kind kan bied wel die kind se behoeftes sal aanspreek.

Die adolessent wat seksueel misbruik is, kan 'n verhoogde bewustheid en sensitiwiteit tot terapeutiese sessies hê. Hierdie gevoelens moet deur die terapeut erken en saam met die adolessent ondersoek word (Wilson, Kendrick & Ryan, 1997:171). Dit kan sake insluit soos hoe die adolessent die sessies aan haar portuurgroep en ander verduidelik en of sy gestigmatiseer voel deur die terapie. Die terapeut moet ook bewus wees dat die adolessent wat seksueel misbruik is aanvanklik kan voel dat terapie en die seksuele misbruik eienskappe in gemeen het. Die terapeut kan byvoorbeeld aan die adolessent stel dat hulle 'n spesiale verhouding het en dit wat hulle sê of doen moet konfidensieel bly. Dit kan die adolessent herinner aan die geheimhoudingverhouding met die oortreder. Dit is daarom belangrik dat die terapeut privaatheid aan die adolessent bied, maar ook dit duidelik maak dat sy te eniger tyd die sessie kan verlaat of die inhoud van die sessie met 'n vertrouenspersoon kan bespreek.

Terapie met 'n adolessent wat seksueel misbruik is, vereis 'n toegewydheid tot gereelde sessies oor 'n periode van tyd en goeie verslagskrywing van elke sessie. Vir die adolessent om voordeel te trek uit die terapie, moet sy in staat wees om die terapeut se

toegewyldheid ten opsigte van afsprake te kan vertrou (Wilson, Kendrick & Ryan, 1997:73). Met sommige adolessente kan die terapeut 'n direkte en aktiewe benadering inneem, terwyl 'n selfontdekkende, meer indirekte benadering met ander kinders meer bruikbaar is (Geldard & Geldard, 2002:87). James (1989:17) is van mening dat die terapeut direk, oop, intens en met behulp van spel met die kind moet werk ten einde haar te ondersteun om haar verlede asook haar huidige gevoelens en gedrag verwant aan die trauma te aanvaar en om die gedrag wat disfunksioneel is te verander. Aangesien kinders wat seksueel misbruik is, baie keer dit moeilik vind om aspekte van die trauma te verbaliseer, is spel terapie veral geskik om die kinders te help (Bagley & King, 1990:144).

Dit is die navorser se opinie dat indien die terapeut van mening is dat die adolessent baat sal vind by individuele terapie, die terapeut en die verwysingsbron ooreenstem oor die doel en verwagtinge van die terapie en dat die terapeut wel die geskikte persoon is om die adolessent se behoeftes aan te spreek, dat die terapeut oor voldoende kennis moet beskik ten opsigte van terapievaardighede en beginsels tydens terapie met adolessente wat seksueel misbruik is. Die navorser sal daarom in die hoofstuk fokus op terapievaardighede, beginsels wanneer gewerk word met adolessente, die politiek van seksuele misbruik en ontwikkelingsaspekte wat oorweeg moet word ten einde die selfpersepsie-elemente en trauma-dinamika-elemente van die adolessente wat seksueel misbruik is, te verbeter. Die verskillende elemente van selfpersepsie en trauma-dinamika wat met die Kinderfunksioneringsinventaris - Hoërskool gemeet word, sal ten slotte ook uiteensit word.

5.2 Terapievaardighede

Daar is basiese terapievaardighede wat bruikbaar en relevant is vir verskeie fases van die terapeutiese proses. Die terapeut sal tydens terapiessessies die volgende terapeutiese funksies moet uitvoer, waartydens een of meer terapievaardighede betrokke is:

5.2.1 Waarneming

Waarneming begin in die aanvangsfase wanneer die terapeut die adolessent se verhouding met sy of haar ouers, die mate waarin die kind skei van haar ouers en die adolessent se algemene gedrag waarneem. Hierdie waargenome inligting is van groot waarde en help die terapeut besluit hoe om voort te gaan (Geldard & Geldard, 2002:89).

Een manier om effektief waar te neem, is om te stop om aktief deel te neem, terug te staan en aandagtig waar te neem. Terwyl die adolessent, waargeneem word, monitor die terapeut haar eie gedrag ten einde seker te maak dat sy nie 'n oordeel vel en interpretasies maak van die adolessent se optrede nie. 'n Ander waarneming wat gemaak kan word, is om op te let wat gebeur as jy as terapeut inbreuk maak in die adolessent se ruimte of optree op 'n direkte manier. Volgens Geldard & Geldard (2002:90-92) is van die belangrikste dinge om waar te neem die volgende:

- **Algemene voorkoms.** Dit sluit in hoe die adolessent aangetrek is, die adolessent se vlak van bewustheid, of enige afwykings van die normale.
- **Gedrag.** Is die adolessent se gedrag versigtig en sag of aggressief en raserig? Toon die adolessent gevaarlike gedrag? Is die adolessent bereid om risiko's te neem? Is die adolessent afhanklik van die terapeut se deelname? Hoe reageer die adolessent op fisiese kontak? Het die adolessent geskikte grense? Gebruik die adolessent verdedigingsmeganismes, soos onderdrukking, vermyding, ontkenning of dissosiasie?
- **Gemoedstoestand.** Die adolessent se gemoedstoestand gee idees oor die adolessent se onderliggende emosionele toestand. 'n Adolessent kan gelukkig of hartseer of bang voorkom of kan min emosie toon. Dit is ook belangrik om enige veranderinge in die adolessent se gemoedstoestand op te merk asook die adolessent se vlak van emosionele reaktiwiteit tydens sessies.

- **Intellektuele funksionering of denkprosesse.** Vir 'n aanduiding van kinders tussen vier en agt jarige ouderdom se intellektuele funksionering, kan die kind betrek word om 'n spesifieke taak uit te voer, byvoorbeeld legkaart bou, liggaamsdele noem of kleure identifiseer. Met adolessente sal 'n algemene gesprek die adolessent se vermoë om probleme op te los, te konseptualiseer en insigvlak aandui. Om te bepaal of 'n adolessent kan onderskei tussen plek, persone en tyd, kan vrae oor onlangse gebeure gestel word.
- **Taal en spraak.** Om 'n gesprek met die adolessent te voer gee aan die terapeut die geleentheid om 'n aanvangsassessering van die kind se spraak- en taalvaardighede te maak. Die adolessent kan byvoorbeeld frustrereerd raak indien sy dit moeilik vind om haarself uit te druk, of kan van baie nie-verbale metodes gebruik maak om te kommunikeer of die adolessent kan dalk hakkel.
- **Motoriese vaardighede.** Groot- en fynmotoriesevaardighede moet waargeneem word. Sit of loop die adolessent die meeste van die tyd, hoe beweeg die adolessent, maklik of moeilik? Angstige adolessente toon soms verskille in hul asemhalingskontrole. Let op hoe die adolessent asemhaal en of sy asem ophou of sug.
- **Spel.** Neem waar of die adolessent se spel geskik is vir die kind se ouderdom, of dit kreatief of stereotiep is, herhalend of beperk is. Die terapeut kan die kwaliteit van die spel waarneem, is dit doelgerig en is daar 'n volgorde en of die spelmateriaal aanvaarbaar gebruik word. Die terapeut moet let op die uitdrukking van fantasie en temas asook ouderdom geskikte gedrag.
- **Verhouding met die terapeut.** Die adolessent se vriendelikheid, oogkontak, sosiale vaardighede en dominante interaktiewe styl dra alles inligting by wat die terapeut benodig tydens die terapeutiese proses. Die terapeut moet daarop let of die adolessent hoofsaaklik onttrek, geïsoleerd voorkom, vriendelik is, vertrouenswaardig is,

kompetierend is, of saamwerk. Die terapeut moet belangstelling toon wanneer die adolessent sy storie vertel en aktiewe luistervaardighede gebruik.

5.2.2 Om aktief te luister

Deur te luister en waar te neem help die terapeut die adolessent om haar storie te vertel en om probleme te identifiseer. Sodoende weet die adolessent ook dat die terapeut aandag gee en die inligting waardeer. Die terapeut kan deur aktief te luister aan die adolessent toon dat sy gewillig is om die adolessent se wêreld te betree en die adolessent se siening van die wêreld respekteer. Dit vereis intense konsentrasie van die terapeut om teen die adolessent se pas te beweeg, om die adolessent te aanvaar, om gevoelens te reflekteer en om die adolessent se bewuswording van gevoelens te verhoog (Wilson, Kendrick & Ryan, 1997:24). Volgens Geldard & Geldard (2002:93-99) is daar vier hoof komponente om aktief te luister, naamlik:

- **Pas aan by die kind se liggaamstaal.** ‘n Effektiewe manier om die terapeut-adolessentverhouding te bevorder is vir die terapeut om op ‘n normale en gemaklike wyse by die adolessent se nie-verbale gedrag en houding aan te pas. Dit gee aan die adolessent die boodskap dat die terapeut luister, byvoorbeeld as die adolessent op die grond sit, kan dit bruikbaar wees as die terapeut dit ook doen. Die terapeut kan ook aanpas by die spoed waarvolgens die kind praat en die adolessent se stemtoon. Na ‘n ruk kan die situasie ook omgeruil word: nadat die terapeut by die adolessent aangepas het, is adolessente geneig om later by die terapeut aan te pas. Dit sluit ook in dat die terapeut moet aanpas by die adolessent se gebruik van oogkontak, waarmee die adolessent gemaklik voel. Sommige adolessente voel meer gemaklik en is in staat om vrylik te praat, as hul vermy om oogkontak te maak en deelneem aan ‘n aktiwiteit terwyl hul praat. Die spelterapeut se fisiese teenwoordigheid, nie-verbale houding en eenvoudige reaksie of reflektiewe stellings is belangrik tydens terapeutiese interaksie (West, 1996:163). Volgens Wilson, Kendrick & Ryan (1997:25) moet die terapeut let op enige teenstrydighede tussen woorde en liggaamstaal wat kan dui op spanning of onderdrukking van gevoelens. Die fisiese afstand tussen die terapeut en die

adolescent wat seksueel misbruik is, moet oorweeg word. Tydens die seksuele misbruik het die adolescent alreeds indringing van haar persoonlike spasie en privaatheid deur die oortreder beleef (Wilson, Kendrick & Ryan, 1997:173). Die adolescent moet dus in beheer wees van die afstand tussen haar en die terapeut.

- **Die gebruik van minimale reaksie.** Dit toon aan die persoon wat praat dat die ander persoon luister. Hierdie reaksies is soms nie-verbaal, byvoorbeeld om instemmend met die kop te knik. Of minimale verbale reaksie sal byvoorbeeld wees: “Ah-ha” of “Ja” of “Ek verstaan”. Dit moet egter aanmoedigend wees en nie oordelend nie. ‘n Minimale respons is slegs ‘n aanduiding dat die adolescent gehoor word en moet op die regte tyd gebruik word. Volgens Wilson, Kendrick & Ryan (1997:24) is dit belangrik dat die adolescent die geleentheid kry om te deel wat sy wil kommunikeer.
- **Die gebruik van refleksie.** Die adolescent benodig ook versekering dat die terapeut aandag gee aan die inhoud en inligting van die storie en die terapeut kan dit doen deur refleksie. Daar is twee tipes refleksies, naamlik refleksie van inhoud en refleksie van gevoelens en ‘n kombinasie van die twee soorte. Die terapeut reflekteer dus terug wat die adolescent vir die terapeut gesê het. Die terapeut kies dus die belangrikste uit van wat die adolescent gesê het en druk dit weer uit op ‘n duideliker manier en in die terapeut se eie woorde (West, 1996:164). Refleksie kan ook gebruik word tydens die terapeut se waarneming van die adolescent se spel. Ten einde te begryp wat die adolescent voel, moet die terapeut reflekteer hoe sy die situasie verstaan; op so ‘n manier dat die adolescent se bewuswording en begrip van haar gevoelens en gedrag verhoog (Wilson, Kendrick & Ryan, 1997:26). Refleksie moet gestel word in taal wat die adolescent verstaan, maar dit moet nie net herhaling van die adolescent se woorde wees nie, want dit kan die adolescent irriteer.

Refleksie van gevoelens is ‘n belangrike terapievaardigheid omdat dit die adolescent se bewustheid van gevoelens verhoog, dit moedig die adolescent aan om gevoelens te hanteer en om dit nie te vermy nie. Die terapeut moet duidelik onderskei tussen denke en gevoelens en moet nie die twee verwar nie. Denke vereis gewoonlik ‘n sin

om dit te beskryf, byvoorbeeld: “Ek dink vroue is beter terapeute”, terwyl ‘n woord ‘n gevoel kan beskryf, naamlik: “Hartseer”. Die terapeut moet die adolessent help om negatiewe gevoelens te verander of hanteerbaar te maak. Om gevoelens te reflekteer sluit in om te sê: “Jy is teleurgesteld”. Adolessente vermy baie keer gevoelens omdat hul die pyn wat daarmee geassosieer word wil vermy. Wanneer hul egter kontak maak met gevoelens beteken dit gewoonlik dat hul emosioneel vorentoe beweeg en beter besluite sal kan neem in die toekoms. Baie keer wys kinders nie-verbaal en indirek hoe hulle voel.

- **Die gebruik van opsomming.** Die terapeut gebruik opsomming deur inligting te reflekteer vanuit ‘n paar stellings wat die kind oor ‘n verloop van tyd gemaak het (West, 1996:164). Dit vat die hoofpunte van die inhoud saam, asook die gevoelens wat die adolessent beskryf het. Dit plaas die inligting in ‘n georganiseerde formaat, sodat die adolessent ‘n duidelike beeld het en meer gefokus is. Opsomming kan ook bruikbaar wees wanneer die terapisessie getermineer moet word. Vervolgens sal daar gefokus word op vaardighede om die adolessent se vlak van bewuswording te verhoog, sodat die moontlikheid van emosionele en gedragsverandering verhoog.

Deur aktief en aandagtig te luister, vereis intense konsentrasie van die spelterapeut. Dit laat ook aan die adolessent tyd en ruimte om te deel wat sy wil. Volgens West (1996:163) moet die terapeut bewus wees van nie-verbale leidrade en teenstrydighede opmerk soos tussen woorde en liggaamstaal. Die terapeut moet fokus op die hier-en-nou en luister na haar eie gevoelens en of sy verstaan hoe die kind voel.

5.2.3 Help die adolessent om haar storie te vertel

Baie adolessente wat kom vir terapie het probleme wat te pynlik vir hulle is om te konfronteer, en dit is weggesteek in die adolessent se onderbewussyn. Sommige adolessente het misinterpretasies oor traumatiese gebeure van die verlede as gevolg van inligting wat onderdruk word omdat dit te pynvol is. Bewustheid van die probleme moet vaardig en versigtig gedoen word, sodat die adolessent dit kan konfronteer teen haar pas,

wat aanvaarbaar is vir die adolessent, sodat geen verdere trauma veroorsaak word nie (Geldard & Geldard, 2002:100). Vir terapie om effektief te wees, moet die kind fokus op relevante sake met verhoogde bewustheid en moet die geassosieerde pyn ervaar word. Dit sal slegs gebeur as die terapeut geskikte terapievaardighede gebruik in 'n geskikte omgewing waarin die adolessent in staat voel om sy storie te vertel selfs al is dit pynvol. Volgens Geldard & Geldard (2002:101-106) word hierdie omgewing geskep deur die gebruik van die volgende, naamlik:

- **Waarneming en om aktief te luister.** Soos reeds bespreek, sien punt 5.2.1 en 5.2.2, is waarneming en om aktief te luister bruikbaar om die adolessent te help en in staat te stel om haar storie te vertel.
- **Die gebruik van vrae.** Volwassenes verwag van kinders om antwoorde te gee op te veel vrae. As kinders wat speel waargeneem word, sal opgemerk word dat hulle baie min vrae vir mekaar vra. Hulle sal eerder stellings maak van wat hulle doen of waarneem. Omdat kinders die persoon wat die vrae vra tevrede wil stel, is hulle antwoorde nie altyd wat die kind dink waar is nie, of wat die kind dink nie. Net so sal die terapeut wat op vrae staatmaak nie ontdek wat die kind regtig dink nie, maar kan dalk misleidende antwoorde kry wat nie bruikbaar in die terapeutiese proses is nie. Wilson, Kendrick & Ryan (1997:27) waarsku ook die terapeut daarteen om te veel vrae te vra. Indien vrae, veral “hoekom”-vrae, aan die adolessent gevra word, kan dit die boodskap oordra dat die terapeut nie verstaan nie en kan dit die kind gespanne maak.

Nog 'n probleem met vraagstellings is dat die rigting van die sessie beïnvloed en beheer word deur die vrae wat die terapeut vra. As die terapeut te veel vrae vra, kan die adolessent vinnig leer om vrae te verwag en ophou om self te dink en praat oor wat belangrik is vir haar. Vrae kan egter 'n belangrike hulpmiddel wees om bewustheid te verhoog as dit reg gebruik word. Daar is twee tipes vrae, naamlik: oop vrae en geslote vrae. Geslote vrae lei na 'n spesifieke antwoord, soos “ja” of “nee” of antwoorde met spesifieke inligting soos: “Dertien”. Dit is 'n vraag soos: “Hou jy van

skool?”. Probleme met geslote vrae is dat die kind ‘n kort feitlike antwoord gee en nie uitbrei nie, dat die adolessent beperk voel deur die vraag; die adolessent wag vir nog ‘n vraag in plaas daarvan dat die adolessent vry voel om te praat.

Oop vrae is bruikbaar, omdat jy as terapeut die adolessent wil aanmoedig om vrylik te praat oor belangrike sake, byvoorbeeld: “Wat kan jy vir my vertel van jou skool?” Dit gee aan die adolessent die geleentheid om vrylik te dink en nooi die adolessent uit om ‘n uitgebreide antwoord te gee sonder om beperk te word deur die terapeut se agenda. Probeer vermy om “hoekom” vrae te vra, want die antwoord is gewoonlik verwant aan sake en gebeure ekstern van die adolessent, en is nie verbind met die adolessent se innerlike ervaring nie. Vra slegs vrae wat nodig is, wanneer geskik gebruik eerder oop vrae, moenie “hoekom” vrae vra nie en moet nooit vrae vra om jou eie nuuskierigheid tevrede te stel nie.

Volgens West (1996:167) moet vrae spaarsaam gebruik word deur die spelterapeut. Te veel direkte vrae moet vermy word, tensy die terapeut vergroot wat die adolessent gesê het. Kinders en adolessente vind “wat” vrae makliker om te antwoord as “waarom” en “hoekom” vrae. Die probleem met vraagstelling is dat die adolessent geneig is om dit soms te interpreteer dat dit moontlik versteekte boodskappe het, selfs al was dit nie die terapeut se bedoeling nie (O’Connor, 2000:280). Indien die terapeut byvoorbeeld aan die adolessent vra: “Hou jy nie van skool nie?,” kan die adolessent die boodskap kry dat die terapeut dink dat sy veronderstel is om van skool te hou. Dit is daarom die beste as die terapeut vraagstelling minimaal gebruik of eerder verhelderende vrae gebruik ten einde beter te probeer verstaan hoe die adolessent ‘n gebeurtenis ervaar het.

- **Die gebruik van stellings.** Stellings van die terapeut kan waardevol wees en die adolessent help om nie af te dwaal wanneer sy haar storie vertel nie en help om bewustheid te verhoog oor belangrike sake en verwante emosies. Stellings kan die adolessent toestemming gee om ‘n spesifieke emosie te ervaar en uit te druk, byvoorbeeld: “As ek kwaad is, praat ek met ‘n harde stem”. Stellings kan die

terapeut help om idees te lug van wat met die adolessent gebeur op daardie oomblik, byvoorbeeld: “As ek jy was, sou ek skaam gevoel het.” Stellings help die sterkpunte van die adolessent bekragtig, byvoorbeeld: “Jy moet braaf wees om dit te kon doen.” Stellings kan gebruik word om belangrike gebeure uit te lig, byvoorbeeld: “Dit is moeilik vir jou om speelgoed te kies.” Stellings kan gebruik word om terugvoer te gee oor wat die adolessent doen, byvoorbeeld: “Ek sien jy maak ‘n vrou van die klei.” Stellings kan gebruik word om bewustheid van ‘n element van die adolessent se aktiwiteit te verhoog, byvoorbeeld: “Ek sien die muis kruip weg. Ek wonder of die muis bang is om gevang te word.”

- **Die gebruik van media.** Media voorsien die adolessent met ‘n aktiwiteit om die kind se belangstelling te hou en gefokus te bly. Deur media vertel die adolessent haar storie direk of indirek (deur projeksie). Media kan die adolessent help om kontak te maak met haar gevoelens en kan ‘n middel wees waardeur die kind haar gevoelens uitdruk. Aanvanklik kan die terapeut die adolessent uitnoui om te praat oor hoe dit voel om die media te gebruik en sal direk fokus op wat die adolessent doen met die media. Later in die terapeutiese proses, sal die fokus verskuif na die adolessent se lewensituasie en onvoltooidhede. Indien die adolessent haar storie deur die media vertel, kan die terapeut vra: “Is dit ook so in jou lewe?” of “Miskien is daar nie so baie genot in jou lewe nie.” Dit kan die adolessent help om betrek te word by gesprekvoering tussen verskillende dele van haar storie of tekening. Let op die adolessent se liggaamshouding, stemtoon, stiltes en asemhaling. Die terapeut kan byvoorbeeld noem: “Ek het opgemerk jy sug, hoe voel dit as jy op een slag al daardie lug uitlaat?”

5.2.4 Die hantering van weerstand en oordrag

Die kind sê met behulp van weerstand: “Stop, ek moet net hier stop. Dit is te moeilik en gevaarlik” (Oaklander, 1988:198). Weerstand word gesien as ‘n normale en noodsaaklike aspek tydens die gestaltpelterapeutiese proses (Blom, 2004:60). Soos ‘n adolessent bewus word van onderdrukte materiaal of emosionele pyn, is die adolessent

geneig om spontaan enige verdere ondersoek te blokkeer en enige verdere bespreking van pynvolle gebeure te vermy (Geldard & Geldard, 2002:107). Die adolessent kan onttrek en stil word of luidrugtig word. Dit kan gesien word as weerstand in die terapeutiese proses. Dit kan bewustelik wees of sonder dat die adolessent besef dit gebeur op 'n sub-bewustelike vlak.

As die terapeut die adolessent te gou oor pynlike sake wil laat praat, dan sal die adolessent se angsvlakke verhoog en die adolessent sal nie meer veilig voel tydens terapie nie. Die adolessent moet eerder gehelp word om die blokkasie te hanteer eerder as om die weerstand te probeer ignoreer (Geldard & Geldard, 2002:107). Volgens Blom (2004:38) is weerstand die kind se manier om na haarself te kyk en dit moet verwag, erken en gerespekteer word tydens die terapeutiese proses.

Volgens Blom (2004:62) hang die manier waarop weerstand hanteer word af van wanneer en hoe dit voorkom tydens die terapeutiese proses. Die terapeut moet sensitief wees tot die manier waarop weerstand voorkom, ten einde op 'n aanvaarbare manier daarop te reageer. Die adolessent se bewustheid van die weerstand moet verhoog word, en terugvoer daarvoor moet gegee word, byvoorbeeld: “Jy kan dalk bang wees om te praat daarvoor om huis toe te gaan na jou ouers, ek hardloop weg as ek bang is, nes jy.” Die terapeut dra dus die boodskap oor dat dit aanvaarbaar is om bang te wees en om daarom te onttrek. Indien die adolessent dan veilig voel om voort te gaan, kan die terapeut vrae vra om die adolessent te help om die weerstand te verstaan en daardeur te werk. Indien die adolessent steeds weerstand toon, moet die terapeut die media verander, die adolessent tyd gee om dit te proses wat gebeur het en nuwe geleenthede moet aan die adolessent gegee word om haar storie te vertel en weerstand te konfronteer. Dit kan volgens Geldard & Geldard (2002:73) tesame met refleksie en opsomming gebruik word. Geldard en Geldard (2002:108-109) identifiseer die volgende gedrag wat adolessente en kinders gebruik om hulleself daarteen te beskerm om pynlike sake te ervaar, naamlik:

- Regressie. Jonger kinders kan angs hanteer deur regressiewe gedrag te toon deur terug te gaan na 'n vroeër fase van ontwikkeling.

- Ontkenning. Deur die waarheid te verdraai, beskerm die adolessent haarself teen ongemaklike gevoelens.
- Vermydning. Die adolessent kan byvoorbeeld die onderwerp van die gesprek verander wanneer dit te pynlik vir haar word.
- Onderdrukkings. Wanneer pynlike ervarings onderdruk word, kan die herinneringe hiervan heeltemal verplaas word uit die adolessent se geheue.
- Projeksie. Soms projekteer die adolessent gevoelens op ander persone of voorwerpe.
- Intellektualisering en rasionalisering. Beide intellektualisering en rasionalisering help die adolessent om te praat oor ervarings sonder om kontak te maak met die emosies wat daarmee gepaardgaan.
- Reaksie formasie. Wanneer die adolessent bekommerd word oor die oorweldigende, sterk negatiewe emosies, kan sy sonder dat sy weet dat sy dit doen, hierdie gevoelens verander in gevoelens van presies die teenoorgestelde.
- Gebruik van verdedigingsmeganismes. Wanneer verdedigingsmeganismes uitermatig baie gebruik word, kan die adolessent se vermoë tot ouderdomsvanpaste vaardighede, persoonlike verhoudings en genot beïnvloed word.

Soms is dit onvoorkombaar dat oordrag en teenoordrag voorkom tydens die terapieproses. Oordrag is wanneer 'n adolessent denke, gedrag en gevoelens wat voorkom vanuit een situasie of persoon van die verlede, na 'n ander persoon of situasie in die hede oordra. (Vergelyk West, 1996:169; O'Connor, 2000:323.) As dit egter geïgnoreer word wanneer dit voorkom, sal die kwaliteit van die terapeut-kindverhouding verander en die terapeutiese proses beïnvloed word (Geldard & Geldard, 2002:112). Ouerlike oordrag kan voorkom wanneer die adolessent teenoor die terapeut optree as die goeie of slegte ouer (O'Connor, 2000:325). Die adolessent kan byvoorbeeld die terapeut probeer betrek by 'n gesprek oor hoe dit sou gewees het indien die terapeut haar moeder was. Dit kan die terapie direk bedreig indien dit nie geskik hanteer word nie. Die terapeut moet dit nie net met die adolessent aanspreek nie, maar ook met die ouers wat bedreig kan voel deur die adolessent se band met die terapeut. Die onderliggende behoeftes en motiewe vir die oordrag moet ondersoek word.

Teenoordrag is die emosies, denke en gedrag wat voorkom as gevolg van sake van die verlede wat die terapeut na die terapeutiese verhouding bring (West, 1996:169). Wanneer die terapeut vermoed dat oordrag of teenoordrag voorkom, moet die terapeut so objektief as moontlik wees. Die beste manier is om met 'n supervisor te praat. Die terapeut moet tydens terapie vermy om op te tree soos die adolessent se ouer (teenoordrag) en die adolessent se bewustheid van die oordragproses moet verhoog word. Die terapeut moet haar eie gevoelens erken en hanteer soos dit voorkom, die versoeking om te reageer soos die adolessent se ouer weerstaan, die adolessent se bewustheid van haar gedrag verhoog en die situasie gebruik om die adolessent se siening van ma-kindverhouding in die algemeen te ondersoek en dan na die ma-kindverhouding wat die kind by die huis ervaar, kyk (Geldard & Geldard, 2002:113).

Volgens O'Connor (2000:327) kan teenoordrag hanteer word deur 'n vlak van selfbewustheid te behou wat die terapeut toelaat om haar behoeftes buite die terapisessies te bevredig. Die terapeut kan self terapie of supervisie kry, maar teenoordrag is 'n aspek wat aktief aangespreek moet word voordat dit 'n negatiewe gevolg op die adolessent en haar gesin het.

5.2.5 Die hantering van onaanvaarbare en selfdestruktiewe gedrag

Soos kinders grootword, absorbeer hulle idees en gelowe van die kinders en volwassenes om hulle. Dit is die normale manier waarop kinders leer wat aanvaarbaar is en wat nie, met betrekking tot persoonlike en sosiale gedrag. Ongelukkig is sekere idees wat adolessente absorbeer nie bruikbaar nie, maar veroorsaak emosionele probleme (Geldard & Geldard, 2002:116). Wanneer adolessente vashou aan hierdie onaanvaarbare idees, kan die adolessent angstig en neuroties word en probleme ondervind met interpersoonlike verhoudings. Die terapeut benodig strategieë wat die adolessent in staat sal stel om die onaanvaarbare of selfdestruktiewe idees met meer bruikbare idees te vervang.

Dit is soms nodig om die ouers in die proses te betrek, omdat dit ouers se verantwoordelikheid is om adolessente te help om idees te leer wat bruikbaar vir hulle is.

Idees of situasies wat onaanvaarbaar of selfdestruktief is, is byvoorbeeld: “Ek is verantwoordelik vir die feit dat my pa my ma slaan.” Na trauma, glo adolessente soms dat ‘n onveranderlike negatiewe verandering gebeur het wat sal voorkom dat hulle lewens weer na normaal sal terugkeer (Geldard & Geldard, 2002:116).

- **Die terapeut kan die onaanvaarbare idees of selfdestruktiewe gelowe uitdaag** deur die adolessent se huidige idee te reflekteer, die adolessent te help om die waarde daarvan te toets deur te identifiseer waar dit vandaan kom, die logika van die adolessent se denke te ondersoek, die adolessent se bewustheid van ongegronde inligting te verhoog, die adolessent help om uit te lig wie verantwoordelik is vir watter gedrag - hy of ander. Dit alles stel die adolessent in staat om die wanaangepaste idees met meer aanvaarbare idees te vervang (Geldard & Geldard, 2002:117).
- **Die manier waarop die kind die situasie sien, kan geherstruktureer word** deur die adolessent se idee van die wêreld te aanvaar en die idee uit te brei sodat addisionele inligting ingesluit word sodat die adolessent die situasie anders en meer konstruktief sien, byvoorbeeld: “Dink jy dit is moontlik dat jou broer vir jou omgee en daarom keer dat jy in die moeilikheid kom deur te vra dat jy jou kamer moet netjies hou?” (Geldard & Geldard, 2002:119).
- **Normalisering.** Soms is dit nodig vir ‘n adolessent om te weet dat haar gevoelens, denke of gedrag dieselfde is as die van ander, byvoorbeeld: “Baie kinders wie se ouers geskei is, glo dat dit hulle fout is” (Geldard & Geldard, 2002:119).

5.2.6 Fasiliteer positiewe gedragsverandering

Vroeër is vaardighede beskryf wat vereis word vir waarneming, aktiewe luister en om die adolessent te help om haar storie te vertel. Hierdie vaardighede help die adolessent om denke en emosies te integreer (Geldard & Geldard, 2002:119). Om die adolessent te help om kognitiewe begrip vir al die elemente van haar trauma te ontwikkel, moet die adolessent gehelp word om onvanpaste en selfdestruktiewe idees uit te daag. Dan kan die

adolescent haar opsies en keuses begin ondersoek en met nuwe gedrag begin eksperimenteer.

- **Ondersoek opsies en keuses.** As gevolg van die adolescent se ervaringe in die verlede, leer die kind gedrag wat onaanvaarbaar is vir ander en geen waarde het nie, en moet daarom ander opsies en keuses ondersoek. As 'n adolescent se gedrag verander, moet die adolescent soms onaangename reaksies van ander hanteer. In sommige gevalle is die adolescent nie in staat om die reaksies van ander te hanteer nie en het nie die vaardigheid om die nuut ontdekte gedrag uit te voer nie (Geldard & Geldard, 2002:120). As 'n adolescent besluit om anders op te tree, loop die adolescent 'n risiko, want die adolescent weet nie hoe ander daarop gaan reageer nie. As die adolescent egter geen veranderinge maak nie moet die adolescent die pyn wat sy ken, verduur. Dit is dus moeilik vir die adolescent om die besluit te neem om gedrag te verander, haar eie gevoelens asook die reaksies van ander te hanteer.

Die terapeut moet die adolescent help om te verstaan dat wanneer 'n besluit geneem word, dit nie slegs 'n keuse tussen reg en verkeerd is nie (Geldard & Geldard, 2002:121). Die terapeut kan slegs alternatiewe oplossings voorstel en moet nooit die adolescent probeer oortuig nie. Die adolescent sal slegs keuses deurvoer wat sy self gemaak het en haar pas. Die ondersoek van opsies en keuses sluit in die opweeg van voordele en nadele van 'n keuse, kyk na die risiko's indien gedrag verander, wees realisties oor moontlike verliese en kostes en verstaan dat daar reaksies van ander kan wees as gevolg van die veranderende gedrag.

- **Inoefening en eksperimentering van nuwe gedrag.** Met behulp van 'n aksieplan kan die terapeut die adolescent help om die doelwitte te identifiseer wat die adolescent hoop om te bereik, en daar kan gekyk word hoe hierdie doelwitte bereik kan word. Die terapeut kan dan die adolescent help om die plan te implementeer, wanneer die beste tyd is om dit uit te voer asook die plek om die nuwe gedrag in te oefen. Besprekings met die adolescent se ouers kan verseker dat die kind

aangemoedig en beloon word wanneer nuwe en aanvaarbare gedrag ingeoefen word (Geldard & Geldard, 2002:122).

5.3 Algemene beginsels tydens werk met adolessente wat seksueel misbruik is

Werk met adolessente is beide uitdagend en belonend en vereis versigtige hantering om struikelblokke in die vorming van 'n vertrouensverhouding te vermy. Aangesien adolessente veral gemengde gevoelens oor volwassenes in 'n posisie van mag het, moet die terapeut ekstra moeite doen om vertrouenswaardig te wees, 'n veilige en geskikte konteks te skep waarin die adolessent voel die terapeut gee om, respekteer hom of haar en wil help om potensiële groei te maksimaliseer (Gil, 1996:185).

Duidelike grense is nodig om terapeutiese doelwitte te bevoordeel. Gil (1996:185) het een terapeutiese fout opgemerk en dit is as terapeute die adolessent wil bevriend deur “cool” te probeer wees. Seksueel misbruikte kinders kan ervaringe gehad het met verwikkelde of te los grense en kan dus sekerheid in 'n verhouding soek. Om geskikte kliniese grense te vestig sal ook help in die proses om vertrouenswaardig te word.

Die volgende beginsels is bruikbaar in terapeutiese benaderings met kliënte in die algemeen, maar bevorder veral die bou van 'n terapeutiese vertrouensverhouding met seksueel misbruikte adolessente:

5.3.1 'n Nie-beoordelende houding

Adolessente is sensitief oor volwassenes se oordeel oor hul gedrag. Volgens Gil (1996:155) is daar twee dinge wat sy doen wanneer 'n adolessent na haar verwys word as gevolg van problematiese gedrag, naamlik:

- Sy ondersteun die bedoeling van die gedrag en herformuleer dit as iets potensieel bruikbaar vir die kind en
- Sy probeer bepaal of die gedrag in 'n mate 'n probleem vir die adolessent is.

Gil (1996:156) beskryf 'n voorbeeld waartydens sy empaties na Amos (13 jarige) se kant van die storie geluister het, wat sodoende daartoe gelei het dat sy gedrag by die skool as 'n probleem geïdentifiseer is. Amos se pleegouers is deur die skool ingelig van sy gedrag by die skool, hulle het meer bekommerd geword en het hulle toesig oor hom verhoog. Sy het sodoende iets gehad waaraan hulle kon werk. Gil (1996:156) spreek dus nie die adolessent direk aan om die gedrag te stop nie, selfs al is dit haar doel. Indien 'n terapeut vir 'n adolessent voorsê wat om te doen en wat om nie te doen nie, sal dit presies die teenoorgestelde gevolg het as wat die terapeut wou gehad het.

5.3.2 Nooi die adolessent uit om te sê wat sy wil

Nog 'n strategie om weerstand aan te spreek is om te kommunikeer dat die adolessent in beheer is van wat sy sê in terapie. Volgens Gil (1996:163) lig sy die adolessent in dat sy so baie of so min as wat sy wil kan sê en dat die adolessent kan oordeel wanneer sy gemaklik voel om te sê wat ookal sy wil. Gil (1996:163) toon ook haar respek vir die adolessent se vermoë deur aan die adolessent die geleentheid te gee om die waarheid vanuit haar perspektief te vertel deur te sê: “Vertel vir my wat jy dink ek moet weet van jou.”

Gil (1996:164) beskryf 'n voorbeeld van 'n seun wie se ouers hom verwys het as gevolg van 'n probleem by die huis. Gil (1996:164) het die seun gevra om haar te vertel wat sy moet weet. Hy het haar vertel dat hy nie meer dwelms gebruik nie, maar dat sy ouers dit nou vererger, want hulle hou hom die heelyd dop en krap in sy goed. Hy het Gil (1996:164) meegedeel dat sy suster dwelms gebruik het, opgehou het en toe 'n oordosis geneem het en dat hulle nou “weird” is met hom. Die seun kon dus sy perspektief beskryf en dit het duidelik geword dat sy ouers se manier om hom te probeer help met sy dwelmprobleem hom nie help nie, maar dit net vererger.

5.3.3 Wees positief

Dit neem soms baie kreatiewe krag om positief te wees met sommige adolessente wat ongeskik, aggressief of passief kan wees; tog ontwapen dit die kind wanneer die terapeut 'n positiewe houding inneem teenoor hulle. Gil (1996:165) beskryf 'n voorbeeld toe sy met 'n steurende adolessent wat baie in 'n groep praat, te doen gehad het. Sy sal byvoorbeeld sê: “Dit hou nooit op om my te verstom oor die hoeveelheid verskillende maniere wat jy gebruik om die ander se aandag op jou te fokus nie; jy het baie maniere waarop jy dit laat gebeur.” Die navorser probeer tydens terapiessessies die adolessent betrek by bespreking van die positiewe aspekte in moeilike situasies en poog sodoende om ook die adolessent se bewustheid daarvan te verhoog sodat selfs in negatiewe situasies daar soms positiewe aspekte na vore kom.

5.3.4 Moenie aanvangstellings uitdaag nie

Wanneer 'n adolessent sê dat sy nie omgee nie, niks voel nie of dat alles reg is, moet die terapeut nie in die slagat trap deur dit uit te daag nie (Gil, 1996:166). Die terapeut moet eerder verder uitvra, byvoorbeeld: “Wat was alles lekker die week?”

5.3.5 Dekodeer en ondersteun die motivering van die simptoem

Gil (1996:168) probeer maniere vind om die motivering van die kind se gedrag te ondersteun sonder om negatiewe hanteringsmeganismes te versterk. Gil (1996:168) beskryf 'n voorbeeld van 'n 14-jarige dogter wat deur haar pa vir 'n jaar seksueel misbruik is en bulimia nervosa ontwikkel het. Vanuit Gil (1996:168) se gesprek met die kind het dit duidelik geword dat die kind 'n soort bemagtiging gevind het deur te veel te eet en dan alles op te bring. Dit was moontlik dat die bogenoemde gedrag opgemaak het vir haar gevoel van hulpeloosheid wat sy tydens die seksuele misbruik ervaar het – waartydens haar pa sy penis in haar vagina gedruk het en haar onvermoë om hom uit te hou.

Gil (1996:174) het haar daarop gewys dat die feit dat sy te veel eet en dan opgooi nie so “weird” is nie, aangesien sy in beheer van haar liggaam wil wees, en veral as iemand iets aan jou liggaam gedoen het of iets binne-in jou liggaam gesit het, waarvan jy nie hou nie. Gil (1996:174) het ook aan die adolessent verduidelik dat dit nou haar (Gil se) werk is om die dogter te help om ander maniere te vind om haar in beheer van haar liggaam te plaas wat net so goed sal werk. Dit is die navorser se opinie dat Gil sodoende die hulpeloosheid en die gevoel van “ek is anders as ander” aanspreek deur die adolessent te bemagtig deur saam geskikte maniere om beheer van haar liggaam te neem uit te werk.

5.3.6 Doen aanvanklik eerder indirekte werk as direkte werk

Gil (1996:175) is van mening dat alhoewel dit op ‘n gegewe punt bruikbaar is vir baie getraumatiseerde adolessente om die trauma-gebeure te prosesseer op ‘n gestruktureerde en gefokusde manier, reageer nie alle adolessente op direkte vraagstelling nie en almal is nie in staat om direk deel te neem aan inhoud-materiaal nie. Sy gee die volgende idees vir “minder direkte” maniere:

- Wys ‘n video van adolessente wat praat oor hulle lewens.
- Sny koerantberigte uit van voorvalle wat plaasgevind het in adolessente se lewens en gebruik dit vir besprekings.
- Skep ‘n fantasieklënt wat dieselfde probleme, vrese en bekommernisse het. Die fantasieklënt moet van dieselfde geslag en ouderdom wees en die naam moet met dieselfde letter as die kind se naam begin. Sodoende kry die kind die geleentheid om sy eie gevoelens, denke en gedagtes te projekteer.

5.3.7 Bespreek probleme op ‘n algemene manier

Gil (1996:178) gee die volgende voorbeelde van vrae wat sy vra wanneer sy werk met kinders wat slagoffers was – nie in enige spesifieke orde of op enige spesifieke tyd nie, maar verspreid deur sessies:

- Wat dink jy van mense wat kinders seksueel misbruik?
- Watter soort mense misbruik kinders seksueel?
- Watter kinders kies hulle uit om seksueel te misbruik?
- Wat sê hulle vir hulself oor wat hulle doen met die kinders?
- Hoe word mense wat kinders seksueel misbruik gevang?
- Wat moet met mense gebeur wat kinders seksueel misbruik?
- Watter soort les moet hulle geleer word?
- Hoe voel kinders wat seksueel misbruik word?
- Watter soort gevoelens of denke bekommer of verwar die kind?
- Watter soort probleme het kinders wat seksueel misbruik word?
- Wat help kinders wat seksueel misbruik is?
- Wie is van die mense met wie seksueel misbruikte kinders kan praat?

Hierdie tipe algemene gesprekke help die kind om hulle eie bekommernisse uit te lig op 'n veilige manier. Om te praat oor ander voorsien die geleentheid om die afstand te skep wat baie kliënte verkies.

5.3.8 Gebruik “wat as” intervensies

'n “Wat as” intervensie nooi die adolessent uit om te praat oor iets op 'n manier wat een stap weg is daarvan om persoonlike inligting te gee (Gil, 1996:179). Byvoorbeeld as die kind sê dat sy nie oor iets wil praat nie, kan die terapeut vra: “Wat sal gebeur as jy daarvoor praat?” Indien die kind sê dat sy net slegter sal voel, kan die terapeut sê: “Kom ons sê jy het daarvoor gepraat, en jy het slegter gevoel. Waaroor sal jy slegter voel?”

5.3.9 Toon respek en behou duidelike grense

Adolessente kan soms negatiewe gedrag by volwassenes uitlok deur uitdagende gedrag of taal te gebruik. Dit is baie belangrik dat die terapeut kalm bly en die kind met dieselfde respek benader. Om beperkinge daar te stel en duidelike grense neer te lê, is baie belangrik in die terapeutiese verhouding (Gil, 1996:181). Terapeute moet

verantwoordelik optree – vermy “te” familiêre gedrag, onaanvaarbare seksualiserings of aggressiewe gedrag. Onaanvaarbare gedrag moet so beskryf word, ferm grense moet neergelê word en alternatiewe gedrag moet voorgestel word. Gil (1996:181) is van mening dat onaanvaarbare gedrag direk aangespreek moet word. Die navorser vind in praktyk dat baie adolessente soms die grense toets en sodoende ook die terapeut se reaksie. Dit is dus belangrik dat die terapeut baie konsekwent moet wees ten opsigte van die grense.

5.3.10 Vermy ‘n “magstryd”

Een van die belangrikste beginsels in werk met adolessente is om ‘n magstryd ten alle koste te vermy. Terapeute wat adolessente so veel as moontlik keuses gee – keuse van onderwerpe, tye van afsprake en maniere van kommunikasie – sal gewoonlik groter sukses hê om met die kind te kommunikeer. Dit is belangrik vir adolessente om soms iets privaat te hou of om ‘n sekere verduideliking of verskoning te gebruik, en hulle moet toegelaat word om dit te doen totdat hulle nie nodig het om dit te gebruik nie (Gil, 1996:182). Dit is veral nodig as die adolessente volhou dat die seksuele misbruik hulle nie beïnvloed het nie, nie belangrik is nie en niks beteken nie. Dit is die navorser se opinie dat daar volgens die adolessent se pas beweeg moet word, dit sal in elk geval nie effektief wees om die adolessent te probeer druk vir inligting nie, dit kan net die teenoorgestelde effek hê.

5.3.11 Wees kreatief en dinamies

Daar is ‘n fyn lyn tussen “te hard” werk aan die een kant, en om seker te maak om goed voorbereid te wees met planne en alternatiewe planne om die belangstelling van die adolessent te kry en te behou aan die ander kant. Adolessente is gewoon aan en benodig ‘n interessante aktiwiteit om hulle aandag te hou (Gil, 1996:182). Terapeute moet bekend met literatuur wees sodat hulle nie hulself gefrusteerd vind wanneer hulle idees uitgeput raak nie. Die navorser beplan vir elke sessie met die adolessent en berei aktiwiteite voor. Dit gebeur egter soms dat die adolessent iets anders wil bespreek en dat

iets anders op haar voorgrond is. Dit is dan belangrik dat die terapeut aanpas by die adolessent se behoeftes en haar proses.

5.3.12 Maak gebruik van nie-verbale vorme van terapie

Adolessente kan ongemaklik voel om te praat met volwassenes en veral terapeute in die algemeen. Die onthulling en prosssessering van die seksuele misbruik kan as problematies gesien word deur die adolessent (Gil, 1996:183). Die huiwering om stellings te maak oor die seksuele misbruik, meng gewoonlik in met verbale terapie en terapeute moet ander strategieë beskikbaar hê om te gebruik. Volgens Gil (1996:183) het sy kunsterapie, maak van “collage”, drama, musiekterapie en die maak van video’s, met groot sukses gebruik.

Die navorser vind in praktyk dat die spelterapieaktiwiteite dit minder bedreigend maak vir die adolessent om te praat oor die seksuele misbruikvoorval en haar gevoelens. Deur van interessante tegnieke gebruik te maak, toon die adolessent ook meer belangstelling in wat bespreek word.

5.3.13 Werk “in konteks”

Adolessente bring hul eie unieke werklikheid na terapie. Dit is onredelik om terapie te fokus op oppervlakkige probleme soos swak skoolprestasies wanneer ouers en kinders ‘n gevaarlike bestaan lei. Die kliniese intervensie moet in konteks voorsien word, sodat dit sin maak vir die gesinne. Die eng definisie van “terapeut” moet verbreed om die konsep advokaat en voorsiener van konkrete dienste in te sluit. Terapeute moet in interaksie wees met gemeenskappe waar hulle werk, hulle kommer lug oor beleide en wetgewing en ‘n persentasie van hulle tyd aan sosiale en politieke kommer toevertrou (Gil, 1996:185).

Die navorser vind in praktyk dat veral die Xhosakliënte en hulle ouers vrees vir hulle veiligheid, nadat ‘n saak by die polisie aangemeld is en die beweerde oortreder borg gekry het. Die navorser vind dat baie Xhosaslagoffers van seksuele misbruik dan

weggestuur word na die uitgebreide familie in die Oos-Kaap. Dit is dus volgens die navorser belangrik om bogenoemde vrese met die Xhosa-gesinne te bespreek asook met die ondersoekbeampies, ten einde beveiligingstrategieë te bespreek. Dit help nie die navorser fokus op ander oppervlakkige probleme, soos skoolafwesigheid, indien die slagoffer en haar gesin vrees vir hulle lewens nie.

5.4 Ontwikkelingsaspekte van die adolessent wat die terapeutiese proses kan beïnvloed

Stallard (2002:20) bespreek die volgende ontwikkelingsaspekte van adolessente wat die terapeutiese proses kan beïnvloed en wat oorweeg moet word, naamlik:

5.4.1 Gee erkenning aan die adolessent se selfgesentreerdheid

Die adolessent is baie keer selfgesentreerd en ervaar probleme om die sienings van ander in te sien en te aanvaar. Dit is daarom bruikbaar om dit te gebruik en om vrae te vra om duidelikheid te kry omtrent die adolessent se siening en dit te begryp, eerder as om die adolessent se egosentrisiteit uit te daag (Stallard, 2002:20). Dit stem ooreen met Gil (1996:182) se siening dat 'n "magstryd" vermy moet word met die adolessent. Dit is die navorser se opinie dat indien die terapeut die adolessent uitvra in plaas van uitdaag, dat die adolessent aanvaarding en belangstelling in plaas van oordeel sal ervaar. Die adolessent kry dus die positiewe boodskap dat haar sienings gehoor en gerespekteer word. Volgens Stallard (2002:20) kan die adolessent se vrye wil verder verhoog word deur gereeld aan die adolessent keuses tydens sessies te gee.

5.4.2 Moedig samewerking aan

Die mag- en statusverskille tussen jong mense en die volwasse terapeut moet erken word en 'n bewuste poging moet aangewend word om 'n meer gelyke verhouding te bevorder (Stallard, 2002:21). Dit stem ooreen met Joy (1999:152) se siening dat die "politiek" van van die volwassene-kinderverhouding in ag geneem moet word. Praktjke wat betroubaar

is tot die behoeftes en ervarings van kinders en adolessente, moet respek, waardering en begrip vir die kind se eie waarde en kennis hê. Dit behels 'n empatiese en intellektuele vermoë van die terapeut om homself of haarself in die kind se posisie en wêreld te plaas soos die kind dit sien op daardie oomblik op sy of haar lewenspad deur kindskap (Joy, 1999:152).

Volgens Stallard (2002:21) moet die terapeut gewillig wees om saam met die adolessent te werk om haar te help met die probleme wat sy identifiseer as belangrik. Die terapeut is dus 'n opvoeder en 'n fasiliteerder, wat 'n raamwerk voorsien waarin die jong persoon kan ontdek, begrip ontwikkel en nuwe maniere van dink en optree kan identifiseer.

5.4.3 Moedig objektiwiteit aan

Dit is belangrik dat die terapeut objektief bly, al tree sy soms as advokaat vir die adolessent op. Adolessente is baie selfgesentreerd, het baie keer sterk sienings en vind dit moeilik om ander se perspektief in te sien (Stallard, 2002:21). Die adolessent kan dus die terapeut onder druk plaas om saam met haar siening te stem. Die terapeut moet dus objektief bly en die jong persoon aanmoedig om haar eie sienings te toets en vir bewyse te soek wat dit ondersteun of uitdaag.

5.4.4 Gebruik vraagstelling

Adolessente en kinders is minder bekend met die proses waartydens hulle aangemoedig word om aktief deel te neem en hulle idees en opinies kan uitdruk (Stallard, 2002:21). Hulle kan van mening wees dat hulle sienings nie belangrik is nie of verkeerd is. Vraagstelling is bruikbaar om hierdie struikelblok te oorkom, waartydens die jong persoon met 'n reeks vrae gehelp word om te ondersoek, te herassesseer en haar geloue en siening uit te daag. Vraagstelling is baie direk en spesifiek, en is gewoonlik oor konkrete situasies.

5.4.5 Daag digotomiese denke uit

“Alles of niks” denke is algemeen onder adolessente, en word dikwels gereflekteer in die dramatiese skommeling wat kan voorkom van sessie na sessie (Stallard, 2002:22). Die een sessie kan sy depressief voorkom en tydens die volgende sessie kan sy weer gelukkig voorkom. Rangskale is bruikbaar om die digotomiese denke uit te daag, en dit help die adolessent om te beseef dat daar ‘n reeks fases tussen twee uiterste ankerpunte is. Skale kan bruikbaar wees om die intensiteit van ‘n gevoel, geloof in denke of graad van verantwoordelikheid of blaam te gradeer.

Die navorser vind in praktyk dat hierdie dramatiese skommeling van gemoedstoestande by adolessente baie voorkom en ook tydens dieselfde sessie. Dit is egter die navorser se opinie dat die adolessent weet dat indien sy baie “depressief” by die sessie aankom, die terapeut haar belangstellend sal uitvra en dat sy dan die geleentheid sal kry om te vertel waarom sy so voel. Die navorser vind dat dit baie keer iets is wat op daardie dag gebeur het en wat nou op haar voorgrond is, nie noodwendig betreffende die seksuele misbruiksaak nie. Byvoorbeeld, die adolessent se vorige kêrel het vir die persoon van wie sy nou hou, stories vertel wat nie waar is nie en daarom voel sy depressief, want nou gaan die persoon nooit van haar hou nie. Nadat die adolessent egter ontlont het en saam met die terapeut probleem-oplossingopsies en optredes bespreek het, kan haar gemoedstoestand weer heeltemal wissel en kan sy tydens dieselfde sessie weer gelukkig wees.

5.4.6 Betrek ander betekenisvolle persone

Die adolessent tree op in ‘n komplekse sosiale sisteem betreffende die betekenisvolle invloede van familie of versorgers, vriende en skole. Dit is belangrik dat hierdie betekenisvolle persone erken en betrek moet word, aangesien die adolessent baie keer nie in staat is om besluite te neem oor dinge wat hulle affekteer nie (Stallard, 2002:22). Byvoorbeeld ‘n adolessent wat woedehanteringstrategieë moet inoefen, sal die onderwyser se samewerking benodig wat haar sal toelaat om die klas te verlaat wanneer

sy kwaad word. Deur ander betekenisvolle persone in sessies te betrek, soos ouers en vriende, kan 'n verskillende perspektief voorsien wat die jong persoon kan help om haar eie kognisies uit te toets en te re-evalueer.

5.5 Die terapeut moet in kontak met die “kind” in haar wees

Joy (1999:147) beskryf die voorbeeld van haar vierjarige seun wat desperaat wou gehad het dat sy pa sy ballon wat in die boom se takke vasgesit het, moes afhaal. Sy pa het verskeie springpogings aangewend, maar was onsuksesvol en het verduidelik dat hy so hoog as wat hy kan gespring het. Die seun het vir sy pa gesê om hoër te spring as wat hy kan en sy oë was vol vertroue en afwagting.

Wanneer 'n kind 'n volwassene vra om hoër te spring as wat die volwassene kan, kan volwassenes dit vermaaklik vind. Volwassenes kan sin maak daarvan en weet dat hulle oor die mag beskik om te weier. Wanneer volwassenes van 'n kind verwag om hoër te spring as wat die kind kan, dan maak dit glad nie sin nie en is oor die algemeen mishandeling. Mishandeling is oor die wanbalans van mag in die verhouding. (Joy, 1999:147). Die een met meer mag neem voordeel daaruit en buit die een met minder mag uit, ten einde hul eie behoeftes en gevoelens te bevredig. Daar is baie maniere waarop kinders mishandelende reaksies van volwassenes ervaar. Die navorser vind in praktyk ook dat al hoe meer kinders met meer mag voordeel daaruit trek en ander kinders met minder mag uitbuit en seksueel misbruik.

Dit is maklik vir die terapeut en vir familieleden om op die volwassene se idees, kennis, behoeftes en gevoelens te konsentreer en sodoende die adolessent se siening te ignoreer (Joy, 1999:147). Dit word soms uitgevoer met die beste bedoelinge, maar wanneer dit gebeur, is dit die volwassene wat van die kind verwag om “hoër te spring as wat die kind kan.” Dit is maklik van die bevooroordeelde, volwasse posisie, om dit snaaks te vind, maar dan vermaak ons onself ten koste van die kind of adolessent. Volgens Van der Merwe (1996a:9) is dit belangrik dat die terapeut in staat moet wees om op die kind se vlak van funksionering te werk. Die ideaal is dat die terapeut se eie kindskap nie ver weg moet

voel en onwerklik voel nie, maar sy moet haar eie gevoelens, vrese en vrae duidelik moet kan herroep.

Dit is belangrik om die relevantheid van kindskap: “The state or time of being a child”, te verstaan en te waardeer (Joy, 1999:148). Indien ‘n terapeut kinders se beskrywings van gebeure interpreteer deur volwasse ervarings, sal die terapeut daarin misluk om die adolessent se pogings om die gevolge van seksuele misbruik te verwerk op te merk, te noem, aan te moedig en te respekteer. Wanneer terapeute die pad van kindskap en die betekenis wat die adolessente daaraan heg respekteer, begin hulle, wat Joy (1999:148) verwys na as “die politiek van volwasse-kinderverhoudings,” erken.

Volgens Van der Merwe (1996a:9) moet die terapeut in kontak met die kind in haar wees en moet in staat wees om die rol van die kind weer aan te neem. Die terapeut moet dus die kuns om professionaliteit, spontaneïteit en genot te kombineer, bemeester. Die navorser vind dit persoonlik maklik om met die adolessente te identifiseer, sonder om te “cool” te probeer aantrek of op te tree. Aangesien die navorser daagliks met adolessente werk, is die navorser bekend met hulle “taal en terme” en dit is asof die adolessent met nuwe oë na die terapeut kyk indien hulle “taal” gepraat word. Die kleurlingadolessente praat byvoorbeeld van “skel” en nie van “baklei” of “raas gekry” nie. Dit is belangrik dat ‘n gemaklike atmosfeer moet seëvier in die speelkamer en dat die adolessent moet weet dat sy aanvaar word vir wie sy is as persoon.

5.5.1 Die politiek van volwasse-kinder verhoudings en die politiek van seksuele misbruik

Wanneer ‘n kind haar stories vir die terapeut vertel, is dit nie slegs ‘n storie van seksuele misbruik nie, maar seksuele misbruik in die konteks van ‘n kind wees in ‘n samelewing wat volwasse regte, gevoelens en gemak oor die behoeftes van ‘n kind ophef (Joy, 1999:149). Volgens die navorser is daar ‘n verskil in kennis, kognitiewe ontwikkeling en onafhanklikheid tussen volwassenes en kinders. Dit moet dus nie vergeet word tydens dienslewering aan die adolessent wat sekuseel misbruik is nie. Die terapeut moet die

kind of adolessent se ontwikkelingsvlak in aanmerking neem en nie oordeel vanaf die terapeut se ontwikkelingsfase nie. Bygevoeg tot hierdie verskille is status, gesag, taalvaardighede, emosionele ontwikkeling en lewenservaring, fisiese krag en beweeglikheid, om maar 'n paar te noem. Hierdie verskille tussen die volwassene en die kind skep dus 'n magsverskil tussen volwassenes en kinders.

Wanneer volwassenes hierdie verskil tussen volwassenes en kinders as 'n verdiende posisie in plaas van 'n bevoorregte posisie sien, dan is dit onwaarskynlik dat hul betroubaar sal optree teenoor die kinders en adolessente in die samelewing (Joy, 1999:149). Die resultaat is dat die kinders kwesbaar is in hulle nodige ontwikkelingspad deur kindskap. Tydens intervensie met kinders en adolessente wat seksueel misbruik is, is dit belangrik dat terapeute oor begrip en kennis van die politiek van seksuele misbruik moet beskik. Oortreders van seksuele misbruik van kinders, misbruik hulle mag teen die kwesbaarste, afhanklike en beïnvloedbare lede van die samelewing, naamlik kinders (Joy, 1999:149).

Terapeute moet kennis en begrip hê van die “politiek van seksuele misbruik”. Dit moet tesame met twee ander faktore gedoen word, naamlik: eerstens 'n vasbeslotenheid om die betekenis wat kinders en adolessente aan hulle lewens heg, in hulle eie terme, te verstaan eerder as in volwasse terme. Tweedens 'n begrip van die politiek van volwasse-kinderverhoudings (Joy, 1999:149). Van der Merwe (1996a:10) bespreek die volgende eienskappe wat 'n terapeut wat met kinders of adolessente werk moet assesser en deel moet probeer maak van haarself, naamlik:

- Die terapeut moet emosioneel volwasse en gebalanseerd wees, met goeie sosiale funksionering.
- Teoretiese kennis en praktiese ervaring moet die intelligensie van die terapeut komplimenteer.
- Die terapeut moet oor uithouvermoë beskik, aangesien dit soms tyd neem om die kind se vertroue te wen.
- Die terapeut moet verantwoordelik wees.

- Vriendelikheid en spontaneiteit is nodig om 'n vertrouensverhouding te bou.
- Kalmte en eerlikheid moet duidelik wees in die terapeut se houding, gedrag, denke en uitdrukking van gevoelens.
- Die terapeut moet oor selfvertroue beskik.
- Die terapeut moet sensitief wees vir die kind se behoeftes.
- Selfkennis bring beheer, begrip en aanvaarding mee.
- Vermoë om te luister.

Kinders en adolessente is afhanklik van volwassenes en het minder mag. Gevolglik word kinders en adolessente beïnvloed deur die reaksies van volwassenes na die onthulling van die seksuele misbruik. Kinders en adolessente probeer pog om te lewe volgens volwassenes se verwagtinge en akkommodeer die behoeftes en gevoelens van volwassenes wat belangrik vir hulle is (Joy, 1999:150). Baie kinders en adolessente ervaar skaamte en skuldgevoelens omdat hulle nie dadelik die seksuele misbruik onthul het nie. Hierdie kinders en adolessente voel verantwoordelik vir familieledes wat hulself blameer omdat hulle misluk het in hulle rol as beskermers. Hierdie kinders en adolessente neem die verantwoordelikheid van die volwassenes se rou op hulle: “Dit is my fout, ek moes gouer vertel het” of “Waarom het ek nie gouer vertel nie?”

In praktyk vind die navorser dat die eerste vraag wat die polisie, hof, prokureurs en familie baie keer aan die adolessent wat seksueel misbruik is, vra, handel oor waarom sy nie dadelik vertel het nie. Asof die verantwoordelikheidsgevoelens van adolessente wat seksueel misbruik is, nie genoeg is nie, word sy weer bevraagteken en ervaar verdere verantwoordelikheid en skuldgevoelens. Dit is die navorser se opinie dat daar baie redes is waarom adolessente nie dadelik die seksuele misbruik onthul nie en dat dit 'n sensitiewe aspek is wat versigtig tydens die terapeutiese proses ondersoek kan word op 'n nie-bedreigende manier.

Ander kinders blameer weer hulself omdat hulle vertel het. Joy (1999:150) beskryf 'n voorbeeld van 'n dogter wat deur haar oupa seksueel misbruik is en die skaamte en rou wat die kind se ma ervaar het asook die woede van haar pa teenoor die oortreder.

Alhoewel die kind nou veilig was ten opsigte van die oortreder, was Joy (1999:150) bekommerd oor die kind se ervaring en betekenis wat sy geveg het aan haar ouers se reaksie: “As ek nie vertel het nie, dan sal niks hiervan gebeur het nie.”

Een van die belangrikste faktore ten einde die politiek van seksuele misbruik van kinders te verstaan is om te beseft dat dit ‘n beplande en opsetlike daad van die oortreder is (Joy, 1999:151). Die oortreder betrek die kind deur verneukery wat die regte aard van sy komplot bedek, of deur intense vrees toe te pas as daar nie saamgewerk word nie. Joy (1999:151) beskryf ‘n voorbeeld van ‘n kind wat nie direk kan onthou dat haar pa vir haar gesê het dat sy nie moet vertel nie. Sy onthou egter ‘n wrede daad teenoor haar troeteldier toe sy nie die oortreder tevrede gestel het nie.

In alle seksuele misbruiksituasies is dit vrees wat die kind ervaar wat veroorsaak dat die seksuele misbruik ‘n geheim gehou word. Die kinders se genade hang van die oortreder se vermoë om die situasie en betekenis te manipuleer af, en gesamentlike verantwoordelikheid te skep deur terme soos “ons” te gebruik wat die kind ‘n deelnemer aan die gedrag maak (Joy, 1999:151). Kinders leer later om verantwoordelik te voel en om die skaamte te dra.

Onthulling van die seksuele misbruik skep die vrees van vernederende skaamte, om nie geglo te word nie, om gesien te word as verantwoordelik daarvoor of om verwerp te word deur die mense vir wie hulle lief is en van wie hulle afhanklik is (Joy, 1999:151). Die kind kan vrees dat onthulling ander gaan seermaak, veral vir die oortreder, as hy of sy ‘n familielid is. Baie kinders vrees vir hulle eie veiligheid of vir die veiligheid van ander familieledes, sou hulle die seksuele misbruik onthul. Kinders van alle agtergronde en gesinsituasies kan hulself gekonfronteer vind met ‘n oortreder. Dit is hartseer dat dit juis die “mooi” kwaliteite van kinders is wat die teken van uitbuiting is, byvoorbeeld ‘n kind wat daarvan hou om hulpvaardig te wees en ander tevrede wil stel deur ‘n guns te doen.

5.5.2 Betroubaarheid en die terapeutiese proses

Daar is twee elemente wat toon dat speltherapie suksesvol is. Die een element is die ontwikkeling van die terapeutiese verhouding tussen die kind en die spelterapeut. Die ander element is die vermoë van die kind en die terapeut om betrokke te raak in effektiewe probleemoplossing wat die kind in staat stel om haar behoeftes op 'n effektiewe en geskikte manier te bevredig (O'Connor & Ammen, 1997:126). Praktieke wat betroubaar is tot die behoeftes en ervarings van kinders, moet respek, waardering en begrip vir die kind se eie betekenis en kennis hê. Dit behels 'n empatiese en intellektuele vermoë om jouself in die kind se posisie en wêreld te plaas soos die kind dit sien op daardie oomblik op hul lewenspad deur kindskap (Joy, 1999:152). Volgens O'Connor & Ammen (1997:127) is kinders gewoonlik gemotiveerd om saam met 'n terapeut te werk wat belangstel in hulle en wat emosioneel en fisies beskikbaar is.

Terapeute moet ingestel wees op die ontwikkelingsbeperkings van die kind en adolessent se denke, as 'n metode om gedrag en ervarings te verstaan en te interpreteer volgens die kind se wêreld. Joy (1999:153) probeer betroubaarheid op die volgende maniere in haar praktyk bevorder, naamlik:

- Konsulteer met die nie-oortredende ouer / versorger voor enige familievergaderings gehou word. Dit gee geleentheid vir aanvangsgevoelens van rou, skuld of ongeloof, wat algemeen na onthulling is, en dit kan aangespreek word sonder dat die kind aan hierdie volwasse emosies en ervarings blootgestel word.
- Om die gevolge van die seksuele misbruik op die kind en adolessent in die konteks van die kind en adolessent se ervarings aan te spreek. Dit sluit in die gevolge van die seksuele misbruikgebeure, reaksies van die familielede, intervensie van die ondersoekagente en verwagtinge ten opsigte van skoolprestasies.
- Ontwikkeling beteken om dit vir die kind en adolessent moontlik te maak om die afbreek van die politiek van seksuele misbruik te hanteer. Kinders en adolessente kan dan self ontdek, wat die antwoorde van vrae is wat hulle pla: "Is dit my skuld?", "Verdien ek dit?", "Was dit iets van my?" of "Waarom het ek nie vertel nie?"

- Bemoediging van die kinders en adolessente om hul ervarings te bespreek op 'n manier wat ooreenstem met hulle vlak van ontwikkeling, en respek vir die kind se gevoelens, idees en betekenis wat hulle daaraan heg.

5.6 Terminering van terapie

Die terapeut moet voortdurend die vordering van die terapie assesser ten einde te bepaal of die doelwitte bereik is en indien wel, termineer. Aanduiders dat die tyd reg is vir terminering sluit in: wanneer die kind 'n plato bereik (geleentheid om veranderinge te integreer en te assimileer), aanhoudende weerstand moet ook gerespekteer word sodat die kind weet sy kan later terugkom vir terapie, of soms voel die kind dat om nou voort te gaan met terapie meer innerlike krag gaan vereis as wat die kind nou kan voorsien. Die terapeut kan ook besluit om te termineer indien die kind ingeskakel het by vriende en sosiale aktiwiteite en terapie dan sien as indringing in die aktiwiteite, of wanneer die kind ver genoeg in die terapeutiese proses beweeg het en self verder vordering kan maak en wanneer die kind se gedrag positief verander het volgens die ouers en skool (Geldard & Geldard, 2002:123).

Wanneer die terapiedoelwitte bereik is, kan die termineringsdatum vooraf beplan word (O'Connor, 2000:352). Wanneer die besluit geneem word om terapie te termineer, is dit belangrik dat terminering gesien word as 'n noodsaaklike deel van die terapieproses, nie net 'n onvoorkombare en onaangename gebeurtenis nie. Ten einde te voorkom dat die kind ervaar dat terminering nie sin maak nie, dat sy nou net geleer het om die terapeut te vertrou en op haar staat te maak en nou dat dit goed gaan word die verhouding beëindig, moet terminering goed beplan word (O'Connor, 2000:354). Die implementering van 'n effektiewe termineringsproses hang af of die adolessent 'n realistiese begrip van die aard van haar verhouding met die terapeut het. Die adolessent moet besef dat haar verhouding met die terapeut 'n werkgerigte en doelgerigte verhouding is wat verskil van enige ander verhouding.

Dit is dus die navorser se opinie dat dit belangrik is dat die terapeut se rol tydens aanvang van terapie duidelik beskryf moet word asook die doel van die terapie. Die lengte van die termineringsproses moet in proporsie wees tot die lengte van die terapie (O'Connor, 2000:355). Deel van die laaste sessie moet ook 'n viering van die adolessent se vordering wees oor die verloop van tyd. Dit is ook belangrik dat die adolessent en die versorger(s) moet weet dat 'n oop-deur beleid gehandhaaf word indien die adolessent weer 'n behoefte aan terapie het.

5.7 Riglyne om die adolessent te assesser tydens gestaltpel terapie

Dit is die navorser se opinie dat die terapeut na afloop van elke sessie volledig verskillende aspekte moet assesser en sodoende kwalitatiewe inligting insamel. Blom (2002:71-73) stel Oaklander se riglyn voor vir assessering gedurende gestaltpel terapie.

Tabel 5.1: Riglyne om die adolessent te assesser tydens Gestaltpel terapie

HOOFASPEKTE:	SUBKOMPONENTE:
Terapeutiese verhouding	<ul style="list-style-type: none"> • Wat is die adolessent se vlak van vertroue en neem die terapeutiese verhouding vorm aan? • Toon die adolessent relevante weerstand of kom sy verward voor?
Kontak en kontakvaardighede	<ul style="list-style-type: none"> • Maak die adolessent goeie kontak met die terapeut en kan sy dit in stand hou? • Onttrek die adolessent relevant op tye? • Hoe gebruik die adolessent haar kontakvaardighede?
Belange	<ul style="list-style-type: none"> • Toon die adolessent betrokkenheid, belangstelling en opgewondenheid? • Is haar stem vol emosie of “swak”? • Hoe gebruik sy haar asemhaling?

	<ul style="list-style-type: none"> • Wat is die energievlakke en wanneer het sy meer of minder energie?
Liggaamshouding	<ul style="list-style-type: none"> • Hoe sit, loop en staan die kind, is haar liggaam beperk, los of buigbaar? • Hoe is haar houding? • Is haar skouers “rounded”?
Humor	<ul style="list-style-type: none"> • Reageer die adolessent relevant op humor? • Het sy ‘n sin vir humor?
Weerstand	<ul style="list-style-type: none"> • Wat is haar vlak van weerstand? • Hoe manifesteer die weerstand? • In watter vlak van neurose funksioneer die adolessent?
Emosionele uitdrukking	<ul style="list-style-type: none"> • Weet sy wat emosies is? • Kan sy basiese emosies uitdruk? • Kan sy redes vir haar emosies identifiseer? • Is die adolessent se emosionele uitdrukking relevant? • Is die adolessent in staat om emosies uit te druk? • Hoe hanteer die adolessent haar emosies teenoor die terapeut, familie en vriende? • Hoe hanteer die adolessent woede? • Het sy ou, onuitgedrukte en onvoltooide emosies van rou en woede wat aangespreek moet word?
Kognitiewe aspekte	<ul style="list-style-type: none"> • Kan die adolessent haar gevoelens en denke uitdruk? • Hoe is haar taalvaardighede? • Kan die adolessent riglyne volg, ‘n speletjie speel, keuses maak, probleme oplos en organiseer? • Het sy idees en opinies van haar eie? • Maak dit sin wat sy sê?

	<ul style="list-style-type: none"> • Maak sy van ouderdomverwante abstraksies en simbole gebruik? • Het sy 'n sin van reg en verkeerd?
Kreatiwiteit	<ul style="list-style-type: none"> • Is sy in staat om openlik en vrylik deel te neem aan kreatiewe tegnieke? • Kan sy nuwe dinge uitprobeer? • Onttrek sy, is sy beperk en weerloos?
Sin van die self	<ul style="list-style-type: none"> • Het die adolessent 'n graad van selfbewustheid en introspeksie? • Kan sy haar projeksies besit van verskeie projeksietegnieke? • Maak sy haarself moeg? • Is sy selfkrities, onseker en soek sy aanvaarding? • Kan sy stellings oor haarself maak? • Kan sy keuses maak? • Is sy selfgeldend of ingetoë? • Is sy in staat om te skei van haar ouers? • Onthul die adolessent meewerkende gedrag? • Veg die adolessent vir gesag? • Het sy 'n ouderdomverwante sin van bemeestering?
Sosiale vaardighede	<ul style="list-style-type: none"> • Hoe is haar verhoudings met ander in haar lewe? • Het sy vriende? • Toon die adolessent tekens van onafhanklike denke en aksies? • Het sy omgewingsondersteuning vir haar behoeftes? • Hoe bevredig sy haar behoeftes? • Het sy ouderdomverwante egosentrisme?

Proses	<ul style="list-style-type: none"> • Hoe vertoon sy haarsel tot die wêreld (sag, luidrugtig, aggressief, passief, selfgeldend, 'n leier of 'n volger)? • Is haar pas vinnig of stadig? • Is sy 'n ekstrovert of 'n introvert? • Hoe tree die adolessent op teenoor haar ouers, suster(s), broer(s), en onderwysers? • Watter gedrag toon die adolessent? • Op watter maniere probeer die adolessent haar behoeftes bevredig en 'n sin van die self verkry? • Stem die terapisessies en gebeure buite ooreen?
--------	---

(Blom, 2002:71-73)

5.8 Kritiese aspekte tydens terapie met getraumatiseerde kinders

James (1989:3) bespreek die volgende kritiese aspekte tydens terapie met getraumatiseerde kinders:

5.8.1 Keer terug na die pyn

Om die adolessent te help om die werklikhede van pynlike gebeure in haar lewe te erken en te aanvaar is 'n belangrike deel van terapie (James, 1989:4). Indien die werklikhede nie aanvaar word nie, hou die adolessent aan om baie energie te gebruik om dit wat sy oorweldigend vind te vermy. Die adolessent kan gebruik maak van verskeie kontakgrensversteurings soos dissosiasie of onderdrukking, wat haar ontwikkeling nadelig kan beïnvloed. Die adolessent vermy dus alles wat haar herinner aan dit wat sy wil vergeet. Vermydingsmeganismes kan onttrekking, beperkte fisiese en emosionele uitdrukking, aggressie en gevaarlike risiko-gedrag insluit (James, 1989:4).

Die terapeut moet die adolessent lei en ondersteun deur die pynlike proses waartydens die gebeure versigtig ontvou en stadig deurgewerk word sodat die adolessent begrip en aanvaarding van dit wat gebeur het ontwikkel, en dit dan laat vaar. Die hele proses vereis vaardighede en sensitiwiteit. Volgens James (1989:5) beskerm die meeste volwassenes adolessent van die pyn eerder as om haar te help om dit te konfronteer. Om suksesvol te wees in die onnatuurlike proses om die adolessent se pynlike ervarings te laat ondersoek, moet die terapeut begryp en aanvaar dat die proses nodig is vir integrasie en bemeestering.

5.8.2 Terapie tydens verskillende ontwikkelingsfases

Traumatiese gebeure se betekenis kan vir die slagoffer begin verander soos sy ouer word en dit kan dan ontwikkeling beïnvloed. Die kind wat seksueel misbruik is kan aanvanklik fisiese genot en tevredenheid ervaar wanneer sy beloon word, maar kan in 'n latere ontwikkelingsfase skuldgevoelens vir hierdie genot ervaar omdat sy dit nie teëgestaan het nie (James, 1989:6). 'n Terapeut wat die slagoffer se huidige simptome aanspreek, is gewoonlik bewus dat daar ook ander kliniese aspekte is wat aangespreek moet word, maar die terapeut kan nog nie dit aanspreek wat eers op latere ontwikkelingsfases te vore gaan kom nie. Daarom moet die terapeut gedurende die aanvangsterapie 'n basis vir toekomstige terapie voorberei.

Die navorser is van mening dat indien die adolessent die terapie positief beleef het en tydens 'n latere aanvangsfase enige verdere probleme ervaar, weer die vrymoedigheid sal neem om terug te kom vir terapie. Die navorser sal dus ook 'n oop-deur beleid na terminering van terapie handhaaf, sou die adolessent op 'n latere stadium die behoefte ervaar om weer te kom vir terapie.

5.8.3 Betrokkenheid van die adolessent se versorgers

Die eerste sessie is uiters belangrik aangesien dit die adolessent en versorger(s) se verdere samewerking kan beïnvloed (O'Connor & Ammen, 1997:22). Baie min kinders besluit

self om te kom vir terapie. Die versorger(s) het gewoonlik beheer of die kind die hulp wat sy benodig ontvang of nie, dit is daarom baie belangrik om met die versorger(s) se ervarings kontak te maak om te verseker dat die kind toegang tot terapie kry (O'Connor & Ammen, 1997:22). Vir die terapie om effektief te wees, moet die primêre versorger(s) van die adolessent betrokke wees. Die betrokkenheid van die adolessent se versorger is nie die verbreking van die adolessent se konfidensialiteit nie, maar wel 'n beplande intervensie (James, 1989:9). Een of twee ure terapie per week is nie genoeg nie, gerigte ouerlike betrokkenheid kan die terapie direk en indirek bevorder. Die voordele daarvan is dat daar vinniger vordering gemaak word, gevoelens van wanhoop vir beide die adolessent en versorger verminder, en dit verminder die geneigdheid dat die adolessent identifiseer met die slagofferrol.

Terapeute maak soms die fout deur aan te neem dat die ouers tevrede sal wees en dat die ouers se behoeftes sal verminder indien die terapeut vir die kind omgee. Die omgeeverhouding met die kind kan egter die teenoorgestelde effek hê en die ouers kan voel dat hulle onbevoeg en verantwoordelik is vir die kind se spanning (O'Connor, 2000:333). Die ouers kan voel dat hulle so sleg was dat 'n uur se kontak een keer 'n week met 'n vreemdeling (die terapeut) hulle kind beter laat voel en optree. Die ouers kan dan die sessies onbewustelik te na kom. Dit is daarom beter om saam met die versorgers of ouer(s) te werk om hulle en die adolessent se onmiddellike behoeftes en konflikte aan te spreek.

Die betrokkenheid van ander verminder die geheimhouding en gevoelens van skaamte. Daar word dus aan die adolessent gedemonstreer dat ander die sake kan hanteer en dat sy ook kan (James, 1989:9). Betrokkenheid van ander verhoog die adolessent se selfaanvaarding. Dit maak dit makliker vir die adolessent om haarself te aanvaar indien ander haar uitdrukking van gevoelens verwant aan die trauma gesien het en aanvaarding getoon het. Die versorger(s) se aanvanlike bekommernisse kan ook sodoende geïdentifiseer word en aangespreek word. Deur die versorger(s) deurlopend met inligting en ondersteuning te voorsien, kan enige geneigdheid van die versorger(s) om terapie teë

te staan verminder. Te vroeë terminering is minder geneig om voor te kom wanneer die versorger(s) deel van die terapieprogram is.

‘n Terapiedoelwit vir meeste kinderslagoffers van trauma sluit in die versterking of verbetering van die kind se band met haar versorger(s), en dit vereis aktiewe deelname van die versorger(s). Volgens James (1989:10) is die versorger(s) se betrokkenheid aanvanklik minimaal en vermeerder oor verloop van tyd tot maksimaal. Hoe baie en in watter mate die versorger(s) betrokke is, is ‘n komplekse terapeutiese besluit. Indien die versorger(s) self baie behoefstig is weens hulle eie probleme, moet hulle nie meer as minimaal betrek word nie. Indien die terapeut redes verstaan waarom versorger(s) soms te vroeg terapie met die adolessent laat termineer, kan die terapeut help om voorkomend op te tree om dit te voorkom. James (1989:11) lys die volgende redes waarom sommige versorger(s) terapie aan die adolessent stop voor die terapeut dit aanbeveel het, naamlik:

- Hulle wil glo dat die adolessent nie beskaad is nie,
- Hulle voel skuldig omdat hulle nie die adolessent beskerm het nie en wil hê dat die probleem gou opgelos moet word,
- Hulle glo terapie is skadelik vir die adolessent omdat dit net pynlike gebeure herhaal,
- Hulle glo terapie is skadelik omdat die adolessent se gedrag net verswak het,
- Hulle glo terapie is oneffektief omdat die adolessent met speelgoed (tydens speltherapie) speel,
- Hulle kan nie die tyd en geld vir terapie bekostig nie,
- Hulle voel dat hulle hulle ander kinders afskeep,
- Hulle is jaloers op die adolessent se terapie,
- Die adolessent se terapie gee aanleiding tot herinneringe van die versorger(s) se eie trauma in die verlede,
- Die adolessent se positiewe verhouding met die terapeut word ervaar as ‘n verlies deur die versorger(s) en dra by tot gevoelens van onvoldoende ouerskap.

5.8.4 Direkte en oop benadering

Gerigte spel, direkte bespreking en ‘n oop, aktiewe benadering is nodig om die adolessent te ondersteun om die traumagebeure wat sy ervaar het te erken en te integreer (James, 1989:11). Indien die terapeut direkte bespreking vermy, kan die terapeut die adolessent se geloof dat die aspekte te oorweldigend is om te hanteer, versterk. James (1989:11) bespreek die volgende redes waarom ‘n direkte benadering die behoeftes van die adolessent die beste aanspreek, naamlik:

- Die trauma het moontlik veroorsaak dat beide die adolessent en versorger(s) hulle vertrou in hulle omgewing verloor het. ‘n Duidelike verduideliking van die terapeut se rol, die betrokkenheid van die adolessent en versorger(s) in die terapie en die bespreking van terapedoelwitte, verminder onsekerheid oor die proses en voorsien die adolessent en versorger(s) met ‘n gevoel van beheer,
- Baie adolessente glo dat die trauma permanente, negatiewe verandering veroorsaak. Dit kan in sommige gevalle soos fisiese beserings of merke wees, en dit moet nie afgeskryf word nie. Indien die adolessent permanente fisiese beserings opgedoen het, moet die terapeut die adolessent help om die werklikhede van beperkinge van die situasie te aanvaar, terwyl die adolessent geleer word dat haar totaliteit meer is as slegs haar liggaam,
- Adolessent benodig direkte intervensie om sterk, geïnternaliseerde gelowe dat hulle emosioneel geskend is en daarom beperk is, te hanteer,
- Adolessente voel baie keer verward oor die gemengde boodskappe wat hulle ontvang, byvoorbeeld: “Wat gebeur het, is nie jou skuld nie, maar jy moet die terapeut een keer ‘n week sien weens die voorval.” Dit versterk die boodskap: “Ek is sleg.” Die terapeut kan die boodskap in ‘n breër konteks plaas as een van die slegte dinge wat met kinders kan gebeur en kan verduidelik watter werk hulle saam kan doen ten einde te verstaan wat gebeur het en hoe sy daarvoor voel. Deur dit openlik aan te spreek verminder verwarring en stigmatisasie en gee ‘n boodskap van hoop,
- Seksueel misbruikte kinders kan agterdogtig en terughoudend wees indien die terapeut nie ‘n direkte, oop benadering gebruik nie. Seksuele misbruik betrek baie

keer 'n volwassene wat die kind vertrou het, wat alleen saam met die kind wil wees, saam speel en geheime deel. Dit is dus belangrik dat die terapeut die doel en betekenis van die terapie aan die kind moet verduidelik,

- Die “slegste moontlike situasie” sal wees wanneer die adolessent terugflitse of erg regressiewe gedrag ervaar voordat 'n vertrouensverhouding met die terapeut gevestig is. Dit kan resulteer daarin dat die adolessent die terapeut identifiseer met die persoon of situasie wat die trauma veroorsaak het, en maak die ontwikkeling van 'n vertrouensverhouding onmoontlik,
- Meeste adolessente weet waarom hulle vir terapie moet gaan, en indien die terapeut nie daarvoor praat nie, kan die adolessent dit ervaar as oneerlikheid,
- Indien die terapeut en die kind net speel in sessies en nie oor die seksuele misbruik praat nie, kry die kind die boodskap dat die gebeure selfs te angswekkend is vir die terapeut om daarvoor te praat,
- Versorger(s) neem die terapeut se leiding aan. Indien gebeure nie direk bespreek word in terapie nie, is hulle geneig om dit ook nie aan te spreek by die huis nie,
- 'n Oop en direkte benadering gee die adolessent 'n gevoel van 'n ferm fondasie en mag. Dit, tesame met die boodskappe dat die terapeut in beheer is van die situasie, is die basis wat die kind benodig om aspekte aan te spreek.

5.8.5 Intensiteit en genot

Binne getraumatiseerde adolessente is daar gewoonlik sterk en angsvolle gevoelens toegesluit dat hulle hulpeloos, sleg en skuldig is (James, 1989:13). Die boodskappe wat die adolessent tydens terapie ontvang, moet ooreenstem met die intensiteit van die negatiewe boodskappe sodat dit gehoor, gevoel en geglo word. Indien die kind die sessies saam met die terapeut geniet, kan sy meer ontvanklik vir positiewe boodskappe vanaf die terapeut wees. Dit beteken nie dat die terapeut 'n naruitrusting moet aantrek nie, maar wel dat sy goeie oogkontak moet maak en opregte en duidelike boodskappe moet gee.

Indien die terapeut 'n genotvolle spelterapiestyl gebruik, kry die kind die boodskap dat dit lekker is om saam met haar te wees en leer sy spelvaardighede wat baie keer nodig is om deel te wees van die terapieplan. Direkte, verbale boodskappe moet herhaaldelik versterk word deur terapeutiese aktiwiteite tydens sessies. Die adolessent word steeds verantwoordelik gehou vir wangedrag tydens sessies en dit moet duidelik gekommunikeer word dat die gedrag, nie die adolessent nie, onaanvaarbaar is (James, 1989:14).

Terapie met getraumatiseerde adolessente is so intens en pynlik dat sterk elemente van genot vereis word vir beide die terapeut en die adolessent om te oorleef om in staat te wees om die harde werk voort te sit. Baie kinders wat trauma beleef het, glo dat hulle nie ooit meer sal lag nie. Goeie tye in die terapeutiese proses leer die adolessent dat dit in orde is om tyd af te neem vir genot en ten spyte van die pyn, gaan die lewe voort.

5.8.6 Multidimensionele strategie

Trauma kan die adolessent se fisiese, kognitiewe, emosionele en spirituele ontwikkeling beïnvloed en daarom moet terapiestrategieë om met elkeen van hierdie aspekte te werk, beskikbaar wees (James, 1989:14). Intervensie in slegs een area is gewoonlik nie effektief nie. Fisiese bemeestering word bereik deur werk met die liggaam tydens sessies of deur aktiewe betrokkenheid soos ballet of karate, wat deel kan vorm van die terapieprogram vir die kind wat traumatiese fisiese indringing beleef het. Ondersteunende instruksies en modellering verwant aan liggaamsgrense is belangrik tydens terapeutiese intervensie.

'n Adolessent kan kognitiewe begrip van gebeure en verwante omstandighede bereik deur direkte leiding van die terapeut. Stories, die gebruik van 'n metafoer en direkte bespreking van werklikhede op die adolessent se vlak help die adolessent om begrip te ontwikkel. Emosionele bemeestering kom van verskeie ervarings wat die adolessent in staat stel om veilig te voel om gevoelens te ondersoek en uit te druk wat op 'n stadium

oorweldigend en onaanvaarbaar was. Kuns en speltherapieaktiwiteite help om gevoelens te skets, te identifiseer en uit te druk (James, 1989:14).

Spirituele impak kan die langdurigste wees op die adolessent. Spiritualiteit is veral belangrik vir adolessente wat diepgaande verliese oor 'n verloop van tyd ervaar het. Die adolessente kan gehelp word om te voel dat hulle iets van waarde in hulle het wat mooi en magtig is en wat nie weggeneem kan word nie. Spiritualiteit kan benader word deur die opgewondenheid oor die wondere van die natuur, deur musiek of gedigte of die spesifieke godsdiens affiliasies wat bestaan in die adolessent se familie.

5.9 Samestelling van die Kinderfunksioneringsinventaris – Hoërskool (KFI-Hoër)

Die verskillende aspekte wat met die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool gemeet word, sluit in: Positiewe Funksioneringsareas, Verhoudings, Besluitnemingsvermoë, Selfpersepsie en Trauma-dinamika. Vir die doel van hierdie studie sal daar op die laasgenoemde twee aspekte, naamlik selfpersepsie en trauma-dinamika gefokus word. Tydens die terapeutiese proses waartydens daar gefokus word op die selfpersepsie en trauma-dinamika van die adolessent wat seksueel misbruik is, is dit dus uiters belangrik om die bogenoemde beginsels, vaardighede en ontwikkelingsaspekte in ag te neem. Die navorser sal vervolgens kortliks verduidelik in watter konstrakte selfpersepsie en trauma-dinamika verdeel word vir hierdie studie. Dit sal dus ook vir die leser duidelik word dat die konstrakte wat gemeet en aangespreek word in hierdie studie, aspekte is wat beïnvloed kan word sou 'n adolessent seksueel misbruik word, soos reeds volledig bespreek is in hoofstuk drie.

5.9.1 Selfpersepsie

Die selfpersepsie van die adolessent word met die volgende ses konstrakte gemeet, naamlik:

5.9.1.1 Angstigheid en vrese

Hierdie subskaal meet die gevoel van onsekerheid en vrees wat die adolessent ervaar. Vrees is 'n integrale deel van normale ontwikkeling. Spesifieke vrese kom baie keer voor tydens sekere ouderdomme (Knell, 1993:185). Hierdie vrese is gewoonlik kortstondig, neig om die ouderdom van die individu te reflekteer en betrek gewoonlik nie intense emosies nie. Dit is die navorser se opinie dat ouderdomverwante vrese van adolessente liggaamlike beserings, verwerping deur hulle portuurgroep, verliese en bekommernisse oor skoolprestasies en sosiale verhoudinge insluit.

Onderskeid word gemaak tussen vrees wat gefokus is op 'n spesifieke voorwerp of situasie, en angs wat gekonseptualiseer word as 'n nie-spesifieke en meer verspreid. Die vraag ontstaan wanneer angs 'n versteuring is. Sternberg (1998:610) noem drie faktore wat oorweeg moet word;

- Vlak van angs. Dit is een ding om af en toe 'n bietjie vrees vir 'n hyser te ervaar, veral in 'n oorvol hyser, maar dis 'n ander saak as die persoon nie in staat is om 'n hyser te gebruik om by die werk te kom nie.
- Regverdiging vir die angs. Dit is normaal om bietjie angstig te voel voor 'n belangrike gebeure soos 'n finale eksamen, maar dit is nie normaal om konstant daardie selfde vlak van angs te ervaar wanneer daar geen stresvolle gebeure is nie.
- Gevolge van die angs. Indien die angs lei tot ernstige wanaangepaste resultate, soos skoolafwesigheid omdat die persoon nie in staat is om die huis te verlaat nie, is die gevolge ernstig genoeg om die persoon te klassifiseer as 'n persoon met 'n angsversteuring.

Algemene angsversteurings word gekarakteriseer deur 'n aanhoudende, langdurige sin van angs wat nie versoorsaak word deur enige spesifieke voorwerp, situasie of aktiwiteit nie (Nevid, Rathus & Greene, 1994:177). Die angs en kammernisse wat algemene angsversteurings karakteriseer, word geassosieer met rusteloosheid, konsentrasieprobleme, geïrriteerdheid, spierstyfheid en slaapprobleme (Nevid, Rathus &

Greene, 1994:177). Hierdie eienskappe veroorsaak emosionele ontsteltenis en verswak funksionering.

Een van die grootste vrese wat adolessente slagoffers van seksuele geweld kan ervaar is om hulle ouers van die seksuele misbruik te vertel (Benedict, 1994:190). Dreigemente is nog 'n rede waarom adolessente slagoffers vrees ervaar en nie die seksuele misbruik onthul nie (Bannister, 1998:192). Baie slagoffers van seksuele misbruik druk die vrees uit dat hulle die MIV/VIGS virus kon opgedoen het as gevolg van die seksuele misbruik (Nevid, Rathus & Greene, 1994:548). In praktyk vind die navorser dat adolessente om verskeie redes angs ervaar, naamlik:

- Soms word die adolessent gedreig dat indien sy die seksuele misbruik onthul dan sal sy of haar familie seergemaak of doodgemaak word,
- Soms vrees die adolessent die impak wat die onthulling kan hê of het op haar familie, emosioneel en finansiëel,
- Soms vrees die adolessent die hofverrigtinge,
- Soms vrees die adolessent om die oortreder te sien of dat hy die seksuele misbruik kan herhaal.

Volgens Davis (1996:6) kan blootstelling aan 'n trauma gebeurte veroorsaak sodat die liggaam streshormone vrystel. Dit kan aanleiding gee tot simptome soos spanning, angs, geïrriteerdheid en hiperaktiwiteit. Klein goedjies kan die adolessent begin ontstel en die respons op klein irritasies kan wees dat die adolessent skree of huil. Emosies beweeg van afwesigheid na onmiddellik intense emosies, sonder om deur enige fase van ontwikkeling of vermeerdering te gaan.

5.9.1.2 Skuldgevoelens

Hierdie subskaal meet die mate van skuldgevoelens wat die adolessent ervaar. Indien die adolessent enigsins verantwoordelik voel vir die seksuele misbruik wat sy ervaar het, is daar 'n goeie kans dat sy skuldgevoelens kan ervaar (Williams & Poijula, 2002:105).

Weens die samelewing se geneigdheid om die slagoffer te blameer vir die seksuele misbruik, het baie slagoffers misplaaste gevoelens van skuld, skaamte en selfblaam (Nevid, Rathus & Greene, 1994:544).

Wanneer 'n adolessent seksueel misbruik is, kan die adolessent skuldig voel en haarself blameer vir die gevolge op haar familie na die onthulling van die seksuele misbruik. Die adolessent kan byvoorbeeld gemengde gevoelens ervaar ten opsigte van die oortreder of gestigmatiseer word deur die res van die familie na onthulling van die seksuele misbruik, wat kan bydra tot skuldgevoelens. Die adolessent kan ook verantwoordelik voel vir die seksuele misbruik indien sy dink dat sy enigsins samewerking of aanleiding gegee het tot die seksuele misbruikvoorval (Geldard & Geldard, 2002:115).

Skuldgevoelens kom voor wanneer die persoon sleg voel oor haar gedrag: wat sy voor, tydens of na die voorval gedoen het of nie gedoen het nie (Williams & Poijula, 2002:105). Die oplossing van skuldgevoelens betrek 'n reeks van fases van ontkenning, prosessering en oplossing. Wanneer die adolessent skuldgevoelens prosesseer, moet sy enige skade wat sy gedoen het en haar verantwoordelikheid vir daardie skade assesser. Indien gevind word dat die adolessent in enige graad skuldig was, dan is dit geskik vir haar om uit te druk hoe jammer sy is en om die nodige veranderinge aan te neem (Williams & Poijula, 2002:109). Baie mites wat geassosieer word met skuldgevoelens is die “ek moes” en “ek was veronderstel.” Indien hierdie verbeelde gevoelens onakkuraat is, is dit belangrik dat dit uitgedaag moet word deur aan die adolessent te vra wat elkeen van hierdie gelowe van haar sê. Dan moet bewyse gesoek word, beide positief en negatief, om hierdie gelowe te ondersteun of teen te staan.

5.9.1.3 Gebrek aan selfwaarde

Hierdie subskaal meet die probleme wat die kind ervaar met betrekking tot die gevoel van selfwaarde wat sy beleef. Herhaalde voorvalle van oorweldigende trauma kan 'n impak op alle dele van die self hê: die manier waarop die persoon haarself sien (identiteit), haar liggaamsbeeld (en liggaamsensasies), die persoon se geïnternaliseerde beelde van ander,

haar waardes en haar sin van doel en betekenis (Williams & Poijula, 2002:155). Verlies van 'n sin van die self, kan daartoe lei dat die persoon haarself sien as waardeloos.

'n Verantwoordelikegevoel spruit uit wat die adolessent leer om te glo in terme van die aanspreeklikheid vir die seksuele misbruik. 'n Gevoel van skaamte ontwikkel omdat die adolessent glo dat sy op 'n manier verantwoordelik is vir die seksuele misbruik, omdat sy nie in staat was om dit te keer nie of omdat sy dit verdien. Gevoelens van skaamte voed gebrek aan selfwaarde en afkeer vir die seksueel misbruikte deel van die liggaam. Skaamte moet aangespreek word in die konteks van die politiek van seksuele misbruik (Joy, 1999:161).

Skaamte beteken dat die persoon sleg voel oor wat of wie sy is (Williams & Poijula, 2002:116). Dit is 'n diep gevoel wat oorsprong het in 'n gevoel van mislukking wanneer die persoon glo dat net perfeksie aanvaarbaar is. Volgens Williams & Poijula (2002:116) is skaamte 'n vorm van selfmarteling wat gevoelens van minderwaardigheid en teleurstelling insluit en kan lei na die formasie van 'n skaamte-gebaseerde identiteit. Die oortreder kan boodskappe aan die adolessente slagoffer tydens of na die seksuele misbruik oordra wat kan lei tot skaamte, byvoorbeeld: "Jy het gehou van wat gebeur het."

5.9.1.4 Isolasië

Hierdie subskaal meet die mate waartoe die adolessent haarself van ander adolessente isoleer. Volgens Wilson, Kendrick & Ryan (1997:166) word sommige kinders se isolasië verhoog deur die oortreder wat hulle weghou van hulle portuurgroep af, weens jaloesie of omdat die oortreder vrees dat die adolessent die seksuele misbruik sal onthul indien sy intieme portuurvriendskappe vestig. Trauma kan die adolessent se interpersoonlike verhoudinge beïnvloed. Seksuele misbruik kan veroorsaak dat die adolessent probleme met vertrouë ervaar, haarself herviktimiseer asook ander (Williams & Poijula, 2002:178). Oor 'n verloop van tyd kan die adolessent dus geïsoleerd en eensaam word. Baie Kleurlingadolessente noem aan die navorser dat ander hulle "met aandag aankyk". Dit voel dus vir hulle asof almal weet wat gebeur het en asof hulle anders is as ander. As 'n

gevolg onttrek sommige adolessente van hulle portuurgroep en verkies om alleen of eenkant te wees.

Gedurende die krisis, is dit nie ongewoon vir die slagoffer om te voel asof sy “beskadigde goed” is nie (Brown, 1991:170). Dit verwys na die samelewing, familie en die kind se persepsie dat sy swak, kwesbaar en “gebruik” is en gedeeltelik verantwoordelik is. Vir ouer kinders, strek die “beskadigde goed sindroom” na denke van swangerskap, MIV / VIGS en seksueel oordraagbare siektes. Volgens Doyle (1994:96) voel sommige adolessente wat seksueel misbruik is, dat hulle anders is as ander kinders en onttrek hulle van ander mense.

5.9.1.5 Verantwoordelik vir gevolge teenoor ander

Hierdie subskaal meet die verantwoordelikheid wat die adolessent kan voel vir die gevolge teenoor ander.

Adolessente wat deur ‘n familielid seksueel misbruik is voel verantwoordelik vir die ontsteltenis wat na die onthulling volg. Hierdie probleem verminder indien hierdie ontsteltenis is oor die dade wat teen die adolessent gepleeg is, eerder as die gevolge van die onthulling teenoor ander familieledes (Joy, 1999:164). Adolessente neem egter verantwoordelikheid wanneer die gevoelens, verwarring en kommer van ander familieledes bo die behoeftes van die adolessent gestel word. Die adolessent voel dan dat die onthulling die oorsaak van die probleem is eerder as die seksuele misbruik wat geleidelik na die onthulling. Dit is vreesaanjaend vir ‘n adolessent wanneer sy glo dat die onthulling van die seksuele misbruik, die pyn en familiekonflik veroorsaak het wat sy sien afspeel voor haar.

Kinders en adolessente word baie keer gevra of daar word verwag dat hulle volwasse behoeftes moet verstaan en voor hul eie moet plaas. Kinders en adolessente probeer hard om dit te doen wanneer hulle die seksuele misbruik ‘n geheim hou of verantwoordelikheid daarvoor neem. Dit is egter hartseer dat hul pogings om

volwassenes se verwagtinge na te streef, nie raakgesien en waardeer word nie (Joy, 1999:169).

Kinders en adolessente is nie passief in die aangesig van seksuele misbruik nie. Hulle probeer hard om betekenis te gee aan wat met hulle gebeur en watter aksies om te neem. Dit is belangrik dat hulle stories van moed, uithou vermoë, weerstand, en kommer oor ander erken en gevier moet word as dade van 'n held (Joy, 1999:169). Dit is belangrik om die kind se behoeftes en ervarings te erken. Joy (1999:170) vind 'n kombinasie van visuele voorstellings en eksternaliseringsgesprekke as die effektiefste manier om met kinders te werk. Dit het die voordeel dat 'n aktiewe vennootskap tussen die adolessent en die terapeut gevestig kan word, terwyl die afbreek van die politiek van seksuele misbruik hanteerbaar gemaak word en skaamte en die verantwoordelike gevoel aangespreek word.

5.9.1.6 Gebrek aan selfgeldig

Hierdie subskaal meet die gebrek aan selfgeldig wat die adolessent toon in sy gedrag teenoor ander. Trauma kan 'n persoon se goeie gevoelens en geloof oor haarself uitdaag en lei na negatiewe denke en gevoelens van waardeloosheid, om sleg te wees, minagting en ontnugtering. Die persoon kan glo dat sy beskadig of sleg is en dat haar teenwoordigheid in ander se lewe net tot pyn in hulle lewens sal bydra (Williams & Poijula, 2002:162).

“Dit moet iets van my wees wat veroorsaak het dat hy dit met my gedoen het,” is 'n algemene siening tussen volwasse- en kinderslagoffers van seksuele misbruik. Byvoorbeeld : “As ek nie mooi hare gehad het nie, dan sou hy dit nie gedoen het nie.” Indringing veroorsaak dat die slagoffer van seksuele geweld die volgende boodskappe internaliseer: “Ek is beskadig” en “Ek is magteloos.” Dit kan lei na gedrag wat hulpeloosheid of aggressie reflekteer (Potgieter, 2000:34).

5.9.2 Trauma-dinamika

Die trauma-dinamika van die adolessent word met die volgende konstrunkte gemeet, naamlik:

5.9.2.1 Geheueverlies

Hierdie subskaal meet probleme wat die kind het om basiese dinge te onthou. Omdat die traumagebeure nie geprosesseer word nie, en die reaksies op enige herinnering van die trauma intens is, kan sommige aspekte van die traumagebeure moeilik of onmoontlik wees vir die adolessent om te onthou (Davis, 1996:12). Feite raak verwant en die gebeure raak onduidelik. Alhoewel die geheueverlies 'n mate van verligting van die terugflitse verskaf, kan dit ook baie ontstellend wees, veral indien die adolessent oor die seksuele misbruikvoorval moet getuig.

5.9.2.2 Frustrasie

Hierdie subskaal meet die reaksie van die kind teenoor die probleme in haarself en haar omgewing wat haar voorkom om haar doelwitte en begeertes in haar lewe te bereik. 'n Kind wat seksueel misbruik is deur iemand belangrik in haar lewe, kan aanvanklik die verhouding as 'n liefdesverhouding ervaar wat versterk word terwyl die seksuele misbruik voorkom. Wanneer indringing voorkom, ervaar baie kinders vrees (Potgieter, 2000:37). Hierdie gevoelens, wanneer dit saam as gevoelens van liefde en behoefte ervaar word, kom veral voor in gevalle waar die oortreder iemand na aan die kind is en dit die kind emosioneel verward laat. Die kind ervaar dan beide liefde / behoefte en haat / vrees teenoor die oortreder (Potgieter, 2000:37). Die kind word onseker van wat sy voel en haat dan haarself omdat sy die oortreder lief het en haat haarself omdat sy die oortreder haat.

5.9.2.3 Hulpeloosheid

Hierdie subskaal meet die gevoelens van die adolessent met betrekking tot die uitputting van haar hanteringsvaardighede en die hulpeloosheid wat sy mag voel om iets te doen aan haar lewensomstandighede. Hulpeloosheid is in hoofstuk drie bespreek.

5.9.2.4 Houding teenoor volwassenes

Hierdie subskaal meet die houding van die adolessent teenoor volwassenes in die algemeen. Baie adolessente wat seksueel misbruik is ervaar konflik tussen liefde en haat vir die oortreder, veral indien die oortreder 'n volwassene, versorger, familielid of persoon was wat die adolessent vertrou het. Wanneer 'n kind seksueel misbruik word, internaliseer sy sekere boodskappe (Potgieter, 2000:38). Hierdie boodskappe kan die kind se persepsie van haar interaksie met ander mense verander, en ook 'n nadelige gevolg op die kind se gedrag in interpersoonlike verhoudings hê. In die geval van seksuele misbruik, waar die oortreder 'n volwassene was, misbruik die oortreder die kind se onskuld en die gevolg is dat so 'n kind grootword met verwarrende boodskappe oor die verhoudings tussen seks, liefde, vertrouwe en verraad (Spies, O'Neil & Collins, 1998:372).

Die meeste kinders en adolessente word seksueel misbruik deur mense vir wie hulle lief is. Dit kan baie verwarring en angs byvoeg oor terapisessies om die effek van die seksuele misbruik aan te spreek. Daarom is Joy (1999:160) versigtig en herinner haarself telkens dat dit dalk nie veilig of geskik is vir sommige kinders en adolessente om saam met haar deel te neem aan besprekings oor sake soos skuldgevoelens en verantwoordelikheid in vroeë terapisessies nie. Dit moet baie sensitief gedoen word, goeie tydsberaming, gebaseer op die kind se gereedheid en die beskikbaarheid van familieondersteuning, kan die verskil maak tussen positiewe of 'n traumatiese reaksie. Dit is die navorser se opinie dat 'n vertrouensverhouding tussen die terapeut en die adolessent gevestig moet wees voordat die adolessent betrek moet word by bespreking daaroor.

Kinders en adolessente wat vasgevang is in die konflik tussen liefde en haat moet verseker word dat die terapeut beide sensitief is vir die probleem wat hulle in die gesig staar en waarderend is vir die kwaliteite van die oortreder wat lei na die ambivalente gevoelens. Die navorser is ook van opinie dat dit belangrik is om hulle uitdrukkings van lojaliteit te respekteer en nie optree op 'n manier wat verder die karakter van die oortreder verwar nie. Joy (1999:161) doen navrae oor wat die adolessent waardeer van haar familie en van die oortreder. In hierdie konteks word die adolessent in staat gestel om sekere beskrywings te gee van wat sy nie hou van die oortreder nie. Joy (1999:161) fokus veral op gedrag eerder as persoonlike kwaliteite. Soos die adolessent meer duidelik begin onderskei tussen die oortreder as 'n persoon en die gedrag waarin hy betrokke is wat sleg en seer vir haar is, sal sy uiteindelik veilig voel om die intensiteit van haar gevoelens ten opsigte van die seksuele misbruik uit te druk.

Volgens Davis (1996:13) is dit algemeen onder persone wat blootgestel was aan 'n trauma om te onttrek van sosiale situasies en algemene aktiwiteite van elke dag se lewe, asook isolasie van vriende en familie. Die persoon lag nie meer nie en verloor haar sin vir humor. Onttrekking is baie keer 'n gevolg van skaamte omdat die slagoffer glo dat ander dink die trauma was haar skuld. Gevoelens van liefde kan so afgestomp raak dat dit blyk asof dit verdwyn het (Davis, 1996:13).

5.9.2.5 Wantroue

Hierdie subskaal meet die gebrek aan vertroue wat die kind in ander mense het. In die geval waar die trauma voorgekom het as gevolg van 'n menslike intensie, soos in die geval van seksuele misbruik van kinders, kan die adolessente slagoffer dit moeilik vind om weer ander, die wêreld en haarself te vertrou (Williams & Poijula, 2002:178). Om deur 'n persoon verraai te wees in die verlede kan dus daartoe lei dat die adolessent probleme met vertroue in die hede ervaar. Verraad en wantroue is in hoofstuk drie bespreek.

5.9.2.6 Stigma

Hierdie subskaal meet die gevoel wat die adolessent het dat sy anders is as ander kinders. Stigmatisasie verwys na die negatiewe konnotasies - byvoorbeeld skaamte, skuldgevoelens, om sleg te wees - wat gekommunikeer word aan die kind oor die ervaringe en wat dan geïnkorporeer word in die kind se selfbeeld. (Vergelyk Webb, 1999:110 ; Finkelhor & Browne, 1986:184.) Stigmatisasie is in hoofstuk drie bespreek.

5.9.2.7 Liggaamsbeeld

Hierdie subskaal meet die beeld wat die adolessent van haar liggaam het. 'n Kind internaliseer ervaringe van die self en van die self in verhouding met ander tydens die kinderjare (Potgieter, 2000:33). Internalisasie word gedefinieer as die inname en die prosessering van die betekenis van buite ervaringe soos dit in verhouding met die self is. Die kind internaliseer dus sekere boodskappe om 'n interne werkmodel te skep, wat later die basis word vanwaar 'n kind sal reageer of in interaksie met die wêreld sal tree. Daarom, as 'n resultaat van seksuele misbruik, sal die adolessent wat seksueel misbruik is, sekere inligting internaliseer wat haar gedrag sal beïnvloed.

Soos die kind groei, ontwikkel die konsep van die self en saam daarmee 'n bewustheid van die liggaam asook die belang van liggaamsgrense wat onderskeid tref tussen die self en ander (Potgieter, 2000:33). Vir die kind om gesonde interaksies te ontwikkel moet die grens tussen die liggaam en / of die self oorgesteek word, soos die kind aangeraak word op 'n positiewe manier deur fisiese sorg en emosionele ondersteuning. Die kind sal selektief ander in spesifieke areas toelaat in die mate waarmee die kind gemaklik is met daardie spesifieke persoon. Indien die volwassene nie versorgend is nie en nie die kind se behoeftes en mate waarin die kind in beheer wil wees van haar interaksies met ander in ag neem nie, ervaar die kind indringing in hierdie areas as versteurend. Potgieter (2000:34) beskryf indringing as 'n proses waartydens die kind geleidelik beheer oor verskillende areas van haar lewe verloor, waaroor sy voorheen beheer gehad het.

In die geval van seksuele misbruik, maak die oortreder baie keer vriende met die slagoffer en verkry stadig maar seker toegang ten einde later toegang tot die private areas van die kind se lewe te verkry (Potgieter, 2000:34).

5.9.2.8 Persoonlike grense

Hierdie subskaal meet die persoonlike grense van die adolessent. 'n Grens is enige tipe skeiding wat die persoon stel tussen wat toelaatbaar of moontlik is en wat nie is nie (Williams & Poijula, 2002:139). Daar is verskillende tipes grense om en in 'n persoon. Een tipe grens betrek fisiese spasie. Dit is belangrik om die hoeveelheid fisiese spasie wat die adolessent benodig om gemaklik te voel wanneer sy met ander is, te erken. 'n Gesonde fisiese grens beteken respek vir jou eie persoonlike spasie en daardie van ander. Volgens Williams & Poijula (2004:184) het 'n persoon verskeie keuses indien 'n persoon se persoonlike spasie ongevraagd betree word, naamlik:

- 'n Persoon kan terugstaan of 'n voorwerp tussen jou en die persoon plaas, soos 'n tafel.
- Die persoon kan sê: “Ek voel ongemaklik omdat jy so fisies naby aan my is.”
- Wees selfgeldend in wat jy wil hê.

Die navorser besef egter dat dit vir 'n afhanklike kind wat deur 'n familielid seksueel misbruik word, baie moeilik of dalk selfs onmoontlik moet voel om afstand te skep of selfgeldend op te tree. Veral indien haar familie nie enige beweringe teenoor die oortreder glo nie en haar nie ondersteun nie. Seksuele misbruik word gekarakteriseer deur die oorskryding van grense, privaatheid en vertroue (Joy, 1999:155). Daar is dus telkens uitdagings en probleme om die adolessent te betrek: “Hoe respekteer ons persoonlike grense wat al deur 'n ander volwassene oorskry en nie gerespekteer is nie, en skep terselfertyd geleenthede om die gevolge van seksuele misbruik aan te spreek?” Deelname is nie iets wat net in die eerste sessie gedoen word om die adolessent se vertroue te wen nie, dit is 'n aanhoudende deel van die terapeutiese proses. Joy

(1999:155) sien deelname as ‘n proses van bou en behou in die terapeutiese proses. Die bou en behou van ‘n terapeutiese vertrouensverhouding met kinders word bevorder deur:

- Om sensitief te wees vir die gereedheid en selfvertroue om tot die gesprek by te dra,
- Om ‘n gesprek in die begin van elke ontmoeting voor te stel, wat die respektering van positiewe eienskappe van die kind toelaat,
- Om waarde op die kind se aanmerkings te plaas eerder as herverwysing na ouers se idees,
- Om respek te toon deur geleentheid te voorsien om keuses te maak en deur toestemming van die kind te vra waar dit aanvaarbaar is,
- Om die taal wat die kind verstaan te gebruik,
- Om op te let en aanmerkings te maak oor prestasies en goeie, vinnige denke,
- Om woorde en frases te kies, wanneer daar gepraat word met ‘n kind, wat dit duidelik maak wie volgens jou verantwoordelik vir die seksuele misbruik is.

Volgens Williams & Poijula (2002:140) kan die adolessent haar liggaamstaal (die manier hoe sy haar liggaam posisioneer en haar gesigsuitdrukking) gebruik om te sê: “Bly weg” of “Kom nader,” naamlik:

- Kruis arms oor liggaam,
- Draai liggaam weg,
- Draai kop weg wanneer ‘n persoon met jou praat,
- Staar terug na die persoon op ‘n positiewe manier,
- Staar terug op ‘n vyandige manier,
- Kyk af en vermy oogkontak,
- Beweeg nader aan iemand,
- Maak oogkontak,
- Glimlag.

‘n Tweede tipe grens is ‘n emosionele grens wat beteken dat die adolessent in staat is om grense te stel sonder om bekommerd te wees of sy ‘n ander persoon kan teleurstel of seermaak of nie (Williams & Poijula, 2002:141). Deur te noem wat sy wil hê, is ‘n manier waarop ‘n persoon ‘n emosionele grens stel, byvoorbeeld: “Ek wil nie seksueel aktief wees nie.” Indien die adolessent ‘n goeie emosionele grens neerlê, kan sy weier om seksueel aktief te wees sonder om te vrees dat die persoon wat die seksuele verhouding wil hê, so kwaad of seergemaak sal wees dat hy haar sal verwerp. ‘n Persoon het die reg om “nee” te sê, emosioneel asook fisies.

5.9.2.9 Skoolprobleme

Hierdie subskaal meet die probleme wat die adolessent in die skoolomgewing het. Die navorser vind in praktyk dat baie adolessente wat seksueel misbruik is, probleme met konsentrasie by die skool ondervind. Met die adolessent en haar ouer(s) se toestemming gaan kontak die navorser die adolessent se klasonderwyser(es) ten einde meer inligting in te samel van die adolessent se gedrag en vordering by die skool. Sodoende kan die navorser bepaal of die seksuele misbruik ook ‘n impak op die adolessent se skoolwerk of skoolbywoning het.

5.9.2.10 Alkoholgebruik

Hierdie subskaal meet die adolessent se betrokkenheid by alkoholgebruik. Woede is een van die moeilikste emosies vir slagoffers van seksuele misbruik. Slagoffers het 'n geneigdheid om woede te ignoreer of om uit te bars en te reageer wat beide die slagoffers en ander om hulle kan seermaak (Knauer, 2000:83). Adolessente kan die woede na hulleself draai deur byvoorbeeld dwelms of alkohol te misbruik.

5.9.2.11 Dwelmgebruik

Hierdie subskaal meet die adolessent se betrokkenheid by dwelmgebruik. Indien die navorser vind dat die adolessent wat seksueel misbruik is dwelms misbruik, sal die

navorser van eksterne bronne gebruik maak om die probleem aan te spreek en die nodige verwysings doen.

5.10 Samevatting

Daar is basiese terapievaardighede wat benut word, naamlik waarneming, om aktief te luister, die gebruik van vraagstelling en stellings, die hantering van weerstand en oordrag, die ondersoek van keuses en die inoefening van nuwe gedrag. Werk met adolessente is uitdagend en belonend en vereis versigtige hantering om struikelblokke in die vorming van 'n vertrouensverhouding te vermy. Algemene beginsels tydens werk met adolessente sluit in dat die terapeut 'n nie-beoordelende en positiewe houding moet inneem, die adolessent moet uitnooi om te sê wat hy of sy wil sê, nie aanvangstelling uitdaag nie, respek toon en duidelike grense stel en behou. Dit is ook belangrik dat die terapeut kreatief en dinamies moet wees en "in konteks" moet werk.

Die terapeut moet erkenning gee aan die adolessent se selfgesentreerdheid en samewerking aanmoedig. Dit is belangrik dat die terapeut die versorger(s) of betekenisvolle persone in die adolessent se lewe moet betrek. Die terapeut moet die kuns om professionaliteit en spontaneïteit en genot te kombineer, bemeester. Praktyke wat betroubaar is tot die behoeftes en ervarings van kinders, moet respek, waardering en begrip vir die kind se eie betekenis en kennis hê. Dit behels 'n empatiese en intellektuele vermoë om jouself in die kind se posisie en wêreld te plaas soos die kind dit sien op daardie oomblik op hulle lewenspad deur kindskap.

Daar is 'n wanbalans in kennis, kognitiewe ontwikkeling en onafhanklikheid wat bestaan tussen volwassenes en kinders. Dit moet nie vergeet word tydens dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is nie. Die terapeut moet die adolessent se ontwikkelingsvlak in aanmerking neem en nie oordeel vanaf die terapeut se ontwikkelingsfase nie. Die boodskappe wat die adolessent tydens terapie ontvang, moet ooreenstem met die intensiteit van die negatiewe boodskappe sodat dit gehoor, gevoel en

geglo word. Dit is genot wat die kind emosioneel ontvangbaar laat sodat die positiewe boodskappe deur haar verdedigingsmeganismes kan glip.

Die twee aspekte wat met behulp van die Kinderfunksioneringsinventaris – Hoërskool gemeet word en waarop gefokus word in hierdie navorsing sluit in: selfpersepsie en trauma-dinamika. Hierdie gestandaardiseerde metingskaal meet die volgende konstrukte van selfpersepsie, naamlik angstigtheid, skuldgevoelens, gebrek aan selfwaarde, isolasie, verantwoordelik vir gevolge teenoor ander en gebrek aan selfgelding. Die konstrukte van trauma-dinamika wat gemeet word met behulp van die Kinderfunksioneringsinventaris – Hoërskool sluit in: geheueverlies, frustrasie, hulpeloosheid, houding teenoor volwassenes, wantroue, stigma, liggaamsbeeld, persoonlike grense, skoolprobleme, alkoholgebruik en dwelmgebruik.

In hoofstuk ses sal die navorsers aandag gee aan die spelterapiëprogram vir dienslewering aan die adolessente dogter wat seksueel misbruik is. Die voorafgaande hoofstukke se inhoud sal in ag geneem en geïntegreer word in die spelterapiëprogram vir dienslewering aan die adolessente dogter wat seksueel misbruik is.

Hoofstuk 6: ‘n Speltherapieprogram vir adolessente wat seksueel misbruik is

6.1 Inleiding

Een komplikasie vir die beplanning van terapie met die adolessent wat seksueel misbruik is, is dat die gevolge van die seksuele misbruik wyd varieer (Berliner, 2003:13). Dit is omdat seksuele misbruik ‘n wye verskeidenheid aspekte omvat, byvoorbeeld die seksuele misbruik kan een of meer voorvalle insluit, die oortreder kan ‘n vreemdeling, bekend aan die adolessent of ‘n familielid wees, die voorval kan gewelddadig wees of slegs pornografiese materiaal betrek, om maar net ‘n paar te noem. Ten einde ‘n effektiewe terapeutiese intervensie te struktureer, is dit noodsaaklik dat die terapeut moet begin met ‘n begrip vir die sielkundige impak van die seksuele misbruik op die individuele kind (Killian & Brakarsh, 2004:367).

Daarom is die navorser van mening dat die terapeut ‘n assessering van die impak van die voorval op die adolessent voor aanvang van terapie moet doen. Assessering is ook ‘n deurlopende proses tot en met terminering. ‘n Indiepte onderhoud aan die hand van ‘n onderhoudskedule met die versorger(s) of ouer(s) voor aanvang van die terapie is ‘n belangrike bron van inligting vir die terapeut. Sodoende kan die terapeut ‘n beeld begin vorm van die impak van die voorval op die adolessent. Die terapeut kry dan ter selfder tyd belangrike inligting ten opsigte van die adolessent se verhouding met haar ouer(s), haar ouers se houding en gevoelens oor die voorval asook die ouers se reaksie.

Die navorser gee ook dwarsdeur die terapeutiese proses aandag aan die adolessent se verhouding met haar ouer(s) of belangrike persone in haar lewe, aangesien hulle die adolessent na terminering van terapie verder gaan ondersteun en bystaan. Eksterne ondersteuning is van groot belang vir herstel. Met behulp van die gestandaardiseerde metingskaal wat voor aanvang van die terapie deur die adolessent voltooi word, kan die impak van die seksuele misbruik op die adolessent verder geassesseer word. Die behoeftes van kinderslagoffers van seksuele misbruik word deur Labuschagne (in Louw, 2000:24) as volg opgesom:

- Die slagoffer se skuldgevoelens moet verlig word,
- Die slagoffer moet selfgeldende gedrag geleer word,
- Die slagoffer se gevoelens van selfwaarde en selfbeeld moet versterk word,
- Die slagoffer moet seksuele opvoeding en leiding ontvang,
- Die slagoffer moet weet dat sy fisies gesond is,
- Die slagoffer moet geleer en ingelig word oor affeksie,
- Die slagoffer moet van ouderdom-vanpaste sosiale gedrag en portuurgroepgedrag geleer word.

Die navorser spreek al die bogenoemde aspekte in die speltherapieprogram aan. Die navorser het die aktiwiteite van die speltherapieprogram onderverdeel volgens Finkelhor & Browne (1986:185) se model, wat 'n manier voorsien waarop die waargenome gevolge van die seksuele misbruik georganiseer en geteoretiseer kan word. Sien 3.2, vir 'n volledige uiteensetting van die model. Finkelhor & Browne (1986:185) het die gevolge van seksuele misbruik, in die sielkundige impak en gedragsmanifikasies verdeel alhoewel dit nie maklik is om die twee te skei nie. Therapie is nie soos 'n resep wat net gelees en gedoen kan word nie. Elke individu kan anders geaffekteer word deur die seksuele misbruik en die terapeut en die adolessent bring ook elkeen unieke eienskappe na die speelkamer. Die navorser het die speltherapieproses in ses fases onderverdeel, naamlik:

- Fase 1: Bou van 'n terapeutiese verhouding,
- Fase 2: Hulpeloosheid,
- Fase 3: Verraad,
- Fase 4: Stigmatisasie,
- Fase 5: Traumatiese seksualisering,
- Fase 6: Terminering.

Onder elke fase word verskeie aktiwiteite aanbeveel wat tydens aanvang, gedurende die proses en terminering gebruik kan word. Die impak op elke adolessent kan verskillend wees en daarom is dit nie nodig dat die program soos 'n boek van voor tot agter

deurgewerk word nie, die terapeut kan die geskikte speltherapieaktiwiteite selekteer soos dit aan die adolessent se behoeftes voldoen. Dit kan ook soms gebeur dat die terapeut 'n spesifieke aktiwiteit voorberei het, maar dan moet verander na 'n ander aktiwiteit soos dit voldoen aan die adolessent se voorgrondbehoefte. Die navorser probeer ook telkens die adolessent se voorgrondbehoefte by die spesifieke aktiwiteit inwerk.

6.2 Die speltherapieprogram

Wanneer die onderstaande speltherapieprogram vergelyk word met Geldard & Geldard (2002:43) se raamwerk van die terapeutiese proses, kan die volgende uitgelig word, naamlik: punt een tot vyf van die eerste fase, naamlik: “Bou van 'n terapeutiese verhouding”, stem ooreen met die “Aanvanklike assesseringsfase” van die terapeutiese proses soos aangepas deur Geldard & Geldard (2002:43), sien tabel 4.1. Vanaf punt ses tot aan die einde van die fase: “Traumatiese seksualisering” stem ooreen met die “Gestaltterapie vir die adolessent” van Geldard & Geldard (2002:43) en die laaste fase, naamlik: “Termineringsfase” stem ooreen met Geldard & Geldard (2002:43) se “Hersien van terapeutiese resultate.”

Volgens die gestaltbenadering fokus 'n persoon wat goed funksioneer op een behoefte (figuur) op 'n slag, terwyl ander behoeftes na die agtergrond verplaas word (Blom, 2004:12). Wanneer die behoefte bevredig is, die gestalt voltooi is, word dit verplaas na die agtergrond en 'n nuwe behoefte word die fokus (die figuur). Agtergrond verwys na die agtergrond van die kind se ervaring op daardie spesifieke oomblik (O'Leary, 1998:11). Die agtergrond gee betekenis aan die figuur of vorm (Sinay, 1997:7).

Individuele terapie is relevant om gesonde verhoudingsinteraksies te modelleer en sodoende die adolessent met 'n meer optimistiese siening van die potensiaal van menslike verhouding te voorsien (Gil, 1996:188). Die adolessent kry ook die geleentheid tydens individuele terapie om die terapeut as vertrouenswaardig waar te neem en om sensitiewe en persoonlike sake in 'n konteks wat vry van die druk van haar portuurgroep is, aan te spreek. Volgens Gil (1996:188) neem dit tyd vir die meeste adolessente wat seksueel

misbruik is om gemak in die konteks van 'n terapeutiese verhouding te ontwikkel, en individuele terapie voorsien individuele aandag en fokus sodat die terapeutiese verhouding gouer ontwikkel.

Volgens West (1996:41) word daar al hoe meer erkenning daaraan gegee dat baie kinders wat seksueel misbruik is, een-tot-een terapie benodig. Die navorser is van mening dat adolessente wat seksueel misbruik is, aanvanklik voordeel trek uit individuele terapie, waarna groepwerk ook baie positief ervaar word aangesien dit die isolasie en stigmatisasie verminder. Vir die doel van die navorsing maak die navorser gebruik van individuele terapie. Die terapeut betrek die adolessent in 'n terapeutiese proses deur gebruik te maak van vaardighede tesame met media en ander strategieë (Geldard & Geldard, 2002:43). Wanneer daar verwys word na die terapeutiese proses, word daar egter verwys na verskillende prosesse wat in werking gestel moet word voordat terapeutiese verandering sal plaasvind. Volgens West (1996:101) beweeg kinders tydens speltherapie gewoonlik deur vier fases, waarvan die volgorde van die eerste drie soms kan varieer. Die terapeut moet konstant en sensitief tot die adolessent se gevoelens reageer, die adolessent se houding aanvaar, in die adolessent glo en haar respekteer. West (1996:101-102) onderskei tussen die volgende vier terapeutiese fases, naamlik:

- Fase 1: Die adolessent se gedrag is oordadig of beperk, vanpas en onvanpas. Die terapeutiese taak is om 'n terapeutiese verhouding te bou.
- Fase 2: Die adolessent se gevoelens fokus op definitiewe persone en dinge buite die adolessent. Dit kan blyk dat die adolessent se gedrag vererger.
- Fase 3: Positiewe gevoelens begin te toon, maar baie ambivalensie kom voor.
- Fase 4: Realistiese denke kom sterker voor. Die adolessent voel beter binne en is meer in staat om die lewe se veranderinge te hanteer. Die adolessent ontwikkel 'n ouderdoms-vanpaste verhouding met die terapeut.

Die hoeveelheid sessies en periode van terapie kan ook varieer van adolessent tot adolessent. Die navorser sien die adolessent tydens aanvang van terapie een keer 'n week en verleng dit later tydens die terapeutiese proses geleidelik na een keer elke twee weke

en later elke drie weke, soos die adolessent gereed raak om van interne en eksterne steunstelsels gebruik te maak. Vanuit die gestaltterapie se siening, is die gesonde persoon-in-sy-omgewing aanhoudend besig om aandag te gee aan sake van belang om te oorleef of om in stand te hou (Enright, 1978:14). Hierdie sake van belang is persoon en omgewing-uitruiling wat die balans in stand hou of herstel. Die duur van die sessies is ongeveer 'n uur na 'n uur en vyftien minute. Volgens Morgan (1995:23) is dit belangrik dat daar voldoende tyd beskikbaar moet wees en dat die terapeut of die adolessent nie gejaagd moet voel om die afspraak betyds af te handel nie.

Dit aantal sessies kan dus varieer met elke adolessent, maar dit is belangrik dat die vanpaste speltherapieaktiwiteite volgens die impak van die seksuele misbruik op die adolessent, met elke adolessent deurgewerk moet word. Indien die adolessent byvoorbeeld nie enige probleme of veranderinge in haar slaappatroon ervaar nie, is dit dus nie nodig om die speltherapieaktiwiteit oor slaapprobleme te doen nie. Die individuele kliënt en haar behoeftes bepaal dus die hoeveelheid sessies en die speltherapieaktiwiteite wat geselekteer sal word. Indien die adolessent ander behoeftes het wat buite die spesialiteit van die terapeut val, kan eksterne bronne ook betrek word ten einde die voorgrondbehoefte van die adolessent aan te spreek. Die navorser het byvoorbeeld tydens dienslewering van die volgende eksterne bronne gebruik gemaak, naamlik: Choices (bespreek die adolessent se keuses met haar tydens swangerskap), psigiater (gesinsberading) en 'n dominee (geestelike aspekte). Die speltherapieprogram kan met 13 tot 17-jarige adolessente gebruik word.

Alhoewel die navorser direkief werk, het die meeste adolessente tydens aanvang van die sessie die behoefte om eers van gebeure gedurende die week en veral oor verhoudings in hulle lewe te praat. Die navorser sal dan daarop fokus en ook van die geleentheid gebruik maak om dit wat die adolessent vertel het, by die aktiwiteit van die dag in te werk. Die gestalttegnieke werk vanuit die hier-en-nou en beklemtoon sensasies, met die doel dat die adolessent bewus sal word van hoe sy haarself verhoed om haar behoeftes te bevredig en om die gestalt te vorm (Sinay, 1997:88). Om in die hier-en-nou te werk is belangrik in die bereiking van bewuswording. Die speltherapieprogram sal vervolgens in tabelvorm

uiteengesit word, waarna die doelwitte, materiaal benodig en instruksies van elke aktiwiteit bespreek sal word. Aangesien die respondente reeds die seksuele misbruik tydens aanmelding onthul het, behels die speltherapieprogram terapeutiese toetrede.

Tabel 6.1: Die speltherapieprogram

A) Bou van ‘n terapeutiese verhouding (Kan strek oor 4 tot 5 sessies)		
Voorgestelde aktiwiteite:		
<ol style="list-style-type: none"> 1. Vul innamevorm in. 2. Verduidelik PATCH en navorsers se rol, doel van navorsing en teken toestemmingsvorme vir deelname aan navorsing. 3. Die lewenslynaktiwiteit ten einde meer agtergrondinligting op ‘n nie-bedreigende manier by die adolessent in te samel. 4. Voltooi Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool met die adolessent. 5. Voer onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met die ouers. 6. Veiligheidsaktiwiteit ten einde veiligheid te vestig voordat daar aan emosionele sake verwant aan die trauma gewerk word. 7. Samel inligting van die voorval by die adolessent in. 8. Gevoelensaktiwiteite: <ul style="list-style-type: none"> ✓ Visbak, ✓ Liggaamgevoelens, ✓ Nie-verbale gevoelens, ✓ Weersverslag (Adolessent kan dit huis toe neem en daagliks by huis voltooi en saambring na weeklikse sessies of kan aan die begin van ‘n sessie voltooi word.) ✓ Kleivoorstellings 		
B) Hulpeloosheid. Finkelhor & Brown (1986:185) se model.		
Voorgestelde aktiwiteite om gevoelens van hulpeloosheid aan te spreek:	Sielkundige impak van gevoelens van hulpeloosheid:	Gedragmanifestasies as gevolg van gevoelens van hulpeloosheid:
1. Reaksie van betekenisvolle persone.	Vrees en angs.	Vrees en angs.

2. Terugflitse.	Verlaagde sin van doeltreffendheid.	Verlaagde sin van doeltreffendheid.
3. Sintuie.		
4. Kom ons maak ballonne van die stene in ons lewe.	Persepsie van self as slagoffer.	Persepsie van self as slagoffer.
5. Positiewe denke.	Behoefta aan beheer.	Behoefta aan beheer.
6. 7 de laan.		
7. Kognisie.	Identifiseer met die aggressor.	Identifiseer met die aggressor.
8. Hofvoorbereiding.		
9. My regte en verantwoordelikhede.		
10. Slaappatroon.		
11. Persoonlike spasie.		

C) Stigmatisasie. Finkelhor & Brown (1986:185) se model.

Voorgestelde aktiwiteite om stigmatisasie aan te spreek:	Sielkundige impak van stigmatisasie:	Gedragmanifestasies as gevolg van stigmatisasie:
1. Skuldgevoelens / Ambivalente gevoelens.	Skuldgevoelens.	Isolasie.
2. Meer van myself.	Skaamte.	Middelmisbruik.
• My feitelêr,		
• Naamaktiwiteit,	Lae selfbeeld.	Kriminele betrokkeheid.
• Vriende,		
• Gunstelingdinge,	Voel anders as ander.	Selfbesering.
• Onvoltooide sinne,		
• My selfbeeld,		
• Boodskappe.		
3. Teenoorgesteldes in my.		
4. Selfgeldende gedrag.		
5. Hantering deur die professionele persone.		
		Selfmoord.

D) Verraad. Finkelhor & Brown (1986:185) se model.

Voorgestelde aktiwiteite om gevoelens van verraad aan te spreek:	Sielkundige impak van verraad:	Gedragmanifestasies as gevolg van verraad:
--	--------------------------------	--

1. Meryl se storie.	Rou en depressie.	Vasklou.
2. Vertroue.	Uitermatige afhanklikheid.	Kwesbaar vir verdere uitbuiting en daaropvolgende seksuele misbruik.
3. Woede.		
<ul style="list-style-type: none"> • Skaal, • Liggaam, • Verkeerslig, • Woede-slagoffers, • Uitlaatklep, • Konflikhantering. 	Verswakte vermoë om die vertrouenswaardigheid van ander te oordeel.	Laat toe dat eie kinders slagoffers word.
4. Selfversorging:	Wantroue, veral van mans.	Isolasie.
<ul style="list-style-type: none"> • Musiektekeninge, • Ontspannings-oefeninge. 	Woede, uitreagerende gedrag.	Ongemak in intieme verhoudings.
		Huweliksprobleme.
		Aggressiewe gedrag.
		Misdaad.

E) Traumatiëse seksualisering. Finkelhor & Brown (1986:185) se model.

Voorgestelde aktiwiteite om traumatiese seksualisering aan te spreek:	Sielkundige impak van traumatiese seksualisering:	Gedragmanifestasies as gevolg van traumatiese seksualisering:
1. Hartsnare.	Verhoogde opvallendheid van seksuele sake.	Seksuele preokkupasie en kompulsiewe seksuele gedrag.
<ul style="list-style-type: none"> • Wat is 'n gesonde verhouding?, • Interpersoonlike verhoudings. 		
2. Liefdestale.	Verwarring oor seksuele identiteit.	Precocious seksuele aktiwiteite.
3. Ken mekaar.		
4. Reg of verkeerd?	Verwarring van seks met liefde en sorg ontvang of gee.	Aggressiewe seksuele gedrag.
5. Afspraakverkragting:		
<ul style="list-style-type: none"> • Wat maak meisies kwesbaar?, • Maniere waarop afspraakverkragting 	Negatiewe assosiasie met seksuele aktiwiteite en opwekkingsensasies.	Promiskuïteit, onaanvaarbare seksualisering van ouerskap.
		Prostitusie, fobiese reaksies tot seksuele intimiteit.

<p>voorkom kan word.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gevaarlike plekke, • Kommunikasie, • Spesifieke voorkomingsfrases. <p>6. Prooi van die party:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Veiligheidswenke. <p>7. Mites en waarhede.</p>	<p>Afkering van seks of intimiteit.</p>	<p>Seksuele dissatisfaksie, terugflitse, probleme in opwekking, orgasme vermyding.</p>
<p>F.) Terminering</p>		
<ol style="list-style-type: none"> 1. Bordspeletjie. 2. Voltooi Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool. 3. Onderhoud aan die hand van ‘n onderhoudskedule met die ouer(s) van die adolessent. 4. Opvolg na 3 maande: Onderhoud aan die hand van ‘n onderhoudskedule met die adolessent en die ouer(s) van die adolessent. 		

6.2.1 Bou van ‘n terapeutiese verhouding

Die fokus van die eerste paar sessies gedurende gestaltpeltherapie is hoofsaaklik om ‘n terapeutiese verhouding te bou. (Vergelyk Geldard & Geldard, 2002:66; Oaklander, 1988:185; Blom, 2004:54.) Die terapeutiese verhouding word gesien as die belangrikste aspek van die terapeutiese proses en terapie daarsonder is waardeloos. Volgens Geldard & Geldard (2002:66) is dit belangrik dat die kind gemaklik, veilig en gewaardeer voel. Die terapeut is dus kongruent en nie-veroordelend. Tydens die eerste paar sessies word die adolessent se terapeutiese behoeftes geassesseer en is dus van ‘n evaluerende aard. Enige onvoltooide gestalt is ‘n onvoltooide saak wat oplossing vereis (Yontef, 1993:78). Die persoon kan ‘n onvervulde behoefte, ‘n onuitgedrukte gevoel of ‘n onvoltooide situasie, wat belangrik vir haar is, ervaar (Passons, 1975:18). Onvoltooidhede neem gewoonlik die vorm van onvoltooide en onopgeloste uitgedrukte gevoelens aan. Dit is ‘n geneidheid van enige organisme om enige situasie of transaksie wat onvoltooid is, te voltooi. Dit is dus belangrik dat die terapeut moet bepaal wat die onvoltooidhede in die adolessent se lewe is en daaraan aandag moet gee.

Volgens Morgan (1995:28) is dit belangrik om vertroue en kommunikasie te vestig tydens die eerste onderhoud. Die terapeut moet duidelik aan die adolessent verduidelik wie sy is, waarom die adolessent by haar is en die doelwitte van terapeutiese dienslewering uitklaar. Volgens Morgan (1995:29) moet die terapeut spesifiek wees en woorde gebruik wat die adolessent kan verstaan. Volgens Geldard & Geldard (2002:66) word die terapeut gesien as 'n fasiliteerder wat haarself nie as 'n superieure kundige sien nie en wat luister na die kind sonder om te oordeel. Volgens Oaklander (1988:186) is dit belangrik dat die kind moet sien dat die terapeut regverdig is en in almal belangstelling toon. Oaklander (1988:186) sal byvoorbeeld aan die kind vra of sy saamstem met wat die ouer vir haar vertel en sy laat nie toe dat die ouer woorde gebruik wat die kind nie verstaan nie, om sodoende "oor die kind se kop" te praat nie. Oaklander (1988:186) sal dus seker maak dat die kind verstaan wat die ouer sê.

Die terapeut moet 'n ek-jy verhouding met die adolessent ontwikkel tydens die eerste paar sessies van die terapeutiese proses. Die ek-jy verhouding impliseer dat die terapeut en die adolessent, ongeag aspekte soos ouderdom, opvoeding en status, gesien word op 'n gelyke vlak. (Vergelyk Geldard & Geldard, 2002:66: Blom, 2004:54.) Dit dra by tot die adolessent se gevoelens van gemak in die teenwoordigheid van die terapeut, ten spyte daarvan dat die terapeut 'n volwassene is. Volgens Oaklander (1988:186) is sy nie te bekommerd indien die kind nie wil praat of haar opinie wil gee tydens die eerste sessie nie. Oaklander (1988:186) stel voor dat die kind teenwoordig moet wees om te hoor wat haar ouer sê en dat die kind die geleentheid moet kry om goed na haar te kyk. Sodoende ontdek die kind dat die terapeut belangstel in haar, na haar luister, haar sien en met respek hanteer.

Die navorser stem saam met Oaklander (1988:186) dat die adolessent tydens die eerste sessie gemaklik moet voel en dat dit baie belangrik is dat die adolessent moet voel dat die terapeut haar as mens raaksien, respekteer en belangstel in haar opinie ook. Wanneer PATCH 'n aanmelding van seksuele misbruik van die adolessent ontvang, het die adolessent alreeds die seksuele misbruik onthul en word die terapeut dus betrek by terapeutiese dienslewering. Die navorser verduidelik tydens die eerste sessie die rol van

die navorser en PATCH, die organisasie, en samel die nodige identifiserende inligting vir die innamevorm in. Die navorser is van mening dat dit help om die ys te breek deur eers nie-bedreigende inligting in te samel, waartydens die adolessent die geleentheid kry om goed na die terapeut en die opset te kyk. Die doel van navorsing word verduidelik en indien die adolessent en haar ouer(s) belangstel om deel te neem aan die navorsing, gee die navorser aan hulle die toestemmingsvorme wat hulle by die huis kan gaan teken en sodoende ingeligte toestemming vir deelname aan navorsing gee. Sodoende plaas die terapeut die ouer en adolessent nie onder druk om dadelik 'n besluit te neem nie.

Die navorser is van mening dat die eerste paar sessies 'n volledige assessering van die idiosinkratiese impak van die seksuele misbruik, hoe dit deur die adolessent geprosesseer is en of dit normale funksionering beïnvloed of ontwikkeling versteur, moet insluit. Die navorser laat nooit die kind in die wagkamer wag terwyl sy met die ouer praat nie en voel dit is belangrik dat die adolessent moet insit om te hoor wat die ouer vir die terapeut tydens die eerste sessie vertel. Die navorser lig die adolessent in dat die navorser 'n indiepteonderhoud aan die hand van 'n onderhoudskedule met die ouer(s) van die adolessent gaan voer tydens 'n latere sessie ten einde volledige inligting van die adolessent in te samel. Die onderhoudskedule is aangeheg as bylaag 5. Die navorser maak dit egter duidelik dat die doel van die onderhoud is om die impak van die seksuele misbruik op haar te assesser ten einde verdere doelwitte vir terapeutiese intervensie te stel. Dit is dus nie om agter haar rug te praat oor dinge nie en sy kan selfs insit sou sy dit verkies.

Die navorser voltooi ook 'n gestandaardiseerde metingskaal, naamlik die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool met die adolessent ten einde die impak van die seksuele misbruik op die adolessent se selfpersepsie en trauma-dinamika te meet. Die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool is aangeheg as bylaag 4. Die navorser vind ook uit of die adolessent se klasonderwyser(es) ingelig is en of die adolessent en ouer van mening is dat dit nodig is of nie. Die navorser respekteer die adolessent en die ouer se besluit ten opsigte daarvan of hulle die klasonderwyser(es) wil inlig of nie en is self ook bereid om met die klasonderwyser(es) te praat op die adolessent en ouer se versoek. 'n

Verslag word van die adolessent se klasonderwyser aangevra indien sy / hy ingelig is, met die adolessent en die ouers se toestemming, ten einde te bepaal of die seksuele misbruik die adolessent se skoolvordering of gedrag by die skool beïnvloed het.

‘n Belangrike aspek wanneer ‘n ek-jy verhouding met kinders gebou word, is multikulturalisme. Die spelterapeut moet poog om bekwaam te word ten opsigte van alle aspekte van menslike kultuur en verskeidenheid (Blom, 2004:55). In Suid-Afrika is daar steeds ‘n tekort aan opgeleide spelterapeute in sommige kulture. Aangesien die navorser die afgelope vyf jaar dienste aan blank-, Kleurling- en Xhosa-adolessente gelewer het, het die navorser bekend geword met die verskillende kulture se hantering van seksuele misbruik asook unieke “terme” wat die adolessente van verskillende kultuurgroepe vir verskillende liggaamsdele gebruik en om hulleself uit te druk. As terapeut poog die navorser om op ‘n gelyke vlak as die adolessent gesien te word en is ook baie geïnteresseerd om meer van elke kultuur by die adolessent tydens sessies te leer. Die navorser gee dus erkenning aan diversiteit op ‘n positiewe manier deur dus belangstelling te toon en meer te wil leer van elke kultuurgroep.

Aktiwiteite wat die navorser gewoonlik tydens die eerste paar sessies gebruik ten einde te bou aan ‘n vertrouensverhouding en ter selfder tyd inligting op ‘n nie-bedreigende manier in te samel, sluit in: Die lewenslynaktiwiteit, My veiligheid en Gevoelensaktiwiteite.

6.2.1.1 Aktiwiteit: Die lewenslyn

Doelwitte:

- Om agtergrondinligting op ‘n nie-bedreigende manier by die adolessent in te samel.
- Om die adolessent in beheer te plaas, aangesien sy kan kies watter inligting sy van haar lewe gaan onthul.
- Om ‘n “ek-jy” vertrouensverhouding tussen die adolessent en die terapeut tot stand te bring, ten einde positiewe kontakmaking tussen die terapeut en die adolessent te bewerkstellig.
- Om aan die adolessent die geleentheid te bied om uitdrukking aan gebeure in haar lewe te gee.

Materiaal benodig:

- Afskrif van die lewenslyn.
- Pen en agtergrondmusiek.
- Miniatuurspeelgoed soos huisies en diertjies.
- Klei om artikels te maak.
- Prente om te plak en gevoelgesiggies.

Instruksies:

- Dui die adolessent se ouderdom op die lewenslyn aan, vanaf 0 tot byvoorbeeld 16:
0-----1-----2-----3-----
- Verduidelik aan die adolessent dat die lewenslynaktiwiteit 'n manier is waarop die terapeut haar beter kan leer ken.
- Vra aan die adolessent om belangrike gebeurtenisse (goed of sleg) in haar lewe kortliks neer te skryf by die ouderdom waarop dit gebeur het, byvoorbeeld 0 jr - gebore in Caledon, ses jaar - skool toe.
- Verskillende voorwerpe, byvoorbeeld huisies, gevoelgesiggies of diere, kan ook op die lewenslyn geplaas word om verskillende gebeure of gevoelens uit te beeld. Die adolessent kan byvoorbeeld 'n huisie neersit by sesjarige ouderdom ten einde aan te dui dat hulle toe getrek het.
- Indien die adolessent nie kan skryf nie, kan die terapeut namens haar skryf.
- Sit agtergrondmusiek aan.
- Bespreek haar lewenslyn wanneer sy dit voltooi het, maak verdere inskrywings op blad of op aparte notablad, net soos die adolessent dit verkies.
- Vra aan die adolessent om met 'n blou pen die ouderdomme wat goeie / lekker jare was te omkring en met 'n rooi pen die ouderdomme wat slegte / moeilike jare was. (Gevoelgesiggies kan as 'n alternatief by die verskillende ouderdomme geplak word.) Bespreek dit.
- Indien die adolessent op die lewenslyn aandui dat sy seksueel misbruik is, kan die terapeut van die geleentheid gebruik maak om inligting van die voorval of voorvalle in te samel, indien die adolessent gereed is om dit te doen.

6.2.1.2 Aktiwiteit: My veiligheid

Om veiligheid te vestig en selfbeskerming is primêre doelwitte van terapie voordat gewerk word aan emosionele sake verwant aan die trauma. Dit is belangrik dat die adolessent veilig voel wanneer dienste ten opsigte van die seksuele misbruik gelewer word. Dit is ook belangrik om veiligheidsaspekte aan te spreek ten einde verdere seksuele misbruik te voorkom. As jy jousef beskerm, bly jy in die hier-en-nou en is jy in staat om goeie besluite te neem.

Doelwitte:

- Om met behulp van 'n skaal aan te dui hoe veilig sy voel.
- Om die adolessent se kontak met haar omgewing te verhoog.
- Om die adolessent te betrek by bespreking ten opsigte van haar veiligheid.
- Om bewustheid te verhoog van plekke in die adolessent se omgewing waar sy veilig voel of nie veilig voel nie
- Om hanteringstrategieë in situasies waar sy nie veilig voel nie, te bespreek.
- Om bewustheid van bronne in die adolessent se omgewing te verhoog.
- Om die adolessent se veilige plekkie te identifiseer.

Materiaal wat benodig word:

- Afskrifte van die aktiwiteitsbladsye en 'n pen.
- Huisies om te vou en plak.

Instruksies:**Aktiwiteit 1:**

- Vra aan die adolessent om op die skaal aan te dui hoe gereeld sy onveilig voel.
- Maak afskrifte van die nodige aktiwiteitsblaaie. Vou die huisie en plak die huisie in die middel van 'n blad. Dit stel die plek voor waar die adolessent tans woon. Die adolessent kan die name skryf of gesiggies teken van almal saam met wie sy in die huis woon. Vra aan die adolessent om ander huisies uit te knip en om huisies rondom

haar woning te plak wat plekke voorstel waarheen sy gaan, byvoorbeeld: skool, winkel, vriendin se huis en klub en om neer te skryf waar dit is.

- Betrek die adolessent by bespreking oor hoe veilig haar omgewing is. Voel jy veilig by die huis / skool / vriendin? Vertel my meer? Waarom voel jy veilig / nie veilig daar nie? Wie is daar wat jou veilig of onveilig laat voel? Wat kan jy doen as jy nie veilig voel nie? Hoe kan jy jouself beskerm? Waar voel jy die veiligste? Waar is jy die veiligste? Die adolessent kan ook byvoorbeeld met 'n rooi pen merk waar sy nie veilig voel nie en met 'n blou pen merk waar sy veilig voel.

Aktiwiteit 2:

My Veiligheidshandinstruksies:

(Bron: Hobday, A. & Ollier, K. 1998. *Creative therapy: activities with children and adolescents*. Leicester: British psychological society.)

- Verduidelik aan die adolessent dat dit soms in sekere situasies onmoontlik is om alleen veiligheid te bereik. Dit is daarom soms nodig om 'n professionele persoon te sien wat jou kan ondersteun ten opsigte van jou veiligheid, deur jou te help om uit die situasie te kom of indien moontlik die oorsaak van die gevaar aan te spreek op 'n manier. Identifiseer bronne in die adolessent se omgewing wat hulp verleen: byvoorbeeld Helderberg Aids Centre, Kinder- en Gesinsorg, Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging, PATCH, Polisie ensovoorts.
- Trek die adolessent se hand op die blaai af
- Skryf op elke vinger op die blaai, 'n naam en telefoonnommer neer van persone wat die adolessent voel sy kan bel in tye wat sy ondersteuning benodig.
- Dit kan insluit: professionele organisasies, vriende, ouers, terapeut, dokter, polisie, familielid of krisisllyn.

Aktiwiteit 3:

- Gee aan die adolessent 'n afskrif van die aktiwiteitsblad wat sy huis toe kan neem. Die adolessent kan dan by die huis neerskryf wat haar onveilig laat voel het en wat aanleiding daartoe gegee het. Sy kan dit saambring na haar volgende sessie en dit met haar terapeut bespreek: "Wat het jy gedoen? Het dit gewerk? Watter voorstelle

het jou terapeut?." Die adolessent kan sodoende bewus word van wat aanleiding gee daartoe dat sy onveilig voel en probeer om sulke situasies te vermy.

Aktiwiteit 4:

My veilige plekkie:

- Maak jou oë toe. Dink terug aan al die plekke waar jy al veilig gevoel het. Kies een plekkie wat baie spesiaal is vir jou, waar jy privaat, veilig en rustig voel. Dit kan moontlik in jou kamer wees, of langs die see of in die tuin onder die groot akkerboom. Sien jou veilige plekkie in jou verbeelding.
- Bly in jou veilige plekkie. Wat hoor jy? Watter bekende geluide is daar, wat deel is van jou veilige plekkie en wat die veilige gevoel in jou verder laat groei? Wat sien jy om jou in jou veilige plekkie? Kan jy enige iets ruik? Dalk die vars lug of die reuk van grond nadat dit gerëen het of dalk wierook wat jy gebrand het? Is daar enige iemand by jou? Hoe voel jou liggaam, wanneer jy by jou veilige plekkie is? Gee aandag aan jou asemhaling, jou hartklop.
- Onthou, wanneer jy gestres voel, kan jy altyd dink of gaan na jou veilige plekkie.
- Teken of maak 'n collage of skryf inligting oor jou veilige plekkie neer.

6.2.1.3 Aktiwiteit: Insamel van inligting van die voorval

Doelwitte:

- Om inligting van die voorval op 'n nie-bedreigende manier by die adolessent in te samel.
- Om beheer aan die adolessent te gee deur aan haar die geleentheid te gee om keuses te maak ten opsigte van wanneer sy gereed is om die inligting te gee en hoe sy verkies om dit te gee, byvoorbeeld vertel of skryf.

Materiaal benodig:

- Papier en potlode

Instruksies:

- Alhoewel die navorser vind dat die meeste adolessente by die tweede of derde sessie gereed is om die inligting van die voorval te vertel, gee die navorser aan die adolessent beheer terug deurdat sy kan kies wanneer sy gereed voel om dit wel te doen.
- Die navorser verduidelik ook aan die adolessent dat sy kan vertel wat gebeur het of sy kan rofweg sketse maak van die kronologiese verloop van die voorval terwyl sy of die terapeut skryf wat gebeur het of sy kan net skryf.
- Aangesien die adolessente reeds die seksuele misbruik onthul het voor die verwysing na PATCH en behoefte het aan terapie toon min adolessente weerstand om te vertel wat gebeur het. Indien die ouers egter teen die adolessent se sin 'n kriminele saak gemaak het as gevolg van statutêre verkragting, kan die terapeut meer weerstand verwag.

6.2.1.4 Aktiwiteit: Die visbak**Doelwitte:**

- Om visueel aan die adolessent te demonstreeer dat 'n gevoel of gevoelens ons hele liggaam kan beïnvloed.
- Om te demonstreeer dat dit egter moontlik is om gevoelens uit te druk en te hanteer op 'n aanvaarbare manier.

Materiaal benodig:

- Visbak of glasbak.
- Ink en jik.

Instruksies:

- Verduidelik aan die adolessent dat 'n emosie, byvoorbeeld banggevoelens of woede, ons hele fisiese liggaam kan beïnvloed en as oorweldigend ervaar kan word.
- Drup 'n paar druppels ink in die water in die visbak
- Wys die adolessent daarop dat daardie twee druppels (wat 'n gevoel voorstel), versprei deur die water (wat die liggaam voorstel).

- Wys die adolessent daarop dat daar egter maniere is waarop hierdie reaksie (verkleur van water / hoe jou gevoelens jou liggaam beïnvloed) hanteer kan word.
- Drup 'n paar druppels jik in die water (wat hanteringsmeganismes voorstel), let op hoe die water weer helder word.
- Verduidelik aan die adolessent dat gebeure in haar lewe, gevoelens in haar kan veroorsaak wat oorweldigend kan voel, maar dat die terapeut en sy tydens sessies maniere (jikkdruppels) sal bespreek waarop sy hierdie gevoelens kan hanteer en uitdruk op 'n aanvaarbare manier

6.2.1.5 Aktiwiteit: My liggaamgevoelens

Doelwitte:

- Om aan die adolessent die geleentheid te bied om gevoelens op 'n nie-bedreigende manier uit te beeld.
- Om die adolessent se sin vir die self te bevorder ten einde kontakmaking met haarself te bevorder en om haar in staat te stel om onderdrukte gevoelens te kan uitdruk.
- Om die kind in beheer te plaas met behulp van keusevryheid.

Materiaal benodig:

- Afskrif van die liggaamsaktiwiteit.
- Inkleurpotlode / kryte.

Instruksies:

- Gee aan die adolessent die geleentheid om 'n kleur te kies vir elke gevoel en die blokkie langsaan die gevoel in te kleur.
- Vra aan die adolessent om die gevoelens wat sy ervaar, te identifiseer.
- Die adolessent kan dan op die prent van 'n liggaam, wat haar liggaam voorstel, aandui hoe baie of min sy elke spesifieke gevoel wat sy geïdentifiseer het, ervaar.
- Indien sy byvoorbeeld baie kwaadgevoelens ervaar, kan sy 'n groot gedeelte inkleur met die kleur wat kwaad voorstel. Indien sy glad nie hartseergevoelens ervaar nie, laat dit uit. Indien sy 'n klein bietjie bang is, kleur 'n klein gedeelte van die liggaam

met die kleur wat bang voorstel, in. Indien moontlik vir die adolessent kan sy op die plek van die liggaam waar sy die spesifieke gevoel ervaar, inkleur.

- Wanneer die adolessent klaar is, kan die terapeut verder eksploreer en uitvra. Die terapeut kan die adolessent se verduidelikings op die aktiwiteitsblad neerskryf.

6.2.1.6 Aktiwiteit: Nie-verbale gevoelens

Doelwitte:

- Om gevoelens nie-verbaal uit te druk.
- Om bewustheid van liggaamstaal te verhoog.
- Om kontak met die self te verhoog.

Materiaal benodig:

- Afskrif van die liggaamstaalaktiwiteitsblaaie.
- Afskrif van “nie-verbale gevoelens” aktiwiteitsblad of die maatskaplike werker kan haar eie gevallestudies skryf wat verskillende gevoelens ontlok.

Instruksies:

- Verduidelik aan die adolessent dat ‘n persoon ook boodskappe uitstuur en kommunikeer met behulp van haar liggaam en gesigsuitdrukings. Wys die verskillende prente aan die adolessent en gee aan haar die geleentheid om te verduidelik watter boodskappe die liggaamshoudinge en gesigsuitdrukings van die karakters oordra.
- Gee aan die adolessent drie gevallestudies om te lees en die terapeut neem drie gevallestudies.
- Verduidelik aan die adolessent dat sy die gevoel wat die persoon ervaar in die gevallestudie moet uitbeeld sonder woorde.
- Die terapeut moet dan raai watter gevoel die kind uitbeeld.
- Die terapeut en die adolessent kan dan rolle omruil, die terapeut moet ‘n gevoel uitbeeld en die adolessent moet raai watter gevoel dit is.

- Hierdie aktiwiteit kan saam met die persoonlike-spasie-aktiwiteit gebruik word, waartydens bespreek word hoe die adolessent haar liggaamstaal kan gebruik om te sê: “Bly weg” of “Kom nader.”

6.2.1.7 Aktiwiteit: Weersverslag (Adolessent kan dit huis toe neem en daagliks by huis voltooi en saambring na weeklikse sessies of kan aan die begin van ‘n sessie voltooi.)

Doelwitte:

- Om bewuswording van gevoelens te verhoog.
- Om aan die adolessent te demonstreer dat ‘n persoon meer as een gevoel per dag kan ervaar.
- Om kontak met die self te verhoog.
- Om te eksploreer wat aanleiding gegee het tot verskillende gevoelens.
- Om interne en eksterne kommunikasie te verbeter.
- Om die terapeut te help om begrip vir die adolessent se ervarings en gevoelens te ontwikkel.

Materiaal benodig:

- Afskrif van weersverslag.
- Inkleurpotlode en pen.

Instruksies:

- Die terapeut kan ‘n aktiwiteitsblad gebruik waarop die “weer” reeds ingeteken is of kan aan die adolessent vra om die verskillende weersomstandighede in te teken, byvoorbeeld sonnig, bewolk ensovoorts.
- Vra aan die adolessent om te kies hoe sy vandag gevoel het en dan te beskryf hoe sy voel en waarom sy so voel.
- Verduidelik aan die adolessent dat ‘n persoon meer as een gevoel op ‘n dag kan ervaar.

- Maak afskrifte van die weersverslag en vra aan die adolessent om dit die komende week elke aand in te vul en saam te bring na haar volgende sessie.
- Tydens die volgende sessie kan die verskillende gevoelens wat die adolessent ervaar het en wat daartoe aanleiding gegee het, bespreek word.

6.2.1.8 Aktiwiteit: Kleivoorstellings

Doelwitte:

- Om met behulp van kleispel die adolessent se sensoriese kontakmaking aan te spreek en bewuswording van gevoelens verhoog ten einde kontakmaking met die self te bevorder en uitdrukking van gevoelens te bevorder.

Materiaal benodig:

- Pottebakkerkley
- Verskillende liedjies wat gespeel kan word wat geassosieer kan word met kwaad, hartseer, bang en bly gevoelens.

Instruksies:

- Vra aan die adolessent om haar oë toe te maak en te luister na die liedjie wat byvoorbeeld vrolik is.
- Vra aan die adolessent om iets van die klei te maak waaraan sy dink terwyl sy na die “vrolike”-liedjie luister.
- Die terapeut kan die aktiwiteit saam met die adolessent doen.
- Wanneer die liedjie klaar is, kan die terapeut en die adolessent hulle oë oopmaak en aan mekaar verduidelik wat hulle gemaak het en waarom.
- Dieselfde proses word gevolg vir hartseer, kwaad en bang gevoelens.

6.2.2 Hulpeloosheid

Hulpeloosheid verwys na die proses waartydens die kind se wil, begeerte en sin van effektiwiteit heeltemal oortree word (Finkelhor & Brown, 1986:183).

6.2.2.1 Aktiwiteit: Reaksies van belangrike persone in die adolessent se lewe na onthulling van die seksuele misbruik

Dit is die navorsers se opinie dat die aanvanklike reaksie van mense na die adolessent se onthulling van die seksuele misbruik 'n impak op die adolessent se gevoel van welstand kan hê.

Doelwitte:

- Om inligting van die reaksies van belangrike persone in die adolessent se lewe na onthulling van die seksuele misbruik in te samel asook die adolessent se gevoelens ten opsigte daarvan.
- Om te bepaal of stigmatisasie of hulpeloosheid verhoog het as gevolg van die mense se reaksie op die onthulling van seksuele misbruik.
- Om aan die adolessent geleentheid te bied om skriftelik of verbaal haar gevoelens uit te druk en in kontak daarmee te kom.
- Om persone te identifiseer wat deel vorm van die adolessent se ondersteuningsnetwerk.

Materiaal benodig:

- Afskrif van die vraelys.
- Pen of potlood.

Instruksies:

- Vra aan die adolessent om die vrae te beantwoord en neer te skryf hoe die verskillende persone in haar lewe reageer het na onthulling van die seksuele misbruik. Alternatiewelik kan die terapeut die vrae aan die adolessent vra en die adolessent se antwoorde op die aktiwiteitsblad invul.
- Die terapeut en die adolessent kan saam persone identifiseer wie se reaksies bespreek kan word, byvoorbeeld ma, pa of onderwyser.
- Die terapeut kan verder eksploreer met behulp van vraagstelling.

- Vra aan die adolessent om onder aan die aktiwiteitsblad in te teken hoe sy voel ten opsigte van die persoon se reaksie, byvoorbeeld 'n blygesiggie / hartseergesiggie / banggesiggie.
- Die adolessent kan gevra word om 'n punt uit 10 aan elke persoon toe te dien nadat elkeen se reaksie bespreek is.
- Leë-stoel-tegniek: Die adolessent kan betrek word by rolspel. 'n Persoon, byvoorbeeld die adolessent se ma, kan denkbeeldig in die leë stoel sit en die adolessent kan dan die geleentheid kry om vir haar te sê wat sy graag wil. Die adolessent kan dan ook die rol van die ma inneem en moet dan die adolessent se vrae of stellings beantwoord en sê hoe sy voel.

6.2.2.2 Aktiwiteit: Terugflitse

(Bron: Williams, M.B. 2002. *The PTSD workbook: Simple, effective techniques for overcoming traumatic stress symptoms*. Oakland: New Harbinger Publications.)

Doelwitte:

- Om kommunikasie in die eerste persoon oor terugflitse en gevoelens te verhoog.
- Om ervarings van hulpeloosheid te verminder.
- Om die adolessent te help om beheer van haar denke te neem.
- Om te fokus op die hier-en-nou.
- Om bewuswording van situasies of voorwerpe wat aanleiding gee tot terugflitse, te verhoog.
- Om hanteringsmeganismes te bespreek wanneer die adolessent terugflitse kry en haar sodoende bemagtig.

Materiaal benodig:

- Afskrif van aktiwiteitsblaaie.

Instruksies:

- Samel inligting by die adolessent in van haar terugflitse met behulp van die aktiwiteitsblaaie.

- Betrek die adolessent by gesprekvoering oor wat aanleiding gegee het tot die terugflits, wat sy gesien / gehoor / gevoel / geproe / geruik het tydens die terugflits en watter gevoelens sy ervaar het.
- Bespreek hanteringsmeganismes in die geval van 'n terugflits en stel saam 'n plan op:
 - ✓ Sodra jy 'n terugflits kry, vra dadelik vir jouself: “Waar is ek nou? Wat sien / ruik / voel / proe of hoor ek nou? Terwyl jy die bogenoemde vrae in jou gedagtes antwoord fokus op fyn besonderhede in die hier-en-nou. Byvoorbeeld: “Ek sien twee blou boeke op die tafel en ek ruik my ma is besig om hoender gaar te maak in die kombuis. Die adolessent moet dus al haar aandag fokus op die realiteit in die hier-en-nou.
 - ✓ Gaan identifiseer situasies of voorwerpe wat aanleiding tot die terugflitse gee en beraam saam met die terapeut maniere waarop dit vermy kan word. Byvoorbeeld: “Ek kry gewoonlik 'n terugflits wanneer ek die hemp aantrek wat ek aangehad het tydens die voorval. Daarom gaan ek nie meer die hemp dra nie.” Die terapeut en die adolessent kan ook (met die ouers se toestemming), die hemp opknip en weggooi (ritueel).
 - ✓ Moedig die adolessent aan om iets te doen of te dink om haar uit te daag, sodat die taak oorneem en sy nie dink aan wat gebeur het en die terugflits dus teëwerk. Byvoorbeeld: Gaan bak 'n koek of probeer 'n nuwe resep wat jy nog nooit vantevore gemaak het nie. Probeer om so vinnig as moontlik al die kinders in jou klas se name op te noem.
 - ✓ Praat met iemand oor iets wat jy nou sien of 'n televisieprogram ten einde jou gedagtes op 'n spesifieke onderwerp in die hier-en-nou te fokus.
 - ✓ Stamp jou voete 'n paar keer op die grond, sodat jy besef dat jy in die hier-en-nou is en nie terug is waar die voorval plaasgevind het nie.
 - ✓ Verander jou liggaamsposisie, byvoorbeeld staan op as jy gesit het; noem 'n paar voorwerpe hardop wat jy sien in jou omgewing, byvoorbeeld besem, kas; sit musiek aan en sing saam; was jou gesig met koue water.

6.2.2.3 Aktiwiteit: Sintuie van my liggaam

Doelwitte:

- Om die vyf sintuie van 'n persoon se liggaam te identifiseer.
- Om te illustreer dat 'n persoon inligting ontvang met behulp van jou sintuie.
- Om die konneksie tussen 'n persoon se gevoelens en sintuie te illustreer.
- Om geleentheid aan die adolessent te bied, om aan te dui watter inligting sy tydens verskeie gebeure in haar lewe en tydens die seksuele misbruik met behulp van haar sintuie ontvang het, hoe sy dit geïnterpreteer het en watter gevoelens dit ontlok het.
- Om sensoriese en liggaamlike kontakmaking te verhoog.
- Om bewustheid van positiewe en mooi inligting wat met behulp van sintuie ontvang word, te verhoog.
- Om doelbewus elke dag tyd te maak om aan goed te ruik, te voel daaraan, te kyk na iets, na iets moois te luister of om aan iets lekkers te proe. Dit kan selfs neergeskryf word om aan iemand anders te wys of te gee.

Materiaal benodig:

- Afskrif van "My sintuie", "Pasop" en die gevallestudie.
- Reukbottels met verskillende inhoude, byvoorbeeld koffie, tee, vanilla, kaneel.
- Lekkere wat soet en suur is.
- Voorwerpe wat swaar, lig, hard en sag is of 'n voelboks.

Instruksies:

- Verduidelik en demonstreer aan die adolessent dat 'n persoon inligting met behulp van haar sintuie ontvang.
- Laat die adolessent aan verskillende reukbottels ruik en sê soos wat dit ruik of wat dit is of waaraan dit haar laat dink.
- Vra aan die adolessent om op te noem wat sy sien.
- Vra aan die adolessent om haar oë toe te maak en te noem wat sy alles hoor, byvoorbeeld 'n motor, mense wat praat.

- Vra aan die adolessent om ‘n lekker te eet en om te sê of dit soet of suur is en of sy daarvan hou of nie.
- Vra aan die adolessent om aan verskillende voorwerpe te vat of op te tel en om te sê of dit swaar, lig, warm of koud, hard of sag is. Alternatief kan die terapeut verskillende voorwerpe in die voelboks sit en die adolessent vra om sonder om te kyk byvoorbeeld die kam in die voelboks te soek met haar hand en dit uit te haal.
- Verduidelik aan die adolessent dat inligting wat jy met behulp van jou sintuie ontvang deur jou geïnterpreteer word:
 - ✓ Speel ‘n liedjie aan die adolessent. Vra daarna aan die adolessent of sy daarvan gehou het of nie, of dit ‘n “tranetrekker of party-song” was. Verduidelik sodoende dat sy sopas inligting wat sy met behulp van haar ore ontvang het, geïnterpreteer het.
 - ✓ Verduidelik aan die adolessent dat haar interpretasie van inligting, ‘n gevoel by haar ontlok. Die liedjie kon haar byvoorbeeld aan haar vriend laat dink het wat net met haar opgebreek het en dit kon haar dan hartseer laat voel het.
 - ✓ Vra aan die adolessent wat sy sal dink en voel as sy opmerk iemand het “kripnotas” tydens die matriekeindeksamen.
- Gebruik die gevallestudie om te demonstreer hoe 'n persoon inligting wat sy ontvang met behulp van haar sintuie interpreteer en hoe dit gevoelens ontlok.
- Verduidelik met behulp van die "Pasop"-blad, hoe sintuie ook help om ons te beskerm en dat ons bewus moet wees van inligting wat ons met behulp van ons sintuie ontvang ten einde onself te beskerm.
- Vra aan die adolessent om die prent met een of meer sintuie te verbind, wat die persoon waarsku om versigtig te wees. Byvoorbeeld prent een kan verbind word met die neus en oë, aangesien die meisie kan ruik die persoon het dagga gerook en sy kan sien dat die man se oë op skrefies en rooi is en dat hy 'n Bob Marley hemp dra.
- Hantering van die adolessent se gevoelens en interpretasies in verskeie situasies kan dan bespreek word. Gebruik die "My sintuie"-blad. Vra eers die adolessent om aan 'n ervaring (positief of negatief) te dink en dan die aktiwiteitsblad in te vul, byvoorbeeld 'n troue / begrafnis / ongeluk. Dit is beter om eers 'n nie-bedreigende situasie te bespreek. Die terapeut kan self ook eers 'n voorbeeld demonstreer. 'n

Persoon kry nie noodwendig van al vyf sinuïe inligting nie, bespreek die relevante sinuïe in elke situasie.

- Indien die adolessent in staat daartoe voel kan sy ook beskryf watter inligting sy met behulp van haar sinuïe gedurende die seksuele misbruik ontvang het en watter gevoelens dit ontlok het.
- Die terapeut kan laastens die adolessent daarop wys dat ons bewus moet wees van positiewe inligting wat ons met behulp van ons sinuïe ontvang, byvoorbeeld 'n kompliment wat jy hoor, die natuurskoon wat jy sien, 'n lekker warm bad wat jy voel, jou ma se lekker kos wat jy proe of byvoorbeeld die vars reuk na rëen.
- Die terapeut en die adolessent kan daarna elkeen die geleentheid kry om iets positiefs of mooi wat hulle gesien, gehoor, gevoel, geproe of geruik het die afgelope week, te noem.
- Daar kan tydens van die ander aktiwiteite weer verwys word na hierdie aktiwiteit waar van toepassing.

6.2.2.4 Aktiwiteit: Kom ons maak ballonne van die stene in ons lewe

Doelwitte:

- Om saam met die adolessent die aspekte / probleme in haar lewe te identifiseer wat moeilik vir haar is om te hanteer en swaar op haar skouers rus.
- Om meer inligting oor hierdie aspekte / probleme op 'n nie bedreigende manier in te samel en erkenning daaraan te gee.
- Om probleem-oplossende strategieë te bespreek en te evalueer, waarop hierdie probleme / aspekte hanteer kan word, sodat dit “wegvlieg soos ballonne in die wind”.
- Om persone te identifiseer wat die adolessent kan help met hantering / oplossing van die probleme / aspekte.

Materiaal benodig:

- Afskrifte van twee aktiwiteitsblaaie.
- Ballonne en 'n pen.

Instruksies:

- Vra aan die adolessent (of skryf namens haar) om al die aspekte / probleme wat sy huidiglik ervaar en wat soos “stene op haar skouers rus”, neer te skryf binne elke steen op aktiwiteitsblaaie.
- Eksplorieer en kry meer inligting oor elke aspek / probleem.
- Bespreek saam probleem-oplossende strategieë en skryf dit op die ballonne wat “wegvlieg” neer.
- Identifiseer persone (ondersteuningsnetwerk) wat haar kan help in die hantering van die probleme / aspekte.
- Simboliseer: Skryf probleem op opgeblaaide ballon, laat dit “wegvlieg” of bars dit (indien te konfidensieel).

6.2.2.5 Aktiwiteit: Positiewe denke**Doelwitte:**

- Om die adolessent se bewustheid van positiewe aspekte te verhoog.
- Om met behulp van ‘n storie, saam met die adolessent die positiewe en negatiewe aspekte te identifiseer.
- Om die positiewe en negatiewe aspekte na onthulling van die seksuele-misbruik-voorval, te identifiseer.

Materiaal benodig:

- Afskrif van storie en aktiwiteitsblad.
- Pen.

Instruksies:

- Verduidelik aan die adolessent dat sommige mense soms net die negatiewe kant van ‘n saak raaksien en soms nie die positiewe aspekte raaksien nie.
- Gee die volgende voorbeeld aan die adolessent: “Amanda was saam met haar vriende see toe vir die dag. Dit was ‘n baie mooi dag, die son het geskyn en die seewater was lekker warm. Hulle het baie pret gehad. Toe sy by die huis kom, het sy en haar broer gestry oor op watter televisiekanaal die televisie moet kom. Amanda se ma het na

werk by die huis gekom en sy het vir Amanda gevra hoe haar dag was. Amanda het dus twee keuses gehad, naamlik:

- ✓ “Sleg, boetie wil alweer die televisie op kanaal twee sit en ek wil kanaal een kyk”, of
- ✓ “Baie lekker dankie, ons het ‘n heerlike dag by die see gehad”.
- Vra aan die adolessent of sy soms ook die positiewe van ‘n situasie identifiseer en erken of is sy geneig om net op die negatiewe te fokus?.
- Lees die gevallestudie aan die adolessent. Identifiseer die positiewe en negatiewe aspekte saam. (Sien antwoordblad.)
- Maak van toepassing op die adolessent se lewe na onthulling van die seksuele-misbruik-voorval. Wat was positief (bv. my ma se reaksie) en wat was negatief (bv. ek vertrou nou niemand nie).
- Vra ook aan die adolessent of sy enige positiewe denke van haarself het? Wat het sy al bereik of gedoen waaroor sy goed voel? Wat het ander al vir haar gesê wat haar laat goed voel het oor haarself?
- Daar is baie keer ‘n positiewe kant selfs in slegte situasies – probeer dit raaksien.

6.2.2.6 Aktiwiteit: 7 de Laan

Doelwitte:

- Om die positiewe en negatiewe eienskappe van die 7 de Laan-karakters (of enige ander televisieprogram se karakters) te bespreek.
- Om die adolessent te vergelyk met elkeen van die 7 de Laan-karakters, deur ‘n lys op te stel van die adolessent se eienskappe in die hier-en-nou wat ooreenstem met die eienskappe van die 7 de Laan-karakters.
- Om die adolessent se bewuswording van die boodskappe (positief en negatief) wat ‘n persoon elke dag uitstraal, te verhoog.
- Om verantwoordelikheid vir gedrag en die neem van keuses te verhoog.

Materiaal benodig:

- ‘n Video van 7 de Laan.
- Afskrifte van die aktiwiteitsblaai.

Instruksies:

- Wys ‘n gedeelte van die video van 7 de Laan aan die adolessent.
- Vra aan die adolessent om die positiewe en negatiewe eienskappe van die verskillende karakters te noem en skryf dit op die aktiwiteitsblaaie.
- Bring dit daarna terug na die adolessent se lewe in die hier-en-nou. Stel saam ‘n lys van die adolessent se positiewe en negatiewe eienskappe op, deur haar te vergelyk met die 7 de Laan karakters. Die terapeut kan byvoorbeeld vra: “Is jy vrolik soos Wilmien? Skinder jy soos oom Francois?”
- Wys die adolessent daarop dat net soos dit vir die terapeut en die adolessent moontlik was om positiewe en negatiewe eienskappe in ander raak te sien, net so sien ander mense ons positiewe en negatiewe eienskappe raak.
- Wys die adolessent daarop dat sy, sonder dat sy dit dalk eers weet, oor ‘n positiewe eienskap beskik en uitstraal, wat ander bewonder en sodoende is sy ‘n voorbeeld en rolmodel vir ander.
- Wys die adolessent daarop dat sy egter ook bewus moet wees van die negatiewe eienskappe wat sy in ander raaksien en nie van hou nie, en dat sy versigtig moet wees dat sy dit nie self uitstraal nie.
- Elke persoon moet dus verantwoordelikheid neem vir haar eie gedrag en keuses.
- Enige televisieprogram kan as alternatief gebruik word.

6.2.2.7 Aktiwiteit: Hofvoorbereiding**Doelwitte:**

- Om die geheimsinnigheid van die hof te verminder deur opvoeding.
- Om begrip van die hofprosedures te verhoog.
- Om die adolessent se begrip van haar rol, asook die rolle van al die betrokke persone, te verhoog.
- Om die adolessent na die hof te neem.
- Om die adolessent as getuie te bemagtig.
- Om vrese van die adolessent te identifiseer en te hanteer.

Materiaal benodig:

- Hofvoorbereidingboekie.

Instruksies:

- Die terapeut kan op 'n informele wyse die hofprosedures en rolle van die betrokke persone aan die kind verduidelik.
- Die terapeut kan gebruik maak van die sketse in die hofvoorbereidingboekie wanneer sy spesifieke sake verduidelik.
- Indien dit moontlik is, moet die adolessent voor die verhoordatum die hof besoek.
- Die hofvoorbereidingboekie kan gefotostateer word vir die adolessent, sodoende kan sy dit weer by die huis deurlees.

6.2.2.8 Aktiwiteit: Kognisie**Doelwitte:**

- Om die adolessent se toegang en kommunikasie van haar denke te assesseeer.
- Om bewustheid van verskillende emosies te verhoog.
- Om die vermoë om denke en gevoelens in verskillende situasies te verbind, te verhoog.
- Om hipotetiese situasies te bespreek ten einde bewustheid van alternatiewe verklarings vir gebeure te verhoog.
- Om bewustheid van alternatiewe denke van ander persone te verhoog.
- Om verantwoordelikheid vir gedrag en die neem van keuses te verhoog.

Materiaal benodig:

- Afskrifte van aktiwiteitsblaaie.
- Pen / inkleurpotlode.

Instruksies:**Direkte vraagstelling:**

- Vra aan die kind om te beskryf: “Wat dink jy?” / “Wat was jou gedagtes toe jy my die eerste keer ontmoet het?” Sodoende kry die terapeut die geleentheid om die adolessent se vermoë om toegang tot haar denke te kry en om dit te kommunikeer, te assesseer. Die terapeut kan allerhande vrae vra, byvoorbeeld: “Wat het jy gedink van die fliëk gisteraand op televisie?”

Indirekte benadering:

- Vra aan die adolessent om ‘n onlangse moeilike situasie te beskryf of te teken, byvoorbeeld: “Die dood van haar troeteldier” of “‘n Konfliksituasie met haar beste vriendin.”
- Sodoende voorsien die adolessent beide inligting oor wat gebeur het en sommige van haar gevoelens oor die gebeure.
- Moedig die adolessent aan om te praat oor haar denke op spesifieke tye: voor / tydens en na die gebeure.
- Vra aan die adolessent om in die eerste persoon te beskryf wat sy nou-en hier daarvoor dink en watter gevoelens sy ervaar.

Denke “borrels”

- Voorsien die adolessent met prente en vra aan die adolessent om te beskryf wat die karakters dink. Sy kan ook in die “borrels” skryf wat die karakters dink.

Hipotetiese situasies

- ‘n Meisie op die speelterrein skree vir haar vriendin: “Hallo”, maar haar vriendin hardloop net verby.” Vra vir die adolessent om soveel moontlik verskillende verduidelikings waarom dit kon gebeur het, te gee.
- Voorsien die adolessent met ‘n begin en ‘n einde van ‘n storie. Vra aan die adolessent om soveel moontlik verskillende maniere te identifiseer waarop die einde bereik kan word.

Denke, gevoelens en gebeure

- Voorsien die adolessent met 'n stel gevoelskaarte, byvoorbeeld gelukkig, hartseer, kwaad, bang ensovoorts.
- Maak 'n ekokaart van die adolessent se omgewing en plekke waarheen sy oral gaan, byvoorbeeld skool, huis, vriend se huis, klub ensovoorts.
- Vra aan die adolessent om 'n gevoelskaart te plaas wat die beste beskryf hoe sy by die verskillende plekke voel. Bespreek die redes waarom sy so voel by die verskillende plekke.

Wat moet ek nou doen?

- Lees aan die adolessent verskillende lewensituasies, waarna sy telkens moet sê hoe sy sal voel en wat sy sal doen tydens die spesifieke situasie.
- Bespreek ander moontlike optredes asook die gevolge van die verskillende optredes.

6.2.2.9 Aktiwiteit: My Regte**Doelwitte:**

- Om die adolessent se bewustheid van haar regte en verantwoordelikhede te verhoog.
- Om met behulp van 'n kreatiewe aktiwiteit haar regte uit te beeld.
- Om keusevryheid aan die adolessent te bied.

Materiaal benodig:

- Afskrif van die tekening van die hemp (ver groot).
- Skêr en tydskrifte.
- Afskrif van kinders se regte en verantwoordelikhede.

Instruksies:

- Bespreek kinderregte met die adolessent en gee die lys van kinderregte aan haar; daar kan regte bygevoeg word by die lys.
- Wys die adolessent daarop dat sy egter ook verantwoordelikhede het en vra haar of sy 'n paar kan opnoem. Lys van verantwoordelikhede aangeheg.

- Vra aan die adolessent om haar eie hemp te ontwerp, deur die kinderregte daarop uit te beeld.
- Die adolessent het die keuse of sy die regte wil neerskryf of wil teken op die hemp of sy kan prente uit tydskrifte knip wat kinders se regte uitbeeld en dit plak op die hemp of kombinasies.
- Die adolessent kan een of meer regte kies wat sy wil uitbeeld.
- Bespreek ook wat sy sal doen indien daar nie aan haar regte voldoen word nie.
- As alternatief kan die adolessent kinders se verantwoordelikhede op dieselfde manier uitbeeld.

6.2.2.10 **Aktiwiteit: Slaapprobleme**

(Bron: Williams, M.B. 2002. *The PTSD workbook: Simple, effective techniques for overcoming traumatic stress symptoms*. Oakland: New Harbinger Publications.)

Doelwitte:

- Om die adolessent te help om haar liggaam se reaksies te normaliseer en om terug te keer na 'n fase van homeostase.
- Om die adolessent te bemagtig deur 'n bedtyd-plan saam te stel wat die adolessent se kans om goed te slaap verbeter.

Materiaal benodig:

- Afskrif van die aktiwiteitsblaaie, naamlik: "Lys van maniere om jou kans om goed te slaap te verbeter", "Slaaphigiëne."
- Afskrif van die Bedtyd-Plan.

Instruksies:

- Verduidelik aan die adolessent dat sy haar omgewing waar sy slaap moet verbeter:
- ✓ Enige herinneringe aan die voorval moet van die omgewing verwyder word. Byvoorbeeld: Indien die adolessent in haar kamer seksueel misbruik is en die kombes op haar bed herinner haar aan die voorval, dan moet sy indien moontlik 'n ander kombes op haar bed sit.
- ✓ Skep 'n atmosfeer wat bevorderlik vir slaap is.

- Bespreek maniere waarop die adolessent haarself kan voorberei om te gaan slaap:
 - ✓ Vermy dit om te dink, sien of hoor van die voorval voordat jy gaan slaap. Moet dus nie oor die voorval praat met iemand net voor jy gaan slaap nie.
 - ✓ As jy televisie of 'n video kyk voor jy gaan slaap, kyk iets vrolik en sorgvry, vry van enige herinneringe van die voorval.
 - ✓ Dink oor die positiewe aspekte van jou lewe wanneer jy bed toe gaan.
 - ✓ Sit rustige musiek aan.
 - ✓ Probeer 'n slaappatroonskedule. Indien jy 'n "aandpersoon" is, wag tot 11 uur of 12 uur, gaan slaap dan en staan sewe uur of agt uur op as dit moontlik is (as jy so baie slaap benodig).
 - ✓ Vermy "oor-die-toonbank" middels vir slaap of middele wat nie voorgeskryf is deur 'n dokter nie.
 - ✓ Probeer 'n warm koppie melk wat help om jou te laat ontspan.
- Bestudeer die lys van "Maniere om jou kans om goed te slaap te verbeter" asook die "Slaaphigiëne" voorstelle.
 - Stel saam met die terapeut jou eie bedtydplan op, sien aktiwiteitsblaai.

6.2.2.11 Aktiwiteit: Persoonlike spasie

Persoonlike spasie is die hoeveelheid fisiese spasie wat jy benodig ten einde gemaklik te voel wanneer jy saam met ander is. Hierdie aktiwiteit kan gekombineer word met die “Nie-verbale gevoelens”-aktiwiteit.

Doelwitte:

- Om die begrip “persoonlike spasie” aan die adolessent te verduidelik.
- Om die adolessent se bewustheid van die hoeveelheid persoonlike spasie wat sy benodig om gemaklik te voel saam met ander, te verhoog.
- Om die adolessent te bemagtig deur hanteringstrategieë wanneer iemand haar persoonlike spasie binnekom en sy ongemaklik voel, te bespreek.

Materiaal benodig:

- Twee hoepels en klippies.
- Afskrif van persoonlike spasie-aktiwiteitblaai.

Instruksies:

- Die terapeut en die adolessent plaas elkeen 'n hoepel om hulle lyf.
- Verduidelik aan die adolessent dat “persoonlike spasie” gesien kan word as die fisiese spasie tussen haar liggaam en die hoepel. Elke persoon se hoeveelheid persoonlike spasie wat sy benodig om gemaklik te voel wanneer sy by ander persone is, kan verskil.
- Verduidelik aan die adolessent dat sy gemaklik of ongemaklik kan voel indien sommige persone in haar persoonlike spasie kom.
- Gee aan die adolessent die geleentheid om klippies om haar te pak om sodoende haar persoonlike spasie aan te dui waarmee sy gemaklik voel. Die hoeveelheid persoonlike spasie wat 'n persoon benodig om gemaklik te voel, kan verskil van die voorkant, kante of agterkant van die persoon. Die terapeut kan telkens op die grens van die klippies gaan staan en aan die adolessent vra of sy gemaklik voel en of sy dit wil aanpas. Die terapeut kan daarna dieselfde doen, aangesien verskillende persone se hoeveelheid persoonlike spasie waarmee hulle gemaklik voel, kan verskil.
- Vra aan die adolessent om persone te identifiseer wat in haar persoonlike spasie mag kom en met wie sy gemaklik voel om dit wel te doen, byvoorbeeld haar moeder of suster.
- Vra aan die adolessent om persone te identifiseer wat dalk al van-te-vore in haar persoonlike spasie gekom het en met wie sy ongemaklik gevoel het of persone wat sy glad nie sal toelaat in haar persoonlike spasie nie.
- Bespreek maniere waarop die adolessent haar “liggaamstaal” kan gebruik om boodskappe oor te dra soos: “Bly weg” of “Kom nader”. Hierdie aktiwiteit kan gekombineer word met die “Nie verbale gevoelens”-aktiwiteit.

6.2.3 Stigmatisasie

Stigmatisasie verwys na die negatiewe konneksies, byvoorbeeld skaamte en skuldgevoelens, wat gekommunikeer word aan die kind oor die ervarings en wat dan geïnkorporeer word in die kind se selfbeeld.

6.2.3.1 Aktiwiteit: Skuldgevoelens / ambivalente gevoelens

(Bron: Gil, E. 1996. *Treating abused adolescents*. New York: The Guilford Press.)

Dit is belangrik om nie net aan te neem dat die adolessent die oortreder haat nie. Baie adolessente wat seksueel misbruik is deur iemand wat hulle ken of 'n familielid, is steeds lief vir die persoon, maar wil net hê dat die seksuele misbruik moet stop.

Skuldgevoelens-doelwitte:

- Om redes te identifiseer waarom adolessente soms skuldig voel oor die seksuele misbruik.
- Gee aan die adolessent die geleentheid om op 'n 10 punt-skaal aan te dui of sy skuldgevoelens ervaar en hoe baie. Dieselfde skaal kan aan die einde van die sessie weer ingevul word of aan die einde van terapeutiese dienslewering.
- Om te bepaal in watter mate die adolessent skuldgevoelens ervaar ten opsigte van die seksuele misbruik, onthulling daarvan en gevolge op haarself en ander na onthulling.
- Om die adolessent te help om die skuld te plaas waar dit hoort, naamlik by die oortreder.

Ambivalente-gevoelens-doelwitte:

- Om te identifiseer of die adolessent na enige iets van haar verhouding met die oortreder terugverlang (indien hy bekend aan haar was).
- Om te assesser of die adolessent enige skuldgevoelens ervaar weens haar gevoelens teenoor die oortreder.
- Om te identifiseer watter dinge die adolessent en die oortreder gedoen het, wat sy geniet het en wat sy mis, wat kan lei tot ambivalente gevoelens.
- Om te identifiseer watter goeie eienskappe die oortreder het, indien hy bekend was aan die adolessent.

- Om bewustheid te verhoog van die adolessent se gevoelens en om kontak en kommunikasie daarvoor te verhoog.
- Om op 'n nie-bedreigende manier, die adolessent te help om ambivalente gevoelens uit te klaar.

Materiaal benodig:

- Afskrifte van aktiwiteitsblaaie.

Skuldgevoelens-instruksies:

- Bespreek en lys redes waarom adolessente soms skuldig voel indien hulle seksueel misbruik is.
- Stel saam met die adolessent 'n lys van haar eienskappe op, byvoorbeeld fyn gebou, meisie, op skool, afhanklik van ouers se versorging.
- Stel saam met die adolessent 'n lys van die oortreder se eienskappe op, byvoorbeeld sterk, groot, werk, sorg vir homself.
- Vra aan die adolessent: “Wie se idee dit was om dit te doen?”, “Wie het uitgedink wat gedoen moet word?”, “Wie het voorgestel dat daar stilgebly moet word?”
- Vra aan die adolessent om al die bogenoemde inligting te bestudeer, te dink daaroor en dan te sê wie sy dink verantwoordelik vir die seksuele misbruik is?.

Ambivalente-gevoelens-instruksies:

- Indien die adolessent ambivalente gevoelens ten opsigte van die oortreder ervaar, moet die terapeut daarteen waak dat sy nie veroordelend optree nie.
- Bespreek die goeie tye wat die adolessent saam met die oortreder spandeer het (indien hy bekend was aan die adolessent) en dinge wat sy geniet het of wat haar laat goed voel het.
- Bespreek die goeie eienskappe van die oortreder.
- Die adolessent word dus gehelp om die seksuele misbruik te skei van dit waarvan sy gehou het van die oortreder.
- Dit voorkom dat die adolessent skuldgevoelens ervaar indien sy sekere aspekte van haar verhouding met die oortreder mis.

6.2.3.2 Aktiwiteit: Meer van myself

Doelwitte:

- Om die adolessent se selfbeeld en selfkonsep te verbeter.
- Om die adolessent te betrek by kommunikasie oor haarself en om kontak met die self te verhoog.
- Om ‘n feite-lêer saam te stel oor die adolessent.
- Om kommunikasie in die eerste persoon aan te moedig.

Materiaal benodig:

- Afskrif van aktiwiteitsblaaie en ‘n lêer.
- Inkleurpotlode en klei.
- Foto’s van vriende.

Instruksies:

- Begin deur die identifiserende en basiese besonderhede van die adolessent in te vul op een van die aktiwiteitsblaaie en liasseer die blad voor in die “feite-lêer”.
- Vra aan die adolessent om ‘n foto saam te bring en plak ‘n foto van haar op die aktiwiteitsblad, ten einde dit meer persoonlik te maak.
- “Die naam”-aktiwiteit (5.6.3.3) kan gedoen word en geliasseer word. Instruksies aangeheg.
- Betrek die adolessent by bespreking oor haar “gunstelingdinge” en vul die aktiwiteitsblad in en liasseer in die lêer.
- Betrek die adolessent by bespreking van haar vriende en vriendinne, gee vir haar geleentheid om ‘n beskrywing van elkeen te gee en indien moontlik kan ‘n foto van elkeen op die aktiwiteitsblad geplak word.
- Onvoltooide sinne (5.6.3.4) kan voltooi en geliasseer word. Instruksies aangeheg.
- Die adolessent kan ander aktiwiteite wat gedoen word tydens sessies liasseer, indien sy wil.
- Na ‘n verloop van tyd kan die terapeut en die adolessent kyk of daar enige veranderinge plaasgevind het, byvoorbeeld: nuwe vriend(in) of adresverandering.

6.2.3.3 Aktiwiteit: My naam

Doelwitte:

- Om bewustheid van die self te verhoog.
- Om erkenning en aanvaarding te verhoog.
- Om isolasie te verminder en humor te betrek.

Materiaal benodig:

- Afskrif van aktiwiteitsblad.
- Klei.

Instruksies:

- Die adolessent kan die vrae op die aktiwiteitsblad invul en dan met die terapeut bespreek of die terapeut kan die vrae aan die adolessent stel en haar antwoorde op die aktiwiteitsblad invul.
- Verminder isolasie deur aan die adolessent te verduidelik dat baie mense soms nie van hul naam of van hulle nie of dat hul naam of van verkeerd gespelt word.
- Betrek bietjie humor by die aktiwiteit deur na die positiewe en negatiewe te verwys.
- Moedig die adolessent aan om 'n kleivoorstelling van haar naam te maak. Die terapeut kan 'n voorbeeld gee: My naam is Etna. As ek my voorstel aan mense sê hulle gewoonlik: "Mount Etna", die vuurspuwende berg in Italië. Daarom gaan ek 'n berg van klei maak om my naam voor te stel.

6.2.3.4 Aktiwiteit: Onvoltooide sinne

Doelwitte:

- Om deur middel van 'n projeksie-tegniek die adolessent te help om te ontspan en om kommunikasie tussen terapeut en adolessent te fasiliteer.
- Om bewustheid van die self (wense, doelwitte, dinge wat die adolessent gelukkig of ongelukkig maak ensovoorts) te verhoog in die hier-en-nou.
- Om waardevolle inligting na vore te bring wat verder bespreek kan word.

Materiaal benodig:

- Afskrif van die aktiwiteitsblad.
- Pen.

Instruksies:

- Verduidelik aan die adolessent dat daar geen regte of verkeerde antwoorde is nie, sy moet net die onvoltooide vraag voltooi met die antwoord wat sy eerste aan dink.
- Alternatiewelik kan die terapeut die onvoltooide vraag lees en die adolessent se voltooiing daarvan neerskryf.
- Nadat die vrae almal beantwoord is, kan die terapeut van die geleentheid gebruik maak om na van die vrae te verwys en die adolessent te betrek by verdere bespreking daarvan.

6.2.3.5 Aktiwiteit: My selfbeeld

(Field, L. 1997. *60 Tips for self-esteem*. Shaftesbury: Element Books Limited.)

Doelwitte:

- Om die adolessent se gevoel van selfwaarde te verbeter.
- Om die adolessent se selfbeeld te verbeter.
- Om introspeksie aan te moedig en kontak met die self te verhoog.
- Om die adolessent se sin van die self te versterk.

Materiaal benodig:

- Afskrif van die aktiwiteitsblaaie.

Instruksies:

- Lees saam met die adolessent die wenke vir 'n beter selfbeeld deur.
- Gee aan die adolessent die huiswerk om gedurende die volgende paar weke die opdragte te voltooi en om dit op 'n latere stadium saam te bring vir bespreking.
- Bespreek die voltooide opdragte met die adolessent.
- Moedig selfstellings aan.

6.2.3.6 Aktiwiteit: Boodskappe

Doelwitte:

- Om introspeksie aan te moedig en kontak met die self te verhoog.
- Om die adolessent se sin van die self te versterk.
- Om ondersoek in te stel na boodskappe wat die adolessent ontvang het en die impak daarvan op die adolessent se gevoel van selfwaarde.

Materiaal benodig:

- Afskrif van die aktiwiteitsblad.

Instruksies:

- Verduidelik aan die adolessent dat 'n persoon elke dag boodskappe kry van ander mense en dat dit daartoe bydra of die persoon goed of sleg voel oor haarself.
- Stel ondersoek in na positiewe en negatiewe boodskappe wat die adolessent ontvang het en hoe dit haar laat voel het.
- Stel ondersoek in na die grondigheid van die negatiewe boodskappe. Indien daar enige waarheid in die negatiewe boodskap steek, bespreek hoe die adolessent dit kan aanspreek.

6.2.3.7 Aktiwiteit: Teenoorgesteldes in my

Doelwitte:

- Om die adolessent se sin van die self te versterk.
- Om te fokus op polariteite in die adolessent se lewe.
- Om integrasie van die polariteite in die adolessent se lewe te bevorder.

Materiaal benodig:

- Prent wat aandui dat 'n persoon hartseer is, maar daar is 'n glimlag op die persoon se gesig.
- Klei.

Instruksies:

- Vra aan die adolessent om 'n lys te maak van dinge waarvan sy hou by die skool en waarvan sy nie hou nie, van kos waarvan sy hou of nie van hou nie.
- Vra aan die adolessent of sy al byvoorbeeld hartseer gevoel het, maar voorgegee het dat sy gelukkig is – soos die persoon op die prent.
- Vra aan die adolessent om 'n kleivoorstelling te maak van hoe sy haarself sien en om nog 'n kleivoorstelling te maak van hoe ander haar sien. Bespreek dit.
- Leë-stoeltegniek: Fasiliteer dialoog tussen teenoorgestelde dele.

6.2.3.8 Aktiwiteit: Selfgeldende gedrag

Dit is belangrik dat jy van jouself moet hou en dat jy jouself moet aanvaar met jou goeie en swak punte. Ons almal maak soms foute, dis menslik. Jy is uniek net soos jy is. In die volgende afdeling sal daar gefokus word op drie tipes gedragstyle: passiewe gedrag, selfgeldende gedrag en aggressiewe gedrag.

Doelwitte:

- Om die verskille tussen passiewe, selfgeldende en aggressiewe gedrag te bespreek.
- Om die stappe vir selfgeldende gedrag te bespreek.
- Om selfgeldende gedrag in te oefen met behulp van 'n gevallestudie.

Materiaal wat benodig word:

- Afskrifte van die aktiwiteitsblaaie wat die verskillende gedragstyle verduidelik.
- Afskrifte van die gevallestudies en 'n pen.
- 'n Afskrif van die stappe vir selfgeldende gedrag.

Instruksies:

- Verduidelik aan die adolessent die verskillende gedragstyle met behulp van die aktiwiteitsblaaie.
- Gee aan die adolessent die geleentheid om die verskillende gedragstyle van die karakters in gevallestudie te identifiseer.
- Bespreek die stappe vir selfgeldende gedrag.

- Gee aan die adolessent die geleentheid om selfgeldende gedrag met behulp van gevallestudie twee in te oefen.

6.2.3.9 Aktiwiteit: Hantering deur die professionele persone

Doelwitte:

- Om te assesser hoe die adolessent deur die professionele persone hanteer is vanaf onthulling.
- Om te assesser of die adolessent gevoelens van stigmatisasie of hulpeloosheid ervaar het.
- Om bewustheid en kommunikasie ten opsigte van ervarings en gevoelens te verhoog.
- Om enige stressors te identifiseer wat spanning veroorsaak.

Materiaal benodig:

- Afskrif van die nodige aktiwiteitsblaaie.

Instruksies:

- Bespreek met die adolessent wie sy almal moes gesien het vanaf onthulling van die seksuele misbruik, byvoorbeeld die polisie, die dokter, die ondersoekbeampte, die staatsaanklaer, die maatskaplike werker, die terapeut.
- Vul die vraelys saam met die adolessent in ten einde meer inligting in te samel oor hoe sy deur die betrokke persone hanteer is en hoe sy dit ervaar het en daarvoor gevoel het.
- Indien verdere stressors geïdentifiseer word, moet die terapeut en die adolessent saam hanteringsmeganismes identifiseer. Indien die adolessent dus bang is om terug te gaan vir haar opvolg MIV/Vigs bloedtoets, kan die terapeut aanbied om saam te gaan vir emosionele ondersteuning en kan vooraf reëlings met die hospitaal tref dat die adolessent nie hoef te wag nie, maar dadelik gehelp word.

6.2.4 Verraad

Verraad verwys na die dinamiek waartydens die kind ontdek dat iemand van wie sy afhanklik is, haar skade aandoen (Finkelhor & Browne, 1986:182).

6.2.4.1 Aktiwiteit: Meryl Maharajh se storie

(Bron: How I found love after rape. 2002. *Cosmopolitan*, April: 79. (Author unknown).

Doelwitte:

- Om inligting van die impak van die seksuele misbruik op die adolessent op 'n nie-bedreigende manier in te samel.
- Om met behulp van bibliospel 'n veilige afstand aan die adolessent te voorsien ten einde haar gevoelens op 'n nie-bedreigende manier te bespreek.
- Om isolasie te verminder en aan die adolessent die geleentheid te bied om met 'n ander persoon te identifiseer.
- Om die adolessent te bemagtig wat probleme met skuldgevoelens en vertrouwe ervaar.
- Om redes vir geheimhouding van die seksuele misbruik te identifiseer asook die negatiewe gevolge daarvan.

Materiaal benodig:

- Afskrif van Meryl Maharajh se storie en opdragblaai.
- Afskrif van redes waarom adolessente nie die seksuele misbruik onthul nie.

Instruksies:

- Gee 'n afskrif van Meryl Maharajh se storie aan die adolessent.
- Lees Meryl Maharajh se storie aan die adolessent.
- Wys die adolessent daarop dat die seksuele misbruik 'n impak op Meryl gehad het en lees afdeling A aan die adolessent.
- Wys die adolessent daarop dat daar egter ook 'n omkeerpunt in Meryl se lewe was en lees afdeling B aan die adolessent.
- Vra aan die adolessent of sy soortgelyke gevoelens as Meryl ervaar het. Sy kan dit slegs bespreek en die terapeut kan aantekeninge maak of sy kan self aantekeninge maak.
- Vra aan die adolessent of sy ook 'n omkeerpunt in haar lewe bereik het. Sy kan weereens self aantekeninge maak of die terapeut kan aantekeninge maak terwyl sy praat.

- Wys die adolessent daarop dat Meryl stilgebly het en die seksuele misbruik ‘n geheim gehou het, want sy het gedink dit is haar skuld. Vra aan die adolessent of sy ander redes kan opnoem waarom adolessente soms die seksuele misbruik ‘n geheim hou.

6.2.4.2 Aktiwiteit: Vertroue

As jy ‘n persoon nou-net ontmoet het, weet jy nie dadelik of jy die persoon kan vertrou nie. Jy moet eers die persoon leer ken en met verloop van tyd sal jy kan bepaal of jy die persoon kan vertrou of nie. Om iemand te vertrou, is ‘n risiko wat jy neem. Daarom “toets” jy dalk eers die persoon deur eers net stukkies van jou gedagtes en gevoelens met hom of haar te deel en op grond van sy of haar reaksie, besluit jy of jy meer met die persoon kan deel.

Doelwitte:

- Om persone te identifiseer wat die adolessent vertrou en nie vertrou nie.
- Om die adolessent te betrek by bespreking waarom sy die spesifieke persone vertrou en waarom sy die ander nie vertrou nie.
- Om saam ‘n lys op te stel van eienskappe van ‘n persoon wat sy sal vertrou.
- Om gedrag te identifiseer wat daarop dui dat 'n bekende persoon of 'n vreemdeling nie vertrou kan word nie.

Instruksies:

- Verduidelik aan die adolessent dat daar basies twee groepe mense is: die wat jy kan vertrou en die wat jy nie kan vertrou nie. “Maar wie hoort waar?” – die volgende aktiwiteite behoort te help. Vra vir die adolessent wat die woord “vertroue” vir haar beteken. Lees die gedig oor “vertroue” aan die adolessent.
- Vra aan die kind om op die aktiwiteitsblad in te vul wie sy vertrou en wie sy nie vertrou nie. Betrek die adolessent by bespreking oor waarom sy die betrokke persone vertrou of nie vertrou nie en teken dit aan.
- Betrek die adolessent en stel saam ‘n lys op van eienskappe van ‘n persoon wat vertrou kan word. Vergelyk dit met die aktiwiteitsblad.
- Bespreek die gevallestudie met die adolessent.

- Identifiseer saam gedrag wat daarop dui dat jy nie 'n persoon kan vertrou nie, byvoorbeeld die persoon het gesê dat hy jou huis toe sal neem, maar toe neem hy jou na 'n ander plek.

6.2.4.3 Aktiwiteit: Die Vulkaan-aktiwiteit

Alle mense, oud en jonk, word kwaad. Dit is 'n natuurlike gebeurtenis. Dit het egter 'n slegte reputasie, omdat baie mense woede op 'n destruktiewe manier gebruik of uitdruk. As kwaadgevoelens egter op die regte manier gebruik word, is dit gesond. Kwaadgevoelens se boodskap is: **“Iets is verkeerd en moet reggemaak word”**. Kwaadgevoelens kan jou forseer om op te staan vir wat reg en goed is, dit kan jou beskerm daarteen om weer seer te kry en dit kan help om dinge wat fout is weer reg te stel. Om kwaad te wees kan dus 'n goeie emosie wees, as dit op die regte manier gebruik word. As dit reg gebruik word, is dit 'n wonderlike middel vir herstel.

Doelwitte:

- Om op 'n nie-bedreigende manier aan die kind te demonstreer hoe dit voel as jy kwaad word, dit laat opkrop en nie op 'n aanvaarbare manier laat uitkom nie.

Materiaal wat benodig word:

- Bruin klei en 'n potlood.
- Koeksoda en asyn.
- 'n Prent van 'n vulkaan.

Instruksies:

- Vra aan die adolessent of sy weet wat 'n vulkaan is.
- Wys 'n prent van 'n vulkaan aan die adolessent.
- Gee aan die adolessent die geleentheid om 'n vulkaan van klei te bou
- Laat die adolessent koeksoda in die uitgeholde vulkaan gooi en daarna asyn
- Verduidelik aan die kind, dat wanneer ons kwaad word en dit opkrop, kan ons ook later soos die “vulkaan” ontplof, sommer oor enige klein goedjies.

- Druk gaatjies met ‘n potlood deur die klei, sodat die skuim onder uitloop en nie oorborrel nie.
- Verduidelik aan die adolessent, dat daar egter maniere is, waarop ons geleidelik van die kwaadgevoelens ontslae kan raak en sodoende ‘n ontploffing voorkom.
- Verduidelik aan die adolessent dat ons met behulp van die ander aktiwiteite gepaste maniere om kwaadgevoelens te hanteer, sal bespreek
- Laat die kind op ‘n skaal van nul tot 10 aandui hoe gereeld sy soos die vulkaan ontplof, waar nul nooit, vyf soms en 10 baie voorstel.

6.2.4.4 Aktiwiteit: Waar in jou liggaam "voel" jy kwaadgevoelens?

Jou liggaam rebelleer as kwaadgevoelens opgekrop word. Jy kan byvoorbeeld voel dat iets verkeerd is omdat jy konstant geïrriteerd voel oor iets of vir geen werklike rede nie, “ontplof” jy oor klein goedjies. Jy kan byvoorbeeld iets onbeskof vir ‘n vriendin toesnou of jy skree of slaan dalk jou broer of suster of slaan die deur toe en is dan spyt. Moenie dat kwaadgevoelens opbou totdat dit in een groot ontploffing uitkom nie. Luister na jou liggaam en gee die gevoel ‘n naam. Wees bewus daarvan as jy kwaad word. Onthou kwaadgevoelens is ‘n sekondêre gevoel. Wanneer jy bewus is daarvan dat jy kwaad oor iets is, kan jy ook ondersoek na jou primêre (eerste) gevoel instel. Sodoende kan jy bepaal watter behoeftes onervul is. Moenie jou gevoelens ignoreer of onderdruk nie.

Doelwitte:

- Om bewuswording van fisieke simptome wat gepaardgaan met kwaadgevoelens te verhoog.
- Om die adolessent se kennis van waar sy kwaadgevoelens in haar liggaam ervaar te verhoog.
- Om die gevoel ‘n naam te gee.
- Om te leer om na jou liggaam te luister.

Materiaal wat benodig word:

- Afskrif van die liggaamkaart en ‘n pen.
- Kryte of inkleurpotlode.

Instruksies:

- Gebruik ‘n afskrif van die liggaamskaart
- Versoek die adolessent om op die liggaam aan te dui waar sy dit “voel” wanneer sy kwaad raak. Die adolessent kan byvoorbeeld die maag inkleur om aan te dui dat sy voel hoe haar maagspiere saamtrek.
- Bespreek dit daarna en maak aantekeninge op die liggaamskaart, byvoorbeeld my hande begin bewe, my hart klop vinniger.
- Wys die adolessent daarop dat ons dit soms vir ander mense kan wegsteek as ons kwaad word, maar dat ons dit nie vir ons liggaam kan wegsteek nie
- Dit is daarom belangrik dat ons na ons liggaam moet “luister” en die gevoel wat ons ervaar identifiseer en benoem: “Ek voel kwaad, want my hande bewe en my hart klop vinniger en my hande sweet”.
- Noudat jy geleer het om na jou liggaam te luister en jou gevoel te identifiseer en te benoem, kan jy oorgaan na die verkeersligtegniek wat hantering van kwaadgevoelens bespreek.

6.2.4.5 Aktiwiteit: Die verkeersligaktiwiteit**Doelwitte:**

- Om te “stop” en bewus te word van jou liggaamstekens en om jou gevoel ‘n naam te gee.
- Om te “pasop” vir watter keuse jy gaan neem ten opsigte van jou optrede.
- Om te “doen” deur die beste optrede vir die betrokke situasie te kies.
- Om te erken wat die adolessent kwaadmaak en om bewuswording van gedrag en gevolg te verhoog.
- Om vaardighede aan te leer om kwaadgevoelens positief te bestuur.

Materiaal wat benodig word:

- Afskrif van die verkeerslig en “Wanneer ek kwaad word”.
- Kryte en ‘n pen.

Instruksies:

- Teken 'n verkeerslig of gebruik 'n afskrif van die verkeerslig.
- Gee aan die adolessent die geleentheid om die drie ligte in te kleur en bespreek die funksies van elke lig, naamlik rooi beteken stop, oranje beteken pasop en groen beteken ry.
- Verduidelik aan die adolessent dat wanneer sy kwaad word sy moet dink aan 'n verkeerslig en verduidelik die drie onderskeie ligte as volg:

Die Rooi lig:

- Stop!
- Gee aandag aan jou liggaamstekens / word bewus van jou fisieke simptome, soos bespreek is in die aktiwiteit: “Waar in jou liggaam voel jy dat jy kwaad is?”
- Gee jou gevoel 'n naam.
- Haal diep asem.

Die Oranje lig:

- Pasop!
- Dink eers oor jou kwaadgevoelens en neem beheer daarvan, moenie net optree nie
- Aanvaar wat jy voel.
- Waarom het jy kwaad geword? Wat kruip weg agter daardie kwaadgevoelens? Wat was jou eerste gevoel gewees?
- Op watter maniere kan jy optree? Wat is die gevolge van die verskillende optredes?
- Hoe sal jou optrede ander affekteer? Hoe sal jy geaffekteer word?
- Sal die persoon die boodskap kry deur middel van 'n uitbarsting of is daar effektiewer maniere?
- Hoe kan jy sê wat jy wil, sonder om oorboord te gaan?

Die Groen lig:

- Doen.

- Kies die beste manier/ gepaste optrede vir die betrokke situasie.
- Wat kan jy doen? Voorbeelde: Gaan praat met iemand, gaan stap, skryf 'n brief, vra vir hulp.
- Die terapeut en die kind kry elkeen daarna die geleentheid om voorbeelde te gee van situasies waartydens hul kwaad geword het en opgetree het sonder om te dink oor hul opsies en / of 'n situasie waartydens hul eers gedink het en toe opgetree het op die beste manier.
- Die terapeut en die adolessent kan ook saam die aktiwiteitsblaaie: "Wanneer ek kwaad word," invul. Wys die adolessent daarop dat indien kwaadgevoelens op onskuldige persone gerig word, hulle slagoffers van jou kwaadgevoelens word. 'n Persoon moet dus daarteen waak om nie ander mense slagoffers van jou kwaadgevoelens te maak nie en moet liever: "Stop, Dink en dan Doen."
- Dit verg oefening en tyd om in beheer te wees, veral in moeilike situasies. Dit gebeur soms dat ons beheer verloor. Dink daaroor, wat was die gevolge en oefen om eers jou opsies te oorweeg voordat jy optree.

6.2.4.6 Aktiwiteit: Konflikhantering

Doelwitte:

- Om verskillende maniere waarop persone konflik hanteer te identifiseer.
- Om die effektiwiteit van die verskillende konflikhanteringstyle te bespreek.
- Om die verskillende konflikhanteringstyle van die adolessent en belangrike persone in haar lewe te bespreek.
- Om effektiewe konflikhanteringstyle te identifiseer wat die adolessent kan probeer toepas.

Materiaal benodig:

- Afskrif van die konflikhanteringstyle-aktiwiteitsblaaie.

Instruksies:

- Verduidelik aan die adolessent dat konflik deel van 'n persoon se lewe is. Konflikhantering word egter aangeleer en effektiewe konflikhanteringstrategieë kan aangeleer word.
- Bespreek die vyf konflikhanteringstyle met die adolessent. Vra aan haar of sy persone kan identifiseer wat konflik volgens hierdie konflikhanteringstyle hanteer.
- Vra aan die adolessent hoe sy konflik hanteer. Sy kan meer as een konflikhanteringstyl identifiseer.
- Bespreek die effektiwiteit van die verskillende konflikhanteringstyle en motiveer die adolessent om die konflikhanteringstyl(e) te gebruik wat meer effektief is in die oplossing van konflik.

6.2.4.7 Aktiwiteit: Uitlaatklep**Doelwitte:**

- Om erkenning te gee aan dinge wat die adolessent kwaad maak.
- Om aan die adolessent die geleentheid te bied om uitlating aan die kwaadgevoelens te gee op 'n aanvaarbare manier.
- Om met behulp van 'n fisiese uitlaatklep “vulkaanontploffings” te voorkom.

Materiaal benodig:

- Eiers en merkpen.
- Dun draad.
- Frustrasieblok: stuk hout met spykers wat net 'n bietjie ingeslaan is.
- Hamer en ballonne.

Instruksies:**Aktiwiteit 1:**

- Vra aan die adolessent om te dink aan iemand of 'n situasie wat haar al kwaad laat voel het.
- Vra aan die adolessent om al daardie kwaadgevoelens in die ballon te blaas (eksternaliseer die kwaadgevoelens).

- Vra aan die adolessent of sy bereid is om te vertel “wat” sy in die ballon geblaas het, met ander woorde wat aanleiding gegee het tot haar kwaadgevoelens.
- Gee beheer aan die adolessent en stel voor dat sy die (kwaadgevoelens) ballon in die lug moet skiet met haar vinger, aangesien dit nou buite haar is.
- Wanneer sy gereed is, kan sy besluit of sy die ballon wil bars of wil laat wegvlieg of weer die lug wil uitlaat.

Aktiwiteit 2:

- Vra aan die adolessent om op die eier(s) te skryf wie of wat haar kwaad maak.
- Gee aan die adolessent die geleentheid om die eiers stukkend te gooi.

Aktiwiteit 3:

- Gee aan die adolessent ‘n hamer.
- Gee aan die adolessent die geleentheid om die spykers in die frustrasieblok te slaan.

Aktiwiteit 4:

- Vra aan die adolessent om te dink aan ‘n slegte ding wat al met haar gebeur het en om aan die een punt van die draad ‘n simboliese voorstelling daarvan te maak.
- Vra aan die adolessent om aan die ander punt van die draad ‘n simboliese voorstelling te maak van hoe sy dit hanteer het.
- Bespreek die simboliese voorstelling met die adolessent.
- Die terapeut kan deelneem aan die aktiwiteit en modelleer.

6.2.4.8 Aktiwiteit: Musiektekening

(Bron: Sher, B. 1998. *Self-esteem games. 300 Fun activities that make children feel good about themselves.* New York: John Wiley & Sons Inc.)

Doelwitte:

- Om uit te druk watter herinneringe of gevoelens musiek na vore bring.
- Verhoog bewustheid van gevoelens en ervarings.

- Om musiek te identifiseer wat positiewe gevoelens ontlok en sodoende ook as hanteringsmeganisme gebruik kan word wanneer die adolessent byvoorbeeld kwaad is.

Materiaal benodig:

- CD-speler of bandspeler.
- Verskeie liedjies (verkieslik op die top 20 en ‘n paar “Golden Oldies” soos Abba).
- Kryte / potlode.

Instruksies:

- Laat die adolessent ‘n gemaklike posisie inneem.
- Selekteer ‘n verskeidenheid liedjies – byvoorbeeld bekende top 20 treffers, “metal”, “rave”, “alternatiewe”- musiek en boeremusiek.
- Verduidelik aan die adolessent dat daar verskeie liedjies aan haar gespeel sal word.
- Gee aan die adolessent geleentheid om te teken of neer te skryf waaraan die liedjie haar laat dink of hoe die liedjie haar laat voel en waarom.
- Indien die adolessent nie daarvan hou om te skryf of teken nie, kan dit ook bespreek word.
- Identifiseer ‘n paar liedjies wat positiewe gevoelens ontlok, moedig die adolessent aan om daarna te luister wanneer sy ontsteld of kwaad is, as ‘n hanteringsmeganisme.

6.2.4.9 Aktiwiteit: Ontspanningsoefeninge

Doelwitte:

- Om bewuswording van jou asemhaling te verhoog.
- Om oefeninge te doen ten einde te ontspan.

Materiaal wat benodig word:

- Rustige agtergrondmusiek.

Instruksies:**Stap 1:**

- Die terapeut en die adolessent sit rug-aan-rug op die vloer, maak hulle oë toe en speel rustige agtergrondmusiek.
- Die terapeut haal normaalweg asem en die adolessent moet dit probeer voel, hoor en op dieselfde manier asem haal.
- Die terapeut verander haar asemhaling, byvoorbeeld haal vinniger asem, en die adolessent moet haar asemhaling daarby aanpas.
- Daarna ruil die terapeut en die adolessent rolle.
- Daarna kan die terapeut en die adolessent hul ervarings bespreek, byvoorbeeld: "Jy het geklink en gevoel soos iemand wat geskrik het, toe jy vinnig asem gehaal het."

Stap 2:

- Terwyl rustige agtergrondmusiek speel, gee die terapeut instruksies van verskeie strekoefeninge wat uitgevoer moet word.
- Die terapeut demonstreer die oefening en dan doen die adolessent dit saam met die terapeut:
 - ✓ Laat hang jou bo-lyf en kop vooroor, ontspan, voel hoe jou liggaam swaar raak, laat alle spanning uit jou spiere vloei,
 - ✓ Kom stadig regop met jou bo-lyf, laat jou kop steeds hang,
 - ✓ Maak stadige sirkelbewegings met jou kop,
 - ✓ Wees bewus van jou asemhaling, haal diep en stadig asem,
 - ✓ Staar op jou tone, strek uit met jou arms, probeer die dak raak.

Stap 3:

- Lê op jou rug, trek jou knieë op.
- Sit een hand op jou bors en jou ander hand op jou maag.
- Maak jou oë toe, haal 'n paar keer diep asem, voel hoe jou longe vol vars lug word en hoe jy dit uitblaas. Voel hoe jou hand op jou bors op-en-af beweeg, jou hand op jou maag moenie beweeg nie.
- Verbeel jou nou dat jy goeie dinge soos geluk, vriendelikheid en liefde inasem.

- Wanneer jy uitblaas verbeel jou dat jy slegte dinge soos banggevoelens, kwaadgevoelens of stres uitblaas.
- Probeer nou die vars lug en goeie dinge in jou maag inasem en die slegte dinge uitblaas, voel hoe jou hand op jou maag beweeg, hou jou hand op jou bors stil.

Stap 4:

- Hierdie is ‘n “Kop tot toon” ontspanningsoefening. Volg die volgende instruksies:
- Frons met jou voorkop, ontspan, herhaal ‘n paar keer.
- Knyp jou oë toe, maak dit groot oop, herhaal.
- Maak jou mond groot oop, maak dit toe, herhaal.
- Druk jou tong teen jou verhemelte, ontspan, herhaal.
- Byt op jou tande, ontspan, herhaal.
- Druk jou kop teen die kussing, ontspan, herhaal.
- Raak met jou ken aan jou bors, kyk op, herhaal.
- Rol jou kop na jou regterskouer, terug, na jou linkerskouer, terug.
- Trek jou skouers op, laat hang jou skouers, herhaal.
- Strek jou arms uit, soos wanneer ‘n persoon wakker word, ontspan en herhaal.
- Skiet jou vingers, ontspan, herhaal.
- Haal diep asem, hou die lug in jou longe vir drie tellings, blaas uit, herhaal.
- Buig vooroor, kom regop, herhaal.
- Maak jou maagspiere styf, ontspan, herhaal.
- Stoot jou maag uit, ontspan, herhaal.
- Trek jou maag in, ontspan, herhaal.
- Maak jou boude styf, ontspan, herhaal.
- Buig jou knieë effens, voel hou jou bo-been spiere saamtrek, staan regop, herhaal.
- Trek jou kuitspiere saam, ontspan, herhaal.
- Lig jou tone op, druk jou tone af teen die grond, ontspan, herhaal.

6.2.5 Traumatiese seksualisering

Traumatiese seksualisering verwys na 'n proses waarin 'n kind se seksualiteit gevorm word op 'n onaanvaarbare, disfunksionele ontwikkelings- en interpersoonlike manier as gevolg van die seksuele misbruik. (Vergelyk Mash & Woolfe, 2002:392; Finkelhor & Browne, 1986:181.)

6.2.5.1 Aktiwiteit: Hartsnare

(Bron: Hobday, A. & Ollier, K. 1998. *Creative therapy: activities with children and adolescents*. Leicester: British psychological society.)

Doelwitte:

- Om inligting van die adolessent se verhoudings met ander betekenisvolle persone in te samel.
- Om die adolessent se bewuswording van persone wat deel vorm van haar ondersteuningsnetwerk te verhoog en sodoende kontak met haar omgewing verhoog.
- Om te identifiseer met wie die adolessent nie 'n goeie verhouding het nie en om die adolessent te betrek by bespreking daaroor. (Die “interpersoonlike verhoudingsaktiwiteit” kan gekombineer word met die bogenoemde aktiwiteit.)
- Om bewuswording van eienskappe van 'n goeie verhouding te verhoog.
- Om inligting op 'n nie-bedreigende manier aan die adolessent oor te dra.

Materiaal benodig:

- Afskrif van die hartsnare-aktiwiteitsblaaie.
- Afskrif van die interpersoonlike verhoudingsaktiwiteitsblaaie, indien besluit word om die twee te kombineer.
- Afskrif van: “Wat is 'n gesonde verhouding?”
- Pen en inkleurpotlode.

Instruksies:

- Gee aan die adolessent die geleentheid om haar naam in die middel van die hartjie te skryf.

- Vra aan die adolessent om die persone se name vir wie sy die liefste is of wie vir haar baie belangrik is, in die hartsnaar naaste aan die hartjie se skryf.
- Ander wat 'n minder belangrike rol in haar lewe speel, se name kan dan soos hulle belang of rol afneem, al hoe verder van die hartjie, in die hartsnare, geskryf word.
- Betrek die adolessent by bespreking oor die redes waarom die verskillende persone in die verskillende posisies (na of ver van haar) geskryf is.
- Verwys na die “Wat is 'n gesonde verhouding aktiwiteitsblaai”. Vra aan die adolessent of haar verhouding met die persone wat sy naby aan die hartjie geskryf het oor die eienskappe beskik. Vra ook aan haar of haar verhouding met die persone wat sy ver van die hartjie geskryf het, oor die eienskappe van 'n gesonde verhouding beskik en identifiseer waaraan die verhouding tekort skiet.
- Indien die adolessent 'n betekenisvolle persoon se naam ver van die hartjie of selfs buite die hartsnare geskryf het, kan die “Interpersoonlike verhoudingsaktiwiteit” gebruik word om meer inligting in te samel oor waarom daar probleme tussen die adolessent en die betrokke persoon is.

6.2.5.2 Aktiwiteit: Interpersoonlike verhoudings

Doelwitte:

- Om probleme in verhoudings met betekenisvolle persone in die adolessent se lewe te identifiseer.
- Om die adolessent te betrek by gesprek oor probleem-oplossingstrategieë.
- Om bewustheid en kommunikasie van denke en gevoelens te verhoog.

Materiaal benodig:

- Inkleurpotlode / potlood.
- Afskrif van aktiwiteitsblaai.
- Maak stene van karton.

Instruksies:

- Vra aan die adolessent om haarself aan die linkerkant van die papier te teken en om iemand wat belangrik is vir haar, maar met wie sy verhoudingsprobleme ervaar, aan

die regterkant van die blaai te teken. Vou die blaai sodat sy en die persoon langs mekaar staan.

- Vra aan die adolessent wat soms “tussen” haar en die persoon inbeweeg en voorkom dat sy en die persoon na mekaar luister en saam dinge geniet, en daarom wegbeweeg van mekaar. (Vou die blaai oop.)
- Skryf die probleme wat hulle ervaar op stene wat gemaak is van karton of een groot steen (as dit slegs een probleem is) neer. Plak die stene of steen tussen haar en die persoon.
- Verduidelik aan die adolessent dat hierdie probleem of probleme dit nog moeiliker vir haar en die persoon maak om helder oor sake te dink, mekaar te vertrou en die probleme op te los.
- Vra aan die adolessent: “Hoe stop hierdie probleme wat jy geïdentifiseer het vir jou en die betrokke persoon om saam dinge te geniet en te praat?”
- Bespreek elke probleem (steen) en haal elke steen af soos ‘n oplossing bereik word.
- Dit kan dalk ook nodig wees vir die terapeut om, met die adolessent se toestemming, ook in gesprek te tree met die betrokke persoon.

6.2.5.3 Liefdestale

(Bron: Chapman, G. 2000. *The five love languages of teenagers*. Chicago: Northfield Publishing.)

Doelwitte:

- Om die adolessent en ander belangrike persone in haar lewe se hoof “liefdestale” te identifiseer.
- Om die adolessent bewus daarvan te maak dat sy ‘n verskil aan ‘n ander persoon se lewe kan maak deur daardie persoon te laat voel dat daar iemand is wat omgee.
- Om die adolessent bewus te maak van wat haar geliefd laat voel en haar emosionele liefdesbeker volmaak.

Materiaal benodig:

- Afskrif van die emosionele liefdesbeker.

Instruksies:

- Verduidelik aan die adolessent dat almal van ons 'n emosionele liefdesbeker het en wanneer daardie beker vol is (wanneer 'n persoon voel dat belangrike persone in haar lewe lief is vir haar), dan lyk die persoon se wêreld goed en kan geskille met ander persone op 'n positiewe manier bespreek word.
- Verduidelik aan die adolessent dat indien hierdie liefdesbeker egter leeg is en 'n persoon verwerp eerder as geliefd voel, dit baie moeilik raak om geskille te bespreek sonder om in 'n argument betrokke te raak.
- Verduidelik aan die adolessent dat elke persoon 'n liefdesbeker het wat op verskillende maniere kan vol word. Bespreek die vyf liefdestale met die adolessent.
- Vra aan die adolessent om haar primêre liefdestale te identifiseer.
- Gee ook aan die adolessent die geleentheid om die primêre liefdestale van belangrike persone in haar lewe te identifiseer.
- Moedig die adolessent aan om aan belangrike persone in haar lewe te kommunikeer wat sy benodig om geliefd te voel en om bewus daarvan te wees hoe sy ander persone geliefd kan laat voel.

6.2.5.4 Aktiwiteit: Ken mekaar**Doelwitte:**

- Om die kommunikasie tussen die adolessent en haar ouer te verbeter.
- Om die wedersydse kennis en begrip tussen die ouer en adolessent te bewerkstellig.
- Om onvoltooidhede en probleme in die ouer-adolessent verhouding te identifiseer en aan te spreek.

Materiaal benodig:

- Afskrif van die ken-mekaar-vrae.

Instruksies:

- Verduidelik aan die adolessent en die ouer dat baie adolessente voel dat hulle ouers hulle nie verstaan nie en dat baie adolessente nie met hulle ouers kommunikeer oor belangrike sake in hulle lewe nie.

- Verduidelik dat die “ken mekaar speletjie” dus ‘n geleentheid aan beide bied om mekaar beter te leer ken en verstaan.
- Die terapeut sal dus onderskeidelik ‘n vraag aan die adolessent vra oor haar ma. Wanneer sy geantwoord het, kan haar ma bevestig of sy reg of verkeerd was. Indien sy verkeerd was, is dit die ouer se keuse of sy die regte antwoord wil gee.
- Die terapeut sal dan weer ‘n vraag aan die ouer vra oor haar kind en die adolessent sal dan weer geleentheid kry om te bevestig of haar ma reg of verkeerd was. Dit is ook die adolessent se reg om te besluit of sy die regte antwoord wil gee indien haar ouer verkeerd was.

6.2.5.5 Aktiwiteit: Reg of verkeerd?

Doelwitte:

- Om die adolessent bewus te maak dat elke persoon se waardestelsel en manier van dink nie noodwendig reg of verkeerd is nie, maar wel uniek.
- Om begrip vir ander persone se keuses en optrede te verhoog.

Materiaal benodig:

- Afskrif van kaartjies.
- Skêr om kaartjies uit te knip.

Instruksies:

- Vra aan die adolessent om die kaartjies te rangskik van belangrikste tot die minste belangrik.
- Verduidelik dat die terapeut dieselfde gaan doen en dat die adolessent en die terapeut dan hulle uitbeeldings met mekaar sal vergelyk.
- Die terapeut en die adolessent moet met hulle rûe na mekaar sit tewel hulle die kaartjies rangskik.
- Vergelyk die adolessent se eindresultaat met die terapeut se eindresultaat.
- Wys die adolessent daarop dat alhoewel daar verskille is, nie die terapeut of die adolessent se uitbeelding noodwendig reg of verkeerd is nie. Dit kan egter verskil omdat die terapeut dalk ouer is, of verskillende ervarings gehad het as die adolessent.

Dit maak egter nie dat die terapeut s'n reg is en die adolessent s'n verkeerd nie. Elke persoon is uniek weens verskillende agtergronde en ervaringe.

- Hierdie aktiwiteit kan ook gebruik word tydens 'n gesamentlike sessie met die adolessent en haar ouer(s).

6.2.5.6 Aktiwiteit: Afspraakverkragting / “Date Rape”

(Bron: Redgrave, K. 2000. *Care-Therapy for children*. London: Continuum.)

Doelwitte:

- Om afspraakverkragting / “date rape” te definieer en om te bespreek wat meisies kwesbaar maak.
- Om maniere waarop afspraakverkragting / “date rape” voorkom kan word te identifiseer.
- Om gevaarlike plekke te identifiseer waar die risiko om 'n slagoffer van afspraakverkragting / “date rape” te word, hoër is.
- Om met behulp van kennis die adolessent te bemagtig en in beheer te plaas in die neem van keuses in verhoudings.
- Om met behulp van rolspel selfgeldende gedrag en spesifieke voorkomingsfrases in te oefen.
- Om die adolessent te bemagtig en te leer om voorkomend op te tree deur veiligheidsmaatreëls te bespreek wat kan voorkom dat sy 'n slagoffer van afspraakverkragting / “date-rape” word.
- Om sewe sleutels tot duidelike kommunikasie om haarself te beveilig te bespreek.
- Om met behulp van kennis die adolessent in staat te stel om grense neer te lê in haar verhoudings en bewustheid te verhoog dat sy in beheer is.

Materiaal benodig:

- Afskrif van aktiwiteitsblaaie en antwoordblaaie.

Instruksies:

- Vra aan die adolessent om te beskryf wat sy verstaan onder die begrip afspraakverkragting / “date rape”. Skryf saam ‘n definisie neer. (Sien voorbeeld op antwoordblad.)
- Vra aan die adolessent of sy soms voel asof seuns meer vryheid as meisies gegun word. Waarom dink sy is dit so? Is ouers onregverdig of is meisies meer kwesbaar? Bespreek en stel saam ‘n lys op wat meisies kwesbaar maak. (Sien antwoordblad.)
- Bespreek maniere en stel saam ‘n lys op van hoe meisies afspraakverkragting / “date rape” kan voorkom. (Sien antwoordblad.)
- Identifiseer saam gevaarlike plekke wat die risiko om ‘n slagoffer van afspraakverkragting / “date rape” te word, hoër is.
- Bespreek sewe sleutels tot duidelike kommunikasie om haarself te beveilig met die adolessent. (Antwoordblad aangeheg.)
- Bespreek voorkomingsfrases wat vroeg in die verhouding gebruik kan word met die adolessent. Maak gebruik van rollespel en oefen dit in.

6.2.5.7 Aktiwiteit: Verkragtingsdwelms / “Date rape drug”

(Bron: Petzer, M. 2004. Prooi van die partytjie. *Taalgenoot*, Februarie:23-24.)

Doelwitte:

- Om met behulp van bibliospel die adolessent te waarsku teen die verkragtingsdwelms en die gevolge daarvan.
- Om die adolessent te bemagtig deur veiligheidsmaatreëls te bespreek wat sy in plek kan stel ten einde te voorkom om ‘n slagoffer van die verkragtingsdwelms / “date rape drug” te word.

Materiaal benodig:

- Afskrif van die storie: “Prooi van die partytjie”.
- Afskrif van die veiligheidsmaatreëls wanneer die adolessent na ‘n partytjie gaan.

Instruksies:

- Verduidelik aan die adolessent dat oortreders soms gebruik maak van die verkrachtingsdwelm / “date rape drug” ten einde te verseker dat die slagoffer niks kan onthou van wat gebeur het nie.
- Lees die storie: “Prooi van die party” en bespreek die gevolge van die verkrachtingsdwelm / “date rape drug”.
- Bespreek maniere waarop die adolessent kan voorkom om ‘n slagoffer van die verkrachtingsdwelm / “date rape drug” te word. (Antwoordblad aangeheg.)

6.2.5.8 Aktiwiteit: Feite en Mites oor seksuele misbruik**Doelwitte:**

- Om “mites” wat bestaan oor seksuele misbruik uit te klaar.
- Om moontlike misleidende inligting wat die oortreder aan die adolessent tydens die seksuele misbruik oorgedra het, uit te klaar.
- Om enige wanpersepsies of hulpeloosheid weens misleidende inligting uit die weg te ruim.

Materiaal benodig:

- Afskrif van die aktiwiteitsblad en antwoordblad.

Instruksies:

- Bespreek “Feite en Mites oor seksuele misbruik.” Die terapeut kan die stelling maak en die adolessent kan waar of vals antwoord en die terapeut kan die verduidelikings verskaf.
- Vra aan die adolessent of daar enige ander aspekte is waaroor sy onseker is of wil uitklaar saam met die terapeut.

6.2.6 Terminering

Die besluit oor wanneer om te terminer kan soms ‘n moeilike besluit wees vir ‘n terapeut (Geldard & Geldard, 1997:82). Daar is tekens wat aandui dat dit tyd is om te terminer. Die adolessent se gedrag kan positief verander het volgens belangrike persone

in haar lewe of die adolessent kan betrokke raak by aktiwiteite soos atletiek en vriende en dit bo die terapie verkies, of die adolessent kan 'n plato bereik en 'n geleentheid benodig om haar groei en verandering wat plaasgevind het tydens terapie te integreer. Terminering kan soms moeilik wees vir die adolessent, aangesien die adolessent die sessies kan ervaar as 'n tyd waartydens 'n volwassene onverdeelde aandag aan haar gee (Thompson & Rudolph, 2000:49). Dit is daarom belangrik dat die adolessent goed voorberei moet word op terminering en betrokke moet wees by die besluit om te terminer.

6.2.6.1 Aktiwiteit: Bordspeletjie

Doelwitte:

- Om die adolessent met die geleentheid te voorsien om haar vermoë om te konsentreer asook haar uithouvermoë, te ondersoek.
- Om die adolessent te help om sosiale vaardighede soos samewerking en geskikte response op teleurstellings, mislukkings en sukses, in te oefen.
- Om die adolessent te help om probleemoplossings- en besluitnemingsvaardighede in te oefen.
- Om aan die adolessent die geleentheid te bied om te hersien wat sy geleer het tydens die terapeutiese sessies.
- Om waarneming te verfyn (deur te kyk hoe die adolessent speel), as 'n geleentheid om egofunksies te verhoog (deur die adolessent te help om selfbeheer en frustrasievlakke te bemeester) en as 'n natuurlike toets om die adolessent se sosialiseringvaardighede te verbeter.
- Om die adolessent se denke, gevoelens en gedrag, verbale vaardighede, aandagspan, persepsie, liggaamstaal, vermoë om gevoelens uit te druk en ontwikkelingsvlak tydens bordspeletjies waar te neem.

Materiaal benodig:

- Die bordspeletjie en dobbelsteentjie.
- Enige vorm van beloning: lekkers.
- Enige voorwerpe wat die adolessent en terapeut voorstel, byvoorbeeld kleiballetjies of diertjies.

Instruksies:

- Verduidelik aan die adolessent dat die bordspeletjie ‘n opsomming is van al die temas wat tydens terapeutiese sessies aangebied is.
- Indien sy ‘n vraag reg beantwoord, kan sy ‘n lekker kry.
- Die adolessent en terapeut maak beurte om die dobbelsteentjie te gooi en vorentoe te beweeg op die bord.
- Die terapeut kan ook van die geleentheid gebruik maak om opsommend terugvoer te gee of om die adolessent te betrek by verdere bespreking van ‘n onderwerp.

6.2.6.2 Natoets

Voltooi die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool weer met die adolessent en vergelyk die resultate met die voortoetsresultate. Voer ‘n onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met die ouer(s) van die adolessent en vergelyk met die inligting wat tydens die voortoets ingesamel is. Die resultate moet met die adolessent en haar ouer(s) bespreek word.

6.2.6.3 Opvolg natoets

Na drie maande kan die terapeut die resultate opvolg. Voer ‘n onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met die adolessent en ouer(s) van die adolessent ten einde die langtermyn impak van die speltherapieprogram te bepaal.

6.3 Samevatting

Een komplikasie vir die beplanning van terapie met die adolessent wat seksueel misbruik is, is dat die gevolge van die seksuele misbruik wyd varieer. Ten einde ‘n effektiewe terapeutiese intervensie te struktureer, is dit noodsaaklik dat die terapeut moet begin met ‘n begrip vir die sielkundige impak van die seksuele misbruik op die individuele kind. Die navorser het die speltherapieprogram in ses fases onderverdeel, naamlik: bou van ‘n

terapeutiese verhouding, hulpeloosheid, verraad, stigmatisasie, traumatiese seksualisering en terminering. Onder elke fase word verskeie aktiwiteite aanbeveel wat tydens aanvang, die proses en terminering gebruik kan word.

Die individuele kliënt en haar behoeftes bepaal dus die hoeveelheid sessies en die speltherapieaktiwiteite wat geselekteer sal word. Indien die adolessent ander behoeftes het wat buite die spesialiteit van die terapeut val, kan eksterne bronne ook betrek word ten einde die voorgrondbehoefte van die adolessent aan te spreek. Die terapeut moet 'n ek-jy verhouding met die adolessent ontwikkel tydens die eerste paar sessies van die terapeutiese proses. Die ek-jy verhouding impliseer dat die terapeut en die adolessent, ongeag aspekte soos ouderdom, opvoeding en status, gesien word op 'n gelyke vlak.

In hoofstuk sewe, agt en nege sal aandag gegee word aan die empiriese gegewens en navorsingsbevindings wat tydens die studie verkry is.

Hoofstuk 7: Empiriese gegewens en navorsingsbevindings ten opsigte van die Kleurling adolessente.

7.1 Inleiding

Hoofstuk twee van hierdie studie fokus op adolessensie, kinderontwikkelingsteorieë en die invloed van kulturele aspekte op adolessente. Hoofstuk drie fokus op die impak van seksuele misbruik op die adolessent en hoofstuk vier bespreek speltherapie vanuit die gestaltbenadering. Hoofstuk vyf fokus op terapievaardighede en beginsels om die trauma-dinamika-elemente en selfpersepsie van die adolessente wat seksueel misbruik is, te verbeter. Die literatuurstudie kan gesien word as fase twee van intervensienavorsing, en was ook noodsaaklik vir die ontwikkeling van die speltherapieprogram vir dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is. Hoofstuk ses bespreek die speltherapieprogram wat ontwikkel is vir dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is (fase vier van intervensieproses).

In hoofstuk sewe, agt en nege word die resultate wat uit die empiriese ondersoek verkry is, asook die interpretasie daarvan, aangebied. In hoofstuk sewe word die Kleurling adolessente se resultate, in hoofstuk agt die Xhosa adolessente se resultate en in hoofstuk nege die blanke adolessente se resultate en interpretasies daarvan bespreek. Die empiriese ondersoek het die implementering en evaluering van die speltherapieprogram behels (fase vyf van intervensienavorsing). Die empiriese data sal vir praktiese doeleindes in vier dele ingedeel word, naamlik:

- Die terapeutiese sessies sal kortliks bespreek word en daar sal verwys word na toepaslike literatuur soos bespreek in die voorafgaande hoofstukke,
- Die kwalitatiewe bevindinge sal in die vorm van tabelle weergegee word,
- Die kwantitatiewe bevindinge sal in grafieke weergegee en bespreek word, en
- Laastens sal die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge geïntegreer word.

Die individuele terapeutiese sessies word kortliks bespreek, soos wat met elkeen van die respondente deurloop is. Die terapiessessies kan nie in diepte beskryf word nie, aangesien elke respondent vir ongeveer dertig sessies gesien is en die navorser vyftien

respondente moet bespreek. Die navorser sal dus fokus op tersaaklike interessante inligting ten einde die proefskrif bondig te hou. Die kwalitatiewe data was met behulp van ongestruktureerde waarneming, veldnotas en onderhoude met ouer(s) verkry, en ondersteun en verryk die kwantitatiewe meting en bevindinge. Die kwantitatiewe data is met behulp van 'n gestandaardiseerde metingskaal, die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool, ingesamel (bylae vier). Hierdie instrument is as voortoets en natoets benut. Die sukses en waarde van die intervensie was dus met behulp van die gestandaardiseerde metingskaal bepaal. Die kwantitatiewe bevindinge word geanaliseer en in grafieke weergegee.

7.2 Die navorsingsproses

Hoewel die volledige navorsingsproses reeds in hoofstuk een breedvoerig bespreek is, gaan dit weer kortliks aandag geniet om die leser te oriënteer ten opsigte van die empiriese gegewens en bevindinge wat volg.

7.2.1 Doelstelling van die studie

Om 'n spelterapieprogram vir dienslewering aan die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, te ontwikkel, te implementeer en te evalueer.

7.2.2 Doelwitte van die studie

Die volgende doelwitte is nagestreef, naamlik om:

- 'n Teoretiese raamwerk op te bou ten opsigte van:
 - ✓ Die kort- en langtermyngevolge van seksuele misbruik op die adolessent,
 - ✓ Trauma-dinamika-elemente en selfpersepsie van die adolessent wat seksueel misbruik is,
 - ✓ Speltherapie met die adolessent wat seksueel misbruik is,
 - ✓ Bestaande modelle en programme vir adolessente wat seksueel misbruik is,
 - ✓ Adolessensie as lewensfase en kinderontwikkelingsteorieë,
 - ✓ Die gestaltbenadering.

- Om 'n kritiese ondersoek te doen na bestaande intervensieprogramme vir adolessente wat seksueel misbruik is.
- Om 'n spelterapieprogram vir adolessente dogters wat seksueel misbruik is, te ontwikkel.
- Om die spelterapieprogram met adolessente dogters wat seksueel misbruik is, te implementeer.
- Om die impak van die spelterapieprogram te evalueer en aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van die program met verskillende etniese groepe, naamlik Xhosas, blankes en Kleurlinge.

7.2.3 Hipotese

Indien die spelterapieprogram geïmplementeer word met die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, dan sal dit lei tot die verbetering van haar selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente.

7.2.4 Navorsingsbenadering

Die navorser het van 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings gebruik gemaak. Creswell (in De Vos, 2002:365) het tussen verskillende modelle van 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing onderskei. Die navorser het van Creswell se gemengde metodologie ontwerpmodel gebruik gemaak. Hierdie model verteenwoordig die hoogste graad van gemengde paradigmas van die drie ontwerpe. Volgens De Vos (2002:366) meng die navorser aspekte van die kwalitatiewe en kwantitatiewe paradigma tydens al die of baie van die metodologiese stappe in die ontwerp.

In hierdie studie behels die kwantitatiewe benadering, die meting van die adolessent wat seksueel misbruik is, se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente, met behulp van 'n gestandaardiseerde metingskaal, voor en na intervensie. Sodoende was die navorser dus in staat om te bepaal of daar verbetering plaasgevind het in die

adolessent wat seksueel misbruik is, se selfpersepsie en die trauma-dinamika-elemente, en of die spelterapieprogram effektief was of nie.

Die tweede komponent van hierdie studie is vanuit die kwalitatiewe benadering. Die navorser het 'n semi-gestruktureerde onderhoud aan die hand van 'n onderhoudskedule, met die respondente se ouer(s) voor en na afloop van die intervensie gevoer. Inligting wat met behulp van die onderhoudskedule ingesamel is, fokus op die respondent se agtergrondinligting asook die impak van die seksuele misbruik op die proefpersoon se emosionele, interpersoonlike, fisiese, gedrags-, kognitiewe en seksuele funksionering. Die navorser het tydens die spelterapie sessies die respondent waargeneem, veldnotas gemaak en 'n verslag van elke sessie geskryf. Ten einde die verandering te verifieer is van triangulasie gebruik gemaak. Drie maande na terminering het die navorser weer 'n semi-gestruktureerde onderhoud aan die hand van 'n onderhoudskedule met die respondente en ouer(s) gevoer ten einde die langtermyn-effektiwiteit van die program te monitor.

7.2.5 Soort navorsing

In hierdie studie is van toegepaste navorsing gebruik gemaak. Toegepaste navorsing is die eksploitering van reeds bestaande kennis ter verkryging van nuwe kennis (Smit, 1983:4). Binne die konteks van toegepaste navorsing was die oogmerk van hierdie studie om intervensienavorsing te doen. Die navorser het 'n spelterapieprogram as intervensie vir adolessente dogters wat seksueel misbruik is, ontwikkel, geïmplementeer en geëvalueer.

7.2.6 Navorsingsontwerp

Navorsingsontwerp kan gedefinieer word as 'n plan vir die navorsing wat gedoen gaan word – die operasionalisering van veranderlikes sodat dit gemeet kan word, die selektering van 'n steekproef, insameling van inligting om te gebruik as 'n basis om die hipotese te toets en die analisering van die resultate (Fouchè & De Vos, 2002:137). Die oogmerk van hierdie studie was om intervensienavorsing te doen. As 'n vorm van toegepaste navorsing, is intervensienavorsing daarop gerig om lig te

werp op of moontlike oplossings te voorsien vir praktiese probleme. Die ses fases van intervensienavorsing is opgesom in bylaag een.

Navorsingstudies wat uitgevoer word om dienslewering aan maatskaplike werk kliënte te evalueer, word enkelstelselontwerpe genoem (Williams, Tutty & Grinnell, 1995:161). Die navorser het van die A-B-A-A ontwerp gebruik te maak, met individuele respondente van drie verskillende etniese groepe, naamlik blankes, Kleurlinge en Xhosas. Die resultate van die verskillende etniese groepe kon dus ook met mekaar vergelyk word, waarna die navorser in staat was om aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van die program met verskillende etniese groepe.

Ten einde kwalitatiewe data in te samel het die navorser van 'n kwalitatiewe navorsingstrategie, naamlik die gevallestudie, gebruik gemaak. Die respondente wat die navorser bestudeer het, verwys in hierdie studie na adolessente dogters wat seksueel misbruik is. Die ondersoek en beskrywing van elke respondent het plaasgevind deur in-diepte data-insamelingsmetodes, byvoorbeeld onderhoude en respondentwaarneming. Die navorser het 'n kollektiewe gevallestudie uitgevoer ten einde die navorser se begrip oor die populasie wat bestudeer word, te verhoog.

7.2.7 Universum en responskoers

Die populasie waaruit die steekproef vir hierdie studie verkry is, het adolessente dogters (13-17 jarige ouderdom) van drie etniese groepe, wat seksueel misbruik is en wat terapeutiese dienste by PATCH ontvang, ingesluit. Kinders wat geselekteer is vir die studie het nie met meer as vier jaar in ouderdom van mekaar verskil nie.

Die navorser het steekproeftrekking gedoen wat op 'n nie-waarskynlikheidsseleksie berus. Die navorser het 15 respondente by wyse van doelgerigte steekproefneming geselekteer en wel vyf respondente respektiewelik vanuit die etniese groepering Xhosa, blank en Kleurling. Na seleksie is skriftelike toestemming van die respondente en ouers van die potensiële respondente verkry, voordat hulle betrek is by die navorsing. Die volgende kriteria was vir die keuse van die respondente benut, naamlik:

- Seksueel misbruikte adolessente dogters, tussen dertien en sewentienjarige ouderdom,
- Die respondente moet alreeds die seksuele misbruik onthul het,
- Die seksuele misbruik moet nie langer as vier maande voor die verwysing na PATCH plaasgevind het nie,
- Die respondente moet nie met meer as vier jaar in ouderdom van mekaar verskil nie,
- Respondente moet van verskillende etniese groepe wees, naamlik Xhosas, blankes en Kleurlinge,
- Die respondente moet terapeutiese dienste by PATCH ontvang en vanaf Februarie 2004 geselekteer word.

7.3 Werkswyse wat in die uitvoering van die studie gevolg is

Tydens aanvang van die terapie het die navorser PATCH en die navorser se rol verduidelik. Die navorser het reeds van die eerste sessie af begin om 'n vertrouensverhouding met die adolessente respondent te bou, deur aan die respondent die geleentheid te gee om goed na die navorser te kyk en om telkens seker te maak dat die respondent verstaan en saamstem met wat gesê word. Die navorser het ook tydens die eerste sessie belangrike aspekte soos die opvolgmedikasie, die veiligheid van die respondent, en of die beweerde oortreder gearresteer is en administratiewe aspekte soos duur en tye van sessies bespreek.

Deur aan die respondent die geleentheid te gee om 'n toestemmingsbrief te teken, word die adolessente respondent bemaatig en in beheer geplaas. Die navorser het dit duidelik gemaak dat dit die reg van die respondent is om enige tyd van die navorsing te onttrek indien sy nie verder daaraan wil deelneem nie. Om in beheer te voel is 'n magtige veranderlike en help kinders om 'n positiewe selfbeeld te vorm (Landreth, 1991:155).

Die navorser het ook tydens aanvang van die terapie konfidensialiteit met die respondent en ouers(s) bespreek. Konfidensialiteit staan sentraal in die ontwikkeling van 'n vertrouensverhouding en is beide 'n wetlike en etiese aspek (Corey, 1996:60).

Terapie is nie soos 'n resep wat net gelees en gedoen kan word nie. Elke individu kan anders geaffekteer word deur die seksuele misbruik en die terapeut en die adolessent bring ook elkeen unieke eienskappe na die speelkamer. Die navorser het Geldard & Geldard (2004:43) se raamwerk van die terapeutiese proses en Finkelhor & Browne (1986:186) se model bestudeer en op grond daarvan het die navorser die speltherapieproses in ses fases onderverdeel, naamlik: Bou van 'n terapeutiese verhouding (fase 1); hulpeloosheid (fase 2); verraad (fase 3); stigmatisasie (fase 4); traumatiese seksualisering (fase 5) en terminering (fase 6).

Onder elke fase word verskeie aktiwiteite aanbeveel wat tydens aanvang, die proses en terminering gebruik kan word. Die impak op elke adolessent kan verskillend wees en daarom is dit nie nodig dat die program soos 'n boek van voor tot agter deurgewerk word nie, die terapeut het die geskikte speltherapieaktiwiteite vanuit die speltherapieprogram geselekteer soos dit aan die adolessent se behoeftes voldoen het. Dit het ook soms gebeur dat die terapeut 'n spesifieke aktiwiteit voorberei het, maar 'n ander aktiwiteit moes doen ten einde die adolessent se voorgrondbehoefte aan te spreek. Die navorser het ook telkens gepoog om die adolessente respondent se voorgrondbehoefte by die spesifieke aktiwiteit in te werk. Weens die uniekheid van elke adolessente respondent was die aktiwiteite wat vir elke individu gebruik is, nie noodwendig in dieselfde volgorde nie. Die navorser sal dus tydens die bespreking van die gevallestudies telkens terugverwys na die speltherapieprogram wat volledig in hoofstuk ses bespreek is.

7.4 Kwalitatiewe data van die studie

Creswell (2003:191-195) se prosedure vir analise van kwalitatiewe data sal gebruik word om die data te ontleed, te verwerk en te beskryf. In hierdie prosedure word soos volg te werk gegaan: transkribeer elke onderhoud / sessie; lees deur al die transkripsies om 'n geheelbeeld en algemene indruk te bekom; kodeer die materiaal en identifiseer kernwoorde; identifiseer temas tydens die koderingsproses deur byvoorbeeld ooreenstemmende temas met dieselfde kleure te merk; beskryf die temas woordeliks en visueel met figure en tabelle en interpreteer die data deur bestaande literatuur te gebruik. Tydens hierdie studie het die kwalitatiewe benadering 'n belangrike deel van die data-insameling uitgemaak.

Kwantitatiewe data word deur die kwalitatiewe data wat tydens terapieessies, in die vorm van veldnotas verkry is, verryk en geverifieer. Data is dus tydens die kwalitatiewe deel van hierdie studie verkry met behulp van ongestruktureerde waarneming, deur die skryf van veldnotas tydens en na afloop van elke individuele terapeutiese sessie en die onderhoude aan die hand van 'n onderhoudskedule met die ouer(s). Die notas is na afloop van elke sessie in die bepaalde respondent se lêer gestoor, waarop die data na behore op hierdie wyse bestuur is (De Vos, 2002:343).

Die kwalitatiewe data wat vanuit die speltherapieessies met die respondente verkry is, sal vervolgens voorgehou word. Die navorser sal telkens terugverwys na die speltherapieprogram waar elke sessie se doelwitte en instruksies volledig bespreek is. Elkeen van die respondente se biografiese inligting is vanuit die onderhoude aan die hand van 'n onderhoudskedule met die ouer(s) verkry. Die assessering, analisering en interpretering word gedoen en aan die literatuur getoets na aanleiding van die volgende temas: liggaamshouding / nie-verbale kommunikasie; emosionele uitdrukking / kontak met die self; kontak met die omgewing en weerstand / voorgrondbehoefte. Tydens die bespreking van die terapeutiese sessies, sal deurentyd van skuilname gebruik gemaak word.

7.5 Kwantitatiewe data

7.5.1 Data-insameling

Die data is verkry vanuit 'n gestandaardiseerde metingskaal, die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool, wat die selfpersepsie-elemente en trauma-dinamika-elemente van die respondente voor en na intervensie gemeet het. Die voormeting en nameting van die respondent word dan met mekaar vergelyk, ten einde die effektiwiteit van die speltherapieprogram op die adolessent wat seksueel misbruik is, te evalueer. Weens die lengte van die gestandaardiseerde metingskaal (226 vrae) het die navorser besluit om nie drie maande na teminering weer die respondent te vra om dit te voltooi nie, en het slegs 'n onderhoud aan die hand van 'n onderhoudskedule met die respondent en haar ouer(s) gevoer ten einde die langtermyn effektiwiteit van die program te monitor. Skade aan proefpersone kan van

‘n fisiese of emosionele aard wees (Strydom, 2002c: 64). Die navorser is eties verplig om die aard van die navorsing te verander eerder as om die respondente aan die skraalste moontlikheid van fisiese of emosionele benadeling bloot te stel.

Die navorser sou graag weer die metingskaal wou voltooi na drie maande, maar is van mening dat dit nie in die beste belang van die adolessente respondent sou gewees het nie. Die navorser het tydens die opvolgessies opgemerk dat die adolessente drie maande na die terminering reeds aanbeweeg het en nuwe gebeure in hulle lewens (die hier-en-nou) met die navorser wou deel. Die navorser het dus eties verplig gevoel om nie die adolessent weer bloot te stel aan die voltooiing van die lang gestandaardiseerde metingskaal nie en is van mening dat die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule voldoende was om die langtermynimpak van die program te monitor.

7.5.2 Analisering van die data

Die rekenaarprogram van Perspektief Kollege is benut om die data wat ingesamel is met die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool-metingskaal te verwerk. Vergelykings word tussen die voormeting en nameting van die adolessent getref ten einde die effektiwiteit van die spelterapieprogram te bepaal.

7.6 Bespreking van gevallestudies

7.6.1 Biografiese inligting van gevallestudie een: Lucy Reef

Naam van die adolessent: Lucy Reef

Kultuurgroep: Kleurling

Ouderdom: 17 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die gesin: 5

Huistaal: Afrikaans

7.6.1.1 Agtergrondinligting van Lucy Reef

Lucy het in Raithby grootgeword en toe sy 12 jaar oud was, het hulle na die Helderberg verhuis. Haar vader is oorlede toe sy nog klein was, en haar moeder het haar alleen grootgemaak. Lucy het nog nooit voorheen terapie ontvang nie. Lucy Reef is op 20 Junie 2004 deur die krisissentrum by Hottentots Holland Hospitaal na

PATCH verwys nadat sy na bewering die Saterdagavond verkrag is en by die krisissentrum medies ondersoek is. Lucy en haar vriende was by 'n nagklub en sy het baie alkohol gedrink. Sy kan nie in fyn besonderhede onthou wat gebeur het nie weens die hoeveelheid alkohol wat sy gedrink het. Wat sy wel kan onthou, is dat die beweerde oortreder, bekend aan haar, haar na buite geroep het. Hy het met haar gesels en het probeer om haar te soen. Sy het hom weggestoot waarna hy haar verkrag het. Sy het hom probeer afkry en het terugbakei, maar hy was te sterk. Hy het haar net daar gelos. Tydens die mediese ondersoek by die hospitaal, na die verkragting, is 'n swangerskaptoets gedoen en sy het bewus geword dat sy reeds swanger is weens haar seksuele verhouding met haar kêrel.

7.6.1.2 Impak van die beweerde verkragting op Lucy volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Lucy se moeder, mev. Reef.

Mev. Reef het skriftelike toestemming vir Lucy se deelname aan die navorsing gegee.

Tabel 7.1 Agtergrondgeskiedenis van Lucy Reef

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkelingsgeskiedenis:	Swangerskap onbeplan.	Ouers bly. Hoop vir seun.
	Geboorte: Keisersnit.	Alles suksesvol.
	Ontwikkeling normaal.	Ouers sien Lucy as intelligent.
	Vader oorlede.	Lucy baie jonk, geen impak.
Gesondheidsgeskiedenis:	Geen traumagebeure nie.	Ontwikkeling normaal.
	Geboorte tot verkragting.	Goeie gesondheid.
	Na verkragting.	Slaapprobleme en hoofpyne.
Emosionele funksionering:	Voor verkragting.	Vrolik, goeie selfbeeld en goeie skoolvordering. Hou van boeke en skoolwerk.
	Na verkragting.	Stil, kwaad, kommunikasie beperk, moeder van mening Lucy voel skuldig.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor verkragting.	Gesonde verhoudings met vriende, ma en susters.
	Na verkragting.	Onttrek. Hartseer weens stigmatisasie.
Gedragsprobleme:	Voor verkragting.	Gebruik alkohol sosiaal. Kom laat in die huis.
	Na verkragting.	Gehoorsaam. Alkohol gebruik verminder. Steel nie.
Kognisie:	Voor en na verkragting.	Geen huidige probleme nie.
Seksualiteit:	Voor en na verkragting.	Praat nie oor seks nie.

		Moeder hou nie van Lucy se kêrel nie.
Skoolprestasie:	Voor verkragting.	Skoolvordering en bywoning goed. Matriek.
	Na verkragting.	Skryf nie twee eksamenvakke nie, weens voorval.
Voorvalinligting:	Die verkragting.	Moeder wil nie daarvoor praat nie. Staan Lucy by.
Dissipline:	Voor voorval.	Lucy baie rondgehoop. Kom dronk by die huis.
	Na voorval.	Vroeg by die huis.
Gesinslewe:	Voor verkragting.	Lucy baie onafhanklik.
	Na verkragting.	Gesinslede ondersteun Lucy.

7.6.1.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Lucy Reef en mev. Reef.

Die navorser bespreek PATCH se rol en die doel van die navorsing. Volgens Mogan (1995:28) is dit belangrik om vertroue en kommunikasie te vestig tydens die eerste onderhoud. Lucy het behoefte om te ventileer en verkies om die navorser te vertel wat gebeur het. Sien aktiwiteit: “Insamel van inligting van die voorval,” (soos bespreek onder punt 6.2.1.3 in hoofstuk ses). Lucy is baie ontsteld oor haar tante wat gesê het dat die mense in die gemeenskap gaan praat oor wat gebeur het. Stigmatisasie word volgens Finkelhor & Browne (1986:184) versterk deur houdings van ander persone in die familie of die gemeenskap.

Tabel 7.2: Kwalitatiewe data van sessie een met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Volgens Mev. Reef het sy opgemerk dat Lucy stil en teruggetrokke is na die voorval.	Lucy noem aan die navorser dat sy nie haar ma wil inlig van die swangerskap nie, want dit sal haar ma hartseer maak. Volgens Lucy het sy vermoed dat sy swanger is omdat sy nie haar laaste maandstonde gekry het nie. Mediese ondersoek na verkragting bevestig swangerskap, kêrel se baba.
Lucy knip heeldyd en vinnig haar oë. Lucy kom hartseer voor en huil.	Lucy noem dat sy ‘n “snaakse” gevoel het van die “AZT”-medikasie en dat sy sukkel om te slaap in die aande.
Lucy kom moeg voor. Volgens Lucy kan sy nie slaap in die aande nie.	Lucy was baie ontsteld oor haar tante wat gesê het dat die mense in die gemeenskap goed gaan sê (stigmatisasie).
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Lucy het haar kêrel ingelig van die swangerskap.	Die verkragting, swangerskap en stigmatisasie weens die verkragting is op Lucy se voorgrond.

Lucy se ma en susters ondersteun haar ten opsigte van die verkragting.	Weerstand om haar moeder in te lig van die swangerskap.
Lucy het die saak op dieselfde aand van die voorval by die polisie aangemeld. Lucy was by die hospitaal vir 'n mediese ondersoek. Sy moet haar opvolgmedikasie by die hospitaal gaan haal.	
Die beweerde oortreder se ouers was by Lucy se huis nadat hy gearresteer is. Hulle wou presies weet wat gebeur het en wou haar weer na 'n dokter neem. Volgens Lucy het dit haar baie ontstel.	

7.6.1.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser gaan saam met Lucy na die organisasie "Choices" ten einde haar opsies ten opsigte van die swangerskap, naamlik aborsie, enkelouerskap, pleegsorg of aanneming, met haar te bespreek. Volgens Geldard & Geldard (2002:120) kan die terapeut slegs alternatiewe oplossings voorstel en moet nooit die adolessent probeer oortuig nie.

Tabel 7.3: Kwalitatiewe data van sessie twee met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING / NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Lucy kom baie senuweeagtig voor.	Lucy lig die navorser in dat sy besluit het om deel te neem aan die navorsing (keusevryheid).
Lucy speel met haar hande tydens die onderhoud. Lucy kom hartseer voor en is huilerig tydens die onderhoud.	Lucy noem dat die tyd nie reg is vir haar om swanger te wees nie en dat haar moeder nie moet weet van die swangerskap nie. Lucy noem dat haar kêrel nie ten gunste van 'n aborsie is nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Lucy en die navorser besoek die organisasie "Choices".	Voorgrondbehoefte is die aborsie.
Lucy het besluit om deel te neem aan die navorsing en om in te skakel vir terapie.	Weerstand dat haar moeder ingelig moet word van die swangerskap.
Die polisie sal die beweerde oortreder se familie gaan waarsku om nie weer na Lucy se huis te gaan nie.	

7.6.1.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Lucy.

Alhoewel Lucy sê dat sy wil gaan vir 'n aborsie, het sy verskonings gegee oor waarom sy nog nie gegaan het nie. Die navorser het haar verseker dat die navorser haar sal ondersteun watter besluit sy ookal neem. Volgens Gil (1996:155) is adolessente sensitief oor volwassenes se oordeel oor hulle gedrag. Lucy voltooi die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool. Die navorser samel agtergrondinligting by Lucy in met behulp van die aktiwiteit: “Die lewenslyn”, (sien punt 6.2.1.1.).

Tabel 7.4: Kwalitatiewe data van sessie drie met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lucy het aanvanklik senuweeagtig voorgekom tydens die voltooiing van die vraelys en later ontspan. Lucy se stem was bewerig en sy het emosioneel voorgekom.	Lucy lig die navorser in dat sy op die kalender gekyk het en dat sy nog net 8 weke swanger is. Volgens Lucy het sy nie vir die aborsie gegaan nie en gee die verskoning dat sy nie weet hoe die hospitaal werk en waarheen om te gaan nie. Sy noem weer dat haar kêrel nie ten gunste van 'n aborsie is nie, maar sy voel steeds dat dit die beste vir haar sal wees.
Lucy se oë was tranerig. Energievlakke laag tydens aanvang van sessie, vermeerder geleidelik soos sy ontspan	Sy vertel humoristies tydens lewenslynaktiwiteit van haar sussie wat haar per ongeluk met 'n mes gesny het op driejarige ouderdom en van haar “draakonderwyseres” in standard een.
	Sy noem dat sy op 17 jarige ouderdom uitgevind het dat sy swanger is en ook verkrag is. Sy dui ook aan op die lewenslyn dat hierdie 'n slegte jaar vir haar is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die geheimhouding tussen Lucy en haar moeder, en die tekort aan kommunikasie en kwaliteit tydens 'n onvoltooidheid in Lucy se lewe.	Weerstand om moeder in te lig van die swangerskap. Sy toon tog in 'n mate weerstand om te gaan vir die aborsie alhoewel sy sê dit sal die beste wees vir haar (polariteit).
Sy deel met die navorser dat haar ma nie van haar kêrel hou nie.	Voorgrondbehoefte is die swangerskap en haar besluit wat sy moet neem asook die verkragting.

7.6.1.6 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Lucy.

Lucy lig die navorser in dat sy nog nie 'n afspraak vir die aborsie gemaak het nie, maar dat sy wel die komende Maandag wil gaan vir die aborsie. Volgens Blom (2004:62) is weerstand die kind se manier om na haarself te kyk en dit moet verwag,

erken en gerespekteer word tydens die terapeutiese proses. Die navorser betrek Lucy by die aktiwiteit: “My liggaamgevoelens”, (sien punt 6.2.1.5.). Omdat Lucy tydens die aktiwiteit genoem het dat sy terugflitse kry, het die navorser ook die aktiwiteit: “Terugflitse”, (sien punt 6.2.2.2.), gedeeltelik behandel. Aangesien Lucy bang is dat sy weer verkrag kan word het die navorser voorkomende gedrag met haar bespreek.

Tabel 7.5: Kwalitatiewe data van sessie vier met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy is hartseer en huil.	Lucy verduidelik dat sy ‘n klein bietjie gelukkige gevoelens het omdat sy ‘n goeie kêrel het, as haar vriende by haar is en omdat haar familie haar bystaan ten opsigte van die verkragting.
Sy vryf haar hande.	Sy dui aan dat sy baie hartseer voel en noem dat sy nie die verkragting kan verwerk nie, dat sy terugflitse kry daarvan, dat sy ontsteld raak wanneer sy die beweerde oortreder se vriende sien, en dat dit vir haar voel of mense van haar praat (stigmatisasie).
Lucy neem verantwoordelikheid vir haar helingsproses deur alleen te kom vir haar sessies.	Volgens Lucy ervaar sy kwaadgevoelens omdat haar moeder haar nie verstaan nie, weens die groot ouderdomsverskil tussen hulle. Sy raak ook kwaad omdat sy dinge vergeet en vra die vraag: “Hoekom het hy dit gedoen?” en sy voel asof sy hom kan slaan.
	Volgens Lucy is sy bang sy word weer verkrag en is sy bang wanneer sy by seuns is.
	Lucy is bekommerd en stel die volgende vrae: “Hoe gaan ek my lewe aanpak? Hoe gaan ek mense in die oë kyk wat dink dat die verkragting my fout was?”
	Lucy is spyt dat sy te veel dink aan die verkragting. Sy erken dat sy die aand van die voorval nie notisie geneem het wat om haar aangaan nie, weens die alkohol gebruik.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy en haar vriende het gaan “pool” speel.	Die swangerskap, aborsie, verkragting, kwaadgevoelens en terugflitse is op Lucy se voorgrond.
Sy kom na die navorser vir terapie.	Weerstand om haar moeder in te lig omtrent die swangerskap. Weerstand om te gaan vir die aborsie.

7.6.1.7 Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Lucy.

Lucy vertel vir die navorser dat sy nie vir die aborsie gegaan het nie en beplan om hierdie Maandag te gaan. Deur die waarheid te verdraai, beskerm die adolessent haarself teen ongemaklike gevoelens (Geldard & Geldard, 2002:108). Die navorser betrek Lucy by bespreking van kwaadgevoelens deur die volgende aktiwiteite: “Die vulkaan” (punt 6.2.4.3), “Waar in jou liggaam voel jy kwaadgevoelens” (punt 6.2.4.4) en “Die verkeerslig” (punt 6.2.4.5).

Tabel 7.6: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lucy is spontaan en spraaksaam wanneer daar gepraat word oor nie-bedreigende aspekte. Wanneer daar egter gefokus word en spesifieke aspekte aangespreek word, dan trek haar oë op skrefies, haar mond lyk hartseer en sy verbreek oogkontak en loer van onder af na die navorser, alhoewel sy steeds poog om baie goeie samewerking te gee.	Volgens Lucy word haar ore rooi, sy kyk stip, sy word stil en voel bewierig wanneer sy kwaad word.
Dit lyk of sy ineenkrimp wanneer sensitiewe aspekte bespreek word.	Sy erken dat sy soms stilbly wanneer sy kwaad is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Kom alleen na navorser vir haar sessies.	Weerstand om te gaan vir die aborsie. Weerstand om te kommunikeer met haar moeder en om haar moeder in te lig omtrent die swangerskap (Valslaag).
	Die swangerskap en hantering van kwaadgevoelens is op haar voorgrond.

7.6.1.8 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Lucy.

Lucy noem dat sy nog nie vir aborsie gegaan het nie. Sy noem dat sy na die voorval baie hoofpyn kry. Psigo-somatiese klagtes ontstaan wanneer emosies fisies uitgedruk word in die liggaam (Knauer, 2000:65). Die navorser vra dat sy al haar gedagtes rondom die swangerskap nou moet neerskryf. Om die adolessent te help om die werklikhede van pynlike gebeure in haar lewe te erken en te aanvaar is ‘n belangrike deel van terapie (James, 1989:4).

Tabel 7.7: Kwalitatiewe data van sessie ses met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lucy is emosioneel en huil. Sy kom hulpeloosheid voor ten opsigte van die swangerskap en die stigmatisasie.	Lucy vertel aan die navorser dat haar ma gesê het dat “self as die oortreder vrykom dan sal sy bid of so iets” en dit het haar ontstel.
Lucy het deur haar gevoelens neer te skryf, nie-verbaal haarself uitgedruk.	Lucy voel dat haar verhouding met haar ma nie goed is nie en dat sy wens dat haar ma net beseft dat sy uniek is en verskillend as haar susters is.
Sy kom senuweeagtig voor, tik met bene en lag senuweeagtig, tog stem sy in om na die dokter te gaan vir die sonar. Alhoewel Lucy ‘n sterk persoonlikheid het, lyk dit asof sy eeneenkrimp wanneer sy oor moeilike aspekte praat en kom minder selfversekerd voor. Beweeg heen senuweeagtig en speel met hande toe die navorser die hospitaal bel om ‘n afspraak vir ‘n sonar te maak.	Lucy sê sy is bang wat die mense alles gaan sê indien hulle uitvind sy is swanger (stigmatisasie) en sy dink dat hulle dan gaan sê dat sy nie verkrag is nie. Lucy voel skuldig oor die geheimhouding oor die swangerskap. Lucy wil nie haar ma seermaak nie en weerhou daarom die inligting van die swangerskap van haar, maar is ook kwaad vir haar ma omdat haar ma nie met haar gepraat het oor voorbehoedmiddels nie (polariteit).
	Goeie gebruik van selfstellings: “ Ek weet ek moet iets aan die swangerskap doen, maar is bang, maar is bereid om my vrese terug te sit”, “ Ek sal minderwaardig voel”.
	Volgens Lucy voel sy vanaf na die voorval nie lus vir mense nie. Haar kêrel was Saterdag by haar en sy het vir hom gesê om later terug te kom en toe hy later terugkom was sy nie daar nie.
	Lucy vertel dat ‘n man vir haar gesê het: “...jy was al klaar verkrag...ek hoop hulle doen dit weer.” Hy het dit voor sy vriende gesê en sy het kwaad gevoel. Volgens Lucy sit sy net nou heeldag by die huis.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser maak ‘n afspraak vir Lucy vir ‘n sonar.	Weerstand om swangerskap aan te spreek, maar met ondersteuning van die navorser het sy ingestem om vir ‘n sonar te gaan. Die navorser het haar daarop gewys dat dit vir haar gesondheid is asook om ‘n ingeligte besluit verder te kan neem.
Lucy huil en vra of sy soms die navorser kan bel as dinge net te veel raak. Die navorser het haar selfoonnommer ook vir Lucy gegee.	Alhoewel sy swangerskap heelyd in agtergrond wou plaas, het die navorser dit bewustelik na haar voorgrond gebring deur haar te betrek by bespreking daarvoor.

7.6.1.9 Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Lucy.

Navorser neem Lucy na die hospitaal vir die sonar. Lucy sal Sondag al 17 weke swanger wees. Trek bloed vir haar opvolg MIV-bloedtoets. Terug by die kantoor word Lucy se opsies bespreek. Die maatskaplike werker van Kinder-en Gesinsorg gee aan Lucy die opsie dat sy of sy en haar kêrel haar ma kan inlig andersins is sy bereid om dit te doen. Lucy toon weerstand op hierdie stadium dat haar ma ingelig moet word. Sy kry daarom geleentheid om oor alles te dink en die navorser in te lig van haar besluit op Maandag. Die navorser doen daarna hofvoorbereiding, aangesien die polisie 'n verslag van die navorser aangevra het en besluit moet word of sy in oop hof kan getuig of nie. Sien aktiwiteit: “Hofvoorbereiding”, (sien punt 6.2.2.7.).

Tabel 7.8: Kwalitatiewe data van sessie sewe met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Op pad na die hospitaal lyk Lucy heel op haar gemak, maar noem dat sy nie eintlik weet hoe sy voel nie.	Oppad na die hospitaal noem Lucy dat sy nie eintlik weet hoe sy voel nie.
Lucy kom kalm voor tydens die sonar en toe daar bloed getrek word. Na sonar kom sy tog senuweeagtig voor. Sy tik haar voet onbewustelik op die grond en maak minder oogkontak. Terug by die kantoor is Lucy emosioneel. Lucy huil en haar liggaam ruk oor haar ma wat ingelig moet word en sy verbreek oogkontak.	Lucy skryf dat sy bang en bekommerd voel oor die hofsaak omdat sy nog nooit 'n hof van binne gesien het nie en nie weet wat om te verwag nie. Sy is ook bekommerd hoe die mense teenoor haar sal optree.
Lucy het haar gevoelens ten opsigte van die hofsaak neergeskryf.	Lucy is van mening dat haar ma haar gaan uitskop en verwerp, omdat sy moes geleer het uit haar ander drie susters wat ook swanger geraak het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die hospitaal vir 'n sonar.	Lucy toon weerstand dat haar ma ingelig moet word van die swangerskap.
Kinder-en Gesinsorg se maatskaplike werker in verband met opsies ten opsigte van die swangerskap.	Op Lucy se voorgrond is die swangerskap en dat haar moeder ingelig moet word daarvan.

7.6.1.10 Verloop van sessie agt. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser neem Lucy na die hof, as deel van hofvoorbereiding, (sien punt 6.2.2.7.). Die navorser betrek haar daarna by rollespel. Die navorser en Lucy lag saam na afloop van die rollespel. Volgens Van der Merwe (1996d:128) gee dramatiese spel

aan die adolessent die geleentheid om haar gevoelens te ontlaai terwyl sy nie-bedreigend voel weens die afstand wat die dramatiese spel skep van haar probleem en kan die adolessent in kontak kom met die realiteit.

Tabel 7.9: Kwalitatiewe data van sessie agt met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lucy se oë lyk asof dit moeilik is om oop te bly, sy knip dit die heelyd, wanneer dit vir haar moeilik raak om oor iets te praat.	Lucy is egter baie onseker of sy kan sien om in die groot hof te getuig.
Lucy was aanvanklik ingetoë omdat sy die navorser moet inlig omtrent haar besluit ten opsigte van die swangerskap. Later tydens die sessie kom sy minder ingetoë voor en geniet die rolspel by die hof.	Lucy noem dat sy met haar kêrel gepraat het en dat sy nie aanneming of pleegsorg op die stadium wil oorweeg nie, sy wil 'n spesialis gaan sien in verband met 'n aborsie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Besoek aan die hof.	Weerstand om moeder in te lig omtrent die swangerskap. Weerstand om in die oop hof te getuig.
	Die hofvoorbereiding is Lucy se voorgrondbehoefte.

7.6.1.11 Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Lucy.

Lucy lig die navorser in dat sy nie meer swanger is nie en dat die baba “afgekom” het. Waargenome inligting is van groot waarde en help die terapeut besluit hoe om voort te gaan (Geldard & Geldard, 2002:89). Die navorser gaan vir haar 'n afspraak by die dokter maak vir 'n ondersoek. Die navorser betrek Lucy by die Aktiwiteit: “Onvoltooide sinne”, (sien punt 6.2.3.4.). Lucy spreek die behoefte uit om soms net alleen te wees en stil te wees. Volgens Cattanach (1992:24) onttrek baie adolessente wat seksueel misbruik is hulle van verhoudings met ander kinders en word geïsoleerd.

Tabel 7.10: Kwalitatiewe data van sessie nege met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Alhoewel sy sê dat sy tevrede oor die miskraam voel, merk die navorser wel die pyn in haar oë en liggaamshouding op.	“Ek raak ontsteld wanneer iemand te hard met my praat, ek alleen is met my gevoelens en klomp dinge dink oor my basiese lewe soos die baba, die verkragting en ons huisgesin.”
Lucy se oë het vol tranes geword toe sy vertel het van haar argument met haar moeder.	“Ek voel op my beste wanneer ek net kan lag en ek by vriende en familie kan wees en aan

	my voorregte en goeie dinge kan dink.”
Daar straal tog ‘n vegtersgees en positiwiteit uit Lucy, want sy wil ‘n sukses van haar lewe maak.	“Ek is onseker van myself, wat ek wil doen en bereik. Hoe ek dinge moet aanpak en situasie moet hanteer.”
Wanneer dit egter moeilik raak vir haar om oor iets te praat, raak sy emosioneel en huil. Sy druk egter deur en vertel waarom sy hartseer is. Sy verbreek dan oogkontak.	“My ma is ‘n baie sterk vrou eintlik. Sy probeer my ondersteun waar ek dit nodig het. Baie dinge wat ons kinders op haar plaas. Sy is soms onredelik en dan verstaan ons mekaar nie.”
Sy het aanvanklik vrolik gelyk en was mooi aangetrek, maar Lucy se hart is eintlik baie seer. Alhoewel sy dit probeer onderdruk, kom dit gou na die oppervlak wanneer die navorser met haar praat. Sy is baie emosioneel en ervaar baie polariteite ten opsigte van die geheimhouding van die swangerskap en haar verhouding met haar ma.	“Ek wil nie altyd alles doen wat ek gedoen het nie. Byvoorbeeld interaksie met my vriende, ek lus nie meer mense nie en soms ook nie die familie nie, wil net alleen wees. Ek huil wanneer ek onsteld is, en wanneer ek nie weet hoe om my gevoelens en emosies oor te dra nie. Ek voel deurmekaar wanneer ek nie oplossings kan vind vir ‘n probleem nie, byvoorbeeld my toekoms en kommunikasie met my ma.”
	“Ek weet ek kan baie dinge bereik, weer iets goeds van my lewe maak.”
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Lucy moet Dinsdag na die staatsaanklaer vir ‘n konsultasie gaan.	Geen weerstand nie.
Die navorser het ‘n afspraak met die dokter gemaak vir ‘n opvolgondersoek.	Voorgrondbehoefte is dat haar verhouding met haar moeder moet verbeter.
Die navorser het ‘n gesamentlike afspraak met Lucy en haar moeder gereël.	

7.6.1.12 Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Lucy en mev. Reef.

Lucy het nie opgedaag vir haar vorige sessie vir die afspraak met die dokter vir ‘n opvolgondersoek na die miskraam nie. Die navorser verduidelik dat ons vandag aan drie aspekte moet aandag gee, naamlik Lucy se toekoms, kommunikasie tussen Lucy en haar moeder en laastens die hofsak. Die navorser, Lucy en mev. Reef neem aan die aktiwiteit deel: “Reg of verkeerd?”, (sien punt 6.2.5.5.). Die navorser betrek hulle daarna by ‘n speletjie: “Ken mekaar”, (sien punt 6.2.5.4.). Hulle het beide aktief deelgeneem. Daar was humor, maar ook ernstige aspekte.

Tabel 7.11: Kwalitatiewe data van sessie tien met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lucy noem met ‘n stroewe gesig aan haar moeder, dat haar kêrel haar gelukkig maak. Lucy het ‘n aanvallende houding ingeneem toe haar moeder ingestem het om te probeer om Lucy se kêrel ‘n kans te gee. Sy wou	Lucy noem dat sy kwaad word as haar ma negatief is oor haar kêrel. Lucy noem: “Ek wil hê ek en my ma moet meer openlik met mekaar wees, meer kommunikeer, ons ken mekaar nie en my ma moet my kêrel ‘n kans

weet waarom haar ma nou eers sê dat sy hom 'n kans sal probeer gee.	gee.” Mev. Reef sê: “Ek sal probeer om hom 'n kans te gee”.
Lucy vermy steeds oogkontak wanneer sy oor bedreigende sake praat.	Lucy noem dat haar ma kwaad is wanneer sy dronk in die huis gekom het; haar moeder bevestig dit.
Lucy noem dat haar ma se lelikste kledingstuk haar jas is en Mev. Reef noem dat Lucy se lelikste kledingstuk die kort rokkies is. Humor en lag, want nie een van hulle gaan ophou om dit te dra nie.	Lucy noem dat mev. Reef hartseer was oor haar ander dogter se swangerskap. Mev. Reef het verduidelik dat haar dogter in st. 9 was, sy was 'n enkelouer, dit was die begin van die jaar, die skoolfooie was betaal en sy was teleurgesteld.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mev. Reef noem dat Lucy hartseer was na die voorval en Lucy beaam dit. Beide noem dat hulle nie praat oor seksualiteit nie. Mev. Reef noem dat haar grootste vrees is dat Lucy kan swanger word. Lucy noem dat haar grootste vrees is dat sy nie haar ma kan tevrede stel nie. Mev. Reef is van mening dat Lucy met haar praat oor probleme, maar Lucy noem dat sy met haar vriende praat oor haar probleme .	Weerstand om na die dokter te gaan vir 'n opvolgondersoek, want sy het nie opgedaag vir die afspraak nie. Die navorser kan haar nie dwing om te gaan nie, maar is bereid om haar te neem wanneer sy instem. Weerstand om nou 'n besluit te neem ten opsigte van die hofsak. Sy wil daarvoor gaan dink.
Die staatsaanklaer het die navorser ingelig dat die kans op 'n suksesvolle verhoor skraal is aangesien Lucy baie alkohol gedrink het die aand van die voorval en nie alles kan herroep wat gebeur het nie. Die staatsaanklaer het dus die keuse by Lucy gelaat of sy wil voortgaan met die saak.	Haar verhouding met haar moeder is op haar voorgrond.

7.6.1.13 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser betrek Lucy by bespreking van die aktiwiteit: “Meryl se storie,” (sien punt 6.2.4.1.). Lucy het 'n paar dae na die sessie, die navorser gebel, net om met die navorser te deel dat sy gelukkig is, dat die matrieks vandag hulle hemde laat teken het by die skool en dat hulle nou gaan braai. Sy het ook genoem dat sy nie die braai gaan “oordoen” nie, menende dat sy nie te veel alkohol gaan gebruik nie.

Tabel 7.12: Kwalitatiewe data van sessie elf met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lucy kom meer selfversekerd voor, maar het weer emosioneel geword en gehuil toe sy vertel het van die omkeerpunt in haar lewe en het minder oogkontak gemaak.	Volgens Lucy het sy en haar moeder gepraat en besluit dat sy nie moet voortgaan met die saak nie, omdat sy nie alles kan onthou nie en die kans op 'n suksesvolle verhoor skraal is.
Sy is meer positief ingestel.	Lucy noem dat sy skuldig voel omdat sy die aand van die voorval gedrink het.
	Volgens Lucy het sy haarself “gemartel” deur

	terug te dink aan wat gebeur het en haarself te onttrek, maar doen dit nie meer nie.
	Lucy erken dat sy soms haar kwaadgevoelens op haar ma uitgehaal het. Volgens Lucy voel sy nie reg vir 'n intieme verhouding nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy spandeer weer meer tyd saam met haar vriende en onttrek nie meer soos aanvanklik nie.	Op Lucy se voorgrond is haar toekoms en die eksamen.
Die navorser gee inligting van die voorvereistes vir 'n lugwaardin en ook in watter koerante poste geadverteer word.	

7.6.1.14 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser betrek Lucy by die aktiwiteit: “Sintuie van my liggaam”, (sien punt 6.2.2.3.). Sy gee voorbeelde van mooi en positiewe inligting wat sy onlangs met behulp van haar sintuie ontvang het. Bewustheid is die proses van erkenning en waarneming van wat die persoon doen, voel, dink asook wat haar liggaamsensasies is (Passons, 1975:47).

Tabel 7.13: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lucy kom vrolik voor.	Lucy noem dat die afskeid by die skool en toe hulle hemde geteken word, ook 'n hartseer oomblik was. Sy vertel ook van die samesyn tussen hulle as vriende toe hulle hemde geteken is, die braai en die eksamen.
Dit is asof 'n las van Lucy se skouers af is noudat die saak teruggetrek gaan word en sy nie meer swanger is nie.	Volgens Lucy het sy gehoor die beweerde oortreder sê vir haar dat hulle 'n entjie moet stap.
Goeie verbale deelname, die navorser kon opmerk dat dit seermaak om te praat oor die voorval, maar sy het dit goed hanteer en nie gehuil nie. Sy knip nie meer haar oë herhaaldelik nie, sy vermy nie meer oogkontak nie en haar energievlakke bly goed.	Sy het gevoel hy probeer haar soen en sy het weggeruk en hy het haar hand gewelddadig gegryp. Volgens Lucy wou sy weet waarom hy dit doen en was ontsteld dat hy haar so geruk het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser het die staatsaanklaer en die ondersoekbeampte ingelig dat sy die saak wil terugtrek.	Die afskeid by die skool en die eksamen is op Lucy se voorgrond.
Daar bestaan 'n hegte band op die oomblik tussen die matrikulante.	

7.6.1.15 Verloop van sessie dertien en veertien. Teenwoordig: Lucy.

Tydens sessie dertien fokus die navorser op Lucy se voorgrondbehoefte en gee aan haar die geleentheid om te ventileer oor haar vriende en probleme wat sy ervaar met vriendskappe. Sy is hartseer, huil en voel dat haar vriendinne net oor outjies en hulleself praat. Tydens sessie veertien is Lucy weer emosioneel en vertel dat die storie uitgekóm het dat 'n meisie swanger is weens 'n seksuele verhouding met Lucy se kêrel. Volgens Lucy voel sy asof sy nie kan opkyk nie. Die navorser gee aan Lucy die geleentheid om te ventileer. Deur te luister en waar te neem, help die terapeut die adolessent om haar storie te vertel en om probleme te identifiseer (Geldard & Geldard, 2002:93). Die navorser gee twee selfbeeldaktiwiteite, (sien punt 6.2.3.5), vir huiswerk aan Lucy, naamlik: “Kyk vorentoe en nie agtertoe nie” en “Verander jou negatiewe selfgelowe.”

7.6.1.16 Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser lees die twee selfbeeldaktiwiteitsblaaië wat sy ingevul het. Lucy het onder andere die volgende by die opdrag geskryf: “Watter negatiewe geloof van jouself het jy vervang met 'n positiewe geloof oor jouself?”, naamlik: “Om selfmoord te pleeg, maar hoekom daar's ander wie se probleme groter is as myne, om teruggetrokke te wees, maar hoekom die lewe staan nie stil nie, om gedurig te wonder waarom sekere dinge saam met my gebeur het, maar hoekom moet ek so wonder, want alles gebeur met 'n doel en bied 'n lewensles.” Lucy het ook die volgende geskryf by die opdrag: “Het jy al gewens jy het iets nie gedoen of gesê nie?”, naamlik: “Ek moes nie so baie die aand van die verkragting gedrink het nie, maar hoekom, ek het my aand geniet, maar ongelukkig het die voorval gebeur en ek het daaruit geleer. Dat ek swanger geword het, maar dit het my meer oor verantwoordelikheid, keuses en 'n duur lewensles geleer. Ek moet nie so openlik met my ma wees nie, maar hoekom nie dis goed om anders te wees as die res van haar kinders.”

Tabel 7.14: Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING	EN	NIE-	EMOSIONELE	UITDRUKKING	EN
VERBALE KOMMUNIKASIE			KONTAK MET DIE SELF		

Lucy kom meer positief en selfversekerd voor.	Lucy vertel dat sy en haar suster vir haar ma Sondag gesê het dat hulle voel hulle kan nie met haar praat nie, want sy praat met haar vriendin oor alles, wat dan weer stories versprei.
Lucy was in staat om haar probleme te verwoord sonder om te huil.	Lucy onthul dat sy selfmoordgedagtes gehad het na die voorval. Die navorser is trots op haar dat sy Saterdag die navorser gebel het toe sy ontsteld was. Lucy erken dat sy geleer het uit die dinge wat in haar lewe gebeur het.
Lucy het haarself nie-verbaal uitgedruk deur positiewe gelowe oor haarself en haar toekomsvisie neer te skryf.	Lucy noem dat haar niggie kwaad was vir haar omdat Lucy nie met haar wou praat oor die hofsak nie. Lucy het die saak teruggetrek weens geheueverlies weens alkoholgebruik die aand van die voorval.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Lucy het die navorser gebel oor die naweek toe sy ontsteld was oor haar ma en suster se gedrag.	Lucy se voorgrondbehoefte is om te ventileer oor haar ma en suster se gedrag. Geen weerstand nie.

7.6.1.17 Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser betrek Lucy by die aktiwiteit: “Vertroue”, (sien punt 6.2.4.2.). Sy erken dat sy in die verlede rof was, heelnag gepartytjie het, uitgegaan het saam met haar vriende en haar ma het soms nie geweet waar sy is nie. Lucy noem egter dat haar ma nou weet waar sy is en sy stel grense vir haarself ten opsigte van die gebruik van alkohol. Sy noem dat sy haar vorige kêrel vermy en noem dat hy haar vertroue verbreek het. Verraad verwys na die dinamiek waartydens die kind ontdek dat iemand van wie sy afhanklik is, haar skade aangedoen het (Finkehor & Browne, 1986:182).

Tabel 7.15: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lucy kom aanvanklik vrolik en opgewonde voor.	Sy noem dat vertroue vir haar beteken dat jy kan staatmaak op ‘n persoon, dat die persoon daar sal wees vir jou en jou sal uithelp, met alles, jy kan jou geheime met daardie persoon deel en die persoon laat jou beter voel oor jouself.
Toe die navorser Lucy betrek by bespreking van vertroue het sy weer haar oë herhaaldelik begin knip en aanvanklik oogkontak verbreek. Later het sy ontspan.	Lucy verduidelik dat sy weet dat die navorser nie sal uitpraat nie, die navorser laat haar beter voel, gee raad en leiding vir haar waar nodig en is altyd daar vir haar. Daarom vertrou sy die navorser. Sy vertrou ook haar ouer vriendin wat soos die gedig beskryf

	altyd dieselfde is, sy praat nie uit nie, sy is 'n goeie vriend, en is altyd gewillig om te luister na haar.
Lucy huil toe sy vertel dat haar vorige kêrel haar blameer en vir ander noem dat Lucy sy kind vermoor het.	Lucy ventileer oor haar vorige kêrel wat haar vertrouwe verbreek het deur 'n ander seksuele verhouding met 'n ander meisie aan te knoop terwyl hulle uitgegaan het en deur te praat van Lucy by ander mense. Lucy noem dat sy kwaad is vir haarself omdat sy nog lief is vir haar vorige kêrel.
	Lucy vertel die navorser opgewonde van die matriekafskeid en die "after party." Sy het dit baie geniet en haar metgesel was ook baie gemaklik.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser gee meer inligting ten opsigte van die weermag en hoe om aansoek te doen vir 'n lugwaardin.	Alhoewel Lucy perke stel ten opsigte van haar alkoholgebruik, toon Lucy weerstand om heeltemal op te hou drink en noem dat dit 'n "festival season" (Desembermaand, na die eindeksamen is).
Lucy kom gereeld vir haar terapisessies na die navorser.	Op haar voorgrond is haar kêrel wat haar vertrouwe verbreek het.

7.6.1.18 Verloop van sessie sewentien en agtien. Teenwoordig: Lucy (sessie sewentien) en Lucy en mev. Reef (sessie agtien).

Lucy is hartseer, huil en ventileer oor 'n skinderstorie wat deur 'n meisie versprei word dat sy swanger is. Lucy se ma het haar toe kliniek toe geneem, maar die swangerskaptoets was volgens Lucy negatief. Daarna het daar nog 'n skinderstorie ontstaan dat Lucy swanger is van die verkragting, dat Lucy vantevore 'n verhouding met die beweerde oortreder gehad het en dat die saak daarom teruggetrek is. Volgens Finkelhor & Browne (1986:184) kan die kind verder gestigmatiseer word deur mense in haar omgewing wat as 'n resultaat van die seksuele misbruik ander negatiewe karaktereienskappe aan die slagoffer toeskryf. Tydens sessie agtien lig Lucy haar misnoeë dat haar ma met haar raas wanneer sy drink, maar nie haar vordering opmerk en sien dat sy meer verantwoordelik optree nie. Mev. Reef noem dat Lucy voor die voorval baie gedrink het, laat huis toe gekom het en dan baie aktief was en net iets wou doen, en gebrak het van die hoeveelheid alkohol wat sy gedrink het. Volgens mev. Reef kom Lucy nou vroeër huis toe, gaan slaap wanneer sy huis toe kom en braak nie meer nie. Volgens Stallard (2002:22) is dit belangrik om betekenisvolle persone (soos die ouers) te erken en te betrek, aangesien die adolessent baie keer nie in staat is om besluite te neem oor dinge wat hulle affekteer nie.

7.6.1.19 Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser betrek Lucy by die aktiwiteit: “My naam”, (sien punt 6.2.3.3.). Tydens die kleispiel het sy ‘n Afrikapot van die klei gemaak om uit te beeld dat sy ‘n Afrika-van het en dat haar pa van ‘n Xhosa-agtergrond was. As ‘n spieël van die adolessent se innerlike wêreld is materiaal soos klei van onskatbare waarde (West, 1996:83).

Tabel 7.16: Kwalitatiewe data van sessie negentien met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lucy is nie emosioneel nie, sy maak goeie oogkontak en kom rustig voor. Haar energievlakke is hoog.	Lucy noem trots dat sy ‘n “identiteit” het en haar nie gaan steur aan die meisie wat stories oor haar versprei nie.
Sy knip nie heelyd haar oë nie.	Lucy het die wens uitgespreek om meer te leer van die Xhosa-kultuur, omdat sy ‘n Xhosa-van het en haar pa van ‘n Xhosa-agtergrond was. Sy het die wens uitgespreek om te leer Xhosa praat.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Lucy en van die ander matrikulante het gaan kamp vir hulle matriekvakansie en sy het dit baie geniet. ‘n Seun stel in haar belang, maar sy het besluit dat sy hom eers beter wil leer ken.	Voorgrondbehoefte is om te praat oor haar identiteit, wie sy is, daarom het navorser besluit om die naamaktiwiteit te doen.
Lucy bring haar CV vir die navorser.	Geen weerstand tydens die sessie nie.

7.6.1.20 Verloop van sessie twintig. Teenwoordig: Lucy.

Lucy gee ‘n persent en ‘n kaartjie vir die navorser om dankie te sê vir alles. Die navorser betrek Lucy by onvoltooide sinne, (sien punt 6.2.3.4.). Lucy en die navorser bespreek Lucy se voorgrondbehoefte wat na vore kom vanuit die onvoltooide sinne, naamlik “portuurgroepsdruk”. Portuurgroepe beïnvloed sosialisering al hoe meer soos ‘n kind ouer word (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:93).

Tabel 7.17: Kwalitatiewe data van sessie twintig met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lucy kom in ‘n goeie gemoedstoestand voor en is nie emosioneel nie. Die navorser merk liggaamsveranderinge op by Lucy, asof sy nog kan swanger wees, maar Lucy hou daarby dat sy nie meer swanger is nie.	Lucy deel haar ervaringe en lewensles wat sy geleer het as gevolg van portuurgroepsdruk. Sy lig die navorser in dat die meeste van haar vriende seksueel aktief was en dat sy daarom na ‘n jaar wat sy met haar vorige kêrel uitgegaan het, seks met hom gehad het. Sy

	het egter geleer vanuit haar ervaring om nie weer te swig onder portuurgroepdruk nie.
Lucy maak goeie oogkontak.	Lucy noem dat haar grootste vrees is dat sy haar moeder sal verloor terwyl sy haar nog so baie nodig het.
Sy kom meer selfversekerd voor.	Ek-stellings: “Ek is trots op myself, ek het matriek geslaag, op wie en wat ek is, ek kyk mooi na myself.” ; “Ek weet ek kan iets goeds van my lewe maak” ; “Wanneer ek groot is, wil ek vir my ma werk en haar ‘n goeie lewe gee.”
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy en haar vriende was see toe en Kaapstad toe.	Lucy se voorgrondbehoefte is om te praat oor portuurgroepdruk en haar besluit in die verlede om seksueel aktief te wees en die les wat sy daaruit geleer het.
	Weerstand om weer onder portuurgroepsdruk te swig en sy wil haar eie identiteit vorm.

7.6.1.21 Verloop van sessie een-en-twintig. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser betrek Lucy by die bespreking van die aktiwiteit: “Nie-verbale gevoelens”, (sien 6.2.1.6), en verhoog haar bewustheid van haar nie-verbale kommunikasie.

Tabel 7.18: Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lucy is emosioneel en huil. Sy knip nie meer haar oë so herhaaldelik nie.	Lucy lig haar ontsteltenis dat haar moeder nie direk met haar kommunikeer nie.
Lucy kom frustreerd voor weens die geheim dat sy swanger was en haar moeder nie daarvan weet nie.	
Die navorser het opgemerk dat Lucy of gewig opgetel het of moontlik nog swanger is, want haar maag het groter geword.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Lucy kom gereeld vir haar sessies na die navorser.	Lucy se voorgrondbehoefte is om te ventileer oor die kommunikasieprobleme tussen haar en haar ma.
Die navorser is van mening dat die geheim ten opsigte van die swangerskap ‘n wig tussen Lucy en haar moeder kan indryf, omdat Lucy die behoefte het om openlik oor alles met haar moeder te kommunikeer.	Weerstand om die moontlikheid te oorweeg dat sy steeds swanger is ten spyte van haar liggaamsveranderinge.

7.6.1.22 Verloop van sessie twee-en-twintig. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser noem aan Lucy dat haar ma die navorser gebel het omdat sy vermoed dat Lucy swanger is. Sy was baie positief en het dit duidelik gemaak dat sy vir Lucy sal ondersteun as sy swanger is. Lucy gee aan die navorser toestemming om 'n swangerskaptoets te doen. Dit is positief. Die navorser neem Lucy na die hospitaal vir 'n sonar. Daar is 'n hartklop en die baba is gesond. Die navorser gaan sien mev. Reef saam met Lucy. Mev. Reef is rustig en noem dat sy die baba sal grootmaak en dat sy van Lucy verwag om haar kant te bring.

Tabel 7.19: Kwalitatiewe data van sessie twee-en-twintig met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lucy was aanvanklik emosioneel en het gehuil en was stil nadat sy die positiewe swangerskapresultate gekry het.	Lucy erken dat daar bloed was, dat sy nie self gesien het dat die baba afgekom het nie en dat sy geglo het dat nie meer nie swanger is nie.
Lucy het nie gehuil nie en was stil toe die navorser haar ma gaan ingelig het van die swangerskap. Sy het kalm voorgekom.	Lucy is positief en verwys na die ander maatskaplike werker se woorde, naamlik: "... dit sal aanvanklik nie maklik vir my ma wees nie, maar sy dit wel later sal aanvaar".
	Lucy noem op pad na haar huis dat die navorser gaan dink dat sy selfsugtig is, maar sy sien nie kans vir die verantwoordelikheid om 'n baba te versorg nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mev. Reef het die navorser gekontak en ingelig dat sy vermoed Lucy is swanger weens Lucy se vriende wat noem dat Lucy swanger is: Lucy se veranderende gemoedstoestand en haar magie wat groter word.	Lucy was heeltemal in ontkenning ten opsigte van die swangerskap, sy het nie aandag gegee aan haar liggaamsveranderinge en veranderende gemoedstoestand nie. Sy het geglo dat sy nie meer swanger is nie, al was sy.
Lucy se moeder het Lucy se vorige kêrel gekontak in verband met die swangerskap, hy aanvaar verantwoordelikheid.	Weerstand om verantwoordelikheid te neem om die baba te versorg.

7.6.1.23 Verloop van sessie drie-en-twintig. Teenwoordig: Lucy.

Volgens Lucy is haar ma en vriende opgewonde oor die swangerskap en baba. Lucy en haar moeder het besluit dat sy steeds moet aansoek doen vir die weermag, want dan kan sy ook finansiële bydra. Volgens Gil (1996:185) moet die eng definisie van "terapeut" verbreed word om die konsep advokaat en voorsiener van konkrete dienste

in te sluit. Die navorser gee aan Lucy die geleentheid om te ventileer. Lucy noem dat sy dit glad nie verwag het dat haar ma so opgewonde sal wees oor haar swangerskap en die baba nie. Lucy noem dat sy bly is dat die atmosfeer by die huis nou baie beter is. Lucy is vrolik en dit lyk asof daar ‘n berg van haar skouers af is. Haar vorige kêrel het geld gebring sodat hulle goed vir die baba kan koop. Sy en haar vorige kêrel het ook alles uitgepraat en bou weer aan hulle verhouding.

7.6.1.24 Verloop van sessie vier-en-twintig. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser betrek Lucy by die bespreking van die aktiwiteit: “Boodskappe”, (sien punt 6.2.3.6.). Weens die ander meisie wat ook ‘n baba van Lucy se vorige kêrel het se uittartende en uitlokkende houding teenoor Lucy betrek die navorser ook vir Lucy by die bespreking van die aktiwiteit: “Selfgeldende gedrag”, (sien punt 6.2.3.8.).

Tabel 7.20: Kwalitatiewe data van sessie vier-en-twintig met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lucy straal van blydskap.	Lucy noem dat baie mense positiewe boodskappe vir haar gee en sê dat sy goed lyk en dat dit haar baie goed laat voel en meer selfvertroue gee. Lucy noem dat haar ma ‘n positiewe boodskap vir haar gegee het toe haar ma gesê het dat sy vir Lucy sal ondersteun en dat sy baie opgewonde en gelukkig daarvoor voel.
Lucy kom nie meer gespanne voor nie.	Die ander meisie wat ook ‘n kind het van Lucy se vorige kêrel het vir Lucy ‘n negatiewe boodskap gestuur dat sy haar gaan slaan wanneer sy gekraam het. Dit het Lucy afgekraak en sleg laat voel.
	Lucy noem dat haar ma en suster vir haar ‘n negatiewe boodskap gegee het waarin waarheid steek, naamlik dat sy gou kwaad en opstandig word. Sy het verduidelik dat sy dit nie so bedoel het nie en nou daaraan werk.
	Lucy erken dat sy in die verlede aggressiewe gedrag getoon het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Goeie ondersteuning van familie en vriende.	Op Lucy se voorgrond is haar swangerskap en ondersteuning van haar familie en vriende.
Lucy spreek die wens uit om terapie voor te sit en die natoets na die geboorte te voltooi.	Toon weerstand om te termineer en wil die navorser nog sien tot na die geboorte van die baba.

7.6.1.25 Verloop van sessie vyf-en-twintig. Teenwoordig: Lucy, mev. Reef, die maatskaplike werker van die betrokke welsyn.

Die doel van die vergadering tydens sessie vyf-en-twintig was om Lucy se swangerskap en versorging van die baba te bespreek. Mev. Reef was bereid om die baba te versorg op 'n privaatreëling tussen haar en Lucy. Die navorser het Lucy na geboorte van die baba in die hospitaal asook verskeie kere by die huis besoek. Lucy en haar moeder het 'n goeie verstandhouding ten opsigte van die versorging van die baba. Die navorser het Lucy ondersteun en gehelp om 'n interdik teen die ander meisie wat aanhoudend dreigemente en neerhalende aanmerkings teenoor Lucy maak, te verkry. Lucy is ook aktief besig om aan haar toekoms te werk. Die terapeut kan slegs alternatiewe oplossings voorstel en moet nooit die adolessent probeer oortuig nie (Geldard & Geldard, 2002:121). Sy het intussen haar leerlinglisensie deurgekom en is besig met bestuursklasse. Sy het besluit om haar baba 'n Xhosa-naam te gee wat beteken: “Die liefde wat ontwikkel het”, want dit is hoe sy haar swangerskap en die geboorte van haar baba ervaar het.

7.6.1.26 Verloop van sessie ses-en-twintig en sewe-en-twintig. Teenwoordig: Lucy.

Die navorser betrek Lucy tydens sessie ses-en-twintig by die aktiwiteit: “7de Laan”, (sien punt 6.2.2.6). Tydens sessie sewe-en-twintig voltooi Lucy die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

Tabel 7.21: Kwalitatiewe data van sessie ses-en-twintig met Lucy Reef

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lucy is mooi aangetrek en vrolik, groot glimlag.	Lucy vertel hoe sy die meisie wat stories versprei het dat die baba die beweerde oortreder se kind is, gaan aanspreek het op 'n selfgeldende manier
Lucy kom trots op haarself voor toe sy haar leerlinglisensie aan die navorser wys.	Volgens Lucy raak sy nie meer kwaad as sy die beweerde oortreder in die gemeenskap sien nie. Volgens Lucy het sy en haar moeder daaroor gepraat en besluit dat 'n persoon nie jou lewe “kwaad” vir iemand kan lewe nie. Stem saam dat die beweerde oortreder wel eendag verantwoordelikheid vir sy gedrag sal moet neem.

KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Verhouding met moeder is goed.	Lucy is opgewonde oor haar leerlinglisensie en bestuursklasse.
	Geen weerstand nie.

7.6.1.27 Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Reef na afloop van die terapeutiese dienslewering aan Lucy.

Die navorser gee terugvoer aan mev. Reef ten opsigte van Lucy se deelname aan die navorsing en die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate.

Tabel 7.22 Lucy Reef se huidige funksionering volgens mev. Reef

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Gesondheidsgeskiedenis:	Na verkragting. Huidig.	Slaapprobleme en hoofpyn. Goeie gesondheid. Geen slaapprobleme nie, soms hoofpyn.
Emosionele funksionering:	Na verkragting. Huidig.	Stil, kwaad, kommunikasie beperk, moeder van mening Lucy voel skuldig. Vrolik, weer haar “eie ek”. Leerlinglisensie verwerf en gaan vir ryklasse. Konsentrasie en liggaamsbeeld is goed, geen aggressiewe gedrag nie.
Interpersoonlike verhoudings:	Na verkragting. Huidig.	Onttrek. Hartseer weens stigmatisasie. Tevrede met Lucy se vriende. Mev. Reef en Lucy se verhouding het baie verbeter.
Gedragsprobleme:	Na verkragting. Huidig.	Gehoorsaam. Steel nie. Alkoholgebruik verminder. Gehoorsaam. Lucy help met die baba se versorging, maar sy gee ook vir Lucy vrye tyd wat sy saam met haar vriende kan spandeer.
Kognisie:	Na verkragting en huidiglik.	Geen probleme nie.
Seksualiteit:	Na verkragting. Huidig.	Praat nie oor seks nie. Moeder hou nie van Lucy se kêrel nie. Geen probleme nie.
Skoolprestasie:	Na verkragting. Huidig.	Skryf nie twee eksamenvakke nie. Matriek geslaag en aansoek gedoen by die weermag.
Dissipline:	Na verkragting.	Vroeg by die huis.

	Huidig.	Geen probleme.
Gesinslewe:	Na verkrating.	Lucy baie onafhanklik.
	Huidig.	Goeie gesinsverhoudinge.

7.6.1.28 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die spelterapieprogram

Die voortoets het daarop gedui dat Lucy se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Lucy se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die natoets het getoon dat Lucy se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Lucy se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsie-elemente) is huidig 30% en haar vorige telling tydens die voortoets was 44%. Haar selfpersepsietelling het goed verbeter, aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is.

Trauma kan die positiewe gevoelens wat 'n persoon van haarself het, uitdaag en lei tot negatiewe denke en emosies van waardeloosheid en om sleg te wees (Williams & Poijula, 2002:162). Lucy se angstigtheid, gebrek aan selfwaardetelling, verantwoordelikheid vir ander en gebrek aan selfgeding baie verbeter het. Die navorser is van mening dat Lucy se "verantwoordelikheid vir ander" telling steeds bo 30 is omdat sy baie besorgd en beskermend teenoor haar moeder is. Sy wil nie haar moeder teleurstel nie en dit was vir haar 'n groot struikelblok toe sy uitgevind het dat sy swanger was. Alhoewel Lucy se skuldgevoelens en isolasietellings verhoog het, dui dit nie op 'n behoefte aan verbetering nie en is dus nie problematies nie. Die navorser skryf egter die toename aan die volgende toe:


- Sy het intussen geboorte geskenk aan 'n pragtige baba vir wie sy baie lief is. Sy het nadat sy uitgevind het dat sy swanger is, oorweeg om te gaan vir 'n aborsie, en het die swangerskap 'n geheim gehou. Sy word nou goed ondersteun deur

haar moeder en voel moontlik daarom in 'n mate skuldig oor die geheimhouding oor die swangerskap en dat sy 'n aborsie oorweeg het.

- Haar isolasietelling het moontlik verhoog omdat sy nou verantwoordelik is vir die versorging van die baba, en nie soos ander tieners meeste van die tyd saam met haar vriende kan spandeer nie. Sy moes haar toekomsplanne en werkaansoeke, tydelik terughou weens die baba se versorging. Sy en haar kêrel het hulle verhouding verbreek.

Lucy het tydens terminering van terapeutiese dienslewering sekuriteit beleef in haar verhoudings en is nie meer bang om emosioneel seer te kry nie. Haar moeder en susters het haar ondersteun na die beweerde verkragting asook die swangerskap. Sy het nie meer bedreig gevoel deur haar omstandighede nie en is nie bang vir die toekoms nie. Sy het intussen haar leerlinglisensie gekry en kry bestuursklasse. Die weermag het ook reageer op haar aansoek en sy moet na 'n ontmoeting gaan vir verdere keuring. Lucy het die volgende belangrike kenmerke van 'n persoon met 'n goeie selfwaarde ontwikkel: sy is dankbaar vir wie sy is, sy beleef haarself as belangrik en spesiaal en voel goed oor haarself.

Figuur 7.1: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie




Lucy se huidige algehele Trauma-Dinamikapuntetotaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamika-elemente) is 29% en haar vorige telling tydens die voortoets was

35%. Haar trauma-dinamatelling het goeie verbetering getoon, aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is.

Lucy se trauma-dinamika-elemente het afgeneem behalwe vir haar wantroue en stigmatelling wat toegeneem het. Lucy se hulpeloosheidtelling het baie verbeter wat daarop dui dat sy huidig beheer oor die omgewingsfaktore in haar lewe kan uitoefen. Haar skoolproblemetelling het 'n klein bietjie toegeneem, maar is steeds onder die aanbevole gebied. Die navorser skryf dit daaraan toe dat sy net voor die matriekeindeksamen verkrag is en uitgevind het dat sy swanger is. Sy het intussen matriek geslaag en ervaar geen skoolprobleme meer nie. Die navorser skryf die toename in haar wantroue en stigmatelling aan die volgende toe:

- Die navorser werk die afgelope vyf jaar reeds met die gemeenskap waar Lucy bly en al die kliënte van daardie gebied kla oor dieselfde probleem naamlik stigmatisasie en dat die gemeenskapslede skinder. Lucy was ook daaraan blootgestel na die verkragting en swangerskap.
- Die skinderstorie is versprei in die gemeenskap dat Lucy swanger is as gevolg van die verkragting wat nie waar is nie. Haar tante het na die verkragting voor Lucy gesê dat die mense gaan skinder en dit het Lucy baie ontstel.
- Lucy het aanvanklik gevoel dat haar vriende nie verstaan waardeur sy gaan nie.
- Haar wantrouetelling het moontlik ook gestyg omdat haar vorige kêrel wat onderneem het om onderhoud te betaal weens werkloosheid net elke nou en dan onderhoud betaal. Sy het na die verkragting uitgevind dat haar vorige kêrel 'n seksuele verhouding met 'n ander meisie gehad het wat toe ook geboorte aan 'n baba geskenk het. Sy het baie probleme met die meisie wat ook in die gemeenskap bly, ervaar.
- Haar wantrouetelling het ook moontlik gestyg omdat sy deur 'n persoon bekend aan haar, verkrag is.

Figuur 7.2: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika

7.6.1.29 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindings

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindings komplementeer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Lucy se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het. Lucy het tydens aanvang van terapie meestal gehuil tydens sessies, oogkontak verbreek en haar oë herhaaldelik geknip. Sy het aggressief opgetree en ander blameer dat hulle haar nie verstaan nie. Sy was frustreerd omdat sy nie eerlik met haar ma kon wees nie, weens die geheimhouding van die swangerskap, en dit het veroorsaak dat hulle verhouding verswak het. Na afloop van dienslewering, was Lucy vrolik en nie meer emosioneel nie. Sy was in staat om haarself op 'n selfgeldende manier uit te druk en is huidig positief ingestel op haar toekoms. Sy het intussen aansoek vir die weermag gedoen en moet gaan vir verdere keuringonderhoude. Haar verhouding met haar ma het baie verbeter wat 'n positiewe invloed op Lucy het omdat haar verhouding met haar ma vir haar baie belangrik is. Die onderhoude met mev. Reef het ook daarop gedui dat Lucy positiewe veranderinge getoon het weens die terapeutiese dienste wat gelewer is.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Lucy en haar moeder gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel. Beide was

dit eens dat dit goed gaan met Lucy en dat geen verdere dienste benodig word nie. Die navorser handhaaf 'n oop-deur beleid. Lucy hou steeds telefonies kontak met die navorser en dit gaan baie goed met haar. Beide Lucy se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenteer aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Lucy se selfpersepsie en traumadinamika-elemente verbeter het.

7.6.2 Biografiese inligting van gevallestudie twee: Julie Dowling

Naam van die adolessent: Julie Dowling

Kultuurgroep: Kleurling

Ouderdom: 15 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die gesin: 3

Huistaal: Afrikaans

7.6.2.1 Agtergrondinligting van Julie Dowling

Die Dowlinggesin was nog altyd in die Helderbergarea waanagtig. Julie het nog nooit voorheen terapie ontvang nie. Julie is deur 'n familielid na PATCH verwys nadat sy onthul het dat sy deur haar stiefpa seksueel misbruik is. Die navorser het die saak skriftelik aangemeld by die betrokke welsynskantoor in hulle gebied. Tydens aanmelding het Julie nie by die huis gebly nie en het by die familielid gebly wat die seksuele misbruik by PATCH aangemeld het. Mev. Dowling het Julie geglo, maar het 'n baie apatiese houding ingeneem ten opsigte van optrede teen die beweerde oortreder. Sy het die besluit geneem om vir Julie te beveilig teen die beweerde oortreder, deur haar werk te los, maar het die beweerde oortreder weer 'n kans gegee en hy het weer by hulle ingetrek. Die navorser het die polisie in kennis gestel van die beweerde seksuele misbruik en hulle ingelig dat Julie inskakel vir terapeutiese dienslewering, maar nie 'n saak aanhangig wil maak nie.

7.6.2.2 Impak van die beweerde seksuele misbruik op Julie Dowling volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Julie se moeder, mev. Dowling.

Mev. Dowling gee skriftelike toestemming vir Julie se deelname aan die navorsing.

Tabel 7.23: Agtergrondgeskiedenis van Julie Dowling

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkingsgeskiedenis:	Swangerskap onbeplan.	Ouers tevrede.
	Geboorte: normaal.	Alles suksesvol.
	Ontwikkeling normaal.	Alle mylpale bereik.
	Ouers skei.	Ma se saamleefmaat baie jaloers op mev. Dowling. Geskiedenis van gesinsgeweld.
	Motorongeluk, sub B.	Ouma oorlede.
Gesondheidsgeskiedenis:	Geboorte tot voorval.	Geniet goeie gesondheid.
	Na onthulling van voorval.	Hoofpyn.
Emosionele funksionering:	Voor voorval.	Vrolik. Belangstelling is musiek.
	Na voorval.	Moeder minimaliseer impak. Julie toon tekens van aggressiewe gedrag. Boetie wil weet of sy pa tronk toe gaan.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor en na voorval.	Gesonde portuurgroepverhoudings.
	Na voorval.	Goeie verhouding met kêrel, ma en broers. Moeder hou van Julie se kêrel. Moeder gee beweerde oortreder nog 'n kans ten spyte van beweringe.
Gedragsprobleme:	Voor en na voorval.	Rustige en gehoorsame kind, meestal by die huis. Drink of steel nie.
	Na voorval.	Julie trek uit en gaan bly by tante vir 'n tydperk. Moeder hartseer daarvoor.
Kognisie:	Voor en na voorval.	Geen probleme.
Seksualiteit:	Voor en na voorval.	Praat oor seks. Moeder kla dat Julie "oop bene" by die huis sit.
	Na voorval.	Julie het 'n kêrel, nie seksueel aktief nie. Moeder hou van hom.
Skoolprestasie:	Voor en na voorval.	Skoolvordering en bywoning is goed. Sertifikaat vir geskiedenis gekry.
Voorvalinligting:	Voorval inligting.	Vanjaar, in die aande. Beweerde oortreder is ma se saamleefmaat. Moeder van mening dat Julie hom sien as haar pa. Moeder kwaad vir hom en glo vir Julie.
Dissipline:	Voor en na voorval.	Kommunikasie as dissipline-metode. Gehoorsaam.
Gesinslewe:	Voor voorval.	Gesinsgeweld. Beweerde oortreder slaan mev.

		Dowling en Julie. Mev. Dowling trek interdik terug.
	Na voorval.	Beweerde oortreder hou op drink. Geen verdere fisiese mishandeling nie.

7.6.2.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Mev. Dowling, Julie en die familielid wat die saak rapporteer het.

Die navorser verduidelik PATCH se rol asook die rol van die navorser. Volgens Van der Merwe (1996a: 10) moet die terapeut kalm, eerlik asook vertrouenswaardig en betroubaar wees. Volgens mev. Dowling glo sy die beweringe van seksuele misbruik. Mev. Dowling, Julie en die seuns bly op die oomblik by die familielid. Die navorser verduidelik aan Julie die proses wat volg indien sy 'n saak aanhangig maak. Julie wil die navorser vertel wat gebeur het. Sien aktiwiteit: “Insamel van inligting van die voorval”, (soos bespreek onder punt 6.2.1.3.).

Tabel 7.24: Kwalitatiewe data van sessie een met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Julie bedek haar hartseer agter 'n brawe glimlag, maar haar oë is tranerig.	Volgens Julie kon sy dit wat gebeur het nie meer ingehou het nie. Volgens Julie het sy so gevoel asof sy niks is nie.
Sy kom teruggetrokke voor.	Julie noem dat sy nie wil hê dat die beweerde oortreder tronk toe moet gaan nie en is daarom onseker of sy 'n saak aanhangig wil maak.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Julie, haar ma en die familielid was by die betrokke welsynsorganisasie in hulle gebied.	Weerstand om 'n saak aanhangig te maak en dat die beweerde oortreder gearresteer moet word.
	Die seksuele misbruikvoorvalle is op Julie se voorgrond.

7.6.2.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Julie en mev. Dowling.

Die navorser betrek Julie by die aktiwiteit: “Die Lewenslyn,” (sien punt 6.2.1.1.).

Tabel 7.25: Kwalitatiewe data van sessie twee met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Julie is skaam, lag en verbreek oogkontak.	Julie vertel eerlik dat sy en haar vriende vir die eerste keer geëksperimenteer het en

	elkeen 'n bier gedrink het. Sy noem egter dat dit net hoofpyn gee en dat sy nie weer gaan drink nie.
Julie is mooi aangetrek.	Julie vertel van 'n seun wat haar uitgevra het, maar dat sy dit nog deurdink. Julie vertel dat die seun haar wou soen, maar dat sy vir hom gesê het dat dit nie reg is nie en hy het dit respekteer.
	Julie is bang om 'n saak te maak en noem dat die beweerde oortreder gesê het dat hy vir haar en haar ma sal doodmaak as sy 'n saak aanhangig maak.
	Julie deel met die navorser dat sy bang was wanneer die beweerde oortreder aan haar gevat het. Volgens Julie het hy aanvanklik die verskoning gegee dat hy "verdwaal" het, wanneer hy onder die invloed van alkohol was en by haar in die bed geklim het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Julie se moeder het saam met haar gekom vir ondersteuning.	Weerstand om 'n saak aanhangig te maak.
Gesinsgeweldbevel is ingedien.	Die seksuele misbruik is op haar voorgrond.

7.6.2.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Julie.

Die navorser betrek Julie by die aktiwiteit: "My liggaamgevoelens", (sien punt 6.2.1.5.). Die navorser en Julie voltooi die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

Tabel 7.26: Kwalitatiewe data van sessie drie met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy is mooi aangetrek en alhoewel sy min oogkontak maak, glimlag sy baie en noem dat dit nou baie beter gaan. Kom kom skaam voor.	Sy deel die goeie nuus dat haar ma nou weet van haar seunsvriend en hulle verhouding goedkeur solank hulle nie seksueel aktief is nie.
Julie poog soms om die erns van 'n saak weg te lag, dis haar hanteringsmeganisme wanneer sy bedreig voel deur die onderwerp van bespreking.	Julie voel gelukkig omdat haar vriende haar bystaan. Sy is ook gelukkig dat sy in die skool is en dat sy goed gedoen het die eksamen.
Sy toon goeie belangstelling in die aktiwiteite.	Sy sê dat sy hartseer voel oor wat die beweerde oortreder gedoen het en dat sy kwaad is vir die beweerde oortreder. Sy is bang vir die beweerde oortreder en vir wat hy kan doen.
Sy was selektief in die keuse van haar gevoelens wat sy ervaar.	Sy is bekommerd dat sy dalk nie gaan goed doen in haar skoolwerk nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
'n Vriendin het saam met Julie na haar sessie	Weerstand om 'n saak te rapporteer.

gekomp.	
Die navorser is van mening dat die krisisingryping, ondersteuning en beveiliging deur Julie se tante, Julie baie reeds gehelp het in haar helingsproses.	Op haar voorgrond is dat haar ma haar verhouding met haar nuwe vriend goedkeur.

7.6.2.6 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Julie.

Die navorser betrek Julie by die aktiwiteit: “Reaksie van belangrike persone in die adolessent se lewe na onthulling van die seksuele misbruik,” (sien punt 6.2.2.1.). Julie sê dat haar verhouding met die beweerde oortreder nou sleg is omdat sy vertel het. Volgens Williams & Poijula (2002:105) is die kans goed dat die slagoffer van seksuele misbruik skuldgevoelens sal ervaar indien sy verantwoordelik voel vir die gebeure wat sy ervaar het.

Tabel 7.27: Kwalitatiewe data van sessie vier met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Alhoewel sy skaam voorkom, toon sy verantwoordelikheid vir haar herstel deur sonder haar ma na die sessies te kom.	Volgens Julie het haar vriendin haar dadelik geglo en gesê dat sy haar ma moet sê, maar Julie het gesê dat sy te bang is om haar ma te sê. Haar vriendin het gesê dat sy nie bang moet wees nie. Haar vriendin het haar vasgehou toe sy gehuil het en het haar ma gaan sê wat toe vir Julie se tante gaan sê het.
Sy maak oogkontak, maar verbreek soms oogkontak wanneer ‘n bedreigende onderwerp bespreek word.	Volgens Julie sou sy graag die volgende vir haar vriendin wou sê: “Dankie dat jy jou ma gaan sê het, want anders was dit net tussen ons gewees, dankie dat jy my moed gegee het om aan te gaan.” (Leë-stoeltegniek)
Sy teken op die gevoelsgesiggie dat sy geskok voel omdat sy nooit gedink het dat hy dit aan haar sal doen nie.	Volgens Julie was sy bang toe sy haar tante vertel het. Haar tante was hartseer en kwaad, want sy was goed bevriend met die beweerde oortreder. Sy het vir Julie vasgehou en het na die maatskaplike werker gegaan. Sy teken dat sy gelukkig voel oor haar tante se reaksie. Volgens Julie sou sy vir haar tante wou sê: “Dankie dat jy my verstaan en geglo het en dat ek by jou kan bly.” (Leë-stoeltegniek)
	Julie het haar ma vertel van die seksuele misbruik en haar ma het haar geglo. Haar ma het niks gesê nie en het gehuil. Sy het toe gesê dat sy nie meer saam met hom wil wees nie en hulle het uitgetrek. Sy teken dat sy gelukkig voel oor haar ma se reaksie. Sy sal vir haar ma wil sê: “Dankie dat ma my bygestaan het en my geglo het.” (Leë-stoeltegniek)

	Volgens Julie het haar ma die beweerde oortreder ingelig, maar het gesê dat Julie lieg. Volgens Julie het haar ma vir haar gesê dat hy woedend was. Volgens Julie het hy voor haar ma vir haar en haar ma gevra of hulle nie wil huis toe kom nie, dat hy jammer is (erkenning) en of hulle nie weer 'n gesin kan wees nie. Volgens Julie was haar verhouding met die beweerde oortreder voor die seksuele misbruik 'n "bietjie reg" en noem dat dit nou "bad" is. Volgens Julie sal sy vir hom wil sê: "Jy moet uit die huis uit gaan en klaarmaak.". (Leë-stoeltegniek)
	Julie noem dat sy geskok voel omdat sy nooit gedink het dat die beweerde oortreder dit aan haar sal doen nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Julie se vriendin het saam met haar gekom na die sessie en wag vir haar.	Op Julie se voorgrond is haar gevoel van ongeloof en skok oor die beweerde oortreder se gedrag, sy het nooit gedink dat hy dit sou doen nie.
	Weerstand om 'n saak aanhangig te maak.

7.6.2.7 Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Julie.

Julie lig die navorser in dat hulle teruggetrek het na hulle huis, sy, haar ma, twee broers en oupa. Die beweerde oortreder gaan in Macassar bly. Hy bly op die oomblik by haar oom, nie ver van hulle huis af nie. Die navorser fokus op die aktiwiteite: "Die vulkaanaktiwiteit", "Waar in jou liggaam voel jy kwaadgevoelens" en "Die verkeersligaktiwiteit", (sien punt 6.2.4.3, 6.2.4.4. en 6.2.4.5.). Bewustheid is die kapasiteit om te fokus, om aandag te gee (Passons, 1975:21). Indien 'n persoon nie bewus is van wat sy doen nie, dan neem sy nie verantwoordelikheid vir haar dae nie. Die navorser betrek Julie by die aktiwiteit: "Ontspanningsoefeninge", (sien punt 6.2.4.8.).

Tabel 7.28: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Julie is mooi aangetrek en spontaan. Sy kom nie meer so skaam voor nie.	Julie noem dat sy baie bly is dat hulle nou weer in hulle huis woon.
Sy is meer op haar gemak as voorheen.	Julie noem dat haar wange rooi word, dat sy haar vingers kraak en dat sy al in die rondte loop wanneer sy kwaad is.
Julie kom meer selfversekerd voor as voorheen.	Julie noem dat sy soms vloek, soms net weglou en soms gaan praat sy met iemand daarvoor wanneer sy kwaad word.

KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Julie vertel dat sy en haar broers baie baklei, en dat hulle nie weet wat die beweerde oortreder gedoen het nie.	Op Julie se voorgrond is haar blydschap dat hulle weer in hulle huis woon.
	Weerstand om 'n saak aanhangig te maak.

7.6.2.8 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Julie.

Die navorser betrek Julie by die aktiwiteit: “Nie-verbale gevoelens”, (sien punt 6.2.1.6.). Die navorser betrek haar daarna by die aktiwiteit: “Persoonlike spasie”, (sien punt 5.6.2.11.).

Tabel 7.29: Kwalitatiewe data van sessie ses met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Julie kom vrolik voor en het haar hare mooi versorg en krullerig gemaak.	Julie noem dat haar vriende, kêrel en ma in haar persoonlike spasie mag kom. Sy identifiseer die beweerde oortreder en 'n meisie wat verlief is op haar kêrel, as die persone wat nie in haar persoonlike spasie mag kom nie.
Julie geniet die rollespel waartydens sy gevoelens nie-verbaal moet uitbeeld en neem aktief deel. Tydens die rollespel sukkel Julie om nie te lag nie toe sy die gevoel “hartseer” moet uitbeeld. Sy huppel en lag ten einde die gevoel “gelukkig” nie-verbaal uit te beeld, en frons en loop op-en-af om die gevoel “kwaad” uit te beeld.	
Julie praat baie onduidelik, binnensmonds, en sy het verkoue.	
Die navorser en Julie oefen in hoe jy jou liggaam kan gebruik om aan te dui dat jy ongemaklik voel indien iemand in jou persoonlike spasie kom.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Dit gaan goed met Julie se verhouding met haar kêrel en hy ondersteun haar.	Julie se verhouding met haar kêrel is op haar voorgrond.
	Weerstand om saak te rapporteer.

7.6.2.9 Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Julie Dowling.

Die navorser lig Julie in dat die navorser gehoor het dat die beweerde oortreder weer in die huis woon. 'n Metode van waarneming is om op te let wat gebeur wanneer die terapeut optree op 'n direkte manier (Geldard & Geldard, 1997:89). Sy bevestig dat hy daar bly totdat hy ander blyplek kry. Die navorser spreek kommer oor haar

veiligheid uit. Volgens Julie slaap sy, haar ma en broer in ‘n bed, en die beweerde oortreder en haar ander broer slaap op die “bunker beds”. Die navorser beklemtoon dat sy nooit alleen saam met hom by die huis moet wees nie en dat sy dit moet oorweeg om weer by haar tante te gaan bly. Die navorser betrek Julie by die bespreking van die aktiwiteit: “My sintuie”, (sien punt 6.2.2.3.).

Tabel 7.30: Kwalitatiewe data van sessie sewe met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Die navorser vra hoe sy daarvoor voel dat die beweerde oortreder weer by hulle bly en Julie kyk net af en skud haar kop dat sy nie daarvan hou nie. Haar liggaamshouding dui duidelik daarop dat sy ongelukkig is daarvoor.	Julie vertel dat sy gesien het hoe die beweerde oortreder vir haar kyk, en sy het gedink: “Kan ek nie êrens anders bly nie”, en sy het bangerig gevoel. Volgens Julie het sy gehoor dat hy haar eenkeer terugroep en hy het gesê dat hy “mal is” vir haar. Volgens Julie het sy toe maar gedink dat hy dit sê omdat hy haar stiefpa is. Hy het aan haar borste gevat en sy het op daardie stadium net gehuil en niks gedink nie.
Sy praat soms onduidelik. Sy sal soms lag indien sy skaam is en oogkontak vermy. Vermy ook oogkontak tydens gesprek oor beweerde oortreder en dat sy nie die daarvan hou dat hy weer in die huis woon nie.	Julie wil weet of sy nog ‘n saak kan maak en die navorser bevestig dat sy kan en dat die navorser haar sal ondersteun. Sy noem dat sy op hierdie stadium net nie krag het om dit te doen nie en dat sy na haar eksamen dit sal oorweeg. Volgens Julie praat sy nie met hom nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Haar kêrel moedig haar aan om ‘n saak aanhandig te maak.	Op Julie se voorgrond is dat die beweerde oortreder weer in die huis bly en dat sy oorweeg om ‘n saak aanhangig te maak.
Haar ma het weer die beweerde oortreder toegelaat om by hulle te kom bly. Die navorser het die betrokke welsyn in kennis gestel daarvan.	Weerstand om ‘n saak aanhangig te maak. Sy noem egter dat sy net nie nou krag het nie, maar dit dalk na die eksamen gaan doen.

7.6.2.10 Verloop van sessie agt. Teenwoordig: Julie en mev. Dowling.

Volgens mev. Dowling gaan sy en die beweerde oortreder weer probeer. Volgens mev. Dowling het die beweerde oortreder gesê dat hy jammer is en dat hy nie meer gaan drink nie. Die navorser lig haar kommer oor Julie se veiligheid en dat dit weer kan gebeur. Mev. Dowling minimaliseer dit egter en volgens haar is Julie dieselfde met hom as van te vore. Die navorser beklemtoon dat mev. Dowling verantwoordelik vir haar kind se veiligheid is. Die navorser het die betrokke welsynsinstantie in kennis gestel dat die beweerde oortreder weer by die betrokke gesin woon.

Tabel 7.31: Kwalitatiewe data van sessie agt met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Julie rebelleer nie teen haar ma se besluit nie alhoewel sy ongelukkig daarvoor is dat hy weer by die huis bly.	Julie lig die navorser in dat haar ma en die beweerde oortreder baklei het. Sy was al in die bed.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mev. Dowling minimaliseer die probleem en gee die beweerde oortreder nog 'n kans.	Weerstand om 'n saak aanhangig te maak. Op Julie se voorgrond is dat haar ma en die beweerde oortreder weer baklei het.

7.6.2.11 Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Julie en mev. Dowling.

Die navorser betrek Julie by die aktiwiteit: “Vertroue”, (sien punt 6.2.4.2.). Een van die gevolge van verraad is die onvermoë om te vertrou (Bannister, 1998:11).

Tabel 7.32: Kwalitatiewe data van sessie nege met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Julie het skaam gelag toe die navorser haar inlig dat haar onderwyser baie positiewe terugvoer aan die navorser gegee het ten opsigte van haar gedrag en vordering op skool.	Volgens Julie het haar ma en stiefpa nog nie weer baklei nie en gaan dit goed by die huis op die oomblik. Julie noem dat sy bang is om haar eksamenuitslae te kry en hoop dat sy deur is.
Die navorser het vir Julie gevra wie sy nie vertrou nie. Sy het lank stilgebly en dit het gelyk of sy dit eers deurdink voordat sy geantwoord het.	Volgens Julie beteken vertroue vir haar dat sy iets vir iemand kan sê en dat die persoon belowe om dit vir homself te hou. Julie identifiseer haar tante, oom (ma se jongste broer), twee van haar vriendinne en haar kêrel as die persone wie sy vertrou.
Julie maak nou meer oogkontak as vantevore en lug haar opinies met selfvertroue.	Julie noem dat sy nie die beweerde oortreder vertrou nie. Sy verduidelik dat hy gesê het dat hy dit nie weer sal doen nie, maar sy is nie so seker daarvan nie.
Sy skuil nie meer so agter haar glimlag nie en kom meer gereed voor om kontak met haar gevoelens te maak en sake te hanteer.	Julie noem dat dit haar sal waarsku dat sy nie meer 'n persoon kan vertrou nie indien die persoon vatterig raak, uit vertel en nie luister en gehoor gee indien jy “nee” of “ja” sê nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Julie vertrou haar tante, oom, vriende en kêrel. Sy het nie haar ma genoem as 'n persoon wie sy vertrou nie.	Weerstand om 'n saak aanhangig te maak.
	Op Julie se voorgrond is dat sy nie die beweerde oortreder vertrou nie en haar eksamenuitslae waarvoor sy wag.

7.6.2.12 Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Julie.

Die navorser betrek Julie by die aktiwiteit: “Meer van myself”, (sien punt 6.2.3.2), en bespreek haar gunstelingdinge. Daarna betrek die navorser Julie by die aktiwiteit: “Onvoltooide sinne”, (sien punt 6.2.3.4.). Gil (1996:183) vind nie-verbale vorme van terapie bruikbaar veral wanneer die adolessent ongemaklik voel om oor iets te praat. Julie noem tydens die onvoltooide sin van haar ma dat haar ma “sag” is. Die navorser vermoed dat Julie dit sê omdat haar ma die beweerde oortreder nog ‘n kans gee.

Tabel 7.33: Kwalitatiewe data van sessie tien met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Julie praat steeds binnensmonds en onduidelik, maar is baie meer spontaan.	Julie noem dat dit nou heel anders by die huis is as wat die voorheen was. Sy verduidelik dat sy voorheen bang was, nou is sy nie meer bang nie, voorheen het hy soms nie van haar gehou nie, nou is hy vriendelik, voorheen het hy en haar ma baie baklei, nou baklei hulle minder, voorheen het hy gedrink, nou drink hy nie meer nie en voorheen het hy haar geslaan wanneer sy gekeer het en hy het haar ma geslaan, nou slaan hy hulle nie meer nie. Sy erken dat sy nie regtig tevrede is dat hy by die huis is nie, maar wil nie verantwoordelik voel as hy en haar ma opbreek en haar ma nie gelukkig is nie.
Sy maak nou goeie oogkontak.	Julie erken dat sy soms terugdink aan hoe sy geskree en gehuil het dat hy moet ophou en dat hy nie wou nie. Sy erken dat sy dan sommer huil. Julie noem dat sy dadelik die navorser sal sê indien hy weer iets probeer.
	Sy en haar kêrel het besluit dat hulle nie seksueel aktief gaan wees voordat sy nie 21 jaar oud is nie.
	Julie deel met die navorser dat dit aan die een kant baie lekker vir haar is by die huis, veral omdat dit nou goed gaan, maar aan die ander kant kry sy nog terugflitse en huil dan (polariteit).
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Julie se kêrel het saamgekom.	Weerstand om saak aanhangig te maak.
Sy het graad agt geslaag.	Op Julie se voorgrond is haar huidige situasie, naamlik dat sy baie graag by die huis wil woon, maar hulpeloos voel omdat haar ma hom toelaat om weer by hulle te laat woon.

7.6.2.13 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Julie.

Julie vertel dadelik aan die navorser die probleme wat sy ervaar by die huis met die beweerde oortreder. Die navorser gaan sien mev. Dowling dadelik. Mev. Dowling bevestig dat sy en die beweerde oortreder baklei het omdat hy jaloers was toe Julie na haar biologiese pa gegaan het. Mev. Dowling noem dat sy met Julie se kêrel se ma reëlins sal tref dat Julie daar kan bly gedurende die dag of by haar niggies of by haar tante wanneer sy werk. Mev. Dowling vra of Julie nie na 'n kosskool kan gaan nie. Julie doen goed op skool en toon geen gedragsprobleme nie, daarom bevraagteken die navorser mev. Dowling waarom Julie weggestuur word word.

Tabel 7.34: Kwalitatiewe data van sessie elf met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Die navorser merk op dat Julie gewig verloor het.	Julie vertel emosioneel dat haar ma en die beweerde oortreder baklei het omdat hy jaloers is en bang is dat Julie se ma hom gaan verlaat vir Julie se biologiese pa. Sy kan nie verstaan waarom hy jaloers is nie en noem dat haar ma dan vir hom gekies het. Volgens Julie het dit gelyk of hy weer haar ma wou slaan. Julie en haar kêrel het toe geloop.
Die navorser neem waar dat Julie ongelukkig lyk. Julie het begin huil toe die navorser aan Julie noem dat sy hartseer lyk.	Julie deel die navorser mee dat die beweerde oortreder haar gedrag probeer beheer en haar verbied om rond te loop en dat sy net by die huis moet bly. Hy het volgens Julie vir haar gesê dat sy haar nie soos 'n "straatmeid" moet gedra nie. Trane vermeerder in haar oë.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mev. Dowling sal reëlins met familieledes en Julie se kêrel se ma tref sodat Julie by hulle bly wanneer sy werk.	Die beweerde oortreder se jaloesie en beheer wat hy probeer uitoefen op Julie en haar ma is op haar voorgrond.
	Julie toon weerstand om onderdanig te wees aan die beweerde oortreder se gesag wat hy probeer afdwing op haar en haar ma.

7.6.2.14 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Julie Dowling.

Julie onthul dat die beweerde oortreder haar op twee geleenthede in die verlede verkrag het en dat hy haar nie net betas het nie. Sy het 'n tekening gemaak terwyl sy inligting van die voorval gegee het. Volgens Van der Merwe (1996a:138) bied kreatiewe spel, soos tekeninge, aan die adolessent die geleentheid vir ondersoek en ontlasting van gevoelens en is dit 'n manier om inligting in te samel. Julie gaan saam

met haar ma na die werk sodat sy nie alleen saam met die beweerde oortreder is nie. Julie se kêrel het die navorser later die dag gebel en ingelig dat Julie nog nie gereed voel om haar ma in te lig nie en dat sy dit eerder op 'n latere stadium wil doen. Julie se kêrel het die navorser weer in die week gebel en ingelig dat Julie gesê het dat sy nie lus voel vir die lewe as haar ma ingelig gaan word oor die verkragting nie. Die navorser het telefonies met Julie gepraat en haar verseker dat die navorser nie haar ma sal inlig sonder haar toestemming nie. Julie het verlig geklink.

Tabel 7.35: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Julie is baie stil en kom emosioneel voor. Die afspraak was vir Julie baie moeilik gewees. Sy het egter deurgedruk en die navorser vertel wat gebeur het. Sy was nie in staat om 'n in diepte weergawe te gee nie, want dit was moeilik vir haar om daarvoor te praat.	Julie onthul dat sy twee keer in die verlede deur die beweerde oortreder verkrag is. Julie noem dat sy te bang was om te vertel van die verkragting en bang is dat haar ma kwaad gaan wees vir haar.
Julie praat baie onduidelik en vermy oogkontak terwyl sy vertel wat gebeur het.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Julie se kêrel het die navorser gebel en ingelig dat Julie meer met die navorser wil deel ten opsigte van die seksuele misbruik. Hy staan Julie by en het saam met haar gekom vir die afspraak.	Julie toon weerstand om haar ma in te lig van die verkragting en dreig met selfmoord sou haar ma ingelig word. Die verkragting is op Julie se voorgrond asook wat haar ma se reaksie daarop sal wees.

7.6.2.15 Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Julie.

Die navorser betrek Julie by die aktiwiteit: “Skuldgevoelens / Ambivalente gevoelens”, (sien punt 6.2.3.1.). Julie dink dat die seksuele misbruik haar skuld was en voer as rede aan dat indien sy vroeër die seksuele misbruik onthul het, dit dan nie sou aangegaan het nie. Volgens Williams & Poijula (2002:105) kom skuldgevoelens voor wanneer die slagoffer van seksuele misbruik sleg voel oor haar gedrag (wat sy gedoen het of nie gedoen het nie) voor, tydens en na die seksuele misbruik. Volgens Julie het die beweerde oortreder erken dat hy verkeerd opgetree het en het hulle gevra om hom weer 'n kans te gee.

Tabel 7.36: Kwalitatiewe data van sessie dertien met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
---	---

Julie is mooi aangetrek en haar gemoedstoestand is lig en vrolik.	Julie lig die navorser in dat die beweerde oortreder haar gedreig het dat indien sy die seksuele misbruik onthul sy konflik tussen hom en haar ma sal veroorsaak. Volgens Julie was sy nog jonk en wou nie dit veroorsaak het nie.
	Julie het met die navorser gedeel dat sy skuldgevoelens ervaar want as sy vroeër vertel het, dan sou die seksuele misbruik nie voortgeduur het nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Julie se kêrel ondersteun haar.	Weerstand om haar ma in te lig omtrent die verkragting en dit is ook op haar voorgrond.
	Dit blyk dat Julie haar ma wil beskerm deur haar nie in te lig van die verkragting nie.

7.6.2.16 Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Julie.

Die navorser gee aan Julie die geleentheid om die aktiwiteit: “Hartsnare” te voltooi, (sien punt 6.2.5.1.). Haar ma, kêrel, niggie en drie vriende is die naaste aan haar, dan is daar drie ander vriende wat ook na aan haar is. Sy dui aan dat twee meisies glad nie na aan haar is nie, weens jaloesie. Die navorser merk op dat sy nie die beweerde oortreder êrens ingeskryf het nie en vra aan haar waar sy hom sal posisioneer. Deur probleme op ‘n algemene manier te bespreek, help die terapeut die adolessent om inligting op ‘n veilige manier te bespreek (Gil, 1996:178). Sy plaas hom in die verste hartsnaar van haar af. Die navorser betrek haar by die aktiwiteit: “Kognisie”, (sien punt 5.2.6.8.).

Tabel 7.37: Kwalitatiewe data van sessie veertien met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Julie praat baie onduidelik, veral wanneer sy opgewonde is en vinnig praat.	Volgens Julie gaan dit goed by die huis, geen bakleiery nie.
Sy maak voldoende oogkontak en lag nie meer wanneer ‘n bedreigende aspek bespreek word nie.	Sy vertel humoristies dat hulle net 25 sent gekry het vir metaal wat hulle opgetel en ingeneem het.
Sy kom al meer selfversekerd voor as aanvanklik en toon die moed om die navorser goed te vra, byvoorbeeld om haar skool toe te neem na die afspraak, want sy wil nie skool mis nie.	Sy identifiseer die volgende eienskappe waaroor haar verhouding met die beweerde oortreder nie beskik nie: Hulle ondersteun en moedig mekaar nie aan nie, sy vertrou hom nie, sy kommunikeer nie openlik en eerlik met hom nie, sy is bang vir hom en hulle deel nie besluitneming nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Julie en haar kêrel kom aangestap, hulle lyk nog baie verlief. Hulle verhouding beskik	Ambivalensie ten opsigte van die beweerde oortreder – aan die eenkant vervul hy ‘n

oor eienskappe van 'n goeie verhouding.	finansiële en versorgende rol, maar aan die ander kant pla dit haar wat hy gedoen het.
	Op Julie se voorgrond is die afspraak met die welsyn op Maandag omdat sy en die beweerde oortreder in dieselfde huis woon.

7.6.2.17 Verloop van sessie vyftien en sestien. Teenwoordig: Julie, mev. Dowling en die maatskaplike werker van die betrokke welsyn (sessie vyftien) en Julie (sessie sestien).

Tydens sessie vyftien het die maatskaplike werker van die betrokke welsynskantoor het dit duidelik gemaak dat mev. Dowling verantwoordelik gehou word vir Julie se veiligheid. Mev. Dowling het opgehou werk en is nou by die huis ten einde Julie se veiligheid se verseker. Die navorser betrek Julie tydens sessie sestien by die bespreking van die aktiwiteit: “Liefdestale”, (sien punt 6.2.5.3.). Die navorser verbind die bogenoemde aktiwiteit met die aktiwiteit: “Boodskappe”, (sien punt 6.2.3.6.). Een van die gevolge van seksuele misbruik is 'n lae selfbeeld en 'n gevoel van waardeloosheid (Doyle, 1994:209). Julie hou daarvan om geprys te word en komplimente te kry. Sy noem die positiewe boodskappe wat sy onlangs gekry het en erken dat dit haar gelukkig laat voel het.

Tabel 7.38: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Julie is mooi aangetrek.	Die navorser komplimenteer haar met haar hare wat netjies gevleg is. Sy noem dat sy hoofpyn het omdat dit so styf gevleg is en lag.
Sy lag en is in 'n vrolike gemoedstoestand.	Sy identifiseer haar hoofliefdestaal as “kwaliteittyd” en haar tweede liefdestaal as “prys en komplimente”. Sy identifiseer haar ma se liefdestaal as “kwaliteittyd” en “dade” en die beweerde oortreder se liefdestale as “kwaliteittyd” en “prys en komplimente”.
Sy maak oogkontak.	Sy vertel humoristies dat sy en haar kêrel geweet het dat sy nie weer van die afspraak gaan vergeet nie, maar omdat die skool vroeg uitgekom het, het sy amper.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Haar kêrel herinner haar aan haar afsprake.	Weerstand om 'n saak aanhangig te maak en om haar ma in te lig omtrent die verkragting.
	Julie se verhouding met haar kêrel is op haar voorgrond.

7.6.2.18 Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: Julie.

Die navorser gee vir Julie "huiswerk" wat sy by die huis moet doen wanneer sy tyd het, aktiwiteit: "My selfbeeld", (sien punt 6.2.3.5.). Die navorser betrek haar daarna by die aktiwiteit: "7de laan", (sien punt 6.2.2.6.). Julie vertel spontaan dat sy in haar mondeling by die skool gepraat het oor hoe hulle verlede jaar eenkeer gedrink het. Haar moeder het haar ook uitgevang en haar kop het "gespin" en gepyn. Julie vertel dat sy vir die kinders tydens die mondeling vertel het dat drank nie 'n persoon se probleme oplos nie en dat die probleem maar net weer daar sal wees. Die navorser gee aan Julie die geleentheid om probleme te identifiseer wat soos stene op haar skouers rus, aktiwiteit: "Kom ons maak ballonne van die stene in ons lewe," (sien punt 6.2.2.4.).

Tabel 7.39: Kwalitatiewe data van sessie sewentien met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Julie is in 'n ligte luim en vertel humoristies dat die wind haar hare woes deurmekaar waai. Julie kom meer selfversekerd voor en nie meer emosioneel nie.	Julie maak selfstellings en sê dat Emma van boeke van die natuur hou net soos sy. Sy vertel hoe ontsteld sy was en hoe sy gehuil het toe haar hond raak gery is.
Die navorser let op dat Julie aan die einde van die sessie nog iets op die hart het en nog wil gesels. Sy vertel dat iemand oor haar hond gery het. Hy sukkel om te loop, maar is al bietjie beter. Sy het gehuil en was baie ontsteld toe hy raakgery is.	Sy erken dat sy soms nie kan "nee" sê nie. Julie onthul dat sy verlede jaar eenkeer gedrink het maar beseft het dat drank nie haar probleme gaan wegvat nie
Julie begin nou al spontaan met die navorser te gesels oor gebeure in haar lewe en is nie meer so skaam nie.	Sy identifiseer dat sy te veel huiswerk het en te min tyd het, as 'n "steen" in haar lewe.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Goeie ondersteuning van haar kêrel.	Weerstand om haar ma in te lig van die verkragting en om 'n saak aanhangig te maak. Op Julie se voorgrond is haar hond wat raakgery is.

7.6.2.19 Verloop van sessie agtien. Teenwoordig: Julie.

Die navorser betrek Julie by die aktiwiteit: "Selfgeldende gedrag", (sien punt 6.2.3.8.). Julie noem dat sy en haar ma soms passief optree. 'n Persoon kan kontak verloor met die "wat" en "hoe" van haar gedrag en kan daarom nie in staat wees om 'n

gevoel van bemeestering te bereik nie wat nodig is om effektief te lewe (Passons, 1975:18).

Tabel 7.40: Kwalitatiewe data van sessie agtien met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Julie is in 'n ligte gemoedstoestand.	Julie vertel dat sy lekker vakansie gehou het en dat haar kêrel en sy baie tyd saam spandeer het.
Goeie belangstelling en deelname in die aktiwiteit.	Julie erken dat sy en haar ma soms passief optree.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Gaan goed met haar en haar kêrel.	Weerstand om die saak aanhandig te maak en haar ma in te lig van die verkragting.
	Op Julie se voorgrond is haar verhouding met haar kêrel en dat sy uitsien om terug te gaan skool toe na die skoolvakansie.

7.6.2.20 Verloop van sessie negentien en twintig. Teenwoordig: Julie.

Die navorser betrek Julie tydens sessie negentien by die aktiwiteit: “Positiewe denke”, (sien punt 6.2.2.5.). Een van die grootste vrese wat adolessenteslagoffers van seksuele misbruik kan ervaar, is om die seksuele misbruik te onthul (Benedict, 1994:190). Tydens sessie twintig voltooi Julie die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool. Sy is vrolik en in 'n ligte luim. Haar ouers se egskeiding blyk asof dit 'n onvoltooidheid in Julie se lewe is.

Tabel 7.41: Kwalitatiewe data van sessie negentien met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Julie kom emosioneel voor. Julie huil toe sy vertel dat haar kêrel 'n vergadering met haar ouers gaan reël.	Julie vertel dat haar kêrel voorgestel het dat hulle met haar ouers moet praat omdat sy soms nie saam met hom mag loop nie. Sy is baie bang om dit te doen. Julie is bekommerd oor die vergadering met haar ouers en weet nie wat om te verwag nie.
Aan die einde van die sessie blyk sy minder gespanne en emosioneel te wees oor die vergadering.	Sy noem die volgende positiewe aspekte na die onthulling van die seksuele misbruik: sy het beter gevoel, haar ma was daar vir haar en het haar ondersteun, sy was nie meer bang vir die beweerde oortreder nie, sy het haar kêrel ontmoet toe sy by haar tante gaan woon het en die seksuele misbruik het gestop.
	Die negatiewe aspekte na onthulling was vir Julie dat die beweerde oortreder kwaad was, dat sy vir 'n ruk nie by die huis kon gebly het

	nie en nie geweet het wat nou verder gaan gebeur nie en sy was bekommerd oor haar skoolwerk.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Julie se kêrel tree selfgeldend op en benader probleme positief. Julie aan die ander kant is geneig om passief op te tree en is daarom bang om met haar ouers te praat. Hy gee egter leiding aan haar hoe om probleme op 'n selfgeldende manier aan te spreek.	Sy toon weerstand om saam met haar kêrel met haar ouers te praat oor haar inkomtye, aangesien sy nie weet wat om te verwag nie en bang is. Die vergadering met haar ouers is op haar voorgrond.

7.6.2.21 Verloop van sessie een-en-twintig. Teenwoordig: Julie.

Die navorser betrek Julie by die bordspeletjie, (sien punt 6.2.6.1.). Sy toon uitstekende insig in al die vrae. Die navorser gee terugvoer van die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool se resultate. Na afloop van terminering, kom groet Julie elke nou en dan die navorser by die kantoor. Sy kom gelukkig voor.

Tabel 7.42: Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Julie Dowling

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Julie is mooi aangetrek en vrolik.	Sy vertel opgewonde dat sy en haar kêrel toe met haar ouers gepraat het daarvoor dat sy soms na hom wil gaan en dat sy verstaan dat sy nie in die aande mag loop nie, maar slegs soms na hom wil gaan.
Julie gesels spontaan met die navorser en maak voldoende oogkontak.	Volgens Julie was sy verniet gespanne gewees en haar ma het gesê dat dit reg is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSATND
Julie se kêrel speel 'n belangrike rol in Julie se lewe. Hy speel ook 'n belangrike rol in haar beveiliging teen die beweerde oortreder aangesien sy hom dadelik sal vertel indien die beweerde oortreder sy grense weer oortree.	Julie wil steeds nie haar ma inlig omtrent die verkragting nie.
Sy vertel dat haar kêrel vir haar 'n nuwe hondjie gekoop het.	Op Julie se voorgrond is haar nuwe hondjie wat sy gekry het.

7.6.2.22 Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Dowling na afloop van terapeutiese dienslewering aan Julie

Die navorser gee terugvoer aan mev. Dowling ten opsigte van Julie se deelname aan die navorsing en die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate.

Tabel 7.43: Julie se huidige funksionering volgens mev. Dowling

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Gesondheidsgeskiedenis:	Huidig.	Geniet goeie gesondheid. Kry soms hoofpyn.
Emosionele funksionering:	Na voorval.	Moeder minimaliseer impak. Julie toon tekens van aggressiewe gedrag. Boetie wil weet of sy pa tronk toe gaan.
	Huidig.	Vrolik, belangstelling is om te teken. Haar selfbeeld en konsentrasie is goed en sy toon geen woedeuitbarstings nie.
Interpersoonlike verhoudings:	Na voorval en huidiglik.	Goeie verhouding met kêrel, ma en broers. Moeder hou van Julie se kêrel. Moeder gee beweerde oortreder nog 'n kans ten spyte van beweringe. Gesonde portuurgroepverhoudings.
Gedragsprobleme:	Na voorval.	Julie trek uit en gaan bly by tante vir 'n tydperk. Moeder hartseer daaroor.
	Huidig.	Volgens Mev. Dowling is Julie 'n gehoorsame kind en toon geen gedragsprobleme nie.
Kognisie:	Na voorval en huidig.	Geen probleme.
Seksualiteit:	Na voorval en huidig.	Julie het 'n kêrel, nie seksueel aktief nie. Moeder hou van hom.
Skoolprestasie:	Na voorval en huidig.	Skoolvordering en bywoning is goed. Die beweerde oortreder help nou soms vir Julie met haar huiswerk.
Voorval inligting:	Voorval inligting.	Beweerde oortreder is ma se saamleefmaat. Moeder van mening dat Julie hom sien as haar pa. Moeder kwaad vir hom en glo vir Julie. Sy geen hom egter weer 'n kans.
	Huidig.	Mev. Dowling is van mening dat indien die beweerde oortreder weer iets probeer, Julie haar kêrel sal vertel. Mev. Dowling is by die huis ten einde Julie se veiligheid se verseker.
Dissipline:	Na voorval en huidig.	Gehoorsam. Kommunikasie as dissiplineringsmetode.
Gesinslewe:	Na voorval.	Beweerde oortreder hou op drink. Geen verdere fisiese

		mishandeling nie.
	Huidig.	Gaan huidig goed. Die beweerde oortreder bring nie die beweringe op wanneer Julie iets verkeerd doen nie. Sy werk nie ten einde Julie se veiligheid te verseker.

7.6.2.23 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram


Die voortoets het daarop gedui dat Julie se selfpersepsie en trauma-dinamika soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Julie se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die natoets het daarop getoon dat Julie se selfpersepsie en trauma-dinamika nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Julie se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die Selfpersepsiefaktore) is 23% en haar vorige telling tydens die voortoets was 32%. Sy het goeie vordering gemaak aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is. Alhoewel Julie se "angstigheids"-telling afgeneem het, is dit steeds bo die aanbevole gebied. Die navorser skryf dit daaraan toe dat sy 'n mate van gebrek aan sekuriteit in haar verhoudings beleef en bang is om emosioneel seer te kry, aangesien haar ma die beweerde oortreder nog 'n kans gegee het en hy weer by hulle in die huis woonagtig is. Alhoewel haar ma maatreëls in plek gestel het om Julie te beveilig, is die navorser van mening dat sy tog in 'n mate bedreig voel deur haar omstandighede. Die betrokke welsynsinstantie in die omgewing sal omrede die beweerde oortreder in die huis woonagtig is, die huislike omstandighede monitor.


Julie se "verantwoordelikheid vir ander"-telling het baie goed afgeneem en is nou onder die aanbevole gebied. Die navorser is van mening dat Julie baie verantwoordelikheid op haar skouers neem om haar ma gelukkig te hou en te beskerm teen teleurstelling. Dit is ook moontlik die rede waarom sy nie haar ma wil inlig dat die beweerde oortreder haar nie net betas het nie, maar wel verkrag het. Sy is van

mening dat haar ma en broers finansiële daaronder sal ly indien sy 'n saak aanhangig maak teen die beweerde oortreder en die navorser vermoed dat dit ook een van die redes was waarom sy weerstand toon om 'n saak aanhangig te maak. Sy het egter opgestaan vir haar regte deur die seksuele misbruik te onthul en het 'n sterk ondersteuningsnetwerk, naamlik haar tante, kêrel, die betrokke welsyninstansie en die navorser, na wie sy kan uitreik indien daar weer probleme ontwikkel.

Figuur 7.3: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie



Julie se huidige algehele Trauma-Dinamikapuntetotaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamikafaktore) is 25% en haar vorige telling tydens die voortoets was 32%. Sy het goeie vordering gemaak aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is. Alhoewel Julie se "wantroue"-telling verbetering getoon het, is dit steeds bo die aanbevole gebied. Die navorser skryf haar wantroue daaraan toe dat sy seksueel misbruik is deur haar stiefpa, wat veronderstel is om 'n versorgende rol in te neem en sekuriteit in haar lewe te voorsien, maar die teendeel in haar lewe gedoen het. Die navorser is ook van mening dat die feit dat haar ma die beweerde oortreder weer 'n kans gegee het en toelaat om by hulle te woon, ook gelei het daartoe dat sy dit moeilik vind om ander te vertrou. Julie se "frustrasie" en "hulpeloosheid"-tellings het baie verbeter. Die navorser is van mening dat die onthulling van die seksuele misbruik en die terapeutiese insette vir Julie maniere voorsien het waarop sy beheer kan uitoefen oor die omgewingsfaktore in haar lewe.

Figuur 7.4: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika

7.6.2.24 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge komplimenteer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Julie se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het. Julie het tydens aanvang van terapie meestal oogkontak verbreek, sy het gelag wanneer bedreigende aspekte bespreek word ten einde haar seer te probeer wegsteek (defleksie) en het dit moeilik gevind om haarself verbaal op 'n selfgeldende manier uit te druk en wou eerder passief optree (retrofleksie). Sy was hulpeloos en gefrustreerd met haar situasie, en het ambivalente gevoelens ervaar ten opsigte van optrede teenoor die beweerde oortreder en om beskermend teenoor haar ma op te tree aan die ander kant.

Na afloop van dienslewering, was Julie vrolik en in staat om die navorser in te lig wanneer daar probleme is. Alhoewel haar ma die beweerde oortreder weer toegelaat het om by hulle in te trek, het sy haar werk gelos ten einde Julie se veiligheid te verseker. Julie is bemagtig en het beheer teruggewen in haar lewe deur die onthulling aangesien dit die seksuele misbruik gestop het en omdat baie mense haar ondersteun het na onthulling, byvoorbeeld die navorser, die welsyn, haar kêrel en tante. Die

onderhoude met mev. Dowling het ook daarop gedui dat Julie positiewe veranderinge getoon het weens die terapeutiese dienste wat gelewer is. Julie toon geen gedragsprobleme nie en haar skoolvordering is goed.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Julie en haar moeder gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel en om te bepaal of dit steeds goed gaan met Julie. Beide was dit eens dat dit goed gaan met Julie en dat geen verdere dienste benodig word nie. Sy kom groet die navorser soms by die kantoor en lyk op die oomblik gelukkig. Die navorser handhaaf 'n oop-deur beleid. Beide Julie se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenter aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapiëprogram Julie se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het.

7.6.3 Biografiese inligting van gevallestudie drie: Mischka Beukes

Naam van die adolessent: Mischka Beukes

Kultuurgroep: Kleurling

Ouderdom: 16 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die gesin: 3

Huistaal: Afrikaans

7.6.3.1 Agtergrondinligting van Mischka Beukes

Mischka woon saam met haar ouers en broer. Mischka is deur Strand Polisiestasie na PATCH verwys vir terapeutiese dienslewering. Mischka is beweerdelik deur drie skoolseuns in 'n klaskamer by die skool geforseer, waarna sy deur twee van die skoolseuns vasgehou is en deur die ander skoolseun verkrag is. Die beweerde oortreders het Mischka gedreig en sy het daarom eers ongeveer 'n week later haar juffrou omtrent die voorval ingelig.

7.6.3.2 Impak van die beweerde seksuele misbruik op Mischka Beukes volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Mischka se moeder, mev. Beukes.

Mev. Beukes het skriftelike toestemming vir Mischka se deelname gegee.

Tabel 7.44: Agtergrondgeskiedenis van Mischka Beukes

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkelingsgeskiedenis:	Swangerskap was onbeplan.	Na skok was hulle bly oor die swangerskap.
	Normaal geboorte geskenk.	Goed verloop.
	Geen ongelukke nie.	
	2003 betas en gedreig met 'n mes deur twee mans.	Het terapie ontvang en hofsak is steeds hangende.
Gesondheidsgeskiedenis:	Voor voorval.	Gesond geëet. Goed geslaap.
	Na voorval.	Maagpyn, diarree en kla van knop op die maag (spanning).
Emosionele funksionering:	Voor voorval.	Vrolik.
	Na voorval.	Konsentrasie swak. Stil, teruggetrokke en onttrek. Raak gou kwaad. Hartseer en bang om alleen te loop.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor voorval.	Nog geen verhoudings met seuns gehad nie. Goeie portuurgroepverhoudinge.
	Na voorval.	Toon tekens van onttrekking. Verhouding met moeder verswak na voorval weens Mischka wat onttrek. Skrikkerig vir mans. Gevoelens van stigmatisasie.
Gedragsprobleme:	Voor voorval.	Geen.
	Na voorval.	Geen. Misbruik nie dwelms of alkohol nie.
Kognisie:	Voor voorval.	Geen.
	Na voorval.	Nagmerries.
Seksualiteit:	Voor voorval.	Geen probleme. Het nog nooit 'n ernstige verhouding gehad nie.
	Na voorval.	Skrikkerig vir mans.
Skoolprestasie:	Voor voorval.	Geen probleem nie.
	Na voorval.	Weerstand om terug te gaan skool toe.
Voorval inligting:	Voorval.	Eenmalige verkragting by die skool.
Dissipline:	Voor en na voorval.	Moeder praat hard wanneer sy ongehoorsaam is.
Gesinslewe:	Voor voorval.	Mischka was in 2003 'n slagoffer van onsedelike aanranding. Pa misbruik dwelms.
	Na voorval.	Pa misbruik dwelms. Ouers staan haar goed by dwarsdeur proses.

7.6.3.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Mischka en mev. Beukes.

Mischka wil weens die voorval nie skool toe gaan nie en mev. Beukes is besorg oor stigmatisasie sou sy teruggaan na die skool. Stigmatisasie, met ander woorde, negatiewe konnotasies wat gekommunikeer word aan die kind, word versterk deur houdings van ander persone of gemeenskapslede (Finkelhor & Browne, 1986:184). Mev. Beukes is emosioneel en ontevrede dat so iets op die skoolgronde kon plaasvind. Mev. Beukes druk haar kommer uit oor die een beweerde oortreder wat na bewering al voorheen ook in 'n soortgelyke voorval betrokke was.

Tabel 7.45: Kwalitatiewe data van sessie een met Mischka Beukes

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Mev. Beukes noem dat Mischka na die voorval baie stil is. Mischka kom teruggetrokke en stil voor. Sy maak min oogkontak.	Mischka spreek die wens uit dat die leë klaskamers reggemaak en toegesluit moet word. Sy wil nie teruggaan skool toe nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mischka het haar juffrou 'n week na die voorval ingelig daaromtrent. Haar juffrou het die skoolhoof ingelig en die skoolhoof het die saak by die polisie rapporteer.	Mischka toon weerstand om terug te gaan na haar skool. Sy wil ook nie na die ander skool in hulle area gaan nie, want sy noem dat dit ver van hulle huis af is en haar moeder kan nie saam met haar stap nie omdat sy werk.
'n Meisie het vir Mischka gesê dat as die beweerde oortreders haar kry, dat hulle iets aan haar sal doen en daarom wil sy nie meer naby Mischka wees nie (stigmatisasie).	Die seksuele misbruik is op Mischka se voorgrond asook haar gepaardgaande vrese.

7.6.3.4 Verloop van sessie twee en drie. Teenwoordig: Die skoolhoof, mev. Beukes, die klasonderwyser en Mischka (sessie twee) en Mischka, mev. Beukes en die ondersoekbeampte (sessie drie).

Tydens sessie twee noem die skoolhoof dat die proefbeampte by hom was en dat die hof aanbeveel het dat die beweerde oortreders op hierdie stadium terugkom skool toe onder streng voorwaardes. Aangesien Mischka en die een beweerde oortreder in dieselfde klas is, kan sy na 'n ander klas geskuif word. Die betrokke beweerde oortreder is vroeër vanjaar ook aangekla in 'n onsedelike aanrandingsaak by die skool. Mev. Beukes het haar kommer uitgespreek oor haar kind se veiligheid by die skool. Die skoolhoof het die voorkomingsmaatreëls wat die skool in plek gestel het, bespreek. Mischka kom stil en teruggetrokke voor. Sy praat nie, vermei oogkontak

en skud net haar kop en dui sodoende aan dat sy nie skool gaan bywoon nie. Tydens sessie drie gaan die navorser saam met Mischka en mev. Beukes na die ondersoekbeampte by die polisiestatie. Die ondersoekbeampte neem 'n verdere verklaring by Mischka af en klaar sekere aspekte uit. Mischka kom stil en teruggetrokke voor. Sy noem dat sy skool mis en vermei oogkontak. Mischka en die navorser vul daarna die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool in.

7.6.3.5 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Mischka Beukes.

Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteit: “Die lewenslyn”, (sien punt 6.2.1.1.). Mischka reageer op die nie-bedreigende aktiwiteite en gee spontaan baie inligting. Die eerste paar sessies gedurende gestaltspelerapie is hoofsaaklik om 'n terapeutiese verhouding te bou (Oaklander, 1988:185).

Tabel 7.46: Kwalitatiewe data van sessie vier met Mischka Beukes

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Die navorser het Mischka gevra of sy terug skool toe gegaan het en Mischka het net haar kop ontkenend geskud en oogkontak verbreek. Mischka se gesiguitdrukking spreek dat sy nie kans sien om terug te gaan nie.	Volgens Mischka het sy aanvanklik nie vriende op Hoërskool gehad nie, want haar vriende het begin rook en sy het alleen gesit. Volgens Mischka het sy toe nuwe vriende gemaak.
Sy het belangstelling getoon in die lewenslynaktiwiteit en aktief deelgeneem.	Volgens Mischka rook haar pa “buttons” en drink. Sy noem dat sy verveeld is by die huis.
Mischka maak nie baie oogkontak nie en sal afkyk as iets te moeilik vir haar is om oor te praat. Mischka is baie stil wanneer daar baie mense is, maar wanneer sy alleen saam met die navorser is, praat sy spontaan.	Sy vertel dat haar pa nie haar ma gehelp het om haar te versorg nie en toe sy twee jaar oud was, het haar ma hom uitgesit en het hy na sy familie gegaan. Sy en haar ma het alleen gebly. Mischka onthou dat in die week wat hy teruggekom het, sy op 'n koppie geval het.
Haar stem druk emosie uit, sy praat net soms onduidelik. Goeie energievlakke. Haar liggaamshouding is die van 'n skaam kind. Sy sal afkyk en stilbly as sy nie gereed voel om oor 'n saak te praat nie. Sy maak min oogkontak. Skouers hang.	Sy vertel op 11 jarige ouderdom het haar pa gaan werk, maar hy het nie geld vir die huis gegee nie. Haar ma het sy klere in die pad gegooi en volgens Mischka het sy sleg gevoel, want almal het gepraat.
Sy is nie selfversekerd nie en druk nie eie opinies op die oomblik uit nie.	Sy vertel dat sy prefek was in st. 5. Sy lag en vertel van 'n keer wat die rooster verander het en sy nie haar lewensoriënteringboek by die skool gehad het nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
'n Vriendin het saam met haar na die kantoor geloop. Mischka se verhouding met haar pa word negatief beïnvloed deur sy gebruik van	Tydens die lewenslynaktiwiteit kom Mischka se voorgrondbehoefte, naamlik om in die skool te wees na vore. Mischka vertel dat sy

alkohol en dwelms.	vir haar laerskooljuffrou gesê het dat sy st.10 wil klaarmaak. Sy haal haar juffrou se woorde aan: "Mischka kyk vorentoe, moenie agtertoe kyk nie."
Sy vertel van 'n baie spesiale juffrou toe sy in die laerskool was, wat altyd vir haar gevra hoe dit gaan. Sy kon vir haar sê hoe sy voel en as sy nie brood gehad het nie, het die juffrou vir haar gegee.	Mischka het duidelik ambivalente gevoelens ten opsigte van skool. Sy het 'n behoefte om st.10 te voltooi. Aan die ander kant toon sy weerstand om terug te gaan skool toe.

7.6.3.6 Verloop van sessie vyf en ses. Teenwoordig: Mischka en mev. Beukes (sessie vyf) en mnr. Beukes (sessie ses).

Die navorser het mev. Beukes en Mischka tydens sessie vyf gaan haal ten einde Mischka vir 'n swangerskaptoets by die hospitaal te neem en om Mischka die hof te gaan wys. Al die howe was egter in sitting en daarom kon Mischka nie vandag sien hoe die hof en die kindervriendelike hof lyk nie. Die navorser neem Mischka na die hospitaal vir 'n swangerskaptoets. Mnr. Beukes is tydens sessie ses baie hartseer oor die voorval en bevraagteken waarom die skool nie beter voorsorg getref het nie, aangesien daar vroeër die jaar ook 'n onsedelike aanrandingsaak by die betrokke skool was. Die navorser gee aan mnr. Beukes die geleentheid om te ventileer.

7.6.3.7 Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Mischka.

Mischka vertel die navorser van die voorval, sien aktiwiteit: "Insamel van inligting van die voorval", (sien punt 6.2.1.3.). Mischka het nie die seksuele misbruik dadelik onthul nie weens dreigemente. Dreigemente is volgens Bannister (1998:192) 'n rede waarom die seksuele misbruik nie onthul word nie. Die navorser het haar daarna betrek by die aktiwiteit: "My liggaamgevoelens", (sien punt 6.2.1.5.).

Tabel 7.47: Kwalitatiewe data van sessie sewe met Mischka Beukes

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Die navorser merk op dat Mischka heeltemal op haar gemak voel.	Die navorser het vir Mischka ingelig dat haar pa die navorser kom sien het. Sy het verbaas, maar bly gesê: "Het hy?"
Mischka het in 'n duidelike stem vertel wat gebeur het. Soos sy vertel het, het sy al hoe vinniger gepraat en senuweeagtig gevroetel met haar hande.	Gelukkig: "Omdat ek gesê het", en "Ons huis het verander, my ma praat weer baie en sê ek moet goed doen waarvan ek hou om te doen."
Mischka het baie van nie-verbale	Hartseer: "Omdat ek nie kan teruggaan skool

kommunikasie gebruik gemaak en gewys met haar hande hoe sy hulle weggestoot het, hoe groot die tafel was en het direkte aanhalings gebruik.	toe nie.” Sy verduidelik dat sy bang is hulle doen dit weer met haar. Sy noem dat sy na ‘n ander skool sal moet gaan waar sy nie die beweerde oortreders sal sien nie.
Vermy soms oogkontak wanneer iets vir haar moeilik is om oor te praat, maar maak al meer oogkontak as aanvanklik.	Sy noem laggend dat sy kwaad was toe ‘n driejarige seuntjie haar in die gesig gespoeg het.
Haar stem het baie emosie uitgedruk en sy het harder gepraat toe sy vertel het van voorval.	Skuldgevoelens: Omdat sy nie in die skool is nie. Mischka noem dat sy haar skool en die onderwysers mis, veral haar houtwerk.
Liggaamshouding is meer selfversekerd. Hare was mooi gewas en sy was netjies aangetrek.	Bekommerd: Oor die hofsak waarin sy moet getuig.
Wanneer sy nie gereed voel om oor iets te praat nie, kyk sy af.	Spyt: Mischka is spyt dat sy gesê het, want nou wil sy nie teruggaan skool toe nie en sê: “..my lewe is deurmekaar.”
Haar pas was vinniger vandag as vorige sessies.	Bang: Sy is bang om skool toe te gaan, want sy is bang hulle doen dit weer. Sy is selfs bang om alleen winkel toe te stap en wil nie meer rondloop nie, sy is bang sy loop in die beweerde oortreders vas.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser het die departement van onderwys gebel en het versoek dat hulle Mischka se ouers moet kom sien in verband met die voorval. Die navorser stel voor om Mischka Donderdag skool toe te neem. Sy kan dan kans kry om tussen haar vriende te wees en na haar registerklas te gaan. Die navorser sal by die hoof se kantoor wag.	Sy ervaar ambivalente gevoelens ten opsigte van skoolbywoning. Aan die een kant wil sy graag teruggaan skool toe en voel skuldig dat sy nie skool toe gaan nie en voel haar lewe is deurmekaar. Aan die ander kant is sy bang vir die beweerde oortreders en dat hulle dit weer sal doen, sou sy teruggaan skool toe. Weens hierdie ambivalente gevoelens toon sy dus weerstand om terug te gaan skool toe.
Verhouding met ma het positief verander. Sy was ook verbaas en beïndruk dat haar pa die navorser kom sien het.	Op Mischka se voorgrond is haar skoolopleiding en dat sy nie nou in die skool is nie weens die voorval en daarom voel haar lewe deurmekaar. Sy is nie in homeostase op die oomblik nie aangesien haar behoefte om skool te gaan onbevredig is.
Die navorser het Mischka gaan haal by die huis weens haar vrees om alleen te loop.	Onvoltooidheid in Mischka se lewe is haar vrees vir beweerde oortreders en dat sy nie kan skool toe gaan nie.

7.6.3.8 Verloop van sessie agt en nege. Teenwoordig: Mischka.

Tydens sessie agt gaan haal die navorser vir Mischka en neem haar skool toe. Sy kom aanvanklik af en bang voor, maar later ontspan sy. Die navorser wag buite in die motor totdat sy die navorser kom inlig dat die navorser maar kan ry. Sy kom egter terug en lig die navorser in dat die kinders onder mekaar praat en sy spreek die wens uit om eerder huis toe te gaan. Sy vermei oogkontak.

Die navorser betrek Mischka tydens sessie nege by die aktiwiteit: “Meer van myself,” (sien punt 6.2.3.2.). Trauma kan die positiewe gevoelens wat ‘n persoon van haarself het, uitdaag en lei tot negatiewe denke en emosies van waardeloosheid en om “sleg” te wees (Williams & Poijula, 2002:162).

Tabel 7.48: Kwalitatiewe data van sessie nege met Mischka Beukes

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy lag en vertel van haar byname en noem dat sy daarvan hou. Mischka is spontaan en gee goeie samewerking tydens bespreking van aktiwiteite.	Volgens Mischka is haar naam vir haar spesiaal en sê: “...dit is ek.” Sy noem dat sy haar dieselfde naam sou gegee het as sy haar eie naam moes kies.
Sy kom op haar gemak voor en praat selfversekerd oor nie-bedreigende aspekte.	Mischka se droom is om eendag ‘n filmster te word.
Sy vermy soms oogkontak wanneer iets vir haar moeilik is om oor te praat.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mischka noem dat wanneer sy sleg voel en haar vriendin dit opmerk, dat haar vriendin dan met haar praat en vra wat fout is.	Geen weerstand getoon nie.
Mischka vertel van ‘n seunsvriend van haar wat altyd na haar luister wanneer sy vir hom iets vertel. Mischka het ‘n hondjie wat ‘n belangrike aspek in haar lewe is.	Haar voorgrondbehoefte is haar skoolopleiding.

7.6.3.9 Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Mischka.

Mischka wys ‘n lêer aan die navorser waarin sy geskryf het om besig te bly. Sy het baie geskryf oor skool en kinders. Sy het ook oor die voorval en wat gebeur het, geskryf. Die navorser betrek Mischka by aktiwiteit: “Reaksies van belangrike persone in die adolessent se lewe na onthulling van die seksuele misbruik”, (sien punt 6.2.2.1.).

Tabel 7.49: Kwalitatiewe data van sessie tien met Mischka Beukes

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy was vroeg gereed vir haar sessie en was baie mooi aangetrek. Sy het ‘n lêer en dagboek saam gebring om aan die navorser te wys.	Sy vertel van haar neef wat in ‘n ongeluk was en nou heeltemal geheueverlies het. Sy het by hom gaan kuier in die hospitaal.
Mischka was spraaksaam en het opgewonde voorgekom. Sy het spontaan oor gebeure gesels asook oor dit wat sy in haar lêer geskryf het.	Volgens Mischka het haar juffrou wat sy eerste vertel het, haar dadelik geglo en gesê dat hulle onmiddellik na die hoof moet gaan. Volgens Mischka kon sy sien dat die juffrou bang was vir haar part oor wat gebeur het.

	Volgens Mischka mis sy haar juffrou, want sy sien haar nie meer nie omdat sy nie op die oomblik skool bywoon nie. Mischka teken op die gevoelgesiggie dat sy gelukkig voel met die juffrou se reaksie, wat haar jammer gekry het en meer moed gegee het.
Sy maak al hoe meer oogkontak. Baie goeie belangstelling, deelname en opgewondenheid tydens sessie. Haar stem druk emosie uit en sy kom energiek voor, meer as tydens aanvang van terapie.	Volgens Mischka het haar ma dit dadelik geglo en het aanvanklik niks gesê nie en het net gehuil. Volgens Mischka was haar ma hartseer en haar ma het haar vasgehou. Sy teken in die gevoelgesiggie dat sy ook gelukkig voel oor haar ma se reaksie. Leëstoeltegniek: “Baie dankie dat ek met ma kan praat oor wat gebeur het.”
Sy lag en kom gelukkiger voor. Sy geniet die een-tot-een aandag.	Volgens Mischka laat dit haar beter voel om oor haar gevoelens te skryf.
Haar liggaamshouding is meer selfversekerd as tydens aanvang van terapie toe sy skaam voorgekom het.	Volgens Mischka het haar pa dit dadelik geglo en het hy vir haar gesê dat hy jammer is oor wat gebeur het en het hartseer gelyk. Volgens Mischka het hy vir haar tee gemaak.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Verhoudings met ma en pa is goed. Sy het goeie vriende.	Weerstand om terug te gaan na haar skool waar voorval plaasgevind het.
Die reaksies van belangrike persone in haar lewe na onthulling van die seksuele misbruik, was positief.	Haar voorgrondbehoefte en onvoltooide sake is die voorval en skoolbywoning. Sy het ‘n behoefte aan stimulering, daarom skryf sy van verskillende onderwerpe in haar dagboek.

7.6.3.10 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteit: “Selfgeldende gedrag”, (sien punt 6.2.3.8.). Gesonde portuurgroepverhoudinge verbeter die ontwikkeling van morele redenering, samewerking en wederkerigheid (Bolger, Patterson & Kupersmidt, 1998:1172).

Tabel 7.50: Kwalitatiewe data van sessie elf met Mischka Beukes

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy kyk navorser in die oë en behou ‘n gemaklike afstand. Sy was vandag spraaksaam en het opgewonde vertel van die seun wat sy ontmoet het.	Sy lag en erken dat sy passief optree en nie maklik praat nie. Mischka stem saam dat dit goed is om selfgeldend op te tree want dan weet die ander persoon hoe jy voel oor die saak.
Sy toon belangstelling, betrokkenheid en opgewondenheid tydens die sessie. Sy druk emosie in haar stem uit, veral toe sy vertel van die seun wat sy ontmoet het. Haar energievlakke hoog en sy kom opgewonde en	Mischka vra aan die navorser of dit verkeerd is om ‘n “boyfriend” te hê. Sy vertel van die seun wat sy ontmoet het van wie sy hou.

vrolik voor.	
Liggaamshouding is minder beperk en geslote as tydens aanvang van terapie. Haar liggaamsbeeld is goed en sy hou van mooi aantrek.	Mischka en haar ma was by die ander Hoërskool. Mischka is nou meer positief oor die ander skool. Sy noem dat dit mooi binne is en dat sy mense wat sy ken daar gesien het. Dit is ook nie so ver van hulle huis af nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het 'n seun ontmoet in wie sy belangstel.	Op Mischka se voorgrond is 'n seun wat sy ontmoet het en haar vraag of dit verkeerd is om 'n kêrel te hê.
Goeie verhouding met portuurgroep. Sy het omgewingsondersteuning: die navorser, haar vriende en ouers.	Aansienlik minder weerstand as tydens vorige sessies om weer terug te gaan skool toe. Sy en haar ma was by 'n ander skool en haar houding om na die ander skool te gaan het positief verander.

7.6.3.11 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteit: "7de laan," (sien punt 6.2.2.6.).

Tabel 7.51: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Mischka Beukes

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Die navorser merk op dat Mischka die aktiwiteit geniet en omdat 7de Laan haar gunstelingprogram is, ken sy die storie en die karakters baie goed.	Mischka vertel dat sy oplees oor wat in toekomstige episodes gaan gebeur en druk haar eie opinies uit oor die mense se optredes.
Sy lag en neem entoesiasies deel aan bespreking van haar eienskappe wat ooreenstem met die van die 7de Laan-karakters se eienskappe.	Volgens Mischka beskik sy oor die volgende positiewe eienskappe, naamlik: openlik en eerlik, praat soms daaroor as iets haar pla, sy respekteer haar ma, sy het onvoorwaardelike liefde, sy het mooi maniere, sy wil niemand seermaak nie, luister na ander, gee soms raad, is vriendelik en is familievas.
Sy verander haar gesigsuitdrukkings soos sy praat en beduie met hande. Liggaamshouding is al meer selfversekerd en sy is mooi aangetrek. Sy vermy oogkontak en houding word geslote wanneer die navorser met haar praat oor skoolbywoning.	Mischka erken dat sy onverwerkte gevoelens het. Sy noem dat haar "kop soms op 'n ander planeet is". Sy noem dat sy soms begin dink as sy stilsit en dan dink hoekom die beweerde oortreders haar nie doodgemaak het nie. Volgens Mischka is dit wanneer sy so dink dat die beweerde oortreders haar pla. Sy noem dat sy wonder waarom Jesus dan twee soorte mense gemaak het as hulle sulke goed doen. Volgens Mischka kan sy nie vergeet nie en die hofsak werk op haar senuwees. Volgens Mischka dink sy dieselfde ding oor en oor. Sy gee erkenning daaraan dat dit nie net mans is wat goed verkeerd doen nie en dat daar vroue is wat ook goed verkeerd doen. Sy probeer ook die situasie van die beweerde oortreders se kant af beskou en probeer indink as sy 'n man was en een van

	hulle susters sou verkrag het, wat hulle dan sou doen. Sy wonder dan of hulle dink hulle is "hoër" omdat hulle mans is. Mischka noem dat haar hart sag is en dat sy weet sy maak ook foute.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mischka se neef was in 'n motorongeluk.	Sy toon weerstand om weer skool te gaan en wil nie daarvoor praat nie, noem net dat dit haar besluit is. Vermoogkontak en geslote houding.
Baie goeie verhouding met haar ouma. Haar nuwe vriend is ook beskermend oor haar en sy ingenome daarmee.	Op Mischka se voorgrond is die voorval en dat sy terugdink daaraan.

7.6.3.12 Verloop van sessie dertien en veertien. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser neem Mischka tydens sessie dertien na 'n organisasie "Hands" wat kralewerk doen om die moontlikheid van werk te ondersoek. Mischka noem dat sy baie beïndruk is met die werk wat die organisasie doen en het haar naam op die waggly gesit. Die navorser betrek Mischka tydens sessie veertien by die aktiwiteit: "Onvoltooide sinne", (sien punt 6.2.3.4.). Mischka kry nagmerries en terugflitse van die voorval. Volgens Williams & Poijula (2002:58) kan drome oor die traumatiese gebeure soms inligting aan die slagoffers gee oor wat gebeur het.

Tabel 7.52: Kwalitatiewe data van sessie veertien met Mischka Beukes

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Energievlakke neem af soos vertel van terugflitse van die beweerde oortreders en haar behoefte om skool toe te gaan, maar aan einde van sessie is dit weer gelig.	"... ek wil so graag skool toe gaan. Ek wens ek kan skool toe gaan. Ek wens dit kon net omgedraai wees. Ek sal nooit teruggaan nie, ek wil nie hulle gesigte sien nie. Een aand toe ek slaap, toe kry ek hulle gesigte voor my, toe kon ek glad nie slaap nie."
By die huis toon sy tekens van onttrekking, want in die onvoltooide sinne word dit duidelik dat sy stil en eenkant wil sit.	"...maar ek is anders. Ek is nie lief vir loop nie, want loop ek dan kom daai kinders (beweerde oortreders) weer om die draai. Ek voel of ek my met die mes kan steek. Ek vergeet van alles en net skielik dan onthou ek alles of sien hulle gesigte. Ek kan nêrens loop nie, dan kan ek hulle kry."
Wanneer dit egter moeilik raak vir haar om oor iets te praat, soos haar wens om skool te gaan en niggie wat haar polse gesny het, kyk sy net vorentoe en verbreek oogkontak.	"Ek mis my juffrou, ek het haar vertrou." "Ek is baie stil en saggeard en luister as my ma en pa met my praat."
	"Ek het gehoor hoe sê die een beweerde oortreder se ma vir my tante dat ek haar seun aangegee het. Ek was by my tante se huis."

	Die beweerde oortreder se ma het my uitgeskel toe sy hoor ek is by my tante se huis. Ek het nie my ma gesê nie, want ek weet my ma gaan sê ek het eerste begin. Ek het net stilgebly.”
	Vanuit die onvoltooide sinne kom selfmoordgedagtes na vore. Mischka vertel ook van haar niggie wat oorlede is. Sy het haar polse gesny, want sy was ook ‘n slagoffer van verkragting.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mischka mis haar juffrou wat sy eerste vertel het van die voorval, asook haar skool.	Op Mischka se voorgrond is die terugflitse en nagmerries wat sy van die beweerde oortreders kry.
Aangesien sy nie meer skool bywoon nie en bang is om in die strate te loop, het sy nie baie kontak met haar omgewing nie.	Sy toon weerstand om terug te gaan skool toe, want sy vrees die beweerde oortreders.

7.6.3.13 Verloop van sessie vyftien en sestien: Mischka

Die navorser neem Mischka tydens sessie vyftien na haar juffrou by die skool. Mischka se juffrou wil graag vir Mischka sien ten einde haar vrese ten opsigte van skoolbywoning te probeer uitsorteer. Sy is bereid om kinders wat skinder aan te spreek. Mischka noem dat dit vir haar ‘n verligting is om te hoor dat twee van die beweerde oortreders geskors is en dat sy bly is dat sy kan teruggaan. Tydens sessie sestien lig Mischka die navorser in dat sy besluit het om te gaan werk en nie terug te gaan skool toe nie. Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteit: “My veiligheid”, (sien punt 6.2.1.2.). Die beweerde oortreders het Mischka na die verkragting gedreig. Dreigemente kan vrees by die adolessent tot gevolg hê (Gil, 1991:5).

Tabel 7.53: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Mischka Beukes

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy is baie meer selfversekerd oor haarself en haar toekoms. Kom ook minder bang voor as voorheen.	Sy noem dat die smokkelhuise en die plekke waar die dagga verkoop word, plekke in die gemeenskap is waar dit nie veilig is nie. Sy maak van ‘n metafoor gebruik en verduidelik dat daardie plekke soos ‘n magneet is en as sy eers daar was, kan jy nie wegbly nie. Sy is van mening dat as jy eers betrokke raak in die misbruik van dwelms, jy nie maklik daaruit kom nie.
Mischka is op haar gemak saam met die navorser en gee baie goeie samewerking. Sy is spontaan en geniet ooglopend die een-tot-een aandag.	Sy verduidelik dat wanneer sy alleen loop sy steeds bang is dat sy in die beweerde oortreders kan vasloop.

KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het 'n goeie verhouding met haar suster.	Op Mischka se voorgrond is dat sy wil gaan werk asook die nuwe vriend wat sy ontmoet het en van hou.
Sy en haar jonger broer baklei baie.	Weerstand om terug te gaan skool toe. Sy het besluit om te gaan werk.

7.6.3.14 Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteit: “Meryl se storie”, (sien punt 6.2.4.1.). Volgens Mischka was die omkeerpunt in haar lewe toe sy haar juffrou vertel het. Een van die grootste vrese wat slagoffers van seksuele misbruik kan ervaar, is om die seksuele misbruik te onthul (Benedict, 1994:190).

Tabel 7.54: Kwalitatiewe data van sessie sewentien met Mishcka Beukes

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy praat selfversekerd. Sy was voorheen baie ingetoë, maar kom nou gelukkiger en meer selfversekerd voor.	Mischka lig die navorser in dat sy Maandag begin werk het en sy is baie opgewonde daaroor.
Baie goeie belangstelling en deelname aan bespreking.	Erkenning dat sy haar woede soms op haar broer uithaal. Volgens Mischka was sy teruggetrokke na die voorval en het soms op haar bed gelê en huil. Volgens Mischka het sy ook aanvanklik gevoel dat sy nie beheer oor haar emosies het nie en wou net wegkom van die “aarde.”
Daar is tog 'n onderliggende aggressie wat volgende week aandag sal geniet.	Mischka noem: “... jy moet probleme in die gesig staar en moet dit hanteer.”
Sy trek mooi aan en versorg haarself goed.	Mischka maak van die metafoer van 'n bandspeler gebruik en noem dat wanneer sy die beweerde oortreder sien dit soos 'n bandspeler is wat weer aangeskakel word.
	Sy noem dat sy vir ongeveer 'n week stilgebly het oor die verkragting, want sy het gedink dat sy nie geglo sal word nie. Sy was ook bang vir die beweerde oortreders se dreigemente na die voorval. Sy was aanvanklik spyt na onthulling weens al die gevolge (sy het skool verlaat), maar besef nou dat “jy nie 'n moordkuil van jou hart moet maak nie.”
	Mischka verduidelik dat sy gevoel het dis haar skuld, toe die beweerde oortreders so met haar “aangegaan” het na die voorval. Sy besef egter nou dat dit nie haar skuld was nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy noem dat sy ook skrikkerig is wanneer haar seunsvriend aan haar vat en skrik as hy	Sy ervaar steeds kwaadgevoelens wat haar verbind met beweerde oortreders. Die

haar 'n drukkie gee. Volgens haar weet hy van die voorval maar word soms kwaad vir haar dan raak sy stil.	voorval is nog op haar voorgrond. Sy toon weerstand om terug te gaan skool toe en het begin werk.
---	---

7.6.3.15 Verloop van sessie agtien. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteit: “Sintuie van my liggaam”, (sien punt 6.2.2.3.). Volgens Blom (2004:19) is gesonde kontak die individu se vermoë om kontak met die omgewing te maak deur gebruik te maak van haar sintuie, bewustheid van en die geskiktheid van haar liggaam, die vermoë om emosies op ‘n gesonde manier uit te druk en die gebruik van intellek op verskeie maniere om idees, denke en behoeftes uit te druk.

Tabel 7.55: Kwalitatiewe data van sessie agtien met Mischka Beukes

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy is mooi aangetrek en versorg.	Mischka noem dat sy skrikkerig gevoel het voor die voorval weens die inligting wat sy gekry het met behulp van haar sintuie, maar sy het haar telkens verseker dat die saalbyeenkoms al seker verby is en dat die kinders gaan opkom klas toe.
Sy maak goeie oogkontak. Sy kom in ‘n ligte luim voor. Sy druk haar opinies selfversekerd uit.	Voor die voorval het sy geruik dat die beweerde oortreder dagga rook en volgens Mischka was sy bang dat haar onderwysers sal dink dat sy ook dagga gerook het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mischka mis haar skool en onderwysers.	Geen weerstand om te praat oor watter inligting sy ontvang het met behulp van haar sintuie voor die voorval nie.
	Op Mischka se voorgrond is die bespreking oor watter inligting sy ontvang het met haar sintuie voor die voorval.

7.6.3.16 Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by die bespreking van die eienskappe van ‘n goeie verhouding en die hartsnaaraktiwiteit, (sien punt 6.2.5.1.).

Tabel 7.56: Kwalitatiewe data van sessie negentien met Mischka Beukes

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
---	---

Sy is mooi aangetrek en haar hare lyk mooi.	Mischka noem dat geen verhouding slegs op liefde kan oorleef nie en dat ander aspekte soos respek 'n groot rol speel.
Mishcka skryf op die hartsnaaraktiwiteit in dat haar broer en ouma die naaste aan haar is, en in die volgende hartsnaar ook naby aan haar, is haar ouers, suster en vriende.	Mischka wil baie graag gaan werk by "Hands"
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Volgens Mischka beskik haar verhouding met haar ouma oor die eienskappe van 'n goeie verhouding.	Op Mischka se voorgrond is haar oupa wat na bewering alkohol misbruik en dat dit haar ouma se gesondheid benadeel.
Volgens Mischka het sy nie 'n goeie verhouding met haar oupa nie, want hy misbruik alkohol en sy vriende misbruik hom deur sy geld te gebruik. Sy gedrag benadeel volgens Mischka haar ouma se gesondheid.	Weerstand om terug te gaan skool toe; sy wil gaan werk.
Volgens Mischka is sy en haar vriende soos 'n "company", hulle doen dinge saam.	

7.6.3.17 Verloop van sessie twintig. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteit: "Kleivoorstellings", (sien punt 6.2.1.8.). Klei stel die adolessent in staat om kreatief te wees en laat die adolessent toe om 'n wye verskeidendheid emosies uit te druk (Oaklander, 1988:69).

Tabel 7.57: Kwalitatiewe data van sessie twintig

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Mischka kom gelukkig voor. Sy doen moeite met haar voorkoms en trek mooi aan.	Mischka noem dat sy bangerig voel vir die komende hofsak.
Sy maak 'n vrugtemandjie met klei in om gelukkig uit te beeld.	Sy verduidelik dat 'n vrugtemandjie as 'n geskenk aan iemand gegee kan word en die persoon gelukkig kan laat voel.
Sy maak twee groot en twee klein rotse om hartseer uit te beeld.	Sy verduidelik dat mens nie jou gevoelens moet opkrop nie en selfs met die natuur kan praat en uiting aan gevoelens gee.
Sy maak twee slange.	Sy vertel van 'n televisieprogram oor slange.
Sy maak 'n driehoek om kwaad uit te beeld.	Sy verduidelik dat leuens haar kwaad maak asook as mense steel.
	Mischka noem dat probleme nie vanself weggaan nie en dat dit meer effektief is indien jy dit in die gesig staar en hanteer.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Goeie verhouding met vriende.	Op Mischka se voorgrond is dat 'n persoon jou probleme in die gesig moet staar en moet hanteer.
	Geen weerstand tydens sessie nie.

7.6.3.18 Verloop van sessie een-en-twintig. Teenwoordig: Mischka.

Die beweerde oortreder het vir Mischka in die straat toegesnou dat hy haar gaan vermoor as hy haar kry. Sy spreek die wens uit dat hy deur die polisie gewaarsku moet word. Volgens Fox (1996:6) is 'n traumatiese komponent van seksuele misbruik die magteloosheid wat deur die kind ervaar word, aangesien sy totale onvermoë om die oortreder se gedrag te beïnvloed, ervaar. Mischka verduidelik dat sy besluit het om die saak terug te trek, weens haar ma se gesondheid, pyn wat sy op haar hart kry, en omdat dit een van die dae Kersfees is. Volgens Mischka wil sy aangaan met haar lewe, maar die beweerde oortreder maak dit nie moontlik indien hy in die straat al die goed aan haar skree nie.

Tabel 7.58: Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Mischka.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Michelle lyk ongelukkig en hartseer terwyl haar tante vertel van die beweerde oortreder se ma se besoek aan hulle. Sy vermy oogkontak.	Mischka vertel dat ma haar "uitgeskel" het en gesê het: "...jy moet terug fok skool toe". Sy noem dat sy voel: "...kan ek nie doodgaan nie," as haar pa vloek. Volgens Mischka "skel" hy soms dat sy nie sy kind is nie en dan dink sy sommer baie goed.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die een beweerde oortreder het Mischka lelike name en woorde toegesnou in die publiek.	Op Mischka se voorgrond is die verhoudingsprobleme tussen haar en haar pa.
Verhoudingsprobleme tussen Mischka en haar pa. Haar neef is oorlede.	Die voorval met die beweerde oortreder in die straat is ook op haar voorgrond.

7.6.3.19 Verloop van sessie twee-en-twintig. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteit: "Vertroue", (sien punt 6.2.4.2.). Die impak van verraad is baie keer uitermatige woede, wat net so vreesaanjaend deur die kind ervaar kan word as deur ander op wie die adolessent haar woede uithaal (Bannister, 1998:12).

Tabel 7.59: Kwalitatiewe data van sessie twee-en-twintig

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Mischka hou daarvan om haar opinies uit te druk en te gesels oor wat gebeur het gedurende die week. Heeltemal in kontras	Sy vertel dat daar 'n begrafnis was en druk haar teleurstelling in die mense uit wat drink na 'n begrafnis.

met hoe sy aanvanklik voorgekom het, sy was toe baie stil en het min oogkontak gemaak.	
Goeie energievlakke en oogkontak.	Volgens Mischka is vertrou vir haar wanneer sy haar hart op iets sit (risiko loop om dit te doen) en om te glo in die ander persoon. Mischka identifiseer drie van haar vriende as die persone wat sy vertrou en verduidelik waarom sy hulle vertrou.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mischka het drie goeie vriende wat sy vertrou.	Op Mischka se voorgrond is 'n meisie in die straat wat haar uitvloek sonder rede.
Daar is 'n meisie wat in dieselfde straat as hulle woon wat Mischka gevloek het sonder 'n verklaarbare rede.	Geen weerstand tydens sessie nie.

7.6.3.20 Verloop van sessie drie-en-twintig. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteit: “Die Liefdestale,” (sien punt 6.2.5.3.). Sy voel dat fisiese aanraking nie vir haar so belangrik is nie, maar solank die drukkie uit liefde gegee word en nie met ander bybedoelinge nie.

Tabel 7.60: Kwalitatiewe data van sessie drie-en-twintig

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy maak goeie oogkontak en druk haarself goed verbaal uit.	Mischka maak die stelling: “My hart verlang om skool toe te gaan.” Mischka sê sy voel dat haar broer vir haar part ook leer by die skool wanneer hy sy skoolklere aantrek.
Sy toon belangstelling en neem aktief deel aan besprekings.	Volgens Mischka het sy na die voorval gevoel sy wil net doodgaan, maar die navorser en familielid het haar daardeur gehelp.
Sy kom minder kwesbaar voor en is meer in staat om vir haarself op te staan.	Sy noem dat wat die beweerde oortreders teenoor haar gedoen het, verkeerd was.
	Sy identifiseer kwaliteittyd as haar primêre liefdestaal.
	Volgens Mischka word sy nie meer so gou kwaad soos altyd nie, maar wanneer sy kwaad word, sê sy goed wat sy nie bedoel nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het met die suster by die kliniek gepraat oor die moontlikheid van aandskool en sal dit oorweeg.	Sy toon steeds 'n hunkering om terug te gaan skool toe, maar weens haar weerstand, wil sy eerder aandskool oorweeg.
	Haar behoefte om skool toe te gaan is steeds op haar voorgrond.

7.6.3.21 Verloop van sessie vier-en-twintig. Teenwoordig: Mischka en mev. Beukes.

Volgens mev. Beukes praat Mischka nou met haar wanneer iets haar pla en noem dat Mischka nou ontwikkel het in 'n tiener. Sy toon begrip dat tieners eksperimenteer, maar sy noem dat sy vir Mishcka vertrou. Mev. Beukes is van mening dat Mishcka 'n nuwe begin by 'n nuwe skool moet maak. Volgens mev. Beukes het Mischka die beweerde oortreder van die eerste saak se vrou geklap toe die vrou haar gevloek het. Sy het Mischka na die vrou geneem om om verskoning te vra en het vir haar verduidelik dat geweld niks beter maak nie. Mischka is stiller wanneer haar moeder by is. Mischka spreek die wens uit om liewer na die aandskool te gaan.

7.6.3.22 Verloop van sessie vyf-en-twintig en ses-en-twintig. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka tydens sessie vyf-en-twintig by die aktiwiteit: "Weersverslag", (sien punt 6.2.1.7.). Die navorser gee aan Mischka die geleentheid om te ventileer oor haar gevoelens rondom haar vriend wat oorlede is. Sy geniet die kralewerk wat sy doen en haar vriendin verkoop dit by die skool. Sodoende maak hulle almal sakgeld waarmee hulle nou 'n krans kan koop vir haar vriend se begrafnis. Tydens sessie ses-en-twintig betrek die navorser Mischka by die aktiwiteit: "Hantering deur die professionele persone," (sien punt 6.2.3.9.).

Tabel 7.61: Kwalitatiewe data van sessie ses-en-twintig met Mishcka Beukes

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy maak goeie oogkontak, het egter oogkontak vermy toe sy praat oor die begrafnis van haar vriend wat vir haar 'n moeilike ervaring was.	Sy vertel eerste van haar ervaring met die ondersoekbeampte en gee haar tien uit tien vir haar optrede. Sy het ook 'n baie goeie ervaring ten opsigte van haar eerste rapport, haar juffrou. Mischka gee haar ook tien uit tien vir haar optrede. Haar ervaring van die terapie is ook positief en sy gee die navorser ook 10 uit 10. Sy gee die staatsaanklaer nege uit tien.
Sy vertel navorser van haar vriend se begrafnis en lyk hartseer daarvoor. Sy noem dat hulle hom mis en dat hulle Sondagaand by sy ma was.	Sy noem dat sy bang was toe sy na die polisiestasie gegaan het. Mischka noem dat sy die dokter moes gaan sien het na die voorval ten einde medikasie te kry vir die beskerming teen seksueel oordraagbare

	siektes asook vir bewyse vir die hofsak.
	Sy noem dat haar juffrou en die terapeut se hantering van die saak haar gelukkig laat voel het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Een van haar beste vriende is oorlede in 'n motorongeluk.	Weerstand om terug te gaan skool toe.
Mischka se ervaringe met die polisie, dokter, staatsaanklaer en terapeut was positief.	Die begrafnis van Mischka se vriend is op haar voorgrond.

7.6.3.23 Verloop van sessie sewe-en-twintig. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by die aktiwiteite: "Waar in jou liggaam voel jy kwaadgevoelens?" en "Die verkeersligaktiwiteit," (sien punt 6.2.4.4 en 6.2.4.5.). Slagoffers van seksuele misbruik het 'n geneigdheid om woede te ignoreer of om uit te bars en te reageer wat beide die slagoffers en ander om hulle kan seermaak (Knauer, 2000:83). Volgens Mischka kan sy in die toekoms eerder stilbly en wegloop, vir iemand gaan vertel wat haar kwaad gemaak het of tuin gaan skoonmaak wat haar sal help kalmeer.

Tabel 7.62: Kwalitatiewe data van sessie sewe-en-twintig met Mishcka Beukes

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Haar gesig verhelder en sy lyk opgewonde toe sy vertel van die wetenskapboek wat sy gelees het.	Mischka vertel opgewonde van die wetenskapdagboek wat haar ma vir haar gekoop het met inligting van diere.
Sy maak goeie oogkontak, neem aktief deel aan bespreking en toon belangstelling in die aktiwiteite.	Sy erken dat sy soms haar kwaadgevoelens op onaanvaarbare maniere uitdruk, byvoorbeeld deur passief op te tree, of om te slaan of om te eet.
Sy is in 'n ligte gemoedstoestand.	Volgens Mischka raak sy stil, speel met haar naels of kuis sy haar arms, wanneer sy begin kwaad word.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser het meer inligting oor die aand skool aan Mischka gegee.	Toon weerstand om terug te gaan skool toe.
	Op Mischka se voorgrond is om 'n werk te kry.

7.6.3.24 Verloop van sessie agt-en-twintig. Teenwoordig: Mischka.

Die navorser betrek Mischka by bespreking van die aktiwiteit: "Afspraak verkragting," (sien punt 6.2.5.6.).

Tabel 7.63: Kwalitatiewe data van sessie agt-en-twintig met Mischka Beukes

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Mischka lyk teleurgesteld toe die navorser terminering met haar bespreek.	Volgens Mischka is dit belangrik om 'n tyd vas te stel met jou familie wanneer jy op 'n afspraak gaan en wanneer jy sal terugkom.
Haar energievlakke en gemoed lig weer tydens bespreking van die aktiwiteit. Sy was aanvanklik bietjie afgehaal oor die pos wat reeds gevul was, waarvoor sy wou aansoek doen.	Volgens haar is dit ook belangrik dat jy reëlins met jou ouers moet tref oor waarheen jy gaan. Volgens Mischka kan jy ook met iemand reël om jou te kom haal in plaas daarvan dat die ou jou terugneem, want dan kan hy nie allerhande draaie ry nie.
	Mischka noem dat “dit” wat sy oorgekom het, haar ook baie geleer het. Sy noem dat sy nie drink en rook nie en dat sy baie ingestel is daarop hoe mense na hulle kinders kyk.
	Sy noem dat dit haar baie kwaad maak as mense wat onder die invloed van drank is, dink dat hulle altyd reg is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy was teleurgesteld toe sy uitvind dat die pos waarvoor sy wou aansoek doen, reeds gevul is.	Weerstand om terug te gaan skool toe. Op Mischka se voorgrond is haar soektog na werk.

7.6.3.25 Verloop van sessie nege-en-twintig. Teenwoordig: Mischka en mev. Beukes.

Die beweerde oortreder van die vorige seksuele-misbruiksaak was na bewering onder die invloed van alkohol en het na hulle huis gekom waarna 'n bakleiery ontstaan het. Dit is by die polisie gerapporteer. Michelle was gelukkig nie daar nie.

Tabel 7.64: Mischka se huidige funksionering volgens mev. Beukes

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Gesondheidsgeskiedenis:	Na voorval.	Maagpyn, diarree en kla van knop op die maag (spanning).
	Huidig.	Gesondheid is goed.
Emosionele funksionering:	Na voorval.	Konsentrasie swak. Stil, teruggetrokke en onttrek. Raak gou kwaad. Hartseer en bang om alleen te loop.
	Huidig.	Geen kommer nie. Mischka is 'n introvert, haar ma spreek die wens uit dat sy meer spraaksam moet wees.
Interpersoonlike	Na voorval.	Toon tekens van onttrekking. Verhouding met moeder

verhoudings:		verswak na voorval weens Mischka wat onttrek. Skrikkerig vir mans. Gevoelens van stigmatisasie.
	Huidig.	Verhouding met haar vriende en moeder is goed. Haar moeder het begrip vir haar ontwikkelingsfase en is self nie skaam om as moeder te erken as sy iets verkeerd gedoen of gesê het nie.
Gedragsprobleme:	Na voorval.	Geen. Misbruik nie dwelms of alkohol nie.
	Huidig.	Raak nie meer so erg kwaad nie en was nog nie weer betrokke in 'n bakleiery nie. Geen huidige kommer nie.
Kognisie:	Na voorval.	Nagmerries.
	Huidig.	Geen probleme nie.
Seksualiteit:	Na voorval.	Skrikkerig vir mans.
	Huidig.	Geen probleme nie.
Skoolprestasie:	Na voorval.	Weerstand om terug te gaan skool toe.
	Huidig.	Het skool verlaat weens voorval. Doen kralewerk.
Voorval inligting:	Huidig.	Sy het saak tydelik teruggetrek. Die beweerde oortreders pla haar nie en groet ordentelik wanneer hulle haar sien.
Dissipline:	Na voorval.	Gehoorsaam.
	Huidig.	Gehoorsaam.
Gesinslewe:	Na voorval.	Pa misbruik dwelms. Ouers staan haar goed by dwarsdeur proses.
	Huidig.	Gaan goed. Ouers staan haar goed by dwarsdeur proses.


7.6.3.26 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram

Die voortoets het daarop gedui dat Mischka se selfpersepsie en trauma-dinamika soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Mischka se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die natoets het daarop getoon dat Mischka se

selfpersepsie en trauma-dinamika nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.


Mishcka se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die Selfpersepsiefaktore) is 18% en haar vorige telling tydens die voortoets was 55%. Sy het goeie vordering gemaak aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is. Al Mishcka se selfpersepsietotale het goed afgeneem en almal behalwe haar angstigheidtelling is onder die aanbevole gebied. Haar angstigheidtelling het afgeneem vanaf 59 na 40, en dui dus nog op 'n behoefte vir verandering aan. Die navorser skryf haar hoë angstigheidtelling daaraan toe dat sy voorheen al 'n slagoffer van seksuele misbruik was, waartydens twee mans (bekend aan haar), haar op straat vasgehou en betas het. Die laaste voorval van seksuele misbruik het by die skool plaasgevind. Met ander woorde sy was telkens 'n slagoffer van seksuele misbruik by plekke waar ander aanneem 'n persoon veilig sal wees, naamlik in die publiek en by die skool. Sy is daarom steeds bang om alleen rond te loop weens bogenoemde redes en ook omdat sy die beweerde oortreders kan raakloop, asook om te getuig in die hangende hofsake. Mischka se vorige hofsak kom komende Maandag voor. Die saak teen die skoolseuns het sy tydelik teruggetrek.

Figuur 7.5: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie



Mischka se huidige algehele Traumadinamika-puntetotaal (die gemiddelde van al die Selfpersepsiefaktore) is 10% en haar vorige telling tydens die voortoets was 44%. Sy het goeie vordering gemaak aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is. Mischka se trauma-dinamika-totale het baie goed afgeneem, en almal is onder die aanbevole gebied. Daar is 'n goeie verbetering in haar hulpeloosheidtelling.

Figuur 7.6: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika



7.6.3.27 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindings

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindings komplementeer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die speltherapieprogram Mischka se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het. Mischka het tydens aanvang van terapie meestal oogkontak verbreek, teruggetrokke voorgekom en stil gebly en afgekyk wanneer bedreigende aspekte bespreek is. Sy was hulpeloos en gefrustreerd met haar situasie, en het ambivalente gevoelens ervaar ten opsigte van haar skoolopleiding. Aan die een kant wou sy graag teruggaan, maar aan die ander kant het sy baie weerstand getoon om terug te gaan.

Na afloop van dienslewering, was Mischka baie spontaan en het dadelik die navorser ingelig omtrent gebeure in haar lewe. Sy het 'n finale besluit geneem om nie terug te gaan skool toe nie, maar het kralewerk vanaf die huis begin doen en het dit verkoop. Mischka se familie het haar deurgaans ondersteun na onthulling en sy het verantwoordelikheid geneem deur getrou haar terapeutiese sessies by te woon. Die onderhoude met mev. Beukes het ook daarop gedui dat Mischka positiewe veranderinge getoon het weens die terapeutiese dienste wat gelewer is. Mischka toon huidig geen gedragsprobleme nie.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Mischka en haar moeder gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel en om te bepaal of dit steeds goed gaan met Mischka. Beide was dit eens dat dit goed gaan met Mischka en dat geen verdere dienste benodig word nie. Die navorser handhaaf 'n oop-deur beleid. Beide Mischka se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenteer aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapiëprogram Mischka se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het.

7.6.4 Biografiese inligting van gevallestudie vier: Gillian Johnson

Naam van die adolescent: Gillian Johnson

Kultuurgroep: Kleurling

Ouderdom: 15 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die gesin: Vier

Huistaal: Afrikaans

7.6.4.1 Agtergrondinligting van Gillian Johnson

Gillian is in haar tante se sorg op 'n privaatreëling. Sy het by haar ma vir die naweek gaan kuier toe die voorval plaasgevind het. Sy en haar vriende het iemand gaan soek by 'n smokkelhuis. Teen halfagt die aand het sy haar vriende daarop gewys dat sy huis toe moet gaan. Hulle het saam met haar gestap tot by die stalletjies en sy moes van daar af alleen tot by die huis stap. Twee mans het agter haar aangeloop en die een het haar teruggeruk. Hulle het haar na 'n veldjie geneem waar een haar verkrag het. Hy het haar ook geskop. Hulle het drank in haar mond gegooi en 'n sigaret in haar mond gedruk. Sy het haar ma vertel wat gebeur het toe sy by die huis kom.

7.6.4.2 Impak van die beweerde seksuele misbruik op Gillian volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Gillian se voog, mev. Koen.

Mev. Koen gee skriftelike toestemming vir Gillian se deelname aan die navorsing.

Tabel 7.65: Agtergrondgeskiedenis van Gillian Johnson

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkelingsgeskiedenis:	Ma en stiefpa uitmekaar. Ma begin drink.	Gillian en suster kom woon by hulle tante.
	Swangerskap was onbeplan, moeder was nie gelukkig daarvoor nie.	Gillian ken nie haar pa nie
	Normaal geboorte geskenk.	Goed verloop.
	Geen ongelukke of vorige tramatiesse gebeure nie.	Geen.
Gesondheidsgeskiedenis:	Voor voorval.	Goed.
	Na voorval.	Probleme om te slaap.
Emosionele funksionering:	Voor voorval.	Sterk persoonlikheid.
	Na voorval.	Tekens van onttrekking, stiller en hartseer. Gillian het die opmerking gemaak: "Ek is nie meer lus om te lewe nie." Gillian ervaar skuldgevoelens.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor voorval.	Gaan kuier by ma naweke.
	Na voorval.	Tekens van onttrekking. Gaan nie meer na ma naweke nie omdat voorval in daardie gebied plaasgevind het. Min vriende. Stigmatisasie, Gillian voel die mense kyk na haar na die voorval en sy voel anders as ander kinders.
Gedragsprobleme:	Voor voorval.	Gehoorsame kind.
	Na voorval.	Gehoorsame kind.
Kognisie:	Voor voorval.	Geen probleme nie.
	Na voorval.	Nagmerries.
Seksualiteit:	Voor en na voorval.	Praat oor seksualiteit. Geen probleme nie.
Skoolprestasie:	Voor voorval.	Vorige skoolverslag was nie goed nie.
	Na voorval.	Skoolbywoning is goed.
Voorvalinligting:	Voorval.	Sy en Gillian het nog nie oor voorval inligting gepraat nie.
Dissipline:	Voor en na voorval.	Sy raas en hok Gillian

		wanneer sy ongehoorsaam is.
Gesinslewe:	Voor voorval.	Gelukkige by haar tante.
	Na voorval.	Gelukkig by haar tante. Haar ma moet nou by haar kom kuier, want Gillian wil nie meer na die gebied gaan waar die voorval plaasgevind het nie.

7.6.4.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Gillian Johnson.

Die navorser betrek Gillian by die aktiwiteit: “Die lewenslyn,” (sien punt 6.2.1.1.). Individuele terapie is relevant om gesonde verhoudingsinteraksies te modelleer en sodoende die adolessent met ‘n meer optimistiese siening van die potensiaal van menslike verhouding te voorsien (Gil, 1996:188).

Tabel 7.66: Kwalitatiewe data van sessie een met Gillian Johnson

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Gillian is aanvanklik stil en kom skaam voor, maar glimlag vriendelik.	Volgens Gillian was die jaar wat haar ma en stiefpa getrou het, ‘n slegte jaar, want haar ma het alkohol misbruik.
Sy ontspan gou tydens aktiwiteit en gee spontaan inligting.	Dit is vir haar sleg dat haar ma in die Xhosa-woonbuurt bly en sy wil weens die voorval nie meer na daardie gebied gaan nie.
Goeie oogkontak.	Sy gee baie nie-bedreigende inligting van die verskillende skole wat sy al bygewoon het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Goeie verhouding met haar tante by wie sy woon.	Gillian toon weerstand om na die gebied te gaan waar haar ma woon omdat die voorval daar plaasgevind het. Dit is ook op haar voorgrond.
	Sy ervaar negatiewe gevoelens en wantroue teenoor swartmense omdat die beweerde oortreders swartmense was.

7.6.4.4 Verloop van sessie twee en drie. Teenwoordig: Gillian Johnson.

Voltooi die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool. Voltooi die vraelys se vrae aanvanklik stadig en deurdink eers die vrae voordat sy dit antwoord. Ten einde ‘n effektiewe terapeutiese intervensie te struktureer, is dit noodsaaklik dat die terapeut moet begin met ‘n begrip vir die sielkundige impak van die seksuele misbruik op die individuele kind (Killian & Brakarsh, 2004:367). Gillian spreek die wens uit dat die voorvalinligting nie met haar tante gedeel moet word nie. Die navorser betrek Gillian

tydens sessie drie by die aktiwiteit: “Liggaamgevoelens,” (sien punt 6.2.1.5.). Gillian is ontsteld oor ‘n familielid wat vir ander mense van die voorval vertel het. Dit voel nou vir haar of ander mense vir haar kyk. Stigmatisasie verwys na die negatiewe konnotasies wat gekommunikeer word aan die kind oor die ervaringe wat dan geïnkorporeer word in die kind se selfbeeld (Webb, 1999:110).

Tabel 7.67: Kwalitatiewe data van sessie drie met Gillian Johnson

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Haar hare is mooi versorg.	Gelukkig. As ek by my vriende en as ek by my familie is.
Sy maak oogkontak.	Hartseer. Oor dit wat gebeur het.
Alhoewel sy soms sku en skugter voorkom, is daar tog ook 'n selfversekerde sy van Gillian wat deurskemer.	Kwaad. Sy verduidelik dat haar nefie se vrou vir almal op die plaas vertel het van die voorval. Daar is een meisie in haar skool van daardie plaas wat haar nou aankyk asook die meisie se vriende.
Sy sal nie spontaan net praat en vertel van gebeure nie, maar reageer goed op vraagstelling.	Skuldgevoelens. Dat ek nie my vriende vertel het nie, want ek is bang hulle vertel weer vir iemand anders.
Haar oë het bietjie tranerig geword tydens bespreking van gevoelens, toe sy kontak maak met haar gevoelens.	Bekommerd. Gaan hulle (beweerde oortreders) gevang word?
	Spyt. Spyt ek het na my ma gegaan daardie naweek.
	Bang. Vir die mense wat dit gedoen het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy was by die hospitaal vir haar opvolg MIV-bloedtoets.	Op Gillian se voorgrond is die voorval en stigmatisasie.
Sy bly nie in dieselfde gemeenskap as die beweerde oortreders nie, want die voorval het in ‘n ander woongebied plaasgevind.	Weerstand dat enige iemand van die voorval moet praat, weens haar vrees vir stigmatisasie.

7.6.4.5 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser betrek Gillian by die aktiwiteit: “Gunsteling dinge” en “My naam,” (sien punt 6.2.3.2 en 6.2.3.3.). Die navorser betrek haar by bespreking oor haar naam. Een van die gevolge van seksuele misbruik is ‘n lae selfbeeld en ‘n gevoel van waardeloosheid (Doyle, 1994:209).

Tabel 7.68: Kwalitatiewe data van sessie vier met Gillian Johnson

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy kom meer op haar gemak, spontaan en vrolik voor. Goeie oogkontak.	Sy noem ook dat sy belangstel in “fashion” en graag eendag in daardie lyn wil gaan werk. Sy hou van haar naam, want dit is anders.

Dit was asof die navorser 'n deurbraak gemaak het ten opsigte van die terapeutiese verhouding. Sy is spontaan en het opgewonde deelgeneem aan bespreking van die aktiwiteite.	Sy onthou dat sy baie sleg gevoel het en kwaad geword het toe die kinders haar geterg het. Die kinders het haar "Thandi" genoem na 'n kuns-en-kultuur opvoering oor die "cremora" advertensie. Sy het nie daarvan gehou nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy sal gaan uitvind na wie sy vernoem is en wie haar naam gekies het.	Op haar voorgrond is die aktiwiteite en vrae ten opsigte van haarself.
	Geen weerstand tydens sessie ervaar nie.

7.6.4.6 Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser en Gillian besoek die hof, vir hofvoorbereiding, (sien punt 6.2.2.7.). Om getuie te lewer by die hof is 'n stresvolle ervaring vir 'n getuie (Müller, 2000:68).

Tabel 7.69: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Gillian Johnson

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy kom in 'n ligte luim voor.	Gillian spreek die wens uit om in die kindervriendelike kamer te getuig indien sy moet getuig.
Gillian is nie 'n kind wat sommer net spontaan sal praat nie, maar vandag het sy vir die eerste keer spontaan iets vir die navorser van haar sussie vertel.	Sy skryf: "Ek is bang die twee mans gaan nie gevang word nie," en "Ek is bekommerd dat hulle nie die nagevolge sal dra nie." en "Ek is senuweeagtig omdat ek nog nooit in die hof betrokke was met enige iets nie."
Sy is pragtig aangetrek. Gillian is stil, maar reageer goed op direkte vraagstelling.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy en haar ouma gaan by familie in die Paarl kuier die komende vakansie.	Op voorgrond is haar vraag of die beweerde oortreders gearresteer is.
Besoek die hof.	Weerstand om in die oop hof te getuig.

7.6.4.7 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser betrek Gillian by die aktiwiteit: "Onvoltooide sinne," (sien punt 6.2.3.4.). Sy ervaar egter skaamgevoelens oor die voorval. Een van die emosies wat slagoffers van seksuele misbruik ervaar en wat dikwels voorkom, is skaamte (Williams & Poijula, 2002:116).

Tabel 7.70: Kwalitatiewe data van sessie ses met Gillian Johnson

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Gillian lyk teleurgesteld toe die navorser haar inlig dat die beweerde oortreders nog nie	"Ek is gelukkig," "Ek voel reg om aan te gaan met my lewe" en "Ek weet ek kan my

gearresteer is nie.	skoolloopbaan voltooi.”
Gillian kom oor die algemeen gelukkig voor en is mooi versorg.	“My gevoelens word seergemaak wanneer mense agter my rug praat.”
	“Ek voel veilig wanneer ek in die huis, saam met my familie is” en “Ek is bly om ek te wees, want ek is lief vir myself.”
	“Ek voel skaam wanneer mense my vra oor wat gebeur het” en “Niemand verstaan die situasie nie.”
	“Wanneer ek groot is, wil ek ver van my familie af bly, en my eie probleme oplos en nie na my familie hardloop nie.”
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Gillian het ‘n baie lekker vakansie by haar familie in die Paarl gehad.	Op haar voorgrond is die ondersteuning wat sy ontvang van haar vriende en familie.
Sy skryf in die onvoltooide sinne dat haar ma ‘n lieflike mens is.	Geen weerstand tydens sessie nie.

7.6.4.8 Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser betrek Gillian by bespreking van die aktiwiteit: “Meryl se storie,” (sien punt 6.2.4.1.). Gillian noem dat sy skuldgevoelens ervaar het weens haar kleredrag die aand van die voorval. Slagoffers van seksuele misbruik voel baie keer verantwoordelik vir die seksuele misbruik en blameer hulleself (Conradie, 2000:12).

Tabel 7.71: Kwalitatiewe data van sessie sewe met Gillian Johnson

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Gillian lyk in ‘n goeie gemoedstoestand.	Gillian noem dat sy skuldgevoelens ervaar het weens haar kleredrag die aand van die voorval.
Sy praat openlik met die navorser oor die impak wat die seksuele misbruik op haar gehad het.	Sy ervaar probleme om seuns te vertrou. Volgens Gillian het sy aanvanklik onttrek en het gehuil na die voorval, maar nie nou meer nie.
Sy kom selfversekerd voor en gee erkenning aan haar vordering en heling tot op datum.	Volgens Gillian het sy die seksuele misbruik dadelik onthul omdat sy bang was dat sy kan siek word.
	Gillian erken dat sy haar kwaadgevoelens na die voorval op haar sustertjie gerig het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy sien uit daarna om Desember vakansie weer na haar familie in die Paarl te gaan.	Die impak van die voorval op haar, is op haar voorgrond.
	Geen weerstand nie.

7.6.4.9 Verloop van sessie agt. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser betrek Gillian by die aktiwiteit: “Die reaksies van belangrike persone na onthulling van die seksuele misbruik,” (sien punt 6.2.2.1.). Haar ma was die eerste persoon wat sy ingelig het en haar ma het haar geglo. Een van die grootste vrese wat adolessenteslagoffers van seksuele misbruik kan ervaar, is om hulle ouers van die seksuele misbruik te vertel (Benedict, 1994:190). Die navorser betrek Gillian daarna by die aktiwiteit: “Hantering deur die professionele persone,” (sien punt 6.2.3.9.). Sy teken dat sy bly is om na die navorser te kan kom om oor die voorval te kan praat.

Tabel 7.72: Kwalitatiewe data van sessie agt met Gillian Johnson

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy kom gemaklik voor en in ‘n goeie gemoedstoestand. Goeie oogkontak.	Volgens Gillian het haar ma gesê dat sy nie moet was voor die medies nie. Haar ma het hartseer gelyk. Haar ma het suikerwater vir haar gemaak en het die bure gevra om die polisie te bel, maar hulle het nie lugtyd gehad nie. Hulle het daarom die volgende oggend na die polisiestasie gegaan. Volgens Gillian kon sy nie slaap nie.
Gillian teken dat sy hartseer en bly gevoel het oor haar tante by wie sy bly se reaksie. Sy verduidelik dat sy hartseer gevoel het, want haar tante is “baie oor haar” en dit het haar ook laat hartseer voel omdat haar tante hartseer gevoel het. Aan die ander kant is sy ook bly dat haar tante haar bygestaan het.	Volgens Gillian het haar ma haar vriendin ingelig. Die vrou het dit dadelik geglo en vir Gillian gesê dat sy moet sterk wees en het vertel dat dieselfde met haar al gebeur het. Sy het ook hartseer gelyk en vir Gillian ‘n drukkie gegee en bemoedig.
Kom meer selfversekerd en gemaklik voor as aanvanklik.	Haar tante het dit dadelik geglo en het gesê dat sy nie haar kop daarvoor moet breek nie en dat sy daarvoor sal kom. Sy was hartseer. Sy het die bed reggemaak vir Gillian en het gesê dat sy moet lê.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die belangrike mense in haar lewe het positief reageer en opgetree na onthulling van die seksuele misbruik en was goed vir haar helingsproses.	Op haar voorgrond is die inligting wat tydens die aktiwiteit bespreek is.
Gillian verduidelik spontaan dat haar tante by wie sy bly vir haar soos ‘n ma is en dat haar ma vir haar soos ‘n tante is.	Geen weerstand tydens sessie nie.
Haar vriendin van die Paarl gaan kom kuier.	

7.6.4.10 Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser betrek Gillian by die aktiwiteit: “Sintuie van my liggaam,” (sien punt 6.2.2.3.). Gillian het hulpeloosheid ervaar toe die vrouens wie sy om hulp gevra het, haar nie gehelp het nie. Hulpeloosheid verwys na die proses waartydens die kind se wil, begeerte en sin van effektiwiteit heeltemal oortree word (Finkelhor & Brown, 1986:183).

Tabel 7.73: Kwalitatiewe data van sessie nege met Gillian Johnson

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Gillian is in ‘n ligte luim.	Gillian noem dat sy gesien het dat daar ouens agter haar loop die aand van die voorval en sy het aanvanklik gedink hulle loop ook net êrens heen en het nog “allright” gevoel. Toe hulle egter verby die smokkelhuis geloop het, het een vir haar geroep en sy het gedink dat sy nie gaan reageer nie en was bang.
Gillian gebruik haar sintuie goed en het die aktiwiteite wat die gebruik van haar sintuie getoets het, geniet.	Sy het geruik dat die oortreder na drank ruik en het gedink dat hy onder die invloed van alkohol was en was bang. Toe sy naby haar ma se huis was, het hulle haar vasgehou aan haar arms. Sy het geskree.
	Gillian onthul dat swartmense nie bruinmense help nie. Sy vertel dat daar twee vrouens was en sy het vir hulle gesê dat sy nie die mans ken nie. Die vrouens het vir haar gesê dat sy lieg.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Goeie ondersteuning van haar familie.	Op haar voorgrond is die vrouens wat sy om hulp gevra het en wat nie gehelp het nie.
Haar juffrou is baie tevrede met haar gedrag en skoolwerk.	Gillian toon weerstand om swartmense te vertrou weens die voorval, aangesien die vrouens vir wie sy hulp gevra het haar nie gehelp het nie en die beweerde oortreders was swartmense.

7.6.4.11 Verloop van sessie tien en elf. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser neem Gillian tydens sessie tien vir haar opvolg MIV-bloedtoets. Sy kom in ‘n ligte gemoedstoestand voor en is mooi aangetrek. Baie slagoffers van seksuele misbruik vrees dat hulle die MIV/VIGS virus kon opgedoen het as gevolg van die seksuele misbruik (Nevid, Rathus & Greene, 1997:548). Die navorser betrek Gillian tydens sessie elf by die aktiwiteit: “Vertroue,” (sien punt 6.2.4.2.). Gillian vertrou nie die familielid wat ander vertel het van die voorval nie. Die graad van verraad wat die

adolescent ervaar, is nou verwant aan die familie se reaksie op die onthulling (Finkelhor & Brown, 1986:183). Die navorser gee selfbeeldaktiwiteite, (sien punt 6.2.3.5.), aan Gillian om by die huis te voltooi. Trauma kan die positiewe gevoelens wat ‘n persoon van haarself het, uitdaag en lei tot negatiewe denke en emosies van waardeloosheid en om “sleg” te wees (Williams & Poijula, 2002:162).

Tabel 7.74: Kwalitatiewe data van sessie elf met Gillian Johnson

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy is opgewonde terwyl sy die navorser omtrent Kerfees en Nuwe jaar inlig.	Gillian noem dat vertrou vir haar beteken dat sy ‘n geheim vir daardie persoon kan vertel, wat dit nie vir ander sal vertel nie.
Sy het ‘n neusring laat inskiet die vakansie.	Gillian noem dat haar ma na aan haar hart is.
Goeie oogkontak en konsentrasie.	Volgens Gillian is die navorser betroubaar.
	Volgens Gillian vertrou sy nie haar neef se vrou nie, want sy het ander vertel van die voorval.
	Gillian noem dat dit ‘n waarskuwingsteken vir haar sal wees indien ‘n persoon ‘n belofte maak en dit nie nakom nie, en ‘n geheim verklap.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Gillian identifiseer haar ma, vriendin en die navorser as die persone wat sy vertrou.	Op Gillian se voorgrond is haar familielid wat ander vertel het van die voorval.
	Geen weerstand tydens die sessie nie.

7.6.4.12 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser betrek Gillian by die aktiwiteit: “My veiligheid,” (sien punt 6.2.1.2.). Gillian vertel dat sy skoene moes gaan koop het in Somerset-Wes en iemand gevra het om saam met haar te gaan omdat sy bang is vir swartmense in die dorp. Die beweerde oortreders was swartmense. Volgens Webb (1999:110) kan angssimptome voorkom as gevolg van die hulpeloosheid wat die slagoffer ervaar.

Tabel 7.75: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Gillian Johnson

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Gillian kom moeg voor vandag weens video-aand, maar gee goeie samewerking, toon opgewondenheid en belangstelling.	Volgens Gillian voel sy veilig by die huis, mall (tussen baie mense), kerk, skool en by haar tante.
Gillian is baie perfeksionisties en presies in die maak van haar ekokaart.	Volgens Gillian is daar “skollierige” seuns in die gebied waar haar tante woon en hulle laat haar onveilig voel.
Goeie oogkontak.	Volgens Gillian voel sy baie keer nie veilig in

	Somerset-Wes nie, want daar is baie swartmense.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het gaan kuier by haar tante en het video's gekyk saam met haar vriende.	Op Gillian se voorgrond is haar vrees vir swartmense na die voorval. Die beweerde oortreders was swartmense.
	Weerstand om alleen dorp toe te gaan, weens haar vrees vir swartmense.

7.6.4.13 Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser betrek Gillian by die aktiwiteite: “Nie-verbale gedrag” en “Persoonlike spasie,” (sien punt 6.2.1.6. en 6.2.2.11.). Speltherapie is ‘n hulpinteraksie tussen ‘n opgeleide volwassene en ‘n kind wat poog om die kind se emosionele nood te verlig deur die simboliese kommunikasie van spel (Webb, 1999:30). Die navorser betrek haar daarna by die aktiwiteit: “Kognisie,” (sien punt 6.2.2.8.).

Tabel 7.76: Kwalitatiewe data van sessie dertien met Gillian Johnson

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Gillian geniet dit om nie-verbaal verskillende gevoelens uit te beeld en bemeester dit.	Volgens Gillian sal sy eers met haar versorgers daarvoor moet praat indien haar vriende vra dat sy saam met hulle na ‘n nagklub moet gaan.
Sy dui aan met hoeveel persoonlike spasie sy gemaklik voel – voor, agter en langs haar.	Volgens Gillian sal sy ontevrede voel indien ‘n persoon oneerlik is tydens ‘n eksamen en sal sy of self met die persoon praat of stilbly.
	Volgens Gillian sal sy bang en kwaad wees indien iemand in hulle huis ingebreek het, en sal sy die polisie bel.
	Volgens Gillian sal sy afgehaal voel indien haar vriendin ‘n kompetisie wen waarin sy ook deelgeneem het, maar sy sal haar vriendin gelukwens.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het haar ma nie die afgelope twee weke gesien nie.	Op Gillian se voorgrond is haar verjaarsdag.
Sy was die naweek in die Paarl by familie en was by haar niggie se verjaarsdag.	Geen weerstand tydens sessie nie.

7.6.4.14 Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser betrek Gillian by die bespreking van die aktiwiteit: “Konflikhantering,” (sien punt 6.2.4.6.). Gillian is van mening dat die situasie jou optrede bepaal.

Tabel 7.77: Kwalitatiewe data van sessie veertien met Gillian Johnson

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy kom ontspanne en spontaan voor.	Sy vertel dat sy baie goed gedoen het in haar Biologietoets en dat sy hard geleer het. Sy is egter teleurgesteld dat sy haar sessie moes kanselleer om te leer vir die toets.
Sy kom gemotiveerd voor ten opsigte van haar skoolwerk.	Volgens Gillian bepaal die situasie baie keer jou optrede en soms moet jy eerder stilbly soos 'n slak.
Sy het gewig verloor. Die navorser het dit genoem en sy het vertel dat sy moeite doen om gewig te verloor. Sy is nie meer skaam soos tydens aanvang van die sessies nie.	Sy vertel dat 'n meisie haar naam opgeskryf het as iemand wat gepraat het in die klas, maar sy het nie. Sy was kwaad daarvoor. Sy noem: "Ek raak gou kwaad, maar ek oefen selfbeheer uit."
Gillian blyk tevrede te voel met wie sy is.	Volgens Gillian hanteer sy konflik soms soos 'n slak, jakkals en 'n uil.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het gaan kuier by haar familie en dat sy haar tante gehelp het met die skottelgoed en voorbereiding van die kos.	Op Gillian se voorgrond is haar skoolwerk en prestasies in haar toetse. Geen weerstand tydens sessie nie.

7.6.4.15 Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Gillian.

Die navorser betrek haar by bespreking van die aktiwiteite: "Boodskappe" en "7de Laan," (sien punt 6.2.3.6. en 6.2.2.6.). 'n Belangrike ontwikkelingstaak van die adolessent volgens Erik Erikson is die vestiging van 'n unieke individuele identiteit (Comunian & Gielen, 2000:407).

Tabel 7.78: Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Gillian Johnson

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy is in 'n ligte gemoedstoestand en kom opgewonde voor oor die seun wat belangstel in haar en oor die positiewe boodskappe wat sy ontvang het.	Haar tante het vir haar gesê dat sy groot geword het en mooi is. Haar ander tante het haar geprys oor haar skoolwerk. Haar niggie het gesê dat haar hemp mooi is.
Mooi aangetrek en versorg.	Volgens Gillian het sy belangrik, gelukkig en goed gevoel toe sy die positiewe boodskappe ontvang het.
Goeie oogkontak.	'n Meisie in die Paarl wat volgens Gillian jaloers is op haar, het gesê dat Gillian haar "hou soos die high tipe." Volgens Gillian het sy sleg gevoel oor wat die meisie gesê het.
	Volgens Gillian het sy mooi maniere, is sy kalm en regverdig, is sy erg oor haar familie, en is sy vrolik, energiek en hulpvaardig.
	Sy erken dat sy soms onbeskof is en dit soms op ander uithaal.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND

Sy was by haar niggie se voorstelling.	Op haar voorgrond is die seun wat in haar belangstel.
Sy vertel opgewonde van 'n seun in die Paarl wat belangstel in haar.	Geen weerstand tydens sessie nie.

7.6.4.16 Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Gillian.

Sy maak verskoning dat sy vorige afspraak moes kanselleer weens haar toetsreeks. Die terapeut kan besluit om te termineer indien die kind ingeskakel het by vriende en sosiale aktiwiteite en terapie dan sien as indringing in die aktiwiteite, of wanneer die kind ver genoeg in die terapeutiese proses beweeg het en self verder vordering kan maak en wanneer die kind se gedrag positief verander het volgens die ouers en skool (Geldard & Geldard, 2002:123). Voltooi Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

Tabel 7.79: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Gillian Johnson

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Op haar gemak.	Sy het besluit om nie sokker te speel nie omdat die sokkeroefening in die aande is en ook omdat sy baie skoolwerk het.
Goeie oogkontak.	Sy is baie positief ingestel op haar skoolwerk
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het haar ma lanklaas gesien, haar ma gaan nou moontlik in die Paarl woon.	Op haar voorgrond is haar toetsreeks en skoolwerk.
Sy gaan Paarl toe vir die vakansie.	Geen weerstand nie.

7.6.4.17 Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: mev. Koen, Gillian se voog.

Die navorser gee terugvoer ten opsigte van Gillian se resultate. Mev. Koen is tans baie tevrede met Gillian se funksionering.

Tabel 7.80: Gillian se huidige funksionering volgens mev. Koen

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Gesondheidsgeskiedenis:	Na voorval.	Probleme om te slaap.
	Huidig.	Geen probleme nie.
Emosionele funksionering:	Na voorval.	Tekens van onttrekking, stiller en hartseer. Gillian het die opmerking gemaak: "Ek is nie meer lus om te lewe nie." Gillian ervaar skuldgevoelens.
	Huidig.	Gillian is nou vrolik. Sy hou

		daarvan om haarself mooi te maak en het nou die dag grimering aangesit. Sy hou van teken en stel belang in die weermag.
Interpersoonlike verhoudings:	Na voorval.	Tekens van onttrekking. Gaan nie meer na ma naweke nie omdat voorval in daardie gebied plaasgevind het. Min vriende. Stigmatisasie, Gillian voel die mense kyk na haar na die voorval en sy voel anders as ander kinders.
	Huidig.	Verhoudings met voog en man is goed. Gillian se moeder toon nie baie belangstelling nie en maak leë beloftes.
Gedragsprobleme:	Na voorval.	Gehoorsame kind.
	Huidig.	Gehoorsame kind.
Kognisie:	Na voorval.	Nagmerries.
	Huidig.	Geen probleme nie.
Seksualiteit:	Na voorval en huidig.	Praat oor seksualiteit. Geen probleme nie.
Skoolprestasie:	Na voorval.	Skoolbywoning goed.
	Huidig.	Werk hard, positief ingestel skoolwerk het verbeter en doen huiswerk.
Dissipline:	Na voorval.	Sy raas en hok Gillian wanneer sy ongehoorsaam is.
	Huidig.	Gillian probeer hard en gesindheid is positief
Gesinslewe:	Na voorval.	Gelukkig by haar tante. Haar ma moet nou by haar kom kuier, want Gillian wil nie meer na die gebied gaan waar die voorval plaasgevind het nie.
	Huidig.	Gaan goed. Hulle hou daarvan om saam te lag en te spot.


7.6.4.18 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram

Die voortoets het daarop gedui dat Gillian se selfpersepsie en trauma-dinamika soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Gillian se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die natoets het daarop getoon dat Gillian se

selfpersepsie en trauma-dinamika nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf. Gillian se huidige algehele selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsiefaktore) is 28% en haar vorige telling tydens die voortoets was 38%. Sy het goeie vordering gemaak aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is. Meeste van Gillian se selfpersepsietotale het goed afgeneem, haar isolasietelling is onveranderd en haar angstigheiddtelling het toegeneem.

Die navorser skryf haar onveranderde isolasietelling daaraan toe, dat haar moeder nooit die moeite gedoen het om die navorser te kom sien nie, alhoewel afsprake gemaak is. Gillian kon nie meer na die gebied gaan waar haar moeder gewoon het nie, aangesien die voorval daar plaasgevind het. Daar is dus van haar moeder verwag om by Gillian te kom kuier by haar tante (versorger) se huis. Kontak tussen haar en haar moeder het egter al hoe meer afgeneem. Volgens Gillian se versorger maak Gillian se moeder leë beloftes en toon Gillian se moeder nie voldoende belangstelling in haar kinders nie. Die navorser skryf Gillian se toename in haar angstigheiddtelling toe aan haar vrees vir swartmense omdat die oortreders swartmense was. Sy word egter daagliks blootgestel aan swartmense in die dorp, op die taxi's en op besoeke aan plekke. Sy het telkens tydens terapieessie haar vrees vir swartmense gelig. Haar moeder se tekort aan belangstelling en afname in kontak, kan ook bydra tot die toename in haar angstigheiddtelling. Die natoets is ook tydens Gillian se toetsreeks afgeneem, en sy is baie daarop ingestel dat haar skoolwerk moet verbeter en sy wil goed doen en slaag.


Figuur 7.7: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie



Gillian se huidige algehele Trauma-dinamika-puntetotaal (die gemiddelde van al die Selfpersepsiefaktore) is 23% en haar vorige telling tydens die voortoets was 39%. Sy het goeie vordering gemaak aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is. Al Gillian se trauma-dinamika-totale het afgeneem, alhoewel sommige steeds bo die aanbevole gebied is. Moontlik verklarings waarom haar hulpeloosheid, houding-teenoor-volwassenes en wantrouetelling steeds bo die aanbevole gebied is, kan as volg deur die navorser verklaar word, naamlik:

- Die volwasse vrouens wat sy om hulp gevra het tydens die voorval, het haar nie gehelp nie,
- Haar moeder toon volgens Gillian se tante min belangstelling in haar kinders en kontak tussen Gillian en haar moeder het afgeneem,
- Gillian vertrou nie swartmense nie, aangesien die beweerde oortreders swartmense was asook die volwasse vrouens wat haar nie gehelp het toe sy hulle gevra het nie.

Figuur 7.8: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika



7.6.4.19 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindings

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindings komplementeer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Gillian se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het. Gillian het tydens aanvang van terapie meestal teruggetrokke en stil voorgekom. Sy sou goed reageer op direkte vraagstelling, maar het nie spontaan enige iets vertel nie. Haar tante het ook genoem dat Gillian net na die voorval stil was, tekens van onttrekking getoon het en probleme ervaar het om te slaap.

Na afloop van dienslewering, was Gillian baie spontaan en het die navorser spontaan ingelig van gebeure in haar lewe. Sy het baie meer selfversekerd voorgekom en was baie gemotiveerd ten opsigte van haar skoolwerk. Gillian se tante en oom (versorgers) het haar deurgaans ondersteun na onthulling en sy het verantwoordelikheid geneem deur getrou haar terapeutiese sessies by te woon. Die onderhoud met mev. Koen het ook daarop gedui dat Gillian na afloop van terapeutiese dienslewering positiewe veranderinge getoon het en nie meer probleme ervaar om te slaap nie. Volgens mev. Koen is Gillian nou vrolik, positief ingestel op haar skoolwerk en toon huidig geen gedragsprobleme nie.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Gillian en haar tante, mev. Koen, gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel en om te bepaal of dit steeds goed gaan met Gillian. Beide was dit eens dat dit goed gaan met Gillian en dat geen verdere dienste benodig word nie. Die navorser handhaaf 'n oop-deur-beleid. Beide Gillian se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindings mekaar komplementeer aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Gillian se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het.

7.6.5 Biografiese inligting van gevallestudie vyf: Natalie Bruwer

Naam van die adolessent: Natalie Bruwer

Kultuurgroep: Kleurling

Ouderdom: 15 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die gesin: Vier

Huistaal: Afrikaans

7.6.5.1 Agtergrondinligting van Natalie Bruwer

Natalie se moeder het vir Natalie na die winkel gestuur om kerse te gaan koop. ‘n Uitgebreide familielid het vir Natalie langs die pad gekry en haar met ‘n mes gedwing om saam met hom te gaan. Hy het haar na ‘n hokkie geneem waar hy haar verkrag het. Hy het haar die nag daar gehou en weer die oggend vroeg verkrag. Die beweerde oortreder het vir Natalie gesê dat sy vir haar ma-hulle moet lieg en dat sy moet sê dat sy by ‘n vriend was. Natalie het dadelik onthul wat gebeur het toe sy by die huis kom.

7.6.5.2 Impak van die beweerde seksuele misbruik op Natalie volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Natalie se moeder, mev. Bruwer.

Mev. Bruwer gee skriftelike toestemming vir Natalie se deelname aan die navorsing.

Tabel 7.81: Agtergrondgeskiedenis van Natalie Bruwer

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkelingsgeskiedenis:	Natalie het vanaf driejarige ouderdom tot vanjaar by haar tante gewoon.	Sy het elke tweede naweek kontak met haar ma gehad. Sy wou terugkom na haar ma nadat sy en haar tante ‘n uitval gehad het.
	Swangerskap was onbeplan, Natalie se biologiese pa het mev. Bruwer beskuldig dat iemand anders die pa is.	Mev. Bruwer het hom aangegee vir onderhoud en hy het betaal totdat mev. Bruwer weer getrou het.
	Normaal geboorte geskenk.	Goed verloop.
	Op tweejarige ouderdom het Natalie woedebuie gekry.	Het flou geword. Nie nou meer nie.
	Geen ongelukke of vorige tramatiesse gebeure nie.	Geen.
Gesondheidsgeskiedenis:	Voor voorval.	Goed.
	Na voorval.	Eetlus het verminder en sy voel na van die AZT pille.
Emosionele funksionering:	Voor voorval.	Geen probleme nie.
	Na voorval.	Natalie kom senuweeagtig voor en wil nie alleen wees nie. Was bang en huilerig na die voorval. Natalie is bang vir die hofsak.

Interpersoonlike verhoudings:	Voor voorval.	Geen kommer nie.
	Na voorval.	Tekens van onttrekking, sy is stil. Verhouding met ma is goed en met stiefpa gemiddeld.
Gedragsprobleme:	Voor voorval.	Gehoorsame kind.
	Na voorval.	Tekens van aggressiewe gedrag. Natalie het eenkeer met 'n mes onder haar kussing geslaap en verduidelik dat dit vir selfverdediging is, sou iemand deur die venster klim.
Kognisie:	Voor voorval.	Geen probleme nie.
	Na voorval.	Geen probleme nie.
Seksualiteit:	Voor en na voorval.	Praat nie oor seksualiteit nie. Geen probleme nie. Mev. Bruwer voel Natalie is nog te jonk om 'n kêrel te hê.
Skoolprestasie:	Voor voorval.	Haar skoolvordering en bywoning was altyd goed, behalwe haar laaste skoolverslag. Mev. Bruwer het haar selfoon afgeneem daarvoor.
	Na voorval.	Na die voorval wou Natalie sommige dae nie skool toe gaan nie. Volgens mev. Bruwer is Natalie nie 'n kind wat sommer net by die huis sal bly nie.
Voorvalinligting:	Voorval.	Mev. Bruwer het Natalie na die winkel gestuur om kerse te gaan koop. Natalie het nie huis toe gekom nie, haar foon was af en mev. Bruwer het besef dat Natalie nooit so optree nie en het die polisie in kennis gestel.
Dissipline:	Voor en na voorval.	Mev. Bruwer hok en neem Natalie se selfoon as strafmetode.
Gesinslewe:	Voor voorval.	Haar man het begin drink.
	Na voorval.	Mev. Bruwer gaan 'n interdik teen die beweerde oortreder uitneem. Haar man drink steeds. Hy word baie kwaad as hy gedrink het en iemand doen iets verkeerd.

7.6.5.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Natalie en mev. Bruwer.

Mev. Bruwer ventileer oor die beweerde oortreder wat 'n familielid is en al voorheen kinders seksueel misbruik het. Volgens mev. Bruwer maak die oortreder telkens of hy ontoerekeningsvatbaar is wanneer hy aangekla word van 'n seksuele misbruiksaak. Natalie het verkies om nie vandag oor die voorval te praat nie. Die navorser en Natalie het 'n gedeelte van die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool voltooi.

Tabel 7.82: Kwalitatiewe data van sessie een met Natalie Bruwer

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Natalie het moeg voorgekom en het gegaap tydens die sessie.	Volgens Natalie voel sy naer van die "AZT" medikasie.
Natalie kom gemaklik voor by die navorser en gee goeie samewerking.	
Haar energievlakke is laag.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Natalie was by die hospitaal vir 'n mediese ondersoek na die voorval.	Op Natalie se voorgrond is die verkragting. Sy toon weerstand om vandag oor die voorval te praat.

7.6.5.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Natalie.

Natalie verkies om nie vandag oor die voorval te praat nie en die navorser respekteer die versoek. Volgens Bannister (1998:8) kan gevoelens van hulpeloosheid verhoog word in 'n terapeutiese verhouding wat nie 'n mate van beheer aan die kliënt bied nie. Die navorser betrek Natalie by die aktiwiteit: "Die lewenslyn," (sien punt 6.2.1.1.). Natalie voltooi daarna die res van die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

Tabel 7.83: Kwalitatiewe data van sessie twee met Natalie Bruwer

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Kom meer ontspanne voor as tydens die eerste sessie.	Volgens Natalie het sy vanaf driejarige ouderdom tot vanjaar by haar tante gebly.
Sy is mooi aangetrek.	Volgens Natalie het sy op agtjarige ouderdom saam met haar niggies gerook. Sy vertel dat haar niggie die verkeerde vriende gemaak het, wat gedrink het, en haar niggie het skool verlaat.
Sy sit agteroor in haar stoel, maar gee goeie samewerking.	Sy en haar tante by wie sy gewoon het, het 'n uitval gehad omdat sy 'n seun gevry het. Volgens Natalie sal sy nie haar ma sê as sy 'n seun gevry het nie, omdat haar ma voel sy is

	nog te jonk. Volgens Natalie het sy nog net gevry en het sy nog nie seksuele omgang met 'n seun gehad nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy gaan steeds na dieselfde skool, al bly sy nou by haar ma in 'n ander omgewing.	Op haar voorgrond is haar lewensgeskiedenis.
Sy en haar niggie is in dieselfde skool. Die navorser het haar skoolhoof ingelig omtrent haar inskakeling by terapie.	Weerstand om vandag te praat oor die voorval.

7.6.5.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Natalie en mev. Bruwer.

Volgens mev. Bruwer het 'n polisieman die storie van die voorval versprei en het hy gesê dat die beweerde oortreder gaan wegkom. Stigmatisasie verwys na die negatiewe konnotasies wat gekommunikeer word aan die kind oor die ervaringe en wat dan geïnkorporeer word in die kind se selfbeeld (Webb, 1999:110). Natalie gee die inligting van die voorval, (sien punt 6.2.1.3.).

Tabel 7.84: Kwalitatiewe data van sessie drie met Natalie Bruwer

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Natalie kom stil voor vandag, maar reageer goed op direkte vraagstelling. Sy is mooi aangetrek en versorg.	Natalie gee die inligting van die voorval. Volgens Natalie het die beweerde oortreder haar gedreig met 'n mes.
Natalie praat sagter soos dit vir haar moeilik raak om oor die voorval te praat. Sy het moed bymekaar geskraap en 'n goeie weergawe van die voorval gegee.	Die beweerde oortreder het gesê dat hy 'n "kind by haar wil maak," want hy wil hoor wat die familie sê.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Haar ma was by die polisiestase oor die polisieman wat na bewering stories versprei.	Die voorval is op haar voorgrond.
	Toon nie weerstand om te praat oor die voorval vandag nie.

7.6.5.6 Verloop van sessie vier en vyf. Teenwoordig: mev. Bruwer (sessie vier) en Natalie (sessie vyf).

Die navorser gee aan mev. Bruwer die geleentheid om te ventileer oor haar frustrasies en die reaksies van haar familieleden weens die beweerde voorval. Volgens mev. Bruwer is Natalie bang vir die komende hofsak. Tydens sessie vyf betrek die navorser Natalie by die aktiwiteit: "Liggaamsgevoelens," (sien punt 6.2.1.5.). Volgens Natalie versprei haar oom skinderstories. Stigmatisasie word versterk deur

houdings van ander persone in die familie of gemeenskap (Finkelhor & Browne, 1986:184).

Tabel 7.85: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Natalie Bruwer

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy skud net ontkennend haar kop toe die navorser vra of daar iets by die huis is wat haar gelukkig laat voel.	Natalie vertel dat haar niggie ongelukkig is by die mense waar sy bly. Volgens Natalie is sy gelukkig wanneer sy by haar vriende is.
Natalie begin meer spontaan met die navorser te gesels as aanvanklik.	Volgens Natalie is sy spyt dat sy die aand van die voorval winkel toe gestap het.
Energievlakke is goed.	Volgens Natalie voel sy bang, kwaad en hartseer oor die voorval. Sy is bang die beweerde oortreder kom los.
Sy is mooi aangetrek.	Volgens Natalie is sy bekommerd oor haar skoolwerk, want sy kon nie konsentreer en leer die eksamen nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Haar oom wil nie hê dat sy en haar niggie vriende moet wees nie.	Op Natalie se voorgrond is haar vrees vir die hof.
Sy het nie andersins baie vriende nie, omdat sy in 'n ander omgewing bly as waar sy skoolgaan.	Geen weerstand getoon nie.

7.6.5.7 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Natalie.

Natalie kom aangehardloop en vra dat die navorser met haar stiefpa moet kom praat, want hy skel op 'n ander man en haar sussie huil. Die ander man ry en die navorser gee aan Natalie se stiefpa die geleentheid om te ventileer, hy is onder die invloed van alkohol. Die navorser wys hom op die gevolge van sy gedrag en impak op die kinders. Hy kalmeer en toon spyt oor sy gedrag. By die kantoor betrek die navorser vir Natalie by die bespreking van die aktiwiteit: "Reaksies van belangrike persone na onthulling van die seksuele misbruik," (sien punt 6.2.2.1.).

Tabel 7.86: Kwalitatiewe data van sessie ses met Natalie Bruwer

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Natalie kom aangehardloop en vra die navorser om met haar stiefpa te kom praat.	Sy het haar kommer uitgedruk oor haar sustertjie wat huil omdat haar stiefpa op die ander man geskel het.
Natalie het gespanne voorgekom by die huis, maar nadat die situasie ontlont is, het sy ontspan.	Sy verduidelik dat sy soms afwesig is by die skool weens vervoerprobleme.
	Volgens Natalie het haar ma haar dadelik geglo. Haar ma het gehuil toe die polisie nie

	dadelik die foon antwoord nie. Sy het saam met Natalie hospitaal toe gegaan.
	Volgens Natalie het haar stiefpa haar geglo en het sy skoen aangetrek om die beweerde oortreder te gaan soek.
	Volgens Natalie het haar ma se neef vir haar gevra of sy “allright” is en hy het saam hospitaal toe gegaan.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Natalie se pa is onder die invloed van alkohol en dit het ‘n negatiewe impak op die gesin.	Op Natalie se voorgrond is haar stiefpa se gedrag.
Natalie se ma was nie by die huis nie en sy het die navorser gevra om met haar stiefpa te praat.	Geen weerstand nie.
Natalie se stiefpa, haar ma se neef en ma het positief reageer na onthulling en sy is bly daarvoor.	

7.6.5.8 Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Natalie.

Die navorser betrek Natalie by die bespreking van die aktiwiteit: “My veiligheid,” (sien punt 6.2.1.2.).

Tabel 7.87: Kwalitatiewe data van sessie sewe met Natalie Bruwer

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Natalie is aanvanklik stillerig, maar later vertel sy spontaan van haar kontak met haar pa.	Sy vertel dat haar stiefpa na die insident van verlede Vrydag, nog nie weer gedrink het nie.
Sy het haar hare mooi versorg. Natalie se gesig verhelder toe sy die navorser vertel dat sy haar pa by die troue gesien het.	Volgens Natalie was hulle by ‘n troue in die dorp waar haar pa bly. Natalie vertel dat haar pa gesê het dat sy die vakansie by hom moet kom kuier. Volgens Natalie het haar stiefma by die huis gekom, sy het geskel en was onder die invloed van alkohol.
Natalie toon met ‘n regmerk op die kaart aan dat sy by al die plekke waarheen sy gaan veilig voel.	Natalie vertel dat sy en haar biologiese pa winkel toe gestap het en dat hy vir haar goed gekoop het.
Sy toon met ‘n kruisie aan dat sy egter op pad winkel toe en terug nie veilig voel nie.	Volgens Natalie is die smokkelhuise plekke in haar omgewing waar dit nie veilig is nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het kontak met haar biologiese pa gehad en het dit baie positief beleef. Haar stiefma was egter onder die invloed van alkohol.	Op Natalie se voorgrond is haar kontak met haar biologiese pa. Sy toon die behoefte om die komende vakansie by hom te gaan kuier.
	Aanvanklik stil gewees, half weerstand getoon, maar later spontaan en vrolik.

7.6.5.9 Verloop van sessie agt. Teenwoordig: Natalie en mev. Bruwer.

Die navorser neem Natalie en mev. Bruwer na Somerset-Wes se landroshof en betrek Natalie by die aktiwiteit: “Hofvoorbereiding,” (sien punt 6.2.2.7.). Daarna neem die navorser vir Natalie na die hospitaal vir haar opvolg MIV-bloedtoets. Baie slagoffers van seksuele misbruik vrees dat hulle die MIV/VIGS virus kon opgedoen het as gevolg van die seksuele misbruik (Nevid, Rathus & Greene, 1997:548).

Tabel 7.88: Kwalitatiewe data van sessie agt met Natalie Bruwer

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Natalie merk op die vorm dat sy senuweeagtig voel oor die hofspraak.	Sy skryf in: “Ek was nog nooit hier nie en ek sal nie lekker kan praat nie, want my senuwees gaan werk.”
Natalie is stil, maar luister aandagtig.	Sy vertel dat haar oom haar nie na haar pa toe geneem het die naweek nie en lyk teleurgesteld.
Sy kyk telkens na haar hofvoorbereidingboekie wat die navorser vir haar gegee het. Natalie is stillerig voor haar ma.	Sy vra dat haar ma liever moet deelneem aan die rollespel. Sy is te skaam om dit te doen voor haar ma.
Die navorser en mev. Bruwer rollespel vir Natalie ‘n saak en Natalie lag.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser neem Natalie en haar ma na die hof vir hofvoorbereiding.	Op Natalie se voorgrond is die hofspraak.
Daarna neem die navorser vir Natalie na die hospitaal vir haar opvolg MIV-bloedtoets.	Toon weerstand om deel te neem aan die rollespel voor haar ma.

7.6.5.10 Verloop van sessie nege en tien. Teenwoordig: mev. Bruwer (sessie nege) en Natalie (sessie tien).

Die navorser lig mev. Bruwer in omtrent Natalie se behoefte aan kontak met haar biologiese pa. Mev. Bruwer ventileer en noem dat sy opmerk dat Natalie se oë “groot word” wanneer hulle van die beweerde oortreder voor haar praat. Die navorser beveel aan dat hulle nie voor Natalie moet praat van die voorval nie. Die navorser betrek Natalie tydens sessie tien by die aktiwiteit: “My sintuie,” (sien punt 6.2.2.3.). Bewustheid is die kapasiteit om te fokus, om aandag te gee. (Vergelyk Yontef, 1993:139 en Passons, 1975:21.)

Tabel 7.89: Kwalitatiewe data van sessie tien met Natalie Bruwer

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Natalie is in 'n ligte gemoedstoestand.	Sy spreek die wens uit om na haar pa te gaan vir 'n naweek.
Sy het die kuier in Grabouw baie geniet en wou nie terugkom nie, omdat sy die Saterdag wou gaan kyk het hoe haar vriende rugby speel.	Volgens Natalie het sy tydens die voorval gesien dat die beweerde oortreder sy hand in sy sak druk en het gedink dat hy iets gevaarlik in sy sak het en was bang.
Sy is in staat om haar sintuie goed te gebruik.	Sy het gevoel toe hy die mes teen haar nek druk en het gehoor hoe hy vir haar gesê het dat sy nie moet raas nie.
Natalie lag en vertel dat haar stiefpa geval het Saterdag toe hy weer onder die invloed van alkohol was en toe sê hy vir hulle dat hulle nie mooi na hom kyk nie.	Sy onthou dat hy na sweet geruik het en noem dat sy gedink het dat hy stink. Natalie is in staat om positiewe inligting wat sy die afgelope week met behulp van haar sintuie ontvang het, op te noem.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy wil graag by haar biologiese pa gaan kuier.	Op Natalie se voorgrond is haar kuiertjie by haar niggies.
Sy het die week by haar niggie baie geniet.	Geen weerstand tydens sessie nie.

7.6.5.11 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Natalie.

Die navorser betrek Natalie by bespreking van die aktiwiteit: "My naam," (sien punt 6.2.2.3.). Natalie maak 'n kleivoorstelling om haar van uit te beeld. Klei stel die adolessent in staat om kreatief te wees, gevoelens is geneig om na vore te kom en om deur die aktiwiteit uitgedruk te word (Geldard & Geldard, 2002:156).

Tabel 7.90: Kwalitatiewe data van sessie elf met Natalie Bruwer

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Natalie deurdink en frons voordat sy haar kleivoorstelling maak. Sy lyk tevrede met die eindresultaat.	Natalie deel spontaan inligting rondom haar naam.
Sy lyk ingenome toe sy vertel dat haar pa haar naam gekies het.	Sy spreek die behoefte uit om by haar pa te gaan kuier.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Natalie wil by haar biologiese pa gaan kuier.	Op Natalie se voorgrond is haar behoefte om by haar pa te gaan kuier.
	Geen weerstand nie.

7.6.5.12 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Natalie.

Die navorser betrek Natalie by die bespreking van die aktiwiteit: "Meryl se storie," (sien punt 6.2.4.1.).

Tabel 7.91: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Natalie Bruwer

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Natalie is aanvanklik stillerig omdat sy net voor die sessie opgestaan het.	Natalie noem dat sy ook aanvanklik stil en teruggetrokke was na die voorval. Volgens Natalie het sy dadelik die seksuele misbruik onthul sodat die beweerde oortreder nie dieselfde aan kinders kan doen nie.
	Volgens Natalie het sy die aand van die voorval gehuil. Volgens Natalie ervaar sy nie skuldgevoelens nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Volgens Natalie het haar niggie se outjie motiverend met haar gepraat toe sy teruggekom het van die hospitaal.	Op Natalie se voorgrond is om die Desembervakansie na haar pa te gaan.
	Geen weerstand nie.

7.6.5.13 Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Natalie en Mev. Bruwer.

Die navorser betrek Natalie by die aktiwiteite: “Gunstelingdinge” en “Onvoltooide sinne,” (sien punt 6.2.3.2 en 6.2.3.4.). Enige onvoltooide gestalt is ‘n onvoltooide saak wat oplossing vereis (Yontef, 1993:78).

Tabel 7.92: Kwalitatiewe data van sessie dertien met Natalie Bruwer

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Aanvanklik stillerig, maar later spontaan begin gesels. Sy vertel laggend van ‘n paar humoristiese gebeure in haar lewe.	Natalie noem dat haar stiefpa “vervelig” is wanneer hy dronk is en dat hy dan vir haar sing. Sy noem dat dit haar egter hartseer laat voel wanneer haar ouers baklei wanneer haar stiefpa onder die invloed van alkohol is.
Sy lyk vrolik en toon belangstelling in die aktiwiteite.	Natalie noem dat haar grootste vrees is om alleen in die huis te slaap.
Maak voldoende oogkontak.	Volgens Natalie voel sy veilig by haar ouers.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mev. Bruwer kom saam met Natalie na haar sessie.	Op Natalie se voorgrond is humoristiese gebeure met haar familieleden die afgelope tyd.
Sy gaan die motor laat regmaak en sal dan vir Natalie vir ‘n naweek na haar pa neem.	Geen weerstand nie.
Natalie noem dat haar familie vir haar omgee.	

7.6.5.14 Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Natalie.

Die navorser betrek Natalie by bespreking van die aktiwiteit: “Selfgeldende gedrag,” (sien punt 6.2.3.8.). Volgens Yontef (1993:7) is manier van dink ‘n sentrale deel van gestaltterapie: “Wat doen jy nou en hoe doen jy dit?” Die teenwoordige is van belang, want die verlede is verby en die toekoms het nog nie gearriveer nie (O’Leary, 1998:17).

Tabel 7.93: Kwalitatiewe data van sessie veertien met Natalie Bruwer

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Natalie is mooi aangetrek en in ‘n ligte luim. Sy neem spontaan deel aan bespreking.	Natalie noem dat dit goed gaan met haar.
Goeie energievlakke.	Natalie identifiseer haar ma as ‘n selfgeldende persoon.
Toon belangstelling in aktiwiteit en toon insig.	Natalie identifiseer haar stiefpa, suster en haarself as persone wat soms aggressief optree.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy gaan dalk Desember vakansie vir ‘n naweek na haar biologiese pa.	Op Natalie se voorgrond is ‘n argument tussen haar ma en stiefpa, toe hy onder die invloed van alkohol was.
Goeie verhouding met haar ouma.	Geen weerstand nie.

7.6.5.15 Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Natalie.

Die navorser betrek Natalie by bespreking van die aktiwiteit: “7de Laan,” (sien punt 6.2.2.6.). Trauma kan die positiewe gevoelens wat ‘n persoon van haarself het, uitdaag en lei tot negatiewe denke en emosies van waardeloosheid en om “sleg” te wees (Williams & Poijula, 2002:162).

Tabel 7.94: Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Natalie Bruwer

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy kom opgewonde voor toe sy die navorser vertel van haar vakansie by haar biologiese pa.	Natalie identifiseer die volgende positiewe eienskappe waarvoor sy beskik, naamlik: vriendelik, eerlik, hulpvaardig, liefdevol, familievas, mooi en betroubaar.
Natalie maak goeie oogkontak. Sy is mooi aangetrek en versorg haarself goed.	Natalie vertel dat sy selfgeldend opgetree het nadat haar stiefsussie in haar goed gekrap het die vakansie.
Haar energievlakke was hoog en sy was baie spontaan tydens die sessie.	Natalie erken dat haar skoolwerk kan verbeter.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND

Natalie vertel dat sy Kersfees by haar biologiese pa was. Sy en haar stiefma het ook baie tyd saam spandeer.	Die vakansie by haar biologiese pa is op Natalie se voorgrond. Geen weerstand nie.
--	--

7.6.5.16 Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Natalie en mev. Bruwer.

Die navorser betrek Natalie by die aktiwiteit: “Positiewe denke” en “vertroue,” (sien punt 6.2.2.5 en 6.2.4.2.). Volgens Webb (1999:110) kan verraad lei na probleme in interpersoonlike verhoudings, probleme om verhoudings te bou, suspisie, ambivalensie en die keuse van verhoudings waarin die persoon uitgebuit word.

Tabel 7.95: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Natalie Bruwer

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Natalie is spontaan en nie meer so stil soos tydens aanvang van terapie nie.	Natalie noem dat die negatiewe behels wat die beweerde oortreder aan haar gedoen het.
Goeie deelname, energievlakke en belangstelling.	Natalie identifiseer die positiewe na onthulling as haar ouers se ondersteuning. Die navorser voeg by haar goeie gedrag, dat sy geslaag het en die seksuele misbruik onthul het.
Goeie oogkontak, liggaamshouding is gemaklik.	Volgens Natalie beteken vertroue vir haar dat sy op iemand kan staatmaak en dat sy goed vir daardie persoon kan vertel. Sy vertrou haar twee niggies.
	Volgens Natalie vertrou sy nie die beweerde oortreder nie weens wat hy gedoen het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die beweerde oortreder het na bewering gedreig dat indien hy uit die tronk uit kom, hy vir Natalie en haar ouers gaan doodmaak.	Op Natalie se voorgrond is haar suster wat werk soek.
Natalie was in Grabouw saam met die kerk se jeuggroep.	Geen weerstand nie.

7.6.5.17 Verloop van sessie sewentien en agtien. Teenwoordig: Natalie.

Die navorser betrek Natalie by die bespreking van die aktiwiteit: “Waar in jou liggaam voel jy kwaadgevoelens” en “Die verkeerslig,” (sien punt 6.2.4.4. en 6.2.4.5.). Perls het die idee ontwikkel dat ‘n persoon verantwoordelikheid moet neem vir haar lewe (Blugerman, 1986:71). Om verantwoordelikheid te neem vir jouself is die kern van terapie vanuit die gestaltbenadering (O’Leary, 1998:17). Tydens sessie agtien voltooi Natalie die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

Tabel 7.96: Kwalitatiewe data van sessie sewentien met Natalie Bruwer

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Mooi aangetrek en versorg.	Volgens Natalie kry sy hoofpyn, en word haar hele gesig rooi wanneer sy kwaad word.
Neem deel aan bespreking met selfvertroue.	Volgens Natalie “skel” sy, klap of gaan sê haar ma as sy kwaad is.
Goeie energievlakke en oogkontak.	Volgens Natalie moet sy wegloop, met iemand gaan praat, of musiek luister wanneer sy kwaad word.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Natalie stem in dat die navorser met haar ma mag praat oor haar stiefpa se misbruik van alkohol.	Op Natalie se voorgrond is ‘n insident waartydens ‘n ander meisie kom moeilikheid soek het met haar niggie.
	Geen weerstand nie.

7.6.5.18 Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: mev. Bruwer.

Mev. Bruwer stem saam dat die navorser kan termineer.

Tabel 7.97: Natalie se huidige funksionering volgens mev. Bruwer

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Gesondheidsgeskiedenis:	Na voorval.	Eetlus het verminder en sy voel na van die “AZT” pille.
	Huidig.	Gesondheid goed.
Emosionele funksionering:	Na voorval.	Natalie kom senuweeagtig voor en wil nie alleen wees nie. Was bang en huilerig na die voorval. Natalie is bang vir die hofsak.
	Huidig.	Natalie is weer vrolik. Sy kom nie meer so senuweeagtig voor nie en is nie meer so stil nie. Sy loop nou weer alleen winkel toe.
Interpersoonlike verhoudings:	Na voorval.	Tekens van onttrekking, sy is stil. Verhouding met ma is goed en met stiefpa gemiddeld.
	Huidig.	Haar verhouding met haar ma en stiefpa is goed. Natalie hou nie daarvan wanneer haar stiefpa drink nie. Verhouding met haar suster is goed. Sy het vir ‘n week gaan kuier by haar pa en stiefma en het dit baie


		geniet. Haar halfbroer en halfsuster het daarna by haar kom kuier.
Gedragsprobleme:	Na voorval.	Tekens van aggressiewe gedrag. Natalie het eenkeer met 'n mes onder haar kussing geslaap en verduidelik dat dit vir selfverdediging is, sou iemand deur die venster klim.
	Huidig.	Geen probleem nie. Sy is 'n gehoorsame kind.
Kognisie:	Na voorval.	Geen probleem nie.
	Huidig.	Geen probleem nie.
Seksualiteit:	Na voorval.	Praat nie oor seksualiteit nie. Geen probleme nie. Mev. Bruwer voel Natalie is nog te jonk om 'n kêrel te hê.
	Huidig.	Geen kommer nie.
Skoolprestasie:	Na voorval.	Na die voorval wou Natalie sommige dae nie skool toe gaan nie. Volgens mev. Bruwer is Natalie nie 'n kind wat sommer net by die huis sal bly nie.
	Huidig.	Ten spyte van 'n moeilike jaar het sy geslaag.
Voorval inligting:		Mev. Bruwer het Natalie na die winkel gestuur om kerse te gaan koop. Natalie het nie huis toe gekom nie, haar foon was af en mev. Bruwer het besef dat Natalie nooit so optree nie en het die polisie in kennis gestel.
Voorvalinligting:	Huidig.	Mev. Bruwer ondersteun Natalie baie goed en volg op wanneer die hofdatums is.
Dissipline:	Na voorval en huidiglik.	Mev. Bruwer hok en neem Natalie se selfoon as strafmetode.
Gesinslewe:	Na voorval.	Mev. Bruwer gaan 'n interdik teen die beweerde oortreder uitneem. Haar man drink steeds. Hy word baie kwaad as hy gedrink het en iemand doen iets verkeerd.
	Huidig.	Natalie se stiefpa misbruik alkohol en dit veroorsaak spanning.

7.6.5.19 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram

Die voortoets het daarop gedui dat Natalie se selfpersepsie en trauma-dinamika soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Natalie se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die natoets het daarop getoon dat Natalie se selfpersepsie en trauma-dinamika nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Natalie se huidige algehele selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsiefaktore) is 30% en haar vorige telling tydens die voortoets was 30%. Haar selfpersepsietelling is in die aanbevole gebied en is daarom nie 'n bron van kommer nie. Natalie se gebrek aan selfgelding-, verantwoordelikheid vir ander- en gebrek aan selfwaardetelling het goed afgeneem. Die navorser skryf die toename in haar angstigheids telling daaraan toe dat die ondersoekbeampte verkeerdelik nie die dossier na die hof geneem het op 'n spesifieke dag nie en die saak is toe daarom tydelik teruggetrek en die beweerde oortreder was tydelik vrygelaat. Natalie en haar gesin was baie ontsteld, omdat die beweerde oortreder gevaarlik is. Die navorser het dadelik die stasiebevelvoerder daarvan in kennis gestel, maar die beweerde oortreder kon eers ongeveer twee weke later weer gearresteer word, nadat die dossier weer hof toe geneem is en die saak weer op die rol geplaas is. Dit het alles net voor die natoets alles afgespeel.

Figuur 7.9: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie




Natalie se huidige algehele Trauma-dinamika-puntetotaal (die gemiddelde van al die Selfpersepsiefaktore) is 13% en haar vorige telling tydens die voortoets was 18%. Sy het goeie vordering gemaak en haar telling is steeds onder die aanbevole gebied naamlik 'n totaal van minder as 30% is. Die meeste van Natalie se trauma-dinamika-totale het afgeneem, slegs haar wantrouetelling en stigmatelling het toegeneem. Die navorser skryf dit aan die volgende faktore toe, naamlik:

- Natalie is deur 'n eksterne familielid seksueel misbruik,
- Volgens Natalie het haar een oom skinderstories na die seksuele misbruik versprei,
- Die ondersoekbeampte het nie die dossier by die hof gehad toe die beweerde oortreder weer voorgekom het nie en die saak is tydelik teruggetrek,
- Natalie se stiefpa misbruik alkohol en dit het 'n nadelige impak op die gesin.

Persone wat dus veronderstel is om beskerming te bied, naamlik familie en die polisie, het Natalie telkens in die steek gelaat en dit kon bydra tot die toename in haar wantrouetelling en stigmatelling.

Figuur 7.10: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika



7.6.5.20 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge komplimenteer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Natalie se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het. Natalie het tydens aanvang van terapie meestal teruggetrokke en stil voorgekom. Haar moeder het ook net na die voorval genoem dat Natalie tekens van onttrekking getoon het en senuweeagtig voorgekom het.

Na afloop van dienslewering, was Natalie baie meer spontaan en selfversekerd. Natalie se moeder het haar deurgaans ondersteun na onthulling en het self ook die navorser kom sien vir individuele sessies. Natalie het verantwoordelikheid geneem deur getrou haar terapeutiese sessies by te woon. Die onderhoud met mev. Bruwer het ook daarop gedui dat Natalie na afloop van terapeutiese dienslewering positiewe veranderinge getoon het en sy het Natalie weer as vrolik beskryf. Volgens mev. Bruwer is Natalie nie meer bang om alleen te loop nie en kom nie meer so senuweeagtig voor nie.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Natalie en mev. Bruwer gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel en om te bepaal of dit steeds goed gaan met Natalie. Beide was dit eens dat dit goed gaan met Natalie en dat geen verdere dienste benodig word nie. Die navorser handhaaf 'n oop-deur-beleid. Beide Natalie se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenteer aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Natalie se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het.

7.7 Samevatting

Die vyf voortoetse van die vyf Kleurling respondente het daarop gedui dat al vyf respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente soms hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed.

Almal se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die vyf natoetse het daarop getoon dat al vyf respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente nie meer hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Al vyf Kleurling respondente se funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Die gemiddelde van die vyf respondente se selfpersepsietellings voor intervensie was 39.8% en na afloop van intervensie was die gemiddelde 25.8%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Die gemiddelde van die vyf respondente se trauma-dinamika-tellings voor intervensie was 33.6% en na afloop van intervensie was die gemiddeld 20%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Al vyf die Kleurling respondente se selfpersepsietellings en trauma-dinamikatellings het individueel verbetering getoon. Die inligting wat met behulp van die onderhoude aan die hand van die onderhoudskedule met die ouer(s) of versorger(s) van die respondente ingesamel is, het ook daarop gedui dat hulle positiewe veranderinge by die respondente na die implementering van die speltherapieprogram opgemerk het. Die kwalitatiewe en kwantitatiewe resultate komplimenteer mekaar. Die resultate dui dus daarop dat die implementering van die speltherapieprogram die Kleurling respondente se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het.

In hoofstuk agt sal die Xhosa-adolessente se resultate wat uit die empiriese ondersoek verkry is, asook die interpretasie daarvan, aangebied word.

Hoofstuk 8: Empiriese gegewens en navorsingsbevindings te opsigte van die Xhosa adolessente.

8.1 Inleiding

Die navorser het probleme ervaar om met vyf Xhosa respondente die hele terapeutiese proses te voltooi. Twee van die respondente se ouers het gedurende die terapeutiese proses besluit om die kinders na uitgebreide familie in die Oos-Kaap te stuur en die navorser moes noodgedwonge weer twee ander respondente selekteer. Die navorser het met nege Xhosa respondente begin werk en het die hele terapeutiese proses met vier suksesvol voltooi. Die vyfde respondent het gedurende die terapeutiese proses onthul dat sy nie verkrag is nie, dat die beweerde oortreder haar kêrel is en dat sy toestemming vir seksuele omgang gegee het. Aangesien dit 'n realiteit is wat hom voordoet in praktyk, het die navorser besluit om haar steeds as een van die gevallestudies te bespreek. Die navorser het ook probleme ervaar met stiptelikheid deurdat baie van die respondente of te vroeg of te laat vir hulle sessies opgedaag het.

8.2 Bespreking van gevallestudies

8.2.1 Biografiese inligting van gevallestudie een: Lea Theron

Naam van die adolessent: Lea Theron

Kultuurgroep: Xhosa

Ouderdom: 15 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die gesin: 3

Huistaal: Afrikaans / Xhosa

8.2.1.1 Agtergrondinligting van Lea Theron

As kind het Lea en haar moeder baie rondgetrek. Sy is vanuit haar moeder se sorg verwyder weens gesinsgeweld en middelmisbruik. Lea is alreeds vir twee jaar in pleegsorg by mnr. en mev. Dunn wat 'n plek van veiligheid bestuur. Die betrokke dag van die voorval het Lea na die rolbaloefening na haar pleegouershuis geloop. Twee seuns van haar skool het agter haar geloop en die een seun het onaanvaarbare aanmerkings begin maak. Die seun het haar op die grond neergegooi en haar arms onder sy knieë gesit. Sy het gestoei om los te kom, maar hy het sy hand by haar klere ingedruk en haar betas by haar borste en vagina. Hy het ook lelike aanmerkings ten opsigte van haar privaatdele gemaak. Hy het opgestaan en sy het hom omgestoot. Hy

het haar met klippe gegooi. Sy het reguit huis toe gegaan en huilende vir haar pleegvader vertel wat gebeur het. Die navorser was na-ure op diens en het Lea en mev. Dunn by Hottentots-Holland Hospitaal ontmoet nadat Lea vroeër die dag ook teenoor haar pleegmoeder onthul het dat sy onsedelik aangerand is. Die navorser het PATCH asook die rol van die navorser aan hulle verduidelik en Lea het die wens uitgespreek om by die navorser in te skakel vir terapeutiese dienslewering. Die navorser het 'n PATCH krisiswerker gekontak om hulle verder te ondersteun tydens die mediese ondersoek en het 'n afspraak met hulle gemaak.

8.2.1.2 Impak van die beweerde onsedelike aanranding op Lea volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Lea se pleegouers, mnr. en mev. Dunn.

Mnr. en mev. Dunn gee skriftelike toestemming vir Lea se deelname aan die navorsing.

Tabel 8.1 Agtergrondgeskiedenis van Lea Theron

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkelingsgeskiedenis:	Ontwikkeling as kind is onbekend.	Huidig in pleegsorg.
	Traumagebeure: gesinsgeweld, blootstelling aan middelmisbruik, verwyder uit moeder se sorg.	Lea het baie verwerping beleef en het daarom 'n groot behoefte aan aandag en aanvaarding.
Gesondheidsgeskiedenis:	Geboorte tot onsedelike aanranding.	Kry epileptiese aanvalle as gespanne of opgewonde is, gebruik medikasie.
	Na onsedelike aanranding.	Lea het twee epileptiese aanvalle gekry na die voorval, waarna sy moeg is en hoofpyn kry.
Emosionele funksionering:	Voor onsedelike aanranding.	Gemoedstoestand wisselvallig. Sy is bekommerd oor wat met haar gaan gebeur na die twee jaar pleegplasing.
	Na onsedelike aanranding.	Gemoedstoestand wisselvallig: vrolik vs depressief. Selfbeeld negatief beïnvloed deur beweerde oortreder se lelike aanmerkings oor haar liggaam. Ander kinders

		maak ook soms aanmerkings oor Lea se bou. Lea was emosioneel na die voorval.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor onsedelike aanranding.	Verhouding met ma is swak. Geen kontak met half-broers huidig nie.
	Na onsedelike aanranding.	Verhouding met portuurgroep is swak. Lea word daarvan beskuldig dat sy skinder. Geen kontak huidig met half-broers wat ook in plek van veiligheid is nie.
Gedragsprobleme:	Voor onsedelike aanranding.	Gehoorsame kind. Suig duim as sy slaap. Weggehardloop van haar ma se huis weens gesinsgeweld.
	Na onsedelike aanranding.	Gehoorsaam. Geen alkoholgebruik nie. Gedrag soms promisku.
Kognisie:	Voor en na onsedelike aanranding.	Geen huidige probleme nie.
Seksualiteit:	Voor en na onsedelike aanranding.	Gedrag soms promisku.
Skoolprestasie:	Voor onsedelike aanranding.	Skoolvordering en bywoning goed.
	Na onsedelike aanranding.	Sy het teruggegaan skool toe ten spyte daarvan dat beweerde oortreder in dieselfde skool is.
Voorval inligting:	Die onsedelike aanranding.	Pleegmoeder meen dat die vernedering vir Lea traumaties was. Hulle het 'n saak gerapporteer en Lea geneem vir 'n mediese ondersoek.
Dissipline:	Voor en na onsedelike aanranding.	Strafmetode is om haar te hok.
Gesinslewe:	Voor onsedelike aanranding.	In pleegsorg nadat sy verwyder is uit haar moeder se sorg.
	Na onsedelike aanranding.	Pleegouers ondersteun haar.

8.2.1.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Lea, mnr. en mev. Dunn.

Die navorser voer 'n onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule (bylaag5) met Lea se pleegouers, waarna die navorser vir Lea alleen gesien het. Lea deel die inligting van die voorval met die navorser, (sien punt 6.2.1.3.). Sy voltooi 'n gedeelte van die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

Tabel 8.2: Kwalitatiewe data van sessie een met Lea Theron

LIGGAAMSHOUDING / NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	KONTAK MET DIE SELF / EMOSIONELE UITDRUKKING
Lea lyk ontsteld. Sy is spontaan en deel dadelik met die navorser wat op haar voorgrond is.	Lea vertel van die argument tussen haar en haar kamermaat en dat haar kamermaat vir haar gesê het dat sy op 'n dieet moet gaan en dat sy verrimpelde boude het. Volgens Lea het sy hartseer gevoel, maar het die tranes teruggehou.
Sy kom trots voor toe sy die navorser vertel dat sy deelneem aan rolbal, koor en dat sy gaan begin netbal speel.	Lea noem dat sy nie seks voor die huwelik sal hê of dwelms sal gebruik nie, aangesien sy al gesien het waardeur ander meisies moes gaan.
Sy lyk opgewonde daarvoor om deel te neem aan die navorsing en reageer positief op een-tot-een aandag.	Lea gee 'n goeie weergawe van die voorval en vertel dat sy gehuil het omdat die seun sonder haar toestemming in haar persoonlike spasie gekom het.
Sy is mooi aangetrek en versorg. Dit lyk of sy van haar voorkoms hou, alhoewel sy baie negatiewe boodskappe ten opsigte van haar liggaamsbou ontvang.	Lea vertel dat sy genomineer is as klaskaptein en dat sy gebewe het toe sy op die verhoog gaan praat het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Lea het op die oomblik nie 'n goeie verhouding met haar kamermaat of die ander meisies by die veiligheidsplasing nie, weens valse beskuldigings dat sy van ander skinder.	Op Lea se voorgrond is die argument met haar kamermaat en dat sy valslik daarvan beskuldig word dat sy van ander skinder. Geen weerstand nie.

8.2.1.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Lea.

Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: “Die lewenslyn,” (sien punt 6.2.2.1). Identiteit verwys na die individu se bewustheid van haarself as 'n onafhanklike, unieke persoon met 'n spesifieke plek in die samelewing (Louw, Van Ede & Louw, 1998:425).

Tabel 8.3: Kwalitatiewe data van sessie twee met Lea Theron

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Mooi aangetrek en verwelkom die navorser.	Lea noem dat sy by die kamp wel haar lewensverhaal vertel het, maar nie ander se privaatinligting uitvertel het nie.
Wys alles wat sy gekry het vir Valentynsdag.	Op vierjarige ouderdom het haar ma met haar stiefpa getrou. Lea het nie van hom gehou nie, want hy het haar fisies aangerand.
Voldoende oogkontak.	Op 10 jarige ouderdom weer verhuis en by haar tante gaan bly, wat alkohol misbruik het en dan moes Lea na die kinders kyk. Stiefpa in gevangenis weens diefstal. Hulle het soms nie kos gehad nie.

Goeie belangstelling in die aktiwiteit getoon.	Haar moeder het dwelms begin misbruik en haar twee broers is verwyder.
Sessie is ernstig van aard en sy deel haar lewensgeskiedenis met selfvertroue.	Op 13 jarige ouderdom het haar ma 'n ander verhouding aangeknoop. Lea het by haar pa gaan bly in 'n ander omgewing, maar hy is oorlede toe sy 14 jaar oud was. Lea het haar uitgebreide familie in die Oos-Kaap ontmoet.
	Na Lea se pa se dood, het haar stiefma alkohol begin misbruik. Lea het weer by haar ma gaan woon, maar haar ma het alkohol misbruik en vir Lea aangerand. Sy is uit haar ma se sorg verwyder.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Beperkte kontak met haar familie.	Geen weerstand nie.
Baie rondgetrek voor pleegplasing en Lea was blootgestel aan familie wat middels misbruik het asook gesinsgeweld.	Op haar voorgrond is die gebeure in haar verlede.
Sy en haar halfbroers is verwyder uit hulle moeder se sorg.	

8.2.1.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Lea en mev. Dunn.

Mev. Dunn het die navorser ingelig dat Lea twee epileptiese aanvalle na die verkragting gekry het. Sy het in Mei-maand weer 'n afspraak by Tygerberghospitaal. Die navorser bespreek met Lea dat haar gedrag soms die ander kinders ongemaklik laat voel en verwys na die keer toe sy vir motoriste goed gewys en geskree het. Die navorser wys haar daarop dat gedrag ook gevolge inhou en dat die motor met mans by hulle kon gestop het en dit kon gevaarlik vir haar en die ander meisies gewees het. Perls het die idee ontwikkel dat 'n persoon verantwoordelikheid moet neem vir haar eie lewe (Blugerman, 1986:71). Die navorser betrek haar by die aktiwiteit: "My liggaamsgevoelens," (sien punt 6.2.1.5.).

Tabel 8.4: Kwalitatiewe data van sessie drie met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Op haar gemak by die navorser.	Sy voel gelukkig dat haar broers veilig is.
Haar oë word tranerig tydens bespreking van haar promiskue gedrag en wat die gevolge daarvan kan wees. Sy toon insig.	Volgens Lea is sy bekommerd oor haar ma wat asma en TB het en dat haar ma iets kan oorkom as sy weer dwelms misbruik.
Kom selfversekerd voor.	Sy noem dat sy liefde kry by haar pleegma, juffrou en vriend wat in die vloot is.
	Sy is 'n klein bietjie hartseer oor haar vriend wat in die vloot is, wat nou ver van haar af is.
	Volgens Lea is sy bang vir die beweerde oortreder wat haar stip dophou.

KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Goeie vriende by die skool.	Op haar voorgrond is haar wens om haar broers te sien en haar kommer oor haar ma se gesondheid.
Die navorser het kontak gemaak met die maatskaplike werker wat dienste lewer aan Lea se ma en halfbroers. Die navorser hou Lea op hoogte van hoe dit met hulle gaan.	Die navorser het genoem dat van die meisies by die kamp gekla het dat sy in die badkamers ingestap het en na meisies gestaar het. Lea noem dat sy nie dit kan onthou nie (weerstand).

8.2.1.6 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Lea.

Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: “Nie-verbale gedrag,” (sien punt 6.2.1.6.). Die spelterapeut is ‘n unieke volwassene in kinders se lewens, uniek omdat die terapeut reageer terwyl sy die begeerte om te rig, te leer of te druk, beheer en daarteenoor reageer op ‘n manier wat die kind se natuurlike behoefte tot selfdireksie toelaat (Landreth, 1991:87). Die navorser het ook verskeie hipotetiese situasies geskep, waarin Lea moes identifiseer of ‘n persoon se gedrag aanvaarbaar of onaanvaarbaar is, ten einde sodoende haar promiskue gedrag aan te spreek op ‘n nie-bedreigende manier.

Tabel 8.5: Kwalitatiewe data van sessie vier met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy is mooi aangetrek. Sy is in ‘n ligte gemoedstoestand. Goeie oogkontak. Geniet die aktiwiteite en gee goeie samwerking. Sy beeld nie-verbaal verskillende gevoelens uit tydens die rollespel.	Seuns het vir Lea name genoem by die skool en gesê: “Ouetehuis,” aangesien hulle haar gesien het by haar pleegouerhuis wat voorheen ‘n tehuis vir bejaardes was. Sy het na een van die seuns gegaan en vir hom genoem dat indien hulle dit weer sê, sy na die skoolhoof sal gaan. Hulle is nou vriendelike met haar.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Haar verhoudings met die ander meisies by die plek van veiligheid is beter. Een het haar selfs genooi om by hulle in die kamer te kom sit.	Op Lea se voorgrond is gebeure tydens die week, naamlik die seuns by die skool wat haar name genoem het en haar verhoudings wat verbeter met ander meisies by die plek van veiligheid. Geen weerstand nie.

8.2.1.7 Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Lea.

Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: “Hartsnare,” (sien punt 6.2.5.1.) en daarna die aktiwiteit: “Die vyf liefdestale,” sien (punt 6.2.5.3.). Volgens O’Leary (1998:13)

het Perls geglo dat ‘n persoon in staat moet wees om ten volle bewus te wees van haar behoeftes en moet daarvolgens optree. Lea het bewus daarvan geword dat haar primêre liefdestaal “prys en komplimente” is.

Tabel 8.6: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Goeie verhouding is gebou. Sy is spontaan met die navorser en gemaklik.	Lea vertel trots dat haar pleegmoeder vir haar gesê het dat sy haar oogappel is.
Sy dui aan in die “hartsnare” dat haar pleegouers, vriend en broers naaste aan haar is, in die tweede “hartsnaar” haar vriende en in die derde “hartsnaar” skryf sy haar ma en stiefma se name. Sy skryf haar stiefpa en die beweerde oortreder se name aan die buitekant van die hartsnare.	Lea vertel dat daar R20 van haar kamermaat weggeraak het en dat haar goed deursoek is. Volgens Lea het dit haar sleg laat voel en laat terugdink aan die kamp waartydens daar ook valse beskuldigings teenoor haar gemaak is dat sy skinder.
Goeie oogkontak en energievlakke.	Die beweerde oortreder pla haar nie by die skool nie. Volgens Lea pla dit haar wanneer hy vir haar kyk.
Netjies aangetrek in haar skoolklere.	Lea identifiseer haar primêre liefdestaal as “prys en komplimente” en dan “kwaliteittyd.” “Fisiese aanrakings” is heel laaste.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser lig Lea in dat haar een broer besny gaan word en dat haar ander broer ‘n goeie skoolrapport gekry het.	Op haar voorgrond is dat haar goed deursoek is omdat daar R20 weggeraak het van haar kamermaat en dit het haar laat sleg voel.
Sy het twee goeie vriende wat haar bystaan.	Geen weerstand nie.

8.2.1.8 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Lea Theron.

Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: “My sintuie,” (sien punt 6.2.2.3.). Bewustheid is die proses van erkenning en waarneming van wat die persoon doen, voel, dink asook wat haar liggaamsensasies is (Passons, 1975:47).

Tabel 8.7: Kwalitatiewe data van sessie ses met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lea is mooi aangetrek en haar hare is netjies geel. Sy kom ontevrede voor oor haar ma se gedrag by die hospitaal en dat haar ma nog nie vir haar besoek het nie.	Lea noem dat sy gehoor het dat haar ma ‘n “scene gegooi het” by die hospitaal, omdat haar ma daar uitgevind het dat Lea by die hospitaal was weens die seksuele misbruiksaak. Lea noem dat sy bereid is om haar ma self in te lig omtrent die voorval, maar haar ma het nog nooit weer vir haar kom kuier nie.
Lea wys opgewonde aan die navorser dat sy	Lea noem dat sy nou beter weet hoe om

die vyf liefdestale-aktiwiteit ook met die ander kinders en haar pleegouers voltooi het.	ander gelukkig te laat voel, noudat sy weet wat vir elkeen belangrik is.
	Volgens Lea het sy tydens die voorval gesien dat die beweerde oortreder skelm met sy vriend praat, gehoor het toe hy lelike aanmerkings teenoor haar gemaak het. Volgens Lea het sy besef dat hy dit regtig gaan doen toe hy aan haar gevat het en sy het kwaad gevoel.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy is aktief betrokke by die jeug.	Geen weerstand nie.
Haar ma het haar nog nie weer besoek nie.	Lea se ma se gedrag by die hospitaal, is op Lea se voorgrond.
Verhoudings met die ander kinders by die veiligheidsplasing het verbeter.	

8.2.1.9 Verloop van sessie sewe en agt. Teenwoordig: mnr. en mev. Dunn (sessie sewe) en Lea (sessie agt).

Mev. Dunn spreek haar kommer uit oor drie seuns wat by Lea kom kuier het; een was die beweerde oortreder. Lea het met hulle gesels onder die boom en het toe na haar kamer gegaan. Lea het aan mev. Dunn verduidelik dat sy te bang was om vir hulle te sê dat die een die beweerde oortreder was, want sy was bang dat hulle hom gaan konfronteer en die beweerde oortreder het 'n kort humeur. Mnr. Dunn het egter met die beweerde oortreder gepraat en volgens mnr. Dunn het die beweerde oortreder vir hom gesê dat hy vir Lea om verskoning kom vra het en gevra het of hulle weer vriende kan wees. Volgens mnr. Dunn het die beweerde oortreder teenoor hom erken dat hy vir Lea op die grond gegooi het en haar arms onder sy knieë gesit het, maar ontken dat hy haar betas het. Mnr. Dunn het hom gevra om nie weer na hulle huis te kom nie. Lea was een aand op diens in die kombuis en het te laat kos begin maak omdat sy met 'n seun gesels het by die draad. Sy was kwaad omdat mnr. Dunn haar gekonfronteer het en het in haar woede die gasstoof se knop afgebreek. Lea verduidelik tydens sessie agt waarom sy kwaad was die betrokke aand en laat begin het met die kos. Die navorser wys haar op die gevolge van haar gedrag. Lea vra na die gesprek met die navorser om verskoning en bied aan om saam met haar pleegpa na die winkel te gaan om navraag te doen ten opsigte van pryse vir die stoof se knop. Sy sal dit moet afbetaal met haar sakgeld. Volgens Yontef (1993:78) moet die individu gehelp word om te besef dat sy verantwoordelik is vir wat met haar gebeur.

Tabel 8.8: Kwalitatiewe data van sessie agt met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lea kom ernstig voor. Goeie oogkontak.	Volgens Lea was sy bang om haar pleegouers te sê dat dit die beweerde oortreder is, want sy was bang haar pleegpa jaag hom weg en dat die beweerde oortreder haar dan by die skool sal seermaak.
Lea is nie opstandig nie, maar deel haar kant van die saak.	Lea vertel uit haar eie uit waarom sy kwaad was en laat begin het met die kos. Volgens Lea moes sy drie aande in 'n ry kos kook en dat dit daardie aand nie haar beurt was nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Pleegpa het haar aangespreek omdat sy laat begin kook het en oor haar gedrag toe sy die stoof se knop afgebreek het.	Op Lea se voorgrond is haar behoefte aan meer sakgeld en die insident toe sy moes kos kook.
	Aanvanklik bietjie weerstand getoon om verantwoordelikheid te aanvaar vir haar gedrag, maar het later wel besef dat haar gedrag verdere negatiewe gevolge veroorsaak het.

8.2.1.10 Verloop van sessie nege en tien. Teenwoordig: Lea.

Mev. Dunn lig die navorser telefonies in dat dit lyk asof Lea 'n oordosis pille geneem het en sy is opgeneem by die hospitaal. Lea het 'n nota geskryf: "Ek het pille gedrink, vergewe my asseblief. Datum: 10 April, tyd: 9h50." Die navorser besoek Lea tydens sessie nege by die hospitaal. Sy is nog baie deurmekaar en sy weet nie waarom sy by die hospitaal is nie. 'n Ander kind by die veiligheidsplek het die navorser ingelig dat Lea vir haar gesê het dat sy pille gaan drink, dat Lea vir haar kom sê het toe sy pille gedrink het en gevra het dat sy vir niemand moet sê nie. Indien die slagoffer van seksuele misbruik 'n definitiewe plan het van hoe sy gaan selfmoord pleeg en die middele het om dit uit te voer, dan verhoog die risiko vir selfmoord dramaties (Knauer, 2000:103). Volgens die ander kind het Lea vir haar gesê dat sy afgeskeep voel. Lea was ook ontsteld oor haar sakgeld wat vir drie maande ontnem is. Lea se pleegmoeder het met die dokter gepraat en die vermoede het ontstaan dat Lea dalk nooit die pille gedrink het volgens haar simptome nie, maar dat sy wel 'n petit epileptiese aanval gekry het. Tydens sessie tien vertel Lea dat almal van die pille praat, maar sy kan niks onthou nie. Lea onthul dat 'n seun van die kerk van wie sy hou, 'n ander meisie uitgevra het. Sy noem ook dat daar meisies by die skool is wat

agter haar rug praat en aanmerkings teenoor haar maak. Dit ontstel haar so baie dat sy skool wil verlaat. Die navorser sal die skoolhoof oor die betrokke meisies gaan sien.

8.2.1.11 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Lea.

Die navorser bespreek die nota wat sy gelaat het: “Ek het pille gedrink, vergewe my.” Lea erken dat dit haar ontstel het toe die seun van wie sy hou, haar vriendin uitgevra het. Sy noem ook dat haar pleegmoeder gevra het vir watter vir haar ore wat gepyn het, maar dat haar pleegmoeder nie gehad het nie en gevra het dat sy moet wag tot Maandag. Volgens Lea was die pyn ondraaglik en het sy ook die pille gedrink om die pyn te verlig. Die navorser bespreek die negatiewe gevolge wat ‘n oordosis pille kan inhou. Sy noem dat haar intensie nie die dood was nie, maar wel net om die pyn te verlig. Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: “My selfbeeld,” (sien punt 6.2.3.5.). Sy kan die aktiwiteite invul vir huiswerk.

Tabel 8.9: Kwalitatiewe data van sessie elf met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Goeie verhouding is gebou. Sy kom gemaklik voor terwyl sy haar probleme met die meisies in haar skool met die navorser deel. Goeie oogkontak. Sy is mooi aangetrek en versorg.	Lea noem dat die meisies in haar klas haar weer name genoem het, naamlik “kat- en spokiegesig” en dat sy gehuil het. Sy het met haar juffrou gaan praat daaroor. Sy wil skool staak oor die meisies wat haar viktimiseer.
Bespreking is ernstig van aard. Ten spyte van die hospitalisasievoorval, kom sy as ‘n vasbeslote persoon voor wat dit gaan maak en nie net sal opgee nie.	Lea noem dat sy nie by familie sal wil bly nie, want sy wil matriek voltooi en haar familie sal nie skoolfooi kan bekostig nie. Sy wil in pleegsorg bly.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
‘n Vriendin het ‘n bemoedigende brief vir haar geskryf	Die meisies in haar klas wat haar name noem is op haar voorgrond.
Haar pleegouers staan haar by en ondersteun haar.	Geen weerstand nie.

8.2.1.12 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Lea.

Die navorser lig haar in dat die navorser die skoolhoof gaan sien het oor die meisies wat haar viktimiseer by die skool. Volgens Lea pla hulle haar nie op die oomblik nie. Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: “Vertroue,” (sien punt 6.2.4.2.). Lea is in pleegsorg weens fisiese aanranding deur haar moeder, sy is ook seksueel misbruik deur ‘n seun in haar skool, bekend aan haar. Indien die adolessent dus deur ‘n

persoon in die verlede verraai is, kan dit lei tot probleme met vertroue in die hede (Williams & Poijula, 2002:178).

Tabel 8.10: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lea is mooi aangetrek en kom gelukkig voor.	Sy spreek die wens uit om haar broers te sien.
Goeie oogkontak tydens bespreking van vertroue.	Volgens Lea beteken vertroue vir haar dat sy enige iets met daardie persoon kan deel en dit sal tussen haar en daardie persoon bly. Sy vertrou die navorser, 'n polisieman wat sy ken en haar vriendin.
Sy kom vandag lig en vrolik voor.	Sy noem dat sy nie die beweerde oortreder vertrou nie weens dit wat gebeur het.
	Lea noem dat sy ook nie 'n ander vriend van haar vertrou nie, want hy het haar eenkeer gesoen by die ysskaatsbaan, sonder haar toestemming.
	Volgens Lea het haar stiefma na bewering eenkeer 'n leuen vir haar vertel na haar pa se dood, (oor haar nuwe kêrel). Dit het die vertroue tussen hulle geaffekteer.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Lea se verhoudings met die ander kinders by die veiligheidsplasing het verbeter.	Op haar voorgrond is steeds haar behoefte om haar half-broers te sien.
Huidig steeds geen kontak met haar ma of half-broers nie. Die navorser vra vir die maatskaplike werker van ACVV om dit te reël.	Geen weerstand nie.

8.2.1.13 Verloop van sessie dertien en veertien. Teenwoordig: Mnr. en mev. Dunn, en die maatskaplike werker van die betrokke welsynsorganisasie (sessie dertien) en Lea (sessie veertien).

Die navorser verduidelik dat Lea 'n behoefte het om êrens te “behoort” weens haar verlede van verwerping deur belangrike persone in haar lewe. Sy eis dus baie aandag van haar pleegouers, maar dit is nie altyd vir hulle moontlik om een-tot-een aandag net aan haar te gee nie, want hulle is ook veiligheidsouers vir ander kinders. Almal verstaan egter haar gedrag weens haar verlede. Volgens die pleegouers is haar gedrag oor die algemeen baie goed. Lea vermoed tydens sessie veertien dat sy die vorige aand 'n epileptiese aanval in haar bed gekry het, want sy is naer en dit voel vir haar so. Sy verduidelik die rede waarom sy Saterdagand laat ingekom het. Volgens Lea het sy saam met twee van die ander meisies uitgegaan wat toe dwelms wou gebruik.

Sy het daarom toe na van haar kerkvriende se huis gegaan. Op pad huis toe wou een van die meisies 'n geleentheid saam met vreemde mans neem, maar sy het geweier en het huis toe geloop. Volgens Lea het sy haar ma in die dorp gekry en uitgevind dat haar ma nou by die nagskuiling bly. Volgens Lea gaan sy haar kerk vra of hulle haar ma kan help met kruideniersware.

8.2.1.14 Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Lea en mev. Dunn.

Mev. Dunn vertel dat sy trots is op Lea wat “nee” gesê het toe een van die ander meisies saam met vreemde mans in 'n motor geklim het. Lea onthul dat sy seksueel misbruik is toe sy in standard drie was en nou nagmerries kry. Die navorser gebruik die gestalttegniek, droomverwerking, ten einde haar drome te bespreek. Drome verteenwoordig of bevat in 'n sekere vorm 'n onvoltooide situasie (Patterson, 1980:452).

Tabel 8.11: Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Baie goeie verhouding is gebou.	Lea vertel dat sy gevoel het asof sy kan huil toe sy weer haar ma gesien het wat nou by die nagskuiling bly.
Sy maak goeie oogkontak.	Volgens Lea is die meisies by die skool nou nie meer lelik met haar nie.
Sy lyk hartseer toe sy vertel van haar ma wat nou by die nagskuiling bly.	Lea onthul dat sy deur haar tante se kêrel betas is toe sy in standard drie was. Sy het op daardie stadium by haar tante gebly. Volgens Lea kry sy nou nagmerries dat sy en die beweerde oortreder seks het en noem dat sy dan 'n seksuele gevoel by haar privaatdele kry. Sy het nog niemand daarvan vertel nie. Sy het 'n jaar en 'n half by haar tante gebly.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser lig haar in dat sy in pleegsorg gaan bly by mnr. en mev. Dunn.	Op Lea se voorgrond is die seksuele misbruik toe sy in standard drie was.
Sy het haar ma gesien en is baie bekommerd oor haar ma.	Geen weerstand nie.

8.2.1.15 Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Lea.

Die navorser en Lea gaan saam deur die selfbeeldaktiwiteite wat sy as huiswerk ingevul het, (sien punt 6.2.3.5.). Die adolessent se identiteitsontwikkeling beïnvloed

haar siening van haarself. Soos die adolessent ontwikkel, sal die siening van die self verander (Louw, Van Ede & Louw, 1998:433).

Tabel 8.12: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lea het neergeskryf op die aktiwiteitsblaaie: Ek het in die spieël na myself gekyk en gesê: “Ek is ‘n baie mooi, spesiale en gesonde meisie.” Lea skryf verder neer by die vraag of sy opgehou het om ‘n slagoffer te wees deur “nee” te sê en dat sy vir haar vriend gesê het dat sy net vriende met hom wil wees en sy het “nee” gesê dat sy nie buite haar pleegouershuis se hek wil gaan sit nie, want dit is net moeilikheid soek.	Lea erken dat sy by die welsynsinstantie was ten opsigte van haar pleegouertoelae. Die navorser verduidelik dat haar pleegouers daardie toelae moet gebruik om haar te versorg en dat sy dit nie alles vir sakgeld kan kry nie. Die navorser wys haar daarop dat sy wel sakgeld kry.
Sy skryf ook neer dat sy ‘n gewoonte gebreek het en nie meer uitpraat van ander nie. Sy skryf haar waardering neer vir die navorser en ander wat sy waardeer en waarom sy hulle waardeer.	Lea noem dat sy haar stiefma, ma en vriend vergewe het asook haar klasmaats wat haar geviktimizeer het.
Lea erken dat sy iets verkeerd gedoen het toe sy die stoof se knop afgebreek het toe sy kwaad was, maar berou dit en gaan nou aanbeweeg.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser sal haar pleegouers vra of sy nou weer sakgeld kan kry. Haar sakgeld is vir drie maande ontnem omdat sy die stoof se knop gebreek het.	Weerstand om te praat oor haar pleegouertoelae, maar later het sy wel haar kant gestel.
	Op Lea se voorgrond is haar pleegouerstoelae en wanpersepsie dat sy meer geld moet kry om te kan spandeer.

8.2.1.16 Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: Lea Theron.

Die navorser betrek Lea by die aktiwiteite: “Gunsteling dinge,” “Kom ons maak ballonne van die stene in my lewe” en “Onvoltooide sinne,” (sien punt 6.2.3.2, 6.2.3.4. en 6.2.2.4.). Die navorser merk tekens op wat daarop kan dui dat sy ‘n epileptiese aanval kan kry en staak daarom die sessie. Waargenome inligting is van groot waarde en help die terapeut besluit hoe om voort te gaan (Geldard & Geldard, 2002:89). Die navorser lig haar pleegouers in omtrent die tekens.

Tabel 8.13: Kwalitatiewe data van sessie sewentien met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-	EMOSIONELE UITDRUKKING EN
--------------------------------	----------------------------------

VERBALE KOMMUNIKASIE	KONTAK MET DIE SELF
Lea is aanvanklik in 'n goeie gemoedstoestand. Sy is mooi aangetrek en het 'n nuwe haarstyl.	Lea noem dat haar gunstelingboek "God the healer" is en haar gunstelingprogram is 7de Laan.
Sy lyk trots op haar kamer wat sy geskuif het. Sy vul die onvoltooide sinne in en skryf onder andere: "Ek word hartseer wanneer ek dink aan my familie."	Sy noem dat die enigste steun in haar lewe op die oomblik 'n seunsvriend is wat meer as net vriende wil wees alhoewel sy al vir hom gesê het dat sy net vriende met hom wil wees.
Die navorser merk egter tekens op wat daarop kan dui dat sy 'n epileptiese aanval kan kry. Sy knip haar oë en praat snaaks, hakkell en blyk vir 'n sekonde asof sy nie bewus is van die teenwoordige nie.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Lea vertel die navorser dat haar ma vir ongeveer 20 minute vir haar kom kuier het. Sy het skoene vir haar ma gegee.	Op Lea se voorgrond is haar opgewondenheid dat haar ma kom kuier het.
Dit gaan goed met haar verhouding met haar kêrel. Sy het nog nie haar pleegouers ingelig omtrent hom nie.	Geen weerstand nie.

8.2.1.17 Verloop van sessie agtien. Teenwoordig: Lea Theron

Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: "Selfgeldende gedrag," (sien punt 6.2.3.8.). Die omgewing skep aanhoudend nuwe behoeftes wat ongemak verhoog, totdat die individu maniere vind om die behoeftes te bevredig sodat hulle kan groei (Clarkson & Mackewn, 1994:48-49). Die navorser en Lea bespreek daarna kinders se regte asook verantwoordelikhede, (sien punt 6.2.2.9.).

Tabel 8.14: Kwalitatiewe data van sessie agtien met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lea is mooi aangetrek en versorg.	Volgens Lea affekteer die nuwe medikasie vir die epilepsie haar konsentrasie.
Goeie oogkontak.	Volgens Lea tree sy selfgeldend op by die skool, maar dat sy by haar pleegouershuis wat ook 'n veiligheidsplasing vir ander kinders is, soms aggressief optree.
Goeie energievlakke.	Volgens Lea maak dit haar kwaad wanneer sy iets vir haar pleegouers vra, en dan vra een van die ander kinders dit ook.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Lea was by Tygerberg hospitaal en ander medikasie is aan haar voorgeskryf.	Op Lea se voorgrond is haar nuwe medikasie wat sy neem vir epilepsie.
	Geen weerstand nie.

8.2.1.18 Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: Lea Theron.

Die navorser betrek Lea by bespreking van die aktiwiteit: “Boodskappe,” “Waar in jou liggaam voel jy kwaadgevoelens” en “Die verkeerslig,” (sien punt 6.2.3.6., 6.2.4.4. en 6.2.4.5.). Slagoffers het die geneigdheid om woede te ignoreer of om uit te bars en uitermate te reageer wat beide die slagoffers en ander om hulle kan seermaak (Knauer, 2000:83).

Tabel 8.15: Kwalitatiewe data van sessie negentien met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lea is in ‘n ligte luim, lag en gesels spontaan.	Volgens Lea het sy nog nie weer nagmerries gekry, vandat sy met die navorser gepraat het oor die seksuele misbruik toe sy in standard drie was nie.
Lea dui op die liggaamskaart aan dat haar hart vinniger klop, sy bewe en voel lus om te skel en deure te slaan, wanneer sy kwaad word.	Lea vertel dat haar kamermaat vir haar gesê het dat sy “stunning” lyk en sy het goed gevoel. Lea noem dat sy gelukkig voel oor haar ma wat weer by haar kom kuier het.
	Sy vertel dat sy kwaad was toe haar kamermaat van haar toiletware gebruik het, sonder om te vra.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Lea het haar mangels laat uithaal by die hospitaal.	Die mangeloperasie is op Lea se voorgrond.
Sy vertel dat al die ander meisies in die hospitaal besoekers gekry het, behalwe sy. Daar het toe egter ‘n klomp jeugwerkers by haar kom staan en gesels en sy het toe goed gevoel.	Geen weerstand nie.
Haar ma het weer by haar kom kuier en moes by die hospitaal gewees het om toestemming te gee vir die operasie, maar het nie na die hospitaal gekom nie. Lea se pleegmoeder het toestemming gegee.	

8.2.1.19 Verloop van sessie twintig. Teenwoordig: Lea.

Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: “Interpersoonlike verhoudings,” (sien punt 6.2.5.2.). Deur traumatiese ervarings te ondergaan en te oorleef kan lei tot probleme met binding, intimiteit en interpersoonlike verhoudings (Williams & Poijula, 2002:177).

Tabel 8.16: Kwalitatiewe data van sessie twintig met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lea is in 'n ligte gemoedstoestand.	Sy verduidelik dat daar 'n botsing in aktiwiteite was en dat sy en haar pleegpa daarom 'n uitval gehad het.
Sy maak goeie oogkontak.	Sy vertel dat sy teleurgesteld was toe sy haar vervoer gemis het en daarom nie die kerk se jeugbyeenkoms kon bywoon nie.
Sy kom selfversekerd, (nie rebels nie), voor terwyl sy haar kant van die argument met haar pleegpa verduidelik.	Lea noem dat haar ma nou weer na aan haar is, omdat haar ma nou weer belangstelling toon en kom kuier.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Lea se moeder het weer kom kuier. Lea is betrokke by die kerk se jeug.	Sy het gedurende die week weerstand getoon om haar jeugbyeenkoms by die kerk te mis en 'n misverstand het ontstaan tussen haar en haar pleegpa weens kommunikasieprobleme.
Die navorser het weer 'n afspraak met die welsynsorganisasie gemaak ten einde uit te vind wanneer Lea haar half-broers kan sien.	Die konflik tussen haar en haar pleegpa is op haar voorgrond.

8.2.1.20 Verloop van sessie een-en-twintig. Teenwoordig: Lea Theron.

Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: “Kognisie” en “Konflikhantering,” (sien punt 6.2.2.8 en 6.2.4.6.). Woede is nie 'n slegte emosie nie, dit kan helend wees as dit op 'n positiewe manier uitgedruk word (Knauer, 2000:84).

Tabel 8.17: Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy is skaam en vertel laggend hoe sy haar pleegmoeder ingelig het omtrent haar kêrel.	Lea vertel dat sy uit haar eie aangebied het om te help met die jong kinders by die veiligheidsplek. Sy en 'n ander meisie maak hulle beddens op en help hulle om aan te trek.
	Sy het haar pleegma ingelig omtrent haar kêrel.
	Volgens Lea het sy twee weke gelede weer 'n epileptiese aanval gekry. Die nuwe medikasie affekteer nie meer haar konsentrasie nie. Sy was weer by die hospitaal in verband met haar nuwe medikasie.
	Lea noem dat sy soms passief optree soos 'n slak by haar pleeghuis en net stilbly wanneer daar konflik tussen die kinders is.
	Volgens Lea tree haar ma soos 'n hond op en probeer ander die healtyd tevrede te stel.
	Volgens Lea tree haar pleegpa soos 'n jakkals

	op en onderhandel wanneer daar konflik is.
	Volgens Lea tree die beweerde oortreder soos 'n krokodil en 'n hond op. Hy vra die jonger kinders vir sigarette en slaan hulle. Hy tree ook soos 'n hond op deur ander seuns te probeer tevrede stel, ten koste van homself (portuurgroepsdruk). Hy het byvoorbeeld dwelms gebruik om in te pas by die vriende.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy was by die hospitaal vir haar epilepsie-medikasie.	Op haar voorgrond is hoe sy haar pleegmoeder ingelig het omtrent haar kêrel.
Sy het haar kêrel by die kerk ontmoet.	Geen weerstand nie.

8.2.1.21 Verloop van sessie twee-en-twintig, Teenwoordig: Lea en die maatskaplike werker van die betrokke welsynsorganisasie.

Lea vertel hoe sy kinders opgepas het vir sakgeld toe sy nog by haar ma gebly het, ten einde kos en ander goed te kan koop vir haar en haar half-broers. Volgens Lea het haar ma op daardie stadium haar geld vir dwelms gebruik. Nadat haar ma haar aangerand het, het Lea na die polisiestatie gegaan en is sy by haar pleegouers geplaas. Haar half-broers is ook verwyder uit haar ma se sorg. Haar laaste kontak met haar broers was ongeveer sewe maande gelede. Die maatskaplike werker van die welsynsorganisasie noem aan Lea dat sy kontak tussen hulle sal reël.

8.2.1.22 Verloop van sessie drie-en-twintig en vier-en-twintig. Teenwoordig: Lea.

Die navorser prys Lea tydens sessie drie-en-twintig vir die positiewe terugvoer wat die navorser gekry het van haar pleegouers ten opsigte van haar gedrag. Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: "Reg of verkeerd," (sien punt 6.2.5.5.). Sosialisering is die proses van interaksie en leer, dit is noodsaaklik vir oorlewing en ontwikkeling van die individu asook vir die oorlewing en effektiewe werking van die samelewing (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:80). Tydens sessie vier-en-twintig voltooi Lea die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

Tabel 8.18: Kwalitatiewe data van sessie drie-en-twintig met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lea is mooi aangetrek en in 'n ligte	Lea noem dat familie die heel belangrikste

gemoedstoestand.	vir haar is. Sy noem dat dit belangrik is om te studeer en dat sy graag 'n prokureur of 'n verpleegster wil word.
Sy speel met die jonger kinders toe die navorser daar aankom en lyk gelukkig.	Sy noem dat dit baie belangrik is om jou ouers te respekteer. Sy noem dat dit haar kwaad maak as ouers baklei voor kinders of dwelms voor kinders gebruik.
	Sy noem dat sy vriendelik met mense is en baie mense ontmoet, want sy weet dat wanneer sy eendag uit haar pleeghuis gaan, dat mense daar sal wees vir haar.
	Volgens Lea hoef sy nie gewild te wees nie, ander moet haar net aanvaar vir wie sy is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het met haar pleegouers gaan praat oor die probleme wat sy ervaar met haar kamermaat.	Op haar voorgrond is haar verhouding met haar kêrel en dat sy veilig voel by haar pleegplasing. Geen weerstand nie.

8.2.1.23 Verloop van sessie vyf-en-twintig. Teenwoordig: Lea Theron.

Die navorser verduidelik Lea se Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskoolresultate aan haar. Die navorser betrek Lea by die bordspeletjie, (sien punt 6.2.6.1), en termineer met Lea. Volgens Van der Merwe (1996b:81) word daar wyd erkenning gegee aan bordspeletjies weens die terapeutiese en ontspanningswaarde daarvan, en bring dit 'n baie belangrike element, naamlik genot, na die terapie.

Tabel 8.19: Kwalitatiewe data van sessie vyf-en-twintig met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy lyk gelukkig en is mooi versorg. Goeie oogkontak.	Sy vertel dadelik aan die navorser dat haar een half-broer by haar kom kuier het. Sy sê dat sy nou gelukkig is.
Energiek.	Sy noem tydens bordspel dat sy vernoem is na haar ma. Sy noem ook dat sy die navorser vertrou wat inligting konfidensieel hanteer.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Haar half-broer het kom kuier.	Op Lea se voorgrond is haar broer wat kom kuier het. Geen weerstand nie.

8.2.1.24 Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mnr. en mev. Dunn na afloop van die terapeutiese dienslewering aan Lea.

Die navorser gee terugvoer ten opsigte van Lea se deelname aan die navorsing en die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate.

Tabel 8.20 Lea Theron se huidige funksionering volgens mnr. en mev. Dunn

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Gesondheidsgeskiedenis:	Na onsedelike aanranding.	Lea het twee epileptiese aanvalle gekry na die voorval, waarna sy moeg is en hoofpyn kry.
	Huidig.	Sy gebruik nuwe medikasie vir haar epilepsie, geen onlangse aanvalle nie.
Emosionele funksionering:	Na onsedelike aanranding.	Gemoedstoestand wisselvallig: vrolik vs depressief. Selfbeeld negatief beïnvloed deur beweerde oortreder se lelike aanmerkings oor haar liggaam. Ander kinders maak ook soms aanmerkings oor Lea se bou. Lea was emosioneel na die voorval.
	Huidig.	Kry nie meer gemoedsveranderinge nie, emosies stabiel. Kommunikasie verbeter. Verloor gewig, selfbeeld goed.
Interpersoonlike verhoudings:	Na onsedelike aanranding.	Verhouding met portuurgroep is swak. Lea word daarvan beskuldig dat sy skinder. Geen kontak huidiglik met half-broers wat ook in plek van veiligheid is nie.
	Huidig.	Betrokke by kerk en jeug. Groot verbetering in portuurgroepverhoudinge. Goeie verhouding met pleegouers. Ma kom kuier wisselvallig. Welsyn in proses om kontak tussen haar en broers te reël.
Gedragsprobleme:	Na onsedelike aanranding.	Gehoorsaam. Geen alkoholgebruik nie. Gedrag soms promisku.
	Huidig.	Gehoorsaam. Geen drank of dwelmmisbruik nie. Gedrag nie meer onvanpas of promisku nie.
Kognisie:	Na onsedelike aanranding.	Nagmerries.
	Huidig.	Geen probleme nie.
Seksualiteit:	Na onsedelike aanranding.	Gedrag soms onvanpas / promisku, sal byvoorbeeld

		oorgedrewe dans by kamp.
	Huidig.	Vaste kêrel. Geen probleme nie.
Skoolprestasie:	Na onsedelike aanranding.	Sy het teruggegaan skool toe ten spyte daarvan dat beweerde oortreder in dieselfde skool is.
	Huidig.	Rapport was goed. Pleegma gaan studietye instel.
Dissipline:	Na onsedelike aanranding en huidig.	Strafmetode is om haar te hok of voorregte te ontnem. Geen probleme nie.
Gesinslewe:	Na onsedelike aanranding.	Lea baie afhanklik en vereis baie een-tot-een aandag.
	Huidig.	Goeie gesinsverhoudinge.

8.2.1.25 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram


Die voortoets het daarop geui dat Lea se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Lea se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die natoets het getoon dat Lea se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Lea se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsie-elemente) is huidiglik 20% en haar vorige telling tydens die voortoets was 44%. Al Lea se selfpersepsietellings het goed verbeter, aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is. Haar isolasietelling dui egter steeds op 'n behoefte vir verbetering. Die navorser skryf dit aan die volgende toe:

- Sy is in pleegsorg geplaas na fisiese aanranding deur haar moeder,
- Haar pa is oorlede,
- Haar biologiese moeder woon tans op straat en slaap in die nagskuiling,
- Sy het ten tye van die natoets geen kontak met enige familieleden of haar halfbroers gehad nie.

Aangesien die navorser bewus was van Lea se behoefte aan kontak met haar halfbroers het die navorser deurgaans terapeutiese dienslewering asook na die natoets met die betrokke welsyn kontak gemaak en Lea se behoefte aan kontak met haar halfbroers, wat ook in pleegsorg is, met die betrokke maatskaplike werker bespreek. Sy het huidiglik gereeld kontak met haar halfbroers en die navorser kan sien dat dit baie vir haar beteken.

Figuur 8.1: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie




Lea se huidige algehele Trauma-Dinamikapuntetotaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamika-elemente) is 23% en haar vorige telling tydens die voortoets was 32%. Haar trauma-dinamatelling het goeie verbetering getoon, aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is. Al Lea se trauma-dinamika-totale, behalwe haar wantrouetelling, het verbeter. Die navorser skryf die verhoging van haar wantrouetelling aan die volgende toe:

- Valse beskuldigings deur haar portuurgroep en volwassenes dat sy by 'n kamp persoonlike inligting van 'n ander kind versprei het, sonder enige konkrete bewyse,
- Haar moeder wat sporadies by haar pleegsorgplasing opdaag en net weer wegbly. Haar ma moes byvoorbeeld ook by die hospitaal gewees het om toestemming te teken dat Lea se mangels uitgehaal kan word, maar het net nie opgedaag nie,

- Sy is ook seksueel misbruik op 'n jong ouderdom deur 'n familielid en nou weer deur 'n bekende persoon, in dieselfde skool as sy.

Figuur 8.2: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika



8.2.1.26 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge komplimenteer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapiëprogram Lea se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het. Volgens Lea se pleegouers was Lea na die voorval emosioneel en haar gemoedstoestand was tydens aanvang van terapie wisselvallig. Lea het gedurende haar kinderjare baie verwerping beleef en het daarom 'n groot behoefte aan aandag en aanvaarding. Sy sou soms onaanvaarbare gedrag toon ten einde haar pleegouers se aandag op haar te fokus. Lea se verhouding met haar ma was tydens aanvang van terapie swak en sy het geen kontak met halfbroers gehad nie. Lea se verhoudings met haar portuurgroep was swak. Haar gedrag was soms promisku.

Die onderhoude met haar pleegouers het daarop gedui dat Lea positiewe veranderinge getoon het weens die terapeutiese dienste wat gelewer is. Na afloop van

dienslewering, was Lea se gemoedstoestand stabiel. Sy was in staat om haarself op 'n selfgeldende manier uit te druk en is huidiglik positief ingestel op haar toekoms. Sy kry nie meer nagmerries nie en tree nie meer promisku op nie. Haar verhoudings met haar portuurgroep het baie verbeter en sy is aktief betrokke by die kerk se jeug. Sy het tans kontak met haar halfbroers. Haar pleegplasing is verleng en sy voel daarom nie meer onseker oor haar toekoms en heenkome nie. Sy besef ook dat haar pleegouers ook hulle aandag moet verdeel en aan die ander kinders ook aandag moet gee.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Lea en haar pleegouers gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel. Almal was dit eens dat dit goed gaan met Lea en dat geen verdere dienste benodig word nie. Die navorser handhaaf 'n oop-deur-beleid. Die navorser sien Lea sporadies by die veiligheidsplasing wanneer die navorser ander kinders gaan sien en sy lyk gelukkig. Beide Lea se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool-resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenteer aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapiëprogram Lea se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het.

8.2.2 Biografiese inligting van gevallestudie twee: Mandy Lewis

Naam van die adolescent: Mandy Lewis

Kultuurgroep: Xhosa

Ouderdom: 14 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die gesin: 3

Huistaal: Xhosa

8.2.2.1 Agtergrondinligting van Mandy Lewis

Mandy het op vyfjarige ouderdom by haar ouma gebly omdat haar ma in Durban gaan werk het. Op agtjarige ouderdom het sy by haar ma gebly in Oos-London en op negejarige ouderdom het sy weer by haar ouma gaan bly. Op 14 jarige ouderdom het sy weer by haar ma gaan bly, maar het nie van haar ma se kêrel gehou nie en het daarom toe by haar oom kom bly. Mandy en 'n vriendin het die aand van die voorval televisie by 'n ander vriendin gaan kyk. Op pad terug het hulle vier seuns gekry. Die seuns het hulle forseer om saam met hulle na 'n huis te gaan. Mandy is na bewering deur twee van die seuns verkrag en haar vriendin is na bewering deur een seun

verkrag. Volgens Mandy het die een beweerde oortreder vir haar gesê dat hy haar met 'n mes sal steek indien sy enige geluid maak. (Sien ook gevallestudie vyf), Adri Samuëls, was saam met Mandy tydens die voorval. Adri het later erken dat sy toestemming gegee het, dat die beweerde oortreder haar kêrel is en dat sy nie verkrag was nie, alhoewel sy steeds onder ouderdom is en nie ingeligte toestemming kan gee nie. Mandy is egter deur twee beweerde oortreders verkrag en het nie toestemming gegee nie.

8.2.2.2 Impak van die beweerde verkragting op Mandy volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met haar oom, mnr. Lewis.

Mnr. Lewis gee skriftelike toestemming vir Mandy se deelname aan die navorsing.

Tabel 8.21: Agtergrondgeskiedenis van Mandy Lewis.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkingsgeskiedenis:	Geboorteproses.	Normaal.
	Traumagebeure: ma het 'n kêrel.	Mandy hou nie van hom nie en bly daarom by haar oom. Verhouding met ma is swak.
Gesondheidsgeskiedenis:	Geboorte tot verkragting.	Uitslag op haar vel.
	Na verkragting.	Vel is nou reg. Sy kon een aand na die voorval nie slaap nie.
Emosionele funksionering:	Voor verkragting.	Hy weet nie of sy iets vrees of bekommerd is oor iets nie.
	Na verkragting.	Haar selfbeeld is beïnvloed. Sy voel skuldig omdat sy uit was in die aand.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor verkragting.	Vriende verlei haar om verkeerde goed te doen.
	Na verkragting.	Oom wil nie hê dat sy die verkeerde vriende moet maak nie. Verhouding met ma is swak.
Gedragsprobleme:	Voor verkragting.	Gedragsprobleme wanneer sy uitgaan saam met haar vriende.
	Na verkragting.	Haar oom keur nie haar vriende goed nie.
Kognisie:	Voor en na verkragting.	Geen probleme nie.
Seksualiteit:	Voor en na verkragting.	Hulle praat nie daaroor nie.
Skoolprestasie:	Voor verkragting.	Goeie skoolbywoning en rapporte.
	Na verkragting.	Die beweerde oortreder het

		haar gedreig tydens voorval. Een van die beweerde oortreders is in dieselfde skool.
Voorval inligting:	Die verkragting.	Oom ondersteun haar. Haar ma was nie ondersteunend nie.
Dissipline:	Voor en na voorval.	Lyfstraf of praat met haar.
Gesinslewe:	Voor verkragting.	Verhouding met ma is nie goed nie. Verhouding met oom is goed.
	Na verkragting.	Oom ondersteun haar. Mandy bly by haar oom omdat sy nie van haar ma se kêrel hou nie.

8.2.2.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Mandy, twee vriendinne en Vuyokasie.

Mandy praat Engels maar die besluit word geneem dat die Xhosa maatskaplike werker sal insit tydens sessies, ten einde enige kommunikasieprobleme te voorkom en indien nodig sal sy vertaal. Mandy het die inligting van die voorval alreeds vir Vuyokazi neergeskryf. Die navorser betrek Mandy by die aktiwiteit: "Die lewenslyn," (sien punt 6.2.1.1.).

Tabel 8.22: Kwalitatiewe data van sessie een met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Min oogkontak, maar dit kan ook toegeskryf word aan die Xhosa-kultuur se manier om respek te toon.	Volgens Mandy is sy in die Oos-Kaap gebore. Op vyfjarige ouderdom het haar ma in Durban gaan werk en sy het daarom by haar ouma gebly. Sy onthou dat haar ma vir haar presente gebring het.
Goeie belangstelling en opgewondenheid. Tree selfversekerd op.	Mandy noem dat sy op agtjarige ouderdom by haar ma in Oos-Londen gaan bly het en op negejarige ouderdom het sy weer by haar ouma gaan bly en haar ma het in Kaapstad gaan werk.
Mandy se liggaamshouding en nie-verbale gedrag (terugtrek van liggaam, verbreek oogkontak) dui daarop dat sy nie van haar ma se kêrel hou nie. Sy het net "nee" gesê toe die navorser vir haar gevra het of sy van hom hou of nie en wou nie daaroor praat nie.	Op 14 jarige ouderdom het sy by haar ma gaan bly, maar wou nie weens 'n swak verhouding met haar ma se kêrel. Volgens Mandy het sy daarom op 15 jarige ouderdom by haar oom in die Strand kom bly.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy woon tans by haar oom.	Weerstand om te praat oor haar ma se kêrel en waarom sy nie van hom hou nie.
Sy hou nie van haar ma se kêrel nie.	Haar lewensgeskiedenis is op haar voorgrond,

	en veral dat sy baie rondgetrek het.
--	--------------------------------------

8.2.2.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Mandy Lewis en Vuyokazie.

Mandy voltooi die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool, waarna die navorser haar betrek by die aktiwiteit: "My liggaamgevoelens," (sien punt 6.2.1.5.). Die navorser het met behulp van hierdie aktiwiteit aan Mandy die geleentheid gegee om te bespreek hoe sy nou voel. Volgens O'Leary (1998:17) is die verlede en die toekoms net belangrik as dit gewortel is in die huidige.

Tabel 8.23: Kwalitatiewe data van sessie twee met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Netjies geklee in skoolklere. Groet vriendelik.	Volgens Mandy voel sy gelukkig wanneer sy by haar vriende, skool en familie is.
Energievlakke laer as tydens eerste sessie. Navorser skryf dit daaraan toe dat hulle eksamen skryf en geloop het van die skool tot by die kantoor wat redelik ver is.	Sy dui aan dat sy hartseer voel oor die voorval en dat sy nie alleen wil wees nie, want sy is bang.
Lê half op haar arms en kyk weg toe sy noem dat sy hartseer oor die voorval is.	Sy is kwaad vir die beweerde oortreders. Sy noem dat sy bang is vir die beweerde oortreder en sy is ook bang wanneer sy alleen is.
	Sy ervaar skuld- en spytgevoelens omdat hulle die dag van die voorval uit was. Volgens Mandy is sy bekommerd oor die eksamen wat sy tans skryf.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Blyk dat Mandy 'n goeie verhouding met haar oom het by wie sy bly.	Die huidige eksamen is op haar voorgrond.
Dit blyk egter dat sy nie 'n goeie verhouding met haar ouers het nie.	Geen weerstand nie.

8.2.2.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Mandy Lewis en Vuyokazi.

Mandy is laat en tyd is beperk. Die navorser betrek Mandy by die aktiwiteit: "Reaksies van belangrike persone na onthulling," (sien punt 6.2.2.1.). Die navorser het onder andere Mandy se ma se reaksie bespreek. Volgens Mash & Woolfe (2002:23) is 'n hegte verhouding of binding met 'n ouer of ander versorger noodsaaklik vir normale kinderontwikkeling.

Tabel 8.24: Kwalitatiewe data van sessie drie met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy is mooi aangetrek. Kom nederig dog	Volgens Mandy het sy eerste vir haar oom

selfversekerd voor	vertel en hy het haar geglo. Volgens Mandy het hy vir haar gesê dat dit nie haar skuld was nie en het gereël dat die polisie gebel word.
Haar stem is sag, dog druk sy baie emosie uit met haar stemtoon. Sy maak baie van nie-verbale kommunikasie gebruik, byvoorbeeld trek gesig of kyk af.	Volgens Mandy het haar oom haar ma gaan inlig. Volgens Mandy het haar ma niks gesê nie en sy spreek die wens uit dat haar ma haar moes getroos het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy noem dat sy en haar ma voor die voorval asook nou, nie 'n goeie verhouding het nie.	Weerstand om tydens die leë-stoeltegniek enige iets vir haar ma te sê.
Haar oom ondersteun haar en het positief reageer na onthulling.	Op haar voorgrond is haar familie se reaksie na die onthulling.

8.2.2.6 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Mandy Lewis en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mandy by die aktiwiteite: "My naam" en "Gunstelingdinge," (sien punt 6.2.3.2 en 6.2.3.3.). Die Xhosa maatskaplike werker verduidelik aan die navorser dat Mandy se naam in Xhosa beteken "available girls," sy verduidelik dat indien 'n moeder dink sy verwag 'n seun, maar met geboorte ontdek dis 'n meisie dan simboliseer die naam "available girls."

Tabel 8.25: Kwalitatiewe data van sessie vier met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy is baie mooi aangetrek. Sy begin meer oogkontak maak as voorheen.	Volgens Mandy is sy nie na iemand vernoem nie en het haar ma se suster die naam gekies.
Sy is baie bly oor die teddiebeer wat die navorser vir haar gee. Sy het 'n goeie sin van humor.	Sy hou van haar naam en is nog nooit geterg oor haar naam nie. Sy het ook nog nooit gehoor dat 'n ander kind geterg word oor sy naam nie.
Wendy kyk af en lag skaam toe die navorser haar vra of sy 'n bynaam het. Sy kom gemaklik voor tydens die sessie en neem spontaan deel aan besprekings.	Sy vertel dat haar niggie jaloers was omdat almal altyd vir haar gesê het dat sy mooi is en daarom het haar niggie haar toe "umbi" genoem wat beteken "lelik."
Sy lag spontaan en noem dat haar gunstelingmusiekgroep "Westlife" is en dat sy nie hou van lees nie en daarom nie 'n gunstelingboek het nie.	Volgens Mandy sou sy die navorser "Thandi" genoem het, wat beteken "lovely." Sy noem dat Oprah en Ricki haar gunsteling televisieprogramme is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Goeie verhouding met haar oom en vriende.	Geen weerstand nie.
Woon haar terapisessies getrou by.	Die inligting wat bespreek word oor haar is op haar voorgrond.

8.2.2.7 Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mandy by bespreking van die aktiwiteit: "My veiligheid," (sien punt 6.2.1.2.).

Tabel 8.26: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy dui op die veiligheidskaal aan dat sy net na die voorval soms onveilig gevoel het, en noudat die beweerde oortreders gearrester is, voel sy nie onveilig nie.	Mandy bevestig dat die beweerde oortreders gearrester is. Volgens Mandy bly sy saam met haar oom, sy suster en susterskind. Volgens Mandy is haar oom nie getroud nie en is hy 'n weergebore Christen.
Sy dui op haar ekokaart aan dat sy op pad skool toe (vyf km na die skool) onveilig voel. Goeie energievlakke.	Mandy noem dat die een beweerde oortreder saam met haar op 'n ander skool was voor die voorval. Sy verduidelik dat sy ver moet loop skool toe en is bang vir die beweerde oortreders.
	Mandy identifiseer die smokkelhuise as 'n plek waar dit nie veilig is nie en om in die donker te loop as omstandighede wat nie veilig is nie.
	Die ander beweerde oortreder is volgens Mandy huidiglik saam met haar op skool, maar sy vermy hom.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Nie vandag skool toe gegaan nie, want dit het gereën en wind waai sterk en sy moet vyf km na die skool loop.	Op Mandy se voorgrond is die vraag of die beweerde oortreders gaan borg kry.
Volgens Mandy gaan sy kerk, skool, winkel en na haar vriende se huise toe.	Geen weerstand nie.

8.2.2.8 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mandy by die aktiwiteit: "Selfgeldende gedrag," (sien punt 6.2.3.8.).

Tabel 8.27: Kwalitatiewe data van sessie ses met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mandy lyk bly om die navorser te sien. Sy maak meer oogkontak as aanvanklik.	Volgens Mandy het die beweerde oortreders aggressief opgetree.
Mandy steek haar hand op tydens bespreking van passiewe gedrag om aan te toon dat sy soms passief optree en kyk skaam af.	Mandy noem dat sy soms selfgeldend optree.
Mandy geniet die rollespel. Sy sukkel om die aggressiewe rol te vertolk en lag.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy kom vir terapeutiese sessies.	Geen weerstand nie.
Betrokke by die kerk se jeug.	Die aktiwiteit is op haar voorgrond.

8.2.2.9 Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorser neem Mandy na die hof en doen hofvoorbereiding, (sien punt 6.2.2.7.). Die navorser, Vuyokazi en Mandy rollespel 'n gevallestudie in die hof. Volgens Van der Merwe (1996d:128) is dramatiese spel 'n spesiale middel van kommunikasie tussen die terapeut en die adolessent.

Tabel 8.28: Kwalitatiewe data van sessie sewe met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy dui op die blaaie aan dat sy bang voel om te gaan getuig. Met die rollespel was sy aanvanklik skamerig, maar het dit later baie geniet. Sy het ontspan en gelag.	Sy verduidelik dat sy bang is om voor mense te praat en ook bang is vir die beweerde oortreders. Sy noem dat sy ook bang is vir die mense wat by die hof werk.
Mandy neem met selfvertroue deel aan besprekings.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Besoek die hof.	Die hofsak is op haar voorgrond.
	Geen weerstand nie.

8.2.2.10 Verloop van sessie agt en nege. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorser neem Mandy tydens sessie agt vir haar opvolg MIV-bloedtoets. Sy is bang en bekommerd. Volgens gemeenskapslede is die een beweerde oortreder MIV-positief. Mandy het medikasie, "AZT", gekry tydens haar mediese ondersoek wat sy gedrink het. Tydens sessie nege betrek die navorser Mandy by die aktiwiteit: "My sintuie," sien punt 6.2.2.3. Die navorser het met behulp van die aktiwiteit, Mandy se bewustheid van die inligting wat sy ontvang met behulp van haar sintuie, verhoog. Bewustheid is 'n vorm van ervaring en dit is die manier waarop die individu haarself kan reguleer deur keuses (Schoeman, 1996a:30).

Tabel 8.29: Kwalitatiewe data van sessie nege met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy kom op haar gemak voor.	Volgens Mandy het sy die aand van die voorval vier ouens gesien, sy het gedink en geweet hulle is gevaarlik en was bang.
Min oogkontak. Mandy blyk soms onseker van haar vermoëns.	Volgens Mandy het sy alkohol geruik en was bang. Volgens Mandy is sy aan die skouer gevat en het ongemaklik gevoel.

KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Woon sessies gereeld by.	Geen weerstand nie.
Goeie verhouding met haar oom.	Die voorval is op haar voorgrond tydens bespreking van die aktiwiteit.

8.2.2.11 Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mandy by die aktiwiteit: "7de Laan," (sien punt 6.2.2.6.). Die navorser het die program "7de Laan" net vervang met "Generations," aangesien sy "Generations" kyk. Volgens Mandy is haar verhouding met haar moeder beter. Volgens Sigelman (1999:383) benodig adolessente steeds daardie sekuriteit wat voorsien word deur ondersteunende ouers ten einde meer onafhanklik en outonome individue te word.

Tabel 8.30: Kwalitatiewe data van sessie tien met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mandy kom vrolik voor. Sy deel haar opinies met selfvertroue.	Volgens Mandy is sy vriendelik, gelukkig en hou daarvan om beheer te neem. Volgens Mandy trek sy mooi aan.
Mandy het aktief deelgeneem en het haar opinies gelug.	Sy erken dat sy soms skinder en soms passief optree.
Mandy het gelag en humoristies genoem dat alle meisies skinder.	Sy noem dat sy nou oor die weg kom met haar ma.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Mandy noem dat sy nou al vir 'n paar maande oor die weg kom met haar ma.	Geen weerstand nie. Op haar voorgrond is dat dit beter gaan met haar verhouding met haar ma.

8.2.2.12 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mandy by die aktiwiteit: "Kleivoorstellings," (sien punt 6.2.1.8.). Volgens Van der Merwe (1996c:138) bied kreatiewe spel, soos kleispiel, die geleentheid aan die adolessent vir ondersoek en ontlading van gevoelens.

Tabel 8.31: Kwalitatiewe data van sessie elf met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy trek aanvanklik haar gesig toe sy die potklei voel en noem dat dit soos modder voel. Sy kyk na haar hande en wys vir die navorser.	Mandy maak 'n hond van klei om kwaadgevoelens uit te beeld en verduidelik dat 'n kwaai hond vanoggend vir haar geblaf het en dat sy 'n ompad skool toe moes neem. Sy moes hardloop om betyds te wees.

Ontspan later en geniet die aktiwiteit.	Mandy maak haar vriendin om gelukkige gevoelens uit te beeld en verduidelik dat hulle saam lag, dinge saam doen en lekker gesels.
Min oogkontak, maar Vuyokazi het aan die navorsers verduidelik dat Mandy sodoende respek toon.	Mandy maak 'n televisie van klei om hartseer uit te beeld en verduidelik dat sy 'n dokumentêr gekyk het van 'n meisie wat 'n prostituut is.
	Mandy noem dat sy bang is vir die donker en nie kan slaap as daar nie 'n lig aan is nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy woon sessies gereeld by.	Aanvanklike weerstand weens die klei se tekstuur, maar later het sy dit geniet.
	Op haar voorgrond is alledaagse gebeure soos die hond wat vanoggend vir haar geblaf het.

8.2.2.13 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorsers betrek Mandy by die aktiwiteit: “Onvoltooide sinne,” (sien punt 6.2.3.4.). Volgens Yontef (1993:78) is enige onvoltooide gestalt ‘n onvoltooide saak wat oplossing vereis.

Tabel 8.32: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy is mooi aangetrek en in ‘n ligte gemoedstoestand.	Volgens Mandy lyk sy soos haar pa, maar het haar ma se oë.
Sy toon belangstelling in die aktiwiteit en gee goeie samewerking.	Volgens Mandy het sy aan ‘n sangkompetisie deelgeneem en derde gekom.
Sy het soms gedink voordat sy die onvoltooide sinne voltooi het. Sy het selfversekerd voorgekom tydens sessie.	Sy voltooi onder andere die volgende sinne: “I am beautiful,” / “I don’t like to talk about my case”
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Haar verhouding met haar ma het verbeter, maar sy verkies steeds om by haar oom te bly.	Sy toon geen weerstand tydens sessie nie.
Sy gaan Desember na familie in die Oos-Kaap.	Alledaagse gebeure in haar lewe is op haar voorgrond.

8.2.2.14 Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorsers betrek Mandy by die aktiwiteit: “My regte,” (sien punt 6.2.2.9.). Volgens Blugerman (1986:71) het Perls die idêe ontwikkel dat ‘n persoon verantwoordelikheid vir haar eie lewe moet neem.

Tabel 8.33: Kwalitatiewe data van sessie dertien met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
---	---

Dit kom voor of Mandy die sessies geniet. Sy lag en neem deel aan die gesprek. Sy knip prente uit en beeld kinderregte op die hemp uit.	Mandy noem die volgende Kinderregte: opvoeding, veilige woning, reg om nee te sê, op eie opinie, voedsel, gesondheid, veiligheid en beskerming.
Goeie energievlakke. Sy was stiller en het gekonsentreer terwyl sy prente gekies het om haar hemp te ontwerp.	Mandy noem dat kinders die verantwoordelikheid het om skool te gaan en dat kinders hulle ouers moet respekteer.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Woon sessies getrou by.	Geen weerstand nie.
Sy woon steeds by haar oom.	Kinderregte is op haar voorgrond.

8.2.2.15 Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mandy by die aktiwiteit: “Nie-verbale kommunikasie” en “Persoonlike spasie,” (sien punt 6.2.1.6 en 6.2.2.11.).

Tabel 8.34: Kwalitatiewe data van sessie veertien met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mandy beeld bang- en hartseergevoelens nie verbaal uit. Die navorser merk op dat Mandy en die Xhosa maatskaplike werker minder van gesigsuitdrukkings gebruik maak om gevoelens uit te beeld.	Sy het genoem dat sy onseker is hoe om met haar liggaam aan te dui wanneer sy ongemaklik voel indien iemand te naby aan haar staan of aan haar vat op 'n manier wat haar ongemaklik laat voel.
Mandy pak die klippe om haar ten einde uit te beeld hoeveel persoonlike spasie sy benodig om gemaklik te voel. Die navorser het op die rand gestaan voor, langs en agter haar en sy het verstellings gemaak ten einde die hoeveelheid spasie aan te toon waarmee sy gemaklik voel.	
Mandy oefen saam met die navorser liggaamstaal om aan te dui wanneer sy nie gemaklik voel nie, byvoorbeeld “staan terug.”	
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Mandy het bewus geword van hoe sy met behulp van haar liggaamstaal boodskappe uitstuur.	Geen weerstand nie. Die rollespel is op haar voorgrond en sy gee goeie samewerking.

8.2.2.16 Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mandy by die aktiwiteit: “Vertroue,” (sien punt 6.2.4.2.).

Tabel 8.35: Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy maak vandag gebruik van nie-verbale kommunikasie en rek haar oë en lag.	Mandy noem dat die afspraak vandag te vroeg was, sy wou nog slaap.
Mooi aangetrek.	Volgens Mandy beteken vertroue vir haar om “eerlik” te wees.

Kom selfversekerd voor.	Sy noem drie vriende en haar oom as persone wat sy vertrou. Sy noem dat sy vir hulle goed kan vertel en hulle sal dit nie vir ander vertel nie.
	Sy onthul dat die rede waarom sy nie haar stiefpa vertrou nie, is omdat hy haar probeer verkrag het toe haar ma in die Oos-Kaap was. Sy het geskree en hy het haar gelos. Sy het haar ma en oom vertel en bly daarom nou by haar oom.
	Sy noem dat 'n persoon se gedrag daarop dui of jy hom of haar kan vertrou of nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Kom gereeld vir haar sessies.	Geen weerstand nie.
Woon by haar oom wat sy vertrou. Sy het drie vriendinne wat sy ook vertrou.	Op Mandy se voorgrond is die voorval waartydens haar stiefpa probeer het om haar te verkrag.

8.2.2.17 Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorser lig Mandy in dat die meisie wat saam met haar die aand van die voorval was, erken het dat sy toestemming gegee het en dus nie verkrag is nie. Dit was dus statutêre verkragting in die geval van die ander meisie aangesien sy jonger as 16 jaar oud is en nog nie gemagtig is om ingeligte toestemming te gee nie. Die navorser betrek Mandy by die aktiwiteit: "Positiewe denke," (sien punt 6.2.2.5.).

Tabel 8.36: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Mandy Lewis.

NIE VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mandy lyk geskok toe die navorser haar inlig van die ander meisie wat erken het dat sy toestemming gegee het.	Volgens Mandy het sy nie toestemming gegee nie en is sy geskok oor die nuus. Volgens Mandy het die ander meisie nie dit vir haar vertel nie.
Haar gesigsuitdrukking toon op verbasing toe die navorser haar inlig dat die ander meisie erken het dat sy toestemming gegee het.	Volgens Mandy is sy nie meer vriende met die ander meisie nie, want die ander meisie het haar probeer oortuig om die saak terug te trek en was steeds vriende met die beweerde oortreders.
Sy kom egter selfversekerd voor toe sy die navorser inlig dat sy egter voortgaan met die saak en haar kant wil stel.	Volgens Mandy wil sy haar kant vertel in die hofsaak en wil sy voortgaan met die saak. Mandy vertel weer wat die aand van die voorval gebeur het. Mandy vertel dat die een beweerde oortreder haar gedreig het en gesê het dat hy haar met 'n skroewedraaier sal steek. Hulle het geweier dat sy huis toe gaan na die verkragting en volgens Mandy het sy wakker gelê tot die volgende oggend.
	Volgens Mandy is die positiewe aspekte dat sy

	die waarheid praat, opstaan vir haar regte, dat haar familie haar ondersteun, dat sy eerlik is, dat sy terapie positief beleef en dat haar verhouding met haar ma verbeter het.
	Volgens Mandy was die negatiewe dat haar lewe moeilik was na die verkragting, sy kon nie konsentreer nie en dat sy nie meer vriende met die ander meisie is nie, wie sy dink baie potensiaal het om haar lewe positief te verander.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy gaan die vakansie na die Oos-Kaap. Twee van haar neefs word besny.	Geen weerstand nie. Op haar voorgrond is die meisie wat erken het dat sy toestemming gegee het.

8.2.2.18 Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: Mandy en mnr. Lewis, haar oom.

Mnr. Lewis stem in dat die navorser kan temineer.

Tabel 8.37 Mandy Lewis se huidige funksionering volgens mnr. Lewis.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Gesondheidsgeskiedenis:	Na verkragting.	Sy kon een aand na die voorval nie slaap nie. Bekommerd oor een beweerde oortreder wat na bewering MIV positief is.
	Huidig.	Gesondheid goed, geen slaap- of eetprobleme nie. Een beweerde oortreder is MIV positief, maar Mandy het "AZT" medikasie geneem en het gelukkig nie die virus gekry nie.
Emosionele funksionering:	Na verkragting.	Haar selfbeeld is beïnvloed. Sy voel skuldig omdat sy uit was in die aand.
	Huidig.	Volgens haar oom is Mandy 'n sterk persoon. Geen huidige kommer nie.
Interpersoonlike verhoudings:	Na verkragting.	Vriende verlei haar om verkeerde goed te doen.
	Huidig.	Mandy se verhouding met haar ma het verbeter. Mandy het ook weer kontak met haar pa en stiefma in die Oos-Kaap gehad en het dit positief beleef. Sy is nie meer vriende met die meisie

		wat saam met haar was die aand van die vooval nie.
Gedragsprobleme:	Na verkragting.	Haar oom keur nie haar vriende goed nie.
	Huidig.	Net eenkeer wat sy saam met vriende gedrink het waaroor hy haar aangespreek het. Verder is haar gedrag goed. Sy is betrokke by die jeug. Kontak verbreek met die verkeerde vriende.
Kognisie:	Na verkragting.	Geen probleem.
	Huidig.	Geen probleem.
Seksualiteit:	Na verkragting.	Hulle het nooit daarvoor gepraat nie.
	Huidig.	Hulle praat nou soms daarvoor.
Skoolprestasie:	Na verkragting.	Die een beweerde oortreder is in dieselfde skool.
	Huidig.	Sy het geslaag. Sy het vanjaar van skool verander.
Dissipline:	Na verkragting en huidiglik.	Hy praat met Mandy en waarsku haar teen die verkeerde vriende.
Gesinslewe:	Na verkragting.	Verhouding met ma was swak en sy was aanvanklik nie ondersteunend na die voorval nie.
	Huidig.	Sy woon steeds by oom, maar haar verhouding met haar ma het verbeter. Sy het ook kontak met haar pa gehad. Haar oom probeer deurgaans kontak tussen Mandy en haar ouers bewerkstellig.

8.2.2.19 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram


Die voortoets het daarop gedui dat Mandy se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Mandy se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die natoets het getoon dat Mandy se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed

nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.


Mandy se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsie-elemente) is huidig 9% en haar vorige telling tydens die voortoets was 38%. Al Mandy se selfpersepsietellings het goed verbeter, aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is. Haar isolasietelling dui nie op 'n behoefte vir verbetering nie en is slegs een punt bo die aanbevole gebied naamlik 30. Die navorser skryf dit aan die volgende toe:

- Sy het van skool verander en is nou op Stellenbosch op skool. Sy staan baie vroeg op om die trein te haal en kom eers laat by die huis na skool.
- Sy het onthul dat sy by haar oom woon omdat haar stiefpa haar na bewering probeer verkrag het.
- Haar ma was aanvanklik nie ondersteunend na die voorval nie.

Figuur 8.3: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie



Mandy se huidige algehele Trauma-Dinamikapuntetotaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamika-elemente) is 8% en haar vorige telling tydens die voortoets was 27%. Al Mandy se trauma-dinamikatellings het verbeter en is onder die aanbevole gebied. Let veral op die verbetering in haar wantroue en frustrasietellings.

Figuur 8.4: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika

8.2.2.20 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge komplimenteer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Mandy se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het. Volgens Mandy se oom, mnr. Lewis, was Mandy se selfbeeld na die voorval beïnvloed, was sy beïnvloedbaar deur haar portuurgroep en het die verkeerde vriende gehad. Sy kon een aand na die voorval nie slaap nie en hulle het die gerugte gehoor dat die een beweerde oortreder MIV positief is. Haar verhouding met haar ma was swak.

Die onderhoude met mnr. Lewis het ook daarop gedui dat Mandy positiewe veranderinge getoon het weens die terapeutiese dienste wat gelewer is. Na afloop van dienslewering, was Mandy selfversekerd en haar oom het haar as 'n "sterk persoon" beskryf. Sy was betrokke by die jeug en het geen gedragsprobleme getoon nie. Haar verhouding met haar ma het verbeter en sy het ook by haar pa en stiefma gaan kuier. Sy het geslaag en is positief ingestel op haar skoolloopbaan. Sy het van skool verander en is nie meer in dieselfde skool as die een beweerde oortreder nie. Mnr. Lewis en Mandy praat nou soms oor seksualiteit.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Mandy en haar oom gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel. Almal was dit eens dat dit goed gaan met Mandy en dat geen verdere dienste benodig word nie. Die navorser handhaaf 'n oop-deur-beleid. Beide Mandy se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenteër aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapiëprogram Mandy se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het.

8.2.3 Biografiese inligting van gevallestudie drie: Mia Koense.

Naam van die adolessent: Mia Koense

Kultuurgroep: Xhosa

Ouderdom: 13 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die gesin: 4

Huistaal: Xhosa

8.2.3.1 Agtergrondinligting van Mia Koense

Mia Koense het in die Oos-Kaap grootgeword en het later saam met haar moeder na Kaapstad verhuis. Mev. Koense het PATCH se Xhosa maatskaplike werker kom sien in verband met haar dogter, Mia. Mev. Koense het haar kommer uitgespreek oor Mia wat slegs 13 jaar oud is en seksuele verhoudings met mans ouer as 21 jaar het. Mia het na bewering soms geld vir seks aanvaar. Dit is dus statutêre verkragting aangesien Mia nog nie 16 jaar oud is nie en daarom nie ingeligte toestemming vir seksuele omgang kan gee nie. Mev. Koense moes na die Oos-Kaap gaan, maar kon nie haar kind onder daardie omstandighede sonder haar toesig by familie laat nie en Mia is skoolgaande. Die Xhosa maatskaplike werker het met die betrokke welsyn gereël dat Mia tydelik by 'n plek van veiligheid geplaas word en mev. Koense het ingestem dat Mia kan inskakel vir terapie by die navorser.

8.2.3.2 Impak van die beweerde statutêre verkragting op Mia volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Koense.

Mev. Koense gee skriftelike toestemming vir Mia se deelname aan die navorsing.

Tabel 8.38: Agtergrondgeskiedenis van Mia Koense.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkelingsgeskiedenis:	Geboorteproses.	Mev. Koense was aanvanklik siek tydens haar swangerskap, maar dit het opgeklaar. Mia was 'n beplande swangerskap. By die huis geboorte geskenk, alles het goed verloop.
	Ontwikkeling	Mia was baie siek toe sy klein was en dit het haar ontwikkeling beïnvloed. Sy het ontwikkelingstake dus op 'n latere ouderdom bemeester.
	Geen traumagebeure voorheen nie.	Mia het nog nooit voorheen terapie ontvang nie.
Gesondheidsgeskiedenis:	Geboorte tot statutêre verkragting.	Mia was baie siek toe sy klein was.
	Na statutêre verkragting.	Mia het nie enige gesondheidsprobleme op die oomblik nie. Mia kla soms van hoofpyn.
Emosionele funksionering:	Voor statutêre verkragting.	Geen probleme nie.
	Na statutêre verkragting.	Mia gee nie om vir haarself nie, sy was haarself net as iemand haar herinner. Vandat sy seksueel aktief is, praat sy van selfmoordpogings.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor statutêre verkragting.	Verhouding met ouers was beter voor die statutêre verkragting. Mia het die verkeerde vriende en is beïnvloedbaar deur portuurgroep.
	Na statutêre verkragting.	Verhouding met ouers het verswak, omdat mev. Koense baie kwaad was oor voorvalle en haar soms slaan. Mia hou daarvan om saam met haar vriende te wees.
Gedragsprobleme:	Voor statutêre verkragting.	Gedrag was beter.
	Na statutêre verkragting.	Sy is nie gehoorsaam nie. Sy steel geld, vertel leuens en is aggressief teenoor haar vriende. Mia drink en hardloop weg van die huis af.
Kognisie:	Voor en na statutêre verkragting.	Geen probleme nie.
Seksualiteit:	Voor en na statutêre verkragting.	Mia en mev. Koense praat nie oor seksualiteitaspekte

		nie.
Skoolprestasie:	Voor statutêre verkragting.	Mia het altyd goed gedoen.
	Na statutêre verkragting.	Mev. Koense weet nie hoe Mia huidig presteer op skool nie en onderneem om met die onderwyseres te gaan praat.
Voorval inligting:	Die statutêre verkragting.	Mia het seksuele verhoudings met ouer mans aangeknoop en soms geld ontvang. Mev. Koense is baie kwaad vir Mia daaroor.
Dissipline:	Voor en na statutêre verkragting.	Mev. Koense slaan vir Mia, maar erken dat dit nie effektief was nie en dat Mia se gedrag nie verander het nie.
Gesinslewe:	Voor statutêre verkragting.	Verhouding met ouers was beter as nou.
	Na statutêre verkragting.	Verhoudings met ouers het verswak. Mia se pa het Mia se ma blameer vir Mia se gedrag en dit het 'n impak op hulle verhouding gehad. Mia nou in 'n veiligheidsplasing.

8.2.3.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi.

Alhoewel Mia Engels verstaan, is dit vir haar makliker om in Xhosa te praat. Die besluit word daarom geneem dat Vuyokazi as tolk sal optree. Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: “Die lewenslyn,” (sien punt 6.2.1.1.). Tydens die aktiwiteit gee Mia ook vrywilliglik die inligting rondom die seksuele verhoudings wat sy aangeknoop het. Haar vriende het haar aangemoedig om seksueel aktief te wees met 'n man vir geld. Volgens Mdikana (2000:25) is een van die gevare van identifikasie met die portuurgroep wanneer die adolessent 'n negatiewe identiteit vorm wat in konflik met die samelewing se waardes en norme is en dus 'n negatiewe invloed op die adolessent uitoefen. Kinders in die “valse laag” tree op volgens wat ander van hulle verwag en dus nie volgens hulle ware self nie (Blom, 2004:35).

Tabel 8.39: Kwalitatiewe data van sessie een met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia is klein gebou en lyk baie jonk. Sy kom egter selfversekerd voor. Haar gesiggie kom emosieloos voor.	Volgens Mia was sy in graad een in die Oos-Kaap en het in graad twee na 'n skool in die Strand gekom. Sy bly vanaf geboorte by haar ouers. Volgens Mia is haar ouma oorlede toe

	sy 12 jaar oud was.
Beperkte oogkontak, kan kultureel van aard wees.	Mia erken dat sy op 13 jarige ouderdom die eerste keer begin eksperimenteer het met drank en vir die eerste keer seksueel aktief was toe sy onder die invloed van alkohol was.
	Mia noem dat haar vriende haar aangemoedig het om met die man seks te hê vir geld omdat hy gewerk het. Dit was nie vir haar lekker nie.
	Mia noem dat daar nog 'n man was met wie sy twee keer seks gehad het, sy kan nie sy naam onthou nie. Sy het nou 'n vaste kêrel. Hy is 14 jaar oud en hulle is nie seksueel aktief nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Verhouding met haar ouers is swak. Haar ma is veral baie kwaad vir haar oor haar gedrag.	Geen weerstand nie.
Mia blyk baie beïnvloedbaar te wees deur haar portuurgroep.	Mia se gedrag en seksuele verhoudings is op haar voorgrond.

8.2.3.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Mia Koense.

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: “Die liggaamskaart,” (sien punt 6.2.1.5.). Mia het met behulp van hierdie aktiwiteit die geleentheid gekry om haar gevoelens in die hier-en-nou te deel. Volgens O’Leary (1998:17) is die teenwoordige van belang, want die verlede is verby en die toekoms het nog nie gearriveer nie.

Tabel 8.40: Kwalitatiewe data van sessie twee met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia lyk opgewonde en asof sy uitgesien het na die sessie.	Volgens Mia is sy gelukkig wanneer sy saam met haar ouers is en goeie dinge doen.
Mia is betyds vir haar sessie.	Volgens Mia word sy kwaad wanneer sy vals beskuldig word van iets by die veiligheidsplasing.
Goeie belangstelling en deelname.	Mia erken dat sy skuldig voel en spyt is omdat sy gedrink het en daarom soms by haar vriende oorgeslaap het en in die moeilikheid by haar ouers beland het. Sy bevestig ook dat sy dronk was toe sy seks met die man gehad het.
	Volgens Mia is sy bekommerd oor die konflik tussen haar en haar suster. Haar suster het op haar geskree oor die verkeerde vriende.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy is in 'n veiligheidsplasing.	Mia toon weerstand en wil nie dat die navorser die beweringe van valse beskuldigings teenoor Mia met die veiligheidsouer bespreek nie.
Haar suster het vir haar kom kuier.	Haar gevoelens wat bespreek word, is op haar voorgrond.

8.2.3.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Mia Koense en Jackie (tolk).

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteite: “Gunsteling dinge” en “My naam,” (sien punt 6.2.3.2. en 6.2.3.3.). Die navorser het met hierdie aktiwiteite gepoog om aan Mia te illustreer dat sy ‘n unieke persoon is, nie noodwendig dieselfde as die navorser of haar vriende nie, en dat sy aanvaar word vir wie sy is as persoon. Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:425) verwys identiteit na die individu se bewustheid van haarself as onafhanklike, unieke persoon met ‘n spesifieke plek in die samelewing.

Tabel 8.41: Kwalitatiewe data van sessie drie met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia kom gemaklik voor en gee nie om dat Jackie instaan as tolk nie.	Volgens Mia is haar gunsteling-televisieprogram “Generations.” Haar gunstelingplek om by te gaan kuier is die Oos-Kaap, maar sy is nie seker of haar ma haar vanjaar sal toelaat om te gaan nie.
Sy lyk asof sy die sessies geniet.	Haar ma het haar naam gekies en die betekenis van haar Xhosa-naam is: “dat sy iets vir haarself kan doen.”
Sy is mooi aangetrek.	Sy noem dat sy die navorser “Noluthando” sou noem wat beteken “lovely.”
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy wil graag weer gaan kuier in die Oos-Kaap.	Geen weerstand nie.
	Die aktiwiteite en besprekings oor haar naam en gunsteling is op haar voorgrond.

8.2.3.6 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Mia Koense en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: “Onvoltooide sinne,” (sien punt 6.2.3.4.). Onvoltooidhede neem gewoonlik die vorm van onvoltooide en onopgeloste uitgedrukte gevoelens aan (O’Leary, 1998:14).

Tabel 8.42: Kwalitatiewe data van sessie vier met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy is mooi aangetrek en in ‘n ligte gemoedstoestand.	Mia vertel dat sy eenkeer ontsteld was toe ‘n kind haar geslaan het. Sy het die kind teruggeslaan. Bespreek alternatiewe, beter optredes.
Mia is nie skaam nie en kom selfversekerd	Sy noem dat sy nie meer iets slegs wil doen nie

voor. Sy kom alleen na haar sessies.	en verduidelik dat sy nie meer wil drink nie.
Sy neem met oorgawe deel aan die sessies en geniet dit.	Sy voltooi onder andere die volgende sinne: “Ek voel op my beste wanneer ek saam met my ma en pa televisie kyk of eet,” “Ek wil nie iemand kwaad maak nie,” “Ek hou nie daarvan om iemand kwaad te maak nie,” “Ek praat nie as ek iets saam met my vriende gedoen het nie,” “Ek voel skaam as iemand vir my sê dat ek dronk was.”
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Mia besef dat haar gedrag saam met haar vriende nadelige gevolge inhou en dat sy keuses sal moet maak.	Geen weerstand nie. Op haar voorgrond is dat sy graag haar gedrag wil verbeter en besef dat ander kwaad word oor haar gedrag (gevolge).”

8.2.3.7 Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Mia Koense en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: “Sintuie,” (sien punt 6.2.2.3.). Die navorser het met hierdie aktiwiteit Mia se bewustheid verhoog van die inligting wat sy met behulp van haar sintuie ontvang. Bewustheid is volgens Passons (1975:21) die kapasiteit om te fokus, om aandag te gee. Indien ‘n persoon nie bewus is van wat sy doen nie, dan neem sy nie verantwoordelikheid vir wat sy doen nie.

Tabel 8.43: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia is netjies aangetrek in haar skooldrag.	Volgens Mia onthou sy die volgende inligting tydens die voorval toe sy dronk was en seks gehad het met die ouer man: Sy het geruik dat hy dronk is, het gedink dat hy daarom saam met haar seks wil hê en het bang gevoel. Sy het gevoel toe hy haar klere uittrek.
Sy kom vroliker en minder geslote voor as aanvanklik.	Mia noem dat sy nie dit wou gedoen het nie.
Haar gesigsuitdrukking was hartseer toe sy gepraat het oor watter inligting sy met haar sintuie ontvang het tydens die voorval.	Mia noem dat sy die volgende mooi inligting met haar sintuie ontvang het: sy het gehoor haar ma het gesê dat sy vir haar klere gaan koop, haar ma het vir haar ‘n drukkies gegee, sy het die braaivleis by die huis geruik en geproe, dit was lekker.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy was by die huis en hulle het gepraai.	Geen weerstand nie. Op Mia se voorgrond is haar ma en gebeure by die huis.

8.2.3.8 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Mia Koense en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: “Selfgeldende gedrag,” (sien punt 6.2.3.8.). Blom (2004:19) maak die afleiding dat gesonde kontak onder andere gesien kan word as die individu se vermoë om kontak met die omgewing te maak deur gebruik te maak van haar sintuie en die vermoë om emosies op ‘n gesonde manier uit te druk.

Tabel 8.44: Kwalitatiewe data van sessie ses met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia lyk hartseer en geslote toe sy by die kantoor instap. Sy het tranes in haar oë.	Mia vertel dat haar ma vir haar klere gekoop het en dat dit nou vir haar voel asof die veiligheidsouer kwaad is en sy wil nie meer daar bly nie. Vuyokazi verduidelik dat die veiligheidsouer nou wil weet of haar ma ‘n finansiële bydrae kan maak.
Mia lyk verlig toe die navorser voorstel dat ‘n vergadering gehou moet word met die betrokke welsyn, veiligheidsouer en mev. Koense ten einde Mia se toekoms te bespreek.	Mia noem dat sy ook geterg word by die veiligheidsplasing en spreek die wens uit om by haar ouma in die Oos-Kaap te gaan bly.
Mia se energievlakke lig tydens die rollespel en sy geniet dit.	Volgens Mia was sy vir drie dae by die huis vir ‘n tradisionele fees en sy het by haar ma se reëls gehou.
Mia lyk ingenome met haarself toe die navorser haar prys dat sy vandag haar probleem op ‘n selfgeldende manier kom bespreek het.	Volgens Mia drink sy nie meer nie en is ook nie meer seksueel aktief nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Haar ma het vir haar klere gekoop.	Weerstand om aan te bly by die veiligheidsouer.
Sy is nie gelukkig by die veiligheidsplasing nie.	Op haar voorgrond is dat sy nie meer by die veiligheidsouer wil bly nie en na haar ouma in die Oos-Kaap wil gaan.

8.2.3.9 Verloop van sessie sewe en agt. Teenwoordig: mev. Koense en Vuyokazi.

Mev. Koense spreek tydens sessie sewe die wens uit dat Mia by die veiligheidsplasing moet aanbly tot Desember, waarna hulle saam na die Oos-Kaap kan gaan. Volgens mev. Koense kan Mia dan huis toe kom en dan kan ons haar gedrag monitor. Die navorser stel voor dat dit geleidelik gedoen moet word en dat Mia nou reeds vir naweke huis toe moet gaan en in die week by die veiligheidsouer moet bly. Vuyokazi sal die moontlikheid daarvan met die betrokke welsynswerker en die veiligheidsouer bespreek. Die navorser betrek Mia tydens sessie agt by die aktiwiteit: “Nie-verbale gedrag” en “Persoonlike spasie,” (sien punt 6.2.1.6. en 6.2.2.11.). O’Leary (1998:53)

haal Perls se beskrywing aan hoe die terapeut aandag geen aan die proses van psigosomatiese taal: “Moenie luister na die woorde nie, luister na wat die stem vir jou sê, wat die liggaamshouding en beeld vir jou vertel en die gesigsuitdrukking. Jy sal opmerk dat elkeen haarself op ‘n manier uitdruk.”

Tabel 8.45: Kwalitatiewe data van sessie agt met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia lyk tevrede toe die navorser haar inlig wat haar ma gesê het. Mia geniet die rollespel en neem aktief deel.	Mia vertel dat sy en ‘n ander verstandelike gestremde meisie baklei het. Volgens Mia het ‘n seun deur die venster gekyk toe die ander meisie in die toilet was. Die meisie het vir Mia vertel en Mia het die seun gekonfronteer. Die ander meisie is toe kwaad dat Mia dit gedoen het en het vir Mia geslaan en toe slaan Mia haar terug.
Mia dui aan dat sy sal terugstaan indien iemand in haar persoonlike spasie kom en sy ongemaklik voel.	Volgens Mia blameer almal by die veiligheidsplasing nou vir haar.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Dit lyk asof die verhouding tussen Mia en die veiligheidsouer verswak het omdat mev. Koense nie ‘n finansiële bydra lewer nie.	Die konflik tussen haar en die ander meisie is op haar voorgrond. Geen weerstand nie.

8.2.3.10 Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: “My veiligheid,” (sien punt 6.2.1.2.). Mia het ‘n ekokaart van haar omgewing gemaak. Volgens Shapiro (1994:49) kan die kind haar wêreld orden, sin maak van wat sy weet, ervarings van die verlede in verhouding bring met die hede en spieraktiwiteite omsit in denke, en idees omsig in aksies met behulp van kuns.

Tabel 8.46: Kwalitatiewe data van sessie nege met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia is betyds en in ‘n ligte gemoedstoestand.	Mia verduidelik dat sy nie veilig voel in die Oos-Kaap nie, want haar ma is daar beroof.
Mia glimlag en lyk tevrede daarmee dat sy verantwoordelikheid moet aanvaar vir haar gedrag en indien haar gedrag goed is naweke by die huis, verhoog die moontlikheid dat sy huis toe kan gaan.	Sy verduidelik dat sy nie veilig voel by die winkels nie omdat diefstal daar plaasvind en daar seuns is wat ander kinders probeer dwing om iets vir hulle te koop.
Mia dui aan met ‘n regmerk op die ekokaart dat sy veilig voel by haar veiligheidsplasing,	Sy verduidelik dat sy nie veilig voel indien sy op pad na haar vriendin toe is nie, want iemand

kerk en skool.	kan haar langs die pad vang.
Sy dui aan met 'n kruisie dat sy nie veilig voel by haar een vriendin se huis, in die Oos-Kaap en by die winkel nie.	Mia noem dat die smokkelhuise, tussen haar huis en die park gevaarlike plekke in haar gemeenskap is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Die navorser lig Mia in dat sy na die vakansie elke tweede naweek huis toe sal gaan. Die navorser wys Mia daarop dat dit in haar hande is of sy weer huis toe sal gaan of nie. Indien sy by haar ma se reëls hou en nie drink nie, verhoog dit die moontlikheid dat sy gouer sal huis toe gaan.	Geen weerstand nie. Die aktiwiteite en besprekings is op haar voorgrond.
Mia identifiseer die plekke in haar gemeenskap waar sy veilig voel en nie veilig voel nie.	

8.2.3.11 Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: "Vertroue," (sien punt 6.2.4.2.). Indien die adolessent deur 'n persoon in die verlede verraai is, kan dit lei tot probleme met vertroue in die hede (Williams & Poijula, 2002:178).

Tabel 8.47: Kwalitatiewe data van sessie tien met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia lyk baie gelukkig omdat die navorser haar verjaarsdag onthou het.	Volgens Mia beteken vertroue vir haar dat die ander persoon nie jou geheime met ander sal deel sonder om jou eers te vra nie. Sy voel ook dat 'n persoon wat sy kan vertrou ouer as sy moet wees.
Goeie energievlakke.	Mia identifiseer haar familie en ma as die persone wat sy vertrou, want sy behoort aan hulle en hulle hou by hulle beloftes.
Sy kom selfversekerd voor.	Volgens Mia kon sy nie vanjaar 'n verjaarsdagpartytjie kry nie weens finansiële redes.
	Volgens Mia vertrou sy nie vreemde mans en haar een vriendin nie. Sy verduidelik dat vreemde mans jou kan verkrag. Sy verduidelik dat hulle klomp vriende was wat saam gerook het. Haar vriendin het vir mev. Koense gaan sê dat Mia gerook het, maar sy het self ook gerook. Daarom vertrou sy nie meer daardie vriendin nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy vertrou haar ma en familie.	Geen weerstand nie.
Die navorser het 'n verjaarsdagpersent aan haar gegee.	Op Mia se voorgrond is dat sy graag huis toe wil gaan.

8.2.3.12 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: “Meryl se storie,” (sien punt 6.2.4.1.). Storievertelling skep ‘n veilige afstand waartydens die adolessent met verskeie aspekte van die storie kan identifiseer en bewuswording word geskep asook die geleentheid om dit op ‘n nie-bedreigende manier te bespreek (Webb, 1999:37). Volgens Mia het haar pa Saterdag gedrink, sy het na haar vriendin se huis gegaan en het weer die Sondag huis toe gegaan. Haar ma was baie kwaad en het na bewering gesê dat sy vir Mia gaan doodmaak. Mia erken dat dit verkeerd van haar was om uit te slaap sonder toestemming.

Tabel 8.48: Kwalitatiewe data van sessie elf met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia is betyds vir haar afspraak.	Volgens Mia het sy skuldgevoelens ervaar omdat sy gedrink het en na die beweerde oortreder gegaan het.
Sy toon belangstelling in die aktiwiteit.	Volgens Mia het sy vir niemand vertel nie. Die beweerde se tweelingbroer het ‘n vriend vertel wat vir mev. Koense vertel het. Mia noem dat sy nou vry voel dat die waarheid uitgekóm het.
Mia se oë was tranerig toe sy vertel het van die gebeure oor die naweek.	Volgens Mia het die voorval haar gepla en was sy bang dat hy dit weer sal doen.
	Voor onthulling het sy hoofpyn gekry. Volgens Mia vertrou sy nie mans nie. Mia is van mening dat die draaipunt in haar lewe was toe sy by die veiligheidsplasing geplaas is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Dit blyk dat mev. Koense haar kwaadgevoelens op die verkeerde manier uitdruk weens die beweringe dat sy al vir Mia gebyt het en vir haar gesê het dat sy haar gaan doodmaak.	Weerstand om die situasie in die gesig te staar en wil vlug na die Oos-Kaap om by haar ouma te gaan bly.
Volgens Mia het haar pa na bewering gedrink.	Op haar voorgrond is die gebeure die naweek.

8.2.3.13 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: “7de Laan,” (sien punt 6.2.2.6.). Die televisieproram “Generations” word bespreek. Die navorser het met behulp van hierdie aktiwiteit Mia se bewustheid verhoog dat sy boodskappe met behulp van haar positiewe en negatiewe eienskappe, aan ander mense uitstuur. Adolessente kan aan onbeperkte grense dink in terme van wie hulle nou is en wie hulle gaan wees (Gil, 1996:32).

Tabel 8.49: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia is mooi aangetrek en het 'n mooi hangertjie aan.	Mia identifiseer haar positiewe eienskappe as: respekteer ander se sienings, kommunikeer gevoelens, mooi, wil nie baie verhoudings hê nie.
Mia neem entoesiasies deel aan die bespreking van die karakters in Generations.	Volgens Mia dink sy dat dit reg is om te leer en om te trou as sy 21 jaar oud is. Sy dink dat dit verkeerd is om te jonk swanger te word en kêrels te hê.
Goeie energievlakke.	Mia identifiseer haar negatiewe punte as: wanneer sy drink, wanneer sy saam met stout vriende is en nie by die huis slaap nie.
	Mia noem dat sy nog nooit weer gedrink het nie vandat sy die navorser begin sien het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Volgens Mia is daar stories versprei dat sy in die strate rondloop en haar ma het na die veiligheidsplasing gekom en gesien dat dit nie waar is nie.	Geen weerstand nie.
Sy wil nou weer terugkom na die Strand na die vakansie in die Oos-Kaap.	Op haar voorgrond is haar gedrag en dat sy dit graag wil verbeter.

8.2.3.14 Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: "Positiewe denke," (sien punt 6.2.2.5.). Die navorser het met behulp van bibliospel aan Mia gedemonstreer dat selfs in moeilike situasies, daar positiewe aspekte na vore kan kom. Bibliospel betrek afstand, identifikasie en projeksie (Webb, 1999:37).

Tabel 8.50: Kwalitatiewe data van sessie dertien met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia se hand is in 'n verband. Sy het met haar hand in 'n glas geval op die strand.	Volgens Mia gaan sy Januarie na die Oos-Kaap, haar ma het so besluit. Sy is gelukkig met haar ma se besluit.
Sy het aanvanklik "af" gelyk en het behoefte gehad dat die navorser moet erkenning gee dat haar hand seer moet wees en moet simpatiseer.	Mia noem die volgende as positiewe aspekte: haar plasing by die veiligheidsplasing, haar gedrag het verbeter, die terapie, haar verhouding met haar ma is beter en sy het nog nooit weer gedrink nie.
	Mia noem dat sy die gedrag van die ander kinders by die veiligheidsplasing soms as negatief beleef het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND

Die navorser neem Mia na die sessie na die kliniek sodat die wond op haar hand goed skoongemaak kan word.	Geen weerstand nie.
Sy het vanjaar geslaag.	Op haar voorgrond is dat sy moontlik in Januarie in die Oos-Kaap gaan bly.

8.2.3.15 Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Mev. Koense en Vuyokazi.

Mev. Koense het besluit om Mia na haar grootouers in die Oos-Kaap te stuur.

Tabel 8.51 Mia Koense se huidige funksionering volgens mev. Koense.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Gesondheidsgeskiedenis:	Na statutêre verkragting.	Mia kla soms van hoofpyn.
	Huidig.	Geen probleme nie. Sy kla nie meer van hoofpyn nie.
Emosionele funksionering:	Na statutêre verkragting.	Mia gee nie om vir haarself nie, sy was haarself net as iemand haar herinner. Vandat sy seksueel aktief is, praat sy van selfmoordpogings.
	Huidig.	Mev. Koense gee erkenning aan Mia se verbetering in fisiese versorging en higiëne. Sover mev. Koense se kennis strek het Mia nog nie weer gepraat oor selfmoord nie.
Interpersoonlike verhoudings:	Na statutêre verkragting.	Verhouding met ouers was beter voor die statutêre verkragting. Mia het die verkeerde vriende en is beïnvloedbaar deur portuurgroep.
	Huidig.	Mev. Koense noem dat Mia se kommunikasie vermoë verbeter het en dat Mia met haar praat. Mia en haar ma se verhouding het al verbeter. Mev. Koense bedank PATCH en noem dat wanneer sy na Mia se vriende kyk (altyd dronk) dan dink sy dat Mia dieselfde sou gewees het as dit nie vir PATCH was nie.
Gedragsprobleme:	Na statutêre verkragting.	Sy is nie gehoorsaam nie. Sy steel geld, vertel leuens en is aggressief teenoor haar

		vriende. Mia drink en hardloop weg van die huis af.
	Huidig.	Mia is nou gehoorsaam. Sy steel nie meer geld nie of vertel nie meer leuens nie. Geen insidente waarvan sy weet waartydens Mia weer gedrink het of aggressief opgetree het nie.
Kognisie:	Na statutêre verkragting.	Geen probleme nie.
	Huidig.	Geen probleme nie.
Seksualiteit:	Na statutêre verkragting.	Mia en mev. Koense praat nie oor seksualiteitsaspekte nie.
	Huidig.	Mev. Koense is van mening dat die veiligheidsplasing voorkom het dat Mia weer seksueel aktief is. Volgens Mia was sy vanaf aanvang van terapie nog nie weer seksueel aktief nie.
Skoolprestasie:	Na statutêre verkragting.	Mev. Koense weet nie hoe Mia huidiglik presteer op skool nie en onderneem om met die onderwysers te gaan praat.
	Huidig.	Mia het geslaag. Volgens mev. Koense het sy nie verwag dat Mia so goed gaan doen nie.
Dissipline:	Na statutêre verkragting.	Mev. Koense slaan vir Mia, maar erken dat dit nie effektief was nie en dat Mia se gedrag nie verander het nie.
	Huidig.	Sy praat met Mia.
Gesinslewe:	Na statutêre verkragting.	Verhoudings met ouers het verswak. Mia se pa het Mia se ma blameer vir Mia se gedrag en dit het 'n impak op hulle verhouding gehad. Mia nou in 'n veiligheidsplasing.
	Huidig	Verhouding met ma het verbeter. Sy het besluit om Mia Oos-Kaap toe te stuur, om te kyk hoe Mia se gedrag daar in die landelike gebiede sal wees.


8.2.3.16 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram

Die voortoets het daarop gedui dat Mia se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Mia se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die natoets het getoon dat Mia se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf. Mia se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsie-elemente) is huidiglik 34% en haar vorige telling tydens die voortoets was 50%. Al Mia se selfpersepsietellings het goed verbeter en is onder die aanbevole gebied, behalwe haar angstigheidtelling wat tans baie hoog is. Let veral op die verbetering in haar gebrek aan selfwaarde en gebrek aan selfgelding. Die navorser skryf haar hoë angstigheidtelling aan die volgende toe:

- Ten spyte daarvan dat Mia hard probeer het om haar gedrag te verbeter en dat daar geen verdere beweringe van drankmisbruik en seksuele verhoudings was nie, het haar ma steeds besluit om haar na die Oos-Kaap te stuur en sy sal dus ver van haar ouers en vriende af wees,
- Almal hou Mia met 'n valkoog dop vir wanneer sy dalk verkeerd optree, en haar gedrag in die verlede word teen haar gehou. Die navorser is egter van mening dat sy nie genoeg erkenning kry vir haar verbetering in gedrag nie. Gedurende die tydperk wat sy ingeskakel het vir terapie, was daar slegs een insident waartydens sy uitgeslaap het sonder toestemming, waarna haar ma haar na bewering gedreig het dat sy haar gaan doodmaak omdat sy kwaad was. Dit blyk asof mev. Koense steeds daardie insident teen Mia hou.
- Die navorser is van mening dat Mia baie hard probeer het om haar gedrag te verbeter en bang is om ander teleurstel te stel, veral haar ouers.
- Die veiligheidsouer wou gehad het dat mev. Koense 'n finansiële bydra moet lewer, en omdat mev. Koense nie dit dadelik gedoen het nie, het dit voorgekom

asof die verhouding tussen Mia en die veiligheidsouer daardeur negatief beïnvloed is.

Figuur 8.5: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie




Mia se huidige algehele Trauma-Dinamikapuntetotaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamika-elemente) is 19% en haar vorige telling tydens die voortoets was 24%. Al Mia se trauma-dinamika-totale is onder die aanbevole gebied, behalwe haar hulpeloosheid- en wantrouetelling is steeds bo die aanbevole gebied. Die navorser skryf dit aan die volgende toe:

- Soos reeds genoem probeer Mia hard om haar gedrag te verbeter en ten spyte daarvan dat daar geen verdere beweringe van drankmisbruik en seksuele verhoudings was nie, het haar ma steeds besluit om haar na die Oos-Kaap te stuur.
- Die insident waartydens die veiligheidsouers van mev. Koense verwag het om 'n finansiële bydra te lewer, het Mia hulpeloos gelaat, aangesien sy weet hulle het finansiële probleme en sy kan self niks aan die probleem doen nie.
- Soos reeds genoem hou almal vir Mia fyn dop vir wanneer sy dalk verkeerd optree, en haar gedrag in die verlede word teen haar gehou. Die navorser is

egter van mening dat sy nie genoeg erkenning kry vir haar verbetering in gedrag nie.

Figuur 8.6: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika



8.2.3.17 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindings

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindings komplementeer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die speltherapieprogram Mia se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het. Volgens mev. Koense het Mia voor terapeutiese dienslewering weggehardloop van die huis af, alkohol misbruik, leuens vertel, gesteel en seksuele verhoudings met ouer mans aangeknoop. Sy het gekla van hoofpyn en gepraat van selfmoord.

Die onderhoud met mev. Koense na afloop van dienslewering het daarop gedui dat Mia positiewe veranderinge getoon het weens die terapeutiese dienste wat gelewer is. Na afloop van dienslewering het Mia nie meer gesteel of leuens vertel nie. Sy het geslaag, haar higiëne het verbeter, sy het nie meer gekla van hoofpyn nie en sover almal se kennis strek, het sy nie weer alkohol misbruik of enige seksuele verhoudings gehad nie.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Mia gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel. Mia het goed en gelukkig voorgekom. Sy het die navorser ingelig dat sy nie Oos-Kaap toe gegaan het nie. Sy is gesond en ervaar nie probleme met haar slaap of eetgewoontes nie. Mia het die navorser ingelig dat sy gelukkig is by die veiligheidsplasing is, dat haar ma gereeld daar vir haar kom kuier en dat sy glad nie meer die verkeerde vriende sien nie. Volgens Mia is haar verhouding met haar ma nou baie goed. Sy het nuwe vriende wat ook by die veiligheidsplasing bly en in dieselfde skool as sy is. Sy het ook nie 'n kêrel nie. Die navorser handhaaf 'n oop-deur-beleid.

Beide Mia se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneeringsinventaris-Hoërskool-resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenteer aangesien beide daarop dui dat die implementering van die speltherapieprogram Mia se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het.

8.2.4 Biografiese inligting van gevallestudie vier: Kate Xaki

Naam van die adolessent: Kate Xaki

Kultuurgroep: Xhosa

Ouderdom: 17 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die gesin: 3

Huistaal: Xhosa

8.2.4.1 Agtergrondinligting van Kate Xaki

Kate het by haar pa in Kayelitsha gewoon en het in 1989 saam met haar ma na die Strand getrek. Sy woon huidiglik by haar ouma en uitgebreide familie in 'n huis. Haar ma bly nie ver van haar af nie. Hulle sien mekaar egter min omdat haar ma aandskof werk en sy bedags skool gaan. Die aand van die voorval was Kate by 'n klasmaat se partytjie. Hulle het gedrink en was onder die invloed van alkohol. Volgens Kate wou sy gaan slaap het en 'n seun het 'n huissleutel vir haar en 'n vriendin gegee. Sy het wakker geword en gevoel dat 'n seun tussen haar en haar vriendin kom lê het. Hy het haar verkrag terwyl haar vriendin vas geslaap het. Die seun wat die sleutel vir haar gegee het, het ingekom en haar ook verkrag. Haar vriendin het wakker geword. Hulle het huis toe gegaan en sy het vir haar ouma vertel wat gebeur het.

8.2.4.2 Impak van die beweerde verkragting op Kate volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Xaki.

Mev. Xaki het skriftelike toestemming vir Kate se deelname aan die navorsing gegee.

Tabel 8.52: Agtergrondgeskiedenis van Kate Xaki.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkelingsgeskiedenis:	Swangerskap onbeplan.	Moeder was nie bly oor die swangerskap nie. Sy en Kate se pa het tydens haar swangerskap baie baklei.
	Geboorte: Normaal.	Alles suksesvol.
	Ontwikkeling normaal.	Ontwikkelingsmylpale bereik. Geen trauma gebeure of ongelukke voorheen nie.
	Ouers breek op.	Kate aanvanklike ongelukkig daarvoor.
Gesondheidsgeskiedenis:	Geboorte tot verkragting.	Met TB gediagnoseer toe sy nog baie jonk was. Geen verdere ernstige siektes nie.
	Na verkragting.	Gesond. Kla soms van hoofpyn. Haar slaappatroon is beïnvloed, sy sukkel om te slaap.
Emosionele funksionering:	Voor verkragting.	Geen probleme nie.
	Na verkragting.	Skuldgevoelens.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor verkragting.	Geen probleme nie.
	Na verkragting.	Geen huidige probleme nie.
Gedragsprobleme:	Voor verkragting.	Baklei baie met suster.
	Na verkragting.	Gehoorsaam. Drink slegs op spesiale dae soos Kersdag.
Kognisie:	Voor verkragting.	Geen probleme nie.
	Na verkragting.	Nagmerries.
Seksualiteit:	Voor en na verkragting.	Sy praat nie met Kate oor seksualiteitsaspekte nie.
Skoolprestasie:	Voor verkragting.	Geen probleme nie.
	Na verkragting.	Beweerde oortreder is in dieselfde klas as Kate.
Voorval inligting:	Die verkragting.	Volgens mev. Xaki was sy geskok oor die voorval en het dit aangemeld by die polisie.
Dissipline:	Voor en na verkragting.	Ontneem voorregte wanneer sy vir Kate straf.
Gesinslewe:	Voor verkragting.	Geen geskiedenis van seksuele misbruik in hulle familie nie.
	Na verkragting.	Kate se verhoudings met pa en ouma is goed. Ma en

		ouma versorg vir Kate. Kate se ouers kom nie oor die weg nie, maar Kate is baie lief vir haar pa.
--	--	---

8.2.4.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi.

Kate het die inligting van die voorval neergeskryf tydens haar eerste ontmoeting met die Xhosa maatskaplike werker, Vuyokazi, by die hospitaal. Die navorser verduidelik die doel van die navorsing aan Kate. Sy stem in dat Vuyokazi kan insit tydens die sessies en die navorser verduidelik dat dit haar keuse is of sy Engels of Xhosa wil praat. Die navorser betrek Kate by die aktiwiteit: “Die lewenslyn,” (sien punt 6.2.1.1.). Met behulp van die lewenslyn het die navorser agtergrondinligting by Kate ingesamel asook belangstelling in haar kultuur begin toon. Kultuur kan volgens Swartz (2002:7) gesien word as die proses van wees en wording van ‘n sosiale wese, oor die reëls van ‘n samelewing en die maniere waarop dit voorgeskryf, ervaar en oorgedra word.

Tabel 8.53: Kwalitatiewe data van sessie een met Kate Xaki.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy dui met ‘n kruisie aan op die lewenslyn dat die kere wat sy moes gaan bly het by haar ma nie lekker was nie, want sy wou by haar pa bly.	Volgens Kate is sy gebore in die Oos-Kaap en het op driejarige ouderdom by haar pa in Kayelitsha gaan bly.
Sy dui ook aan met ‘n kruisie dat 16 nie ‘n goeie jaar was nie. Sy verduidelik dat sy begin drink het en dat dit nie reg is om te drink nie en dat mense dan baklei en die verkeerde goed doen.	Op vyfjarige ouderdom moes sy weer by haar ma gaan bly het al wou sy nie, omdat haar ouers baklei het oor haar. Op sewejarige ouderdom het sy in die helfte van die jaar teruggegaan na haar pa, skool verander en was toe daar op skool.
	Op agtjarige ouderdom het haar pa getrek en sy moes weer van skool verwissel.
	Op negejarige ouderdom het sy weer by haar ma gaan bly in die Strand en moes weer van skool verwissel. Op 12 jarige ouderdom is haar ouma oorlede.
	Sy noem dat sy probleme ervaar om te slaap.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy en haar pa het ‘n goeie verhouding.	Op haar voorgrond is al die kere wat sy moes verhuis tussen haar ma en pa.
Sy en haar ma se verhouding is nou goed.	Geen weerstand nie.

8.2.4.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi.

Die navorser betrek Kate by die aktiwiteit: “My liggaamgevoelens,” (sien punt 6.2.1.5.). Kate noem dat sy gelukkig is wanneer sy saam met haar vriende is. Volgens Louw, 1997:518) word adolessente se sosiale gedrag gekarakteriseer deur ‘n verhoogde belangstelling en betrokkenheid by hulle portuurgroep.

Tabel 8.54: Kwalitatiewe data van sessie twee met Kate Xaki.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kate kom stillerig voor. Sy het net voor die sessie opgestaan na ‘n middagslapie.	Volgens Kate voel sy gelukkig wanneer sy saam met haar vriende by die skool is, by haar pa in Kayelitsha is en as sy netbal speel.
Sy werk baie netjies en presies en kleur die ligaamskaart mooi en sorgvuldig in.	Volgens Kate het sy nie hartseergevoelens nie. Sy noem dat sy kwaad word as iemand op haar skree. Volgens Kate is sy bang vir die hof en die stigma.
Sy gee baie goeie samewerking. Netjies aangetrek.	Sy noem dat sy skuldig voel omdat sy gedrink het en in die aand geloop het. Sy noem dat sy nie meer drink of in die aand loop vanaf die voorval nie.
	Volgens Kate is sy bekommerd oor die hofsak en om die beweerde oortreders in die gesig te kyk. Sy is spyt dat die een beweerde oortreder in haar klas is en weens vakkeuses kan sy nie van klas verwissel nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Die een beweerde oortreder is in haar klas.	Die voorval is op Kate se voorgrond. Geen weerstand nie.

8.2.4.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi.

Die navorser betrek Kate by die aktiwiteit: “Reaksies van belangrike persone,” (sien punt 6.2.2.1.). Een van die grootste vrese wat adolessenteslagoffers van seksuele misbruik kan ervaar, is om hulle ouers daarvan te vertel (Benedict, 1994:190). Kate het egter dadelik die seksuele misbruik teenoor haar ouma onthul.

Tabel 8.55: Kwalitatiewe data van sessie drie met Kate Xaki.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy teken in op die gevoelgesiggie dat sy gelukkig voel oor haar ouma se reaksie.	Volgens Kate het sy haar ouma eerste vertel, haar ouma was ondersteunend en het haar geglo. Haar ouma het na die beweerde

	oortreder se huis gegaan, hulle was nie daar nie en toe het sy na die polisiestasie gegaan.
Sy teken in op die gevoelgesiggie dat sy gelukkig voel oor haar ma se reaksie.	Volgens Kate het haar ouma haar ma ingelig. Haar ma het dit geglo en het saam met Kate na die polisiestasie en die hospitaal gegaan.
Kate is in 'n ligte gemoedstoestand en is mooi aangetrek. Sy verbreek soms oogkontak.	Sy noem dat haar ma en ouma haar gewaarsku het om nie in die aande te loop en na partytjies te gaan nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Haar ma en ouma was ondersteunend na die voorval.	Op Kate se voorgrond is die reaksies van haar ma en ouma na onthulling. Geen weerstand nie.

8.2.4.6 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi.

Die navorser betrek Kate by die aktiwiteite: “My naam” en “Onvoltooide sinne,” (sien punt 6.2.3.3. en 6.2.3.4.). Kate toon weerstand om te praat oor haar en haar ma se verhouding. Navorsingsresultate van De Kock (1995:28) het bevind dat Xhosa-sprekende adolessente se voorkeur tydens konflikoplossingsstrategieë: “vermyding,” “integrasie,” “samerwerking,” en “skikking” was. Die navorser het daarom nie druk op Kate geplaas om te praat oor haar verhouding met haar ma nie.

Tabel 8.56: Kwalitatiewe data van sessie vier met Kate Xaki.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kate is in 'n ligte gemoedstoestand en kom vrolik voor.	Sy noem dat haar pa baie lief is vir haar. Sy noem dat sy weet dat sy 'n sukses van haar studies kan maak.
Sy lag en deel humoristies haar ervarings.	Volgens Kate hou sy nie daarvan as mense skinder of ander terg nie.
Sy bly lank stil oor die onvoltooide sin oor haar ma en sug, en daarna noem sy dat haar ma haar skoolfooie betaal.	Volgens Kate sou sy die navorser “Thandokazi” genoem het, wat beteken “groot liefde.”
Sy is mooi aangetrek. Kate voltooi die onvoltooide sinne teen 'n goeie pas. Sy skryf onder andere dat sy slaap wanneer sy alleen voel.	Volgens Kate beteken haar Xhosa-naam: “Om stil te wees.” Sy lag en noem dat kinders met dieselfde naam as sy by die skool, stout is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy gaan na haar pa vir die vakansie, volgens Kate is hy baie lief vir haar.	Die eksamen en haar studies is op haar voorgrond.
Kate het 'n goeie verhouding met haar tante.	Weerstand om te praat oor haar en haar ma se verhouding.

8.2.4.7 Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi.

Die navorser betrek Kate by bespreking van die aktiwiteit: “Vertroue,” (sien punt 6.2.4.2.). Alhoewel individue as ‘n geheel funksioneer, kan hulle nie sonder die omgewing oorleef nie, omdat hulle die omgewing benodig om hulle behoeftes te bevredig. Gedurende terapie moet die adolessent dus gelei word om bewus te wees van haar ervarings ten opsigte van al die komponente ten einde te oorleef, nie as ‘n gefragmenteerde geheel nie, maar eerder as ‘n geïntegreerde geheel. (Vergelyk Papalia, 1985:560; Yontef, 1993:84.)

Tabel 8.57: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Kate Xaki.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kate is in ‘n ligte gemoedstoestand en is mooi aangetrek.	Volgens Kate beteken vertroue vir haar “eerlikheid” en dat jy jou geheime met daardie persoon kan deel.
Sy verbreek oogkontak en kyk af toe sy praat oor die beweerde oortreders. Sy lyk op daardie oomblik hartseer.	Sy vertel dat sy twee vriendinne het wat sy nie vertrou nie omdat een stories opmaak en die ander een kan nie ‘n geheim hou nie.
	Sy vertel die navorser dat sy uit was saam met haar vriende, maar sy het haar ma voor die tyd ingelig, het nie alleen geloop nie en was op tyd weer by die huis.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Volgens Kate vertrou sy drie vriendinne van haar.	Geen weerstand nie.
Sy noem dat sy en een vriendin al lank vriendinne is, die ander een hou hulle geheime en die ander vriendin luister na haar probleme.	Die bespreking oor vertroue is op haar voorgrond.

8.2.4.8 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi.

Die navorser neem Kate na die landdroshof en betrek haar by die aktiwiteit: “Hofvoorbereiding, (sien punt 6.2.2.7.). Om getuienis af te lê, is ‘n stresvolle ervaring vir die adolessent wat seksueel misbruik is (Müller, 2000a:68).

Tabel 8.58: Kwalitatiewe data van sessie ses met Kate Xaki.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kate is in ‘n ligte gemoedstoestand en is mooi aangetrek.	Sy noem dat sy bekommerd voel oor die hofsak en bekommerd is dat sy dinge kan vergeet tydens die kruisondervraging.

Sy maak voldoende oogkontak. Kate neem deel aan rolspel en vertolk die rol van die staatsaanklaer. Sy geniet dit en neem aktief deel.	Na afloop van die hofvoorbereiding het Kate genoem dat sy nou beter oor die hofsak voel.
Kate kom aanvanklik bietjie op haar senuwees voor by die hof, maar ontspan later.	Kate noem dat sy makliker sal getuig in die kindervriendelike kamer aangesien sy nie die beweerde oortreders dan sal sien nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Kate besoek die hof vandag.	Haar voorgrondbehoefte is om hofvoorberei te word. Geen weerstand nie.

8.2.4.9 Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi.

Kate het vir twee afsprake nie opgedaag nie. Die navorser het bewus geword dat haar buitemuurse aktiwiteite tans vir haar prioriteit is en dat sy gereed word om te termineer. Die navorser het besluit om 'n onderhoud aan die hand van die ondershoudskedule weer met haar moeder te voer, ten einde te bepaal wat haar opinie oor Kate se huidige funksionering en moontlikheid van terminering is. Die navorser betrek Kate by die aktiwiteit: "Sintuie van my liggaam," (sien punt 6.2.2.3.). Die navorser het met behulp van hierdie aktiwiteit Kate se bewustheid van die inligting wat sy met behulp van haar sintuie ontvang, verhoog. Bewustheid is die proses van erkenning en waarneming van wat die persoon doen, voel, dink asook wat haar liggaamsensasies is. (Vergelyk Passons, 1975:47; O'Leary, 1998:13.) Die navorser het die moontlikheid van terminering en 'n oop-deur-beleid met haar bespreek.

Tabel 8.59: Kwalitatiewe data van sessie sewe met Kate Xaki.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kate is baie mooi aangetrek en haar hare is mooi gevleg.	Volgens Kate het sy alkohol tydens die voorval geruik.
Sy het gegaap en was aanvanklik moeg, maar het later gelag en vrolik voorgekom.	Sy noem dat sy die beweerde oortreder se lippe gevoel het en hoe hy aan haar gesig vat.
Sy het goeie aandag gegee en het aktief deelgeneem aan die aktiwiteite.	Volgens Kate was sy bang gewees toe sy die inligting met haar sintuie ontvang.
Sy het die aktiwiteite om die gebruik van haar sintuie te toets geniet en bemeester.	Sy noem die volgende positiewe inligting wat sy met behulp van haar sintuie ontvang het: Sy het 'n lekker partytjie gehad met haar neef se besnyding, sy het gehoor hoe haar onderwyser vir haar sê haar huiswerk is mooi, sy het lekker kos by die huis geruik en lekker vleis geproe en haar ma het vir haar 'n drukkie gegee.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy kan nie 'n rede vir die navorser gee waarom sy nog nie weer by haar pa was nie.	Die bespreking van die aktiwiteite is op haar voorgrond.

	Weerstand om te verduidelik waarom sy nog nie weer by haar pa was nie.
--	--

8.2.4.10 Verloop van sessie agt. Teenwoordig: Mev. Koense.

Aangesien mev. Xaki skofte werk en die navorser en sy nie 'n tyd kon kry waarop sy en die navorser beskikbaar was nie, het die Xhosa maatskaplike werker, Vuyokazi, ingestem om die onderhoude aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Xaki te voer en die navorser van volledige verslae te voorsien.

Tabel 8.60: Kate Xaki se huidige funksionering volgens mev. Xaki.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Gesondheidsgeskiedenis:	Na verkragting.	Gesond. Kla soms van hoofpyn. Haar slaappatroon is beïnvloed, sy sukkel om te slaap.
	Huidig.	Slaappatroon nou normaal. Kry soms hoofpyn.
Emosionele funksionering:	Na verkragting.	Skuldgevoelens.
	Huidig.	Nie meer skuldgevoelens nie. Volgens mev. Xaki lyk dit of Kate vergeet het wat met haar gebeur het.
Interpersoonlike verhoudings:	Na verkragting.	Niemand het genoem dat daar probleme is nie, alhoewel die navorser tydens terapie kon waarneem dat Kate weerstand toon om oor haar en haar ma se verhouding te praat.
	Huidig.	Mev. Xaki weet daar is een vriendin wat Kate vertrou. Mev. Xaki erken dat sy en Kate baie baklei. Kate het 'n goeie verhouding met haar tante en praat met haar oor probleme.
Gedragsprobleme:	Na verkragting.	Gehoorsaam. Drink slegs op spesiale dae soos Kersdag.
	Huidig.	Sy is altyd by die huis en help haar ouma. Sy drink nie, gaan na 'n plek en kom huis toe, lê nie leeg in strate nie.
Kognisie:	Na verkragting.	Nagmerries.
	Huidig.	Geen probleme nie.
Seksualiteit:	Na verkragting.	Sy praat nie met Kate oor

		seksualiteitsaspekte nie.
	Huidig.	Sy het 'n kêrel. Kate en mev. Xaki praat nie oor seksuele aspekte nie.
Skoolprestasie:	Na verkragting.	Beweerde oortreder is in dieselfde klas as Kate.
	Huidig.	Geen probleem nie, skoolwerke en bywoning is goed. Sy het nie Junie 'n rapport gekry nie weens agterstallige skoolfooie.
Dissipline:	Na verkragting en huidig.	Mev. Xaki erken dat sy op Kate skree wanneer sy iets verkeerd doen en dat dit nie effektief is nie.
Gesinslewe:	Na verkragting.	Kate se verhoudings met pa en ouma is goed. Ma en ouma versorg vir Kate. Kate se ouers kom nie met mekaar oor die weg nie, maar Kate is baie lief vir haar pa.
	Huidig	Kate het 'n goeie verhouding met haar ouma by wie sy bly. Haar verhouding met haar ma is nie so goed nie.

8.2.4.11 Verloop van sessie nege en tien. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi.

Aangesien die onderhoud met mev. Xaki daarop dui dat daar geen huidige probleme met Kate se funksionering is nie en omdat Kate eerder haar buitemuurse aktiwiteite bywoon as haar terapisessies, het die navorser besluit om die natoets te doen. Sodoende kan die navorser Kate se vordering en gereedheid vir terminering bepaal. Volgens Geldard & Geldard (1999:83) is dit 'n aanduiding dat die kind reg is vir terminering wanneer die kind betrokke geraak het en aktief deelneem aan sosiale aktiwiteite en eerder dit bywoon as haar terapisessies. Die navorser het ook ondervind dat indien die natoets te laat uitgestel word, die terapie inmeng met Kate se buitemuurse aktiwiteite en sy nie meer behoefte het aan die bywoning van sessies nie, sy dalk later net kan wegbly en 'n natoets nie gedoen kan word nie. Die navorser het egter aan Kate verduidelik dat sy steeds sessies kan bywoon na afloop van die natoets. Kate voltooi die Kinderfunisioneringsinventaris-Hoërskool. Kate is mooi aangetrek en in 'n ligte gemoedstoestand. Die navorser gee tydens sessie tien terugvoer ten opsigte van haar navorsingsresultate. Volgens Kate is daar geen huidige

probleme waaraan sy voel die navorser en sy moet aandag gee nie. Volgens Kate het sy baie skoolwerk, alhoewel hulle nie nou toetse skryf nie.

8.2.4.12 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi.

Die navorser betrek Kate by die aktiwiteit: “Positiewe denke,” (sien punt 6.2.2.5.). Die navorser sluit die sessie af deur Kate te betrek by die bordspeletjie, (sien punt 6.2.6.1.). Volgens Van der Merwe (1996b:98) is dit moontlik om die adolessent se denke, gevoelens en gedrag, verbale vaardighede, aandagspan, persepsie, liggaamstaal, vermoë om gevoelens uit te druk en ontwikkelingsvlak met bordspeletjies waar te neem.

Tabel 8.61: Kwalitatiewe data van sessie elf met Kate Xaki.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kate is in 'n ligte gemoedstoestand en is mooi aangetrek.	Kate identifiseer die negatiewe aspek na onthulling as wanneer sy die beweerde oortreders sien by die skool en sleg voel.
Goeie energievlakke.	Sy noem dat sy die beweerde oortreders ignoreer.
Kate dink lank voordat sy die positiewe en negatiewe aspeke identifiseer. Sy lag, vertel en demonstreer hoe haar ma lyk wanneer sy kwaad word.	Sy identifiseer die positiewe na onthulling as die ondersteuning wat sy by haar vriende, navorser en familie ontvang het, asook haar eie houding en dat sy nie meer te veel drink nie.
	Kate sê tydens die bordspel dat sy mooi is, dat sy nie glo in geheime nie en dat sy eerder haar ouers se toestemming sal vra as sy iets wil doen. Volgens Kate word sy kwaad as haar ma op haar skree.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy gaan nie die vakansie na haar pa nie.	Sy toon weerstand om te verduidelik waarom sy nie meer na haar pa gaan vir die vakansie nie.
Sy identifiseer die positiewe na onthulling as die ondersteuning wat sy by haar ma, navorser en vriende ontvang het.	Die bordspel en aktiwiteite is op haar voorgrond.

8.2.4.13 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Kate en Jackie (tolk).

Die navorser betrek Kate by die aktiwiteit: “Die vyf liefdestale,” (sien punt 6.2.5.3.). Kate het bewus geword tydens hierdie aktiwiteit dat haar primêre liefdestale fisiese aanraking en geskenke is. Die doel van gestaltterapie is om die individu in staat te

stel om kennis en bewustheid van die self te verkry terwyl die individu na integrasie vorder (Georg & Stridde-Cristiani, 1981:72).

Tabel 8.62: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Kate Xaki.


NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kate is mooi aangetrek. Sy luister met aandag en toon belangstelling in die aktiwiteit.	Sy identifiseer haar primêre liefdestaal as “fisiese aanraking” en “geskenke.”
Sy kom op haar gemak voor en in ‘n ligte gemoedstoestand. Sy lag en toon relevante humor. Sy deurdink dit goed voordat sy haar ma se liefdestale identifiseer.	Volgens Kate gaan sy dit wat sy vandag geleer het probeer toepas ten einde ander sodoende gelukkig te maak en verhoudings met ander te verbeter.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Kate weet dat sy ten alle tye die navorser, hulpmaatskaplike werker of Xhosa maatskaplike werker kan nader indien sy ‘n probleem ervaar.	Geen weerstand nie. Die bespreking van die aktiwiteit is op haar voorgrond.

8.2.4.14 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die spelterapieprogram

Die voortoets en natoets het daarop getoon dat Kate se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Kate se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsie-elemente) is huidiglik 18% en haar vorige telling tydens die voortoets was 31%. Die aanbevole gebied is ‘n totaal van minder as 30%. Kate se selfpersepsietellings het goed verbeter. Haar angstigheids telling het goed verbeter maar is nog in die waarskuwingsarea. Die navorser skryf dit aan die volgende toe:


- Die een beweerde oortreder is in dieselfde klas as Kate,
- Die hofsak is nog hangend en sy moet nog gaan getuig,
- Die verhouding tussen Kate se ouers is nie goed nie,
- Die area waarin Kate bly se geweldsyfer is hoog.

Figuur 8.7: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie

Kate se huidige algehele Trauma-Dinamikapuntetotaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamika-elemente) is 19% en haar vorige telling tydens die voortoets was 19%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%.

Al Kate se trauma-dinamika totale is onder die aanbevole gebied, behalwe haar hulpeloosheid- en houding-teenoor-volwassenes-telling is net bo die aanbevole gebied en dui op 'n waarskuwingsarea. Die navorser skryf dit aan die volgende toe:

- Die beweerde oortreder is in haar klas en sy kon nie van klas verander nie (hulpeloosheid),
- Die tydperk vanaf aanmelding tot die hofsak kan lank duur, die hofsak moet nog voorkom en sy moet nog in die saak getuig (hulpeloosheid),
- Haar ouers het nie 'n goeie verhouding nie en sy kan dit nie verander nie (hulpeloosheid en houding-teenoor-volwassenes).

Figuur 8.8: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika

8.2.4.15 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge komplimenteer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Kate se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het. Volgens mev. Xaki het Kate voor terapeutiese dienslewering skuldgevoelens ervaar, haar slaappatroon was beïnvloed en sy het nagmerries gekry. Kate was aanvanklik stillerig tydens sessies en het soms oogkontak verbreek.

Die onderhoude met mev. Xaki na afloop van dienslewering het daarop gedui dat Kate positiewe veranderinge getoon het weens die terapeutiese dienste wat gelewer is. Na afloop van dienslewering het Kate volgens mev. Xaki nie meer skuldgevoelens ervaar nie en lyk dit vir haar of Kate vergeet het wat met haar gebeur het. Sy het geen verdere kommer oor Kate se gedrag uitgespreek nie. Ten tye van terminering het Kate vir die navorser selfversekerd en op haar gemak voorgekom. Sy het voldoende oogkontak gemaak, versorg haarself baie goed en trek altyd mooi aan.

Kate se selfpersepsietelling het verbeter en haar trauma-dinamika-telling is volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool onveranderd, beide is onder die

aanbevole gebied. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenter aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Kate se selfpersepsie-elemente en trauma-dinamika-elemente verbeter het.

Die navorser het drie maande na terminering opgevolg hoe dit met Kate gaan ten einde die langtermyn impak van die program vas te stel. Beide Kate en mev. Xaki was dit eens dat dit goed gaan met Kate. Die navorser handhaaf 'n oop-deur beleid.

8.2.5 Biografiese inligting van gevallestudie vyf: Adri Samuals

Naam van die adolessent: Adri Samuals

Kultuurgroep: Xhosa

Ouderdom: 14 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die gesin: 4

Huistaal: Xhosa

8.2.5.1 Agtergrondinligting van Adri Samuals

Adri is in die Oos-Kaap gebore en op tweejarige ouderdom het sy saam met haar ma na Kaapstad verhuis. Op vierjarige ouderdom het sy by haar tante in die Oos-Kaap gaan bly; haar ma het in Kaapstad gewerk. Op agtjarige ouderdom het sy by haar oom in Kayelitsha gaan bly en op negejarige ouderdom het sy by haar ma in die Strand kom woon. Volgens mev. Samuals het sy nooit probleme ervaar met Adri nie, maar noudat sy 'n tiener is, luister sy nie. Adri en 'n vriendin, Mandy, het die aand van die voorval televisie by 'n ander vriendin gaan kyk. Op pad terug het hulle vier seuns gekry. Die seuns het hulle na bewering forseer om saam met hulle na 'n huis te gaan. Mandy is na bewering deur twee van die seuns verkrag en Adri het aanvanklik beweer dat sy deur een seun verkrag is. Mandy was saam met Adri tydens die voorval, (sien ook gevallestudie twee). Adri het later erken dat sy toestemming gegee het, dat die beweerde oortreder haar kêrel is en dat sy nie verkrag was nie, alhoewel sy steeds onder ouderdom is en nie ingeligte toestemming kan gee nie. Mandy is egter deur twee beweerde oortreders verkrag en het nie toestemming gegee nie.

8.2.5.2 Impak van die beweerde verkragting op Adri volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Samuals.

Mev. Samuals gee skriftelike toestemming vir Adri se deelname aan die navorsing. Die Xhosa maatskaplike werker, Vuyokazi Ngalwa, het die onderhoud met mev. Samuals gevoer omdat Mev. Samuals skofte gewerk het.

Tabel 8.63: Agtergrondgeskiedenis van Adri Samuals.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkelingsgeskiedenis:	Swangerskap onbeplan.	Moeder was nie bly oor die swangerskap nie.
	Geboorte: Normaal.	Alles suksesvol.
	Ontwikkeling normaal.	Ontwikkelingsmylpale bereik. Geen trauma gebeure of ongelukke voorheen nie. Nooit probleme ondervind nie, maar noudat sy 'n adolessent is, luister sy nie.
Gesondheidsgeskiedenis:	Geboorte tot verkragting.	Adri het dubbele longonsteking gehad.
	Na verkragting.	Hoofpyn na voorval.
Emosionele funksionering:	Na verkragting.	Aggressie, niemand moet aan haar goed vat nie.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor verkragting.	Drie vriende gehad, vriendskappe verbreek en toe weer vriende geword.
	Na verkragting.	Van mening dat Adri en vriende mekaar beïnvloed. Adri kom laat in.
Gedragsprobleme:	Voor verkragting.	Luister nie vanaf adolessensie.
	Na verkragting.	Aggressief. Adri hou daarvan om uit te gaan saam met vriende. Sy vermoed Adri drink.
Kognisie:	Voor verkragting.	Geen probleme nie.
	Na verkragting.	Geen probleme nie.
Seksualiteit:	Voor en na verkragting.	Adri praat nie oor seksualiteit of kêrels met haar ma nie.
Skoolprestasie:	Voor verkragting.	Vanaf graad een was rapporte en skoolbywoning goed.
	Na verkragting.	Adri het nie eers haar rapport gaan haal nie.
Voorval inligting:	Die verkragting.	Volgens mev. Samuals het die beweerde oortreder vir Adri gedwing om sy meisie te wees.

Dissipline:	Voor en na verkragting.	Volgens mev. Samuals probeer sy hard om Adri te dissiplineer.
Gesinslewe:	Voor verkragting.	Familielid is al voorheen seksueel misbruik.
	Na verkragting.	Adri se pa is oorlede. Adri wil nie met haar ma praat oor seksuele aspekte nie.

8.2.5.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Adri het die inligting van die voorval neergeskryf tydens haar eerste ontmoeting met die Xhosa maatskaplike werker, Vuyokazi, by die hospitaal. Adri stem in dat Vuyokazi kan insit tydens die sessies en die navorser verduidelik dat dit haar keuse is of sy Engels of Xhosa wil praat. Die navorser betrek Adri by die aktiwiteit: “Die lewenslyn,” (sien punt 6.2.1.1.). Met behulp van die lewenslyn het die navorser agtergrondinligting by Adri ingesamel asook belangstelling in haar kultuur begin toon.

Tabel 8.64: Kwalitatiewe data van sessie een met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri is mooi aangetrek en haar hare is netjies gevleg.	Volgens Adri is sy in die Oos-Kaap gebore en op tweejarige ouderdom het sy en haar ma na Kaapstad verhuis.
Sy kom skamerig voor en maak af-en-toe oogkontak.	Op vierjarige ouderdom het sy by haar tante in die Oos Kaap gaan bly.
Adri het verlig voorgekom dat sy nie vandag oor die voorval hoef te praat nie en dat sy in beheer was van watter inligting sy vandag deel.	Op vyfjarige ouderdom was sy blommemeisie toe haar tante getrou het. Die blommemeisies trek in die Xhosa-kultuur ook wit aan soos die bruid.
Adri se stem is sag, goeie energievlakke.	Op ses jarige ouderdom het sy skool gegaan in Mmtata. Haar ma het in Kaapstad gewerk en soms vir haar klere gebring.
Adri het gemaklik voorgekom, dog het dit gelyk asof sy nog die situasie uitkyk.	Op agt jarige ouderdom het sy by haar oom in Kayelitsha gaan bly en op negejarige ouderdom het sy by haar ma in die Strand kom bly.
Weerstand om oor voorval te praat. Verbreek oogkontak en liggaam trek terug. Kom sag dog selfversekerd voor.	Op 13 jarige ouderdom het haar oom van Gauteng gesterf en is in die Oos-Kaap begrawe. Sy het vir die eerste keer weer haar familie gesien wat vir haar gesê het dat sy vet geword het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Twee vriendinne het saamgekom.	Weerstand om vandag oor voorval te praat.
	Op Adri se voorgrond is haar lewensgeskiedenis en waar sy op verskillende ouderdomme gebly het.

8.2.5.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Adri voltooi die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool, waarna die navorser haar betrek by die aktiwiteit: "My liggaamgevoelens," (sien punt 6.2.1.5.). Volgens Webb (1999:41) sluit die funksies van die spelterapeut die volgende in, naamlik: ontwikkel 'n terapeutiese verhouding, help die adolessent met begrip, verbind begrip met gevoelens, verminder problematiese gevoelens en vind meer aanvaarbare maniere om gevoelens uit te druk.

Tabel 8.65: Kwalitatiewe data van sessie twee met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
In skoolklere geklee. Groet vriendelik.	Volgens Adri is sy gelukkig wanneer sy by haar ma en vriende is of na 'n party gaan.
Adri kom moeg voor en energievlakke laag, moontlik omdat hulle huidig eksamen skryf. Oë is half tranerig.	Adri noem dat sy kwaad was oor 'n argument met haar vriende. Sy verkies om nie te praat waaroor hulle geargumenteer het nie. Sy noem dat sy ook kwaad is vir die beweerde oortreders wat sê: "...daar gaan die mense wat ons in die tronk wil hê," wanneer hulle haar sien.
Adri bly lank stil en staar voor haar uit toe sy moet verduidelik waaroor sy hartseer voel	Sy voel skuldig omdat haar broer en suster geargumenteer het, sy het betrokke geraak en goed gesê wat sy nie moes sê nie.
Goeie samewerking gegee.	Sy noem dat sy bang is vir die eksamen en bekommerd is dat sy nie gaan deurkom nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Adri se pa is oorlede. Haar ma het 'n saamleefmaat.	Weerstand om te praat oor die voorval en waaroor sy hartseer voel.

8.2.5.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Die navorser betrek Adri by die aktiwiteit: "Reaksies van belangrike persone," (sien punt 6.2.2.1.).

Tabel 8.66: Kwalitatiewe data van sessie drie met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri is mooi aangetrek. Kom meer selfversekerd voor as voorheen. Sy kyk af wanneer sy nie gereed voel om oor iets te praat nie.	Volgens Adri het haar vriendin se oom dadelik geglo wat met haar en haar vriendin gebeur het. Hy was geskok en kwaad. Hy het iemand gevra om die polisie te bel.
Adri teken in die gevoelgesiggie dat sy gelukkig voel oor haar vriendin se oom en die	Volgens Adri het haar ma haar nie dadelik geglo nie en het gesê dat dit haar skuld was,

Xhosa maatskaplike werker se aanvanklike reaksie na onthulling. Sy teken dat sy hartseer gevoel het oor haar ma se aanvanklike reaksie.	omdat hulle nie veronderstel was om daardie tyd van die nag steeds uit te wees nie. Volgens Adri het sy 'n goeie verhouding met haar ma. Tydens leë-stoeltegniek spreek Adri die wens uit dat sy meer ondersteuning van haar ma benodig en bedank haar ma dat haar ma vir haar beskerm.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Adri se vriendin se oom het hulle geglo.	Weerstand om oor voorval te praat.
Volgens Adri het sy 'n goeie verhouding met haar ma ten spyte van haar ma se aanvanklike reaksie.	Op haar voorgrond is die mense se aanvanklike reaksies na onthulling.

8.2.5.6 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Die navorser betrek Adri by die aktiwiteite: "My naam," "Gunstelingdinge" en "Kom ons maak ballonne van stene in ons lewe," (sien punt 6.2.3.2., 6.2.3.3 en 6.2.2.4.).

Tabel 8.67: Kwalitatiewe data van sessie vier met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri kom onseker voor hoe om haar naam se betekenis aan die navorser te verduidelik. Die Xhosa maatskaplike werker verduidelik haar naam beteken "girls are still there," die moeder het dus gedink sy verwag 'n seun, maar dit was toe 'n dogter.	Volgens Adri is haar naam uniek, sy is nie na iemand in haar familie vernoem nie. Haar oom het haar naam gekies en sy hou daarvan. Sy noem dat sy die navorser "Nontyatambo" sou noem wat beteken "beautiful flower."
Sy lag en noem wat haar bynaam is. Sy word meer ernstig toe sy verduidelik watter boek haar gunstelingboek is.	Volgens Adri handel haar gunstelingboek oor 'n ongehoorsame kind wat nie by die huis wou bly nie en by haar kêrel wou gaan bly. Aan die einde van die boek wou die ma haar nie terugneem nie en het die meisie selfmoord gepleeg.
Adri vertel spontaan van die insident toe sy die beweerde oortreder gekry het en hy haar gedreig het met 'n geweer om saam met hom te loop. Energievlakke is half laag en sy lyk hartseer toe sy vertel wat gebeur het.	Volgens Adri is haar gunsteling musiekgroep "Revolution", gunsteling TV-program is "Generations," en haar gunstelingkos is pizza.
Adri was spontaan en het gemaklik inligting oor haarself gegee.	Adri identifiseer 'n steen in haar lewe as 'n insident van die vorige week toe sy haar ma kwaad gemaak het omdat sy laat ingekom het. Sy besef dat haar ma bekommerd is dat iets soortgelyks as die voorval met haar kan gebeur.
	Adri identifiseer nog 'n steen as haar vriende wat ontsteld was omdat sy nie saam met hulle geloop het nie, maar wel saam met haar suster se vriende gegaan het.
	Volgens Adri het sy die beweerde oortreder gekry wat versoek het dat sy saam met hom

	moet gaan. Hy het sy geweer gewys. Sy het weggehardloop toe hy in die smokkelhuis ingaan om drank te koop. Adri ontken dat sy enige romantiese gevoelens vir die beweerde oortreder het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Goeie verhouding met portuurgroep.	Toon nie weerstand om te vertel wat gebeur het toe sy die beweerde oortreder onlangs gekry het nie. Op haar voorgrond is haar gedrag wat konflik tussen haar en haar ma veroorsaak.

8.2.5.7 Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mandy by bespreking van die aktiwiteit: "My veiligheid," (sien punt 6.2.1.2.).

Tabel 8.68: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri is mooi aangetrek.	Volgens Adri is die beweerde oortreders gearresteer weens huisbraak.
Adri het verkoue. Neus loop en oë is tranerig.	Volgens Adri bly sy saam met haar ma, broer, twee susters en susters se kinders.
Sy dui aan op skaal van 10 dat sy net na die voorval altyd (10) onveilig gevoel het, en noudat die beweerde oortreders gearresteer is, nooit (0) onveilig voel nie.	Adri verduidelik dat die rede waarom sy nie veilig by die skool voel nie, is omdat sy vyf km na die skool loop en bang is dat die beweerde oortreders haar kan inwag.
Adri plak huisies om aan te dui dat sy na die volgende plekke gaan: kerk, skool, drie van haar vriende se huise. Sy dui aan met 'n kruisie dat sy nie veilig voel by die skool nie.	Volgens Adri is dit nie veilig by die smokkelhuise in haar gemeenskap nie en is dit ook nie veilig om in die donker rond te loop nie.
Adri het die navorser humoristies daarop gewys dat die navorser haar 'n verjaarsdagpersent moet gee.	Volgens Adri het sy en die beweerde oortreder vir ongeveer ses maande in dieselfde straat gebly en saam gespeel. Adri hulle het in Februarie getrek en hy het vir haar gesê dat sy nou sy meisie is, waarop sy "nee" gesê het. Hy het gesê dat hy na hulle huis gaan kom, en dat sy sal sien, dat hy haar sal kry. Hy het na hulle huis gekom en gevra of haar broer daar is en het toe weer geloop.
	Adri vertel dat sy en haar vriendin die aand van die voorval huis toe geloop het, toe hulle die vier ouens gekry het. Die ouens het na bewering gesê dat hulle moet saamkom waarop hulle "nee" gesê het. Die ouens het hulle toe na 'n huis getrek.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Nie skool toe vandag nie weens reën en sy moet vyf km na skool loop. Sy is ook verkoue. Sy vertel dat haar susters se kinders	Toon nie weerstand om meer inligting van die beweerde oortreders te gee nie.

huil as hulle nie saam met haar kan gaan nie.	
Sy vertel dat haar een suster en een broer 'n kort humeur het.	Op haar voorgrond is bespreking van die veiligheid en die beweerde oortreders.

8.2.5.8 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Die navorser betrek Adri by die aktiwiteit: "Selfgeldende gedrag," (sien punt 6.2.3.8.). 'n Oop en direkte benadering tydens sessies gee die adolessent 'n gevoel van 'n ferm basis en mag. Dit, tesame met die boodskappe dat die terapeut in beheer is van die situasie, is die basis wat die kind benodig om aspekte aan te spreek (James, 1989:11).

Tabel 8.69: Kwalitatiewe data van sessie ses met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri geniet die rollespel en vertolk haar rolle met selfvertroue.	Volgens Adri tree sy soms aggressief en selfgeldend op, maar nie passief nie.
Sy maak meer oogkontak as aanvanklik. Toepaslike humor, sessie lig van aard.	Adri vertel dat sy môre in die skoolopvoering die rol van 'n sanggoma moet uitbeeld.
Maak goed gebruik van nie-verbale kommunikasie tydens die rollespel.	Volgens Adri was die beweerde oortreders aggressief.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Beplan haar opvolg MIV bloedtoets by die hospitaal.	Geen weerstand nie. Die rollespel en haar komende skoolopvoering is op haar voorgrond.

8.2.5.9 Verloop van sessie sewe en agt. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Die navorser neem Adri na die landdroshof en betrek haar by die aktiwiteit: "Hofvoorbereiding, (sien punt 6.2.2.7.). Om getuie af te lê, is 'n stresvolle ervaring vir die adolessent wat seksueel misbruik is (Müller, 2000a:68). Tydens sessie agt neem die navorser vir Adri vir haar opvolg MIV-bloedtoets. Sy is bang en bekommerd.

Tabel 8.70: Kwalitatiewe data van sessie sewe met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri dui in haar hofvoorbereidingboekie aan dat sy bang is vir die hofsaak. Adri beeld die rol van die staatsaanklaer uit tydens die rollespel in die hof. Adri toon selfvertroue wanneer sy deelneem aan rollespel of drama.	Sy verduidelik dat sy bang is vir die oortreders en vir die mense wat by die hof werk.
Adri toon relevante humor en lag oor die rollespel. Sy gee baie goeie deelname en geniet dit.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND

Besoek die hof.	Toon geen weerstand nie. Die komende hofsak is op haar voorgrond.
-----------------	---

8.2.5.10 Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Die navorser betrek Adri by die aktiwiteit: "7de Laan," (sien punt 6.2.2.6.). Die navorser het die program "7de Laan" net vervang met "Generations," aangesien sy "Generations" kyk.

Tabel 8.71: Kwalitatiewe data van sessie nege met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri het 'n verkoue en is daarom stillerig. Energievlakke is laag.	Adri identifiseer die volgende positiewe eienskappe waarvoor sy beskik: Trek mooi aan, vriendelik, toon respek, mooi, selfversekerd, gelukkig en kreatief.
Gee egter goeie samewerking en reageer goed op direkte vraagstelling.	Volgens Adri is die een negatiewe eienskap dat sy wel soms passief optree.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Gaan sien Adri by die skool.	Geen weerstand nie. Die aktiwiteit is op haar voorgrond.

8.2.5.11 Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Die navorser betrek Adri by die aktiwiteit: "Onvoltooide sinne," (sien punt 6.2.3.4.). Adri voltooi onder andere die volgende sinne: "Ek wil nie **die verkeerde goed doen nie soos om na plekke soos smokkelhuise te gaan,**" "Ek voel veilig wanneer **ek by die huis is,** en "Ek praat nie **oor my geheime nie.**"

Tabel 8.72: Kwalitatiewe data van sessie tien met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri is mooi aangetrek en in 'n ligte gemoedstoestand.	Volgens Adri het sy hartseer gevoel oor 'n vriend wat geskiet is tydens 'n rooftog.
Adri se gesigsuitdrukking kom soms hartseer voor. Adri maak meer oogkontak as aanvanklik. Goeie belangstelling en deelname.	Volgens Adri voel sy seergemaak wanneer haar vriende spelenderwys iets sê en nie besef dat hulle haar seermaak met wat hulle sê nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Vanuit onvoltooide sinne blyk dit dat Adri veilig voel by die huis. Sy het die volgende sin voltooi: "Ek voel op my beste wanneer ek by my familie is en televisie kyk. "	Weerstand om oor haar geheime te praat. Sy voltooi die volgende onvoltooide sin: "Ek praat nie oor my geheime nie." Op haar voorgrond blyk dit dat sy haar familie baie belangrik ag in haar lewe.

8.2.5.12 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Die navorser het daarna vier keer skool toe gegaan, maar sy was nie by die skool nie. Die navorser noem aan Adri dat die navorser en haar juffrou bekommerd is dat sy so baie afwesig is by die skool. Die navorser noem aan Adri dat haar moeder vir Vuyokazi ingelig het dat Adri na bewering met die beweerde oortreder uitgaan. Adri ontken dit en noem dat sy met die beweerde oortreder se vriend uitgaan. Die navorser betrek Adri by bespreking van die aktiwiteit: “My sintuie,” (sien punt 6.2.2.3.). Volgens Adri het sy tydens die voorval die volgende inligting ontvang:

- Sy het die beweerde oortreders gesien en die manier waarop die ouens vir haar en Mandy geroep het, het haar laat dink dat daar iets fout is en iets gaan gebeur.
- Volgens Adri het sy alkohol geruk en gedink dat hulle gedrink het en was bang.
- Volgens Adri het sy gevoel sy word getrek en het gedink sy moet skree.

Tabel 8.73: Kwalitatiewe data van sessie elf met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri se sintuie word getoets met die reukbottels, voelboks, “wizzard puzzle.” Sy is in staat om haar sintuie goed te gebruik en geniet die aktiwiteite.	Adri noem dat sy nie “voel” om skool te gaan nie en erken dat sy ‘n week weggegaan het saam met vriende sonder haar ma se toestemming. Volgens Adri was sy saam met haar kêrel en die twee beweerde oortreders in Mandy se saak weg.
Sy kom meer selfversekerd voor as tydens vorige twee sessies waartydens sy stiller en meer teruggetrokke voorgekom het.	Volgens Adri gaan sy alreeds twee maande met die beweerde oortreder in haar saak, se vriend uit. Volgens Adri het sy haar kêrel vertel van die seksuele misbruiksaak, maar niemand het daarvoor gepraat nie.
	Volgens Adri was die beweerde oortreder in haar saak nie saam met hulle weg nie. Volgens Adri oorweeg sy om die hofsaak terug te trek en voer aan sy dat bang is vir die hofsaak.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Adri plaas haarself in gevaar deur weg te gaan met die beweerde oortreder se vriend en die twee beweerde oortreders in Mandy se saak.	Toon geen weerstand om oor haar beweerde kêrel of die week wat sy weg was te praat nie.
Sy is nie gemotiveerd om skool by te woon nie.	Op Adri se voorgrond is haar vriende saam met wie sy weggegaan het en dat sy nie gemotiveerd is om skool by te woon nie.

Mev. Samuals het Vuyokazi Ngalwa gaan sien en ingelig dat Adri na bewering saam met die beweerde oortreder in haar saak weggegaan het. Volgens mev. Samuals het

Adri en die beweerde oortreder se tante na Strand Polisiestrasie gegaan om die saak terug te trek. Die navorser reël 'n gesamentlike sessie met Adri en haar moeder.

8.2.5.13 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Adri, mev. Samuals en Vuyokazi.

Die navorser bespreek die beweringe, naamlik dat die beweerde oortreder Adri se kêrel is en dat Adri die saak teruggetrek het. Die navorser het mev. Samuals ingelig omtrent die waarheid nadat Adri dit aan die navorser onthul het. Mev. Samuals was kalm en nie-veroordelend nie. Sy het haar kommer uitgespreek omdat Adri nie openlik met haar is nie en het versoek dat Adri haar kêrel aan haar moet voorstel. Mev. Samuals het Adri se kêrel se moeder gaan sien en versoek dat hy haar moet kom sien. Volgens mev. Samuals gaan hulle na die Oos-Kaap vir die vakansie en sal in Januarie terug wees. Die navorser het statutêre verkragting aan Adri verduidelik en haar daarop gewys dat sy nog nie ingeligte toestemming kan gee vir seksuele omgang nie.

Tabel 8.74: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri se oë is aanvanklik tranerig en sy het oogkontak vermy.	Adri erken dat sy toestemming gegee het vir seksuele omgang alhoewel sy nog onder ouderdom is.
Nadat die waarheid bespreek is, het Adri verlig en tevrede voorgekom.	Volgens Adri wou sy nie vantevore erken het dat sy 'n verhouding met die beweerde oortreder het nie, want sy was bang dat sy aangekla sal word.
	Volgens Adri is sy steeds in 'n verhouding met die beweerde oortreder.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Volgens Adri wil sy nie hê dat haar ma haar na die Oos-Kaap moet stuur nie, want sy wil nie daar bly nie.	Aanvanklik weerstand getoon en dit was vir haar moeilik om die waarheid te erken.
Volgens Adri wil sy steeds kom vir terapie.	Die verhouding met haar kêrel was op haar voorgrond.

8.2.5.14 Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Adri, mev. Samuals en Vuyokazi.

Volgens mev. Samuals gaan dit beter en Adri het besluit om die verhouding met haar kêrel te beëindig. Die navorser het met die staatsaanklaer gepraat; sy het nog nie Adri

se terugtrekverklaring ontvang nie. Mandy, Adri se vriendin, gaan egter voort met haar saak, aangesien sy nie die twee beweerde oortreders wat haar verkrag het, toestemming gegee het nie. Die navorser betrek Adri by die aktiwiteit: “Positiewe denke,” (sien punt 6.2.2.5.). Volgens James (1989:13) is daar gewoonlik binne getraumatiseerde adolessente sterk en angsvolle gevoelens toegesluit dat hulle hulpeloos, sleg en skuldig is en daarom moet boodskappe wat die adolessent tydens terapie ontvang, ooreenstem met die intensiteit van die negatiewe boodskappe sodat dit gehoor, gevoel en geglo kan word.

Tabel 8.75: Kwalitatiewe data van sessie dertien met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri is stiller voor haar moeder as wanneer sy alleen saam met die navorser is. Sy kom tog meer teruggetrokke voor.	Adri identifiseer die positiewe aspekte in haar lewe as volg: die terapie, haar ma se ondersteuning, dat sy die waarheid vertel het, sy het geleer sy het regte, en dat sy opgebreek het met haar kêrel omdat hy stout is, drink en mense slaan.
Sy het aanvanklik gesukkel en onseker gelyk watter positiewe aspekte om te identifiseer in haar lewe. Nadat sy egter die lys opgestel het, het sy verlig voorgekom toe sy die baie positiewe aspekte erken.	Adri noem dat die negatiewe aspek was dat sy bang was omdat sy nie die waarheid erken het nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Adri gaan die vakansie na haar oom in Kayelitsha en sy gaan nie meer Oos-Kaap toe nie.	Geen weerstand nie. Op haar voorgrond is die waarheid wat uitgekrom het.

8.2.5.15 Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Adri.

Adri het vir haar opvolgafspraak na die vakansie nie opgedaag nie. Sy het vir haar tweede afspraak weer nie opgedaag nie en die navorser het haar by die huis gaan haal ten einde verdere dienslewering te bespreek. Beplan om volgende sessie die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool te voltooi.

Tabel 8.76: Kwalitatiewe data van sessie veertien met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri is deur die slaap en het duidelik haar afspraak verslaap.	Adri bevestig dat sy steeds die saak wil terugtrek, en nie wil voortgaan met ‘n statutêre verkragtingsaak nie.
Adri het gewig opgetel en is mooi aangetrek.	Adri voel dat sy reg is om te termineer.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Volgens Adri is haar moeder nog in die Oos-	Twee sessies nie opgedaag nie (weerstand).

Kaap en bly sy by haar broer.	
Volgens Adri het sy haar vakansie by haar oom geniet.	Op haar voorgrond is dat sy die vakansie geniet het en geslaag het.

8.2.5.16 Verloop van verdere dienslewering.

Adri was volgens haar suster vir een aand toegesluit omdat sy na bewering dronk op straat was. Die navorser het Adri by die skool besoek, maar dit was 'n sportdag en die kinders was nie by die skool nie. Sy het nie vir haar volgende afspraak opgedaag nie. Die navorser en Xhosa vrywillige werker het 'n tuisbesoek gedoen. Adri het genoem dat sy hoofpyn het en dat sy die tyding ontvang het dat haar moeder in die Oos-Kaap oorlede is. Adri was hartseer en het gehuil. Sy het die navorser ingelig dat haar oom haar gaan kom haal en dat sy vir drie weke in die Oos-Kaap sal wees. Dit het egter onder die navorser se aandag gekom dat Adri nie Oos-Kaap toe gegaan het nie. Adri het die Xhosa vrywillige werker ingelig dat haar oom haar nie kom haal het nie, maar volgens 'n ander persoon het Adri weggehardloop toe haar familie haar kom haal het. Die ondergetekende het Adri na die betrokke welsynsinstantie verwys vir 'n ondersoek na haar veiligheid en versorging. Adri se suster het Adri kom haal en sy is toe na die Oos-Kaap. Adri se broer is na bewering gearresteer vir 'n moordsaak. Die Xhosa vrywillige werker het die navorser ingelig dat die gemeenskap se straat-komitee Adri se ma se huis verkoop het omdat Adri se broer na bewering iemand vermoor het. Die navorser het Adri uiteindelik weer 'n paar maande later gesien. Sy bly by haar suster. Sy het goed gelyk en alhoewel sy genoem het dat sy weer na die navorser wil kom, het sy nie. Die navorser het weens geen samewerking nie, noodgedwonge getermineer en handhaaf 'n oop-deur beleid.


8.2.5.17 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die spelterapieprogram

Die voortoets het daarop gedui dat Adri se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Adri se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf. Die navorser skryf dit daaraan toe dat Adri toestemming gegee het vir seksuele omgang (alhoewel sy onder ouderdom is), die persoon met wie sy seksuele omgang gehad het, was haar kêrel en sy het dus die

seksuele omgang nie as traumaties beleef nie. Die navorser was nie in staat om 'n natoets te doen nie, aangesien Adri nadat sy onthul het dat sy nie verkrag is nie en wel toestemming gegee het, nie samewerking gegee het ten opsigte van bywoning van verdere sessies nie.

Adri se algehele Selfpersepsiepunten-totaal (die gemiddelde van al die selfpersepsie-elemente) tydens aanvang van terapeutiese dienslewering was 30%. Haar selfpersepsietelling het dus nie op 'n behoefte vir verbetering getoon nie. Haar angstigheidtelling tydens aanvang van terapeutiese dienslewering was 50% en het op 'n behoefte vir verbetering getoon. Die navorser skryf dit daaraan toe dat sy nie die waarheid gepraat het nie en gesê het dat die beweerde oortreder haar verkrag het, en in werklikheid is hy haar kêrel en het sy toestemming gegee. Die ander meisie wat saam met haar was tydens die voorval en werklik na bewering verkrag is, se oom het 'n saak gerapporteer en daarom het Adri toe ook gesê dat sy verkrag was. Haar "verantwoordelikheid-vir-ander"-telling het ook gedui op 'n behoefte vir verbetering. Die navorser is van mening dat Adri dalk in 'n mate verantwoordelik gevoel het dat haar vriendin na bewering verkrag is, aangesien sy bevriend was met die beweerde oortreders.


Figuur 8.9: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie



Adri se algehele Trauma-Dinamikapunten-totaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamika-elemente) tydens aanvang van terapeutiese dienslewering was 26% en was

dus onder die aanbevole gebied. Slegs Adri se wantrouetelling het op 'n behoefte vir verbetering getoon. Die navorser skryf dit daaraan toe dat Adri tydens aanvang van terapeutiese dienslewering nie die waarheid oor die voorval gepraat het nie, haar kêrel is gearresteer vir verkragting, sy het ander se vertrouwe verbreek en het dus self ook nie geweet wie sy kan vertrou nie.

Figuur 8.10: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika



8.2.5.18 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindings

Die voortoets volgens die Kinderfunksioneringsinventaris het daarop gedui dat Adri se algehele selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente nie op 'n behoefte vir verbetering dui nie en haar funksionering is as effektief beskryf. Die navorser kan daarom die afleiding maak dat sy die seksuele omgang wat sy met haar kêrel gehad het, nie as tramaties ervaar het nie en dat dit nie haar selfpersepsie nadelig beïnvloed het nie.

Tydens aanvang het Adri weerstand getoon om oor die beweerde voorval te praat. Sy het skamerig voorgekom tydens die eerste sessie. Tydens die tweede sessie het sy moeg voorgekom en die navorser het dit daaraan toegeskryf dat hulle eksamen skryf. Tydens die derde en vierde sessie het sy meer selfversekerd voorgekom. Adri was

verkoue tydens die vyfde sessie en haar oë was waterig. Sy het die rollespel tydens sessie ses en sewe geniet en dit het voorgekom asof sy drama geniet. Tydens sessie nege was sy weer verkoue en stillerig. Tydens sessie tien het die navorser opgemerk dat sy soms 'n hartseer uitdrukking op haar gesig het, maar kon op daardie stadium nog nie 'n verklaring daarvoor kry nie. Na haar tiende sessie het sy begin weerstand toon deur nie skool by te woon nie en nie samewerking te gee ten opsigte van bywoning van haar sessies nie. Adri het tydens die twaalfde sessie die waarheid onthul, haar oë was tranerig en sy het oogkontak vermy. Sy het na onthulling van die waarheid in die opeenvolgende sessie teruggetrokke voorgekom en het daarna nie samewerking gegee ten opsigte van bywoning van die sessies nie.

Vanuit die kwalitatiewe data het dit vir die navorser duidelik geword dat Adri 'n onvoltooidheid in haar lewe het, maar moes teen haar pas beweeg totdat sy gereed was om die waarheid te vertel. Dit maak nou vir die navorser sin waarom sy aanvanklik weerstand getoon het om oor die voorval te praat. Die navorser het Adri na die betrokke welsynsinansie verwys vir 'n ondersoek na haar veiligheid en versorging aangesien sy nie samewerking gegee het ten opsigte van bywoning van sessies na onthulling van die waarheid nie, Adri se moeder is oorlede, haar broer (by wie sy gebly het) word na bewering aangekla vir moord, Adri was bevriend met die beweerde oortreder en weens die beweringe dat sy alkohol misbruik. Vanuit Adri se agtergrondgeskiedenis het dit vir die navorser duidelik geword dat sy baie rondgetrek het tussen familieleden en dat die onlangse gebeure, naamlik die dood van haar ma en arrestasie van haar broer, haar sekuriteitsbasis verder nadelig moes beïnvloed het. Die navorser handhaaf egter 'n oop-deur-beleid en Adri is ingelig dat indien sy die navorser weer wil kom sien, dat sy altyd welkom is.

8.3 Samevatting

Die voortoets van die Xhosa adolessent wat later tydens die terapeutiese proses erken het dat sy nie verkrag is nie, maar toestemming gegee het en dat die beweerde oortreder haar kêrel is, se selfpersepsie en trauma-dinamikatelling het reeds voor intervensie daarop gedui dat daar nie 'n behoefte op verbetering is nie en haar funksionering is as effektief beskryf. Sy het dus nie die seksuele omgang met haar kêrel as traumaties ervaar nie en haar selfpersepsie was nie daardeur geaffekteer nie.

Die voortoets van een van die Xhosa-respondente het reeds voor intervensie daarop gedui dat haar selfpersepsie en trauma-dinamika nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Die drie voortoets van die ander drie Xhosa-respondente het daarop gedui dat al drie respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente soms hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Die drie se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf.

Die vier natoets van die bogenoemde respondente het daarop getoon dat al vier respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente nie hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Al vier Xhosa-respondente se funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Die gemiddelde van die vier respondente se selfpersepsietellings voor intervensie was 40.75% en na afloop van intervensie was die gemiddelde 20.25%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Die gemiddelde van die vier respondente se trauma-dinamikatellings voor intervensie was 25.5% en na afloop van intervensie was die gemiddelde 17.25%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Al vier die Xhosa-respondente se selfpersepsietellings en trauma-dinamika-tellings het individueel verbetering getoon.

Die inligting wat met behulp van die onderhoude aan die hand van die onderhoudskedule met die ouer(s) of versorger(s) van die respondente ingesamel is, het ook daarop gedui dat hulle positiewe veranderinge by die respondente na die implementering van die speltherapieprogram opgemerk het. Die kwalitatiewe en kwantitatiewe resultate komplimenteer mekaar. Die resultate dui dus daarop dat die implementering van die speltherapieprogram die Xhosa-respondente se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het.

In hoofstuk nege sal die blanke adolessente se resultate wat uit die empiriese ondersoek verkry is, asook die interpretasie daarvan, aangebied word.

Hoofstuk 9: Empiriese gegewens en navorsingsbevindings van die blanke adolessente.

9.1 Inleiding

Die navorser het probleme ervaar met die selektering van die vyf blanke respondente. Alhoewel daar wel blanke dogters tussen 13 en 17 jarige ouderdom na PATCH verwys is, het twee van die dogters nie aan die kriteria vir die keuse van respondente voldoen nie, aangesien die seksuele misbruikvoorvalle langer as vier maande voor die verwysing na PATCH plaasgevind het. Drie ander blanke adolessente het nie belang gestel om aan die navorsing deel te neem en by langtermyn terapie in te skakel nie en een ander blanke adolessent moes beveilig word en is in veiligheid buite PATCH se diensarea geplaas. Die navorser is van mening dat geheimhouding en onderaanmelding 'n probleem is met blanke slagoffers van seksuele misbruik. Die navorser het ook gevind dat tydens dienslewering aan die blanke adolessente, dat hulle ouer(s) self deurlopend ook die navorser kom sien het vir individuele sessies. Aangesien die navorser die respondente vir baie sessies gesien het, sal die navorser sommige sessies gesamentlik bespreek vir bondigheidsdoeleindes.

9.2 Bespreking van gevallestudies

9.2.1 Biografiese inligting van gevallestudie een: Nicolette Kotze

Naam van die adolessent: Nicolette Kotze

Kultuurgroep: Blank

Ouderdom: 13 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die pleeggesin: 4

Huistaal: Engels

9.2.1.1 Agtergrondinligting van Nicolette Kotze

Nicolette is op 16 maande uit haar ma se sorg verwyder en by Cotlands, 'n plek van veiligheid, geplaas. Op sewejarige ouderdom is sy deur dieselfde gesin as haar biologiese suster in pleegsorg geneem. Sewe jaar gelede het Nicolette se biologiese suster beweer dat sy deur hulle pleegpa seksueel misbruik is. Die beweringe is onder die betrokke welsynsinstansie se aandag gebring en mev. Kotze het die beweringe toegeskryf aan die Bi-polêre versteuring wat Nicolette se suster gehad het. Nicolette se suster is in alternatiewe sorg geplaas. Nicolette het later onthul dat sy na bewering

oor 'n verloop van tyd deur haar pleegpa onsedelik aangerand en verkrag is. Na onthulling het haar pleegma van die beweerde oortreder geskei.

9.2.1.2 Impak van die beweerde seksuele misbruik op Nicolette volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Nicolette se pleegmoeder, mev. Kotze.

Mev. Kotze gee skriftelike toestemming vir Nicolette se deelname aan die navorsing.

Tabel 9.1: Agtergrondgeskiedenis van Nicolette Kotze

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkingsgeskiedenis:	Ontwikkeling tydens babajare en kleutertydperk is onbekend.	Vanaf sewejarige ouderdom in pleegsorg.
	Traumagebeure: verwydering uit moeder se sorg, in 'n plek van veiligheid geplaas, pleegsorgplasing op sewejarige ouderdom, deur haar pleegvader seksueel misbruik, haar biologiese suster het Bi-polêre versteuring.	Nicolette is telkens deur belangrike persone in haar lewe, naamlik haar biologiese moeder en toe haar pleegvader in die steek gelaat.
Gesondheidsgeskiedenis:	Voor verkragting.	Goed.
	Na verkragting.	Kla van maagpyn. Sy het vir 'n maand opgegooi. Blaasprobleme. Moeg. Kan nie slaap nie. Vagina jeuk en kry nie maandstonde nie.
Emosionele funksionering:	Voor verkragting.	Vrolike en spraaksame kind.
	Na verkragting.	Skuldgevoelens dat mev. Kotze se dogter haar sal haar blameer oor die onthulling en dat sy die familie opbreek. Bang vir die beweerde oortreder en bang dat hy gaan uitvind dat sy vertel het.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor verkragting.	Nicolette het 'n goeie verhouding met mev. Kotze se biologiese seun en dogter gehad. Nicolette en haar biologiese suster het nie 'n goeie verhouding gehad nie weens haar suster se Bi-polêre versteuring.
	Na verkragting.	Band tussen mev. Kotze en Nicolette het verswak, na

		verkragting en voor onthulling, want Nicolette het onttrek. Nicolette is prefek, goeie verhoudings met portuurgroep. Beweerde oortreder het na onthulling gesê dat Nicolette nie sy kind is nie. Mev. Kotze se seun was baie verward oor die beweringe. Nicolette het gedink dat hy haar nie glo nie en het onwelkom gevoel.
Gedragsprobleme:	Voor verkragting.	Energieke en gehoorsame kind.
	Na verkragting.	Nicolette het onttrek en was stil, sy het haar kamerdeur en gordyne in kamer toegemaak. Selfskending, sy het haarself begin sny. Sy was obsessief oor haar sport. Die aand wat mev. Kotze die beweerde oortreder gekonfronteer het, het Nicolette haar polse gesny en was sy by die hospitaal. Sy het geskree en was baie ontsteld.
Kognisie:	Voor verkragting.	Geen probleme nie.
	Na verkragting.	Herhaalde nagmerries van die beweerde oortreder.
Seksualiteit:	Voor en na verkragting.	Baie onskuldige kind en die beweerde oortreder het dit uitgebuit.
Skoolprestasie:	Voor verkragting.	Skoolvordering en bywoning goed.
	Na verkragting.	Dit is belangrik vir Nicolette om goed te doen op skool.
Voorval inligting:	Die verkragting.	Mev. Kotze het Nicolette vanaf onthulling bygestaan en geglo, en die beweerde oortreder geskei.
Dissipline:	Voor en na onsedelike aanranding.	Strafmetode is om met haar te praat.
Gesinslewe:	Voor verkragting.	Pleegpa misbruik alkohol en is baie dominerend. Mnr. en mev. Kotze het huweliksprobleme gehad.
	Na verkragting.	Mev. Kotze skei mnr. Kotze en ondersteun Nicolette. Mev. Kotze se biologiese kinders is al volwasse en woon nie meer in die huis nie.

9.2.1.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Nicolette Kotze en mev. Kotze.

Verduidelik PATCH en die navorser se rol. Informele gesprek met Nicolette. Waarneming begin in die aanvangsfase wanneer die terapeut die adolessent se verhouding met haar ouer(s), die mate waarin die adolessent skei van haar ouers(s) en die adolessent se algemene gedrag waarneem (Geldard & Geldard, 2002:89).

Tabel 9.2 : Kwalitatiewe data van sessie een met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Verlig toe sy sien wie die navorser is, aangesien die navorser en Nicolette mekaar toevallig by die hondeopleidingklasse oor die naweek ontmoet het.	Volgens Nicolette was sy by die dokter oor die maagpyn.
Nicolette is aanvanklik senuweeagtig, later ontspan sy.	Volgens Nicolette wil sy nie na 'n mans-dokter gaan vir die mediese ondersoek nie, maar na 'n vrouedokter.
Druk op maag, asof maagpyn het. (Psigo-somaties.) Snye op arms sigbaar.	Volgens Nicolette wil sy nie teruggaan na die sielkundige nie en wil by die navorser inskakel vir terapie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mev. Kotze glo en ondersteun Nicolette. Mev. Kotze gaan van die beweerde oortreder skei.	Weerstand om te praat oor die voorval.
Nicolette was by 'n sielkundige in verband met selfskendende gedrag en depressie, en het seksuele misbruik daar onthul.	Die seksuele misbruik is op haar voorgrond.

9.2.1.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteit: "Slaapprobleme," (sien punt 6.2.2.10). Volgens Gil (1996:185) moet kliniese intervensie in konteks voorsien word. Daarom het die navorser op 'n onmiddellike behoefte gefokus, naamlik haar slaappatroon. Voltooi 'n gedeelte van die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

Tabel 9.3 : Kwalitatiewe data van sessie twee met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette was aanvanklik senuweeagtig en het ontspan toe die navorser haar betrek by gesprekvoering oor haar slaapprobleme.	Volgens Nicolette was die mediese ondersoek ongemaklik. Die dokter was 'n vrou.
Sy het aktief deelgeneem aan bespreking van die aktiwiteit. Nicolette lag en noem dat "skape tel" nie werk wanneer sy nie kan slaap nie.	Nicolette wil 'n dagboek hou van die ure wat sy slaap. Volgens Nicolette kry sy nagmerries van die verkragting en wil sy skryf wat sy droom. Volgens Nicolette sien sy die beweerde oortreder se gesig in haar

	gedagtes.
Nicolette druk op maag, noem dat sy hardlywig is.	Nicolette maak moedeloos die stelling: “Ek doen niks meer nie.”
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy is terneergedruk omdat sy skool en atletiekoefening mis weens alles wat gebeur.	Weerstand om te praat oor die voorval.
Sy spreek die wens uit om haar biologiese ma te ontmoet.	Haar slaapprobleme is op haar voorgrond.

9.2.1.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Mev. Kotze bevestig dat Nicolette se suster en ’n ander dogter wat ook by hulle gebly het, bevestig het dat die beweerde oortreder hulle ook seksueel misbruik het. Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteit: Liggaamgevoelens, (sien punt 6.2.1.5). Voltooi die res van die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

Tabel 9.4 : Kwalitatiewe data van sessie drie met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette kom nie meer so terneergedruk soos aanvanklik voor nie.	Volgens Nicolette het sy die bedtydplan toegepas en slaap sy beter. Volgens Nicolette voel sy gelukkig dat haar ma ondersteunend is en dat sy ’n goeie sportafrigter het.
Sy druk nie meer op haar maag nie en kom meer op haar gemak voor.	Nicolette is hartseer oor haar sportafrigter wat kanker het en na Engeland is.
Nicolette kom kwaad voor terwyl sy ventileer oor haar gevoelens.	Nicolette ventileer oor die polariteite wat sy ervaar teenoor beweerde oortreder, naamlik liefde omdat hy haar pa was en kwaadgevoelens oor wat hy gedoen het.
Goeie oogkontak.	Nicolette noem dat sy skuldig voel, want sy kon die seksuele misbruik vroeër gestop het. Volgens Nicolette het sy op ’n jong ouderdom nie geweet dat dit verkeerd is wat die beweerde oortreder gedoen het nie.
	Volgens Nicolette is sy kwaad vir die beweerde oortreder en kwaad vir haar biologiese ma dat sy haar opgegee het. Nicolette wil nie meer in pleegsorg wees nie.
	Nicolette vertel dat haar biologiese ma vir haar en haar susters mishandel het en dat hulle vol bloukollie was en toe verwyder is.
	Nicolette ventileer oor die beweerde oortreder se biologiese seun se reaksie op haar onthulling. Volgens Nicolette lyk dit asof hy haar nie glo nie en laat hy haar onwelkom voel.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy en haar kêrel is al ses maande in ’n verhouding.	Weerstand om in pleegsorg te wees weens die seksuele misbruik deur haar pleegpa en

	die reaksie van sy seun na onthulling.
Nicolette is gefrustreerd omdat al die gesinslede maak asof hulle nou die slagoffers is.	Die seksuele misbruik en haar gevoelens is op haar voorgrond.

9.2.1.6 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteite: “Die vulkaan” en “Die verkeerslig,” (sien punt 6.2.4.3. en 6.2.4.5). Adollesente wat seksueel misbruik is, het ’n geneigdheid om woede te ignoreer of om uit te bars en so te reageer dat beide die adollesent en ander om haar seerkry (Knauer, 2000:83).

Tabel 9.5 : Kwalitatiewe data van sessie vier met Nicolette Kotze.

NIE VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette dui op die skaal aan dat sy 7 uit 10 keer vulkaanontploffings ervaar.	Nicolette ventileer dat sy vanoggend vir die beweerde oortreder se seun kwaad was. Haar pleegma het voorgestel dat Nicolette hom vra om haar skool toe te neem. Hy was onvriendelik en het vinnig gery toe hy haar geneem het. Volgens Nicolette het sy hom net geïgnoreer.
Goeie oogkontak. Stem is emosiebelaaï, maar sag.	Nicolette vertel eerlik dat sy vir die eerste keer vir haar pleegma gejok het en gesê het dat haar ma vir haar moet kom haal en dat die atletiek oefening vroeër opgehou het, maar eintlik het haar afrigter nooit opgedaag nie. Volgens Nicolette was sy bang dat haar ma haar uit die atletiekklub gaan haal omdat die afrigter so onbetroubaar is en het daarom gejok.
Liggaamshouding en gesigsuitdrukking stem ooreen met haar emosionele uitdrukking. Sy is krities oor haar liggaamsbou.	Nicolette erken dat sy beter gevoel het, toe haar suster ook erken het dat die beweerde oortreder haar ook seksueel misbruik het, want toe weet sy dat sy nie die enigste een is nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Nicolette het die Hoërskool vir volgende jaar se opedag bygewoon.	Insidente wat haar kwaad gemaak het, is op haar voorgrond.
Nicolette se verhouding met haar biologiese suster is swak, want Nicolette voel dat haar suster selfgesentreerd is omdat sy nie eers moedersdag vir mev. Kotze wou kom kuier het nie.	Weerstand om begrip en empatie vir haar suster te toon en ventileer oor haar suster se gedrag in die verlede. Volgens Nicolette het haar suster dieselfde persoonlikheidsafwyking as haar biologiese moeder.
Nicolette se verhouding met die beweerde oortreder se seun is swak op die oomblik weens die onthulling.	

9.2.1.7 Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Nicolette en die beweerde oortreder se seun, Jason.

Die navorser gee erkenning aan Jason se gevoelens en gee geleentheid vir hom om te ventileer. Hy spreek sy kommer uit oor sy ma wat tekens van onttrekking toon. Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteit: “Reaksies van belangrike persone na onthulling van die seksuele misbruik,” (sien punt 6.2.2.1.).

Tabel 9.6 : Kwalitatiewe data van sessie vyf met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette kom gespanne voor en druk weer op haar maag. Sy gee vir Jason 5 uit 10 vir sy optrede en teken op die gevoelgesiggie dat sy aanvanklik hartseer oor sy reaksie gevoel het.	Nicolette druk haar frustrasie uit dat Jason nooit by die huis is nie. Nicolette stem saam dat dit positief was dat Jason saam met haar vandag gekom het. Nicolette ventileer oor wat Jason vir haar gesê het na onthulling. Volgens Nicolette was hulle verhouding voor onthulling goed en nou is dit baie sleg.
Nicolette teken in dat sy verward gevoel het na onthulling aan die sielkundige. Volgens Nicolette het sy gewonder of haar ma haar sal glo. Sy gee die sielkundige 10 uit 10 vir haar reaksie.	Volgens Nicolette het die sielkundige die keuse vir haar gegee, naamlik of Nicolette vertel vir haar ma van die seksuele misbruik of sý moet. Volgens Nicolette is sy tevrede met die sielkundige se reaksie na onthulling.
Sy gee haar ma 10 uit 10 vir haar reaksie en teken op die gevoelgesiggie dat sy gelukkig voel oor haar ma se reaksie.	Volgens Nicolette het sy gedink dat haar pleegma haar nie sal glo nie, want toe haar suster vroeër dieselfde beweringe gemaak het, het niemand haar geglo nie.
Nicolette noem met 'n diep, emosiebelaaide stem: “nee” toe die navorser vra of Jason die beweringe aanvanklik geglo het.	Volgens Nicolette was haar verhouding met mev. Kotze sleg voor onthulling en het sy gedink dat haar pleegma haar nie sal glo nie. Volgens Nicolette het sy en mev. Kotze voor onthulling baie baklei en die beweerde oortreder het haar pleegma gemanipuleer.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Volgens Nicolette glo en ondersteun haar ma haar en is hulle verhouding nou “ongelooflik.”	Die reaksies van belangrike persone na onthulling is op haar voorgrond.
Verhouding met Jason is swak op die oomblik.	Weerstand om begrip te toon vir Jason se reaksie en optrede.

9.2.1.8 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Volgens mev. Kotze is die egskeiding in proses. Sy is dankbaar dat Nicolette in haar lewe is en noem dat sy nie weet wat sy sonder haar sou gedoen het nie. Jason was ook baie beter teenoor Nicolette nadat hy die navorser kom sien het. Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteit: “Meryl se storie”, (sien punt 6.2.4.1.). Volgens Gil

(1996:79) is dit belangrik om die impak van seksuele misbruik dwarsdeur die terapeutiese proses te assesseer.

Tabel 9.7 : Kwalitatiewe data van sessie ses met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette het net twee keer haar maandstonde gekry, maar kry dit nie meer nie.	Volgens Nicolette voel sy soms skuldig omdat sy dit vroeër kon gestop het en omdat sy nie geweet het dat dit verkeerd was nie, en noem dat sy dom was. Sy noem dat sy gedink het dat haar ma haar nie sal glo nie.
Goeie oogkontak, luister aandagtig en gee goeie samewerking.	Volgens Nicolette het sy haar arms gesny maar niks gevoel nie. Die dag toe haar ma die beweerde oortreder gekonfronteer het, wou sy selfmoord pleeg en het haar polse gesny, waarna haar ma haar hospitaal toe geneem het.
	Volgens Nicolette het sy baie tyd alleen in haar kamer spandeer, gehuil en geskree in haar kussing. Sy het soms haar deur gesluit.
	Volgens Nicolette het sy baie hoofpyn en maagpyn gekry en was baie hardlywig van spanning.
	Volgens Nicolette het haar verhouding met haar vriende verswak en sy het gevoel “los my net uit.”
	Volgens Nicolette was sy voor onthulling hartseer en depressief en het nie beheer oor haar emosies gehad nie. Volgens Nicolette het sy die woede wat sy ervaar het op haar ma gerig.
	Sy erken dat sy in ontkenning was en gemaak het asof haar pleegpa en hulle verhouding perfek was.
	Volgens Nicolette vind sy dit moeilik om van mans te hou. Sy noem dadelik dat sy nie dink dat sy “gay” is nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy en haar kêrel het verhoudingsprobleme.	Die impak van die seksuele misbruik op Nicolette is op haar voorgrond.
Goeie portuurgroepverhoudinge nou.	Geen weerstand nie.

9.2.1.9 Verloop van sessie sewe en agt. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Die ondersoekbeampte neem Nicolette se verklaring tydens sessie sewe by PATCH af. Haar juffrou het ingesit vir emosionele ondersteuning en sy het verkies dat haar ma in die wagkamer moet wag. Sy het senuweeagtig voorgekom, was moeg na die

tyd en het die wens uitgespreek om te gaan slaap. Nicolette was die volgende dag skool toe, maar kon nie konsentreer en dit hanteer nie en is toe huis toe.

Tydens sessie agt noem Nicolette dat sy gehoor het dat 'n leuenverklikker op jou hartklop werk. Sy noem bekommerd dat haar hart definitief vinniger gaan klop as gevolg van spanning wanneer sy gaan getuig en dan gaan dit lyk asof sy nie die waarheid praat nie. Die navorser betrek Nicolette by die bespreking van redes waarom tieners skuldig voel oor die seksuele misbruik, (sien punt 6.2.3.1.). Volgens Conradie (2000:12) voel slagoffers van seksuele misbruik baie keer verantwoordelik vir die seksuele misbruik en blameer hulleself.

Tabel 9.8: Kwalitatiewe data van sessie agt met Nicolette Kotze.

NIE VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Haar stem druk emosie uit.	Volgens Nicolette was sy en haar ma verras toe die inspekteur hulle inlig dat die beweerde oortreder gearresteer gaan word. Volgens Nicolette wil sy hê dat die beweerde oortreder gestraf moet word, maar dat hy nie tronk toe moet gaan nie.
Kom al meer selfversekerd voor.	Nicolette wil weet of sy die beweerde oortreder gaan sien wanneer hy getuig, want sy is bang dat sy later haarself nie gaan glo nie. Volgens Nicolette haat sy nie die beweerde oortreder nie en is sy nog lief vir hom.
Nicolette demonstreer dat haar slaaphemp nie te oop was nie, dit het net bietjie maag gewys en stywerig gesit. Die navorser stel haar gerus dat sy nie skuldig hoef te voel oor haar slaapkler wat sy gedra het nie. Dit het nie haar pleegpa die reg gegee om dit te doen nie.	Nicolette noem dat sy skuldig gevoel het omdat sy die seksuele misbruik vir so lank 'n geheim gehou het. Volgens Nicolette het sy skuldig gevoel toe hy saam met haar kaal geswem het. Volgens Nicolette het sy hom gevra of dit verkeerd is en hy het vir haar gevra of haar vriende dan nie saam met hulle pa's stort nie.
Volgens Nicolette het sy min geëet die dag van die verklaring asook die dag daarna.	Volgens Nicolette het die beweerde oortreder gesê dat hy dit met haar gedoen het omdat sy aangeneem is en dat hy nooit so iets met sy eie dogter sou doen nie.
Goeie oogkontak.	Volgens Nicolette hou sy nie daarvan om aangeraak te word nie, veral nie deur mans nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Goed gedoen in die eksamen.	Die hofverrigtinge, ambivalente gevoelens teenoor beweerde oortreder en skuldgevoelens is op haar voorgrond.
Vriende is baie ondersteunend. Sy het gereeld kontak met Jason via internet.	Weerstand dat die beweerde oortreder tronk toe gaan, wil hê dat hy hulp moet kry.

9.2.1.10 Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Die navorser betrek haar by die aktiwiteit: “Skuldgevoelens / ambivalente gevoelens”, (sien punt 6.2.3.1.).

Tabel 9.9: Kwalitatiewe data van sessie nege met Nicolette Kotze.

NIE VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette skud haar kop en noem dat sy geen goeie tye saam met die beweerde oortreder mis nie.	Volgens Nicolette was die beweerde oortreder by die huis in verband met die egskedingsaspekte, en sy het na haar kamer gegaan. Volgens Nicolette het die beweerde oortreder om verskoning gevra, maar hy het ook gesê: “...maar dit was nie so erg nie.”
Sy kom kwaad voor toe sy vertel wat die beweerde oortreder gesê het toe hy om verskoning gevra het.	Volgens Nicolette is die beweerde oortreder arrogant, dominerend en dink hy dat slegs hy reg is. Nicolette noem dat die beweerde oortreder verantwoordelik en die skuldige party is.
Mooi aangetrek en versorg. Sy druk emosie in haar stem uit. Sy is ernstig tydens bespreking.	Nicolette ventileer oor mense wat die seksuele misbruik minimaliseer deur te sê: “...hy het jou nie verkrag nie” en “hy het nie te ver gegaan nie.” Volgens Nicolette het sy fisiese pyn ervaar tydens die seksuele misbruik.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mev. Kotze lig navorser in dat die egskeding in die week afgehandel sal wees.	Die beweerde oortreder en die seksuele misbruik is op haar voorgrond.
Volgens Nicolette moet sy dalk ophou atletiek doen weens rugprobleme en dan voel sy dat sy liever kan doodgaan.	Weerstand om sy verskoning te aanvaar weens die minimalisering en omdat dit blyk hy neem nog nie volle verantwoordelikheid nie. Sy is onseker oor die saak.

9.2.1.11 Verloop van sessie tien en elf. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Tydens sessie tien noem Nicolette dat sy aan die een kant skuldig sal voel indien sy voortgaan met die saak en die beweerde oortreder tronk toe gaan, omdat sy familie nie dit wil hê nie. Aan die ander kant wil sy getuig vir haarself, want sy voel wat hy gedoen het, is verkeerd en dan sal sy tevrede wees met wat die magistraat ookal besluit. Volgens Nicolette was die beweerde oortreder altyd onder die invloed van alkohol wanneer hy dit gedoen het en dink sy dat hy alkohol misbruik. Volgens Nicolette sal sy tevrede voel om die saak terug te trek en om nie te getuig nie indien

die beweerde oortreder 'n beter persoon wil word en sal instem om vir terapie te gaan. Volgens Nicolette sal sy dit aanvaar indien die hof steeds besluit om te vervolg, en voel dan dat dit God se besluit was. Tydens sessie elf vergader mev. Kotze, die navorser, die sielkundige van die beweerde oortreder en die beweerde oortreder self. Die navorser bespreek die moontlikheid van 'n aanbeveling aan die hof op Nicolette se versoek, dat die saak tydelik teruggetrek word indien die beweerde oortreder instem om vir terapie in te skakel solank as wat die sielkundige van mening is hy moet inskakel. Die beweerde oortreder noem dadelik dat hy bereid is om sy samewerking te gee. Die navorser wys hom daarop dat die finale beslissing by die staatsaanklaer is en dat die navorser slegs bereid is om die aanbeveling te doen op Nicolette se versoek en dat die navorser van mening is dat die voorvalle 'n negatiewe impak op Nicolette gehad het. Indien hy egter nie sy samewerking gee nie of daar ander kinders is wat klagtes indien, sal die navorser die staatsaanklaers daarvan in kennis stel.

9.2.1.12 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Volgens mev. Kotze is die egskeiding twee weke gelede afgehandel. Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteit: “My naam,” en “Gunstelingdinge”, (sien punt 6.2.3.3. en 6.2.3.2.). Een van die gevolge van seksuele misbruik is 'n lae selfbeeld en 'n gevoel van waardeloosheid (Bolger, Patterson & Kulpersmidt, 1998:1171).

Tabel 9.10 : Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette kom aanvanklik teneergedruk voor. Hou maag vas, want sy ervaar pyn by haar maag.	Volgens Nicolette voel sy hartseer die afgelope paar dae.
Sy het haar hare korter gesny.	Sy vertel dat sy die behoefte voel om toilet toe te gaan, maar dan kan sy nie urineer nie.
Goeie oogkontak. Nicolette lag toe sy vertel van haar bynaam.	Volgens Nicolette dink sy dat haar biologiese ma haar naam gekies het en noem dat haar ma twee van haar susters ook dieselfde naam gegee het. Volgens Nicolette is haar biologiese ma 'n skisofreen of het sy Bipolêreverstoring.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy gaan weer 'n dokter wat spesialiseer in sportbeserings sien.	Weerstand om op te hou met atletiek weens rugprobleme.
	Haar atletiek en afrigter wat siek is, is op

	haar voorgrond.
--	-----------------

9.2.1.13 Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Mev. Kotze het 'n vriend ontmoet. Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteit: “Onvoltooide sinne,” (sien punt 6.2.3.4.). 'n Figuur word gesien as dit wat op daardie oomblik vir die adolessent die belangrikste is (Blom, 2004:12).

Tabel 9.11: Kwalitatiewe data van sessie dertien met Nicolette Kotze.

NIE VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette is stiller wanneer haar ma by is en praat meer spontaan wanneer sy alleen saam met die navorser is. Sy is nie so terneergedruk soos in die vorige sessie nie.	Volgens Nicolette het sy aanvanklik nie daarvan gehou toe mev. Kotze en haar nuwe vriend hande vashou en mekaar soen nie, nou is sy beter.
Nicolette skryf: “...ek raak onsteld wanneer ek dink aan die hele episode / ...ek raak kwaad wanneer ek die beweerde oortreder sien / ...my pleegpa is afskuwelik en vet / ...my biologiese ma is mal en dom / ek raak hartseer wanneer ek aan al sewe of agt my susters dink / ...my gevoelens word seergemaak wanneer die beweerde oortreder in my lewe is of wanneer ek van hom droom / ek voel skaam as ek dink aan die beweerde oortreder.”	
Nicolette skryf verder: “...ek hou daarvan wanneer ek hardloop, ...ek is sporty, ...ek wil nie ophou hardloop nie, ...ek geniet dit wanneer ek hardloop.”	
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mev. Kotze het 'n vriend wat belangstel om 'n verhouding met haar aan te knoop.	Die voorval en die beweerde oortreder is op haar voorgrond.
Sy en haar kêrel het opgebreek.	Weerstand om op te hou met atletiek.

9.2.1.14 Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteit: “Reg of verkeerd,” (sien punt 6.2.5.5.). Nicolette wil ook die aktiwiteit later saam met haar ma doen.

Tabel 9.12 : Kwalitatiewe data van sessie veertien met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette lyk opgewonde toe sy voorstel dat sy en haar ma die waardeaktiwiteit moet	Volgens Nicolette voel sy bang om met haar ma te praat omdat haar ma kwaad word. Sy

doen. Nicolette en haar ma se waardekaarte stem presies ooreen en Nicolette is opgewonde daaroor.	noem aanvanklik ongeërg dat sy nie van haar ma se nuwe vriend hou nie, maar erken later dat dit nie so is nie en dat sy hom nog nie ken nie.
Nicolette huil omdat sy bekommerd is oor 'n vriendin van haar.	Volgens Nicolette was haar sportafrigter vir haar soos 'n vaderfiguur en 'n rolmodel.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mev. Kotze se vriend gaan dalk later by hulle kom intrek.	Haar vriendin se omstandighede is op haar voorgrond.
	Weerstand om met haar ma te praat oor goed.

9.2.1.15 Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Nicolette, mev. Kotze en haar nuwe vriend.

Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteit: “Selfgeldende gedrag,” (sien punt 6.2.3.8.). Om verantwoordelikheid te neem vir jouself is die kern van terapie vanuit die gestaltbenadering.

Tabel 9.13: Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Stiller voor haar ma as wanneer sy alleen is. Sy verbreek oogkontak toe haar ma vertel dat sy kwaad is dat Nicolette haar hare gesny het sonder haar toestemming.	Nicolette identifiseer haar vriendin as 'n passiewe persoon, die beweerde oortreder as 'n aggressiewe persoon en haar pleegma se dogter as selfgeldend.
Goeie energievlakke.	Sy erken dat sy meestal passief optree en dat dit net makliker vir haar is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mev. Kotze se vriend het saamgekom na die sessie.	Sy toon weerstand om probleme met mev. Kotze te bespreek en noem dat dit makliker gaan wees om stil te bly.
	Die konflik tussen haar en haar ma oor haar nuwe haarstyl is op haar voorgrond.

9.2.1.16 Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteit: “My sintuie”, (sien punt 6.2.2.3.). Volgens Blom (2004:19) kan gesonde kontak gesien word as die individu se vermoë om kontak met die omgewing te maak deur gebruik te maak van haar sintuie, die vermoë om emosies op 'n gesonde manier uit te druk en die gebruik van intellek op verskeie maniere.

Tabel 9.14 : Kwalitatiewe data van sessie sestien met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Die verhouding tussen mev. Kotze en Nicolette blyk weer beter te wees as tydens vorige sessie.	Volgens Nicolette het sy gesien hoe die beweerde oortreder na haar kyk. Volgens haar was dit 'n aaklige kyk wat haar selfbewus gemaak het. Volgens Nicolette het sy gehoor dat hy vir haar sê dat sy nie haar ma moet sê nie.
Sy kom positief voor oor die komende eksamen. Goeie energievlakke.	Volgens Nicolette het sy drank geruik, gedink dat hy dronk is en was bang, want hy het enige iets gedoen wanneer hy dronk was.
Sy trek haar gesig toe sy vertel van die aanrakings.	Volgens Nicolette was die beweerde oortreder se aanrakings in die swembad en ander kere aaklig. Sy noem dat die beweerde oortreder aaklig en oud is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mev. Kotze se vriend help Nicolette met haar huiswerk.	Die inligting wat sy met behulp van haar sintuie ontvang het, is op haar voorgrond.
Die beweerde oortreder het nou alle finansiële hulp aan mev. Kotze onttrek.	Geen weerstand nie.

9.2.1.17 Verloop van sessie sewentien en agtien. Teenwoordig: Nicolette.

Die navorser besoek Nicolette by die huis, want volgens mev. Kotze is Nicolette emosioneel en mev. Kotze is vir twee weke na Johannesburg saam met haar vriend. Nicolette noem dat sy gehuil het omdat sy nagmerries van die beweerde oortreder op 'n gereelde basis kry. Die navorser en Nicolette bespreek haar droom en sy maak 'n skets van haar droom. Sy noem dat die droom aaklig was en haar bang gemaak het. Volgens Nicolette is sy nat gesweet wanneer sy wakker word en die beweerde oortreder se gesig gesien het. Nicolette het behoefte om te ventileer oor die droom wat op haar voorgrond is. Volgens Nicolette het sy vir drie dae nie haar Prozac gedrink nie. Die navorser beveel aan dat sy 'n doktersopinie moet kry voordat sy net ophou om die Prozac te drink. Tydens sessie agtien was haar moeder terug en die navorser het Nicolette betrek by bespreking van die impak van die seksuele misbruik op haar en haar vordering tot op hede. Volgens (Gil, 1996:79) moet die assessering die ondersoek en waarneming van die idiosinkratiese impak van die seksuele misbruik, hoe dit deur die adolessent geprosesseer is en of dit normale funksionering beïnvloed het, insluit.

Tabel 9.15 : Kwalitatiewe data van sessie agtien met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette kom positief voor oor die trek na Johannesburg.	Volgens Nicolette voel sy nie meer skuldig nie. Volgens Nicolette huil sy nou nie meer so baie soos daardie tyd nie en kry sy nie meer hoofpyn en maagpyn soos voorheen nie. Volgens Nicolette voel sy meer in beheer van haar kwaadgevoelens.
Sy kom opgewonde voor toe sy die navorser vertel dat sy 'n "cheerleader" is.	Volgens Nicolette het sy nie gemaklik gevoel saam met haar kêrel nie en het daarom met hom opgebreek. Sy noem dat sy egter nou weet dat sy nie "gay" is nie.
Goeie oogkontak. Sy wys trots haar arms en dat sy nie meer merke het nie.	Volgens Nicolette sny sy nie meer haarself nie. Sy vertel dat toe sy haar gesny het, sy niks gevoel het nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Volgens mev. Kotze trek hulle Desember na Johannesburg. Hulle oorweeg dit dat Nicolette op die Prozac moet bly totdat sy aangepas het in die nuwe skool in Johannesburg.	Haar impak van die seksuele misbruik en haar vordering tot op datum is op haar voorgrond.
Volgens Nicolette onttrek sy nie meer nie en hou daarvan om saam met haar vriende te wees.	Geen weerstand nie.

9.2.1.18 Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Volgens mev. Kotze voel sy nou kwaad oor alles en sy gaan 'n sielkundige sien. Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteit: "7de Laan," (sien punt 6.2.2.6.).

Tabel 9.16 : Kwalitatiewe data van sessie negentien met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette ervaar blaasprobleme en moet gereeld toilet toe gaan.	Volgens Nicolette het sy die beweerde oortreder se meisie (sy was mev. Kotze se beste vriendin) in die mall gesien. Sy het die aand van haar gedroom. Sy voel kwaad.
Maak baie gebruik van gesigsuitdrukings en handbewegings om te beklemtoon wat sy verbaal sê.	Volgens Nicolette kan sy dit nie glo van haar ma se vorige vriendin nie en noem dat sy nie daarvan hou om daarvoor te praat nie.
Sy kom selfbewus voor oor haar fisiese voorkoms en dink dat sy vet is.	Volgens Nicolette is sy nie aantreklik nie. Sy vertel dat die beweerde oortreder oor en oor vir haar gesê het dat sy vet is.
Sy kom kwaad voor weens haar ma se vorige vriendin se gedrag.	Nicolette noem haar positiewe eienskappe: sy het 'n mooi gesig en hare, sy is skaam en onskuldig, sy is hulpvaardig, eerlik, assertief, kreatief, slim, hou geheime en het 'n goeie humorsin.

	Volgens Nicolette is haar negatiewe eienskappe dat sy soms passief is en obsessief met sport is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Nicolette het in mev. Kotze se vorige vriendin vasgeloop in die dorp, met wie die beweerde oortreder 'n verhouding het.	Sy toon weerstand om te praat oor die droom wat sy gekry het. Mev. Kotze se vorige vriendin wat 'n verhouding met die beweerde oortreder het, is op Nicolette se voorgrond.

9.2.1.19 Verloop van sessie twintig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Volgens mev. Kotze het Nicolette die afgelope week depressief voorgekom. Sy het by die huis onthul dat die beweerde oortreder haar ook verkrag het. Nicolette het weer haar polse gekrap en mev. Kotze het haar verseker van haar liefde. Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteit: "Vertrou," (sien punt 6.2.4.2.). Volgens Benedict (1994:200) kan dit moeilik vir 'n adolessent wees om weer mans te vertrou indien sy verkrag is deur 'n man wat sy vertrou het.

Tabel 9.17 : Kwalitatiewe data van sessie twintig met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy kom ongelukkig en geïrriteerd voor.	Nicolette vra of die navorser haar gaan uitvra indien sy die navorser inlig wat haar depressief laat voel het. Sy onthul dat die beweerde oortreder haar verkrag het. Volgens Nicolette wil sy nie verder daaroor praat of enige iets verder daaraan doen nie. Sy onthul dat sy baie pyn ervaar het tydens die seksuele misbruik.
Nicolette noem met emosie in haar stem dat die beweerde oortreder en sy meisie nie oor die eienskappe van 'n persoon wat jy kan vertrou, beskik nie.	Nicolette vertrou die navorser, haar ma, sportafrigter en een vriendin. Volgens Nicolette beteken vertrou vir haar om alles vir jouself te hou.
Sy kom half geïrriteerd voor.	Nicolette noem dat sy nie die beweerde oortreder en sy meisie (mev. Kotze se vorige vriendin) vertrou nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het 'n verjaarsdagpartytjie gehad, maar die meisies het onderling met mekaar baklei.	Die verkragting is op haar voorgrond.
Die navorser stel voor dat sy 'n dokter moet sien vir die blaasprobleme.	Weerstand om die verkragting in fyn besonderhede te beskryf.

9.2.1.20 Verloop van sessie een-en-twintig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Volgens mev. Kotze gaan dit weer beter met Nicolette. Die navorser en Nicolette lees die selfbeeldbeeldaktiwiteite wat sy by die huis moet voltooi, saam, (sien punt 6.2.3.5.). Volgens Yontef (1993:137) is introjeksie wanneer die individu inhoud van haar omgewing sonder kritiek en bewustheid aanneem. Nicolette het dit wat die beweerde oortreder vir haar gesê het naamlik dat sy vet is, kritiekloos deel gemaak van haarself. Die navorser betrek haar by die aktiwiteit: “Teenoorgesteldes in my”, (sien punt 6.2.3.7.). Aan die een kant moet sy redeneer dat sy nie vet is nie en aan die ander kant is dit die beweerde oortreder wat redeneer dat sy vet is; sy vertolk beide rolle.

Tabel 9.18 : Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette lyk entoesiasies oor die selfbeeldaktiwiteite wat sy by die huis moet voltooi.	Nicolette het met selfvertroue telkens haar kant gestel: “Hoe maer wil jy dan hê ek moet wees? Jy moet ’n antwoord hê. Ek is nie ‘cheecky’ nie, ek vra jou net ’n antwoord. Ek sal gewig verloor wanneer jy gewig verloor. Ja, jy is drie keer so groot soos ek. Jy het cholesterol. Ek oefen baie. Die kinders by die dans het gesê ek lyk mooi, niemand anders sê vir my dat ek vet is nie.”
Sy gee goeie deelname tydens die leëstoeltegniek. Sy maak kontak met haar ervaringe en sal tussen-in noem dat dit presies is hoe hy teenoor haar opgetree het.	Nicolette het ook die kant van die beweerde oortreder gestel: “Ek weet nie. Moenie ‘cheecky’ met my wees nie. Net sodat jy nie vet is nie. Maar ek is ouer en jy is jonk. Hou op om bekommerd oor my te wees, wil jy net vetter en vetter word? Wat as jy verlam word?” Later kon sy nie meer aan redenasies vir sy kant stel nie en het sy gesien dat sy nog baie stellings namens haar kant kon maak.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Nicolette was by die skool se dans en het dit baie geniet.	Die beweerde oortreder se beskuldigings dat sy vet is, is op haar voorgrond.
	Geen weerstand nie

9.2.1.21 Verloop van sessie twee-en-twintig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Mev. Kotze het die navorser telefonies ingelig dat Nicolette baie moeg is en baie slaap. Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteit: “Die weersverslag,” (sien punt 6.2.1.7.). Emosionele regulasie verwys na die vermoë om die intensiteit en uitdrukking van gevoelens en impulse op ’n aanvaarbare manier te verander en te reguleer (Mash & Woolfe, 2002:388). Met behulp van die weersverslagaktiwiteit kon Nicolette haar gevoelens op ’n aanvaarbare manier uitdruk.

Tabel 9.19: Kwalitatiewe data van sessie twee-en-twintig met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Aanvanklik lae energievlakke, dit vermeerder soos die sessie vorder.	Volgens Nicolette het sy vir haar ma gesê dis reg as sy Johannesburg toe gaan, maar eintlik wou sy nie gehad het dat haar ma moet gaan nie. Volgens Nicolette kan sy nie met haar ma praat nie.
Sy krap gelukkige gevoelens uit en toon so aan dat sy nie gelukkig voel nie.	Volgens Nicolette is sy bekommerd oor haar een vriendin wat huislike probleme het.
Sy is in ’n ligte luim toe sy huis toe gaan, nadat sy geventileer het oor hoe sy voel.	Nicolette erken dat sy gisteraand haarself weer wou sny, maar toe eerder op die “treadmill” gehardloop het.
	Sy voel kwaad en gefrustreerd omdat haar vriend van wie sy hou, se ouers dit nie goedkeur dat hy ’n verhouding met haar het nie, omdat sy ’n jaar ouer is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Nicolette is ontsteld oor haar ma wat weg is Johannesburg toe en dat sy nie saamstem met die vrou wat haar tydelik versorg se roetiene nie.	Die vriendin wat probleme ervaar, is op Nicolette se voorgrond.
Sy het deelgeneem aan ’n vyf kilometer prethardloop en het baie goed gedoen.	Geen weerstand nie.

9.2.1.22 Verloop van sessie drie-en-twintig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteit: “Kognisie,” “Nie-verbale gedrag” en “Persoonlike spasie,” (sien punt 6.2.2.8., 6.2.1.6. en 6.2.2.11.). Kognisie verwys na die innerlike prosesse en produkte van die geheue wat lei na “om te wees” (Berk, 2000:222). Die navorser betrek daarna vir Nicolette en mev. Kotze in die aktiwiteit: “Ken mekaar,” (sien punt 6.2.5.4.).

Tabel 9.20: Kwalitatiewe data van sessie drie-en-twintig met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette se liggaamshouding en stem dui daarop dat sy negatief ingestel is en haar energievlakke is laag.	Nicolette ventileer oor die Hoërskool waarheen sy volgende jaar gaan en noem dat dit 'n "stupid" skool is.
Nicolette gaap gedurig tydens die sessie.	Nicolette is in staat om verskillende moontlike verduidelikings vir die aktiwiteitsprente te gee.
Nicolette geniet die aktiwiteite en haar energievlakke lig met verloop van die sessie. Sy het die gesamentlike aktiwiteit saam met haar ma baie geniet en aktief deelgeneem.	Nicolette noem dadelik dat die beweerde oortreder nie in haar persoonlike spasie mag kom nie en dat dit haar ongemaklik sal laat voel.
Tydens die persoonlike spasie aktiwiteit, dui Nicolette aan met die klippies dat sy baie spasie tussen haar en die ander persoon benodig om gemaklik te voel.	Sy noem dat sy gemaklik voel saam met die navorser, haar ma en vriendin asook haar sportafrieter en dat hulle in haar persoonlike spasie mag kom.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy was by die dokter en daar is bevind dat haar moegheid weens bloedarmoede is en sy het 'n ysteraanvulling gekry.	Nicolette is negatief oor die skool waarheen sy volgende jaar gaan en dit is op haar voorgrond.
Kommunikasie tussen Nicolette en haar ma kan verbeter. Nicolette verwoord baie keer nie haar gevoelens aan haar ma nie.	Geen weerstand nie.

9.2.1.23 Verloop van sessie vier-en-twintig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Mev. Kotze lig die navorser telefonies in dat Nicolette baie depressief voorkom en nie goed slaap nie. Nicolette het ook genoem dat sy voel soos "doodgaan." Nicolette en die navorser gaan saam deur die selfbeeldaktiwiteite wat sy ingevul het by die huis, (sien punt 6.2.3.5.).

Tabel 9.21: Kwalitatiewe data van sessie vier-en-twintig met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette kom vrolik en in 'n ligte luim voor.	Nicolette erken dat sy nog nie gereed voel om alles agter haar te sit nie en erken dat dit is omdat sy nie oor die voorvalle praat nie. Sy voel egter dat sy haar blaam teenoor haar ma kan laat vaar.
Goeie energievlakke.	Volgens Nicolette het sy haar gesny omdat sy nie die pyn beheer het, omdat sy gevoel het sy wil nie meer lewe nie en niks gehad het om voor te lewe nie. Sy voel gereed om hierdie gedrag te laat vaar.
Neem aktief deel aan die bespreking van die	Nicolette wil nie nou in 'n vaste verhouding

aktiwiteite.	wees nie. Volgens haar wil sy in beheer wees en keuses neem sou sy in 'n verhouding wees.
Sy het die selfbeeldaktiwiteite by die huis ingevul. Sy het onder andere ingeskryf: "I have overcome A LOT."	Nicolette noem dat sy 'n nuwe begin in Johannesburg wil maak waar niemand haar agtergrond ken nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser het navrae gedoen by 'n dokter in verband met kossoorte vir ystertekort en gee die inligting aan haar.	Die voorval en die impak daarvan op haar, is op haar voorgrond.
Van die meisies by die skool was jaloers en lelik met haar omdat seuns in haar belangstel.	Weerstand om oor die voorvalle in fyn besonderhede te praat.
Mev. Kotze gaan na Johannesburg die komende naweek.	

9.2.1.24 Verloop van sessie vyf-en-twintig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteit: "Die lewenslyn," (sien punt 6.2.1.1.). Die terapeut kan deur aktief te luister aan die adolessent toon dat sy gewillig is om die adolessent se wêreld te betree en die adolessent se siening van die wêreld respekteer (Geldard & Geldard, 2002:93).

Tabel 9.22 : Kwalitatiewe data van sessie vyf-en-twintig met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette kom vrolik voor en versorg haarself fisies goed.	Volgens Nicolette was sy en haar suster in Cotlands geplaas en was sy laaste in pleegsorg geneem op sewejarige ouderdom.
Sy wys spontaan en entoesiasies die foto's van haar familie.	Nicolette vertel van haar skole, vriende en haar eerste soen.
Nicolette kom onseker voor oor haar ma wat die naweek na Johannesburg gaan.	Volgens Nicolette neem sy nog Prozac.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Nicolette het foto's van haar familie en vriende saamgebring om vir die navorser te wys.	Haar pleegplasing en biologiese susters is op haar voorgrond.
Sy gaan kontak met haar twee biologiese susters in Johannesburg hê. Sy skryf vir hulle.	Sy noem geen inligting van die beweerde seksuele misbruik tydens die lewenslyn nie en toon weerstand om daaroor te praat.
Die dokter het die navorser ingelig dat Nicolette se blaas wel geaffekteer kan wees as gevolg van die sielkundige impak van die seksuele misbruik. Sy het 'n afspraak by hom die komende week.	

9.2.1.25 Verloop van sessie ses-en-twintig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Beide mev. Kotze en Nicolette is baie bly dat hulle nie meer Johannesburg toe gaan nie. Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteit: “My veiligheid,” (sien punt 6.2.1.2.).

Tabel 9.23 : Kwalitatiewe data van sessie ses-en-twintig met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette lyk baie opgewonde daaroor dat hulle nie meer Johannesburg toe gaan nie.	Nicolette noem dat sy bly is dat hulle nie meer na Johannesburg gaan nie.
Nicolette toon op 'n skaal van tien waarvan 0 nooit is en 10 baie keer, dat sy slegs 2 of 3 onveilig voel.	Nicolette noem dat sy van haar ma se verloofde hou, maar dat sy van mening is dat hulle te gou verloof geraak het.
Sy dui met regmerkies aan dat sy oral veilig voel waarheen sy gaan. Sy maak sommer 'n groot regmerk by hulle huis.	Volgens Nicolette voel sy nooit onveilig by die huis nie. Sy noem dat sy onveilig voel wanneer daar van die beweerde oortreder gepraat word, maar dat dit min is.
Sy dui aan met 'n kruisie dat sy soms onveilig voel wanneer sy alleen by die mall vir haar ma wag, maar noem dat sy dan tussen die mense gaan wag.	Volgens Nicolette laat die gedagte om alleen saam met seuns te wees, haar ook onveilig voel. Sy is egter nooit alleen saam met seuns nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Mev. Kotze en haar vriend is verloof.	Haar onmiddellike omgewing en dat hulle nie meer na Johannesburg gaan nie, is op haar voorgrond.
Weens laat aansoek, het Nicolette nie in dieselfde skool as haar vriende plek gekry nie en gaan sy na 'n ander Hoërskool.	Geen weerstand nie.

9.2.1.26 Verloop van sessie sewe-en-twintig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Mev. Kotze erken dat dit 'n aanpassing is met haar verloofde in die huis. Die navorser fokus op Nicolette se voorgrondbehoefte en maak saam met Nicolette 'n lys van die dinge waarvan sy hou en nie van hou nie, noudat haar ma se verloofde by hulle bly. Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteit: “Die vyf liefdestale,” (sien punt 6.2.5.3.).

Tabel 9.24 : Kwalitatiewe data van sessie sewe-en-twintig met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
---	---

Die navorser neem waar dat Nicolette meer openlik voor haar ma praat en dat haar ma luister en in ag neem wat sy sê.	Nicolette noem dat sy ongemaklik voel met haar ma se kamerdeur wat toe is en voel asof sy nie meer welkom in die kamer is nie. Volgens Nicolette spandeer sy en haar ma nou minder tyd saam en wanneer hulle alleen is, bel haar ma se verloofde. Sy voel ongemaklik wanneer haar ma en hy voor haar soen.
Nicolette kom meer gemaklik voor om haar opinie te lug.	Nicolette vertel opgewonde dat sy haar maandstonde gekry het.
Sy begin spontaan praat oor hoe die beweerde oortreder haar laat voel het en maak verdere onthullings voor haar ma.	Volgens Nicolette respekteer haar ma se verloofde haar persoonlike spasie en hy laat haar nie ongemaklik voel nie.
Sy het tydens aanvang van sessie gegaap, maar aan die einde van die sessie het sy bemagtig voorgekom en energievlakke was gelig.	Volgens Nicolette het die beweerde oortreder haar skuldig en verantwoordelik laat voel en was hy baie manipulerend. Nicolette vertel van 'n nagmerrie wat sy gekry het oor die beweerde oortreder. Nicolette noem dat sy haar seergemaak het toe die beweerde oortreder vir mev. Kotze gesê het dat Nicolette nie sy kind is nie.
	Nicolette onthul dat sy gesien het toe die beweerde oortreder haar biologiese suster betas het en sy het bang en verward gevoel. Volgens Nicolette voel dit steeds vir haar of die seksuele misbruik 'n droom was.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Nicolette voel uitgesluit noudat sy haar ma se aandag met haar ma se verloofde moet deel. Beide Nicolette en haar ma se verloofde se primêre liefdestaal blyk kwaliteit tyd te wees en daarom wil beide baie tyd saam met mev. Kotze spandeer.	Haar ma se verloofde wat by hulle ingetrek het, is op haar voorgrond.
Nicolette se ma se verloofde het ingetrek.	Geen weerstand nie.

9.2.1.27 Verloop van sessie agt-en-twintig. Teenwoordig: Nicolette, mev. Kotze en haar verloofde.

Die navorser doen 'n tuisbesoek om 'n gesinsvergadering by te woon ten einde probleemareas te identifiseer en aan te spreek. Verskeie probleemareas en moontlike oplossing word bespreek. Na gesprek met Nicolette het die navorser met mev. Kotze en haar verloofde gaan praat en aanbeveel dat mev. Kotze kwaliteit tyd saam met Nicolette moet spandeer.

Tabel 9.25 : Kwalitatiewe data van sessie agt-en-twintig met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette kom aanvanklik afgesonderd voor	Die navorser sien Nicolette alleen. Sy noem

en maak nie oogkontak nie.	dat sy nie daarvan hou dat haar ma so gou weer in 'n nuwe verhouding is nie. Volgens Nicolette voel sy dat sy nie aan 'n familie behoort nie en dat dit voel asof sy en haar ma nie meer 'n verhouding het nie.
Nicolette kom moeg voor.	Volgens Nicolette het sy vandag uitgevind dat haar ma vir haar verloofde vertel het van die voorval en sy is baie onsteld daaroor.
Nicolette huil toe die navorser haar alleen sien.	Volgens Nicolette het sy weer 'n droom van die beweerde oortreder gehad en dat dit voel asof sy nie uit die droom kan kom nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Nicolette voel baie bedreig deur haar ma se verhouding met haar verloofde en voel uitgesluit.	Nicolette toon weerstand om deel te neem aan besprekinge tydens die vergadering.
	Haar ma se nuwe verhouding en haar gevoelens daaromtrent is op haar voorgrond.

9.2.1.28 Verloop van sessie nege-en-twintig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Mev. Kotze kom moeg voor. Volgens mev. Kotze is Nicolette negatief ingestel teenoor haar verloofde. Die navorser vertel aan Nicolette 'n storie wat die boodskap oordra dat 'n persoon moet praat indien iets haar pla. Die navorser fokus op Nicolette se voorgrondbehoefte en vra aan haar om neer te skryf wat haar hulpeloos laat voel.

Tabel 9.26 : Kwalitatiewe data van sessie nege-en-twintig met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette skryf neer dat sy nie die manier kan verander waarop haar ma oor haar verloofde voel nie. Nicolette kom vandag meer kwaad voor. Sy skryf neer dat die nagmerries van die beweerde oortreder haar hulpeloos laat voel.	Nicolette noem dat haar onderwysers oulik en goed is.
Sy skryf ook neer dat sy nie kan verander dat sy in die Hoërskool is waar sy plek gekry het nie en dat sy oor die weg moet kom met die kinders in haar skool. Sy skryf neer dat sy nie kan maak dat haar ma lief moet wees vir haar en tyd saam met haar spandeer nie. Sy skryf neer dat haar ma inligting van die voorval aan ander mense gegee het.	Nicolette wil nie op die oomblik enige van haar probleme met haar ma bespreek nie. Nicolette is kwaad omdat haar ma gesê het dat hulle nie meer oor die verlede moet praat nie, maar sy voel nou reg om daaroor te praat. Die navorser verduidelik dat haar ma bedoel het dat sy nie heeltyd vir Nicolette daaraan wil herinner nie, maar indien Nicolette die behoefte het, kan sy met haar daaroor kom praat.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Nicolette is nie gelukkig by haar nuwe skool nie, want al haar vriende is by die ander	Op Nicolette se voorgrond is haar behoefte aan kwaliteit tyd saam met haar ma.

Hoërskool.	
Nicolette se sportafrigter is siek en het nog nie laat weet hoe dit gaan nie.	Weerstand om met haar ma te praat oor hoe sy voel.

9.2.1.29 Verloop van sessie dertig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Volgens mev. Kotze het hulle almal gepraat en gaan dit nou beter. Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteite: “Wat moet ek nou doen?,” (sien punt 6.2.2.8.). Perls het die idee ontwikkel dat ’n persoon verantwoordelikheid vir haar eie lewe moet neem (Blugerman, 1986:71).

Tabel 9.27 : Kwalitatiewe data van sessie dertig met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Goeie oogkontak.	Nicolette noem dat sy die geleentheid kry om te ventileer oor hoe sy voel by die navorser.
Sy gaap baie en kom moeg voor. Sy toon belangstelling in die aktiwiteit en neem aktief deel aan bespreking.	Volgens Nicolette het sy vir haar ma gesê dat sy nie daarvan hou dat haar ma se verloofde haar elke dag skool toe neem nie, want sy voel ongemaklik.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Nicolette oefen vir interskole.	Haar ma se verhouding met haar verloofde is steeds op Nicolette se voorgrond.
Sy gaan in die komende week vir ’n blaasoperasie.	Nicolette toon weerstand en wil nie oor haar skool praat nie.

9.2.1.30 Verloop van sessie een-en-dertig. Teenwoordig: Nicolette en mev. Kotze.

Die navorser betrek Nicolette by die aktiwiteit: “Konflikhantering,” (sien punt 6.2.4.6.). Die navorser betrek Nicolette by die bespreking van die onderwerp: “Wat maak meisies kwesbaar?,” (sien punt 6.2.5.6.).

Tabel 9.28 : Kwalitatiewe data van sessie een-en-dertig met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette is in ’n ligte luim en kom energiek voor.	Volgens Nicolette het sy gegaan vir die operasie, maar hulle het geen fout gevind by haar blaas nie en skryf die probleme wat sy ervaar toe aan stres.
Goeie deelname aan die aktiwiteite.	Volgens Nicolette hanteer sy konflik soos ’n slak en bly sy stil. Sy noem dat haar ma soms konflik soos ’n krokodil hanteer, soms

	onderhandel soos 'n jakkals en soms soos 'n uil optree deur te luister.
	Nicolette noem dat die beweerde oortreder konflik "stone dead" soos 'n krokodil hanteer.
	Volgens Nicolette spreek meisies se kleredrag boekdele en dat 'n meisie moeilikheid soek indien sy alleen saam met 'n seun êrens heen gaan.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Positiewe verbetering in Nicolette en haar ma se verhouding.	Haar verhouding met haar ma wat verbeter het, is op haar voorgrond.
	Geen weerstand nie.

9.2.1.31 Verloop van sessie twee-en-dertig. Teenwoordig: Nicolette.

Op Nicolette se versoek word terminering bespreek. Die navorser toon begrip dat sy eers 'n geleentheid gegun moet word om alles te assimileer aangesien sy alreeds 'n jaar in terapie is. Voltooi die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

Tabel 9.29 : Kwalitatiewe data van sessie twee-en-dertig met Nicolette Kotze.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Nicolette lyk goed en gelukkig. Sy trek mooi en sportief aan.	Volgens Nicolette gaan sy die navorser baie bel.
Dit lyk asof 'n berg van Nicolette se skouers af is.	Volgens Nicolette gaan dit baie beter by die huis en ook wat haar ma se verloofde aanbetref.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy is in die Bolandspan vir stap. Sy het 'n kêrel.	Op Nicolette se voorgrond is dat dit baie beter gaan by die huis.
Haar verhouding met haar ma se verloofde het baie verbeter.	Geen weerstand nie.

9.2.1.32 Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Kotze.

Die navorser en mev. Kotze voel dat Nicolette kan baat by verdere terapie, maar respekteer Nicolette se versoek om te termineer. Handhaaf 'n oop-deur-beleid.

Tabel 9.30: Nicolette se huidige funksionering volgens mev. Kotze.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Gesondheidsgeskiedenis:	Na verkragting.	Kla van maagpyn. Sy het vir

		'n maand opgegooi. Blaasprobleme. Moeg. Kan nie slaap nie. Jeuk by vagina en kry nie maandstonde nie.
	Huidig.	Gesondheid is goed. Sy kla ook nie meer van haar blaas nie. Eet en slaap goed. Jeuk nie meer by vagina nie. Sy is nie meer konstant moeg nie, net moeg wanneer sy fisies ge oefen het. Sy gebruik nog Prozac.
Emosionele funksionering:	Na verkracting.	Skuldgevoelens dat mev. Kotze se dogter haar sal haar blameer oor die onthulling en dat sy die familie opbreek. Bang vir die beweerde oortreder en bang dat hy gaan uitvind dat sy vertel het.
	Huidig.	Nicolette is nou weer spraaksaam en volgens mev. Kotze praat sy die heelyd. Volgens mev. Kotze is die "flikker" in Nicolette se oë terug en is dit nie so dood soos tydens voorvalle nie. Nicolette is bang vir die beweerde oortreder en daarom maak mev. Kotze seker dat sy geen kontak met hom het nie.
Interpersoonlike verhoudings:	Na verkracting.	Band tussen mev. Kotze en Nicolette het verswak, na verkracting en voor onthulling, want Nicolette het onttrek. Nicolette is prefek, goeie verhoudings met portuurgroep. Beweerde oortreder het na onthulling gesê dat Nicolette nie sy kind is nie. Mev. Kotze se seun was baie verward oor die beweringe. Nicolette het gedink dat hy haar nie glo nie en het onwelkom gevoel.
	Huidig.	Nicolette en mev. Kotze se verloofde se verhouding is goed. Nicolette se verhouding met mev. Kotze is goed, hulle spandeer kwaliteittyd saam. Verhouding met mev. Kotze se biologiese kinders is goed. Sy is populêr onder haar

		portuurgroep en het nuwe vriende in haar nuwe skool gemaak.
Gedragsprobleme:	Na verkragting.	Nicolette het onttrek en was stil. Sy het haar kamerdeur en gordyne in haar kamer toegemaak. Selfskending: sy het haarself begin sny. Sy was obsessief oor haar sport. Die aand wat mev. Kotze die beweerde oortreder gekonfronteer het, het Nicolette haar polse gesny en was sy by die hospitaal. Sy het geskree en was baie ontsteld.
	Huidig.	Sy onttrek nie meer nie en geen selfskendende gedrag meer nie. Haar sport is nog belangrik vir haar, maar sy is nie meer so obsessief daaroor nie. Sy het nou 'n gebalanseerde lewe. Geen eetversteurings nie en gooi nie meer op nie. Sy slaap goed. Gehoorsame kind.
Kognisie:	Na verkragting.	Herhaalde nagmerries van die beweerde oortreder.
	Huidig.	Nie meer so baie nie. Iets wat haar herinner aan die beweerde oortreder kan soms aanleiding tot 'n nagmerrie gee.
Seksualiteit:	Na verkragting.	Baie onskuldige kind en die beweerde oortreder het dit uitgebuit.
	Huidig.	Sy is baie onskuldig wat seksualiteit aanbetref. Sy het 'n kêrel en respekteer die reëls wat mev. Kotze neergelê het.
Skoolprestasie:	Na verkragting.	Dit is belangrik vir Nicolette om goed te doen op skool.
	Huidig.	Akademies presteer Nicolette goed.
Voorval inligting:	Die verkragting.	Mev. Kotze het Nicolette deurgaans geglo en bygestaan.
Dissipline:	Voor en na verkragting.	Nicolette is 'n gehoorsame kind. Sy praat met Nicolette as dissiplineringsmetode.
Gesinslewe:	Na verkragting.	Mev. Kotze skei mnr. Kotze en ondersteun Nicolette. Mev. Kotze se biologiese

		kinders is al volwasse en woon nie meer in die huis nie.
	Huidig.	Hulle is nou soos 'n nuwe gesin: Nicolette, mev. Kotze en haar verloofde. Nicolette is sensitief ten opsigte van waar sy behoort.

9.2.1.33 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die spelterapieprogram

Die voortoets het daarop gedui dat Nicolette se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Nicolette se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die natoets het getoon dat Nicolette se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Nicolette se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsie-elemente) is huidig 31% en haar vorige telling tydens die voortoets was 41%. 'n Totaal van minder as 30% is die aanbevole gebied. Al Nicolette se selfpersepsie-totale, behalwe haar skuldgevoelens en isolasietelling, het afgeneem. Haar skuldgevoelens en isolasietellings is egter steeds onder die aanbevole gebied en dui dus nie op 'n behoefte vir verbetering nie. Die navorser skryf die toename in haar isolasietelling aan die volgende toe:

- Haar ma was betrokke in 'n ernstige verhouding met 'n man en het verloof geraak. Nicolette het aanvanklik nie van hom gehou nie. Haar ma moes dus haar aandag tussen haar nuwe verloofde en haar dogter verdeel.
- Nicolette het vanaf Laerskool na Hoërskool verander. Sy het nie plek gekry by die skool waarheen al haar vriende gegaan het nie en moes daarom na 'n ander skool gaan.


Haar ma en haar verloofde het intussen opgebreek en Nicolette en haar ma is baie na aan mekaar. Sy het van skool verander en is in 'n goeie skool in Stellenbosch en is gelukkig daar. Haar angstigheidtelling het verbeter, maar was ten tye van die natoets steeds hoog. Die navorser skryf dit toe aan die volgende:

- Haar ma se nuwe verhouding,
- Seksuele misbruik deur haar pleegpa, 'n persoon wat veronderstel is om beskerming en liefde te voorsien en hy is op vrye voet.
- Verandering vanaf laerskool na hoërskool, en verandering na 'n ander hoërskool in die middel van die jaar, weens 'n kind wat 'n ander kind met 'n mes gesteek het by die vorige hoërskool,
- Haar sportafripter wat kanker het.

Haar gebrek aan selfwaardetelling het afgeneem maar is steeds hoog. Die navorser skryf dit toe aan die volgende:

- Introjekte van wat die beweerde oortreder gesê het: “Jy is vet” / “Sy is nie my kind nie”.
- Asook haar geskiedenis van verwydering uit biologiese moeder se sorg, pleegsorg en seksuele misbruik deur primêre versorger. Nicolette is baie sensitief en het 'n groot behoefte om “te behoort” aan 'n familie weens haar geskiedenis.


Figuur 9.1: KFI-HOËR - Selfpersepsie



Nicolette se huidige algehele Trauma-Dinamikapuntetotaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamika-elemente) is 28% en haar vorige telling tydens die voortoets was 43%. Al Nicolette se trauma-dinamika totale, behalwe haar wantroue en houding-teenoor-volwassenestelling, het goed afgeneem. Die navorser skryf die toename in haar houding teenoor volwassenes en wantrouetelling aan die volgende toe:

- Sy is verwyder uit haar biologiese moeder se sorg, weens haar ma wat haar en haar suster verwaarloos het, sy is in pleegsorg geneem en deur haar pleegpa verkrag,
- Haar sportafrigter van wie sy baie hou, het kontak met haar verbreek,
- Haar ma het betrokke geraak in 'n ernstige verhouding met 'n man van wie sy aanvanklik nie gehou het nie.
- Haar pleegpa het 'n verhouding gehad met haar ma se beste vriendin, met wie sy ook baie goed bevriend was.

Figuur 9.2: KFI-HOËR – Trauma Dinamika



9.2.1.34 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindings

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindings komplementeer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die speltherapieprogram Nicolette se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het. Volgens mev. Kotze het Nicolette voor terapeutiese dienslewering gekla van maagpyn, sy was konstant moeg, het blaasprobleme gehad, sy was stil en het onttrek, sy was obsessief oor haar sport en het selfskendende gedrag gehad.

Volgens mev. Kotze was Nicolette se gesondheid ten tye van terminering goed, sy was nie meer konstant moeg nie, het nie meer gekla van haar blaas nie, sy was weer spraaksam en die “flikker” in haar oë was terug. Haar verhouding met Nicolette was goed, Nicolette en mev. Kotze se verloofde het ook goed oor die weg gekom, sy het nie meer selfskendende gedrag getoon nie, het nie meer onttrek nie en was nie meer obsessief oor haar sport nie. Die navorser en mev. Kotze was van mening dat Nicolette by nog verdere terapeutiese dienste kon baat, maar het op haar versoek getermineer ten einde Nicolette die geleentheid te gee om alles wat tydens terapeutiese dienslewering bespreek is, te assimileer.

Die navorser het drie maande na terminering ‘n opvolg-onderhoud met Nicolette en haar moeder gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel. Nicolette was mooi aangetrek en het ontspanne voorgekom. Sy het die navorser opgewonde ingelig omtrent haar nuwe skool, haar goeie akademiese prestasies en dat sy goed oor die weg kom met haar ma en ma se verloofde. Nicolette het ‘n paar maande later haar lewensverhaal begin skryf en die navorser het ingestem om haar daarmee te help. Daar was ‘n insident by die skool waartydens die onderwerp seksualiteit bespreek is en Nicolette was baie ontsteld oor onsensitiewe aanmerkings wat die kinders gemaak het en dat hulle nie insig het in hoe dit werklik vir ‘n meisie is wat seksueel misbruik is nie.

Sy het weer op ‘n weeklikse basis na die navorser gekom waartydens die navorser en Nicolette haar lewensverhaal vanaf geboorte geskryf het: die veiligheidsplasing, haar pleegplasing, die seksuele misbruik, die impak van die seksuele misbruik op haar, die hede en haar raad aan ander kinders wat seksueel misbruik is. Nicolette het met

deursettingsvermoë alle aspekte van haar lewe in fyn besonderhede beskryf. Sy was selfs daartoe in staat om die inligting van die seksuele misbruik en bedreigende inligting in fyn besonderhede te beskryf. Nicolette het positief en bemagtig voorgekom. Die navorser het besef dat Nicolette die breuk nodig gehad het en dat sy nou reg is vir terminering. Beide Nicolette se selfpersepsietelling en traumadinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenteer aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapiëprogram Nicolette se selfpersepsie en traumadinamika-elemente verbeter het.

9.2.2 Biografiese inligting van gevallestudie twee: Jessie Barnard

Naam van die adolescent: Jessie Barnard	Kultuurgroep: Blank
Ouderdom: 17 jaar oud	Geslag: Vroulik
Aantal kinders in die pleeggesin: 3	Huistaal: Afrikaans

9.2.2.1 Agtergrondinligting van Jessie Barnard

Die skool het Jessie verwys na die skoolsielkundige omdat mev. Barnard bekommerd was oor Jessie se woedeuitbarstings en opmerking: “As ek iets oorkom, ek was lief vir julle.” Jessie Barnard is deur ‘n skoolsielkundige na PATCH verwys vir terapeutiese dienslewering, aangesien sy gevind het dat sy nie vorder met Jessie in terapie nie. Jessie was ‘n uitstekende gimnas, maar na ‘n onlangse nekbeseering, moes sy dit staak. Sy is deur haar gimnastiekafrigter, ‘n getroude man met kinders, oor ‘n verloop van tyd seksueel misbruik. Die beweerde oortreder het sy magposisie, Jessie se swak verhouding met haar ma en Jessie se drome om springbokkleure te kry misbruik. Volgens Jessie het die beweerde oortreder alles van haar geweet en het sy die meeste van haar tyd saam met hom spandeer weens haar gimnastiek. Volgens Jessie het dit begin met vuil grappies, hy het gesê dat hy lief is vir haar, toe onsedelike aanranding en toe verkragting. Volgens Jessie was sy bang vir die beweerde oortreder.

9.2.2.2 Impak van die beweerde verkragting op Jessie Barnard volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Barnard.

Mev. Barnard gee skriftelike toestemming vir Jessie se deelname aan die navorsing.

Tabel 9.31: Agtergrondgeskiedenis van Jessie Barnard.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkelingsgeskiedenis:	Swangerskap.	Beplan en gelukkig daaroor.
	Ontwikkeling.	Normaal.
	Laerskool en haar gimnastiekloopbaan.	Jessie het kolle op haar kop gekry van stres en het 'n sielkundige gesien. Mev. Barnard is van mening dat dit weens haar gimnastiekloopbaan was wat sy baie ernstig opgeneem het en haarself gedruk het.
	Traumagebeure: Seksueel misbruik oor 'n verloop van tyd. Nekbesering toe sy geval het tydens gimnastiekkompetisie.	Kan nie meer gimnastiek doen weens nekbesering nie. Haar droom was om 'n springbokgimnas te word.
Gesondheidsgeskiedenis:	Voor verkragting.	Baie gesondheid bewus, perfeksionisties en gesondheid was goed.
	Na verkragting.	Jessie is altyd op 'n dieet. Sy vrees dat sy vet kan word. Herhaalde blaasinfeksies en afskeidings gekry. Amnesia. Sleg geslaap voor en na onthulling.
Emosionele funksionering:	Voor verkragting.	Baie presies op haarself. Gelukkig in die ander laerskool.
	Tydens en na verkragting.	Stil en tekens van onttrekking. Jessie het die opmerking gemaak: "Ek het hulp nodig. As ek iets oorkom, ek is lief vir julle." Uitermatige gemoedsveranderinge. Na onthulling was woedeuitbarstings beter. Jessie was depressief en het anti-depressante gedrink voor onthulling van seksuele misbruik.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor verkragting.	Haar pa was weens werk baie weg van die huis af. Jessie het baie tyd by die gimnastiekafriger spandeer. Behoefte aan 'n vaderfiguur gehad. Jessie en haar ma was volgens Jessie half vervreem van mekaar weens Jessie se besige gimnastiekprogram.
	Na verkragting.	Jessie se verhouding met

		haar pa is goed. Goeie verhoudings met haar susters.
Gedragsprobleme:	Voor verkragting.	Perfeksionisties, gehoorsaam en gedissiplineerd.
	Na verkragting.	Woedeuitbarstings gekry, histories geskree, beter na onthulling. Doen nou sang en drama. Polse met lemmetjies gesny. Jessie is ongemaklik wanneer intieme stukke op die televisie gewys word; staan op en loop.
Kognisie:	Voor verkragting.	Geen probleem nie.
	Na verkragting.	Terugflitse en nagmerries.
Seksualiteit:	Tydens verkragting.	Volgens mev. Barnard het Jessie haar eenkeer gevra wat “mishandeling” en wat “verkragting” is. Jessie was baie onskuldig vir haar ouderdom.
Skoolprestasie:	Voor verkragting.	Skoolwerk afgeskeep weens druk gimnastiekprogram.
	Na verkragting.	Noudat sy nie meer gimnastiek doen nie, gee sy meer aandag aan haar skoolwerk.
Voorval inligting:	Die verkragting.	Jessie het vir haar ma gesê dat haar afrigter haar gemolesteer het, maar het dit nie in fyn besonderhede beskryf nie. Hy het haar weer op die Saterdag seksueel misbruik en die Dinsdag het sy geval en ‘n nekbesering opgedoen. Mev. Barnard is baie emosioneel en kwaad vir die beweerde oortreder. Mev. Barnard ervaar slaapprobleme. Die beweerde oortreder was heelyd by Jessie nadat sy haar nekbesering opgedoen het, moontlik bang dat sy in haar beswying die seksuele misbruik sou onthul. Hy het aangedring dat sy vir ‘n naweek na hulle moet kom toe sy ontslaan is.
Dissipline:	Voor en na verkragting.	Jessie is baie gehoorsaam en gedissiplineerd. Drink en rook nie.
Gesinslewe:	Voor verkragting.	Pa is baie weg van die huis af weens werk.
	Na verkragting.	Mev. Barnard ervaar

		verhoudingsprobleme met haar man, want sy is koud na sy ingelig is dat haar dogter seksueel misbruik is en haar man is onbewus van die beweringe.
--	--	---

9.2.2.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Jessie en mev. Barnard.

Die navorser verduidelik PATCH en die navorser se rol. Mev. Barnard is emosioneel en vertel van Jessie se uitregerende gedrag weens die seksuele misbruik. Volgens Knauer (2000:83) het slagoffers van seksuele misbruik 'n geneigdheid om uit te reageer wat beide die slagoffers en ander om hulle kan seermaak. Jessie se pa weet nie van die seksuele misbruik nie. Ten einde stigmatisasie te voorkom, en om Jessie se loopbaan en reputasie te beskerm, het hulle besluit om dit nie aan te meld nie.

Tabel 9.32: Kwalitatiewe data van sessie een met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Jessie het aanvanklik senuweeagtig voorgekom en gelag om dit te probeer wegsteek. Sy het aan die einde van die sessie die navorser 'n drukkie gegee.	Sy het tydens aanvang van sessie gevra dat haar ma buite moet wag. Die navorser het haar ingelig dat die navorser eers die prosedure wil verduidelik en 'n informele gesprek voer. Sy hoef nie voor haar ma oor die voorvalle te praat nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Volgens mev. Barnard is sy en Jessie nader aan mekaar.	Weerstand om voor haar ma te praat.
Mnr. Barnard weet nie van die seksuele misbruik nie.	Die terapeutiese dienslewering is op haar voorgrond.

9.2.2.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Jessie en mev. Barnard.

Die navorser betrek Jessie by die aktiwiteit: "Die lewenslyn," (sien punt 6.2.1.1.). Tydens die lewenslynaktiwiteit deel Jessie die inligting van die beweerde oortreder en seksuele misbruik. 'n Figuur word gesien as dit wat op daardie oomblik vir die kind die belangrikste is, dit wat die kind se aandag die meeste trek (Blom, 2004:12).

Tabel 9.33: Kwalitatiewe data van sessie twee met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Jessie kom senuweeagtig voor, maar lag steeds om dit te probeer wegsteek. Beduie	Volgens Jessie is sy deur kinders afgeknou in die eerste laerskool waar sy was. Sy moes

met haar hande hoe sy die beweerde oortreder weggestoot het.	lekkers vir hulle gee of hulle het haar geslaan. Volgens Jessie het sy op negejarige ouderdom van laerskool verander en het toe gimnastiek begin doen. Sy is nou op Hoërskool.
Jessie lyk verras toe sy besef dat sy stilgebly het oor die kinders wat haar geslaan het op laerskool net soos oor die verkragting.	Volgens Jessie was sy bang vir die beweerde oortreder, hy het baie druk op haar gesit en wou alles “sy manier” gehad het.
Jessie se stem bewe, sy speel senuweeagtig met haar hande en haar asemhaling is vlak.	Volgens Jessie het sy terugflitse en nagmerries gekry en wou sy nie die oorsaak wees dat hy en sy vrou opbreek nie. Volgens Jessie het sy skaam en vuil gevoel.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Volgens Jessie was haar verhouding met haar ma nog nooit goed nie. Volgens Jessie is haar ma te besig.	Weerstand om met haar ma te praat oor gebeure in haar lewe. Behoefte aan kwaliteittyd met ma.
	Die seksuele misbruik is op haar voorgrond.

9.2.2.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Jessie en haar suster.

Voltooi die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool. Betrek Jessie by die aktiwiteit: “Liggaamgevoelens,” (sien punt 6.2.1.5.). Die navorser en Jessie eksplorieer die positiewe aspekte noudat sy nie meer gimnastiek doen nie. Volgens Gil (1996:185) is een van die algemene beginsels tydens werk met adolessente wat seksueel misbruik is, om positief te wees. Jessie noem dat sy weg is van die beweerde oortreder, niemand sê meer vir haar dat sy vet is nie, verkragting het gestop, sy is ‘n “nice” persoon, haar verhoudings met haar portuurgroep het verbeter noudat sy tyd het om saam met hulle te spandeer, die beweerde oortreder het nie meer beheer oor haar lewe nie, sy het herstel na haar val en nekbiesering en die beweerde oortreder en sy familie is weer na aan mekaar.

Tabel 9.34: Kwalitatiewe data van sessie drie met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mooi aangetrek en kom al minder gespanne voor.	Volgens Jessie voel sy gelukkig oor haar toekoms en noem moontlike rigting waarin sy volgende jaar kan gaan studeer. Sy voel ook gelukkig dat sy dalk weer ‘n hond gaan kry.
Sy lag en noem dat sy laas op vyfjarige ouderdom ingekleur het.	Volgens Jessie voel sy hartseer dat haar drome (alles wat saakgemaak het en waarvoor sy gewerk het) van haar af weggeneem is en noem dat sy ‘n springbokgimnas wou word.
Jessie is baie mooi gebou omdat sy ‘n gimnas	Volgens Jessie het die beweerde oortreder

was, maar sy hou nie van haar liggaam nie weens die beweerde oortreder wat vir haar gesê het dat sy vet is.	beheer oor haar lewe geneem. Hy het haar gimnastiekklere gekies, vir haar gesê dat sy vet is (haar op 'n dieet gesit) en dat sy nie tyd saam met haar vriende mag spandeer nie. Sy mag nie 'n kêrel gehad het nie en as hulle span Spur toe gaan, moes sy gestoomde hoender en groente saamneem.
Goeie oogkontak.	Volgens Jessie is sy kwaad oor haar gimnastiekloopbaan wat verby is, kwaad vir die beweerde oortreder wat haar lewe oorgeneem het en kwaad omdat haar ma haar hond wat sy gehad het weggegee het.
Goeie energievlakke.	Volgens Jessie hou sy nie van haar liggaam nie en trek klere aan om dit weg te steek.
Haar stem druk emosie uit.	Volgens Jessie is sy bang dat dit weer met haar kan gebeur en dat sy weer sal misluk.
Jessie huil toe sy vertel van haar skuldgevoelens. Sy huil toe sy vertel dat hy gesê het dat hy lief is vir haar.	Volgens Jessie voel sy skuldig dat sy nie die seksuele misbruik kon keer nie. Volgens Jessie het die beweerde oortreder gemaak dat sy gevoelens vir hom moet hê, dat sy lief moet wees vir hom en hy wou haar net vir hom hê.
	Volgens Jessie is sy spyt dat sy nie meer gimnastiek kan doen nie en dat sy verkrag is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Haar suster het haar gebring vir haar sessie. Sy noem dat haar suster soos 'n ma vir haar is.	Die beweerde oortreder en haar verlore drome, naamlik dat sy nie meer gimnastiek kan doen nie, is op haar voorgrond.
	Weerstand om te aanvaar dat haar gimnastiekloopbaan verby is.

9.2.2.6 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Jessie en mev. Barnard.

Die navorser en Jessie bespreek redes waarom adolessente skuldig voel oor die seksuele misbruik, die navorser betrek haar daarna by die aktiwiteit: "Skuldgevoelens / ambivalente gevoelens," (sien punt 6.2.3.1.). Die navorser vra na die bespreking van al die aktiwiteite, by wie sy dink die verantwoordelikheid en skuldgevoelens hoort en sy noem: "Hom." Volgens Williams & Poijula (2002:105) is die kans goed dat die slagoffer van seksuele misbruik skuldgevoelens sal ervaar indien sy verantwoordelik voel vir die gebeure wat sy ervaar het.

Tabel 9.35: Kwalitatiewe data van sessie vier met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy druk baie emosie met haar stem uit en maak goeie oogkontak.	Volgens Jessie voel sy nie skuldig oor die geheimhouding nie omdat haar bedoelinge goed was. Sy wou nie sy lewe hel maak en

	sy vrou seermaak nie.
Die navorser het aan Jessie genoem dat sommige adolessent net wil hê dat die seksuele misbruik moet stop en dat hulle nie noodwendig die oortreder haat nie, alhoewel ander mense praat asof hulle moet. Jessie het met emosie in haar stem hierop geantwoord: “Ja!”	Volgens Jessie ervaar sy skuldgevoelens oor haar ambivalente gevoelens teenoor die beweerde oortreder. Volgens Jessie het hy gesê dat hy lief is vir haar en het haar half gedwing om lief te wees vir hom. Volgens Jessie weet sy nie meer wie sy is nie.
Sy kom energiek voor.	Volgens Jessie het sy “afgeskakel” tydens die seksuele misbruik. Sy kon niks uit haar mond kry nie, net haar trane het gevloei. Volgens Jessie het hy gesê dat die seksuele dade spesiaal was, maar dat sy nie dit so ervaar het nie. Volgens Jessie het sy glad nie die aanraking geniet nie en was dit vir haar sleg.
Sy gee vir die navorser ‘n drukkie aan die einde van die sessie.	Volgens Jessie mis sy haar gimnastiek, die uitdrukking op sy gesig as sy iets regdoen, sy woorde dat sy spesiaal is en dat hy lief is vir haar. Volgens Jessie was hy ‘n goeie luisteraar.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Goed gegaan met die eksamen.	Geen weerstand tydens sessie nie.
Volgens Jessie wil sy nooit weer betrokke wees by gimnastiek nie, want hy het altyd gesê dat hulle ‘n klub saam gaan hê en indien sy afrig, loop sy die risiko om hom weer te sien.	Die beweerde oortreder is op haar voorgrond.
Volgens Jessie hou sy van ‘n ou in haar skool.	

9.2.2.7 Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Jessie en mev. Barnard.

Die navorser betrek Jessie by bespreking van die aktiwiteit: “Reaksies van belangrike persone na onthulling van die seksuele misbruik,” (sien punt 6.2.2.1.). Stigmatisasie verwys na die negatiewe konnotasies wat gekommunikeer word aan die kind oor die ervaringe en wat dan geïnkorporeer word in die kind se selfbeeld (Webb, 1999:110).

Tabel 9.36: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Jessie kom in ‘n ligte luim voor en is mooi aangetrek. Sy teken dat sy gelukkig gevoel het oor haar juffrou se reaksie.	Volgens Jessie het sy haar juffrou eerste vertel, haar juffrou het haar geglo, ‘n drukkie gegee en verseker dat sy niks sal doen sonder Jessie se toestemming nie.
Jessie teken dat sy gelukkig voel oor haar ander juffrou se reaksie.	Volgens Jessie het die beweerde oortreder haar baie gebel wanneer sy by die skool is en dat sy dan gehuil het. Sy het nog ‘n juffrou, een dag wat hy haar gebel het, gaan sien en vertel. Sy het geluister en haar geglo.

Jessie teken dat sy gelukkig voel oor haar ma se reaksie. Sy is aanvanklik skaam tydens die leë-stoeltegniek, maar gee goeie samewerking.	Volgens Jessie het sy haar ma vertel. Haar ma het aanvanklik niks gesê nie en het later gesê dat dit nie haar skuld was nie. Haar ma was geskok en het gehuil. Volgens Jessie was hulle voor onthulling half vervreemd van mekaar weens haar besige program; nou is hulle verhouding goed.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser en Jessie bel haar juffrou en bedank haar vir haar positiewe reaksie en ondersteuning.	Die persone se reaksies na onthulling is op haar voorgrond.
Belangrike persone in Jessie se lewe het positief reageer.	Geen weerstand nie.

9.2.2.8 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Jessie en mev. Barnard.

Die navorser betrek Jessie by die aktiwiteit: “Selfgeldende gedrag,” (sien punt 6.2.3.8.). Jessie erken dat sy passief optree, die beweerde oortreder het totaal beheer van haar lewe oorgeneem en sy was in wat Perls definieer as die “valse laag.” Die valse laag verteenwoordig die rol wat mense in ‘n persoon se lewe speel. Kinders in hierdie laag tree op volgens wat hulle self of ander van hulle verwag en dus nie volgens hulle ware self nie.

Tabel 9.37: Kwalitatiewe data van sessie ses met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Jessie vertel laggend van haar motorbestuurslesse.	Sy vertel dat hulle môre “40 days” by die skool het en dat die matriekafskeid na die Augustus-eksamen is.
Goeie energievlakke.	Sy vertel dat sy depressief gevoel het die tyd toe haar suster haar gimnatiekplakkaat van haar muur afgehaal het. Sy lag later en noem dat dit ironies is dat haar suster daardie plakkaat afgehaal het, want die beweerde oortreder het daardie plakkaat vir haar gegee.
Stem druk emosie uit.	Volgens Jessie tree sy passief op en identifiseer die beweerde oortreder as ‘n aggressiewe persoon.
	Sy gaan nie na die 40-dae-partytjie nie, sy gaan eerder haar woorde vir die sangkompetisie leer.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het ‘n motor by haar ouers gekry.	Geen weerstand nie.
Haar skoolrapport het baie verbeter. Sy gaan aan ‘n sangkompetisie deelneem	Haar skoolwerk en komende matriekafskeid is op haar voorgrond.

9.2.2.9 Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Jessie Barnard.

Die navorser betrek Jessie by die aktiwiteit: “Slaapprobleme,” (sien punt 6.2.2.10.). Samevloeiing kom in Jessie se lewe voor. Jessie tref moeilik onderskeid tussen haarself en die beweerde oortreder weens haar gimnastiekloopbaan en baie tyd wat sy saam met hom spandeer het. Volgens Yontef (1993:138) kom samevloeiing voor wanneer die onderskeiding tussen die self en ander onduidelik word; met ander woorde die persoon verloor haar eie identiteit.

Tabel 9.38: Kwalitatiewe data van sessie sewe met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Jessie is stiller voor haar ma, maar baie openlik wanneer sy alleen saam met die navorser is.	Jessie noem dat sy die afgelope week depressief gevoel het, dat sy alleen voel, nie weet wat om te doen nie en nie kan slaap nie.
Jessie en die navorser lag, want beide kan nie slaap indien hulle nie Bybel gelees en gebid het nie.	Volgens Jessie dink sy aan die beweerde oortreder en gimnastiek. Volgens Jessie voel dit asof alles van voor af terugkom.
Verbreek oogkontak en kyk af toe sy vertel dat sy soms terugdink.	Jessie erken dat daar ‘n pixie en twee klipies in haar kamer is wat sy by hom gekry het en dat haar gimnastiekkler en sweetpak haar ook aan hom laat dink. Dit is herinneringe (“snellers”).
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy hou van ‘n seun in die skool, maar beide sy en hy is skaam.	Op Jessie se voorgrond is haar slaapprobleme.
Stel bedtydplan op vir slaapprobleme.	Geen weerstand nie.
Haar juffrou het vir haar gesê dat sy haar moet verbeel daar is ‘n engeltjie by haar bed wat die duivel weghou.	

9.2.2.10 Verloop van sessie agt. Teenwoordig: Jessie en mev. Barnard.

Die navorser en Jessie bespreek eienskappe van ‘n goeie verhouding, (sien punt 6.2.5.1.), en vergelyk dit met die verhouding wat sy en die beweerde oortreder gehad het. Die navorser vra dat sy haar woorde: “...ek kon dit gestop het,” verander en weer hardop moet sê: “...ek het dit gestop.” O’Leary (1998:46-52) bespreek bewuswordingstegnieke deur te fokus op die adolessent se taalgebruik en verwys onder andere na die bewuswordingstegniek: “Uitskakeling van wysigings en ontkenning.

Tabel 9.39: Kwalitatiewe data van sessie agt met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Jessie wys die navorser daarop dat sy bewe, duiselig is en kort van asem voel wanneer sy gespanne word, soos wanneer sy oor die beweerde oortreder praat.	Volgens Jessie het sy beter geslaap, maar het twee aande nagmerries gekry en kon nie slaap nie. Sy kan nie onthou wat sy gedroom het nie. Volgens Jessie het sy gehuil toe sy alles, en sy herhaal weer “alles” weggepak het wat haar aan die beweerde oortreder laat dink het.
Goeie deelname en belangstelling.	Volgens Jessie wonder sy steeds of hy lief was vir haar en hoe hy haar so kon dwing om ook lief te wees vir hom.
Goeie energievlakke en oogkontak.	Jessie bevestig dat alles in die verhouding oor die beweerde oortreder se behoeftes gegaan het. Volgens Jessie het sy telkens “nee” gesê, maar die beweerde oortreder het nie geluister nie. Volgens Jessie het sy soms vir haarself gesê: “Jy is ‘n slet, jy kon dit gestop het.”
	Volgens Jessie onthou sy dat hy vir haar blameer het nadat sy geval en haar nek beseer het en dat hy vir haar gesê het: “Ek het gesê dat ons moet ophou.”
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Jessie bring foto’s saam van toe sy jonger was om vir die navorser te wys.	Weerstand om haar ma al die inligting van die voorval te gee.
	Die beweerde oortreder is op haar voorgrond.

9.2.2.11 Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Jessie en haar oudste suster.

Die navorser gee geleentheid vir Jessie om te ventileer oor die beweerde oortreder. Deur aktief te luister en waar te neem help die terapeut die adolessent om haar storie te vertel en om probleme te identifiseer (Geldard & Geldard, 2002:93-99).

Tabel 9.40: Kwalitatiewe data van sessie nege met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Volgens Jessie word sy nie vandag bewerig of duiselig wanneer sy van die beweerde oortreder praat nie.	Jessie vertel dat sy gehuil het toe sy die Olimpiese Spele gimnastiek op die televisie gesien het.
Goeie energievlakke. Sy kom vandag kwaad voor vir die beweerde oortreder.	Jessie vertel dat die beweerde oortreder verby haar en haar ma gery het by die skool. Volgens Jessie het hy kwaai gelyk, en het sy koud en bang van voor af geword. Jessie spreek die vrees uit dat die beweerde oortreder kan sê dat sy daarvoor gesoek het en dat mense eerder vir hom sal glo.

Goeie oogkontak.	Volgens Jessie het die liefde vir hom verdwyn en haat sy hom nou meer. Volgens Jessie sou hy mos opgehou het toe sy “nee” gesê het as hy regtig lief was vir haar en sou hy nie die heelyd “asseblief” gesê het nie en moes hy geweet het dat sy nog te jonk is en nog nie gereed is daarvoor nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Jessie en haar oudste suster het ‘n baie goeie verhouding.	Geen weerstand nie.
Jessie het ‘n goud plus gekry vir voordrag by die Eisteddfod, goud plus vir poësie, en silwer vir sang.	Die beweerde oortreder is op haar voorgrond.

9.2.2.12 Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Jessie en mev. Barnard.

Mev. Barnard wil weet hoe lank Jessie nog moet kom vir sessies. Sy lyk moeg. Die navorser wys haar daarop dat Jessie nog langtermyn terapie benodig. Die navorser betrek Jessie by die aktiwiteit: “My sintuie,” (sien punt 6.2.2.3.).

Tabel 9.41: Kwalitatiewe data van sessie tien met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kom meer selfversekerd voor as aanvanklik.	Volgens Jessie het sy die manier gesien waarop hy na haar gekyk het. Sy het haarself oorreed dat sy haar verbeel, maar het ongemaklik gevoel. Sy het gehoor dat hy vuil grappe vertel, gedink dat dit vreemd is en het ongemaklik gevoel.
Word nie bewurig toe sy van die beweerde oortreder praat nie.	Volgens Jessie het sy ‘n pepermentgeur “chappie” geproe die eerste keer wat hy haar gesoen het. Daar het baie goed deur haar gedagtes gegaan en sy het deurmekaar gevoel. Volgens Jessie het sy gevoel hoe hy haar soms op die boud knyp en het gedink dat dit maar is soos hy is en het deurmekaar en ongemaklik gevoel.
Goeie belangstelling en energievlakke.	Die Olimpiese Spele op die televisie het aanleiding gegee tot ‘n nagmerrie van die beweerde oortreder.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Jessie bring haar nuwe hondjie saam.	Geen weerstand nie.
Volgens Jessie wil sy sportsielkunde gaan studeer, maar omdat haar vakke nie reg is nie, het sy besluit om volgende jaar matriek te herhaal en die regte vakke te neem.	Die beweerde oortreder is op haar voorgrond.

Jessie se juffrou lig die navorser in dat Jessie baie gehuil het en haarself op haar polse gekrap het. Jessie het vir haar gesê dat dit amper ‘n jaar gelede is dat sy geval het by

die gimnastiek. Die navorser bel Jessie en toon begrip dat daar baie stressors tans is, naamlik die matriekeindeksamen, matriekafskied en omdat sy 'n jaar gelede geval het. Jessie ventileer en vertel dat sy van hom gedroom het, dat hy in haar droom vir haar 'n drukkie gegee het en genoem het dat alles “allright” is. Sy noem dat sy nie weet waarom sy haarself gekrap het nie. Die navorser praat met mev. Barnard en vra dat sy 'n ogie oor Jessie hou. Die navorser stuur later 'n sms en bel weer vir Jessie. Sy klink beter en stuur 'n mooi gediggie via sms vir die navorser.

9.2.2.13 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: mev. Barnard.

Mev. Barnard kry geleentheid om te ventileer. Mev. Barnard voel sy offer baie ure op vir Jessie wat haar terapie en sport aanbetref. Die navorser gee erkenning aan mev. Barnard vir haar ondersteuning en wat sy opoffer. Mev. Barnard druk haar kwaadgevoelens teenoor die beweerde oortreder uit.

9.2.2.14 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Jessie en mev. Barnard.

Die navorser lees die een selfbeeldaktiwiteit: “Forgive someone / letting go,” (sien punt 6.2.3.5.) aan Jessie. Jessie noem die volgende wat haar seergemaak het van haar verhouding met die beweerde oortreder, naamlik: Hy was die een dag vriendelik met haar en die ander dag was sy nie goed genoeg nie. Hy het leë beloftes gemaak, hy het nooit na haar opinie geluister nie, hy het gesê dat sy vet is en gewig moet verloor. Die navorser vra aan Jessie om te noem wat haar verwagtinge van 'n verhouding is. Sy noem dat sy haar opinie wil kan lug, respek verdien en dat die ander persoon moet luister na haar wense. Liefde, opbouende woorde en kwaliteittyd is vir haar belangrik.

Tabel 9.42: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Stiller voor haar ma as wanneer sy alleen saam met die navorser is.	Volgens Jessie het sy op 'n boks briewe afgekom. Daar was een brief wat heeltemal toegekram is.
Goeie deelname en konsentrasie.	Volgens Jessie voel sy soos 'n dobbelsteen, soms haat sy hom en soms is sy lief vir hom, soms wil sy hom nie sien nie en soms wil sy by hom wees.
Jessie huil en lag gelyktydig tydens	Volgens Jessie het sy op 'n stadium opgehou

bespreking van haar gevoelens.	eet omdat hy vir haar gesê het dat sy vet is.
	Volgens Jessie wil sy nie die res van haar lewe in so 'n verhouding wees soos wat sy met die beweerde oortreder gehad het nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Haar ma bring haar getrou vir haar sessies.	Haar ambivalente gevoelens is op haar voorgrond.
	Geen weerstand nie.

9.2.2.15 Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Jessie Barnard.

Jessie het 'n brief wat sy vir Liewe Jesus geskryf het voor die verkragting asook 'n gedig wat sy meer onlangs geskryf het, saamgebring. Die navorser en Jessie lees en bespreek dit. Sy skryf onder andere in die gedig: "...maybe it is time to say goodbye, mabe it is time to let this fly..." en "...and once again I am thinking about taking the easy way out..." en "...take a look at me now, there is a empty space..." In die brief aan Liewe Jesus skryf sy die volgende: "My lewe is aaklik, so aaklik dat ek dit nie eers wil verduidelik nie. Here ek is bang, bang vir dit wat gaan gebeur..." en "...help my om nie die maklikste uitweg te vat nie, ek is depressief en soek hulp..."

Tabel 9.43: Kwalitatiewe data van sessie dertien met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Goeie energievlakke.	Volgens Jessie weet sy in haar onderbewussyn dat die beweerde oortreder nie gaan terugkom nie.
Vertrou die navorser, bring briewe en gedigte wat sy in die verlede geskryf het terwyl die beweerde oortreder haar seksueel misbruik het.	Volgens Jessie oorweeg sy nie meer selfmoord nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Bring briewe wat sy voorheen geskryf het saam na die navorser.	Die verkragting en beweerde oortreder is op haar voorgrond.
Jessie vertrou op die Here.	Weerstand om die briewe wat sy vasgekram het, vandag te lees.

9.2.2.16 Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Jessie Barnard.

Jessie praat oor die matriekafskeid wat op haar voorgrond is. Daarna betrek die navorser Jessie by die bespreking van die aktiwiteite: "Waar voel ek kwaadgevoelens," "Die vulkaan," "Die verkeerslig," en "Slagoffers van my kwaadgevoelens," (sien punt 6.2.4.3.; 6.2.4.4. en 6.2.4.5.). Jessie toon insig dat indien sy haar selfoon gooi of haar self seermaak, dan word sy 'n slagoffer van haar

kwaadgevoelens. Om verantwoordelikheid te neem vir jouself is die kern van terapie vanuit die gestaltbenadering (O’Leary 1998:17).

Tabel 9.44: Kwalitatiewe data van sessie veertien met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy kom onseker en gespanne voor oor die matriekafskeid.	Volgens Jessie is haar maandstonde ongereeld vanaf die verkragting.
Haar gemoedstoestand is lig en sy toon goeie energievlakke.	Volgens Jessie begin haar hart klop, haar armspiere trek saam, sy sukkel om asem te kry en sy bly stil of skree wanneer sy kwaad word.
Goeie deelname en belangstelling.	Volgens Jessie word sy kwaad wanneer dit vir haar voel of mense nie vir haar luister nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die komende matriekafskeid.	Die matriekafskeid is op Jessie se voorgrond.
	Geen weerstand nie.

Die navorser gaan na Jessie se huis op haar versoek terwyl sy aantrek en regmaak vir die matriekafskeid.

9.2.2.17 Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Jessie Barnard.

Die navorser gee aan Jessie die geleentheid om haar nagmerrie in fyn besonderhede te beskryf (droomverwerking). Volgens Jessie het sy na die droom daaroor gedink en besef dat die Here ‘n definitiewe doel vir haar of vir die beweerde oortreder het, maar dat ‘n persoon nie dadelik weet wat dit is nie, en sy het die beweerde oortreder vergewe. Perls glo dat ‘n droom ‘n belangrike boodskap bevat van wat kort in die persoon se lewe of wat die persoon versuim om te doen of om uit te leef (O’Leary, 1998:75). Die navorser betrek Jessie by bespreking van die aktiwiteit: “Meryl se storie,” (sien punt 6.2.4.1.). Die navorser het egter ‘n ander storie (soortgelyk aan Jessie se storie) gebruik. Volgens Jessie het sy nie meer selfmoordgedagtes nie, geen selfskending meer nie, sy slaap nou beter, het nou vriende wat haar ouderdom is, eet nou beter, haar skoolwerk het verbeter en sy sluit haarself nie meer in die kamer toe nie.

Tabel 9.45: Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Goeie oogkontak.	Volgens Jessie het sy nagmerries van die beweerde oortreder gekry die afgelope week.

Goeie belangstelling en deelname.	Volgens Jessie het sy gisteraand die beweerde oortreder vergeef. Volgens Jessie het sy gebid en gevra dat die Here die duiwel uit haar lewe moet vat.
Sy neem aktief deel aan die bespreking van die aktiwiteit.	Volgens Jessie het sy selfmoordgedagtes gehad en het tydens die seksuele misbruik gedink: “As dit liefde is, dan wil ek nie meer lewe nie.” Sy het haar gesny.
	Sy het min geëet en onttrek. Volgens Jessie het sy gedigte geskryf om haar ongelukkige gevoelens te verwoord.
	Sy het haar in haar kamer toegesluit en gehuil. Volgens Jessie het haar skoolwerk gely onder haar druk gimnastiekprogram.
	Sy het jonger vriende gehad en was na onthulling baie kwaad.
	Volgens Jessie kon sy nie slaap nie, het depressief gevoel en het nie vir haarself in die spieël gekyk nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser gee foto’s vir Jessie wat die navorser geneem het van haar matriekafskeid.	Die nagmerrie van die beweerde oortreder is op haar voorgrond.
Die seun saam met wie sy na die matriekafskeid gegaan het, kom kuier vir haar en het ‘n cd vir haar gegee.	Geen weerstand nie.

9.2.2.18 Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Jessie Barnard.

Die navorser en Jessie sit bespreking van die vorige aktiwiteit voort en bespreek die “gereedmakingsproses,” hoe die beweerde oortreder haar vertrouwe gewen het en dit reggekry het om beheer oor haar lewe te neem.

Tabel 9.46: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Jessie en die navorser het ‘n baie goeie verhouding, sy is openlik en eerlik.	Volgens Jessie was gimnastiek haar droom en die beweerde oortreder was haar afrigter.
Goeie oogkontak.	Volgens Jessie het sy deel van sy gesin gevoel en het saam met hulle geëet en daar oorgeslaap.
Wanneer sy lag, flikker haar oë op. Sy kom spontaan voor en gewone tieneraspekte begin die plek van die gedagtes van die beweerde oortreder oorneem.	Volgens Jessie het hy goed bevriend geraak met haar ouers en het hy elke beweging van haar gemonitor. Sy het afhanklik van hom geword.
Bespreking van die beweerde oortreder beïnvloed nie haar gemoedstoestand vandag nie.	Volgens Jessie het hy haar stywer drukkies begin gee, geskenkies vir haar gekoop, vuil grappe vertel, met ‘n sagte stem gepraat, gesê dat hy lief is vir haar, hy het haar ge-sms en dit was soos ‘n sielkundige marteling.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND

Jessie vertel van die matriektee en toe die matrieks se hemde geteken is.	Die matriektee en teken van hulle hemde is op haar voorgrond.
Die seun wat saam met haar na die matriekafskeid was, kom kuier gereeld.	Geen weerstand nie.

9.2.2.19 Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: Jessie Barnard.

Die navorser gee selfbeeldaktiwiteite vir Jessie vir huiswerk, (sien punt 6.2.3.5.). Die navorser betrek Jessie by die aktiwiteit: “Teenoorgesteldes in my,” (sien punt 6.2.3.7.). Aan die een kant moet sy redeneer dat sy lief is vir die beweerde oortreder en aan die ander kant dat sy wil voortgaan met haar lewe en nie meer ‘n slagoffer wil wees nie. Volgens Blom (2004:34) voel kinders verward as gevolg van polariteite in hulle en vind dit moeilik om daardie aspekte in hulleself te aanvaar wat hulle onaanvaarbaar vind en dit dra by tot fragmentasie van die self.

Tabel 9.47: Kwalitatiewe data van sessie sewentien met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Jessie lag voordat sy begin met die leëstoeltegniek, maar nadat sy begin het, gee sy goeie samewerking. Sy het veral van haar stemtoon gebruik gemaak om haar gevoelens uit te druk.	Volgens Jessie het sy Sondag gehuil omdat die datums waarop sy verkrag is, binne die volgende twee weke presies ‘n jaar gelede plaasgevind het. Sy het die beweerde oortreder gesien, omgedraai en weggehoop.
Sy het tydens aanvang van die sessie hartseer voorgekom, maar aan die einde was haar energievlakke gelig en sy was bemaagtig en vrolik.	Lief vir beweerde oortreder kant: “.jy is lief vir my, ...hy het nie vir jou gelos nie, jy het hom gelos, hy was lief vir jou, hy het gedink dis wat jy wou hê, hoekom huil jy so baie oor hom, jy is nog lief vir hom, jy kan nog ‘n springbokgimnas word as jy teruggaan en saam met hom wees...
	Aangaan met lewe kant: “Hy het my net gebruik, ek het hom gelos omdat ek nie meer gebruik wou voel nie, as jy lief was vir my hoekom het jy nie geluister na my nie, dis nie wat ek wou hê nie, ek gaan nie meer oor hom ‘worry’ nie, ek het ander dinge om voor te lewe en nuwe talente wat ek ontdek het, ek gaan nie meer oor hom huil nie, want hy is nie meer deel van my lewe nie, ek is liewer vir iemand anders, ek wil aangaan met my lewe en ek gaan ‘n sukses wees, ek gaan matriek oordoene en goeie punte kry, ek gaan sportsielkunde studeer en kinders in soortgelyke situasies help, ek wil nie saam met hom wees nie, hy is ‘n ‘looser’.”
	Volgens Jessie kon sy nog baie redes genoem het waarom sy wil voortgaan met haar lewe.

KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het aan 'n sangkompetisie deelgeneem.	Die datums van die verkragting wat amper 'n jaar gelede plaasgevind het, is op haar voorgrond.
Die navorser, Jessie en haar vriendin gaan drink 'n koeldrank by die Spur op die dag wat sy 'n jaar gelede verkrag is.	Geen weerstand nie.

9.2.2.20 Verloop van sessie agtien. Teenwoordig: Jessie Barnard.

Jessie noem opgewonde dat daar so baie is wat sy vir die navorser wil vertel dat sy nie weet waar om te begin nie. Die navorser betrek Jessie na die informele gesprek by die aktiwiteit: "Vertroue," (sien punt 6.2.4.2.).

Tabel 9.48: Kwalitatiewe data van sessie agtien met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Jessie kom vrolik voor en straal van geluk.	Jessie noem dat sy besef het dat die beweerde oortreder haar nie lief gehad het nie en die dag wat sy geval het en haar nekbesering opgedoen het, het haar oë oopgegaan. Volgens Jessie ervaar sy nie meer die seer nie en voel dit vir haar of sy dit verwerk het.
Jessie dra die praatjie wat sy aan die personeel gegee het voor aan die navorser. Sy lag en kom opgewonde voor.	Volgens Jessie het sy na haar nekbesering depressief gevoel en het die wêreld gehaat, maar dat sy nou ge-ëerd en dankbaar voel dat sy herstel het en nuwe talente ontdek het.
Jessie kom gemaklik voor met wie sy is en is nie meer so self-krities oor haar liggaamsbou nie.	Jessie noem dat sy nou gelukkiger is as verlede jaar hierdie tyd. Jessie noem dat sy ook begin om van haarself te hou. Volgens Jessie sien sy uit na volgende jaar wanneer sy matriek gaan herhaal om vrystelling te behaal.
	Jessie erken dat sy haar buie soms op haar ma uithaal. Sy lig die navorser in dat sy weer begin oefen het en vier kilogram verloor het.
	Volgens Jessie vertrou sy die navorser en haar juffrou en vertrou sy nie die beweerde oortreder en een vriendin nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het haar leerlinglisensietoets deurgekom.	Geen weerstand nie.
Hulle dramagroep is genooi na die KKN&K in Oudtshoorn.	Op Jessie se voorgrond is haar toekomsvisie en positiewe uitkyk op die lewe.
Sy het in 'n praatjie die skoolpersoneel bedank vir hulle ondersteuning na haar nekbesering.	

9.2.2.21 Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: Jessie Barnard.

Jessie het die selfbeeldaktiwiteite wat sy by die huis ingevul het, saamgebring (sien punt 6.2.3.5.). Gedurende adolessensie verander die selfbeeld van die adolessent verder aangesien nuwe dimensies soos veranderende fisiese voorkoms, seksualiteit, veranderinge in sosiale verhoudings, romantiese verhoudings en die keuse van beroep, voorkom (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:433).

Tabel 9.49: Kwalitatiewe data van sessie negentien met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Jessie is mooi aangetrek en haar hare lyk mooi.	Volgens Jessie was haar week sleg, want sy het die beweerde oortreder se vrou en 'n gimnastiekafrigter in die winkels gesien.
Jessie vertel laggend hoe sy haar ou klere uitgegooi het, maar dat haar ma steeds voel sy het genoeg klere en nie nuwe klere benodig nie. Jessie het onder andere op die selfbeeldaktiwiteite ingevul: "Ek is mooi, spesiaal en hou van myself," "Ek het in die mall geloop en vir my 'n boek gekoop," "Ek het 'nee' gesê vir vriende wat wou gehad het dat ek saam met hulle moet uitgaan.	Volgens Jessie wou sy nie by 'n familielid se verjaarsdag gesing het nie, omdat haar stem half hees was. Volgens Jessie moes sy alles in die verlede 100% gedoen het (verwys na haar gimnastiekloopbaan en die beweerde oortreder se verwagtinge) en verduidelik dat sy in die verlede deur hom afgekraak is indien alles nie perfek was nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Jessie het 'n boek gekoop "Heavenly man." Volgens haar is die boek inspirerend.	Sy het die beweerde oortreder se vrou gesien wat haar haar herinner het aan die beweerde oortreder en dit is op haar voorgrond.
Jessie se suster kuier by hulle. Jessie oefen hard vir die KKN&K.	Geen weerstand nie.

9.2.2.22 Verloop van sessie twintig. Teenwoordig: Jessie Barnard.

Die navorser fokus op Jessie se voorgrondbehoefte en gee geleentheid vir ventilasie oor haar gevoelens. Volgens Wilson, Kendrick & Ryan (1997:24) is dit belangrik dat die adolessent die geleentheid kry om te deel wat sy wil kommunikeer.

Tabel 9.50: Kwalitatiewe data van sessie twintig met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Jessie is mooi aangetrek en kom vrolik voor.	Volgens Jessie was haar ma se neef by hulle en is hy vatterig. Volgens Jessie haat sy dit as 'n man vatterig is. Volgens Jessie het hy haar laat terugdink aan die beweerde oortreder.
Goeie energievlakke.	Volgens Jessie het die beweerde oortreder

	haar vier keer verkrag.
Goeie oogkontak.	Volgens Jessie is haar Nuwejaarsvoorneme om gimnastiekkompetisies te gaan kyk.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Jessie se familie was saam vir Kersfees. Haar suster en swaer het haar uitgeneem vir ete op haar verjaarsdag.	Op Jessie se voorgrond is kontak met vorige gymnaste.
Jessie het kontak gehad met 'n meisie saam met wie sy gimnastiek gedoen het. Sy het dit positief beleef. Haar vorige gimnastiekvriende het haar ge-sms op haar verjaarsdag.	Geen weerstand nie.

9.2.2.23 Verloop van sessie een-en-twintig. Teenwoordig: Jessie Barnard.

Jessie het by 'n ou gimnas gaan oorslaap wie se medaljes en sertifikate opgeplak is in haar kamer en haar vriendin het baie gepraat oor gimnastiek. Dit het ou wonde vir haar oopgekrap. Gee geleentheid vir ventilasie van gevoelens.

Tabel 9.51: Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Jessie lyk aanvanklik onseker oor die navorser se voorstel om 'n dominee te vra om met haar te kom praat, maar stem toe in.	Jessie noem dat sy "vrek scary" is om nie te weet wat die toekoms inhou nie. Sy noem dat sy nie weer depressief wil voel nie.
Jessie is aanvanklik emosioneel en huil.	Sy wil weet waarom sy dit nie kon gestop het nie.
Jessie het liedjies geskryf waarin sy baie positief is en haar gevoelens ontlaai.	Jessie noem vyf dinge wat sy die afgelope jaar bereik het: Drama en sangklasse begin neem, goeie prestasies in die Eisteddfod, sing koor, met die personeel gaan praat en fisies herstel na haar ongeluk.
	Volgens Jessie is dit soms moeilik vir haar om haar gevoelens te wys omdat sy in die verlede "Miss Perfect" moes wees en nie haar gevoelens kon wys nie.
	Volgens Jessie wil sy vergeet van die verlede en op die toekoms konsentreer.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het kontak gehad met 'n vriendin, ook 'n vorige gimnas.	Op Jessie se voorgrond is haar geestelike lewe en haar toekoms.
Wys 'n boek aan die navorser waarin sy liedjies en briewe skryf.	Aanvanklik weerstand om 'n dominee te sien, stem later in.

9.2.2.24 Verloop van sessie twee-en-twintig. Teenwoordig: Jessie Barnard.

Jessie ventileer daarvoor dat sy nie weer so afhanklik van 'n belangrike persoon in haar lewe wil word nie, en erken dat sy afhanklik was van die beweerde oortreder. Sy toon

insig dat sy grense moet neerlê in haar verhoudings met belangrike persone. Gedurende die implosiewe laag word die individu bewus van hoe sy haarself beperk en die laag word gekarakteriseer deur vrees (Blom, 2004:38).

Tabel 9.52: Kwalitatiewe data van sessie twee-en-twintig met Jessie Barnard.

NIE VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Jessie is in 'n ligte gemoedstoestand en is mooi aangetrek.	Volgens Jessie was sy afhanklik van die beweerde oortreder en hy het nie toegelaat dat enige iemand anders haar afrig nie.
Ventileer spontaan oor haar gevoelens.	Sy spreek die vrees uit dat sy weer so afhanklik van iemand kan word.
Goeie oogkontak.	Volgens Jessie dink sy dat sy vrou iets vermoed het, want sy vrou het gesê dat Jessie te gehê is aan die beweerde oortreder.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het vir opleiding by Spier gegaan, maar stel nie belang in die voedselbedryf nie.	Op Jessie se voorgrond is dat sy nie weer afhanklik wil word van iemand nie.
Sy en 'n vriendin het gaan fliëk en sy het in twee gimnastiekafrigters vasgeloop.	Geen weerstand nie.

9.2.2.25 Verloop van sessie drie-en-twintig. Teenwoordig: Jessie Barnard.

Die navorser betrek Jessie by die aktiwiteit: “Onvoltooide sinne,” (sien punt 6.2.3.4.). Enige onvoltooide gestalt is 'n onvoltooide saak wat oplossing vereis (Yontef, 1993:78).

Tabel 9.53: Kwalitatiewe data van sessie drie-en-twintig met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy lyk trots toe sy noem dat sy in die A-klas is.	Volgens Jessie is dit nou anders by die skool, maar lekker. Sy was bang gewees voor die skool heropen het.
Sy kom vrolik en selfversekerd voor.	Jessie vertel dat sy grense neerlê in haar verhouding met haar sangjuffrou.
Jessie skryf onder andere: “Ek wil nie gemanipuleer word nie, ek hou van myself wanneer ek myself kan wees, ek voel reg om aan te gaan met my lewe, ek weet ek kan 'n B-simbool kry.”	Volgens Jessie sal haar ma dit ook nie weer duld indien iemand weer vir Jessie wil manipuleer nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Volgens Jessie het al haar onderwysers haar terugverwelkom met drukkies.	Op Jessie se voorgrond is dat sy dit nie weer wil toelaat dat iemand haar moet manipuleer nie.
Alhoewel Jessie 'n baie goeie verhouding met haar sangjuffrou het, wil sy nie weer afhanklik word van iemand nie of gedruk	Weerstand om haar sangjuffrou terug te bel, wanneer haar sangjuffrou 'n “please-call-me” stuur.

word nie.	
-----------	--

9.2.2.26 Verloop van sessie vier-en-twintig. Teenwoordig: Jessie Barnard.

Die navorser betrek Jessie by die aktiwiteit: “Kognisie,” (sien punt 6.2.2.8.).

Tabel 9.54: Kwalitatiewe data van sessie vier-en-twintig met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Jessie lyk skaam en vertel laggend van ‘n seun wat haar gesoen het.	Jessie vertel van die atletiek en dat sy lam geword het in haar arms en vermoed dat ‘n senuwee in haar nek vasgeknyp was.
Jessie kom opgewonde voor toe sy vertel van die oudisies wat by die skool gehou word vir ‘n sangtoneel.	Jessie vertel dat die skoolhoof kwaad was omdat kinders na bewering gedrink het by interskole.
Sy kom gemaklik voor met haar fisiese bou en versorg haarself goed.	Volgens Jessie staan sy nou op vir wat sy wil hê. Volgens Jessie is vanjaar vir haar soos ‘n nuwe begin. Sy sê hoe sy voel en doen nie net wat ander sê sy moet doen nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Jessie het haar interskole-hemp saamgebring om vir die navorser te wys.	Die interskole is op haar voorgrond.
Sy voel nou gemaklik met haar sangjuffrou en vrees nie meer dat sy weer afhanklik van iemand gaan raak nie.	Geen weerstand nie.

9.2.2.27 Verloop van sessie vyf-en-twintig. Teenwoordig: Jessie en die dominee.

Die dominee en Jessie bespreek die vraag: “Waarom het God die goed laat gebeur in Jessie se lewe?” Die dominee het aan Jessie verduidelik waarom sy geestelik vrae begin vra het en het haar daarop gewys dat sy moet kies tussen: “God’s way” en “Die beweerde oortreder se way.” Hy het Jessie daarop gewys dat dit die Bose mag was wat die beweerde oortreder so laat optree het, nie God nie. Die dominee wys Jessie daarop dat aangesien die verhouding met die beweerde oortreder nie ooreengestem het met haar waardes nie, het sy ‘n krisis / skuldgevoel ontwikkel in haar siel en roepingsareas en daarom ook haar roeping / gees begin bevraagteken.

Tabel 9.55: Kwalitatiewe data van sessie vyf-en-twintig met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Jessie het aanvanklik senuweeagtig voorgekom, maar het later ontspaan.	Jessie identifiseer haar gawes as: sang, drama, gimnastiek, voordrag, leierskap en sosiale verhoudings.

Sy het goeie samewerking gegee en aktief deelgeneem aan besprekings.	Sy identifiseer haar passie as gimnastiek, drama, sportsielkunde en sang.
Sy luister aandagtig na die dominee.	Sy identifiseer haar waardes as eerlikheid, vertrouwe, behulpsaamheid, lojaliteit en opregtheid.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die dominee het Jessie kom sien.	Haar geestelike lewe is op haar voorgrond.
	Geen weerstand nie.

**9.2.2.28 Verloop van sessie ses-en-twintig en sewe-en-twintig.
Teenwoordig: Jessie Barnard.**

Die navorser gee aan Jessie die geleentheid om te vertel van die Klein Karoo Kunstefees en haar ervaringe. Wanneer die eksperimentering van nuwe gedrag suksesvol toegepas word, word die eksplosiewe laag bereik; kinders kom in kontak met opgebergde energie wat voorheen vasgevang was ten einde die valslaag in stand te hou (Aronstam, 1989:636). Tydens sessie sewe-en-twintig voltooi Jessie die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

Tabel 9.56: Kwalitatiewe data van sessie ses-en-twintig met Jessie Barnard.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Jessie lyk goed en vrolik.	Sy vertel dat haar skoolpunte baie verbeter het. Jessie sien uit daarna om volgende jaar te gaan studeer.
Sy vertel opgewonde van die Kunstefees.	Volgens Jessie is daar vier ouens wat van haar hou, maar sy wil nie nou in 'n verhouding wees nie.
Goeie energievlakke.	Volgens Jessie kry sy nie meer terugflitse nie en het sy aanbeweeg.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy vertel van die Kunstefees en 'n prys wat sy gewen het.	Die Kunstefees is op haar voorgrond.
Gaan goed met hulle familie.	Geen weerstand nie.

9.2.2.29 Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Barnard.

Volgens mev. Barnard wou Jessie aanvanklik heeltyd kom vir terapisessies, maar het nou gesê dat sy nou reg is en sal bel as sy die navorser nodig het.

Tabel 9.57: Jessie se huidige funksionering volgens mev. Barnard.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE
--------------------	-----------------	-------------------------

		VAN DIE GEBEURE:
Gesondheidsgeskiedenis:	Na verkragting.	Jessie is altyd op 'n dieet. Sy vrees dat sy vet kan word. Herhaalde blaasinfeksies en afskeidings gekry. Amnesia. Sleg geslaap voor en na onthulling.
	Huidig.	Baie goed. Eet en slaap goed.
Emosionele funksionering:	Tydens en na verkragting.	Stil en tekens van onttrekking. Jessie het die opmerking gemaak: "Ek het hulp nodig. As ek iets oorkom, ek is lief vir julle." Uitermatige gemoedsveranderinge. Na onthulling was woedeuitbarstings beter. Jessie was depressief en het anti-depressante gedrink voor onthulling van seksuele misbruik.
	Huidig.	Die vonkel is weer terug in Jessie se oë. Geen emosionele uitbarstings nie. Praat van gimnastiek en die beweerde oortreder sonder om ontsteld te word. Selfbeeld dis goed. Jessie lê grense neer en laat nie toe dat ander haar meer gebruik nie.
Interpersoonlike verhoudings:	Na verkragting.	Jessie se verhouding met haar pa is goed. Goeie verhoudings met haar susters.
	Huidig.	Goeie verhouding met ouers en susters. Haar pa weet nog nie van beweringe nie. Hulle hou dit privaat.
Gedragsprobleme:	Na verkragting.	Woedeuitbarstings gekry, histeries geskree, beter na onthulling. Doen nou sang en drama. Polse met lemmetjies gesny. Jessie is ongemaklik wanneer intieme stukke op die televisie gewys word, staan op en loop.
	Huidig.	Baie gehoorsaam, geen probleme nie. Sy sluit haarself nie meer in haar kamer toe nie. Sy hanteer dinge self.
Kognisie:	Na verkragting.	Nagmerries en terugflitse.
	Huidig.	Geen probleem nie.
Seksualiteit:	Tydens verkragting.	Volgens mev. Barnard het Jessie haar eenkeer gevra wat

		“mishandeling” en wat “verkragting” is. Jessie was baie onskuldig vir haar ouderdom.
	Huidig.	Normale tienerverliefdheid. Vertel haar ma as sy ‘n ogie op iemand het.
Skoolprestasie:	Na verkragting.	Noudat sy nie meer gimnastiek doen nie, gee sy meer aandag aan haar skoolwerk.
	Huidig.	Baie positief. Sy presteer baie goed.
Voorval inligting:	Die verkragting.	Jessie het vir haar ma gesê dat haar afrigter haar gemolesteer het, maar het dit nie in fyn besonderhede beskryf nie. Hy het haar weer op die Saterdag seksueel misbruik en die Dinsdag het sy geval en ‘n nekbесering opgedoen. Mev. Barnard is baie emosioneel en kwaad vir die beweerde oortreder. Mev. Barnard ervaar slaapprobleme. Die beweerde oortreder was heeltyd by Jessie nadat sy haar nekbесering opgedoen het, moontlik bang dat sy in haar beswying die seksuele misbruik sou onthul. Hy het aangedring dat sy vir ‘n naweek na hulle moet kom toe sy ontslaan is.
	Huidig.	Mev. Barnard het Jessie deurlopend ondersteun.
Dissipline:	Na verkragting en huidig.	Jessie is baie gehoorsaam en gedissiplineerd. Drink en rook nie.
Gesinslewe:	Na verkragting.	Mev. Barnard ervaar verhoudingsprobleme met haar man, want sy is koud na sy ingelig is dat haar dogter seksueel misbruik is en haar man is onbewus van die beweringe.
	Huidig.	Dit gaan baie goed in mnr. en mev. Barnard se huwelik. Volgens mev. Barnard ondersteun haar dogters haar en huil sy nie meer as sy dink aan wat gebeur het nie. Sy voel dat Jessie verstandig is

		en goeie besluite neem.
--	--	-------------------------


9.2.2.30 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram

Die voortoets het daarop gedui dat Jessie se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Jessie se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die natoets het getoon dat Jessie se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Jessie se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsie-elemente) is huidig 28% en haar vorige telling tydens die voortoets was 39%. 'n Totaal van minder as 30% is die aanbevole gebied. Al Jessie se selfpersepsie-totale, behalwe haar angstigheidtelling, het afgeneem. Die navorser skryf die toename in haar angstigheid-telling aan die volgende toe:

- Sy was bang om matriek te herhaal, was bekommerd of dit die regte besluit is en baie mense het vir haar gevra of sy dink sy doen die regte ding.
- Sy het gereeld in ou gimnaste en afrigters vasgeloop in die dorp, wat haar herinner het aan die beweerde oortreder en haar gimnastiekloopbaan,
- Sy het op verskeie geleenthede die beweerde oortreder op 'n afstand gesien asook sy vrou.
- Sy vrees dat sy weer afhanklik kan raak van iemand en dat iemand haar weer gaan manipuleer. Sy is egter bewus daarvan en lê grense neer.

Haar gebrek-aan-selfgeldingtelling het verbeter, maar dui steeds op 'n behoefte vir verbetering. Dit is in Jessie se aard om ander tevrede te wil stel en sy is soms geneig om ander se behoeftes bo haar behoeftes te stel. Sy is egter bewus daarvan en probeer hard daaraan werk om grense neer te lê ten einde nie passief op te tree nie.

Figuur 9.3: KFI-HOËR - Selfpersepsie


Jessie se huidige algehele Trauma-Dinamikapuntetotaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamika-elemente) is 29% en haar vorige telling tydens die voortoets was 34%. 'n Totaal van minder as 30% is die aanbevole gebied. Die meeste van Jessie se trauma-dinamika-totale is onder die aanbevole gebied, haar wantroue, stigma en liggaamsbeeld toon egter nog 'n behoefte vir verbetering aan. Die navorser skryf die behoefte aan verbetering ten opsigte van haar wantroue-telling aan die volgende toe, naamlik:

- Sy het die beweerde oortreder vertrou, maar het hy misbruik gemaak van sy magposisie en het haar drome om 'n springbokgimnas te word, gebruik ten voordeel van homself.
- Hy het vir haar gesê dat hy lief is vir haar, maar het eintlik nie haar behoeftes in ag geneem nie en het haar kwesbaarheid misbruik.
- Die beweerde oortreder het haar geleidelik gereedgemaak, haar vertroue gewen en haar toe seksueel misbruik.

Die navorser skryf haar stigmatelling daaraan toe, dat Jessie en haar ouers die seksuele misbruik so stil as moontlik probeer hou het. Daar is egter mense wat weet van die beweerde seksuele misbruik en Jessie is van mening dat die beweerde oortreder se vrou ook iets vermoed het. Die kans dat iemand haar dus in die toekoms kan konfronteer met die beweringe of kan uitvra daarvoor is 'n moontlikheid. Alhoewel Jessie se liggaamsbeeld al baie verbeter het, dui dit steeds op 'n behoefte

vir verbetering. Die beweerde oortreder het vir haar gesê dat sy vet is en het haar altyd op 'n dieet gesit. Sy is dus baie gesteld op haar gewig, alhoewel sy baie mooi gebou is. Weens die nekbiesering kan sy ook nie so baie oefen soos voorheen nie. Haar moeder het egter ook positiewe verandering opgemerk, byvoorbeeld dat Jessie vir haarself in die spieël kyk, iets wat sy nie voorheen gedoen het nie.

Figuur 9.4: KFI-HOËR – Trauma Dinamika



9.2.2.31 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindings

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindings komplementeer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die speltherapieprogram Jessie se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het. Volgens mev. Barnard het Jessie voor terapeutiese dienslewering herhaalde blaasinfeksies gekry, sleg geslaap, onttrek, haar gemoedstoestand was wisselvallig, sy het woedeuitbarstings gekry, polse met lemmetjies gesny en haarself in haar kamer toegesluit.

Volgens mev. Barnard was Jessie se gesondheid ten tye van terminering goed, sy het goed geëet en geslaap, geen emosionele uitbarsting meer gekry nie, die vonkel in haar oë was terug, nie meer ontsteld geraak wanneer sy van gimnastiek of die beweerde oortreder gepraat het nie, haarself nie meer in haar kamer toegesluit nie, geen

selfskending het meer voorgekom nie, haar skoolwerk het verbeter en sy is gehoorsaam. Tydens aanvang van terapie was Jessie senuweeagtig en het dit moeilik gevind om oor die beweerde oortreder te praat en het emosioneel geword. Sy het vir baie lank geworstel met polariteite wat sy ervaar het ten opsigte van die beweerde oortreder. Ten tye van terminering was sy vrolik en energiek. Sy het opgewonde gepraat van normale tienergebeure en het 'n toekomsvisie gehad.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Jessie en haar moeder gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel. Beide was dit eens dat dit goed gaan met Jessie. Jessie hou steeds telefoniese kontak met die navorser, stuur mooi boodskappies via sms en het na terminering kom kuier.

Beide Jessie se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenteer aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Jessie se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het.

9.2.3 Biografiese inligting van gevallestudie drie: Imke van Rensburg

Naam van die adolessent: Imke van Rensburg

Kultuurgroep: Blank

Ouderdom: 14 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die gesin: 3

Huistaal: Engels

9.2.3.1 Agtergrondinligting van Imke van Rensburg

Imke is 'n baie intelligente dogter en het 'n beurs by die skool gekry. Haar oudste suster werk en woon nie meer by die gesin nie. Haar pa het tydens aanvang van terapeutiese dienslewering alkohol misbruik en dit het 'n nadelige impak op die gesin asook op Imke gehad. Imke is deur die krisissentrum na PATCH verwys vir terapeutiese dienslewering. Imke het saam met haar vriendin na 'n huispartytjie gegaan, het alkohol gedrink, die verkrachtigingsdewelm ingekry en is deur twee mans verkrag.

9.2.3.2 Impak van die beweerde seksuele misbruik op Imke volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Imke se moeder, mev. Van Rensburg

Mev. Van Rensburg gee skriftelike toestemming vir Imke se deelname aan die navorsing.

Tabel 9.58: Agtergrondgeskiedenis van Imke van Rensburg

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkelingsgeskiedenis:	Ontwikkeling as kind.	As kind by spraakterapeut gewees wie van mening was dat Imke se spraakprobleme kan wees omdat sy in haar ma se skool is en haar ma se aandag met ander kinders deel. Ontwikkelingsmylpale bereik. Geen trauma gebeure voorheen nie.
	Swangerskap en geboorte	Mev. Van Rensburg en haar man was baie opgewonde oor die swangerskap. Keisersnit normaal afgegaan.
Gesondheidsgeskiedenis:	Algemene gesondheid.	As baba was Imke siek, daarna was gesondheid goed.
	Na verkragting.	Weet nie of sy slaapprobleme in die aande het nie, Imke maak deur toe. Imke slaap baie in die dag en is baie moeg.
Emosionele funksionering:	Voor verkragting.	Eet gesond. Oorbewus van liggaam.
	Na verkragting.	Eet gesond. Oorbewus van liggaam. Baie geslote en negatief.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor verkragting.	Goeie verhouding met ouers en susters. Pa is 'n alkoholis.
	Na verkragting.	Verhouding met moeder verswak. Pa probeer ophou drink, misbruik al alkohol vir jare. Goeie verhouding met susters.
Gedragsprobleme:	Voor verkragting.	Privaat persoon. Eksperimenteer met drank.
	Na verkragting.	Tekens van onttrekking, stil na voorval. Gehoorsaam. Selfskending, word geïrriteerd wanneer kinders haar uitvra oor die merke op

		haar arms.
Kognisie:	Voor verkragting.	Geen probleem nie.
	Na verkragting.	Terugflitse.
Seksualiteit:	Voor verkragting.	Nie 'n vaste verhouding nie, vry in die bondel.
	Na verkragting.	Volgens Imke herinner fisiese aanraking haar aan die voorval.
Skoolprestasie:	Voor verkragting.	Presteer baie goed. Het beurs by skool gekry.
	Na verkragting.	Presteer baie goed. Kry nie skoolrapport nie, want skoolfooie is agterstallig.
Voorval inligting:	Die verkragting.	Mev. Van Rensburg ondersteun Imke. Voel verraai omdat sy nie geweet het dat Imke eksperimenteer met drank nie.
Dissipline:	Voor en na verkragting.	Gehoorsame kind.
Gesinslewe:	Voor verkragting.	Pa is 'n alkoholis. Finansiële probleme. Ouers se verhouding is nie goed nie.
	Na verkragting.	Pa is 'n alkoholis. Finansiële probleme. Ouers se verhouding is nie goed nie weens finansiële stres.

9.2.3.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Imke en mev. Van Rensburg.

Die navorser verduidelik PATCH en die navorser se doel. Volgens mev. Van Rensburg beweer die beweerde oortreders dat Imke toestemming gegee het. Mev. Van Rensburg is bekommerd oor stigmatisasie by die kollege. Stigmatisasie verwys na negatiewe konnotasies wat gekommunikeer word aan die kind (Webb,1999:110). Volgens mev. Van Rensburg het haar man vir Imke aanvanklik baie mooi ondersteun, sy self was aanvanklik egter baie ontsteld gewees.

Tabel 9.59: Kwalitatiewe data van sessie een met Imke van Rensburg.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Imke is aanvanklik stil, later ontspanne en begin deelneem aan gesprekvoering.	Volgens Imke beweer die beweerde oortreders dat hulle gedink het dat sy 16 jaar oud is.
Haar oë is tranerig.	Imke spreek die vrees uit dat kinders haar gaan blameer.
Liggaamshouding is sku en sy het aanvanklik min oogkontak gemaak.	Imke noem dat sy bang is dat sy iets kan sê wat die saak kan benadeel.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND

Die bloedmonsters wat geneem is vir die toets van seksueel oordraagbare siektes is klaar vernietig en daarom is dit te laat om nou te toets vir die verkragtingsdewelm.	Die voorval en vrees vir stigmatisasie is op Imke se voorgrond.
Die beweerde oortreders is by dieselfde kollege as Imke.	Geen weerstand nie.

9.2.3.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Imke van Rensburg.

Die navorser gee aan Imke die keuse of sy wil praat oor die voorval of net meer agtergrondinligting wil gee; sy verkies laasgenoemde. Die navorser betrek Imke by die aktiwiteit: “Die lewenslyn,” (sien punt 6.2.1.1.). Imke spreek die vrees uit dat die seuns haar gaan aankyk en dat die mense van haar gaan praat. Stigmatisasie word versterk deur houdings van ander persone in die familie of gemeenskap (Finkelhor & Bowne, 1986:184).

Tabel 9.60: Kwalitatiewe data van sessie twee met Imke van Rensburg.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Imke het aanvanklik sku en skaam voorgekom, later onstpan en toe spontaan met die navorser begin gesels.	Volgens Imke was sy een van ‘n tweeling, maar die ander baba is oorlede. Sy was in graad een tot vyf in haar ma se skool, klein klasse en baie individuele aandag.
Die manier waarop sy praat is onduidelik, maar die navorser het later gewoon geraak aan haar manier van praat.	Volgens Imke was sy stil en skaam op laerskool en het in graad ses na die kollege se laerskool gegaan. Volgens Imke het sy dit geniet en was sy vir die eerste keer weg van haar ma af. Volgens Imke was sy ‘n ander persoon op twaalfjarige ouderdom, spontaan en oop. Sy was gewild en het begin eksperimenteer met drank.
Druk emosie met haar stem uit, veral toe sy vertel hoe die voorval haar en haar ma se verhouding beïnvloed het.	Imke is baie na aan haar suster. Haar suster het die aand van die voorval opgemerk dat Imke onder die invloed is. Imke het die gebeure teenoor haar suster onthul en haar suster het haar ma ingelig. Volgens Imke kan sy slegs gedeeltes van die voorval onthou weens die verkragtingsdewelm.
	Imke spreek die vrees uit om die beweerde oortreders by die skool te sien.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Volgens Imke is haar pa ‘n alkoholis, maar hy raak nie gewelddadig nie.	Die voorval en stigmatisasie is op haar voorgrond.
Volgens Imke is sy na aan haar ma, maar voel dat die voorval die vertroue tussen hulle beskaad het.	Weerstand om vandag te praat van die voorval.

9.2.3.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Imke en mev. Van Rensburg.

Imke deel die inligting van die voorval met die navorser, (sien punt 6.2.1.3.). Na afloop van die sessie, stel mev. Van Rensburg vir Imke gerus dat sy net bly is haar dogter lewe en dat sy nou nog meer lief is vir haar. Die adolessent se verhouding met sy/haar ouers bly belangrik tydens adolessensie (Mash & Woolfe, 2002:23). Sy erken dat sy geskok was omdat sy nie geweet het dat Imke met alkohol eksperimenteer nie.

Tabel 9.61: Kwalitatiewe data van sessie drie met Imke van Rensburg.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy begin onduidelik en sag praat en verbreek oogkontak toe sy vertel van die verkragting. Sy begin huil.	Volgens Imke is dit nie in haar aard om met twee ouens gelyk iets aan te hê nie. Volgens Imke was sy lam tydens die voorval, het sy dinge gedoen wat buite haar karakter is, wat sy nooit sou doen nie weens die verkragtinsdwelm.
Stiller voor haar ma as wanneer sy alleen saam met die navorser is.	Imke ventileer oor die vertroue tussen haar en haar ma wat verbreek is en dat sy bang is dat die voorval teen haar gehou sal word.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Nog nie beweerde oortreders by die kollege gesien nie.	Die voorval en vertroue tussen haar en haar ma is op haar voorgrond.
Goeie ondersteuning deur moeder.	Weerstand om by die hof te gaan getuig.

9.2.3.6 Verloop van sessie vier en vyf. Teenwoordig: Mev. Van Rensburg (sessie vier) en Imke (sessie vyf).

Volgens mev. Van Rensburg het dit die een aand gelyk of Imke gehuil het en Imke het gevra of sy die volgende dag by die huis mag bly. Die emosionele wonde van seksuele misbruik kan baie dieper wees en langer voortduur as die fisiese wonde van seksuele misbruik (Nevid, Rathus & Greene, 1997:544). Dit is heeltemal buite Imke se aard volgens haar om skool te mis. Imke het haar later vertel dat sy die beweerde oortreders by die kollege gesien het en dat hulle so opgetree het asof niks gebeur het nie. Imke het ook weggeduik in die motor toe sy hulle gesien het. Hulle gesin gaan moontlik na 'n kerkkamp. Haar man het nou al vir 'n maand ophou drink. Die navorser en Imke voltooi tydens sessie vyf die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

Tabel 9.62: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Imke van Rensburg.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Meer openlik en vriendelik vandag.	Imke vertel dat sy weggeduik het in die motor toe sy die beweerde oortreders gesien het. Volgens Imke was sy bang, het die aand gehuil en wou nie die volgende dag skool toe gaan nie.
Goeie energievlakke.	Volgens Imke voel sy depressief en is dit oor 'n klomp, klein goedjies.
Sessie ernstig van aard.	Imke noem haar onsekerheid om 100% eerlik te wees omdat die hof dalk die navorser kan dagvaar. Die navorser verduidelik dat die navorser net in vonnisverswaring getuig, nie in die verhoor nie.
	Volgens Imke het sy een aand op die kerkkamp na haar ouers gegaan toe van die ander tieners gaan drink het.
	Imke spreek haar frustrasie uit omdat dit vir haar voel asof haar bewegings nou deur haar ouers gemonitor word.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy sê die kerkkamp was lekker en sleg. Sy het 'n ou ontmoet van wie sy hou.	Vertroue en verhoudings is op haar voorgrond.
	Geen weerstand nie.

9.2.3.7 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Imke en mev. Van Rensburg.

Die navorser betrek Imke by die aktiwiteite: “Hartsnare” en “Interpersoonlike verhoudings,” (sien punt 6.2.5.1. en 6.2.5.2.) ‘n Hegte verhouding of binding met ‘n ouer of ander versorger is noodsaaklik vir normale kinderontwikkeling (Mash & Woolfe, 2002:23).

Tabel 9.63: Kwalitatiewe data van sessie ses met Imke van Rensburg.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Imke lyk opgewonde om te gesels oor verhoudings. Sy kom meer selfversekerd voor.	Imke erken dat sy haarself soms vergelyk met haar suster.
Imke skryf in die sirkel naaste aan haar, haar twee susters se name. In die volgende sirkel skryf sy haar ouers se name en 'n klomp vriende. In die volgende sirkel skryf sy nog vriende se name.	Volgens Imke het haar en haar ma se verhouding verswak toe sy nie meer in haar ma se skool was nie en nuwe vriende met nuwe idees gemaak het by haar nuwe skool. Volgens Imke het sy toe meer begin steun op haar vriende en minder gekommunikeer met haar ma. Imke erken dat sy ook meestal neem en min gee in haar verhouding met haar ma.
Sy teken baie lank aan haar en haar ma se	Volgens Imke is sy en haar ma hardkoppig.

gesigte en noem dat sy perfeksonisties is.	Volgens Imke het haar ma gesê dat sy altyd al haar fokus op haar kinders geplaas het, maar dat sy nou meer op haarself ook gaan fokus.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Volgens Imke het haar verhouding met haar ma verswak.	Haar verhouding met haar ma is op haar voorgrond.
Imke het 'n baie goeie verhouding met haar twee susters.	Geen weerstand nie.

9.2.3.8 Verloop van sessie sewe en agt. Teenwoordig: Mev. Van Rensburg (sessie sewe) en mnr. Van Rensburg (sessie agt).

Die navorser gee aan mev. Van Rensburg geleentheid om te ventileer. Sy voel verraai omdat sy nooit geweet het dat Imke eksperimenteer met drank nie. Sy voel die kinders kom net na haar met materialistiese behoeftes. Sy huil en dit word duidelik dat sy behoefte aan erkenning het. Volgens mnr. Van Rensburg is hy kwaad vir die beweerde oortreders. Volgens mnr. Van Rensburg het hy sy vrou kalmeer toe sy gehoor het wat gebeur het. Hy het vir Imke vasgehou. Volgens mnr. Van Rensburg het hy vanaf die voorval probeer ophou drink, maar noem dat dit moeilik is aangesien hy alreeds vir jare alkohol misbruik. Hy is nie kwaad vir Imke nie, maar is onsteld dat sy na 'n ander huis gegaan het (waar die voorval plaasgevind het), sonder hulle medewete en dat sy hulle eers in kennis moes gestel het waarheen sy gaan.

9.2.3.9 Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Imke van Rensburg.

Die beweerde oortreder erken volgens die ondersoekbeampte geslagsomgang, maar beweer dat Imke toestemming gegee het. Die navorser gee geleentheid aan Imke om te ventileer oor haar voorgrondbehoefte. Die persoon kan 'n onvervulde behoefte, 'n onuitgedrukte gevoel of 'n onvoltooide situasie, wat belangrik is vir haar, ervaar (Passons, 1975:18).

Tabel 9.64: Kwalitatiewe data van sessie nege met Imke van Rensburg.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Imke kom in 'n ligte gemoedstoestand voor.	Volgens Imke wou die ou van wie sy hou haar soen, maar sy het voorgestel dat hulle mekaar eers beter moet leer ken.
Imke lyk opgewonde oor die goeie gesprek wat sy met haar ma gehad het.	Volgens Imke bou sy weer aan haar vorige vriendskappe, kinders wat sy op 'n stadium

	gedink het vervelig is.
Imke sit haar gesig in haar hande en noem dat sy 'n lekker dag gehad het, maar dat sy besef die voorval is 'n werklikheid.	Imke bevraagteken waarom sy so swaar moet dra aan die gevolge van haar gedrag. Volgens Imke het die AZT-medikasie haar siek laat voel.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het 'n ou by die skool ontmoet van wie sy hou. Hy weet van die verkragting en het haar gerusgestel dat dit nie sy gevoelens vir haar verander nie.	Haar vriendskappe en nuwe ou wat sy ontmoet het, is op haar voorgrond.
Volgens Imke het haar ma haar 'n drukkie gegee toe sy haar ma vertel het dat sy by die kerkkamp nie saam met die ander tieners gaan drink het nie.	Geen weerstand nie.

9.2.3.10 Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Imke en mev. Van Rensburg.

Die navorser betrek Imke by die aktiwiteit: "Meryl Maharajh se storie," (sien punt 6.2.4.1.). Volgens Imke voel sy skuldig omdat sy gedrink het en moontlik die verkeerde indruk oorgedra het dat sy "daardie soort" is. Volgens Conradie (2000:12) voel slagoffers van seksuele misbruik baie keer verantwoordelik vir die seksuele misbruik en blameer hulleself. Volgens Imke het sy onttrek na die voorval en haar vriende het dit opgemerk. Die navorser beveel aan dat 'n psigiater vir Imke moet assesser ten einde te bepaal of medikasie nodig is, mev. Van Rensburg stem in.

Tabel 9.65: Kwalitatiewe data van sessie tien met Imke van Rensburg.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy kom nie meer so agterdochtig voor en onseker of sy dinge moet deel nie, sy praat openlik en eerlik.	Volgens Imke het sy die beweerde oortreders gesien, maar hierdie keer was sy tussen baie mense en het dit beter hanteer as die vorige keer. Volgens Imke kom alles wat gebeur het net soms terug. Volgens Imke herinner fisiese aanraking met 'n ou haar aan die voorval.
Sy kom verlig voor nadat sy selfskending onthul het en die navorser nie oorreageer het nie.	Volgens Imke het sy nie dadelik vertel nie omdat sy self eers later besef het wat gebeur het weens die verkrachtingsdwelw wat na bewering in haar drankie gegooi is.
Imke kom moeg voor.	Volgens Imke was sy bang dat sy nie geglo sal word nie, bang dat sy in die moeilikheid gaan beland en het sy skuldig gevoel. Sy het nie geweet hoe om te vertel wat gebeur het nie en was bang vir stigmatisasie.
	Volgens Imke het sy haar suster vertel omdat

	sy bang was vir swangerskap en MIV/VIGS en wou nie alleen kliniek toe gaan nie.
	Imke onthul selfskending vanaf voor die voorval en eenkeer na die voorval. Sy noem dat sy merke het daarvan en daarom T-hemde dra.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het besluit om nie die verhouding voort te sit met die ou van wie sy gehou het nie. Volgens Imke dink sy dat wanneer hy haar hand vasgehou het of drukkies gegee het, dit aanleiding gegee het tot herinneringe aan die voorval.	Die impak wat die voorval op haar gehad het, is op haar voorgrond. Aanvanklik weerstand getoon om te praat oor die selfskending, maar later vertel sy spontaan daarvan.

9.2.3.11 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Mev. Van Rensburg.

Volgens mev. Van Rensburg het kommunikasie tussen hulle en Imke verbeter. Mev. Van Rensburg het die navorser in die week gekontak en ingelig dat sy die snymerke op Imke se arms gesien het (selfskending). Selfskending is gerig, beheersd en herhalend, het nie die bedoeling van selfmoord nie, is nie verwant aan geestelike of kognitiewe verswaktheid nie en is sosiaal onaanvaarbaar (Williams & Poijula, 2002:132). Die navorser noem aan haar dat dit die rede is waarom die navorser vir Imke wil laat assessee deur 'n psigiater bekend aan die navorser. Die navorser kan steeds terapie voortsit. Die navorser het telefonies kontak gemaak met 'n psigiater. Sy het aanbeveel dat die navorser ondersoek moet instel na die stressors in Imke se lewe.

9.2.3.12 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Imke van Rensburg.

Volgens Imke het sy en haar ma lank gesels oor die merke op haar arms en wat stres in haar lewe veroorsaak. Die navorser beveel aan dat die navorser en Imke in die volgende sessie stressors in haar lewe moet identifiseer. Die navorser betrek Imke by die aktiwiteit: "Hofvoorbereiding," (sien punt 6.2.2.7.).

Tabel 9.66: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Imke van Rensburg.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Imke lyk bekommerd oor die hofsaak.	Volgens Imke is sy bang en bekommerd oor die hofsaak.
Sy neem aktief deel aan die rollespel en vra relevante vrae.	Sy is bekommerd dat sy die verkeerde goed kan sê en dat dit teen haar gebruik kan word.

Goeie oogkontak.	Sy is bang om in dieselfde kamer as die beweerde oortreders te wees en bang dat hulle nie gestraf word nie en dat niemand haar gaan glo nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser neem Imke na die hof.	Die hofverrigtinge is op Imke se voorgrond.
	Geen weerstand nie.

9.2.3.13 Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Imke van Rensburg.

Die navorser betrek Imke by die aktiwiteit: “Kom ons maak ballonne van die stene in ons lewe,” (sien punt 6.2.2.4.). Sodoende word stressors in Imke se lewe geïdentifiseer wat aanleiding tot die selfskending gee. Deur hulleself fisies te beseer, trek dit die slagoffers se aandag van die emosionele pyn af. Die selftoegepaste pyn is dus ‘n afleiding van die werklike emosionele pyn (Knauer, 2000:98).

Tabel 9.67: Kwalitatiewe data van sessie dertien met Imke van Rensburg.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy toon deursettingsvermoë en praat openlik oor die stressors in haar lewe voorheen en nou.	Imke identifiseer finansiële stres as een stressor en skaamte indien die elektrisiteit en water afgesny word. Volgens Imke is haar pa ‘n alkoholis en neem onverantwoordelike keuses ten opsigte van finansies. Wanneer haar ma nie by die huis is nie, sal hy vir haar en haar suster geld vra.
Goeie energievlakke.	Argumente tussen haar ma en pa. Volgens Imke lag sy en haar suster nou daarvoor, maar toe sy jonger was, het sy in haar kamer gaan sit. Haar pa en suster is baie na aan mekaar, maar haar suster en hy het eenkeer ‘n argument gehad toe hy dronk was en haar suster was baie ontsteld.
Sy is ernstig. Goeie oogkontak.	Volgens Imke bring haar pa soms die verkeerde vriende huis toe en drink saam met hulle by die huis. Sy is bang vir daardie mense en bang dat hulle iets aan haar kan doen. Imke vra die vraag: “Wat gaan van my word wanneer my suster einde van die jaar matriek skryf en die huis verlaat?”
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die suster by die hospitaal het geweier om Imke se bloed te trek vir haar opvolg MIV-bloedtoets en volgens Imke was sy baie ongeskik. Die navorser het met die suster gepraat en sy het dit toe gedoen. Volgens Imke was sy en haar ma ontsteld en sy het gehuil.	Haar pa se alkoholisme en finansiële probleme is op haar voorgrond.

Imke is bekommerd oor haar ma se welstand.	Geen weerstand nie.
--	---------------------

9.2.3.14 Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Imke van Rensburg.

Die navorser betrek Imke by die aktiwiteit: “My sintuie,” (sien punt 6.2.2.3.). Volgens Imke onthou sy voor die voorval dat sy gehoor het dat haar vriendin se ou gesê het dat sy aan die einde van die dag nie meer ‘n maagd gaan wees nie. Haar vriendin het haar egter gerusgestel dat hy net ‘n grap maak. Sy onthou die reuk van liggame tydens die voorval en dat sy ‘n sekere smaak in haar mond gekry het tydens die voorval. Volgens Brown (1991:9) is begrip vir hoe die trauma in die geheue van die slagoffer geprosesseer word belangrik, want dit help om die gestoorde herinneringe te herroep wat nie maklik toeganklik is nie.

Tabel 9.68: Kwalitatiewe data van sessie veertien met Imke van Rensburg.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Imke vertel spontaan van die week se gebeure aan die navorser.	Volgens Imke het sy die beweerde oortreders by die partytjie gesien en het sy ongemaklik gevoel. Volgens Imke het die een beweerde oortreder iets van haar gesê en na haar gewys. Sy het gehuil en ‘n vriend het haar getroos. Die beweerde oortreders is toe weg.
Sy kom opgewonde voor daarvoor dat haar ouers haar toelaat om na plekke te gaan en blyk asof hulle haar vertrou.	Volgens Imke het haar ma vir haar pa vertel van haar snymerke en hy het met haar daarvoor gepraat. Hy het vir Imke gesê dat hy wil werk aan sy verhouding met sy kinders en die las van hulle ma se skouers wil afhaal.
Sy is ernstig toe sy praat oor die voorval.	Volgens Imke het sy ook vir haar pa gesê dat wanneer hy dobbel sy dit as onverantwoordelik sien, weens hulle finansiële situasie.
Goeie energievlakke en samewerking.	Volgens Imke herinner sommige reuke en smake haar aan die voorval.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het by ‘n vriendin oorgeslaap en het met haar ouers se toestemming na ‘n partytjie gegaan.	Haar gesprek met haar pa en die voorval is op haar voorgrond.
Haar vriend het haar ondersteun toe sy die beweerde oortreders sien.	Geen weerstand nie.

9.2.3.15 Verloop van sessie vyftien en sestien. Teenwoordig: Mnr. Van Rensburg (sessie vyftien) en Imke en mev. Van Rensburg (sessie sestien).

Die navorser lig mnr. Van Rensburg in wat volgens Imke stres in haar lewe veroorsaak en dat baie van die stres verband hou met sy alkoholgebruik. Hy het geluister, genoem dat dit waar is wat sy vertel het, dat hy oor alles sal gaan dink en dat hy sal probeer om die navorser se aanbevelings te volg. Mev. Van Rensburg het tydens sessie sestien genoem dat sy dit ernstig opneem dat Imke noem dat sy depressief voel. Algemene sielkundige gevolge van seksuele misbruik sluit 'n lae selfbeeld, depressie en selfmoordgedagtes in (Nevid, Rathus & Greene, 1997:544). Volgens mev. Van Rensburg het die gesinsverhoudinge verbeter. Sy huil en noem dat hulle finansiële probleme ervaar. Die navorser gee terugvoer aan Imke oor die gesprek met haar pa en gee geleentheid vir ventilasie van gevoelens.

Tabel 9.69: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Imke van Rensburg.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Imke kom stil en geslote voor en sy gee die verduideliking dat sy moeg is.	Volgens Imke het 'n dokter vir haar pa gesê dat hy nie lank gaan leef indien hy so aangaan nie.
Soos die sessie vorder begin Imke al hoe meer spontaan vertel wanneer sy af voel en haar energievlakke het gelig.	Volgens Imke het sy ongemaklik gevoel toe haar vriendin haar uitgevra het oor die snymerke op haar arms.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Volgens mev. Van Rensburg kry Imke nie haar skoolrapporte nie omdat haar skoolfooie agterstallig is.	Haar gesprek met haar pa en die snymerke op haar arms is op haar voorgrond.
Sy stem in dat die navorser 'n afspraak by die psigiater kan maak.	Geen weerstand nie.
Volgens Imke het sy nie een van haar vriende die vakansie gesien nie en was sy die heeltid by die huis.	Sy toon weerstand om saam met haar gesin na haar grootouers te gaan, weens haar vrees dat daar weer konflik kan wees.

9.2.3.16 Verloop van sessie sewentien en agtien. Teenwoordig: Imke en mev. Van Rensburg.

Die navorser betrek Imke tydens sessie sewentien by die aktiwiteit: "My naam," (sien punt 6.2.3.3.). Sy hou daarvan dat haar naam kort is en dink haar naam is van Franse oorsprong. Haar pa het haar raad gegee in verband met ouens en sy het dit waardeer. Die navorser neem Imke vir haar opvolg MIV-bloedtoets. Die navorser neem Imke

en mev. Van Rensburg tydens sessie agttien na 'n psigiater vir 'n assessering omdat sy baie slaap gedurende die dag, kla dat sy depressief voel en selfskendende gedrag het. Indien simptome van depressie en kognitiewe versteurings nie erken word nie, is dit geneig om te vermeerder in laat adolessensie, veral indien die adolessent vanaf vroeë kinderjare seksueel misbruik is (Mash & Woolfe, 2002:391).

Tabel 9.70: Kwalitatiewe data van sessie agtien met Imke van Rensburg.

NIE VERBALE GEDRAG / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Imke lyk teleurgesteld dat sy vandag na die psigiater moet gaan en nie met die navorser kan praat nie.	Imke vertel dat haar pa 'n "drink-vriend" huis toe gebring het, haar ma was nie daar nie en sy het ongemaklik gevoel.
Sy kom moeg voor.	Volgens Imke voel sy dat die kinders haar oordeel oor haar gedrag van die verlede en dink dat sy 'n "hoer" is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Volgens Imke word sy gedoop oor twee weke en wil sy haar lewe verander.	Wat die ander kinders van haar dink is op haar voorgrond.
Navorser gaan saam met haar na die psigiater.	Geen weerstand nie.

9.2.3.17 Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: Imke van Rensburg.

Die navorser gee aan Imke die geleentheid om te ventileer oor haar pa wat alkohol misbruik. Die navorser bespreek die moontlikheid van gesinsterapie by die psigiater. Imke noem dat dit soos 'n aanhoudende geveg by die huis is. Imke neem te veel verantwoordelikheid op haar skouers, is bekommerd oor hulle finansiële situasie; dit lei tot skaamte en ook moontlik die selfskending.

Tabel 9.71: Kwalitatiewe data van sessie negentien met Imke van Rensburg.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Imke het duidelik groot behoefte om met die navorser te praat. Sy praat vanaf aanvang van die sessie aaneenlopend en spreek die behoefte uit om die navorser weekliks te sien.	Volgens Imke het die psigiater nie enige medikasie vir haar ystertekort voorgeskryf nie.
Sy is duidelik ontsteld dat haar ma haar vorige sessie gekanselleer het omdat haar ma ander verpligtinge gehad het en haar nie kon bring nie. Sy het behoefte om met die navorser te praat.	Volgens Imke het haar pa met haar gepraat toe hy onder die invloed van alkohol was. Dit haar ontstel, want hy het vir haar gesê dat wanneer 'n persoon gedoop word, dan moet sy reg lewe.
Sy kom selfversekerd voor en lig haar opinies.	Imke spreek die vrees uit dat sy steeds foute sal begaan selfs wanneer sy alreeds gedoop is. Sy het met haar oom gepraat en voel nou

	beter daaroor.
	Imke noem dat sy skaam kry wanneer haar pa dronk is en noem dat hy sy gedrag probeer rasionaliseer. Sy noem dat hy besig is om hom dood te drink.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Gesinskonflik.	Haar pa se misbruik van alkohol en die impak op die gesin is op haar voorgrond.
	Geen weerstand nie.

9.2.3.18 Verloop van sessie twintig. Teenwoordig: Imke van Rensburg.

Die navorser betrek Imke by die aktiwiteit: “Vertroue,” (sien punt 6.2.4.2.). Die navorser gee aan die einde van die sessie ook aan mev. Van Rensburg geleentheid om te ventileer oor haar besige skedule en probleme in die gesinsisteem.

Tabel 9.72: Kwalitatiewe data van sessie twintig met Imke van Rensburg.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Ligte gemoedstoestand, sy noem ook dat sy ‘n lekker dag gehad het en goed voel.	Volgens Imke beteken vertroue vir haar dat daardie persoon nie sal jok nie, dat sy openlik met daardie persoon kan wees en dat daardie persoon jou beste belange op die hart dra.
Goeie energievlakke.	Volgens Imke vertrou sy haar susters.
Goeie oogkontak.	Sy vertrou nie haar vorige vriendin wat die aand van die voorval saam met haar by die huis was, waar dit gebeur het nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy word Saterdag gedoop. Sy en haar ma sit vas oor haar studies omdat haar ma voel sy leer nie genoeg nie, maar Imke voel dat sy 90% kry en nog nooit probleme gehad het met haar studies nie.	Haar doop en eksamen is op Imke se voorgrond. Geen weerstand nie.

9.2.3.19 Verloop van sessie een-en-twintig en twee-en-twintig. Teenwoordig: Imke, mev. Van Rensburg, die navorser en die psigiater (sessie een-en-twintig) en Imke (sessie twee-en-twintig).

Die psigiater gee advies in verband met Imke se ystervlakke wat laag is. Volgens die psigiater het Imke met haar selfskendinggedrag aandag gefokus op die probleme in die gesinsisteem. Imke het die verantwoordelikheid van die probleme op haar geneem. Reël ‘n gesinsvergadering vir ‘n ander datum ten einde probleme in die gesin te identifiseer; al die gesinslede moet teenwoordig wees. Tydens sessie twee-

en-twintig betrek die navorser Imke by die aktiwiteit: “Die vyf liefdestale,” (sien punt 6.2.5.3.). Bewustheid sluit selfkennis en kennis van die omgewing in (Yontef, 1993:145).

Tabel 9.73: Kwalitatiewe data van sessie twee-en-twintig met Imke.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Imke kom aanvanklik stillerig voor, maar word gou weer spontaan en gesels later opgewonde.	Volgens Imke kry sy nie ‘n skoolrapport nie omdat haar skoolfooi agterstallig is, maar dit pla haar nie. Sy noem dat sy weet dat sy vir wiskunde 98% gekry het.
Imke kom nie meer so moeg voor nie.	Volgens Imke is haar primêre liefdestaal fisiese aanraking en dan kwaliteittyd.
Goeie energievlakke.	Volgens Imke sien sy nie uit na die sessie saam met die psigiater en haar pa nie en noem dat sy nie die aand voor die tyd sal kan slaap nie
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het ‘n ou ontmoet waarvan sy hou.	Die gesinsvergadering is op haar voorgrond.
	Weerstand om die gesinsvergadering by die woon.

9.2.3.20 Verloop van sessie drie-en-twintig en vier-en-twintig. Teenwoordig: Imke en mev. Van Rensburg (sessie drie-en twintig) en die hele van Rensburggesin en die psigiater (sessie vier-en-twintig).

Tydens sessie drie-en-twintig gee die navorser aan Imke die geleentheid om te ventileer aangesien sy bekommerd is oor die komende gesinsvergadering. Imke toon weerstand om die gesinsvergadering by die woon en noem dat sy die gevoel gekry het dat haar pa dit nie wil bywoon nie. Volgens mev. Van Rensburg vertrou sy vir Imke en het Imke haarself aan hulle bewys. Mev. Van Rensburg erken dat sy soms oorbeskermend is omdat sy terugdink aan die voorval.

Tydens sessie vier-en-twintig verduidelik die psigiater dat probleme in die gesinsstelsel vandag geïdentifiseer moet word. Sy maak dit duidelik dat daar nie skuldige persone uitgewys gaan word nie, maar dat daar gefokus moet word op probleme in die stelsel en moontlike oplossings. Mnr. Van Rensburg het aanvanklik genoem dat almal hom blameer en dat hy daarom niks verder het om te sê nie. Imke se ouer suster en mev. Van Rensburg het gehuil en finansies geïdentifiseer as ‘n probleem. Almal stem saam dat dit aanleiding gee tot stres in die gesinsstelsel.

Identifisering van finansies as die probleem, het gehelp dat mnr. Van Rensburg later gevoel het dat hy nie blameer word nie, alhoewel sy drankgebruik daarmee gepaard gaan. Hy het daarom ontspan en begin praat oor sy drankprobleem en geskiedenis. Erkenning is ook aan hom gegee vir sy werks pogings om geld in te bring ten spyte van sy drankprobleem. Imke se suster praat direk met haar pa en noem dat hulle lief is vir hom, hom nie blameer nie, dat hy 'n goeie pa is en sy ondersteuning deur die jare raakgesien het en waardeer. Die ander gesinslede beaam dit. Dit was 'n positiewe ontmoeting. Volgens Mash & Woolfe (2002:23) hang kinders se suksesvolle aanpassing en moontlik hulle oorlewing af van verhoudings.

9.2.3.21 Verloop van sessie vyf-en-twintig. Teenwoordig: Imke van Rensburg.

Die navorser gee aan Imke die geleentheid om te ventileer oor die gesinsvergadering. Die navorser gee erkenning aan Imke aangesien sy die leiding geneem het en omdat dit te danke aan haar is dat die vergadering gehou is, aangesien die probleme in die gesinsisteam nie voorheen openlik bespreek is nie. Volgens Imke sal sy haarself definitief nie weer sny nie.

Tabel 9.74: Kwalitatiewe data van sessie vyf-en-twintig met Imke van Rensburg.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Imke is mooi aangetrek. Goeie energievlakke.	Sy vertel opgewonde dat hulle gesin saam op 'n uitstappie was. Haar ma het 'n nuwe werk en dit gaan beter finansiële.
Sy kom vrolik voor. Dit lyk asof daar 'n berg van haar skouers af is.	Volgens Imke voel al haar gesinslede dat dit goed gegaan het met die vergadering.
Goeie oogkontak.	Volgens Imke is sy bly dat haar pa ook saam gepraat het en noem dat sy al die pad na die vergadering gebid het en dat haar gebede verhoor is. Volgens Imke het haar pa sy arms om haar skouers gesit na die vergadering.
	Volgens Imke is sy nou 'n geheelonthouer en alhoewel dit nie altyd maklik is nie, neem sy dit nou ernstig op vandat sy gedoop is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Volgens Imke gaan dit baie beter by die huis. Haar pa het met hulle kom praat en aangemoedig dat hulle so openlik soos by die vergadering met hom moet praat.	Haar belewenis van die gesinsvergadering is op haar voorgrond.
Die navorser sal 'n konsultasie met die staatsaanklaer reël voordat hofspraak voorkom.	Geen weerstand nie.

9.2.3.22 Verloop van sessie ses-en-twintig. Teenwoordig: Imke van Rensburg.

Die navorser en Imke lees die selfbeeldaktiwiteite wat sy by die huis kan invul, (sien punt 6.2.3.5.). Die navorser betrek Imke by die aktiwiteit: “Teenoorgesteldes in my,” (sien punt 6.2.3.7.). Volgens die gestaltheorie bestaan die persoonlikheid uit polariteite en ‘n groot gedeelte van die daaglikse lewe word aan die oplossing van hierdie konflikte wat ontstaan vanuit hierdie polariteite toegewy (Thompson & Rudolph, 2000:166). Aan die een kant redeneer sy dat sy haar lewe verander het en aan die ander kant is haar skuldgevoelens oor wat sy gedoen het.

Tabel 9.75: Kwalitatiewe data van sessie ses-en-twintig met Imke van Rensburg.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Imke is mooi aangetrek.	Volgens Imke is die nuwe prinsipaal nie so toegeeflik wat haar skoolfooie aanbetref nie. Hulle moet nou maandeliks haar skoolfooie afbetaal en sy is bekommerd hoe dit haar gesin gaan affekteer. Sy is bly dat sy nou ‘n skoolrapport gaan kry, maar voel skuldig dat haar oudste suster haar skoolfooie betaal.
Die navorser merk op dat iets haar pla.	Imke erken dat sy soms goed probeer rasionaliseer en nie altyd verantwoordelikheid neem vir haar keuses nie.
Goeie oogkontak.	Imke noem onder andere tydens die leëstoeltegniek dat sy nou ophou drink het en besef dat haar lewe nie net kan draai om partytjies en seuns nie, maar dat sy ook aktiwiteite moet kry om haarself positief mee besig te hou.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Volgens Imke het sy ‘n “scrapboek” begin.	Sy voel sleg dat haar ouer suster vir haar skoolfooie moet betaal weens hulle finansiële situasie. Geen weerstand nie.

9.2.3.23 Verloop van sessie sewe-en-twintig en agt-en-twintig. Teenwoordig: Imke van Rensburg.

Tydens sessie sewe-en-twintig is Imke kwaad vir haar ma aangesien haar ma laat was en daar nie baie tyd beskikbaar is vir die sessie nie. Volgens Imke is sy alleen op die oomblik omdat al haar vriende in verhouding is behalwe sy. Die navorser en Imke

bespreek tydens sessie agt-en-twintig die vonnis van die beweerde oortreders. Die beweerde oortreders het skuldig gepleit op statutêre verkragting en hulle is gevonniss, naamlik 18 maande wat opgeskort word vir drie jaar op voorwaarde dat beskuldigdes nie weer skuldig bevind word volgens die wetgewing nie. Imke het nie toestemming gegee vir geslagsomgang nie, maar sy is tevrede met die beweerde oortreders se vonnis.

Tabel 9.76: Kwalitatiewe data van sessie agt-en-twintig met Imke.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Baie spontaan en gesels openlik met die navorser oor haar vriendskappe. Sy praat duideliker en maak voldoende oogkontak.	Volgens Imke het sy ondersoek ingestel na haar vriendskappe en voel sy nou beter, aangesien sommige van haar vriendskappe eensydig was.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Volgens Imke het 'n familiëvriend dieselfde advies vir haar gegee as die navorser naamlik dat sy dinge moet doen waarvan sy hou.	Op Imke se voorgrond is haar vriendskappe en die beweerde oortreders wat gevonniss is.
Volgens Imke was sy verlede week ontsteld omdat haar vriendin haar uitsluit wanneer sy saam met haar vriendin en haar vriendin se kêrel is.	Geen weerstand nie.

9.2.3.24 Verloop van sessie nege-en-twintig. Teenwoordig: Imke van Rensburg.

Die navorser betrek Imke by die bespreking van die aktiwiteit: “Konflikhantering,” (sien punt 6.2.4.6.). Die adolessent wat seksueel misbruik is, moet bewus daarvan wees dat herstel 'n proses is; daar is ruimte vir foute en eksperimente (Knauer, 2000:86).

Tabel 9.77: Kwalitatiewe data van sessie nege-en-twintig met Imke.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Imke kom aanvanklik lui voor, maar toe sy begin gesels met die navorser het sy gelag en aktief aan bespreking deelgeneem.	Volgens Imke is sy bly dat sy nog nie 18 jaar oud is en baie verantwoordelikhede het nie.
	Volgens Imke hanteer sy konflik soms soos 'n slak (bly stil) en soms soos 'n jakkals (onderhandel).
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Imke se suster en pa het 'n argument gehad omdat Imke se suster te laat in die huis gekom het.	Op Imke se voorgrond is die konflik tussen haar suster en pa omdat haar suster laat in die huis gekom het.

Verhouding met ma is goed.	Geen weerstand nie.
Imke en haar een vriendin het 'n goeie verhouding op die oomblik.	

9.2.3.25 Verloop van sessie dertig en sessie een-en-dertig. Teenwoordig: Imke van Rensburg.

Geleentheid vir ventilasie tydens sessie dertig oor gebeure in haar lewe. Imke vertel opgewonde van die swemgala, haar stem is hees soos hulle geskree het. Beplan terminering. Imke voel dat sy baie gegroei het. Sy het besluit om meer deel te neem aan die kerk se aktiwiteite. Dit is belangrik dat die adolessent goed voorberei moet word op terminering en betrokke moet wees by die besluit om te termineer (Thompson & Rudolph, 2000:49). Tydens sessie een-en-dertig voltooi Imke die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool. Imke is in 'n ligte gemoedstoestand en kom nie meer so moeg voor soos tydens aanvang van terapie nie. Mnr. Van Rensburg het opgehou om alkohol te misbruik.

9.2.3.26 Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Van Rensburg.

Mev. Van Rensburg voel ook dat die navorser kan termineer.

Tabel 9.78: Imke se huidige funksionering volgen mev. Van Rensburg.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Gesondheidsgeskiedenis:	Na verkrating.	Weet nie of sy slaapprobleme in die aande het nie, Imke maak deur toe. Imke slaap baie in die dag en is baie moeg.
	Huidig.	Bewus dat sy 'n ystertekort het. Geen eet- of slaapafwykings nie.
Emosionele funksionering:	Tydens en na verkrating.	Baie geslote en negatief.
	Huidig.	Baie groot verbetering. Meer openlik en positief. Konsentrasie is goed.
Interpersoonlike verhoudings:	Na verkrating.	Verhouding met moeder verswak. Pa probeer ophou drink, misbruik al alkohol vir jare. Goeie verhouding met susters.


	Huidig.	Goeie vriendekring. Verhouding met pa het versterk nadat hy ophou drink het. Goeie verhouding met ma en susters.
Gedragsprobleme:	Na verkragting.	Tekens van onttrekking, stil na voorval. Gehoorsaam. Selfskending, word geïrriteerd wanneer kinders haar uitvra oor die merke op haar arms.
	Huidig.	Kry klavier- en sangonderrig, was aktief betrokke by die skool se swemgala. Geen selfskending nie. Onttrek nie meer nie en gaan nie meer na skool na haar kamer toe nie. Gehoorsaam en drink glad nie meer alkohol nie.
Kognisie:	Na verkragting.	Terugflitse.
	Huidig.	Geen probleem nie.
Seksualiteit:	Na verkragting.	Fisiese aanraking herinner Imke aan die voorval.
	Huidig.	Imke wil graag 'n kêrel hê, meeste van haar vriende is betrokke in verhoudings.
Skoolprestasie:	Na verkragting.	Presteer goed. Kry nie rapport nie, skoolfooie is agterstallig.
	Huidig.	Imke het 87% gekry. Haar pa en suster betaal haar skoolfooie. Sy kry nou skoolrapport.
Voorval inligting:	Die verkragting.	Mnr. en mev. Van Rensburg het Imke ondersteun. Die beweerde oortreders het skuldig gepleit op statutêre verkragting en is gevonniss.
Dissipline:	Na verkragting en huidig.	Gehoorsame kind. Praat as metode van dissiplinerig.
Gesinslewe:	Na verkragting.	Pa is 'n alkoholis. Finansiële probleme. Ouers se verhouding is nie goed nie weens finansiële stres.
	Huidig.	Mnr. Van Rensburg het opgehou drink. Gesinsvergadering is positief beleef deur gesinslede.

9.2.3.27 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram

Die voortoets het daarop gedui dat Imke se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Imke se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as oneffektief beskryf. Die natoets het getoon dat Imke se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Imke se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsie-elemente) is huidig 23% en haar vorige telling tydens die voortoets was 67%. 'n Totaal van minder as 30% is die aanbevole gebied. Al Imke se selfpersepsie totale, behalwe haar isolasietelling wat dieselfde is, het afgeneem. Nie een telling dui op 'n behoefte vir verbetering nie.


Figuur 9.5: KFI-HOËR – Trauma Dinamika



Imke se huidige algehele Trauma-Dinamikapuntetotaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamika-elemente) is 25% en haar vorige telling tydens die voortoets was 52%. 'n Totaal van minder as 30% is die aanbevole gebied. Al Imke se trauma-

dinamika-totale het verbeter. Slegs haar frustrasietelling dui nog op 'n behoefte vir verbetering. Die navorser skryf die behoefte aan verbetering daaraan toe dat sy baie graag 'n verhouding wil hê omdat meeste van haar vriende betrokke is in verhoudings, maar sy het nog nie die regte seun ontmoet nie.

Figuur 9.6: KFI-HOËR – Trauma Dinamika



9.2.3.28 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge komplimenteer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Imke se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het. Volgens mev. Van Rensburg was Imke voor terapeutiese dienslewering stil en het onttrek, sy was negatief en moeg, sy het haarself gesny en kommunikasie tussen haar en Imke was beperk.

Volgens mev. Van Rensburg was daar 'n groot verbetering in Imke se emosionele toestand tydens terminering, sy was meer openlik, het nie meer onttrek nie en het haarself nie meer gesny nie. Tydens aanvang van terapie was Imke moeg, het die verantwoordelikheid van die gesinsisteam se probleme op haar skouers geneem en het skuldig gevoel oor haar gedrag, keuses en die gevolge wat sy moes dra. Ten tye van

terminering was sy vrolik en energiek, het gepraat van normale tieneraspekte en het nie meer so moeg voorgekom nie.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Imke en haar moeder gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel. Beide was dit eens dat dit goed gaan met Imke. Imke hou steeds telefoniese kontak met die navorser, en het na terminering die navorser genooi om saam met haar koffie te gaan drink by 'n winkelsentrum. Beide Imke se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenteër aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapiëprogram Imke se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het.

9.2.4 Biografiese inligting van gevallestudie vier: Kirsten White.

Naam van die adolessent: Kirsten White

Kultuurgroep: Blank

Ouderdom: 17 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die gesin: 1

Huistaal: Engels

9.2.4.1 Agtergrondinligting van Kirsten White

As kind het Kirsten en haar ouers baie getrek, omdat haar pa in die hotelbedryf is. Kirsten se ouers was van verskillende lande met uiteenlopende agtergronde en het 'n stormagtige verhouding gehad. Sy was in ongeveer elf skole gewees. Op 13 jarige ouderdom het sy selfmoord probeer pleeg, nadat haar ouers geskei is en haar beste vriend oorlede is. Op vyftienjarige ouderdom het sy het by haar ma kom woon. Hulle het op 'n plaas gebly en het finansiële swaar gekry. Die oggend van die voorval het mev. White gaan werk en Kirsten het nog geslaap. Twee mans het ingebreek en albei het haar verkrag. Kirsten is tydens die voorval gewurg en gedreig met 'n mes. Hulle het bespreek of hulle haar gaan doodmaak en sy het gesmeek vir haar lewe. Hulle het haar vasgebind en in die badkamer toegesluit.

9.2.4.2 Impak van die beweerde verkragting op Kirsten White volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Kirsten se moeder, mev. White.

Mev. White gee skriftelike toestemming vir Kirsten se deelname aan die navorsing.

Tabel 9.79: Agtergrondgeskiedenis van Kirsten White

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkelingsgeskiedenis:	Ontwikkeling as kind.	Gehoorte probleme en leerprobleme.
	Swangerskap en geboorte.	Mev. White het probleme met vrouedele gehad, swangerskap met tweeling was onbeplan en stresvol. Sy moes steeds werk en het epileptiese aanvalle gekry. Kirsten het die geboorte oorleef, maar die ander baba het gesterf.
	Traumagebeure: ouers se egskeiding, koshuis (ma is ver van haar af), omgewingsveranderinge en die verkragting.	Kirsten was hartseer oor die egskeiding, want haar pa was op daardie stadium haar held. Kirsten was kwaad oor haar ma wat ver van haar af gebly het.
	Skoolsielkundige.	Gesien oor ouers se egskeiding.
Gesondheidsgeskiedenis:	Algemene gesondheid.	Kirsten het amper gesterf tydens 'n tandeoperasie onder narkose. As kind het Kirsten gehoorprobleme gehad en het 'n operasie ondergaan.
	Na verkragting.	Wurgmerke aan haar nek. Word baie wakker in die nag. AZT laat haar moeg en naars voel. Maag is ongesteld. Kirsten verloor gewig. Veluitslag, knoppe onder vel weens stres. Een maandstonde gemis weens stres. Sy het gekla van hoofpyn. Slaappatroon is beïnvloed.
Emosionele funksionering:	Voor verkragting.	Sy was by 'n psigiater nadat sy 'n senuwee-ineenstorting gekry het toe sy na haar ma getrek het, weg van haar vriende en bekende

		omgewing.
	Na verkragting.	Emosioneel en huil baie. Is baie bang. Kirsten is nie skaam oor wat met haar gebeur het nie en weet dat dit nie haar skuld is nie.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor verkragting.	Verhouding met ma is goed, verhouding met pa fluktueer.
	Na verkragting.	Mev. White is nou oorbeskermend en volg Kirsten oral. Mnr. White beskuldig mev. White daarvan dat sy nie 'n bevoegde ma is nie. Swak verhouding met haar pa. Kirsten kyk nie mans in hulle oë nie en gee nie erkenning aan mans nie. Min vriende.
Gedragsprobleme:	Voor verkragting.	Dagga gerook.
	Na verkragting.	Vreesbevange. Raak gou en baie kwaad.
Kognisie:	Voor verkragting.	Geen probleme nie.
	Na verkragting.	Terugflitse. Sintuie is verskerp. Reuke gee aanleiding tot terugflitse.
Seksualiteit:	Voor verkragting.	Volgens Kirsten is sy bi-seksueel. Sy het 'n verhouding met 'n meisie gehad in die verlede en is huidig in 'n verhouding met 'n seun.
	Na verkragting.	Kirsten is lesbies, moeder aanvaar dit.
Skoolprestasie:	Voor verkragting.	Kirsten het leerprobleme. Kirsten is weens finansiële redes reeds die afgelope ses maande nie in die skool nie.
	Na verkragting.	Verskeie mislukte pogings vir verdere opleiding vir Kirsten weens finansiële probleme.
Voorval inligting:	Die verkragting.	Mev. White ondersteun Kirsten.
Dissipline:	Voor en na verkragting.	Kirsten en mev. White het 'n oop verhouding en bespreek probleme.
Gesinslewe:	Voor verkragting.	Ouers is geskei. Volgens mev. White het mnr. White 'n buite-egtelike verhouding gehad. Swak verhouding tussen mnr. en mev. White.
	Na verkragting.	Mev. White en Kirsten woon saam. Kry finansiële swaar.

9.2.4.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Kirsten en mev. White.

Verduidelik PATCH en die navorser se rol. Die navorser betrek Kirsten by die aktiwiteit: “Die lewenslyn,” (sien punt 6.2.1.1.). Die fokus van die eerste paar sessies gedurende gestaltpeltherapie is hoofsaaklik om ‘n terapeutiese verhouding te bou (Oaklander, 1988:185).

Tabel 9.80: Kwalitatiewe data van sessie een met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kirsten hou ‘n sterk front voor. Die navorser vermoed dat sy sterk probeer wees omdat haar ma baie emosioneel is oor die voorval.	Volgens Kirsten is dit baie beter in die woonstel waarin hulle getrek het, omdat die voorval in hulle vorige woning plaasgevind het. Volgens Kirsten is die terugflitse in die nuwe woning nie so erg soos in die vorige huis nie.
Kirsten het wurgmerke op haar nek.	Volgens Kirsten is sy bang vir snaakse geluide. Volgens Kirsten word sy baie kwaad, en is selfs bang vir haar woede.
Sy kom kwaad voor vir die oortreders.	Volgens Kirsten is dit beter weens emosionele redes dat haar ouers geskei het omdat hulle baie baklei het, maar finansiële het dit dinge vererger. Volgens Kirsten het sy na die egskeiding eers by haar pa gebly, maar het gevoel sy kry nie voldoende liefde nie en het gevoel dat haar ma meer van haar af geweet het.
Goeie oogkontak.	Volgens Kirsten aanvaar haar ma dat sy biseksueel is, maar haar pa het daarvoor vir ses maande nie met haar gepraat nie.
Sy kom hard voor oor wat gebeur het en huil nie. Kirsten het behoefte om te ventileer en gee spontaan agtergrondinligting.	Volgens Kirsten wil sy nie die oortreders sien nie, want hulle het haar gedreig met ‘n mes dat hulle vir haar en haar familie sal doodmaak indien sy vertel. Volgens Kirsten het sy met die oortreders onderhandel vir haar lewe.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser verwys Kirsten na ‘n skoolsielkundige ten einde haar weer in die skakel by ‘n skool.	Die voorval en haar ouers se egskeiding is op haar voorgrond.
Kirsten is bekommerd oor haar ma.	Geen weerstand nie.

9.2.4.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Kirsten.

Kirsten deel die inligting van die voorval met die navorser. Die navorser betrek Kirsten by die aktiwiteit: “My liggaamgevoelens,” (sien punt 6.2.1.5.). Met behulp

van die aktiwiteit kon die navorser onvoltooide sake identifiseer. Volgens Yontef (1993:78) is enige onvoltooide gestalt ‘n onvoltooide saak wat oplossing vereis.

Tabel 9. 81: Kwalitatiewe data van sessie twee met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kirsten hou steeds ‘n sterk front voor.	Volgens Kirsten het sy vir ure gehuil na ‘n telefoongesprek met haar pa. Hy het na bewering vir haar gesê dat sy “trash” is en in die “gutters” gaan eindig. Volgens Kirsten gaan sy haar pa verkeerd bewys.
Sy toon min emosies.	Volgens Kirsten was sy baie bang vir die mediese ondersoek, naalde en toe hulle bloed getrek het. Volgens Kirsten was die dokter by die krisissentrum vriendelik, die Patch krisiswerker het haar emosioneel ondersteun, haar ma het gehuil en getroos, en haar pa het op haar ma geskree en gesê dat dit mev. White se skuld was.
Goeie oogkontak.	Volgens Kirsten is sy baie kwaad vir die oortreders en kwaad vir haar pa dat hy haar altyd afbreek. Volgens Kirsten voel sy hartseer en dink: “Hoekom ek?”
Goeie ventilasie van gevoelens.	Volgens Kirsten is sy bly dat hulle getrek het. Sy is spyt dat sy nie die dag van die voorval saam met haar ma werk toe gegaan het nie en is gefrustreerd omdat haar ma nou so oorbeskermend is.
	Volgens Kirsten is sy bang die oortreders kom terug en is sy bekommerd dat sy nou MIV positief kan wees.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het ‘n werk by ‘n restaurant gekry.	Geen weerstand nie.
Sy en haar pa praat nie met mekaar nie. Volgens Kirsten het haar pa nie eers ‘n drukkie vir haar gegee by die hospitaal nie.	Die voorval is op haar voorgrond.

9.2.4.5 Verloop van sessie drie en vier. Teenwoordig: Mev. White (sessie drie) en Kirsten en mev. White (sessie vier).

Die navorser gee tydens sessie drie aan mev. White die geleentheid om te ventileer oor haar geskiedenis en gevoelens weens die voorval. Volgens mev. White blameer sy haarself dat hulle op die plaas gebly het waar die voorval plaasgevind het. Sy verduidelik dat hulle finansiële swaarkry, hulle woning verloor het en daarom op die plaas gaan bly het. Die navorser betrek Kirsten tydens sessie vier by die aktiwiteit: “My sintuie,” (sien punt 6.2.2.3.). Die rol van die terapeut is om die kliënt se aandag

te fokus op haar gedrag, gevoelens en ervaringe en nie om dit te interpreteer nie (Patterson, 1980:449).

Tabel 9.82: Kwalitatiewe data van sessie vier met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kirsten is mooi aangetrek en goed versorg.	Volgens Kirsten was sy een dag alleen by die huis en was baie bewus van al die geluide. Sy het telkens gaan kyk of die deur gesluit is en het haar ma gebel. Volgens Kirsten kry sy nou en dan 'n dag wat sy net af voel en dan huil sy net.
Kirsten hou steeds 'n sterk front voor.	Sy onthou die oortreders se reuk en dit het haar bang laat voel. Volgens Kirsten onthou sy die pyn en gevoel in haar nek; dit was seer en sy was bang.
Sy maak goeie oogkontak en druk haarself gemaklik uit.	Volgens Kirsten het sy tydens die voorval gesien dat die beweerde oortreders haar wurg en haar broek aftrek. Volgens Kirsten het sy gedink dat hulle eerder 'n kondoom moet gebruik, sy kon nie asem haal nie en was bang en kwaad. Sy onthou dat die oortreders gesê het dat sy haar bene moet oopmaak en dat hulle haar gaan doodmaak.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Kirsten werk by 'n restaurant, maar sukkel met die rekenaar en finansies.	Die voorval is op haar voorgrond.
Kirsten voel dat haar ma oorbeskermend is.	Geen weerstand nie.

9.2.4.6 Verloop van sessie vyf en ses. Teenwoordig: Mev. White (sessie vyf) en Kirsten en mev. White (sessie ses).

Die navorser gee tydens sessie vyf aan mev. White die geleentheid om te ventileer oor die finansiële stres wat sy ervaar het en die tydperk wat sy getrek het en Kirsten by haar kom woon het. Die navorser betrek Kirsten tydens sessie ses by die aktiwiteit: "Reaksies van belangrike persone na onthulling," (sien punt 6.2.2.1.). Met behulp van hierdie aktiwiteit was die navorser in staat om sekondêre trauma te assessee. Volgens Gil (1996:79) is dit belangrik om die impak van die seksuele misbruik dwarsdeur die terapeutiese proses te assessee.

Tabel 9.83: Kwalitatiewe data van sessie ses met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kirsten lyk kwaad oor haar pa se reaksie. Goeie oogkontak.	Volgens Kirsten staar sy net soms en dan wil haar ma weet wat fout is. Volgens Kirsten

	kry sy nog soms terugflitse van hoe die oortreders haar vasgemaak het.
Kirsten gee goeie samewerking en dit lyk of sy behoefte aan ventilasie het.	Volgens Kirsten slaap sy goed, maar is nog skrikkerig vir vreemde geluide.
	Volgens Kirsten het sy haar ma telefonies ingelig van die voorval. Haar ma het dadelik gekom, het gesoek vir die oortreders, was kwaad en het die polisie gebel, haar hospitaal toe geneem en nou na die navorser toe. Volgens Kirsten is haar ma nou oorbeskermend, maar hulle verhouding is goed.
	Volgens Kirsten het haar ma en oom haar pa ingelig. Hy het afgevlieg. Volgens Kirsten het haar pa eers niks vir haar gesê nie en later het hy genoem dat hy dink dat sy by hom moet kom bly. Volgens Kirsten is hulle verhouding swak, want hy kraak haar af. Volgens Kirsten sou sy graag wou gehad het dat hy haar 'n drukkie moes gee by die hospitaal en sy voel hy het nie genoeg begrip getoon nie.
	Volgens Kirsten sou sy graag vir hom wou sê dat hy moet grootword, haar ma moet hanteer soos 'n grootmens en dat hy haar skoolfooie moet betaal. (Leë stoel-tegniek)
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Hulle kry more die toetsresultate by die skoolsielkundige.	Die reaksies van haar ma en pa na die verkragting is op haar voorgrond.
Sy werk nie meer nie. Geen kontak weer met haar pa gehad nie.	Geen weerstand nie.

9.2.4.7 Verloop van sessie sewe en agt. Teenwoordig: Mev. White (sessie sewe) en Kirsten (sessie agt).

Mev. White huil en vertel hoe Kirsten haar bedank het vir haar ondersteuning. Volgens mev. White is sy van mening dat mnr. White lief is vir Kirsten, maar dat sy haat vir mev. White, dit oorskadu. Sy ventileer oor die konflik wat ontstaan het toe sy mnr. White aangegee het vir onderhoud vir Kirsten. Mev. White het die skoolsielkundige se verslag in verband met Kirsten se skolastiese vermoëns 'n paar dae later vir die navorser gebring. Die navorser het mnr. White geskakel, gevra of die navorser die verslag vir hom kan faks en of hy dit sal oorweeg om verdere opleiding vir Kirsten te befonds. Hy het gesê dat hy nie 'n faks het nie, dat Kirsten by hom kan kom bly en dan is dit onder sy beheer. Mnr. White se meisie het later gebel en gevra dat die navorser die verslag moet faks. Mnr. White het later skriftelik om verskoning

gevra, geskryf dat hy Kirsten se belange op die hart dra en voorgestel dat sy eers by ‘n oorbruggingsopleiding moet inskakel. Die navorser het hom geskakel en aanbeveel dat hy met die skoolsielkundige daarvoor moet praat.

Die navorser het tydens sessie agt Kirsten betrek by die aktiwiteit: “Die verkeerslig,” (sien punt 6.2.4.5.). Kirsten word baie kwaad na die verkragting. Die terapeut moet die adolessent toelaat om die woede oor die onregverdigheid van die seksuele misbruik uit te druk, en die woede te erken, maar grense moet steeds gestel word (Knauer, 2000:86).

Tabel 9.84: Kwalitatiewe data van sessie agt met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kirsten het ‘n tongring gekry en praat nog bietjie sleeptong.	Volgens Kirsten stel sy belang in grafiese ontwerp en “sound engineering.”
Kirsten praat stadig, maar druk haarself goed uit.	Volgens Kirsten is sy nie depressief soos haar ma vermoed nie, sy is verveeld. Volgens Kirsten het sy die week te vore nie goed geslaap nie en is sy nog vreesbevange.
Mooi aangetrek en goeie oogkontak.	Volgens Kirsten druk sy haar kwaadgevoelens verbaal uit, sy begin bewe, haar hande sweet en sy voel asof sy iemand kan slaan.
Kirsten kom nie depressief voor nie. Sy lag toe sy vertel dat sy Saterdag saam met haar vriende uit was.	Volgens Kirsten was sy voorheen verslaaf aan slaappille en is daarom nie baie ten gunste daarvan nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Volgens Kirsten is haar pa se meisie die vredemaker.	Die aand saam met haar vriende uit is op haar voorgrond.
Sy was Saterdag saam met haar vriende uit.	Geen weerstand nie.

9.2.4.8 Verloop van sessie nege en tien. Teenwoordig: Mev. White (sessie nege) en Kirsten en mev. White (sessie tien).

Tydens sessie nege is mev. White baie emosioneel en gespanne oor die oortreders se borgaansoeke. Sy is bekommerd oor Kirsten. ‘n Onbekende man het na mev. White se selfoon gebel en net gesê: “Hallo.” Kirsten het gebewe en was ontsteld. Mev. White ervaar probleme om verdere opleidingopsies te ondersoek, omdat sy nie toegang tot internet het nie en nie kan afneem by die werk nie. Die navorser gee aan mev. White die geleentheid om die kollege van PATCH se kantoor af te bel.

Bespreek die moontlikheid dat Kirsten vir 'n vakansie by haar pa gaan kuier, ten einde uit die omgewing te kom waar die voorval gebeur het. Volgens mev. White wil Kirsten graag haar pa se komende huwelik bywoon.

Tydens sessie tien betrek die navorser vir Kirsten by die aktiwiteit: "Selfgeldende gedrag," (sien punt 6.2.3.8.). Maak van toepassing op haar gevoelens ten opsigte van haar seksualiteit en hoe om dit met haar kêrel te bespreek.

Tabel 9.85: Kwalitatiewe data van sessie tien met Kirsten White.

NIE VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kirsten is aanvanklik kwaad en opstandig oor die skoolsielkundige se aanbeveling dat sy 'n kok moet word.	Volgens Kirsten stel sy belang in 'n meisie en is sy lesbies en wil sy haar kêrel daaromtrent inlig.
Kirsten lyk aanvanklik negatief oor 'n moontlikheid van 'n besoek aan haar pa.	Volgens Kirsten sal sy vir haar kêrel sê dat sy verward voel, tyd alleen nodig het om haar gevoelens uit te sorteer, en dat hulle dinge op hulle eie moet doen, maar dat sy steeds sy vriendskap waardeer.
	Kirsten en die navorser bespreek dat sy dalk haar leerlinglisensie kan skryf indien sy na haar pa gaan, dalk vir bestuursklasse kan gaan en kan werk aan haar verhouding met haar pa.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser neem Kirsten na die hospitaal vir haar opvolg MIV-bloedtoets.	Op haar voorgrond is haar verdere opleiding en dat sy besef het dat sy lesbies is.
	Aanvanklik weerstand om by haar pa te gaan kuier, later meer positief daaroor.

9.2.4.9 Verloop van sessie elf en twaalf. Teenwoordig: Mev. White (sessie elf) en Kirsten (sessie twaalf).

Tydens sessie elf lig mev. White die navorser in dat mnr. White vir Kirsten gesê het dat Kirsten nie deel van sy nuwe familie is nie en dat sy nie moet kom kuier nie. Kirsten het gehuil. Kirsten is te bang om die vensters oop te los, alhoewel hulle diefwering het. Kirsten se maag is steeds ongesteld. Volgens mev. White aanvaar sy dat Kirsten lesbies is. Tydens sessie twaalf gee die navorser aan Kirsten die geleentheid om te ventileer oor haar telefoniese gesprek met haar pa. 'n Hegte verhouding of binding met 'n ouer of ander versorgers is noodsaaklik vir normale kinderontwikkeling (Mash & Woolfe, 2002:23).

Tabel 9.86: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy ventileer en maak goed oogkontak.	Kirsten is baie bly dat die MIV-bloedtoets negatief is.
Kirsten lyk hartseer oor haar pa se opmerkings, maar hou haar sterk.	Volgens Kirsten was sy net ordentlik toe haar pa gesê het dat sy nie moet kom kuier nie en dat sy nie troue toe moet kom nie. Sy het net gesê dat sy lief is vir hom en het nie teruggeskree nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Kirsten vertel van haar nuwe vriendin van wie sy hou.	Die konflik met haar pa is op haar voorgrond.
Volgens Kirsten is haar pa nou uit haar lewe.	Weerstand om haar kêrel in te lig dat sy gevoelens vir 'n meisie het.

9.2.4.10 Verloop van sessie dertien en veertien. Teenwoordig: Mev. White (sessie dertien) en Kirsten (sessie veertien).

Volgens mev. White het sy met Kirsten en haar vriendin gepraat oor hulle verhouding. Sy keur dit goed, maar het grense neergelê. Volgens mev. White het Kirsten die naweek 'n angsaanval gekry toe sy en haar vriendin gaan melk koop het. Drie dronk mans het hulle genader en een het sy arm om Kirsten se vriendin gesit. Kirsten het huis toe gehardloop, gebewe en nie die huis verlaat vir die res van die naweek nie. Kirsten se maag en slaappatroon is beter. Tydens sessie veertien lees die navorser die hofverslag wat die navorser geskryf het vir die polisie aan haar. Kirsten word betrek by die aktiwiteit: "Hofvoorbereiding," (sien punt 6.2.2.7.).

Tabel 9.87: Kwalitatiewe data van sessie veertien met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kirsten is mooi versorg. Goeie oogkontak. Sy vertel spontaan van die gebeure van die week.	Kirsten vertel hoe sy geskrik het en hoe haar hart geklop het toe die drie mans haar en haar vriendin genader het. Volgens Kirsten skrik sy baie maklik.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het haar vorige kêrel ingelig dat sy ongemaklik voel met mans en hy aanvaar dit.	Die insident van die drie mans wat haar en haar vriendin genader het, is op haar voorgrond.
Dit gaan goed met haar en haar vriendin se verhouding.	Geen weerstand nie.

9.2.4.11 Verloop van sessie vyftien en sestien. Teenwoordig: Mev. White (sessie vyftien) en Kirsten (sessie sestien).

Volgens mev. White het Kirsten ‘n tipe veluitslag en knoppe onder haar vel. Sy het dit al vantevore gehad toe sy jonger was en nie meer die Ritolin gebruik het nie. Mev. White vermoed dis weens stres. Gee geleentheid tydens sessie vyftien vir mev. White om te ventileer oor Kirsten se verdere opleidingopsies. Die navorser betrek tydens sessie sestien vir Kirsten by die aktiwiteit: “Kom ons maak ballonne van die stene in ons lewe,” (sien punt 6.2.2.4.). Adolescente benodig ‘n interessante aktiwiteite om hulle aandag te hou (Gil, 1996:182). Met behulp van hierdie aktiwiteit is probleme op ‘n nie-bedreigende, interessante manier geïdentifiseer.

Tabel 9.88: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kirsten is in ‘n ligte gemoedstoestand. Mooi aangetrek en versorg.	Volgens Kirsten is die uitkenningsparade ‘n steen wat op haar skouers rus. Die navorser sal self indien moontlik of iemand reël om haar te ondersteun tydens die uitkenningsparade.
Kirsten kom senuweeagtig voor oor die komende uitkenningsparade.	Die komende werksonderhoud is nog ‘n steen, maar dit sal vanmiddag afgehandel wees. Haar verhouding met haar pa is ‘n ander steen. Sy besluit dat sy net haar kant moet reg hou en ordentlik moet wees.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Kirsten lees ‘n bemoedigende briefie wat haar niggie vir haar geskryf het.	Die uitkenningsparade is op haar voorgrond. Geen weerstand nie.

9.2.4.12 Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: Kirsten en mev. White.

Die navorser betrek Kirsten by die aktiwiteit: “7de Laan,” (sien punt 6.2.2.6.). Die navorser het met behulp van hierdie aktiwiteit, Kirsten se bewustheid van die self verhoog. Volgens O’Leary (1998:121) is selfbewustheid noodsaaklik vir die integrasie van die individu.

Tabel 9.89: Kwalitatiewe data van sessie sewentien met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kirsten is in ‘n vrolike luim. Goeie	Volgens Kirsten heg sy waarde aan familie

energievlakke.	en erken dat sy soms daarvan hou om dinge op haar manier te doen. Volgens Kirsten is haar vriende vir haar belangrik en gee sy om vir ander.
Sy gesels vrolik. Goeie oogkontak	Volgens Kirsten raak sy gou kwaad.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy was saam met haar niggies by 'n dans.	Haar familie en vriende is op haar voorgrond. Geen weerstand nie.

9.2.4.13 Verloop van sessie agtien en negentien. Teenwoordig: Kirsten en mev. White (sessie agtien) en Kirsten (sessie negentien).

Tydens sessie agtien is mev. White emosioneel weens konflik tussen haar en Kirsten. Volgens mev. White neem Kirsten 'n "ek gee nie om houding" in en sy neem dit persoonlik op. Kirsten het die duvet wat tydens die voorval op haar bed was, weer op haar bed gesit. Dit het Kirsten negatief beïnvloed en Kirsten het gehuil. Volgens Kirsten was die duvet 'n herinnering aan die gebeure en sy het teruggedink. Kirsten is nie emosioneel soos haar ma nie. Kirsten en die navorser besoek die hof. Sy kom gespanne voor vir die komende hofspraak. Die navorser betrek Kirsten tydens sessie negentien by die aktiwiteit: "Positiewe denke," (sien punt 6.2.2.5.). Die navorser is van opinie dat dit die adolessent motiveer om positief te wees indien sy dit waarneem in die terapeut as rolmodel.

Tabel 9.90: Kwalitatiewe data van sessie negentien met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kirsten is opgewerk en kwaad oor die argument met haar ma oor haar studies.	Kirsten identifiseer die volgende positiewe aspekte na onthulling: die dokter was vriendelik, die inspekteur het haar veilig laat voel, sy gaan verdere opleiding kry, haar verhoudings met haar vriende en hulle ondersteuning en die nuwe vriende wat sy gemaak het.
Sy kalmeer nadat sy geventileer het oor wat sy graag wil studeer.	Sy identifiseer die volgende negatiewe aspekte na onthulling: haar pa en ma se reaksie toe sy die verklaring moes aflê, haar werkspogings wat nie uitwerk nie en die uitkenningsparade.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser beveel aan dat sy nie die flielk "Monster" moet kyk nie, want dit kan haar herinner aan die voorval.	Haar studies is op haar voorgrond. Weerstand om hotelwese te studeer.

9.2.4.14 Verloop van sessie twintig en een-en-twintig. Teenwoordig: Kirsten en mev. White.

Tydens sessie twintig spreek mev. White die wens uit om met ‘n psigiater te gaan praat oor mnr. White en sy rol in Kirsten se lewe. Sy wil ook hê dat Kirsten met die psigiater moet praat en dat die psigiater met mnr. White moet gaan praat. Kirsten wil nie na die psigiater gaan in verband met haar verhouding met haar pa nie. Die navorser beveel daarom aan dat mev. White hom kan gaan sien vir terapeutiese dienste vir haar, maar sy moenie dat Kirsten te veel terapeute tegelykertyd sien nie. Die navorser gee aan Kirsten geleentheid om te ventileer oor haar vriende. Haar hare is gekleur en sy is energiek en mooi aangetrek. Tydens sessie een-en-twintig lig mev. White die navorser in dat sy betrokke is by ‘n kerk en sy wil Kirsten ook betrek. Dit word duidelik dat mev. White met goeie bedoelinge haar behoeftes op Kirsten projekteer. Die navorser bied aan om terapeutiese dienste vir mev. White te reël. Volgens mev. White gaan die kerk vir haar ‘n sielkundige reël.

Tabel 9.91: Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kirsten is energiek en vrolik. Goeie oogkontak.	Volgens Kirsten het sy en haar pa en ouma op die foon gepraat. Volgens Kirsten is haar ouma teleurgesteld dat sy uit die skool is.
Sy druk haarself gemaklik uit. Kirsten lyk ontevrede met haar ma se idee dat sy betrokke moet word by die kerk.	Volgens Kirsten voel sy nie daartoe in staat om haar ma emosioneel te ondersteun nie. Volgens Kirsten dink sy dat haar pa se troue haar ma pla.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Kirsten bevraagteken haar geloof en vra waarom “Hy” soveel struikelblokke op haar pad plaas.	Haar vriende en verhoudings is op haar voorgrond. Weerstand om by die kerk betrokke te wees.

9.2.4.15 Verloop van sessie twee-en-twintig. Teenwoordig: Kirsten en mev. White.

Mev. White is opgewonde oor die kerkontmoetings en lig die navorser in dat hulle haar genooi het na sosiale ontmoetings. Mev. White wag nog vir die kerk om ‘n sielkundige vir haar te reël. Die navorser betrek Kirsten by die aktiwiteit: “Gunstelingdinge,” (sien punt 6.2.3.2.).

Tabel 9.92: Kwalitatiewe data van sessie twee-en-twintig met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Lyk ongelukkig oor haar pa se houding teenoor haar.	Volgens Kirsten het haar pa haar afgekraak toe sy hom R100 gevra het vir 'n sangboek.
Is opgewonde toe sy vertel van haar vriendin van wie sy hou. Goeie oogkontak.	Volgens Kirsten is haar gunstelingklere "jeans" en haar gunsteling-tv-programme "Charmed", "bad girls" en "Buffy and the vampire."
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy en haar vriendin se verhouding is besig om te groei.	Haar verhouding met haar pa is op haar voorgrond.
Verhouding met pa is swak.	Geen weerstand nie.

9.2.4.16 Verloop van sessie drie-en-twintig. Teenwoordig: Kirsten en mev. White.

Die navorser betrek Kirsten by die aktiwiteit: "Hartsnare," (sien punt 6.2.5.1.). Die belangrikste agente van sosialisering was nog altyd die gesin (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:92). Met behulp van hierdie aktiwiteit het dit onder die navorser se aandag gekom dat Kirsten se verhouding met haar pa huidig swak is.

Tabel 9.93: Kwalitatiewe data van sessie drie-en-twintig met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kirsten skryf al haar vriende en haar ma se naam in die hartsnaar naaste aan haar.	Kirsten is bekommerd oor haar volgende MIV-bloedtoets.
Sy skryf haar pa se naam in 'n hartsnaar ver van haar af.	Volgens Kirsten verdien sy R1000 per maand, sy gee R250 vir haar ma, maar haar ma verwag van haar om meer te gee.
	Volgens Kirsten het sy 'n terugflits gekry, omdat dit nou vier maande na die voorval is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Kirsten wys foto's van haar vriende. Die navorser het Kirsten geneem vir haar opvolg MIV-bloedtoets.	Konflik met haar ma oor haar inkomste is op haar voorgrond. Weerstand om meer geld vir haar ma te gee.

9.2.4.17 Verloop van sessie vier-en-twintig en vyf-en-twintig. Teenwoordig: Kirsten (sessie vier-en-twintig) en Kirsten en mev. White (sessie vyf-en-twintig).

Weens vervoerprobleme besoek die navorser tydens sessie vier-en-twintig vir Kirsten by die huis. Sy lig die navorser in dat haar pa getrou het en dat hy gebel het en wou weet wat die bloedtoetsuitslae was. Kirsten is in 'n ligte gemoedstoestand. Tydens

sessie vyf-en-twintig lig mev. White die navorser in dat Kirsten drie dae voor die MIV-bloedtoets baie sleg geslaap het. Sy slaap nou weer goed, haar gewig is nou konstant en sy eet goed. Volgens mev. White is Kirsten se gemoedstoestand oor die algemeen lig en is sy verlief op haar vriendin. Kirsten geniet haar werk op die oomblik. Die navorser gee aan Kirsten die geleentheid om te ventileer en te vertel van haar vriendin.

9.2.4.18 Verloop van sessie ses-en-twintig. Teenwoordig: Kirsten.

Die navorser betrek Kirsten by die aktiwiteit: “Kognisie,” (sien punt 6.2.2.8.). Kirsten is in staat om ’n klomp moontlike verduidelikings te gee. Volgens Geldard & Geldard ((2002:121) moet die terapeut die adolessent help om opsies te ondersoek en die beste keuses te maak.

Tabel 9.94: Kwalitatiewe data van sessie ses-en-twintig met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kirsten is mooi aangetrek en versorg. Goeie oogkontak en energievlakke.	Volgens Kirsten het sy ’n argument met haar werkgewer gehad. Volgens Kirsten het haar werkgewer en sy verby die plaas gery waar die voorval plaasgevind het en dit het haar ontstel.
Sy het behoefte daaraan om die week se gebeure met die navorser te deel.	Volgens Kirsten het sy haar pa gebel vir Vadersdag en hy wou weet wat sy wil hê. Volgens Kirsten het hy gesê dat sy ’n voltydse werk moet kry, alhoewel sy hom ingelig het dat sy werk.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het saam met haar werkgewer verby die plaas gery waar die voorval plaasgevind het.	Haar telefoniese gesprek met haar pa is op haar voorgrond.
Verhouding met haar pa is swak.	Geen weerstand nie.

9.2.4.19 Verloop van sessie sewe-en-twintig. Teenwoordig: Kirsten en mev. White.

Die atmosfeer is gespanne tussen Kirsten en haar ma. Mev. White is emosioneel. Die navorser gee aan Kirsten die geleentheid om te ventileer.

Tabel 9.95: Kwalitatiewe data van sessie sewe-en-twintig met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
---	---

Lyk kwaad en gefrustreerd oor haar ma.	Kirsten is gefrustreerd omdat sy voel haar ma doen nie moeite vir verdere opleiding vir haar nie en dit lyk asof sy net huurgeld wil hê.
Sy is opgewonde oor haar verhouding met haar vriendin.	Volgens Kirsten slaap sy nie goed vandat sy ingelig is omtrent die uitkenningsparade nie.
	Volgens Kirsten was die voorval 'n "wake up call" in haar lewe en sy het nie weer dwelms gebruik nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Vertel vrolik van haar vriendin.	Die konflik met haar ma en die uitkenningsparade is op haar voorgrond.
Die navorser het 'n PATCH vrywilliger gereël om saam met Kirsten na die uitkenningsparade te gaan.	Geen weerstand nie.

9.2.4.20 Verloop van sessie agt-en-twintig. Teenwoordig: Kirsten en mev. White.

Weens 'n staking by die gevangenis was net die een beweerde oortreder by die uitkenningsparade. Kirsten het hom geïdentifiseer. Mev. White se selfoon is gesteel, maar nou intimideer twee bendeledes haar om die diefstalsaak terug te trek. Die gevolg is dat Kirsten uit vrees vir die bendeledes nie saam met haar ma wil wees nie, mev. White is emosioneel. Kirsten het weens stres nie haar maandstonde gekry nie. Die navorser gee aan Kirsten die geleentheid om te ventileer oor die uitkenningsparade.

Tabel 9.96: Kwalitatiewe data van sessie agt-en-twintig met Kirsten White.

NIE VERBALE GEDRAG / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy is ernstig toe sy praat oor die uitkenningsparade.	Kirsten druk haar frustrasie uit oor die beweerde oortreder se ma wat saam met hulle was tydens die uitkenningsparade. Volgens Kirsten het die beweerde oortreder se ma die heelyd om verskoning gevra.
Haar gemoedstoestand lig toe sy praat van haar vriendin.	Volgens Kirsten het sy dadelik die beweerde oortreder erken en noem dat hy gebewe het toe sy hom na vore roep. Volgens Kirsten het sy twee dae gelede iemand gesien wat soos die beweerde oortreder lyk en sy het gevries.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Haar pa het haar gebel en hulle het 'n aangename gesprek gehad.	Die uitkenningsparade is op Kirsten se voorgrond.
Gaan goed met haar en haar vriendin.	Weerstand om saam met ma te wees uit vrees vir die bendeledes wat haar foon gesteel het.

Kirsten het in die volgende twee sessies behoefte gehad om te ventileer oor haar gevoelens vir haar vriendin en die navorser het geleentheid vir haar gegee om dit te doen, aangesien dit op haar voorgrond was.

9.2.4.21 Verloop van sessie nege-en-twintig. Teenwoordig: Kirsten.

Kirsten ventileer oor haar ma se voorstel dat sy by haar pa moet gaan bly. Sy lyk ontsteld oor die voorstel. Volgens Kirsten het sy in die verlede probeer selfmoord pleeg toe sy by haar pa gebly het en nou wil haar ma haar na haar pa stuur. Sy is bereid om vir twee weke te gaan kuier om moontlikhede daar vir verdere opleiding te oorweeg. Die navorser het ook die volgende sessie aan Kirsten die geleentheid gegee om te ventileer oor die besoek aan haar vader. Hy wou 'n buskaartjie vir haar koop, maar sy voel nie gemaklik om alleen vir so lank bus te ry nie.

9.2.4.22 Verloop van sessie dertig en een-en-dertig. Teenwoordig: Kirsten (sessie dertig) en Kirsten en mev. White (sessie een-en-dertig).

Die navorser het 'n tuisbesoek gedoen na Kirsten se kuier by haar pa en die tweede uitkenningsparade. Volgens Kirsten het die kuier goed verloop en gaan sy volgende jaar by haar pa woon. Volgens Kirsten was die tweede uitkenningsparade moeilik en het die polisieman heeltyd gevra: “Is jy seker?” Volgens Kirsten het sy nie getwyfel nie. Volgens Kirsten het sy die oortreder geïdentifiseer en het sy gehuil. Kirsten kom rustig en positief voor.

Die navorser betrek Kirsten en mev. White tydens sessie een-en-dertig by die aktiwiteit: “Reg of verkeerd?,” (sien punt 6.2.5.5.). Met behulp van hierdie aktiwiteit het die navorser aandag geskenk aan Kirsten se verhouding met haar ma. Volgens Mash & Woolfe (2002:23) sal die adolessent beter in staat wees om emosies te reguleer en om stres meer effektief te hanteer indien die verhouding met haar bindingsfigure konstant en betroubaar is.

Tabel 9.97: Kwalitatiewe data van sessie een-en-dertig met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kirsten lyk goed. Mev. White is ook tevrede.	Volgens Kirsten het haar pa gebel en gesê dat

	sy moet uitmaak met haar vriendin en vind hy dit moeilik om te aanvaar dat sy lesbies is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Verhouding tussen Kirsten en haar ma het verbeter.	Haar pa wat nie wil aanvaar dat sy lesbies is nie, is op haar voorgrond.
	Geen weerstand nie.

9.2.4.23 Verloop van sessie twee-en-dertig. Teenwoordig: Kirsten.

Kirsten ventileer tydens sessie twee-en-dertig oor die telefoniese uitval met haar pa. Bespreek haar vordering en huidige funksionering.

Tabel 9.98: Kwalitatiewe data van sessie twee-en-dertig met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy lyk teleurgesteld oor die uitval met haar pa. Sy is eerlik en openlik dat sy vir haar pa gejok het.	Volgens Kirsten het sy vir haar pa gejok en gesê dat sy by Prima werk, omdat sy wou gehad het dat hy trots op haar moet wees. Hy het soontoe gebel en uitgevind sy het gejok.
Sy het haar enkel verstuit.	Volgens Kirsten is sy al minder bang as aanvanklik, maar is steeds baie bewus. Sy kan nog nie alleen by die huis slaap nie. Sy voel dat sy meer beheer oor haar kwaadgevoelens het.
Praat duidelik en maak goeie oogkontak.	Sy is bang vir Kleurlingmans omdat die oortreders Kleurlinge was. Sy het nie meer diarree nie. Sy kry soms terugflitse en staar indien iets haar herinner.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Kirsten en haar pa het 'n uitval gehad.	Die uitval met haar pa is op haar voorgrond.
	Geen weerstand nie.

9.2.4.24 Verloop van sessie drie-en-dertig. Teenwoordig: Kirsten en mev. White.

Kirsten het 'n brief geskryf en haar ma het dit vir die navorser gefaks. Die navorser het Kirsten gebel en haar afspraak vervroeg. Mev. White is beskuldigend en voel dat Kirsten nie geleentehede gebruik nie. Die navorser noem dat die navorser van mening is dat Kirsten gefrustreerd voel omdat sy heeldag alleen by die huis sit en dat ons haar moet help om werk te kry. Sy het goeie sosiale en kommunikasievaardighede.

Tabel 9.99: Kwalitatiewe data van sessie drie-en-dertig met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
---	---

In die brief druk Kirsten haar frustrasie uit: “Ek mors alles (vriende, ma en pa) op, ek gaan nie skool nie, my pa vertrou my nie, mense kom en gaan, ek voel my ma hou nie van my nie, ek bid nie meer nie, ek wil huil, maar kan nie en sal nie, my lewe sal nooit weer dieselfde wees nie en ek doen niks goed nie.”	Kirsten ventileer oor haar en haar ma se rusies. Volgens Kirsten het sy vir drie dae nie geslaap nie.
Daar is egter ‘n positiewe ondertoon in haar brief. Sy skryf: “Ek sal nie selfmoord pleeg nie, want dan mors ek weer die lewe vir mense op. Laat weet my of ek reg optree en of ek klas het. Ek moet myself help, maar ek weet net nie hoe nie. Ek kan nie sê dat ek nie omgee nie, want ek gee om, dit is hoe ek binne in my voel.”	Kirsten noem dat dit haar help om te skryf en uiting te gee aan haar gevoelens.
Sy skryf ook dat iemand dit moet lees, maar nie met haar daarvoor moet praat nie. Kirsten lyk verlig dat die navorser verstaan hoe sy voel.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser bel ‘n klerewinkel in verband met werk en hulle sê dat Kirsten haar CV moet faks.	Rusie met haar ma is op haar voorgrond. Geen weerstand nie.

9.2.4.25 Verloop van sessie vier-en-dertig. Teenwoordig: Kirsten.

Kirsten het die werk by Meltz gekry, maar dit later gelos weens ‘n bruin man by die werk wat vatterig was. Die navorser betrek Kirsten by die aktiwiteit: “Vertroue,” (sien punt 6.2.4.2.). Volgens Mash & Woolfe (2002:388) kan die proses van binding versteur word deur seksuele misbruik, en inmeng met die kind se vermoë om ondersteuning te soek en om sy of haar eie sielkundige en emosionele prosesse te reguleer.

Tabel 9.100: Kwalitatiewe data van sessie vier-en-dertig met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kom rustig voor.	Volgens Kirsten beteken vertroue vir haar dat sy enige iets met ‘n persoon kan deel wat dit nie sal oorvertel nie en dat die persoon haar advies sal kan gee. Sy vertrou die navorser.
Goeie oogkontak en samewerking tydens sessie.	Volgens Kirsten gaan sy nie volgende jaar na haar pa nie, omdat sy haarself eers aan hom moet bewys en hy en sy nuwe vrou eers hulself wil vestig in die dorp waarheen hulle getrek het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy en haar vriendin het opgebreek, maar	Kirsten wil haar lewe uitsorteer en dit is op

werk nou weer aan hulle verhouding.	haar voorgrond. Geen weerstand nie.
-------------------------------------	-------------------------------------

9.2.4.26 Verloop van sessie vyf-en-dertig. Teenwoordig: Kirsten.

Die navorser betrek Kirsten by die aktiwiteit: “Slaapprobleme,” (sien punt 6.2.2.10.). Daar kan as somatisering verwys word as die maniere waarop die liggaam die trauma onthou (Williams & Poijula, 2002:151). Psigo-somatiese probleme sluit onder andere veranderinge in slaappatrone, maagpyn, hoofpyn en veranderings in eetlus in.

Tabel 9.101: Kwalitatiewe data van sessie vyf-en-dertig met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kirsten lyk ongekrup oor haar ma wat te veel bel wanneer sy werk.	Volgens Kirsten sukkel sy nog om te slaap.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het werk gekry, maar is later ingelig dat sy nie die regte persoon vir die werk is nie.	Op haar voorgrond is haar slaappatroon. Geen weerstand nie.

9.2.4.27 Verloop van sessie ses-en-dertig. Teenwoordig: Kirsten.

Die navorser het Kirsten gebel aangesien die voorval ‘n jaar gelede plaasgevind het. Bespreek die komende hofsaak en doen weer hofvoorbereiding. Die navorser betrek Kirsten by die aktiwiteit: “My selfbeeld,” en gee selfbeeldaktiwiteite wat sy kan invul by die huis, (sien punt 6.2.3.5.).

Tabel 9.102: Kwalitatiewe data van sessie ses-en-dertig met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kirsten lyk goed en ontspanne. Sy het gewig verloor.	Volgens Kirsten voel sy gereed om in die oop hof te getuig.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy soek werk.	Die komende hofsaak is op haar voorgrond. Geen weerstand nie.

9.2.4.28 Verloop van sessie sewe-en-dertig en agt-en-dertig. Teenwoordig: Kirsten.

Die navorser betrek Kirsten tydens sessie sewe-en-dertig by die aktiwiteit: “Konflikhantering,” (sien punt 6.2.4.6.). Volgens Kirsten word sy steeds baie kwaad. Volgens Knauer (2000:84) moet die terapeut die slagoffer leer dat die woede wat

hulle ervaar nie verkeerd is nie, maar dat dit aanvaarbaar uitgedruk moet word as ‘n belangrike faktor in die helingsproses. Volgens Kirsten gaan dit nie goed met haar pa se werk nie en kan sy daarom dalk nie volgende jaar by hom gaan woon nie. Sy kom rustig voor. Die navorser betrek Kirsten tydens sessie agt-en-dertig by die aktiwiteit: “Waar in jou liggaam ‘voel’ jy kwaadgevoelens?,” (sien punt 6.2.4.4.).

Tabel 9.103: Kwalitatiewe data van sessie agt-en-dertig met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Volgens Kirsten word haar spiere gespanne, byt sy haar naels se velle en ervaar sy konflikterende gevoelens wanneer sy kwaad is.	Volgens Kirsten wil sy aan die een kant met iemand praat en aan die ander kant wil sy alleen wees, wanneer sy kwaad word. Volgens Kirsten “byt sy ander se koppe af” of kry sy ‘n “blank” wanneer sy baie kwaad word. Volgens Kirsten ervaar sy woede teenoor mans.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Gaan goed met haar verhouding met haar vriendin.	Haar kwaadgevoelens is op haar voorgrond.
Die navorser het Kirsten en haar ma na die staatsaanklaer geneem vir ‘n konsultasie.	Geen weerstand nie.

Mev. White was baie emosioneel tydens konsultasie met staatsaanklaer en het genoem het dat Kirsten dalk na ‘n psigiater moet gaan. Die navorser het die moontlikheid van ‘n verwysing na ‘n sielkundige met Kirsten bespreek, maar sy voel egter dis nie nodig nie en dat die navorser en haar vriende haar baie goed ondersteun en dat sy ook haarself moet ondersteun. Kirsten was baie kwaad toe sy hoor dat een oortreder bereid was om skuldig te pleit, maar die ander beskuldigde beweer dat sy toestemming gegee het. Die staat het daarom besluit om voort te gaan om te vervolg en Kirsten sal moet getuig. Mev. White het besluit om Kirsten na ‘n sielkundige te neem omdat Kirsten baie uitreageer het op die bogenoemde nuus. Die navorser ondersteun dit indien Kirsten instem. Die navorser is egter van mening dat die sielkundige niks sal kan verander aan die uitgerekte hofprosedures en die oortreders se besluit of hulle gaan skuldig pleit of nie.

9.2.4.29 Verloop van sessie nege-en-dertig. Teenwoordig: Kirsten en mev. White.

Die navorser toon begrip dat die uitgerekte hofprosedures aanleiding daartoe gee dat sy nie “closure” kan kry nie en dat dit bydra tot haar gevoelens van frustrasie en woede. Kirsten wil nie regtig na die sielkundige gaan nie, maar die navorser beveel aan dat sy gaan al is dit tydelik vir ‘n assessering of om vas te stel of die anti-depressante nodig is. Dit is egter die navorser se opinie dat mev. White behoefte het om die sielkundige te sien. Mev. White ventileer oor haar skuldgevoelens en noem dat gebeure in haar lewe bygedra het tot Kirsten se reaksie. Volgens mev. White is sy afgedank weens geld wat sy by haar huis gaan bêre het in haar kas toe sy by die werk waargeneem het en die geld is toe uit haar kas gesteel. Kirsten se pa het vir Kirsten beskuldig dat sy die geld gesteel het. Dit het dieselfde tyd gebeur as die hofsak. Mev. White wil hê dat die sielkundige moet werk aan Kirsten se verhouding met haar pa. Kirsten en mev. White was net eenkeer by die sielkundige.

Tabel 9.104: Kwalitatiewe data van sessie nege-en-dertig met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Die navorser is verras omdat Kirsten baie beter lyk as wat navorser verwag het na gesprek met haar moeder.	Kirsten wil nie regtig na die sielkundige gaan nie. Kirsten voel haar ma het hulp nodig.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die huisdokter het slaappille en anti-depressante voorgeskryf.	Die uitgerekte hofprosedures is op Kirsten se voorgrond.
Die navorser beveel aan dat sielkundige ‘n assessering ten opsigte van depressie moet doen ten einde te bepaal of anti-depressante nodig is.	Geen weerstand nie

9.2.4.30 Verloop van sessie veertig. Teenwoordig: Kirsten.

Die navorser gee aan Kirsten die geleentheid om te ventileer. Stel haar gerus dat dit normaal was om kwaad en gefrustreerd te voel oor die oortreder se beweringe dat sy toestemming gegee het en oor die saak wat weer uitgestel is. Sy hoef dus nie skaam te wees oor haar reaksie op die nuus nie. Kirsten is bekommerd oor haar ma wat

wisselende gemoedstoestande toon, uitermatig gelukkig is en dan weer depressief. Voltooi die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

Tabel 9.105: Kwalitatiewe data van sessie veertig met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kirsten lyk goed en ontspanne.	Volgens Kirsten neem sy die slaappille wanneer sy dit nodig het, maar is versigtig, want sy noem dat sy op 'n jonger ouderdom daaraan verslaaf was. Volgens Kirsten laat die anti-depressante haar gevoelloos voel en neem sy dit net nou en dan.
Sy is egter kwaad vir haar pa en sy beskuldigings.	Volgens Kirsten het sy dadelik vir die sielkundige gesê dat sy reeds voor die voorval "gay" was.
	Volgens Kirsten is sy skaam oor haar reaksie toe sy gehoor het dat die oortreder beweer dat sy toestemming gegee het en die saak weer uitgestel is.
	Kirsten is kwaad vir haar pa en voel dat indien hy nie ordentlik met haar kan praat nie, dan wil sy nie met hom praat nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser beveel aan dat sy die gebruik van die slaappille en anti-depressante met die sielkundige moet bespreek.	Haar pa se valse beskuldigings dat sy die geld gesteel het, is op haar voorgrond.
Kirsten en haar pa het weer 'n uitval gehad toe hy haar beskuldig het dat sy die geld uit haar ma se kas gesteel het.	Geen weerstand nie.

9.2.4.31 Verloop van sessie een-en-veertig. Teenwoordig: Kirsten.

Kirsten ventileer oor haar ma se nuwe kêrel.

Tabel 9.106: Kwalitatiewe data van sessie een-en-veertig met Kirsten White.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kirsten lyk goed.	Kirsten ventileer oor haar ma se nuwe kêrel en bespreek wat haar bekommer: hy werk nie en misbruik na bewering dwelms. Volgens Kirsten wil sy uittrek.
Sy lyk glad nie beïndruk met haar ma se nuwe kêrel nie.	Kirsten erken dat sy af-en-toe dagga gerook het en probeer ophou. Sy noem dat sy "nee" gesê het toe iemand by die werk kokaïen vir haar aangebied het
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy werk weer en geniet dit.	Haar ma se nuwe verhouding is op haar voorgrond.
Kirsten voel dat haar ma se nuwe verhouding	Weerstand om by haar ma aan te bly en sy

haar verhouding met haar ma nadelig beïnvloed.	wil trek.
--	-----------

9.2.4.32 Verloop van sessie twee-en-veertig en drie-en-veertig. Teenwoordig: Kirsten.

Die navorser neem Kirsten, mev. White en vriende tydens sessie twee-en-veertig na die streekshof. Die oortreders pleit skuldig op verkragting en roof. Die saak sal nou hooggeregshof toe verwys word vir vonnisdoeleindes. Kirsten hoef nie te getuig nie. Volgens Kirsten het sy opgehou dagga rook. Kirsten het die sielkundige net eenkeer gesien en het nie weer gegaan nie. Tydens sessie drie-en-veertig lig Kirsten die navorser in dat sy uitgetrek het en woon by 'n vriendin en die vriendin se ma in Kaapstad. Sy is nou agtien en werk voltyds by 'n klerewinkel. Sy lyk gelukkig. Die navorser het 'n verslag vir vonnisverswaringdoeleindes vir die hooggeregshof geskryf en dit deurgelees met mev. White en Kirsten. Volgens Kirsten het sy geleer om die kwaadgevoelens te beheer, maar sy sukkel steeds om met bruin mans oor die weg te kom. Noudat die hofsak verby is, voel sy dat sy kan fokus op haar werk, want voorheen het die stres wat sy ervaar het en dae wat sy moes afneem weens die uitgerekte hofsak, haar daarvan weerhou.

9.2.4.33 Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. White.

Mev. White stem in dat die navorser kan termineer.

Tabel 9.107: Kirsten se huidige funksionering volgens Mev. White.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Gesondheidsgeskiedenis:	Na verkragting.	Wurgmerke aan haar nek. Word baie wakker in die nag. "AZT" laat haar moeg en naar voel. Maag is ongesteld. Kirsten verloor gewig. Veluitslag, knoppe onder vel weens stres. Een maandstonde gemis weens stres. Sy het gekla van hoofpyn.
	Huidig.	Sy kry nie meer hoofpyn nie

		en die veluitslag is baie beter.
Emosionele funksionering:	Na verkragting.	Emosioneel en huil baie. Is baie bang en voel “numb.” Kirsten is nie skaam oor wat met haar gebeur het nie en weet dat dit nie haar skuld is nie.
	Huidig.	Selfbeeld het verbeter vandat sy aanvaar het dat sy “gay” is. Konsentrasie het verbeter.
Interpersoonlike verhoudings:	Na verkragting.	Mev. White is nou oorbeskermend en volg Kirsten oral. Mnr. White beskuldig mev. White daarvan dat sy nie ‘n bevoegde ma is nie. Swak verhouding met haar pa. Kirsten kyk nie mans in hulle oë nie en gee nie erkenning aan mans nie. Min vriende.
	Huidig.	Groot vriendekring. Verhouding met pa is swak. Mev. White moet aandag verdeel tussen haar kêrel en Kirsten.
Gedragsprobleme:	Na verkragting.	Vreesbevange.
	Huidig.	Slaap en eet goed. Sy word gou kwaad, maar dis ook deel van haar persoonlikheid.
Kognisie:	Na verkragting.	Terugflitse. Sintuie is verskerp. Reuke gee aanleiding tot terugflitse.
	Huidig.	Geen probleme nie.
Seksualiteit:	Na verkragting.	Kirsten is lesbies, moeder aanvaar dit.
	Huidig.	Mev. White gun Kirsten vryheid ten opsigte van seksualiteit. Kirsten het ‘n verhouding met ‘n meisie gehad voor die voorval. Mev. White van mening dat Kirsten veilig en gemaklik voel om “gay” te wees, veral na verkragting.
Skoolprestasie:	Na verkragting.	Kirsten het leerprobleme. Kirsten is weens finansiële redes reeds die afgelope ses maande nie in die skool nie.
	Huidig.	Sy het ‘n vaste werk.
Voorval inligting:	Die verkragting.	Mev. White ondersteun haar. Kirsten praat nie meer oor die voorval nie.
Dissipline:	Voor en na verkragting.	Oop verhouding, praat oor probleme.

Gesinslewe:	Na verkragting.	Mev. White en Kirsten woon saam. Kry finansiëel swaar.
	Huidig.	Kirsten is onafhanklik, het 'n voltydse werk en woon by 'n vriendin en die vriendin se ma.


9.2.4.34 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram

Die voortoets het daarop gedui dat Kirsten se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Kirsten se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf.

Die natoets het getoon dat Kirsten se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Kirsten se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsie-elemente) is huidig 18% en haar vorige telling tydens die voortoets was 57%. 'n Totaal van minder as 30% is die aanbevole gebied. Al Kirsten se selfpersepsie-totale, behalwe haar isolasietelling, het goed afgeneem. Die navorser skryf die toename in haar isolasietelling aan die volgende toe:


- Net voor die natoets het sy en haar ma verhuis, en haar een vriendin wat amper 'n jaar saam met hulle gewoon het, het uitgetrek,
- Sy en haar ma was nog altyd baie na aan mekaar, maar net voor die natoets het haar ma betrokke geraak in 'n ernstige verhouding met 'n man van wie Kirsten nie hou nie. Haar ma moes dus haar aandag tussen haar nuwe kêrel en haar dogter verdeel.

Figuur 9.7: KFI-HOËR – Selfpersepsie

Kirsten se huidige algehele Trauma-Dinamikapuntetotaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamika-elemente) is 19% en haar vorige telling tydens die voortoets was 46%. 'n Totaal van minder as 30% is die aanbevole gebied. Al Kirsten se trauma-dinamika-totale, behalwe haar hulpeloosheidtelling, het goed afgeneem. Haar frustrasietelling het afgeneem, maar dui steeds op 'n behoefte vir verbetering. Die navorser skryf bogenoemde verhoging en behoefte vir verbetering aan die volgende toe:

- Die hofsaak is telkens uitgestel en dan het sy baie kwaad / gefrustreerd geword omdat sy nie dit agter haar kan plaas nie en daarom ook nie kan gaan werk nie.
- Sy was ook baie kwaad oor die een beweerde oortreder wat aanvanklik gesê het dat sy toestemming gegee het.
- Sy kon glad nie slaap voor die hofsaak nie.
- Sy het hulpeloos gevoel oor haar ma se nuwe kêrel; sy hou nie van hom nie, maar beseft dat sy niks daaraan kan doen nie en dat dit haar ma se besluit is.

Die oortreders het intussen na die natoets skuldig gepleit. Sy het werk gekry, is finansiëel onafhanklik, het uitgetrek en woon saam met 'n vriendin. Sy is baie positief en gelukkig en die navorser is oortuig daarvan dat haar hulpeloosheid en frustrasietelling ook intussen vanaf die natoets verbeter het.

Figuur 9.8: KFI-HOËR – Trauma Dinamika

9.2.4.35 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge komplimenteer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Kirsten se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het. Voor terapeutiese dienslewering, net na die voorval, het Kirsten 'n veluitslag gehad van stres, het gekla van hoofpyn en haar maag was ongesteld. Sy was baie bang, het baie kwaad geword en het terugflitse gekry. Sy het nie skool gegaan nie en was werkloos. Sy het min vriende gehad. Kirsten was emosioneel na die voorval, het gehuil en haar slaappatroon was beïnvloed.

Ten tye van terminering het Kirsten nie meer gekla van hoofpyn nie en die veluitslag het verbeter. Haar konsentrasie het verbeter, sy kry nie meer terugflitse nie en sy het 'n vaste werk. Volgens mev. White het Kirsten se selfbeeld verbeter vandat sy aanvaar het dat sy "gay" is. Sy het 'n groot vriendekring en ondersteuningsnetwerk huidig, slaap en eet goed. Sy is finansiële onafhanklik en bly saam met 'n vriendin en haar vriendin se ma.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Kirsten en haar moeder gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel. Almal was dit eens dat dit goed gaan met Kirsten en dat geen verdere dienste benodig word nie. Die navorser handhaaf 'n oop-deur-beleid. Kirsten het die navorser kom groet toe sy in die omgewing was. Sy het gelukkig voorgekom en het trots vertel dat sy goed doen in haar werk. Beide Kirsten se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenter aangesien beide daarop dui dat die implementering van die speltherapieprogram Kirsten se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het.

9.2.5 Biografiese inligting van gevallestudie vyf: Romana Buys

Naam van die adolessent: Romana Buys

Kultuurgroep: Blank

Ouderdom: 16 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die gesin: 2

Huistaal: Afrikaans

9.2.5.1 Agtergrondinligting van Romana Buys

Romana en haar moeder het baie verhuis. Volgens Romana het hulle toe sy ses jaar oud was na die Kaap verhuis en op sewejarige ouderdom het hulle by die beweerde oortreder se gesin gebly. Op agtjarige ouderdom het hulle in 'n woonstel by haar ouma gebly, haar ma het alkohol misbruik en op negejarige ouderdom is sy en haar suster by haar tante en oom (beweerde oortreder) in pleegsorg geplaas. Sy is oor 'n verloop van tyd deur haar nefie verkrag en deur haar oom onsedelik aangerand. Sy het na onthulling weer by haar moeder kom woon.

9.2.5.2 Impak van die beweerde seksuele misbruik op Romana Buys volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Romana se moeder, mev. Buys.

Mev. Buys gee skriftelike toestemming vir Romana se deelname aan die navorsing.

Tabel 9.108: Agtergrondgeskiedenis van Romana Buys

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkelingsgeskiedenis:	Ontwikkeling as kind.	Normaal.
	Swangerskap en geboorte.	Normaal en blydschap.
	Traumagebeure: blootstelling aan middelmisbruik, verwyder uit moeder se sorg, omgewingsveranderinge en seksuele misbruik.	Romana het baie verwerping beleef en het daarom 'n groot behoefte aan aandag en aanvaarding.
	Pa is oorlede toe sy 5 jaar oud was.	Romana hartseer, was baie na aan haar pa.
Gesondheidsgeskiedenis:	Algemene gesondheid.	Goeie gesondheid, net akneeprobleem.
	Na seksuele misbruik.	Akneeprobleem. Romana se hande bewe.
Emosionele funksionering:	Voor seksuele misbruik.	Was nie in moeder se sorg nie.
	Na seksuele misbruik.	Aanvanklik stil gewees. Selfbeeld word beïnvloed deur tande- en velprobleem. Vermoed Romana ervaar skuldgevoelens. Indien nie geïnteresseerd is in iets nie, word aandag vinnig afgetrek. Woedebarsings, gooi glas of slaan glaseur.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor seksuele misbruik.	Nie in moeder se sorg nie. Haar moeder vir drie jaar nie gesien nie.
	Na seksuele misbruik.	Romana en ma se saamleefmaat, Karel, kom glad nie oor die weg nie. Moeder hou nie van die seuns van woonstelblok met wie Romana bevriend is nie. Verwerping deur sommige familieleden weens onthulling.
Gedragsprobleme:	Voor seksuele misbruik.	Nie in moeder se sorg nie.
	Na seksuele misbruik.	Vriende het haar uitgedaag om onderklere te steel by Ackermans. Sy het haar moeder vertel en haar moeder het haar geneem om om verskoning te vra. Byt haar naels en vertel soms leuens. Sy en 'n vriendin het brandewyn en coke uit 'n coke bottel gedrink op straat. Kom nie op tyd by die huis nie.
Kognisie:	Na seksuele misbruik en huidig.	Geen huidige probleme nie.
Seksualiteit:	Voor seksuele misbruik.	Nie in moeder se sorg nie.

	Na seksuele misbruik.	Moeder het voorbehoedmiddels in haar goed gekry en gaan met haar daarvoor praat.
Skoolprestasie:	Voor seksuele misbruik.	Nie in moeder se sorg nie.
	Na seksuele misbruik.	Doen moeite met take en voorkoms van boeke. Leerwerk kan egter verbeter. Vier dae afwesig, waarvan moeder slegs vir twee dae briewe gegee het.
Voorval inligting:	Die seksuele misbruik.	Romana het haar moeder vertel van die insidente met haar oom. Romana se moeder glo die voorvalle.
Dissipline:	Voor seksuele misbruik.	Nie in moeder se sorg nie.
	Na seksuele misbruik.	Strafmetode is om met haar te praat en reëls neer te lê.
Gesinslewe:	Voor seksuele misbruik	In pleegsorg nadat sy uit haar moeder se sorg verwyder is.
	Na seksuele misbruik.	By haar moeder kom woon. Swak verhouding met haar moeder se saamleefmaat.

9.2.5.3 Verloop van sessie een by die skool. Teenwoordig: Romana.

Die navorser verduidelik PATCH se rol en die rol van die navorser. Verduidelik dat haar juffrou die navorser geskakel het en gemeld het dat sy verlede jaar deur haar oom seksueel misbruik is. Die navorser samel agtergrondinligting in en begin 'n vertrouensverhouding bou. Die adolessent moet tydens die eerste sessie gemaklik voel en sy moet voel dat die terapeut haar as mens raaksien, respekteer en belangstel in haar opinie (Oaklander, 1988:186).

Tabel 9.109: Kwalitatiewe data van sessie een met Romana Buys.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Romana toon min emosie terwyl sy agtergrondinligting gee. Romana se hande bewe.	Romana noem dadelik dat die seksuele misbruik nie net verlede jaar gebeur het nie. Seksuele misbruik het begin toe sy in graad agt was.
Haar stem is onduidelik en druk nie gevoel uit nie.	Verskeie kere verhuis saam met die beweerde oortreder en sy vrou, haar pleegouers.
Sy hou 'n harde front voor en kom stroef voor. Sy kom tog in 'n mate senuweeagtig voor.	Die beweerde oortreder het volgens Romana al hoe strenger geraak, toe sy niks meer met hom te doen wou hê nie en niks meer wou doen nie. Sy het saam met 'n vriendin weggeloop die Maandag en het die Dinsdag na die welsyn gegaan.

Sy toon nie weerstand om inligting aan die navorser te gee nie en kom voor asof sy behoefte daaraan het om met iemand te kan praat.	Sy is beveilig en tydelik by haar vriendin se ouers geplaas. Sy het haar gymkaart gaan haal en die beweerde oortreder het gesê dat indien sy die saak terugtrek, hy haar na haar ma sal stuur wat sy drie jaar gelede gesien het. Sy het soos die beweerde oortreder voorgestel het vir die polisie gesê dat sy gejok het en is drie dae later na haar moeder.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy is ontsteld oor haar familie wat nou dink dat sy gelieg het oor die seksuele misbruik en goed van haar vertel.	Die seksuele misbruik en familie se reaksie is op haar voorgrond.
Sy erken dat sy baie skool gebank het toe sy by die beweerde oortreder en sy vrou in pleegsorg was.	Sy toon weerstand dat die navorser haar moeder moet kontak en noem dat sy self haar moeder sal inlig dat die navorser haar kom sien het.

9.2.5.4 Verloop van sessie twee en drie. Teenwoordig: Mev. Buys (sessie twee) en Romana (sessie drie).

Mev. Buys lig die navorser tydens sessie twee in dat sy en haar saamleefmaat 'n uitval gehad het en dat hy vir haar gesê het dat sy en Romana ander verblyf moet kry. Sy en Romana het vandag die heeldag woonstelle gesoek en Romana is daarom nie skool toe nie. Mev. Buys vertel van Romana se biologiese pa se moord, waarna sy en Romana na Kaapstad getrek het en later weer teruggetrek het na Gauteng en toe is Romana en haar suster in haar broer se pleegsorg geplaas is. Romana verkies tydens sessie drie om agtergrondinligting te gee en die navorser betrek haar by die aktiwiteit: "Die lewenslyn," (sien punt 6.2.1.1.). Die navorser en Romana voltooi die Kinderfunksioneringinventaris-Hoërskool.

Tabel 9.110: Kwalitatiewe data van sessie drie met Romana Buys.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kom gemaklik voor, goeie verhouding is gevestig.	Volgens Romana is haar pa oorlede toe sy vyf jaar oud was. Sy vertel dat sy hartseer was en dat hulle 'n goeie verhouding gehad het. Hy het gesê dat hy sal terug wees voor die koffie koud is. Volgens Romana het hulle baie goed saam gedoen en hy het haar bederf.
Praat openlik en eerlik met die navorser.	Op sesjarige ouderdom het hulle na Kaapstad verhuis. Dit was lekker vir haar en sy het goeie vriende gehad.
Romana is mooi aangetrek en kom selfversekerd voor.	Op sewejarige ouderdom het hulle Gauteng toe getrek en sy moes graad een herhaal

	omdat sy in 'n Engelse skool was. Sy het haar eerste kêrel gehad en vertel humoristies dat hy “gedouble date” het en dat hulle eerste soen agter die saal was.
Sy maak van humor gebruik toe sy van haar eerste kêrel vertel.	Hulle het na die beweerde oortreder getrek en sy het 'n kamer met haar niggie gedeel. Op agtjarige ouderdom het hulle by haar ouma in die woonstel gaan bly. Volgens Romana het haar ma alkohol gebruik en op negejarige ouderdom het die beweerde oortreder en haar tannie hulle in pleegsorg geneem.
Goeie kontak word gemaak en behou. Sy druk haarself goed uit en reageer goed op direkte vraagstelling. Die navorser kan egter agterkom dat sy nie gewoond daaraan is dat iemand haar vra oor haar gevoelens nie, maar dit blyk dat sy die individuele aandag geniet.	Op tienjarige ouderdom het sy en haar nefie baie tyd saam spandeer en “bike” gery. Sy het ook saam met hom begin rook. Op 13 jarige ouderdom het die beweerde oortreder 'n verhouding met 'n ander vrou gehad en uitgetrek. Hy het naweke haar niggie kom haal. Hy het weer teruggekom.
Goeie belangstelling en energievlakke. Sy het aanvanklik tydens eerste en tweede besoek 'n koue en harde front voorgehou om haarself te beskerm, tog het dit vandag meer verander in 'n sagter en meer oop houding.	Op 14 jarige ouderdom het hulle weer getrek. Sy was op Hoërskool en het baie skool gebank en het gedrink. Volgens Romana het sy die ander kinders beïnvloed om dit te doen, en noem dat sy dink dit was om die seer weg te vat.
Sy dui met 'n kruisie aan dat vyf en dertien jarige ouderdom slegte jare was en dat 14 en 15 jarige ouderdom sleg en lekker was.	Op 16 jarige ouderdom het sy by haar ma kom woon.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Romana en haar moeder is op soek na 'n woonstel nadat mev. Buys en haar saamleefmaat, Karel, 'n uitval gehad het. Volgens Romana is dit nie die eerste keer dat hy haar ma “uitjaag” nie.	Sy toon weerstand en verkies om nie vandag oor die voorvalle te praat nie. Op haar voorgrond is haar lewensgeskiedenis en waar sy oral gebly het.

9.2.5.5 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Romana.

Romana het behoefte daaraan om te ventileer en vertel spontaan van die probleme by die huis en sy maak spontaan onthullings van die seksuele misbruik waaraan sy blootgestel was, (sien punt 6.2.1.3.). Romana onthul die verkragting deur haar nefie. Volgens Romana het haar nefie vir haar gesê dat sy eers saam met hom moet “slaap” voordat sy iets kan kry of as hy iets weet wat sy nie wil hê haar oom moet weet nie, moet sy eers saam met hom “slaap” anders vertel hy haar oom. Volgens Finkelhor & Browne (1986:183) word hulpeloosheid vererger deur manipulasie of dwang wat die oortreder afdwing as deel van die seksuele misbruikproses. Volgens Romana het die “storie met haar oom toe begin.”

Tabel 9.111: Kwalitatiewe data van sessie vier met Romana Buys.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Goeie verhouding is gebou, sy kom gemaklik voor.	Romana kla dat sy tans nie met haar vriende mag uitgaan in die week nie en dat sy baie vroeë inkomtye het.
Sy toon min emosie terwyl sy van die seksuele misbruik in haar lewe vertel. Sy praat half onduidelik en haar stem druk nie emosie uit nie.	Sy en haar vriendin mag mekaar nie weer sien nie want hulle het brandewyn uit 'n coke bottle op straat gedrink, en Karel het hulle uitgevang. Sy erken dat hulle ook saam gerook het by die skool en twee keer huis toe gegaan het van die skool af, eenkeer omdat hulle sykouse aangehad het in plaas van sokkies en die ander keer omdat hulle niks sou gedoen het na pouse nie.
Haar hande bewe. Sy vryf haar hande.	Volgens Romana mag sy ook nie meer haar kêrel sien nie weens die beweringe dat hulle gevry het in die publiek. Volgens Romana het hulle nie gevry nie en het sy hom net gesoen en 'n drukkies gegee.
Sy maak voldoende oogkontak. Sy lyk asof sy behoefte daaraan het om te ventileer oor gebeure in haar lewe.	Volgens Romana dink sy dat Karel haar haat en haar blameer omdat hy haar ma wou los. Haar ma dink dat hy so streng is omdat een van sy dogters swanger geraak het. Volgens Romana sal sy hulle almal bewys dat sy nie swanger sal raak nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Romana en haar ma se saamleefmaat kom nie oor die weg kom nie.	Die verkragting deur haar neef is op Romana se voorgrond.
Romana identifiseer die probleem self, naamlik dat hulle in 'n eenslaapkamerhuis woon en wanneer haar ouers gaan slaap dan moet sy ook gaan slaap. Sy het geen privaatheid nie en kan nie nog wakker bly wanneer hulle gaan slaap nie. Sy sal dit verkies om na 'n koshuis te gaan as haar ma hulle nie na 'n ander plek wil trek nie.	Geen weerstand nie.
Sy mag nie meer vriende met die seuns in die woonstelblok wees nie, want hulle veroorsaak moeilikheid by die woonstelblok.	

9.2.5.6 Verloop van sessie vyf en ses. Teenwoordig: Mev. Buys (sessie vyf) en Romana (sessie ses).

Volgens mev. Buys is kommunikasie tussen Romana en haar saamleefmaat beperk. Sy en Romana het 'n uitval gehad nadat Romana gaan uitslaap het en die volgende oggend nie betyds huis toe gekom het nie. Sy erken dat sy vir Romana gesê het dat sy voel asof sy haar kop teen die muur kan druk. Karel en Romana het gepraat en Romana het hom vertel van die seksuele misbruik waarna Romana vir mev. Buys

jammer kom sê het dat sy 'n "slegte kind" is. Volgens mev. Buys het Romana toe ook vir haar vertel van die seksuele misbruik en het erken dat sy geëksperimenteer het met dwelms. Romana het vir haar ma gesê dat sy aanvanklik bang was vir Karel en bang was dat hy ook so iets sal doen. 'n Adollesent se vermoë om te vertrou en te ondersoek word op die sekuriteit en kongruensie van vorige verhoudings gebaseer (Nevid, Rathus en Greene, 1997:548).

Die navorser gee tydens sessie ses aan Romana die geleentheid om te ventileer oor die week se gebeure. Daarna verkies Romana om die inligting van die beweerde seksuele misbruik deur haar oom (gewese pleegpa) te gee, (sien punt 6.2.1.3.). Indien die terapeut direkte bespreking vermy, kan die terapeut die adollesent se geloof dat die aspekte te oorweldigend is om te hanteer, versterk (James, 1989:11).

Tabel 9.112: Kwalitatiewe data van sessie ses met Romana Buys.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Romana maak voldoende oogkontak.	Volgens Romana het sy haar vriendin se ma vertel van die seksuele misbruik en voer aan dat dit die rede was waarom sy laat was en nie betyds huis toe gegaan het nie. Volgens Romana wou haar ma nie luister na redes nie en het sy gehuil, want sy hou nie daarvan as iemand met haar baklei nie.
Baie goeie belangstelling en betroubaar ten opsigte van bywoning van haar sessies.	Volgens Romana het sy 'n maaginfeksie, hoofpyn en maagpyn gehad en was by die dokter. Romana noem dat sy soms "prente van die gebeure" in haar gedagtes sien.
Romana kom op haar gemak voor tydens die sessie.	Volgens Romana kry sy nagmerries dat haar suster en die ander nefie mekaar betas. Romana is bekommerd oor haar suster.
Sy kom verlig voor nadat sy die navorser vertel het van die seksuele misbruik.	Volgens Romana moes sy orale seks met haar oom gehad het ten einde in die aande te mag uitgaan.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Volgens Romana probeer sy harder om oor die weg te kom met Karel en het hulle baie gepraat. Romana is bekommerd oor haar suster. Indien hulle na 'n tweeslaapkamerwoonstel trek, kan Romana se suster moontlik by hulle kom woon.	Romana se suster se veiligheid is op haar voorgrond.
Romana het haar verhouding met haar kêrel beëindig.	Geen weerstand nie.

9.2.5.7 Verloop van sessie sewe en agt. Teenwoordig: Mev. Buys (sessie sewe) en Romana (sessie agt).

Volgens mev. Buys het Romana by 'n vriendin gaan oorslaap en iemand het haar telefonies ingelig dat Romana vir hom gesê het dat hulle "tik", 'n dwelmmiddel, gaan gebruik. Volgens mev. Buys vermoed sy dat Romana dwelms misbruik. Sy erken egter dat sy hierdie week weens die stres self alkohol misbruik het. Die navorser wys haar daarop dat sy 'n rolmodel moet wees. Sy gaan 'n dokter sien in verband met bloedtoetse vir dwelmmiddels om vir Romana te toets. Hulle het ook 'n afspraak met die maatskaplike werker van die betrokke welsynsorganisasie. Die navorser gee tydens sessie agt aan Romana die geleentheid om te ventileer oor die beweringe dat sy dwelms misbruik aangesien die seksuele misbruik nie vandag op haar voorgrond is nie. Adolescente met 'n geskiedenis van seksuele misbruik loop 'n groot risiko om middele te misbruik, wat weer die risiko van ander aanpassingsprobleme verhoog (Mash & Woolfe, 2002:391).

Tabel 9.113: Kwalitatiewe data van sessie agt met Romana Buys.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Romana kom op haar gemak voor. Sy praat vinnig en aanhoudend, terwyl sy haar hande vryf.	Volgens Romana is daar stories by die skool dat hulle "straws" gevat het en hulle word "buttonkoppe" genoem. Volgens Romana gebruik sy nie tans dwelms nie.
Goeie oogkontak. Minder gespanne vandag.	Volgens Romana dink haar ma dat sy "tik" en dagga gebruik, maar dit is nie so nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Romana voel dat haar ma en Karel nie dink aan wat sy wil hê nie en spreek die wens uit dat hulle meer oop moet wees vir onderhandeling.	Weerstand om volle verantwoordelikheid te neem deur verskonings te gee vir waarom sy telkens nie betyds by die huis kom nie.
	Op haar voorgrond is die beweringe wat gemaak word dat sy dwelms misbruik.

9.2.5.8 Verloop van sessie nege en tien. Teenwoordig: Mev. Buys (sessie nege) en Romana (sessie tien).

Sy lig die navorser in dat sy reëls neergelê het en indien Romana by die reëls hou, is mev. Buys bereid om toegewings te maak. Die navorser beveel aan dat sy en Romana kwaliteittyd moet saam spandeer. Romana lig die navorser tydens sessie tien in dat 'n seun wat vir haar kwaad was, haar ma gebel het en gesê het dat sy dwelms gaan

gebruik, maar volgens Romana is dit nie die waarheid nie. Die navorser gee aan Romana die geleentheid om te ventileer oor die uitval wat sy met haar ma se saamleefmaat gehad het. Die navorser lig Romana in dat sy nie onrealistiese idees ten opsigte van pleegplasings moet hê nie en wys haar daarop dat sy nie by 'n vriendin in pleegsorg geplaas sal word nie. Haar ouderdom (amper 17 jaar oud) beperk moontlike pleegplasings en 'n nywerheidskool is nie 'n goeie opsie is nie. Die seksuele misbruik is nie op haar voorgrond nie, maar wel 'n basiese behoefte, naamlik 'n veilige vesting. Die belangrike proses van binding kan versteur word deur voorvalle van seksuele misbruik, en inmeng met kinders se vermoë om ondersteuning te soek en om hulle eie sielkundige en emosionele prosesse te reguleer (Mash & Woolfe, 2002:388).

Tabel 9.114: Kwalitatiewe data van sessie tien met Romana Buys.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Goeie verhouding is gebou. Sy is gemaklik en spontaan met die navorser. 'n Mate van rebellie weens uitval met haar ma se saamleefmaat. Moontlik omdat sy dit weer as verwerping beleef.	Romana vertel dat sy en Karel 'n uitval die naweek gehad het. Romana beweer dat hy laat by die huis gekom het en te veel gedrink het. Volgens Romana het die "drugstorie" opgekom en hy het gesê dat sy 'n "hoer" en 'n "slet" is en dat sy haar goed moet vat en loop. Hy het ook gesê dat sy kinders beter is. Sy het daarom haar goed gevat en by 'n vriendin gaan slaap.
Goeie oogkontak.	Volgens Romana het sy en haar ma nie die week tyd gehad om met mekaar te praat oor gebeure van die week nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Volgens Romana wil nie sy of Karel probeer om hulle verhouding te verbeter nie. Dit gaan dus nie werk as sy by hulle bly nie. Haar ma het Maandag 'n afspraak by die welsyn.	Op haar voorgrond is die uitval wat sy met Karel gehad het en dat haar plasing by haar ma en Karel nie werk nie.
Volgens Romana wou Karel en haar ma weer opgebreek het weens die uitval tussen haar en Karel, maar het toe nie.	Weerstand om aan te bly by die plasing by haar ma.

9.2.5.9 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Romana.

Die seksuele misbruik is nie op Romana se voorgrond nie en die navorser gee aan Romana die geleentheid om te ventileer oor haar huislike omstandighede. Die navorser sal die betrokke welsynsinstantie skakel en die moontlikheid van 'n twee-maande-veiligheidsplasing bespreek tot tyd en wyl mev. Buys en haar saamleefmaat

‘n tweeslaapkamerwoonstel gevind het. Die gebrek aan privaatheid gee aanleiding tot verdere konflik.

Tabel 9.115: Kwalitatiewe data van sessie elf met Romana Buys.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Romana ventileer oor haar huislike omstandighede en dit blyk dat sy ‘n behoefte daaraan het om daarvoor te praat. Sy praat vinnig en aanhoudend.	Volgens Romana drink haar ma en Karel baie en word haar ma aggressief wanneer sy drink. Volgens Romana lyk dit vir haar asof haar ma die verskoning dat sy in die middel van die onmin tussen haar (Romana) en Karel is, gebruik om te drink.
Goeie oogkontak. Sy praat steeds onduidelik en toon min emosie.	Volgens Romana weier sy om vrede te maak met Karel omdat hy haar valslik beskuldig het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Volgens Romana praat sy nie met Karel nie.	Romana se huislike omstandighede is op haar voorgrond.
Volgens Romana het sy en haar ma baklei, en haar ma het haar selfoon afgeneem.	Sy toon weerstand om vrede te maak met Karel.

9.2.5.10 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Romana.

Die navorser betrek Romana by die aktiwiteit: “Vertroue,” (sien punt 6.2.4.2.). Na verkragting deur iemand wat die adolessent vertrou het, kan sy dit moeilik vind om weer mense te vertrou (Benedict, 1994:200).

Tabel 9.116: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Romana Buys.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Romana was aanvanklik stillerig, maar het later weer spontaan begin gesels. Sy het aanvanklik half terneergedruk gelyk, alhoewel sy dit half probeer wegsteek het.	Romana noem dat sy nou weer werk aan haar verhouding met Karel, want sy het nie regtig ‘n keuse nie. Romana vertel dat sy en haar ma ‘n uitval gehad het en dat haar ma haar boek gelees het waarin sy haar gevoelens neerskryf. Sy noem dat haar ma in haar goed gegrou het.
Sy vertel later humoristies dat sy gesê het dat sy eendag wanneer hulle ‘n groter plek het, ‘n sleutel vir haar kamer wil hê en dat Karel laggend genoem het dat hy in daardie geval een keer ‘n maand inspeksie sal kom doen.	Volgens Romana was haar ma baie kwaad oor die boeke wat sy uitgeneem het oor dwelms. Romana het vir haar verduidelik dat dit vir LO by die skool is. Volgens Romana het haar ma vir haar gesê dat sy moet gaan en nie moet terugkom nie. Sy het daarom Saterdagmiddag by ‘n vriendin gaan slaap en het Sondag huis toe gegaan en volgens Romana was dit asof niks gebeur het nie. Karel het gesê dat hulle bekommerd was.
Haar aanvanklike liggaamshouding dui	Volgens Romana vertrou sy nie haar ma nie

daarop dat sy negatief geaffekteer is deur die uitval met haar ma en toe haar ma vir haar gesê het om nie terug te kom nie (verwerping).	omdat haar ma alles vir Karel vertel. Volgens Romana vertrou sy ook nie die beweerde oortreder oor al die goed wat hy aan haar gedoen het nie en spreek die kommer uit dat hy dit aan haar sussie kan doen.
	Volgens Romana het haar ma met die beweerde oortreder se vrou gepraat oor die beweringe en sy vrou het gesê dat sy nie weet wie om te glo nie en het later die foon neergesit.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het Vrydagaand by 'n vriendin gaan slaap en was vroeg Saterdag by die huis.	Die uitval met haar ma is op haar voorgrond.
Haar verhouding met haar ma blyk te verswak. Karel het gesê dat hulle nou van die verlede moet vergeet en moet aangaan. Volgens Romana lyk dit asof Karel nou ernstig begin huis soek.	Weerstand om met haar ma te praat oor goed omdat sy voel dat haar ma dit met Karel bespreek.

9.2.5.11 Verloop van sessie dertien en veertien. Teenwoordig: Mev. Buys.

Volgens mev. Buys kan Romana weggaan as dit van haar afhang. Sy noem dat Karel en Romana beter oor die weg kom. Mev. Buys erken dat sy Romana se dagboek gelees het en sy is ontsteld oor wat Romana van haar geskryf het. Volgens mev. Buys het Romana geskryf dat sy wil selfmoord pleeg omdat sy nie mag uitslaap nie, nie haar eie kamer het nie en nie mag musiek speel nie. Volgens mev. Buys het sy en Romana eers verbaal baklei, maar later het hulle ook fisies baklei, waarna sy vir Romana gesê het om te loop. Sy het Romana se dagboek Sondag teruggegee en gesê dat Romana moet ophou om nonsens oor haar te skryf. Mev. Buys lig die navorser tydens sessie veertien in dat 'n man by die woonstelle Romana vals beskuldig het van die partytjie wat Vrydagaand by die braaiplek van die woonstelle gehou is. Karel het opgekom vir Romana, aangesien Romana net een drankie daar gedrink het en toe saam met haar kêrel uit was. Volgens mev. Buys is sy vies vir Romana wat haar “wip” indien hulle iets weier.

9.2.5.12 Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Romana en mev. Buys.

Beide lyk in 'n ligte luim. Dit gaan ook baie beter met hulle as 'n gesin vandat hulle aktief begin soek het na 'n ander woning. Die navorser betrek hulle by die aktiwiteit: “Reg of verkeerd?,” (sien punt 6.2.5.5.) en daarna by die aktiwiteit: “Ken mekaar”,

(sien punt 6.2.5.4.). Mev. Buys sê direk aan Romana dat sy weet dat hulle nog net 'n kort tydjie bymekaar is, maar dat sy baie positiewe verandering by haar opgemerk het en dat sy weer haar kind is soos sy haar geken het. Sy sê ook dat sy baie bly is dat hulle weer deel van mekaar se lewe is. Sosialisering is die proses van interaksie en leer. Dit is noodsaaklik vir oorlewing en ontwikkeling van die individu asook vir die oorlewing en effektiewe werking van die samelewing. (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:80).

Tabel 9.117: Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Romana Buys.

LIGGAAMSHOUDING / NIE VERBALE GEDRAG	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Romana kom gemaklik en gelukkig voor. Sy lag saam en toon relevante humor.	Sy vertel dat haar ma hartseer was oor haar pa se dood en voeg by dat sy ook hartseer voel oor haar suster en die gaping tussen hulle.
Romana werk teen 'n vinnige pas en is selfversekerd.	Sy toon erkenning en noem dat sy weet dat dit haar ma gelukkig maak as sy en Karel goed oor die weg kom.
Sy maak min direkte oogkontak wanneer haar ma saamkom.	Sy vertel laggend van haar eerste soen by die skool in graad drie.
Almal het die familiekaart eerste geplaas en het ook vrede, vriendskap en wysheid hoog geplaas. Daar is baie humor asook ernstige oomblikke tydens die gesprekke.	Romana het genoem dat sy weet dat haar ma se grootste vrees is dat sy en haar sussie iets kan oorkom. Mev. Buys het genoem dat sy weet dat Romana se grootste vrees is dat sy weggevat kan word.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Romana se verhouding met haar ma en Karel het baie verbeter. Die betrokke welsyn gaan aanbeveel dat Romana terug by haar moeder geplaas moet word.	Haar voorgrondbehoefte is haar suster wat steeds in die beweerde oortreder se sorg is.
Die navorser wys hulle daarop dat die navorser verbaas is hoe goed hulle mekaar ken ten spyte daarvan dat hulle lank nie saam gewoon het nie.	Geen weerstand nie.

9.2.5.13 Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Romana.

Die navorser betrek Romana by die aktiwiteit: "Kom ons maak ballonne van die stene in ons lewe," (sien punt 6.2.2.4.). Die terapeut kan slegs alternatiewe oplossings voorstel, maar moet nooit die adolessent probeer oortuig nie (Geldard & Geldard, 2002:121).

Tabel 9.118: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Romana Buys.

LIGGAAMSHOUDING / NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
---	---

Romana toon nie emosie op haar gesig nie.	Sy erken dat sy vir haar ma en Karel gesê het dat sy nie in hulle dronk gesigte naweke wil vaskyk nie. Karel het vir haar gesê dat sy maar haar sakke kan pak, want hy is moeg daarvan om te hoor hoeveel en wanneer hy mag drink.
Sy kom moedeloos voor oor die huislike omstandighede.	Sy noem dat sy hard probeer om te verander en ander mense sien dit raak. Sy druk die vrees uit dat haar nuwe vriend blameer gaan word as dinge verkeerd gaan soos haar vorige kêrel.
	Sy noem dat sy verward voel oor die reëls by die huis ten opsigte van haar inkomtye en vriende wat heelyd verander. Sy het ook gehoor hoe Karel vir haar ma sê dat sy alweer Romana se kant vat en dat sy in daardie geval haar goed kan pak.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die atmosfeer by die huis is gespanne. Karel is van mening dat Romana te min by die huis is en haar ma keur nie haar vriendinne goed nie. Romana voel hulle drink te veel.	Geen weerstand nie. Haar voorgrondbehoefte is om te ventileer oor haar vriende en inkomtye en verhouding met ma en Karel.
Volgens Romana drink haar ma-hulle al as sy opstaan in die oggende, daarom sal dit vir haar beter wees as haar kêrel vir haar op 'n neutrale plek kan sien. Hy is op die oomblik 'n belangrik persoon in haar lewe.	

9.2.5.14 Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: Romana.

Die navorser betrek Romana by die aktiwiteit: “My liggaamsgevoelens,” (sien punt 6.2.1.5.). Sy projekteer haar gevoelens na haar vriende deur te noem dat sy bang is haar vriende is nie tevrede met haar ouers se reëls nie. Die navorser wys haar daarop en sy erken dat dit eintlik sy is wat nie tevrede met haar ouers se reëls is nie. Projeksie is ‘n verdedigingsmeganisme waartydens gedagtes of gedrag wat onaanvaarbaar vir die self is, op ‘n aanvaarbare manier na vore gebring word, deur dit aan ander mense of voorwerpe toe te skryf (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995:52).

Tabel 9.119: Kwalitatiewe data van sessie sewentien met Romana Buys.

LIGGAAMSHOUDING / NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Romana kom rustig voor.	Romana noem dat sy gelukkig voel wanneer haar ma haar bedank as sy iets gedoen het. Sy voel ook gelukkig dat haar kêrel haar aanvaar vir wie sy is en oor die vriende wat sy het.
Sy toon steeds min gesigsuitdrukkings.	Sy is hartseer oor haar sussie wat ver van haar af is, dat sy weens die seksuele misbruik amper haar hele familie verloor het en oor al die vriende wat sy verloor het toe sy verhuis het.

Sy praat soms onduidelik.	Volgens Romana word sy kwaad as haar ma en Karel haar weghou van haar vriende af, as sy blameer word en wanneer sy weet sy was reg.
	Sy is bang wat nuwe vriende van haar dink, dat hulle nie van haar klere hou nie en dat haar vriende nie tevrede is met haar ouers se reëls nie. Sy is spyt oor die verkeerde besluite wat sy geneem het ten opsigte van dwelms en haar oom, die beweerde oortreder.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Haar vriend is nou haar kêrel.	Geen weerstand nie.
Sy mag nie meer vriende wees met die een meisie nie, omdat haar ma voel dat die ander meisie te veel vryheid het.	Haar suster is op haar voorgrond.

9.2.5.15 Verloop van sessie agtien. Teenwoordig: Romana.

Die navorser betrek Romana by die aktiwiteit: “Hartsnare”, (sien punt 6.2.5.1.). Sy vul haar ma, Karel, haar suster en kêrel se name in die hartsnaar naaste aan haar in. Familie en vriende is in die volgende sirkel en die beweerde oortreder is heel buite die hartsnare. Die navorser betrek Romana daarna by die aktiwiteit: “Liefdestale”, (sien punt 6.2.5.3.). ‘n Mate van konflik tussen ouer en adolessent impliseer nie noodwendig vervreemding nie, maar vorm deel van die ontwikkelingsproses (Gil, 1996:46).

Tabel 9.120: Kwalitatiewe data van sessie agtien met Romana Buys.

LIGGAAMSHOUDING / NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy praat soms onduidelik.	Romana verbaliseer goed hoe sy voel.
Sy toon min emosie, dog het sy gelag en vertel van haar eerste ontmoeting met haar kêrel se ouers. Sy vertel laggend dat haar kêrel se ma baie Engels is en dat wanneer sy op haar senuwees is, dit nog moeiliker is om Engels te praat.	Sy wys die navorser daarop dat haar en die beweerde oortreder se verhouding oor nie een van die eienskappe van ‘n gesonde verhouding beskik het nie. Romana identifiseer haar primêre liefdestaal as “fisies aanraking” en as “prys en komplimente.”
Min gesigsuitdrukings en liggaamstaal	Sy vertel dat iemand by hulle woonstel probeer inbreek het, maar dat haar ma gelukkig wakker geword het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Romana het haar kêrel se ouers ontmoet. Sy vertel dat haar ma-hulle verduidelik het dat hulle haar nie wil laat uitgaan nie, want hulle is bang sy kom iets oor.	Haar nuwe verhouding met haar kêrel is op haar voorgrond.
Romana en Karel se verhouding is beter. Volgens Romana het sy met Karel gepraat en erken dat haar rapport sleg is en dat sy bereid is om haar vriendskappe met meisies wat hy nie goedkeur nie, te verbreek.	Geen weerstand nie

9.2.5.16 Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: Romana.

Die navorser betrek Romana by die aktiwiteit: “Onvoltooide sinne,” (sien punt 6.2.3.4.). Die doel van gestaltterapie is om die individu in staat te stel om kennis en bewustheid van die self te verkry terwyl die individu na integrasie vorder (Georg & Stridde-Cristiani, 1981:72).

Tabel 9.121: Kwalitatiewe data van sessie negentien met Romana Buys.

LIGGAAMSHOUDING / NIE-VERBALE KONTAK	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Romana kom vir die eerste keer meer ontspanne en gelukkig voor. Sy lag en vertel van almal wat op haar verjaarsdag woorde herhaal het, byvoorbeeld love you “lots and lots”.	Romana noem dat sy weet sy het positief verander en mense hou meer van haar soos sy nou is. Sy noem dat sy ook meer van haarself hou en goed voel. Sy vul in by die onvoltooide sinne: “Ek is bly ek het ‘n wonderlike lewe.”
Sy is ook meer spraaksaam en gesels spontaan. Nie meer die geslote uitdrukking op haar gesig nie.	Sy skryf verder: “Ek weet ek kan beter op skool doen” en “My gesin bestaan uit oom Karel, my ma en ek en ons gee om vir mekaar” en “Ek is bly om ek te wees, want ek het mense wat vir my lief is en omgee.”
Sy maak voldoende oogkontak en is mooi aangetrek. Romana lyk teleurgesteld toe sy noem dat haar oudste suster haar nie eers op haar verjaarsdag gebel het nie.	Sy skryf ook: “Ek wil nie met die verkeerde goed begin nie”. Sy noem dwelms, verkeerde vriende en verslawing as voorbeelde.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Goeie verhouding met kêrel. Romana vertel dat sy geld gekry het by haar kêrel se ouers en dat sy klere vir haarself gekoop het.	Op Romana se voorgrond is haar suster en sy spreek die behoefte uit dat haar suster by hulle moet kom bly.
Romana het telefoniese kontak met ouma en suster op haar verjaarsdag gehad.	Geen weerstand nie.
Sy noem dat die beweerde oortreder se vrou ook gelukwense vir haar gestuur het.	

9.2.5.17 Verloop van sessie twintig. Teenwoordig: Romana.

Die navorser betrek Romana by die aktiwiteit: “My sintuie,” (sien 6.2.2.3.). Trauma versteur die prosessering van inligting en die inkomende sensoriese stimuli in die limbiese sisteem van die brein (Brown, 1991:9). Dit is dus belangrik om te verstaan hoe inligting geprosesseer word in die slagoffer se geheue.

Tabel 9.122: Kwalitatiewe data van sessie twintig met Romana Buys.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Romana is spontaan en vertel van die gebeure	Romana spreek haar kommer uit dat haar ma

in haar lewe die afgelope twee weke.	en Karel geld spandeer wat hulle moet spaar vir die deposito vir die tweeslaapkamerwoning.
Sy kom al meer ontspanne voor.	Romana se bril is gebreek en sy moes Woensdag na die oogarts gegaan het, maar volgens Romana het haar ma dit weens verskeie redes uitgestel.
Sy toon steeds beperkte emosie en beperkte gesigsuitdrukkings.	Volgens Romana is haar foon afgevat weens haar skoolpunte wat swak was. Volgens Romana beseft sy dat sy haar skoolwerk moet verbeter.
Sy is in staat om haar sintuie goed te gebruik.	Sy noem dat sy gesien het in haar oom se liggaamstaal dat hy vatterig raak. Sy het gehoor die beweerde oortreder sê dat as sy êrens heen wil gaan, dat sy eers moet doen wat hy wil hê.
	Volgens Romana het hy sy hand op haar been gesit, by haar privaatdele gevat en het een Vrydagaand met haar gevry. Volgens Romana het sy nie daarvan gehou nie, maar was desperaat om uit te gaan. Sy het hartseer gevoel en die meeste goed vir haarself gehou. Sy het die skuld op haarself gepak. Sy vrees steeds dat dit met haar sussie kan gebeur.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy steun baie op haar kêrel vir ondersteuning.	Die seksuele misbruik is op haar voorgrond.
Volgens Romana word sy deur haar ma en Karel blameer dat haar suster nie by hulle sal kan kom bly nie, weens haar gedrag.	Geen weerstand nie.
Romana vertel dat daar twee naweke terug weer onmin was en dat Karel weer gesê het dat sy haar goed moet vat en gaan.	

9.2.5.18 Verloop van sessie een-en-twintig. Teenwoordig: Romana.

Die navorser betrek Romana by bespreking van die aktiwiteit: "Meryl se storie," (sien punt 6.2.4.1.). Dit is belangrik om die impak van seksuele misbruik dwarsdeur die terapeutiese proses te assesser (Gil, 1996:79).

Tabel 9.123: Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Romana Buys.

LIGGAAMSHOUDING / NIE-VERBALE GEDRAG	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Romana kom meer ontspanne, spontaan en minder beperk voor.	Volgens Romana het sy skuldgevoelens ervaar omdat sy geswig het onder die beweerde oortreders se onderhandlings onderskeidelik.
Sy begin dadelik te vertel van haar week.	Sy ervaar probleme om mense te vertrou en verwys na haar oom se vriend wat in haar kamer gekom het en suggestief gesê het dat hy van alles weet. Sy het egter dadelik sy vrou gaan wakker maak.
Sy lag makliker en meer spontaan as vantevore.	Sy het die seksuele misbruik deur haar oom

	onthul nadat sy weggeloop het en geweet het dat sy gaan pak kry indien sy weer huis toe gaan. Sy het die verkragting deur haar nefie slegs aan die navorser onthul.
Goeie oogkontak. Sy het ernstig voorgekom terwyl sy die impak van die seksuele misbruik op haar bespreek het.	Volgens Romana is sy kwaad oor wat gebeur het en het sy haar kwaadgevoelens gewoonlik op haar suster uitgehaal, haar geslaan en weggejaag. Sy ervaar nou nog kwaadgevoelens. Volgens Romana het sy soms op haar bed gelê en huil.
	Volgens Romana het sy aanvanklik min beheer oor haar emosies gehad. Sy was aanvanklik ook in ontkenning. Sy vertrou nie mans nie en voel soms ongemaklik met Karel.
	Sy het haarself "ge-pierce" ten einde op daardie pyn te konsentreer en nie die ander pyn nie, veral wanneer sy kwaad is. Sy het dit ook eenkeer hier gedoen nadat hulle baklei het en Karel haar weer weggejaag het. Sy het al eenkeer gedreig om haar polse te sny.
	Volgens Romana was die omkeerpunt in haar lewe toe sy onthul het, na haar ma toe getrek het om daaroor te praat, haar kêrel wat haar help en ook het sy meer ondersteunende mense om haar.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Haar kêrel is ondersteunend	Geen weerstand nie.
Sy noem dat die omkeerpunt in haar lewe was toe sy na haar ma gekom het, want hier is meer ondersteunende mense om haar.	Die seksuele misbruikvoorvalle is op haar voorgrond.

9.2.5.19 Verloop van sessie twee-en-twintig. Teenwoordig: Romana.

Die navorser betrek Romana by die aktiwiteit: "Die verkeerslig," (sien punt 6.2.4.5.). Adollesente neig om grense te toets wanneer hulle hul portuurgroep aan hulle gesin begin voorstel en begin om meer tyd buite hulle gesin te spandeer (Gil, 1996:46).

Tabel 9.124: Kwalitatiewe data van sessie twee-en-twintig met Romana Buys.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Romana se hare is mooi geknip. Sy het dit geknip omdat sy nie meer die haardroër by die huis mag gebruik nie. Sy maak goeie oogkontak en lag nou spontaan. Sy is spontaan en het duidelik behoefte aan ventilasie. Sy is nie meer so geslote nie en begin dadelik praat.	Romana noem dat Karel rede soek om haar weg te kry. Sy voel dat Karel baie negatief is. Sy is skaam om haar kêrel huis toe te neem. Haar ma was eenkeer so dronk en het aan hom gehang. Volgens Romana was sy healtyd skottelgoed en as sy kyk is daar weer en sy is bang haar kêrel kom dan daar aan.
Alhoewel baie van die aspekte wat sy vertel nie positief is nie, lyk sy tog meer energiek as aanvanklik en nie so terneergedruk nie.	Volgens Romana eet sy minder en het sy haar eetlus verloor. Sy sal byvoorbeeld vir 'n hele dag nie eet nie.

Aan die einde van die sessie steek sy vas en staan sy nog bietjie langer en vertel nog iets aan die navorser. Sy het gemaklik voorgekom en die navorser het die sessie uitgerek om aan haar behoeftes te voldoen.	Volgens Romana het Karel eenkeer vir haar gesê dat sy haar goed moet vat en “fokof” en dat hy haar niks skuld nie. Haar ma het op twee geleenthede te veel gedrink en volgens Romana is haar ma dan mislik met haar.
Sy toon begrip in besprekings en bevraagteken sekere aspekte om duidelikheid te kry daarvoor.	Romana erken dat sy haarself ge-“pierce” het in die verlede en haarself 'n slagoffer gemaak het wanneer sy kwaad was. Sy besef ook nou dat sy haarself 'n slagoffer van haar woede maak wanneer sy die muur slaan. Sy toon ook insig dat sy soms ander slagoffers van haar kwaadgevoelens maak.
	Romana noem aanvaarbare maniere om kwaadgevoelens uit te druk: musiek luister, stap, draf en om te gaan praat met iemand.
	Sy vertel dat toe haar “nippels ge-pierce” was die beweerde oortreder die heelyd haar bloes getrek het om dit te sien. Volgens Romana het sy toegehou en gesê dat hy moet ophou of sy sal sy vrou sê. Hy het gesê dat sy maar dit kan doen, want sy vrou sal dit nie glo nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Haar kêrel is baie ondersteunend. Die atmosfeer by die huis is gespanne, veral tussen Romana en Karel.	Geen weerstand nie. Op haar voorgrond is haar rusie met Karel en sy beweerde negatiwiteit.

9.2.5.20 Verloop van sessie drie-en-twintig. Teenwoordig: Romana en mev. Buys.

Mev. Buys is bekommerd oor Romana se skoolwerk. Sy erken dat sy vir Romana gedreig het dat sy haar na die beweerde oortreder, haar oom, sal vat indien sy druipt. Mev. Buys noem dat sy wel positiewe verandering by Romana opgemerk het by die huis. Sy is meer gehoorsaam, waar sy in die begin negatief en opstandig was. Die navorser sien daarna vir Romana alleen en gee vir haar die geleentheid om te ventileer oor haar gevoelens. Die navorser lees die verslag aan Romana wat die navorser vir die betrokke welsynsinstantie in die gebied waar haar suster woon geskryf het, omdat haar suster steeds in die beweerde oortreder en sy vrou se pleegsorg is.

Tabel 9.125: Kwalitatiewe data van sessie drie-en-twintig met Romana Buys.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy is spontaan en het nie bedreigd voorgekom toe haar ma alleen met die navorser wou praat nie.	Sy lug haar frustrasies omdat sy steeds nie 'n bril het nie en dat sy nou dalk met haar sakgeld daarvoor moet betaal.
Sy begin nou al meer lag.	Sy noem dat sy bang is dat indien die beweerde oortreder uitvind dat sy weer die beweringe opgebring het en inskakel vir terapie, dat hy

	onskuldig bevind kan word en dat hy haar sussie daar sal hou.
Sy maak goeie oogkontak en versorg haarself mooi.	Sy erken dat die manier waarop sy haar kwaadgevoelens die week uitgedruk het, oneffektief was en dat sy ander opsies sal moet oorweeg.
Sy verbreek oogkontak toe sy praat oor haar sussie wat steeds by die beweerde oortreder in pleegsorg is.	Romana beseft en noem dat sy vir ekstra klasse by die skool sal moet gaan.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Haar kêrel het haar oogarts toe geneem omdat sy steeds nie haar bril gekry het nie.	Haar argument met 'n vriendin en hoe sy haar kwaadgevoelens op 'n onaanvaarbare manier uitgedruk het, is op haar voorgrond,
Sy moet uitvind oor ekstra wiskundeklasse.	Elke keer as die sessie klaar is en sy moet groet, toon sy weerstand om te gaan en vertel sy eers nog iets humoristies en rek die sessie bietjie uit.

9.2.5.21 Verloop van sessie vier-en-twintig. Teenwoordig: Romana.

Romana vertel spontaan van die gebeure van die afgelope twee weke en dat dit beter gaan by die huis. Die seksuele misbruik is nie op haar voorgrond nie en die navorser gee haar geleentheid om te ventileer.

Tabel 9.126: Kwalitatiewe data van sessie vier-en-twintig met Romana Buys.

LIGGAAMSHOUDING / NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Haar gesig straal en sy lag breed en spontaan. Die navorser het haar nog nie so gelukkig gesien nie.	Sy vertel hoe lekker die afgelope twee weke was en dat Karel baie vriendelik was.
Sy maak goed oogkontak en is mooi versorg.	Sy vertel dat sy nie vir haar bril betaal het nie en dat sy sakgeld gekry het en dat sy vir haar identiteitsdokument aansoek gedoen het.
Haar hare is gekleur en sy vertel laggend hoe dit eers geflop het.	Volgens Romana kon sy gaan uitslaap met Karel se toestemming.
KONTAK MET HAAR OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Goeie verhouding met haar kêrel en sy gesin.	Op haar voorgrond is die goeie verhouding by die huis op die oomblik en dat sy toegelaat is om te gaan uitslaap.
Haar verhouding met Karel is beter.	Geen weerstand nie.

9.2.5.22 Verloop van sessie vyf-en-twintig. Teenwoordig: Romana en mev. Buys.

Die navorser betrek mev. Buys en Romana by die aktiwiteit: “Nie-verbale kommunikasie,” (sien punt 6.2.1.6.). Wanneer die fisiese en kognitiewe veranderinge

plaasvind en die adolesesnt streef na onafhanklikheid, kan konflik tussen die ouer en adolessent ontstaan.

Tabel 9.127: Kwalitatiewe data van sessie vyf-en-twintig met Romana Buys.

LIGGAAMSHOUDING / NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Romana beeld tydens die aktiwiteit die twee gevoelens: skaam en gelukkig uit. Tydens skaam toon sy met haar hande aan dat haar wange gloei en dui gelukkig aan met 'n glimlag en beklemtoon dit deur met haar hande 'n glimlag op gesig te demonstreer.	Romana noem dat sy dadelik kan sien wanneer haar ma kwaad is en dat haar ma vinnig loop wanneer sy kwaad is en af kyk.
Sy kom gemaklik voor en dit blyk dat sy die aktiwiteite geniet. Humor en almal lag oor Romana se hare wat eers 'n pampoenkleur uitgekom het toe hulle dit gekleur het.	Volgens Romana is dit nie nodig om die navorser vandag alleen te sien nie en die navorser maak 'n afspraak vir volgende week.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Haar moeder wou na die sessie kom ten einde belangstelling te toon.	Geen weerstand om deel te neem aan nie-verbale kommunikasie-aktiwiteite nie.
Mev. Buys noem dat Romana en Karel se verhouding verbeter het en dat dit nou 'n meer gee-en ontvang-verhouding is. Karel gee Romana ook meer vryheid. Mev. Buys erken dat die klein plekkie waarin hulle bly wel 'n impak op hulle as gesin het weens die gebrek aan privaatheid.	Nie-verbale kommunikasie is op haar voorgrond.
Mev. Buys noem dat sy kan sien hoe Romana voel wanneer Romana aangestap kom huis toe van die skool af. Wanneer sy in 'n goeie gemoedstoestand is, kyk sy op en glimlag of waai. As sy af is, kyk sy weg.	

9.2.5.23 Verloop van sessie ses-en-twintig. Teenwoordig: Romana.

Romana het behoefte daaraan om met die navorser se praat oor maandstonde, “pms”, seks en verhoudings, omdat sy voel dat sy dit nie met haar ma kan bespreek nie. Die navorser gee vir haar geleentheid om te ventileer oor haar onkunde oor maandstonde en hoe sy inligting by haar nefie, die een beweerde oortreder, gekry het. Volgens Gil (1996:36) het verskeie studies gevind dat kinders wat seksueel misbruik is, verstourings in seksuele identiteit, seksuele funksionering en in hulle seksuele oriëntasie ervaar.

Tabel 9.128: Kwalitatiewe data van sessie ses-en-twintig met Romana Buys.

LIGAAMSHOUDING / NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Romana praat vinnig en aanhoudend. Dit lyk	Volgens Romana het sy gehuil en nie

asof sy nie vinnig genoeg alles vir die navorser kan vertel en vra nie.	verstaan wat gebeur toe sy haar eerste maandstonde gekry het nie.
Sy lyk verlig dat sy met die navorser kon praat oor alles en dat die navorser luister en haar nie oordeel nie.	Sy onthul dat haar tante nooit met haar gepraat het oor maandstonde nie en dat haar nefie wat haar verkrag het vir haar gesê het dat dit gebeur en vir haar probeer verduidelik het wat dit is.
Sy drink elke nou en dan water uit haar cokebottel.	Sy het toe nooit weer haar maandstonde gekry nie en volgens Romana het haar nefie verduidelik dat sy gebloeit het omdat haar maagdevlies gebreek is.
Sy lyk verward en noem dat sy nie seks geniet nie en dat dit moontlik is weens haar geskiedenis met haar nefie.	Sy noem aan die einde van die sessie dat sy vir haar ma gesê het dat die navorser luister, raad gee en nie uitpraat nie en dat sy daarom voel sy kan met die navorser praat.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy en haar kêrel se verhouding fluktrueer en sy spreek die behoefte uit om tydens die volgende sessie met die navorser daarvoor te praat. Hy twyfel in haar en vertrou haar nie en toe gebeur daar dinge wat haar laat twyfel in hom.	Op Romana se voorgrond is om te praat oor seks, “pms”, haar maandstonde, verhoudings en die konflik tussen haar en Karel.
Sy voel dat sy nie ‘n meisies “talk” met haar ma kan hê nie, want haar ma vertel alles vir Karel.	Geen weerstand nie.

9.2.5.24 Verloop van sessie sewe-en-twintig. Teenwoordig: Romana.

Die navorser gee aan Romana die geleentheid om te ventileer oor die seksuele misbruik en haar gevoelens. Die terapeut kan deur aktief te luister aan die adolessent toon dat sy gewillig is om die adolessent se wêreld te betree en die adolessent se siening van die wêreld respekteer (Geldard & Geldard, 2002:93).

Tabel 9.129: Kwalitatiewe data van sessie sewe-en-twintig met Romana Buys.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Romana maak voldoende oogkontak.	Volgens Romana was sy hartseer na ‘n gesprek met Karel oor die verlede en haar familie. Sy het na haar kêrel se huis gegaan en met hom gepraat.
Sy praat vinnig en aanhoudend.	Volgens Romana het sy soos die lelike eendjie gevoel by die beweerde oortreder se huis en noem dat haar lewe “kak” was.
Skaam vir haar borste en trek altyd hemde met moue aan.	Volgens Romana ken sy nie meer die mens wie sy was nie en noem dat sy daardie tyd wou maak en breek soos sy wou. Romana erken dat sy aanvanklik rebels hier by haar ma was en wou doen en wees wat sy wil.
	Volgens Romana is sy nie ‘n persoon wat net

	seks met 'n ou sal hê nie. Sy noem dat sy wens sy kan alles oordoën en noem dat seks nie lekker vir haar is nie. Sy erken dat sy eenkeer 'n “black out” gehad het toe sy en haar kêrel seks gehad het, want sy het teruggedink aan die verkragting deur haar nefie.
	Volgens Romana is sy nou nog skaam vir haar borste. Sy noem dat sy altyd “padded” bra's gedra het (en nou nog) sodat sy nie kon voel wanneer haar oom oor haar borste gevryf het nie. Volgens Romana het haar oom onaantwoordbare aanmerkings oor haar borste gemaak. Sy noem dat sy net hemde met moue aantrek en dat sy skaam is vir haar borste wat klein is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Romana het met haar kêrel gepraat oor haar nefie wat haar verkrag het, die onsedelike aanranding deur haar oom en hoe sy deur haar oom geslaan is en hoe haar nefie en niggie haar “ge-bust” het.	Die seksuele misbruik is op haar voorgrond.
Volgens Romana het Karel haar telkens weggejaag en moes hulle na die welsyn gaan, maar noem dat dit nou beter gaan.	Geen weerstand nie.

9.2.5.25 Verloop van sessie agt-en-twintig. Teenwoordig: Romana.

Romana gee die selfbeeldaktiwiteite, (sien punt 6.2.3.5.), wat sy by die huis ingevul het vir die navorser. Die volgende aspekte kom na vore vanuit die aktiwiteite wat sy ingevul het: sy gee erkenning aan haarself vir haar pogings wat sy aangewend het om haar lewe te verbeter, byvoorbeeld met gesin en skoolwerk, sy hou daarvan om goed vir ander te doen en om behulpsaam te wees, sy gee om hoe sy lyk en wil graag goed lyk, sy waardeer die mense wat haar ondersteun, sy is bang sy kom in die moeilikheid al het sy goeie bedoelinge gehad, sy het die seksuele misbruik gestop en was in staat om “nee” te sê en sy eet nie gesond nie en eet veral naweke min. Die navorser betrek Romana by die aktiwiteit: “Positiewe denke,” (sien punt 6.2.2.5.).

Tabel 9.130: Kwalitatiewe data van sessie agt-en-twintig met Romana Buys.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy is mooi aangetrek en versorg.	Romana en die navorser identifiseer die volgende positiewe aspekte: Sy het vertel, sy is nou meer openlik, sy het na haar ma getrek, nuwe vriende gemaak, is nou eerlik, skoolwerk het verbeter, het 'n vaste

	verhouding, in terapie, meer behulpsaam, sy bou aan haar gesin en hou aan probeer.
Sy is trots op haar skoolrapport en wys haar resultate wat baie verbeter het aan die navorser.	Romana identifiseer die volgende negatiewe aspekte na onthulling: Sy het kontak met baie familie verloor weens die beweringe, en sy is besorg oor wat ander mense van haar dink weens die beweringe.
Sy druk haarself goed uit en kom gemaklik voor.	Romana erken dat indien sy nie vertel het nie, sy nie nou terapie sou gekry het nie, haar skoolwerk sou moontlik swak gewees het, sy sou steeds verkeerde vriende gehad het en sou nie eerlik gewees het nie. Romana stem saam dat as sy kon oorkies sy weer die seksuele misbruik sou onthul het.
Sy het moeite gedoen en baie geskryf op die selfbeeldaktiwiteitblaai.	Volgens Romana was sy en haar kêrel seksueel aktief en is sy bang dat sy swanger kan wees. Beide sy en haar kêrel het geskrik en wil nie hê dat sy nou moet swanger word nie. Navorser sal swangerskaptoets bring.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Vaste verhouding met haar kêrel	Op haar voorgrond is haar skoolrapport wat baie verbeter het en dat sy bang is dat sy swanger is. Geen weerstand nie.

9.2.5.26 Verloop van sessie nege-en-twintig. Teenwoordig: Romana.

Romana ventileer oor die spanning by die huis omdat sy die verkeerde “goldie locks” gekoop het en nie gehoor het toe haar ma haar gevra het om die vullis uit te neem nie.

Tabel 9.131: Kwalitatiewe data van sessie nege-en-twintig met Romana Buys.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Romana se gestel is af. Sy het “help my krap” op haar bene, seertjies in haar mond en het Saterdag maagkrampe gehad.	Volgens Romana het haar ma en ‘n vriend van Karel gedrink, wat toe wou oorslaap. Romana en Karel het begin argumenteer en sy het haar klere gepak en geloop. Karel het gesê dat sy nie weer moet terugkom indien sy by die deur uitloop nie.
Haar naels is afgebyt.	Volgens Romana het sy die volgende oggend huis toe gegaan en Karel wou weet wat sy daar soek. Sy het Sondagaand by ‘n vriendin gaan slaap en was Maandag by die betrokke welsynswerker.
	Volgens Romana het haar ma nie opgedaag vir die afspraak by die welsyn nie. Volgens Romana het haar ma vir haar gesê om te lieg vir die welsyn en om nie te sê dat hulle drink nie, ander gaan haar sussie nie by hulle kan kom bly nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND

Weens beperkte ander opsies plaas die welsyn vir Romana by haar kêrel se ouers in veiligheid op 'n vorm vier.	Op Romana se voorgrond is die konflik tussen haar en haar ma en Karel en dat sy nie daar kan aanbly nie.
	Weerstand om verder te lieg oor haar ma en Karel se gebruik van alkohol.

9.2.5.27 Verloop van sessie dertig. Teenwoordig: Romana.

Bespreek die aktiwiteit: “Boodskappe”, wat sy by die huis voltooi het, (sien punt 6.2.3.6.). Romana noem dat sy die volgende positiewe boodskappe ontvang het, naamlik dat sy mooi is, dat mense haar kan vertrou, dat sy behulpsaam en kreatief is.

Tabel 9.132: Kwalitatiewe data van sessie dertig met Romana Buys.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Romana is mooi aangetrek in haar nuwe klere wat sy by haar kêrel se ma gekry het.	Romana spreek die wens uit om volgende jaar na 'n kollege of tegniese skool met 'n koshuis te gaan.
Haar hare is mooi versorg.	Volgens Romana het haar ma gesê dat al die gebeure haar seermaak en dat sy nie altyd Romana se kant kan kies nie.
Sy is in 'n ligte gemoedstoestand.	Volgens Romana het die positiewe boodskappe haar goed laat voel.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Haar ma en haar kêrel se ma het ooreengekom dat sy in die week by haar ma woon en naweke by haar kêrel se ma.	Weerstand om volgende jaar terug te gaan na haar skool toe.
Karel praat nie met Romana nie.	Haar huislike omstandighede is op haar voorgrond.

9.2.5.28 Verloop van sessie een-en-dertig. Teenwoordig: Mev. Buys.

Mev. Buys raak al hoe meer opgewerk, hoe meer sy praat. Die navorser vermoed dat sy onder die invloed van alkohol is. Sy vermoed dat Romana dwelms gebruik het. Sy is kwaad oor die “piercing” wat Romana op haar oogbank ingesit het en volgens mev. Buys het sy vir Romana gesê dat sy 'n klomp gate in Romana kan druk met 'n mes as dit is wat sy wil hê. Mev. Buys sê dat Romana 'n houding het en hoort op straat en dat sy vir Romana gesê het dat sy toegesluit kan word in die tikselle by die polisie. Die navorser het die betrokke welsynsinstantie geskakel en gereël dat Romana by mev. Grey, haar kêrel se ouers, gaan slaap totdat hulle aandag kan skenk aan die huidige huislike omstandighede. Mev. Grey, Romana se kêrel se moeder, lig die navorser die dag daarna telefonies in dat Romana se gedrag baie goed is by haar. Romana bly tans op 'n privaatreëling by hulle. Romana het ook vir haar verduidelik

dat die “piercing” vir haar ‘n manier is waarop sy die emosionele pyn wat sy ervaar verlig. Volgens Williams & Poijula (2002:132) kom selfskending voor wanneer die slagoffer ‘n diep gevoel van verlies ervaar wat lei na gevoelens van spanning, angs, woede of vrees en hierdie gevoelens word uitgedruk deur haar liggaam op ‘n baie beheersde manier te beskadig.

9.2.5.29 Verloop van sessie twee-en-dertig. Teenwoordig: Romana.

Die navorser besoek Romana by die skool op haar versoek. Sy ventileer oor haar huislike omstandighede. Volgens Romana was sy Sondag hartseer en het heeltyd gehuil. Sy noem dat dit was asof twee mense in haar baklei, naamlik aan die eenkant het sy gedink dat sy iets daaraan moet doen en haarself moet doodmaak en aan die ander kant het sy gedink dat sy nie moet nie, want wat van haar kêrel. Romana bly nou by haar kêrel se ouers. Sy spreek die wens uit om permanent in hulle sorg geplaas te word. Romana kom ongelukkig en gespanne voor. Sy het haarself “gepierce” op haar oogbank, want sy sien dit as ‘n verligting van die pyn wat sy ervaar. Sy noem dat sy pyn in haar nek en hoof ervaar.

9.2.5.30 Verloop van sessie drie-en-dertig. Teenwoordig: Mev. Buys.

Volgens mev. Buys het Romana haar klere kom haal en sy het vir Romana gesê om alles te vat. Romana kon egter nie alles saamneem nie en sy het vir haar gesê om te bel en 'n afspraak te maak vir wanneer sy die res van haar klere wil kom haal. Mev. Buys glo steeds vas dat Romana dwelms gebruik. Sy spreek die wens uit dat Romana vir 'n dwelmtoets en 'n MIV bloedtoets geneem moet word. Volgens mev. Buys voel dit vir haar of sy in repies gesny is in die binnekant. Volgens mev. Buys gaan hulle steeds uitkyk vir 'n tweeslaapkamerplek. Volgens mev. Buys voel Karel of alles sy skuld is, maar al wat hy gevra het, was respek. Die navorser lig mev. Buys in dat die betrokke welsynsinstantie gaan besluit oor Romana se langtermynplasing. Die navorser beveel aan dat sy en Romana nog ten minste eenkeer 'n week mekaar moet sien en byvoorbeeld koffie moet saam drink by haar huis. Sy stem in.

9.2.5.31 Verloop van sessie vier-en-dertig en vyf-en-dertig. Teenwoordig: Romana.

Romana ventileer tydens sessie vier-en-dertig oor haar huislike omstandighede. Sy het haar klere by die huis gaan haal. Karel het gesê dat sy haar sakgeld moet vat en loop. Kom rustig en gemaklik voor en praat nie meer so vinnig en aanhoudend nie. Tydens sessie vyf-en-dertig spreek Romana die vrees uit dat daar probleme kan ontstaan by haar plasing by mev. Grey weens die valse beskuldigings dat sy 'n selfoon gesteel het. Daar was egter geen bewyse dat dit sy was nie. Die teenwoordige is van belang, want die verlede is verby en die toekoms het nog nie gearriveer nie (O' Leary, 1998:17).

9.2.5.32 Verloop van sessie ses-en-dertig. Teenwoordig: Romana.

Die navorser betrek Romana by die aktiwiteit: "Skuldgevoelens / Ambivalente gevoelens, (sien punt 6.2.3.1.). Die strategieë wat die oortreder gebruik om die adolessent te betrek by die seksuele misbruik, laat die adolessent verantwoordelik voel vir die seksuele misbruik (Conradie, 2000:12).

Tabel 9.133: Kwalitatiewe data van sessie ses-en -dertig met Romana Buys.

LIGGAAMSHOUDING / NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Aanvanklik nog deur die slaap en bot, later spontaan en vrolik.	Volgens Romana was haar nefie se goeie eienskappe dat hy vriendelik, netjies, behulpsaam en beskermend was.
Goeie oogkontak.	Volgens Romana was haar nefie se slegte eienskappe dat hy gou kwaad geword het, altyd sy sin wou kry, hy was stout, dominerend en baasspelerig.
Kom rustig voor.	Romana identifiseer die lekker dinge wat hulle saam gedoen het as volg: saam skelm gerook, motorfiets gery, saam "kickboxing" gedoen, en saam uitgegaan.
	Romana identifiseer die verkeerde dinge wat hulle saam gedoen het as volg: hy het haar voorgestel aan dwelms, hulle het saam gerook, sy en 'n vriendin moes mense besig hou terwyl hy gesteel het, hy het leuens vertel sodat sy saam in die aande kon uitgaan.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Verhouding met haar ma en Karel is swak.	Op haar voorgrond is haar verhouding met haar nefie. Geen weerstand nie.

9.2.5.33 Verloop van sessie sewe-en-dertig. Teenwoordig: Romana.

Romana vertel van die aanloop van gebeure voor die seksuele misbruik (“gereedmakingsproses”) en van een seksuele misbruikvoorval tussen haar en haar nefie.

Tabel 9.134: Kwalitatiewe data van sessie sewe-en -dertig met Romana Buys.

LIGGAASHOUDING / NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	VERBALE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy wys trots haar identiteitsdokument vir die navorser.	Volgens Romana gaan dit goed by die plasing by haar kêrel se ouers en sy en die dogters kom goed oor die weg.
Mooi aangetrek en versorg.	Volgens Romana het haar nefie aanvanklik haar vertrouwe gewen deur vriendelik en beskermend te wees, deur leuens te vertel sodat sy kan uitgaan, hy het verkeerde goed lekker laat klink, sigarette vir haar gekoop en deur altyd daar te wees vir haar.
Kom gelukkig en rustig voor.	Volgens Romana moes sy saam met haar nefie slaap voordat hy ‘n selfoon vir haar gegee het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy het twee keer die week by haar ma gaan kuier.	Op haar voorgrond is haar plasing en die eksamen.
Dit gaan goed by haar plasing by haar kêrel se ouers. Volgens Romana het sy haar eie kamer.	Weerstand om haar volle detensie by die skool te sit.

9.2.5.34 Verloop van sessie agt-en-dertig. Teenwoordig: Romana.

Romana ventileer oor die misverstand wat tussen haar en mev. Grey ontstaan het weens wat haar ma na bewering vir haar vertel het. Volgens Romana het haar ma vir haar gesê dat mev. Grey vir haar gesê het dat Romana ‘n slegte invloed op haar eie dogter is, maar volgens mev. Grey het sy nie gesê dat Romana ‘n slegte invloed is nie. Volgens Romana was sy baie seergemaak oor wat haar ma beweer het mev. Grey gesê het. Sy het gereeld by haar ma gaan kuier, totdat hulle ‘n uitval gehad het en sien mekaar nie nou meer nie. Volgens Romana weet sy dat die seksuele misbruik nie haar skuld is nie, dit pla haar nie meer nie en sy spreek die wens uit om aan te gaan met haar lewe. Sy praat duidelik, is mooi versorg en kom rustig en selfversekerd voor. Sy het nie geslaag nie en werk nou.

9.2.5.35 Verloop van sessie nege-en-dertig. Teenwoordig: Romana.

Die navorser betrek Romana weer by die aktiwiteit: “Kom ons verander stene in ons lewe in ballonne,” (sien punt 6.2.2.4.). Gil (1996:164) toon respek vir die adolessent se vermoë deur aan die adolessent die geleentheid te gee om die waarheid vanuit haar perspektief te vertel.

Tabel 9.135: Kwalitatiewe data van sessie nege-en -dertig met Romana Buys.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Romana lyk pragtig aangetrek en rustig. Romana kry tranes in haar oë toe die navorser haar prys vir die goeie besluite wat sy geneem het en aanmoedig om nie so hard op haarself te wees nie.	Romana is van mening dat haar ma net vir Karel tevrede probeer stel.
Goeie oogkontak. 'n Hartseer uitdrukking op haar gesig toe sy vertel van haar ma en Karel se houding.	Sy identifiseer die stene in haar lewe as: Haar en haar kêrel wat opgebreek het asook dat sy ander werk moet kry.
Lag toe sy vertel hoe haar vorige kêrel vir haar 'n drukkie gegee het.	Sy het ook besluit dat sy nie weer seks voor die huwelik gaan hê nie, want sy voel gebruik.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Romana was by haar ma. Haar ma het die deur net halfpad oopgemaak en gevra: "Wat?" Karel was by die huis. Romana het Kersgeskenke vir haar ma gegee. Karel het gesê: "Wat soek sy?." Haar ma het haar 'n drukkie gegee en gesê dat sy lief is vir haar. Sy het gesê dat sy nie 'n persent vir Romana kan koop nie, want Karel sal dit nie toelaat nie.	Haar swak verhouding met haar ma en Karel is op haar voorgrond. Geen weerstand nie.

9.2.5.36 Verloop van sessie veertig. Teenwoordig: Romana.

Voltooi 'n gedeelte van die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool. Sy lag en kom nie meer geslote voor nie. Sy lag en vertel dat hulle haar ma uitgeneem het vir 'n drankie en dat haar ma bly was en nie opgehou praat het nie. Die navorser, Romana, mev. Grey en haar man, mnr. Grey, het saam vergader ten einde die Grey-egpaar se verwagtinge ten opsigte van Romana se plasing te bespreek. Romana gaan by die Kollege graad tien, elf en twaalf voltooi. Sy is opgewonde en gemotiveerd om daarvan 'n sukses te maak.

9.2.5.37 Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Grey.

Aangesien mev. Grey nou vir Romana versorg, het die navorser die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Grey gevoer.

Tabel 9.136: Romana se huidige funksionering volgen mev. Grey.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Gesondheidsgeskiedenis:	Na seksuele misbruik.	Aknee probleem. Romana se hande bewe.
	Huidig.	Gesondheid is baie beter. Sy bewe nie meer so baie nie. Eet gesond en versorg haarself fisies goed.
Emosionele funksionering:	Na seksuele misbruik.	Aanvanklik stil gewees. Selfbeeld word beïnvloed deur tande- en velprobleem. Vermoed Romana ervaar skuldgevoelens. Indien nie geïntereerd is in iets nie, word aandag vinnig afgetrek. Woede uitbarstings, gooi glas of slaan glas deur.
	Huidig.	Sy kom gelukkig voor en lag. Konsentrasie is goed.
Interpersoonlike verhoudings:	Na seksuele misbruik.	Romana en ma se saamleefmaat, Karel, kom glad nie oor die weg nie. Moeder hou nie van die seuns van die woonstelblok met wie Romana bevriend is nie. Verwerping deur sommige familieleden weens onthulling.
	Huidig.	Goeie verhouding met mev. Grey se dogter. Baie seunsvriende en min meisiesvriende. Sy gaan kuier vir haar ma en doen moeite. Kommunikasie tussen mev. Grey en Romana is nog beperk.
Gedragsprobleme:	Na seksuele misbruik.	Vriende het haar uitgedaag om onderklere te steel by Ackermans. Sy het haar moeder vertel en haar moeder het haar geneem om om verskoning te vra. Byt

		haar naels en vertel soms leuens. Sy en 'n vriendin het brandewyn en coke uit 'n coke bottel gedrink op straat. Kom nie op tyd by die huis nie.
	Huidig.	Gehoorsame kind en mev. Grey beskryf haar gedrag as uitsonderlik goed. Kamer is netjies. Manipuleer soms om te kry wat sy wil hê.
Kognisie:	Na seksuele misbruik en huidig..	Geen huidige probleme nie.
Seksualiteit:	Na seksuele misbruik.	Moeder het voorbehoedmiddels in haar goed gekry en gaan met haar daaroor praat.
	Huidig.	Romana neem baie in haar verhoudings, maar is nie bereid om te gee nie. Sy kan sien dat Romana 'n behoefte aan fisiese kontak het en het haar aangemoedig om in die aande vir haar 'n nagsoen of drukkies te gee.
Skoolprestasie:	Na seksuele misbruik.	Doen moeite met take en voorkoms van boeke. Leerwerk kan egter verbeter. Vier dae afwesig, waarvan moeder slegs vir twee dae briewe gegee het.
	Huidig.	Ondersoek moontlikheid dat sy graad tien, elf en twaalf by die Kollege voltooi.
Voorval inligting:	Die seksuele misbruik.	Romana het haar moeder vertel van die insidente met haar oom. Romana se moeder glo die voorvalle.
	Huidig.	Mev. Grey ondersteun Romana en het die navorser gesien vir sessies.
Dissipline:	Na seksuele misbruik.	Strafmetode is om met haar te praat en reëls neer te lê.
	Huidig.	Gehoorsame kind. Praat met Romana wanneer sy grense oorskry.
Gesinslewe:	Na seksuele misbruik.	By haar moeder kom woon. Swak verhouding met haar moeder se saamleefmaat.
	Huidig.	Romana woon by haar vorige kêrel se ouers. Dit gaan goed met die privaatreëling.

9.2.5.38 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram

Die voortoets en natoets het daarop gedui dat Romana se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Romana se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsie-elemente) is huidig 37% en haar vorige telling tydens die voortoets was 66%. 'n Totaal van minder as 30% is die aanbevole gebied. Alhoewel al Romana se selfpersepsie-totale verbeter het, dui haar angstigheid, isolasie, verantwoordelikheid-vir-ander en gebrek-aan-selfgelding nog op 'n behoefte vir verbetering. Dit is die navorser se opinie dat hierdie behoefte steeds daar is, weens die volgende gebeure in Romana se lewe:


- Haar plasing by haar ma en ma se saamleefmaat het nie uitgewerk nie (isolasie),
- Sy is verskeie kere weggejaag van haar ma-hulle se huis (isolasie en angs),
- Haar suster sal dus ook nie kan afkom nie omdat haar plasing nie gewerk het nie, haar ma steeds alkohol misbruik en Romana is baie bekommerd oor haar suster se veiligheid by die beweerde oortreder en sy vrou (verantwoordelikheid vir ander),
- Sy het Kersgeskenke vir haar ma en ma se saamleefmaat (Karel) geneem, maar Karel het daarop aangedring dat mev. Buys dit teruggee (isolasie, gebrek aan selfgelding),
- Sy is tans op 'n privaatreëling by haar vorige kêrel se ouers geplaas en besef dat indien enige iets verkeerd gaan, haar verblyfopsies beperk is (isolasie, angs),
- Sy is bang dat sy iets verkeerd kan doen by haar huidige plasing en kommunikasie oor haar gevoelens met haar versorger(s) is nog beperk. Sy sal haarself soms uitdruk op maniere wat deur ander as ongeskik geïnterpreteer kan word. Die navorser is egter van mening dat sy nie selfgeldende gedrag geleer is tydens haar kinderjare nie en dat sy baklei het vir dit wat sy wil hê. Sy het ook nie rolmodelle gehad wat sy as verwysing kon gebruik het nie. Sy moet daarom nou in haar nuwe plasing hard werk aan selfgeldende gedrag, aangesien aggressie en die gebrek aan selfgelding by haar huidige tuiste aangespreek word (angs).

- Sy voel dat haar familie haar verstoot het na onthulling van die seksuele misbruik (angs en isolasie).

Adolesente benodig steeds daardie sekuriteit wat voorsien word deur ondersteunende ouers ten einde meer onafhanklike en outonome inidivue te word (Sigelman, 1999:383). Aangesien daar baie ander traumagebeure in Romana se lewe was, behalwe vir die seksuele misbruik, naamlik blootstelling aan alkoholmisbruik, verwydering uit haar moeder se sorg, haar pleegplasing, verhoudingsprobleme met moeder en saamleefmaat, problematiese huislike omstandighede en privaatreëling waar sy tans bly, is dit te verstane dat haar funksionering nog nie as effektief beskryf kan word nie.

Die navorser het sover moontlik aandag probeer gee aan van die ander aspekte wanneer dit op haar voorgrond was, maar moes grense ten opsigte van dienslewering neerlê ten einde nie op die betrokke welsynsinstansie se veld te beweeg nie. Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:444) is dit belangrik om in gedagte te hou dat alle aspekte van adolescent-ontwikkeling, naamlik fisiese, kognitiewe, seksuele, persoonlikheids-, sosiale en morele ontwikkeling, binne 'n sosiale konteks plaasvind wat of die ontwikkeling kan bevorder of strem.

Figuur 9.9: KFI-HOËR – Selfpersepsie




Romana se huidige algehele Trauma-Dinamikapuntetotaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamika-elemente) is 25% en haar vorige telling tydens die voortoets was 47%. 'n Totaal van minder as 30% is die aanbevole gebied.

Al Romana se trauma-dinamika-totale het goed afgeneem. Haar houding teenoor volwassenes, wantroue en stigmatelling het afgeneem, maar dui steeds op 'n behoefte vir verbetering. Die navorser skryf die behoefte vir verbetering aan die volgende toe:

- Wantroue en houding teenoor volwassenes: Haar oom het haar seksueel misbruik, haar ouer nefie het haar aan dwelms voorgestel en na bewering verkrag, swak verhouding met Karel en mev. Buys, mev. Buys het nie meer kans gesien om Romana te versorg nie, weens die konflik tussen Romana en Karel.
- Stigma: Die familie wat haar verstoot en verwerp het nadat sy die seksuele misbruik onthul het.

Die belangrikste agente van sosialisering was nog altyd die gesin (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:92). Sosialisering begin by die huis, waar kinders leer wie hulle is, wat hulle kan en moet verwag van die samelewing en wat die samelewing van hulle verwag. 'n Hegte binding of verhouding met ouers of ander versorger is noodsaaklik vir normale kinderontwikkeling (Mash & Wolfe, 2002:23).

Romana is uit haar moeder se sorg verwyder op 'n jong ouderdom, is deur haar pleegpa (ook haar oom) na bewering seksueel misbruik en hereniging met haar moeder het nie uitgewerk nie. Dit is daarom te verstane dat haar funksionering daardeur geaffekteer is. Sy is tans by 'n baie stabiele en ondersteunende gesin op privaatreëling en is positief daarop ingestel om 'n sukses van haar lewe te maak.

Figuur 9.10: KFI-HOËR – Trauma Dinamika

9.2.5.39 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge komplimenteer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Romana se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het. Voor terapeutiese dienslewering het mev. Buys die ondergetekende ingelig dat Romana stil was. Sy het vermoed Romana ervaar skuldgevoelens oor die seksuele misbruik, sy het gesteel nadat haar vriende haar uitgedaag het om dit te doen, haar ma het nie haar vriendekring goedgekeur nie, sy het nie betyds by die huis gekom nie, het haar naels gebyt en sy het vermoed Romana misbruik dwelms en haar skoolwerk was nie goed nie. Romana het tydens aanvang van terapeutiese dienslewering vinnig, aanhoudend en onduidelik gepraat, sy het haar hande gevryf en het min emosie getoon.

Ten tye van terminering het haar huidige versorger die navorser ingelig dat Romana se gesondheid goed is, dat sy nie meer so baie bewe nie, dat sy gehoorsaam is en gelukkig voorkom en dat sy goed oor die weg kom met mev. Grey se dogter. Volgens mev. Grey versorg Romana haarself fisies goed en sy het haar gedrag as uitsonderlik goed beskryf. Romana het ten tye van terminering tydens sessies nie so aanhoudend en onduidelik gepraat nie, sy het nie meer so baie gebewe nie en het meer ontspanne

en gelukkig voorgekom. Sy het haar gevoelens uitgedruk en nie meer so emosieloos voorgekom nie. Sy het erken dat sy tydens aanvang van terapie dwelms misbruik het, maar nou glad nie meer dwelms gebruik nie.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Romana en mev. Grey gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel. Almal was dit eens dat dit goed gaan met Romana en dat geen verdere dienste benodig word nie. Romana woon tans die kollege by en geniet dit. Die navorser handhaaf 'n oop-deur-beleid. Romana en die navorser het telefoniese kontak en die navorser sien sien haar af en toe ten einde belangstelling te toon.

Beide Romana se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskoolresultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenter aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapiëprogram Romana se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het.

9.3 Samevatting

Die voortoets van een van die blanke respondente het daarop gedui dat haar selfpersepsie en trauma-dinamika haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed en haar funksionering is as oneffektief beskryf. Die ander vier blanke respondente se voortoets het daarop gedui dat hulle selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente soms hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed en hulle funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf.

Vier van die vyf blanke respondente se natoets het daarop gedui dat hierdie respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente nie meer hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Vier van die vyf blanke adolessente se funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf. Die vyfde respondent se natoets het

daarop gedui dat daar baie verbetering in haar selfpersepsie en trauma-dinamikatelling is, maar haar funksionering is nog as fluktuierend beskryf. Die navorser skryf dit daaraan toe dat sy ook blootgestel was aan baie huislike probleme, nie sekuriteit ten opsigte van huisvesting ervaar het nie, swak verhoudings met haar ma en ma se saamleefmaat het en tydens die natoets het haar hervereniging met haar ma misluk en het sy op privaatreëling by 'n ander gesin gaan bly.

Die gemiddeld van die vyf blanke respondente se selfpersepsietellings voor intervensie was 54% en na afloop van intervensie was die gemiddeld 27.4%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Die gemiddeld van die vyf blanke respondente se trauma-dinamikatellings voor intervensie was 44.4% en na afloop van intervensie was die gemiddeld 25.2%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Die gemiddeld van die vyf blanke respondente se selfpersepsie en trauma-dinamikatellings is dus onder die aanbevole gebied.

Al vyf die blanke respondente se selfpersepsietellings en trauma-dinamika-tellings het individueel ook verbetering getoon. Die kwalitatiewe inligting wat deur die navorser tydens sessies ingesamel is asook die inligting wat by die ouers en versorger(s) van die respondente ingesamel is, het ook op positiewe verbetering in die respondente se funksionering gedui. Die resultate dui dus daarop dat die implementering van die spelterapieprogram die blanke respondente se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het.

In hoofstuk tien word die ondersoek en navorsingsverslag saamgevat, en gevolgtrekkings en aanbevelings word gemaak.

Hoofstuk 10: Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

10.1 Inleiding

Bevindinge en aanbevelings wat hieronder beskryf word, word enersyds afgelei uit die literatuurstudie en andersyds uit die empiriese ondersoek. Die navorser het met verloop van die navorsingsondersoek as gevolg van genoemde twee studiewyses tot sekere gevolgtrekkings gekom en sekere menings gevorm wat hieronder vervat sal word. Hierdie sieninge berus ook in wese op die navorser se praktykervaring en teoretiese kennis van maatskaplike werk.

10.2 Doelstelling van die studie

Die doelstelling van die studie was om 'n spelterapieprogram vir dienslewering aan die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, te ontwikkel, te implementeer en te evalueer. Alhoewel dit 'n tydsame studie was, was die navorser in staat om die doelstelling te bereik, deur die doelwitte van die studie met deursettingsvermoë stapsgewys deur te voer, soos bespreek sal word onder punt 10.3.

10.3 Doelwitte van die studie

Die navorser het doelwitte ontwikkel om die rigting van die ondersoek te lei. Die doelwitte van die studie sal vervolgens afsonderlik bespreek word.

10.3.1 Om 'n teoretiese raamwerk op te bou

Die navorser het begin deur die adolessent se normale ontwikkeling breedvoerig te bespreek in hoofstuk twee. Indien terapeutiese dienste aan die adolessent gelewer word, moet die terapeut bekend wees met die adolessent se ontwikkelingsstake en normale ontwikkeling ten einde te kan bepaal of die seksuele misbruik die adolessent se ontwikkeling en funksionering beïnvloed het. Daarna het die navorser in hoofstuk drie gefokus op die impak wat seksuele misbruik op die adolessent kan hê en hoe dit die adolessent se funksionering kan beïnvloed. Die terapeut moet nie net tydens

aanvang van terapie nie, maar wel deurlopend deur die terapeutiese dienslewering die impak van seksuele misbruik op die adolessent assessee.

In hoofstuk vier het die navorser spesifiek speltherapie vanuit die gestaltbenadering bespreek aangesien dit die grondslag gevorm het vir die ontwikkeling van die speltherapieprogram. In hoofstuk vyf het die navorser gefokus op beginsels en vaardighede wat toegepas moet word tydens terapeutiese dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is en in hoofstuk ses is die toepassing van die speltherapieprogram beskryf. Die navorser is dus van mening dat 'n volledige teoretiese raamwerk opgebou is en dat hierdie doelwit bereik is.

10.3.2 Om 'n kritiese ondersoek te doen na bestaande intervensieprogramme vir adolessente wat seksueel misbruik is

Die navorser het, as vereiste vir die M.A. (M.W.) Speltherapiekursus reeds navorsing gedoen en 'n skripsie voltooi met die tema: "Die effek van speltherapie op die selfbeeld van die Kleurlingkind wat seksueel misbruik is." Aangesien die navorser die afgelope vyf en 'n half jaar spesialiseer in dienslewering aan kinders wat seksueel misbruik is, bestudeer die navorser op 'n deurlopende basis vaktydskrifte, boeke, verhandelinge, proefskrifte en programme wat die probleem van seksuele misbruik aanspreek en woon werksinkels by ten einde potensieel bruikbare elemente te identifiseer wat die navorser in praktyk kan toepas. Die navorser het tydens die soektog onder andere die volgende bruikbare boeke en riglyne gevind aan wie die navorser graag erkenning wil gee:

- Blom, R. 2004. *Handbook of Gestalt play therapy: Practical guidelines for child therapists*. Fichardtpark: Drufoma.
- Britz, L. 2003. *'n Intervensiemodel vir die middelkinderjare kind wat seksueel misbruik is*. D.Phil. Universiteit van Pretoria.
- Carter, L. 2002. *A teens guide to overcoming sexual abuse: It happened to me*. New Harbinger Publications: Oakland.
- Chapman, G. 2000. *The five love languages of teenagers*. Chicago: Northfield Publishing.

- De Klerk, R. & Le Roux, R. 2003. *Emotional Intelligence: A practical guide for parents and teachers*. Cape Town: Human & Rosseau.
- Geldard, K. & Geldard, D. 2002. *Counselling Children: A Practical Introduction*. Second Edition. London: SAGE Publications.
- Gil, E. 1996. *Treating abused adolescents*. New York: Guilford Press.
- Hobday, A. & Ollier, K. 1998. *Creative therapy: activities with children and adolescents*. Leicester: British psychological society.
- Karp, C.L., Butler, T.L. & Bergstrom, S.C. 1998. *Treatment strategies for abused adolescents – from victim to survivor*. California: SAGE Publications.
- Knauer, S. 2000. *No ordinary life: Parenting the sexually abused child and adolescent*. Springfield: Charles C Thomas Publishers.
- Redgrave, K. 2000. *Care-Therapy for children*. London: Continuum.
- Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world: A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso Publishers.
- Sher, B. 1998. *Self-esteem games. 300 Fun activities that make children feel good about themselves*. New York: John Wiley & Sons Inc.
- Stallard, P. 2002. *Think good – Feel good: A cognitive behaviour therapy workbook for children and young people*. England: John Wiley & Sons, LTD.
- Williams, M.B. 2002. *The PTSD workbook: Simple, effective techniques for overcoming traumatic stress symptoms*. Oakland: New Harbinger Publication.

Die navorser is dus van opinie dat hierdie doelwit bereik is deurdat die navorser 'n kritiese ondersoek gedoen het na bestaande intervensieprogramme vir adolessente wat seksueel misbruik is en bruikbare elemente daagliks in praktyk toepas.

10.3.3 Om 'n spelterapiëprogram vir adolessente dogters wat seksueel misbruik is, te ontwikkel

Soos bespreek onder punt 10.3.2 het die navorser 'n kritiese ondersoek gedoen na bestaande intervensieprogramme vir adolessente, bruikbare elemente van verskillende programme is geïdentifiseer, nuwe tegnieke is ontwikkel en 'n volledige spelterapiëprogram vir dienslewering aan die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, is ontwikkel. Aangesien die navorser daagliks met adolessente wat

seksueel misbruik is werk en 'n volledige ondersoek ingestel het na hoe seksuele misbruik die adolessent se funksionering kan beïnvloed, het die navorser gepoog om tydens die ontwikkeling van die speltherapieprogram bruikbare aktiwiteite saam te stel wat gebruik kan word tydens dienslewering aan die adolessente dogter wat seksueel misbruik is.

Die navorser het die aktiwiteite van die speltherapieprogram onderverdeel volgens Finkelhor & Browne (1986:185) se model, wat 'n werkswyse voorsien waarop die waargenome gevolge van die seksuele misbruik georganiseer en geteoretiseer kan word. Sien punt 3.2 vir 'n volledige uiteensetting van die model. Soos bespreek is in hoofstuk ses is terapie nie soos 'n resep wat net gelees en gedoen kan word nie, aangesien elke individu anders geaffekteer kan word deur die seksuele misbruik en die terapeut en die adolessent bring ook elkeen unieke eienskappe na die speelkamer. Die navorser het die speltherapieproses in ses fases onderverdeel, (fase 1: Bou van 'n terapeutiese verhouding, fase 2: Hulpeloosheid, fase 3: Verraad, fase 4: Stigmatisasie, fase 5: Traumatiese seksualisering en fase 6: Terminering) en het onder elke fase verskeie aktiwiteite aanbeveel wat tydens aanvang, gedurende die proses en tydens terminering gebruik kan word.

Aangesien die impak van seksuele misbruik op elke adolessent verskillend kan wees, is dit nie nodig dat die program soos 'n boek van voor tot agter deurgewerk word nie, maar die terapeut kan wel die geskikte speltherapieaktiwiteite selekteer soos dit aan die adolessent se behoeftes voldoen. Dit kan ook soms gebeur dat die terapeut 'n spesifieke aktiwiteit voorberei het, maar dan moet verander na 'n ander aktiwiteit soos dit voldoen aan die adolessent se voorgrondbehoefte. Die navorser probeer ook telkens die adolessent se voorgrondbehoefte by die spesifieke aktiwiteit inwerk.

Die navorser is dus van opinie dat hierdie doelwit bereik is, aangesien die navorser 'n speltherapieprogram ontwikkel het deur bestaande programme te ondersoek, bruikbare elemente te identifiseer en met behulp van praktykervaring is ook nuwe terapeutiese aktiwiteite ontwikkel. Die speltherapieprogram is ook in Engels, Afrikaans en Xhosa vertaal en sodoende is terapeutiese dienste aan die respondente in hulle taal van voorkeur voorsien. PATCH se Xhosa maatskaplike werker, Vuyokazi Ngalwa, het

die navorser bygestaan tydens dienslewering aan die Xhosa respondente en het as tolk opgetree wanneer dit nodig was.

10.3.4 Om die spelterapieprogram met adolessente dogters wat seksueel misbruik is, te implementeer

Die navorser het skriftelike toestemming van die Direksie van PATCH gekry dat die navorsing wel by PATCH uitgevoer mag word. Die navorser het van die speelkamers by PATCH se kantore in Somerset-Wes, Rusthof, Lwandle, Nonzamo, Sir Lowry's Pass en Macassar vir die sessies gebruik gemaak. Elke respondent is een keer 'n week of elke tweede week, vir 'n sessie van 'n uur lank gesien. Daar was geen kostes aan verbode nie. Die spelterapieprogram is met elke respondent individueel geïmplementeer. Die intervensie het oor ongeveer nege maande tot 12 maande met elke respondent gestrek, afhangende daarvan of die respondent weekliks of elke tweede week gesien is, of soos dit aan die behoefte van die respondent voldoen het. Die empiriese navorsing het tussen Februarie 2004 en Januarie 2006 plaasgevind.

Die populasie waaruit die steekproef vir hierdie studie verkry is, het adolessente dogters (13-17 jarige ouderdom) van drie verskillende etniese groepe, wat seksueel misbruik is en wat terapeutiese dienste by PATCH ontvang, ingesluit. Kinders wat geselekteer is vir die studie het nie met meer as vier jaar in ouderdom van mekaar verskil nie. Die navorser is 'n maatskaplike werker by PATCH en het self die respondente, vanuit haar gevallelading selekteer. Die navorser het steekproeftrekking gedoen wat op 'n nie-waarskynlikheidseleksie berus. Die navorser het 15 respondente by wyse van doelgerigte steekproefneming geselekteer en wel vyf respondente respektiewelik vanuit die etniese groepering Xhosa, blank en Kleurling. 'n Doelgerigte steekproefneming is gebaseer op die oordeel van die navorser, deurdat die navorser 'n steekproef saamstel uit persone wat volgens die navorser se oordeel die kenmerkende eienskappe van die populasie openbaar (Strydom & Venter, 2002: 207). Die volgende kriteria was vir die keuse van die respondente benut, naamlik:

- Seksueel misbruikte adolessente dogters,
- Tussen dertien en sewentienjarige ouderdom,

- Die respondente moet alreeds die seksuele misbruik onthul het,
- Die seksuele misbruik moet nie langer as vier maande voor die verwysing na PATCH plaasgevind het nie,
- Die respondente moet nie met meer as vier jaar in ouderdom van mekaar verskil nie,
- Respondente moet van verskillende etniese groepe wees, naamlik Xhosas, blankes en Kleurlinge,
- Die respondente moet terapeutiese dienste by PATCH ontvang en is vanaf Februarie 2004 geselekteer.

Na seleksie is skriftelike toestemming van die respondente en ouer(s) van die potensiële respondente verkry, voordat hulle by die navorsing betrek is. Die navorser het geen probleme ervaar met die selektering of voltooiing van die terapeutiese proses met die Kleurling respondente nie.

Die navorser het probleme ervaar om met vyf Xhosa respondente die hele terapeutiese proses te voltooi. Twee van die respondente se ouers het gedurende die terapeutiese proses besluit om die kinders na uitgebreide familie in die Oos-Kaap te stuur en die navorser moes noodgedwonge weer twee ander respondente selekteer. Die navorser het met nege Xhosa respondente begin werk en het die hele terapeutiese proses met vier suksesvol voltooi. Die vyfde respondent het gedurende die terapeutiese proses onthul dat sy nie verkrag is nie, dat die beweerde oortreder haar kêrel is en dat sy toestemming vir seksuele omgang gegee het. Aangesien dit 'n realiteit is wat hom voordoen in praktyk, het die navorser besluit om haar steeds as een van die gevallestudies te bespreek. Die navorser het ook probleme ervaar met stiptelikheid deurdat baie van die Xhosa respondente of te vroeg of te laat vir hulle sessies opgedaag het.

Die navorser het probleme ervaar met die selektering van die blanke respondente. Alhoewel daar wel blanke dogters tussen 13 en 17jarige ouderdom na PATCH verwys is, het twee van die dogters nie aan die kriteria vir die keuse van respondente voldoen nie, aangesien die seksuele misbruikvoorvalle langer as vier maande voor die verwysing na PATCH plaasgevind het. Drie ander blanke adolessente het nie belang

gestel om aan die navorsing deel te neem en by langtermynterapie in te skakel nie en een ander blanke adolessent moes beveilig word en is in veiligheid buite PATCH se diensarea geplaas. Die navorser is van mening dat geheimhouding en onderaanmelding 'n probleem is met blanke slagoffers van seksuele misbruik. Die navorser het ook gevind dat tydens dienslewering aan die blanke adolessente, dat hulle ouer(s) self deurlopend ook die navorser kom sien het vir individuele sessies.

Die navorser het weereens tydens die implementering van die speltherapieprogram besef dat terapeutiese dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is, tyd verg. Van die ouers van die adolessente het baie keer ongeduldig geraak (ook weens beperkte tyd, werksdruk en druk daaglikse programme) met die adolessente se wisselende gemoedstoestande, omdat die adolessente lank met sekere aspekte geworstel het of dit bevraagteken het weens die seksuele misbruik asook met ander normale ontwikkelingstake. Die navorser het dus telkens in sulke gevalle adolessensie as lewensfase, (soos bespreek is in hoofstuk twee), met die ouers bespreek ten einde hulle begrip vir die adolessente se gedrag te verhoog.

Piaget stel voor dat aangesien adolessente oor meer ingewikkelde probleme kan dink, hul sosiale lewe gekarakteriseer word deur meer denke oor hul toekoms en sosiale inskakeling. Hierdie denke lei na idealistiese denke, insluitende abstrakte beginsels soos liefde en geregtigheid (Gil, 1996:32). Volgens Piaget begin die kapasiteit vir abstrakte denke vanaf ongeveer elfjarige ouderdom en noem hierdie fase die formeel-operasionele fase. Piaget glo dat die veranderinge in kognitiewe vermoëns na 'n selfondersoek en identiteit-soektog by adolessente lei. Adolessente kan aan onbeperkte grense dink in terme van wie hul nou is en wie hul gaan wees (Gil, 1996:32). Die adolessent se morele besluitneming verander van gevolge tot intensies. Die adolessent neem dus die ander persoon se onderliggende motiewe en intensies in ag ten einde te bepaal of die persoon verkeerd is. Adolessente oorweeg dus meer moontlikhede in probleemoplossing en dink logies en buigbaar.

Die navorser het dus gedurende die terapeutiese proses saam met die adolessent ondersoek ingestel na gegewens, 'n aantal hipoteses oor moontlike oplossings gestel en sekere afleidings gemaak. Die adolessent is in staat om sowel die logiese verhouding tussen hipoteses as die feitlike verhouding tussen 'n hipotese en 'n

empiriese of werklike gegewe te oorweeg (Smith & Cowie, 1993:336). Daar is deurgaans gelet op moontlike herhalende temas wat dan ook in die gevallestudies bespreek is. Indien die terapeut langtermyn terapie aan die adolessent lewer, sal die adolessent later gemaklik voel om normale ontwikkelingskrisisse met die terapeut wat sy vertrou te bespreek, veral wanneer dit kom by verhoudings. Een van die belangrikste take van die adolessent is om 'n persoonlike waardestelsel te ontwikkel (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:459). Dit bring mee dat die adolessent sekere waardes bevraagteken en sekere waardes aanvaar ten einde haar of sy eie morele waardestelsel te vorm.

Die studie het dus baie tyd geveer, maar die navorser was daartoe in staat om die doelwit te bereik deur die speltherapieprogram met adolessente dogters van verskillende etniese groepe (Xhosa, Kleurling en blank) wat seksueel misbruik is, te implementeer.

10.3.5 Om die impak van die speltherapieprogram te evalueer en aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van die program met verskillende etniese groepe, naamlik Xhosa, Kleurling en blank

Die oogmerk van hierdie studie was om intervensienavorsing te doen. As 'n vorm van toegepaste navorsing is intervensienavorsing daarop gerig om lig te werp op of moontlik oplossings vir praktiese probleme te voorsien. Die navorser het van Creswell (1994:177-178) se gemengdemetodologie-ontwerpmodel gebruik gemaak wat die hoogste graad van gemengde paradigmas verteenwoordig.

Die navorser het die A-B-A-A enkelstelselontwerp toegepas met drie verskillende etniese groepe, naamlik Kleurlinge, blankes en Xhosas. Die A verteenwoordig die voor-meting, die B stel die intervensie voor en die laaste twee A's dui op twee na-metings. 'n Gestandaardiseerde metingskaal, vir die meting van die selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente van die adolessent wat seksueel misbruik is, is voor en na toepassing van die speltherapieprogram deur vyftien respondente (vyf van elke etniese groep) voltooi, waarna die berekening daarvan deur die navorser self gedoen is. 'n Voorbeeld van die gestandaardiseerde metingskaal, die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool, is aangeheg as bylaag 4. Die navorser het

drie maande na die na-meting 'n opvolgonderhoud met die adolessent en ouer(s) gevoer, ten einde die effek van die speltherapieprogram drie maande na terminering te monitor.

Die navorser het ook van 'n kwalitatiewe navorsingstrategie, naamlik die gevallestudie, gebruik te maak. Die ondersoek en beskrywing van die respondent het plaasgevind deur in-diepte-data-insamelingsmetodes, naamlik onderhoude en respondentwaarneming. Die navorser het tydens die speltherapie sessies die respondent waargeneem, veldnotas gemaak en het elke sessie beskryf met behulp van verslagskrywing. Die navorser het ook 'n semi-gestruktureerde onderhoud aan die hand van 'n onderhoudskedule met die ouer(s) of versorger(s) van die adolessent wat seksueel misbruik is, gevoer, voor en na afloop van die navorsing. Die onderhoudskedule is aangeheg as bylaag 5. Afdeling A van die onderhoudskedule is net tydens die basislynfase gebruik, maar afdeling B is in beide die basislynfase en opvolgfases gebruik. 'n Onderhoudskedule is 'n vraelys wat geskryf is om die onderhoud te rig (Greeff, 2002: 302). Dit forseer dus die navorser om te dink oor wat sy hoop, gedek sal word tydens die onderhoud.

Die vyf voortoetse van die vyf Kleurling respondente het daarop gedui dat al vyf respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente soms hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Almal se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die vyf natoetse het daarop getoon dat al vyf respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente nie meer hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Al vyf Kleurling respondente se funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Die gemiddelde van die vyf respondente se selfpersepsietellings voor intervensie was 39.8% en na afloop van intervensie was die gemiddelde 25.8%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Die gemiddelde van die vyf respondente se trauma-dinamikatellings voor intervensie was 33.6% en na afloop van intervensie was die gemiddeld 20%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Al vyf die Kleurling respondente se selfpersepsietellings en trauma-dinamikatellings het

individueel verbetering getoon. Die resultate wat met behulp van die gestandaardiseerde metingskaal ingesamel is, dui dus daarop dat die implementering van die speltherapieprogram die Kleurling respondente se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het. Die inligting wat met behulp van die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met die ouer(s) of versorger(s) van die respondente ingesamel is, het ook daarop gedui dat daar positiewe verbetering plaasgevind het en het dus die kwantitatiewe resultate gekomplimenteer.

Die voortoets van die Xhosa adolessent wat later tydens die terapeutiese proses erken het dat sy nie verkrag is nie, maar toestemming gegee het en dat die beweerde oortreder haar kêrel is, se selfpersepsie en trauma-dinamikatelling het reeds voor intervensie daarop gedui dat daar nie 'n behoefte op verbetering is nie en haar funksionering is as effektief beskryf. Sy het dus nie die seksuele omgang met haar kêrel as traumaties ervaar nie en haar selfpersepsie was nie daardeur geaffekteer nie.

Die voortoets van een van die Xhosa-respondente het reeds voor intervensie daarop gedui dat haar selfpersepsie en trauma-dinamika nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Die drie voortoetse van die ander drie Xhosa-respondente het daarop gedui dat al drie respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente soms hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Die drie se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf.

Die vier natoetse van die bogenoemde respondente het daarop getoon dat al vier respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente nie hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Al vier Xhosa-respondente se funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Die gemiddelde van die vier respondente se selfpersepsietellings voor intervensie was 40.75% en na afloop van intervensie was die gemiddelde 20.25%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Die gemiddelde van die vier respondente se trauma-dinamikatellings voor intervensie was 25.5% en na afloop van intervensie was

die gemiddelde 17.25 %. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Al vier die Xhosa-respondente se selfpersepsietellings en trauma-dinamika-tellings het individueel verbetering getoon.

Die resultate wat met behulp van die gestandaardiseerde metingskaal ingesamel is, dui dus daarop dat die implementering van die speltherapieprogram die Xhosa respondente se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het. Die inligting wat met behulp van die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met die ouer(s) of versorger(s) van die respondente ingesamel is, het ook daarop gedui dat daar positiewe verbetering plaasgevind het en het dus die kwantitatiewe resultate gekomplimenteer.

Die voortoets van een van die blanke respondente het daarop gedui dat haar selfpersepsie en trauma-dinamika haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed en haar funksionering is as oneffektief beskryf. Die ander vier blanke respondente se voortoets het daarop gedui dat hulle selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente soms hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed en hulle funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf.

Vier van die vyf blanke respondente se natoets het daarop gedui dat hierdie respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente nie meer hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Vier van die vyf blanke adollesente se funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf. Die vyfde respondent se natoets het daarop gedui dat daar baie verbetering in haar selfpersepsie en trauma-dinamikatelling is, maar haar funksionering is nog as fluktuierend beskryf. Die navorser skryf dit daaraan toe dat sy ook blootgestel was aan baie huislike probleme, nie sekuriteit ten opsigte van huisvesting ervaar het nie, swak verhoudings met haar ma en ma se saamleefmaat het en tydens die natoets het haar hervereniging met haar ma misluk en het sy op privaatreëling by 'n ander gesin gaan bly.

Die gemiddeld van die vyf blanke respondente se selfpersepsietellings voor intervensie was 54% en na afloop van intervensie was die gemiddeld 27.4%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Die gemiddeld van die vyf blanke respondente se trauma-dinamatellings voor intervensie was 44.4% en na afloop van intervensie was die gemiddeld 25.2%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Die gemiddeld van die vyf blanke respondente se selfpersepsie en trauma-dinamatellings is dus onder die aanbevole gebied.

Al vyf die blanke respondente se selfpersepsietellings en trauma-dinamika-tellings het individueel ook verbetering getoon. Die resultate wat met behulp van die gestandaardiseerde metingskaal ingesamel is, dui dus daarop dat die implementering van die spelterapiëprogram die blanke respondente se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het. Die inligting wat met behulp van die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met die ouer(s) of versorger(s) van die respondente ingesamel is, het ook daarop gedui dat daar positiewe verbetering plaasgevind het en het dus die kwantitatiewe resultate gekomplimenteer.

Die navorser het dus hierdie doelwit bereik aangesien die impak van die spelterapiëprogram met drie verskillende etniese groepe, naamlik Xhosa, Kleurling en blank, geëvalueer is. Die navorser het tot die slotsom gekom dat die spelterapiëprogram wel Kleurling, Xhosa en blanke respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het en dus suksesvol met al drie etniese groepe geïmplementeer kan word. Onder punt 10.6.4. word aanbevelings gemaak ten opsigte van die benutting van die program met verskillende etniese groepe, naamlik Xhosa, Kleurling en blank.

10.4 Hipotese

Die afhanklike veranderlike is die veranderlike waarin die navorser verandering ver wag (Strydom, 2002a: 154). Die navorser het ver wag dat daar 'n verbetering in die adolessent wat seksueel misbruik is, se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente sal plaasvind. Die selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente van die adolessent wat seksueel misbruik is, is dus die afhanklike veranderlike. Die onafhanklike veranderlike is die veranderlike wat die navorser ver wag die afhanklike

veranderlike sal affekteer (Strydom, 2002a: 155). Die navorser het verwag dat die speltherapieprogram, die selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente van die respondent sal verbeter. Die speltherapieprogram is dus die onafhanklike veranderlike.

Die navorser ontwikkel 'n hipotese oor die maniere waarop sekere veranderlikes die probleem kan affekteer, en die beste manier waarop hierdie veranderlikes of die verhouding tussen hulle verander kan word. Die hipotese van die navorsing is dat indien die speltherapieprogram geïmplementeer word met die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, dan sal dit lei tot die verbetering van haar selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente.

Soos bespreek is onder punt 10.3 het die navorsingsresultate daarop getoon dat al 15 respondente se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het nadat die speltherapieprogram geïmplementeer is. Die navorsingshipotese is dus bevestig.

10.5 Navorsingsproses

In hierdie studie is van toegepaste navorsing gebruik gemaak. Toegepaste navorsing is die eksploitering van reeds bestaande kennis ter verkryging van nuwe kennis (Smit, 1983:4). Binne die konteks van toegepaste navorsing was die oogmerk van hierdie studie om intervensienavorsing te doen. Die navorser het 'n speltherapieprogram as intervensie vir adolessente dogters wat seksueel misbruik is, ontwikkel, geïmplementeer en geëvalueer. Die studie is beskrywend van aard aangesien die navorser adolessensie as ontwikkelingsfase, die impak van seksuele misbruik op die adolessent en die intervensie met die respondente (implementering van die speltherapieprogram) beskryf ten einde 'n waarheidsgetroue beeld van die waargenome te gee. Die navorser het die ses fases van intervensienavorsing (ook opgesom in bylaag 1) en die navorsingsontwerp (uiteengesit in bylaag 3) gevolg ten einde die studie suksesvol te voltooi.

10.6 ‘n Samevatting van die navorsingsresultate, samevattende gevolgtrekkings en aanbevelings

Die navorser sal vervolgens kortliks samevattende gevolgtrekkings en aanbevelings maak vanuit die navorsingsresultate en praktykervaring tydens implementering van die spelterapieprogram met adolessente dogters wat seksueel misbruik is.

10.6.1 Adolessensie en die impak van seksuele misbruik op die adolessent

Uit die literatuurstudie is dit duidelik dat die ontwikkelingstake van adolessente veeleisend genoeg op hulle eie is; plaas dus die eise van ‘n komplekse samelewing by, en dis geen wonder waarom dit oorweldigend raak vir adolessente nie. Die navorser sal vervolgens fokus op ontwikkelingstake van adolessente (hoofstuk twee) en onder elke ontwikkelingstaak bykomende take en struikelblokke bespreek wanneer ‘n adolessent seksueel misbruik word, uitlig (hoofstuk 3). Die navorser wil dit uitlig dat die ontwikkelingstake van die adolessent interverwant is en indien die adolessent byvoorbeeld probleme ervaar met die ontwikkelingstaak: “aanvaarding van ‘n fisiese voorkoms,” dit die ontwikkelingstaak van: “identiteitsvorming” beïnvloed en indien die adolessent probleme met identiteitsvorming ervaar, kan dit weer aanleiding gee tot probleme met die ontwikkelingstaak: “ontwikkeling van sosiale vaardighede.”

Ontwikkelingstake van die adolessent:

10.6.1.1 Aanvaarding van ‘n veranderde fisiese voorkoms.

Puberteit verwys na vinnige fisiese veranderinge en groei wat plaasvind tydens adolessensie (Louw, 1997:506). Die fisiese metamorfose van puberteit is van die opvallendste veranderinge van adolessente en kan daarom ook ‘n bron van kommer, angs en preokkupasie wees (Gil, 1996:35). Adolessente is dus baie bewus van die fisiese veranderinge wat hulle ervaar.

Een van die gevolge van seksuele misbruik is ‘n lae selfbeeld en ‘n gevoel van waardeloosheid (Doyle, 1994:209). Selfbeeld is dus ‘n indikasie van die mate waartoe ‘n adolessent haarself waardeer. Trauma kan die positiewe gevoelens wat ‘n persoon van haarself het, uitdaag en lei tot negatiewe denke en emosies van

waardeloosheid en om “sleg” te wees (Williams & Poijula, 2002:162). Volgens Collins & Spies (1998:201) verloor die kind persoonlike beheer en ‘n gevoel van veiligheid, gedurende seksuele misbruik, wat die selfbeeld negatief beïnvloed.

Vanuit die bogenoemde bespreking word dit dus duidelik dat adolessente baie bewus is van die fisiese veranderinge wat hulle ervaar. Een ontwikkelingtaak van die adolessent is dus aanvaarding van ‘n veranderde fisiese voorkoms. ‘n Adolessent wat seksueel misbruik word, se positiewe gevoelens van haarself word uitgedaag en dit kan lei tot negatiewe denke en gevoelens van waardeloosheid en skaamte. ‘n Bykomende taak van die adolessent wat seksueel misbruik is, kan dus wees om ‘n lae selfbeeld en gevoelens van waardeloosheid aan te spreek.

10.6.1.2 Ontwikkeling van kognitiewe vaardighede en die insameling van kennis

Kognisie verwys na die innerlike prosesse en produkte van die geheue wat lei na “om te weet”. Dit sluit alle geestelike aktiwiteite in – geheue, simbolisering, kategorisering, probleemoplossing, om te skep, fantaseer en selfs om te droom (Berk, 2000:222). Volgens Meyer & Van Ede (1998:71) sien Piaget kognitiewe ontwikkeling as die resultaat van die individu se interaksie met die omgewing. Piaget stel voor dat aangesien adolessente oor meer ingewikkelde probleme kan dink, hul sosiale lewe gekarakteriseer word deur meer denke oor hul toekoms en sosiale inskakeling. Hierdie denke lei na idealistiese denke, insluitende abstrakte beginsels soos liefde en geregtigheid (Gil, 1996:32).

Adolessente begin dus om te droom oor hipotetiese situasies en samelewings en die samestelling van ‘n perfekte wêreld. Volgens Gil (1996:32) kan hierdie egosentrisme lei tot risiko-gedrag, aangesien die adolessent glo dat daardie gedrag nie in ‘n katastrofe sal ontaard nie. Adolessente kan aan onbeperkte grense dink in terme van wie hul nou is en wie hul gaan wees (Gil, 1996:32). Adolessente ontwikkel fisies vroeër as wat hulle emosionele rypheid bereik, kognitief ontwikkel, en norme geassimileer is. Soos die jeug fisies al hoe vroeër rypwording bereik, word hul gekonfronteer met sterk biologiese dryfkragte sonder die ooreenstemmende kognitiewe vermoëns en sosiale rypheid (Chapin, 2000:801).

Baie statutêre verkratingsake word deur ouers by PATCH aangemeld, waartydens adolessente wat nog nie ingeligte toestemming kan gee nie (dus nog jonger as 16 jaar oud), seksueel aktief was met gewoonlik baie ouer mans. Dit is die navorser se opinie dat die mans reeds hierdie kwesbare aspek naamlik dat adolessente fisies vroeër ontwikkel as wat hulle emosioneel en kognitief ontwikkel, uitbuit. Die adolessent se idealistiese denke, drome oor hipotetiese situasies en die samestelling van 'n perfekte wêreld, eindig egter in stukkie, wanneer baie van die mans op wie hulle verlief was en mee seksueel aktief was nie aan hulle idealistiese denke en verwagtinge voldoen nie en dit vir hulle duidelik word dat dit eintlik net vir die mans oor seksuele omgang gegaan het. Die adolessent wat dus 'n slagoffer van statutêre verkrating was moet bykomend tot hierdie ontwikkelingstaak, die gevolge van haar gedrag, haar ouer(s) se teleurstellig of kwaadgevoelens, die risiko en moontlikheid van seksueel oordraagbare siektes en swangerskap en die kennis wat sy opgedoen het tydens haar ervaringe, ook hanteer.

10.6.1.3 Identiteitsvorming

Identiteit verwys na die individu se bewustheid van haarself as 'n onafhanklike, unieke persoon met 'n spesifieke plek in die samelewing (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:425). 'n Belangrike ontwikkelingstaak van die adolessent volgens Erik Erikson is die vestiging van 'n unieke individuele identiteit (Comunian & Gielen, 2000:407). Mislukking om 'n gevoel van identiteit te bereik, resulteer in rolverwarring (Corey, 1996:101). Om 'n identiteit te vorm, word geassosieer met 'n goeie selfbeeld, komplekse denke oor morele en ander sake asook 'n bereidwilligheid om saam met ander mense te werk en hulle te aanvaar (Sigelman, 1999:284). In teenstelling kan die adolessente wat misluk om 'n gevoel van identiteit te ontwikkel, 'n lae selfbeeld ontwikkel en doelloos rondswarf.

Een van die emosies wat slagoffers van seksuele misbruik ervaar en wat dikwels voorkom, is skaamte (Williams & Poijula, 2002:116). Skaamte beteken dat die slagoffer sleg voel vir wat of wie sy is. Baie slagoffers voel (introjek) dat mense weet dat hulle seksueel misbruik is deur net na hul te kyk (Knauer, 2000:74). Volgens Morgan (1995:11) is slagoffers van seksuele geweld baie keer selfbewus oor hul

liggame en dink dat hul “anders lyk” weens hul ervaringe. Skaamte is ‘n vorm van selfmarteling (retrofleksie) wat gevoelens van onvolwaardigheid, ondergeskiktheid en teleurstelling insluit, en kan lei tot die vorming van ‘n skaam-gebaseerde identiteit. Dit is ‘n situasie waarin die persoon se hele selfkonsep op skaamte gebaseer is (Williams & Poijula, 2002:116). Die skaamte wat die adolessenteslagoffer ervaar, kan die adolessent laat voel dat omdat sy verkrag is, dit beteken dat sy “sleg” is. Skaamte kom ook voor by slagoffers wat sê dat hulle "vuil" bly voel nadat hulle seksueel misbruik is (Knauer, 2000:78). 'n "Vuil" gevoel laat ook die slagoffer "anders as ander" voel. Die wortels van skaamte lê in die seksuele misbruik of verraad en in die slagoffer se beskadigde sin van die self (Williams & Poijula, 2002:116).

Die navorser is dus van mening dat baie adolessente wat seksueel misbruik is, skaamte ervaar wat ‘n pynlike emosie is omdat dit baie negatiewe, kritiese oordele oor die self betrek wat lei na gevoelens van vernedering, onvolwaardigheid en om ‘n lae selfbeeld in stand hou. Skaamte kompliseer dus die ontwikkelingstaak “identiteitsontwikkeling” vir die adolessent wat seksueel misbruik is en wanneer die adolessent daarin misluk om ‘n gevoel van identiteit te bereik, resulteer dit in rolverwarring.

10.6.1.4 Vervullings van 'n manlike of vroulike sosiale rol

‘n Deel van die proses van identiteitsvorming is om die self te aanvaar as manlik of vroulik. Indien die geslagsidentiteit gevorm is, dra dit by tot die oplossing van die identiteitskrisis en stel dit die adolessent in staat om intieme verhoudings aan te knoop (Thom, 1990:464). Skaamte kom veral voor wanneer die oortreder en die slagoffer van dieselfde geslag is. (Vergelyk Morgan, 1995:11; Knauer, 2000:80.) Dieselfde-geslag seksuele misbruik bring die saak van homoseksualiteit na vore. Adolessente is baie bewus van die stigma rondom enige iemand wat "buite" die norm gesien word. Sommige slagoffers van dieselfde-geslag seksuele misbruik word homoseksueel, maar die meeste word nie (Knauer, 2000:81).

Die grootste aanduiding van ‘n geneigdheid tot homoseksualiteit blyk te wees wanneer dieselfde-geslag oortreder baie vaardig was met die seksuele misbruik en dit

fisies aanloklik vir die slagoffer gemaak het. In die gevalle waar die slagoffer plesier ervaar het, kan die seksuele misbruik meer skadelik wees as wanneer die seksuele misbruik geforseerd en fisies was. Wanneer die seksuele misbruik fisiese plesier verskaf het, voel die slagoffer dat sy deelgeneem het aan die seksuele aktiwiteit en beleef nie die seksuele misbruik as sulks nie (Knauer, 2000:81).

Die ontwikkelingstaak “vervulling van ‘n manlike of vroulike sosiale rol,” kan dus deur seksuele misbruik gekompliseer word wanneer die oortreder en die slagoffer van dieselfde geslag is, aangesien adolessente baie sensitief is vir stigmatisasie, en wanneer die dieselfde-geslag oortreder baie vaardig was met die seksuele misbruik en dit fisies aanloklik vir die adolessent gemaak het.

10.6.1.5 Aanleer van sosiale vaardighede, om 'n aanvaarbare lid van 'n groep te word, aanknoop en handhawing van vriendskappe en hantering van sosiale situasies

Sosialisering is die proses van interaksie en leer; dit is noodsaaklik vir oorlewing en ontwikkeling van die individu asook vir die oorlewing en effektiewe werking van die samelewing (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:80). Adolessente se sosiale gedrag word gekarakteriseer deur ‘n verhoogde belangstelling in en betrokkenheid by hulle portuurgroep (Louw, 1997:518). Adolessente het ‘n behoefte om “te behoort aan”. Die portuurgroep kan gesien word as ‘n groep met waardes en norme (Gil, 1996:46). Die portuurgroep dien ook as ‘n hoofbron van die adolessent in die hantering van sy of haar ontwikkelingsake en speel gewoonlik ‘n baie belangrike rol in die proses van identiteitsvorming (Mdikana, 2000:25). Vir die adolessent om te identifiseer met haar portuurgroep is sentraal tot die ontwikkeling van die adolessent se selfbeeld en sosiale vaardighede (Gil, 1996:46).

Volgens Doyle (1994:96) voel sommige adolessente wat seksueel misbruik is dat hulle anders is as ander kinders en onttrek hulle van ander mense. Seksueel misbruikte kinders ervaar baie keer probleme om gesonde bande met ander te vorm (Nevid, Rathus & Greene, 1997:544). Volgens Cattanach (1992:24) onttrek baie adolessente wat seksueel misbruik is hulle van verhoudings met ander kinders en word geïsoleerd. Baie adolessente slagoffers van seksuele geweld is baie bekommerd

oor hoe dit hul lewens by die skool gaan affekteer (Benedict, 1994:195). Baie vriende onttrek hulself van die slagoffer, omdat hulle nie weet hoe om dit te hanteer nie en dit nie verstaan nie. Slagoffers van seksuele geweld is ook soms bekommerd oor wat ander kinders sal sê as hulle uitvind van die seksuele misbruik (Morgan, 1995:11).

Nog 'n ontwikkelingstaak van die adolessent is dus die aanknoop en handhawing van vriendskappe. Aangesien sommige adolessente wat seksueel misbruik is, onttrek, lae selfbeelde ontwikkel en gevoelens van skaamte of om “anders te wees” ervaar, is dit vir hulle nog moeiliker om hierdie ontwikkelingstaak te bereik. Indien die adolessent wat seksueel misbruik is nie daartoe in staat is om vriendskappe aan te knoop en te handhaaf nie, beïnvloed dit identiteitsvorming, aangesien die portuurgroep ook dien as 'n hoofbron van die adolessent in die hantering van sy of haar ontwikkelingstake. Wanneer die adolessent wat seksueel misbruik is nie identifiseer met haar portuurgroep nie, kan dit haar selfbeeld en sosiale vaardighede benadeel.

10.6.1.6 Die verwerking van nuwe en meer volwasse verhoudinge met persone

Deur traumatiese ervarings te ondergaan en te oorleef kan lei tot probleme met binding, intimiteit en interpersoonlike verhoudings (Williams & Poijula, 2002:177). Probleme wat die persoon kan ervaar, sluit in: gevoelens van “anders wees”, wantroue, isolasie, verlies aan plesier in die lewe, verlies aan die vermoë om sensueel en seksueel te voel, herhaalde destruktiewe verhoudings en probleme met die vasstel en behou van grense. Die onvermoë om intieme emosionele verhoudings te ontwikkel met mans is algemeen onder vroueslagoffers van seksuele geweld (Brown, 1991:9). Slagoffers van seksuele geweld kan skaam voel indien hulle seksuele gevoelens ervaar, en seks kan 'n sneller word wat geassosieer word met vernedering, gevaar en die behoefte om 'n geheim te hou (Williams & Poijula, 2002:138). Die slagoffer van seksuele geweld kan terugflitse gedurende seksuele verhoudings kry.

Oor die laaste twee dekades het die hoeveelheid kinders wat verwaarloos of seksueel misbruik is, geleidelik verhoog (Terrell, Terrell & Von Drashek, 2000:611). In respons hierop, het baie ouers, onderwysers en ander volwassenes begin om kinders te leer om nie vreemdelinge te vertrou nie. Deur egter aan kinders te leer om nie

vreemdelinge te vertrou nie, het hulle die fondament weggespoel vir goeie toekomstige interpersoonlike verhoudings. Erikson het onder andere geargumenteer dat die ontwikkeling van 'n sin van vertrou vroeg in die lewe noodsaaklik is vir gesonde sielkundige funksionering (Terrell, Terrell & Von Drashek, 2000:611). Kinders wat dus geleer word om nie vreemdelinge te vertrou nie, kan later probleme ervaar met die vestiging van intieme verhoudings en kan gevoelens van eensaamheid in latere jare beleef. 'n Moontlike alternatief vir die opleiding van kinders om nie vreemdelinge te vertrou nie, is om hulle te leer om slegte gedrag in ander te erken (Terrell, Terrell & Von Drashek, 2000:611). Dit kan veral bruikbaar wees, aangesien vorige verslae aandui dat die meerderheid kinders seksueel misbruik word deur familieledes of iemand wat hulle ken. Na verkragting deur iemand wat die adolessente dogter vertrou het, kan sy dit moeilik vind om weer mans te vertrou (Benedict, 1994:200). Indien die adolessent dus deur 'n persoon in die verlede verraai is, kan dit lei tot probleme met vertrou in die hede (Williams & Poijula, 2002:178).

Die adolessent wat seksueel misbruik is, kan weens 'n gebrek aan vertrou dus probleme ervaar met die verwerking van nuwe en meer volwasse verhoudings met persone.

10.6.1.7 Vestiging van emosionele onafhanklikheid van ouers

Die belangrikste agente van sosialisering was nog altyd die gesin (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:92). Sosialisering begin by die huis, waar kinders leer wie hulle is, wat hulle kan en moet verwag van die samelewing en wat die samelewing van hulle verwag. 'n Hegte verhouding of binding met 'n ouer of ander versorger is noodsaaklik vir normale kinderontwikkeling (Mash & Woolfe, 2002:23). Indien die verhouding met die bindingsfiguur konstant en betroubaar is, sal adolessente beter in staat wees om hul emosies te reguleer en om stres meer effektief te hanteer. Adolessente benodig steeds daardie sekuriteit wat voorsien word deur ondersteunende ouers ten einde meer onafhanklik en outonome individue te word (Sigelman, 1999:383). Adolessente wat 'n hegte binding met hulle ouers geniet, blyk sterker selfbeelde en sterker identiteite te vorm en kan beter emosioneel aangepas wees as ander adolessente wat nie 'n sterk binding met hul ouers het nie (Sigelman, 1999:383). Hierdie verbinding tussen adolessent en ouer help as 'n buffer vir

adolescente en help om hulle te beskerm teen die stressors en angs van grootword en aanpassing in 'n komplekse wêreld. Aanhoudende sterk binding met ouers word ook verbind met die ontwikkeling van positiewe selfbeelde (Lefrancois, 1999:347).

Vanuit die navorsingsbevindinge en praktykervaring het dit al hoe duideliker vir die navorser geword dat adolessente wat 'n slegte binding of verhouding met hulle ouer(s) het, se funksionering daardeur beïnvloed word. Die navorser stem dus saam met Mash & Woolfe (2002:23) wat beweer dat 'n hegte verhouding of binding met 'n ouer of ander versorger noodsaaklik vir normale kinderontwikkeling is. Adolessente wat deur 'n primêre versorger seksueel misbruik word se basiese behoefte aan liefde en sekuriteit word dus nie aan voldoen nie en indien die ander ouer nie die kind se onthulling glo nie, het dit verdere nadelige gevolge. Adolessente wat dus seksueel misbruik is deur 'n primêre versorger, het dus nie die veiligheid van 'n ouer-adolesent verhouding ervaar wat hulle help aanpas en beskerm teen stressors nie. Die adolessent wat seksueel misbruik is, kan dus steeds tydens adolessensie die behoefte aan 'n hegte binding met 'n ouer ervaar en dus nog nie gereed voel om emosioneel onafhanklik te funksioneer nie. Dit maak ook die adolessent kwesbaar vir sekondêre seksuele misbruik weens haar behoefte aan 'n hegte binding.

10.6.1.8 Ontwikkeling van 'n sterk emosionele band met 'n ander persoon

Die boublokke van intimiteit – gee en ontvang, vertrou en om vertrouenswaardig te wees – word geleer tydens kindskap (Spies, O'Neil & Collins, 1998:372). Indien kinders konstante liefdevolle aandag ontvang, ontwikkel hulle vaardighede om versorgende verhoudings te bou en te behou. In die geval van seksuele misbruik, waar die oortreder 'n volwassene is, misbruik die oortreder die kind se onskuld. Gevolglik word die kind groot met verwarrende boodskappe oor die verhoudings tussen seks, liefde, vertrou en verraad (Spies, O'Neil & Collins, 1998:372). Baie slagoffers vrees dit om hul lewensmaat of vriend in te lig omtrent die seksuele misbruik en vrees dat hul blameer sal word of as ontrou gesien sal word (Nevid, Ratus & Greene, 1997:548). 'n Adolessent se vermoë om te vertrou en te ondersoek word op die sekuriteit en kongruensie van vorige verhoudings gebaseer.

Adolescente wat geleer het om aan te pas by geweld en intimidasie as 'n manier van lewe, en wat 'n tekort het aan geskikte alternatiewe rolmodelle of ervarings, is meer geneig om die sosiale arena te betree met onaanvaarbare verwagtinge oor verhoudings (Mash & Woolfe, 2002:393). Adolensensie kan die modelfase wees of die aanvangsperiode, in die vorming van 'n gewelddadige dinamiek in intieme verhoudings. Skaamte as gevolg van die seksuele misbruik maak dit moeilik vir slagoffers om goed te voel oor hulself en kan maak dat die adolessent so 'n lae selfbeeld het, dat sy enige iets sal aanvaar wat oor haar pad kom insluitende beroepskeuse, huweliksmaat en vriende (Knauer, 2000:77).

Aangesien seksuele misbruik die slagoffer se selfbeeld kan verlaag, kan dit daartoe lei dat slagoffers baie afhanklik word van ander mense en dat hul eerder in 'n mishandelende verhouding sal bly as om die risiko te loop om alleen en kwesbaar te wees (Knauer, 2000:130). Die slagoffer draai na dit wat bekend is aan haar. Die moontlikheid ontstaan dat 'n persoon wat altyd boodskappe gekry het dat sy net van waarde is in die seksuele misbruiksituasies, sy van waarde sal voel wanneer sy in so 'n situasie is (Knauer, 2000:98). Die adolessent wat seksueel misbruik is, kan dus probleme ervaar met hierdie ontwikkelingstaak en sal dus met behulp van 'n ondersteuningsnetwerk oor 'n verloop van tyd moet leer om weer te vertrou en te internaliseer dat ander vir haar lief is sodat sy 'n gevoel van waarde en kontak met ander ervaar.

10.6.1.9 Die ontwikkeling van morele konsepte en waardes wat kan dien as riglyne vir gedrag

Morele redenering verwys na hoe 'n persoon redeneer of 'n aksie reg of verkeerd is; dit is egter anders as morele gedrag. (Vergelyk Louw, 1997:512; Smith & Cowie, 1993:197.) Een van die belangrikste take van die adolessent is om 'n persoonlike waardestelsel te ontwikkel (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:459). Dit bring mee dat die adolessent sekere waardes bevraagteken en sekere waardes aanvaar ten einde haar of sy eie morele waardestelsel te vorm.

Traumatiese seksualisering verwys na 'n proses waarin 'n kind se seksualiteit (insluitende seksuele gevoelens en seksuele houdings) gevorm word op 'n

onaanvaarbare, disfunksionele ontwikkelings- en interpersoonlike manier as gevolg van die seksuele misbruik. (Vergelyk Mash & Woolfe, 2002:392; Finkelhor & Browne, 1986:181.) Traumatiese seksualisering kan op verskeie maniere voorkom as gevolg van seksuele misbruik. Die tekens van traumatiese seksualisering is meer geneig om voor te kom indien 'n seksuele respons van 'n kind ontlok is of indien die kind geforseer is tot deelname (Mash & Woolfe, 2002:392). Traumatiese seksualisering kom ook voor wanneer die oortreder miskonsepsie en verwarring oor seksuele gedrag en seksuele moraliteit oordra aan die kind. Dit gebeur wanneer vreesaanjaende herinneringe en gebeure in die kind se geheue geassosieer word met seksuele aktiwiteite. Volgens Mash & Woolfe (2002:392) word seksuele gedrag vir sommige slagoffers van seksuele geweld geassosieer met sterk emosies, soos vrees, afkeer, skaamte en verwarring. Dit is soms baie moeilik vir 'n kind wat seksueel getraumatiseer is om grense te behou (Bannister, 1998:12). Die oortreder verruil aandag of liefde vir seks en sodoende leer kinders om dit te gebruik as 'n ruilmiddel.

Seksuele misbruik het 'n onbetwisbare impak op die kind se seksualiteitsontwikkeling, alhoewel die mate en tipe van gevolge varieer van kind tot kind. Volgens Gil (1996:36) het verskeie studies gevind dat kinders wat seksueel misbruik is, versteurings in seksuele identiteit en seksuele funksionering en in hul seksuele oriëntasie ervaar. Alhoewel seksualiteit en seksuele ontwikkeling tydens geboorte begin en uitbrei dwarsdeur die lewenspan, het baie mense hul eerste interpersoonlike seksuele ervaring tydens adolessensie en romantiese verhoudings is geneig om te ontwikkel in middel-adolessensie (Gil, 1996:38). Verandering in hoe die adolessent lyk, dink, optree in sosiale konteks, sosiale en wetlike status, en in hul verhoudings met hul familie en portuurgroep, in hul prestasies, gevoel van identiteit en onafhanklikheid karakteriseer adolessente (Gil, 1996:39). Seksuele ontwikkeling het 'n impak in omtrent al hierdie areas. Seksualiteit is dus nie 'n fisiese of 'n gedragfenomeen nie, dit is multi-dimensioneel en is deel van identiteitsvorming.

Soos hierbo bespreek kan seksuele misbruik dus die ontwikkelingtaak van die adolessent om 'n waardesisteen en morele konsepte te ontwikkel benadeel. Die adolessent wat seksueel misbruik is, gaan dus met die hulp van 'n goeie ondersteuningsnetwerk of terapie moet leer om hulle seksuele behoeftes op 'n sosiaal aanvaarbare wyse uit te leef sodat dit positief tot identiteitsontwikkeling bydra.

Miskonsepsie en verwarring oor seksuele gedrag en seksuele moraliteit weens die seksuele misbruik sal aangespreek moet word ten einde vreesaanjaende herinneringe wat geassosieer word met seksuele aktiwiteite te vervang met gevoelens van liefde en aanvaarding.

10.6.2 Terapievaardighede en beginsels tydens spelterapeutiese dienslewering vanuit die gestaltbenadering

Die navorser is van mening dat die volgende vaardighede en beginsels baie belangrik is tydens terapeutiese dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is:

- Waargenome inligting is van groot waarde en help die terapeut om te besluit hoe om voort te gaan,
- Die terapeut moet aktief luister en toon sodoende aan die adolessent dat sy die adolessent se sienings respekteer, aandag gee en die inligting waardeer,
- Die terapeut moet 'n nie-beoordelende houding inneem, nie stellings van die adolessent uitdaag nie en moet 'n “magstryd” vermy,
- Die terapeut moet positief wees en van relevante humor gebruik maak,
- Met kreatiewe aktiwiteite kan die adolessent gehelp word om oor bedreigende aspekte te praat,
- Die terapeut moet gemaklik voel om oor seksualiteitaspekte te praat,
- Dit is belangrik dat belangrike persone in die adolessent se lewe betrek word, maar die terapeut moenie inligting met hulle deel sonder die adolessent se toestemming en medewete nie. Die terapeut verduidelik egter tydens aanvang van terapie aan die adolessent dat die terapeut oor alles mag stilbly behalwe as die adolessent se lewe bedreig word,
- Die terapeut moet betroubaar wees en in kontak met die “kind” in haar wees,
- Die terapeut moet die adolessent se bewustheid van wat sy voel in die hier-en-nou verhoog,
- Dit is noodsaaklik om 'n goeie vertrouensverhouding met die adolessent te bou ten einde die adolessent effektief by terapie te betrek,
- Die terapeut moet die adolessent wys op die gevolge van haar gedrag en dat sy verantwoordelikheid moet neem vir haar keuses,

- Die terapeut moet die voorgrondbehoefte van die adolessent aanspreek,
- Speltherapietegniese (klei, tekeninge, bibliospel, bordspeletjies en rolspel) kan suksesvol aangepas en gebruik word met adolessente.
- Benutting van bewustheid, kontak en polariteit.

10.6.3 Die speltherapieprogram

Vanuit die navorsingsbevindinge kan die navorser die afleiding maak dat die speltherapieprogram effektief geïmplementeer kan word met Kleurling, Xhosa en blanke adolessente wat seksueel misbruik is. Die speltherapieprogram is egter ontwikkel om die impak van seksuele misbruik aan te spreek. Baie van die respondente wat die navorser betrek het, het egter ook ander probleme en onvoltooidhede in hulle lewens ervaar. Dit is daarom noodsaaklik dat die terapeut wat dienste lewer aan die adolessent wat seksueel misbruik is, ook gebruik moet maak van eksterne bronne ten einde ander behoeftes of onvoltooidhede aan te spreek. Die navorser het in die studie noodgedwonge van die volgende eksterne bronne gebruik gemaak:

- 'n Psigiater as fasiliteerder van 'n gesinsvergadering. Die een respondente het selfskendende gedrag getoon as gevolg van 'n misplaasde verantwoordelikeheidsgevoel weens die gesin se finansiële probleme en haar pa wat alkohol misbruik het.
- Die organisasie "Choices" is saam met 'n swanger adolessent besoek ten einde haar in staat te stel om 'n ingeligte besluit te neem ten opsigte van die swangerskap.
- Die navorser moes in verskeie respondente se gevalle saam met die betrokke welsynsinstitusies werk omdat van die beweerde oortreders primêre versorgers was, die respondente pleegkinders was of herenig moes word met biologiese ouer(s).
- Wanneer die respondent godsdienstige vrae gehad het, het die navorser gebruik gemaak van 'n dominee (deskundige op die gebied) om met die respondente daaroor te praat.

- Die staatsaanklaer het met die respondente gekonsulteer in verband met die kriminele saak wanneer daar vrae daaromtrent was.

Die speltherapieprogram is dus nie 'n boek wat net van voor tot agter gebruik kan word, sessie vir sessie nie. Die terapeut moet die program ken en alhoewel 'n aktiwiteit voorberei is, moet die terapeut indien nodig kan verander na 'n geskikte aktiwiteit ten einde by die adolessent se voorgrondbehoefte aan te pas. Die terapeut moet ook vaardig wees ten einde gesprekke met die adolessent van toepassing te maak en te integreer in die aktiwiteit wat bespreek word. Die navorser het die speltherapieprogram vanuit die gestaltbenadering geïmplementeer en het gevind vanuit die navorsingsresultate en praktykervaring dat die gestaltbenadering effektief met die adolessent wat seksueel misbruik is, toegepas kan word. Die navorser wil aanbeveel dat terapeute wat vanuit ander benaderings werk, die speltherapieprogram en aktiwiteite moet aanpas ten einde die effektiwiteit daarvan vanuit ander benaderings te evalueer.

Gemeenskaplikhede en verskille in die kwalitatiewe data van die adolessente van die drie kultuurgroepe (Xhosa, blank en Kleurling) wat aan die hand van die onderhoudskedule by die ouers / versorgers ingesamel is, sal vervolgens in tabelvorm weergegee word.

Tabel 10.1: Gemeenskaplikhede en verskille in die kwalitatiewe data van die adolessente van die drie kultuurgroepe (Xhosa, blank en Kleurling)

Gemeenskaplike inligting wat by die ouers / versorgers van al drie kultuurgroepe oor die gevolge van die beweerde seksuele misbruik op die adolessent, ingesamel is:	
Gesondheid:	Slaapprobleme, hoofpyn, maagpyn, diarree, moeg en blaasprobleme.
Emosionele funksionering:	Gemoedstoestand wisselvallig, hartseer, emosioneel, onttrek, stil, aggressie, skuldgevoelens, bang om alleen te loop, bang vir die oortreder of die hofsaak, selfmoordgedagtes.
Interpersoonlike verhoudings:	Verhouding met moeders verswak weens onttrekking.
Gedragsprobleme:	Leuens, alkoholgebruik.
Kognisie:	Nagmerries, terugflitse.
Seksualiteit:	Beperkte kommunikasie oor seksualiteit aspekte.

Inligting wat meer beduidend by elke kultuurgroep by die ouer / versorger, tydens die onderhoude aan die hand van die onderhoudskedule, ingesamel is:	
Blank:	Selfskending - sny op arms.
	Liggaambewustheid.
	Tekens van depressie.
Xhosa:	Ouers / versorgers lug hulle kommer oor die adolessent se portuurgroepverhoudinge en verkeerde vriende.
Kleurling:	Stigmatisasie - gemeenskap se reaksie.

Gemeenskaplike en verskillende terapeutiese behoeftes volgens die kwantitatiewe data van die adolessente van die drie kultuurgroepe (Xhosa, blank en Kleurling) wat met behulp van die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool ingesamel is, sal vervolgens in tabelvorm weergegee word.

Tabel 10.2: Gemeenskaplike en verskillende terapeutiese behoeftes volgens die kwantitatiewe data van die adolessente van die drie kultuurgroepe (Xhosa, blank en Kleurling)

Gemeenskaplike en verskillende terapeutiese behoeftes van adolessente van die drie kultuurgroepe (blank, Kleurling en Xhosa):
Veertien van die vyftien respondente se voortoets-"angstigheids-tellings" was beduidend bo die aanbevole gebied en is dus 'n aspek wat by adolessente wat seksueel misbruik is, van al drie kultuurgroepe, voorkom en wat aandag behoort te geniet.
Die "wantroue-tellings" van al vyftien die respondente het daarop gedui dat dit 'n problematiese aspek is vir adolessente wat seksueel misbruik is van al drie kultuurgroepe.
Die voortoets van al vyf die Kleurling adolessente, vier van die blanke adolessente en twee van die Xhosa adolessente se gevoelens van "hulpeloosheid", was beduidend bo die aanbevole gebied.
Die "stigma-tellings" van vier van die blanke en drie van die Kleurling adolessente het daarop gedui dat die ervaringe van stigmatisasie meer by hierdie twee kultuurgroepe voorkom.
Die voortoets-"verantwoordelikheid vir ander" van vier van die blanke en van vyf van die Kleurling adolessente was beduidend bo die aanbevole gebied en blyk dus dat dit 'n aspek is waaraan aandag gegee moet word tydens dienslewering aan blanke en Kleurling adolessente wat seksueel misbruik is.
Die voortoets-"gebrek aan selfwaarde" van al vyf die blanke adolessente was beduidend bo die aanbevole gebied en dui dus op 'n aspek waaraan aandag gegee moet word tydens dienslewering aan die blanke adolessente wat seksueel misbruik is.
Die voortoets-"liggaamsbeeld" van vier van die blanke adolessente was beduidend bo die aanbevole gebied en dui dus 'n aspek aan waaraan aandag gegee moet word tydens dienslewering aan die blanke adolessente wat seksueel misbruik is.
Vier van die vyf blanke adolessente se "frustrasie" voortoets en drie van die blanke adolessente se "skuldgevoelens" voortoets was beduidend bo die aanbevole gebied en dui op aspekte waaraan aandag gegee moet word tydens dienslewering aan blanke adolessente wat seksueel misbruik is.

Die voortoets-"isolasie" van drie van die vyf Xhosa adolessente was beduidend bo die aanbevole gebied en dui dus op 'n aspek waaraan aandag gegee moet word tydens dienslewering aan Xhosa adolessente wat seksueel misbruik is.

Die navorser sal vervolgens kortliks aanbevelings maak ten opsigte van die implementering van die program met die drie etniese groepe vanuit praktykervaring en die navorsingsbevindinge:

10.6.3.1 Aanbevelings vir die implementering van die program met die Xhosa adolessent

Die navorser vind in praktyk dat baie van die ouer(s) van Xhosa-kindere wat seksueel misbruik word, die kindere na uitgebreide familie in die Oos-Kaap stuur. Baie min kriminele sake vorder tot by verhoor. Volgens die navorser is moontlike redes hiervoor as volg:

- Baie kindere wat seksueel misbruik is, word na die seksuele misbruikvoorvalle na uitgebreide familie in die Oos-Kaap gestuur,
- Die woongebied waar die meeste Xhosa-adolessente woon, is 'n area wat die afgelope jaar ontwikkel het en die laekostebehuising word vir die mense gebou. Die meeste mense van hierdie woongebied is van die Oos-Kaap en werkloosheid is een van die grootste uitdagings wat hierdie gemeenskapslede in die gesig staar. Aangesien daar nie altyd voldoende adresse in die informele woongebiede is nie en omdat baie van die klaagsters se gesinne trek na die nuwe behuising, kan die polisie soms nie die klaagsters opspoor nie en word sake tydelik teruggetrek,
- Familievergaderings tussen die slagoffer en beweerde oortreder se families word gehou en sake word daarna soms teruggetrek indien 'n ooreenkoms bereik is.
- Volgens De Kock (1995:29) is 'n bekende Xhosa gesegde: "Die een wat bang is, se familie lag; en die een wat braaf is, se familie huil." Die Xhosa woord vir "vrede" beteken letterlik "om stil te bly." Die navorsingsresultate van De Kock (1995:28) het bevind dat Xhosa-sprekende adolessente se voorkeur in konflikoplossingstrategieë "vermyding," "integrasie" en "samerwerking en

skikking” is. Die navorser maak die afleiding dat die gebied in die Helderberg waar die meeste Xhosa-adolesente woonagtig is, ‘n gevaarlike en hoë risiko omgewing is soos weerspieël deur al die weeklikse koerantberigte van rooftogte en moorde in daardie gebied. Dit is ‘n moontlike verklaring vir die Xhosa-adolesente en hulle gesinne se voorkeur vir die “vermydingstrategie” deur eerder die kind weg te stuur na familie of om in onderhandelings betrokke te raak.

‘n Verkennende ondersoek na die redes waarom so min van die Xhosa-kindere wat seksueel misbruik word, se kriminele sake tot verhoor vorder en aanbevelings om dit aan te spreek, is volgens die navorser ‘n aktuele onderwerp vir verdere navorsing.

Die navorser het tydens dienslewering probleme ervaar met die stiptelikheid en bywoning van die Xhosa-respondente. Indien die respondent laat is, bemoeilik dit dienslewering weens ander verpligtinge en afsprake. Volgens Vuyokazi Ngalwa, Xhosa maatskaplike werker by PATCH, ervaar sy dieselfde probleme in praktyk. Die navorser beveel dus aan dat indien dit moontlik is, dit beter is om Xhosa-kindere by ‘n skool te sien, aangesien vaste tye dan vasgestel en gereël kan word met onderwysers en die kind.

Die navorser het ook gevind dat baie van die Xhosa-adolesente nie behoefte aan langtermynterapie het nie. Volgens Vuyokazi Ngalwa ervaar sy dieselfde tydens dienslewering aan die Xhosa-kindere wat seksueel misbruik is. Sy noem dat baie van die Xhosa-kliënte na afloop van twee of drie terapeutiese sessies slegs op hoogte van die hofsaak gehou wil word of dat sy dan in kennis gestel word dat die kind na die Oos-Kaap na uitgebreide familie gestuur is. Vuyokazi Ngalwa is ook van mening dat ‘n tekort aan toesig oor die kindere wanneer die ouers werk of werk gaan soek, aanleiding gee tot die hoë voorkoms van seksuele misbruik van kindere in daardie gebied.

Die navorser beveel dus aan dat die terapeut ‘n in-diepte assessering tydens aanvang van terapie moet doen en gefokus moet werk ten einde die behoeftes van die Xhosa-adolesent aan te spreek in die hoeveelheid sessies waarvoor sy opdaag. Verder beveel die navorser aan dat daar bewuswordingsprogramme oor seksuele misbruik,

die voorkoming van seksuele misbruik en die voordeel van terapeutiese dienslewering aan die kind wat seksueel misbruik is, in die Xhosa-gemeenskappe gedoen moet word. Die volwassenes en kinders moet daarby betrek word.

Die navorser het opgemerk dat die gemiddelde van die vier Xhosa respondente se trauma-dinamikatellings voor intervensie 25.5% was en na afloop van intervensie was die gemiddelde 17.25 %. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Die gemiddelde trauma-dinamikatelling was dus reeds voor intervensie onder die aanbevole gebied. Die individuele trauma-dinamikatellings van die vier respondente voor intervensie was onderskeidelik: 32%, 27%, 24% en 19%, die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Die trauma-dinamikatellings het dus alreeds voor intervensie daarop gedui dat daar nie behoefte op verbetering is nie en dit verklaar moontlik waarom dit lyk asof die Xhosa-adolesente nie belangstel in langtermyn terapie nie.

Vanuit die bogenoemde bespreking beveel die navorser dus aan dat die Xhosa-adolesent betrek word by gefokusde korttermyn terapie wat haar behoeftes aanspreek, maar dat sy kan inskakel vir verdere dienslewering indien sy behoefte daaraan het. Die navorser beveel verder aan dat indiepte navorsing oor Xhosa-adolesente se trauma-dinamikatellings na afloop van seksuele misbruik met baie Xhosa-respondente gedoen moet word om 'n waarheidsgetroue beeld weer te gee. In hierdie studie het dit voorgekom asof die Xhosa-adolesente se trauma-dinamikatellings na die seksuele misbruik nie dui op 'n behoefte op verbetering nie. Die navorser is egter van mening dat daar nie op grond van vyf Xhosa-repondente veralgemeen kan word na die hele populasie nie, maar is egter van mening dat dit 'n interessante veld vir verdere ondersoek is.

Vanuit die agtergrondgeskiedenis van die Xhosa respondente het dit onder die navorser se aandag gekom dat baie van die Xhosa respondente deur eksterne familie op 'n stadium versorg is of steeds versorg word. Die navorser wil daarom verder aanbeveel dat daar ondersoek ingestel moet word na die binding tussen die Xhosa-adolesent en primêre versorgers en of daar enige moontlike verwantskap is tussen die binding en die traumatelling van die Xhosa adolesent wat seksueel misbruik is.

10.6.3.2 Aanbevelings vir die implementering van die program met die Kleurling adolessent

Die navorser het geen probleme ervaar met die selektering van die Kleurlingrespondente nie en die respondente was ook ontvanklik vir langtermynterapie. Van die ouers het die navorser ook vir individuele sessies gesien. Van die ouers het ook gereeld telefonies kontak met die navorser gemaak. Die navorser vind in praktyk dat die meeste kinders wat na PATCH verwys word Kleurlingkinders is. Die navorser is van mening dat dit nie beteken dat Kleurlingkinders meer seksueel misbruik word nie, maar dat hulle in die meeste gevalle onmiddellik na onthulling optree en wel die probleem aanmeld by welsynsorganisasie en die polisie, en nie die probleem 'n geheim probeer hou nie. Die navorser vind egter ook in praktyk dat baie van die Kleurling ouer(s) na hulle onmiddellike optrede na die kind se onthulling, daarna die saak weer gaan terugtrek of wil terugtrek veral indien die beweerde oortreder 'n familielid is.

Die navorser het geen probleme ervaar met die implementering van die program met die Kleurling respondente nie en die respondente het hulle sessie getrou en stiptelik bygewoon. Die navorser maak die afleiding dat die spelterapieprogram effektief geïmplementeer kan word met Kleurling adolessente wat seksueel misbruik is.

10.6.3.3 Aanbevelings vir die implementering van die program met die blanke adolessent

Die navorser het probleme ervaar met die selektering van die blanke respondente aangesien die blanke respondente wat wel verwys is na PATCH of nie aan die kriteria voldoen het nie of nie aan die navorsing wou deelneem nie. Die navorser vind ook in praktyk dat baie blanke adolessente wat na PATCH verwys word nie die seksuele misbruik dadelik onthul het nie en dat daar 'n geheimhoudingelement bestaan. Die blanke kinders wat egter ingeskakel het vir terapie, het 'n behoefte aan langtermynterapie gehad en die navorser het die blanke respondente vir baie sessies gesien. Die navorser het ook gevind dat die blanke respondente se ouer(s) die navorser ook aanvanklik vir baie individuele sessies kom sien het. Die navorser beveel dus aan dat 'n terapeut die ouer(s) of versorger(s) van die adolessent (van al

drie etniese groepe) of self moet sien of moet verwys indien dit nie moontlik is nie, indien hulle behoefte het aan terapie weens die seksuele misbruik van hulle kind. Die ouer(s) speel 'n baie belangrike rol in die kind se helingsproses. Die navorser maak die afleiding dat die speltherapieprogram effektief geïmplementeer kan word met blanke adolessente wat seksueel misbruik is.

10.6.4 Verdere aanbevelings op mikro, meso en makrovlak

Seksuele misbruik van kinders is 'n komplekse veld en terapeute wat dienste lewer aan kinders wat seksueel misbruik is, moet oor die voldoende opleiding en kennis oor die veld beskik. Oneffektiewe dienslewering kan lei tot sekondêre trauma of dat die kind weer 'n slagoffer van seksuele misbruik kan word. Daar is baie leemtes in die veld van seksuele misbruik wat bydra tot terapeute asook kinders wat seksueel misbruik is en hulle ouers se frustrasie. Die navorser wil vervolgens die volgende aanbeveling maak ten einde van hierdie leemtes aan te spreek.

10.6.4.1 Aanbevelings op mikrovlak

Op mikrovlak is die navorser van mening dat die kind of adolessent wat seksueel misbruik is, slegs effektief gehelp kan word indien die terapeut oor begrip en kennis beskik van die betrokke kind of adolessent se kultuur en gemeenskap se hantering van seksuele misbruik. Die navorser het, as vereiste vir die M.A. (M.W.) Speltherapiekursus navorsing gedoen en 'n skripsie voltooi met die tema: "Die effek van speltherapie op die selfbeeld van die Kleurlingkind wat seksueel misbruik is." Gedurende die literatuurstudie het dit egter vir die navorser voorgekom asof daar 'n leemte is in inligting oor Kleurling gemeenskappe en hulle hantering van seksuele misbruik.

Die navorser wil daarom aanbeveel dat daar 'n in-diepte, verkennende studie gedoen moet word in Kleurling gemeenskappe: struikelblokke wat bruingemeenskappe ervaar (armoede, bendes, werkloosheid, prostitusie), ervarings van bruin gemeenskappe tydens die apartheidsera asook hulle ervarings onder die nuwe bedeling, sterkpunte van die bruin gemeenskappe asook gevare waaraan kinders en adolessente blootgestel word. Daar kan verder gefokus word op die adolessent-ouer verhouding, die invloed

van 'n gebrek aan privaatheid op die gesin, middelemisbruik, die gesinsopset, statistieke en die voorkoms van seksuele misbruik, die verwantskap tussen die kind wat seksueel misbruik word en die beweerde oortreder en die hantering van seksuele misbruik deur die kind en gesin. Sodoende sal behoeftes en leemtes geïdentifiseer word, begrip en kennis vir Kleurlinggemeenskappe verhoog en dienslewering aan Kleurlingkinders wat seksueel misbruik is op mikrovlak, meer effektief gelewer kan word. Die navorser ervaar in praktyk dat die bruin gemeenskappe baie ontvanklik vir dienslewering is en dit kan daarom ook dui op 'n behoefte daaraan.

Die navorser wil verder aanbeveel dat die verkennende ondersoek ook in Xhosa en blanke gemeenskappe gedoen moet word. Sodoende kan vergelykings gemaak word oor die voorkoms van seksuele misbruik, die hantering van seksuele misbruik deur die verskillende kultuurgroepe (saak word gerapporteer of nie, saak word teruggetrek of nie, vergaderings tussen oortreder en slagoffers se familie of nie), verwantskap tussen die oortreders en slagoffers (vreemdelinge, familieledede of bloedskande) en sodoende kan behoeftes asook leemtes in verskillende kulture geïdentifiseer word en terapeutiese dienslewering en intervensieprogramme vir kinders wat seksueel misbruik is, kan daarvolgens aangepas word.

10.6.4.2 Aanbevelings op mesovlak

Die navorser sal vervolgens aanbevelings maak ten opsigte van die voorkomingprogramme van seksuele misbruik in die skoolsisteem; die belang van multi-dissiplinêre samewerking tussen die welsynsinstitusies, polisie en nie-staatsorganisasies in die hantering van seksuele misbruik, en tersiêre instellings.

10.6.4.2.1 Die skoolsisteem

In die meeste gevalle wat by PATCH aangemeld word, is die oortreders bekend aan die kinders wat seksueel misbruik is. Dit is daarom baie belangrik dat kinders op mesovlak, in die skoolsisteem, geleer moet word om slegte gedrag in ander te erken, met ander woorde selfs in mense wat hulle ken en vertrou. Oortreders van seksuele misbruik bevriend in baie gevalle die kinders en gesinne en wen eers die kind en gesin se vertrouwe voordat die oortreder baie subtiel begin om die kind geleidelik by seksueel

onvanpaste dade te betrek en bewerkstellig geheimhouding deur dreigemente of deur die verantwoordelikegevoel te misplaas na die kind. Kinders en adolessente moet dus bedag wees op gevaartekens en moet in staat wees om slegte gedrag in ander (selfs mense wat hulle vertrou) te erken.

Die navorser wil dus aanbeveel dat daar verdere navorsing gedoen moet word spesifiek oor die “gereedmakingsproses” wat oortreders van bogenoemde wandade gebruik om die kind te betrek by seksuele misbruik en dat ‘n voorkomingsprogram vir ouers en kinders ontwikkel moet word. In die voorkomingsprogram kan onder andere gefokus word op die bewusmaking van kinders van slegte of onvanpaste gedrag in ander en die hantering sou dit gebeur. Die ouers moet bewus gemaak word van die “gereedmakingsproses” wat oortreders gebruik om hulle en die kinders se vertrouwe te wen, naamlik opbou van ‘n vertrouensverhouding, om ‘n kind voor te trek en spesiaal te laat voel, vervreemding van die kind van haar gesin, grensverbreking, geleidelike vordering van die seksuele dade, herhaalde opweeg van risiko’s en selektering van ‘n plek waar die seksuele misbruik kan plaasvind. Die navorser is van mening dat die skool die ouers kan uitnoodi na ‘n werkwinkel oor die onderwerp as deel van voorkoming van seksuele misbruik.

‘n Nuwe tendens is dat sommige skole wat dit kan bekostig ‘n maatskaplike werker aanstel wat aandag gee aan die maatskaplike probleme wat kinders ervaar en by die skole onthul. Baie probleme wat kinders ervaar, hou verband met hulle huislike omstandighede (fisiese, seksuele en emosionele mishandeling) en daarom voel kinders veilig om onthulling te maak waar hulle veilig voel, soos by ‘n skool. Dit plaas onderwysers onder geweldige druk om die maatskaplike probleme van kinders te hanteer. Onthulling is alreeds moeilik vir kinders en wanneer hulle dit wel onthul, is die korrekte en professionele optrede uiters belangrik. Die navorser het oor die afgelope vyf jaar bewus geraak van hierdie behoefte by skole en is van mening dat gemeenskappe en die Departement van Onderwys skole moet ondersteun in die befondsing van maatskaplike werkers by skole. Maatskaplike werkers kan van die kinders self sien vir terapeutiese dienslewering of na die geskikte organisasies verwys en sodoende die druk van onderwysers om maatskaplike probleme van kinders te hanteer, verlig. Navorsing oor onthullings wat kinders by skole maak en die behoefte aan maatskaplike werkers by skole kan lig werp op hierdie behoefte.

10.6.4.2.2 Multi-dissiplinêre samewerking (Departement van Welsyn, Suid-Afrikaanse Polisiediens en Nie-staat organisasies)

PATCH is 'n organisasie wat spesialiseer in dienslewering aan kinders wat seksueel misbruik is en dienslewering sluit die volgende in: na-ure krisisdienste en emosionele ondersteuning tydens die mediese ondersoek, terapeutiese dienslewering, hofvoorbereiding en voorkomingsprogramme by skole. Wanneer 'n kind seksuele misbruik onthul, is onmiddellike en die korrekte optrede van uiters belang. 'n Kind wat seksueel misbruik is, kan nie op 'n wagglyse geplaas word vir optrede en terapeutiese dienslewering nie en het behoefte aan onmiddellike ondersteuning en terapeutiese dienslewering. Die navorser is van mening dat 'n kind wat seksueel misbruik is op 'n kinderbeskermingsregister geplaas moet word en dat daar duidelik vereistes moet wees wat in daardie geval van die polisie, maatskaplike werker, staat, dokter en ouers verwag word. Byvoorbeeld, die maatskaplike werker van die betrokke welsynsinstantie moet die gesin elke twee weke besoek, die kind moet inskakel vir terapeutiese dienslewering en 'n multi-dissiplinêre vergadering moet elke twee maande gehou word om terugvoer ten opsigte van dienslewering te gee.

Maatskaplike werkers in die gesinsorgopset het groot gevalleladings weens 'n tekort aan personeel en finansies. Daar word dus van 'n maatskaplike werker verwag om onder 'n magdom werksdruk belangrike en verantwoordelike besluite te neem. Maatskaplike werkers word vinnig gekritiseer indien dienslewering nie volgens die kliënte se verwagtinge is nie en loop verder die risiko om aangekla te word by die Raad van Maatskaplike Werk.

Daar is veral in die plattelandse dorpe behoefte aan organisasies wat gespesialiseerde dienste lewer aan kinders wat seksueel misbruik is, soos deur PATCH voorsien word in die Helderberg. Die gemeenskap (borge van groot maatskappye) en die staat (staatsubsidies) moet egter hande vat deur sulke een-stop-instanties wat spesialiseer in dienslewering aan die kind wat seksueel misbruik is, te befonds. Die groot hoeveelheid aanmeldings van kinders wat seksueel misbruik word, regverdig sulke organisasies. Organisasies wat gespesialiseerde dienste bied aan kinders wat seksueel misbruik is, hou die volgende voordele in, naamlik:

- Dit verlig die werkslas van die welsynsorganisasies wat 'n baie breë diensveld en groot gevalleladings het,
- Dit voorkom oneffektiewe dienslewering en sekondêre seksuele misbruik en verseker die korrekte en spoedige optrede wat noodsaaklik is in dienslewering aan kinders wat seksueel misbruik is,
- Die kans op 'n suksesvolle verhoor en skuldigbevinding van oortreders kan verhoog. 'n Organisasie wat spesialiseer in dienslewering aan die kind wat seksueel misbruik is, kan byvoorbeeld die kind en ouers ondersteun om die saak te rapporteer, verseker dat die kind so gou as moontlik medies ondersoek word, verslae aan die hof voorsien oor die impak van die seksuele misbruik op die kind en getuig vir vonnisverswaring.

Multi-dissiplinêre samewerking is egter noodsaaklik tydens dienslewering aan die kind wat seksueel misbruik is. Die ondersoekbeampte moet die beweringe van seksuele misbruik ondersoek en die nodige verklarings en bewyse insamel. Die welsynsinstantie moet in sommige gevalle ondersoek instel en die kind beveilig indien dit nodig is. Die terapeut wat terapeutiese dienste lewer aan die kind wat seksueel misbruik is, moet nou saam met ander hulpbronne werk ten einde die kind se helingsproses te bevorder. Indien een van die rolspelers egter nie sy of haar verpligtinge nakom nie, kan dit die ander betrokke partye se dienslewering bemoeilik.

Die navorser wil dus aanbeveel dat een-stop-organisasies wat spesialiseer in dienslewering aan kinders wat seksueel misbruik is, landwyd geopen moet word. Die staat en groot maatskappye sal hande moet neem in die befondsing van sulke organisasies. Seksuele misbruik van kinders is 'n realiteit en kan nie geïgnoreer word nie; daar is nie grense wat klas, ras, kultuur of gemeenskap aanbetref nie.

10.6.4.2.3 Tersiêre instellings

Dienslewering aan die kind wat seksueel misbruik is, is 'n sterk gespesialiseerde gebied. Terapeute en maatskaplike werkers wat dienste lewer aan kinders wat seksueel misbruik is, behoort oor voldoende opleiding en kennis te beskik.

Dienslewering aan die kind wat seksueel misbruik is, is nie korttermyn van aard nie. Die kriminele sake neem soms jare voordat dit afgehandel word. Duidelike riglyne vir die hantering van seksuele misbruiksake, terapeutiese dienslewering, assessering wanneer daar 'n vermoede van seksuele misbruik is, kennis oor wetgewing en 'n hoë standaard van optrede behoort tydens opleiding aan maatskaplike werkers oorgedra te word. Die terapeut wat dienste lewer aan die kind wat seksueel misbruik is, moet ook in staat wees om met die ander rolspelers te skakel.

Die navorser wil daarom aanbeveel dat kursusse of 'n Meestersgraad by universiteite wat behels die spesialisering in hantering van kinders wat seksueel misbruik is, ingestel moet word. Sodoende kan verseker word dat maatskaplike werkers wat die veld betree oor voldoende opleiding en kennis beskik om kinders wat seksueel misbruik is, effektief te help. Daar is steeds baie areas in die veld van seksuele misbruik waarvoor verdere navorsing gedoen kan word vir vereiste van 'n Meestersgraad of 'n D.Phil-graad in Maatskaplike Werk.

10.6.4.3 Aanbevelings op makrovlak

Die navorser sal vervolgens fokus op die bydrae wat die staat kan lewer ten einde die probleem van seksuele misbruik, aan te spreek en ook fokus op wetgewing.

10.6.4.3.1 Die staat

Die navorser ervaar baie keer 'n gevoel van magteloosheid in praktyk in gevalle waar die beweerde oortreder die kind se biologiese vader of stiefvader is, en die moeder van die kind ten spyte van die kind se onthulling nie die kind glo nie, nie 'n saak aanhangig wil maak nie, die seksuele misbruik minimaliseer, die beweerde oortreder terugneem of die kind intimideer om nie verdere onthullings te maak of by terapie in te skakel nie.

Die navorser is nie onsimpatiek teenoor die moeders van slagoffers van seksuele misbruik nie (wat in baie gevalle self slagoffers van seksuele misbruik was) en het begrip dat baie van die moeders finansiëel afhanklik is van die oortreders, ander kinders het wat ook versorg moet word en daarom nie 'n ander uitweg sien as om die

oortreder terug te neem en te beskerm teen die aantygings nie. Die moeder se finansiële afhanklikheid van die oortreder verhoog ook die gevaar dat die moeder selfs in gevalle waarin sy bewus is dat die kind seksueel misbruik word deur haar biologiese vader of stiefvader dit eerder sal ontken of die geheimhouding in stand sal hou, omdat sy weet dat sy andersins nie finansiël vir haar gesin sal kan sorg nie. Die navorser vind in praktyk dat dit die helingsproses van die kind wat seksueel misbruik is verder benadeel en langtermyngevolge inhou. Die reaksie van belangrike persone in die kind wat seksueel misbruik onthul het, se lewe, kan sekondêre trauma veroorsaak.

Die navorser wil daarom aanbeveel dat die staat op makrovlak moet kennis dra dat daar 'n dringende behoefte is om die moeders van kinders wat seksueel misbruik is te ondersteun indien 'n kind onthul dat sy deur haar biologiese vader of stiefvader, die broodwinner, seksueel misbruik word. Die staat kan hulp voorsien op die volgende terreine:

- Voorsiening van 'n tydelike plek-van-veiligheid (alternatiewe huisvesting) vir die slagoffer en gesin,
- Finansiële hulp vir die versorging van die kinders of tydelike vryskelding van skoolfooie weens die omstandighede,
- Bemagtiging en berading vir die moeder in die hantering van die seksuele misbruiksaak, haar gevoelens van verraad en opleiding hoe om haar kind wat seksueel misbruik is, by te staan,
- Opleiding of ondersteuning om werk te bekom ten einde die moeder in staat te stel om finansiël onafhanklik te word, en
- Alternatiewe toesig vir die kinders by 'n dagsorg of na-skoolfasiliteit indien die moeder moet gaan werk.

Die navorser is van mening dat indien die staat ondersteuning en hulp vir moeders van kinders wat seksueel misbruik is, beskikbaar stel, minder van die moeders die oortreders sal beskerm ten koste van hulle kinders se welstand. Die navorser beveel daarom aan dat daar spesifiek verdere navorsing gedoen moet word oor die hoeveelheid seksueelmisbruiksake wat aangemeld word waarin die oortreder die

stiefvader of biologiese vader van die kind is, die moeder van die kind se ervaringe en hantering van die seksuele misbruiksaak en in hoeveel gevalle die kind of ander kinders steeds in gevaar is weens oneffektiewe dienslewering of 'n tekort aan hulpbronne vir die gesin. Dit is nodig dat navorsing in die gebied gedoen word ten einde die staat bewus te maak van behoeftes en probleme wat maatskaplike werkers in praktyk ervaar.

Soos reeds bespreek is, kan die staat en groot maatskappye een-stop-organisasies wat gespesialiseerde dienste aan kinders wat seksueel misbruik is, help befonds.

10.6.4.3.2 Wetgewing

Volgens wetgewing kan enige vrou (ongeg haar ouderdom) 'n wettige aborsie vir 'n ongewensde swangerskap verkry ooreenkomstig die Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap (Wet 92 van 1996). Nie-voorskriftelike berading moet voor en na die beëindiging van swangerskap voorsien word. Toestemming van 'n ouer of lewensmaat word nie vereis nie. Vroue word aangeraai om eerder veilige, wettige aborsies te ondergaan as "agterstraat-aborsies" wat hul gesondheid en hul lewens in gevaar kan stel.

Die meeste seksuele misdade in die Suid-Afrikaanse Reg is gemeenregtelik van oorsprong. Die afwesigheid van toestemming vorm die wese van die misdaad verkragting. Daar is 'n onweerlegbare bevinding dat 'n meisie onder die ouderdom van twaalf jaar nie tot geslagsgemeenskap kan toestem nie. Selfs al sou die kind "toegestem" het, is dit verkragting. 'n Beskuldigde moet wel weet dat sy jonger as twaalf jaar is of hy moet ten minste die moontlikheid daarvan voorsien. 'n Probleemsituasie ontstaan waar 'n meisie ouer as twaalf is, maar die mentaliteit van, byvoorbeeld, 'n agtjaarkind het.

Kinders mag vanaf 14jarige ouderdom voorbehoedmiddels by 'n kliniek kry. Die ouderdom waarop toestemming in Suid-Afrika tot seksuele daade volgens wet verleen kan word, is sestien jaar ten opsigte van heteroseksuele geslagsgemeenskap en negentien jaar ten opsigte van homoseksuele of lesbiese aktiwiteite. Indien die meisie tussen die ouderdom van twaalf en sestien jaar is, is dit wenslik om 'n oortreding van

artikel 14(1) van die Wet op Seksuele Misdrywe in die alternatief tot 'n aanklag van verkragting te stel. Hierdie misdaad is in elk geval ingevolge artikel 261 van die Strafproseswet 'n bevoegde uitspraak op 'n aanklag van verkragting sowel as onsedelike aanranding.

Die beskikbaarstelling van voorbehoedmiddels en kondome aan 14 jarige kinders is moontlik 'n poging om MIV/ VIGS en swangerskap te bekamp. Die vraag ontstaan egter in diè geval of die boodskap nie aan kinders oorgedra word dat hulle seksueel aktief mag wees nie, want hulle mag die voorbehoedmiddels kry en indien hulle swanger word, mag hulle ook vir 'n aborsie gaan sonder hulle ouers se medewete. In werklikheid is onthouding die beste voorbehoedmiddel teen MIV/VIGS en swangerskap en kan kinders nie voor sestienjarige ouderdom toestemming tot seksuele dae verleen nie.

Volgens artikel 42 van die Wet of Kindersorg 74 van 1983 moet 'n maatskaplike werker wat vermoed dat 'n kind mishandel is of aan enige besering, enkelvoudig of veelvoudig, ly, waarvan die oorsaak waarskynlik opsetlik mag wees, die Direkteur-Generaal of enige beampte deur hom of haar aangewys vir die doeleindes van hierdie artikel, onmiddellik van daardie omstandighede in kennis stel. Die vraag ontstaan of 'n twaalfjarige kind wat swanger is en die swangerskap wil laat beëindig volgens die Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap (Wet 92 van 1996), eerder 'n "agterstraat-aborsie" sal laat doen indien sy bewus is daarvan dat die maatskaplike werker weens haar ouderdom verplig is om dit aan te meld en dat haar ouers daarvan kan uitvind in die proses.

Die navorser is van mening dat die bogenoemde wetgewings nie mekaar komplimenteer nie. Volgens die navorser is daar 'n teenstrydigheid weens die feit dat 'n kind van enige ouderdom volgens die Beëindiging van Swangerskap (Wet 92 van 1996), 'n aborsie mag ondergaan sonder haar ouers se medewete, maar aan die ander kant word geslagsgemeenskap met 'n meisie jonger as twaalf jaar, al sou sy "toegestem" het, gesien as verkragting. Indien die meisie tussen die ouderdom van twaalf en sestien jaar is, kan sy nie ingeligte toestemming vir geslagsomgange gee nie en is dit 'n oortreding van artikel 14(1) van die Wet op Seksuele Misdrywe.

Die konflikterende wetgewing laat maatskaplike werker in praktyk verward oor hulle professionele plig en kan veroorsaak dat maatskaplike werkers by die Raad van Maatskaplike Werk aangegee word indien hulle nie korrek optree nie. Die navorser wil dus aanbeveel dat die staat spesifieke riglyne aan maatskaplike werker moet voorsien dienooreenkomstig die wetgewing, want op hierdie stadium is die navorser van mening dat konflikterende wetgewing maatskaplike werkers en kliente verward laat.

10.6.4.3.3 Die kriminele geregsisteem

Daar is probleme wat die kriminele geregsisteem in Suid-Afrika aanbetref wat kan aanleiding gee tot sekondêre trauma by die kind wat seksueel misbruik is. Die navorser gaan nie nou al die probleme breedvoerig bespreek nie, maar verwys eerder na 'n boek van Müller & Holleley: "Introducing the Child Witness," wat die impak van die geregsisteem op kinders en probleme wat kinders ervaar wanneer hulle moet getuig, volledig bespreek. Die navorser sal vervolgens net 'n paar probleme uitlig wat tot sekondêre trauma kan aanleiding gee:

- Hofsake word telkens uitgestel en kinders gaan verskeie kere na die hof, net om te verneem dat die saak weer uitgestel gaan word om verskeie redes. Dit gee daartoe aanleiding dat die ouers oorweeg om die sake terug te trek, want hulle kan nie die spanning en impak op die kind voor elke hofdatum meer verduur nie. Hofsake wat telkens uitgestel word en jare neem om afgehandel te word, strem die kind se helingsproses.
- Die kind wat seksueel misbruik is, word deur verskeie persone ondervra: die ondersoekbeampte, die maatskaplike werker, die terapeut, die dokter, die staatsaanklaer en familie. Dit kan sekondêre trauma veroorsaak en verhoog die moontlikheid van kontaminasie.

Die navorser wil daarom aanbeveel dat die terapeut wat terapeutiese dienste aan die kind wat seksueel misbruik is, lewer, kennis moet dra van die probleme wat kinders ervaar wanneer hulle moet getuig in 'n kriminele saak asook oor voldoende kennis

moet beskik oor die kriminele proses ten einde nie onrealistiese verwagtinge by die kind te skep nie, maar wel die kind met die regte inligting te voorsien.

10.6.5 Aanbevelings vir verdere navorsing

Die navorser sal vervolgens opsommend moontlike navorsingsstudies aanbeveel:

- Ontwikkeling van bewuswordingsprogramme vir Xhosa-gemeenskappe oor seksuele misbruik, die voorkoming van seksuele misbruik en die voordeel van terapeutiese dienslewering aan die kind wat seksueel misbruik is. Die volwassenes en kinders moet daarby betrek word.
- 'n Verkennende ondersoek na die redes waarom so min van die Xhosa-kindere wat seksueel misbruik word, se kriminele sake tot verhoor vorder en aanbevelings om dit aan te spreek, is volgens die navorser 'n waardevolle navorsingstudie.
- Ondersoek na die beskikbaarheid van maatskaplike dienste asook terapeutiese dienste in die Oos-Kaap, aangesien so baie van die kindere wat seksueel misbruik word in die Helderberg na uitgebreide familie in die Oos-Kaap gestuur word.
- Indieptenavorsing oor Xhosa-adolesente se trauma-dinamikatellings na afloop van seksuele misbruik met baie Xhosa-respondente om 'n waarheidsgetroue beeld weer te gee en of daar enige verwantskap tussen die binding van die Xhosa-adolesent met haar primêre versorgers en haar traumatelling is.
- Navorsing in Xhosa, Kleurling en blanke gemeenskappe oor die voorkoms van seksuele misbruik, die hantering van seksuele misbruik deur die verskillende kultuurgroepe (saak word gerapporteer of nie, saak word teruggetrek of nie, vergaderings tussen oortreder en slagoffers se familie of nie), verwantskap tussen die oortreders en slagoffers (vreemdelinge, familieledede of bloedskande) en sodoende kan behoeftes asook leemtes in verskillende kulture geïdentifiseer word en terapeutiese dienslewering en intervensieprogramme vir kindere wat seksueel misbruik is op mikrovlak, kan daarvolgens aangepas word.

- Verdere navorsing spesifiek oor die “gereedmakingsproses” wat oortreders gebruik om geleidelik die kind se vertroue te wen en dan seksueel te misbruik, ten einde ‘n voorkomingsprogram vir ouers en kinders te ontwikkel.
- Navorsing oor onthullings (fisiese, emosionele of seksuele mishandeling) wat kinders by skole maak en die behoefte aan maatskaplike werkers by skole kan lig werp op hierdie behoefte.
- Ondersoek na die hoeveelheid seksueelmisbruiksake wat aangemeld word waarin die oortreder die stiefpa of biologiese pa van die kind is, die moeder van die kind se ervaringe en hantering van die seksuele misbruiksaak en in hoeveel gevalle die kind of ander kinders steeds in gevaar is weens oneffektiewe dienslewering of ‘n tekort aan hulpbronne vir die gesin.
- Kursusse of ‘n Meestersgraad by Universiteite wat behels die spesialisering in hantering van kinders wat seksueel misbruik is, moet by universiteite ingestel word. Sodoende kan verseker word dat maatskaplike werkers wat die veld betree oor voldoende opleiding en kennis beskik om kinders wat seksueel misbruik is, effektief te help.
- Navorsing ten einde spesifieke riglyne aan maatskaplike werkers te voorsien dienooreenkomstig die wetgewing, waartoe hulle professioneel verplig word en die reg tot privaatheid en konfidensialiteit van kliënte.
- Verdere navorsing ten einde ‘n terapeutieseprogram vir die adolessent wat seksueel misbruik is se ouer(s) of versorger(s) te ontwikkel sal van waarde wees in praktyk. Die ouer(s) of versorger(s) moet die adolessent na terminering van terapie verder ondersteun en daarom is dit belangrik dat hulle nie self nog met aspekte worstel weens die seksuele misbruik van die adolessent nie.

10.7 Samevattende slotgedagte

Een komplikasie vir die beplanning van terapie met die adolessent wat seksueel misbruik is, is dat die gevolge van die seksuele misbruik wyd varieer. Dit is daarom noodsaak dat die terapeut moet begin met ‘n begrip vir die impak van die seksuele misbruik op die individuele kind ten einde ‘n effektiewe terapeutiese intervensie te struktureer. Om met die adolessent wat seksueel misbruik is te werk, verg tyd aangesien die adolessent wat seksueel misbruik is bykomende ontwikkelingstake het

weens die impak van die seksuele misbruik op die adolessent se funksionering. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat alle aspekte van adolessente ontwikkeling, naamlik fisiese, kognitiewe, seksuele, persoonlikheids-, sosiale en morele ontwikkeling, binne 'n sosiale konteks plaasvind wat of die ontwikkeling kan bevorder of strem.

Baie van die adolessente wat seksueel misbruik is, het egter ook ander onvoltooidhede in hulle lewens en in sulke gevalle is dit noodsaaklik dat die terapeut of self daaraan aandag moet gee of gebruik moet maak van eksterne bronne ten einde ander onvoltooidhede of voorgrondbehoefte van die adolessent aan te spreek. 'n Hegte verhouding of binding met 'n ouer of ander versorger is noodsaaklik vir normale kinderontwikkeling en adolessente benodig steeds daardie sekuriteit wat voorsien word deur ondersteunende ouers ten einde meer onafhanklike en outonome individue te word.

Die spelterapieprogram wat die navorser vir die studie ontwikkel het, kan effektief geïmplementeer word met Xhosa, blank en Kleurling adolessente dogters wat seksueel misbruik is.

Bronnelys

Ackerman, C.J. & Botha, M. 1997a. The relationship between career maturity and career identity among a group of Xhosa-speaking adolescents. *South African Journal of Education*, 17 (4), November:180-185.

Ackerman, C.J. & Botha, M. 1997b. Career identity development among a group of Xhosa-speaking adolescents. *South African Journal of Education*, 17 (2), May:72-75.

Allen, T. 1995. Will kids buy abstinence? *Education Digest*, 60 (5), January: 4-7.

Aronstam, M. 1989. Gestalt therapy. In Louw, D.A. *South African handbook of abnormal behaviour*. Johannesburg: Southern.

Babbie, E. 2004. Communication in research methodology. In Baxter, L.A. 2004. *The basics of Communication Research*. Belmont, California: Wadsworth.

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. *The practice of social research*. Cape Town: Oxford University Press.

Bagley, C. & King, K. 1990. *Child sexual abuse: The search for healing*. London: Tavistock / Routledge.

Bannister, A. 1998. *From hearing to healing: Working with the aftermath of child sexual abuse*. Second Edition. John Wiley & Sons: New York.

Benedict, H. 1994. *Recovery: How to survive sexual assault for women, men teenagers and their families*. New York: Columbia University Press.

Berk, L.E. 2000. *Child Development*. Fifth Edition. Massachusetts: Allyn & Bacon.

Birkhead, S. 1990. The role of music in Hospice care. *South African Journal for Music Therapy*, 7 (3).

Bless, C. & Higson-Smith, C. 2000. *Fundamentals of social research methods: an African perspective*. Second Edition. Cape Town: Juta.

Blom, R. 2004. *Handbook of Gestalt play therapy: Practical guidelines for child therapists*. Fichardtpark: Drufooma.

Blugerman, M. 1986. Contributions of Gestalt Theory. In Turner, F.J. *Social Work Treatment: Interlocking theoretical approaches*. Third Edition. New York: The Free Press.

Bolger, K. E.; Patterson, C.J. & Kupersmidt, J.B. 1998. Peer relationships and self-esteem among children who have been maltreated. *Child development*, 69 (4), August:1171-1197.

Botha, A., Van Ede, D.M. & Piek, J.P. 1990. Die kleutertydperk. In Louw, D.A. *Menslike ontwikkeling*. Pretoria: HAUM-Tersiêr.

Brown, E.G. 1981. Selection and formulation of a research problem. In Grinell, R.M. *Social Research and evaluation*. Itasca, IL: Peacock, 35-45.

Brown, S. 1991. *Counselling victims of violence*. Alexandria: American Association for counseling and development.

Brown, K. 1998. *Surviving sexual abuse: A Creative Response to Child Abuse*. London: Monarch Books.

Campbell, L. K. & Collins, S. J. 2000. Sexual abuse myths held by student teachers. *Child Abuse Research in South Africa*, 1(1), January:1-5.

Carrell, S. 2000. *Group exercises for adolescents: A manual for therapists*. California: SAGE Publications.

Cattanach, A. 1992. *Play therapy with abused children*. London: Jessica Kingsley Publishers.

Chapin, J.R. 2000. Adolescent sex and mass media: A developmental approach. *Adolescence*, 35 (140): 799-807.

Chapman, G. 2000. *The five love languages of teenagers*. Chicago Publishers.

Clarkson, P. 1995. Redundancy counselling. *Employee counselling today*, 7(7):7-13.

Clarkson, P. 1989. *Gestalt counselling in action*. London: SAGE.

Clarkson, P. & Mackewn, J. 1994. *Fritz Perls*. London: SAGE.

Cole, J. & Theron, A. 1994. Nadelige gevolge van seksuele uitbuiting: Mite of Realiteit. *Social Work / Maatskaplike werk*, 34 (2): 191-205.

Collins, K. 1993. *Studiegids vir MWK304-G. Maatskaplikewerknavoring*. Pretoria: UNISA.

Collins, K.J. & Spies, G.M. 1998. Case study of an adult survivor of sexual molestation. *Social Work / Maatskaplike werk*, 34 (2):191-205.

Comunian, A.L. & Gielen, U. 2000. *Internasional Perspectives on Human Development*. Lengerich: PABST Science Publishers.

Conradie, H. 2000. Project Aspis: Empowering teachers to recognise and report child abuse. *Child abuse research in South Africa*, 1 (1): January: Pages unknown.

Corey, G. 1995. *Group counselling*. Fourth edition. USA: Brooks/Cole Publishing Company.

Corey, G. 1996. *Theory and practice of counselling and psychotherapy*. Fifth Edition. Pacific Grove: Brooks & Cole Publishing Company.

Creswell, J.W. 1993. *Research Design. Qualitative, Quantitative and Mixed Methods Approaches*. Second edition. London: SAGE Publications.

Creswell, J.W. 1994. *Research design: qualitative and quantitative approaches*. Thousand Oaks: SAGE.

Creswell, J.W. 2003. *Research design: Qualitative and Quantitative Approaches*. Thousand Oaks: SAGE.

Davis, N. 1996. *Therapeutic stories that teach and heal*. Maryland: Unknown.

Dawes, A.; Borel-Saladin, J. & Parker, Z. 2004. Measurement and monitoring. In Ritcher, L., Dawes, A. & Hogson-Smith, C. *Sexual abuse of Young Children in Southern Africa*. HSRC Press: Capetown.

De Kock, M. S. 1995. *Conflict resolution strategies of South African Adolescents in Peer Relationships*. Unpublished M.A. (Psychology). University of Stellenbosch.

De Vos, A.S. 2002. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. Second Edition. Pretoria: J.L. van Schaick Publishers.

De Vos, A.S.; Fouchè, C.B. & Venter, L. 2002. Quantitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. Pretoria: LJ van Schaik Publishers.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. Pretoria: LJ van Schaik Publishers.

Doyle, C. 1994. *Child sexual abuse: A guide for health professionals*. Fourth edition. London: Chapman & Hall.

- Earl-Taylor, M. 2002. *HIV/AIDS, the stats, the virgin cure and infant rape*. [O]. Available: <http://www.scienceafrica.co.za/2002/april/virgin.htm>
15 Maart 2006
- Enright, J.B. 1978. An introduction to gestalt Therapy. In Stephenson, F.D. *Gestalt Therapy Primer*. New York: Jason Aronson.
- Faller, K.C. 1988. *Child sexual abuse: An interdisciplinary manual for diagnosis, case management and treatment*. USA: Columbia University Press.
- Fantz, R. 1978. Polariteis: Differentiation and integration. In Stephenson, F.D. *Gestalt Therapy Primer*. New York: Jason Aronson.
- Faul, A.C. & Van Niekerk, C. 1998. The assessment of vulnerable children with standardized measurement instruments. *Maatskaplike Werk-Navorsing Praktisyn*, 11 (1): 89-106.
- Fawcett, S.B., Suarez-Balcazar, F.E., White, G.W., Payne, A.L., Blanchard, K.A. & Embree, M.G. 1994. Conducting intervention research: the design and development process. In Rothman, J. & Thomas, E.J. (Eds), *Intervention research: design and development for human service*. New York: Haword.
- Field, L. 1997. *60 Tips for self-esteem*. Shaftesbury: Element Books Limited.
- Finkelhor, D. & Browne. 1986. *A Sourcebook on Child Sexual Abuse*. SAGE Publications: London.
- Foster, D. 1993. Sosiale Sielkunde. In Louw, D.M., Van Ede, D.M. & Louw, A E. *Human Development*. Second Edition. Pretoria: Kagiso Publishers.
- Fouchè, C.B. 2002a. Problem formulation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. Pretoria: LJ van Schaik Publishers.

Fouchè, C.B. 2002b. Research strategies. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. Pretoria: LJ van Schaik Publishers.

Fouchè, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002. Introduction to the research process. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. Pretoria: LJ van Schaik Publishers.

Fouchè, C.B. & De Vos, A.S. 2002. Quantitative research designs. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. Pretoria: LJ van Schaik Publishers.

Fox, L. 1996. Exploiting daily events to heal the pain of sexual abuse. *Child and youth Care*, 14 (2), February:6-9.

Friedman, H.L. 1999. Culture and adolescent development. *Journal of Adolescent Health*, 25 (1): 1-6.

Geldard, K. & Geldard, D. 1999. *Counselling Children: A Practical Introduction*. London: SAGE Publications.

Geldard, K. & Geldard, D. 2002. *Counselling Children: A Practical Introduction*. Second Edition. London: SAGE Publications.

Georg, R.L. & Stridde-Cristiani, T. 1981. *Theory, Methods and Processes of Counselling and Psychotherapy*. New Jersey: Prentice-Hall Inc.

Gil, E. 1991. *The healing power of play: Working with abused children*. New York: The Guilford Press.

Gil, E. 1996. *Treating abused adolescents*. New York: Guilford Press.

Gräbe, S. 2000. Interpretation of medical examination findings on the sexually abused child. *Child Abuse Research in South Africa*, 1 (1): 17-18.

Greeff, M. 2002. Information collection: interviewing. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. Pretoria: LJ van Schaik Publishers.

Greenwald, J.A. 1978. The Ground Rules in Gestalt Therapy. In Stephenson, F.D. *Gestalt Therapy Primer*. New York: Jason Aronson.

Grinnell, R.M. 1981. *Social word research and evaluation*. Itasca, IL: Peacock.

Gudorf, C. 1992. Sexual abuse. What to teach kids about intimate touch. *U.S. Catholic*, 57 (7): 65-70.

Guma, M. & Henda, N. 2004. The socio-cultural context of child abuse: a betrayal of trust. In Ritcher, L., Dawes, A. & Hogson-Smith, C. *Sexual abuse of Young Children in Southern Africa*. HSRC Press: Capetown.

Hamilton, J.D. 1997. *Gestalt in Pastoral Care and Counselling: A Holisitc Approach*. New York: The Haworth Pastoral Press.

Hartman, W. 1995. *Ego state therapy with sexually traumatized children*. Pretoria: Kagiso Publishers.

Hardy, R.E. 1991. *Gestalt Psychotherapy: Concepts and Demonstrations in Stress, relationships, Hypnosis and Addiction*. Illinois: Charles C Thomas Publishers.

Harman, R,L 1989. *Gestalt therapy with groups, couples, sexually dysfunctional men and dreams*. Illinois: Charles C Thomas Publishers.

Hatcher, C. & Himelstein, P. 1978. *The handbook of Gestalt Therapy*. New York: Jason Sroson Inc.

Hatcher, C. & Himelstein, P. 1976. *The Handbook of Gestalt Therapy*. New York: Jason Aronson, Inc.

Hergenhahn, B.R. & Olsen, M. H. 1999. *An introduction to theories of personality*. Fifth Edition. New Jersey: Prentice-Hall Inc.

Herman, J. L. 1998. *Trauma and recovery : From domestic abuse to political terror*. London: Pandora.

Hobday, A. & Ollier, K. 1998. *Creative therapy: activities with children and adolescents*. Leicester: British psychological society.

Hoghughi, M., Lyons, J., Muckley, A. & Swainston, M. 1989. *Treating problem children: Issues, Methods and Practice*. London: SAGE Publications.

Hough, M. 1998. *Counselling skills and theory*. London: Hodder & Stoughton.

How I found love after rape. 2002. *Cosmopolitan*, April: 79. (Author unknown).

James, B. 1989. *Treating traumatized children: New Insights & Creative Interventions*. Conado: Lexington Books.

Joy, M. 1999. In Morgan, A. *Once upon a time...Narrative therapy with children and their families*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Karp, C.L., Butler, T.L. & Bergstrom, S.C. 1998. *Treatment Strategies for Abused Adolescents: From victim to survivor*. SAGE Publications: London.

Killian, B. & Brakarsh, J. 2004. Therapeutic approaches to sexually abused children. In Ritcher, L., Dawes, A. & Hogson-Smith, C. *Sexual abuse of Young Cildren in Southern Africa*. HSRC Press: Capetown.

Knauer, S. 2000. *No ordinary life: Parenting the sexually abused child and adolescent*. Springfield: Charles C Thomas Publishers.

Knell, S.M. 1993. *Cognitive-behavioral play therapy*. Pennsylvania: Jason Aronson Inc.

Landreth, G.L. 1991. *Play therapy: the art of the relationship*. Indiana: Accelerated Development.

Lefrancois, G.R. 1999. *The lifespan*. Sixth Edition. London: Wadsworth Publishing Company.

Lennox, D. 1982. *Residential Group Therapy for Children*. London: Travestock Publications.

Lombaard, A. 1996. Developmental Social Welfare in South Africa: A Theoretical Framework. *Social Work / Maatskaplike Werk*, 32 (2):168.

Louw, A. 1997. Developmental psychology. In Louw, D.A. & Edwards, D.J.A. *Psychology: An introduction for students in Southern Africa*. Johannesburg: Lexicon Publishers.

Louw, D.A. 1990. *Menslike ontwikkeling*. Tweede uitgawe. Pretoria: HAUM – Tersiër.

Louw, D.A. 1990. *Suid-Afrikaanse handboek van Abnormale gedrag*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

Louw, N. 2000. Child sexual abuse: An educational perspective on its prevention, intervention in cases, and care and support of victims. *CARSA*, 1(2), October:24-30.)

Louw, D.M., Van Ede, D.M. & Louw, A E. 1998. *Human Development*. Second Edition. Pretoria: Kagiso Publishers.

Louw, D.A. & Edwards, D.J.A. 1997. *Psychology: An introduction for students in Southern Africa*. Johannesburg: Lexicon Publishers.

Louw, D.A., Louw, D.A. & Schoeman, W.J. 1997. In Louw, D.A. & Edwards, D.J.A. *Psychology: An introduction for students in Southern Africa*. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

Louw, D.M., Van Ede, D.M. & Louw, A E. 1998. *Human Development*. Second Edition. Pretoria: Kagiso Publishers.

Majokweni, T. 2000. Keynote address delivered by Adv Thoko Majokweni at the First National Conference of SAPSAC, 31 May to 1 June 2000, Pretoria. *Child Abuse Research in South Africa*, 1 (2), October: 4-7.

Magill, F.W. & Rodriquez, J. 1996. *International Encyclopedia of Psychology: volume one*. Chigaco: Fitzroy Dearborn.

Maree, A. & Prinsloo, J. 2001. The South African crime prevention scene: A focus on youth and children. *Child Abuse Research in South Africa*, 2 (1), April: 2-11.

Mash, E.J. & Woolfe, D.A. 2002. *Abnormal Child Psychology*. Second Edition. Belmont: Wadsworth.

Mazibuko, F.N.M. 1996. Social Workers and Social Policy: Related Functions and Skills in Practice. *Social Work / Maatskaplike Werk*, 32 (1): 148-161.

Mdikana, A.A. 2000. *Identity-related decision making among Xhosa-speaking adolescents*. Unpublished MEd. Universiteit van Stellenbosch.

Meyer, J.E. 1998. Bibliotherapy and DCT: co-constructing the therapeutic metaphor. *Journal of Counselling and Development*, 76(3):243-255.

Meyer, W.F. 1998. Basiese konsepte van die ontwikkelingsielkunde. In Louw, D.M., Van Ede, D.M. & Louw, A E. *Human Development*. Second Edition. Pretoria: Kagiso Publishers.

Meyer, W.F. & Van Ede, D.M. 1998. Ontwikkelingsteorieë. In Louw, D.M., Van Ede, D.M. & Louw, A E. *Human Development*. Second Edition. Pretoria: Kagiso Publishers.

Mfono, Z. 2000. The custom of bride abduction holds it's own against time. *Agenda*, 45:76-80.

Möller, A.T. 1993. *Perspektiewe oor persoonlikheid*. Durban: Butterworths.

Monette, D.R., Sullivan, T.J. & De Jong, C.R. 1994. *Applied social research: tool for the human sevicees*. Fort Worth: Harcourt Brace College Publishers.

Morgan, M. 1995. *How to interview Sexual Abuse Victims: Including the use of anatomical dolls*. London: SAGE publications.

Müller, K. & Hollely, K. 2000. *Introducing the child witness*. Port Elizabeth: Printrite.

Müller, K. 2000a. The effect of the accusatorial system on children. In Müller, K. & Hollely, K. *Introducing the child witness*. Port Elizabeth: Printrite.

Neuman, W.L. 2000. *Social research methods: qualitative and quantitative approaches*. Third Edition. Boston: Allyn & Bacon.

Nevid, J.S., Rathus, S.A. & Greene, B. 1994. *Abnormal Psychology: In a changing World*. Second Edition. New Jersey: Prentice-Hall, Inc.

Nevid, J.S.; Rathus, S.A. & Greene, B. 1997. *Abnormal Psychology in a Changing World*. Third Edition. Prentice Hall: New Jersey.

Ngalwa, V. 2003. Onderhoud met Vvyokazi Ngalwa, Social Worker at PATCH, Lwandle Police Station. December 2003.

Oaklander, V. 1988. *Windows to our children*. United states of America: The gestalt Journal Press.

Oaklander, V. 1994. From meek to bold: A case study of gestalt play therapy. In Kottman, T. Schaefer, C. *Play therapy in action: A casebook for practitioners*. London: Jason Aronson.

O'Connor, K.J. 2000. *The play therapy primer*. New York: John Wiley & Sons, Inc.

O'Connor, K.J. & Ammen, S. 1997. *Play therapy: Treatment Planning and Interventions. The Ecosystemic Model and Workbook*. San Diego: Academic Press.

O'Leary, E. 1998. *Gestalt therapy: Theory, practice and research*. Cheltenham: Stanley Thornes Publishers Ltd.

Oregon Judicial Department. 2003. *Basic Parenting Guide for Parents*.

[O]. Available:

<http://www.ojd.state.or.us/familylaw>

24 Maart 2006

Ouweneel, W.J. 1983. Psychology: ontwikkeling en huidige status (2). *Bijbel en wetenschap*, 1983:13-24.

Papalia, D.E. 1985. *Psychology*. New York: McGraw-Hill.

Pardeck, J.T. 1991. Using books to prevent and treat adolescent chemical dependency. *Adolescence*, 26(101):201-209.

Passons, W.R. 1975. *Gestalt approaches in counselling*. New York: Holt, Rinehart and Winston.

Patterson, C.H. 1980. *Theories of Conselling and Psychotherapy*. Third Edition. New York: Harper & Row Publishers.

Pavio, S.C. & Greenberg, L.S. 1995. Resolving “unfinished business”: Efficacy of experiential therapy using empty-chair dialogue. *Journal of consulting and clinical psychology*, 63(3):419-425.

Perls, F.S. 1975. *Gestalt benadering*. Haarlem: Te Toorts.

Perls, L. 1992. Concepts and misconceptions of gestalttherapie. *Journal of Humanistic Psychology*, 32(2):50-56.

Perls, F.S., Hefferline, R.F. & Goodman, P. 1977. *Gestalt therapy: Existence and growth in the human personality*. Third edition. United States of America: Penguin.

Petzer, M. 2004. Prooi van die partytjie. *Taalgenoot*, Februarie: 23-24.

Pienaar, A. 2000. South African Police Service: Child Protection Unit. *Journal of the South African Society on the abuse of children*, 1 (1): 33-39.

Popenoe, D., Cunningham, P. & Boulton, B. 1998. *Sociology: First South African Edition*. Goodwood: National Book Printers.

Potgieter, R. 2000. The internal trauma of the sexually abused child. *Journal of the South African Society on the abuse of children*, 1 (1):33-39.

Potgieter, R. 2002. A Model for the assessment of sexually abused children. *Child Abuse Research in South Africa*, 3 (2), Oktober: 9-19.

Reamer, F.G. 1998. *Social Work Research and Evaluation Skills*. New York: Columbia University Press.

Redgrave, K. 2000. *Care-therapy for children: Direct work in counselling and psychotherapy*. London: Continuum.

Reid, W.J. 1995. *Research overview*. In *Encyclopedia of Social Work*. 19th Edition. Washington D.C: National Association of Social Workers, 2040-2054.

Ritcher, L., Dawes, A. & Hogson-Smith, C. 2004. *Sexual abuse of Young Children in Southern Africa*. HSRC Press: Capetown.

Rogol, A.D., Roemmich, J.N. & Clark, P.A. 2002. Growth at puberty. *Journal of Adolescent Health*, 31 (6), Desember: 192-200.

Royse, D. 1991. *Research methods in social work*. Chicago: Nelson-Hall.

Rothman, J. & Thomas, E.J. 1994. *Intervention research: design and development for human service*. New York: Haword.

Sadan, M. 2004. Challenges of service evaluation in the Wynberg and Cape Town Sexual Offences Court and their related services. In Ritcher, L., Dawes, A. & Hogson-Smith, C. *Sexual abuse of Young Children in Southern Africa*. HSRC Press: Capetown.

Scafer, C.E. & Cangelosi, D.M. 1993. *Play therapy techniques*. London: Jason Aronson Inc.

Schoeman, J. P. 1996a. The art of the relationship with children – a Gestalt approach. In Schoeman, J.P. in samewerking met Van der Merwe, M. *Entering the child's world: A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso Publishers.

Schoeman, J. P. 1996b. Projection techniques. In Schoeman, J.P. in samewerking met Van der Merwe, M. *Entering the child's world: A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso Publishers.

Schoeman, J.P. 1996c. Sensory contact with the child. In Schoeman, J.P. in samewerking met Van der Merwe, M. *Entering the child's world: A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso Publishers.

Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world: A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso Publishers.

Shapiro, L.E. 1994. *Short-Term Therapy with Children: A Multi-Model Approach to Helping Children with their Problems*. Pennsylvania: The Centre for Applied Psychology, Inc.

Shapiro, L. 1993. How to safeguard your own children. *Newsweek*, 121 (16), April:60-61.

Sher, B. 1998. *Self-esteem games. 300 Fun activities that make children feel good about themselves*. New York: John Wiley & Sons Inc.

Sigelman, C.K. 1999. *Life-Span Human Development*. Third Edition. Pacific Grove: Brooks / Cole Publishing Company.

Simkin, J.S. 1978. An introduction to Gestalt Therapy. In Stephenson, F.D. *Gestalt Therapy Primer*. New York: Jason Aronson.

Sinay, S. 1997. *Gestalt for beginners*. New York: Writers and Readers Publishing, Inc.

Smit, G.J. 1983. *Navorsingsmetodes in die gedragswetenskappe*. Pretoria: HAUM.

Smith, P.K. & Cowie, H. 1993. *Understanding Children's Development*. Second Edition. Oxford: Blackwell.

Smith, P.K.; Cowie, H. & Blades, M. 1998. *Understanding Children's Development*. Third Edition. Oxford: Blackwell Publishers.

Spies, G.M.; O' Neil, M. A. & Collins, K. J. 1998. Service rendering to the female adult survivor of child sexual abuse. *Social Work / Maatskaplike werk*, 34 (4):370-378.

Stallard, P. 2002. *Think Good – Feel Good: A Cognitive behaviour therapy workbook for children and young people*. Chichester: John Wiley & Sons Ltd.

Sternberg, R. J. 1998. *In search of the human mind*. Second edition. Orlando: Harcourt Brace & Company.

Straus, M.B. 1990. *Abused and victimization across the life span*. London: The Johns Hopkins University Press.

Strydom, H. 2002a. Single-system design. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: for the social sciences and human service professions*. Pretoria: LJ van Schaik Publishers.

Strydom, H. 2002b. The Pilot study. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: for the social sciences and human service professions*. Pretoria: LJ van Schaik Publishers.

Strydom, H. 2002c. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: for the social sciences and human service professions*. Pretoria: LJ van Schaik Publishers.

Strydom, H. 1995. Die etiese aspekte van maatskaplike werk navorsing. *Social Work / Maatskaplike Werk*, 31(1): 15-26.

Strydom, H. & Venter, L. 2002. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: for the social sciences and human service professions*. Pretoria: LJ van Schaik Publishers.

Swartz, L. 2002. *Culture and Mental health: A Southern African view*. Cape Town: Oxford University Press.

Swanston, H. Y. & Tebbutt, J. B. 2000. Sexually abused children 5 years after presentation: case control study. *Pediatrics*, 100 (4), October:600-615.

Terrell, F., Terrell, I.S. & Von Drashek, S.R. 2000. Loneliness and fear of intimacy among adolescents who were taught not to trust strangers during childhood. *Adolescents*, 35 (140):611-617.

Thom, D.P. 1990. Adolessensie. In Louw, D.A. *Menslike ontwikkeling*. Tweede uitgawe. Pretoria: HAUM –Tersiêr.

Thom, D.P., Louw, A.E., Van Ede, D.M. & Ferns, I. 1998. Adolescence. In Louw, D.M., Van Ede, D.M. & Louw, A E. *Human Development*. Second Edition. Pretoria: Kagiso Publishers.

Thomas, M.R. 2000. *Comparing Theories of Child Development*. Fifth Edition. Australia: Wardsworth.

Thompson, C.L. & Rudolph, L. B. 1996. *Counselling children*. Fourth Edition. Pacific Grove: Brooks / Cole Publishing Company.

Thompson, C.L. & Rudolph, L. B. 2000. *Counselling children*. Fifth Edition. Pacific Grove: Brooks / Cole Publishing Company.

Thyer, B. A. 2001. *The handbook of Social Work Research Methods*. London: Sage Publications.

Tower, C.C. 1996. *Child Abuse and Neglect*. Third Edition. Boston: Ally & Bacon.

Tudor, K. 1991. Children's Groups: Integrating TA and Gestalt Perspectives. *Transactional Analysis Journal*, 21(1): 12-19.

Turner, F.J. 1986. *Social Work Treatment: Interlocking theoretical approaches*. Third Edition. New York: The Free Press.

Ungar, M.T. 2000. The myth of peer pressure. *Adolescents*, 35 (137): 167-176.

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1995. *Nuwe woordeboek vir Maatskaplike Werk. Hersiene en uitgebreide Uitgawe.* Kaapstad: CTP: Book Printers.

Van Beest, M. & Baerveldt, C. 1999. The relationship between adolescents' social support from parents and from peers. *Adolescents*, 34(133):193-201.

Van der Merwe, H. 1996. Navorsingsproses. In Garbers, J.G. (red.) *Doeltreffende Geesteswetenskaplike Navorsing: Navorsingsbestuur vir navorsers, studieleiers en M-en D-kandidate.* Pretoria: J.L. van Schaik akademica.

Van der Merwe, M. 1996a. Basic Componentens of play therapy. In Van der Merwe, M. in samewerking met Schoeman, J.P. *Entering the child's world: A play therapy approach.* Pretoria: Kagiso Publishers.

Van der Merwe, M. 1996b. Relaxation play. In Van der Merwe, M. in samewerking met Schoeman, J.P. *Entering the child's world: A play therapy approach.* Pretoria: Kagiso Publishers.

Van der Merwe, M. 1996c. Creative play. In Van der Merwe, M. in samewerking met Schoeman, J.P. *Entering the child's world: A play therapy approach.* Pretoria: Kagiso Publishers.

Van der Merwe, M. 1996d. Dramatic play. In Van der Merwe, M. in samewerking met Schoeman, J.P. *Entering the child's world: A play therapy approach.* Pretoria: Kagiso Publishers.

Vartanian, L.R. 2000. Revisiting the imaginary audience and personal fable constructs of adolescent egocentrism: A conceptual review. *Adolescents*, 35 (140): 639-657.

Webb, N. B. 1999. *Play Therapy with Children in Crisis: Individual, Group and Family Treatment.* Second Edition. New York: the Guilford Press.

West, 1996. *Child centered Play Therapy.* Second Edition. London: Arnold..

Williams, M.B. 2002. *The PTSD workbook: Simple, effective techniques for overcoming traumatic stress symptoms*. Oakland: New Harbinger Publications.

Williams, M. B. & Poijula, S. 2002. *The PTSD workbook: Simple, effective techniques for overcoming traumatic stress symptoms*. Oakland: New Harbinger Publications.

Williams, M; Tutty, L.M & Grinnell, R.M. 1995. *Research in Social Work: An Introduction*. Illinios: F.E. Peacock Publishers.

Wilson, K., Kendrick, P. & Ryan, V. 1997. *Play therapy: A Non-directive approach for Children and Adolescents*. London: Baillière Tindall.

Winton, M. A. & Mara, B.A. 2001. *Child Abuse and Neglect: Multidisciplinary Approaches*. Boston: Allyn and Bacon.

Witskrif vir Maatskaplike Welsyn. 1997. *Staatskoerant*, Vol 386 (18166). Pretoria: Staatsdrukkers.

Woolfe, R. & Dryden, W. 1996. *Handbook of counselling psychology*. London: SAGE Publication Ltd.

Wright, J. 1996. Exploiting daily events to heal the pain of sexual abuse. *Child & Youth Care*, 14 (2), February:6-9.

Yaretzky, A. & Levinson, M. 1996. Clay as a tharepeutic tool in group processing with the elderly. *American Journal of Art Therapy*, 34(3):75-80.


Yontef, G.M. 1993. *Awareness dialogue & process: Essays on Gestalt Therapy*. Itasca: F.E. Peacock.

Yontef, G.M. & Jacobs, L. 2000. Gestalt therapy. In Corsini, R.J. & Wedding, D. *Current psycho-therapies*. Sixth Edition. Itasca: F.E. Peacock.

Bylaag 1: Die navorsingsprosedure en werkswyse - Die ses fases van intervensienavorsing

FASE 1: Probleemanalise en projekbeplanning	FASE 2: Inligting insameling en samevatting	FASE 3: Ontwerp	FASE 4: Vroeë ontwikkeling van program en die voortoets	FASE 5: Evaluasie en gevorderde ontwikkeling	FASE 6: Verspreiding
<ul style="list-style-type: none"> • Identifisering en betrekking van kliënte 	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bestaande inligtingsbronne 	<ul style="list-style-type: none"> • Ontwerp 'n waarneembare sisteem 	<ul style="list-style-type: none"> • Ontwikkel 'n prototipe of inleidende intervensie 	SELEKTERING <ul style="list-style-type: none"> • Selekteer 'n eksperimentele ontwerp 	<ul style="list-style-type: none"> • Selekteer 'n naam vir die produk
<ul style="list-style-type: none"> • Verkry toegang en die samewerking van instellings 	<ul style="list-style-type: none"> • Bestudeer natuurlike voorbeelde 	<ul style="list-style-type: none"> • Spesifiseer prosedure-elemente van die navorsing 	<ul style="list-style-type: none"> • Uitvoer van voortoets 	<ul style="list-style-type: none"> • Versamel en analiseer data 	<ul style="list-style-type: none"> • Stel 'n prys vas
<ul style="list-style-type: none"> • Identifiseer die bekommernisse van die gemeenskap 	<ul style="list-style-type: none"> • Identifiseer funksionele elemente van suksesvolle modelle 		<ul style="list-style-type: none"> • Pas die ontwerp kriteria op die inleidende intervensiekonsep toe 	IMPLEMENTERING <ul style="list-style-type: none"> • Herhaal die intervensie onder veldomstandighede 	<ul style="list-style-type: none"> • Stel standarde vir gebruik
<ul style="list-style-type: none"> • Analiseer geïdentifiseerde probleem 				<ul style="list-style-type: none"> • Verfyn die intervensie 	
<ul style="list-style-type: none"> • Doelstellings en doelwitte 				EVALUERING	

(021) 852-6110 (24 hrs) (021) 852-7599
P O Box 2454 SOMERSET WEST 7129
Lyndhurst Community Care Centre
Cnr Dummer & Dorhill Streets Somerset West 7130



University of Pretoria etd – Kotze, E (2006)

HELDERBERG CHILD ABUSE CENTRE
Help us - help abused children

8 Mei 2003

HEIL DIE LESER

Hiermee bevestig PATCH dat ons maatskaplike werker,
Etna Mentz, tans besig is met haar doktorale tesis getiteld:

“N SPELTERAPIEPROGRAM VIR DIE ADOLESSENT WAT
SEKSUEEL MISBRUIK IS.”

Me Mentz geniet ons volle goedkeuring en ondersteuning vir
die waardevolle werk wat sy lewer, ook op die gebied van
navorsing.

Ons is oortuig daarvan dat hierdie navorsing en die
voortspruitende program net tot voordeel sal strek van die
groot aantal adolessente slagoffers van seksuele misbruik.

PATCH se direksie wens haar alle sterkte toe met haar
navorsing.

MONICA FÖLSCHER
EENHEIDSBESTUURDER


BYLAAG 3: DIE NAVORSINGSONTWERP University of Pretoria etd – Kotze, E (2006)

DOELWIT	ONTWERP / STRATEGIE	PROSEDURE	RESPONDENT	DATA-INSAMELING	BENADERING
<ul style="list-style-type: none"> Om 'n teoretiese raamwerk op te bou 		<ul style="list-style-type: none"> Onderneem 'n literatuurstudie 		<ul style="list-style-type: none"> Bestudeer boeke, tydskrifte, tesisse, internet, databasisse, biblioteek 	<ul style="list-style-type: none"> Kwalitatief en kwantitatief
<ul style="list-style-type: none"> Om 'n speltherapie-program te ontwikkel 					
<ul style="list-style-type: none"> Om die enkelstelsel-ontwerp te benut om: 					
<ul style="list-style-type: none"> ✓ Om sistematies data in te samel oor die probleem voor intervensie begin (basislynfase) 	<ul style="list-style-type: none"> ✓ A-B-A-A ontwerp ✓ Gevallestudie-strategie 	<ul style="list-style-type: none"> ✓ Meet die funksionering (selfbeeld en trauma dinamika) van die respondente met gestandaardiseerde metingskaal ✓ Voer 'n semi-gestruktureerde onderhoud aan die hand van 'n onderhoudskedule met die ouers van die 	<ul style="list-style-type: none"> ✓ Nie-waarskynlikheid seleksie: doelgerigte steekproeftrekking volgens die volgende kriteria: seksueel misbruikte adolessente meisies, tussen 13 en 17 jaar oud, wat nie met meer as 4 jaar van mekaar verskil nie, vanuit 	<ul style="list-style-type: none"> ✓ Gestandaardiseerde metingskaal: Die Kinder-funksionerings Inventaris Hoërskool ✓ Semi-gestruktureerde onderhoud aan die hand van 'n onderhoudskedule 	<ul style="list-style-type: none"> ✓ Kwantitatief en kwalitatief

respondente
 verskillende
 etniese
 agtergronde en
 terapeutiese
 dienste by
 PATCH ontvang

<p>✓ Om die beplande intervensie, die onafhanklike veranderlike, te implementeer</p>	<p>✓ Gevallestudie ✓ A-B-A-A ontwerp</p>	<p>✓ Implementeer die spelterapiepro-gram</p>	<p>✓ Elke respondēt word vir ongeveer 9 tot 12 maande gesien, een keer 'n week of elke tweede week vir 'n sessie van 'n uur lank, in die speelkamer by PATCH se kantoor</p>	<p>✓ Respondēt waarneming, neem van veldnota's en beskrywing van sessie in verslag</p>	<p>✓ Kwalitatief</p>
<p>✓ Om die data te analiseer om te bepaal of daar verandering in die afhanklike veranderlike plaasgevind het, om verhoudings tussen veranderlikes te probeer bepaal en of dit die onafhanklike veranderlike was wat die afhanklike</p>	<p>✓ A-B-A-A ontwerp ✓ Gevallestudie</p>	<p>✓ Meet die funksionering (selfbeeld en trauma dinamika) van die respondente met gestandaardiseerde metingskaal ✓ Voer 'n semi-gestruktureerde onderhoud aan die hand van 'n onderhoudskedule met die ouers van die respondente</p>		<p>✓ Gestandaardiseerde metingskaal: Die Kinder-Funksionerings Inventaris Hoërskool ✓ Semi-gestruktureerde onderhoud aan die hand van 'n onderhoudskedule</p>	<p>✓ Kwalitatief en kwantitatief</p>

veranderlike geaffekteer het					
<ul style="list-style-type: none"> • Om die speltherapieprogram te evalueer 	<ul style="list-style-type: none"> • Gevallestudie-strategie • A-B-A-A ontwerp 	<ul style="list-style-type: none"> • Vergelykings tussen data van voormeting en nameting. Opvolg onderhoud drie maande na terminering ten einde langtermyn-effektiwiteit te bepaal 		<ul style="list-style-type: none"> • Data ingesamel tydens voormeting en nameting met behulp van gestandaardiseerde metingskaal en semi-gestruktureerde onderhoude 	<ul style="list-style-type: none"> • Kwantitatief en kwalitatief
<ul style="list-style-type: none"> • Om die bevindinge van die 3 verskillende etniese groepe met mekaar te vergelyk en om aanbevelings te maak ten opsigte van dienslewering aan die verskillende etniese groepe 	<ul style="list-style-type: none"> • Gevallestudie-strategie • A-B-A-A ontwerp 	<ul style="list-style-type: none"> • Vergelykings van data van die verskillende etniese groepe 			<ul style="list-style-type: none"> • Kwalitatief en kwantitatief



Child Functioning Inventory High School (CFI-HIGH)

University of Pretoria etd – Kotze, E (2006)

Kinderfunksionering Inventaris Hoërskool (CFI-HOëR)

Perspektief

**Potchefstroom,
South Africa:**

PO Box 20842 Posbus
Noordbrug,
Potchefstroom, 2522

7 Grietjie Street / Straat 7
Dassierand,
Potchefstroom, 2531

Tel +27 18 297 3716
Faks +27 18 297 4775

E-mail / E-pos:
perspektief@lantic.net

Comprehensive Children Assessment Omvattende Kinderassessering *Questionnaire / Vraelys*

Besoek ons webwerf:
Visit our website:

www.perspektief.co.za

CK 92/29890/23

Lede / Members:

AC Faul &
AJ Hanekom

BYLAAG 5: ONDERHOUDSKEDULE

AFDELING A:

1. IDENTIFISERENDE INLIGTING

- Naam, van, geboortedatum en telefoonnommers van die betrokke kind
- Name, vanne en telefoonnommers van die ouers en ander kinders
- Naam van die skool en graad van die kind
- Name en vanne van ander belangrike persone in die kind se lewe
- Naam van betrokke polisiestase en saaknommer
- Besonderhede van persoon deur wie kind verwys is

2. AGTERGRONDINLIGTING

- Vorige en huidige wonings van die kind
- Enige vorige terapeutiese dienste wat die kind ontvang het
- Aanmeldingsprobleem / Doel van die verwysing na PATCH
- Wat word verwag van PATCH en die maatskaplike werker?

3. ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS

- Beplande of onbeplande swangerskap / Geskiedenis van die moeder se swangerskap met die betrokke kind / Ouers se houding oor swangerskap
- Geboorteprosedures
- Neonatale periode / Babajare / Kleutertydperk / Middelkinderjare / Adollessensie
- Het die kind ontwikkelingsmylpale bereik?
- Enige ongelukke / traumagebeure wat ontwikkeling gestrem het?

AFDELING B:

4. GESONDHEIDGESKIEDENIS

- Algehele gesondheid en onlangse siektes
- Hospitalisasie / Gestremdheid
- Eetafwykings / Slaapafwykings
- Enkorporese / Enurese / Verandering in blaasgewoontes of ontlasting
- Herhalende blaasinfeksies
- Seksueel oordraagbare siektes / Infeksies / Swangerskap / Pyn van geslagsorgane
- Psigosomatiese klagtes / Hoofpyn / Maagpyn / Hiperventilasie
- Motoriese sisteem (hiperaktief, onderaktief of rusteloos)

5. EMOSIONELE FUNKSIONERING

- Algemene gemoedstoestand, bekommernisse, vrese en belangstellings

- **Selfbeeld / Oormatige preokkupasie met liggaamsbeeld**
- **Aandagspan en konsentrasie van die kind**
- **Depressie / Skuldgevoelens / Angs / Aggressie of woede-uitbarstings / selfmoordgedagtes**

6. INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS

- **Regressie / Isolasië / Vervreemd raak / Onttrekking / Vrees vir intimiteit**
- **Verhoudings met portuurgroep / Vermoë om vriende te maak**
- **Verhouding met ouers / broers of susters / familieledes**
- **Verhouding met onderwyser(s) of afrigters**
- **Stigmatisasie**
- **Tekort aan vertroue**
- **Verswakte verhouding(e) met enige spesifieke persoon(e)**
- **Risiko om weer 'n slagoffer van seksuele geweld te wees**

7. GEDRAGSPROBLEME

- **Gehoorsaam / Ongehoorsaam**
- **Oormatige skeidingsang / Geseksualiseerde gedrag**
- **Selfmoordpogings / Selfdestruktiewe gedrag**
- **Steel die kind / Byt kind sy of haar naels / Vertel die kind leuens**
- **Aggressiewe gedrag**
- **Eetversteurings of slaapafwykings / Middelmisbruik (alkohol of dwelms)**
- **Suig sy haar duim / Regressiewe gedrag**
- **Hardloop kind weg van die huis af?**

8. KOGNISIE

- **Kognitiewe verdraaiing / Dissosieer / Amnesie / Persoonlikheidsversteuring**
- **Ontkenning / Projeksie / Perseptuele versteurings**
- **Verplasing / Verdraaiing / Hallusinasies / Nagmerries**
- **Konsentrasie / Kontakverbreking**

9. SEKSUALITEIT

- **Vermoë om seks van affeksie te skei**
- **Oorseksualisering / Promiskuïteit / Prostitusie**
- **Verwarring oor seksuele oriëntasie**
- **Masturbeer die kind / Kom seksuele spel of gedrag voor / Houding van die kind teenoor seksualiteit**
- **Kind se rol-identiteit**

10. SKOOLPRESTASIE

- **Vorige skole, huidige skool, skoolverslae en skoolvordering**
- **Skoolbywoning / Konsentrasie by die skool**
- **Het die voorval die kind se gedrag by die skool en skoolprestasie beïnvloed**
- **Verhouding /begrip / ondersteuning van onderwyser(s)**

11. DISSIPLINE

- **Metode van dissipline, gereeldheid, konsekwentheid en effektiwiteit**

12. GESINSLEWE

- **Enige geskiedenis van seksuele misbruik in die gesin of familie**
- **Indien wel, hoe affekteer dit hierdie voorval**
- **Kwaliteit van die ouer-kind verhouding**
- **Versorging van die kind / kontak met ander belangrike persone**
- **Gesinsroetine / sosiale lewe / huwelikstabiteit**

13. VOORVAL-INLIGTING

- **Wanneer is die kind seksueel misbruik?**
- **Deur wie is die kind seksueel misbruik? / Ouderdomsverskil tussen kind en slagoffer?**
- **Rol (mag) wat die oortreder in die kind se lewe speel / ook vanuit kind se perspektief / rol wat die kind in die oortreder se lewe speel**
- **Hoe gereeld het die voorval (le) plaasgevind?**
- **Wie was die beweerde oortreder, het die persoon steeds toegang tot die kind?**
- **Is die kind geforseer / was daar van geweld gebruik gemaak tydens die seksuele misbruik?**
- **Was daar fisiese beserings?**
- **Vrees die kind 'n spesifieke geslag of 'n spesifieke persoon?**
- **Hoe het die ouers / voogde van die betrokke kind reageer toe die seksuele misbruik bekend gemaak is**
- **Watter aksies het die ouers geneem om die kind te beveilig of te troos**
- **Mediese prosedures**
- **Saak gerapporteer by polisie of nie?**

(021) 852-6110 (24 hrs) (021) 852-7599
P O Box 2454 SOMERSET WEST 7129
Lyndhurst Community Care Centre
Cnr Dummer & Dorhill Streets Somerset West 7130
Email: patch@absamail.co.za
Website: http://www.geocities.com/patch_helderberg/

University of Pretoria etd – Kotze, E (2006)



HELDERBERG CHILD ABUSE CENTRE
Help us - help abused children

Bylaag 6

NAVORSER: Etna Mentz

INGELIGTE TOESTEMMINGSBRIEF

Hiermee gee ek,, moeder van, toestemming aan Etna Mentz dat my kind mag deelneem aan die navorsingsprojek wat geloods word deur haar ter vervulling van die graad DPhil (MW) Speltherapie aan die Universiteit van Pretoria.

Ek is daarvan ingelig dat:

- 1. Titel van die studie:** 'n Speltherapieprogram vir die adolessente dogter wat seksueel misbruik is.
- 2. Doel van die studie:** Om 'n speltherapieprogram vir dienslewering aan die adolessente dogter wat seksueel misbruik is te ontwikkel, te implementeer en te evalueer.
- 3. Risiko's en ongemak:** Daar is geen bekende risiko's of ongemak wat met die projek geassosieer kan word, waarvan die navorser bewus is nie.
- 4. Deelnemer se regte:** My kind kan te eniger tyd van die studie onttrek.
- 5. Konfidensialiteit:** Ek verstaan dat alle inligting konfidensieel hanteer sal word, en dat dit onder 'n skuilnaam bekend gemaak sal word. Die resultate van die studie kan gepubliseer word in 'n navorsingsverslag en 'n wetenskaplike artikel, maar my kind se identiteit sal nie bekend gemaak word nie, tensy dit vereis word deur die wet. Ek verstaan ook dat die navorser bandopnames van die sessies sal maak ten einde die navorser in staat te stel om kwalitatiewe data beter te verwerk en dat die bandopnames na afloop van die studie voor my en my kind vernietig sal word.

Ek verstaan my kind se regte as deelnemer in die projek en ek gee vrywilliglik toestemming vir haar deelname in die studie. Ek verstaan waaroor, waarom en hoekom die studie gedoen word. Ek het 'n getekende kopie van hierdie toestemmingsbrief ontvang.

GETEKEN:

DATUM:

(021) 852-6110 (24 hrs) (021) 852-7599
P O Box 2454 SOMERSET WEST 7129
Lyndhurst Community Care Centre
Cnr Dummer & Dorhill Streets Somerset West 7130
Email: patch@absamail.co.za
Website: http://www.geocities.com/patch_helderberg/



University of Pretoria etd – Kotze, E (2006)

HELDERBERG CHILD ABUSE CENTRE
Help us - help abused children

Bylaag 7

NAVORSER: Etna Mentz

INGELIGTE TOESTEMMINGSBRIEF

Hiermee stem ek,, dogter van, in om deel te neem aan die navorsingsprojek wat geloods word deur Etna Mentz ter vervulling van die graad DPhil (MW) Speltherapie aan die Universiteit van Pretoria.

Ek is daarvan ingelig dat:

- 1. Titel van die studie:** 'n Speltherapieprogram vir die adolessente dogter wat seksueel misbruik is.
- 2. Doel van die studie:** Om 'n speltherapieprogram vir dienslewering aan die adolessente dogter wat seksueel misbruik is te ontwikkel, te implementeer en te evalueer.
- 3. Risiko's en ongemak:** Daar is geen bekende risiko's of ongemak wat met die projek geassosieer kan word, waarvan die navorser bewus is nie.
- 4. Deelnemer se regte:** Ek kan te eniger tyd van die studie onttrek.
- 5. Konfidensialiteit:** Ek verstaan dat alle inligting konfidensieël hanteer sal word, en dat dit onder 'n skuilnaam bekend gemaak sal word. Die resultate van die studie kan gepubliseer word in 'n navorsingsverslag en 'n wetenskaplike artikel, maar my identiteit sal nie bekend gemaak word nie, tensy dit vereis word deur die wet. Ek verstaan ook dat die navorser bandopnames van die sessies sal maak ten einde die navorser in staat te stel om kwalitatiewe data beter te verwerk en dat die bandopnames na afloop van die studie voor my en my ouer(s) vernietig sal word.

Ek verstaan my regte as deelnemer in die projek en ek gee vrywilliglik toestemming vir my deelname in die studie. Ek verstaan waaroor, waarom en hoekom die studie gedoen word. Ek het 'n getekende kopie van hierdie toestemmingsbrief ontvang.

GETEKEN:

DATUM: